.6138 191 48

U.O.V.S. BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State

34300000266209

Universiteit Vrystaat

'N EKOLOGIESE PERSPEKTIEF OP GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

deur

HENDRIK PIETERS SCHOEMAN

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

(Departement Maatskaplike Werk)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

November 1999

Studiepromotor: Dr. S.B. Ferreira

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
2 8 FEB 2001
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad *Philosophiae Doctor* aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit / fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Geteken: _____ **Datum:** 29/11/1999

Die finansiële ondersteuning van die

***National Research Foundation*, (*NRF*, Suid-Afrika)**

ten opsigte van hierdie navorsing, word hiermee erken.

Menings uitgedruk en gevolgtrekkings waartoe geraak word

is dié van die outeur en kan nie noodwendig toegeskryf word aan die

***National Research Foundation* nie.**

Hierdie studie word opgedra aan my oupa, Hendrik Josephus Pieters (1923/11/05 - 1998/07/24) wat deur sy lewe 'n soeke na kennis en wysheid by my gekweek het en wat deur sy afsterwe, my gekonfronteer het met die *logos* daarvan.

DANKBETUIGINGS

Dit is die begeerte van my hart om die volgende persone te bedank:

- My studiepromotor, dr. Sandra Ferreira, vir haar bekwame en geduldige studieleiding. My dank vir die besondere wyse waarop sy my deurlopend begelei het, haar belangstelling, ondersteuning en vir die feit dat sy te midde van 'n druk program, altyd tyd ingeruim het om my te begelei.
- My kollegas by die Departement Maatskaplike Werk, wat aan my die geleentheid gebied het om vir ses maande studieverlof te neem. Hulle voortdurende opoffering, belangstelling en aanmoediging word opreg waardeer.
- Mnr. I. Oertel vir die kundige vertaalwerk en keurige taalkundige versorging van die verslag.
- Die vroulike slagoffers van geweld van regoor die Republiek van Suid-Afrika wat bereid was om hulle tyd af te staan om aan die navorsing deel te neem, vir hulle behulpsaamheid, belangstelling en konstruktiewe kommentaar.
- My familie en vriende, vir hulle aanmoediging, belangstelling en entoesiasme oor die navorsing.

Boweal my dank en lofprysing aan my Skepper - wie se teenwoordigheid tasbaar was, veral in moeilike tye. Aan U al die eer!

Henk Schoeman
November 1999

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
HOOFSTUK 1		
ORIëNTERING		1
1.1	KEUSE VAN DIE ONDERWERP	2
1.2	BEGRONDING / DEURSKOUING VAN DIE PROBLEEM	6
1.3	UITGANGSPUNTE, NAVORSINGSPROBLEEM EN NAVORSINGSVRAE WAT DIE STUDIE RIG	7
1.4	DOEL VAN DIE STUDIE	8
1.4.1	DOEL	8
1.4.2	DOELSTELLINGS	9
1.4.3	DOELWITTE	9
1.5	NAVORSINGSMETODE EN -PROSEDURES	10
1.5.1	LITERATUURSTUDIE	11
1.5.2	EMPIRIESE STUDIE	11
1.6	BEGRENSING VAN DIE STUDIE	12
1.7	OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	13
1.7.1	BESERING	13
1.7.2	GESIN	14
1.7.3	GEWELD	15
1.7.4	GEWELDENAAR	16
1.7.5	MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING	16
1.7.6	SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDING	17
1.7.7	SLAGOFFER	17
1.7.8	VROUEMISHANDELING / MISHANDELDE VROU	18
1.8	INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	19
1.9	SAMEVATTING	20
HOOFSTUK 2		
'N KONSEPTUELE RAAMWERK VIR DIE BESTUDERING VAN GEWELD TEENOOR VROUE		22
2.1	KONSEPTUELE RAAMWERKE VIR DIE BESTUDERING VAN GEWELD TEENOOR VROUE	23
2.1.1	PSIGOPATOLOGIESE PERSPEKTIEWE	24

2.1.2 GESINSISTEMIESE PERSPEKTIEWE 27
2.1.3 MAATSKAPLIKE PERSPEKTIEWE 28

2.2 DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE 33
2.2.1 HISTORIESE OORSPRONG 34
2.2.2 DEFINISIE VAN 'N SISTEEM 37
2.2.3 EIENSKAPPE VAN 'N SISTEEM 39
2.2.3.1 Subsisteme 39
2.2.3.2 Suprasisteem 41
2.2.3.3 Doelgerigdheid 44
2.2.3.4 Interne ordening 47
2.2.3.5 Staat van stabiliteit, ekwilibrium of homeostase 49
2.2.3.6 Sisteemgrense 50
2.2.3.7 Oopheid en geslotenheid 53
2.2.3.8 Wisselwerking 55
2.2.3.9 Energie en inligting 57
2.2.3.10 Entropie en negentropie 58

2.3 DIE EKOLOGIESE BENADERING 60
2.3.1 HISTORIESE OORSPRONG VAN DIE EKOLOGIESE BENADERING 60
2.3.2 BEGRONDING VAN DIE EKOLOGIESE BENADERING 67
2.3.2.1 Transaksie 67
2.3.2.2 Gedragskonteks 70
2.3.2.3 Ekosisteem 71
2.3.2.4 Gesondheid *versus* individuele patologie 72
2.3.3 WAARDE VAN 'N EKOLOGIESE BENADERING VIR DIE MAATSKAPLIKEWERKPROFESSIE 73
2.3.4 DIE EKOLOGIESE SISTEEM 74
2.3.4.1 Vlakke in die ekologiese model 74
2.3.4.2 Vlakke in die ekologiese ontledingsisteem 77
2.3.5 WAARDE VAN DIE BENUTTING VAN DIE VLAKKE IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 81

2.4 SAMEVATTING 83

HOOFSTUK 3
'N TEORETIESE ORIëNTERING TEN OPSIGTE VAN GEWELD TEENOOR VROUE 85

3.1 HISTORIESE OORSIG 86

3.2 GEWELDSTIPERINGE 93
3.2.1 FISIESE GEWELD 94
3.2.2 EMOSIONELE GEWELD 95

3.3 GESLAGSVERSKILLE IN GEWELDDADIGE OPTREDE 99
3.3.1 FISIOLOGIESE EN EMOSIONELE GESLAGSVERSKILLE 99

3.3.2 GESLAGSVERSKILLE IN MOTIEWE VIR EN METODES VAN GEWELDPLEGING 101
3.3.3 GESLAGSVERSKILLE IN DIE RESULTATE VAN GEWELD 104

3.4 GEWELDSIKLUSSE 107

3.5 METING VAN GEWELD DEUR MIDDEL VAN DIE *CONFLICT TACTICS SCALE* 112
3.5.1 OMSKRYWING EN TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE 113
3.5.2 TEORETIESE BEGRONDING 114
3.5.3 DEFINIëRING VAN ENKELE BEGRIPPE 116
3.5.4 INHOUDELIKE ASPEKTE EN TOEPASSINGSWYSE 118
3.5.5 EVALUERING VAN DIE *CONFLICT TACTICS SCALE* 124

3.6 SAMEVATTING 129

HOOFSTUK 4
DIE INDIVIDUELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 133

4.1 KONSEPTUALISERING 134
4.1.1 CHEMIESE SUBSTANS 134
4.1.2 CHEMIESE SUBSTANSMISBRUIK 134
4.1.3 PERSOONLIKHEIDSVERSTEURING 134
4.1.4 PSIGOPATOLOGIE 135
4.1.5 STRESSOR 135
4.1.6 VERDEDIGINGSMEGANISME 135

4.2 INDIVIDUELE FAKTORE 135
4.2.1 PSIGOPATOLOGIEë 136
4.2.1.1 Psigopatologieë by vroulike slagoffers van geweld 136
4.2.1.2 Psigopatologieë van manlike geweldenaars 139
4.2.2 KARAKTEREIENSKAPPE 146
4.2.2.1 Karaktereienskappe van vroulike slagoffers van geweld 146
4.2.2.2 Karaktereienskappe van manlike geweldenaars 161
4.2.3 PERSOONLIKE BRONNE 171

4.3 GESIN-VAN-OORSPRONG BEïNVLOEDING 178

4.4 DIE ROL VAN MAG IN GEWELDDADIGE OPTREDE 184

4.5 DIE VERBAND TUSSEN ALKOHOL- EN CHEMIESE SUBSTANSGEBRUIK EN GEWELD 190

4.6 FAKTORE WAT VROULIKE SLAGOFFERS SE BESLUITNEMING OOR DIE GEWELDDADIGE VERHOUDING BEïNVLOED 199
4.6.1 FAKTORE WAT DAARTOE BYDRA DAT VROUE IN GEWELDDADIGE VERHOUDINGS BLY 200

4.6.2 FAKTORE WAT AANLEIDING GEE TOT GEHEIMHOUDING VAN GEWELD 208
4.6.3 KATEGORIEë VAN RASIONALISERING 209
4.6.4 KATALISATORS VIR VERANDERING 212
4.6.5 EIENSKAPPE VAN VROUE WAT HERHAALDELIK TERUGKEER NA DIE GEWELDDADIGE VERHOUDING 215

4.7 SAMEVATTING 217

HOOFSTUK 5
DIE GESINSVLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 221

5.1 'N STRUKTURELE BENADERING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS 223
5.1.1 DIE LOKALISERING VAN PATOLOGIE 224
5.1.2 DIE GESIN AS 'N MATRIKS VIR IDENTITEIT 226
5.1.3 GESINSTRUKTUUR 228
5.1.3.1 Transaksionele patrone 228
5.1.3.2 Gesinsgrense 232
5.1.3.3 Subsisteme van die gesinsisteem 234
5.1.4 GESINSAANPASSING 244
5.1.5 DIE GESINSLEWENSKONTEKS 245
5.1.6 DIE FUNKSIE VAN DIE SIMPTOOMGEDRAG 246

5.2 'N MULTIGENERATIEWE BENADERING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS 248
5.2.1 SELFDIFFERENSIASIE 250
5.2.2 DRIEHOEKVORMING 260
5.2.3 KERNGESIN-EMOSIONELE PROSESSE 266
5.2.4 GESINSPROJEKSIEPROSES 271
5.2.5 MULTIGENERATIEWE OORDRAGINGSPROSES 274
5.2.6 SIBBE-POSISIEPROFIELE 277
5.2.7 EMOSIONELE AFSNYDING 279
5.2.8 DIE EMOSIONELE PROSES IN GEMEENSKAPPE 281

5.3 SAMEVATTING 283

HOOFSTUK 6
DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 287

6.1 EKONOMIESE REALITEITE 288

6.2 DIENSLEWERENDE INISIATIEWE, STRUKTURE EN PROFESSIES 292
6.2.1 REGERINGSINISIATIEWE IN SUID-AFRIKA 294
6.2.2 MAATSKAPLIKEWERKINSTANSIES 300

6.2.2.1	*People Opposing Women Abuse* (POWA)	300
6.2.2.2	Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO)	302
6.2.3	SKUILINGS VIR MISHANDELDE VROUE	304
6.2.4	WETGEWING EN DIE REGSPROFESSIE	308
6.2.4.1	Die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993)	308
6.2.4.2	Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)	318
6.2.4.3	Provokasie en noodweer	321
6.2.4.4	Die regsprofessie	323
6.2.5	DIE POLISIEDIENS EN POLISIEBEAMPTES	325
6.3	SAMEVATTING	327

HOOFSTUK 7
DIE SOSIO-KULTURELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM 332

7.1	SEKSISME	334
7.2	GESLAGSROLSTEREOTIPERING	344
7.3	NORME MET BETREKKING TOT DIE HUWELIK EN GESIN	353
7.4	DIE ALGEMENE AANVAARDING VAN GEWELD	358
7.5	MITES MET BETREKKING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS	363
7.6	SAMEVATTING	367

HOOFSTUK 8
EMPIRIESE ONDERSOEK 371

8.1	METODE VAN DATA-INSAMELING	371
8.1.1	WERWINGSWYSE VAN DEELNEMERS	371
8.1.2	REAKSIE OP UITNODIGINGS IN DIE NASIONALE PERS	373
8.1.3	LOODSONDERSOEK EN RESULTATE DAARVAN	377
8.2	DOEL VAN DIE NAVORSING	378
8.3	OBJEKTIWITEIT VAN DIE NAVORSER	378
8.4	RESULTATE VERKRY VANUIT DIE INGEVULDE VRAELYSTE	379
8.4.1	SOSIODEMOGRAFIESE INLIGTING	379
8.4.1.1	Huistaal	380
8.4.1.2	Bevolkingsgroep	381
8.4.1.3	Ouderdom	382

8.4.1.4	Provinsie	383
8.4.1.5	Tipe en ligging van behuising	384
8.4.1.6	Huwelikstatus	385
8.4.1.7	Sosio-ekonomiese faktore	385
8.4.1.8	Kinders	387
8.4.2	VORME VAN GEWELD WAARAAN DEELNEMERS BLOOTGESTEL IS	388
8.4.3	INDIVIDUELE EN GESINSFAKTORE	395
8.4.3.1	Karaktereienskappe	395
8.4.3.2	Benutting van geweld ter bevestiging en instandhouding van magsbasisse, -prosesse en -resultate	403
8.4.3.3	Gesinsistemiese grense	404
8.4.3.4	Geweldpleging teenoor kinders	406
8.4.3.5	Gesinsontwikkelingstadia toe geweld die eerste keer voorgekom het	406
8.4.3.6	Residivisme van gewelddadige gedrag	409
8.4.3.7	Emosionele afsnyding ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong	410
8.4.3.8	Emosionele, fisiese en gedragsprobleme by kinders waargeneem	411
8.4.3.9	Verlating van die gewelddadige man	412
8.4.3.10	Faktore wat daartoe bydra dat aangebly word in / teruggekeer word na die gewelddadige man	416
8.4.4	SOSIAAL-STRUKTURELE FAKTORE	419
8.4.4.1	Benutting van dienslewerende strukture en professies	420
8.4.4.2	Belewenis van dienslewering	421
8.4.5	SOSIO-KULTURELE FAKTORE	424
8.4.5.1	Samelewingshoudings en -persepsies	424
8.4.5.2	Betekenisvolle persone se reaksies op die bekendwording van gewelddadige gedrag in die verhouding	425
8.5	KWALITATIEWE ONDERHOUDVOERING	430
8.5.1	SELEKSIE VAN DEELNEMERS VIR DIE DOELEINDES VAN KWALITATIEWE ONDERHOUDVOERING	430
8.5.2	KONTEKS VAN DATA-INSAMELING	431
8.6	METODE VAN DATA-ANALISE	433
8.6.1	INDUKTIEWE KODERING	434
8.6.2	VERFYNING VAN ONTLEDINGSKATEGORIEë	435
8.6.3	VERKENNING VAN VERHOUDINGSPATRONE TUSSEN DIE VERSKILLENDE ONTLEDINGSKATEGORIEë	435
8.6.4	INTEGRASIE VAN DATA	437
8.7	TEMAS WAT GEïDENTIFISEER IS NA AANLEIDING VAN DIE KWALITATIEWE ONDERHOUDE	437
8.7.1	SOSIO-DEMOGRAFIESE INLIGTING	439
8.7.1.1	Bevolkingsgroep en huistaal	441
8.7.1.2	Huwelikstatus	441
8.7.1.3	Behuising	441
8.7.1.4	Kinders	442
8.7.1.5	Uitvoering van gesinsontwikkelingstake	442
8.7.1.6	Sosio-ekonomiese faktore	443
8.7.2	AARD VAN GEWELDPLEGING	445
8.7.2.1	Deelnemers se omskrywing van 'n geweldgekenmerkde verhouding	445

8.7.2.2	Vorme van geweld waaraan deelnemers blootgestel is	446
8.7.3	INDIVIDUELE EN GESINSFAKTORE	449
8.7.3.1	Karaktereienskappe van deelnemers	449
8.7.3.2	Karaktereienskappe van manlike geweldenaars	454
8.7.3.3	Aanleidende faktore tot gewelddadige gedrag	457
8.7.3.4	Invloed van gewelddadige gedrag op deelnemers	459
8.7.3.5	Invloed van gewelddadige gedrag op kinders	462
8.7.3.6	Aanvang van gewelddadige gedrag	464
8.7.3.7	Gesin-van-oorsprong beïnvloeding	466
8.7.3.8	Aard van die egpaarsubsisteemgrense	469
8.7.3.9	Kinders se reaksies	470
8.7.3.10	Verlating van die gewelddadige man	472
8.7.3.11	Faktore wat daartoe bydra dat aangebly word in / teruggekeer word na die gewelddadige verhouding	478
8.7.4	SOSIAAL-STRUKTURELE FAKTORE	486
8.7.4.1	Benutting van professionele dienslewering	486
8.7.4.2	Belewenis van professionele dienslewering	489
8.7.5	SOSIO-KULTURELE FAKTORE	500
8.7.5.1	Samelewingspersepsies ten opsigte van mans en vroue	500
8.7.5.2	Samelewingspersepsies ten opsigte van mishandelde vroue en manlike geweldenaars	506
8.7.6	ADDISIONELE INLIGTING	515
8.7.7	BELEWENIS VAN DIE ONDERHOUDSITUASIE	521
8.8	BESPREKING VAN DIE INLIGTING GEGENEREER DEUR MIDDEL VAN DIE KWALITATIEWE ONDERHOUDE	522
8.9	SAMEVATTING	529
HOOFSTUK 9		
	GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	536
9.1	NAVORSINGSPROBLEEM, -VRAE EN DOEL VAN DIE STUDIE	536
9.2	GEVOLGTREKKINGS	537
9.2.1	DIE EKOLOGIESE PERSPEKTIEF AS KONSEPTUELE RAAMWERK	537
9.2.2	DIE INDIVIDUELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM	538
9.2.3	DIE GESINSVLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM	544
9.2.3.1	Die strukturele benadering tot gesinsfunksionering	544
9.2.3.2	Die multigeneratiewe benadering tot gesinsfunksionering	548
9.2.4	DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM	552
9.2.5	DIE SOSIO-KULTURELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM	559
9.2.6	TAKE VAN DIE MAATSKAPLIKEWERKPRROFESSIE WAT VOORTVLOEI UIT 'N EKOLOGIESE BENADERING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS	562
9.2.7	DOELBEREIKING EN BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAE	563

9.3	AANBEVELINGS	564
9.3.1	PRAKTYK	564
9.3.2	TEORIE	569
9.3.3	OPLEIDING	569
9.3.4	NAVORSING	572
9.3.5	BELEID	573
9.4	TEN SLOTTE	574
BRONNELYS		576
BYLAE A:	NAAM- EN ADRESLYS VAN TYDSKRIFTE EN NUUSBLAAIE WAARAAN BRIEWE GERIG IS VIR DIE WERWING VAN DEELNEMERS AAN DIE STUDIE	606
BYLAE B:	VORMBRIEF GERIG AAN DIE REDAKTEURS VAN TYDSKRIFTE EN NUUSBLAAIE: AFRIKAANS	610
BYLAE C:	VORMBRIEF GERIG AAN DIE REDAKTEURS VAN TYDSKRIFTE EN NUUSBLAAIE: ENGELS	611
BYLAE D:	VERKLARING DEUR STUDIEPROMOTOR: AFRIKAANS	612
BYLAE E:	VERKLARING DEUR STUDIEPROMOTOR: ENGELS	613
BYLAE F:	AFRIKAANSE VRAELYS	614
BYLAE G:	ENGELSE VRAELYS	630
BYLAE H:	ONDERHOUDSKEDULE	646
BYLAE I:	UITNODIGINGSBRIEF AAN DEELNEMERS TOT DEELNAME AAN KWALITATIEWE ONDERHOUDVOERING: AFRIKAANS	653
BYLAE J:	UITNODIGINGSBRIEF AAN DEELNEMERS TOT DEELNAME AAN KWALITATIEWE ONDERHOUDVOERING: ENGELS	655

OPSOMMING 657

SUMMARY 659

KEY CONCEPTS REGARDING THE THEME OF THE RESEARCH STUDY 661

INDEKS 662

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

FIGUUR		Bladsy
1.	DIE INDIVIDU, GESIN EN GEMEENSKAP AS SISTEME	43
2.	KONTINUUM VAN GESINSISTEMIESE GRENSE	52
3.	LINIêRE EN SIRKULêRE PERSPEKTIEWE	70
4.	VLAKKE IN DIE OORSPRONKLIKE EKOLOGIESE MODEL	77
5.	EKOLOGIESE RAAMWERK VIR DIE ANALISE VAN AANLEIDENDE EN INSTANDHOUDENDE FAKTORE TOT GEWELD TEENOOR VROUE	81
6.	'N GEWELDSIKLUS	111
7.	ONDERVERDELING VAN SKALE EN SUBSKALE IN DIE *REVISED CONFLICT TACTICS SCALE*	119
8.	'N SIRKULêRE PERSPEKTIEF OP ENKELE PSIGOLOGIESE FAKTORE BY VROULIKE SLAGOFFERS VAN VERHOUDINGSGEWELD	147
9.	'N MULTI-FAKTOR BENADERING TOT MAGSDOMEINE IN 'N VERHOUDING	185
10.	MAG- EN BEHEERWIEL	188
11.	KONTINUUM VAN SELFDIFFERENSIASIE EN FUSIE	251
12.	DIE PROSES VAN DRIEHOEKVORMING	261
13.	DIE INEENGEWEEFDHEID VAN DRIEHOEKE	262
14.	DRIEHOEKVORMING WAARBY PERSONE VANUIT DIE GESIN SE SUPRASISTEEM BETREK WORD	263
15.	DIE GESINSPROJEKSIEPROSES	272
16.	'N MULTIGENERATIEWE OORDRAGINGSPROSES	275
17.	BEROEPSBEOEFENING DEUR 'N VROU, VERHOUDINGSGELYKHEID EN MAN-VROU GEWELD	291

18.	FAKTORE WAT DIE ONTWIKKELING VAN 'N GESLAGSROLIDENTITEIT BEïNVLOED	353
19.	'N PROSESMODEL VAN DIE RESULTATE VAN LYFSTRAF	361
20.	HUISTAAL	380
21.	BEVOLKINGSGROEPERINGS	381
22.	OUDERDOMSVERSPREIDING	382
23.	GEOGRAFIESE VERSPREIDING IN TERME VAN PROVINSIES	383
24.	TIPE BEHUISING	384
25.	MAANDELIKSE (BRUTO) INKOMSTE	385
26.	RESIDIVISME VAN GEWELDDADIGE GEDRAG	409
27.	EMOSIONELE, FISIESE EN GEDRAGSPROBLEME BY KINDERS	412
28.	GETAL KERE WAT DIE MAN AL VERLAAT IS	413
29.	ALTERNATIEWE BEHUISING NA VERLATING VAN DIE MAN	415
30.	FASES IN DIE DEURLOPEND-VERGELYKENDE METODE VAN DATA-ANALISE	434

TABEL

1.	GESINSONTWIKKELINGSFASES EN -TAKE	46
2.	GESLAGSVERSKILLE IN TERME VAN MOTIEWE, METODES EN RESULTATE VAN GEWELDPLEGING	106
3.	EIENSKAPPE VAN MANLIKE GEWELDENAARS EN VROULIKE SLAGOFFERS VAN GEWELD	170
4.	VAARDIGHEDE, TAKE EN FUNKSIES VAN DIE SUBSISTEME VAN DIE GESINSISTEEM	235
5.	SELFDIFFERENSIASIESKAAL	257
6.	DIENSLEWERENDE STRUKTURE EN PROFESSIES WAT BYDRAES SOU KON LEWER TEN OPSIGTE VAN GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS	293

7.	VERSPREIDING VAN SKUILINGS VIR MISHANDELDE VROUE EN HULLE KINDERS VOLGENS PROVINSIES IN SUID-AFRIKA	304
8.	GETAL INTERDIKTE IN BLOEMFONTEIN UITGEREIK GEDURENDE DIE EERSTE DRIE MAANDE VAN 1994 EN 1998	314
9.	TIPIESE GESLAGSROLLE VAN MANS EN VROUENS	347
10.	ENKELE VOORSKRIFTE EN BELOFTES NA AANLEIDING VAN DIE HUWELIKSFORMULIER VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK	356
11.	DIE IMPLIKASIES VAN MITES TEN OPSIGTE VAN GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKS-VERHOUDINGS	367
12.	HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES	386
13.	GETAL KINDERS WOONAGTIG BY DEELNEMERS	388
14.	BENUTTING VAN EMOSIONELE AGGRESSIE AS KONFLIKHANTERINGSMEGANISME	390
15.	BENUTTING VAN FISIESE AANRANDING AS KONFLIKHANTERINGSMEGANISME	391
16.	BENUTTING VAN SEKSUELE DWANG AS KONFLIKHANTERINGSMEGANISME	392
17.	FISIESE BESERINGS AS RESULTATE VAN GEWELDDADIGE GEDRAG	394
18.	PSIGIESE EIENSKAPPE	396
19.	EMOSIONELE EIENSKAPPE	397
20.	KONATIEWE ASPEKTE	399
21.	KOGNITIEWE ASPEKTE	402
22.	BENUTTING VAN GEWELD TER BEVESTIGING EN INSTANDHOUDING VAN MAGSBASISSE, -PROSESSE EN -RESULTATE	403
23.	AARD VAN GESINSISTEMIESE- EN EGPAARSUBSISTEEMGRENSE	405
24.	AANVANG VAN GEWELDDADIGE GEDRAG IN TERME VAN GESINSONTWIKKELINGSFASES	407

25.	AANVANG VAN GEWELDDADIGE GEDRAG BY KINDERLOSE PARE	408
26.	EMOSIONELE AFSNYDING TEN OPSIGTE VAN GESINNE-VAN-OORSPRONG	410
27.	AANLEIDENDE FAKTORE TOT DIE VERLATING VAN DIE MANLIKE GEWELDENAAR	414
28.	ALTERNATIEWE VERBLYF NA VERLATING VAN DIE MAN	415
29.	FAKTORE WAT DAARTOE AANLEIDING GEE DAT DIE DEELNEMERS IN DIE GEWELDDADIGE VERHOUDINGS AANBLY	416
30.	BENUTTING VAN RASIONALISERINGSMEGANISMES	417
31.	BENUTTING VAN DIENSLEWERENDE STRUKTURE EN PROFESSIES	420
32.	BELEWENIS VAN DIENSLEWERING	422
33.	BELEWENIS VAN SAMELEWINGSHOUDINGS EN -PERSEPSIES	424
34.	BELEWENIS VAN BETEKENISVOLLE PERSONE SE REAKSIES	427
35.	SOSIODEMOGRAFIESE GEGEWENS	440
36.	BENUTTING VAN PROFESSIONELE DIENSLEWERING	488

HOOFSTUK 1

ORIëNTERING

Geweld is 'n sosiale verskynsel wat tans prominent in Suid-Afrika voorkom. Alhoewel geweld in die vorm van moord, gewapende roof, kapings, aanranding en verkragting weens mediadekking mees opsigtelik is, is die voorkoms van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings moontlik selfs hoër. Nuusdekking oor geweld teenoor hierdie vroue, is meesal beperk tot beriggewing oor die dood van 'n slagoffer, van die geweldenaar of 'n ander lid (of lede) van die gesinsisteem waar sodanige geweld voorkom.

Moontlik juis aangesien die gesin as 'n private en intieme domein beskou word, is geen amptelike statistiek oor die voorkoms van geweld teenoor vroue in Suid-Afrika beskikbaar nie (Wood, Maforah en Jewkes, 1996:11-12 en Sentrale Statistiekdiens: 1997a[1]). Selfs die Suid-Afrikaanse Polisiediens beskik oor geen statististiese gegewens ten opsigte van klagtes wat deur vroulike slagoffers van geweld binne saamwoon- of huweliksverhoudings, gelê word nie. Alhoewel statistiek gehou word oor die getal aanrandings wat aangemeld word by die polisiediens, word geensins 'n onderskeid getref tussen aanrandings wat deur 'n persoon wat onbekend aan die slagoffer is gepleeg word, of dié wat deur vroue ten opsigte van hulle manlike verhoudingsmaats aangemeld word nie (Fourie, 1998).

Implisiet word egter toenemend erkenning gegee aan die voorkoms van die verskynsel in Suid-Afrika. So byvoorbeeld word deur die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) onder andere klem geplaas op die voorkoms van geweld teenoor vroue, terwyl die Suid-Afrikaanse afvaardiging tydens die Konferensie oor vroue in Beijing (Beijing Conference Report, 1994:44) gerapporteer het dat geweld teenoor vroue nie net 'n wesenlike probleem in die land is nie, maar dat dit besig is om toenemend voor te kom. Ook die Grondwet van die

---

1 Die Sentrale Statistiekdiens is 'n staatsdepartement wat algemene statistiek hou ten opsigte van, onder andere, verhore en skuldigbevindings waar aanranding en aanranding met die doel om liggaamlike leed aan te doen, voorkom. Hierdie statistiek word getabuleer na aanleiding van voorkoms per bevolkingsgroepering (ras), maar nie ten opsigte van geslag nie. Dit is derhalwe onmoontlik om die getal aanrandings wat teen vroue gepleeg word, en in besonder teenoor getroude vroue of vroue in saamwoonverhoudings, te bepaal. Die getalle wat wel aangeteken word, sluit ook nie voorvalle van verkragting binne die huwelik in nie.

Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) het onder andere die konstitusionele waardes van gelykheid en die wegdoening met diskriminasie teenoor vroue, na vore gebring.

As 'n professie wat sigself by uitstek besig hou met menseverhoudings en die verbetering van die lewenskwaliteit van mense, is die maatskaplikewerkprofessie gevolglik een van dié professies wat aan hierdie verskynsel sal moet aandag skenk. Ter nakoming van hierdie sosiale verantwoordelikheid, beklemtoon die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1996:12) byvoorbeeld die noodsaak daarvan dat maatskaplikewerkbeleid en -programme saamgestel word wat geslagsensitief is en om die spesifieke behoeftes en probleme van vroue aan te spreek. Ook die Departement van Welsyn werk tans aan 'n sogenaamde vyfjaarplan wat onder andere daarop gemik is om *"... mishandeling van vroue te beveg ..."* (Verslag van die Departement van Welsyn vir die jaar 1995 - 1996:9).

In hierdie navorsing word gevolglik hoofsaaklik gefokus op geweld teenoor vroue binne saamwoon- en huweliksverhoudings. Nie alleen word die klem geplaas op geweld as 'n samelewingsverskynsel nie, maar klem word ook gelê op moontlike bydraende en instandhoudende faktore ten opsigte van die verskynsel en die resultate[2] daarvan vir sowel die slagoffer, as vir die res van die uitgebreide gesinsisteem waarbinne die geweldpleging plaasvind.

1.1 KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, blyk 'n universele verskynsel te wees wat in alle sosio-ekonomiese sfere van die samelewing voorkom. In Kanada word die voorkomssyfer van geweld teenoor vroue deur hul manlike verhoudingsmaats, op een-in-tien (dus nagenoeg 10%) gestel (Van Zyl, 1992:514), terwyl Angless (1992:52) die voorkoms van sodanige geweld in Brittanje op 50% van alle huishoudings aandui.

Verskeie studies (Bennett, 1995:760, Martin, Cotten, Browne, Kurtz en Robertson, 1995:400 en Pearson en Griswold, 1997:26) is al in die Verenigde State van Amerika gedoen om die voorkoms van die verskynsel te ondersoek. So byvoorbeeld rapporteer Bennett (1995:760) dat

---

[2] Weens die sirkulêre benadering tot die verkenning en beskrywing van 'n verskynsel wat vir die doeleindes van hierdie studie benut word, word in ooreenstemming met Schultz (1984:64) en Germain en Gitterman (1995:7), wegbeweeg van die benutting van die konsepte *oorsaak* en *gevolg*, deur van sirkulêre konsepte, te wete *aanleidende faktore* en *resultate*, gebruik te maak.

fisiese aanranding van vroue in tussen agt persent en 13% van alle heteroseksuele verhoudings in die Verenigde State van Amerika voorkom en dat hierdie vorm van geweld in 66% van die gevalle, herhaal word. In samehang hiermee, verwys Martin et al. (1995:400) daarna dat nagenoeg 15% van alle Amerikaanse egpare jaarliks geweld in hul verhoudings ervaar, waarvan omtrent vyf persent beskryf word as *"severe violence"*. Meer onlangs, beweer Pearson en Griswold (1997:26) dat vroue in die Verenigde State van Amerika, 'n een-in-vyf (dus ongeveer 20%) tot 'n een-in-drie (dus ongeveer 33.3%) kans het om gedurende hul leeftyd fisies aangerand te word deur 'n huidige of gewese manlike verhoudingsmaat.

Reeds is vermeld dat formele statistiek oor die voorkoms van geweld teenoor vroue[3] in Suid-Afrika nie beskikbaar is nie (Wood et al., 1996:11-12, Sentrale Statistiekdiens: 1997a, Wood en Jewkes, 1998:2 en Fourie, 1998). In hierdie verband is Angless (1992:52) van mening dat die voortslepende geweld in Suid-Afrika niemand onaangeraak laat nie. Spesifiek ten opsigte van die posisie van vroue in Suid-Afrika, beweer sy dat vroue se las selfs groter is as dié van mans, deur te skryf dat *"(w)omen are additionally vulnerable to violence in the form of sexual harassment, rape and battering"* en dat vroue 'n groter kans het om binne die gesin beseer te word, as buite die konteks van die gesin in 'n geweldgeteisterde Suid-Afrikaanse samelewing. Na aanleiding van haar navorsing, raak sy tot die gevolgtrekking dat minstens een-in-vier (dus ongeveer 25%) vroue in Suid-Afrika gereeld deur hul manlike verhoudingsmaats aangerand word. Gedurende dieselfde jaar, beweer Van Zyl (1992:514) dat dié getal 'n geskatte een-in-ses (dus ongeveer 17%) is. Die verskille in skattings van Angless (1992:52) en dié van Van Zyl (1992:514) kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat eersgenoemde 'n maatskaplike werker is en gevolglik met verskillende intensiteite van geweld in die maatskaplikewerkpraktyk te doen kry, terwyl Van Zyl as regsgeleerde, moontlik hoofsaaklik te doen kry met meer intense vorme van geweld wat minstens by die polisie gerapporteer word en deur die regsproses opgeneem word.

Drie jaar later, skryf Angless en Shefer (1995:305) in 'n plaaslike publikasie dat hierdie voorkomssyfer verhoog het na een-in-drie (dus ongeveer 33.3%) in die geval van Suid-Afrikaanse vroue. Tereg beweer hulle dat *"(t)he widespread nature of battering is no longer secret or denied, neither in this country nor elsewhere in the world"* (Angless en Shefer, 1995:305).

---

[3] Waar die term *geweld teenoor vroue* in hierdie studie benut word, word verwys na *geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings*.

Interessant is dat die voorkomssyfer van geweld teenoor vroue deur hulle verhoudingsmaats in Brittanje, 'n ontwikkelde land, so hoog soos 50% aangedui word (Angless, 1992:52), terwyl die hoogste skatting ten opsigte van die situasie in Suid-Afrika, 'n ontwikkelende land, as 33.3% aangedui word (Angless en Shefer, 1995:305). Waarskynlik is Fredericks en Davids (1995:472) in hierdie verband met reg van mening dat geweld teenoor vroue deur verhoudingsmaats in Suid-Afrika, net soos in vele ander lande, *"... one of the most underestimated and underreported crimes"* is. Hierdie gebrek aan statistiek ten opsigte van die voorkoms van die verskynsel, word deur hulle toegeskryf aan die feit dat vroue nie die insidente van geweld by die polisie aanmeld nie, uit vrees vir weerwraak deur die mans. 'n Verdere verklaring wat in hierdie verband aangebied word, is dat die polisie die aangemelde voorkoms hanteer as deel van die algemene statistiek of dat sodanige statistiek uitgesluit word op grond van die persepsie dat vrouemishandeling nie 'n kriminele oortreding is nie.

Alhoewel die statistiese data wat hierbo ten opsigte van Suid-Afrika vermeld is, nie gebaseer is op enige formele wyse van data-insameling nie, kan min twyfel bestaan dat die voorkoms van geweld teenoor vroue in Suid-Afrika, minstens net so hoog is soos in die Verenigde State van Amerika. Wat die *scenario* egter verder versleg, is die feit dat die frekwensie van sodanige geweld plaaslik aan die toeneem is (Beijing Conference Report, 1994:44) en dat die intensiteit van die geweldpleging van so 'n aard is dat minstens een vrou in Suid-Afrika elke ses dae vermoor word deur haar manlike verhoudingsmaat (Shaik en Park, 1997:6)[4].

Een van die aspekte wat die probleem verder kompliseer, is die effek wat die geweld van 'n man teenoor sy vrou of verhoudingsmaat openbaar, op die kinders in sodanige verhouding het. So byvoorbeeld is O'Keefe (1994:403) van mening dat kinders wat blootgestel is aan verhoudingsgeweld tussen ouers, die risiko loop om gedrags- en emosionele probleme te ontwikkel. Sodanige kinders toon 'n hoë frekwensie van geëksternaliseerde gedragsprobleme (byvoorbeeld aggressie, ongehoorsaamheid en misdadigheid), asook geïnternaliseerde gedragsprobleme (byvoorbeeld onttrekking, angs en somatiese klagtes). Nie alleen word die kinders geaffekteer deur die geweld teenoor hul moeder nie, maar *"... as many as 60% of children exposed to parental violence are also victims of physical abuse"* (O'Keefe, 1994:403). Aansluitend

---

[4] Vgl. ook die studie van Vetten (1994:2) waarin aangedui word dat 251 moorde op vroue deur hulle manlike verhoudingsmaats in saamwoon- en huweliksverhoudings, gedurende 1993 en 1994 in Gauteng plaasgevind het.

hierby, vermeld Martin et al. (1995:400) dat kinders uit gewelddadige huise hoër vlakke van depressiewe simptomatologie en psigologiese stres ondervind en as 'n resultaat daarvan hoë vlakke van gedragsprobleme en lae vlakke van sosiale bevoegdheid toon. Ook Martin et al. (1995:401), net soos O'Keefe (1994:403) verwys daarna dat kinders wat geweld tussen ouers aanskou, *"... are at increased risk of being physically abused themselves."* Die mening van Aron en Olson (1997:5) is dat *"(b)etween 11 and 45 percent of children who are abused or neglected have a mother who is being abused, and between 37 and 63 percent of abused women have children who are being abused or neglected."* Sodanige kinders wat sowel die moeder se mishandeling aanskou as self mishandeling ervaar, vertoon as 'n resultaat daarvan die grootste hoeveelheid en die mees intense vorme van gedrags-, emosionele en kognitiewe probleme (Aron en Olson, 1997:5).

Behalwe vir die problematiek wat kinders gedurende hul kinderjare openbaar as 'n resultaat van geweld teenoor hul moeders, waarsku Martin et al. (1995:401) dat hierdie kinders as volwassenes ook geneig is om in gewelddadige huweliksverhoudings betrokke te raak, terwyl ook Henning, Leitenberg, Coffey, Turner en Bennett (1996:36-37) beweer dat hierdie kinders meer geneig sal wees om later self fisiese geweld te benut in die konteks van 'n volwasse verhouding. Hieruit blyk dus 'n tendens van residivisme dat geweld as't ware verdere geweld kweek deurdat slagoffers van geweld by herhaling in gewelddadige verhoudings betrokke raak.

Die voorkoms van geweld teenoor vroue binne saamwoon- en huweliksverhoudings in Suid-Afrika is dus 'n realiteit waaraan aandag geskenk behoort te word, veral wanneer in ag geneem word dat hierdie geweld aan die toeneem is. Die maatskaplikewerkprofessie het derhalwe noodwendig 'n betekenisvolle rol te vervul, nie alleen ten opsigte van die slagoffers (vroue en kinders) en die geweldenaars (die mans) nie, maar ook ten opsigte van die voorkoming van sodanige geweld. Pogings om die probleem in Suid-Afrika die hoof te bied, word deur Angless en Shefer (1995:305) aangedui as synde 'n groeiende fokus op opvoedkundige bronontwikkeling, die daarstel van ondersteuningsisteme en terapeutiese intervensies vir sowel geweldenaars as slagoffers (byvoorbeeld die werk van NIMRO[5], FAMSA, Verkragting-krisisklinieke, die stigting van POWA[6] en die Adviesdiens vir mishandelde vroue). In hierdie verband noem Fredericks en Davids (1995:490) dat ten spyte van die hoë voorkomssyfer van vrouemishandeling in Suid-Afrika, daar 'n tekort aan skuilings (sogenaamde *"shelters"*) in die land is waarheen die slagoffers kan vlug, alhoewel bewondering uitgespreek word vir die dienste

---

5 Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders.

6 *People Opposing Women Abuse.*

wat wel gelewer word deur NIMRO se Vroue-ondersteuningsentrum in Kaapstad, die Verkragtingkrisiskliniek, Lifeline, FAMSA, Safeline-ouersentrum in Athlone en die Elita Abantu: Domestic Violence Centre in Langa. Angless en Shefer (1995:305) beweer dan waarskynlik met reg dat *"... these attempts at intervension are still grossly inadequate."* Navorsing wat binne die Suid-Afrikaanse konteks gedoen word is derhalwe van kardinale belang om effektiewe, wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkhulpverlening moontlik te maak.

1.2 BEGRONDING / DEURSKOUING VAN DIE PROBLEEM

Geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, is 'n komplekse probleem wat die resultaat is van 'n verskeidenheid van aanleidende en instandhoudende faktore (Carlson, 1984:570). Die verskynsel kan derhalwe nie simplisties verklaar word deur byvoorbeeld alleen te fokus op persoonlikheidseienskappe van sowel die geweldenaar as die slagoffer nie, ook nie deur bloot die interaksiepatrone binne die gesinsisteem waar geweld voorkom te ontleed nie en ook nie voldoende deur 'n analise te doen van die breër sosiale sfeer waarbinne die verskynsel voorkom nie (Carlson, 1984:570 en Van der Hoven, 1992:77-82).

'n Resente tendens in die sosiale wetenskappe, is om die ekologiese model van menslike ontwikkeling wat deur Urie Bronfenbrenner (1977:513-531) ontwikkel is, op die verskynsel van gesinsgeweld van toepassing te maak. Die voordeel van sodanige toepassing, lê volgens Carlson (1984:570) daarin dat die model *"... allows for many causal and maintaining factors on different levels that can operate simultaneously either independently or interactively"* en dat die model behulpsaam is met die verklaring van die sikliese aard van gesinsgeweld sowel binne 'n bepaalde kerngesin, as oor gesinsgenerasiegrense. Volgens dié model word ekologiese ruimte beskryf as bestaande uit verskillende ekologiese ontledingsvlakke of -sisteme, te wete die mikrosisteem, mesosisteem en die makrosisteem, wat elkeen gesetel is in die daaropvolgende vlak (Carlson, 1997:80).

Die mikrosisteem omsluit faktore soos byvoorbeeld die persoonlikheidseienskappe van die betrokke individue en elkeen se persoonlike geskiedenis. Die onmiddellike sosiale konteks waarbinne die geweld voorkom, met ander woorde die gesinsopset en die interaksionele dinamika daarvan, word deur die mesosisteem omsluit. Hierdie twee vlakke word deur die makrosisteem omring waarin gefokus word op aspekte soos heersende kulturele waardes en

beskikbare hulpverleningsdienste in die konteks waar die betrokke individue en gesinne sigself bevind (McInnis-Dittrich, 1996:415 en Carlson, 1997:80).

Vir die doeleindes van hierdie studie, word die aanpassings wat deur Jay Belsky (1980:320-335) en deur Carlson (1984:571-579) aan die oorspronklike model van Bronfenbrenner gemaak is, benut. Belsky (1980:320-335) het die inhoud van die mikrosisteem uitgebrei om ook 'n sogenaamde interne omgewing in te sluit, wat aspekte van die individu se geskiedenis en persoonlike agtergrond insluit. 'n Verdere uitbreiding op die oorspronklike ekologiese model, is dié van Carlson (1984:571-579) wat die eksosisteem onderverdeel het in beide 'n sosiaal-strukturele sisteem en 'n sosio-kulturele sisteem. Eersgenoemde omsluit aspekte soos byvoorbeeld ekonomiese strukture, die aard van die gemeenskap en woonbuurt en die beskikbaarheid van polisiëring in die konteks waarbinne die geweld voorkom. Die sosio-kulturele sisteem bevat elemente soos byvoorbeeld die heersende waardes en norme in 'n samelewing, geslagsrolverwagtinge en gesinsnorme wat aspekte soos die patriargale stelsel kan insluit (Carlson, 1984:576-579).

Juis hierdie uitgangspunt, naamlik dat 'n veelheid van faktore op verskillende vlakke in die ekologiese ontledingsisteem bydra tot die ontwikkeling en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- of huweliksverhoudings en dat hierdie faktore mekaar deur middel van 'n sikliese proses wedersyds beïnvloed, is die fokus van hierdie studie in 'n poging om die verskynsel binne die Suid-Afrikaanse konteks te verken en te beskryf.

'n Verkenning, ontginning en analise van faktore wat in die unieke Suid-Afrikaanse konteks 'n betekenisvolle bydraende rol speel tot die ontwikkeling van geweld en die instandhouding daarvan teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, behoort plaaslik vir die maatskaplikewerkprofessie daartoe in staat te stel om maatskaplikewerkprogramme wat geslagsensitief van aard is, vir die doeleindes van maatskaplikewerkhulpverlening te kan formuleer en te implementeer.

1.3 UITGANGSPUNTE, NAVORSINGSPROBLEEM EN NAVORSINGSVRAE WAT DIE STUDIE RIG

Hierdie studie word sentraal deur die uitgangspunt gerig dat geweld teenoor vroue 'n komplekse verskynsel is wat alleen in sy volheid verken en begryp kan word, as op 'n veelheid

van aanleidende en instandhoudende faktore gefokus word. Voorts word van die uitgangspunt uitgegaan dat geen enkele faktor as kousaal tot geweld teenoor vroue beskou kan word nie, maar dat 'n holistiese oriëntasie gehandhaaf moet word waar nie gefokus word op liniêre kousaliteit nie, maar op 'n konstante vloei van interaksie tussen die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem - dus, sirkulêre kousaliteit.

Op grond hiervan word die navorsingsprobleem wat die ondersoek rig soos volg aangedui: 'n Analise van die wedersydse beïnvloeding tussen faktore op die individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem wat vermeend aanleiding gee tot geweld en die instandhouding daarvan teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en die bepaling van watter implikasies hierdie wedersydse beïnvloeding vir maatskaplikewerkhulpverlening het.

Gevolglik word die studie deur die volgende navorsingsvrae, spesifiek ten opsigte van vroue wat die slagoffers van geweld binne saamwoon- en huweliksverhoudings is, gerig:

⇒ Wat is die aard van geweldpleging en watter invloed het dit op die maatskaplike funksionering van die individuele slagoffer en die gesinsisteem waarbinne dit voorkom?

⇒ Watter faktore in die ekologiese sisteem gee aanleiding tot hierdie geweld en die instandhouding daarvan en op watter wyse beïnvloed die faktore mekaar wedersyds?

⇒ Watter ondersteuningstelsels en -dissiplines is in Suid-Afrika beskikbaar vir die slagoffers en die res van die gesinsisteem en hoe beleef die slagoffers die ondersteuning wat beskikbaar is?

⇒ Watter take van die maatskaplikewerkprofessie vloei voort uit 'n ekologiese benadering tot die verskynsel?

1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel, doelstellings en doelwitte van die studie, word soos volg aangedui.

1.4.1 DOEL

Die doel van die studie is om deur middel van 'n verkennende en beskrywende ondersoek 'n ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings daar te stel, sodat wetenskaplik-gefundeerde hulpverlening op die verskynsel afgestem kan word.

1.4.2 DOELSTELLINGS

Ten einde bogenoemde doel te bereik, word die volgende primêre en sekondêre doelstellings vir die studie onderskei.

Primêr word gestreef na die;

⇒ omskrywing van die term *geweld*, ten einde betroubare inligting ten opsigte van die verskynsel te kan insamel,

⇒ bepaling en beskrywing van faktore wat vermeend aanleiding gee tot geweld teenoor vroue, spesifiek deur middel van die benutting van 'n ekologiese benadering as konseptuele raamwerk,

⇒ beskrywing van die resultate van geweld teenoor vroue, vir sowel die slagoffer as die res van die lede van die gesinsisteem,

⇒ identifisering van hulpbronne wat benut kan word deur vroulike slagoffers van geweld en 'n bepaling van hoedat die slagoffers en hulle gesinne dienslewering deur die beskikbare hulpbronne beleef, asook 'n

⇒ beskrywing van die rolle en take van die maatskaplikewerkprofessie ten einde die verskynsel van geweld teenoor vroue sowel te kan behandel, as te voorkom.

Sekondêr word daarna gestreef om;

⇒ die resultate van die navorsing en enkele riglyne wat daaruit mag voortvloei beskikbaar te stel aan dienslewerende maatskaplikewerkstrukture op sowel plaaslike (welsynsinstansies) as streeks- en nasionale vlak (nasionale rade), sodat bestaande beleidsaspekte geëvalueer en nuwe beleidsaspekte geformuleer en geïmplementeer kan word en om

⇒ die maatskaplikewerkprofessie se kennisraamwerk uit te bou, deur die verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue vanuit 'n ekologiese perspektief.

1.4.3 DOELWITTE

Die doelwitte word onderskei vir die literatuur- en empiriese ondersoek en word soos volg uiteengesit:

⇒ Die doen van 'n literatuurstudie om;

- 'n bruikbare omskrywing van geweld teenoor vroue te formuleer,
- die ekologiese benadering as 'n konseptuele raamwerk daar te stel vir die bestudering van geweld teenoor vroue,

- 'n teoretiese fundering van die faktore wat vermeend aanleiding gee tot geweld op individuele (die persoonlikhede van die geweldenaar en slagoffer), gesinsistemiese (interaksiepatrone in die verhouding tussen die geweldenaar en slagoffer), sosiaal-strukturele (ekonomiese, omgewings-, werks- en polisiëringsrealiteite) en sosio-kulturele (kulturele waardes en norme, seksisme en geslagsrolstereotipering) vlakke te verskaf en om
- toepaslike maatskaplikewerkhulpverleningsintervensies ten opsigte van geweld teenoor vroue, te ontgin.

⇒ Die doen van 'n empiriese ondersoek om die faktore wat vermeend aanleiding gee tot en die resultate van geweld teenoor vroue vanuit die perspektief van die slagoffers te verken, met as stappe die;

- opstel van 'n vraelys na aanleiding van die literatuurstudie,
- werwing van minstens 300 deelnemers[7] deur middel van die benutting van die nasionale pers,
- doen van 'n loodsondersoek met minstens drie deelnemers ten einde die vraelysinhoud te toets,
- verstelling (indien nodig) van die vraelys na aanleiding van die loodsondersoek,
- implementering van die vraelys,
- selektering van 10 deelnemers wat geografies die naaste aan die navorser woonagtig is vir die voer van in-diepte onderhoude oor die inhoud van hul ingevulde vraelyste,
- die voer van in-diepte onderhoude en waarneming van die geselekteerde groep deelnemers,
- vergelyking en interpretering van die ingesamelde gegewens by wyse van beskrywende statistiek en die
- finalisering van die navorsingsverslag.

1.5 NAVORSINGSMETODE EN -PROSEDURES

Sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe navorsingsmetodes word benut in die literatuurstudie en empiriese ondersoek.

---

7 Vanweë die kwalitatiewe navorsingsmetodologie wat in die studie benut word, word die begrip *deelnemer*, in plaas van *respondent*, benut (Denzin en Lincoln, 1994:1-585).

1.5.1 LITERATUURSTUDIE

In die literatuurstudie word hoofsaaklik gebruik gemaak van bronne vanuit die Maatskaplike werk, Sielkunde, Sosiologie, Kriminologie en Verpleegkunde. Nietemin word die data sodanig hanteer dat die maatskaplikewerkperspektief duidelik na vore tree en dit gevolglik nie bloot 'n kompilasie is van inligting vanuit die genoemde terreine nie.

Tydens die literatuursoektog wat die studie voorafgegaan het, is bevind dat die meeste van die beskikbare literatuur en gepubliseerde navorsingsresultate, vanuit die Verenigde State van Amerika afkomstig is. Hierdie navorsing is dan ook meesal gegrond op die resultate van die *Conflict Tactics Scale (CTS)*, soos ontwikkel deur Straus (1979:75-88) en later gewysig deur Straus, Hamby, Boney-McCoy en Sugarman (1996:283-316) na die *Revised Conflict Tactics Scale (CTS2)*. Navorsingsresultate wat in hierdie studie aangedui word, moet dus nie sonder meer op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing gemaak word nie.

Die ekologiese benadering tot die verkenning en beskrywing van geweld as samelewingsverskynsel word as vertrekpunt benut, aangesien dit 'n breër en dus meer holistiese benadering is, as blote liniêre en / of gesinsistemiese benaderings tot die verskynsel. Die ekologiese benadering omsluit weliswaar ook liniêre en gesinsistemiese beskrywingsaspekte, maar gaan verder as hierdie beskrywings, deur aandag te skenk aan beïnvloeding op die sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem, maar ook op die wedersydse beïnvloeding van die verskillende vlakke op mekaar, - dus sirkulêre kousaliteit.

1.5.2 EMPIRIESE STUDIE

Vir die doeleindes van die empiriese studie, word van sowel vraelyste as in-diepte onderhoudvoering gebruik gemaak ten einde faktore wat vermeend aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, maar ook die resultate van die verskynsel vir die betrokkenes, te verken. Die teikenpopulasie bestaan uit alle vroue in Suid-Afrika wat slagoffers is van geweld in 'n heteroseksuele saamwoon- of huweliksverhouding, of wat gedurende die afgelope jaar in sodanige verhoudings betrokke was. Minstens 300 deelnemers word gewerf deur middel van die benutting van die nasionale pers. Die steekproefprosedure kan derhalwe beskryf word as 'n nie-waarskynlikheidseleksie waar gebruik gemaak word van deelnemers wat uit eie wil, geredelik beskikbaar is. Vanuit die deelnemers, word 'n verdere 10 persone ewekansig

geselekteer met wie in-diepte onderhoude gevoer word ten opsigte van die inhoud van hul ingevulde vraelyste, ten einde 'n kwalitatiewe dimensie aan die navorsing te verleen. Die seleksie van deelnemers met wie in-diepte onderhoude gevoer word, word beperk tot daardie 10 deelnemers wat hulleself bereidwillig verklaar tot die voer van die onderhoude en wat geografies die naaste aan die navorser woonagtig is.

Data word sowel kwalitatief as kwantitatief uiteengesit, ten einde interpretasies, gevolgtrekkings en aanbevelings te doen met betrekking tot die studie wat onderneem word.

1.6 BEGRENSING VAN DIE STUDIE

Sowel plaaslike as internasionale bronne word benut vir die literatuurstudie. Hierdie bronne sluit in boeke, vakkundige tydskrifartikels, relevante wette en beleidsdokumente vanuit die Maatskaplike werk, maar ook vanuit die Sielkunde, Sosiologie, Kriminologie, Verpleegkunde en aanverwante, belanghebbende wetenskappe en dissiplines. Die teoretiese studie ten opsigte van geweld word vanuit 'n ekologiese perspektief gedoen. Literatuurbronne wat geselekteer is, word aan die hand van die ekologiese perspektief uiteengesit en geïnterpreteer.

Die studie word geografies begrens tot vroue van alle rassegroeperinge in Suid-Afrika, wat die slagoffers van geweld binne 'n heteroseksuele saamwoon- of huweliksverhouding is of wat binne die afgelope twaalf maande nog in so 'n verhouding betrokke was.

Geensins word die voorkoms van geweld deur vroue teenoor mans binne die konteks van hierdie studie ontken nie. Erkenning word gegee daarvoor dat vroue, net soos mans, gewelddadig teenoor verhoudingsmaats kan optree. In hierdie verband het Steinmetz (1978:499-509) selfs die konsep *"the battered husband syndrome"* ontwikkel in 'n poging om klem te plaas op die noodsaaklikheid daarvan om openbare beleid te formuleer wat die behoeftes van mans wat deur hul huweliksmaats of minnaresse mishandel word, te beklemtoon. Ook word erkenning gegee aan die feit dat Stets en Straus (1990:161) bevind het dat in twee-derdes van Amerikaanse gesinne waarin die man gewelddadig optree, ook 'n gewelddadige vrou by betrokke is en dat *"... women initiate violence about as often as men"*. Ook Flynn (1990:195) wys op hierdie wederkerigheid van geweld wanneer hy tot die gevolgtrekking raak dat vroue waarskynlik net so dikwels gewelddadige gedrag teenoor verhoudingsmaats openbaar as mans en dat in bykans die helfte van alle gevalle van verhoudingsgeweld, die geweld wederkerig van

aard is. Of sodanige *wederkerigheid* die resultaat is van geweld wat deur mans of vroue geïnisieer is en wat die konteks is waarin dit plaasvind, word egter nie vermeld nie (Walker, 1989:695 en Cantos, Neidig en O'Leary, 1994:114). Wederkerigheid sou waarskynlik ook kon impliseer dat die vrou byvoorbeeld, gewelddadig optree teen die man in 'n poging om haarself te verdedig.

Die fokus van hierdie studie is op vroulike slagoffers, aangesien verskeie studies (Dobash, Dobash, Wilson en Daly, 1992:72, Cantos et al., 1994:114, Straus et al., 1996:301) aangetoon het dat mans meer dikwels as vroue gewelddadig teenoor verhoudingsmaats optree en aangesien beserings na aanleiding van mans se gewelddadige gedrag, meesal erger is as dié wat die resultaat van vroue se gedrag is (O'Leary, Barling, Arias, Rosenbaum, Malone en Tyree, 1989:263-268, Cantos, et al., 1994:114 en Straus et al., 1996:301).

1.7 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Ten einde te verseker dat eenvormige interpretasies gekoppel word aan die konsepte wat deurlopend in die verslag benut word, verdien die volgende begrippe nadere omskrywing. Begrippe wat slegs in 'n bepaalde hoofstuk gebruik word, word in die betrokke hoofstuk omskryf.

1.7.1 BESERING

In die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT:1981) word *besering* beskryf as ekwivalent aan *verwonding*, met ander woorde, die negatiewe fisiese resultaat van 'n gebeurtenis. Die mening van Straus et al. (1996:290) is egter dat die term *besering* verwys na *"... bone or tissue damage, a need for medical attention, or pain continuing for a day or more."* Klem word dus geplaas op die beskadiging van liggaamsweefsel wat fisiese pyn as resultaat het en wat moontlik mediese behandeling regverdig.

Binne die konteks van hierdie studie, word die term *besering* derhalwe benut om te verwys na fisiese pyn, ongemak of letsels wat die resultaat is van geweld en wat vir minstens een dag voortduur.

1.7.2 GESIN

Die *gesin* word deur Joubert (1979:10) beskryf as 'n homeostatiese sisteem waar verandering in een komponent verandering in ander komponente teweeg bring en voeg daarby dat die *gesin* 'n maatskaplike groep is wat as 'n sisteem funksioneer met bepaalde wedersydse verhoudings, vorme van interaksie en kommunikasie. Die verhoudings- en interaksiekomponent word ook deur Schoeman (1980:117) beklemtoon wanneer hy die *gesin* definieer as 'n lewende sisteem met 'n verskeidenheid subsisteme (vader, moeder, dogter, seun) wat in interaksie met en in verhouding tot mekaar staan.

Die definisie van Holman (1983:23) wanneer die *gesin* omskryf word, is soos volg: *"In general systems terms, the family can be perceived as a dynamic system of a complex of elements or components (family members) directly or indirectly related in a network, in such a way that each component (family member) is related to some other in a more or less stable way within any particular period of time. The inter-relationships of the family create a whole (family) that is greater than the sum of its parts. Within this context, the family is seen as a transactional system, in constant interchange with its extended environment and developing intergenerally through time."* Die klem in Holman (1983:23) se definisie, val dus op die voortdurende wisselwerking met die omgewing (ekologie) en die voortdurende ontwikkeling wat die gesinsisteem in terme van tyd ondergaan.

'n Laaste definisie van die *gesin* wat melding verdien, is dié van Ackerman (1984:16) waarvolgens 'n *gesin* beskou word as 'n huishouding waarin die gedrag van enigeen van die persone te alle tye 'n funksie van die gedrag van al die ander persone is. Verandering in die gedrag van enigeen van die persone, beïnvloed derhalwe die gedrag van al die ander gesinslede op 'n betekenisvolle wyse.

Interessant, is dat nie een van die genoemde definisies melding maak daarvan dat gesinsvorming deur huweliksluiting voorafgegaan word nie. In die lig daarvan dat in hierdie studie gefokus word op geweld teenoor vroue in sowel saamwoon- as huweliksverhoudings, word gesinsvorming vir die doeleindes van hierdie studie, ook nie noodwendig voorafgegaan deur huweliksluiting nie.

Vanuit die teoretiese raamwerk van hierdie studie, kan die *gesin* dus beskou word as 'n voortdurend-ontwikkelende sisteem, binne die ekologiese sisteem, wat beskik oor 'n interne orde, bestaande uit 'n aantal interafhanklike subsisteme (die gesinslede) wat mekaar wedersyds

beïnvloed en wat in interaksie met mekaar, met die geheel en met die sisteme in die ekologiese sisteem verkeer.

1.7.3 GEWELD

In hulle bespreking oor die definiëring van die begrip *geweld*, onderskei Straus, Gelles en Steinmetz (1981:20-22) tussen twee konsepte te wete *"normal violence"* en *"abusive violence"*. Eersgenoemde verwys na 'n daad wat uitgevoer word met die bedoeling, of vermeende bedoeling, om fisiese pyn of besering vir 'n ander persoon te berokken. Die term *fisiese pyn* beteken in hierdie konteks die effek van iets so eenvoudig soos 'n klap, tot moord. Die *bedoeling* mag varieer vanaf kommer oor 'n kind se veiligheid (byvoorbeeld wanneer 'n kind 'n pakslae kry omdat hy in die straat in hardloop) tot vyandigheid so intens dat gepoog word om die dood van die ander persoon teweeg te bring.

Die term *"abusive violence"*, word benut om te verwys na 'n daad wat hoë potensiaal het vir die besering van die persoon teenoor wie die daad gepleeg word. Hierby word dade soos die volgende geïnkorporeer: Slaan van 'n persoon, skop, byt, die gee van 'n vuishou, slaan met 'n harde voorwerp, die afvuur van 'n skoot of 'n poging om 'n skoot of te vuur, steek met 'n mes of 'n poging om 'n ander persoon met 'n mes te steek (Straus et al., 1981:22).

Eersgenoemde begrip omsluit dus enige vorm van gedrag wat uitgevoer word met die bedoeling om vir 'n ander persoon fisiese ongemak of pyn te berokken, terwyl die term *"abusive violence"* verwys na enige daad wat 'n fisiese besering vir 'n ander persoon sou kon berokken. 'n Daad soos om 'n ander persoon 'n vuishou te gee met die resultaat dat sy kakebeen gekraak word en 'n vuishou wat net 'n blou kol op die vel om die kakebeen as resultaat het, word dus beide as sogenaamde *"abusive violence"* beskou, selfs al is die resultaat van die daad soveel verskillend.

Hierdie diskrepansie word deur Straus et al. (1981:22) verduidelik deur te beweer dat aspekte wat die verskillende resultate van dieselfde vuishou van mekaar onderskei, *"... are typically random phenomenon such as aim or luck"*. Tien jaar later gaan Straus (1991:135) in hierdie verband selfs so ver as om te beweer dat *"... from a theoretical perspective, physical punishment and capital punishment are similar, despite the vast difference in level of severity."* Die fokus in hierdie definisie van *geweld* is dus nie soseer op die bedoeling van die geweldenaar nie, maar eerder op die potensiaal van die gedrag om enige graad van fisiese besering te kan berokken.

Erkenning word verleen aan die feit dat *geweld* nie alleen beskou kan word as 'n visueel-waarneembare gedragsvorm wat die potensiaal het om tot fisiese besering aanleiding te gee nie. Die voorbeeld van *"mind control"* of *"brainwashing"* wat deur Boulette en Andersen (1985:110) beskryf word as *"... a set of potent social influence techniques levied against the victimized female by the abusive male"*, word ook binne die konteks van hierdie studie as *geweld* beskou. Voorbeelde van hierdie *geweld* wat deur die skrywers genoem word sluit onder andere in manipuleringstegnieke soos isolasie en die doelbewuste ontwikkeling van vrees, skuldgevoelens, selfblaam en aangeleerde hulpeloosheid by die slagoffer, asook *"... alternating kindness and threat to produce disequilibrium ..."*. Ook Van der Hoven (1992:78) maan dat omskrywings wat slegs fisieke leed beklemtoon, mank gaan aan ernstige leemtes, aangesien daar empiriese bewyse bestaan dat die psigiese leed wat die slagoffer aangedoen word, veel dieper strek as slegs fisieke skade. Anders as in die geval van die opsigtelike fisiese leed wat deur *geweld* soos deur Straus et al. (1981:20-22) omskryf word vir die slagoffer berokken word, word erkenning ook gegee aan die bestaan van *geweld* met die potensiaal om emosionele leed vir die slagoffer aan te doen deur die benutting van byvoorbeeld sinspelings of nuanses as beïnvloedingstegnieke, deur die geweldenaar.

Binne die konteks van hierdie studie, word die term *geweld* na aanleiding van bogenoemde gegewens benut om te verwys na enige gedragsvorm (insluitend waarneembare gedrag, maar ook subtiele sinspelings of manipulerende nuanses) wat daarop gemik is, of wat die potensiaal het om vir 'n ander persoon fisiese en / of emosionele leed (insluitend fisiese beserings, maar ook emosionele resultate soos byvoorbeeld vrees of skuldgevoelens) te berokken.

1.7.4 GEWELDENAAR

Volgens die HAT (1981) verwys *geweldenaar* na *"(i)emand wat geweld pleeg."* Binne die konteks van hierdie studie, word die term dan benut om te verwys na 'n man wat geweld teenoor 'n vrou pleeg binne 'n saamwoon- of huweliksverhouding.

1.7.5 MAATSKAPLIKEWERKHULPVERLENING

Vir die doeleindes van hierdie studie word die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995) se definisie van *maatskaplikewerkhulpverlening* as synde *"'n (p)roses waarvolgens 'n maatskaplike werker, binne 'n professionele verhouding, bepaalde metodes en tegnieke aanwend, funksies en take*

uitvoer en hulpbronne benut om maatskaplike probleme te voorkom, te verlig of uit die weg te ruim, om die maatskaplike funksionering van 'n kliëntesisteem te bevorder", aanvaar. Veral aangesien in die definisie melding gemaak word van voorkoming, verligting en uit die wegruiming van problematiek by die kliëntesisteem (in die geval van hierdie navorsing sowel die geweldenaar as die slagoffers), word die definisie as toepaslik beskou.

1.7.6 SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDING

Na aanleiding van die omskrywing in die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993), word die term *saamwoon- en huweliksverhouding* in hierdie studie benut om te verwys na die verbintenis tussen 'n man en 'n vrou wat met mekaar volgens enige regstelsel of gebruik getroud is of was en ook 'n man en 'n vrou wat gewoonlik as man en vrou saamwoon, hoewel hulle nie met mekaar getroud is of was nie.

1.7.7 SLAGOFFER

Die term *slagoffer* word in die HAT (1981) aangedui as verwysend na 'n *"(p)ersoon wat as gevolg van 'n ander se belange, hartstogte, ens. moet ly of wat deur iets getref word, wat dit moet ontgeld."* Spesifiek ten opsigte van vrouemishandeling, definieer Van der Hoven (1989:54) 'n *slagoffer* as 'n vrou wat onderworpe is aan onregmatige en doelbewuste geweld deur haar man, maar gaan nog verder deur sodanige vrou ook as 'n *slagoffer* te beskou vanweë die samelewing se houding teenoor haar, *"... which contributes to repeated victimisation and being caught up in a violent relationship from which she cannot escape."* Dualisme ten opsigte van aanleidende faktore tot die toestand word dus beklemtoon deur Van der Hoven (1989:54), deurdat sowel die man se gedrag as die samelewing se houding vir 'n vrou in hierdie toestand kan laat beland.

Reeds is vermeld dat kinders ook ly as 'n resultaat van die geweld tussen ouers deurdat hulle gedrags-, emosionele en kognitiewe probleme ontwikkel en dat geweld tussen ouers daartoe kan aanleiding gee dat die geweld ook op die kinders gerig word (O'Keefe, 1994:403, Martin et al., 1995:401 en Aron en Olson, 1997:5). Met reg kan dan beweer word dat kinders ook slagoffers van die geweld tussen hul ouers kan wees.

In hierdie navorsingsverslag word die term *slagoffer* derhalwe benut om te verwys na 'n vrou en die kinders in die gesin wat as 'n resultaat van die gedrag van 'n man met wie die vrou in 'n saamwoon- of huweliksverhouding verkeer, onderwerp word aan geweld.

1.7.8 VROUEMISHANDELING / MISHANDELDE VROU

Die term *mishandelde vrou* word deur Costantino (1981:456) benut om te verwys na enige vrou *"... who has been beaten or physically harassed by a spouse, cohabitant, or boyfriend"*, terwyl Ferraro en Johnson (1983:327) die term benut as verwysend na vroue wat by herhaling geslaan word deur die mans waarmee hulle saamleef as minnaars. Beide die genoemde definisies stel dus nie huweliksluiting as voorwaarde vir die benutting van die term nie, maar wel dat fisiese leed as 'n resultaat van die man se gedrag teenoor die vrou, moet voorkom.

Wanneer gepoog word om die terme *mishandelde vrou* en *vrouemishandeling* te omskryf, waarsku Lamb en Keon (1995:209) vanuit 'n feministiese perspektief dat *"(s)tudying verb choice, word selection, and grammatical constructions, researchers have begun to show how language can be used in ways that support the status quo of male domination."* Daarom word die term *gesinsgeweld* deur die skrywers verwerp, ten gunste van die term *mishandelde vrou*, aangesien laasgenoemde beskou word as 'n meer grafiese en ondubbelsinnige beskrywing van die mishandeling wat deur 'n eggenoot of mansvriend, teenoor 'n vrou gepleeg word. Ook het hierdie konsep die voordeel dat aspekte ten opsigte van geslagtelikheid (*"gender"*) en mag implisiet in die omskrywing vervat word (Lamb en Keon, 1995:210). Die definisie van Costantino (1981:456) en dié van Ferraro en Johnson (1983:327) soos hierbo aangehaal, blyk dus te voldoen aan die verwagtinge deur Lamb en Keon (1995:210) aangesien beide elemente bevat van 'n man wat sy mag op 'n vrou afdwing binne die konteks van 'n bepaalde verhouding wat tussen die man en die vrou bestaan.

Die term *vrouemishandeling* word deur Van der Hoven (1992:78) omskryf as *"... die herhaalde fisieke en psigiese aanslag op 'n vrou deur haar man, met die opset om pyn, lyding, vernedering en liggaamlike beserings te veroorsaak."* Interessant is dat in laasgenoemde definisie, huweliksluiting implisiet as voorwaarde gestel word vir vrouemishandeling, deur die benutting van die woorde *"deur haar man"*. Wat duidelik blyk uit die definisie van Van der Hoven (1992:78), is dat *vrouemishandeling* aanleiding gee tot die verskynsel van *mishandelde vroue* binne die samelewing.

Vir die doeleindes van hierdie studie, word 'n *mishandelde vrou* omskryf as die vroulike slagoffer van 'n man met wie sy in 'n saamwoon- of huweliksverhouding is, waar die verhouding gekenmerk word deur die herhaaldelike voorkoms van geweld. *Vrouemishandeling* word benut as verwysend na herhaaldelike geweld teenoor 'n vrou deur 'n man met wie sy in 'n

saamwoon- of huweliksverhouding is. Die term *mishandelde vrou* verwys derhalwe na die resultaat van *vrouemishandeling*.

1.8 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

In hoofstuk een, word 'n oriëntering ten opsigte van die metodologie van die navorsing wat onderneem word, gegee. Die doel van die studie is gerig op die identifisering van faktore wat vermeend aanleiding gee tot die ontwikkeling en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, ten einde 'n ekologiese perspektief ten opsigte van die verskynsel, daar te stel. As basiese uitgangspunt, word gestel dat 'n veelheid van faktore aanleiding gee tot dié soort van geweld en dat 'n ekologiese perspektief benut behoort te word vir 'n holistiese, sirkulêre ondersoek van die verskynsel.

Die ekologiese benadering, as uitbreiding van die algemene sisteemteorie, word in hoofstuk twee as konseptuele raamwerk van die studie beskryf. Die res van die studie word aangebied deur die benutting van en teen die agtergrond van hierdie konseptuele raamwerk.

In hoofstuk drie van die navorsingsverslag, word die verskynsel van geweld teenoor vroue teoreties begrond. Aandag word geskenk aan verskillende vorme van geweld, etiologiese aspekte van die verskynsel en die resultate van sodanige geweld vir sowel die vroulike slagoffer, as vir die ander lede van die gesinsisteem waarbinne die geweldpleging voorkom.

Die eerste vlak van die ekologiese ontledingsisteem, te wete die individuele vlak, word in hoofstuk vier bespreek. Hier word die aandag hoofsaaklik gefokus op sogenaamde liniêre kousaliteit, waar spesifiek aandag geskenk word aan persoonlikheidseienskappe van sowel die geweldenaar as die slagoffer wat oënskynlik bydra tot die totstandkoming en instandhouding van die verskynsel.

In hoofstuk vyf, word spesifiek aandag geskenk aan die tweede vlak van die ekologiese ontledingsisteem, te wete die gesinsvlak. Gesinsistemiese (dis)funksionering, interaksiepatrone en die gesinsdinamika van gesinsisteme waarbinne geweld teenoor vroue voorkom, word teoreties begrond. Nie alleen aspekte in die kerngesin nie, maar ook funksioneringspatrone wat moontlik oorgedra is vanuit die lede van die kerngesin se gesinne-van-oorsprong, word teoreties toegelig.

Die sosiaal-strukturele vlak van beïnvloeding in die ekologiese ontledingsisteem, word in hoofstuk ses teoreties begrond. Hier word aandag onder andere gefokus op die ekonomiese realiteite, samelewingseienskappe, polisiëring, bestaande wetgewing en werksomstandighede binne die unieke Suid-Afrikaanse konteks, wat bydraende faktore is in die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Die literatuurstudie word afgesluit deur in hoofstuk sewe die klem te plaas op sosio-kulturele beïnvloeding as 'n vermeende bydraende faktor tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue. Hier word die unieke kulturele waardes en norme, geslagsrolstereotipering en algemeen-aanvaarde gesinslewensnorme in die Suid-Afrikaanse konteks, onder andere vanuit 'n feministiese perspektief aangedui.

Die verwerking, kategorisering en interpretering van die empiriese gegewens na aanleiding van die vraelyste en in-diepte onderhoude wat gevoer is met die deelnemers, word in hoofstuk agt aangebied.

In die slothoofstuk, hoofstuk nege, word die gevolgtrekkings en aanbeveling ten opsigte van sowel die literatuur- as empiriese ondersoek, uiteengesit.

Die navorsingsverslag bestaan derhalwe uit vier dele, te wete 'n oriëntering (hoofstuk een), 'n literatuurstudie (hoofstukke twee tot sewe), 'n empiriese ondersoek (hoofstuk agt) en 'n slotgedeelte (hoofstuk nege) waarin gevolgtrekkings en aanbevelings aangedui word.

1.9 SAMEVATTING

Geweld is 'n bykans alledaagse verskynsel in die Suid-Afrikaanse samelewing, wat niemand onaangeraak laat nie. Geweld teenoor vroue in saamwoon- of huweliksverhoudings, word verder gekompliseer deur die feit dat die gesin as 'n private en intieme domein beskou word, wat daartoe lei dat die aanleidende faktore en resultate van die verskynsel, met moeite openbaargemaak word en bestudeer kan word. Tog word aanvaar dat die verskynsel binne die Suid-Afrikaanse konteks besig is om toe te neem, ten spyte van 'n nuut-geformuleerde Grondwet wat juis klem lê op gelykheid en die wegdoening van diskriminasie, onder andere teenoor vroue.

Die maatskaplikewerkprofessie het die verpligting om sowel binne die bepalings van die Grondwet as na aanleiding van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, geslagsensitiewe dienste te lewer, onder andere met die oog daarop om mishandeling van vroue te voorkom. Ten einde aan hierdie verwagting en verpligting te kan voldoen, is teoreties gefundeerde kennis ten opsigte van die faktore wat vermeend aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van die verskynsel in die Suid-Afrikaanse konteks, maar ook met betrekking tot die resultate van die verskynsel, noodsaaklik.

Hierdie studie het juis die ondersoek van faktore wat vermeend aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue binne saamwoon- en huweliksverhoudings in Suid-Afrika ten doel, ten einde die maatskaplikewerkkennisraamwerk, -beleid en -praktyk grondig te kan beïnvloed. Gevolglik word vir die doeleindes van die literatuurstudie van 'n ekologiese benadering gebruik gemaak, deurdat aanleidende faktore op 'n verskeidenheid van ontledingsvlakke ondersoek word met die oog op die daarstelling van 'n holistiese, ekologiese perspektief.

'n Steekproef van 300 deelnemers wat deur middel van die benutting van die nasionale media gewerf word, word benut vir die invul van vraelyste vir die doeleindes van die empiriese ondersoek, terwyl met 10 van hierdie deelnemers in-diepte onderhoude gevoer word ten einde die inhoud van hul ingevulde vraelyste, verder toe te lig. Deur middel van die empiriese ondersoek, word die unieke faktore wat binne die Suid-Afrikaanse konteks vermeend bydraend figureer ten opsigte van die verskynsel, maar ook die resultate van die verskynsel, op voetsoolvlak ondersoek.

Enkele konsepte wat deurlopend in die navorsingsverslag benut word, word uiteengesit, ten einde te verseker dat eenvormige interpretasies aan hierdie konsepte geheg word.

HOOFSTUK 2

'N KONSEPTUELE RAAMWERK VIR DIE BESTUDERING VAN GEWELD TEENOOR VROUE

Soos reeds vermeld (vgl. 1.2), word die ekologiese benadering vir die doeleindes van hierdie studie as konseptuele raamwerk benut, weens die klem daarvan op die sikliese aspekte wat vermeend aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue. Hierdie klem op die interaksie tussen 'n verskeidenheid van faktore wat mekaar wedersyds beïnvloed, herinner aan die algemene sisteemteorie van Von Bertalanffy (1968) en daarom skryf Germain (1979:7) in die inleiding van een van die eerste publikasies oor die ekologiese benadering, dat *"(e)cology is a form of general systems theory ..."*. Derhalwe word ook enkele konsepte na aanleiding van die algemene sisteemteorie in hierdie hoofstuk uiteengesit.

Geensins word hier gepoog om 'n allesomvattende bespreking en verduideliking van die algemene sisteemteorie *per se* te gee nie, maar word slegs enkele kern-konsepte wat benutbaar is vir die begrip van die ekologiese benadering, aangedui. Teen hierdie agtergrond, word 'n bespreking dan gevoer oor die ekologiese benadering as 'n aangepaste vorm van die algemene sisteemteorie en as konseptuele raamwerk vir hierdie studie.

Die aandag word daarop gevestig dat aangesien hierdie studie nie ten doel het om 'n maatskaplikewerkhulpverleningsprogram ten opsigte van geweld teenoor vroue te formuleer nie, hier dus ook nie in-diepte aandag geskenk word aan die sogenaamde sisteemgesentreerde maatskaplikewerkhulpverlening (Rodway, 1986:518-533) of aan die *"Life Model Approach of Social Work Practice"* (Germain en Gitterman, 1995:25-60), wat op die ekologiese benadering gegrond is nie. Die basiese uitgangspunte van die ekologiese benadering word uiteengesit, ten einde die ekologiese vlakke van ontleding van die faktore wat vermeend aanleiding gee tot die ontstaan en instandhouding van geweld teenoor vroue (Carlson, 1984:751), teoreties te begrond.

Deur die benutting van die genoemde konseptuele raamwerk, word geweld teenoor vroue as samelewingsverskynsel in hoofstuk drie bespreek, terwyl die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem in hoofstukke vier tot sewe benut word vir die bespreking van die verskillende aspekte wat vermeend bydraende rolle speel tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Gevolglik word in hierdie hoofstuk, waar 'n konseptuele raamwerk vir die bestudering van geweld teenoor vroue aangebied word, ten aanvang aandag geskenk aan enkele van die nie-ekologiese verklaringsperspektiewe ten opsigte van geweld, aangesien die mening gehuldig word dat 'n saak beswaarlik vir die benutting van een benadering (in hierdie geval die ekologiese benadering, gebaseer op die algemene sisteemteorie) uitgemaak kan word, sonder om ook 'n verskeidenheid van ander perspektiewe in ag te neem. Ook word die waarde van elk van die teorieë se bydraes tot die verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue geensins in twyfel getrek nie en word in toekomstige hoofstukke, onder andere van hierdie teorieë gebruik gemaak om die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem in groter diepte te begrond.

Na die bespreking oor die nie-ekologiese verklaringsperspektiewe, word aandag geskenk aan enkele aspekte van die algemene sisteemteorie en die toepassing daarvan op die vlakke van die ekologiese ontledingsisteem wat vir die doeleindes van hierdie studie benut word, te wete die individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke. Die hoofstuk word afgesluit deur spesifiek aandag te skenk aan die ekologiese benadering wat as konseptuele raamwerk vir hierdie studie benut word.

2.1 KONSEPTUELE RAAMWERKE VIR DIE BESTUDERING VAN GEWELD TEENOOR VROUE

'n Verskeidenheid van konseptuele raamwerke vir die bestudering van geweld teenoor vroue, is beskikbaar. Die paradigma wat aangehang word, beïnvloed die teoretiese resultate van die studie en dus ook die rigting van aksies wat op grond daarvan geneem word. Ten einde 'n saak uit te maak vir die benutting van die ekologiese benadering as konseptuele raamwerk in hierdie studie, word aandag geskenk aan enkele van die konseptuele raamwerke wat bestaan vir die bestudering van geweld teenoor vroue. Hoofsaaklik met die doel om oorvleueling te voorkom, word in hierdie bespreking slegs verwys na die hoofstrominge in elk van die konseptuele

raamwerke en behoort die bespreking alleen beskou te word as 'n kort oorsig ten opsigte van 'n verskeidenheid van perspektiewe wat elk as't ware 'n studie op sigself regverdig. Die nie-ekologiese konseptuele raamwerke word vir die doeleindes van hierdie studie breedweg in drie kategorieë verdeel, te wete psigopatologiese, gesinsistemiese en maatskaplike perspektiewe.

2.1.1 PSIGOPATOLOGIESE PERSPEKTIEWE

Psigopatologiese perspektiewe verwys vir die doeleindes van hierdie studie na verklaringsparadigmas wat die fokus plaas op die persoonlikheidseienskappe, -funksionering, -patologieë en kognitiewe prosesse van sowel die slagoffer as die geweldenaar in 'n poging om die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue, te verken en te beskryf. 'n Omvattende bespreking van hierdie aspekte volg in hoofstuk vier, waar die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem vir die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue, in-diepte teoreties begrond word.

Met betrekking tot die individuele patologie van die mishandelde vrou, verwys Symonds (1979:176) daarna dat vroue wat ly as 'n resultaat van geweld nie *noodwendig* doelbewus 'n gewelddadige verhoudingsmaat soek of daarvan hou om mishandel te word nie, maar dat hulle geen ander kognitiewe styl ken wat hulle kan benut om die situasie beter te hanteer nie. Ook Van der Hoven (1992:80) vermeld hierdie paradigma, te wete die ***sosiale leerteoretiese benadering***, waarvolgens beweer word dat mishandelde vroue grootword in gewelddadige gesinne en dus geleer het om geweld te verdra en te verwag van hul manlike verhoudingsmaats. Die *gevolge* hiervan vir die vroue, word deur Aguilar en Nightingale (1994:36) beskryf as aangeleerde hulpeloosheid, 'n laer selfwaarde, verhoogde depressie en gebrekkige spanninghanteringsmeganismes, wat die geweld dan in stand hou. Hieruit kan afgelei word dat nie soseer die bewering dat die vroue daarvan hou om mishandel te word nie, maar die betrokkenes se gebrekkige kognitiewe prosesse en aangeleerde gedrag, derhalwe as kousaal tot die vorming en instandhouding van die geweld, beskou word. Die implikasie is dus dat daar 'n duidelike oorsaak-gevolg verhouding bestaan ten opsigte van die psigopatologie in die individu, wat geweld *veroorsaak* en in stand hou binne verhoudings.

Die ***situasionele misdaadteorie*** waarvolgens 'n beskrywing van die aard en verspreiding van geleenthede vir kriminele gedrag en 'n uiteensetting van hoe misdadigers se besluitneming geaffekteer word deur die omstandighede en situasies waarin hulle hulleself bevind, word deur

Sommers en Baskin (1993:137) as konseptuele raamwerk gesuggereer in hulle poging om geweld te verken en te beskryf. Die fokus in die genoemde konseptuele raamwerk is dus op die kognitiewe prosesse van die individu wat die geweld voorafgaan, maar hier word die invloed van die konteks waarbinne die geweldenaar sigself bevind, ook in ag geneem. Individuele psigopatologie, soos beïnvloed deur die konteks word dus as kousaal tot geweld en die instandhouding daarvan beskou.

In teenstelling hiermee, verwys sowel Walker (1981:81) as NiCarthy (1984:11) na die beskouing dat mishandelde vroue, as *gevolg* van hul unieke ***persoonlikheidseienskappe***, juis gewelddadige mans liefhet weens hulle gewelddadigheid en dat hierdie vroue masochisties, seksueel koud, vyandig en uitdagend is. Die man se gewelddadigheid word dan beskou as 'n wyse waarop die vrou se masochistiese behoeftes bevredig word. Die paradigma van 'n oorsaak-gevolg verhouding word dus hier gehandhaaf, deurdat die vrou se unieke persoonlikheidseienskappe alleen, beskou word as kousaal tot die geweld. Ook kan afgelei word dat die slagoffer self derhalwe as't ware geblameer word vir die geweld, aangesien kousaliteit aan die persoonlikheidseienskappe van die slagoffer toegedig word en daar implisiet 'n aanduiding is dat die vrou hierdie geweld selfs geniet.

In haar bespreking oor 'n kontemporêre siening ten opsigte van vrouemishandeling, vermeld Pence (1984:477-478) dat dié verskynsel histories beskou is as die reg van eggenotes, maar gaan dan verder deur te beweer dat 'n herdefiniëring besig is om plaas te vind, naamlik dat vrouemishandeling die *gevolg* is van 'n ***individuele patologie*** wat teenwoordig is by sowel die slagoffer as die geweldenaar. Hier is derhalwe weer 'n oorsaak-gevolg paradigma, maar met dié verskil, dat psigopatologieë in sowel die vrou as die man vir die geweld verantwoordelik gehou word. Voorts verklaar sy dat hierdie sogenaamde individuele patologie aansluit by die mediese model wat gegrond is op die aanname van *normaliteit en gesondheid*, wat benut word om sowel die slagoffer as die geweldenaar as *abnormaal en siek* te beskryf.

As voorbeeld van sodanige patologie wat geleë is in die persoonlikhede van sowel die slagoffer as die geweldenaar, verwys Van der Hoven (1992:78) na die sogenaamde ***intrapsigiese verklaring***, wat gegrond is op die psigoanalitiese teorie van Freud. Hiervolgens is tipiese vroulike eienskappe aspekte soos narsisme, passiwiteit en masochisme, met die *gevolg* dat die vrou as't ware vra om geslaan te word deur aan te hou neul. Ten opsigte van die eienskappe van die man, word kenmerke soos patologiese jaloesie, pogings om die vrou te kontroleer,

beskuldigings van ontrouheid, lae frustrasietoleransie, probleme met impulsbeheer, lae selfwaarde, selfhaat, woede, depressie en oormatige drankmisbruik vermeld (Van der Hoven, 1992:78).

Die geweld word derhalwe beskou as die *gevolg* van 'n abnormaliteit of siektetoestand waaraan sowel die slagoffer as die geweldenaar ly. Die siektetoestand word beskryf aan die hand van diepgewortelde persoonlikheidseienskappe van die man en die vrou, met die *gevolg* dat persoonlikheidsverandering beskou kan word as 'n voorwaarde vir die staking van die geweld. Deur te fokus op die patologie, word afgelei dat die problematiek alleen hanteer kan word deur straf (om aangeleerde gedrag af te leer) of deur genesing van die siektetoestand.

'n Eie interpretasie is dat die grootste leemte ten opsigte van die genoemde persoonlikheidsgebreke en -patologieë as verklarings vir vrouemishandeling, daarin geleë is dat die konteks waarbinne die patologie manifesteer en die interaksionele prosesse wat daarmee gepaardgaan, nie verreken word nie. Ook word die slagoffer van die geweld, volgens sommige teorieë, die skuld gegee vir die totstandkoming en instandhouding van die geweld op grond van beweringe van aangeleerde gedrag, gebrekkige kognitiewe prosesse en persoonlikheidspatologieë.

In verband met die samelewing se blamering van slagoffers vir hulle situasie, skryf Walker (1980:346) dat die neiging tot selfblaam en 'n lae selfwaarde by vroulike slagoffers hierdeur versterk word en dat *"... [the victims] are robbed of psychic energy needed to escape from the violent situation."* Aansluitend hierby, is die mening van Greenspan (1983:21) dat hierdie teorieë ten opsigte van individuele determinisme, *"... function largely to obfuscate the forces in people's lives that cause psychic distress and thereby to defuse the energies that could be directed against these forces."* Hieruit kan afgelei word dat nie alleen die beweerde individuele persoonlikheidsaspekte nie, maar ook die beskouing dat sodanige aspekte as kousaal tot geweld beskou behoort te word, die geweld dus in stand hou. Die slagoffer van die geweld sou dus as't ware as dubbel-geviktimiseer beskou kan word, nie alleen as 'n resultaat van die viktimisering deur die geweldenaar nie, maar ook deur professionele persone wat individueel-deterministiese sienings handhaaf ten opsigte van faktore wat bydra tot die vorming en instandhouding van die geweld.

In 'n poging om 'n verskynsel so kompleks soos geweld teenoor vroue te probeer verken en te beskryf, bied die psigopatologiese verklarings derhalwe nie 'n bevredigende antwoord nie, juis weens die engheid van die fokus daarvan, te wete die psigopatologie wat gesetel is in die

geweldenaar en / of die slagoffer as *oorsaaklike* faktore wat geweld binne die verhouding tot *gevolg* het.

2.1.2 GESINSISTEMIESE PERSPEKTIEWE

Binne die konteks van hierdie studie, word verklaringsteorieë wat fokus op die interaksie, dinamika, funksionering en struktuur van die verhouding waarbinne die geweld plaasvind, as gesinsistemiese perspektiewe gekategoriseer. Hierdie perspektief word meer omvattend bespreek in hoofstuk vier waar die bespreking van die gesin as 'n vlak in die ekologiese ontledingsisteem vir die verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue, teoreties begrond word.

Die ***interaksionele verklaringsteorie*** word as konseptuele raamwerk deur Flynn (1990:196) aangehang deur sy verwysing daarna dat *"(s)pouses, as well as partners in premarital relationships, are at risk for violence because of the frequency, diversity, and intensity of their interaction, and the subsequent stress that their interdependence often produces."* Klem word derhalwe spesifiek geplaas op die dinamika en interaksiepatrone wat die verhouding tussen die slagoffer en geweldenaar kenmerk, in 'n poging om die geweld te verken en te beskryf.

Ook Van der Hoven (1992:79) verwys na hierdie beginsels in wat hy ***interaksionele*** en ***sisteemteoretiese verklarings*** noem, waar die fokus op die gesin as 'n geheel geplaas word en aandag dus geskenk word aan die gesinsverhoudings, -interaksie en -kommunikasie en die reëls in die gesinsisteem wat die siklus van geweld in stand hou. Die gewelddadige verhouding word dus bestempel as 'n probleem van die egpaar en nie as die *skuld* van slegs een, of beide, van die partye nie. Die geweld vervul 'n bepaalde funksie in so 'n verhouding deurdat dit aangewend word om 'n balans tussen intimiteit en outonomie te handhaaf (Russell, 1988:195 en Van der Hoven, 1992:79).

Hieruit kan afgelei word dat die fokus, anders as in die geval van die psigopatologiese verklaringsteorieë, nie geplaas word op persoonlikheidseienskappe en -patologieë wat teenwoordig is by die betrokkenes nie, maar op die interaksieproses en -patrone wat binne die gewelddadige verhouding voorkom. Voorts is die fokus op die ontleding van die prosesse wat plaasvind tussen die betrokkenes, eerder as op die betrokkenes self. Die klem is dus nie soseer op oorsaak-gevolg verhoudings nie, maar eerder op die interaksionele prosesse wat binne die gewelddadige verhouding voorkom. Geweld kan dan vanuit hierdie paradigma beskou word as

'n simptoom van problematiek wat in die verhoudingstruktuur gesetel is en hierdie simptoom het derhalwe 'n funksie vir die verhouding, deurdat dit 'n besonderse stabiliteit in die verhouding teweeg bring.

Ook die ***oordrag*** van unieke interaksiepatrone ***vanuit*** die ***gesinne-van-oorsprong*** van die betrokkenes in die gewelddadige verhouding, word as 'n moontlike verklaring vir die ontstaan en instandhouding van geweld binne saamwoon- en huweliksverhoudings aangebied (Flynn, 1990:197, Bennett, 1995:765 en McInnis-Dittrich, 1996:418). Hierdie patrone word van een generasie na 'n volgende oorgedra deur die herhaling van transaksionele patrone oor generasiegrense in gesinne heen. Op grond hiervan word afgelei dat nie alleen 'n ontleding van die kerngesin waarbinne die gewelddadige gedrag manifesteer nie, maak ook van die vorige generasies waarvan die man en vrou as't ware *produkte* is, nodig is vir 'n gesinsistemiese begrip en beskrywing van geweld as 'n kenmerk van die huidige verhouding.

'n Eie interpretasie is dat die grootste waarde van die gesinsistemiese perspektiewe waarskynlik daarin geleë is dat nie die persoonlikheidseienskappe van die betrokkenes in die gewelddadige verhouding nie, maar hulle interaksie- en kommunikasiepatrone, asook die unieke dinamika en struktuur van die huidige geweldgekenmerkde verhouding, ontleed word. Hierdie ontleding vind egter plaas met inagneming ook van moontlike patrone wat vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, multigeneratief oorgedra is. Die ontleding en beskrywing het derhalwe nie soseer die verklaring van die geweld ten doel nie, maar in hoofsaak die verkenning en beskrywing daarvan ter wille van verbeterde begrip en intervensie op grond van die paradigma. 'n Leemte in hierdie benadering is waarskynlik die feit dat, behalwe vir die moontlike invloed van die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, die invloed van die heersende strukture en waardeoriëntasies van die breër konteks waarbinne die verhouding gesetel is, moontlik uit die oog verloor kan word.

2.1.3 MAATSKAPLIKE PERSPEKTIEWE

Die term *maatskaplike perspektiewe* word in hierdie konteks benut om te verwys na perspektiewe wat die klem plaas op maatskaplike omstandighede, strukture en ideologieë wat verder strek as bloot die individu en die gesin waarvan hy / sy deel vorm. 'n Omvattende bespreking ten opsigte van hierdie aspekte word in hoofstukke ses en sewe aangebied, waar

gefokus word op die sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem vir die ontwikkeling en instandhouding van geweld teenoor vroue.

'n Teorie wat deur Carlson (1984:576) die ***"structural theory of intrafamily violence"*** genoem word, plaas die klem op die ongelyke verspreiding van omgewingsbronne tussen verskillende maatskaplike groeperings. Strukturele ongelykhede in terme van ekonomiese faktore soos byvoorbeeld werkloosheid wat aanleiding gee tot armoede, word as die *oorsaak* daarvan aangevoer dat die betrokkenes se lewens as *"stressful"* en *"deprived"* beskou word. Hierdie faktore *veroorsaak* dan huwelikskonflik, met die *gevolg* dat geweld meer dikwels by mense in laer sosio-ekonomiese klasse voorkom. Daar word egter akkoord gegaan met Stringer-Moore, Pepitone-Arreola-Rockwell en Rozée-Koker (1984:275) wat waarsku dat dit belangrik is om in ag te neem dat vrouemishandeling in alle sosio-ekonomiese groepe voorkom.

'n Eie interpretasie is dat geweld teenoor vroue waarskynlik meer sigbaar is in laer sosio-ekonomiese groepe, aangesien hierdie groep mense meesal die gevallelading van die maatskaplike werker uitmaak, terwyl vroue in hoër sosio-ekonomiese groepe moontlik minder geneig is om die geweld te rapporteer. Om armoede en die effek van armoede as 'n enkel-faktor te beskou in die beskrywing en verklaring van geweld teenoor vroue, is dus simplisties en onvoldoende begrond.

'n Aspek wat Stringer-Moore et al. (1984:275) egter wel beklemtoon in hierdie verband, is dat vroue oor die algemeen 'n laer opvoedingsvlak as mans het. Hierdie faktor gee daartoe aanleiding dat meer risiko-faktore betrokke is by vroue, want *"... lower educational levels are related to fewer job alternatives, less economic power, and fewer paths out of violent homes, ... less bargaining power within the marriage; and ... a lowered perception of personal power."* Hieruit kan afgelei word dat nie armoede *per se* nie, maar 'n laer opvoedingsvlak as mans en die hoër magsposisie van die man as 'n resultaat daarvan, as 'n meer relevante aspek in hierdie verband beskou word. 'n Gebrek aan 'n eie inkomste by die vrou, noodsaak waarskynlik ook die vrou om van die man afhanklik te wees vir die voorsiening van lewensnoodsaaklike middele, wat die man se magsposisie ten opsigte van haar, sou kon versterk.

Na aanleiding van 'n studie deur Michael en Zumpe (1986:640) word 'n sogenaamde ***"annual rythm in the battering of women"*** beskryf, waarvolgens geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, net soos verkragting en aanranding, 'n hoogtepunt tydens die somermaande bereik. Die gevolgtrekking waartoe die betrokkenes na aanleiding van hul studie

raak, is dat die geneigdheid tot geweld deur mans, *"... an expression of a temperature-related seasonal change in the aggressivity of a subset of the male population"*, is. Seisoenale veranderinge in die maatskaplike konteks waarbinne die geweld plaasvind, word derhalwe vir die verhoogde frekwensie van geweld aanspreeklik gehou.

Die geneigdheid tot en soeke na ***materialisme*** in die moderne maatskaplike konteks, word deur Jones (1987:19) pertinent gekoppel aan die voorkoms van enige vorm van geweld. In sy verduideliking, is sy sentrale paradigma dat ekonomiese vooruitgang afhang van die vooruitgang in wetenskaplike en tegnologiese kennis, met die *gevolg* dat die manipulering van die omgewing, ten volle gelegitimeer word. Gevolglik word 'n maatskaplike kultuur geskep waarbinne die materiële waardes hoër geag word as die mens se waardes en juis hierdie *"... asymmetry between ... value systems ... predisposes the industrial culture to violence and instabilty: in short it gives ideological support to the use of violence in the resolution of problems, whether these be of a political, social or economic nature."* 'n Soortgelyke uitgangspunt wat deur Straus (1991:137) gehuldig word, is sy sogenaamde ***"Cultural Spillover Theory"***, naamlik dat geweld in een sfeer van die samelewing, geweld kweek in ander sfere van die samelewing en dat *"... this carry-over process transcends the bounds between legitimate and criminal use of force."*

Hierdie uitgangspunte kom dus in hoofsaak daarop neer dat die mens in sy strewe na vooruitgang, die maatskaplike konteks beheer en manipuleer en as't ware in 'n magsposisie ten opsigte van sy konteks staan en daaroor heers. Solank vooruitgang die primêre doel is, word bykans alle aksies deur die samelewing gelegitimeer, insluitend die benutting van dwang of geweld. Wat die situasie egter vererger, is die feit dat geweld wat gelegitimeer is in een faset van die maatskaplike konteks, geneig is om die indruk te skep dat geweld ook in ander sfere, soos byvoorbeeld binne die konteks van 'n saamwoon- of huweliksverhouding, aanvaarbaar is.

Twee sosiologiese perspektiewe word deur Johnson (1995:283-284) gehuldig, te wete die ***"family violence perspective"*** en 'n sogenaamde ***feministiese perspektief***. Eersgenoemde is hoofsaaklik gebaseer op die uitgangspunt dat aspekte soos sosiale stres en die samelewing se normatiewe aanvaarding van geweld binne die konteks van die gesin, die ontwikkeling en instandhouding van gesinsgeweld tot *gevolg* het. Hieruit kan afgelei word dat stressore buite die individu en die gesinsisteem waarvan hy 'n deel vorm, waarskynlik aspekte soos werkloosheid, druk om te presteer of moontlik selfs druk om 'n bepaalde sosio-ekonomiese posisie te handhaaf, volgens hierdie perspektief *oorsake* is van geweld binne gesinsverband.

Die feministiese perspektief plaas die klem volgens Van der Hoven (1992:72) op magsongelykhede tussen die geslagte waarvolgens die patriargale stelsel en die magsposisie van mans oor vroue tydens die sosialiseringsproses by vroue vasgelê word en vroue dus nie weet hoe om geweld te hanteer nie. Aansluitend hierby noem Johnson (1995:284) historiese tradisies soos byvoorbeeld die patriargale gesinstelsel, die kontemporêre konstrukte oor manlikheid en vroulikheid en strukturele beperkinge in die maatskaplike konteks wat dit vir mishandelde vroue bykans onmoontlik maak om van die gewelddadige verhouding te ontsnap. Daar word selfs verder gegaan deur Carlson (1997:82) wanneer sy seksisme, geslagsrolstereotipering, samelewingsmites oor die rolle van vroue en mans, maar ook gebreke in dienslewerende strukture, as faktore wat geweld teenoor vroue help vorm en in stand hou, vermeld. Die gebreke in dienslewerende strukture verwys in hierdie geval na maatskaplikewerkinstansies, die polisiediens en selfs na geregshowe, waar die rol van die vrou ook beskou word as synde onderdanig en minderwaardig aan dié van die man. 'n Perspektief wat nou hiermee saamhang, is wat Van der Hoven (1992:72) die sogenaamde ***radikale perspektief*** noem, waarvolgens kulturele en politiese faktore in die gemeenskap, byvoorbeeld die patriargale stelsel, rigiede geslagsrolle, rassisme en kapitalisme bydra tot die *veroorsaking* van geweld teenoor vroue.

Heersende sosiale tiperings en rolverwagtinge ten opsigte van die manlike en vroulike geslagte, word derhalwe as *veroorsakende* faktore tot die totstandkoming en handhawing van geweld teenoor vroue, deur die feministiese perspektief aangevoer. Voorts kan afgelei word dat meisies wat binne 'n patriargale stelsel grootword, die oorheersende en dominerende rol van die man aanvaar en internaliseer, met die *gevolg* dat hierdie gedragsvorme as't ware van die man verwag word en dat daar nie as volwasse vroue oor genoegsame vermoëns beskik word om sigself binne die gesinsisteem te handhaaf nie. Ook seuns wat binne 'n patriargale stelsel opgroei, sal waarskynlik 'n siening handhaaf dat vroue ondergeskik is aan die man en dat as't ware oor vroue geheers moet word. Hierdie situasie word vererger deurdat die samelewing as geheel hierdie rol van die man aanvaar, gelegitimeer en internaliseer, wat dan waarskynlik die mishandelde vrou magteloos laat, ook wanneer by hulpverleningsinstellings soos byvoorbeeld maatskaplikewerkinstansies, die polisie of selfs by howe aangeklop word vir hulp. 'n Eie interpretasie is dat die rol van godsdiens waarskynlik ook in hierdie verband relevant is, aangesien vroue in sommige godsdienstige groeperings, byvoorbeeld in die Moslemgeloof, as ondergeskik aan die man beskou en behandel word. Sodoende word die meerderwaardige posisie van die man teenoor die vrou ook vanuit godsdienstige oortuigings oorgedra, geïnternaliseer en uitgeleef in die gemeenskap.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word volstaan met 'n konseptuele raamwerk wat deur Straus et al. (1996:284) voorgestel word, te wete die ***konflikteorie***, *"... [which] assumes that conflict is an inevitable part of all human association, whereas violence as a tactic to deal with conflict is not."* Die bestaan van konflik in die samelewing word derhalwe deur Straus et al. (1996:284) genormaliseer, terwyl die patologie lê in die hantering van maatskaplike konflik deur middel van geweld. Die klem in die konflikteorie is egter nie soseer op geweld nie, maar op die normaliteit van konflik in alle maatskaplike sfere, terwyl geweld as 'n wyse om konflik te hanteer, verwerp word.

'n Eie interpretasie is dat die grootste voordeel verbonde aan die benutting van hierdie maatskaplike perspektiewe in 'n poging om geweld teenoor vroue te verken en te beskryf, waarskynlik gesetel is in die feit dat breër gefokus word as bloot op die psigopatologie van die geweldenaar en slagoffer en dat vermeend aanleidende faktore op 'n breër vlak gesoek word as wanneer primêr gefokus word op die interaksiepatrone en die dinamika in die gewelddadige verhouding. 'n Leemte lê egter daarin dat die maatskaplike konteks waarbinne die geweld plaasvind, bykans verabsoluteer word en dat op geen wyse aandag geskenk word aan die interaksie tussen die heersende maatskaplike omstandighede, die dinamika in die gewelddadige verhouding en die pesoonlikheidseienskappe van die betrokke individue nie.

Al die genoemde pogings om geweld teenoor vroue te beskryf, het derhalwe een aspek gemeen, naamlik dat primêr gefokus word op liniêre oorsaak-gevolg verhoudings, sonder om die interaksionele komponent ten opsigte van die verskillende verklarings in ag te neem. Ook word die interaksie tussen die mens en sy omgewing nie deurlopend in ag geneem nie en word die gevaar geloop dat die mens en omgewing nie as geïntegreerde sisteem erken word nie. Geensins word die waarde van elk van die verklarings ontken nie, maar 'n komplekse verskynsel soos geweld teenoor vroue, sal waarskynlik alleen in sy volheid verken en beskryf kan word, as ook die interaksionele komponent van die verskillende vlakke in die ekologiese sisteem, verreken word.

Daarom word die ekologiese benadering, wat gebaseer is op die algemene sisteemteorie wat vervolgens bespreek word, in hierdie studie as konseptuele raamwerk gebruik, want *"(f)rom a holistic view, people (and their biological, emotional, and social processes) and physical and social environments (and the characteristics of those environments) can be fully understood only in the context of the relationship between and among them, in which individuals, families, and groups and*

physical / social environments continually influence the operations of the other" (Germain en Gitterman, 1995:6). Hieruit kan afgelei word dat die ekologiese benadering meer betrokke is by *resultate*, as by oorsake; by *wat aan die gang is*, eerder as waarom dit aan die gang is en by *wat kan verander word*, eerder as wie verander kan word.

2.2 DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

In die bespreking van die algemene sisteemteorie, word aanvanklik gefokus op die historiese oorsprong daarvan en na 'n definisie van 'n sisteem. Daarna word aandag geskenk aan enkele tipiese eienskappe van 'n sisteem, ten einde die agtergrond daar te stel vir die beskrywing van die ekologiese benadering as konseptuele raamwerk vir die bestudering van geweld teenoor vroue, in 2.3. Telkens word die eienskappe van 'n sisteem op die individu, die gesin en op die breër samelewing van toepassing gemaak, ten einde die benutting van die algemene sisteemteorie as begronding van die ekologiese benadering, aan te dui.

Reeds hier word erkenning gegee aan die feit dat alhoewel individue as sisteme beskou kan word, *"... systemic functions are not sufficient to account for all of the behavior in the family"* (L'Abate en Colondier, 1987:21). Ook word erkenning verleen aan die feit dat L'Abate en Colondier (1987:21) waarsku dat die sisteemperspektief op die gesin bloot 'n metateorie is, weens die volgende redes:

◊ Die konsepte dien as werkende aannames wat soos bykans alle aannames, nie empiries getoets kan word nie.

◊ Die konsepte is nie (en behoort ook nie beskou te word as) plaasvervangend vir individueel-afgeleide (dus, nie-sistemiese) konsepte op grond waarvan besliste en spesifieke voorspellings ten opsigte van gesinsfunksionering of -disfunksionering gemaak kan word nie.

◊ Alhoewel individue as sisteme beskou kan word en dus soos sisteme optree, is sistemiese funksies nie genoegsaam om alle gedrag in gesinsverband te verklaar nie.

Hieruit kan afgelei word dat alhoewel die algemene sisteemteorie breë toepassingsmoontlikhede het, toepassings daarvan ten opsigte van individue en gesinne nie verabsoluteer behoort te word nie, aangesien sodanige toepassings nie alle individuele en gesinsgedrag kan verklaar nie.

2.2.1 HISTORIESE OORSPRONG

Die oorsprong van die algemene sisteemteorie kan volgens Nel (1987:215) teruggevoer word na die sogenaamde organismiese bestuderingswyse in die biologie, soos in die twintigerjare van hierdie eeu deur Von Bertalanffy beskryf. Dié bestuderingswyse is deur Von Bertalanffy ontwikkel *"... in reaksie teen die oorheersende meganistiese klimaat wat in die wetenskaplike denke van sy tyd geheers het"* (Nel, 1987:215).

Met betrekking tot hierdie meganistiese klimaat, word beweer dat die wetenskap gekenmerk word deur spesialisasie en dat spesialisasie genoodsaak word deur die enorme hoeveelheid inligting en die kompleksiteit van tegnieke en teoretiese strukture binne elke vakgebied. Toenemende spesialisasie het egter daartoe aanleiding gegee dat die wetenskap al hoe minder beskou kon word as 'n geïntegreerde geheel: *"The psychiatrist, the biologist, the psychologist, and the social scientists are, so to speak, encapsulated in a private universe, and it is difficult to get word from one cocoon to another"* (Von Bertalanffy, 1975:6).

Hieruit kan afgelei word dat dit juis was as 'n resultaat van die geïsoleerdheid van die verskillende vakdissiplines en die klem wat op die beskouing geplaas is dat die wetenskap 'n geïntegreerde geheel behoort te vorm, dat die organismiese bestuderingswyse tot stand gekom het.

Die mening van Nel (1987:215) is dat daar in die organismiese bestuderingswyse 'n saak daarvoor uitgemaak word dat biologiese verskynsels nie net as gefragmenteerde en geïsoleerde verskynsels bestudeer moet word nie, maar ook as 'n groter geheel wat in interaksie is met ander biologiese verskynsels en met die omgewing. In die veertigerjare is hierdie benadering ook op ander vakgebiede van toepassing gemaak en sedertdien staan dit bekend as die algemene sisteemteorie.

Veral drie faktore het volgens Von Bertalanffy (1975:7-8) bygedra tot die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie, te wete die besef dat;

- daar strukturele ooreenkomste in die verskillende vakgebiede te vinde is en dat *"... similar concepts, models, and laws have often appeared in widely different fields, independently and based upon totally different facts"*,

- konsepte soos byvoorbeeld organisasie, geheel, kontrole, selfregulering en differensiasie, al hoe meer deur biologiese, gedrags- en sosiaal-wetenskaplikes gebruik is en onmisbaar was vir die begrip van lewende organismes en maatskaplike groepe, en dat
- die algemene sisteemteorie sekere aspekte nie insluit nie. So byvoorbeeld word daar veral nie bloot na vae en kunsmatige analogieë tussen biologiese, fisiese en maatskaplike sisteme verwys nie: *"The point is not that physical systems, organisms, and societies are all the same ..."*, maar dat die algemene sisteemteorie bloot beweer dat *"... in some rather limited aspects a certain theoretical system is common"* (Von Bertalanffy, 1975:8).

Die ontstaan van die algemene sisteemteorie kan dus toegeskryf word aan die besef dat daar strukturele ooreenkomste in terminologie, reëls en modelle binne die biologiese, gedrags- en sosiale wetenskappe bestaan en dat hierdie ooreenstemmende aspekte 'n algemene teoretiese sisteem vorm. Goldenberg en Goldenberg (1980:82) beweer dan tereg dat die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie 'n *"... comprehensive theoretical model embracing all living systems and applicable to all the behavioral sciences"*, gebied het.

In sy bespreking, fokus Nel (1987:215) die aandag daarop dat die algemene sisteemteorie nie poog om *"... die bestaande vakteorieë te vervang of die huidige korpus van kennis te verwerp nie, maar poog om bestaande teorieë en kennis sinvol te integreer, te herinterpreteer en te orden."* Die algemene sisteemteorie bied dus bloot 'n raamwerk wat benut kan word om 'n verskeidenheid van uiteenlopende en oënskynlik onversoenbare data, op 'n logiese wyse te organiseer.

Twee uitstaande voordele verbonde aan sisteemanalise, word deur Kuhn (1976:20) beskryf: *"The notion of system is widely applicable to many kinds of things"* en *"... generalizations developed from observing one kind of system are often discovered to be valid for other, sometimes discrepant, kinds of systems."* Hier is derhalwe nie sprake van 'n behandelingsmodel nie, maar die algemene sisteemteorie poog om strukturele ooreenkomste in terminologieë, reëls en modelle binne die biologiese, gedrags- en sosiale wetenskappe op 'n logiese en geïntegreerde wyse te organiseer om 'n sinvolle geheel te vorm.

Spesifiek ten opsigte van die toepassing van die algemene sisteemteorie op die gesin, skryf Goldenberg en Goldenberg (1980:75) dat die hereniging van gesinne na die Tweede Wêreldoorlog in die 1950's, 'n aantal maatskaplike, interpersoonlike, kulturele en situasionele probleme as resultaat gehad het waarvoor die publiek na geesteswetenskaplikes om hulp gegaan

het. Hierdie wetenskaplikes was gewoond daaraan om met individue te werk, maar het hulle na die Tweede Wêreldoorlog in 'n posisie bevind waar daar van hulle verwag is om hulp te verleen op gebiede soos byvoorbeeld huwelikskonflik, egskeiding en emosionele ineenstorings by gesinslede - alles probleme op gesinsvlak. Sommige van hierdie wetenskaplikes het derhalwe die belangrikheid daarvan om gesinsverhoudings en transaksionele patrone tussen gesinslede te wysig, ter wille van individuele emosionele welsyn, begin insien. Om hierdie rede is die algemene sisteemteorie van Von Bertalanffy wat gedurende die 1950's ontwikkel is, onder andere hiervoor aangewend en van toepassing gemaak op die gesin as 'n sisteem.

Hierby word aangesluit deur Everett (1990:498-499) wat beweer dat gesinsistemiese denke ontstaan het as 'n resultaat van *"... a public need and demand for services to assist the increasingly identified level of marital discord following World War Two."* Die skrywer beweer voorts dat nie alleen die nagevolge van die Tweede Wêreldoorlog aanleiding gegee het tot gesinsistemiese denke nie, maar ook navorsing met betrekking tot versteurings by kinders in die 1940's en die navorsing in die 1960's ten opsigte van skisofrenie. Hierdie navorsing het aan die lig gebring dat die oorsprong van versteurings by kinders en ook skisofrenie, teruggevoer kan word na die interaksionele patrone in die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong.

Gedurende die 1970's, was dit veral die werk van Salvador Minuchin wat tot die werklike toepassing van die gesinsisteemteorie in die praktyk aanleiding gegee het. Vanuit die algemene sisteemteorie soos van toepassing gemaak op die gesin as 'n sisteem, is driehoek-sisteme en hulle sistemiese oorsprong in die gesinsisteem beskryf en intervensies is daarvolgens op gesinne toegepas (Levant, 1984:44).

Die gesinsisteemteorie se oorsprong kan dus teruggevoer word na die navorsing met betrekking tot versteurings by kinders in die 1940's, waar bevind is dat die oorsprong van die versteurings toegeskryf kan word aan die interaksionele patrone in die kind se gesin-van-oorsprong. Die meer uitgebreide stel verwagtinge wat aan geesteswetenskaplikes na afloop van die Tweede Wêreldoorlog in die vyftigerjare gestel is en die intensiewe navorsing met betrekking tot die oorsprong van skisofrenie in die gesin gedurende die 1960's, het ook betekenisvolle bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die gesinsisteemteorie. Die werk van Minuchin gedurende die 1970's waar die algemene sisteemteorie van toepassing gemaak is op die gesin as sisteem en vervolgens in die praktyk op gesinne van toepassing gemaak is, dien ook gemeld te word as

synde bydraend tot die ontwikkeling van die gesinsisteemteorie vanuit die algemene sisteemteorie.

Tereg beweer Ackerman (1984:1) dus dat die idee van die gesinsisteemteorie *"... was spawned in the fifties, developed in the sixties en had become a bandwagon in the seventies."* Voorts is Ackerman (1984:1) van mening dat *"(i)n the eighties it will be laid to rest ... having broken through the initial resistance ... it now finds its rightful usage."* In die lig van die al groter klem wat op die sistemiese benadering en behandeling van maatskaplike problematiek van mense geplaas word (Everett, 1990:498-502), kan met die genoemde bewering van Ackerman (1984:1) akkoord gegaan word.

2.2.2 DEFINISIE VAN 'N SISTEEM

'n Verskeidenheid definisies van 'n sisteem word in die beskikbare literatuur aangetref. So byvoorbeeld definieer die sogenaamde *vader* van die algemene sisteemteorie, Von Bertalanffy (1968:33), 'n sisteem as synde entiteite in interaksie en gaan verder deur te beweer dat enige groep entiteite as 'n sisteem beskou kan word, indien die gedrag van enige entiteit 'n funksie vir die som van die gedrag van al die ander entiteite is.

Die mening van Hearn (1974:335) is dat 'n sisteem *"... a set of objects together with relationships between the objects and between their attributes"* is. In samehang hiermee, beskryf Van Gigch (1974:1) 'n sisteem as *"... an assembly or set of related elements"*, terwyl Kuhn (1976:21) van mening is dat 'n sisteem enige patroon is, *"... whose elements are related in a sufficiently regular way to justify attention."*

Volgens Steyn en Van Rensburg (1985:7), verwys die term sisteem na 'n bepaalde verband en onderlinge afhanklikheid tussen komplekse van empiriese verskynsels en dat hierdie verband en samehang tussen die onderskeie komponente van die sisteem, van so 'n aard is dat hulle saam 'n interne orde of eenheid vorm. 'n Laaste definisie wat melding verdien, is die van Nel (1987:216), wat 'n sisteem definieer as 'n geheel of eenheid wat uit verwante subsisteme bestaan wat in interaksie met mekaar en met die sisteem as geheel verkeer.

Die samestellende dele van 'n sisteem word as elemente, komponente, entiteite of objekte deur bogenoemde skrywers beskryf, maar vir die doeleindes van hierdie navorsing, word die term subsisteem soos deur Hall en Fagan (1975:57) gesuggereer, benut om te verwys na hierdie

samestellende dele. Genoemde definisies het dit in gemeen dat deurgaans van 'n geheel, bestaande uit subsisteme wat in 'n sekere verhouding tot mekaar en in interaksie met mekaar is, verwys word. Ook word deurlopend verwys na die wedersydse beïnvloeding van die subsisteme ten opsigte van mekaar, wat daartoe aanleiding gee dat 'n verandering in enigeen van die subsisteme, 'n effek sal hê op die ander subsisteme, maar ook op die sisteem as 'n geheel.

In hierdie verband is die definisie van Von Bertalanffy (1968:33) meer uitgebreid, wanneer hy daarby ook voeg dat die gedrag van enigeen van die subsisteme die resultaat is, of 'n simptoom is, van die som van die gedrag van alle ander subsisteme in interaksie binne 'n sisteem. Hearn (1974:335) beklemtoon ook die verhoudingsaspek tussen die eienskappe van die subsisteme, terwyl Steyn en Van Rensburg (1985:7) die verhouding tussen die subsisteme beskryf as synde onderling afhanklik en beskikkend oor 'n interne orde.

Na aanleiding van bogenoemde kan 'n lewende sisteem dus beskryf word as 'n dinamiese geheel met 'n interne orde, bestaande uit 'n aantal interafhanklike subsisteme wat mekaar wedersyds beïnvloed deur middel van interaksie met mekaar en met die geheel.

Hieruit blyk reeds die konsep van sirkulêre kousaliteit, eerder as liniêre oorsaak-gevolg verhoudings (Schultz, 1984:64 en Germain en Gitterman, 1995:7), want 'n verandering in een komponent van die sisteem, het 'n invloed op ander komponente van die sisteem, wat dan op hul beurt weer die oorspronklike komponent beïnvloed.[8]

Die bewering van Hearn (1974:346), Kuhn (1976:36-38), Compton en Galaway (1979:74-76), Rodway (1986:516) en L'Abate en Colondier (1987:21) dat individue, gesinne, groepe, organisasies en gemeenskappe voorbeelde is van lewende sisteme, word derhalwe aanvaar, aangesien elk van die voorbeelde, beskrywend is van 'n dinamiese geheel, wat bestaan uit 'n aantal interafhanklike subsisteme wat mekaar wedersyds beïnvloed deur middel van hulle interaksie met mekaar en met die geheel. Voorts word die aandag opnuut gevestig op die definisie van die gesin (vgl. 1.7.2, na aanleiding van Joubert, 1979:10, Schoeman, 1980:117, Holman, 1983:23 en Ackerman, 1984:16) wat beskou kan word as 'n voortdurend ontwikkelende sisteem, binne die ekologiese sisteem, wat beskik oor 'n interne orde, bestaande

---

[8] Vgl. 2.3.2.1 Transaksie, vir 'n meer volledige bespreking van liniêre *versus* sirkulêre kousaliteit.

uit 'n aantal interafhanklike subsisteme (die gesinslede) wat mekaar wedersyds beïnvloed en wat in interaksie met mekaar, met die geheel en met die sisteme in die ekologiese sisteem verkeer.

2.2.3 EIENSKAPPE VAN 'N SISTEEM

Ten einde die bespreking van die algemene sisteemteorie, as basis vir die ekologiese benadering toe te lig, word enkele van die eienskappe van 'n lewende sisteem beskryf na aanleiding van sekere basiese konsepte, eie aan die algemene sisteemteorie. Die aandag word deurlopend gevestig op die individu, die gesin en op die gemeenskap as sisteme, ten einde die agtergrond daar te stel vir die begrip van die ekologiese benadering as konseptuele raamwerk, wat in 2.3 toegelig word.

2.2.3.1 Subsisteme

Vanuit die beskrywing van 'n sisteem soos in 2.2.2, blyk dit duidelik dat elke sisteem onderverdeel kan word in verskeie subsisteme. Volgens Hall en Fagan (1975:57) kan die begrip *subsisteem* nie in sy totaliteit begryp word, sonder inagneming van die konteks van die sisteem nie. Die bewering is dat *"(o)bjects belonging to one subsystem may well be considered as part of the environment of another subsystem"* en dat elke subsisteem dan ook 'n volwaardige sisteem op sy eie vorm.

'n Subsisteem is dus een van die samestellende dele van 'n sisteem, kan as 'n volwaardige sisteem op sy eie beskou word en is ook deel van die omgewing van ander subsisteme, wat deel is van die oorspronklike sisteem.

Spesifiek ten opsigte van die individu, is Kuhn (1976:9) van mening dat die mens 'n gekontroleerde sisteem is, bestaande uit onder andere biologiese en gedragsubsisteme, terwyl Compton en Galaway (1979:74) die klem plaas op die mens se maatskaplike, psigologiese, fisiese en intellektuele subsisteme. In 'n latere publikasie, noem Compton en Galaway (1994:119) fisies-biologiese, kognitiewe, emosionele en die aksie- en reaksiesisteme, as subsisteme van die individu. Sowel Kuhn (1976:9) as Compton en Galaway (1994:134) gee ook erkenning aan Freud se psigoanalitiese konsepte naamlik die id, ego, superego en libido as subsisteme van die individu, wanneer na die persoonlikheidstruktuur verwys word.

Hieruit kan afgelei word dat die subsisteme van 'n individu derhalwe alle fisiologiese, psigologiese, kognitiewe en verhoudingsaspekte wat die fisiese liggaam, maar ook die psige van die individu verteenwoordig, insluit. Vanuit 'n Christelike mens- en wêreldbeskouing, sou hierby ook gevoeg kon word dat die geestelike faset van menswees, as 'n subsisteem van die individuele sisteem beskou sou kon word.

Indien 'n subsisteem beskou word as een van die samestellende dele van 'n sisteem, 'n volwaardige sisteem op sy eie is en 'n entiteit is wat deel vorm van die omgewing van 'n ander subsisteem, wat op sy beurt weer deel vorm van die oorspronklike sisteem, beweer Schoeman (1980:177) waarskynlik met reg, dat die gesinslede in 'n gesin, die subsisteme van die gesinsisteem vorm. Ook Goldenberg en Goldenberg (1980:37) is genoemde mening toegedaan, maar gaan dan verder deur te beweer dat die gesinsisteem sy funksies deur middel van subsisteme uitvoer. Die samestellende subsisteme binne die gesin wat die gesinsfunksies uitvoer, word deur Minuchin (1985:52) soos volg beskryf:

⇒ Individue vorm subsisteme in die gesin.

⇒ Subsisteme kan gevorm word deur middel van;

- ◊ generasie, byvoorbeeld grootouers, ouers en kinders,
- ◊ geslag, byvoorbeeld grootmoeder, moeder en dogter,
- ◊ belangstelling of vermoëns, byvoorbeeld tuisteskeppers en tuinmakers, en
- ◊ funksies, byvoorbeeld vader en moeder as versorgers van die kinders, maar ook as ondersteuners van mekaar.

Die mees uitkenbare subsisteme in die gesin, word deur Minuchin (1985:56-59) beskryf as;

⇒ die man en vrou as egpaarsubsisteem,

⇒ vader en moeder as ouersubsisteem en

⇒ die kinders wat die sibbe-subsisteem vorm.

'n Eie interpretasie is dat hierby waarskynlik ook gevoeg sou kon word;

⇒ die verhouding tussen 'n ouer en 'n kind in die gesinsisteem, wat die ouer-kind-subsisteem sou kon vorm.

Hieruit kan afgelei word dat elke individu in die gesinsisteem aan verskillende subsisteme behoort en dat elke subsisteem se rol, gesagsposisie, die vaardighede waaroor hy moet beskik

en die verhoudings wat hy in interaksie met ander subsisteme sal moet handhaaf, sal verskil. Deur middel van hierdie subsisteme, voer die gesinsisteem dan sy funksies uit.

'n Belangrike aspek om hier in gedagte te hou, is die konsep van *onoptelbaarheid* (*"non-summativity"*) wat deur L'Abate, Ganahl en Hansen (1986:11) aangedui word. Hiervolgens is 'n sisteem meer as bloot net die som van sy dele en wanneer hierdie konsep op die gesin as 'n sisteem van toepassing gemaak word, is die gesin as 'n geheel derhalwe ook meer as die som van sy subsisteme of die som van die karaktereienskappe van die subsisteme (gesinslede). Om hierdie rede is gesinslede se gedrag as't ware *interomsluit*, wat daartoe aanleiding gee dat eerder gefokus behoort te word op die transaksionele patrone binne 'n gesin, as op die individuele gedrag van elk van die gesinslede.

Spesifiek ten opsigte van die gemeenskap as 'n sisteem, is Kuhn (1976:36) van mening dié sisteem bestaan uit interaksies van individuele mense met mekaar. Die mees prominente subsisteem van die gemeenskap, is derhalwe individue en die interaksie tussen hierdie individue. Daar word egter nie net klem geplaas op individue wat subsisteme van die gemeenskap vorm nie, maar Kuhn (1976:13) verwys ook na die regering wat 'n subsisteem van die gemeenskap is en selfs dat die heersende morele waardes in 'n samelewing as 'n subsisteem van die betrokke samelewingsisteem beskou kan word (Kuhn, 1976:413). Aansluitend hierby, vermeld Compton en Galaway (1979:73-74 en 83) skole, gesinne, organisasies en woonbuurtes as subsisteme van die gemeenskapsisteem, maar ook professies, gesondheidsinstansies, rade, gemeenskapsentrums en georganiseerde groepe. Die klem word deur Fordor (1979:97) op die ekonomie en ekonomiese strukture as subsisteme van die samelewing geplaas, terwyl Tucker (1979:121) die fokus plaas op meer abstrakte subsisteme van die samelewing, soos byvoorbeeld land-eienaarskap, behuising, handel en nywerheid, maar dan ook op kerklike groepe, skole, stadsrade, politieke partye, nywerheidsunies en finansiële instellings.

Die subsisteme van die samelewing- of gemeenskapsisteem sluit derhalwe alle individue binne die betrokke sisteem in, maar ook strukture wat deur die individue gevorm word en heersende etiese, morele, en kulturele waardes en norme binne so 'n gemeenskap.

2.2.3.2 Suprasisteem

Reeds is beskryf (vgl. 2.2.2) dat geen sisteem bloot 'n entiteit op sy eie is nie, maar altyd ook deel vorm van sy omgewing. Kuhn (1976:28) beskryf die suprasisteem as *"... the larger system*

of which a given system is a component." Hierby word aangesluit deur Nel (1987:218) wat die suprasisteem beskryf as enige daaropvolgende sisteem op die hoër vlak in die hiërargiese orde van sisteme.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die omgewing van 'n sisteem, met ander woorde alle entiteite wat nie deur 'n bepaalde sisteem omsluit word nie, bekend staan as die suprasisteem van 'n sisteem. 'n Gegewe sisteem kan waarskynlik dan beskryf word as die suprasisteem van sy subsisteme, terwyl die gegewe sisteem op sigself ook deel is van 'n suprasisteem waarvan die gegewe sisteem 'n subsisteem is. Die suprasisteem verwys dus na die omgewing van enige sisteem en kan derhalwe beskou word as 'n hoërvlak-sisteem wat die omgewing van 'n laervlak-sisteem uitmaak.

Ook kan afgelei word dat die gesinsisteem en die gemeenskap waarvan 'n individu deel vorm, maar ook die subsisteme van die gesin en gemeenskap, die suprasisteem van die individu vorm. Na aanleiding van bogenoemde kan ook afgelei word dat die individu 'n laervlak-sisteem van die gesin- en gemeenskapsisteme is, wat op hul beurt weer die hoërvlak-sisteme is wat die suprasisteem van die individu vorm. Die suprasisteem van 'n bepaalde gemeenskapsisteem, sal dus kan bestaan uit alle gemeenskapsisteme waarvan die gemeenskapsisteem onder observasie nie deel uitmaak nie, maar waarskynlik ook die heelal en natuurkragte wat 'n invloed uitoefen op die gegewe gemeenskap.

Volgens Compton en Galaway (1979:300) is die gesin nie 'n geslote entiteit nie, maar vorm dit deel van 'n veel groter geheel van onderlinge menslike verhoudings, maatskaplike, ekonomiese en politieke strukture in die samelewing en is die gesin afhanklik van ondersteuning en stimulering van ander hulpbronne in sy omgewing vir effektiewe funksionering as 'n sisteem. Die suprasisteem van 'n gesin bestaan dus uit alle maatskaplike, ekonomiese en politieke strukture in die samelewing wat die gesinsfunksionering betekenisvol kan beïnvloed deur die mate van ondersteuning en stimulering wat wedersyds plaasvind. Genoemde strukture in die suprasisteem van die gesin, kan waarskynlik die gesin-van-oorsprong, kultuur-organisasies, godsdienstige groeperings, opvoedkundige instansies, vriende, maatskaplike sorg, gesondheidsorg, samelewingswaardes en -norme en vele ander strukture in die samelewing (met ander woorde, die subsisteme van die samelewingsisteem), insluit.

Ten einde die begrippe sisteem, subsisteem en suprasisteem duideliker toe te lig, word die individu, gesin en gemeenskap vervolgens skematies as sisteme aangetoon.

FIGUUR 1: DIE INDIVIDU, GESIN EN GEMEENSKAP AS SISTEME



Die vader, moeder, seun en dogters is dus elk 'n subsisteem van die gesinsisteem, maar ook elkeen 'n volwaardige sisteem op sy eie. Die gesinsisteem is, net soos die kerk, skool, vriendekring, werkplekke van die ouers, kultuurorganisasies, waardes en norme en die gesin-van-oorsprong, subsisteme van die gemeenskapsisteem, maar ook elkeen 'n volwaardige sisteem op sy eie. Die gemeenskapsisteem vorm die suprasisteem van die gesinsisteem, maar ook van al die ander subsisteme van die suprasisteem, waaronder byvoorbeeld die individuele gesinslede, heersende waardes en norme in die samelewing en die gesin-van-oorsprong.

2.2.3.3 Doelgerigdheid

Volgens Van Gigch (1974:43) is teleologie die filosofiese leerstelling wat toestande verklaar in terme van voorafgaande gebeurtenisse wat verband kan hou met veraf toestande in die toekoms en is die konsep van doelgerigtheid van sisteme, juis vanuit die teleologie afkomstig. Aansluitend hierby beweer Nel (1987:226) dat die wyse waarop die doel van 'n sisteem bereik word, volgens die omstandighede kan varieer. Laasgenoemde stel dit dat lewende sisteme nie beperk is tot 'n rigiede patroon van ontwikkeling nie, maar by omstandighede kan aanpas. Hierdie aanpassing geskied egter altyd met die oog op die bereiking van 'n bepaalde implisiete doel.

Elke sisteem het dus 'n doel waarna gestreef en wat deur middel van 'n verskeidenheid van patrone van ontwikkeling, bereik kan word. Groei, ontwikkeling en die behoud van ekwilibrium word deur Fordor (1979:101-102) aangedui as die doel van die individuele en die gemeenskapsisteem. Hierdie groei en ontwikkeling vind dan plaas ten einde meer diversiteit en heterogeniteit in die sisteem teweeg te bring, terwyl 'n dinamiese ekwilibrium terselfdertyd nagestreef word.

Die doel van die gesinsisteem word deur Scott (1987:197) vanuit 'n Christelike lewensbeskouing, onder die volgende punte aangedui:

- Ruimtelike ordening van 'n man en vrou met kinders;
- die daarstelling van 'n klimaat waarin die gesinslede die take wat God, die staat, die kerk, die gemeenskap en ander instellings (sisteme) van die gesin verwag, uitgevoer kan word;
- om hierdie take onderling en gesamentlik as gesin en individueel as lede van die gesin, tot voordeel van die gesin en gesinslede uit te voer en
- om eie voortbestaan en die voortbestaan van elke individuele lid tot eer van God, te verseker.

'n Eie interpretasie is dat hierby waarskynlik ook gevoeg kan word dat 'n doel van die gesin sou wees;

- om eenheid van die sisteem te bewerkstellig, te handhaaf en te verseker.

Waarskynlik moet die gesin ook sekere funksies uitvoer ten einde die genoemde doel te bereik. Dat die gesin sy funksies deur middel van subsisteme uitvoer, is reeds bespreek (vgl. 2.2.3.1). In kort, sluit die eietydse gesinsfunksies wat in die belang van die gesin as eenheid voorsien, volgens Duvall (1977:114-116) die volgende in:

- Die generering van wederkerige liefde en toegeneentheid,
- voorsiening van persoonlike veiligheid en aanvaarding,
- die verskaffing van bevrediging en lewenssin,
- versekering van kontinuïteit vir kommunikasie in 'n veranderende omgewing,
- sosialisering en 'n gewaarborgde plek in die gemeenskap en
- die opskerping van waardes.

Hieruit kan afgelei word dat die gesinsfunksies 'n bydrae lewer tot elke gesinslid, maar ook ten opsigte van die gesin as geheel, se bevredigende interaksie met mekaar en met die maatskaplike konteks waarbinne gefunksioneer word. Indien die gesinsfunksies nie uitgevoer word nie, word afgelei dat die gesinsisteem ook nie daarin sal kan slaag om sy doel te bereik nie.

Behalwe vir die gesinsfunksies wat uitgevoer moet word, noem Duvall en Miller (1985:60-61) ook gesinsontwikkelingstake wat groeiverantwoordelikhede is wat deur die gesin vervul moet word op 'n gegewe stadium in die gesinslewensiklus, met die doel om aan die gesinslede se biologiese behoeftes, die samelewing se voorskrifte en gesinslede se verwagtinge en waardes te voldoen. Hierdie gesinsontwikkelingstake ontstaan tydens die verskillende fases in die gesinslewensiklus en moet uitgevoer word, ten einde gesinsistemiese disfunksionering te voorkom. Die gesinsontwikkelingstake tydens die onderskeie gesinsontwikkelingsfases, kan soos volg na aanleiding van Duvall en Miller (1985:62) getabuleer word.

TABEL 1: GESINSONTWIKKELINGSFASES EN -TAKE

FASE / STADIUM IN DIE GESINSLEWEN-SIKLUS	POSISIES IN DIE GESIN	GESINSONTWIKKELINGSTAKE
1. Huwelik	Man en vrou	• Bring 'n wedersydse bevredigende huwelik tot stand. • Pas aan by swangerskap en die idee van ouerskap. • Pas in by die gesinsnetwerk.
2. Gesinsvorming	Man - vader Vrou - moeder Babaseun of -dogter of beide	• Kry, pas aan en moedig ontwikkeling van die baba aan. • Bring 'n bevredigende tuiste vir sowel die ouers as die baba(s) tot stand.
3. Gesin met voor-skoolse kinders	Man - vader Vrou - moeder Seun - broer Dogter - suster	• Pas aan by behoeftes en belangstellings van voorskoolse kinders op 'n groei-georiënteerde wyse. • Wees opgewasse teen dreinering van energie en verlies van privaatheid.
4. Gesin met skool-gaande kinders	Man - vader Vrou - moeder Seun - broer Dogter - suster	• Pas konstruktief aan by die skool en aanverwante sisteme. • Moedig die kinders aan om te presteer.
5. Gesin met tiender-jariges	Man - vader Vrou - moeder Seun - broer Dogter - suster	• Balanseer vryheid met verantwoordelikheid soos wat die tienderjariges onafhanklik word.
6. Gesin in die lanseerstadium	Man - vader - oupa Vrou - moeder - ouma Seun - broer - oom Dogter - suster - tante	• Stel die jong volwassenes vry om te werk, vir naskoolse opleiding, militêre diensplig en om te trou. • Behou die huis as 'n ondersteunende basis.
7. Middeljarige ouers en gesin	Man - vader - oupa Vrou - moeder - ouma	• Bou voort aan die huweliksverhouding. • Behou gesinsbande met ouer en jonger geslagte.
8. Ouerwordende gesinslede	Wewenaar - weduwee Man - vader - oupa Vrou - moeder - ouma	• Raak opgewasse om verlies en alleenheid te hanteer. • Sluit die gesinstuiste of pas dit aan by bejaardheid.

Bron: Duvall en Miller, 1985:62.

Elke gesin het dus 'n implisiete doel wat normatief deur die samelewing (suprasisteem) en die gesin self bepaal word. Deur die uitvoering van 'n aantal gesinsfunksies en gesinsontwikkelingstake deur die verskillende subsisteme, word die doel van 'n gesinsisteem dus nagestreef.

2.2.3.4 Interne ordening

Die blote feit dat 'n sisteem in subsisteme onderverdeel kan word, word deur Hall en Fagan (1975:57) beskou as 'n vorm van hiërargiese ordening in 'n sisteem. Daar word egter verder gegaan deur Nel (1987:217) in sy verduideliking van die hiërargiese ordening van 'n sisteem, wanneer hy beweer dat subsisteme hiërargies georden word ooreenkomstig die mate van differensiasie wat in die subsisteme aangetref word, terwyl Van Gigch (1974:45) beweer dat *"(s)ystems at the highest levels display ... self-correcting ... , adaptive and learning properties."*

Die term *hiërargiese ordening* word dus benut om te verwys na die feit dat 'n sisteem onderverdeel kan word in subsisteme ooreenkomstig die mate van differensiasie wat in die subsisteme aangetref word. Wanneer die begrip *hiërargiese ordening* op sisteme van toepassing gemaak word, impliseer dit volgens Van Gigch (1974:272) dat;

* 'n sisteem altyd uit subsisteme bestaan,
* daar by elke sisteem altyd 'n ander, meer oorkoepelende sisteem gevind kan word, behalwe in die geval van die universele sisteem, wat alle ander sisteme insluit,
* wanneer een sisteem 'n ander omsluit, die sisteem wat die ander een omsluit bekend staan as die hoërvlak-sisteem, terwyl die omslote sisteem dan die laervlak-sisteem sal wees,
* daar 'n hiërargie van sisteme bestaan, waarby laervlak-sisteme omsluit word deur hoërvlak-sisteme en dat
* die laervlak-sisteme weer op hul beurt bestaan uit ander subsisteme en dus beskou kan word as hoërvlak-sisteme vir die subsisteme daarin.

Verdere afleidings wat waarskynlik hierby gevoeg sou kon word, is onder andere dat;

* hoërvlak-sisteme meer gedifferensieerd is as laervlak-sisteme en dat
* laervlak-sisteme wat op hul beurt weer bestaan uit subsisteme, meer gedifferensieerd sal wees as die subsisteme wat deur die laervlak-sisteme omsluit word.

Begrip van die hiërargie van sisteme help derhalwe om teoretiese kennis te organiseer en te begryp, te kommunikeer en om kompleksiteite te begryp. Reeds is daarna verwys dat die individu 'n laervlak-sisteem van die gesin- en gemeenskapsisteme is, wat op hul beurt weer die hoërvlak-sisteme is wat die suprasisteem van die individu vorm (vgl. 2.2.3.2). In 'n interessante bespreking van hierdie konsep deur Compton en Galaway (1994:120), verwys hulle daarna dat *"(a) critical principle for consideration ... is that the smallest systems incorporate and assimilate the whole of the larger system into themselves"* en dat *"... we should consider the*

environment as found in the individual." Die hoër-orde sisteme (byvoorbeeld die gesin en samelewing) beïnvloed nie alleen die laer-orde sisteme (individue) nie, maar word ook geassimileer deur die laer-orde sisteme tot so 'n mate dat elemente van die hoër-orde sisteme gevind kan word in laer-orde sisteme. Hieruit kan dus afgelei word dat die heersende maatskaplike en kulturele waardes en norme in 'n gemeenskap, waarskynlik deur die gesinne en die individue in daardie gemeenskap aangeneem, geïnternaliseer en uitgeleef sal word. 'n Voorbeeld hiervan sou waarskynlik kon wees dat seksistiese idees in 'n gemeenskap op grond waarvan mans as meerderwaardig ten opsigte van vroue beskou word, ook in die gesinsisteem sou kon manifesteer deurdat 'n man sy vrou as sy besitting beskou en haar gedrag dienooreenkomstig beheer en voorskryf.

In sy bespreking van die hiërargiese ordening van die gesinsisteem, vermeld Minuchin (1985:58) dat hierdie aspek in die gesin aan die hand van gesag en die gesagshiërargie, soos uitgevoer deur die aanneem van sekere rolle deur die gesinslede, beskryf word. Hy plaas die ouersubsisteem sentraal wanneer hy die gesag in 'n gesin beskryf deur te beweer dat *"... parenting always requires the use of authority"* en dat ouers nie hul gesinsfunksies kan uitvoer, as hulle nie die mag het om dit te kan doen nie (Minuchin, 1985:58). Aansluitend hierby, beweer Goldenberg en Goldenberg (1980:37) dat gesag setel in die gesinsreëls, waar reëls verwys na *"... an organized, repetitive pattern of interactions with each other."* Ook is Hartman en Laird (1983:98-100) die mening toegedaan dat gesag in gesinsreëls setel, maar voeg by dat gesag ook in lede van die gesin setel.

Die gesag van individuele gesinslede is geleë in die rolle van die individuele lede in 'n gesin, wat onder andere kan insluit die rolle van vader, moeder, broodwinner of tuisteskepper in die gesinsisteem. Die vredemaker of probleemoplosser in die gesin, die gesinsheld, sondebok, swartskaap of grapmaker van die gesin is ander voorbeelde van sodanige rolle waardeur gesag in die gesinsisteem setel. Die mate van differensiasie wat in elkeen van die gesinslede (subsisteme) wat 'n sekere rol uitvoer voorkom, is dus 'n aanduiding van die gesagsposisie van die betrokke gesinslid (Holman, 1983:29).

'n Interne orde word dus in 'n gesinsisteem gevorm deur die gesagshiërargie soos gesetel in die rolle van die verskillende gesinslede en in die gesinsreëls. Begrip van die hiërargie van 'n gesinsisteem, dra dus daartoe by om teoretiese kennis met betrekking tot gesinne te organiseer en te begryp, asook om die kommunikasie, dinamika en kompleksiteit van 'n gesin te begryp.

2.2.3.5 Staat van stabiliteit, ekwilibrium of homeostase

Die term homeostase word deur Kuhn (1976:27) beskryf as *"... a situation in which components of an acting system or their states continue to move or change but in which they are balanced so that at least one variable remains within a specified range ..."*. Hier is dus 'n aanduiding daarvan dat daar in 'n veranderende sisteem 'n voortdurende strewe is om 'n sekere mate van balans te handhaaf.

Die mening van Nel (1987:224) is dat 'n sisteem in die interaksieproses daarna streef om 'n toestand van stabiliteit, ewewig of homeostase te handhaaf en dat 'n sisteem daardeur 'n ordelike bestel, nie net tussen die sisteem en die suprasisteem nie, maar ook tussen die subsisteme, verseker.

Twee stabiliteitstoestande word onderskei, te wete 'n nie-progressiewe stabiliteitstoestand en 'n progressiewe stabiliteitstoestand. Eersgenoemde verwys daarna dat die oorspronklike staat van ekwilibrium weer na 'n tydperk van disekwilibrium deur 'n sisteem bereik word. 'n Progressiewe stabiliteitstoestand word bereik wanneer 'n sisteem ook weer 'n toestand van stabiliteit na 'n tydperk van disekwilibrium bereik, maar hierdie toestand verskil van die oorspronklike staat van ekwilibrium (Kuhn, 1976:28 en Nel, 1987:224).

'n Staat van stabiliteit, ekwilibrium of homeostase in 'n sisteem, verwys dus na die geneigdheid van sisteme om na 'n tydperk van onewewigtigheid, weer terug te keer na die oorspronklike staat van stabiliteit ('n nie-progressiewe stabiliteitstoestand) of na 'n gewysigde staat van stabiliteit ('n progressiewe stabiliteitstoestand).

In hulle bespreking oor individuele en samelewingsisteme, verwys Compton en Galaway (1994:123) daarna dat juis aangesien alle sisteme voortdurend in interaksie is met sowel die subsisteme as die suprasisteem van die sisteme onder observasie, geen sisteem ooit staties kan wees nie en dat daar 'n voortdurende proses van verandering en beweging in 'n sisteem plaasvind. Om hierdie rede is alle beweging in menslike sisteme daarop gerig om die sisteem in staat te stel om 'n doel te bereik, terwyl ook gestreef word na behoud van interne orde en stabiliteit. Alle individue en alle strukture in die samelewing het dus die doel om te groei en te ontwikkel, maar die interaksie met die subsisteme en die suprasisteem van hierdie sisteme, word sodanig gekontroleer dat die betrokke sisteme steeds 'n dinamiese stabiliteit kan handhaaf tydens hierdie groei- en ontwikkelingsprosesse.

Spesifiek ten opsigte van die gesinsisteem, skryf Compton en Galaway (1979:78) dat *"(h)uman systems strive for the enhancement and elaboration of internal order ... in such a way that purposive movement toward a selected goal is maintained."* Hierby sluit Goldenberg en Goldenberg (1980:32) aan deur hulle bespreking van dié eienskap as synde *"... the inclination of a system to maintain a dynamic equilibrium around some central tendency, and to undertake operations to restore that equilibrium whenever it is threatened."* Die toestand van ewewig word deur Goldenberg en Goldenberg (1980:33) gekoppel aan die bestaan van gesinsreëls, waardeur 'n sekere interne orde in die sisteem gehandhaaf word. Hieruit kan afgelei word dat 'n strewe na die handhawing van stabiliteit, sodat minstens een veranderlike binne 'n gespesifiseerde orde onveranderd bly, ook in gesinsisteme voorkom met die oog daarop om die gesinsfunksies uit te voer vir die bereiking van die doel van die gesinsisteem.

'n Eie interpretasie, is dat wanneer 'n gesin aanvanklik by maatskaplikewerkhulpverlening betrokke raak, die gesinsisteem in 'n disfunksionele toestand van ekwilibrium verkeer. Die maatskaplike werker se doel met die betrokkenheid by die gesin, sal dan waarskynlik wees om die sisteem sodanig te beïnvloed dat 'n nuwe, meer funksionele ekwilibrium (dus, 'n progressiewe stabiliteitstoestand) tot stand gebring en gehandhaaf kan word. Wanneer die maatskaplike werker gesinsistemiese intervensies loods, word die gesinsisteem se ekwilibrium noodwendig versteur en word hulle dus in 'n toestand van disekwilibrium geplaas. Indien die intervensies suksesvol is, sal die gesinsisteem waarskynlik na 'n tydperk van disekwilibrium beweeg na 'n nuwe, meer funksionele ekwilibrium in die gesinsisteem (dus, 'n progressiewe stabiliteitstoestand). Hierteenoor sou die gesin na aanleiding van die terapeut se intervensies aanvanklik in 'n toestand van disekwilibrium kon verkeer, maar na verloop van tyd terugbeweeg na hulle oorspronklike, disfunksionele ekwilibrium. Die intervensies het dus nie daarin geslaag om 'n progressiewe ekwilibrium teweeg te bring nie, want die gesin het na die tydperk van disekwilibrium terugbeweeg na hulle oorspronklike stabiliteitstoestand, dus na 'n nie-progressiewe stabiliteitstoestand.

2.2.3.6 Sisteemgrense

'n Sisteemgrens word deur Compton en Galaway (1979:80) beskryf as 'n geslote sirkel rondom geselekteerde veranderlikes, *"... where there is less interchange of energy or communication across the circle than there is within the circle."* Die mening van Nel (1987:220) is dat die bepaling van wat binne en wat buite 'n sisteem val, sal afhang van hoedat die sisteem gedefinieer word.

Hierdie definiëring van 'n sisteem, word bepaal deur die bestaan van grense wat abstrak, relatief en dinamies is.

Sisteemgrense onderskei dus die sisteem onder observasie van die suprasisteem deur 'n mindere mate van energie-uitruiling of kommunikasie na buite die sisteemgrense, as wat daar binne die sisteem, tussen die subsisteme plaasvind.

Die funksies van sisteemgrense word deur Schoeman (1980:183) beskryf as die verskaffing van ordelikheid, struktuur en gereguleerdheid aan elke sisteem. Die mening van Nel (1987:220) is dat die ordelikheid, struktuur en gereguleerdheid van elke sisteem sal afhang van die aard van die sisteemgrense wat onderskei word as synde *"... vaag of duidelik ... of rigied."*

Die definisie wat Compton en Galaway (1979:80) van 'n sisteemgrens gee as synde 'n *geslote* sirkel, kan dus nie sonder voorbehoud aanvaar word nie, aangesien die aard van grense verskil van sisteem tot sisteem, na aanleiding van die deurdringbaarheid van die grense. As alle sisteemgrense *geslote* sou wees, sou interaksie tussen die sisteme en hul suprasisteme, dus onmoontlik gewees het.

Indien elke sisteem uit 'n aantal subsisteme bestaan en elke subsisteem beskou word as 'n volwaardige sisteem op sy eie (vgl. 2.2.3.1), kan waarskynlik met reg beweer word dat grense ook rondom elke subsisteem binne 'n sisteem teenwoordig is. Hierdie grense onderskei dan die subsisteem van ander subsisteme, maar ook van die sisteem as geheel. Hieruit kan afgelei word dat die individu as sisteem van sy suprasisteem (gesin, gemeenskap) onderskei word deur 'n sisteemgrens en dat die aard van die sisteemgrens (diffuus, duidelik of rigied) sal bepaal in hoe 'n mate die individu met sy suprasisteem in interaksie is.

Ten opsigte van die gemeenskapsisteem, noem Compton en Galaway (1979:80) die voorbeeld van gemeenskappe wat baie bewus is van hulle *self*, van hulle eenheid en hulle identiteit en dat hulle onwillig is om vreemdelinge of nuwe gedragsvorme in hulle midde toe te laat, juis weens die aard van die grens van die betrokke gemeenskapsisteem. Elke gemeenskapsisteem beskik derhalwe oor 'n sisteemgrens wat die betrokke gemeenskap onderskei van sy suprasisteem en die mate van interaksie met die suprasisteem beheer en reguleer.

In 'n interessante bespreking oor gesinsgrense, verwys Minuchin (1985:53-54) daarna dat tussen die gesin en ander sisteme in die suprasisteem, maar ook tussen die subsisteme binne die

i 1511 606

gesinsisteem, grense gevind word, ten einde differensiasie te beskerm. Duidelike grense tussen die gesinsisteem en die suprasisteem, asook tussen subsisteme onderling, is noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van die gesinsisteem. Die grense tussen subsisteme word beskryf as duidelik, rigied of verstrengeld (diffuus) van aard.

Die mening van Minuchin (1985:54) is voorts dat duidelike grense (betrokkenheid) tussen subsisteme noodsaaklik is vir 'n goed-funksionerende gesinsisteem. Sodoende kan lede van subsisteme hul funksies uitvoer sonder onredelike inmenging, terwyl kontak met lede van ander subsisteme steeds toegelaat word.

Rigiede gesinsgrense daarenteen, dra volgens Minuchin (1985:55) by daartoe dat spanning by een gesinslid nouliks opgevang sal word in die ander subsisteme en dat daar as 'n resultaat hiervan 'n gebrek aan sensitiwiteit vir die behoeftes, emosies en gevoelens van ander subsisteme ontstaan. Hierby word aangesluit deur Holman (1983:29) wat beweer dat rigiede gesinsgrense lei tot onafhanklike funksionering wat swak kommunikasie, 'n gebrek aan geborgenheid, dislojaliteit teenoor die gesin, asook nie-beskikbaarheid en toeganklikheid tydens krisistye, as resultaat het. (Vgl. ook Nel, 1987:220.)

Verstrengelde of diffuus gesinsgrense dui op oorbetrokkenheid tussen die subsisteme wat aanleiding gee tot 'n gebrek aan selfdifferensiasie en mislukking by gesinslede om onafhanklik te dink en op te tree (Holman, 1983:27). Nel (1987:220) voeg hierby ook probleme om 'n eie identiteit te ontwikkel en om die self in ander suprasisteme te handhaaf. 'n Eie interpretasie is dat hierby waarskynlik ook gevoeg kan word dat 'n onvermoë tot selfstandige besluitneming en probleemoplossing, 'n resultaat van verstrengelde sisteemgrense tussen die sibsisteme van die gesinsisteem sou kon wees.

Die aard van gesinsgrense kan dus op 'n kontinuum soos volg voorgestel word.

FIGUUR 2: KONTINUUM VAN GESINSISTEMIESE GRENSE



Beide rigiede en vae of diffuus grense kan dus tot disfunksionering in 'n gesinsisteem aanleiding gee, terwyl duidelike gesinsgrense as noodsaaklik beskou word effektiewe funksionering van die gesinsisteem en sy lede (subsisteme).

2.2.3.7 Oopheid en geslotenheid

Na aanleiding van die deurdringbaarheid van sisteemgrense, kan waarskynlik bepaal word of 'n sisteem as oop of geslote beskou kan word, aangesien dit juis die aard van die sisteemgrens is wat bepaal hoeveel energie-uitruiling of kommunikasie na buite die sisteemgrens sal plaasvind. 'n Oop sisteem word derhalwe deur Kuhn (1976:28) beskou as een wat insette vanaf die suprasisteem ontvang en uitsette aan die suprasisteem lewer - dus, 'n sisteem wat deur sy omgewing beïnvloed word en op sy beurt ook sy omgewing beïnvloed. Aansluitend hierby, beskou Nel (1987:222) 'n oop sisteem as een waar daar uitruiling van energie en inligting oor die sisteemgrens plaasvind. Hierdeur word die sisteem dan in staat gestel om in interaksie met die suprasisteem te tree en juis as 'n resultaat van hierdie interaksieproses, is *"... daar by sulke sisteme 'n tendens tot verandering en groei in die rigting van 'n groter heterogeniteit en kompleksiteit"*, teenwoordig (Nel, 1987:222).

Die mening van Hearn (1974:335) is dat 'n geslote sisteem beskou moet word as in 'n toestand van ekwilibrium of rus, terwyl Kuhn (1976:28) 'n geslote sisteem beskou as een *"... in which interactions occur only among components of the system."* In samehang hiermee, beweer Schoeman (1980:184) dat 'n geslote sisteem nie in wisselwerking met die omgewing is nie. Daar is dus geen inligting en energie-insette vanuit die suprasisteem betrokke nie en die sisteem lewer ook geen uitsette aan die suprasisteem nie.

Die voor- en nadele verbonde aan oopheid en geslotenheid van sisteme, word deur Schoeman (1980:184) beskryf. In die geval van oop sisteme word beweer, is daar die gevaar van té maklike deurdringing en beïnvloeding, aangesien dit die ordelike funksionering van die sisteem kan ontwrig. Te veel nuwe energie en inligting kan nie ordelik hanteer word nie en die ekwilibrium van die sisteem word dus versteur. Hierteenoor is geslote sisteme se grense ondeurdringbaar en rigied en word die funksionering van die sisteem dikwels deur sodanige grense gestrem.

Die oopheid of geslotenheid van 'n sisteem word dus bepaal deur die mate waartoe die sisteemgrense vloei van energie en kommunikasie toelaat. Indien 'n sisteemgrens nie

deurdringbaar is nie, is uitruiling van energie en inligting nie moontlik nie en kan 'n sisteem nie groei tot groter heterogeniteit en kompleksiteit nie. Die effektiewe funksionering van 'n sisteem word derhalwe deur die oopheid of geslotenheid van die sisteem beïnvloed. Tereg word dan deur Nel (1987:224) beweer dat 'n nie-progressiewe stabiliteitstoestand 'n kenmerk van 'n geslote sisteem is, terwyl 'n progressiewe stabiliteitstoestand 'n kenmerk van 'n oop sisteem is.

Ten opsigte van individue en gemeenskappe wat deur Hearn (1979:335) as die primêre kliënte van die maatskaplike werker beskou word, word beweer dat *"(t)he client systems with which we work at times seem too closed or too open for their own good or that of others"*, met die resultaat dat *"(m)uch of social work is devoted to helping the client achieve an optimum degree of openness for the conditions of the moment and the capacity to change this state as conditions change."*

Hieruit kan afgelei word dat 'n individu of gemeenskap, alleen effektief kan funksioneer as daar minstens 'n mate van deurdringbaarheid is in die grens tussen die betrokke sisteem en sy suprasisteem, terwyl die strewe na 'n dinamiese ekwilibrium steeds gehandhaaf word.

Volgens Holman (1983:25-26) aanvaar 'n gesinsisteem wat tot geslotenheid neig, nie maklik nuwe lede nie en word idees wat nie in ooreenstemming is met sy eie nie, verwerp. Probleme word in geslote sisteme verberg en sodoende word die lewering van noodsaaklike dienste verhoed. 'n Wedersydse onbetrokkenheid (rigiede grens), ontwikkel dus tussen die gesinsisteem en die suprasisteem van die gesin.

Hierteenoor is die oop gesinsisteem gedurig in 'n proses van aanpassing en verandering (dus, 'n dinamiese ekwilibrium) en word insette voortdurend ontvang en gelewer aan en van die suprasisteem (Minuchin, 1985:50). Aansluitend hierby, is die mening van Holman (1983:25) dat die oop sisteem bereid is om nuwe lede in die gesin te aanvaar, om nuwe idees te akkommodeer en vrylik in interaksie te tree met ander sisteme. Dieselfde skrywer maan egter ook teen die verhoogde of oormatige oopheid van die sisteem, wat kan lei tot druk op emosionele, maatskaplike en materiële gebied.

Hieruit kan afgelei word dat 'n duidelike sisteemgrens aanleiding gee tot vrye interaksie met ander sisteme en dus die aangewese weg is tot optimale funksionering van die gesinsisteem. 'n Duidelike sisteemgrens sal waarskynlik genoegsame vloei van energie en inligting toelaat, sodat die sisteem kan groei, ontwikkel, vooruitgaan en 'n dinamiese ekwilibrium sal kan handhaaf, juis weens die feit dat die sisteem 'n oop sisteem is.

2.2.3.8 Wisselwerking

Die mening van Nel (1987:225) is dat 'n progressiewe stabiliteitstoestand nie moontlik is in 'n sisteem, sonder inligting oor wat sowel buite as binne 'n sisteem gebeur nie: *" 'n Lewende sisteem ontvang inligting van sy omgewing, maar verskaf ook inligting aan die omgewing; die uitvoerproses van een sisteem word terselfdertyd ook die invoerproses van 'n ander sisteem."* Hieruit kan afgelei word dat hierdie terugvoerproses 'n voorwaarde vir die instandhouding van 'n lewende sisteem is.

Hierdie proses van wisselwerking wat plaasvind tussen die sisteem en die omgewing ten opsigte van inligting, energie en ander materiaal, word deur Schoeman (1980:185) beskryf as 'n proses van *inset-deurset-uitset en terugvoering*. Die sisteem ontvang insette vanuit die omgewing, verwerk die insette tot deursette en lewer daarna aan die omgewing uitsette in die vorm van inligting en energie wat weer deur ander sisteme gebruik kan word. (Vgl. ook Van Gigch, 1974:12 en Kuhn, 1976:27.)

Ter samevatting kan dus beweer word dat 'n lewende sisteem in voortdurende interaksie met sy omgewing (ander sisteme en dus die gegewe sisteem se suprasisteem), verkeer. Vanuit die omgewing word energie, inligting en ander materiaal deur die sisteemgrens deurgelaat. Hierdie insette word dan in die sisteem verwerk tot deursette ('n gewysigde vorm van die oorspronklike insette). Deursette word vervolgens aan die omgewing deur die sisteemgrens deurgelaat in die vorm van uitsette, wat deur ander sisteme in die omgewing gebruik kan word. 'n Lewende sisteem word dus in stand gehou deur hierdie inset-deurset-uitset wisselwerking tussen sisteme. Die afleiding kan ook gemaak word dat 'n sisteem sy voortbestaan te danke het aan die voortdurende uitruiling van inligting met ander sisteme in die omgewing en dat 'n sisteemgrens deurdringbaar moet wees vir effektiewe funksionering van die sisteem.

Armoede word byvoorbeeld deur Hearn (1974:347) beskou as 'n resultaat van gebrekkige wisselwerking tussen die individu en sy suprasisteem, aangesien *"... the necessary input requirement to maintain a steady state is unavailable to the system."* Die individu moet dus in wisselwerking met sy suprasisteem wees ten einde ekonomiese middele, stimulering, voeding en dies meer te kan bekom. Kuhn (1976:10) plaas die klem daarop dat kommunikasie en interaksie die enigste wyses is waarop die individu met sy suprasisteem in wisselwerking kan tree. Hierdie wisselwerking word beskou as synde tekengebaseer en semanties van aard, terwyl dit ook die uitruiling van waardes sou kon insluit. In hierdie verband verwys *tekengebaseer* na nie-verbale

kommunikasie wat dus ook die verrigting van arbeid insluit, terwyl *semanties* spesifiek verwys na die benutting van taal as 'n medium tot interaksie (Kuhn, 1976:141).

Die klem word deur Rodway (1986:517) daarop geplaas dat in gedagte gehou moet word dat nie alleen die individu nie, maar ook sy suprasisteem afhanklik is van hierdie wisselwerking. As 'n eenvoudige voorbeeld hiervan, word die aandag daarop gevestig dat die samelewing afhanklik is van die uitsette wat die individu in terme van arbeid kan verrig, terwyl die individu op sy beurt deur strukture in die samelewing finansieel vergoed word vir hierdie uitset, wat die voortbestaan van die individu kan help verseker.

Spesifiek ten opsigte van die gesinsisteem, wys Compton en Galaway (1979:85-86) daarop dat interaksie en transaksionele patrone tussen subsisteme en tussen sisteme onderling, georganiseer word deur die invloei en uitvloei van inligting deur middel van gesinskommunikasie. Die klem word deur Janzen en Harris (1980:15-17) daarop geplaas dat elke gesinsisteem 'n eie, unieke kommunikasiepatroon het. In elke gesin word inligting sowel verbaal as nie-verbaal aan mekaar oorgedra. Sodoende kan 'n aanduiding van die gesinsfunksionering verkry word. Deur middel van kommunikasie word sowel die selfbeeld van gesinslede as persepsies wat gesinslede van mekaar het, onderling geslyp. (Vgl. ook Kuhn, 1976:471-472.)

Aandag word deur Umbarger (1983:70-71) gevestig op twee patrone van wisselwerking tussen die subsisteme in die gesinsisteem, te wete alliansies en koalisies. Alliansies verwys na *"... continued close ties ..."* tussen twee gesinslede, terwyl koalisies die sterk ondersteuning van twee gesinslede vir mekaar, teen 'n ander gesinslid, insluit. Koalisies word beskryf as *"... not necessarily bad"*, maar *"(w)hen these coalitions become struck and rigid, pathological consequences may result ..."* en dan veral vir die derde persoon teenoor wie die koalisie gevorm is (Umbarger, 1983:71).

Die term *alliansie* word dus benut om voortgesette nabye bande tussen twee gesinslede te beskryf, terwyl die term *koalisie* verwys na sterk wedersydse ondersteuning tussen twee gesinslede teen 'n ander gesinslid. Koalisies word as disfunksioneel beskou, alleen wanneer hierdie strukturele interaksiepatrone vasgelê word en rigied raak in die gesinsisteem.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat vir die doeleindes van effektiewe kommunikasie deur middel van die gesproke woord, gebare, houdings, beweging, stilte, gesigsuitdrukking, stemtoon ensomeer, 'n duidelike gesinsgrens dus noodsaaklik is. Indien 'n sisteem sy

voortbestaan te danke het aan die voortdurende uitruiling van inligting, kan kommunikasie waarskynlik tereg as voorwaarde vir die effektiewe funksionering van 'n gesinsisteem beskou word.

2.2.3.9 Energie en inligting

Die belangrikheid van die inset, deurset en uitset van energie, inligting en ander materiaal vir die suksesvolle funksionering van die sisteem, is reeds beskryf (vgl. 2.2.3.8). In die algemene sisteemteorie verwys die term *energie* na *"... die vermoë of krag om werk of arbeid te verrig"* (Nel, 1987:221). Die konsep *inligting* word in die algemene sisteemteorie in 'n ander verband benut as in die alledaagse lewe. Volgens Nel (1987:222) verwys inligting in die algemene sisteemteorie na *"... die grade van vryheid om 'n keuse uit te oefen tussen simbole, tekens of boodskappe in 'n gegewe situasie ..."*.

Hieruit kan afgelei word dat energie nodig is om inligting toe te pas en hierdie energie kan waarskynlik gemeet word aan die besluite, gedrag en reaksies van 'n sisteem. In die geval van die individu as 'n sisteem, wys Kuhn (1976:40-41) daarop dat *"(o)nce the information has entered the system its presence there is an internal state of the system"*, met die resultaat dat *"... different individuals ... may give different responses, and the same individual may give different responses at different times"*, ten opsigte van dieselfde inligting. (Vgl. ook Rodway, 1986:517.)

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die wisselwerking tussen die individu en die suprasisteem, gekenmerk word deur die aard van die inligting wat deur die individu ontvang word (inset), die interne proses van die individu ten opsigte van die inligting (energietoepassing deur middel van 'n deurset-proses) en die reaksie van die individu teenoor die suprasisteem (uitset) in die vorm van inligting.

Hierdie verskille in response deur verskillende individue, maar ook deur dieselfde individu in verskillende situasies, laat die fokus val op die konsepte van *ekwifinaliteit* en *multifinaliteit*. In hulle bespreking van ekwifinaliteit, verwys sowel Hearn (1974:347) as Rodway (1986:517) na dié konsep as aanduidend daarvan dat identiese resultate na verskillende aanvanklike omstandighede en deur die benutting van verskillende weë, bereik kan word. Meer spesifiek, verwys Compton en Galaway (1994:124) daarna dat *"(i)f a system is open, it can be shown that the final state wil not depend on those conditions"*, maar dat aangesien die sisteem 'n doel van sy eie het, *"... the end state will depend on the interactions of the elements of the system and the*

transactions of the system with other systems in relation to that purpose." So kan een gesin dus disfunksionering ervaar in die teenwoordigheid van 'n bepaalde gebeurtenis, terwyl 'n ander gesin se funksionering beswaarlik deur dieselfde gebeurtenis beïnvloed sal word. Multifinaliteit (ook genoem ekwipotensialiteit deur L'Abate et al., 1986:14-15 en L'Abate en Colondier, 1987:20) daarenteen, impliseer dat *"... similar conditions may lead to dissimilar end states"* (Compton en Galaway, 1994:124) wat daartoe aanleiding gee dat 'n bepaalde gebeurtenis by een gesin die resultaat kan hê van optimale funksionering, terwyl dieselfde gebeurtenis by 'n ander gesin tot disfunksionering kan aanleiding gee.

Met betrekking tot die gesin as 'n sisteem, beklemtoon Nel (1987:221-222) dat die mate van vryheid van keuse tussen simbole en boodskappe in die omgewing van die gesinsisteem, waarskynlik die vermoë of krag van die gesinsisteem om werk of arbeid te verrig, beïnvloed. Energie en inligting is dus nodig vir die gesinsisteem om sekere funksies uit te voer ten opsigte van die bereiking van die implisiete gesinsdoel.

2.2.3.10 Entropie en negentropie

Twee konsepte wat nou saamhang met die vloei van inligting, energie en ander materiaal tussen sisteme, is entropie en negentropie. Van Gigch (1974:41) beweer dat die term entropie, wanneer benut word in die algemene sisteemteorie, verwys na die *"... amount of variety in a system, where variety can be interpreted as the amount of uncertainty prevailing in a choice situation with many distinguishable alternatives."* Die skrywer koppel dus entropie direk aan 'n toestand van wanorde, onsekerheid en verandering waarby aangepas moet word, in 'n sisteem.

'n Eie interpretasie na aanleiding van bogenoemde, is dat implisiet in die konsep *entropie*, die potensiaal om te groei en te ontwikkel opgesluit lê. So byvoorbeeld sou die teenwoordigheid van onsekerheid in 'n situasie weens die beskikbaarheid van 'n verskeidenheid opsies op grond waarvan 'n keuse uitgeoefen behoort te word, kon aanleiding gee tot vermeerderde kennis weens 'n ontleding van elk van die opsies en die neem van 'n ingeligte besluit wat juis die resultaat is van die aanvanklike entropie. Vanuit die aanvanklike diversiteit, sou dus ook oorgegaan kon word tot die neem van berekende risiko's, juis op grond van 'n analise van die verskillende beskikbare opsies.

Entropie word deur Nel (1987:223) beskryf aan die hand van die vloei van energie tussen sisteme wanneer hy beweer dat indien daar geen interaksie tussen sisteme plaasvind nie, 'n

statiese toestand in 'n sisteem sal ontstaan wat as 'n toestand van entropie bekend staan. Hierdie omskrywing, in teenstelling met dié van Van Gigch (1974:41) plaas dus die klem op stilstand en wanorde, eerder as op die groei- en veranderingspotensiaal wat as 'n resultaat van entropie aangetref kan word.

Die konsep *entropie* kan dus beskryf word as 'n optimum toestand van wanorde en disorganisasie in 'n sisteem, as 'n resultaat van 'n gebrek aan interaksie tussen sisteme waartydens inligting, energie en ander materiaal uitgeruil sou kon word, of as die resultaat van die oormatige uitruiling van energie en inligting, wat daartoe aanleiding gee dat dramatiese aanpassings voortdurend deur die sisteem gemaak moet word. Waarskynlik kan 'n toestand van entropie ook toegeskryf word aan 'n rigiede, ondeurdringbare sisteemgrens, of aan 'n vae, diffuse grens.

Hierteenoor beweer Schoeman (1980:182) dat 'n toestand van negentropie (ook negatiewe entropie genoem) *"... verwys na die herstelproses wat plaasvind uit die disorganisasie of wanfunksionering van die sisteem"* - dus, die herstelproses na 'n fase van entropie. 'n Sisteem moet sigself dus oopstel vir *"... beïnvloeding ... [en] nuwe energie of inligting ... "* vanuit die suprasisteem, ten einde wanfunksionering uit te skakel of te laat opklaar (Schoeman, 1980:182). Entropie en negentropie in 'n sisteem, kan dus ook beskou word as die twee eindpunte op 'n kontinuum van disintegrasie en integrasie en die toestande kan direk gekoppel word aan die aard van die sisteem se grens.

Die mening van Hearn (1974:346-347) is dat in die geval van individue, *"... both positive and negative entropy are present until the point of death, when entropy assumes full reign."* Daarom word ten opsigte van die lewensiklus van die individu, beweer dat *"... in the early period of life, when growth is rapid, positive far outweighs negative entropy, that in middle age they are somewhat in balance and in old age negative entropy has the balance of power ..."* Hiermee kan akkoord gegaan word, in die lig daarvan dat jongmense voortdurend in 'n proses van sowel fisiologiese as psigologiese aanpassing, groei en verandering verkeer, terwyl hierdie prosesse waarskynlik minder aktief raak tydens die middeljare van die individu. Tydens bejaardheid daarenteen, is maatskaplike isolasie geneig om plaas te vind, wat daartoe aanleiding gee dat min interaksie waartydens energie en inligting uitgeruil sou kon word, ten opsigte van die suprasisteem plaasvind.

Disfunksionele gesinsisteme word deur Goldenberg en Goldenberg (1980:43-44) beskryf as sisteme waar 'n hoë mate van entropie teenwoordig is, terwyl funksionele gesinsisteme se vermoë tot negentropie, hoër sal wees. Aansluitend hierby skryf Hartman en Laird (1983: 64-65) dat *"... closed systems move toward entropy ..."*, terwyl oop sisteme energie inneem *"... for the maintenance and repair of its structure ..."* - dus vir negentropie.

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat die mate waartoe 'n gesin se grense oop of geslote is, 'n betekenisvolle invloed sal hê op die gesin se mate van integrasie (negentropie) en disintegrasie (entropie).

In hierdie afdeling (2.2) is aandag geskenk aan die algemene sisteemteorie en die toepassing daarvan op die individu, gesin en gemeenskap as metasisteme. 'n Aantal konsepte wat fundamenteel aan die algemene sisteemteorie is, is toegelig met die doel om die teoretiese agtergrond daar te stel vir die begrip en toepassing van hierdie konsepte in die ekologiese benadering wat as konseptuele raamwerk van hierdie studie dien.

2.3 DIE EKOLOGIESE BENADERING

Die bespreking van die ekologiese benadering as konseptuele raamwerk vir hierdie studie, word begin deur 'n kort historiese oorsig oor die ontstaan van hierdie benadering. Daarna word die aandag verskuif na die begronding van ekologiese denke en die waarde van sodanige benadering vir die maatskaplikewerkprofessie. Ten slotte word 'n oorsig gegee van die verskillende vlakke in die ekologiese ontledingsisteem wat in hierdie studie benut word.

Aandag word opnuut daarop gevestig dat vir die doeleindes van hierdie studie, nie klem geplaas word op die ekologiese behandelingsperspektief nie, maar dat die ekologiese benadering teoreties begrond word met die doel om hierdie benadering, tesame met die algemene sisteemteorie, as konseptuele raamwerk te benut vir 'n holistiese verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue.

2.3.1 HISTORIESE OORSPRONG VAN DIE EKOLOGIESE BENADERING

Volgens Pardeck (1988:92) was 'n sielkundige, Roger Barker, die eerste persoon was wat gedurende die 1950's die konsep van ekologie op menslike gedrag van toepassing gemaak het. Binne die maatskaplikewerkprofessie, het die toepassing van hierdie beginsels egter meer

onlangs (1973) eers plaasgevind. Veral die werk wat Carel Germain (Pardeck, 1988:92) en Lee Ann Hartman (Pardeck, 1996:190) ten opsigte van die teoretiese begronding en toepassing van die ekologiese benadering in die maatskaplikewerkprofessie gedoen het, word as van kardinale belang beskou.

Die maatskaplikewerkprofessie was nog altyd gemoeid met die beginsel van 'n praktyk gegrond op die persoon-in-sy-situasie. So vroeg soos in 1917 het Mary Richmond reeds die kritiese rol van die omgewing in die psigologiese lewe van mense beklemtoon deur die publikasie van een van die eerste boeke in maatskaplike werk, *Social Diagnosis*. Tog het die professie nie altyd daarin kon slaag om hierdie dualistiese visie om mense van hulp te wees en die omgewing te verander, suksesvol te implementeer nie (Pardeck, 1996:189).

As hoofrede van hierdie gefragmenteerde visie, word 'n gebrek aan kennis waarvan praktykbeginsels afgelei kon word vir intervensie in verskillende situasies, aangevoer (Germain, 1979:3 en Hoffmann, 1987:230). Alhoewel vanaf die vroegste tye in die ontwikkeling van die maatskaplikewerkprofessie erkenning gegee is aan die beginsel van die mens in sy omgewing, was die maatskaplikewerkprofessie en ander geesteswetenskaplike professies geneig om mense en hul omgewings as twee aparte entiteite te beskou (Germain en Gitterman, 1980:2-4). Juis vanweë die feit dat die mens as die hoogtepunt van die skepping gestel is en dat die mens oor die skepping moet heers, kan begrip daarvoor gevorm word dat die mens en omgewing soms as twee aparte entiteite beskou is. Die negentiende-eeuse sosiale wetenskap beskryf die mens as losstaande van sy omgewing. Om hierdie rede is die mens gefragmenteer en die verskillende gedragsvorme wat geopenbaar is deur dieselfde mens soos wat hy van situasie tot situasie verander het, is dikwels geïgnoreer. Ook die feit dat die mens by elke maatreël of optrede om die omgewing te beheer of te bewaar weer self moes aanpas by hierdie veranderinge, is soms uit die oog verloor (Germain en Gitterman, 1980:2-3).

Uit bostaande kan afgelei word dat hoewel die beginsel dat die mens en sy omgewing mekaar wedersyds beïnvloed reeds vanaf die vroegste tye in die maatskaplikewerkprofessie erken en aanvaar is, die gebrek aan teoretiese begronding van hierdie beginsel dit moeilik gemaak het om tydens maatskaplikewerkhulpverlening op grond van hierdie paradigma dienslewering toe te pas. Die resultaat daarvan was dat die mens se invloed op sy konteks en die invloed van die konteks op die individu, soms uit die oog verloor is.

In 'n insiggewende bespreking oor die ekologiese benadering, beweer Grobbelaar en Louw (1990:16) dat die skeiding van die mens en omgewing onder andere te wyte kan wees aan die hoë waarde wat die mens aan godsdiens het en dat in sy wetenskapsbeoefening, die mens na die ontstaan van sigself en die omgewing soek. In hulle bespreking oor metafisika, bied Jordaan en Jordaan (1989:819) 'n moontlike verklaring hiervoor. Die genoemde verklaring behels die formulering van spekulatiewe antwoorde[9] op die mens se inherente metafisiese sug na: *"Wat sit agter alles wat is?"* Net soos Jordaan en Jordaan (1989:820), plaas ook Grobbelaar en Louw (1990:16) God agter alles wat is. Die waarde van sodanige beskouing, word deur Faul (1989:73) beskryf as synde dat godsdiens die mens daartoe in staat stel om *"... betekenis [te] kan heg aan dit wat elke dag met ons gebeur"* en dat *"(d)ie persoon wat glo, strewe na dit wat goed en eerbaar is in die lewe en hanteer struikelblokke in hul pad makliker."*

'n Eie interpretasie is dat hierdie soeke na dit wat agter alles is, juis die fokus behoort te plaas op die mens in sy ekologiese konteks en dus nie fragmentasie nie, maar integrasie in die ontleding en beskrywing van die individu in sy ekologie behoort te bring. Aangesien godsdiensbelewenis 'n persoonlike saak is, wat juis onder andere teweeggebring, geondersteun en in stand gehou word deur middel van insette wat vanuit die suprasisteem ontvang word, behoort die mens se sogenaamde metafisiese sug derhalwe nie as 'n gefragmenteerde eienskap van die individu alleen beskou te word nie, maar juis as 'n ekologiese konstruk waartoe aanleiding gegee word deur die mens se interaksie met sy ekologie.

Die mening van Germain en Gitterman (1980:3) is dat hierdie eng beskouing van die mens as gefragmenteerd van sy omgewing, 'n direkte refleksie van die liniêre beskouing van tyd, ruimte en oorsaaklikheid van die wetenskap voor die twintigste eeu, is. Alhoewel die metode effektief was in die studie van fisiese en biologiese entiteite en prosesse, was die resultaat dat menslike organismes en hul interafhanklikheid met hul omgewing, in die skadu gestel is en het die benadering mettertyd ontoereikend geblyk vir die sosiale en geesteswetenskappe.

Hierteenoor gee die Oosterse kultuur, godsdiens, kuns en lewenstyl al jare lank uitdrukking aan die eenheid van die mens en die natuur en die strewe tot harmonie met die magte van die omgewing. Ook word die mens se verhouding tot die natuur beskryf as synde gekenmerk deur waardering en nie *oorheersing* nie (Germain en Gitterman, 1980:3-4).

---

[9] Spekulatief, aangesien die soort antwoord wat verkry word, waarskynlik ontoeganklik sal wees vir empiriese bevestiging of ontkenning.

Teen die vyftigerjare van die twintigste eeu, het die Westerse sosiale wetenskappe egter meer dinamiese definisies van konsepte soos byvoorbeeld sosiale rol, sosiale klas, etnisiteit, gesinstruktuur, afwyking en burokratiese organisasie ontwikkel. Terselfdertyd het die psigoanalitiese teorie 'n aangepaste uitgangspunt ontwikkel waarvolgens die ego en sy verhouding met die omgewing, pertinent na vore getree het. Maatskaplikewerkpraktisyns het hierdie ontwikkelinge as betekenisvol bestempel, aangesien maatskaplike funksionering as doel van professionele aandag belangriker begin raak het en die nuwe fokus was op die ego en sy reaksies op sowel die interne as eksterne omgewingsbeïnvloeding (Germain, 1979:3 en Hoffmann, 1987:230).

Die groter klem op die mens in sy omgewing het derhalwe in die Westerse kultuur eers gedurende die 1950's ontwikkel, wat daartoe aanleiding gegee het dat bestaande denkstrukture en filosofieë aangepas moes word om soos in die Oosterse kultuur, plek te maak vir 'n fokus op sowel die individu as 'n sisteem, as vir die individuele sisteem se beïnvloeding deur die omgewing en die omgewing se invloed op die individu.

Ten spyte hiervan, was daar egter min werklike veranderinge in areas van die maatskaplikewerkpraktyk, maar veral ten opsigte van gevallewerk, aangesien hierdie nuwe kennisraamwerk 'n bydrae gelewer het tot meer effektiewe diagnose, maar nie tot verbeterde vorme van intervensie nie. Maatskaplikewerkintervensies was steeds gerig op die verandering van gedrag, met ander woorde die versterking van swak egofunksionering of oneffektiewe rolvervulling. As rede hiervoor, word aangevoer dat die maatskaplikewerkkennisraamwerk mank gegaan het aan kennis oor omgewingstrukture waarbinne rolle gesetel is en aan watter aspekte rolfunksionering help vorm (Germain, 1979:3-4).

Die veranderde denke het dus daartoe bygedra dat maatskaplike problematiek van sowel individue as gemeenskappe op 'n breër en meer omvattende vlak ontleed en geassesseer kon word, maar gebrekkige kennis oor breër omgewingstrukture en rolfunksionering binne hierdie strukture, het die maatskaplikewerkhulpverlening steeds laat mank gaan aan effektiewe hulpverleningsintervensies wat op hierdie paradigma gebaseer is.

Sedert die aanvang van die maatskaplikewerkpraktyk, is die konsep van *"environmental modification"* as deel van die maatskaplikewerkkennisraamwerk beskou en is volgens Germain (1979:4) veral gefokus op aspekte soos pleegsorg en inrigtingsversorging, ontslagvoorbereiding na hospitalisasie of institusionalisering, finansiële en ander *konkrete* dienslewering, *manipulering*

van gesinslede en andere ter wille van die kliënt se individuele welsyn en hoofsaaklik tydens maatskaplike groepwerk, die voorsiening van blootstelling aan stedelike en natuurlike omgewings deur middel van uitstappies en kampe. Met reg word dan beweer dat *"(v)ery often these forms of service were considered to be of a less than 'professional' character"* (Germain, 1979:4).

Veral maatskaplike gevallewerk is derhalwe gedurende die 1960's gekritiseer daarvoor dat nie werklik effektief aandag geskenk word aan die armes en ander segmente van die gemeenskap wie se probleme deur omgewingstrukture en -prosesse teweeg gebring is nie. Vir hierdie toedrag van sake voer Germain (1979:5) twee redes aan:

⇒ Direkte maatskaplikewerkdienslewering ten opsigte van grootskaalse probleme soos byvoorbeeld armoede en rassisme, het weinig impak. *"Practitioners in social work policy and reseach can, perhaps, have some impact if they work collaboratively with other disciplines including law, economics, political science, and urban planning"*, word deur Germain (1979:5) beweer, maar *"(w)hile social work values call for efforts to eliminate all forms of social injustice, practice alone cannot solve these problems ..."*.

⇒ Ten opsigte van omgewingsprobleme op 'n kleiner skaal, was geen beginsels vir aksie beskikbaar vanuit die omgewings-, gedragswetenskappe of maatskaplikewerkpraktyk nie, behalwe in twee nuut-ontwikkelde areas, te wete die *milieu terapie* en *gesinsterapie*. Milieu terapie het gefokus op die omgewingsbehandeling van persone in geestesinrigtings en ander inrigtingsvorme, terwyl gesinsterapie aksiebeginsels ten opsigte van die gesin as geheel ontwikkel het, met die oog op die bevordering van individuele welsyn.

Hieruit kan afgelei word dat juis aangesien die maatskaplikewerkkennisraamwerk nie oor genoegsame inligting beskik het ten opsigte van gemeenskapstrukture en -funksionering nie, maatskaplikewerkintervensies dus ook nie suksesvol was om die doelstellings van die maatskaplikewerkprofessie te verwesenlik nie. 'n Nuwe, meer holistiese teoretiese raamwerk met intervensiestrategieë wat daaruit afgelei en toegepas kan word, was dus nodig om die kwaliteit van maatskaplikewerkhulpverlening te verhoog en die resultate te verbeter.

Gedurende die 1960's en vroeë 1970's het die ontwikkeling en uitbreiding van die belowende idees van die algemene sisteemteorie plaasgevind in die maatskaplikewerkteorie en -praktyk. Hoop het opgevlam dat hierdie komplekse en abstrakte konsepte, beginsels vir maatskaplikewerkintervensie daar sou stel en die resultaat was dat *"(m)any social workers will*

probably never again be comfortable with old concepts: linear causality, independent entities, separateness between systems, and notions of certainty", maar dat daar 'n soeke sal wees *"... to understand feedback processes rather than simple causal chains, patterns and relations between entities rather than entities alone, boundaries and interfaces between systems rather than separateness, and their holistic thinking will be characterized by an emphasis on probability rather than certainty"* (Germain, 1979:6).

Volgens Germain (1979:1) is die ekologiese benadering afgelei van ekologiese idees ten opsigte van komplekse verhoudings tussen lewende organismes, met die besondere klem in die maatskaplikewerkkonteks, op die verhouding tussen die mens en sy omgewing. Sodanige benadering is volgens dié skrywer alleen gefundeerd, as dieselfde denkraamwerk ook gelyktydig in ander wetenskaplike studievelde ontwikkel en aanhang geniet. Die ekologiese benadering, so word beweer, is tegelykertyd besig om te ontluik in geesteswetenskaplike professies soos byvoorbeeld die psigiatrie, verpleegkunde, opvoedkunde, sielkunde en in die maatskaplikewerkprofessie (Germain, 1979:1). Waarskynlik beweer Hoffmann (1987:230) dan tereg dat die konseptualisering van sisteme in interaksie, ou konsepte soos liniêre kousaliteit, onafhanklike entiteite en afgesonderdheid tussen sisteme, vervang het deur terme soos terugvoerprosesse, patrone en verhoudings tussen entiteite en grense rondom sisteme.

Hieruit kan afgelei word dat die ekologiese benadering juis die klem plaas op die mens in sy omgewing, aangesien erkenning daaraan gegee word dat dieselfde mens binne verskillende situasies verskillende vorme van gedrag kan openbaar. Die fokus is derhalwe nie op die persoonlikheidspatologieë of op maatskaplike probleme nie, maar op die interaksie tussen die individu en die konteks waarbinne gefunksioneer word. Hierdie faset fokus opnuut die aandag op die konsepte van ekwifinaliteit en multifinaliteit wat in 2.2.3.9 uiteengesit is, naamlik dat die uniekheid van elke sisteem en sy interaksie met sy suprasisteem, sal bepaal hoedat die besondere sisteem ten opsigte van insette vanuit die suprasisteem sal reageer. Die fokus is dus sowel op die sisteem onder observasie, as op die beïnvloeding van die suprasisteem - dus, die sisteem in sy ekologie.

Die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie[10] en die toepassing daarvan op breër aspekte as bloot net in die natuurwetenskappe[11], het dus onder andere aan die maatskaplikewerkprofessie nie alleen 'n meer holistiese en uitgebreide kennisraamwerk voorsien nie, maar ook intervensiestrategieë daargestel wat die fokus op die mens in sy omgewing tydens maatskaplikewerkhulpverlening, op 'n praktiese wyse bevorder het.

Juis hierdie belangstelling in die persoon-in-sy-situasie-konteks het aanleiding gegee tot die ontwikkelende belangstelling in ekologiese idees vir maatskaplike werk. Waar een denkskool menslike behoeftes en probleme beskou as van oorsprong binne die individu self[12] en 'n ander hierdie aspekte beskou as *veroorsaak* deur die heersende sosiale orde[13], is die uitgangspunt van die ekologiese denkraamwerk dat menslike behoeftes en probleme ontstaan na aanleiding van die wisselwerking tussen mense en hul omgewings (Germain en Gitterman, 1980:1 en Hoffmann, 1987:230).

Samevattend kan die ontwikkeling van die ekologiese benadering as benutbare denkraamwerk in die maatskaplikewerkprofessie, dus soos volg aangedui word:

- Ten spyte daarvan dat die maatskaplikewerkprofessie sedert die vroegste tye erkenning gegee het aan die beginsel van die mens in sy konteks, was hierdie beginsel nie genoegsaam teoreties gefundeer om tydens maatskaplikewerkhulpverlening tot sy reg te kom nie.
- Die mens en sy omgewing is derhalwe as twee aparte entiteite behandel en verskillende gedragsvorme van dieselfde individu binne verskillende situasies, is dus grootliks geïgnoreer.
- Hierdie gefragmenteerde beskouing en behandeling van die individu en sy omgewing, het daartoe aanleiding gegee dat 'n liniêre beskouing ten opsigte van tyd, ruimte en oorsaaklikheid gehandhaaf is, wat as ontoereikend vir die maatskaplikewerkprofessie beskou is.
- Ontwikkeling van dinamiese definisies soos dié van sosiale rol, sosiale klas, etnisiteit, gesinstruktuur, afwyking en burokratiese organisasie gedurende die 1950's en die aanpassing van bestaande teoretiese raamwerke op grond van hierdie dinamika, het groter

---

10 Vgl. 2.2.1 vir 'n bespreking oor die historiese oorsprong en ontwikkeling van die algemene sisteemteorie.

11 Vgl. 2.2.1 vir 'n bespreking oor die historiese oorsprong en ontwikkeling van *toepassingsmoontlikhede* van die algemene sisteemteorie.

12 Vgl. 2.1.1 vir 'n bespreking oor enkele psigopatologiese perspektiewe vir die verkenning en beskrywing van geweld.

13 Enkele maatskaplike perspektiewe met betrekking tot die verklaring en instandhouding van geweld word in 2.1.3 toegelig.

klem geplaas op die mens in sy omgewing en die funksionering van die individu weens eksterne omgewingsbeïnvloeding.

- Hierdie aspekte het 'n bydrae gelewer tot meer effektiewe assessering van maatskaplike problematiek, maar nie tot maatskaplikewerkhulpverlening nie, met die resultaat dat maatskaplike gevallewerk veral gekritiseer is as synde oneffektief vir die behandeling van individue wie se problematiek hoofsaaklik deur omgewingsbeïnvloeding teweeg gebring is.
- Die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie en die toepassing van die beginsels daarvan op individue, gesinne en gemeenskappe gedurende die 1960's en 1970's, het 'n meer holistiese denkraamwerk en intervensiestrategieë aan die maatskaplikewerkprofessie gebied wat die fokus op sowel die individu as 'n sisteem, maar ook op die ekologiese sisteem en die wedersydse beïnvloeding van die individuele en ekologiese sisteem, geplaas het.

2.3.2 BEGRONDING VAN DIE EKOLOGIESE BENADERING

Klem word deur Pardeck (1996:191-194) gelê op vier konsepte wat van kardinale belang is om die ekologiese benadering te begrond, te wete *transaksie*, *gedragskonteks*, *ekosisteem* en *gesondheid versus individuele patologie*. Die konsep *transaksie* is sentraal in hierdie benadering, aangesien die ander drie konsepte nie sonder genoegsame kennis van hierdie konsep begryp kan word nie. Vervolgens word elk van die konsepte toegelig, ten einde die ekologiese benadering teoreties te begrond.

2.3.2.1 Transaksie

Reeds is vermeld dat die ekologiese benadering gebaseer is op die algemene sisteemteorie. Daarom gebruik Hillery (1972:93) juis sisteemteoretiese konsepte om menslike ekologie te beskryf as *"(f)undamentally, an attempt to investigate the processes by which the biotic balance and the social equilibrium (1) are maintained once they are achieved and (2) the processes by which, when the biotic balance and the social equilibrium are disturbed, the transition is made from one relatively stable order to another."* Hieruit kan afgelei word dat die ekologiese benadering die klem

hoofsaaklik plaas op die interaksieprosesse[14] wat plaasvind tussen verskillende sisteme, terwyl deurlopend na 'n toestand van ekwilibrium gestreef word.

Hoewel Germain (1979:7) geensins die belangrikheid van die algemene sisteemteorie vir die ontwikkeling van die ekologiese benadering ontken nie, is sy van mening dat anders as in die geval van die algemene sisteemteorie, *"(e)cology is cast in less abstract terms because of its biological rather than physical origins ..."* Om hierdie rede is die toepassing van 'n ekologiese benadering eenvoudiger in die geval van menslike fenomene, as wat die algemene sisteemteorie is. Die ekologiese benadering is gebaseer op 'n evolusionêre siening van menslike aanpassing op grond waarvan die mens in voortdurende interaksie met die omgewing verkeer. As 'n resultaat hiervan kan insigte verkry word in die aard en resultate van hierdie interaksie vir sowel die mens as die fisiese en maatskaplike omgewing waarbinne gefunksioneer word. Weer eens word die klem dus hier geplaas op die prosesse van interaksie tussen die individu en sy omgewing.

Tydens hierdie interaksieproses tussen die mens en sy omgewing, word die vereiste gestel dat die mens 'n *"goodness-of-fit"* verhouding met die omgewing moet handhaaf. As die mens nie genoegsaam met die omgewing in interaksie is nie (insette, stimuli, inligting, energie en bronne ontvang en lewer), sal sy biologiese, kognitiewe, emosionele en maatskaplike ontwikkeling versteur en sy funksionering gestrem wees. Dieselfde beginsel geld ten opsigte van die omgewing, naamlik dat as die mens op 'n destruktiewe wyse met sy omgewing in interaksie is, word die omgewing beskadig en sal alles wat binne-in die omgewing funksioneer (individue, gesinne, groepe, gemeenskappe), dus benadeel word (Germain en Gitterman, 1980:5-6 en Pardeck, 1988:93). Tereg beweer Freeman (1984:287) dat die ekologiese benadering juis daarna streef om die aanpassingseienskappe van individue in hulle interaksie met hul omgewings te bevorder en om 'n meer gepaste skakeling tussen die individu se behoeftes en dié van omgewing te bewerkstellig. Aansluitend hierby som Delport (1984:23) die ekologiese benadering op deur daarna te verwys dat die mens en sy omgewing as 'n geïntegreerde sisteem beskou word waarin voortdurende wedersydse skawing en aanpassing plaasvind en waarby dan weer aangepas moet word, terwyl Hoffmann (1987:230) die stelling maak dat *"(e)cology rests on an evolutionary, adaptive view of human beings in continuous interactions with the environment."*

---

[14] *Interaksieprosesse* en *transaksionele prosesse* word hier as wisselvorme benut, aangesien die verskillende eksponente waarvan melding gemaak word, die konsepte nie konsekwent as òf interaksie òf transaksie aandui nie.

'n Laaste verwysing ten opsigte van die interaksie tussen die individu en sy omgewing, word gevind in die beskrywing van Faul (1989:1) wat beweer dat menslike ekologie beteken om die mens binne die evolusionêre, ekologiese en maatskaplike geheel te beskou, terwyl die klem in die beskouing op die wedersydse interaksieprosesse val.

'n Voortdurende interaksieproses bestaan dus tussen die individu en sy omgewing, waardeur wedersydse beïnvloeding ten opsigte van mekaar plaasvind. Ook kan afgelei word dat 'n wedersydse verantwoordelikheid as't ware tussen die individu en sy omgewing bestaan, aangesien destruktiewe transaksies sowel individuele as maatskaplike disfunksionering as resultaat sal hê.

Die waarde van die ekologiese benadering vir die maatskaplikewerkprofessie, lê volgens Germain en Gitterman (1995:7) juis primêr opgesluit in hierdie wegbeweging van 'n liniêre kousaliteitsraamwerk, na 'n meer sirkulêre fokus in die beskrywing en verklaring van 'n fenomeen. Die liniêre benadering gaan van die veronderstelling uit dat 'n veranderlike (A), 'n effek het op B op 'n bepaalde tydstip, terwyl A onveranderd bly. 'n Deterministiese siening word derhalwe gehandhaaf, naamlik dat as A 'n gegewene is, B die noodwendige *gevolg* daarvan is. Genoemde skrywers gee toe dat eenvoudige menslike verskynsels waarskynlik so verduidelik kan word, maar dat ekologiese denke meer komplekse verskynsels soos wat in die generiese maatskaplikewerkpraktyk aangetref word, verklaar.

Ekologiese denke beklemtoon dat as A 'n gegewene is, voorspelbare *gevolge* vir B nie noodwendig *hoef* te volg nie, aangesien die menslike aard kompleks is en dus nie voorspelbaar is nie. Selfs meer belangrik, is die beskouing dat A en B in 'n resiprokale verhouding, eerder as 'n liniêre verhouding tot mekaar staan. A mag dus 'n effek hê op B wat weer op sy beurt 'n effek het op A, wat weer vir B kan beïnvloed, met 'n *"... continuous loop of reciprocal influences over time"* as die resultaat daarvan (Germain en Gitterman, 1995:7).

Hieruit kan afgelei word dat liniêre oorsaak-gevolg verhoudings die klem daarop plaas dat as 'n gebeurtenis plaasvind of 'n faktor betrokke is, 'n voorspelbare *gevolg* die resultaat daarvan is. Die sirkulêre benadering daarenteen, beklemtoon dat die mens nie so voorspelbaar is dat 'n *gevolg* noodwendig na aanleiding van 'n gebeurtenis of die teenwoordigheid van 'n faktor, sal plaasvind nie. Die klem is eerder op die invloed van 'n gebeurtenis op 'n sisteem, die effek wat die gebeurtenis op die suprasisteem het en die aanpassing wat die oorspronklike sisteem dan weer na aanleiding van die effek in die suprasisteem, sal moet maak.

Skematies kan die verskil tussen liniêre en sirkulêre perspektiewe dus soos volg voorgestel word:

FIGUUR 3: LINIêRE EN SIRKULêRE PERSPEKTIEWE



Derhalwe kan akkoord gegaan word met Pardeck (1996:192) wat daarna verwys dat die sirkulêre transaksionele proses die hele aard van die maatskaplikewerkpraktyk herdefinieer deurdat die maatskaplike werker maatskaplike problematiek hiervolgens beskou as *"... a learned pattern that may be understandable responses to a maladaptive social environment."* Die etikettering van 'n kliënt as synde *"emotionally disturbed"*, behoort derhalwe vervang te word met die etiket *"disturbing client"*. Die individu self word dus nie as versteurd bestempel nie, maar as 'n sisteem wat gedragspatrone vertoon wat voortvloei uit 'n oneffektiewe interaksiepatroon met sy ekologie.

2.3.2.2 Gedragskonteks

Klem word deur Pardeck (1996:192-193) daarop geplaas dat die gedragskonteks 'n belangrike rol speel in die effek wat die ekologie op die individu het, maar dat *"... the environment does not totally determine behavior; the individual also influences the environment."* Die individu behoort dus nie as patologies of as wanaangepas beskou te word nie, maar as 'n persoon wat in transaksie is met 'n wanfunksionerende maatskaplike omgewing. Probleme met maatskaplike funksionering, behoort derhalwe beskou te word as die resultaat van interaktiewe, resiprokale en dinamiese prosesse tussen die persoon en sy omgewing. (Vgl. ook 2.3.2.1 waar die konsep *"goodness-of-fit"* hierdie wedersydse beïnvloeding beskryf.)

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die gedragskonteks aan die maatskaplike werker essensiële inligting verskaf op grond waarvan 'n assessering van maatskaplike problematiek gedoen kan word. Die gedragskonteks gee dus aan die maatskaplike werker 'n aanduiding van die interverweefde verhoudings tussen die fisiese konteks, individue, tyd en individuele gedrag.

2.3.2.3 Ekosisteem

Die ekosisteem word deur Ross (1988:146) gelykgestel aan die mens se eksterne wêreld wat hom omring en waarmee kontak gemaak word deur die vyf sintuie. Die benadering is dus gemoeid met die groei, ontwikkeling en potensiaal van mense en met die eienskappe van hul omgewings wat òf die uitdrukking van menslike potensiaal ondersteun, òf nie daarin slaag om dit te ondersteun nie. Hierdie ondersteuningsaspek van die omgewings waarbinne mense funksioneer, word ook toegelig deur Germain en Gitterman (1980:4-5) deur hulle verduideliking dat die ekologie 'n soeke is na hoedat spesies hulleself behou deur die benutting van die omgewing, deur die omgewing te verander in ooreenstemming met hul behoeftes, sonder om dit te vernietig en hoedat sulke aanpassingsprosesse die omgewing se diversiteit en lewensondersteunende eienskappe bevorder.

Die verwagting is dan *"... to consider human beings within 'the evolutionary, ecologic, and social wholes of which we are parts' "* (Germain en Gitterman, 1980:5). As voorbeelde van hierdie veranderende ekologiese of maatskaplike kontekste waarbinne die mens funksioneer, vermeld Pardeck (1996:193-194) die self, gesin, werksomgewing, die groter gemeenskap en enige ander sisteme waarmee 'n individu in interaksie is, met die resultaat dat *"(t)he client's conglomeration of various behavioral settings form the client's ecosystem."* Waarskynlik sou hierby ook gevoeg kon word die mens se interaksie met die natuur, maar ook die interaksie tussen die natuur en die individu. (Vgl. ook Figuur 1 in 2.2.3.2 vir 'n visuele aanduiding van hierdie ekosisteem van die individu.)

Ter samevatting kan aangedui word dat die klem in die ekologiese benadering dus geplaas word op die prosesse van beïnvloeding wat plaasvind deur die individu se interaksie met sy omgewing met die doel om die omgewing te verander, maar ook op die omgewing se interaksie met die individu, waarop gereageer moet word. Anders gestel, is die klem in die ekologiese benadering dus op die wedersydse beïnvloedingsprosesse wat plaasvind tussen sowel die individu en die omgewing, as tussen die omgewing en die individu.

Voorts kan afgelei word dat aanpassing en verandering by die individu, derhalwe die resultaat is van die individu se transaksie met sy hele ekologie. Nie alleen die eienskappe van die individu of dié van sy ekologie nie, maar die transaksionele raamwerk wat onder andere ook individuele en ekologiese eienskappe insluit, gee dus aanleiding tot groei, stagnasie of wanfunksionering by die individu.

2.3.2.4 Gesondheid *versus* individuele patologie

Die mening van Hoffmann (1987:230) is dat 'n ekologiese benadering die wetenskaplike voorsien van 'n denkraamwerk waarvolgens menslike behoeftes en probleme beskou word as gegenereer deur die transaksies tussen mense en hul omgewings, omdat die sensitiewe balans tussen lewende wesens en hul omgewings en die wyses waarop hierdie wederkerigheid bevorder en gehandhaaf kan word, beklemtoon word. Sodanige benadering word derhalwe beskou as 'n meer benutbare praktykmetafoor as die mediese siektemetafoor wat daartoe neig om probleme en behoeftes voor die deur van die individu alleen, te lê. Voorts word 'n nie-liniêre konsep van oorsaaklikheid voorsien, *"... locating it in the interface between person and environment, i.e. in transaction, which denotes systems in process with systems, where cause and effect are so integrally related that no entity can be located as the first or the final cause"* (Hoffmann, 1987:230-231). 'n Interessante opmerking oor hierdie nie-liniêre konsep van menslike transaksies word deur Grobbelaar en Louw (1990:20) gemaak wanneer hulle skryf dat *"(w)at oorsaak is, is dikwels die gevolg en wat die gevolg is, is dikwels die oorsaak."* Pardeck (1996:190) beweer dan tereg dat in teenstelling met 'n mediese siektemetafoor, *"(a) health orientation is stressed that focuses on the whole person, not on individual pathology."*

Hieruit kan afgelei word dat die ekologiese benadering dus die klem verskuif weg van 'n liniêre denkraamwerk, na 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief waar nie die individu of die omgewing van die individu alleen vir die *veroorsaking* van maatskaplike problematiek verantwoordelik gehou word en dus as *siek* beskou word nie, maar waar gefokus word op die interaksieprosesse en prosesse van wedersydse beïnvloeding wat plaasvind tussen 'n veelheid van interverweefde sisteme, dus op *gesondheid* van die hele mens en nie op individuele patologie nie. (Vgl. ook *Figuur 3: Liniêre en sirkulêre perspektiewe*, in 2.3.2.1 in hierdie verband.)

Ter samevatting kan die begronding van die ekologiese benadering derhalwe in die volgende hoofpunte aangedui word:

⇒ Geen individu kan bestaan of funksioneer sonder om in interaksie met sy omgewing te verkeer nie, aangesien die mens deel is van die ontwikkelings-, ekologiese en maatskaplike geheel waarbinne gefunksioneer word.

⇒ Interaksie tussen die individu en sy omgewing is noodsaaklik vir die bevordering van die individu se biologiese, kognitiewe, emosionele en maatskaplike ontwikkeling.

⇒ Ter wille van groei, ontwikkeling en die ontginning van menslike potensiaal, beïnvloed en manipuleer die individu sy omgewing deur daarmee in interaksie te tree, wat daartoe aanleiding gee dat die omgewing moet aanpas deur die ontwikkeling van groter diversiteit en die bevordering van lewensondersteunende eienskappe, as 'n resultaat van die beïnvloeding.

⇒ Hierdie beïnvloeding van die omgewing het onmiddellik ook weer 'n effek op die individu, waarby deur die individu aangepas moet word.

⇒ Die fokus is derhalwe op die wedersydse beïnvloedingsprosesse van sowel die individu ten opsigte van sy omgewing, as ten opsigte van die omgewing met betrekking tot die individu, maar ook op die resultate van hierdie wedersydse beïnvloeding.

2.3.3 WAARDE VAN 'N EKOLOGIESE BENADERING VIR DIE MAATSKAPLIKEWERKPROFESSIE

Volgens Germain (1985:31), kan die ekologiese benadering hoofsaaklik op vyf wyses ontwikkeling aan die maatskaplikewerkpraktyk bied.

⇒ Die fokus van die maatskaplike werker word uitgebrei om die totale lewensruimte van die kliënt (individu, groep, gesin of gemeenskap) in te sluit.

⇒ Die maatskaplikewerkhulpverleningsproses wat tradisioneel bestaan uit aansluiting, assessering, kontraksluiting, probleemdefiniëring, doelformulering, aksie en evaluering van die resultate, word geheroriënteer na twee komplementêre maatskaplikewerkfunksies, naamlik;

  ◊ die ontlading van menslike kapasiteite vir groei, bemagtiging, gesondheid en aanvaarde maatskaplike funksionering en

  ◊ vermeerdering van die verantwoordelikhede van die maatskaplike en fisiese omgewing tot kliënte se behoeftes, regte, aspirasies en vermoëns.

⇒ Menslike probleme en behoeftes word gedefinieer in transaksionele terme, met ander woorde as synde die resultaat van wanaanpassing in die mens-en-omgewing-verhouding.

⇒ Die fokus van dienslewering verskuif na die transaksionele verskynsels van aanpassing, spanningsdruk en -hantering as uitdrukkings van die aard van die mens-omgewing-verhouding.

⇒ Die verskillende maatskaplikewerkmetodes en gespesialiseerde dienslewering deur welsynsorganisasies, maak plek vir 'n geïntegreerde metode van dienslewering aan mense.

Die ekologiese benadering bied dus spesifiek aan die maatskaplikewerkkennisraamwerk 'n holistiese, interaksionele perspektief wat breër strek as die tradisionele oorsaak-gevolg raamwerk soos afgelei vanuit die siekte-model, waarvanuit sowel individuele as gemeenskapsproblematiek geassesseer en geïntegreerde maatskaplikewerkhulpverlening moontlik gemaak word.

'n Eie interpretasie is dat juis as 'n resultaat van die uiters breë toepassingsmoontlikhede van die ekologiese benadering tot die beskrywing en verkenning van 'n veelheid van maatskaplike probleme, dié benadering by uitstek benutbaar is in die maatskaplikewerkprofessie.

2.3.4 DIE EKOLOGIESE SISTEEM

Die Amerikaanse sielkundige, Jurie Bronfenbrenner, het na aanleiding van die ekologiese benadering, sy sogenaamde ekologiese model van menslike ontwikkeling gedurende 1974 bekendgestel. Die doel met hierdie ontwikkeling, was om 'n holistiese perspektief ten opsigte van die menslike ontwikkelingsproses en die verskillende ekologiese sisteme waarmee in wisselwerking getree word tydens hierdie proses, uiteen te sit (Bronfenbrenner, 1974:1-4). In sy ekologiese model, was vier konsepte sentraal, te wete die mikrosisteem, mesosisteem, eksosisteem en die makrosisteem (Bronfenbrenner, 1977:514-515). Vervolgens word elk van hierdie konsepte kortliks uiteengesit, ten einde die agtergrond daar te stel vir die aanpassings wat deur Belsky (1980:320-335) en Carlson (1984:571-579) ten opsigte van hierdie oorspronklike ontledingsvlakke gedoen is en wat vir die doeleindes van hierdie studie benut word.

2.3.4.1 Vlakke in die ekologiese model

Elk van die vlakke word vervolgens toegelig deur onder andere van voorbeelde gebruik te maak, waarna 'n skematiese aanduiding van die vlakke in die oorspronklike ekologiese model, aangebied word.

✒ ***Mikrosisteem***

Die mikrosisteem verwys volgens Bronfenbrenner (1977:514) na die *"... complex of relations between the developing person and environment in an immediate setting containing that person"*, byvoorbeeld sy tuiste, skool of werkplek. Hierdie *"setting"* word dan beskryf as 'n plek met spesifieke fisiese kenmerke waarin die deelnemers bepaalde aktiwiteite (spesifiek rolle soos dié van dogter, ouer, onderwyser, werknemer ensovoorts) binne bepaalde tydsperiodes uitvoer (Bronfenbrenner, 1977:514).

Hieruit kan afgelei word dat die mikrosisteem verwys na die veelheid van verhoudings wat bestaan tussen 'n persoon en sy onmiddellike fisiese omgewing, byvoorbeeld 'n vrou se verhouding met haar gesinsisteem waar sy die rol van moeder vervul, 'n man se verhouding met sy werksomgewing waar hy 'n werknemer is en 'n kind se verhouding met sy onderwyser waar hy in die rol van 'n leerling is.

✒ ***Mesosisteem***

Die verhoudings binne die onmiddellike omgewing van 'n individu op enige tydstip tydens sy / haar lewe, word die mesosisteem genoem. Tipiese faktore wat in die individu se mesosisteem vervat is, sluit aspekte in soos interaksie met die gesin, die portuurgroep, kerk en met die werkplek. Die mesosisteem is dus 'n sisteem van mikrosisteme (Bronfenbrenner, 1977:515).

Die afleiding is dus dat die mikrosisteem bestaan uit die verhouding tussen die individu en sy onmiddellike omgewing waarvolgens die betrokkene in 'n bepaalde rol verkeer, terwyl die mesosisteem al hierdie verhoudings wat in die onmiddellike omgewing van die individu bestaan, insluit. 'n Vrou se mesosisteem sou dus byvoorbeeld onder andere kon insluit haar verhouding met haar man, kinders, ouers, skoonouers en werkgewer, haar verhouding met die kinders se onderwysers, met die lede van 'n boekklub waaraan sy behoort en haar verhouding met haar buurvrou.

✒ ***Eksosisteem***

'n Uitbreiding van die mesosisteem, is die eksosisteem wat formele en informele maatskaplike strukture insluit, *"... that do not themselves contain the developing person but impinge upon or encompass the immediate settings in which that person is found, and thereby influence, delimit, or even*

determine what goes on there" (Bronfenbrenner, 1977:515). Om hierdie rede word die werksomgewing, woonbuurt, die massamedia, plaaslike en nasionale regeringsinstellings, die verspreiding van goedere en dienste en informele maatskaplike netwerke hierby ingesluit.
Deur middel van die benutting van die konsep eksosisteem, word die klem derhalwe geplaas op breër maatskaplike strukture as bloot die individu se onmiddellike omgewing en die invloed wat hierdie breër maatskaplike strukture uitoefen op die aktiwiteite binne die individu se onmiddellike omgewing.

- ***Makrosisteem***

"(T)he overarching institutional patterns of the culture or subculture, such as the economic, social, education, legal and political systems, of which micro-, meso-, and exosystems are the concrete manifestitations" word na verwys as die makrosisteem (Bronfenbrenner, 1977:515). Hierdie makrosisteme word nie alleen in strukturele terme beskou nie, maar ook as die draers van inligting en ideologieë wat sowel eksplisiet as implisiet, betekenis en motivering aan sekere instansies, maatskaplike netwerke, rolle, aktiwiteite en hulle wederkerige verhoudings bied (Bronfenbrenner, 1977:515).

Die makrosisteem beïnvloed dus die lewe van enige individu deur 'n bepaalde kultuur of subkultuur daar te stel waarbinne die eksosisteem, die mesosisteem en die mikrosisteem funksioneer. Skematies sou die onderskeid tussen die vlakke in die oorspronklike ekologiese model, waarskynlik soos volg aangedui kon word:

FIGUUR 4: VLAKKE IN DIE OORSPRONKLIKE EKOLOGIESE MODEL



2.3.4.2 Vlakke in die ekologiese ontledingsisteem

Reeds is vermeld (vgl. 1.2) dat 'n resente ontwikkeling in die sosiale wetenskappe, is om die ekologiese model van menslike ontwikkeling van Bronfenbrenner (1977:513-531) op gesinsgeweld as verskynsel van toepassing te maak, aangesien die model juis daarvoor voorsiening maak dat 'n verskeidenheid van multi-faktorale, sirkulêre kousaliteitsvlakke ontleed kan word. Vir die doeleindes van hierdie studie, word die aanpassings[15] van die ekologiese model wat deur Belsky (1980:320-335) en deur Carlson (1984:571-579) aan die oorspronklike model van Bronfenbrenner gemaak is, benut om geweld teenoor vroue binne die unieke Suid-Afrikaanse konteks te verken en te beskryf.

[15] Vgl. 1.2 vir 'n bespreking van genoemde aanpassings.

Die vlakke van ontleding wat benut word, sluit in die individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke. In die mikrosisteem sluit die ontledingaspekte die individue, te wete die slagoffer en die geweldenaar in. Die mesosisteem omring hierdie mikrosisteem en sluit in die gesinsisteem waarbinne die gewelddadige gedrag voorkom. Sowel die mikrosisteem as die mesosisteem word omsluit deur die eksosisteem, wat sosiaal-strukturele en sosio-kulturele faktore insluit (Carlson, 1984:570 en Carlson, 1997:80).

Anders as Bronfenbrenner (1977:514-515), fokus Carlson (1984:570) en Carlson (1997:80) dus pertinent op die persoonlikheidseienskappe van die individu in die mikrosisteem, terwyl Bronfenbrenner se verduideliking van die makrosisteem, ooreenstem met Carlson (1984:570) se sogenaamde sosio-kulturele vlak van ontleding.

Aspekte wat spesifiek ten opsigte van geweld teenoor vroue in berekening gebring behoort te word by die analise van elkeen van hierdie vlakke, word vervolgens aangedui. 'n Volledige bespreking van elk van hierdie vlakke word deur die benutting van die ekologiese ontledingsisteem, in hoofstukke vier tot sewe aangebied.

✂ ***Individuele vlak***

Volgens Carlson (1984:571-574) behoort analise op die individuele vlak minstens die volgende aspekte ten opsigte van sowel die man as die vrou in die gewelddadige verhouding, in te sluit:

⇒ Persoonlike houdings en waardes, wat onder andere ook vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong oorgedra is.

⇒ Persoonlike bronne, vaardighede en vermoëns.

⇒ Elke betrokkene se persoonlike swakhede, probleme en patologieë.

⇒ Die betrokkenes se unieke subjektiewe belewenisse en wêreldbeskouings.

Hieruit kan afgelei word dat die persoonlikheidstrukture en -dinamika van elke individu wat betrokke is in die gewelddadige verhouding, ontleed behoort te word vir die doeleindes van verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue. 'n Eie interpretasie is dat tot hierdie aspekte vir ontleding wat Carlson (1984:571-574) vermeld ook die volgende aspekte eksplisiet gevoeg behoort te word, wanneer 'n ontleding vanuit 'n ekologiese benadering gedoen word:

⇒ Die kognitiewe prosesse van die betrokkenes en

⇒ die beïnvloeding van die persoonlikheidstruktuur en -dinamika deur die ekologie (gesin en gemeenskap) waarbinne die betrokkenes funksioneer, maar ook

⇒ die beïnvloeding deur die betrokke individue ten opsigte van hulle ekologiese konteks.

Alleen deur die toevoeging van laasgenoemde twee aspekte, sal waarskynlik voorkom kan word dat vasgeval word in die ontleding van liniêre oorsaak-gevolg verhoudings en sal beweeg kan word na 'n meer holistiese, sirkulêre kousaliteitsperspektief wat die verkenning van 'n veelheid ekologiese vlakke insluit.

✂ ***Gesinsvlak***

Hoofsaaklik drie faktore word deur Carlson (1984:574-576) uitgesonder as aspekte wat geanaliseer moet word op die gesinsvlak. Hierdie drie aspekte is;

◊ die gesinstruktuur, met spesifieke verwysing na die rolle van elke gesinslid en die aard van sowel die individuele as die gesinsisteem se grense,

◊ interaksionele dinamika in die gesinsisteem, met die hoofklem op gesinskommunikasie, wedersydse beïnvloeding en patrone van konflikhantering en

◊ gesin-van-oorsprong beïnvloeding, waar die klem hoofsaaklik geplaas word op invloede vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, wat multigeneratief oorgedra word.

Die fokus is derhalwe op die struktuur en die unieke dinamika van die gesinsisteem waarbinne die geweld voorkom. 'n Eie interpretasie is dat ten opsigte van die gesinstruktuur, minstens ook 'n ontleding van die verskillende subsisteme (vgl. 2.2.3.1), gesag (vgl. 2.2.3.4), gesinsreëls (vgl. 2.2.3.4), van die aard van die gesinsisteem se ekwilibrium (vgl. 2.2.3.5) en die mate waartoe die doel van die gesinsisteem (vgl. 2.2.3.3) verwesenlik word, sal moet plaasvind. Ook sou 'n ontleding van die fase in die gesinslewensiklus en die mate waartoe die gesinsisteem daarin slaag om sy gesinsontwikkelingstake wat gekoppel is aan elke fase (vgl. Tabel 1 in 2.2.3.3) uit te voer, waarskynlik tot 'n meer holistiese ontleding van geweld op gesinsvlak, kan bydra.

✂ ***Sosiaal-strukturele vlak***

Die sosiaal-kulturele vlak van ontleding, omsluit volgens Carlson (1984:576-578) hoofsaaklik drie aspekte, te wete;

- ekonomiese realiteite, byvoorbeeld werkloosheid en armoede,
- polisiëring en regsprosedures en
- die heersende waardes en norme in 'n gemeenskap en woonbuurt, veral ten opsigte van dié strukture se reaksie op maatskaplike problematiek.

Daar word egter deur Carlson (1984:578) toegegee, dat die laasgenoemde aspek *"... [is] closely linked with those that operate at the broadest level of analysis - the sociocultural [level] ..."*. Die afleiding kan derhalwe gemaak word dat die sosiaal-strukturele ontledingsvlak hoofsaaklik fokus op meer formele strukture en realiteite wat waarskynlik empiries makliker meetbaar en verifieerbaar sou kon wees. 'n Eie interpretasie is dat by die drie aspekte van Carlson (1984:576-578) ook gevoeg sou kon word;

- die beskikbaarheid van dienslewerende strukture en instansies vir sowel die geweldenaars as die slagoffers van die geweld en
- voorkomende programme ten opsigte van geweld.

✂ ***Sosio-kulturele vlak***

Die sosio-kulturele vlak van ontleding sluit twee aspekte in, naamlik samelewingsnorme en kulturele waardes, waaronder aspekte soos seksisme, geslagsrolstereotipering, algemene aanvaarding van geweld en algemeen-geldende norme ten opsigte van gesinslewe, as voorbeelde genoem word (Carlson, 1984:578-579). Die sosio-kulturele vlak van ontleding is dus hoofsaaklik gemoeid met minder sigbare en waarskynlik empiries moeiliker toetsbare waardes en norme wat 'n invloed uitoefen op maatskaplike strukture, gesinne en op individue. Juis om hierdie rede is 'n eie interpretasie dat by Carlson (1984:578-579) se gemelde aspekte, ook gevoeg behoort te word die rol van godsdienstige instellings in die daarstel van 'n sosio-kulturele omgewing en die sosialiseringsproses waartydens hierdie sosio-kulturele aspekte vasgelê en geïnternaliseer word deur individue.

Elk van die vlakke in die ekologiese ontledingsisteem wat vir die doeleindes van hierdie studie benut word, kan skematies soos volg na aanleiding van Carlson (1984:571) aangedui word.

FIGUUR 5: EKOLOGIESE RAAMWERK VIR DIE ANALISE VAN AANLEIDENDE EN INSTANDHOUDENDE FAKTORE TOT GEWELD TEENOOR VROUE



Bron: Carlson, 1984:571.

2.3.5 WAARDE VAN DIE BENUTTING VAN DIE VLAKKE IN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

Die benutting van die ekologiese vlakke tydens die ontleding van 'n maatskaplike verskynsel, hou etlike voordele vir die maatskaplikewerkprofessie in, waarvan die volgende aspekte vermelding verdien:

⇒ 'n Sirkulêre kousaliteitsperspektief waarvolgens 'n verskeidenheid van faktore op verskillende vlakke 'n invloed uitoefen op 'n verskynsel, word moontlik gemaak (Carlson, 1984:570 en 579 en Hoffmann, 1987:230).

⇒ 'n Integrasie van bestaande kennis ten opsigte van 'n verskynsel kan plaasvind deurdat 'n verskeidenheid van faktore op verskillende vlakke van ontleding, maar ook die interaksie tussen die vlakke, verreken kan word (Carlson, 1984:579 en Hoffmann, 1987:230).

⇒ 'n Verskynsel kan ontleed word binne 'n bepaalde tydskonteks, maar ook oor die verloop van 'n aantal jare, met die resultaat dat 'n longitudinale perspektief ten opsigte van 'n verskynsel daargestel kan word (Carlson, 1984:579 en Small en Luster, 1994:183).

⇒ Die vermoë om te onderskei tussen faktore wat aanvanklik aanleiding gee tot 'n verskynsel, maar ook faktore wat bydra tot die instandhouding daarvan, word moontlik gemaak (Carlson, 1984:579).

⇒ 'n Meer omvattende, holistiese en multidimensionele beskrywing van die verskynsel onder waarneming kan gedoen word (Carlson, 1984:579, Howard en Johnson, 1985:483, Hoffmann, 1987:236 en Fukurai en Alston, 1992:259).

⇒ 'n Meer betekenisvolle passing (*"fit"*) tussen die individue wat ly as 'n resultaat van 'n maatskaplike verskynsel / gebeurtenis en die beskikbare hulpbronne in die ekosisteem, word moontlik gemaak (Freeman, 1984:287).

⇒ Sowel aspekte vir intervensie as vir die voorkoming van 'n maatskaplike verskynsel, kan na aanleiding van die ontleding afgelei en toegepas word (Howard en Johnson, 1985:483 en Grobbelaar en Louw, 1990:15).

⇒ 'n Wegbeweging ten opsigte van die mediese model van individuele patologie wat genees moet word, na 'n ontleding van die uitkomste van die transaksies tussen individue en hulle ekologiese kontekste, word moontlik gemaak (Pardeck, 1988:102, Small en Luster, 1994:182 en Pardeck, 1996:190).

⇒ Die klem word geplaas op groei en ontwikkeling en die bereiking van doelstellings ten opsigte van 'n verskeidenheid van sisteme in interaksie (Pardeck, 1996:190.)

⇒ Assessering van kliënte (individue, groepe, gesinne en gemeenskappe) se problematiek kan op 'n verskeidenheid van vlakke plaasvind, met meer effektiewe, geïntegreerde maatskaplikewerkhulpverlening as die resultaat daarvan (Carlson, 1997:83-88).

Na aanleiding van bogenoemde, word afgelei dat die ontleding van 'n maatskaplike verskynsel deur die benutting van die verskillende vlakke in die ekologiese ontledingsisteem, vir die

maatskaplikewerkprofessie nie alleen 'n uitbouing van die bestaande kennisraamwerk impliseer nie, maar dat ook die vermoë om geïntegreerde maatskaplikewerkhulpverlening deur middel van die primêre maatskaplikewerkmetodes te kan toepas, bevorder word.

2.4 SAMEVATTING

'n Verskeidenheid van teoretiese raamwerke is beskikbaar waarvolgens geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings ondersoek en beskryf kan word. Die psigopatologiese perspektiewe plaas die klem op die persoonlikheidseienskappe, -gebreke en patologieë wat teenwoordig is by sowel die geweldenaar as die slagoffer van die geweld, wat daartoe aanleiding gee dat die geweld beskou word as 'n simptoom van 'n siektetoestand wat binne die betrokke individue gesetel is. Gesinsistemiese perspektiewe fokus op die verhouding tussen die betrokkenes in die gewelddadige konteks. So byvoorbeeld, word gelet op die gesinstruktuur, rolle, die verspreiding van gesag, kommunikasiepatrone en die interaksionele dinamika binne die verhouding, in 'n poging om die geweld binne die verhouding te ontleed en te beskryf. Maatskaplike perspektiewe ten opsigte van geweld, plaas die klem op maatskaplike omstandighede, strukture en ideologieë buite die individu en gesinsisteem wat 'n invloed uitoefen om die geweld te laat ontwikkel, maar ook om dit in stand te hou. Genoemde perspektiewe het dit in gemeen dat sterk gefokus word op liniêre oorsaak-gevolg verhoudings, waar 'n bepaalde aspek (die individu, die gesin of die maatskaplike konteks) verantwoordelik gehou word vir die *veroorsaking* van die geweld, sonder om die interaksionele prosesse tussen die verskillende aspekte in aanmerking te neem.

Die ekologiese benadering daarenteen, is gegrond op die algemene sisteemteorie met die resultaat dat die fokus van ontleding, te wete die transaksies tussen 'n verskeidenheid van sisteme op verskillende vlakke van ontleding, moontlik maak. Derhalwe word wegbeweeg vanaf 'n liniêre oorsaak-gevolg verhouding wat op siektemodel gebaseer is, na 'n meer omvattende, holistiese en interaksionele perspektief van ontleding. Sodanige benadering maak 'n sirkulêre kousaliteitsontleding moontlik, deurdat gefokus word op 'n verskeidenheid van sisteme wat interafhanklik van mekaar funksioneer en mekaar deurentyd beïnvloed deur middel van hul interaksie met mekaar. Die klem is derhalwe nie soseer op *oorsake* en *gevolge* nie, maar op die interaksie tussen die verskillende aspekte op 'n verskeidenheid van vlakke van ontleding.

Die vlakke van ontleding sluit in die individuele vlak, gesinsvlak, sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke, met die klem nie alleen op die inhoud van elke ontledingsvlak nie, maar op die interaksie tussen die verskillende vlakke. Sodoende word 'n uitbouing van die bestaande maatskaplikewerkkennisraamwerk ten opsigte van 'n maatskaplike verskynsel soos geweld teenoor vroue, maar ook meer geïntegreerde maatskaplikewerkhulpverlening, deur die benadering moontlik gemaak.

HOOFSTUK 3

'N TEORETIESE ORIëNTERING TEN OPSIGTE VAN GEWELD TEENOOR VROUE

In hierdie hoofstuk word 'n oriëntering gedoen ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Ten aanvang word aandag geskenk aan 'n historiese oorsig van geweld teenoor vroue en meer spesifiek, 'n histories-kontekstuele oriëntering ten opsigte van die Suid-Afrikaanse konteks waarbinne hierdie studie plaasvind. Verskillende verskyningsvorme van geweld word onderskei, maar ook die geïntegreerdheid van hierdie geweldstiperinge word aangedui. Ook word aandag geskenk aan wederkerige geweld, deur spesifiek te fokus op onder andere geslagsverskille as veranderlike tydens gewelddadige optrede. Teen hierdie agtergrond word 'n bespreking gevoer oor 'n tipiese geweldsiklus wat binne saamwoon- en huweliksverhoudings kan voorkom.

In 1.5.1 is daarna verwys dat die navorsingsresultate wat vir die doeleindes van hierdie studie benut word, hoofsaaklik vanuit die buiteland afkomstig is. Ook is die aandag daarop gefokus dat hierdie navorsing meesal gegrond is op die resultate van die *Conflict Tactics Scale* (CTS) soos ontwikkel deur Straus (1979:75-88) in 1972 en gedurende 1996 aangepas deur Straus et al. (1996:283-316) na die *Revised Conflict Tactics Scale* (CTS2). In die lig daarvan dat soveel van die navorsingsresultate wat in toekomstige hoofstukke benut word, gebaseer is op resultate van die *Conflict Tactics Scale*, word dit as noodsaaklik beskou dat in hierdie hoofstuk 'n oriëntering gedoen word minstens ten opsigte van wat die skaal is, enkele begrippe, inhoudelike aspekte daarvan, toepassingsmoontlikhede en die potensiële waarde, maar ook die tekortkominge daarvan. Die hoofstuk word derhalwe afgesluit deur 'n bespreking oor die meting van geweld, waartydens in die besonder gefokus word op die *Conflict Tactics Scale* as instrument wat algemeen benut word vir hierdie doel.

Uiteraard regverdig 'n oriëntering ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as't ware 'n studie op sigself, juis vanweë van die kompleksiteit van die verskynsel. Aspekte soos byvoorbeeld die verband tussen geweld teenoor vroue en alkoholgebruik, magsverspreiding en selfs resultate van dié geweld sou moontlik insluiting regverdig wanneer sodanige oriëntering gedoen word. Die doel van hierdie hoofstuk is egter nie om 'n allesomvattende teoretiese begronding met betrekking tot geweld teenoor vroue daar te stel nie, maar om enkele relevante aspekte van die verskynsel ten opsigte waarvan 'n ekologiese perspektief in hierdie studie gebied word, teoreties te begrond. Juis weens die holistiese aard van 'n ekologiese benadering tot geweld, word aspekte wat nie pertinent in hierdie hoofstuk vervat word nie, teoreties verken en beskryf in toekomstige hoofstukke waar spesifiek aan elke vlak van die ekologiese ontledingsisteem aandag geskenk word.

Waar hoofstuk een dus 'n oriëntering gebied het met betrekking tot die studie as sulks en hoofstuk twee die fokus geplaas het op die konseptuele raamwerk wat vir die doeleindes van die studie benut word, dien hierdie hoofstuk as 'n oriëntering ten opsigte van die verskynsel wat bestudeer word.

3.1 HISTORIESE OORSIG

In sy bespreking oor geweld, begin Wertham (1966:2) met 'n verwysing na drie probleme wat in die *eerste gesin*, te wete Adam, Eva en hulle kinders, ondervind is. Hierdie probleme was (1) *"... 'turmoil of thought', especially about good and evil (the tree of knowledge of good and evil) ..."*, (2) seksualiteit (lus as 'n slang wat aan die bors gekoester word) en (3) geweld (die moord van Abel deur Kain). Voorts word beweer dat wetenskaplikes hulleself vir jare lank besig gehou het met die bestudering van die eerste twee aspekte, naamlik morele filosofie en seksualiteit. Die derde probleem, *geweld*, is egter as 'n tema in die wetenskap afgeskeep ten spyte daarvan dat *"(t)he chain of the continuity of violence reaches from the most ancient times to today's headlines"* (Wertham, 1966:2).

Hieruit kan afgelei word dat alhoewel geweld waarskynlik so oud is soos die mensdom self, die bestudering van geweld as 'n samelewingsverskynsel grootliks vermy is. Redes vir hierdie vermyding word deur Wertham (1966:5-9) aangedui as synde dat;

- geweld 'n emosionele onderwerp is wat derhalwe eerder verontagsaam is,

- die verskynsel beskou is as 'n geïsoleerde en beperkte onderwerp vir bestudering, deurdat die invloed van versoekinge, verleiding en motiewe vir geweld geïgnoreer is,
- amptelike status aan geweld gegee word, deurdat regerings geweld probeer beveg deur die daarstelling van wette, wat op hul beurt weer die implisiete dreigement van toegepaste geweld inhou,
- die slagoffer al hoe meer verontagsaam word deurdat die fokus na afloop van geweldpleging op die geweldenaar en sy straf geplaas word en dat
- die mens geneig is om sigself te verbeel dat so 'n hoë vlak van gekultiveerdheid bereik is, dat in 'n geweldlose samelewing geleef word.

Geesteswetenskaplikes het hulleself dus aanvanklik besig gehou met die bestudering van etiek en seksualiteit, maar onder andere weens die emosionaliteit ten opsigte van en die legitimiteit van sekere vorme van geweld, is die bestudering van hierdie verskynsel grootliks agterweë gelaat. 'n Eie interpretasie is dat die sestigerjare waartydens Wertham (1966) se studie gepubliseer is, 'n dekade was waartydens seksualiteit hoë prioriteit in die samelewing geniet het, wat moontlik daartoe aanleiding gegee het dat navorsers gefokus het op die sake van die dag, te wete seksualiteit en waarskynlik ook die etiese vraagstukke na aanleiding van 'n emosionele onderwerp soos seksualiteit.

Moontlik juis vanweë die verontagsaming van geweld vir soveel jare, beweer Hotaling en Straus (1980:8) dat dit prematuur is om van 'n historiese perspektief ten opsigte van geweld te praat wanneer hulle skryf dat *"... it has been a very short time since sociologists turned a critical eye on the phenomenon."* Aanvanklike navorsing (laat sestigerjare en vroeë sewentigs) oor geweld het gefokus op maatskaplike *oorsake* daarvan byvoorbeeld norme in die subkultuur, sosiale klas en mans se gebrek aan die nodige hulpbronne om hul posisie as gesinshoof te bevestig[16].

Eers gedurende 1974 is navorsing spesifiek ten opsigte van geweld in gesinsverband gedoen en op daardie stadium was die psigopatologiese perspektief ten opsigte van geweld veral prominent[17]. Erkenning is egter ook gegee aan inherente probleme in die sosiale konstruk van die huwelik, naamlik dat die vrou na huweliksluiting as deel van die man se eiendom beskou is, as *veroorsakende* faktor vir geweld (Hotaling en Straus, 1980:8-9). Hieruit kan 'n duidelike soeke na liniêre oorsaak-gevolg verhoudings ten opsigte van geweld, afgelei word. Juis as 'n

---

16 Maatskaplike perspektiewe ten opsigte van geweld word in 2.1.3 aangedui.

17 Vgl. 2.1.1 vir 'n bespreking oor enkele psigopatologiese perspektiewe ten opsigte van geweld.

resultaat van hierdie navorsing, vermeld Aron en Olson (1997:4) dat *"emergency shelters"* en ander dienste vir mishandelde vroue, teen die middel van die 1970's in die Verenigde State van Amerika daargestel is.

Navorsing oor geweld is dus 'n relatief nuwe tema in die geesteswetenskappe wat ten spyte daarvan dat die verskynsel waarskynlik so oud soos die mensdom self is, eers gedurende die afgelope twee dekades navorsers se aandag begin trek het. Waarskynlik is die oorsaak-gevolg verhoudings waarna verwys word, tipies van die era voordat die beginsels van die algemene sisteemteorie op maatskaplike verskynsels van toepassing gemaak is[18].

Ook Pagelow (1988:214) verwys na hierdie jarelange verontagsaming van geweld as navorsingstema en skryf spesifiek ten opsigte van gesinsgeweld die navorsingsgebreke toe aan die privaatheid van die gesin. Hierdie privaatheid word verduidelik aan die hand van die wêreldwye historiese instelling van patriargie, waarvolgens die man in die meeste samelewings as die hoof van sy gesin beskou word en ander gesinslede onderdanig aan hom moet wees en sy wense moet uitvoer. (Vgl. ook Myers, 1995:498.) 'n Ekstreme voorbeeld hiervan word deur Dobash en Dobash (1979:6) na aanleiding van 'n Amerikaanse hofbeslissing in die negentiende eeu beskryf as *" .. the priviledge, ancient though it be, to beat her with a stick, to pull her hair."* Aansluitend hierby, vermeld Steinmetz en Lucca (1988:233-234) dat aan mans histories die reg gegee is om indien nodig, deur geweld hul vroue en kinders te beheer en dat vroue en kinders as deel van die plaasdiere en derhalwe as die man se eiendom, beskou is. In hierdie verband wys Johnson (1995:287) spesifiek op die patriargale stelsel in die Amerikaanse gesin, op grond waarvan die sentrale motiverende faktor vir geweld teenoor vroue *"... a man's desire to exercise general control over 'his' woman"* is.

Die gesin is dus beskou as 'n private domein waarin die man die aller-hoof is van sowel die huishouding, as van elkeen van die gesinslede. Die man is derhalwe die eienaar van sy gesin, met die *gevolg* dat die afdwinging van mag en beheer, soms selfs deur die benutting van geweld, gelegitimeer is. Juis hierdie totale beheer van die gesin deur die man, het dan ook daartoe aanleiding gegee dat die gesin as 'n private domein beskou is wat ontoeganklik vir wetenskaplike navorsing was.

---

[18] Vgl. 2.2.1 vir 'n bespreking oor die historiese oorsprong en toepassing van die algemene sisteemteorie in die geesteswetenskappe.

Dat min inligting beskikbaar is oor die mishandeling van vroue in vroeër tye, word ook deur Edleson en Tolman (1992:17-18) beweer, terwyl die fokus geplaas word op 'n beperkte hoeveelheid inligting wat wel oor die verband tussen Europese kulture en geweld en dié tussen die Amerikaanse kultuur en geweld ontgin kan word. Hiervolgens is vroue in die Romeinse Ryk, maar ook in die Westerse geskiedenis, as mans se besittings en as skepsels waaroor geheers moet word, beskou. (Vgl. ook Myers, 1995:498.)

Die vrouebewegings gedurende die 1960's en 1970's in Europa en in die Verenigde State van Amerika, word egter deur Edleson en Tolman (1992:18) en ook Babich en Voit (1992:92) beskou as van kardinale belang vir die wysiging van hierdie beskouinge van die vrou, wat daartoe aanleiding gegee het dat *"(w)hat once was defined as the basic right of a husband to 'chastise' his wife ... is now often labeled as antisocial behavior that violates the rights of the women ..."* (Edleson en Tolman, 1992:18). Ten spyte hiervan, is Myers (1995:498) van mening dat huidige waardes en norme in die Verenigde State van Amerika steeds die rol van die vrou geringskat en vroue onderdruk, deur daarna te verwys dat vroue 74% van alle huishoudelike take alleen verrig, minder as 7% van die top-bestuursposte in private ondernemings en slegs 8% van alle maatskappy-direkteurposte in dié land, beklee. In aansluiting hierby, fokus Abrar (1996:192) die aandag daarop dat wanneer beleid ten opsigte van vroue in die Verenigde State van Amerika geformuleer word, dit gedoen word met die doel om die huishoudelike en gesinsrolle van die vroue te versterk met die *gevolg* dat manlik-gedomineerde regeringsinstellings vroue se belange verskans, uitsluit en verontagsaam.

Alhoewel die vrouebewegings dus 'n groter bewustheid en sensitiwiteit ten opsigte van sowel die onderdrukking van vroue as die samelewing se legitimering van geweld teenoor vroue teweeg gebring het, blyk dit dat werklike maatskaplike verandering met betrekking tot vroue in selfs die mees ontwikkelde Westerse samelewings, nog nie bereik is nie. 'n Eie interpretasie is dat juis vanweë die andersheid van die man en die vrou, maar ook weens die feit dat die veronderstelde onderdanigheid van die vrou reeds sedert die vroegste tye deel van die mensdom se ideologieë was, die moontlikheid van ware gelykheid tussen die geslagte 'n mite is en waarskynlik sal bly. Moontlik ook waar, is dat as't ware gestreef behoort te word na *gelykheid in andersheid* en dat verskille in die geslagte nie geassosieer behoort te word met meerder- en minderwaardigheid van die een, ten opsigte van die ander nie.

Spesifiek met betrekking tot vroue in die Suid-Afrikaanse situasie, is Clayton (1991:138) van mening dat *"(w)omen are natural outlaws, ... they have to find themselves in complex negotiations around patriarchal laws in family and state."* Op grond hiervan raak Clayton (1991:143) dan tot die gevolgtrekking dat alleen as elke vroulike Suid-Afrikaner bevryding vind deur vir sigself verantwoordelikheid te neem, daar beweeg kan word na 'n post-koloniale of post-apartheid wêreld waarin die eeue-oue dominering van vroue en die behandeling van vroue as slawe in Suid-Afrika, uitgeskakel kan word. Derhalwe roep sy Suid-Afrikaanse vroue op om vir hul spesifieke regte en vryhede te veg. Hierby word aangesluit deur Jansen (1993:205) wat daarna verwys dat tradisioneel in die Suid-Afrikaanse reg aanvaar is dat 'n man nooit aanspreeklikheid kon opdoen vir die verkragting van sy eie vrou nie omdat geslagsgemeenskap met haar nooit wederregtelik kon wees nie. Die rede vir die benadering was histories-sosiaal van aard en het sy oorsprong gehad in die tydperk toe die vrou 'n ondergeskikte rol teenoor haar man gespeel het en die getroude vrou as't ware haar man se eiendom was. Voorts is aangevoer dat die vrou met haar huweliksluiting, aan die man 'n onherroeplike volmag gegee het om met haar geslagsgemeenskap te hê. Eers gedurende 1989 is die Wysigingswet op Strafreg en Strafprosesreg 39 van 1989 in hierdie verband op die Suid-Afrikaanse wetboeke geplaas. Hiervolgens is bepaal dat *"... indien 'n man aan aanranding in enige vorm op sy wettige vrou skuldig bevind sou word terwyl hierdie aanranding van so 'n aard was dat hy aan verkragting skuldig bevind sou kon word as dit nie vir die bestaan van die huweliksverhouding was nie, sal die feit dat hy aan verkragting skuldig sou kon wees indien hy nie met die vrou getroud was nie, deur die hof as verswarende faktor beskou word by die oplegging van 'n vonnis"* (Jansen, 1993:205)[19].

Hieruit kan afgelei word dat in Suid-Afrika, net soos in die Verenigde State van Amerika en Europa, 'n jarelange geneigdheid bestaan dat vroue deur die regering van die dag, die regstelsel en deur die samelewingsnorme ten opsigte van gesinslewe, onderdruk en mishandel word. Alhoewel akkoord gegaan word met die stelling van Clayton (1991:143) dat die handhawing van sigself kan bydra tot beter behandeling van vroue in Suid-Afrika, is die ideologie dat die vrou ondergeskik aan die man is, waarskynlik so ingewortel ook in die Suid-Afrikaanse konteks, dat die uitskakeling daarvan alleen op grond van selfhandhawing deur vroue, betwyfel word.

Spesifiek ten opsigte van Swart vroue in Suid-Afrika, wys Kadalie (1994:25) daarop dat die proses van industrialisasie gedurende die 1950's daartoe bygedra het dat mans vanaf landelike

---

[19] Vgl. ook die bespreking in 6.2.4.1 oor verkragting binne die huwelik na aanleiding van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993).

gebiede na stede getrek het om beroepe te beoefen en dat dit daartoe aanleiding gegee het dat vroue al hoe meer onafhanklik van hul mans as gesinshoofde in die landelike gebiede begin figureer het. Later het sommige van die vroue wat in die landelike gebiede agtergebly het, ook na die stede toe getrek en onder andere werke bekom as huisbediendes en fabriekswerkers, of het hulle selfs eie informele ondernemings begin. Hierdie toetrede van Swart vroue tot die arbeidsmark, het nie alleen aanleiding gegee tot huwelikskonflik in die Swart gesinne nie, maar ook tot 'n hoër voorkoms van geweld teenoor vroue aangesien hulle al hoe minder onderdanig aan en afhanklik van hulle eggenotes was.

Die bemagtiging van die vrou, juis as 'n resultaat van die afwesigheid van die mans na die Industriële Revolusie in Suid-Afrika, was dus 'n faktor wat botsend was met die patriargale stelsel en het derhalwe daartoe aanleiding gegee dat al hoe meer huweliksprobleme en geweld teenoor vroue in die Swart kultuur ontstaan het.

Nie alleen huweliksproblematiek nie, maar 'n verhoogde mate van gewelddadigheid deur die mans, word ook deur Bank (1994:89-113) aangedui as die resultaat van hierdie bevryding, spesifiek in Qwaqwa gedurende die 1980's. So byvoorbeeld het 400 werklose mans op 17 Oktober 1984 aan 'n optog in Phuthaditjhaba deelgeneem in 'n poging om beswaar te maak teen die feit dat aan vroue in fabrieke werk verskaf is. Die optog het beweeg na die besigheidsdistrik van Phuthaditjaba waar die vroue met geweld uit die fabrieke uitgejaag is, op straat aangeval is en met klippe gegooi is. As rede vir hierdie geweldpleging word aangevoer dat werkverskaffing aan vroue en die bemagtiging van Swart vroue as 'n resultaat daarvan, in teenstelling is met die sterk patriargale stelsel in die Swart kultuur. Die patriargale stelsel is so sterk gesetel in die Swart kultuur, dat Bank (1994:91) daarna verwys as 'n *"... patchwork quilt of patriarchies rather than as a single coherent system of control."* Swart vroue in Suid-Afrika se beweging weg van die patriargale stelsels tot 'n groter mate van selfstandigheid, maak derhalwe sulke sterk aansprake op eeue-oue tradisies, dat dit tot 'n groter mate van gewelddadigheid teenoor vroue aanleiding gee.

Dat die unieke Suid-Afrikaanse geskiedenis aanleiding gegee het tot 'n magsverspreidingspiramiede waaruit geweld teenoor vroue in Suid-Afrika voortvloei, is die mening van Ackerman (1994:17): *"White males are at the top of the pyramid followed in descending order by white females, urban black males, urban black women, rural black men and lastly, rural black women, who represent the most oppressed people in our context."* Interessant is dat die

skrywer nie melding maak van die posisie van Kleurlinge en Indiërs in haar magsverspreidingspiramiede in die Suid-Afrikaanse konteks nie. Tog raak sy na aanleiding van haar studie tot die gevolgtrekking dat Suid-Afrika histories een van die mees seksistiese lande ter wêreld is en dat hierdie veronderstelde meerderwaardigheid van mans aan vroue, gewelddadige gedrag teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings *veroorsaak*.

Die bewering is derhalwe dat geweld direk gekoppel kan word aan die mate van mag wat teenwoordig is, met ander woorde, hoe hoër die mate van mag is waaroor 'n persoon beskik, hoe groter is die kans dat hy sy mag deur middel van geweld sal afdwing en hoe laer 'n persoon in die magspiramiede val, hoe groter is die kans dat die persoon 'n slagoffer van geweld sal wees[20]. Ook kan die afleiding gemaak word dat juis vanweë die hoë waarde wat aan die patriargale stelsel binne die Swart bevolking geplaas word, die voorkoms van geweld teenoor vroue in landelike gebiede, waarskynlik die hoogste sal wees. Daarom word beweer dat in Suid-Afrika, *"... centuries of internalized images and stereotypes have served to make many woman unaware or suspicious and afraid of change"*, wat daartoe aanleiding gee dat vroue reeds geslagte lank die slagoffers van geweld is (Ackerman, 1994:29).

Alhoewel akkoord gegaan word met die bewering van Ackerman (1994:17-29) dat Suid-Afrika 'n eeue-oue tradisie van seksisme en onderdrukking van Swart mense op grond van die hoër magsposisie van Blankes het, kan haar magsverspreidingspiramiede tans nie sonder voorbehoud aanvaar word nie. 'n Eie interpretasie is dat die feit dat die huidige regering van Suid-Afrika hoofsaaklik uit Swart mans bestaan, die wetlik-afdwingbare implementering van regstellende aksie in al die sfere van die Suid-Afrikaanse konteks en die kultuur van geslagsgelykheid wat deur hoofstuk twee van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) daargestel is, daartoe aanleiding gee dat die magspiramiede van Ackerman (1994:17) tans nie meer lukraak aanvaar kan word nie. Nie alleen as 'n resultaat van die implementering van regstellende aksie nie, maar ook vanweë die verpligte wegdoening met diskriminasie teenoor vroue na aanleiding van die Grondwet, het minstens die magsposisie van Swart stedelike mans, Blanke vroue en stedelike Swart vroue, waarskynlik ook al verander.

Daarom beskou Du Toit en Krog (1994:24), asook Stander (1995:45) die stigting van die *National Women's Coalition* en die veldtog ten opsigte van die Handves vir Vroue

---

[20] Die verband tussen mag en geweldpleging word in hoofstuk vier aangedui, waar die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem ten opsigte van die ontwikkeling en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, teoreties begrond word.

gedurende die 1990's as 'n triomf vir vroue in Suid-Afrika. Ook in Suid-Afrika het vroue dus begin saamstaan en in opstand gekom teen manlike dominansie met die oog op die verdediging van hul spesifieke regte, vryhede en behoeftes, wat onder andere daartoe aanleiding gegee het dat geweld teenoor vroue tans meer openbare aandag en sensitiwiteit geniet.

Ter samevatting kan beweer word dat geweld teenoor vroue vanaf die vroegste tye reeds in die mens se ideologieë vasgelê en in stand gehou is, deurdat vroue beskou is as besittings waaroor mans moes heers. Hierdie heerskappy het dan ook, indien die situasie dit regverdig, geweld teenoor die vroue ingesluit, wat daartoe aanleiding gegee het dat sodanige geweld as't ware wêreldwyd gelegitimeer is deur die patriargale stelsel. 'n Sirkulêre kousaliteitsperspektief kan waarskynlik hieruit afgelei word, naamlik dat die patriargale stelsel 'n invloed gehad het op die ontwikkeling van ideologieë ten opsigte van vroue, terwyl die heersende ideologieë ook die vestiging en instandhouding van die patriargale stelsel as resultaat het. Gedurende die 1970's het vroue in Europa en in die Verenigde State van Amerika egter begin saamspan om groter openbare bewustheid ten opsigte van hul situasie en die resultate daarvan te probeer skep. Hierdie vrouebewegings en die lot van die vroue het dus ook die fokus van geesteswetenskaplikes geword, wat daartoe aanleiding gegee het dat gesinsgeweld en in die besonder geweld teenoor vroue, vir die eerste keer deur wetenskaplikes nagevors is. Ten spyte van hierdie groter bewustheid van en sensitiwiteit met betrekking tot geweld teenoor vroue, word vroue in talle wêrelddele steeds onderwerp aan 'n patriargale stelsel wat die onderdrukking van en geweld teenoor vroue, legitimeer.

3.2 GEWELDSTIPERINGE

'n Oorsig van literatuur oor verskillende vorme van geweld wat teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings plaasvind, bring aan die lig dat hierdie geweld breedweg in twee kategorieë verdeel kan word, te wete fisiese geweld en emosionele geweld. Weens die feit dat verskillende outeurs (Straus et al., 1981:22, Edleson en Tolman, 1992:3-4, Jansen, 1993: 201-202, Boulette en Andersen, 1985:110 en Browne, 1988:271-289) se aanduidings van watter gedrag as fisiese of emosionele geweld geklassifiseer behoort te word verskil en oorvleuel, word 'n bespreking oor die verskillende vorme van geweld geregverdig.

3.2.1 FISIESE GEWELD

Fisiese geweld word nie eksplisiet deur Straus et al. (1981:22) omskryf nie, maar hulle konsepte van *"normal violence"* en *"abusive violence"* wat in 1.7.3 bespreek is, maak beide slegs voorsiening vir gewelddadige optrede wat fisiese resultate vir die slagoffer, of die potensiaal van fisiese resultate vir die slagoffer, inhou. Voorbeelde van sodanige geweld wat genoem word is slaan van 'n persoon, skop, byt, die gee van 'n vuishou, slaan met 'n harde voorwerp, die afvuur van 'n skoot en steek met 'n mes. Die klem word dus geplaas op gedragsvorme van die geweldenaar wat tot beserings, fisiese pyn, ongemak, letsels en selfs die dood van die slagoffer kan aanleiding gee.

Hierdie uitgangspunt van Straus et al. (1981:22) word ook deur Edleson en Tolman (1992:3-4) benut, maar hulle waarsku dat die konteks waarbinne die gedrag plaasvind, die definiëring van die gedrag sal beïnvloed. In hulle bespreking, fokus hulle daarop dat fisiese geweld nie bloot beskryf kan word na aanleiding van 'n reeks gedragsvorme nie, maar dat *"(c)ontextual factors such as what type of injury resulted and the motivation of the perpetrator are important pieces of information."* 'n Gewelddadige daad in een konteks, mag dus as meer ernstig beskou word as dieselfde daad in 'n ander konteks, afhangend van die beïnvloeding daarvan deur die motivering vir die daad. Tog onderskei Edleson en Tolman (1992:3-4) nie konkreet tussen verskillende gedragsvorme, die motivering vir gedrag en die evaluering daarvan in verskillende kontekste nie. 'n Eie afleiding na aanleiding van bogenoemde, is dat die outeurs die fokus primêr probeer plaas op die motivering vir gedrag, alvorens bepaalde gedrag as fisies gewelddadig bestempel kan word. Die afleiding word gemaak dat 'n steen wat tydens bouwerk aan 'n huis val en 'n persoon verwond deur die val, dus nie as fisiese geweld beskryf kan word nie, maar wanneer 'n man 'n steen gryp en sy vrou daarmee gooi omdat hy vir haar kwaad is, besliste sprake van fisiese geweld teenwoordig is. Die onderskeid lê dus in die konteks waarbinne die gedrag en die fisiese besering voorkom, terwyl die fokus hoofsaaklik op die motivering vir die gedrag geplaas word.

Vanuit 'n regsoogpunt, benut ook Jansen (1993:201-202) die konsep *fisiese geweld* wanneer sy die verskyningsvorme daarvan tussen mans en vrouens breedweg in drie kategorieë ingedeel. Hierdie kategorieë sluit in;

- vorme van gewone geweld of aanranding (insluitende alle gevalle van *"battering"*),
- geweld of aanranding wat met 'n seksuele komponent gepaard gaan soos byvoorbeeld verkragting in die huwelik (vgl. ook Pagelow, 1988:207-232) en

- uiterste vorme van geweld wat tot die dood lei, hetsy die dood van die slagoffer of die dood van die aanrander in daardie gevalle waar die slagoffer hom / haar verweer en die aanrander in selfverdediging dood. (Vgl. ook Browne, 1988:271-289.) Onder hierdie groep word ook gesinsmoorde tuisgebring, waar die aanrander alle gesinslede doodmaak en daarna selfmoord pleeg.

Implisiet gee Jansen (1993:201-202) dus erkenning aan die wederkerige aard van geweld, deur haar verwysing dat sowel die man as die vrou slagoffers kan wees wat die aanrander in selfverdediging kan dood. Voorts definieer sy verkragting binne die huwelik as 'n vorm van fisiese geweld wanneer 'n man wederregtelik en opsetlik geslagsverkeer met 'n vrou het, sonder haar toestemming (Jansen, 1993:205).

Spesifiek ten opsigte van fisiese geweld, word deur Aguilar en Nightingale (1994:40-41) gefokus op stampe, vuishoue, slaan met 'n voorwerp, knype, die trek van hare, klappe, byte en verwurging as wyses waarop mans gewelddadig teenoor vroue optree. In hulle omskrywing van fisiese geweld, word die konteks en motivering vir die gedrag waarop Edleson en Tolman (1992:3-4) soveel klem lê, dus verontagsaam.

Fisiese geweld kan dus na aanleiding van bogenoemde omskryf word as alle gedragsvorme van die geweldenaar waardeur gepoog word om beserings, fisiologiese ongemak, pyn en / of skade of die dood by die slagoffer teweeg te bring.

3.2.2 EMOSIONELE GEWELD

Reeds in 1.7.3 is verwys na Boulette en Andersen (1985:110) se beskrywing van *"mind control"* of *"brainwashing"* as synde vorme van emosionele geweld teenoor vroue. Hierdie tiperings verwys dan na manipulerende gedrag deur die man soos byvoorbeeld doelbewuste sosiale isolasie van die vrou en die ontwikkeling van vrees, skuldgevoelens, selfblaam en aangeleerde hulpeloosheid by die vrou.

Sodanige manipulerende gedrag deur die man, word deur Boulette en Andersen (1985:110) vergelyk met die manipuleringstegnieke wat deur ekstremistiese kultus-groepe benut word, waarvolgens die lede blootgestel word aan soortgelyke gedragsvorme met die doel om hulle te vervreem van alles wat bekend is, waar die vrye uitdrukking van afkeur beperk word, vrees en

skuldgevoelens by hulle ingewortel word en die daarstelling van 'n alomteenwoordige meester wat selfopoffering van die lede eis. Die term *"cultic systems"* word derhalwe deur Boulette en Andersen (1985:110) benut om te verwys na die manipulerende gedrag van 'n man teenoor sy vrou of verhoudingsmaat waarbinne individuele vryheid van die vrou beperk word deur middel van;

⇒ sielkundige teistering deur byvoorbeeld

- sosiale isolasie,
- dreigemente om beserings toe te dien,
- die ontwikkeling van verwarring en skuldgevoelens en
- die betoning van liefde slegs as aan bepaalde voorwaardes van die man voldoen word en

⇒ misleiding, byvoorbeeld deur

- doelbewuste wanvoorstelling van situasies aan die vrou,
- leuens en
- die ontneming van vrye individuele keuse.

Die metafoor om 'n man wat emosioneel gewelddadig teenoor 'n vrou is gelyk te stel aan die leier van 'n ekstremistiese kultus-groep, blyk dus effektief te wees deurdat die klem geplaas word op emosionele manipulering met die doel om totale mag, beheer en onderdanigheid daar te stel.

'n Beskrywing van emosionele geweld wat deur Edleson en Tolman (1992:5) aangehang word, is dat dié vorm van geweld op 'n kontinuum voorgestel behoort te word. Aan die een kant van die kontinuum word geïsoleerde gedrag gevind wat emosioneel pynlik vir die slagoffer kan wees, maar wat van tyd tot tyd in byna alle verhoudings voorkom, byvoorbeeld *"... withdrawing momentarily or speaking sharply in anger."* Aan die ander kant van die kontinuum daarenteen, word *"... severe psychological torture paralleling intentional brainwashing and mistreatment of prisoners of war ..."* gevind. As voorbeelde hiervan noem Edleson en Tolman (1992:5) verbale intimidasie, isolasie en finansiële manipulering met die doel om *"... a power imbalance that enhances a man's abilty to dominate his partner ..."* daar te stel. Voorts word aangedui dat emosionele geweld bykans altyd hand-aan-hand gaan met fisiese geweld.

Ook hier word die klem derhalwe op die doelbewuste negatiewe emosionele beïnvloeding van die slagoffer geplaas, met die motief om 'n verhoogde magsposisie te bekom en 'n groter mate van beheer oor die slagoffer te kan uitoefen. Interessant is om daarop te let dat ook Edleson en

Tolman (1992:5), net soos Boulette en Andersen (1985:110), van 'n metafoor gebruik maak wanneer hulle die man se gedrag beskryf as gelyk aan die wyse waarop oorlogsgevangenes behandel word. Die benutting van metafore skep die indruk dat taal en woorde nie genoegsaam daarin slaag om uitdrukking te gee aan hierdie vorm van emosionele teistering en mishandeling van die vroulike slagoffer nie.

Ook Aguilar en Nightingale (1994:36-37) beskryf emosionele geweld in die vorm van manipulerende gedrag deur die man en lê klem daarop dat emosionele en fisiese geweld dikwels saam voorkom. Voorbeelde van emosionele geweld wat genoem word sluit in;

⇒ verbale vernedering van die vrou, byvoorbeeld om 'n slet genoem te word en verbale teistering in die vorm van dreigemente en

⇒ beperkende en kontrolerende gedrag, byvoorbeeld deur voorgeskryf te word ten opsigte van wie sy mag sien en wie nie en om toegang tot finansiële bronne geweier te word.

Die fokus in Aguilar en Nightingale (1994:36-37) se beskrywing van emosionele geweld is dus ook op die manipulerende gedrag van die man, terwyl klem hoofsaaklik gelê word op verbale gedrag met die doel om die vrou te verneder en op die inkorting van die vrou se bewegingsvryheid en vryheid van assosiasie. Ook Carlson (1997:80) noem hierdie gedragsvorme van die man as voorbeelde van emosionele geweld, maar voeg daarby ook die vernietiging van eiendom deur die man, as 'n wyse waarop die man die vrou emosioneel teister.

Emosionele geweld impliseer dus na aanleiding van bogenoemde alle gedrag van die man ten opsigte van sy vroulike verhoudingsmaat of die konteks waarbinne die vrou haar bevind:

- waardeur die man die vrou doelbewus emosioneel teister en mislei,
- met die doel om haar te beheer, te verneder en in 'n ondergeskikte posisie ten opsigte van die man te stel.

Ter samevatting kan die wyses waarop emosionele geweld deur die man ten opsigte van sy vroulike slagoffer toegepas word, soos volg aangedui word:

- Die skepping van vrees, verwarring, skuldgevoelens en selfblaam deur middel van dreigemente, leuens en wanvoorstellings.
- Sosiale isolasie van die vrou deur haar te vervreem van persone en instansies wat moontlik vir haar as ondersteunende netwerke kan optree.

- ❒ Finansiële deprivasie in die vorm van weerhouding van die nodige finansiële middele, weiering van deelname aan besluite oor finansiële aangeleenthede of die misbruik van gesinsfondse.
- ❒ Verbale vernedering met die doel dat die vrou haarself as hulpeloos begin voorstel en as sodanig begin funksioneer.
- ❒ Beperkinge op die uitdrukking van voor- en afkeure en die maak van eie keuses.
- ❒ Die vernietiging van eiendom in die konteks waarbinne die vrou haar bevind met die doel om vrees en verwarring by haar te skep.
- ❒ Dwang tot onderdanigheid en gedienstigheid aan die man.
- ❒ Dreigemente om te beseer.
- ❒ Die weerhouding van liefde en toegeneentheid totdat aan bepaalde verwagtinge van die man voldoen word.
- ❒ Monopolisering van die vrou se lewe deur haar gedrag voortdurend te monitor of inmenging in haar werk en sosiale lewe.

Verskeie outeurs (Edleson en Tolman, 1992:5, Aguilar en Nightingale, 1994:36-37 en Carlson, 1997:80) vermeld dat fisiese en emosionele geweld meesal hand-aan-hand gaan. 'n Eie interpretasie is dat om tussen emosionele en fisiese geweld te onderskei, waarskynlik hoogstens teoreties van aard kan wees, terwyl Edleson en Tolman (1992:5) na so 'n onderskeid as synde *"illusory"* verwys.

Reeds is aangedui dat die individu as 'n sisteem beskou kan word wat bestaan uit fisiologiese, psigologiese, kognitiewe en verhoudingsaspekte wat die fisiese liggaam, maar ook die psige van die individu verteenwoordig en dat hierdie aspekte mekaar wedersyds beïnvloed (vgl. 2.2.3.1). Fisiese geweld kan dus nie plaasvind sonder dat ook emosionele belewenisse by die slagoffer as 'n resultaat daarvan ontstaan nie, aangesien die fisiese en psigiese elemente van die individu mekaar wedersyds beïnvloed. Voorts is 'n eie interpretasie dat om dieselfde rede, emosionele geweld ook kan lei tot fisiologiese problematiek by die slagoffer van geweld. So is dit byvoorbeeld algemeen bekend dat emosionele problematiek tot sogenaamde psigosomatiese versteurings[21], waaronder peptiese ulkusse, hartkwale en hipertensie, kan aanleiding gee. Die

---

21 Psigosomatiese versteurings dui op *"psigiese faktore wat 'n liggaamlike toestand affekteer"*, met die gevolg dat alle liggaamlike toestande waartoe psigologiese faktore blyk by te dra, ingesluit word (Louw en Erasmus, 1989:253).

waarde van onderskeid tussen fisiese en emosionele geweld lê waarskynlik juis in die paradoks daarvan, naamlik dat onderskeid die fokus op die ineengeweefdheid plaas en dat tydens maatskaplikewerkhulpverlening aan die slagoffer met teenoorgestelde gedrag soos byvoorbeeld empatie, respek en deernis opgetree moet word.

3.3 GESLAGSVERSKILLE IN GEWELDDADIGE OPTREDE

Navorsing ten opsigte van geweld binne saamwoon- en huweliksverhoudings, het by herhaling al aangetoon dat dié geweld dikwels wederkerig van aard is (Borowski, Murch en Walker, 1983:31, Flynn, 1990:196, Hoff, 1990:53-54, Sommers en Baskin, 1993:151 en Johnson, 1995:287)[22]. Sowel die man as die vrou in sodanige verhouding, is dus van tyd tot tyd die geweldenaar en die slagoffer van geweld. Dobash et al. (1992:72) fokus egter die aandag daarop dat om te praat van *"sexual symmetry"* in sodanige geweld, oordrewe is aangesien mans en vrouens geweld sowel kwalitatief as kwantitatief verskillend benut. Ook Cantos et al. (1994:114) wys eksplisiet daarop dat *"... acts of aggression by women toward men are not the same as acts of aggression by men against women"* en dat *"... neither the meaning nor the consequences of the aggression are the same for men and women."*

Wederkerigheid van geweld impliseer dus nie eenvoudig dat sowel die man as die vrou van tyd tot slagoffers van geweld is as *gevolg* van die verhoudingsmaat se gewelddadige gedrag nie, maar sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe verskille maak elke geslag se benutting van en resultate van geweld, uniek. Hier word derhalwe aandag geskenk aan die geslagsverskille in gewelddadige optrede deur te verwys na fisiologiese en emosionele verskille, verskille ten opsigte van motiewe vir en metodes van geweldpleging en geslagsverskille in die resultate van gewelddadige gedrag.

3.3.1 FISIOLOGIESE EN EMOSIONELE GESLAGSVERSKILLE

Verskeie outeurs (Louw, 1982:77, Olds en Papalia, 1986:213 en Sarason en Sarason, 1987:56-57) verwys in hulle besprekings van emosionele en geslagsverskille tussen mans en vroue, daarop dat die manlike geslagshormoon, testosteroon, 'n hormoon is wat geassosieer word met prikkelbaarheid en aggressiewe gedrag, terwyl die teenwoordigheid van die vroulike geslagshormoon, estrogeen, geassosieer word met emosionele teerheid en moederlikheid.

---

[22] Vgl. ook 1.6 waar reeds verwys is na Steinmetz (1978:499-509) se "*the battered husband syndrome*".

Alhoewel beide geslagshormone by sowel mans as vroue teenwoordig is, is testosteroon in 'n hoër mate by mans teenwoordig, terwyl hoër estrogeenvlakke by vroue teenwoordig is. Die teenwoordigheid van die hoër testosteroonvlakke by mans, gee dan daartoe aanleiding dat hierdie faktor dikwels figureer in bespiegelinge oor gewelddadige gedrag deur mans. Vanweë die betekenisvolle aard wat 'n persoon se omgewing speel in die mens se gedrag, maan Olds en Papalia (1986:213) egter dat testosteroon nie beskou moet word as *veroorsakend* van gewelddadige gedrag nie. In aansluiting hierby, lê Flynn (1990:194) klem daarop dat 'n belangrike verskil tussen mans en vroue wanneer geweld in verhoudings ontleed word, lê in die kleiner fisiese grootte, laer liggaamsmassa en mindere mate van spierontwikkeling by die meeste vroue, teenoor dié van mans. Ook Cantos et al. (1994:114) verwys daarna dat mans oor die algemeen nie net fisies veel groter is as vroue nie, maar dat mans meesal ook oor meer fisiese krag as vroue beskik.

Fisiologies, lê die primêre verskille tussen die geslagte dus in die algemene neiging dat mans se fisiese grootte, hoër liggaamsmassa en hoër mate van spierontwikkeling as dié van vroue, daartoe bydra dat mans oor meer fisiese krag beskik wat toegepas kan word tydens geweld teenoor verhoudingsmaats. In hierdie opsig het die man dus 'n fisiologiese voorsprong ten opsigte van die meeste vroue, aangesien vroue meesal fisies kleiner, 'n laer liggaamsmassa en 'n mindere mate van spierontwikkeling het as die meeste mans, wat daartoe aanleiding gee dat oor minder fisiese krag beskik word wat toegepas kan word tydens gewelddadige optrede teenoor die man.

Behalwe vir die meerdere mate van fisiese krag waaroor mans beskik, beweer Dobash et al. (1992:84) dat *"... men (especially young men) are more specialized for and more motivated to engage in dangerous risk-taking, confrontational competition, and interpersonal violence than are women."* Hiermee kan akkoord gegaan word, aangesien die wyses waarop seuns en dogters gesosialiseer word om op te tree, waarskynlik kwalitatief verskil in terme van die neem van risiko, selfhandhawing en die benutting van fisiese krag[23]. Mans het dus ook dié voorsprong ten opsigte van vroue dat hulle van jongs af meer vertroud is met die benutting van persoonlike en fisiese kwaliteite wat benut kan word om sigself te laat geld.

---

[23] Geslagsverskille in sosialisering en die internalisering van hierdie aspekte word breedvoerig in hoofstuk sewe bespreek as deel van die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem.

Na aanleiding van die genoemde aspekte word afgelei dat sowel fisiologiese (fisiese grootte, liggaamsmassa, spierontwikkeling) as emosionele (geneigdheid tot die neem van risiko's, tot kompetering en selfhandhawing) geslagsverskille vir mans in 'n beter posisie plaas as vir vroue, in terme van die benutting van geweld ten einde sigself te laat geld in 'n verhouding.

3.3.2 GESLAGSVERSKILLE IN MOTIEWE VIR EN METODES VAN GEWELDPLEGING

Nie alleen fisiologiese en emosionele verskille kan tussen mans en vrouens aangedui word wanneer geweld binne 'n saamwoon- of huweliksverhouding voorkom nie, maar ook verskille in elkeen se motiewe vir en metodes van gewelddadige gedrag. Vyf faktore wat tot geweld deur vroue in gesinsverband aanleiding gee, word deur Straus (1980a:702) genoem. Vier van hierdie faktore het spesifiek te doen met die geweld van 'n vrou teenoor haar verhoudingsmaat, naamlik dat;

- aanvalle deur mans dikwels aanleiding gee tot reaktiewe geweld deur vroue, terwyl herhaaldelike aanvalle deur die man daartoe kan lei dat die vrou sy gedrag naboots,
- die *"... implicit cultural norms which make the marriage license also a hitting license are accepted to about the same degree by women as by men"*,
- sowel mans as vrouens word tydens hulle kinderjare geleer hoe om geweld te benut deur blootstelling aan geweld gedurende die kinderjare en
- seksuele ongelykheid in die huwelik skep 'n hoë mate van frustrasie vir vroue, wat tot fisiese geweld deur vroue aanleiding gee.

Die fokus in Straus (1980a:702) se bespreking is dus op vroue se motiewe vir geweld. Nie alleen word hierdie motiewe aangedui as reaktief van aard nie, maar word ook verwys na die sosiale aanvaarding van geweld as 'n wyse vir doelbereiking wat tydens die sosialiseringsproses ook by vroue vasgelê word en na geweld as 'n poging van die vrou om 'n groter mate van gelykheid ten opsigte van die man te verkry.

Aansluitend hierby, verwys sowel Flynn (1990:195) as Cantos et al. (1994:114) daarna dat vroue meesal geweld gebruik om uit die man se greep los te kom of in reaksie op die man se geweld. Ook word gewelddadige gedrag deur vroue meesal benut uit selfverdediging of in weerwraak teen die man se gewelddadige gedrag deur doelbewus daarna te streef om die man

fisiese leed aan te doen. Hierteenoor word die gewelddadige gedrag van mans primêr toegeskryf aan die behoefte om te intimideer.

Net soos Straus (1980a:702), word vroue se motiewe vir geweld dus ook deur Flynn (1990:195) en Cantos et al. (1994:114) beskryf as synde in reaksie op die man se geweld en as 'n poging om gelykheid ten opsigte van die man daar te stel, terwyl ook die motief om sigself te verdedig teenoor die man, deur laasgenoemde outeurs beklemtoon word. Ook Dobash et al. (1992:81) is van mening dat die motiewe vir geweld deur mans en vrouens verskil, maar voeg daarby dat die metodes wat gebruik word om daaraan uitvoering te gee, sowel kwalitatief as kwantitatief verskil. Die volgende voorbeelde word genoem:

- Mans vermoor hul verhoudingsmaats meesal na afloop van lang periodes van volgehoue fisiese geweld wat onder andere gepaardgegaan het met ander vorme van mishandeling en dwang, terwyl die rolle selde, indien ooit, omgeruil word.
- Mans is meer geneig tot die pleeg van gesinsmoorde waartydens die vrou en die kinders aanvanklik vermoor word, waarna die man homself dan om die lewe bring.
- Mans is geneig om *jag* te maak op vroue wat hulle verlaat het, terwyl vroue selde sodanige gedrag openbaar nadat hulle deur hul manlike verhoudingsmaats verlaat is.
- Mans is meer geneig daartoe om vroue te vermoor as deel van beplande selfmoorde.
- Mans pleeg moord nadat 'n vrou se ontrouheid bekend word, terwyl vroue selde soortgelyk optree, ten spyte daarvan dat mans meer geneig is tot ontrouheid.
- Die meeste moorde op verhoudingsmaats wat deur vroue gepleeg word, word uit selfverdediging gepleeg, terwyl bykans geen moorde wat deur mans gepleeg word uit selfverdediging plaasvind nie.
- Anders as mans, vermoor vroue hul manlike verhoudingsmaats na jarelange fisiese geweld teenoor hulle, nadat alle beskikbare hulpbronne ontgin en benut is, wanneer hulle vasgevang voel en uit vrees vir hul eie lewens.

Aansluitend hierby, is ook Johnson (1995:287) van mening dat *"... when women murder, they are 7 times more likely than men to have acted in self-defense"* en dat vroue wat gewelddadig teenoor mans optree, sodanige gedrag openbaar as 'n laaste uitweg en uit selfverdediging na jarelange mishandeling deur hul manlike verhoudingsmaats.

Hieruit kan afgelei word dat die kwalitatiewe verskil primêr opgesluit lê in die intensiteit van die geweld wat deur mans toegepas word deurdat mans meer geneig is tot die moord van 'n verhoudingsmaat, die uitwissing van die hele gesin en tot beplande selfmoord waartydens die vroulike verhoudingsmaat vermoor word alvorens die man homself om die lewe bring. Die kwantitatiewe geslagsverskil lê waarskynlik opgesluit in die hoër frekwensie van moorde deur mans, as deur vroue. Voorts word die aandag daarop gevestig dat Flynn (1990:82), Dobash et al. (1992:82), Cantos et al. (1994:114) en Johnson (1995:287) dit eens is dat selfverdediging 'n motief is vir die vrou se benutting van geweld teenoor haar manlike verhoudingsmaat.

Die mening van Sommers en Baskin (1993:151) dat dit dikwels gebeur dat aggressiewe gedragsvorme (fisiese aanranding, dreigemente of persoonlike aanvalle) wat deur 'n vrou benut word, voorheen ook deur die manlike geweldenaar gebruik is, wat daartoe aanleiding gee dat *"(t)hese retaliatory actions are characteristically unplanned and evolve out of some personalized relationship ..."* met die manlike geweldenaar. Die vroulike slagoffer se wederkerige benutting van geweld word dus hier nie alleen toegeskryf aan die unieke dinamika en interaksie wat binne die gewelddadige verhouding voorkom nie, maar soos ook reeds na aanleiding van Straus (1980a:702) aangedui, aan die man se oorspronklike gedrag wat nageboots of herhaal word.

Navorsing deur Cantos et al. (1994:120-121) het aangetoon dat mans meer geneig is om van die volgende gewelddadige gedragsvorme teenoor hulle verhoudingsmaats gebruik te maak: Stoot, gryp of stamp, verwurging en versmoring, fisiese dwang tot seksuele omgang en die toediening van vuishoue. Hierteenoor is vroue meer geneig daartoe om te skop, te byt of met die vuis te slaan, te dreig met 'n mes of 'n vuurwapen en tot die werklike benutting van 'n mes of 'n vuurwapen. Na aanleiding van hulle navorsing, raak Cantos et al. (1994:121) tot die gevolgtrekking dat *"... most men do not intend to physically harm their partners"*, aangesien die motivering vir hulle geweld hoofsaaklik is om uitdrukking te gee aan woede en om beheer oor die verhoudingsmaat uit te oefen, wat daartoe aanleiding gee dat die bedoeling nie is om noodwendig ook fisiese beserings teweeg te bring nie.

'n Eie interpretasie is dat vroue se dreigemente tot en die werklike benutting van messe of vuurwapens tydens geweld teenoor hulle manlike verhoudingsmaats, waarskynlik uitdrukkings is van vroue se mindere mate van fisiese krag waaroor beskik word om sigself te verdedig. Gebrekkige fisiese krag maak die vrou dus afhanklik van hulpmiddels, soos messe en vuurwapens in haar omgewing, wat die intensiteit van haar reaksie kan versterk.

Op grond hiervan kan akkoord gegaan word met sowel Dobash et al. (1992:72) as met Cantos et al. (1994:114) dat wederkerige geweld nie as simmetries van aard bestempel kan word nie, maar dat sowel die motiewe vir geweld as die metodes wat deur mans en vrouens aangewend word, verskil.

3.3.3 GESLAGSVERSKILLE IN DIE RESULTATE VAN GEWELD

Na aanleiding van navorsing deur Flynn (1990:195), verwys hy daarna dat *"(m)en ... inflict more severe damage to their wives and lovers than do women"*. Hierdie verskil word deur Flynn (1990:195) toegeskryf aan drie aspekte, te wete dat;

- vroue gesosialiseer word om beter impulsbeheer toe te pas en daarom gewelddadige gedrag staak alvorens erge beserings plaasvind,
- mans se verbale vermoëns minder ontwikkel is as dié van vroue, wat daartoe aanleiding gee dat mans fisiese krag gebruik om te domineer en dat
- mans fisies sterker en groter is as die meeste vroue.

Hieruit kan afgelei word dat aangesien mans meesal fisies sterker is as vroue en as 'n resultaat daarvan vroue se gedrag makliker fisies kan beheer, die vrou se vermoë om beserings by die man teweeg te bring, beperk is. In samehang hiermee, bied die meeste mans se fisiese krag die vermoë om 'n meerdere mate van fisiese beserings by vroue teweeg te bring, terwyl die sosialiseringsproses van mans dominansie nie alleen legitimeer nie, maar ook aanmoedig.

In hulle verwysing na die geslagsverskille in resultate van geweld, verwys Dobash et al. (1992:75-76) daarna dat vroue meer dikwels en meer intense fisiese beserings opdoen vanweë hul manlike verhoudingsmaat se gewelddadige gedrag. Ook is mans in die Verenigde State van Amerika meer geneig as vroue om die hulp van die polisie in te roep, 'n klag te lê en nie die klag terug te trek nie, nadat vroue gewelddadig teenoor hulle opgetree het. Hierteenoor is vroue minder geneig as mans om die hulp van die polisie in te roep nadat gewelddadig teenoor hulle opgetree is en indien sodanige hulp wel ingeroep word, is vroue minder geneig om formele klagtes te lê as mans. In gevalle waar vroue wel 'n klag lê, word die klag meer dikwels na verloop van tyd teruggetrek, as wat mans geneig is tot terugtrekking daarvan.

Eie kliniese ervaring met betrekking tot die benutting van dienslewerende strukture na geweldpleging, is dat vroue primêr die persone is wat om hulp in hierdie verband by maatskaplike werkers aanklop. Om die man by sodanige dienslewering te betrek is dikwels 'n

moeisame, lang en futiele proses. Voorts is 'n eie interpretasie dat gewelddadige gedrag deur vroue teenoor hulle manlike verhoudingsmaats waarskynlik daartoe aanleiding gee dat die man se pogings om deur sy gedrag te domineer en te beheer, selfs verder misluk en aanleiding kan gee tot herhaalde episodes van gewelddadige gedrag. Nie alleen word sy evaluering van sigself sodoende aangetas nie, maar sy sosiaal-voorgeskrewe en -gelegitimeerde posisie as aller-hoof en heerser oor sy huishouding, word van hom ontneem. Moontlik juis om hierdie rede, benut die man dan die sosiale strukture soos die polisiediens en die regstelsel in 'n poging om sy posisie ten opsigte van die vrou, te versterk.

'n Verdere verskil in terme van die resultate van gewelddadige gedrag wat deur Cantos et al. (1994:115) aangedui word, is dat vroue meer dikwels mediese behandeling nodig het na gewelddadige optrede deur hul manlike verhoudingsmaats, as wat die geval is met mans wat slagoffers van geweld deur vroue is. Ook word meer tyd weg van die werk af weens beserings wat deur mans teweeggebring is aangedui, as wat mans beserings opdoen wat van so 'n aard is dat werkstyd as 'n resultaat daarvan verlore gaan. Op grond hiervan raak Cantos et al. (1994:122) tot die gevolgtrekking dat *"(a) man's slap or kick is not equivalent to a woman's as a woman is much more likely to receive injuries when subjected to this form of relationship aggression than are males."* Nie net fisiologiese verskille word vermeld as resultate van geweld nie, maar die aandag word ook daarop gevestig dat vroue meer geneig is om as 'n resultaat van geweld psigosomatiese simptome, stres en depressiewe simptomatologie te ervaar, as wat mans is (Cantos et al., 1994:122).

Die fisiologiese resultate van geweld deur mans teenoor vroulike verhoudingsmaats, het dus 'n hoër frekwensie en intensiteit as dié van vroue teenoor manlike verhoudingsmaats. Ook kan die afleiding gemaak word dat die vrou se posisie ten opsigte van die man verder verswak word deur verhoogde afwesigheid van haar werk vanweë beserings, aangesien 'n verlies van inkomste 'n resultaat van die vrou se afwesigheid kan wees. Behalwe vir die hoër frekwensie en intensiteit van fisiese beserings by die vrou en die potensiële verlies van inkomste as 'n resultaat van die man se geweld, blyk dit dat die emosionele resultate van geweld deur mans teenoor vroue, ook meer negatief is as dié wanneer geweld deur vroue teenoor mans toegepas word. Samevattend kan die verskillende motiewe, metodes en resultate van geweldpleging deur mans en deur vroue na aanleiding van hierdie bespreking, soos volg getabuleer word:

TABEL 2: GESLAGSVERSKILLE IN TERME VAN MOTIEWE, METODES EN RESULTATE VAN GEWELDPLEGING

GESLAG	MANS	VROUENS
MOTIEWE	• Intimidasie van die vroulike verhoudingsmaat. • Uitdrukking van woede met die doel om beheer oor die verhoudingsmaat uit te oefen. • Wraak vanweë die vrou se ontrouheid.	• Reaktief ten opsigte van die man se gedrag in die vorm van weerwraak. • Selfverdediging as doel. • Poging om posisie ten opsigte van die man te verbeter deur sy gewelddadige gedrag na te boots of te herhaal.
METODES	• Stoot, gryp of stamp. • Verwurging en versmoring. • Dwang tot seksuele omgang. • Toediening van vuishoue. • Moord op die verhoudingsmaat, uitwissing van die hele gesin of beplande selfmoord waar die verhoudingsmaat eers vermoor word alvorens die man homself om die lewe bring.	• Skop, byt en die toedien van vuishoue. • Dreigemente met 'n mes of 'n vuurwapen. • Werklike benutting van 'n mes of 'n vuurwapen. • Moord in uitsonderlike gevalle nadat jarelange fisiese geweld verduur is, alle hulpbronne ontgin en onsuksesvol benut is en lewensgevaar ervaar word.
RESULTATE	• Lae frekwensie en intensiteit van fisiese beserings, met die resultaat dat mediese behandeling daarvoor selde nodig is. • Laer frekwensie van afwesigheid vanaf die werk en gevolglike verlies aan inkomste vanweë fisiese beserings. • Lae aanvraag en benutting van maatskaplikewerkdienslewering (wel polisiediens en regstelsel). • Lae neiging tot psigosomatiese simptome, stres en depressiewe simptomatologie as 'n resultaat van geweld deur die vroulike verhoudingsmaat. • Mislukking van pogings om te beheer, te domineer en te intimideer, wat aanleiding gee tot verdere geweld.	• Hoër frekwensie en intensiteit van fisiese beserings met verhoogde benutting van mediese behandeling daarvoor. • Hoër frekwensie van afwesigheid vanaf die werk met verlies aan inkomste as 'n resultaat van fisiese beserings. • Hoër aanvraag en benutting van maatskaplikewerkdienslewering (nie polisiediens en regstelsel nie). • Hoër neiging tot psigosomatiese simptome, stres en depressiewe simptomatologie as resultate van geweld deur manlike verhoudingsmaat.

3.4 GEWELDSIKLUSSE

Alhoewel omvattende aandag in hoofstuk vier aan die individuele vlak en in hoofstuk vyf aan die gesin as ontledingsvlakke geskenk word, word hier gefokus op sogenaamde geweldsiklusse wat binne saamwoon- en huweliksverhoudings kan voorkom, met die doel om geweld as 'n verskynsel in sodanige verhoudings, toe te lig. Die klem is hier primêr op die siklus waarvan die betrokkenes in die gesinsisteem deel is en nie soseer op die analise van individuele patologie of gesinsistemiese disfunksionering wat kan aanleiding gee tot die ontstaan en instandhouding van hierdie geweld nie.

Die eerste sikliese beskrywing van geweldpleging teenoor vroue, was die beskrywing van Walker (1979:65). Hiervolgens kan drie fases in die geweldsiklus onderskei word, te wete;

⊗ 'n fase waartydens spanning in die verhouding opbou,

⊗ die *ontploffing* of die akute geweldsinsident en

⊗ die kalm, liefdevolle fase van herbesinning.

Hieruit kan afgelei word dat Walker (1979:65) gewelddadige gedrag in 'n verhouding beskou as;

- die resultaat van spanning tussen die betrokkenes,
- as 'n emosionele, maar funksionele wyse waarop die spanning tussen die betrokkenes hanteer of verminder word, aangesien die geweld aanleiding gee tot kognitiewe herbesinning en moontlik selfs
- as 'n wyse waarop intimiteit bereik en tydelik gehandhaaf kan word, aangesien die *ontploffing* aanleiding gee tot lieftalligheid en versoening.

'n Eie interpretasie is dat die geweldsiklus wat deur Walker (1979:65) beskryf word die viktimiseringsproses oorvereenvoudig, veral aangesien geen aandag geskenk word aan 'n kognitiewe proses wat die geweld voorafgaan nie. Die geweldenaar word as't ware gereduseer tot 'n emosioneel-reaktiewe wese wat eers nadat die emosionaliteit in die vorm van gewelddadige gedrag uitgeleef is, deur 'n kognitiewe proses gaan. Alhoewel toegegee word dat die funksionaliteit van die gedrag wat afgelei kan word uit hierdie geweldsiklus waarskynlik 'n implisiete aanduiding van 'n voorafgaande kognitiewe proses is, word die invloed van kognisie nie genoegsaam beklemtoon nie.

Alhoewel Edleson en Tolman (1992:67) erkenning gee aan die waarde van Walker (1979:65) se siklus van geweld, wys hulle daarop dat die laaste fase van Walker (1979:65) se siklus, naamlik die kalm, liefdevolle fase van herbesinning, later van tyd verdwyn in 'n verhouding. As 'n resultaat hiervan, bestaan die siklus na 'n aantal herhalings daarvan, uiteindelik bloot uit die opbou van spanning en 'n akute fase van geweld, wat weer opgevolg word deur die opbou van spanning. Hieruit kan afgelei word dat die gewelddadige gedrag as't ware na die herhaalde voorkoms daarvan, sy funksie, naamlik die daarstel van intimiteit en kognitiewe herbesinning vir die betrokkenes verloor en dat die geweld bloot aanleiding gee tot verdere geweld.

'n Meer omvattende poging om die siklus van geweld te beskryf, is dié van Deschner (1984:60) waarin sy die siklus in die volgende sewe fases aandui:

- 'n Wedersyds-afhanklike verhouding bestaan tussen die betrokkenes.
- 'n Konflik-veroorsakende gebeurtenis vind plaas.
- Verbale konflik ontstaan.
- 'n *"Last-straw decision"* vind plaas, waarvolgens 'n besluit geneem word om tot geweld oor te gaan.
- *Primitiewe* woede (gewelddadige gedrag).
- Onttrekking.
- Berou.

In haar aanduiding van die geweldsiklus, beskryf Deschner (1984:60) dus aanvanklik die aard van die verhouding waarbinne die geweld plaasvind as synde wedersyds afhanklik, terwyl die fases waartydens spanning opgebou word (Walker, 1979:65) aangedui word as dat 'n gebeurtenis plaasvind wat tot verbale konflik aanleiding gee wat opgevolg word deur 'n kognitiewe besluit om tot geweld oor te gaan. Na afloop van die geweld volg nie liefdevolle gedrag (Walker, 1979:65) nie, maar onttrekking waartydens 'n kognitiewe proses waarskynlik plaasvind, wat aanleiding gee tot berou en moontlik daarna, liefdevolle gedrag.

Interessant is dat Walker (1979:65) die geweldinsident as 'n *ontploffing* beskryf wat dus gekenmerk word deur emosionele reaktiwiteit, terwyl Deschner (1984:60) juis die klem plaas op 'n kognitiewe besluit om tot gewelddadige gedrag oor te gaan. Die argument van Edleson en Tolman (1992:67) dat die herbesinning en liefdevolle gedrag na afloop van die geweld mettertyd

verdwyn, sou waarskynlik ook op Deschner (1984:60) se siklus van geweld van toepassing gemaak kan word.

Vanuit 'n regsoogpunt beskryf Wolhuter (1996:152) die geweldsiklus in soortgelyke terme as dié van Walker (1979:66) en Deschner (1984:60). Drie fases word onderskei, te wete 'n opboufase waartydens spanning in die verhouding opbou, wat gevolg word deur 'n fase van gewelddadige gedrag. Die derde fase word gekenmerk deur die man se pogings om vir die geweld te vergoed, verskonings en beloftes om nie die gedrag te herhaal nie. Die vrou ervaar gewoonlik tydens hierdie fase hoop dat die geweld nie sal herhaal nie, *"(h)owever, the cycle of violence is almost inevitably repeated"* (Wolhuter, 1996:152).

Die fokus in die besprekings van die geweldsiklus deur Walker (1979:66), Deschner (1984:60) en Wolhuter (1996:152) is dus hoofsaaklik op 'n siklus van kognitiewe, emosionele en gedragsprosesse by die manlike geweldenaar wat by herhaling voorkom en die gewelddadige gedrag in stand hou. Hierteenoor fokus Van der Hoven (1992:82) op die kognitiewe, emosionele en gedragsproses wat by die vroulike slagoffer van geweld plaasvind en wat vir sommige vroue uiteindelik daartoe in staat stel om uit die gewelddadige verhouding los te breek.

Drie sogenaamde fases in die viktimiseringsproses word deur Van der Hoven (1992:82) beskryf:

- Fase een is die impakfase, waartydens die aanranding plaasvind, met skok, magteloosheid teenoor die man se fisieke aanval en vrees as resultate vir die vrou. Na die aanval voel sy skaam en vernederd, veral as sy letsels soos byvoorbeeld 'n blou oog tydens die insident opgedoen het. Hierdie stresrespons maak haar kwesbaar vir verdere viktimisering.
- Die tweede fase word die posttraumatiese aanpassingsfase genoem, wat gekenmerk word deur emosionele insinking wat gepaardgaan met gevoelens van depressie, apatie, uitputting, moedeloosheid, willoosheid en gevoelloosheid. Die vrou herstel geleidelik na hierdie emosioneel ontstellende toestand en beweeg na 'n meer rasionele vlak. Sy poog om vas te stel waarom die man so gewelddadig teenoor haar optree en probeer om deur middel van retrospeksie te bepaal wie die blaam of verantwoordelikheid vir die aanranding moet dra. Ook evalueer sy die moontlikheid van toekomstige aanrandings en of sy beheer oor die man se gewelddadigheid sal kan uitoefen, al dan nie. Die vrou neig aanvanklik om tydens hierdie

fase haarself vir die viktimisering te blameer, maar namate die aanrandings herhaaldelik plaasvind, skryf sy dit toe aan haar eie persoonlikheid en onvermoëns, of aan dié van die man.

- Die keerpuntfase word bereik wanneer dit tot die vrou deurdring dat sy beheer oor die situasie verloor het en die man wil verlaat. Hierdie fase word gewoonlik bereik na die herhaalde voorkoms van geweld of as die geweld reeds van die begin af deur haar as ernstig van aard beskou is. Ook die sterkte van die emosionele binding met die man en die beskikbaarheid van sosiale ondersteuningsisteme, speel belangrike rolle in die aanbring van hierdie keerpuntfase. Meesal gee 'n spesifieke insident aanleiding tot die bereiking hiervan, soos byvoorbeeld 'n ernstige aanranding of rusie, ontrouheid van die man of wanneer die kinders ook begin om slagoffers van die man se gewelddadigheid te word.

'n Eie interpretasie is dat sommige vroue wat slagoffers is van geweld deur hulle verhoudingsmaats, nooit hierdie laaste fase wat Van der Hoven (1992:82) aandui, bereik nie en dat hulle magteloos bly voortbestaan in 'n disfunksionele, geweldgekenmerkde verhouding. Uit bogenoemde blyk dit egter dat die siklus van geweld binne elke konteks andersoortig sou kon wees en dat nie na *die* geweldsiklus nie, maar na *'n* geweldsiklus verwys behoort te word.

'n Opeenvolging van gebeurtenisse vind derhalwe plaas wat kan begin by 'n insident wat 'n spanningsvolle invloed het op die verhouding, aanleiding gee tot gewelddadige gedrag en aanvanklik telkens eindig by versoening tussen die betrokkenes. Nadat hierdie siklus 'n aantal kere herhaal het, reageer sommige vroue deur 'n keerpuntfase te bereik waartydens hulle besluit om die verhoudingsmaat te verlaat en uit die gewelddadige verhouding te tree.

Na aanleiding hiervan, kan die fases in *'n* geweldsiklus derhalwe samevattend skematies soos volg aangedui word:

FIGUUR 6: 'N GEWELDSIKLUS



'n Eie interpretasie is dat die lê en terugtrekking van klagtes by die polisiediens oor die man se optrede, waarskynlik ook soms in so 'n siklus opgeneem sou kon word wanneer die vrou tydens die posttraumatiese fase die blaam vir die geweld nie meer op haarself plaas nie, maar op die gewelddadige man[24].

Derhalwe word afgelei dat die waarde van sodanige siklus waarskynlik hoofsaaklik opgesluit lê in twee aspekte, te wete 'n groter mate van begrip wat kan ontwikkel vir die slagoffer se situasie en die benuttingswaarde daarvan tydens maatskaplikewerkhulpverlening. Begrip vir die slagoffer se omstandighede en vir haar onvermoë om van die situasie te ontsnap, kan waarskynlik na aanleiding van 'n geweldsiklus ontwikkel word, deurdat gefokus word op die man se berou, beloftes dat die gedrag gestaak sal word en die hoop wat hierdeur by die vrou opvlam vir versoening en staking van die geweld.

Wanneer tydens maatskaplikewerkhulpverlening met 'n slagoffer gewerk word, sou die maatskaplike werker byvoorbeeld ter wille van insigontwikkeling saam met die betrokkene haar unieke situasie met behulp van 'n geweldsiklus kon ontleed, op grond waarvan maatskaplikewerkintervensies dan geloods kan word. Ook tydens maatskaplikewerkhulpverlening aan die geweldenaar, sou insigontwikkeling met die doel om gedragsverandering teweeg te bring, waarskynlik met behulp van 'n geweldsiklus kon plaasvind. Wanneer tydens maatskaplikewerkhulpverlening met sowel die slagoffer as die geweldenaar gewerk word, sou die maatskaplike werker byvoorbeeld deur die benutting van die geweldsiklus vir die betrokkenes daartoe in staat kan stel om nie alleen elkeen se rolle te ontleed nie, maar ook om insig in hulle interaksionele patrone en die dinamika van hulle verhouding te ontwikkel. 'n Geweldsiklus bied derhalwe aan die maatskaplike werker 'n assesseringsriglyn op grond waarvan maatskaplikewerkintervensies beplan en geloods kan word.

3.5 METING VAN GEWELD DEUR MIDDEL VAN DIE *CONFLICT TACTICS SCALE*

In hierdie afdeling word 'n teoretiese oriëntering gedoen ten opsigte van die meting van geweld deur middel van die benutting van die *Conflict Tactics Scale* (Straus, 1979:75-88 en Straus et

---

[24] 'n Bespreking oor die benutting van sosiale strukture soos byvoorbeeld die polisiediens en regsinstellings, word in hoofstuk ses waar die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem bespreek word, aangebied.

al., 1996:283-316). Om akkuraatheid in interpretasie te verseker, word CTS1 hiervandaan benut om te verwys na die oorspronklike *Conflict Tactics Scale* en CTS2 na die *Revised Conflict Tactics Scale*. Vir die doeleindes van verwysing na aspekte wat op sowel CTS1 as CTS2 van toepassing is, word CTS benut.

3.5.1 OMSKRYWING EN TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE

In hul verduideliking van wat die CTS is, skryf Straus et al. (1996:283) dat *"... [it] measures both the extent to which partners in a dating, cohabiting, or marital relationship engage in psychological and physical attacks on each other and also their use of reasoning or negotiation to deal with conflicts."* Twee aspekte word dus gemeet, te wete die mate waartoe;.

- emosionele en fisiese geweld toegepas word en
- die benutting van beredenering en onderhandeling as wyses waarop konflik hanteer word.

Hieruit kan afgelei word dat, behalwe vir die verwysing na 'n verhouding waarbinne die gedrag manifesteer, geen aandag spesifiek aan die konteks waarin die gedrag voorkom geskenk word nie en dat die fokus nie op resultate van die gedrag, byvoorbeeld beserings, geplaas word nie. Die CTS is dus bloot 'n instrument waardeur gedrag wat benut word om konflik in 'n verhouding te hanteer, gemeet kan word.

Die aandag word deur Straus et al. (1996:302) daarop gevestig dat die taalgebruik in die CTS sodanig is dat enige persoon met 'n graad ses leesvermoë (volgens Amerikaanse standaarde), die inhoud daarvan sal kan verstaan. Voorts is die toepassingsmoontlikhede in 'n verskeidenheid van kulture en lande, reeds bewys. Die items word verdeel in die vorm van vraag-pare (wat die deelnemer gedoen het en wat die verhoudingsmaat gedoen het), wat daartoe aanleiding gee dat data ten opsigte van beide betrokkenes bekom kan word. Indien moontlik, behoort beide die verhoudingsmaats die skaal in te vul, want *"(a)lthough most studies have found a substantial correlation between the violence reports of partners ... one partner may not disclose as fully as the other"* (Straus et al., 1996:302-303).

Die resultate wat in hierdie studie na aanleiding van die CTS aangebied word, is dus verkry van persone wat minstens oor 'n basiese leesvermoë beskik en ten opsigte van sowel die deelnemer aan die navorsing, as sy / haar verhoudingsmaat se gedrag.

In 'n historiese oorsig van die ontwikkeling en toepassing van die CTS, fokus Straus et al. (1996:284) die aandag op die wye benutting van die skaal sedert 1972, toe dit aanvanklik ontwikkel is. Voorbeelde sluit in dat die skaal;

- al op meer as 70 000 deelnemers toegepas is,
- toepasbaar is met deelnemers van verskillende kultuuragtergronde,
- al in meer as 20 lande benut is, waarby Hong Kong, Indië, Japan, Israel, Spanje en Swede ingesluit is,
- toenemend benut word as 'n assesseringsriglyn tydens gesinsterapie,
- aanleiding gegee het tot die publikasie van meer as 400 navorsingsartikels na aanleiding van die benutting daarvan (insluitend studies wat die geldigheid, betroubaarheid en faktor-strukture van die skaal ontleed het) en dat
- die benutting daarvan aanleiding gegee het daartoe dat gedurende 1994, minstens 10 navorsingsartikels per maand oor die resultate van die skaal gepubliseer is.

Die CTS is dus 'n geldige en betroubare meetinstrument met toepassingsmoontlikhede oor kultuurgrense heen, op grond waarvan beide betrokkenes se gedragsvorme wat benut word vir konflikhantering in 'n verhouding, geëvalueer kan word. Voorts voorsien die CTS 'n hulpmiddel aan terapeute op grond waarvan assessering met die oog op intervensie tydens onder andere gesinsterapie, toegepas kan word.

3.5.2 TEORETIESE BEGRONDING

Die teoretiese basis van die CTS is geleë in die konflikteorie, waarvolgens van die standpunt af uitgegaan word dat konflik 'n onvermydelike deel van die menslike bestaan is, terwyl geweld as 'n wyse om konflik te hanteer, as patologies beskou word. Daarom meet die CTS die mate waartoe konkrete gedrag en gebeurtenisse benut word vir die bylê van geskille en nie houdings ten opsigte van konflik of geweld, of die resultate van die verskillende hanteringswyses nie (Straus et al., 1996:284). Hieruit kan afgelei word dat die CTS dus nie soseer gemoeid is met die konteks waarbinne gewelddadige gedrag plaasvind of die resultate van die gedrag in die vorm van emosionele en fisiese beserings nie, maar dat primêr gefokus word op die gewelddadige gedrag *per se*.

Die konflikteorie is die basis van nog 'n belangrike eienskap van die CTS, naamlik *"symmetry in measurement."* Sowel die gedrag van die deelnemer as dié van sy / haar verhoudingsmaat word

gemeet, maar telkens vanuit die oogpunt van slegs een van die betrokkenes. Die klem is egter nie op *simmetrie in gedrag* nie, alhoewel die CTS sodanige empiriese ontleding moontlik maak, maar op *simmetrie in meting* met die doel om 'n meer omvattende beeld van sowel die deelnemer se gedrag, as dié van die verhoudingsmaat te verkry. Daar word van die standpunt af uitgegaan dat sowel navorsers as klinici kan baat by die meting van beide partye se gedrag in 'n verhouding, aangesien *"... the cessation of violence by one partner is highly dependent on whether the other partner also stops hitting"* (Straus et al., 1996:286).

Simmetrie in meting impliseer dus dat wanneer 'n deelnemer die CTS invul, die vrae ingevul word ten opsigte van die deelnemer self, maar ook met betrekking tot die gedrag van die verhoudingsmaat, vanuit die oogpunt van die deelnemer. Vanuit bogenoemde kan die interpretasie gemaak word dat simmetrie in gedrag *afgelei* kan word vanuit die simmetrie in meting wat tydens die invul van die CTS toegepas word. Die bepaling van simmetrie in gedrag is derhalwe nie die doel nie, maar bloot 'n afleiding wat op grond van simmetrie in meting gemaak kan word.

Met betrekking tot die teoretiese vereistes vir die opstel van 'n metingskaal, lê een van die dilemmas volgens Straus et al. (1996:286) daarin dat dit kort genoeg moet wees om toepasbaar te wees in situasies wat beperkte tyd daarvoor toelaat, terwyl dit ook omvattend genoeg moet wees om genoegsame items in te sluit wat inhoudelike geldigheid en betroubaarheid verseker. Volgens Dobash et al. (1992:72-73), Martin et al. (1995:403) en Myers (1995:493) het die CTS1 bloot gefokus op drie konstrukte, te wete beredenering, verbale aggressie en fisiese aggressie en kan hierdie konstrukte nie as genoegsaam beskou word om gedrag vir die hantering van konflik te meet nie. Ook Straus et al. (1996:286) gee erkenning daaraan dat die CTS 1 té beperk was in hierdie opsig en daarom is vir die doeleindes van die CTS2 enkele items by die oorspronklike drie skale gevoeg. Hierdie oorspronklike drie skale, te wete die beredeneringskaal, die verbale-aggressieskaal en die fisiese-aggressieskaal is dus vir die doeleindes van die CTS2 meer omvattend omskryf, herbenoem weens die verbeterde operasionele definiëring daarvan en enkele inhoudelike aspekte is daartoe bygevoeg. Sodoende is die onderhandelingskaal (*"reasoning scale"*), emosionele-aggressieskaal (*"psychological aggression scale"*) en die fisiese-aanrandingskaal (*"physical assault scale"*) in plaas van die drie oorspronklike skale ontwikkel vir die doeleindes van die CTS2, hoofsaaklik met die doel om die geldigheid en betroubaarheid daarvan te verhoog.

Twee bykomende skale, die seksuele-dwangskaal (*"sexual coercion"*) en fisiese beseringskaal (*"physical injury from assaults by a partner"*) is om dieselfde rede vir die doeleindes van die CTS2 by die gewysigde drie skale gevoeg. As regverdiging vir die twee toevoegings, word aangevoer dat beide hierdie skale verwys na konkrete gedrag of gebeurtenisse wat plaasvind en dus steeds gegrond is op die beginsels van die konflikteorie (Straus et al., 1996:286).

Uit bogenoemde kan afgelei word dat wysigings aan die CTS1 genoodsaak was om in 'n groter mate aan die vereistes van geldigheid en betroubaarheid te voldoen, terwyl die CTS2 steeds die klem plaas op gewelddadige gedrag of gebeurtenisse wat tydens konflik waarby verhoudingsmaats betrokke is, kan plaasvind.

Ter samevatting kan die teoretiese begronding van die CTS dus beskou word as gebaseer op die konflikteorie waarvolgens konflik as sulks, as 'n integrale deel van die menslik bestaan beskou word, terwyl gewelddadige gedrag wat uit konflik voortspruit, as ontoepaslik vir die effektiewe hantering van die konflik beskou word. Twee elemente is dus primêr hier van belang, naamlik dat minstens twee mense by konflik betrokke is en dat die fokus nie soseer op die konflik is nie, maar op gewelddadige gedrag wat uit die konflik voortvloei. Die CTS gee erkenning aan beide van hierdie elemente deur alleen *gewelddadige gedrag* te meet en deur van *simmetrie in meting* gebruik te maak. Die gewelddadige gedrag van sowel die deelnemer as die ander verhoudingsmaat word derhalwe deur middel van die CTS gemeet.

3.5.3 DEFINIëRING VAN ENKELE BEGRIPPE

Die omskrywing van begrippe wat in die vyf metingskale van die CTS2 vervat is, word deur Straus et al. (1996:289-290) gedoen, ten einde te verseker dat eenvormige interpretasies ten opsigte van die resultate van die CTS gemaak word. Hierdie begrippe is fisiese aanranding (*"physical assault"*), emosionele aggressie (*"psychological aggression"*), onderhandeling (*"negotiation"*), seksuele dwang (*"sexual coertion"*) en fisiese besering (*"physical injury"*).

Die term *fisiese aanranding*, word benut om te verwys na fisiese geweld wat die potensiaal het om nadelige fisiese resultate vir die slagoffer in te hou (Straus et al., 1996:290). Klem word dus geplaas op die gedrag van die geweldenaar ten opsigte van die slagoffer en die potensiaal van die gedrag om vir die slagoffer fisiologiese leed aan te doen.

Hierteenoor verwys *emosionele aggressie* na sowel verbale as nie-verbale gewelddadige gedragsvorme wat potensieel vir die slagoffer nie fisiologiese leed nie, maar emosionele leed kan besorg (Straus et al., 1996:289). *Emosionele aggressie* kan dus gelykgestel word aan *emosionele geweld* wat in 3.2.2 bespreek is.

Onderhandeling word beskryf as aksies wat geneem word om 'n geskil deur middel van bespreking by te lê (Straus et al., 1996:289). Die fokus is derhalwe op die kognitiewe beredenering van 'n saak deur die persone wat by 'n geskil betrokke is. Geensins word hier dus gefokus op fisiese aksies om 'n persoon te oortuig of te dwing tot oortuiging ten opsigte van 'n bepaalde standpunt nie, maar die klem is op die verbale bespreking van 'n geskil na aanleiding van die betrokkenes se kognitiewe prosesse oor die saak.

Sowel verbale gedrag as die benutting van fisiese dwang wat daarop gemik is om 'n verhoudingsmaat te dwing om teen sy / haar wil seksuele aktiwiteite uit te voer, word deur Straus et al. (1996:290) as *seksuele dwang* gedefinieer. Die konsep verwys dus nie alleen na die benutting van fisiese dwang wat tot verkragting kan aanleiding gee nie, maar ook na verbale gedrag wat waarskynlik sou kon insluit die doelbewuste manipulering van die verhoudingsmaat deur die benutting van sinsnedes en nuanses wat sodanig geformuleer word dat die persoon dwang ervaar om vir seksuele omgang toestemming te verleen. Die afleiding kan gemaak word dat die fokus nie alleen op die verbale en fisiese gedrag van die geweldenaar is nie, maar ook op die subjektiewe belewenis van dwang deur die slagoffer.

Binne die konteks van die CTS verwys *besering* na fisiese leed wat deur 'n verhoudingsmaat teweeggebring word soos afgelei uit been- of weefselbeskadiging, 'n behoefte aan mediese aandag of na pyn wat aanhou vir 'n dag of meer (Straus et al., 1996:290). Hieruit blyk dit dat die fokus derhalwe op fisiese beserings is wat òf mediese aandag regverdig, òf lei tot pyn of ongemak wat vir minstens een dag aanhou, terwyl klem ook daarop gelê word dat dit deur 'n verhoudingsmaat se gedrag teweeggebring is.

Fisiese besering word dus nie teweeggebring deur *onderhandeling* nie, maar sou onder andere as 'n resultaat van *seksuele dwang* of *fisiese aanranding* kon voorkom. Ook kan afgelei word dat *emosionele aggressie* nie die resultaat van *onderhandeling* kan wees nie, maar dat sowel *seksuele dwang* as *fisiese aanranding* negatiewe emosionele resultate vir die slagoffer kan inhou.

3.5.4 INHOUDELIKE ASPEKTE EN TOEPASSINGSWYSE

Die CTS1 het uit 20 toetsitems (dus 40 stellings) bestaan, terwyl die CTS2 uit 78 stellings (dus 39 toetsitems) bestaan, wat sowat 10 tot 15 minute neem om in te vul. Hierdie toetsitems word vir die doeleindes van verwerking van die ingevulde CTS2 verdeel in vyf skale, wat elk onderverdeel word in twee subskale. Elke skaal, behalwe die beseringskaal, verteenwoordig 'n gedragsvorm wat moontlik uit konflik in 'n verhouding kan voortspruit. Die benutting van die beseringskaal wat nie spesifiek op gewelddadige gedrag as sulks nie, maar op die potensiële resultate van gewelddadige gedrag gerig is, word deur Straus et al. (1996:284) toegeskryf daaraan dat beserings 'n aanduiding kan gee van die aard van die gewelddadige gedrag wat benut is vir die hantering van konflik. Tog word terselfdertyd ook gewaarsku daarteen dat die motiewe van die geweldenaar nie vanuit die beserings nie, maar vanuit die aard van die gewelddadige gedrag afgelei moet word.

In die CTS2 word dus aandag geskenk aan fisiese beserings as resultate van die wyse waarop konflik hanteer word binne 'n verhouding. Die klem is egter nie op die beserings *per se* nie, maar eerder op die afleidings wat op grond van die fisiese beserings ten opsigte van die aard van die gewelddadige gedrag gemaak kan word.

Die onderhandelingskaal word onderverdeel in kognitiewe en emosionele subskale as wyses van onderhandeling, terwyl die ander vier skale, elk onderverdeel word in terme van erge of geringe gedragsreaksies (Straus et al., 1996:308-312). Hierdie onderverdeling van die CTS2 kan derhalwe skematies soos volg aangedui word:

FIGUUR 7: ONDERVERDELING VAN SKALE EN SUBSKALE IN DIE *REVISED CONFLICT TACTICS SCALE*



Bron: Straus et al., 1996:308-312.

Elk van die skale verteenwoordig dus implisiet (byvoorbeeld die fisiese beseringskaal) of eksplisiet (byvoorbeeld die onderhandelingskaal, emosionele-aggressieskaal, fisiese-aanrandingskaal en die seksuele-dwangskaal) 'n gedragsvorm wat uit konflik kan voortspruit, terwyl die subskale 'n aanduiding gee van die aard van en / of die intensiteit van hierdie gedragsvorme.

Die CTS bestaan uit 'n aantal stellings met betrekking tot gedrag wat uit konflik uit voortvloei. Deelnemers word versoek om elke stelling te lees en dan aan te dui hoe dikwels die gedrag wat in die stelling beskryf word, gedurende die afgelope jaar in die verhouding voorgekom het. Die

CTS word begin met 'n inleidende oriëntering aan die deelnemer, wat na aanleiding van Straus et al. (1996:310) soos volg lees:

Ongeag hoe goed 'n paartjie oor die weg kom, is daar maar altyd tye wanneer hulle verskil, kwaad raak vir mekaar, verskillende verwagtinge aan mekaar stel of baklei omdat hulle in 'n slegte bui is, moeg is of vir watter rede ookal. Pare het ook verskillende wyses waarop hulle hulle geskille probeer bylê. Hierdie is 'n lys van gedrag wat kan plaasvind wanneer julle oor aspekte verskil. Omkring asseblief hoe dikwels jy elk van hierdie gedragsvorme geopenbaar het gedurende die afgelope jaar, maar ook hoe dikwels jou maat dit in die afgelope jaar gedoen het. As jy en jou maat nie een van hierdie gedragsvorme gedurende die afgelope jaar geopenbaar het nie, maar dit het wel vantevore al gebeur, omkring "7".

Die kriteria waarvolgens die frekwensie van gedrag aangedui word (Straus et al., 1996:310), is soos volg:

Hoe dikwels het die volgende gedrag plaasgevind?

1 = Eenkeer tydens die afgelope jaar
2 = Tweekeer tydens die afgelope jaar
3 = 3 - 5 keer in die afgelope jaar
4 = 6 - 10 keer in die afgelope jaar
5 = 11 - 20 keer in die afgelope jaar
6 = Meer as 20 keer in die afgelope jaar
7 = Nie in die afgelope jaar nie, maar dit het al vantevore gebeur
0 = Dit het nog nooit gebeur nie

Twee voorbeelde van tipiese stellings in die CTS (Straus et al., 1996:311) is die volgende:

1. Ek het vir my maat gewys dat ek omgee, selfs al verskil ons. 1 2 3 4 5 6 7 0
2. *My maat het omgee aan my gewys, selfs al het ons verskil.* *1 2 3 4 5 6 7 0*
3. Ek het my kant van die saak aan my maat verduidelik. 1 2 3 4 5 6 7 0
4. *My maat het sy / haar kant van die saak aan my verduidelik.* *1 2 3 4 5 6 7 0*

(Vgl. Straus et al., 1996:311-312 vir 'n volledige voorbeeld van die CTS2.)

Die resultate van die CTS word deur Straus et al. (1996:296) beskryf aan die hand van twee tipes data wat ten opsigte van individue of groepe met wie die toets toegepas word verkry kan word, te wete voorkoms (*"prevalence"*) en intensiteit (*"chronicity"*). Eersgenoemde verwys na

die individu se aanduiding van een of meer gedragsinsidente in elke skaal, of na die persentasie van die steekproef wat een of meer gedragsinsidente in elke skaal aangedui het. So byvoorbeeld sou 'n individu dus 'n aanduiding gegee het dat van onderhandeling en emosionele aggressie gebruik gemaak word, terwyl geen aanduiding ten opsigte van die ander skale voorgekom het nie. Die voorkomssyfer voorsien die navorser dus van 'n aanduiding van *watter* gewelddadige gedragsvorme binne bepaalde verhoudings voorkom. Die intensiteit word aangedui na aanleiding van die *frekwensie* waarteen van bepaalde gedragsvorme in die gedragskale gebruik gemaak word, by diegene wat die gedragsvorme geopenbaar het (Straus et al., 1996:299). So byvoorbeeld sal die *voorkoms* 'n aanduiding gee daarvan dat van sowel emosionele aggressie as van fisiese aanranding gebruik gemaak word, terwyl die *intensiteit* byvoorbeeld sal kan aandui dat hoofsaaklik / meesal van emosionele aggressie gebruik gemaak word en minder dikwels van fisiese aanranding.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word nie spesifiek aandag geskenk aan die analise van die resultate van die CTS nie, maar die aandag word gevestig op Straus en Gelles (1990:95-112) en Straus (1995) se *Manual for the Conflict Tactics Scales* vir 'n bespreking in hierdie verband[25].

Die inhoud van elk van die skale in die CTS2 word vervolgens na aanleiding van Straus et al. (1996:308-309) aangedui, met die doel om akkurate interpretasie van navorsingsresultate wat elders in hierdie studie vermeld word, te bevorder.

ONDERHANDELINGSKAALITEMS

VRAAG-NOMMER	SUBSKAAL	ITEM
1	Emosioneel	Ek het my maat gewys dat ek omgee, selfs al het ons verskil.
13	Emosioneel	Respek betoon vir my maat se gevoelens omtrent die saak.
39	Emosioneel	Gesê ek is seker dat ons die probleem sal kan uitklaar.
3	Kognitief	My kant van 'n geskil aan my maat verduidelik.
59	Kognitief	'n Kompromie ten opsigte van die geskil voorgestel.
77	Kognitief	Ingestem om 'n oplossing wat my maat voorgestel het, te probeer.

[25] Toestemming om die CTS te dupliseer en te benut kan sonder koste vanaf die ontwikkelaars verkry word, met dié voorwaarde dat alle data wat deur middel van die benutting van die skale ingesamel word, aan die ontwikkelaars voorsien word vir die doeleindes van psigometriese analise.

Die klem is derhalwe op die voorkoms en intensiteit waarvolgens van kognitiewe onderhandelingsmeganismes in 'n verhouding gebruik gemaak word om konflik tussen die verhoudingsmaats uit te klaar. Geensins word op gewelddadige gedrag gefokus nie, maar die fokus is op verbale gedrag wat voortvloei uit 'n kognitiewe proses wat daarop gerig is om die konflik te hanteer. Wanneer 'n hoë voorkoms- en intensiteitsyfer dus ten opsigte van die onderhandelingskaalitems verkry word, dien dit as 'n aanduiding daarvan dat konflik op 'n nie-gewelddadige wyse deur die betrokkenes hanteer word.

EMOSIONELE-AGGRESSIESKAALITEMS

VRAAG-NOMMER	SUBSKAAL	ITEM
5	Gering	My maat beledig of gevloek.
35	Gering	Geskreeu of gegil op my maat.
49	Gering	Uit die kamer, huis of woonerf gestorm gedurende 'n argument.
67	Gering	Iets gesê uit wraak teenoor my maat.
25	Erg	My maat vet of lelik genoem.
29	Erg	Iets vernietig wat aan my maat behoort.
65	Erg	My maat daarvan beskuldig dat hy / sy 'n swak minnaar / minnares is.
69	Erg	Gedreig om my maat met 'n voorwerp te gooi of te slaan.

In die emosionele-aggressieskaal is die klem dus op sowel verbale as nie-verbale gedrag wat daarop gemik is om die slagoffer emosionele skade aan te doen, terwyl gedragsvorme wat die potensiaal het om fisiologiese leed vir die slagoffer te berokken, hiervan uitgesluit is. Hoë voorkoms- en intensiteitsyfers ten opsigte van hierdie skaal, sou dus 'n aanduiding gee dat konflik in 'n betekenisvolle mate deur emosionele aggressie hanteer word binne die konteks van die besondere verhouding.

FISIESE-AANRANDINGSKAALITEMS

VRAAG-NOMMER	SUBSKAAL	ITEM
7	Gering	My maat met 'n voorwerp gegooi wat pyn sou kon veroorsaak.
9	Gering	My maat se arm gedraai of sy / haar hare getrek.
17	Gering	My maat gestoot of gestamp.
45	Gering	My maat gegryp.
53	Gering	My maat geklap.
21	Erg	'n Mes of 'n vuurwapen op my maat gebruik.
27	Erg	My maat met iets wat kan seermaak gesteek of geslaan.
33	Erg	My maat probeer verwurg.
37	Erg	My maat teen 'n muur gestamp.
43	Erg	Vuishoue gebruik om my maat te slaan.
61	Erg	My maat doelbewus met iets gebrand.
73	Erg	My maat geskop.

Die items verteenwoordig dus gedrag van die geweldenaar wat daarop gemik is, of wat die potensiaal het, om vir die slagoffer fisiologiese leed aan te doen. Hoë voorkoms- en intensiteitsyfers sou dus 'n aanduiding gee daarvan dat gedrag met die potensiaal om te fisies te beseer, as 'n wyse van konflikhantering benut word. Die aandag word egter gefokus op 3.2.2 waar aangedui is dat die resultate van fisiese geweld selde alleen fisiologies van aard is, maar dikwels ook negatiewe emosionele belewenisse vir die slagoffer inhou.

SEKSUELE-DWANGSKAALITEMS

VRAAG-NOMMER	SUBSKAAL	ITEM
15	Gering	My maat gedwing om sonder 'n kondoom seksueel te verkeer.
51	Gering	Aangedring op seksuele verkeer toe my maat nie wou nie (maar het nie fisiese dwang gebruik nie).
63	Gering	Aangedring daarop dat my maat orale of anale seks met my beoefen (maar het nie fisiese dwang gebruik nie).
19	Erg	Het dwang gebruik (byvoorbeeld slaan, vasdruk of die benutting van 'n vuurwapen) om my maat te dwing tot orale of anale seks.
47	Erg	Het dwang gebruik (byvoorbeeld slaan, vasdruk of die benutting van 'n vuurwapen) om my maat te dwing tot seksuele omgang.
57	Erg	Het dreigemente benut om my maat te dwing tot orale of anale seks.
75	Erg	Het dreigemente benut om my maat te dwing tot seksuele omgang.

Items wat in die seksuele-dwangskaal vervat is, sluit dus sowel verbale as nie-verbale gedrag in wat druk op die slagoffer uitoefen om toestemming te verleen tot seksuele omgang. Hierdie gedrag hou die potensiaal in om nie alleen vir die slagoffer onmiddellike fisiese leed te berokken nie, maar kan moontlik ook aanleiding gee tot 'n ongewenste swangerskap of selfs die oordraging van 'n veneriese siekte. Uiteraard word ook nie net fisiese resultate vanweë seksuele dwang deur die slagoffers ervaar nie, maar sou negatiewe emosionele belewenisse waarskynlik ook die resultaat daarvan kan wees.

FISIESE-BESERINGSKAALITEMS

VRAAG-NOMMER	SUBSKAAL	ITEM
11	Gering	Het 'n verstuiting, skraapmerk of klein snytjie gehad as gevolg van my maat se gedrag.
71	Gering	Het fisiese pyn ervaar wat die volgende dag steeds voortgeduur het, as gevolg van my maat se gedrag.
23	Erg	Het flou geword omdat my maat my tydens 'n geskil op die kop geslaan het.
31	Erg	Het 'n dokter besoek as gevolg van die fisiese geveg met my maat.
41	Erg	Moes eintlik 'n dokter geraadpleeg het as gevolg van die fisiese geveg met my maat, maar het nie.
55	Erg	Het 'n beenbreuk gehad as gevolg van die fisiese geveg met my maat.

Die items in die beseringskaal verwys dus na die fisiologiese resultate wat die slagoffer kan ervaar na aanleiding van fisiese geweld of seksuele dwang wat deur die geweldenaar toegepas is. Die fisiese beserings gee 'n aanduiding van die intensiteit en aard van die fisiese geweld en / of seksuele dwang wat benut is vir die hantering van konflik.

Samevattend kan beweer word dat die CTS daarop gerig is om die frekwensie waarvolgens verskillende gewelddadige gedragsvorme benut is vir die bylê van geskille in 'n verhouding gedurende die voorafgaande jaar, te meet. Die CTS bestaan uit 'n aantal vrae wat deur die deelnemer ingevul word ten opsigte van eie gedrag en dié van die verhoudingsmaat, maar ook met betrekking tot die aard van die moontlike beserings wat uit die gedrag voortgevloei het. Sodoende word *simmetrie in meting* moontlik gemaak, wat daartoe aanleiding gee dat *simmetrie in gedrag* daaruit afgelei kan word. Die resultate van die ingevulde CTS word ontleed aan die hand van vyf skale, wat elk implisiet of eksplisiet gedragsvorme en die aard of intensiteit daarvan vir die hantering van konflik, verteenwoordig. Op grond hiervan word nie alleen empiriese data verkry vir die doeleindes van statistiese evaluering nie, maar die resultate sou ook as 'n hulpmiddel tydens maatskaplikewerkhulpverlening benut kon word.

3.5.5 EVALUERING VAN DIE *CONFLICT TACTICS SCALE*

Die mening van Ferraro en Johnson (1983:325) is dat die grootste leemte van die CTS1 daarin geleë is, dat dit nie ontwikkel is om die konteks waarbinne gewelddadige gedrag plaasvind of om die simboliese betekenis wat die geweld vir sowel die slagoffer as vir die geweldenaar inhou,

te ontleed nie. Hierby word aangesluit deur Dobash et al. (1992:76) wat die volgende punte van kritiek spesifiek met betrekking tot die CTS1 lys:

- Die eksklusiewe fokus op gedrag ignoreer die geweldenaar en slagoffer se interpretasies, motivering en bedoelings ten opsigte van die geweld.
- Die omskrywing van fisiese geweld sluit nie seksuele aanranding en verkragting in nie.
- Retrospektiewe aanduidings van gedrag gedurende die afgelope jaar is onwaarskynlik om akkuraat te wees.
- Beskrywings van geweld na aanleiding van die ingevulde skaal is beperk tot;
  - ◊ deelnemers se erkenning daarvan dat sodanige gedrag plaasgevind het,
  - ◊ terwyl hierdie gedrag op so 'n eenvoudige wyse beskryf word dat erge aanranding afgemaak word as synde die somtotaal van 'n aantal bykans nietige gedragsvorme.
- Die kwalifikasie van gewelddadige gedrag as synde gering of erg, is nie voldoende operasioneel gedefinieer nie. (Vgl. ook Cantos et al., 1994:113-114 en Myers, 1995:493 in hierdie verband.)
- Response van geweldenaars en slagoffers word gelyke status gegee in die lewering van voorkomsfrekwensie, terwyl die inkonsekwenthede tussen dié response geïgnoreer word.
- Die konteks waarbinne die geweld plaasvind word geïgnoreer, geen aandag word geskenk aan gebeurtenisse wat die geweld voorafgegaan het nie en die opeenvolging van gebeurtenisse wat tot geweld aanleiding gee, word nie in ag geneem nie.
- Die resultate van die gewelddadige gedrag, veral fisiese besering, word nie in berekening gebring nie.

Hierby voeg Cantos et al. (1994:113) ook dié kommentaar ten opsigte van die CTS1, naamlik dat *"... it understates victimization of women and overstates violence by women"*, waarskynlik aangesien die fokus is op gewelddadige gedrag en nie op die proses van viktimisering nie.

Na aanleiding van bogenoemde aspekte, lê die kritiek ten opsigte van die CTS1, hoofsaak in die volgende opgesluit:

- Die konteks waarbinne die gedrag plaasvind, aspekte wat die gedrag voorafgaan en die simboliese betekenis van die geweld word nie verreken nie.
- Om geweld te beskryf bloot in terme van 'n reeks van gedragsvorme, lei daartoe dat die intensiteit daarvan en die viktimiseringsproses nie genoegsaam verreken word nie en te veel klem gelê word op vroue as geweldenaars.

- Om van deelnemers te verwag om die frekwensie van gedrag tydens die afgelope jaar te beskryf, lei tot onakkurate aanduidings van die werklikheid.
- Die skaal maak staat op deelnemers se erkenning daarvan dat hulle gedrag openbaar wat nie algemeen aanvaarbaar is nie.
- Simmetrie in meting moet noodwendig aanleiding gee tot afleidings ten opsigte van simmetrie in gedrag, anders is die resultate wat verkry word eensydig en word betekenisvolle teenstrydighede geïgnoreer.
- Die resultate van gewelddadige gedrag word geïgnoreer, ten gunste van 'n blote beskrywing van gewelddadige gedragsvorme.

Ten opsigte van kritiek op die CTS1, meld Straus et al. (1996:284) dat die CTS2 juis 'n poging is om aan hierdie leemtes aandag te skenk en dat die voorlopige resultate gunstig blyk te wees. Oor die feit dat die CTS2 steeds nie aandag skenk aan die konteks waarbinne die gedrag plaasvind nie, skryf Straus et al. (1996:285) soos volg: *"[The critique] ... is analogous to criticizing a reading ability test for not identifying the reasons a child reads poorly (such as limited exposure to books at home or test anxiety) and for not measuring the harmful effects of reading difficulty (such as low self-esteem or dropping out of school)."* Die hoofdoel van die CTS is dus om die benutting van gewelddadige gedrag te meet, terwyl bykomende inligting verkry kan word deur relatief eenvoudige vrae te vra *"... that are simple to measure but basic for understanding the connotations and meaning of the CTS scores, such as gender, age, height, and weight; and equally fundamental but more dificult to measure variables, such as the balance of power, feelings of fear and intimidation, and injury"* (Straus et al., 1996:285).

Daarom is Straus et al. (1996:286) ten gunste daarvan dat die CTS in samehang met kwalitatiewe onderhoudvoering benut word, sodat 'n holistiese beeld ten opsigte van sowel die situasie, as die individu binne die situasie verkry kan word. Erkenning word dus gegee aan die feit dat die CTS self nie 'n meting van die konteks waarbinne die geweld plaasvind insluit nie, terwyl klem gelê word op die verkryging van addisionele inligting deur middel van byvoorbeeld in-diepte onderhoudvoering na aanleiding van die ingevulde CTS.

'n Eie interpretasie is dat die klem wat op die konteks waarbinne die gewelddadige gedrag plaasvind en op die voorafgaande gebeurtenisse en simboliese betekenis van die gedrag geplaas word, implisiet aanduidings is van 'n soeke na regverdiging vir die gewelddadige gedrag van die geweldenaar. Indien dit die geval is, sou 'n beskrywing van die konteks benut kon word om die

geweldenaar se gedrag te rasionaliseer[26] of daaroor te intellektualiseer en word geweld as 'n poging om konflik te hanteer, moontlik daardeur gelegitimeer. Tog word akkoord gegaan met 'n werkswyse waarvolgens deur middel van in-diepte onderhoudvoering gepoog word om belewenisse van die geweldenaar en die slagoffer te bepaal, binne die konteks waarin die gewelddadige gedrag plaasgevind het.

Anders as in die geval van die CTS1, is die aspekte wat gemeet word in die CTS2 duideliker omskryf (vgl. 3.5.3) en meer omvattend as in die CTS1 (vgl. 3.5.4). So byvoorbeeld is die oorspronklike konsep van *verbale aggressie* vervang met 'n meer omvattende konsep, *emosionele aggressie*, wat verwys nie alleen na verbale vorme van geweld nie, maar ook na nie-verbale gedrag wat daarop gemik is om vir die slagoffer emosionele leed aan te doen. *Fisiese aggressie* is vervang met die meer omvattende en intense *fisiese aanranding* en *beredenering* is vervang met *onderhandeling* as verwysend na beide betrokkenes se kognitiewe hantering van 'n geskil. Nie alleen is die operasionele definiëring van gedragsvorme uitgebrei nie, maar twee addisionele skale is ook by die oorspronklike drie gevoeg, te wete die *seksuele-dwangskaal* en die *fisiese-beseringskaal*. Aspekte soos seksuele aanranding en verkragting, maar ook die potensiële fisiese beserings wat vanweë gewelddadige gedrag mag plaasvind, word dus eksplisiet in die CTS2 verreken (Straus et al., 1996:286).

'n Eie interpretasie is voorts dat die inleidende paragraaf van die CTS waarin die deelnemer gewys word op die normaliteit en algemene voorkoms van konflik en die nie-veroordelende wyse waarop verskillende persone se hantering van konflik aangedui word (vgl. 3.5.4), 'n konteks daarstel waarbinne die deelnemers waarskynlik bereidwillig sal wees om op 'n eerlike wyse sowel hul eie gedrag, as dié van hul verhoudingsmaats weer te gee.

Ten opsigte van die *simmetrie in meting*-argument as kritiek teen die CTS1, word die aandag opnuut gefokus op Straus et al. (1996:286) se mening dat *"(w)e believe that most research and clinical uses of the CTS would benefit from data on the behavior of both partners in a relationship"*, juis aangesien sodanige meting teenstrydighede kan uitwys wat dan onder andere tydens terapeutiese intervensies met die betrokkenes opgeneem kan word.

Die argument dat inligting wat retrospektief ten opsigte van 'n vorige jaar gevra word aanleiding gee tot die verkryging van onakkurate data, is waarskynlik nie noodwendig geldig

---

[26] *"Rasionalisasie bestaan uit die verstrekking van valse maar goed-klinkende redes vir gedrag wat eintlik die resultaat van verdronge wense is"* (Meyer, 1989:66).

nie. 'n Eie interpretasie in hierdie verband is dat die slagoffer se belewenis van emosionele trauma tydens elke gewelddadige insident moontlik juis daartoe aanleiding gee dat die inligting meer akkuraat gememoriseer kan word. Erkenning word egter ook gegee aan die feit dat skok van tyd tot tyd aanleiding gee tot retrograde amnesie[27], met die resultaat dat min inligting herroep kan word na afloop van 'n insident wat emosionele skok tot gevolg gehad het. Alhoewel hierdie punt van kritiek teen die CTS1 waarskynlik ook geldig is ten opsigte van die CTS2, word die aandag voorts daarop gevestig dat deur die insluiting van response byvoorbeeld alleen met betrekking tot die afgelope ses maande, navorsers die helfte minder data tot hulle beskikking sal hê vir analise, as wat die huidige situasie met die CTS is.

Hieruit blyk dit dat die meeste van die kritiek wat teen die oorspronklike CTS1 aanhangig gemaak is, deur die CTS2 ondervang en gekorrigeer is. Wysigings is hoofsaaklik aangebring in terme van die verbeterde operasionele definiëring van begrippe en die items waardeur dit gemeet word is aangepas, terwyl aandag ook gefokus word op seksuele dwang as 'n vorm van geweld en erkenning gegee word aan beserings na aanleiding van die gewelddadige gedrag, as aanduiders van die intensiteit van die gedrag.

Na aanleiding van hierdie bespreking, kan die waarde-aspekte van die CTS soos volg aangedui word:

- 'n Geldige en betroubare meetinstrument word aan sowel navorsers as praktisyns voorsien op grond waarvan die voorkoms en intensiteit van konflikhanteringsmeganismes wat deur verhoudingsmaats benut word, gemeet kan word.
- Erkenning word gegee aan die multi-dimensionele aard van geweld deurdat onderhandeling, emosionele aggressie, fisiese aanranding, seksuele dwang en beserings as resultate van geweld verreken word, wat daartoe aanleiding gee dat 'n holistiese beeld ten opsigte van gewelddadige gedrag en resultate daarvan, verkry word.
- Eenvoud in die taalgebruik en die konkrete wyse waarop die verskillende gedragsvorme en beserings beskryf word, dra daartoe by dat 'n hoë opvoedingspeil by deelnemers nie as voorwaarde gestel word alvorens die CTS toegepas kan word nie.
- Toepassingsmoontlikhede by persone vanuit verskillende kultuuragtergronde en -groeperinge is moontlik, waarskynlik hoofsaaklik vanweë die fokus op gedrag en die konkrete beskrywing van beserings.

---

27 Retrograde amnesie verwys na 'n geheueversteuring ten opsigte van langtermyngeheue, as gevolg van die ervaring van emosionele of fisiese skok (Bodemer, Louw en Van Jaarsveld, 1989:233).

- Deurdat van deelnemers verwag word om bloot 'n sirkel ten opsigte van elke toetsitem te trek, word min tyd in beslag geneem deur die metingskaal, hoewel omvattende data verkry word ten opsigte van sowel die voorkoms as intensiteit van geweld in 'n verhouding.
- Simmetrie in meting het die voordeel dat simmetrie in gedrag afgelei kan word van die resultate, wat daartoe aanleiding gee dat vergelykbare data voorsien word op grond waarvan geslagsverskille geanaliseer kan word, maar ook assessering kan plaasvind van 'n verhoudingspaar se problematiek op grond waarvan toepaslike intervensies geloods kan word.
- Die operasionele definisies wat gegee word ten opsigte van elke skaal van die meetinstrument, is konkreet en duidelik, wat aanleiding gee daartoe dat eenvormige interpretasie van data deur verskillende navorsers gemaak kan word en vergelykbare data vir analise sodoende verkry word.

3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings teoreties begrond. Die fokus is geplaas op die verskynsel wat vir die doeleindes van hierdie studie bestudeer word deur 'n teoretiese aanduiding van 'n historiese oorsig daarvan, 'n onderskeid tussen verskillende geweldstiperinge, 'n aanduiding van 'n tipiese geweldsiklus en 'n bespreking oor geslagsverskille in geweld wat benut word deur mans en deur vroue. Die hoofstuk is afgesluit deur 'n bespreking van die *Conflict Tactics Scale* wat wêreldwyd benut word vir die meting van geweld tussen persone in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Ten spyte daarvan dat geweld waarskynlik so oud is soos die mensdom self, het navorsers eers gedurende die 1970's vir die eerste keer die verskynsel begin bestudeer. As hoofrede vir die verontagsaming van geweld wat spesifiek in gesinsverband voorkom, voer verskeie navorsers die argument aan dat die gesin 'n private en intieme domein is wat dus grootliks ontoeganklik is vir navorsing. Hierdie privaatheid van die gesin word toegeskryf aan die universele patriargale stelsel waarvolgens die man beskou word as die aller-hoof van sy huishouding, met die vrou en kinders as ondergeskik en onderdanig aan hom. Voorts legitimeer die patriargale stelsel die benutting van dwang of geweld deur die man, in 'n poging om sy vrou en kinders te beheer. Binne die unieke konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing, word die patriargale stelsel en sosio-politiese faktore daarvoor verantwoordelik gehou dat 'n ongelyke verspreiding van mag en gesag voorkom, wat aanleiding gee tot gewelddadige gedrag. Swart vroue in landelike

gebiede word as die mees geviktimiseerde lede van die Suid-Afrikaanse samelewing aangedui, weens hulle gebrekkige beskikking oor mag. Die rol van vrouebewegings wat wêreldwyd sedert die 1960's en 1970's tot stand gekom het, word aangedui as van kardinale belang vir die bevryding van die vrou na jarelange onderdrukking en mishandeling in 'n manlik-gedomineerde samelewing.

In die bespreking oor geweldstiperinge, is 'n teoretiese onderskeid getref tussen fisiese en emosionele geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Eersgenoemde vorm van geweld verwys na gedrag deur die manlike geweldenaar waardeur gepoog word om beserings, fisiologiese ongemak, pyn en / of skade of die dood by die vroulike slagoffer teweeg te bring. Emosionele geweld daarenteen, verwys na gedrag van die manlike geweldenaar ten opsigte van sy vroulike verhoudingsmaat of die konteks waarin die vrou haar bevind, waardeur die man die vrou doelbewus emosioneel teister en mislei met die doel om haar te beheer, te verneder en in 'n ondergeskikte posisie teenoor die man, te stel. Die aandag is ook gevestig op die interverweefdheid van hierdie twee geweldstiperinge in dié sin dat fisiese geweld ook emosionele resultate het, terwyl emosionele geweld ook kan aanleiding gee tot fisiologiese problematiek vir die slagoffer. Juis om hierdie rede word die onderskeid tussen fisiese en emosionele geweld as teoreties van aard beskou, aangesien 'n werklike onderskeid tussen dié twee geweldstiperinge bykans onmoontlik is.

Alhoewel mans en vrouens dikwels beide betrokke is in die uitvoer van gewelddadige gedrag ten opsigte van mekaar, kan die gedrag nie as simmetries van aard beskou word nie. So byvoorbeeld is aangedui dat mans se fisiologiese samestelling hulle kan predisponeer tot meer kragdadige optrede, terwyl die vrou wat fisies meermale swakker is, haarself beswaarlik daarteen kan verweer. Ook word mans van kleins af gesosialiseer om hulleself deur middel van die benutting van dwang en geweld te laat geld, wat die benutting van geweld in 'n poging om 'n bepaalde doel te bereik, as't ware legitimeer. Mans se motiewe vir gewelddadige optrede word aangedui as synde intimidasie van die vrou, as 'n poging om die vrou te beheer of as 'n wyse om wraak te neem teen 'n vrou se ontrouheid. Vrouens daarenteen, benut geweld hoofsaaklik reaktief in die vorm van weerwraak teenoor die man se gedrag, in 'n poging om sigself te verdedig of om haar posisie ten opsigte van die man te versterk. Mans gee uitvoering aan hulle motiewe hoofsaaklik deur die vrou fisiese leed aan te doen, meesal sonder die benutting van 'n wapen. Hierteenoor is vroue meer geneig daartoe om dreigemente, fisiese aanranding en selfs 'n wapen in hulle pogings om uitvoering te gee aan hulle motiewe vir

geweld, te benut. Hoofsaaklik weens die man se meerdere fisiese krag, is die resultate van geweld vir vroue meer negatief as dié vir manlike slagoffers van geweld deur hulle verhoudingsmaats. Sowel fisiese beserings as emosionele problematiek wat vanweë die verhoudingsmaat se gewelddadigheid mag ontstaan, is meer intens teenwoordig by vroue as by mans.

'n Verskeidenheid van geweldsiklusse word in die beskikbare literatuur aangedui. Alhoewel 'n aantal sentrale aspekte vanuit die verskillende siklusse afgelei kan word, blyk dit duidelik dat nie gepraat kan word van *die* geweldsiklus nie, maar bloot van *'n* geweldsiklus aangesien die situasie van verhoudingspaar tot verhoudingspaar verskil. Die mees algemene opvolging van gebeurtenisse wat plaasvind tydens 'n geweldsiklus, kan soos volg saamgevat word: 'n Spanningsvolle insident vind plaas wat die verhouding tussen die man en vrou beïnvloed, wat aanleiding gee tot gewelddadige gedrag en aanvanklik telkens eindig in versoening wat plaasvind tussen die betrokkenes. Nadat sodanige siklus sigself 'n aantal kere herhaal het, reageer sommige vroue deur 'n keerpuntfase te bereik waartydens hulle besluit om die verhoudingsmaat te verlaat en uit die gewelddadige verhouding te tree. Uiteraard is 'n hele aantal sulke *scenario's* moontlik, wat sal verskil van geval tot geval. Die waarde van 'n geweldsiklus word aangedui as synde hoofsaaklik daarin geleë dat dit kan bydra tot 'n meerdere mate van begrip vir die posisie van die slagoffer, maar ook in die benutting daarvan as 'n assesseringshulpmiddel vir maatskaplike werkers op grond waarvan maatskaplikewerk-intervensies geloods kan word.

Die *Conflict Tactics Scale* wat gedurende 1972 ontwikkel is en in 1996 aangepas is na die *Revised Conflict Tactics Scale*, word wêreldwyd benut as 'n meetinstrument vir geweld. Hierdie skaal is 'n geldige en betroubare meetinstrument met toepassingsmoontlikhede oor kultuurgrense heen, op grond waarvan beide betrokkenes in 'n verhouding se gedrag wat benut word vir konflikhantering, geëvalueer kan word. Sowel die deelnemer wat die skaal invul, as die gedrag van sy / haar verhoudingsmaat word geëvalueer, wat daartoe aanleiding gee dat van *simmetrie in meting* gebruik gemaak word op grond waarvan afleidings gemaak kan word oor *simmetrie in gedrag*. Die ingevulde skale word deur navorsers benut om sowel die voorkoms as intensiteit van gedragswyses om konflik te hanteer, psigometries te ontleed. Die ontleding vind plaas aan die hand van vyf sogenaamde skale, te wete die onderhandelingskaal, emosionele-aggressieskaal, fisiese-aanrandingskaal, seksuele-dwangskaal en die fisiese-beseringskaal. Deur die benutting van die *Conflict Tactics Scale* word nie alleen die voorkoms

en intensiteit van konflikhanteringsmeganismes gemeet nie, maar word ook 'n multi-dimensionele beeld verkry ten opsigte van die benutting van hierdie meganismes in verhoudings. Ook maak die konkrete operasionele definisies wat ten opsigte van elkeen van die metingskale gegee word dit moontlik dat eenvormige interpretasie van data deur verskillende navorsers kan plaasvind, met die resultaat dat vergelykbare data vir psigometriese analise deur die benutting van die *Conflict Tactics Scale*, verkry kan word.

HOOFSTUK 4

DIE INDIVIDUELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

In hierdie hoofstuk word na aanleiding van die ekologiese benadering tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, 'n bespreking gevoer oor die eerste vlak van die ekologiese ontledingsisteem, naamlik die individuele vlak. Volgens Carlson (1984:571-572) sal 'n analise op die individuele vlak fokus op *"... what each adult brings with him or her to the couple relationship."* Sodanige bespreking behoort derhalwe minstens 'n ontleding in te sluit van die houdings en waardes wat vanuit elke betrokkene se gesin-van-oorsprong oorgedra is na die huidige verhouding, persoonlike bronne, vaardighede en vermoëns; subjektiewe realiteite en wêreldbeskouings en persoonlik swakhede, probleme en patologieë.

Om hierdie rede word individuele aspekte wat kan aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, derhalwe hier teoreties begrond. Die hoofstuk bestaan uit ses dele, te wete;

- 'n omskrywing van enkele toepaslike begrippe wat benut word,
- 'n bespreking oor individuele faktore wat insluit psigopatologieë, karaktereienskappe en persoonlike bronne as vermeende aanleidende en instandhoudende faktore tot sodanige geweld,
- 'n deurskouing van die betrokkenes se persepsies van die realiteit, waar hoofsaaklik gefokus word op die rol van mag en gesag in geweld, blaam vir die geweld en die invloed van lyfstraf op sodanige realiteitspersepsies,
- beïnvloeding wat oorgedra is vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong,
- die rol van alkohol- en chemiese substansgebruik in die ontwikkeling en instandhouding van die geweld en
- 'n slotdeel, waar die klem geplaas word op faktore wat daartoe aanleiding gee dat vroue in geweldgekenmerkde saamwoon- en huweliksverhoudings bly.

Uiteraard is 'n totale afbakening van elkeen van die faktore wat aanleiding gee tot geweld en die instandhouding daarvan op die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem, nie moontlik nie. Elke aspek wat hier bespreek word, word noodwendig ook beïnvloed deur ander faktore op die individuele vlak, maar ook deur faktore op die gesins-, sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem. Alhoewel die fokus hier primêr op die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem val, is dit onmoontlik om 'n bespreking oor die betrokke individue te voer, sonder om ook te verwys na die konteks waarbinne hulle sigself bevind.

4.1 KONSEPTUALISERING

Ses konsepte wat deurlopend in hierdie hoofstuk benut word, word vervolgens toegelig ten einde te verseker dat eenvormige interpretasies daaraan geheg word.

4.1.1 CHEMIESE SUBSTANS

Die term *chemiese substans* word na aanleiding van Louw (1989:324) benut om te verwys na 'n middel, voedsel uitgeslote, wat 'n verandering in die fisiologiese en / of psigiese funksionering van 'n individu meebring, wat as 'n terapeutiese agens gebruik kan word en waarvan die misbruik tot psigiese en / of fisieke afhanklikheid kan lei.

4.1.2 CHEMIESE SUBSTANSMISBRUIK

Chemiese substansmisbruik verwys na aanleiding van Louw (1989:342) na die gebruik van 'n middel in so 'n mate dat dit aanleiding gee tot fisiese, psigiese, emosionele en geestelike probleme by die betrokkene en word as sulks in hierdie studie benut.

4.1.3 PERSOONLIKHEIDSVERSTEURING

Die term *persoonlikheidsversteuring* word in hierdie studie na aanleiding van Möller (1989:392) benut as verwysend na die aanwesigheid van chroniese, onbuigsame en wanaangepaste persoonlikheidstrekke waardeur die persoon se interpersoonlike of beroepsfunksionering benadeel word, of wat tot persoonlike ongeluk of probleme lei. Om hierdie rede reageer die persoon met beperkte en ontoepaslike gedragspatrone. 'n *Persoonlikheidsversteuring* verwys

dus na lewenslange, wanaangepaste gedragspatrone of lewenstyle, wat onbehandelbaar van aard is.

Erkenning word daaraan verleen dat die term *persoonlikheidsversteuring* 'n liniêre konsep vanuit 'n siekteparadigma is en dat die klem in die omskrywing van die begrip dus op vermeende oorsaak-gevolg verhoudings tussen die versteuring en die betrokkene se gedrag dui.

4.1.4 PSIGOPATOLOGIE

In hierdie studie word die term *psigopatologie* na aanleiding van Theron en Louw (1989:3) en Preller (1989:95) benut om te verwys na 'n studie van abnormale gedrag, maar ook na die studie van siektes van die psige. Ook hierdie begrip is dus 'n resultaat van 'n liniêre siekteparadigma waarvolgens psigopatologie die vermeende *oorsaak* is van abnormale gedrag.

4.1.5 STRESSOR

Die term *stressor* word deur Carlson (1984:573) benut om te verwys na 'n bedreigende of ontwrigtende stimulus (nie noodwendig negatief nie) wat 'n aanspraak maak op die individu om op sodanige wyse op te tree, dat die bedreiging of ontwrigting uit die weg geruim word. Vanuit die konseptuele raamwerk van hierdie studie, word 'n *stressor* dan beskou as 'n stimulus wat aanleiding gee tot disekwilibrium in 'n sisteem en wat dus 'n aanspraak maak op die sisteem se benutting van energie en inligting ten einde die disekwilibrium uit die weg te ruim deur te beweeg na 'n progressiewe of nie-progressiewe stabiliteitstoestand.

4.1.6 VERDEDIGINGSMEGANISME

'n *Verdedigingsmeganisme* verwys na aanleiding van Sarason en Sarason (1987:529) na 'n kognitiewe proses wat benut word om bewustheid van onaangename en angswekkende stimuli te vermy en word as sulks ook in hierdie studie benut.

4.2 INDIVIDUELE FAKTORE

Vir die doeleindes van 'n bespreking oor individuele faktore wat kan aanleiding gee tot geweld en 'n bydrae kan lewer tot die instandhouding daarvan in saamwoon- en huweliksverhoudings,

word gefokus op psigopatologieë, karaktereienskappe en persoonlike bronne van elk van die betrokkenes in die geweldgekenmerkde verhouding.

4.2.1 PSIGOPATOLOGIEë

In hierdie afdeling word tipiese psigopatologieë wat toegedig word aan vroulike slagoffers van geweld en aan manlike geweldenaars, toegelig. Elkeen word in die literatuur aangedui as *liniêr-oorsaaklik* ten opsigte van geweldpleging. Ten aanvang word aandag geskenk aan masochisme en narsisme by vroulike slagoffers, terwyl in die bespreking oor tipiese versteurings by manlike geweldenaars, gefokus word op masochisme en ses vorme van persoonlikheidsversteurings wat tydens navorsing geïdentifiseer is.

4.2.1.1 Psigopatologieë by vroulike slagoffers van geweld

In 2.1.2 is verwys na Walker (1981:81) en NiCarthy (1984:11) se bewering dat mishandelde vroue aan 'n persoonlikheidspatologie wat bekendstaan as *masochisme* ly, terwyl ook van Van der Hoven (1992:78) se verwysing na mishandelde vroue as *narsisties*, melding gemaak is.

- ***Masochisme***

Die mening van Sarason en Sarason (1987:537) is dat masochisme verwys na 'n *"(d)eviation in which sexual pleasure is attained from pain inflicted on oneself, from being dominated, or from being mistreated."* Aansluitend hierby word masochisme deur Theron (1989:319) beskryf as 'n seksuele versteuring (ook 'n *parafilie* genoem) wat gekenmerk word daardeur dat 'n persoon seksuele bevrediging verkry wanneer hy / sy tydens 'n seksuele ervaring gepynig, gestraf of psigologies verneder word.

Alhoewel 'n masochis in die volksmond as 'n *smartvraat* bekend staan, is masochisme dus 'n seksuele versteuring wat verwys na seksuele plesier wat verkry word deur fisiese beserings aan sigself te besorg, of na sodanige genot wat teweeg gebring word deur fisiese beserings, dominering, straf, vernedering en mishandeling wat deur 'n verhoudingsmaat *veroorsaak* word.

Om 'n mishandelde vrou te beskryf as 'n persoon wat seksuele plesier put uit haar fisiese beserings, vernedering en ander vorme van emosionele leed wat met die mishandeling gepaard gaan, sou dus 'n beskrywing wees van 'n tevrede, bevredigde en vrywillige deelnemer aan 'n aktiwiteit waarvan die vrou in so 'n mate hou, dat sy dit by herhaling sal wil uitvoer of selfs

doelbewus 'n konteks sal skep waarbinne die aktiwiteite uitgevoer kan word. Die betrokkene word beskou as 'n persoon wat ly aan 'n psigopatologie wat *veroorsaak* dat sy gewelddadige gedrag teenoor haar nie alleen tot stand bring en geniet nie, maar dit ook in stand hou deur die uitlokking daarvan ter wille van die seksuele bevrediging wat sy daaruit kry.

Die beskrywing van 'n mishandelde vrou as masochisties, blyk 'n oorvereenvoudiging van 'n komplekse verskynsel te wees wat as't ware *gerieflikheidshalwe* benut word om oor vroulike slagoffers van geweld te intellektualiseer. Van der Hoven (1992:78) gaan so ver as om hierdie beskouing as *"... 'n naïewe verskoning vir wreedheid teenoor die vrou ..."* te bestempel. Alhoewel gelyk gegee word dat vroue in uitsonderlike gevalle moontlik seksuele genot uit sodanige gedrag kan put en die geweld dus uitlok vir seksuele bevrediging, kan sodanige simplistiese verklaring vir geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings nie sonder meer aanvaar word nie. Die aandag word ook spesifiek deur Theron (1989:319) daarop gevestig dat masochisme 'n *"... baie seldsame verskynsel ..."* is, terwyl reeds verwys is (vgl. 1.1) na die hoë voorkoms van geweld teenoor vroue regoor die wêreld. In die lig van die persoonlikheidsprofiel van 'n masochistiese vrou, is 'n eie interpretasie dat dit onwaarskynlik is dat sy haarself as 'n slagoffer van geweld deur 'n verhoudingsmaat sal identifiseer, wat daartoe aanleiding gee dat dié vorm van psigopatologie nie as 'n aanvaarbare verklaring vir die persoonlikheidsfunksionering van 'n vroulike slagoffer van geweld kan wees nie.

- ***'n Narsistiese persoonlikheid***

Narsisme is volgens Sarason en Sarason (1987:538) 'n term wat benut word om self-liefde of selfgesentreerdheid aan te dui, na aanleiding van die Griekse mite omtrent Narcissus wat verlief geraak het op wat hy gedink het 'n waternimf is, maar wat in werklikheid sy eie weerkaatsing in 'n poel water was. 'n Narsistiese persoonlikheidsversteuring (wat gekenmerk word deur narsisme) word toegedig aan 'n individu wat 'n gevoel van selfbelang en 'n preokkupasie met fantasieë van onbeperkte sukses en belangrikheid het. Sodanige persone is geneig om hulle aandag te fokus op hoe goed hulle doen en hoe 'n hoë dunk andere van hulle het, met die *gevolg* dat die versteuring ook dikwels gepaardgaan met 'n depressiewe gemoed (Sarason en Sarason, 1987:538). Hierby voeg Möller (1989:398) ook gevoelens van jaloesie, wat gepaardgaan met 'n hoogmoedige houding van selfversekerdheid as tipiese kenmerke van 'n narsistiese persoonlikheid. Die selfvertroue wat deur so 'n persoon uitgestraal word, is so oordrewe en so oorheersend, dat dit deur andere as hoogmoed, snobisme en arrogansie ervaar word en so 'n persoon se interpersoonlike verhoudings benadeel. Hierdie selfversekerdheid

word egter nie gekenmerk deur vyandigheid teenoor andere nie, maar eerder deur arrogansie, onverskilligheid en 'n gebrek aan empatie met die *gevolg* dat die behoeftes van andere ondergeskik gestel word aan eie behoeftes, geluk en welsyn.

Hoogmoedige minagting van die wense van andere en die gemeenskap kom volgens Möller (1989:398) tot uiting daarin dat die persoon mense eksploiteer deur altyd te wil ontvang en eie behoeftes te probeer bevredig, sonder om self te gee. Die betrokkene se selfwaarde word versterk deur te glo in sy /haar eie vermoëns en talente, met die *gevolg* dat hy / sy geen insig in die verregaande en onregverdigbare, selfs irrasionele aard van sy / haar gedrag het nie. Misluk die rasionaliserings sodat andere nie oortuig kan word nie en die betrokkene se selfwaarde word bedreig, maak hy / sy gebruik van projeksie en word dikwels seksueel verleidelik, promisku en ongeïnhibeerd opgetree. Alhoewel Möller (1989:398) daarna verwys dat die narsis oor die algemeen nie vyandig teenoor andere optree nie, wys Edleson en Tolman (1992:42) daarop dat indien nie aan sy / haar verwagtinge voldoen word nie, *"... [the person] responds with threats and aggression."*

Samevattend kan 'n persoon met 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring beskryf word as iemand met 'n hoë dunk van sigself, wat 'n verwronge waarde aan eie belangrikheid heg en wat as 'n resultaat daarvan selfgesentreerd en egoïsties is. Ook stel die persoon eie belange en behoeftes eerste en word derhalwe selfsugtig en sonder empatie teenoor andere opgetree. 'n Bedreiging van die persoon se irrasionele kognitiewe prosesse en selfwaarde, kan aanleiding gee tot projeksie, seksuele uitlokking, ongeïnhibeerdheid, promiskuïteit, dreigemente of aggressiewe gedrag.

Wanneer na 'n mishandelde vrou verwys word as narsisties, is hier dus opnuut sprake van 'n persoon wat gewelddadige gedrag uitlok, terwyl implisiet ook daarna verwys word dat die vrou die geweld inisieer deur haar eie gedrag. Interessant is die paradoks wat geleë is in die uitlokking van gewelddadige gedrag wat tot vernedering (byvoorbeeld 'n blou oog waarmee by die werk opgedaag word) kan aanleiding gee, deur 'n persoon met so 'n hoë mate van selfgesentreerdheid, dat eie behoeftes, geluk en welsyn altyd vooropgestel word. Dat so 'n persoon geweld wat tot vernedering kan aanleiding gee sou uitlok, word dus as teenstrydig met die aard van die persoonlikheidsversteuring beskou. Ook is by herhaling in navorsingstudies (Straus, 1980b:89, Carlson, 1984:572 en Van Zyl, 1992:509 en 511 en McClennan, Joseph en Lewis, 1994:272) al verwys daarna dat slagoffers van geweld juis geneig is om laer selfwaarde

aan sigself te koppel en 'n neiging toon tot selfblaam (Stark en Flitcraft, 1988:306, Andrews en Brewin, 1990:757 en Hoff, 1990:51-52). 'n Lae selfwaarde en selfblaam is ook teenstrydig met tipiese persoonlikheidseienskappe van die narsis soos 'n hoë dunk van sigself, selfsug en gebrekkige empatie vir andere.

Sowel masochisme as narsisme bied dus nie 'n bevredigende verklaring vir die teweegbring en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings nie, veral aangesien;

- ❒ beide verklarings alleen fokus op 'n vermeende liniêre oorsaak-gevolg verband tussen die psigopatologie van die vrou en die geweld,
- ❒ die vrou beskou word as die lid van die verhoudingsisteem wat gewelddadige gedrag deur die verhoudingsmaat uitlok en inisieer en aangesien
- ❒ tipiese karaktereienskappe wat gekoppel word aan elk van die persoonlikheidspatologieë in kontras is met die houdings, kognitiewe prosesse en gedrag van die meeste mishandelde vroue.

4.2.1.2 Psigopatologieë van manlike geweldenaars

In hulle bespreking oor die tipiese psigopatologieë wat aan manlike geweldenaars toegedig word, maak Boulette en Andersen (1985:113) melding van 'n sogenaamde passief-aggressiewe, obsessief-kompulsiewe, paranoïde en afhanklike persoonlikheidsversteuring en ook van sadisme. Aansluitend hierby verwys Edleson en Tolman (1992:42) en Van der Hoven (1992:78) na die sogenaamde grens- en afhanklike persoonlikheidsversteuring en na narsisme as tipiese psigopatologieë van manlike geweldenaars. Die betrokkenes word deur Bennett (1995:765) beskryf as persone met *"... elevated levels of psychopathology ..."*, waarna hy melding maak van 'n antisosiale persoonlikheidsversteuring en ook soos Edleson en Tolman (1992:42), verwys na 'n grens- en 'n afhanklike persoonlikheidsversteuring as psigopatologieë van geweldenaars.

Aandag word vervolgens kortliks geskenk aan die kenmerkendste persoonlikheidseienskappe van persone wat aan elk van die genoemde psigopatologieë ly.

- ♦ ***Die passief-aggressiewe persoonlikheid***

Die kenmerke van 'n passief-aggressiewe persoonlikheidsversteuring kan na aanleiding van Sarason en Sarason (1987:257-258) en Möller (1989:401) soos volg saamgevat word:

- ◆ Passiewe weerstand word getoon teen aansprake wat op so 'n persoon gemaak word.

- Aggressie kom nie direk na vore nie, maar op 'n passiewe wyse deur byvoorbeeld koppigheid, stuursheid en dwarsboming van andere.
- Die gedrag gee aanleiding daartoe dat diegene met wie hy / sy nou in aanraking is, se geduld tot die uiterste beproef word.
- Passiwiteit word soms afgewissel met uitbarstings van aggressie en impulsiwiteit.
- Op interpersoonlike vlak is die persoon dikwels nie gewild nie.

Die verwysing na gewelddadige mans as synde passief-aggressief, blyk dus 'n moontlike verklaring vir die aggressiewe gedrag te wees. Binne die konteks van 'n saamwoon- of huweliksverhouding, kan afgelei word dat sodanige persoon waarskynlik weerstand sou toon teen byvoorbeeld die uitvoering van gesinsfunksies en gesinsontwikkelingstake (vgl. 2.2.3.3), wat moontlik tot konflik sou kon aanleiding gee. Die persoon sou dus minstens van tyd tot tyd die konflik kon hanteer deur middel van 'n onvoorspelbare, aggressiewe uitbarsting teenoor sy verhoudingsmaat of ander gesinslede.

- ***'n Obsessief-kompulsiewe persoonlikheid***

Eienskappe van 'n persoon met 'n obsessief-kompulsiewe persoonlikheidsversteuring is na aanleiding van Sarason en Sarason (1987:256-257) en Möller (1989:400-401) die volgende:

- 'n Geneigdheid tot verhoudings wat formeel en ernstig van aard is, met 'n *gevolglike* gebrek aan emosionele warmte en empatie.
- Ekstreme perfeksionisme, 'n gebrek aan buigsaamheid en rigiede vasklewing aan morele sake kom dikwels voor.
- Aandrang daarop dat sy / haar manier waarop dinge gedoen word gevolg moét word, sonder inagneming van andere se gevoelens of menings oor die saak.
- 'n Onvermoë om besluite te neem, aangesien die risiko om 'n verkeerde besluit te neem as té groot bestempel word.

Om 'n gewelddadige man as obsessief-kompulsief te bestempel, impliseer dus waarskynlik dat die rigiditeit en perfeksionisme aan die persoon 'n gesagsposisie verskaf wat hom as aller-hoof van sy verhoudingsmaat en huishouding laat funksioneer. Hierdie dominering van gesinslede, herinner aan die verwysing wat in 3.1 gemaak is ten opsigte van die vrou wat as die man se besitting beskou word waaroor geheers moet word. Die beskrywing van 'n gewelddadige man as synde obsessief-kompulsief, bied dus 'n moontlike verklaring vir sy optrede.

- ***'n Paranoïde persoonlikheid***

In sy bespreking oor die tipiese kenmerke van 'n persoon met 'n paranoïde persoonlikheidsversteuring, wys Möller (1989:395-396) daarop dat die oorwegende kenmerk 'n omvattende en ongegronde agterdog jeens en wantroue in ander mense is. Die persoon is hipersensitief om moontlik geringgeskat of verkleineer te word, terwyl aanstoot of bedreiging in die woorde of optrede van andere, dikwels deur die betrokkene ervaar word. Die vermeende *gevolg* hiervan, is dat hy voortdurend besig is om die motiewe van andere in twyfel te trek en as die *oorsaak* vir sy probleme of ongeluk voor te hou. Patologiese jaloesie kom dikwels voor wat, tesame met die ander tipiese karaktereienskappe, aanleiding gee tot verhoudingsprobleme.

Hieruit blyk dat die paranoïde persoonlikheidsversteuring as sulks, nie gekenmerk word deur aggressiwiteit nie, maar dat die versteuring aanleiding gee tot gedrag deur die man wat tot konflik kan aanleiding gee, wat moontlik op aggressiewe gedrag kan uitloop. Die voortdurende wantroue, agterdog en betwyfeling van andere se motiewe, sou waarskynlik in 'n saamwoon- of huweliksverhouding kon aanleiding gee tot konflik oor byvoorbeeld vermeende ontrouheid deur die vrou. Die wyse waarop hierdie konflik hanteer word, sou kon wees deur middel van die benutting van gewelddadige gedrag teenoor die vrou.

- ***'n Afhanklike persoonlikheid***

Twee basiese eienskappe van persone met afhanklike persoonlikheidsversteurings word deur Sarason en Sarason (1987:255-256) vermeld, te wete 'n passiewe toelating van andere om besluite namens hulle te neem en die onderdrukking van eie behoeftes ten gunste van andere se behoeftes ten einde 'n afhanklike posisie te behou. Die vermeende *gevolge* hiervan word deur Möller (1989:400) en Edleson en Tolman (1992:42) beskryf, naamlik dat die persoon patologies afhanklik raak van 'n lewensmaat en beleef dat nie sonder die lewensmaat oorleef sal kan word nie.

In die beskrywing van 'n manlike geweldenaar as 'n persoon met 'n afhanklike persoonlikheidsversteuring, lê 'n paradoks opgesluit. Die bewering is dat 'n man wat patologies afhanklik is van sy verhoudingsmaat en alles in sy vermoë doen om 'n afhanklike posisie te behou, van geweld gebruik maak om hierdie afhanklikheid in stand te hou. Nietemin is in 3.4 verwys na Walker (1979:65) wat beskryf dat geweld aanleiding gee tot intimiteit en groter nabyheid na afloop daarvan en na Deschner (1984:60) wat die verhouding tussen die betrokkenes beskryf as wedersyds-afhanklik van aard. Die beskrywing van 'n geweldenaar as 'n

persoon met 'n afhanklike persoonlikheidsversteuring maak dus alleen sin as die gewelddadigheid beskou word as gedrag wat die *funksie* het om groter intimiteit in 'n verhouding wat gekenmerk word deur wedersydse afhanklikheid, te bewerkstellig.

In hierdie verband is Boulette en Andersen (1985:114) van mening dat *"... individuals who make very strong demands on others and respond with anger and anxiety when these demands are not met may have experienced, at one time, a loss or a threatened loss of a mothering figure early in life."* Die verband tussen oormatige afhanklikheid en aggressiwiteit wat daarmee saamgaan, word dan toegeskryf aan 'n vrees vir verlating en onderliggende gevoelens van vyandigheid en woede wat tot 'n verhoudingsmaat gerig word.

- ***'n Grenspersoonlikheid***

'n Grenspersoonlikheidsversteuring verwys na breë persoonlikheidsonstabiliteite, insluitende interpersoonlike gedrag, 'n gemoedsversteuring en 'n verwronge selfkonsep. Om hierdie rede is impulsiwiteit en onvoorspelbaarheid die mees algemene gedragsprobleme wat ondervind word, terwyl betrokkenheid in dwelm- of alkoholmisbruik, seksuele wanpraktyke en dobbelary ook voorkom. Ernstige gemoedswisselinge kom voor, wat gepaardgaan met 'n lae frustrasietoleransievlak. Woedeuitbarstings en gewelddadige gedrag, sonder enige provokasie, is algemeen. Onsekerheid oor selfbeeld, geslagsrolidentiteit of langtermyn doelstellings en waardes word aangetref, met die *gevolg* dat kroniese gevoelens van leegheid of verveeldheid ook aanwesig kan wees (Möller, 1989:399 en Edleson en Tolman, 1992:42).

Hier is dus sprake van gewelddadige gedrag en aggressie as tipiese kenmerke van persone wat aan 'n grenspersoonlikheidsversteuring ly. Die gewelddadige gedrag word primêr toegeskryf aan 'n gemoedsversteuring wat gekenmerk word deur gevoelens van leegheid of verveeldheid, wat gepaard gaan met 'n lae frustrasietoleransievlak. Die onsekere selfkonsep en verwarring ten opsigte van geslagsrolidentiteit wat hand aan hand gaan hiermee, gee na bewering aanleiding tot die impulsiewe en onvoorspelbare aggressiewe gedrag.

- ***'n Antisosiale persoonlikheid***

Die antisosiale persoonlikheidsversteuring (ook bekend as *psigopatie* of *sosiopatie*) word volgens Möller (1989:405-407) gekenmerk deur die volgende tipiese eienskappe:

Gebrek aan emosionele diepte: Die psigopaat se emosionele lewe is oppervlakkig en hy ervaar nie diepgaande emosies nie, selfs in sy verhouding met sy vrou, ouers of kinders.

Onvermoë tot diepgaande interpersoonlike verhoudings: Interpersoonlike verhoudings is meesal oppervlakkig en kortstondig van aard en word gekenmerk deur 'n onvermoë tot affeksie en emosionele warmte.
Gebrek aan berou en skuldgevoelens: Geen volwasse waardesisteem met morele standaarde is aanwesig nie, met die vermeende *gevolg* dat berou, skaamte of skuldgevoelens afwesig is.
Onverantwoordelikheid: Weinig verantwoordelikheid word aanvaar vir sy optrede en wanneer hy met sy antisosiale en onverantwoordelike gedrag gekonfronteer word, plaas hy die verantwoordelikheid op ander persone.
Impulsiwiteit: Gedrag word gemotiveer deur onmiddellike behoeftebevrediging, met die vermeende *gevolg* dat 'n drang om iets te doen dadelik en ongekontroleerd uitgeleef word, sonder om eers die moontlike gevolge daarvan te oorweeg.
Patologiese egosentrisiteit: Selfgesentreerdheid, onvolwassenheid en selfsug kom voor, met 'n belewenis dat alles om sigself en eie behoeftes draai, sonder erkenning van die behoeftes en gevoelens van andere.
Patologiese valsheid en onbetroubaarheid: Daar bestaan 'n onvermoë om tussen waarheid en leuen te onderskei en leuens word vertel selfs wanneer die betrokkene nie nodig het om dit te doen nie of geen voordeel daaruit kan behaal nie.
Onvermoë om uit vorige ervarings te leer: Straf het geen positiewe effek op die persoon nie, met die *gevolg* dat onverantwoordelike, antisosiale of misdadige gedrag herhaal word, ongeag die resultate daarvan.
Uitstekende vermoë om te manipuleer: Sowel ander persone as die omgewing word gemanipuleer, ten einde egosentriese behoeftes te bevredig. Daar word dikwels daarin geslaag om veral diegene wat nie met die afwyking bekend is nie, te bedrieg en vir eie doeleindes te manipuleer en te benut.
Onvermoë om met enige doelgerigte aktiwiteit te volhard en volgens 'n lewensplan te leef: Geen stabiliserende langermyndoelstellings of vooruitbeplanning is aanwesig nie en daar is geen doelgerigte lewensplan waarvolgens geleef word nie. 'n Wisselvallige en onstandvastige werkrekord is veral die *gevolg* van 'n onvermoë om doelgerig en volhardend te wees.
Lae frustrasietoleransie en onbeheerste aggressie: Veral as egosentriese behoeftes nie bevredig kan word nie, gee frustrasie aanleiding tot impulsiewe gedrag in die vorm van geweld en onbeheerste aggressie.

Afwesigheid van uitgesproke angsgebaseerde versteurings en psigotiese simptome, of verstandelike gestremdheid: Min angsgebaseerde simptome soos senuweeagtigheid, obsessies of kompulsies word vertoon. Delusies, hallusinasies en ander psigotiese simptome soos disoriëntasie is meesal afwesig, terwyl intellektuele vermoëns meesal gemiddeld of bogemiddeld is.
Gebrekkige insig: Weens gebrekkige insig, kan die psigopaat sigself nie sien soos wat andere hom / haar sien nie. Hierdie aspek is in teenstelling met die rasionele denke en die afwesigheid van hallusinasies. Selfverontskuldiging en blamering van andere kom dikwels voor, terwyl eie probleme op andere geprojekteer word.

Die profiel van 'n persoon met 'n antisosiale persoonlikheidsversteuring skep dus 'n bykans klassieke beeld van 'n persoon wat by herhaling gewelddadig teenoor sy verhoudingsmaat en ander gesinslede optree, terwyl hy geen insig in sy gedrag toon, berou het daaroor of die problematiek personaliseer nie. Sy gedrag word deur hom toegeskryf aan eksterne faktore wat dit *veroorsaak* en ongeag hoe negatief die *gevolge* daarvan is, word die gedrag herhaal.

♦ ***'n Narsistiese persoonlikheid***

'n Persoon wat aan 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring ly is in 4.2.1.1 beskryf as iemand wat onder andere 'n hoë dunk van sigself het, wat 'n verwronge waarde aan sy eie belangrikheid heg en wat daarom selfgesentreerd en egoïsties is. Derhalwe kan afgelei word dat die manlike geweldenaar wat aan 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring ly, waarskynlik sy irrasionele kognitiewe prosesse en hoë waarde wat aan sigself geheg word, op sy vroulike verhoudingsmaat afdwing onder andere deur die benutting van dreigemente of aggressiewe gedrag. Die narsis maak derhalwe op 'n selfgesentreerde wyse gebruik van sowel emosionele as fisiese geweld ten einde sy egoïsme en selfsug te laat seëvier.

♦ ***Sadisme***

Sadisme word volgens Theron (1989:319-320) as 'n *parafilie* beskryf wat gekenmerk word deur die doelbewuste pyniging, besering of psigologiese vernedering van 'n seksmaat met die oog op die verkryging van 'n orgasme. Hoewel dit nie ongewoon is vir sadiste om swepe, kettings en ander instrumente te gebruik om die maat mee te beseer of te onderwerp nie, is die sadisme wat meestal vertoon word van so 'n aard dat dit nie aanleiding gee tot ernstige beserings of die dood nie.

Uit die gegewens blyk dit dat sadisme as't ware die teenoorgestelde van masochisme (vgl. 4.2.1.1) is. By implikasie is sowel die geweldenaar as die slagoffer persone wat fisiese en emosionele leed binne die konteks van hulle verhouding benodig, ten einde seksuele bevrediging te verkry. Deelname aan die aktiwiteite is dus vrywillig en herhalend van aard, met seksuele bevrediging as die doel en resultaat daarvan. Voorts kan afgelei word dat sadiste en masochiste tot mekaar aangetrokke sal wees en dat die keuse van 'n verhoudingsmaat juis daarom ook deur hierdie psigopatologieë beïnvloed kan word. Weer eens word die mening gehuldig dat klagtes oor die verhoudingsmaat se gedrag waarskynlik selde sal voorkom, juis aangesien die psigopatologieë mekaar aanvul. Daar word egter toegegee dat as 'n sadis in 'n verhouding is met 'n vrou wat nie masochisties is nie, die vrou uiteraard as 'n slagoffer van die man se geweld beskou sou kon word.

In hierdie afdeling is 'n bespreking gevoer oor die tipiese psigopatologieë wat toegedig word aan die vroulike slagoffers van geweld en aan die manlike geweldenaars. Elkeen van die verklarings dien as 'n moontlike *siektetoestand* waaraan die betrokkene ly (vgl. 2.1.1) wat direk verantwoordelik gehou word vir die *veroorsaking* en instandhouding van die geweld teenoor vroue binne saamwoon- en huweliksverhoudings. Binne die konteks van hierdie studie is sodanige liniêre oorsaak-gevolg verhouding tussen die psigopatologie van die man en / of die vrou en die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue, nie aanvaarbaar nie. Alhoewel toegegee word dat die beskrywing van die psigopatologie lei tot 'n groter begrip vir individue betrokke by die verskynsel, word die invloed van die interaksionele dinamika in die saamwoon- of huweliksverhouding, die sosiaal-strukturele beïnvloeding vanuit die suprasisteem van die verhouding en die sosio-kulturele aspekte wat ook bydraende rolle daartoe kan speel, verontagsaam.

Verwysend na die psigopatologieë wat met vroulike slagoffers en manlike geweldenaars geassosieer word, is Boulette en Andersen (1985:114) van mening dat *"... none of these descriptions explains either the phenomenon of battering or the behavior of the battering male."* Boonop wys Edleson en Tolman (1992:41) daarop dat vrouemishandeling nie beperk is tot mans wat aan psigopatologiese toestande ly nie, alhoewel hierdie groep mans die grootste groep in die behandelingspopulasie uitmaak. Derhalwe kan met Van der Hoven (1992:79) akkoord gegaan word wanneer sy beweer dat psigopatologieë hoogstens verwysings is na predisponerende faktore wat deel vorm van 'n konstellasie van faktore wat uiteindelik tot vrouemishandeling aanleiding kan gee.

Wanneer 'n ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings geformuleer word, behoort dus op die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem minstens kennis geneem te word van onder andere moontlike psigopatologieë wat teenwoordig kan wees by die betrokke individue, aangesien hierdie aspek 'n aanduiding kan wees van predisponerende faktore wat 'n rol speel in die uiteindelike totstandkoming en instandhouding van gewelddadige gedrag binne die verhouding.

4.2.2 KARAKTEREIENSKAPPE

Waar *psigopatologieë* verwys na geweld-*veroorsakende* siektes op grond van 'n unieke samestelling van psigiese, kognitiewe en maatskaplike eienskappe, word die term *karaktereienskappe* binne die konteks van hierdie studie benut as verwysend na die betrokkenes se psigiese, emosionele, kognitiewe en konatiewe aspekte wat vanuit 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief beskou kan word as sowel *aanleidende* faktore tot geweldpleging, as *resultate* daarvan.

4.2.2.1 Karaktereienskappe van vroulike slagoffers van geweld

Die karaktereienskappe van vroulike slagoffers van geweld word aangedui deur middel van 'n bespreking oor tipiese psigiese aspekte van die betrokkenes, kenmerkende emosies wat ervaar word, konatiewe of gedragsaspekte wat aangetref word en 'n bespreking oor kognitiewe prosesse van die slagoffer. Aandag word dus geskenk aan die psigiese funksionering van die vrou, haar emosionele ervaringswêreld, kognitiewe prosesse wat haar funksionering beïnvloed en aan haar gedrag binne die konteks van 'n gewelddadige verhouding.

- ***Psigiese aspekte***

Die eerste karaktereienskap wat deur Carlson (1984:572) genoem word, is dat vroulike slagoffers van geweld oor 'n lae selfwaarde beskik wat onder andere gekenmerk word deur onvolwassenheid, afhanklikheid en gevoelens van onveiligheid. Hierdie aspekte word bestempel as bydraend tot die feit dat soveel vroulike slagoffers vir jare lank in gewelddadige verhoudings bly. Ook Hoff (1990:24) verwys na 'n lae selfwaarde en selfs die geneigdheid tot selfmoord, wanneer sy skryf oor die resultate van fisiese, maatskaplike, emosionele en kognitiewe omverwerping van mishandelde vroue: *"Suffering another person's violence not only threatens basic survival necessities - physical health and safety, residential security etc. - but also erodes self-esteem and fosters self-injury."* 'n Lae selfwaarde word dus beskou as 'n psigologiese eienskap van mishandelde vroue, wat moontlik aanleiding gee tot gevoelens van onveiligheid en

afhanklikheid en onvolwasse gedrag soos byvoorbeeld selfmoordpogings of ander vorme van selfbesering.

Voorts verwys Hoff (1990:28) daarna dat die verlaging in selfwaarde en neiging tot selfmoord hand-aan-hand gaan met 'n intense belewenis van depressie. Ook Dye en Roth (1990:192) vermeld depressie as 'n emosionele belewenis wat geassosieer word met mishandelde vroue, maar voeg daarby ook dat die betrokkenes simptome ontwikkel soos fobieë, seksuele disfunksie, sosiale onttrekking en siklusse waartydens bykans aangedring word op aandag, wat opgevolg word deur fases van onttrekking. Hieruit kan sirkulariteit ten opsigte van psigiese aspekte van vroulike slagoffers van geweld, afgelei word. Die sirkulariteit sou moontlik soos volg aangedui kon word:

FIGUUR 8: 'N SIRKULêRE PERSPEKTIEF OP ENKELE PSIGOLOGIESE FAKTORE BY VROULIKE SLAGOFFERS VAN VERHOUDINGSGEWELD



Die mening van Dye en Roth (1990:192) is dat sommige vroulike slagoffers van geweld 'n posttraumatiese stresversteuring kan ervaar. Aangesien in die genoemde outeurs se bespreking

van dié versteuring hoofsaaklik gefokus word op die terapeutiese hantering daarvan, word gebruik gemaak van Louw en Beyers (1989:144-153) se beskrywing van die kliniese beeld van die posttraumatiese stresversteuring. Hiervolgens word die versteuring *veroorsaak* deur 'n stressor wat merkbaar ontstellend vir feitlik enige persoon sou wees en word dit gewoonlik met intense vrees, verskrikking en hulpeloosheid geassosieer. Die stressors wat tot posttraumatiese stresversteuring aanleiding kan gee, sou onder andere kon insluit;

- 'n ernstige bedreiging ten opsigte van die persoon se lewe of integriteit,
- 'n ernstige bedreiging rakende die persoon se kinders, gade of ander familielede en vriende,
- die skielike verwoesting van die persoon se huis of gemeenskap, of
- die aanskouing van 'n ander persoon wat ernstig beseer of dood is deur 'n ongeluk of fisieke geweld (Louw en Beyers, 1989:144).

Daar kan na aanleiding van die genoemde vier stressore akkoord gegaan word met die bewering dat vroulike slagoffers van geweld 'n posttraumatiese stresversteuring kan ontwikkel, aangesien;

- sowel fisiese as emosionele geweld die vroulike slagoffer se lewe en integriteit aantas (Edleson en Tolman, 1992:5, Aguilar en Nightingale, 1994:36-37 en Carlson, 1997:80),
- nie net die vrou nie, maar ook kinders in die gesin die slagoffers van die man se geweld kan wees (Jansen, 1993, 201-202 en O'Keefe, 1994:403),
- gewelddadige mans ook verwoesting van voorwerpe in die konteks waarbinne die vrou haar bevind (byvoorbeeld aan die huis of aan huisinhoud) benut as 'n vorm van emosionele geweldpleging (Carlson, 1997:80) en
- dat mishandelde vroue die mishandeling van hul kinders deur die gewelddadige man van tyd tot tyd aanskou (Browne, 1988:271).

Kenmerkende simptome van die posttraumatiese stresversteuring sluit volgens Louw en Beyers (1989:144) onder andere die volgende in:

- Die herlewing van die traumatiese gebeurtenis,
- vermyding van stimuli wat met die gebeurtenis geassosieer word,
- afstomping van emosionele responsiwiteit en
- verhoogde opwekking met betrekking tot gebeurtenisse in die omgewing, wat gepaard gaan met hewige skrikreaksies.

Voorts kla die persoon byvoorbeeld dat hy / sy nie hegte bande met mense het nie, dat belangstelling verloor is ten opsigte van aktiwiteite wat voorheen geniet is of dat emosionele betrokkenheid rakende intimiteit, teerheid en seksualiteit afgeneem het (Louw en Beyers, 1989:145).

Hieruit kan afgelei word dat die vroulike slagoffer van geweld wat aan 'n posttraumatiese stresversteuring ly, die gewelddadige insident by herhaling kognitief sal herleef, die onderwerp wat tot die aanvanklike konflik aanleiding gegee het sal probeer vermy en haarself waarskynlik sal onttrek van die man, terwyl sy voortdurend bedag sal wees op die moontlikheid van 'n volgende aggressiewe uitbarsting. Ook bestaan die moontlikheid dat die vrou intimiteit met die man sal vermy, terwyl sy ten opsigte van ander betekenisvolle persone, minder emosionele betrokkenheid kan ervaar.

'n Toestand van uitbranding (*"burnout"*) word deur Hoff (1990:22) beskryf as die resultaat van chroniese hoë stres waaronder 'n vrou in 'n geweldgekenmerkde verhouding funksioneer. Sy onderskei tussen 'n toestand van emosionele *krisis* wat gekenmerk word deur negatiewe emosionele, kognitiewe en gedragsresultate na 'n gewelddadige episode en *uitbranding* wat ontstaan nadat 'n aantal sulke gewelddadige episodes wat aanleiding gee tot emosionele krisis, plaasgevind het. Die onderskeid tussen uitbranding en 'n krisis is dus daarin geleë dat 'n *krisis* verwys na 'n akute toestand, terwyl *uitbranding* meer kronies van aard is weens die herhaaldelike belewenis van krisisse.

Die fases in 'n krisis wat deur mishandelde vroue ervaar word, word soos volg deur Hoff (1990:72) aangedui:

- 'n Traumatiese gebeurtenis vind plaas wat 'n aanvanklike hoër angsvlak *veroorsaak* (die verhoudingsmaat slaan die vrou, sy is geskok, oorweeg redes vir sy gedrag en sy neem verantwoordelikheid om oplossings te vind ten einde 'n herhaling daarvan te voorkom).
- Die vroulike slagoffer se gewone probleemoplossingsmeganismes misluk (sy probeer om met die man te praat, hy weier om te praat, sy probeer om vriendelik te wees en sy behoeftes te voorspel, hy reageer deur haar te ignoreer, wat opgevolg word deur 'n volgende aggressiewe uitbarsting deur die man).
- Die vrou se angsvlak styg selfs verder nadat haar hanteringsmeganismes misluk het (nuwe en ongewone hanteringsmeganismes word ontgin en uitgetoets, byvoorbeeld deur raad te vra by 'n familielid of deur die polisie se hulp in te roep).

- ‘n Toestand van aktiewe krisis ontstaan (sosiale ondersteuning en interne kragte van die vroulike slagoffer misluk, die probleem duur voort en word meer intens, haar angsvlak styg tot ‘n onhoudbare toestand wat aanleiding gee tot byvoorbeeld ‘n moord- of selfmoordpoging wat aangewend word).

‘n Krisis is egter ‘n akute toestand wat hoogstens vir ‘n paar dae voortduur, waarna herintegrasie plaasvind en die slagoffer aanpas by veranderde omstandighede. Nadat herhaalde krisisse ervaar is, kan uitbranding volg wat gekenmerk word deur simptome soos onder andere gevoelens van agterdog, woede, haat, onbevredigende maatskaplike funksionering en ‘n algemene onvermoë om aan die eise van die persoonlike en sosiale lewe te voldoen. Meesal is die slagoffers van uitbranding ook nie bewus van die verbintenis tussen hulle gevoelens en gedrag en die kroniese stres waaronder hulle verkeer nie (Hoff, 1990:22).

Hieruit kan afgelei word dat ‘n krisis by die mishandelde vrou ontstaan as ‘n resultaat van die mislukking van haar alledaagse spanninghanteringsmeganismes en probleemoplossende tegnieke om die man se geweld die hoof te bied. Wanneer alternatiewe wyses om die krisis te hanteer ook misluk, gaan sy in ‘n toestand van aktiewe krisis, waarna haar toestand stabiliseer. Herhaaldelike belewenis van aktiewe krisisse gee dan aanleiding tot ‘n toestand wat as uitbranding bekend staan, waartydens die betrokkene algemene disfunksionering ervaar in haar emosionele, kognitiewe en interpersoonlike fasette. Uit die voorafgaande gegewens, blyk dit dat hierdie belewenisse waarskynlik aanleiding gee tot ‘n gevoel van magteloosheid wat moontlik tot die vroulike slagoffer se lae selfwaarde, gevoelens van depressie en onvermoë om haar situasie te verander, kan bydra en dit in stand kan hou.

Psigiese aspekte wat kenmerkend is van vroulike slagoffers van geweld sluit dus in ‘n lae selfwaarde, onvolwassenheid, afhanklikheid, depressie en ‘n geneigdheid tot selfmoord. Ook fobieë, seksuele disfunksie en ‘n neiging om sigself van die suprasisteem te onttrek word waargeneem, terwyl herhaaldelike ervaring van geweld daartoe kan aanleiding gee dat die betrokkene ‘n posttraumatiese stresversteuring en / of uitbranding kan ervaar. Tydens maatskaplikewerkdienslewering aan die betrokkene, sal ‘n assessering ten opsigte van hierdie aspekte gedoen moet word, op grond waarvan terapeutiese intervensies gerig kan word. Voorts sal ‘n assessering van die psigiese aspekte vir die maatskaplike werker ‘n aanduiding kan gee daarvan of ‘n verwysing ook na ander dienslewerende professies gedoen moet word

(algemene mediese praktisyn, kliniese sielkundige of psigiater) en indien wel, watter professionele diens die toepaslikste sal wees.

♦ ***Emosionele aspekte***

In die voorafgaande bespreking is melding gemaak van etlike emosionele aspekte wat kenmerkend van vroulike slagoffers van geweld is. Hierdie aspekte sluit in gevoelens van;

- onveiligheid en afhanklikheid (Carlson, 1984:572),
- depressie (Dye en Roth, 1990:192 en Hoff, 1990:28),
- vrees, hulpeloosheid en emosionele afstomping (Louw en Beyers, 1989:145),
- angs, skok (Hoff, 1990:72) en
- gevoelens van agterdog, woede en selfs haat (Hoff, 1990:22).

Ook tydens die bespreking van 'n geweldsiklus (vgl. 3.4) is na Van der Hoven (1992:82) verwys wat skok, magteloosheid, vrees, depressie, apatie, uitputting, moedeloosheid, willoosheid en gevoelloosheid beskryf as tipiese emosionele belewenisse van mishandelde vroue.

Die emosionele eienskappe van vroulike slagoffers van geweld word ook deur Boulette en Andersen (1985:115) beskryf. In hulle bespreking val die klem op emosionele geweld teenoor vroue, wat meesal aanleiding gee tot kragteloosheid (*"debility"*), afhanklikheid (*"dependency"*) en vrees (*"dread"*). Na jarelange mishandeling ervaar die slagoffers verlammende vrees (*"paralyzing terror"*), konstante angs, vasgevangenheid, afgematheid en voortdurende gevoelens van dreigende gevaar.

Ook Boulette en Andersen (1985:115) maak dus 'n onderskeid tussen aanvanklike emosionele belewenisse van die vroulike slagoffer en belewenisse na jarelange mishandeling. Die benutting van byvoeglike naamwoorde soos *verlammende*, *konstante* en *voortdurende* wanneer die emosionele belewenisse beskryf word, dui waarskynlik daarop dat dit na jarelange mishandeling meer intens en kronies word en nie bloot meer akute toestande is wat met 'n spesifieke gebeurtenis geassosieer word nie.

'n Intense gevoel van depressie word ook deur Andrews en Brewin (1990:757) aangedui as die *gevolg* van die vrou se traumatisering, terwyl Dye en Roth (1990:192) na aanleiding van hulle navorsing aantoon dat sodanige slagoffers afgesonderd voel van ander mense en ten opsigte van hulle verhoudings met mans, woede en verwarring ervaar. Hoop dat omstandighede sal verbeter, word deur Angless (1992:53) en Wolhuter (1996:152) as een van die mees sentrale

emosionele eienskappe van mishandelde vroue bestempel, terwyl *"... letting go of this hope is perhaps one of the biggest losses battered women must face"* (Angless, 1992:53). In haar bespreking wys Angless (1992:53) ook na 'n gebrek aan geloof in sigself en eie vermoëns en na onsekerheid wat die vroulike slagoffer se vermoë om besluite te neem, nadelig beïnvloed.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat mishandelde vroue waarskynlik ook ontnugtering as 'n emosionele belewenis ervaar, aangesien verwarring ten opsigte van hulle verhoudings met mans vermeld word en die hoop wat gekoester is dat die situasie sal verander, aanleiding gee tot 'n belewenis van verlies. Die ontnugtering is moontlik geleë nie alleen in die verwagting van 'n bevredigende verhouding met 'n man nie, maar ook in die verwagting dat die gewelddadige gedrag gestaak sal word, veral in die lig van die *berou* wat sommige manlike geweldenaars na afloop van die geweldpleging toon. Elk van hierdie verwagtinge moet egter laat vaar word nadat geweldpleging by herhaling plaasvind.

'n Omvattende studie is deur Carlson en Nidey (1995:132-149) gedoen oor regsaspekte wat geassosieer word met gesinsgeweld. Na aanleiding van hulle studie word vier emosionele aspekte wat vroulike slagoffers van geweld ervaar vermeld as primêre redes waarom hulle nie die polisie en regstelsel effektief ondersteun in die uitvoering van die regsprosesse nie. Die vier emosies is vrees, afhanklikheid, intimidasie en skuldgevoelens. *Vrees* ontstaan hoofsaaklik uit die moontlikheid van weerwraak deur die man en *afhanklikheid*, onder andere weens die vrou se onvoldoende beskikking oor ekonomiese middele, 'n gebrek aan alternatiewe huisvesting en gebrekkige ondersteuning vanuit die sosiale groeperings waaraan sy behoort. *Intimidasie* word ervaar as 'n resultaat van die vrees en afhanklikheid en *skuldgevoelens* weens 'n geloof dat hulle minstens gedeeltelik te blameer is vir hul verhoudingsmaats se gewelddadige gedrag (Carlson en Nidey, 1995:144).

Hieruit kan afgelei word dat die emosies wat deur vroulike slagoffers van geweld ervaar word daartoe bydra dat hulle dit moeilik vind om uit die gewelddadige verhouding te tree en dat nie optimaal gebruik gemaak word van samelewingstrukture, soos die polisiediens en regstelsel, wat potensieel benut sou kon word om die situasie die hoof te bied nie.

Na aanleiding van die emosionele belewenisse van vroulike slagoffers van geweld, word afgelei dat die maatskaplikewerkbeginsels by uitstek tydens maatskaplikewerkdienslewering aan die betrokkenes benut sal moet word. Alleen deur van empatie, nie-veroordeling, toetrede tot die betrokkene se leefwêreld en van respek gebruik te maak, sal die mishandelde vrou waarskynlik

gereed raak om by die dienslewering betrokke te raak en sou sy ondersteuning kon ervaar ten opsigte van haar emosionele lyding.

♦ ***Konatiewe aspekte***

Die mening van Boulette en Andersen (1985:115) is dat die emosionele uitputting wat deur vroulike slagoffers van geweld ervaar word, aanleiding gee tot 'n neiging tot passiwiteit en 'n onvermoë om tot aksie oor te gaan. Voorts word vermeld dat hierdie vroue dikwels afgesonderd voorkom en selfs sal glimlag wanneer hulle hulle vreesaanjaende ervarings oorvertel. Hieruit kan afgelei word dat passiwiteit, onttrekking en ontkenning tipiese konatiewe aspekte is van mishandelde vroue.

Ander konatiewe aspekte van mishandelde vroue waarna reeds vroeër verwys is, sluit in;

- hulpeloosheid en 'n geneigdheid om sosiaal te onttrek (Louw en Beyers, 1989:114),
- onvolwasse gedrag soos byvoorbeeld selfmoordpogings, ander vorme van selfbesering en selfs moord (Hoff, 1990:24) en
- 'n onvermoë om self besluite te neem (Angless, 1992:53).

'n Sentrale tema in die ontleding van konatiewe aspekte van vroulike slagoffers van geweld, is die konsep *aangeleerde hulpeloosheid* (Andrews en Brewin, 1990:758-759, Hoff, 1990:32 en 64, Tedeschi en Nesler, 1993:32, Aguilar en Nightingale, 1994:36). Dié term word deur Sarason en Sarason (1987:536) omskryf as 'n *"(a)quired belief in one's helplessness to deal with a situation or control one's environment."* Die *"aquired belief"* dui dus op 'n aangeleerde en selfs funksionele konstruk, wat moontlik benut word om 'n situasie te hanteer of om beheer uit te oefen oor die omgewing waarin 'n persoon sigself bevind. In hulle omvattende bespreking oor die verband tussen aangeleerde hulpeloosheid en depressie, skryf Louw en Van Jaarsveld (1989:182) dat kognisies en gevoelens van hulpeloosheid *aangeleer* word. As iemand dus besef dat sy / haar response slegs 'n minimale effek op die omgewing uitoefen, ontwikkel 'n verwagting van hulpeloosheid by die betrokkene met passiwiteit en uiteindelik depressie, as die resultaat daarvan.

Na aanleiding van bogenoemde gegewens, verwys *aangeleerde hulpeloosheid* dus na 'n besef wat by mishandelde vroue kan voorkom dat hulle pogings om die gewelddadige situasie die hoof te bied minimale effek het, met die resultaat dat hulpeloosheid en passiwiteit benut word as hanteringswyses in die gewelddadige situasie en verhouding. Die toestand bestaan dus uit sowel

'n kognitiewe proses (die besef dat eie pogings minimale effek het) as 'n gedragskomponent (die benutting van hulpeloosheid en passiwiteit) wat deur sommige mishandelde vroue gebruik word om binne die konteks van 'n geweldgekenmerkde verhouding te kan funksioneer.

Spesifiek met betrekking tot depressie wat deur vroulike slagoffers van geweld ervaar word, skryf Andrews en Brewin (1990:758) dat aangeleerde hulpeloosheid, tesame met selfblaam ten opsigte van die gewelddadigheid, vir die depressie verantwoordelik is. In Theron du Toit (1993:237) se bespreking, skryf sy die *"... psychological paralysis of battered women, ... powerlessness, ... passivity, and her blindness to other options"* toe aan aangeleerde hulpeloosheid. 'n Lae selfwaarde, toename in depressie, swak spanninghanteringsmeganismes en 'n belewenis dat eksterne faktore hulle lewens beheer, word deur Aguilar en Nightingale (1994:36) aan dié toestand by vroulike slagoffers van geweld, toegeskryf.

Ter samevatting kan aangeleerde hulpeloosheid dus geassosieer word met simptome van depressie, selfblaam, magteloosheid, passiwiteit, 'n onvermoë om besluite te neem en om tot aksie oor te gaan, lae selfwaarde en 'n belewenis van uitgelewerdheid aan gebeurtenisse in die konteks waarbinne die vroulike slagoffer van geweld haarself bevind.

Die mening van Hoff (1990:64) is dat die term *"helpless"* met versigtigheid benut moet word wanneer verwys word na mishandelde vroue. Sy wys op die semantiese betekenis van *"helpless"* as synde *"destitute of help"*. *"Helpless"* behoort dus beskou te word as *hulp-loos* en nie as *hulpeloos* nie. Wanneer die term as verwysend na *'n persoon wat sonder die hulp van andere is* benut word, gee Hoff (1990:64) toe dat mishandelde vroue dikwels *"helpless"* is, maar wanneer dié konsep gelykgestel word aan hulpeloos, het sy ernstige besware teen die benutting daarvan. In haar ondervinding is mishandelde vroue met wie sy werk *"... always scheming about how to stop the battering ..."*, *"(t)hey took steps to please their mates and to satisfy their demands; they protected and took care of their children"*, *"(o)ften they were the primary wage-earners in the household"* en *"... they actively defended themselves ..."* In gevalle waar hulle nie hulleself verdedig het nie, was dit nie weens hulpeloosheid nie, maar eerder omdat hulle uit ervaring geleer het dat erger geweld of ander negatiewe resultate uit hulle selfverdediging sou voortvloei (Hoff, 1990:64-65).

Haar primêre beswaar teen die benutting van die term *aangeleerde hulpeloosheid*, is egter opgesluit in die feit dat op vroue se psigologiese eienskappe staatgemaak word in 'n poging om dieselfde vroue se viktimisering te beskryf. Sodoende kan waninterpretasies plaasvind wat kan

dien as ondersteuning van tradisionele sienswyses van vroue as passiewe, hulpelose slagoffers, in stede daarvan dat die fokus geplaas word op die histories-maatskaplike oorsprong van vroue se aangeleerde hulpeloosheid. Daarom is dit belangrik dat *"... the language of 'helplessness' be used with caution, as it decries a view of women as capable, responsible agents"* (Hoff, 1990:65).

Hieruit kan afgelei word dat Hoff (1990:64-65) nie die feit dat vroue ***hulpeloos*** sou kon wees teenoor mans wat byvoorbeeld fisies groter en sterker as hulleself is ontken nie, maar dat haar beswaar eerder geleë is in die histories-maatskaplike betekenis van die term as verwysend na vroue wat oor die algemeen passiewe slagoffers van mans is en behoort te wees. Wanneer die term hulpeloosheid dus benut word om te verwys na mishandelde vroue, word die vrou juis weens die ingewortelde betekenis van die term ontneem van eienskappe soos bevoegdheid en verantwoordelikheid.

In die bespreking van die emosionele aspekte wat met mishandelde vrou geassosieer word, word dikwels van verwysings na die sogenaamde *"battered women syndrome"* gebruik gemaak (Stark en Flitcraft, 1988:300, Theron du Toit, 1993:238 en Wolhuter, 1996:152). Die *"battered women syndrome"* (hierna, die ***mishandelde vrou sindroom***) word deur Stark en Flitcraft (1988:300) beskryf as *"... a syndrome attendant upon spouse abuse and characterized by a history of injury (often including sexual assault), general medical complaints, psychosocial problems, and unsuccessful help seeking."* Die sindroom word hoofsaaklik aangetref by mishandelde vroue met 'n geskiedenis van trauma wat gepaardgaan met 'n vergrote risiko van verkragting, miskrame, aborsies, alkoholgebruik, selfmoordpogings, kindermishandeling en 'n hoë voorkoms van geestesiekte. Gepaardgaande met die multi-probleemprofiel, het die betrokkene meesal 'n geskiedenis wat daardeur gekenmerk word dat by herhaling vir mediese en beradingshulp gevra word, waartydens verwaarlosing en ontoepaslike selfblamerende response algemeen deur professionele persone waargeneem word (Stark en Flitcraft, 1988:300).

Die fokus in Stark en Flitcraft (1988:300) se beskrywing van die sindroom is dus op 'n vrou wat na jarelange blootstelling aan mishandeling deur 'n verhoudingsmaat, by herhaling professionele hulp soek vir 'n verskeidenheid van fisiese, psigiese en maatskaplike probleme wat ervaar word. Fisiese probleme wat ondervind word, word meesal ervaar as 'n resultaat van die man se geweldpleging, wat daartoe aanleiding gee dat dit gekenmerk word deur beserings wat moontlik die resultate is van verkragtings, miskrame en aborsies, terwyl die vrou se alkoholgebruik en selfmoordpogings ook tot fisiese simptome wat mediese aandag benodig, kan aanleiding gee.

Die psigiese probleme is waarskynlik onder andere die resultate van die man se gewelddadige gedrag, die fisiese beserings wat daaruit voortvloei en die vrou se alkoholgebruik en ontoepaslike selfblaam vir die geweldpleging, wat ook tot selfmoordpogings aanleiding kan gee. Op maatskaplike vlak bevind die vrou haarself nie alleen in 'n geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhouding nie, maar toon die vrou wat aan die *mishandelde vrou sindroom* ly, ook 'n geneigdheid om haar kinders te mishandel.

Waar Stark en Flitcraft (1988:300) se fokus primêr op die mishandelde vrou se fisiese, psigiese en maatskaplike disfunksionering as kenmerke van die *mishandelde vrou sindroom* val, is Theron du Toit (1993:238) van mening dat die psigologiese impak van algemene maatskaplike en ekonomiese probleme wat deur dié vroue ervaar word, nie uit die oog verloor moet word nie. As voorbeelde noem sy die effek van die mislukking van die polisiediens en regstelsel om vroue te beskerm teen mishandeling, die vrou se onvermoë om die verhoudingsmaat te verlaat omdat sy moontlik nie oor 'n inkomste beskik nie en dalk selfs 'n kind moet versorg, maar in besonder ook die isolasie en verleentheid wat onder andere 'n resultaat is van die samelewing se persepsie van mishandelde vroue. Op grond hiervan raak Theron du Toit (1993:238) tot die gevolgtrekking dat die sindroom die resultaat is van gedrag wat aangeleer is en herhaal word as *gevolg* van kontekstuele faktore.

Nie die besondere onvermoëns van die mishandelde vrou en haar fisiologiese, psigologiese en maatskaplike patologieë nie, maar die konteks waarbinne die betrokkene haarself bevind, word dus deur Theron du Toit (1993:238) verantwoordelik gehou vir die totstandkoming en instandhouding van die *mishandelde vrou sindroom*. Eienskappe van die konteks wat uitgesonder word is die dienslewering wat vanaf die polisiediens en regstelsel ontvang word, ekonomiese realiteite en die effek van samelewingspersepsies wat gehuldig word oor mishandelde vroue, op die betrokkene.

Op die psigologiese vlak, beskryf Wolhuter (1996:152) die *mishandelde vrou sindroom* aan die hand van 'n geweldsiklus wat aanleiding gee tot die voortdurende internalisering van hoop deur die vrou dat die geweld nie weer sal voorkom nie, maar koppel die belewenis van hoop ook aan gevoelens van skaamte en skuld, wat haar in die gewelddadige verhouding laat aanbly.

Samevattend kan die *mishandelde vrou sindroom* beskryf word as 'n kompilasie van fisiese, psigiese en maatskaplike simptome wat aangetref word by vroue wat by herhaling blootgestel word aan gewelddadige gedrag deur hul saamwoon- of huweliksmaats. Faktore wat aanleiding gee tot die belewenis van die simptome is onder andere;

- die gewelddadige gedrag van die man,
- die vrou se belewenis van
  - ◊ haar eie aandeel in die man se gedrag,
  - ◊ heersende samelewingspersepsies ten opsigte van vroue in gewelddadige verhoudings en
- deur haar gevoelens van
  - ◊ skaamte oor haar situasie en
  - ◊ hoop dat die gedrag sal opklaar.

Ten spyte daarvan dat die regstelsel in hoofstuk ses breedvoerig as deel van die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem bespreek word, verdien die benutting van die *mishandelde vrou sindroom* as regsgrond vir provokasie tot moord van die manlike geweldenaar, hier verdere toeligting. Sowel Theron du Toit (1993:237-239) as Wolhuter (1996:152-153) verwys daarna dat spesialis-getuienis ter versagting van die vonnis in Amerikaanse en Kanadese geregshowe toegelaat word as versagtende omstandighede vir moord wat deur 'n vrou wat aan die *mishandelde vrou sindroom* profiel voldoen, gepleeg is[28]. Alhoewel die regverdiging vir die benutting van die sindroom ter versagting van 'n vonnis nie in twyfel getrek word nie, verwys Theron du Toit (1993:239) op inherente leemtes in die beskrywing van die sindroom. So byvoorbeeld bevat die sindroom implisiete stereotipes van onbevoegdheid en minderwaardigheid en dat wanneer spesialis-getuienis in hierdie verband in howe benut word, word gefokus op die passiewe, geviktimiseerde eienskappe van die vroulike slagoffer se belewenisse.

Ook word daarna verwys dat getuienis met betrekking tot die sindroom dikwels saamgestel word eenvoudig as 'n illustrasie van die swakhede en probleme van die mishandelde vrou, eerder as op die beïnvloeding van die konteks waarbinne die slagoffer haar bevind, wat die situasie teweeg bring. Sy gee egter toe dat *"... these problems are not inherent in the syndrome, but rather imposed thereon by already held stereotypes of women within the legal system"* (Theron du

---

[28] Vgl. die bespreking in 6.2.4.3 oor die Suid-Afrikaanse howe se benutting van spesialis-getuies waar provokasie en noodweer ter sprake is.

Toit, 1993:239). Aansluitend hierby is Wolhuter (1996:152) van mening dat alhoewel die *mishandelde vrou sindroom* bydraend is tot begrip vir die psigologiese en fisiese resultate van geweld op 'n mishandelde vrou, dit nie 'n genoegsame verduideliking bied van die strukturele *oorsake* van sodanige geweld nie. Die ideologie van die mishandelde vrou as patologies *"... obscures the existence of the structural power imbalances that underpin the incidence of domestic violence"* (Wolhuter, 1996:152). As voorbeelde van die strukturele magsongelykhede noem sy die benutting van geweld om die vrou sosiaal, polities, ekonomies, psigologies en fisies te onderwerp aan die man se beheer. Daarom word die *mishandelde vrou sindroom* met die fokus op die psigiese en fisiese *gevolge* vir die vrou, as té eng beskou en pleit Wolhuter (1996:153) vir die *"... judicial consideration of the structural ontology of domestic violence, rather than the mere psychological and physical effects thereof."*

Nie soseer die profiel van mishandelde vroue in terme van psigiese, fisiese en maatskaplike faktore wat voortvloei uit die omskrywing van die sindroom nie, maar die beperkinge van die eienskappe wat daarmee geassosieer word, word dus gekritiseer deur bogenoemde twee navorsers. Die fokus op die slagoffer se psigologiese en fisiese disfunksionering, eerder as klem op die maatskaplike konteks wat aanleiding gee tot die disfunksionering, word veral as problematies bestempel. Die afleiding kan gemaak word dat Theron du Toit (1993:239) en Wolhuter (1996:153) van mening is dat nie net die *mishandelde vrou sindroom* nie, maar ook die heersende persepsies en strukturele ongelykhede tussen mans en vroue in die konteks waarbinne die mishandelde vrou haarself bevind, as versagtende omstandighede behoort te figureer.

Ter wille van 'n omvattende assessering op grond waarvan maatskaplikewerkdienslewering aan die mishandelde vrou gerig kan word, is 'n fokus op haar konatiewe aspekte van belang aangesien hierdie faktore nie alleen die resultate is van die geweld waaraan sy blootgestel is nie, maar ook kan figureer as aanleidende faktore tot voortgesette geweldpleging. Kennis van en begrip vir die betrokkene se gedrag, kan waarskynlik daartoe bydra dat maatskaplikewerkintervensies daarop toegespits word om nie alleen die betrokkene se gedrag te verander nie, maar ook haar belewenis van haarself in die konteks van die gewelddadige verhouding.

- ***Kognitiewe aspekte***

Na aanleiding van Boulette en Andersen (1985:115) is reeds aangedui dat ontkenning een van die kognitiewe verdedigingsmeganismes is wat deur vroulike slagoffers van geweld benut word om die situasie te hanteer. Meer konkreet, verwys ontkenning volgens Sarason en Sarason (1987:529) na 'n *"(d)efense mechanism which allows rejection of elements or reality that would be intolerable if they became conscious."* Hieruit kan 'n kognitiewe proses by die vroulike slagoffer afgelei word wat bestaan uit die doelbewuste verwerping van die realiteit van geweldpleging in die verhouding, ten einde bewustheid van die onaangenaamheid en angs wat met die geweld gepaard gaan, te vermy[29].

In haar omvattende bespreking oor selfblaam as 'n kognitiewe proses van vroulike slagoffers, wys Hoff (1990:47) op die feit dat die meeste vroue van kleintyd af gesosialiseer word om versorgende rolle in te neem en dat hulle op grond hiervan 'n beskouing internaliseer dat om 'n suksesvolle vrou en moeder te wees, die belangrikste lewenstaak van 'n vrou is. Wanneer die man gewelddadig teenoor haar optree, beskou die vrou hierdie gedrag as haar mislukking daarin om uitvoering te gee aan die belangrikste lewenstake van vrou-wees. Voorts beweer Hoff (1990:51-52) dat vroue oor die algemeen aanneem dat hulle probleme en bronne van stres uit hulleself voortvloei en derhalwe gekoppel kan word aan hulle eie onvermoëns en mislukkings. Daarom word woede en blaam meer dikwels op sigself gerig, deurdat eie probleme nie as maatskaplik van aard beskou word nie, maar as persoonlik. Die resultaat hiervan word beskryf as dat die mishandelde vrou *"... is unlikely to mobilize social resources on her behalf or attack 'outside' sources of her distress"* (Hoff, 1990:52).

Die plasing van blaam vir die geweld word ook deur Andrews en Brewin (1990:757) en deur Tedeschi en Nesler (1993:24-25) as 'n kognitiewe proses van mishandelde vroue aangedui. Hiervolgens plaas die vrou aanvanklik die blaam op haarself, terwyl dit na die herhaaldelike voorkoms van geweld, na die man verplaas word. In gevalle waar vroue deurentyd die blaam op hulleself geplaas het, hoofsaaklik weens die geloof dat daar iets met hulleself verkeerd moet wees as so 'n insident meer as een keer voorkom, is bevind dat hulle nadat hulle daarin geslaag het om uit die verhouding te tree, die blaam op hulle verhoudingsmaats begin plaas het. Die lokalisering van blaam word egter deur Andrews en Brewin (1990:758) toegeskryf aan drie aspekte, te wete individuele persepsies, motiverende faktore en situasionele inligting.

---

[29] Vgl. 4.6.3 vir 'n bespreking oor rasionalisering as 'n verdedigingsmeganisme wat mishandelde vroue se besluitneming oor die verhouding beïnvloed.

Individuele persepsies verwys daarna dat die slagoffer se persepsie van die realiteit doelbewus deur die geweldenaar beïnvloed word. Sodoende ontstaan *motiverende faktore* vir die geweld, met die *gevolg* dat die slagoffers hulleself begin sien as onbevoeg, histeries en seksueel koud. *Situasionele inligting* word direk gekoppel aan die intensiteit van die geweld en die reaksie van geweldenaars en toeskouers. Wanneer die blaam deur andere op die slagoffer geplaas word, kan die neiging tot selfblaam versterk word.

'n Eie interpretasie is dat *individuele persepsies* nie alleen verwys na die slagoffer se belewenis van die realiteit soos beïnvloed deur die geweldenaar nie, maar dat samelewingsnorme ten opsigte van die rol van die vrou, tesame met die beïnvloeding van die geweldenaar vir die slagoffer in 'n posisie plaas waarin sy haarself beskou as onbevoeg, 'n mislukking en as't ware 'n persoon wat dit verdien wat na haar kant toe kom. Hierdie selfblaam dien moontlik as 'n *motiverende faktor* wat gegrond is op die vrou se internalisering en uitlewing van haar onbevoegdheid. Wanneer die omstandighede in die konteks van die verhouding aanleiding gee tot konflik, kan *situasionele inligting* soos byvoorbeeld die blaam wat die man en ander persone in die konteks op die vrou plaas vir sy gedrag, waarskynlik die vrou se selfblaam versterk. Die resultaat is dat die man nie alleen met geweld reageer nie, maar met intense geweld wat toegeskryf word aan die vrou se onbevoegdheid.

Na aanleiding van Theron du Toit (1993:237), is aangedui dat besluitneming 'n kognitiewe proses is wat moeilik deur mishandelde vroue uitgevoer word. Die mening van Goodman, Dutton en Harris (1995:468) is dat mishandelde vroue verwar word deur die keuse van 'n gewelddadige tuiste, die gevare van die lewe op straat en die *"... hazards of overcrowded, unsafe, and poorly supervised shelters."* Die onvermoë om besluite te neem, kan dus waarskynlik beskou word as 'n resultaat van hierdie verwarring, terwyl dié kognitiewe proses moontlik weer tot verdere verwarring aanleiding gee[30].

Hier is tipiese konatiewe aspekte wat geassosieer word met vroulike slagoffers van geweld aangedui, deur onder andere te verwys na *aangeleerde hulpeloosheid* en die *mishandelde vrou sindroom* as aanduiders van die betrokkenes se gedrag. Die aandag word opnuut gefokus op die sistemiese interaksie van die individu se psigiese, emosionele, kognitiewe en konatiewe

---

30 Faktore wat mishandelde vroue se besluitnemingsproses ten opsigte van die gewelddadige verhouding beïnvloed, word in 4.6 meer volledig toegelig.

subsisteme. Elk van die individu se subsisteme wat aangedui is, word beïnvloed deur die ander subsisteme, maar ook deur die individuele sisteem en deur die suprasisteem waarvan die individu 'n subsisteem is. Tydens maatskaplikewerkhulpverlening sou dit dus simplisties wees om alleen op een van die aspekte te fokus, maar behoort 'n holistiese assessering van sowel die interaksie tussen die individu se subsisteme, as tussen die individu en haar suprasisteem plaas te vind. Sodoende kan maatskaplikewerkintervensies gerig word op die mishandelde vrou in totaliteit en kan dienslewering plaasvind vanuit 'n meer omvattende, sirkulêre hulpverleningsparadigma.

4.2.2.2 Karaktereienskappe van manlike geweldenaars

In die bespreking van karaktereienskappe van manlike geweldenaars, word ook op psigiese, emosionele, konatiewe en kognitiewe aspekte gefokus, waarna 'n vergelykende tabel verskaf word ten opsigte van die karaktereienskappe van manlike geweldenaars en vroulike slagoffers.

- ***Psigiese aspekte***

Verskeie navorsers (Carlson, 1984:571, Maiuro, Cahn, Vitaliano, Wagner en Zegree, 1988:17, Van der Hoven, 1992:78) is dit eens dat 'n lae selfwaarde een van die prominentste psigologiese eienskappe van manlike geweldenaars is. Die mening van Van der Hoven (1992:78) is dat hierdie lae selfwaarde so intens van aard is, dat as't ware van selfhaat gepraat kan word wanneer na manlike geweldenaars verwys word. Ander psigiese eienskappe wat deur Maiuro et al. (1988:17-18) vermeld word, is dat manlike geweldenaars persone is wat beperkte invloed op andere kan uitoefen as nie van geweld gebruik gemaak word nie en *gevolglik* beskik oor beperkte mag ten opsigte van andere.

Hieruit kan afgelei word dat die manlike geweldenaar se lae selfwaarde daartoe bydra dat die betrokkene beleef dat die enigste wyse waarop hy sy posisie ten opsigte van andere kan verhoog, deur die doelbewuste benutting van gewelddadige gedrag is. Die psigiese tekortkoming lê dus in die wyse waarop die persoon homself in verhouding met andere beleef, wat gekenmerk word deur 'n persepsie dat hy oor mindere mag en beïnvloeding as andere beskik. Daar kan dus akkoord gegaan word met Maiuro et al. (1988:18) wat na manlike geweldenaars verwys as persone wat eintlik pateties is.

Vier tipiese persoonlikheidseienskappe van vroueslaners word deur Davidovich (1990:31) onderskei. Hierdie eienskappe word soos volg opgesom:

- Die man verplaas blaam vir die konflik op sy verhoudingsmaat en ontken self enige verantwoordelikheid vir sy rol in die konflik.
- Hy word bedreig deur sy vroulike verhoudingsmaat se outonomie, omdat hy oormatig afhanklik is van haar vir die vervulling van sy emosionele behoeftes. Die resultaat hiervan is dat hy homself isoleer van sy vriende en die verwagting stel dat die vrou dieselfde moet doen.
- Hy benader die vrou op dieselfde wyse as wat hy sy moeder benader het en herleef dieselfde konflikte en stryd wat hy met sy moeder ervaar het toe hy 'n kind was.
- Rigiede verwagtinge word aan die vroulike verhoudingsmaat gestel en hy eis dat sy te alle tye daaraan moet konformeer.

Die persoonlikheidseienskappe waarop gefokus word, is dus die neiging om van projeksie en ontkenning as verdedigingsmeganismes gebruik te maak, afhanklikheid van sy verhoudingsmaat en die behoefte om sigself te isoleer van die suprasisteem, die ervaring van onopgeloste konflikte met die moeder en die selfsugtige afdwinging van sy eie rigiede verwagtinge, aan sy verhoudingsmaat.

Aansluitend hierby, fokus Van der Hoven (1992:78) in haar bespreking op patologiese jaloesie, 'n behoefte om te kontroleer, lae frustrasietoleransie en probleme met impulsbeheer as tipiese psigiese aspekte wat by mishandelaars aangetref word.

Psigologies, kan die manlike geweldenaar dus beskou word as 'n persoon wat onder andere die volgende kenmerke het:

- 'n Lae selfwaarde, wat so intens van aard kan wees dat dit kan aanleiding gee tot 'n belewenis van selfhaat.
- 'n Belewenis dat hy oor beperkte mag en beïnvloeding ten opsigte van ander mense beskik, wat daartoe aanleiding gee dat hy beheer probeer uitoefen deur die benutting van geweld ten einde sy eie wil te laat geld.
- Onopgeloste konflikte met sy moeder word in sy huidige verhouding uitgeleef, wat aanleiding gee daartoe dat hy rigiede beheer oor die vrou probeer uitoefen en aandring op haar konformering aan sy verwagtinge.

- ❋ Afhanklikheid van sy vroulike verhoudingsmaat, bykans soos wat 'n kind van sy moeder afhanklik is.
- ❋ Die afhanklikheid gee aanleiding daartoe dat die man homself en die vrou as't ware van die suprasisteem probeer isoleer.

♦ ***Emosionele aspekte***

Jaloesie word deur sowel Carlson (1984:572) as Maiuro et al. (1988:17) as 'n emosionele eienskap van die gewelddadige man beskryf, terwyl Carlson (1984:573) ook stres as 'n emosie wat hand aan hand gaan met die jaloesie, aandui. Voorts maak Maiuro et al. (1988:17-18) melding van 'n geneigdheid tot agterdog, gevoelens van emosionele pyn, vrees vir verlies van die verhoudingsmaat en depressie, as kenmerkende emosionele belewenisse van manlike geweldenaars.

'n Eie interpretasie is dat jaloesie en 'n geneigdheid tot agterdog, tipiese emosionele resultate is van 'n persoon met 'n lae selfwaarde, terwyl vrees vir verlies van die verhoudingsmaat, direk gekoppel kan word aan afhanklikheid, wat as psigiese eienskappe van die manlike geweldenaar aangedui is. Waarskynlik kan die stres wat met hierdie psigiese aspekte gepaard gaan, uiteindelik aanleiding gee tot depressie, wat onder andere deur sosiale isolasie en die ervaring van emosionele pyn gekenmerk word.

Hieruit word afgelei dat die psigologiese aspekte aanleiding gee tot die belewenis van emosionele ongemak en dat tydens dienslewering aan die betrokkene, klem geplaas sal moet word op veral die verhoging van sy selfwaarde ten einde onder andere die verligting van emosionele simptome te bewerkstellig.

♦ ***Konatiewe aspekte***

Tipiese gedragswyses van manlike mishandelaars na afloop daarvan dat sy vroulike verhoudingsmaat hom verlaat het, word deur Boulette en Andersen (1985:113) aan die hand van 'n opeenvolging van gebeurtenisse beskryf:

- ⇨ Ten aanvang is daar 'n stadium waarna verwys word as *"cocky disbelief"*, wat gekenmerk word deur die man se bespotting van die vrou en haar gedrag en 'n toestand van emosionele afstand. Tipiese kommentaar op die vrou se gedrag is byvoorbeeld dat sy nog sal terugkruip na hom toe vir hulp of dat sy nooit sonder hom 'n sukses van haar lewe sal kan maak nie.

- ⇨ Die volgende fase word gekenmerk deur 'n verwarde *soeke na die vrou*, waartydens die man meesal angstig begin rondskarrel om inligting te bekom oor die vrou se doen en late. Sy gedrag word meesal gekenmerk deur simptome van paniek en woede.
- ⇨ *Onderhandeling* met die vrou is die volgende fase wat betree word, waartydens hy boodskappe aan die vrou stuur of met haar direk probeer onderhandel. Hy belowe om sy gedrag te verander, verklaar sy liefde aan haar en verbind homself tot getrouheid en 'n liefdevolle verhouding.
- ⇨ Indien sy onderhandelingspogings nie suksesvol is nie, begin die man om bykans onbeheerbaar te *huil*, te *pleit* vir nog 'n kans en om die vrou te *smeek* om terug te keer. Die vrou stel meesal hierdie trane gelyk aan sy *liefde* vir haar, voel jammer vir hom en keer gewoonlik terug na hom as *gevolg* daarvan. In sommige gevalle volg 'n *"... brief period of improvement or honeymooning ..."* waartydens die man uit sy pad gaan om 'n volgende ontsnappingspoging van die vrou te verhoed (Boulette en Andersen, 1985:113).
- ⇨ Indien die vorige vier fases nie daartoe lei dat die vrou terugkeer na die gewelddadige verhouding nie, begin die man *dreig* om haar te vermoor, die kinders te ontvoer en / of om haar familie en vriende te terroriseer, totdat sy terugkeer na hom toe.
- ⇨ Laastens volg 'n fase van *wraak*, waartydens die man se dreigemente meer ernstig begin raak en wanneer hy planne begin beraam om die vrou of haar *medepligtiges* leed aan te doen. Die man mag so ver gaan as om die vrou op te spoor en om haar lewe, dié van haar familie en vriende of selfs haar terapeut se lewe, te bedreig. Gedurende hierdie stadium word die risiko geloop dat *"(i)f she is careless ... she or her loved ones may actually be injured or killed"* (Boulette en Andersen, 1985:113).

Hieruit word afgelei dat die man aanvanklik van ontkenning as verdedigingsmeganisme gebruik maak om die verlating te hanteer, waarna hy projeksie benut deur die klem te plaas op die vrou se onvermoë om sonder hom te lewe. Hierdie verdedigingsmeganismes verloor egter hulle funksie na verloop van tyd, waarna die betrokkene waarskynlik sy afhanklikheid van haar erken. Hierdie erkenning lei dan tot pogings om die vrou op te spoor of om met haar te kommunikeer. Aanvanklike kommunikasie word gekenmerk deur sy erkenning van sy afhanklikheid deur te huil, te pleit en beloftes te maak, maar as hierdie manipulering nie slaag nie, word oorgegaan tot die benutting van emosionele geweld in die vorm van dreigemente. Indien die emosionele geweld nie die gewenste uitwerking het om beheer oor die vrou en die situasie uit te oefen nie,

word oorgegaan tot fisiese geweld wat nie alleen vir die vrou nie, maar ook vir haar familie, vriende en / of terapeut lewensgevaarlik kan wees.

Gedragsaspekte word deur Maiuro et al. (1988:17-18) uitgewys as woedeuitbarstings teenoor die vroulike verhoudingsmaat en ander gesinslede, vyandige optrede, liggeraaktheid, dominering en in uitsonderlike gevalle, selfs moorddadige gedrag. Voorts word beweer dat die depressie waaraan die man ly nie alleen aanleiding gee tot konflik oor getrouheid aan hom nie, maar dikwels ook lei tot selfmoord en selfmoordpogings. Ook Van der Hoven (1992:78) verwys na gewelddadige mans se geneigdheid daartoe om hul vroue van ontrouheid te beskuldig en skryf die konflik in die verhouding hoofsaaklik aan hierdie gedrag en die man se patologiese jaloesie toe. 'n Verdere gedragsaspek wat deur Van der Hoven (1992:78) uitgewys word, is die sogenaamde *"Jekyll en Hyde"*-gedrag, waartydens gemoedswisselinge by herhaling voorkom en die betrokkene dus onvoorspelbaar optree.

Hier is opnuut 'n aanduiding van die verband tussen die gewelddadige man se psigiese, emosionele en konatiewe aspekte. Die lae selfwaarde wat gepaardgaan met gevoelens van afhanklikheid, jaloesie en depressie, lei dus op gedragsvlak daartoe dat die man onvoorspelbaar optree, konflik uitlok deur beweringe dat die vrou ontrou is aan hom, sy humeur verloor en gewelddadige gedrag openbaar. Hierdie gewelddadige gedrag gee in uitsonderlike gevalle selfs aanleiding tot selfmoordpogings, of om die vrou om die lewe te bring.

Op grond van haar uitgebreide ondervinding met vroulike slagoffers van geweld, onderskei Fedler (1995:250) tussen drie sogenaamde *tipes mishandelaar*s, hoofsaaklik op grond van kenmerkende gedrag wat deur elke *tipe* geopenbaar word. Die Tipe A mishandelaar word onderskei op grond daarvan dat hy;

⇒ nie vantevore in die tronk was nie,

⇒ bekend is aan die buitewêreld as 'n ware heer,

⇒ 'n boelie is wat nie terugbaklei wanneer hy gekonfronteer word nie en dat hy

⇒ sy verhoudingsmaat mishandel wanneer hy sober is.

Die Tipe B mishandelaar;

⇒ het vantevore al botsings met die gereg gehad en verbeel hom dat hy alwetend is, dat niks en niemand hom enigiets kan leer nie,

⇒ is geneig tot dronkenskap en is bekend as iemand wat onvoorspelbaar en wispelturig is en hy

⇒ mag sy humeur verloor en gewelddadig optree as hy gekonfronteer word.

Die laaste *tipe* wat onderskei word, is die Tipe C mishandelaar wat;

⇒ vantevore al in die tronk was en *"on friendly terms"* is met die plaaslike polisie,

⇒ in die verlede interdikte teen hom geïgnoreer het, of al voorheen in die tronk was vir sy gewelddadige optrede teenoor die vrou,

⇒ met verloop van tyd al hoe meer gewelddadig raak,

⇒ aan 'n *"God-complex"* ly en alwetend optree deur vir die vrou te vertel dat sy nooit enigiets aan hom sal kan doen nie,

⇒ dreig dat hy die kinders sal ontvoer en dat sy hulle nooit weer sal sien nie,

⇒ in die verlede al verkrag het en wat

⇒ vriende het in hoë posisies en self 'n prominente sakeman, joernalis, dokter, prokureur of enige ander persoon van aansien is.

Uit Fedler (1995:250) se onderskeid van die drie *tipes* mishandelaars, kan etlike konatiewe aspekte afgelei word. Hierdie aspekte sluit in die neiging tot;

- botsing met die gereg,
- geheimhouding van sy gedrag binne die gesin,
- die benutting van emosionele geweld in die vorm van manipulering, dreigemente en misleiding,
- fisiese geweld in die vorm van aanranding of selfs verkragting,
- onvoorspelbaarheid en wispelturigheid met betrekking tot gemoedstoestand en optrede,
- alkoholmisbruik,
- narsistiese gedrag in die vorm van 'n *"God-complex"* en die ignorering van hofinterdikte en die neiging tot
- 'n onvermoë om sigself te laat geld sonder die benutting van geweld.

Alkoholgebruik word deur Carlson (1984:572), Van der Hoven (1992:78), Sommers en Baskin (1993:153) en Bennett (1995:760) as 'n verdere gedragsvorm uitgewys wat dikwels by manlike geweldenaars waargeneem kan word. Weens omstredenheid wat bestaan ten opsigte van die verband tussen alkoholgebruik en gewelddadige gedrag, word hierdie tema in 4.4 meer breedvoerig toegelig.

Tipiese konatiewe aspekte van die manlike geweldenaar sluit dus onvoorspelbaarheid, emosionele reaktiwiteit en aggressiewe optrede in. Hierdie gedrag kan beskou word onder andere as die resultaat van die betrokkene se lae-selfwaarde, sy geneigdheid tot depressie, wantroue en jaloesie. Wedersydse beïnvloeding van die subsisteme van die individuele sisteem en die resultate daarvan vir die ander lede van die gesin as suprasisteem van die man, blyk dus duidelik.

- ***Kognitiewe aspekte***

Reeds in die laat sestigerjare van die twintigste eeu, verwys Toch (1969:135) na gewelddadige gedragsvorme wat deur manlike geweldenaars geopenbaar word en onderskei hy ook die betrokkenes se motiewe vir die gedrag. Die kognitiewe prosesse wat die gewelddadige gedrag voorafgaan, word soos volg deur Toch (1969:135) aangedui:

⇒ *Reputasie-verdediging*: Sodanige persoon het 'n openbare reputasie waaraan hy gestalte moet gee en benut aggressiewe gedrag om hierdie reputasie te beskerm.

⇒ *Normatiewe dwang*: Die man is op 'n selfopgelegde sending wat gekenmerk word deur die benutting van geweld ter wille van die handhawing van algemeen-geldende norme.

⇒ *Kompensasie vir 'n lae selfwaarde*: Twee vorme van kompensatoriese verhoudings tussen 'n lae selfwaarde en geweld word onderskei, te wete;

◊ ***selfwaarde verdediging***, waar aggressie benut word as 'n wyse van vergelding teenoor persone wat sy selfwaarde bevraagteken en

◊ ***selfwaarde bevordering***, waartydens aggressie benut word as 'n bewys van waarde deur 'n persoon wat sy self-definisie baseer op krag en status.

⇒ *Selfverdediging*: 'n Geneigdheid om andere te sien as bronne van fisiese gevaar wat uitgeskakel moet word.

⇒ *Vermindering van emosionele druk*: Die neiging om, hoofsaaklik as *gevolg* van beperkte interpersoonlike vaardighede, aggressiewe uitbarstings te toon in situasies wat nie gemaklik hanteer kan word nie.

⇒ *Onderdrukking van andere*: Plesier word verkry deur die uitoefening van geweld en wreedaardigheid teenoor persone wat vatbaar is daarvoor.

⇒ *Eksploitering*: 'n Voortdurende poging om andere te manipuleer deur hulle te benut vir eie plesier en gemak, gepaardgaande met die benutting van geweld as die slagoffers weerstand teenoor die gedrag toon.

⇒ *Selfgenieting*: Die geneigdheid om te funksioneer op grond van die geloof dat andere se bestaan toegeskryf kan word aan die bevrediging van eie behoeftes, gepaardgaande met geweld as straf vir die ontneming van hierdie genieting.

⇒ *Ontlading*: Geweld word benut om opgehoopte emosionele druk te ontlaai, of in reaksie op die belewing van herhalende emosies of gemoedstemminge.

Die kognitiewe proses van die manlike geweldenaar word dus gekenmerk deur 'n belewenis dat hy sy eie reputasie en selfwaarde moet verdedig en dat hy verantwoordelik is vir die handhawing van algemeen-geldende norme. Weens die betrokkene se gebrekkige kommunikasie-vaardighede, word die kognitiewe persepsie ook gekenmerk deur 'n siening van andere as bronne van fisiese gevaar en die emosionele druk wat hieruit voortvloei, word hanteer deur ontlading daarvan deur middel van aggressiewe optrede. Ander persone word beskou as bronne van eie plesier en behoeftebevrediging wat onderdruk en geëksploiteer kan word tot eie voordeel.

Die sogenaamde *"ultimate resource theory"* word deur Straus (1980b:87), Carlson (1984:572) as Levinson (1989:82) benut om 'n tipiese kognitiewe faset van gewelddadige mans te verduidelik. Hiervolgens bestaan daar by die betrokkenes 'n kognitiewe proses wat vereis dat ten einde die manlike posisie van dominansie in die gesin te kan beklee, moet hy meerderwaardigheid demonstreer ten opsigte van sy vroulike verhoudingsmaat. Indien hy egter nie oor die nodige persoonlike bronne beskik om die belewenis teweeg te bring nie, byvoorbeeld as sy vrou oor 'n hoër opvoedingspeil as hy beskik, glo die man dat *"... he may resort to the 'ultimate resource', namely, physical violence, in order to maintain his position of dominance"* (Carlson, 1984:572). Daar word dus akkoord gegaan met Bolton en Bolton (1987:60) wanneer hulle beweer dat *"... in his mind, the violent behaviors are interpreted as an indication of masculinity."*

Ook Maiuro et al. (1988:17) fokus in hulle bespreking op 'n soortgelyke kognitiewe proses op grond waarvan die man voortdurend streef na dominering en beheer, terwyl hy bykans geen kognitiewe beheer oor sy woedeuitbarstings uitoefen nie. Die strewe na dominansie en beheer, word toegeskryf aan die man se rigiede konseptualisering van 'n manlike geslagsrolidentiteit en die gepaardgaande persepsie dat dit deel van die man se wese is om te beheer en te domineer. Hierdie voortdurende behoefte om te beheer en te domineer, word deur Edleson en Tolman (1992:40) toegeskryf aan die feit dat *"... batterers view themselves as low in masculinity and low in*

positive traits stereotypically associated with either gender ...", met die *gevolg* dat deur gewelddadige gedrag gekompenseer word vir hierdie gebrek aan geslagsgepaste selfbelewenis.

Die *"ultimate resource theory"* (hierna, *uiterste bronteorie*) kom dus daarop neer dat die geweldenaar sigself beleef as minderwaardig in terme van tipiese rolverwagtinge wat aan manlikheid gekoppel word. Die kognitiewe proses word gekenmerk deur ambivalensie aangesien 'n belewenis teenwoordig is waarvolgens die man moet beheer en domineer, terwyl 'n teenstrydige gevoel van minderwaardigheid terselfdertyd ervaar word. Ten einde sigself te laat geld, word nie van kognitiewe beredenering en verbalisering van die kognitiewe proses gebruik gemaak nie, maar word tot die *uiterste bron*, naamlik gewelddadige gedrag oorgegaan ten einde sy posisie van dominansie en beheer te verstewig. Geweld is dus as't ware 'n laaste bron wat benut word wanneer kognitiewe beredenering en kommunikasievaardighede om uitdrukking te gee aan die kognitiewe proses, misluk.

In hulle bespreking oor gewelddadige aanranding van vroue, wys Sommers en Baskin (1993:138) daarop dat rasionele gedrag nie noodwendig versigtige voorafbeplanning benodig nie en ook nie voorafgegaan hoef te word deur 'n opeenvolging van gebeurtenisse in die besluitnemingsproses nie. 'n Keuse op grond van die onmiddellike persepsie van die risiko's en voordele verbonde aan gedrag, word as genoegsaam beskou. Nietemin word die besluitnemingsproses beperk deur tyd en relevante inligting wat tot die manlike geweldenaar se beskikking is. Gewelddadige mans word beskryf as persone wat daartoe geneig is om kognitiewe *kortpaaie* te vat ten einde dié komplekse proses waartydens voor- en nadele van gewelddadige gedrag teen mekaar opgeweeg word, beoordeel word. Hieruit word afgelei dat die manlike geweldenaar se besluitnemingsproses om tot geweld oor te gaan, nie soseer gekenmerk word deur 'n kognitiewe opweging van voor- en nadele verbonde aan die besluit nie, maar eerder deur emosionele reaktiwiteit op grond van wat reg voel in die betrokke situasie.

Samevattend kan die kognitiewe prosesse van manlike geweldenaars beskryf word as selfgesentreerd, met die bevrediging van eie behoeftes as primêre inhoud daarvan. Die behoeftes wat kognitief aangespreek word is onder andere sy strewe na mag en beheer, die verdediging van sy reputasie en die handhawing van *sy* orde. Om hierdie rede word gebruik gemaak van ontkenning, projeksie en minimalisering as tipiese kognitiewe verdedigingsmeganismes om sy eie behoeftes te bevredig. Na aanleiding van die genoemde

aspekte, kan die eienskappe van manlike geweldenaars en vroulike slagoffers van geweld soos volg saamgevat word.

TABEL 3: EIENSKAPPE VAN MANLIKE GEWELDENAARS EN VROULIKE SLAGOFFERS VAN GEWELD

	MANLIKE GEWELDENAAR	VROULIKE SLAGOFFER
PSIGIES	• Lae selfwaarde (selfhaat) en beperkte invloed / mag oor ander persone (pateties). • Beleef vrou as 'n bedreiging vir sy outonomie, maar is afhanklik van haar. • Onopgeloste konflik met moeder. • Rigiede verwagtinge van andere, 'n behoefte om te kontroleer en swak interpersoonlike verhoudings as resultaat, gepaardgaande met lae frustrasietoleransie, probleme met impulsbeheer en depressie.	• Lae selfwaarde, gekenmerk deur onvolwassenheid, afhanklikheid en onveiligheid. • Posttraumatiese stresversteuring, *mishandelde vrou sindroom*, aangeleerde hulpeloosheid en uitbranding, gepaardgaande met depressie, fobieë, seksuele disfunksie en *blindheid* vir alternatiewe opsies. • Swak interpersoonlike verhoudings.
EMOSIES	• Patologiese jaloesie, stres, agterdog, vrees vir verlies van verhoudingsmaat en 'n depressiewe gemoedstemming.	• Gevoelens van skaamte, afhanklikheid, onveiligheid, magteloosheid, skok, angs en vrees, depressiewe gemoed, skuldgevoelens en intimidasie, min emosionele betrokkenheid rakende intimiteit, teerheid en seksualiteit, skeptisisme, woede en haat, apatie, willoosheid, uitputting, verwarring, hoop, verlies van hoop (wanhoop) en ontnugtering.
KONATIEF	• Aggressie, vyandigheid en geweld (ook in die vorm van verkragting) word benut om beheer oor die vrou te verkry. • Liggeraaktheid, woedeuitbarstings, moord, selfmoord en alkoholmisbruik. • Kindermishandeling en -verwaarlosing. • Botsing met die gereg. • Isolasie van sigself en vrou ten einde sy gedrag geheim te hou. • Narsistiese gedrag in die vorm van 'n *"God-complex"* en ignorering van hofinterdikte. • Onvermoë tot selfgelding en swak verbale kommunikasievaardighede. • Beskuldig vrou van ontrouheid. • Projekteer blaam, ontken eie verantwoordelikheid en dwing sy wil op andere af. • Gemoedswisselinge, impulsiwiteit en onvoorspelbare optrede. • Dreigemente, manipulering, misleiding en wraak. • Bespotting van die vrou, maar paniek, woede, huil, pleit, smeek, verklaring van sy liefde en beloftes om nie sy gewelddadige gedrag te herhaal nie, as sy hom sou verlaat.	• Onvolwasse gedrag soos selfmoord en selfmoordpogings, moord en pogings tot moord. • Sosiale isolasie, onttrekking, rasionalisering en ontkenning. • Vermyding van stimuli wat met gewelddadige gebeurtenisse geassosieer word. • Afstomping van algemene responsiwitiet. • Verhoogde opwekking ten opsigte van gebeurtenisse in haar konteks, gepaardgaande met uitermatige skrikreaksies. • Min belangstelling in aktiwiteite om haar. • Probeer oplossing vind vir gewelddadige gedrag en die voorkoming daarvan deur man se behoeftes te probeer voorspel. • Probleemoplossingsmeganismes misluk by herhaling, gepaardgaande met 'n algemene onvermoë om aan eise van persoonlike en sosiale lewe te voldoen. • Vra raad by familie, maatskaplike werker of roep polisie se hulp in. • Passiwiteit, 'n onvermoë om besluite te neem en tot aksie oor te gaan. • Alkoholmisbruik, kinderverwaarlosing en -mishandeling.

TABEL 3: EIENSKAPPE VAN MANLIKE GEWELDENAARS EN VROULIKE SLAGOFFERS VAN GEWELD (vervolg)

	MANLIKE GEWELDENAAR	VROULIKE SLAGOFFER
KOGNITIEF	• Belewenis van andere as bronne van bedreiging en fisiese gevaar, gepaardgaande met reputasie-verdediging, kompensasie, ontkenning, minimalisering, eksploitering en 'n rigiede strewe na die handhawing van *eie* waardes en norme. • Gewelddadige gedrag word beskou as 'n bewys van manlikheid en dominansie. • Rigiede konseptualisering van geslags-rolidentiteit, gepaardgaande met 'n besluitnemingsproses word gekenmerk deur onmiddellike emosionele reaktiwiteit op grond van wat reg voel in die situasie.	• Ontkenning, selfblaam en belewenis van mislukking om uitvoering te gee aan rolle van vrou en moeder. • Kognitiewe herlewing van traumatiese gebeurtenisse. • Beleef haarself as uitgelewer aan die situasie en aan ander mense. • Selfkonsep gebaseer op onbevoegdheid, mislukking en minderwaardigheid wat geïnternaliseer word. • Probleme met besluitnemingsproses en die oorweging van alternatiewe opsies.

4.2.3 PERSOONLIKE BRONNE

Volgens Carlson (1984:572) speel persoonlike bronne waaroor elke betrokkene beskik 'n betekenisvolle rol in die totstandkoming en handhawing van geweld in 'n verhouding. Persoonlik bronne sluit in aspekte soos beroepstatus en inkomste, opvoedingsvlak en besondere onvermoëns soos byvoorbeeld gebrekkige kommunikasievaardighede.

- ***Beroepstatus, opvoedingsvlak en inkomste***

Na aanleiding van hulle navorsing, raak Straus et al. (1981:145), Stark en Flitcraft (1988:308) en Straus en Yodanis (1996:837) tot die gevolgtrekking dat alhoewel geweld teenoor vroue in alle sosiale sfere van die samelewing voorkom, dit meer algemeen is in gesinne met 'n laer inkomste. In hulle bespreking oor die verband tussen 'n lae inkomste en gewelddadige optrede deur die man, vermeld Straus et al. (1981:145) dat *"... violence may be more common in the homes of people with little education, low incomes, and among those who are either unemployed or hold menial, unskilled jobs."* Tog fokus hulle ook die aandag daarop dat hulle navorsingsbevindinge gebaseer is op die voorkoms van geweld wat by die polisie aangemeld is en dat mense met 'n laer opvoedingspeil, laer inkomste en wat ongeskoolde arbeid verrig, waarskynlik meer dikwels sodanige gedrag aanmeld as wat die geval is met gegradueerdes of hoogs-betaalde professionele persone.

In 2.1.3 word die mening gehuldig dat geweld teenoor vroue waarskynlik vir maatskaplike werkers meer sigbaar is in laer sosio-ekonomiese groepe, aangesien hierdie groep mense meesal

die gevallelading van die maatskaplike werker uitmaak, terwyl vroue in hoër sosio-ekonomiese groepe moontlik minder geneig is om die geweld te rapporteer. Uit bogenoemde blyk dit dat geweld in laer sosio-ekonomiese groepe ook meer dikwels by die polisiediens aangemeld word, as wat die geval is met gegradueerdes of hoogs-betaalde persone. Belangrik is egter om in gedagte te hou dat ten spyte daarvan dat geweld meer dikwels deur persone in laer sosio-ekonomiese groepe gerapporteer word, dit 'n verskynsel is wat in alle sosio-ekonomiese sfere van die samelewing voorkom.

Spesifiek ten opsigte van die verband tussen inkomste en die voorkoms van gewelddadige gedrag in 'n verhouding, het Straus et al. (1981:147-149) bevind dat persone met 'n laer inkomste, meer dikwels aangemeld word as gewelddadig, as diegene met 'n hoër inkomste. Die voorkoms van geweld in gesinne met 'n lae inkomste was 500% hoër as in die geval van gesinne met 'n hoë inkomste[31]. Ook is deur middel van die benutting van die CTS1 bevind dat die mees intense vorme van gewelddadige gedrag teenoor vroue, voorkom in gesinne met 'n lae inkomste. Nie alleen die voorkoms van gewelddadige gedrag in gesinne met 'n laer inkomste nie, maar ook die intensiteit van die gedrag is dus hoër as wat die geval is in gesinne met 'n gemiddelde of hoë inkomste.

Gepaardgaande met inkomste, word beroepstatus gekoppel aan persone se posisie in die samelewing. Alhoewel algemeen aanvaar word dat hoe hoër 'n persoon se opleidingsvlak is, hoe meer beroepstatus sal hy oor beskik en hoe meer sal sy inkomste wees, is dit nie altyd die geval nie. Die voorbeeld van 'n konstruksiewerker word deur Straus et al. (1981:149) in hierdie verband genoem. 'n Konstruksiewerker is meesal 'n persoon met min opleiding, lae beroepstatus en 'n hoë inkomste. Derhalwe word 'n persoon se beroepstatus beskou as 'n meer spesifieke aanduider van sy posisie in die samelewing as wat sy inkomste of vlak van opleiding is. Uit hulle navorsing is bevind dat beoefenaars van sogenaamde blouboordjie beroepe meer geneig is tot geweld teenoor 'n verhoudingsmaat as wat beoefenaars van witboordjie beroepe is en deur 'n meting met die CTS1 is vasgestel dat ook in hierdie geval, die intensiteit van geweld wat benut word deur eersgenoemde groep, twee keer so groot was soos dié by verhoudingspare wat witboordjie beroepe beoefen (Straus et al., 1981:149).

---

31 'n Meer resente verwysing word deur Pearson en Griswold (1997:27) gemaak, waarin na aanleiding van die 1996 statistiek in die "*Bureau of Justice Statistics*" se verslag afgelei word dat in huishoudings met 'n jaarlikse inkomste laer as 10 000 Amerikaanse dollar, vroue 'n 400% hoër kans het om slagoffers van geweld deur 'n manlike verhoudingsmaat te wees, as in gesinne wat in 'n hoër inkomstekategorie val.

Alhoewel die hoër voorkoms van gewelddadige gedrag teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings in gesinne met 'n lae inkomste nie ontken word nie, fokus Straus et al. (1981:149) die aandag dus ook op beroepstatus as 'n verbandhoudende faktor. Hoe hoër 'n man se beroepstatus dus is, hoe laer is die voorkoms van gewelddadig gedrag teenoor sy vroulike verhoudingsmaat, terwyl 'n persoon met 'n laer beroepstatus, selfs al word 'n hoë salaris verdien, meer geneig sal wees tot die benutting van gewelddadige gedrag as konflikhanteringsmeganisme met sy verhoudingsmaat.

Voorts word werkloosheid deur Straus et al. (1981:149-150) aangedui as 'n faktor wat bydra tot die voorkoms van gewelddadige gedrag teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. In huishoudings waar die man werkloos is of 'n deeltydse beroep beklee, is bevind dat die voorkoms van sodanige geweld hoër is as selfs in lae-inkomste gesinne waar die man voltyds 'n beroep beoefen. Nie alleen is die voorkoms van geweld hoër nie, maar deur middel van die CTS1 is ook bevind dat die intensiteit van die geweld in verhoudings waar die man werkloos is of net deeltyds 'n beroep beoefen, hoër is as in enige ander kategorie.

Hieruit kan afgelei word dat werkloosheid, wat gepaard gaan met 'n gebrekkige inkomste en verlaagde beroepstatus, dus 'n faktor is wat as aanleidend en instandhoudend ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings aangedui kan word. Waarskynlik gee die man se werkloosheid aan hom 'n verminderde mate van mag teenoor sy vrou, wat moontlik daartoe aanleiding gee dat geweld as die *uiterste bron* om sy meerderwaardigheid te bewys, benut word.

Die aandag word deur Stark en Flitcraft (1988:308) en Babcock, Waltz, Jacobson en Gottmann (1993:41) daarop gefokus dat huisvroue, met ander woorde vroue wat nie deel van die formele of informele beroepsektor uitmaak nie, minder geneig is om die slagoffers van geweld te wees as vroue wat beroepe beoefen. Ook neem vroue se risiko tot viktimisering toe as hulle beroep- en opvoedkundige status ongelyk is (byvoorbeeld 'n vrou met 'n hoë opvoedingsvlak wat 'n lae-status beroep beoefen) of as die status hoër is as dié van die manlike verhoudingsmaat.

Hieruit kan bevestiging van Straus et al. (1981:149) se bewering dat beroepstatus 'n aanduider van gewelddadige optrede is, afgelei word. Vroue met lae beroepstatus, selfs al beskik hulle oor 'n hoë opvoedingspeil, loop 'n groter risiko om geviktimiseer te word, terwyl dieselfde geld vir vroue met hoër beroepstatus as hul manlike verhoudingsmaats. 'n Werklose vrou wat uiteraard oor geen beroepstatus beskik nie, is derhalwe minder geneig om die slagoffer van haar

manlike verhoudingsmaat te wees as 'n vrou wat wel 'n beroep beoefen, selfs al is die beroepstatus daarvan laag, of 'n vrou wat 'n beroep beklee waarvan die beroepstatus beskou kan word as hoër as dié van die man.

In 2.1.3 is verwys na Stringer-Moore et al. (1984:275) se bewering dat vroue oor die algemeen 'n laer opvoedingsvlak as mans het, wat daartoe aanleiding gee dat meer risiko-faktore vir geweld betrokke is by vroue. Die laer opvoedingsvlak gee aanleiding tot minder beroepskeuses, minder ekonomiese mag, minder alternatiewe as die gewelddadige verhoudingsmaat verlaat sou word, 'n laer mate van onderhandelingsmag in die verhouding en 'n verlaagde persepsie van persoonlike mag. Die mening van Vlahos (1993:20-21) in hierdie verband is dat ten spyte daarvan dat vroue se opvoedingsvlak en beroepstatus al heelwat verbeter het sedert die 1970's, *"... their earnings (particularly those of married women) seldom supply a reliable core of family income because they do not work as much or as regularly as men."*

In die Suid-Afrikaanse konteks, verwys Ackerman (1994:23) na 'n soortgelyke tendens, naamlik dat Blanke gegradueerde mans 'n gemiddeld van 26% meer verdien as hulle vroulike eweknieë met dieselfde jare ondervinding. In samehang hiermee, fokus Bank (1994:107) die aandag daarop dat die meeste fabrieke in Suid-Afrika Swart vroulike arbeiders verkies, want hulle dienste is *"... cheaper, more reliable and more disciplined than male labour"* en aangesien vroue beskryf word as *"... artistic, willing and able to learn."*

Hieruit word afgelei dat samelewingspersepsies oor vroue en die rol van vroue in die arbeidsmark steeds op die patriargale stelsel gebaseer is, waarvolgens erkenning aan vroue se kundigheid in die arbeidsmark gegee word en hul besondere kwaliteite benut word, terwyl die man se dominansie in stand gehou word deur vroue minder geld te laat verdien as mans. Die opvoedingspeil van die vrou, haar unieke eienskappe en die betekenisvolle waarde daarvan in die arbeidsmark ten spyt, bied dus nie aan haar die beroepstatus of inkomste wat verdien word nie.

Met betrekking tot die opvoedingsvlak van die betrokkenes in 'n gewelddadige saamwoon- en huweliksverhouding, vermeld sowel Straus et al. (1981:146) as Babcock et al. (1993:41) dat algemeen aanvaar word dat geweld meer dikwels voorkom waar die betrokkenes 'n laer opvoedingsvlak het. Ook Stark en Flitcraft (1988:308) skryf na aanleiding van hulle navorsing dat *"... couples with the lowest educational levels (school dropouts), a frequent indicator of low income, are less prone to violence than those who had attended high school"*, terwyl Carlson en

Nidey (1995:137) bevind het dat die meeste mans wat gearresteer word vir geweld teenoor hulle vroulike verhoudingsmaats, nie hulle hoërskoolopleiding voltooi het nie, laer-status beroepe beoefen of werkloos is. Hierdie neiging word deur Straus et al. (1981:146) gemotiveer aan die hand daarvan dat gewelddadige kriminele (die wat vir hulle gedrag gearresteer en gevonnis word) meesal onopgelei is en ook op grond daarvan dat dié persone meer geneig is om die oplegging van die doodstraf vir sekere kriminele oortredings en lyfstraf in skole, goed te keur. Die implikasie is dus dat onopgeleide persone meer geneig is tot gewelddadige optrede en die benutting van geweld vir die bereiking van 'n doel, goedkeur.

Deur middel van die CTS1, het Straus et al. (1981:146) egter bevind dat die gewelddadigste mans diegene is wat hulle skoolopleiding voltooi het, terwyl die mans wat die minste van gewelddadige gedrag gebruik gemaak het, persone is wat nie hulle skoolopleiding voltooi het nie of minstens naskoolse opleiding deurloop het. Die afleiding wat op grond hiervan gemaak word, is dat geweld nie meer algemeen is by persone met die minste opleiding nie en dat dit die minste voorkom by die mees opgeleide persone.

Hieruit kan 'n tendens afgelei word dat hoogs-opgeleide mans en mans wat die minste opleiding ontvang het, minder geneig is tot die benutting van geweld as diegene wat hulle basiese skoolopleiding voltooi het. Genoemde tendens is egter in teenstelling met die aanvanklike bewering na aanleiding van Straus et al. (1981:148) en Babcock et al. (1993:41) dat algemeen aanvaar word dat geweld meer dikwels voorkom waar die betrokkenes 'n laer opvoedingsvlak het.

Hierdie teenstrydigheid word deur Straus et al. (1981:147) verklaar aan die hand van die verskil tussen *"... a person's relative rather than absolute educational attainment."* Die verduideliking bestaan daaruit dat 'n persoon met 'n gemiddelde opleidingsvlak, meer stres ervaar as diegene met 'n laer opleidingsvlak. 'n Gemiddelde opleidingsvlak gee daartoe aanleiding dat die meeste betrokkenes stres ervaar weens die feit dat hulle jarelank uitgesluit bly uit betrekkings met hoë status en uit goed-betalende professionele poste, ten spyte daarvan dat oor die potensiaal beskik word om sodanige poste suksesvol te beklee. Die laer opgeleide persoon daarenteen, beleef nie hierdie stres nie, aangesien meesal vir lief geneem word met werkstatus en die inkomste wat daardeur gegenereer word. Hieruit blyk dit dat Straus et al. (1981:147) nie 'n laer opvoedingsvlak *per se* nie, maar stres wat gepaardgaan met die

blokkasies wat deur 'n gemiddelde opleidingsvlak teweeg gebring word, vir die hoër voorkoms van geweld in dié groep persone verantwoordelik hou.

Samevattend word die verband tussen beroepstatus, opvoedingsvlak en inkomste en die voorkoms van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, soos volg opgesom:

- Ten spyte daarvan dat geweld in alle sosio-ekonomiese groepe voorkom, blyk dit dat die voorkoms en intensiteit daarvan in gesinne met 'n lae inkomste, hoër is.
- Die voorkoms en intensiteit van die geweld is hoër in gesinne waar die betrokkenes 'n laer beroepstatus het.
- In gesinne waar die man werkloos is, is die voorkoms en intensiteit van geweldpleging selfs hoër as in gesinne waar die betrokkenes oor 'n lae beroepstatus beskik.
- Huisvroue is minder geneig om die slagoffer van geweld te wees as vroue wat 'n beroep beoefen, selfs al is laasgenoemde se beroepstatus laag.
- Vroue wat beroepe beoefen wat 'n hoër beroepstatus het as dié van die man, sal sowel meer dikwels as meer intens deur die man aangerand word as in die geval van werklose vroue.
- Persone met die hoogste opvoedingspeil en diegene met die laagste opvoedingspeil is minder geneig tot geweld as diegene wat net hulle basiese skoolopleiding voltooi het.

- ***Besondere onvermoëns***

Die manlike geweldenaar se gebrek aan selfgeldende optrede, is volgens Edleson en Tolman (1992:37) een van sy mees uitstaande onvermoëns. Die betrokkenes beskik wel oor die vermoë om hul eie regte te beskerm, maar probleme word ondervind in die uitdrukking daarvan op 'n toepaslike wyse. Die man is dus daartoe in staat om sy besondere behoeftes te identifiseer, maar gebrekkige kommunikasievaardighede lei daartoe dat hy nie sy behoeftes kan verbaliseer of sy belange kan beskerm sonder die benutting van gewelddadige gedrag nie.

Gebrekkige kommunikasievaardighede is juis die fokus van Babcock et al. (1993:41) in hulle bespreking oor die verband tussen kommunikasiepatrone, magsongelykhede en gesinsgeweld: *"Men who are unable to effect their intentions through negotiation and who find that nonphysical coercion may be insufficient in their attempts to achieve their own intentions may resort to pushing, slapping, beating, and so forth."* Voorts word beweer dat die gewelddadige man se gebrekkige kommunikasievaardighede as 'n bedreiging vir die patriargale maatskaplike orde dien waarvolgens hy oor meerdere mag, gesag en vermoëns as die vrou behoort te beskik. Derhalwe

is die betrokkene se *repertoire* van konflikhanteringsmeganismes meesal tot gewelddadige gedrag beperk.

Samevattend kan die verband tussen die gewelddadige man se lae selfwaarde wat in 4.2.2 bespreek is, gebrekkige kommunikasievaardighede en onvermoë om sigself te laat geld, soos volg aangedui word:

- Lae selfwaarde gee aanleiding tot 'n belewenis van min beheer en mag oor die omgewing.
- 'n Wyse waarop beheer oor eie behoeftes en belange uitgeoefen kan word, is om sigself in verhoudings te laat geld deur die toepaslike benutting van kommunikasievaardighede.
- Selfgelding impliseer die doelbewuste benutting van kommunikasievaardighede ten einde eie behoeftes en belange te beskerm.
- Gebrekkige kommunikasievaardighede gee aanleiding tot 'n onvermoë om sigself te laat geld, wat kan aanleiding gee tot 'n belewenis van bedreiging deur andere en lae selfwaarde.
- Die belewenis van bedreiging en lae selfwaarde kan lei tot 'n persepsie by die man dat hy oor gebrekkige mag en beïnvloeding beskik, wat op grond van die beginsels van die patriargale stelsel afgedwing kan word deur die benutting van gewelddadige gedrag.

In aansluiting hierby, word gebrekkige konflikhanteringsmeganismes as 'n besondere onvermoë van die manlike geweldenaar deur Straus en Yodanis (1996:828) aangedui. Hiervolgens het die betrokkene reeds sedert sy kinderdae geleer dat die benutting van geweld in sommige situasies geregverdig is, wat daartoe aanleiding gee dat die aanleer van nie-gewelddadige wyses vir die beïnvloeding van andere se gedrag of die wysiging van eie gedrag om by die situasie aan te pas, nie plaasgevind het nie.

'n Kombinasie van gebrekkige kommunikasievaardighede, oneffektiewe konflikhanterings-meganismes en 'n onvermoë om sigself te laat geld in 'n verhouding, word dus as besondere onvermoëns van die manlike geweldenaar beskou. Elkeen van die onvermoëns beïnvloed mekaar wedersyds, wat daartoe aanleiding gee dat die man homself as minderwaardig en bedreig beleef. As 'n resultaat hiervan, sou gewelddadige gedrag in 'n saamwoon- en huweliksverhouding nie net tot stand kan kom nie, maar ook in stand gehou kan word deurdat sodanige gedrag beskou word as die enigste wyse waarop die man as't ware sy manlikheid en patriargale mag kan beklemtoon en bevestig.

4.3 GESIN-VAN-OORSPRONG BEïNVLOEDING

Heelwat navorsing (Kalmuss, 1984:11-19, O'Keefe, 1994:403-415, Martin et al., 1995: 399-411, Henning et al., 1996:35-51 en McInnis-Dittrich, 1996:414-422) is al gedoen oor die invloed van die gesin-van-oorsprong as 'n faktor wat vermeend aanleiding gee tot die vorming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Enkele van die vernaamste navorsingsbevindinge ten opsigte van die verband tussen die gesin-van-oorsprong en gewelddadige optrede, word vervolgens kortliks aangedui:

- Minstens die helfte van alle mishandelde vroue was self slagoffers van seksuele misbruik binne gesinsverband, gedurende hulle kinderjare (Carlson, 1984:573).
- Een van die aspekte wat benut kan word om te voorspel dat 'n vrou in 'n gewelddadige verhouding gaan aanbly, is of die betrokkene ook as kind in haar ouerhuis mishandel is (Carlson, 1984:573).
- Volwassenes wat as kinders in hulle ouerhuise mishandel is, is meer geneig om ook hulle eie kinders te mishandel (Kalmuss, 1984:11).
- Die ervaring van fisiese aggressie in die ouerhuis gedurende die kinderjare, bevorder die moontlikheid dat volwasse mans as geweldenaars optree en dat volwasse vroue die slagoffers van geweld word (Kalmuss, 1984:11, O'Keefe, 1994:403 en Bennett, 1995:765).
- Volwasse vroue wat in hulle ouerhuise as kinders herhaaldelik onderwerp was aan fisiese en seksuele misbruik, is geneig om hulle eie karakter te blameer vir die voorkoms van geweld in hulle saamwoon- of huweliksverhoudings tydens volwassenheid (Andrews en Brewin, 1990:765).
- Bykans die helfte van alle mishandelde vroue het as kinders geweld deur hul vaders teenoor hulle moeders aanskou (Flynn, 1990:197).
- Sowel kinders se aanskouing van geweld tussen hulle ouers as geweld wat op die kind self gerig is, is risikofaktore wat kan aanleiding gee tot 'n gewelddadige huweliksverhouding gedurende volwassenheid (Martin et al., 1995:401).
- Bykans die helfte van alle kinders wat blootgestel is aan geweld tussen hulle ouers, is ook slagoffers van fisiese geweld deur hulle ouers (Henning et al., 1996:36).
- Vroue wat gedurende hulle kinderjare blootgestel was aan geweld tussen ouers, loop 'n groter risiko om fisiese geweld in hulle eie verhoudings te ervaar (Henning et al., 1996:46).
- Persepsies ten opsigte van die ouer-kind verhouding en die gesin-van-oorsprong se benutting van geweld as 'n konflikhanteringsmeganisme, word multigeneratief oorgedra (McInnis-Dittrich, 1996:418).

☞ 'n Geweldgekenmerkde geskiedenis lê 'n grondslag vir die verwagting dat 'n persoon nie geregtig is op respek en sorgsaamheid van gesinslede nie en dat gesinslede wat beweer dat hulle jou liefhet en vir jou omgee, jou onvermydelik ook fisies gaan seermaak (Carlson, 1997:81).

Vanuit die genoemde navorsingsbevindinge, kan 'n kringloop van geweld wat aanleiding gee tot verdere geweld, afgelei word. Kinders wat slagoffers is van geweld deur hulle ouers, is geneig om as volwassenes òf geweldenaars te wees, òf die slagoffers van geweld te wees. Volwasse geweldenaars mishandel meesal nie net hulle verhoudingsmaats nie, maar ook die kinders. Hierdie kinders sal dan waarskynlik wanneer hulle as volwassenes in verhoudings betrokke raak, geneig wees om geweldgekenmerkde verhoudings te hê, waar geweldpleging nie alleen aangetref word tussen die betrokkene en sy / haar verhoudingsmaat nie, maar ook ten opsigte van hulle kinders.

Ten spyte van hierdie siklus wat afgelei kan word, wys sowel Kalmuss (1984:11) as O'Keefe (1994:404) daarop dat nie alle volwassenes wat as kinders mishandel is, ook hulle eie kinders mishandel nie. 'n Volledige bespreking van faktore wat hiertoe bydra word nie vir die doeleindes van hierdie studie geregverdig nie, maar die aandag word ter wille van 'n breër begrip gefokus op drie faktore wat deur O'Keefe (1994:404) in hierdie verband vermeld word:

⇒ *Persoonlikheidstrekke en hanteringsmeganismes* van die kind sluit in aspekte soos 'n positiewe selfbeeld, 'n aangename temperament, selfwaarde, goeie skolastiese vordering en sosiale bevoegdheid, ten spyte van die voorkoms van geweld in die gesin.

⇒ 'n *Ondersteunende gesinsmilieu* verwys na faktore soos die kwaliteit van die ouer-kind verhouding (al sou dit net met een van die ouers wees), die vermoë van die gesin om by veranderende omstandighede aan te pas en 'n belewenis van gesinskohesie.

⇒ 'n *Eksterne ondersteuningstelsel* wat aspekte insluit soos die hoeveelheid en kwaliteit van sowel formele (byvoorbeeld 'n onderwyser of maatskaplike werker) as informele ondersteuningstelsels (byvoorbeeld 'n vriendekring en ondersteuning vanuit die uitgebreide gesinsnetwerk) wat beskikbaar is.

Hieruit kan afgelei word dat indien 'n kind nie oor die genoemde persoonlikheidseienskappe, 'n ondersteunende gesinsmilieu en 'n sosiale ondersteuningsnetwerk beskik nie, die risiko dat gewelddadige gedrag in toekomstige gesinsgenerasies herhaal gaan word, verhoog. In hierdie omstandighede verwys O'Keefe (1994:404) na die bydraende rol van kwesbaarheidsfaktore

(*"vulnerability factors"*) tot die kind se wanaanpassing, wat tot in sy volwasse lewe kan voortduur. Voorbeelde hiervan is onder andere huwelikskonflik, moeder-kind konflik, alkoholisme by een of beide ouers, 'n groot kerngesinsisteem, lae sosio-ekonomiese status en fisiese mishandeling van die kind.

'n Aspek wat wel hier aandag regverdig, is faktore wat daartoe aanleiding gee dat gewelddadige gedrag van een gesinsgenerasie na 'n ander oorgedra word. Vir die doeleindes van 'n bespreking van die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem, word hier hoofsaaklik gefokus op die aanleer van gewelddadige gedrag in die gesin-van-oorsprong. 'n Omvattende bespreking oor die multigeneratiewe oordrag van interaksiepatrone in gesinsverband word in hoofstuk vyf as deel van die gesin as 'n vlak in die ekologiese ontledingsisteem, bespreek.

Die sosiale leerteorie word deur Straus et al. (1981:101), Carlson (1984:573-574) as Kalmuss (1984:11-12) benut om aan te toon dat gewelddadige gedrag deur kinders aangeleer word en deur die res van hulle lewens toegepas word. Die aandag word deur Straus et al. (1981:102) daarop gevestig dat om 'n kind 'n pakslae te gee omdat hy 'n voorwerp optel en in sy mond steek, 'n gedragswyse is wat oënskynlik tot die kind se voordeel uitgevoer word. Tog bly die pakslae 'n vorm van geweld, aangesien dit uitgevoer word met die doel om vir die kind fisiese leed te besorg. Drie *lesse* word volgens Straus et al. (1981:102-104) uit die benutting van lyfstraf geleer. Die eerste is dat diegene wat jou die liefste het, ook die persone is wat jou slaan en dat diegene wat jy liefhet, die mense is wat jy slaan. Tweedens word die boodskap aan die kind oorgedra dat om iemand te slaan, minstens in sommige gevalle moreel regverdigbaar is. Dat die benutting van geweld toelaatbaar is as ander gedragswyses nie suksesvol is nie, is die derde les wat aangedui word. Op grond van die drie lesse wat uit lyfstraf geleer word, wys Straus et al. (1981:104-109) daarop dat *"... punishing parents produce punishing parents ..."* aangesien die mate waartoe seuns van gewelddadige ouers hulle vroulike verhoudingsmaats aanrand 1 000 keer groter is as dié van seuns van nie-gewelddadige ouers.

Hieruit kan afgelei word dat die algemene benutting van lyfstraf deur ouers ten einde kinders se gedrag te beheer en hulle te dissiplineer, waarskynlik een van die eerste kennismakings van 'n kind met geweld as 'n samelewingsverskynsel is. Wat hierdie vorm van geweld egter uniek maak, is dat dit toegepas word deur mense wat mekaar liefhet, met liefde as 'n motief daarvoor en as gedragsvorm wat moreel geregverdig is as ander vorme van beïnvloeding nie die gewenste resultate lewer nie. Hierdie geoorloofde benutting van geweld skep dan 'n indruk by die kind

dat geweld nie net soms geregverdig is nie, maar selfs noodsaaklik is om bepaalde doelstellings te bereik. Sodoende word gewelddadige gedrag deur een gesinsgenerasie aan die volgende aangeleer, wat dit op hulle beurt weer sal toepas op toekomstige gesinsgenerasies.

In Carlson (1984:573) se bespreking oor die benutting van lyfstraf as 'n wyse waarop 'n kind leer hoedat dissipline gehandhaaf moet word, word van dieselfde gedagtegang as dié van Straus et al. (1981:104-109) gebruik gemaak. Wat Carlson (1984:573) se bespreking eiesoortig maak, is dat sy nie alleen fokus op die feit dat gewelddadige gedrag in gesinsverband aangeleer word nie, maar dat hy twee prosesse waardeur die gedrag aangeleer word, aandui. Hiervolgens is ouers betekenisvolle rolmodelle vir hulle kinders en word ouers se gedrag voortdurend deur kinders nageboots. Sodoende word geleer deur waarneming, met ander woorde 'n persoon hoef nie versterking te ontvang vir bepaalde gedrag alvorens gedrag aangeleer word nie. Die blote waarneming van fisiese geweld in die vorm van lyfstraf met die motief om 'n persoon sy gedrag te laat verander, is dus genoegsaam om die gedrag aan te leer. Wanneer 'n jong seun byvoorbeeld sien hoedat sy vader sy moeder fisies mishandel, sonder dat daar ernstige negatiewe resultate vir die vader daaruit voortvloei, kan die kind 'n kragtige les daaruit leer. Juis om hierdie rede wys Carlson (1984:574) daarop dat dit nie ongewoon is dat mishandelde vroue wat tydelik huisvesting by 'n skuiling vind rapporteer dat hulle jong seuns ook dreig om hulle te slaan as hulle nie hulle sin kry nie, *"like Daddy does"*. Op 'n soortgelyke wyse mag jong dogters leer om 'n klassieke hulpelose slagoffer se gedrag te openbaar nadat hulle by herhaling hulle moeders se onvermoë om die geweld van hul vaders af te weer, aanskou het.

Die fokus in Carlson (1984:573-574) se verduideliking van hoedat gewelddadige gedrag in die gesin-van-oorsprong aangeleer word, is dus primêr op leer deur waarneming en nabootsing van die gedrag wat waargeneem word. Op grond hiervan neem kinders hulle ouers se gewelddadige gedrag waar en word die gedrag nageboots, of gewelddadige gedrag word aangeleer deur die blote waarneming daarvan, sonder dat versterking ten opsigte van die uitvoering daarvan, plaasvind.

Aansluitend hierby, wys Kalmuss (1984:11) daarop dat geweld in gesinsverband vir die kind leer dat gewelddadigheid toepaslik is in liefdesverhoudings. Die kinders word geslaan deur, of aanskou geweld tussen persone wat veronderstel is om vir mekaar lief te wees, met die *gevolg* dat dit aan die kind 'n boodskap gee dat fisiese aggressie in gesinsverband 'n aanvaarbare metode is waardeur woede en stres hanteer kan word en waardeur andere beheer kan word.

'n Eie interpretasie is dat daar 'n paradoks geleë is in ouers se benutting van lyfstraf ten opsigte van hulle kinders. Lyfstraf word waarskynlik meesal toegepas met die bedoeling om die kind te dwing tot konformering aan samelewingsnorme. Nietemin is 'n algemeen-geldende samelewingsnorm dat die benutting van geweld onaanvaarbaar is. Die paradoks is dus geleë in die toepassing van onaanvaarbare gedrag ten einde aanvaarbare gedrag af te dwing. In 2.1.3 is verwys na 'n uitgangspunt wat deur Straus (1991:137) gehuldig word naamlik die sogenaamde *"Cultural Spillover Theory"*, wat daarna verwys dat geweld in een sfeer van die samelewing, geweld kweek in ander sfere van die samelewing en dat hierdie oordragingsproses die grense van geregverdigde en kriminele gebruik van dwang oorskrei. 'n Onderskeid tussen lyfstraf as 'n gelegitimeerde vorm van geweld en geweld in die algemeen as 'n onaanvaarbare gedragsvorm, is waarskynlik moeilik vir kinders om te begryp. Daarom word die mening gehuldig dat alternatiewe vorme van straf wat nie fisiese dwang impliseer nie, deur ouers benut behoort te word. Alleen as lyfstraf konstant toegepas word ten opsigte van spesifieke oortredings en telkens gepaardgaan met 'n verstaanbare verduideliking in 'n poging om dit te regverdig, sou hierdie vorm van straf moontlik in 'n meerdere mate gelegitimeer kan wees en beperk kan bly tot die dissiplinering van kinders binne gesinsverband[32].

Nie alleen gewelddadige gedrag nie, maar ook patologiese geslagsrolgedrag word deur Boulette en Andersen (1985:114) beskryf aan die hand daarvan dat dit in die gesin-van-oorsprong aangeleer word. Hulle bewering is dat mans wat as kinders waargeneem het hoedat hulle moeders mishandel is, gedesensitiseer word ten opsigte van pyn en lyding wat vroue mag ervaar. Net soos Carlson (1984:574), verwys Boulette en Andersen (1985:114) ook daarna dat dogters wat grootword in gewelddadige huise, deur waarneming leer om tipiese eienskappe van slagoffers te openbaar soos byvoorbeeld passiwiteit, selfopoffering en 'n vermoë om geweld te verduur. Ook kan sodanige waarneming aanleiding gee daartoe dat 'n *"... particularly profound attraction to insecure, hostile, and domineering men"* ervaar word (Boulette en Andersen, 1985:114). Voorts word beweer dat aggressiewe gedrag wat vantevore aangeleer is, 'n toestand van opgewektheid of gereedheid kan skep wat blatante geweld kan teweeg bring indien

---

[32] In terme van die doel van hierdie studie, word 'n ontleding ten opsigte van die voor- en nadele verbonde aan die benutting van lyfstraf as dissiplineringstegniek tydens kinders se opvoedingsproses, nie geregverdig nie. Die aandag word egter gefokus op navorsing deur Cherain (1990:96-100), Whipple en Richey (1997:431 - 444) en Gough en Reavey (1997:417-430) wat die waarde van lyfstraf, die onderskeid tussen lyfstraf en mishandeling en enkele resultate indien kinders sonder die benutting van lyfstraf opgevoed sou word, aandui.

eksterne omstandighede wat voorheen met gewelddadigheid geassosieer is, in die konteks teenwoordig is.

Patologiese geslagsrolgedrag word dus deur sommige seuns aangeleer deur waarneming van hul vaders se gedrag en die nabootsing daarvan, terwyl die instandhouding van die gedrag plaasvind na aanleiding van desensitisering vir die vrou se pyn en lyding. Ook party meisies leer die geslagsrolgedrag van hulle moeders aan deur hulle waarneming en nabootsing van haar hulpeloosheid. Hierdie gedrag word deel van die meisie se gedrags*repertoire*, wat daartoe aanleiding gee dat in verhoudings getree word met mans wat sodanige gedrag van haar verwag.

Ook Myers (1995:495) verwys na 'n geslagsrolidentiteit wat mans vanuit hulle gesinne-van-oorsprong deur middel van positiewe versterking en kondisionering aanleer. So byvoorbeeld sou 'n seun 'n proses kon aanskou tussen sy ouers waartydens die vader van emosionele of fisiese aggressie teenoor die moeder gebruik maak. Die aggressie gee aanleiding daartoe dat die vrou haar tipiese huishoudelike take uitvoer soos byvoorbeeld om maaltye voor te berei, die kinders stil te hou, hulle te versorg sodat die man meer tyd vir rus tot sy beskikking kan hê en deur beskikbaar te wees vir seksuele omgang. Die man se gewelddadige gedrag word dus positief versterk deurdat daar aan sy verwagtinge voldoen word. Nie alleen die vrou se voldoening aan sy verwagtinge nie, maar ook positiewe versterking in die vorm van portuurgroep-goedkeuring kan deur die geweld verkry word, ten einde bespotting en die bevraagtekening van sy manlikheid te voorkom. Die seun neem deurlopend hierdie gedrag waar, maak 'n evaluasie van die potensiële voordele (positiewe versterking) wat sodanige gedrag inhou en word sodoende gekondisioneer tot die herhaling van die gedrag in sy eie verhoudings.

Samevattend word gestel dat beïnvloeding deur die gesin-van-oorsprong op die voorkoms van gewelddadige gedrag tydens volwassenheid, onder andere lê in die aanleer van geweld as 'n wyse waarop 'n geliefde se gedrag beheer en verander kan word en waardeur woede en stres hanteer kan word. Hierdie sosiale leerproses vind plaas deur waarneming, nabootsing en die belewenis of waarneming van positiewe versterking ten opsigte van die gewelddadige gedrag. Kinders leer die gedragsvorme aan van hulle ouers, terwyl hulle dit as volwassenes weer op hulle kinders toepas. In hierdie verband bied die *"Cultural Spillover Theory"* (Straus, 1991:137) 'n moontlike verduideliking van die wyse waarop gedrag wat in sfeer van die lewe geregverdig

is, geweld kweek in ander sfere daarvan, deurdat die grense van geregverdigde en kriminele gebruik van dwang oorskrei word.

4.4 DIE ROL VAN MAG IN GEWELDDADIGE OPTREDE

Die rol van mag as 'n aanleidende en instandhoudende faktor ten opsigte van geweld teenoor vroue, is al wyd nagevors en beskryf in die literatuur oor geweld (Boulette en Andersen, 1985:114, Babcock et al., 1993:40-41, Moore, 1992:18-24 en Bennett, 1995:761). Hier word 'n bespreking van mag as 'n faktor in die bestudering van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings gevoer, ten einde die manlike geweldenaar se belewenis en benutting van mag as deel van die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem, teoreties te begrond.

Die mening van Boulette en Andersen (1985:114) is dat aggressie dikwels ontlok word deur die manlike geweldenaar se afhanklikheid van sy vroulike slagoffer en sy twyfel oor die genoegsaamheid van sy eie mag om haar te beïnvloed. Hierdie gevoelens kan daartoe aanleiding gee dat vyandigheid en angs ontlok word wat kan lei tot 'n gewelddadige uitbarsting of ander gedragsvorm om beheer te verkry. Hierby word aangesluit deur Babcock et al. (1993:40) en Fredericks en Davids (1995:471) wat die oorsprong van die man se strewe na mag in die patriargale stelsel setel. Derhalwe kan aggressie ontlok word by 'n man wat voel dat hy beheer in die verhoudingsdiad moet uitoefen en gefrustreerd voel deur sy onvermoë tot die afdwinging daarvan. Wanneer magsongelykheid voorkom in 'n verhouding waar die man in sekere opsigte *minderwaardig* is aan die vrou, *"... the man may regain some power through the use of physical dominance"* (Babcock et al., 1993:40).

Gewelddadige gedrag word dus direk gekoppel aan sommige mans se voortdurende strewe na beheer en mag as 'n resultaat van 'n ingewortelde persepsie dat hulle dié een in 'n verhouding moet wees wat beheer uitoefen. Interessant is dat hier opnuut 'n aanduiding is van die man se benutting van aggressie op grond daarvan dat dit reg *voel* om sy posisie daardeur te probeer versterk. Alhoewel Babcock et al. (1993:40) slegs verwys na die benutting van fisiese krag ten einde die doel te bereik, is in 3.2.2 aangedui dat ook emosionele geweld toegepas word met die doel om die vrou te domineer en te beheer.

Volgens Babcock et al. (1993:40-41) setel mag in drie interafhanklike en wedersyds-beïnvloedende magsdomeine, te wete;

- *magsbasisse*, wat verwys na persoonlike eienskappe soos besondere kennis, kommunikasievaardighede, opleidingsvlak, sosio-ekonomiese status, inkomste of belonings wat die basis vorm van een verhoudingsmaat se mag oor 'n ander,
- *magsprosesse*, wat interaksionele tegnieke soos selfhandhawing, oorreding, probleemoplossing, aandrang en onttrekking wat individue benut in hulle pogings om beheer oor andere te verkry insluit en
- *magsresultate*, wat verband hou met wie die finale beslissing maak, of wie as wenner uit 'n argument tree.

Magsdomeine in 'n verhouding kan dus na aanleiding van Babcock et al. (1993:42) skematies soos volg aangedui word:

FIGUUR 9: 'N MULTI-FAKTOR BENADERING TOT MAGSDOMEINE IN 'N VERHOUDING



Bron: Babcock et al., 1993:42.

Hieruit kan afgelei word dat elke betrokkene in die verhouding se unieke *magsbasisse* en *magsprosesse* sal bepaal by wie *magsresultate* gesetel sal wees. In 4.2.2.2 is aangetoon dat manlike geweldenaars se *magsbasisse* beperk word deur onder andere 'n lae selfwaarde, belewenisse van bedreiging, lae frustrasietoleransie en swak impulsbeheer, terwyl *magsprosesse* soos byvoorbeeld gebrekkige kommunikasievaardighede, swak probleemoplossingsvaardighede en 'n onvermoë om sigself te handhaaf in verhoudings in 4.2.3 as tipiese onvermoëns van

manlike geweldenaars aangedui is. Op grond hiervan blyk dat manlike geweldenaars beleef dat hulle *magsresultate* sonder die benutting van geweld beperk is en dat alleen wanneer aggressie benut word as 'n wyse van beïnvloeding, dividende in die vorm van magsresultate verkry kan word.

Volgens Moore (1992:18-24) kan 'n ontleding van mag en die man se strewe na mag alleen, nie 'n verklaring bied vir geweldpleging deur mans teenoor hul vroulike verhoudingsmaats nie. In haar bespreking beklemtoon sy geweld as *"... a sign of a struggle for the maintenance of certain fantasies of identity and power"* (Moore, 1992:18), wat daartoe aanleiding gee dat erkenning daaraan verleen moet word dat geslagsidentiteite nie stabiele of vooraf-verkreë konstrukte is nie. Hieruit kan afgelei word dat individue dus nie beskou kan word as beskikkend oor enkele, rasionele en konstante geslagsidentiteite nie, maar eerder as wesens met veelvuldige en selfs teenstrydige subjektiewe geslagsbelewenisse. Die aanneem van 'n bepaalde geslagsidentiteit en geslagsposisie, vind volgens Moore (1992:19) plaas deur middel van 'n proses van belegging (*"investment"*). Hierdie beleggings is dan in die vorm van gedrag wat tipies is van 'n bepaalde geslagsrolidentiteit, op grond waarvan die betrokkene se fantasieë oor die identiteit uitgeleef word. Geslagsrolidentiteite moet dus nie beskou word as 'n *gegewe* konstruk nie, maar as 'n faset van die mens se wese wat *gevorm* word: *"It is important to recognise that investment is not just a matter of emotional satisfaction, but of the very real, material, social and economic benefits which are the reward of the senior man, the good wife, the powerful mother or the dutiful daughter, in many social situations. It is for this reason that modes of subjectivity and questions of identity are bound up with issues of power, and with the material benefits which may be consequent on the exercise of that power"* (Moore, 1992:18).

'n Proses waardeur die mens beleggings maak in hulle geslagsidentiteite met maatskaplike en materiële resultate wat daaruit voortvloei, word dus gesuggereer in 'n poging om die vorming van 'n geslagsrol by elke individu te verduidelik. Wanneer 'n persoon nie daarin slaag om hierdie fantasieë van mag en 'n eie geslagsidentiteit deur middel van beleggings te verwesenlik nie, word hy dikwels gedryf tot die benutting van geweld in die oplossing van die krisis.

Die term belemmering (*"thwarting"*) word deur Moore (1992:19) in hierdie verband benut en soos volg verduidelik: *"Thwarting can be understood as the inability to sustain or properly take up gendered subject positions, resulting in a crisis, real or imagined, of self-representation and / or social evaluation."* Geweld teenoor vroulike verhoudingsmaats kom derhalwe voor wanneer sommige mans nie daartoe in staat is om hulle fantasieë van mag te bevestig nie, wat aanleiding gee tot 'n

identiteitskrisis. Soos wat die intensiteit van die krisis verhoog, word al hoe meer gewelddadig opgetree ten einde manlikheid te bevestig. Geweld deur 'n man teenoor sy vroulike verhoudingsmaat kom volgens Moore (1992:22) voor as *"... the result of a crisis of representation, as well as the result of conflict between social strategies which are intimately connected to those modes of representation."*

Ter samevatting kom Moore (1992:18-24) se standpunt daarop neer dat mans in 'n strewe na die vorming van 'n geslagsidentiteit, fokus op die verkryging van mag en beheer. Tydens hierdie vormingsproses, maak 'n man beleggings in die vorm van bepaalde gedrag wat tipies is van sy fantasieë oor manlikheid in die hoop dat emosionele, materiële, maatskaplike en ekonomiese voordele op grond van die belegging opgelewer sal word. Indien sy belegging nie die verwagte dividende oplewer nie, ontstaan 'n geslagsidentiteitskrisis, wat kan aanleiding gee tot die benutting van gewelddadige gedrag in 'n poging om mag en beheer wat tipies is van sy fantasieë oor manlikheid, te bekom. 'n Eie interpretasie is dat Moore (1992:18-24) se standpunt aansluit by die *uiterste bronteorie* wat in 4.2.2.2 bespreek is, aangesien ook hier aanvanklik van alternatiewe gedragsvorme om mag en beheer te bekom sprake is, maar as die beleggings misluk, word geweld as die *uiterste bron* benut.

Die verband tussen die inname van alkohol en aggressie, word deur Bennett (1995:761) beskryf as *"... conditioned by power concerns."* Volgens dié navorser verhoog klein hoeveelhede alkohol 'n sosiale drinker se belewenis van mag om andere van hulp te wees, terwyl groot hoeveelhede alkohol vir sosiale drinkers en enige hoeveelheid alkohol vir 'n probleemdrinker, aanleiding gee tot die belewenis van 'n vergrote mate van persoonlike mag oor andere. 'n Man wat ambivalensie beleef ten opsigte van sy eie mag en vermoë om beheer oor andere uit te oefen, sal derhalwe groter hoeveelhede alkohol inneem en meer geneig wees tot aggressie in 'n poging om mag en beheer oor andere te bekom. Hieruit kan afgelei word dat die gebruik van groter hoeveelhede alkohol as't ware 'n bewustelike besluit is met 'n bepaalde doel voor oë, naamlik om 'n belewenis te verkry dat oor 'n verhoogde mate van mag en beheer oor andere beskik word[33].

---

[33] Vgl. 4.5 vir 'n meer omvattende bespreking oor die verband tussen die gebruik van alkohol en ander chemiese substanse en geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Klem word deur Felson (1993:245) en Johnson (1995:287) daarop geplaas dat die wortels van gewelddadige gedrag geleë is in die motief om mag en beheer oor 'n verhoudingsmaat uit te oefen, wat daartoe aanleiding gee dat 'n verskeidenheid van beheer-tegnieke benut word. Die tegnieke word volgens Johnson (1995:287) benut met hoofsaaklik twee doelstellings voor oë, naamlik die *verkryging* van mag en beheer oor 'n verhoudingsmaat en die *bevrediging* van 'n behoefte om mag en beheer te kan vertoon. 'n Benutbare grafiese voorstelling van die benutting van aggressie om mag en beheer te verseker, is deur lede van die *Duluth Domestic Abuse Intervention Project* ontwikkel en word soos volg deur Johnson (1995:288) aangedui.

FIGUUR 10: MAG- EN BEHEERWIEL



Bron: Johnson, 1995:288.

Uit die figuur kan afgelei word dat die manlike geweldenaar sy meerdere mag en beheer probeer *verkry* en *verseker* deur die benutting van agt kategorieë van gewelddadige gedrag. Meer spesifiek, wys Johnson (1995:288) na die gedragswyses wat kenmerkend is in elk van die geweldskategorieë.

- ***Dwang en dreigemente***

Hierdie geweldskategorie sluit onder andere in dreigemente om die vrou seer te maak, haar te verlaat, selfmoord te pleeg, haar by 'n welsynsinstansie te verkla, dwang om klagtes by die polisie terug te trek en dwang om onwettige gedrag te openbaar.

- ***Intimidasie***

Die skep van vrees by die vrou deur dreigend na haar te kyk, aksies of gebare wat vir haar bedreiging kan inhou, die gooi van voorwerpe, vernietiging van haar eiendom, mishandeling van troeteldiere en doelbewuste tentoonstelling van vuurwapens, is deel van *intimidasie* as 'n geweldskategorie wat deur 'n man benut kan word om mag en beheer te bekom.

- ***Emosionele misbruik***

Die geweldskategorie van *emosionele misbruik*, word gekenmerk deur verkleinering van die vrou, pogings om haar te laat sleg voel oor haarself, haar te laat dink dat sy geestesongesteld is, die speel van emosionele speletjies, vernedering en die doelbewuste vorming van skuldgevoelens, in 'n poging om mag en beheer oor die vrou te bekom.

- ***Isolasie***

Die uitoefening van beheer oor wat die vroulike verhoudingsmaat doen, wie sy sien en met wie sy praat, wat sy lees, waarheen sy gaan, beperking van haar betrokkenheid buite gesinsverband en die benutting van jaloesie om sy gedrag te regverdig, is wyses waarop die man mag en beheer verkry deur middel van *isolasie* as geweldskategorie.

- ***Minimalisering, ontkenning en blamering***

Hierdie geweldskategorie word gekenmerk daardeur dat die man die mishandeling afmaak as niks ernstigs nie en weier om die vroulike verhoudingsmaat se kommer daaroor ernstig op te neem, ontkenning dat die mishandeling ooit plaasgevind het, verskuiwing van die verantwoordelikheid vir die geweldpleging na die vrou en beweringe dat die vrou die gewelddadige gedrag *veroorsaak* het.

- ***Misbruik van kinders***

Pogings om die vrou te laat skuldig voel oor die kinders, benutting van die kinders om boodskappe oor te dra, die gebruik van besoekregte ten opsigte van die kinders as tye waartydens die vrou mishandel word en dreigemente om die kinders van haar af weg te neem, is voorbeelde van wyses waarop kinders misbruik word, in hierdie geweldskategorie.

- ***Afdwinging van manlike bevoorregting***

Om manlike bevoorregting af te dwing, impliseer dat die vrou behandel word soos 'n bediende, alle besluite sonder haar geneem word, optrede asof die man die alleen en aller-hoof van die huishouding is en die selfopgelegde verantwoordelikheid van die man as dié persoon wat manlike en vroulike rolle definieer.

- ***Ekonomiese misbruik***

Voorkoming daarvan dat die vrou 'n werk kry of dat sy dit behou, die skep van situasies waartydens sy vir geld moet smeek, die gee van 'n toelaag aan haar, die wegneem van geld wat sy self verdien het, om haar in die duister te hou oor die gesin se finansies en om toegang tot gesinsfinansies van haar te weerhou, is voorbeelde van ekonomiese misbruik as 'n geweldskategorie wat deur die man benut word om mag en beheer te bekom.

Op grond hiervan word die afleiding gemaak dat manlike geweldenaars van geweld gebruik maak nie alleen om mag en beheer oor hul vroulike verhoudingsmaats te verkry nie, maar ook om hulle behoefte daaraan te bevredig. Voorts blyk dit dat die behoefte aan mag en beheer as deel van sommige mans se geslagsrolidentiteit, gesetel is in die patriargale stelsel wat deel gevorm het van die betrokkenes se sosialiseringsproses, maar ook deur beleggings wat hulle gemaak het om sodanige identiteit te kan ontwikkel. Indien die man sy mag en beheer as meerderwaardig aan dié van die vrou beleef, word gestand gedoen aan die geslagsrolidentiteit wat deur hom geïnternaliseer is. As hy egter nie die mate van mag en beheer waaroor hy fantaseer as deel van 'n manlike geslagsrolidentiteit ervaar nie, word van 'n verskeidenheid van geweldskategorieë gebruik gemaak ten einde uitvoering te gee aan sy fantasieë.

4.5 DIE VERBAND TUSSEN ALKOHOL- EN CHEMIESE SUBSTANSGEBRUIK EN GEWELD

Alkoholgebruik deur manlike geweldenaars is al by herhaling deur navorsers geïdentifiseer as 'n bydraende faktor in gevalle van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings (Carlson en Davis, 1977:41-62, Shainess, 1977:111-119, Carlson, 1984:572 en Stark en Flitcraft, 1988:309). Ten spyte daarvan dat die presiese bydraende rol van alkoholgebruik ten opsigte van gewelddadige gedrag teenoor vroue nog nie vasgestel kon word nie, wys sowel Carlson (1984:527) as Bennett (1995:761) daarop dat die gebruik van alkohol disinhibisie as resultaat het, wat dié effek het op die manlike geweldenaar dat hy algemeen-geldende norme

verontagsaam en dat die disinhibisie as't ware 'n verskoning is vir sy negatiewe gedrag. Hierby word aangesluit deur Hoff (1990:132) wat na aanleiding van haar navorsing beweer dat *"... alcohol should be interpreted more as an 'excuse' to avoid responsibility for violence rather than as a cause of it."*

Tog wys Carlson (1984:527) daarop dat alkohol- en chemiese substansgebruik selde alleen beskou word as *veroorsakende* faktore van gewelddadige gedrag, maar dat die gebruik daarvan in samehang met ander aspekte van die persoon se omstandighede byvoorbeeld werkstres, werkloosheid of huweliksprobleme, bydra tot die gewelddadige resultaat daarvan. Ook Stark en Flitcraft (1988:309) verwys daarna dat 'n korrelasie tussen alkoholgebruik en geweld deur mans bestaan, maar dat 'n oorsaak- en gevolgverband nog onduidelik is. Alhoewel hulle aandui dat mans wat dikwels alkohol gebruik sowat 15 keer meer geneig is tot geweld teenoor vroue as nie-drinkers, word die aandag ook gevestig op die feit dat alkoholgebruik 'n faktor is in minder as 8% van gesinsgeweld-voorvalle in die Verenigde State van Amerika, waar die polisie se dienste by betrek word. Op grond hiervan raak Stark en Flitcraft (1988:309) tot die gevolgtrekking dat *"... although alcohol probably increases the risk of abusive violence, in lieu of conclusive evidence it should be considered a contextual factor to be treated separately from violence."* Hierby word aangesluit deur Levinson (1989:35) wat na aanleiding van navorsing wat hy in 90 Amerikaanse gemeenskappe gedoen het oor geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, die volgende bevind het:

- ◊ In sewe van die gemeenskappe (sowat 8%) word gewelddadig teenoor vroue opgetree hoofsaaklik nadat die man alkohol gebruik het.
- ◊ By slegs een gemeenskap (1.11% van die steekproef) het geweld teenoor vroue voorgekom nadat sowel die man as die vrou alkohol gebruik het.
- ◊ Sowel alkoholverwante as nie-alkoholverwante geweld teenoor vroue het in vyf gemeenskappe (sowat 5.5% van die steekproef) voorgekom.
- ◊ In al die ander gemeenskappe (85% van die steekproef), het alkohol oënskynlik geen of 'n beperkte rol gespeel in geweld teenoor vroue.

Dat mans se gewelddadige gedrag en die gebruik van alkohol dikwels saam voorkom, blyk dus duidelik. Tog kan uit hierdie gesamentlike voorkoms van die twee verskynsels nie 'n kousale verband afgelei word nie, aangesien gesamentlike voorkoms nie noodwendig ook kousaliteit impliseer nie. Wat wel duidelik blyk, is dat 'n verhoogde inname van alkohol deur mans,

geassosieer word met 'n verhoogde frekwensie van gewelddadige optrede teenoor hul vroulike verhoudingsmaats.

In teenstelling hiermee, wys Rosenbaum en Maiuro (1990:301-302) daarop dat alkoholmisbruik nie 'n noodsaaklike of genoegsame voorwaarde vir gewelddadige gedrag is nie en dat die meerderheid mans wat alkohol misbruik, toegee dat hulle ook gewelddadig optree as hulle nie onder die invloed van alkohol is nie. In gevalle waar alkoholmisbruik wel in samehang met gewelddadige gedrag gerapporteer word, *"... it appears to exacerbate pre-existing impulse control and emotional problems, increase the likelihood of more serious injury, and cloud responsibility and accountability for behavior"* (Rosenbaum en Maiuro, 1990:301). Die bewering is dus dat gewelddadige gedrag teenoor vroulike verhoudingsmaats ook voorkom wanneer alkohol nie vooraf ingeneem is nie, maar wanneer gewelddadige gedrag met alkoholmisbruik gepaard gaan, 'n verminderde mate van emosionele en impulsbeheer deur die alkohol *veroorsaak* word wat kan aanleiding gee tot meer intense aanranding en ontkenning van verantwoordelikheid vir eie gedrag.

Tog fokus Edleson en Tolman (1992:40) die aandag daarop dat kroniese alkoholmisbruik deur die man, eerder as akute dronkenskap, 'n beter voorspeller is van gewelddadige gedrag. Sowel Edleson en Tolman (1992:40) as Bennett en Lawson (1994:277) beweer dat minstens die helfte van alle manlike geweldenaars wat in intervensieprogramme vir die behandeling van hulle gewelddadige gedrag opgeneem word, ook probleme met alkoholmisbruik sal hê.

In Sommers en Baskin (1993:153) se bespreking oor die verband tussen chemiese substansgebruik en fisiese aanranding van vroue, wys hulle op drie wyses waarop die aspekte verband hou met mekaar:

- Die farmakologiese effek van chemiese substansgebruik gee aanleiding tot gewelddadige gedrag.
- Die koste verbonde aan chemiese substanse plaas druk op die gebruiker daarvan *"... to commit economic compulsive violent crimes to support continued drug use ..."* en dat
- geweld 'n algemene eienskap is in die *"drug-distribution system"*.

Ook Bennett (1995:764) verwys na die verband tussen die farmakologiese newe-effekte van die middels en gewelddadige optrede teenoor vroue, maar voeg ook die volgende twee aspekte by:

- Argumente oor chemiese substansgebruik en pogings van die vrou om haar man te oorreed om die gebruik daarvan te staak.

∞ 'n Voortdurende toename in die hoeveelheid van die chemiese substans wat gebruik word wat aanleiding gee tot 'n hoër intensiteit van geweldpleging.

Chemiese substansgebruik word dus nie alleen geassosieer met gewelddadige gedrag op grond van die farmakologiese werking van die middels nie, maar ook vanweë die ekonomiese middele wat bekom moet word om die konstant-toenemende hoeveelheid van die middels wat gebruik word te kan bekostig, konflik as 'n resultaat van die chemiese substansgebruik wat kan aanleiding gee tot geweld en die algemene geweldskultuur wat met die verspreiding van die middels gepaard gaan.

In 'n navorsingsartikel wat gedurende 1995 gepubliseer is, het Larry W. Bennett gepoog om beskikbare literatuurgegewens en sy praktykondervinding ten opsigte van die verband tussen alkohol en chemiese substansgebruik en geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, te beskryf (Bennett, 1995:760-771). Sy paradigma is dat daar nie 'n kousale verband tussen chemiese substansmisbruik en geweld teenoor vroue bestaan nie, maar dat die gesamentlike voorkoms van die twee verskynsels ondersoek regverdig. In sy beskrywing word dus nie gefokus op die vraag of substansmisbruik geweld *veroorsaak* nie, maar eerder op *"... in what situations and for which men are drugs likely to increase the chance of women abuse ..."* (Bennett, 1995:761).

Ten aanvang fokus Bennett (1995:761) op die effek wat alkohol- en chemiese substansgebruik het op die individu se funksionering. Drie areas word hier uitgesonder, te wete disinhibisie, kognitiewe omverwerping en 'n verhoogde belewenis van mag by die gebruiker.

Reeds is daarna verwys dat disinhibisie deur sowel Carlson (1984:572) as Bennett (1995:761) vermeld word as 'n newe-effek van chemiese substansgebruik. Tog maan Bennett (1995:761) dat nie disinhibisie alleen nie, maar die verwagting van die effek wat die middel op die individu behoort te hê, 'n beter voorspeller is van aggressie as die intoksifikasie self. Sodoende ontstaan 'n toestand van *"learned disinhibition"* wat verwys na die algemeen-aanvaarde verwagting van 'n verband tussen alkohol en chemiese substansmisbruik en geweld. Die gebruik van die middel self het dus nie 'n direkte invloed op geweld op grond van die chemiese eienskappe daarvan nie, maar eerder 'n indirekte invloed *"... through symbolizing a 'timeout' from normal behaviour"* (Bennett, 1995:761).

Hoewel disinhibisie as 'n newe-effek van alkohol- en chemiese substansgebruik nie ontken word nie, word *aangeleerde disinhibisie* dus as 'n verdere resultaat daarvan aangedui. 'n Persoon wat die middel gebruik en wat gesosialiseer is in 'n konteks waarbinne die gebruik daarvan geassosieer word met verhoogde gewelddadigheid, kan moontlik geneig wees tot gewelddadige gedrag op grond van die verwagting dat die middel hom meer aggressief sal maak en nie weens die werklike farmakologiese effek van die middel nie.

In sy beskrywing van kognitiewe omverwerping as 'n newe-effek van alkohol- en chemiese substansgebruik, wys Bennett (1995:761) daarop dat die middel die funksionering van die gebruiker kortwiek deurdat sy vermoë om inligting vanuit sy omgewing te ontvang, te integreer en te prosesseer, verminder word. Om hierdie rede word die moontlikheid dat die gebruiker 'n ander persoon se gedrag as negatief beleef verhoog, wat aanleiding kan gee tot 'n groter moontlikheid van aggressiewe response. Spesifiek ten opsigte van manlike geweldenaars, word daarna verwys dat *"(b)atterers more than nonbatterers misinterpret the actions of their female partners as abandonment or engulfment, and psychoactive drug use exaserbates this distortion"* (Bennett, 1995:761). Die chemiese substans beïnvloed dus die betrokkene se persepsie van die realiteit, sy belewenis van homself en sy siening van andere se bedoelings, met die resultaat dat hierdie kognitiewe omverwerping kan aanleiding gee tot gewelddadige gedrag in 'n poging om sy belewenisse te verander.

In 4.4 is verwys na Bennett (1995:671) se beweerde verband tussen alkohol- en chemiese substansgebruik en die geweldenaar se verhoogde belewenis van mag en beheer oor andere. Onder andere is aangedui dat 'n man wat ambivalensie beleef ten opsigte van sy eie mag en vermoë om beheer oor andere uit te oefen, groter hoeveelhede alkohol sal inneem en meer geneig sal wees tot aggressie in 'n poging om mag en beheer oor andere te bekom. Dat die inname van alkohol 'n effek kan hê op die belewenis van mag en beheer word dus beweer, maar nie dat alkoholgebruik as *veroorsakende* faktor vir gewelddadige gedrag *per se* beskou kan word nie.

Behalwe vir die effek wat die farmakologiese samestelling van alkohol en ander chemiese substanse op die individu se funksionering het, verwys Bennett (1995:764) na vyf faktore wat met die gebruik daarvan gepaard gaan en wat kan aanleiding gee tot 'n verband tussen alkohol- en chemiese substansgebruik en gewelddadige gedrag teenoor vroue. Elk van die faktore word vervolgens kortliks toegelig.

Faktor 1: Die intensiteit van geweld en substansmisbruik

Die bevindinge van Bennett (1995:764) ten opsigte van die intensiteit van geweld en substansgebruik[34], is dat;

- waar nie-alkoholiese substanse misbruik word, is die intensiteit van geweld hoër as by diegene wat net alkohol misbruik,
- in gevalle van intense geweld, daar min ooreenkoms tussen die slagoffer se alkoholmisbruik en die intensiteit van haar mishandeling is en dat
- die misbruik van chemiese substanse deur mishandelde vroue *"... increases the likelihood that she will be battered, increases the likelihood that her male partner will also be drinking when he batters her, and increases her chances of physical injury"* (Bennett, 1995:764).

Alkohol- en chemiese substansgebruik deur die vroulike slagoffer van die geweld, korreleer dus met 'n hoër intensiteit van die vrou se mishandeling, terwyl die man se gebruik van nie-alkoholiese chemiese substanse geassosieer word met meer intense geweldpleging as wanneer slegs alkohol ingeneem word.

Faktor 2: Goedkeuring van situasionele geweld

'n Konteks waarbinne goedkeuring verleen word aan situasionele geweld teenoor vroue as 'n faktor wat die verband tussen substansgebruik en geweld aandui, word deur Bennett (1995: 764-765) aan die hand van die volgende toegelig:

◊ Sommige mans is van mening dat geweld teenoor vroue ontoelaatbaar is onder alle omstandighede, terwyl andere glo dat daar omstandighede is waar sodanige geweld aanvaarbaar is. Die mees algemene regverdiging vir geweld, is die vrou se ontrouheid aan die man. Werklike of vermeende ontrouheid van die vrou, gepaardgaande met die man se substansgebruik, gee aanleiding tot 'n verhoogde voorkoms en hoër intensiteit van geweld teenoor die vrou.

◊ Goedkeuring van situasionele geweld teenoor vroue word meesal in die gesin-van-oorsprong aangeleer en versterk deur die maatskaplike omgewing. Geweld in die gesin-van-oorsprong word konstant geassosieer met sowel gewelddadige gedrag as viktimisering tydens volwassenheid.

◊ Wanneer die gewelddadige man 'n alkoholis is, is geweld in die gesin-van-oorsprong 'n beter voorspeller van huidige geweld.

---

34 Die term *substansgebruik* word deur Bennett (1995:764) benut as verwysend na sowel die gebruik van alkohol, as 'n chemiese substans anders as alkohol.

◊ Volwasse kinders van alkoholiste is tien keer meer geneig om as kinders blootgestel te wees aan geweld in die gesin, as wat die geval is met volwasse kinders van nie-alkoholiste.

Substansgebruik wat gepaardgaan met die goedkeuring van situasionele geweld as 'n resultaat daarvan dat die betrokkene sy vrou as ontrou aan hom beleef en / of substansmisbruik en geweld in sy gesin-van-oorsprong aanskou het, gee dus aanleiding tot die vermeende verband tussen substansgebruik en gewelddadige gedrag.

Faktor 3: Algemene versus gesinsgeweld

Mans wat oor die algemeen gewelddadig optree (dus, nie net in gesinsverband nie), is meesal gebruikers van groot hoeveelhede alkohol en die intensiteit van hulle gewelddadige gedrag is die hoogste. Aangesien mans wat oor die algemeen gewelddadig optree meer dikwels gediagnoseer word as substansafhanklikes as wat die geval is met mans wat slegs in gesinsverband gewelddadig optree, *"... the expectation is that a higher percentage of batterers seen at addiction programs will be generally assaultive compared with batterers seen elsewhere"* (Bennett, 1995:764).

Hieruit kan afgelei word dat mans wat by behandelingsprogramme inskakel op grond van hulle gewelddadige gedrag teenoor gesinslede, minder geneig sal wees om ook probleme met substansafhanklikheid te hê as wat die geval sal wees met mans wat oor die algemeen gewelddadig optree.

Faktor 4: Persoonlikheids- en huweliksfaktore

In 4.2.1.2 is melding gemaak van Bennett (1995:765) se verwysing na manlike geweldenaars se geneigdheid tot 'n antisosiale, grens- en 'n afhanklike persoonlikheidsversteuring. Spesifiek ten opsigte van die antisosiale persoonlikheid, vermeld Bennett (1995:765) dat 75% van antisosiale persone alkohol misbruik en dat 49% van manlike persone wat binnepasiëntbehandeling vir hulle alkoholisme ontvang, voldoen aan die kriteria vir 'n antisosiale persoonlikheidsversteuring.

'n Geskiedenis van aggressie gedurende die kinderjare voordat die ouderdom van 12 jaar bereik word, word beskou as 'n beter voorspeller van gewelddadige gedrag wanneer die betrokkene as volwasse man alkohol sou gebruik, as die diagnose van 'n antisosiale persoonlikheidsversteuring. Ook verhoog die mate waartoe aggressie by kinders voorkom, as hulle deel is van gesinne waar aanranding van die moeder deur die manlike verhoudingsmaat voorkom (Bennett, 1995:765).

Wanneer substansgebruik voorkom by 'n man wat aan 'n antisosiale persoonlikheidsversteuring ly, of wat reeds voor 12-jarige ouderdom aggressiewe gedrag getoon het of wat grootgeword het in 'n huis waar die moeder aangerand is deur haar manlike verhoudingsmaat, is daar dus 'n groter geneigdheid tot gewelddadige gedrag by die betrokkene as wanneer die genoemde faktore nie teenwoordig is nie.

Huwelikskonflik is 'n belangrike aspek wat in samehang met geweld teenoor vroue en substansgebruik voorkom. Meer spesifiek word daarna verwys dat as huweliksproblematiek saam met die man se belewenis van gebrekkige beheer in die verhouding en substansmisbruik voorkom, is daar 'n groter geneigdheid tot geweld teenoor vroue (Bennett, 1995:765).

Hieruit kan afgelei word dat 'n man wat huwelikskonflik ervaar en terselfdertyd alkohol misbruik, maar nie beleef dat hy gebrekkige beheer in sy verhouding met 'n vroulike verhoudingsmaat het nie, minder geneig sal wees tot gewelddadige optrede teenoor haar, as in die geval van 'n man wat wel sy verhoudingsmaat as 'n magsbedreiging ervaar.

Faktor 5: Sosiale faktore

Die mening van Bennett (1995:765-766) is dat *"(v)iolence against women and male substance abuse both enjoy long histories of tacit social support."* Enkele van die mees algemene voorspellers van die verhouding tussen chemiese substansgebruik en geweld teenoor vroue het 'n sosiologiese komponent, byvoorbeeld;

- sosio-ekonomiese status en inkomste (vgl. ook 4.2.3),
- situasionele goedkeuring van geweld teenoor vroue,
- geloof in 'n geslagshiërargie en geslagstereotipes (vgl. ook 3.1) en
- geloof in die *veroorsaking* van aggressie deur alkohol en chemiese substansgebruik (aangeleerde disinhibisie).

Wanneer substansgebruik dus plaasvind in 'n maatskaplike konteks waarbinne gewelddadige gedrag teenoor vroue as gelegitimeer beskou word op grond van patriargale uitgangspunte en wanneer die betrokkene glo dat die gebruik van die substans sal aanleiding gee tot aggressie, blyk die verband tussen substansgebruik en die voorkoms van gewelddadige gedrag, te verhoog.

Na aanleiding hiervan kan afgelei word dat 'n besliste verband tussen die gebruik van alkohol en chemiese substanse en gewelddadige gedrag teenoor vroue bestaan, op grond daarvan dat;

- ◊ die middels disinhibisie en verminderde emosionele en impulsbeheer as resultaat kan hê en dat dit kan aanleiding gee tot verontagsaming van algemeen-geldende samelewingsnorme, meer intense geweldpleging en ontkenning van verantwoordelikheid vir eie gedrag,
- ◊ 'n verhoogde voorkoms van gewelddadige gedrag waargeneem kan word wanneer alkohol- en chemiese substansgebruik gepaardgaan met die ervaring van emosionele probleme, die situasionele goedkeuring van geweld en in die teenwoordigheid van huwelikskonflik,
- ◊ 'n hoër geneigdheid tot gewelddadige gedrag voorkom by alkohol-gebruikers as by persone wat gladnie alkohol gebruik nie,
- ◊ kroniese alkoholgebruik dien as 'n voorspeller van gewelddadig gedrag en aangesien
- ◊ die kultuur van alkohol- en chemiese substansmisbruik gekenmerk word deur onder andere gewelddadige gedrag, konflik en kompulsiewe misdaad om die middele in die hande te kry.

Kroniese alkohol- en chemiese substansmisbruik wat kan aanleiding gee tot afhanklikheid van die middele, is dus 'n beduidende voorspeller van gewelddadige gedrag, wat daartoe aanleiding gee dat persone wat behandeling vir hulle gewelddadige gedrag ontvang, ook 'n probleem met alkoholisme kan hê. Ook kan afgelei word dat persone wat behandeling vir alkoholisme ontvang, moontlik ook 'n geneigdheid tot gewelddadige gedrag sal openbaar wat waarskynlik tydens die rehabilitasieprogram aandag sal moet geniet.

Juis op grond hiervan word 'n pleidooi tot samewerking tussen rehabilitasiesentra vir alkohol- en chemiese substansafhanklikes en sentra waar met gesinsgeweld gewerk word, deur Bennett en Lawson (1994:278) gelewer: *"Regardless of whether one believes the 'cross problems' of substance abuse and woman abuse have a causal, mediated, or spurious relationship, both violence and substance abuse affect a great many men and women. This reality presents a dilemma for human service practitioners if the agencies serving these overlapping populations do not cooperate."* Die gebrek aan samewerking word toegeskryf aan die verskillende paradigmas waarvanuit dienste in rehabilitasiesentra vir alkohol- en chemiese substansafhanklikes gelewer word en dié wat in rehabilitasiesentra vir gesinsgeweld gehandhaaf word. In eersgenoemde geval, word vanuit 'n siekte-paradigma gewerk op grond waarvan die verslaafde geen beheer het oor sy gedrag nie en waarvolgens die *siekte* verantwoordelik is vir disfunksionele gedrag. Waar met geweldenaars in rehabilitasiesentra gewerk word, word van die standpunt uitgegaan dat mishandeling 'n

doelbewuste gedragsvorm is en dat die mishandelaar volle verantwoordelikheid vir sy gewelddadigheid moet aanvaar en sowel selfbeheer as respek vir vroue moet aanleer (Bennett en Lawson, 1994:285).

Hieruit kan afgelei word dat Bennett en Lawson (1994:285) se pleidooi is dat gepoog moet word om 'n versoening tussen die siekteparadigma en die oorsaak-gevolgparadigma te bewerkstellig. 'n Eie interpretasie is dat so 'n integrasie nie moontlik is nie, aangesien beide paradigmas beperk word daardeur dat alleen gefokus word op liniêre kousaliteit. 'n Ekologiese benadering tot die ontleding en behandeling van sowel alkohol- en chemiese substansafhanklikheid as gewelddadige gedrag, word as 'n meer holistiese benadering gesuggereer. In 2.3.2.4 is byvoorbeeld daarna verwys dat die ekologiese benadering die klem verskuif weg van 'n liniêre denkraamwerk, na 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief. Hiervolgens word nie die individu of die omgewing van die individu alleen vir die *veroorsaking* van maatskaplike problematiek verantwoordelik gehou en dus as *siek* beskou nie, maar word gefokus op die interaksieprosesse en prosesse van wedersydse beïnvloeding wat plaasvind tussen 'n veelheid van interverweefde sisteme, dus op *gesondheid* van die hele mens en nie op individuele patologie nie.

4.6 FAKTORE WAT VROULIKE SLAGOFFERS SE BESLUITNEMING OOR DIE GEWELDDADIGE VERHOUDING BEÏNVLOED

'n Bespreking van die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem ten opsigte van die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, kan beswaarlik plaasvind sonder dat aandag geskenk word aan faktore wat daartoe bydra dat vroue in gewelddadige verhoudings bly. Sodanige ontleding behoort dus ook aspekte in te sluit soos faktore wat slagoffers laat besluit om uit die verhouding te tree en wat besluitneming oor terugkering na die verhouding beïnvloed. Uiteraard sal die bespreking nie beperk kan word tot individuele faktore wat by die geweldenaars en slagoffers alleen aangetref word nie, maar sal ook op beïnvloeding vanuit ander vlakke in die ekologiese ontledingsisteem, gefokus moet word.

Faktore wat daartoe bydra dat vroue in gewelddadige verhoudings aanbly, word vanuit die vrou se perspektief aangedui. Voorts word aandag geskenk aan rasionalisering as 'n verdedigingsmeganisme wat benut word deur vroue om hulle volgehoue betrokkenheid in die gewelddadige verhouding te regverdig, terwyl 'n bespreking ook gevoer word oor katalisators wat daartoe aanleiding gee dat die vrou besluit om die geweldenaar te verlaat. Welbekend, is dat sommige vroue na verloop van tyd terugkeer na die gewelddadige verhouding en in hierdie bespreking word ook aandag geskenk aan faktore wat verband hou met sodanige besluit.

4.6.1 Faktore wat daartoe bydra dat vroue in gewelddadige verhoudings bly

Wanneer literatuur ten opsigte van faktore wat daartoe bydra dat vroue in gewelddadige verhoudings bly bestudeer word (Ferraro en Johnson, 1983:326, Angless, 1992:52, Hoff, 1990:40 en Bosman-Swanepoel, 1996:23), kan 'n verskeidenheid faktore geïdentifiseer word wat hier aangedui word. Wat veral interessant is, is dat nie een van die faktore alleen as genoegsaam beskou kan word om die vrou se gedrag te regverdig nie. Wanneer die interaksie van die faktore egter in ag geneem word, word groter begrip verkry vir die betrokkene se gedrag. Alhoewel hier 'n onderskeid getref word tussen 'n aantal bydraende faktore, word die aandag daarop gevestig dat sodanige onderskeid hoogstens teoreties kan wees en dat die wedersydse beïnvloeding van die faktore ten opsigte van mekaar, dus 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief, voortdurend in ag geneem behoort te word met die oog op 'n holistiese benadering tot die verskynsel.

- ***Sosialisering binne die konteks van 'n patriargale stelsel***

Die vrou se sosialiseringsproses word deur Ferraro en Johnson (1983:326) en deur Angless (1992:52) aangedui as 'n faktor wat daartoe kan bydra dat sy in 'n gewelddadige verhouding bly. Eersgenoemde navorsers wys daarop dat vroulike sosialisering gekenmerk word deur die beklemtoning van die primêre waarde dat vroue goeie eggenotes en moeders moet wees, ten koste van persoonlike prestasies in ander sfere van die lewe. 'n Sosialiseringsaspek wat deur Angless (1992:52) vermeld word, is dat mishandeling 'n ekstreme vorm is van die algemeen aanvaarde *"... dominant-submissive roles that men and women, respectively, are socialised to play."* Voorts word beweer dat vroue gesosialiseer word om te dink dat hulle 'n man nodig het vir effektiewe funksionering en dat hulle afhanklik van hom moet wees. Derhalwe voel sommige vroue te skuldig om selfs te oorweeg om die man te verlaat.

Die feit dat die samelewing se patriargale ordening ondergeskikte status aan vroue toeken, voorsien volgens Ferraro en Johnson (1983:326) aan mans die grootste mate van outoriteit, sowel binne as buite die gesinseenheid. Om die man te verlaat, is dus 'n oortreding van 'n algemeen-geldende reël, naamlik dat die vrou ondergeskik moet wees aan haar manlike verhoudingsmaat. Magsongelykheid as 'n resultaat van die patriargale stelsel, word ook deur Hoff (1990:40) aangedui as 'n bydraende faktor tot die vrou se onvermoë om die man te verlaat. Hiervolgens is die vrou se besluit om in die verhouding te bly onder andere die resultaat van magsongelykheid en die kulturele reëls wat uit patriargie voortvloei en wat die tradisionele rol van die vrou in die huwelik en in die gesin definieer (Hoff, 1990:42). In Bosman-Swanepoel (1996:23) se bespreking, wys sy daarop dat die meeste vroue vandag nog opgevoed word met die idee dat hoewel sy nie minderwaardig is nie, sagmoedigheid die beste en mees bewonderingswaardige persoonlikheidseienskap is wat 'n vrou kan hê. By die geringste teken dat sy haarself laat geld, word die vrou as 'n feeks en as dominerend geëtiketteer, terwyl gemeenskapsverwagtinge haar dwing om vervulling te vind in haar rol as vrou en moeder. Hiervolgens is die vrou se hoogste roeping om te sorg dat haar man en kinders hulle volle potensiaal bereik.

Die implikasie is dus dat dogters reeds van kleins af gesosialiseer word om onderdanig te wees aan mans en om afhanklik te wees van 'n manlike verhoudingsmaat. Nie alleen onderdanigheid en afhanklikheid nie, maar ook 'n geslagsrolidentiteit wat gekenmerk word deur selfopoffering ter wille van hulle mans en kinders word by die betrokkenes ingeprent. Wanneer die betrokkene as volwassene in 'n gewelddadige verhouding betrokke is, is die geïnternaliseerde geslagsrol in so 'n mate by haar vasgelê dat die moontlikheid om die man te verlaat beskou word as 'n persoonlike mislukking om uitvoering te gee aan verwagtinge wat tydens die sosialiseringsproses by haar vasgelê is. Die verlating van 'n gewelddadige man impliseer dus nie alleen dat die vrou haar man teëgaan nie, maar ook dat sy nie aan algemene chauvinistiese en paternalistiese norme konformeer nie.

- ***Ekonomiese faktore***

Volgens Straus (1980b:88) laat die seksistiese ekonomiese en beroepstrukture in die gemeenskap min alternatiewe vir vroue toe. Hy motiveer die stelling deur daarna te verwys dat poste wat deur vroue beklee word dikwels laer status het en dat vroue ten spyte van wetgewing om die situasie te voorkom, steeds minder geld verdien as mans in dieselfde beroepe. (Vgl. ook Ferraro en Johnson, 1983:326, Angless, 1992:53 en Fischer en Rose, 1995:414 in hierdie

verband.) Die resultaat is dat menige vroue ekonomies afhanklik is van hulle manlike verhoudingsmaats en aanbly in gewelddadige verhoudings, aangesien die alternatief armoede is.

'n Teenoorgestelde *scenario* word deur Hoff (1990:45-46) beskryf, naamlik situasies waar die vrou meer as die man verdien. 'n Dualistiese situasie word in so 'n geval geskep deurdat die vrou twee keuses kan uitoefen. Sy kan die geld gee aan die man en haar kanse om te ontsnap uit die verhouding sodoende verminder, of sy kan haarself met meer gesag handhaaf, wat meesal opgevolg word deur 'n verhoogde mate en intensiteit van gewelddadigheid deur die man.

'n Gebrek aan genoegsame inkomste om haarself en haar kinders te onderhou sonder die finansiële insette van die man, is dus 'n faktor wat daartoe kan aanleiding gee dat 'n vrou dit moeilik vind om uit 'n geweldgekenmerkde verhouding te tree. In gevalle waar die vrou meer verdien as die man, kan haar inkomste waarskynlik daartoe aanleiding gee dat die man ervaar dat sy mag, gesag en beheer deur die vrou se inkomste ondermyn word. Deur haar inkomste aan die man te gee, sodat hy daardeur beheer kan uitoefen, word die man se magsbedreiging moontlik in 'n mate verminder, wat die moontlikheid van gewelddadige gedrag deur hom laat afneem. Die vrou beskik egter onder sodanige omstandighede nie oor die finansiële middele om die man te verlaat nie. Die weerhouding van haar inkomste van die man daarenteen, word gevolg deur gewelddadige gedrag deur hom. Sodoende word daartoe aanleiding gegee dat die vrou wat ekonomiese middele betref, deurentyd deur die man geviktimiseer word en haar kanse om hom te kan verlaat, verminder.

- ***Godsdienstige oorwegings***

Tradisionele godsdiensleëringe skryf aan mishandelde vroue voor dat hulle die manlike geweldenaars moet vergewe *"... in the spirit of the Gospel, and do what they can to keep the family intact"* (Hoff, 1990:42). In dieselfde tradisie word vroue geleer om 'n positiewe beeld van hulle vader aan die kinders oor te dra, wat dien as 'n kragtige wyse om respek vir die man af te dwing en sy gesagsposisie te versterk. Wat die situasie selfs verder kompliseer, is Bosman-Swanepoel (1996:23) se aanduiding daarvan dat sommige vroue in 'n afbrekende huwelik bly omdat hulle glo dat hulle deur God gestraf en verwerp sal word indien hulle tot egskeiding oorgaan. Indien die vrou in 'n rigiede, outokratiese huishouding grootgeword het, sal sy geneig wees om God te sien as streng en onbereikbaar, as 'n Wese wat sit en wag vir die mens om iets verkeerd te doen.

Hieruit word afgelei dat deernis en begrip vir menslike swakhede, nie in hierdie vroue se beeld van God figureer nie. Eie kliniese ervaring in hierdie verband, is dat sommige mishandelde vroue se godsdienstige beskouinge gekenmerk word deur persepsies soos byvoorbeeld dat;

- ◊ 'n Christen moet ly om saligheid te verkry,
- ◊ wanneer dit met jou goed gaan, moet jy skuldig voel daaroor aangesien emosionele welsyn 'n teken van 'n gebrek aan lyding is en dat
- ◊ God van jou verantwoording gaan eis ten opsigte van elke mens wat jou pad kruis.

Derhalwe beskou die betrokkenes die lyding wat hulle verduur en selfblaam daarvoor as wyses van selfopoffering wat as't ware die moontlikheid om in die hiernamaals saligheid te beleef, vergroot. Die lyding word 'n simbool van die beloning wat hulle na hulle afsterwe sal toekom. Deur die man nie te verlaat nie, hom te versorg en namens hom verantwoordelikheid te neem vir sy gedrag, word ervaar dat die verantwoordingdoening wat vereis word, vergemaklik sal word.

- ***Gebrek aan ondersteuning***

Gebrek aan sowel formele as informele ondersteuning deur eksterne sisteme, word deur Van der Hoven (1989:55-57) en Hoff (1990:32) aangedui as 'n faktor wat bydra daartoe dat vroue in gewelddadige verhoudings aanbly. Aangesien eersgenoemde skrywer haar studie in die Suid-Afrikaanse konteks uitgevoer het, word vir die doeleindes van hierdie bespreking hoofsaaklik op haar bevindinge gekonsentreer. Voorbeelde van sodanige ondersteuning wat aan vroue behoort beskikbaar te wees is die uitgebreide gesinsisteem, bure, vriende, welsynsinstansies, die polisiediens, prokureurs, dokters, sielkundiges, psigiaters en predikante. Tog skryf Van der Hoven (1989:55) dat *"(i)n many cases the response is so negative that it contributes to the woman's victimisation."*

Die uitgebreide gesinsnetwerke van die meeste van die deelnemers aan Van der Hoven (1989:55-57) se studie het die slagoffers geblameer vir die geweld: *"(S)he must enjoy the battering, and, therefore, preferred to continue with the relationship."* Die polisiediens se reaksie is ook negatief beleef deur die deelnemers, hoofsaaklik aangesien hulle verwag het dat die polisie tot hulle redding sal kom. In teenstelling met die verwagting, is die polisiediens se reaksie gekenmerk deur 'n negatiewe houding teenoor die vrou en 'n boodskap dat nie in huishoudelike aangeleenthede ingemeng word nie. Maatskaplike werkers is beleef as persone wat nie omgee nie en die dienslewering word geëvalueer as onvoldoende en oneffektief en gekenmerk deur emosionele afstand en onbetrokkenheid. Algemene mediese praktisyns en psigiaters se reaksie

was hoofsaaklik in die vorm van 'n voorskrif vir medikasie waardeur die fisiese beserings of depressie behandel is, terwyl geen *advies* gelewer is oor die hantering van die situasie nie. Predikante het voorgestel dat die betrokkenes moet uithou en aanhou en hul manlike verhoudingsmaats moet vergewe, terwyl sielkundige dienslewering ook as oneffektief bestempel is. Bure wou nie betrokke raak in die konflik nie, terwyl werkskollegas se reaksies meesal positief en ondersteunend van aard was.

Hieruit blyk dit dat sowel informele ondersteuning as formele diensleweringsinstansies en -professies nie in die betrokkenes se behoeftes voldoen nie. Informele ondersteuningsisteme word aangedui as blamerend en derhalwe van min waarde, terwyl professionele dienslewering gekenmerk is deur emosionele afstand en 'n belewenis dat min begrip vir die slagoffer se situasie getoon word. Gebrekkige ondersteuning vanuit die betrokkenes se suprasisteem is derhalwe 'n betekenisvolle faktor in mishandelde vroue se onvermoë om uit gewelddadige verhoudings te tree.

- ***Die geweldsiklus***

In 3.4 is verwys na die bestaan van 'n geweldsiklus wat onder andere gekenmerk word deur die man se berou, verskonings en beloftes om nie sy gedrag te herhaal nie. Ook is gewys op die hoop wat herhaaldelik deur die man geskep word dat die gewelddadige insident die laaste was.

Intrinsieke kenmerke van 'n geweldsiklus, maar ook die hoop wat telkens by die vrou opvlam na afloop van 'n gewelddadige insident is derhalwe faktore wat daartoe aanleiding kan gee dat vroue telkens na afloop van geweldpleging vir die man nog 'n kans gee en dus nie uit die verhouding tree nie.

- ***Kinders***

Die geslagsgebaseerde verdeling van take in die samelewing, ken kinderversorging as primêre verantwoordelikheid aan vroue toe. Terselfdertyd word die vrou nie ekonomies vir die uitvoering van hierdie verantwoordelikheid vergoed nie en word haar vermoë om self 'n inkomste te verdien, beperk. Beroepsdiskriminasie, 'n gebrek aan kinderversorgingsfasiliteite en onvoldoende ondersteuning van die vrou in die uitvoering van hierdie verantwoordelikheid, dra daartoe by dat die vrou in 'n gewelddadige verhouding bly (Straus, 1980b:89).

Nie alleen die verantwoordelikheid van eie oorlewing nadat die gewelddadige man verlaat is nie, maar ook die verantwoordelikhede ten opsigte van kinderversorging wat deur die samelewing

as 'n vrou se verantwoordelikheid beskou word, dien dus as motiveerders vir die mishandelde vrou om nie die man te verlaat nie. Een van die integrale voorwaardes vir effektiewe kinderversorging, is waarskynlik die beskikbaarheid van ekonomiese middele om in die kinders se behoeftes te voorsien. Vroeër is aangedui dat ekonomiese faktore bydra tot 'n mishandelde vrou se onvermoë om uit 'n gewelddadige verhouding te tree. Wanneer hierdie ekonomiese faktore verder gekompliseer word deur die teenwoordigheid van kinders waarvoor die vrou ook moet verantwoordelikheid neem, kan begrip gevorm word vir die vrou se besluit om die man nie te verlaat nie.

- ***Pligsbesef***

Sowel Hoff (1990:46) as Angless (1992:53) verwys daarna dat pligsbesef 'n faktor is wat daartoe aanleiding gee dat vroue in gewelddadige verhoudings bly. Verlating van die man word deur die vrou beskou as 'n mislukking om aan die huweliksverbintenis uitvoering te gee en as 'n onvermoë om die rol van eggenote en moeder te vervul. In hierdie verband verwys Bosman-Swanepoel (1996:23) daarna dat talle vroue uit hulle pad gaan om die eenheid van die gesin te behou, dikwels ter wille van die kinders. Ook word ongesonde trots en vrees vir wat ander mense sal sê as sy die man sou verlaat, aangedui as 'n faktor wat hiertoe bydra.

Hierby sou waarskynlik ook gevoeg kon word dat spesifieke rolle en take deur die patriargale stelsel aan vroue opgedra word. Elk hiervan omsluit bepaalde verwagtinge en verantwoordelikhede wat deur die vrou uitgevoer behoort te word. Wanneer die vrou die man sou verlaat, sou haar gedrag byvoorbeeld toegeskryf kan word aan haar gebrekkige pligsbesef. Begrip kan dus gevorm word vir die vrou se vrees om ook nadat sy die geweldenaar verlaat het, deur die gemeenskap geviktimiseer te word.

- ***Gebrek aan alternatiewe huisvesting***

'n Tekort aan skuilings vir mishandelde vroue, beskikbare plekke in die skuilings in gemeenskappe waar hierdie strukture teenwoordig is en gebrekkige kennis oor die beskikbaarheid van en dienslewering deur skuilings vir mishandelde vroue, word deur Hoff (1990:32) vermeld as faktore wat bydra tot 'n vrou se onvermoë om uit die gewelddadige verhouding te tree. Sodanige omstandighede word beskryf as 'n *"... Catch-22 situation ... [where] they are caught between remaining in a violent relationship and venturing into the labyrinths of welfare, homelessness, unemployment, and single parenthood"* (Hoff, 1990:47). Spesifiek ten opsigte van die situasie in Suid-Afrika, wys Angless (1992:53) nie alleen op die

gebrek aan genoegsame skuilings nie, maar ook na wat sy noem die *"diabolical housing shortage"* wat die verkryging van alternatiewe akkommodasie soms onmoontlik maak.

Teen die agtergrond daarvan dat vroeër aangedui is dat informele ondersteuningsnetwerke wat beskikbaar behoort te wees vir die mishandelde vrou meesal as veroordelend en onbetrokke beskou word, sou afgelei kon word dat die vrou ook nie daar vir alternatiewe huisvesting kan aanklop nie. Indien die betrokkene boonop nie oor genoegsame ekonomiese middele beskik om alternatiewe huisvesting te huur of te koop nie, word voortgesette blootstelling aan die man se gewelddadige gedrag moontlik as 'n beter alternatief beskou as 'n lewe op straat.

- ***Emosionele binding met die man***

Enkele aspekte wat vermeld word as tipiese emosionele bindings wat die vroulike slagoffer met die manlike geweldenaar het, word na aanleiding van Hoff (1990:33 en 40), Fischer en Rose (1995:415), Bosman-Swanepoel (1996:23) en Wood en Jewkes (1998:28-29) soos volg saamgevat:

◊ Liefde vir die man,

◊ 'n behoefte om uitvoering te gee aan haar verbintenis met die man en om die huwelik te laat werk,

◊ 'n behoefte daaraan dat haar kinders 'n vader moet hê,

◊ 'n gebrek aan selfvertroue dat sy die mas sal kan opkom sonder die bystand van die man,

◊ hoop om die maat te verander alhoewel sy nie blind is vir sy foute nie en

◊ hoop dat die vorige gewelddadige insident die laaste was.

Binne 'n konteks waar die vrou beskou word as onderdanig aan die man, die primêre versorgingsrol van kinders vertolk en op grond van godsdienstige leëringe aangemoedig word om by die man te bly, is 'n emosionele binding met die man bykans onvermydelik, selfs al sou dit net beskou kan word as 'n uitlewing van 'n algemeen-geldende gemeenskapsverwagting.

- ***Vrees***

Sowel vrees vir die onsekerheid wat gepaardgaan met die verlating van die manlike verhoudingsmaat as vrees vir weerwraak nadat sy hom verlaat het, word in die beskikbare literatuur aangedui as faktore wat daartoe bydra dat die vroulike slagoffer van geweld dit moeilik vind om van die man te ontvlug (Hoff, 1990:34, Fischer en Rose, 1995:415 en Bosman-Swanepoel, 1996:23). Aangeleerde hulpeloosheid en die intrinsieke eienskappe verbonde aan 'n

geweldsiklus, word deur Hoff (1990:32) vermeld as 'n verduideliking vir die vrou se vrees vir die onbekende.

'n Eie interpretasie is dat die hulpeloosheid waarskynlik daartoe aanleiding gee dat die vrou nie oor die vermoë beskik om self 'n besluit te neem nie, aangesien die onsekerheid wat daarmee gepaard gaan aanleiding gee tot die belewenis van vrees. 'n Geweldsiklus raak waarskynlik na verloop van tyd vir die betrokkene 'n bekende toestand wat sy, alhoewel dit met sowel fisiese as emosionele leed gepaard gaan, weet hoe om te hanteer. Boonop is 'n belewenis van hoop meesal 'n komponent van so 'n geweldsiklus, wat daartoe aanleiding gee dat die vrou waarskynlik eerder in die hoop van wat bekend is lewe, as in die vrees vir die onbekende.

In haar bespreking oor vrees wat deur die mishandelde vrou ervaar word, fokus Bosman-Swanepoel (1996:23) daarop dat die mees opvallende kenmerk van 'n destruktiewe verhouding is dat die slagoffer se selfvertroue stukkie vir stukkie afgetakel word deur verbale aanvalle of die voortdurende beklemtoning van onvermoëns of foute. As die geweldenaar boonop dreig met gesinsmoord, word genoegsame vrees by die vrou ontlok dat sy besluit om in die verhouding aan te bly, al is sy ook ekonomies daartoe in staat om die man te verlaat en om vir haar en die kinders 'n nuwe tuiste te skep.

In 4.2.1.2 en 4.2.2.2 is aangedui dat een van die kenmerke van sommige manlike geweldenaars, hulle onvoorspelbaarheid is. 'n Eie interpretasie is dat onvoorspelbaarheid onvermydelik gepaardgaan met onsekerheid, wat kan aanleiding gee tot die belewenis van vrees. Wanneer 'n alternatief vir die vrees wat deur die gewelddadige man teweeg gebring word, vrees is vir die onbekende nadat die man verlaat is, sou 'n vrou waarskynlik kan verkies om eerder vrees in 'n bekende situasie te ervaar, as om die vrees vir die onbekende vir haarself op die hals te haal.

Vroue bly dus nie in gewelddadige verhoudings omdat hulle masochistiese genot uit die fisiese en emosionele pyn daarvan verkry nie. Ekonomiese faktore, 'n gebrek aan alternatiewe behuising, gemeenskapspersepsies, kinderversorging en haar emosionele binding met die gewelddadige man, is dikwels nie alleen rasionele faktore wat bydra tot haar besluit om aan te bly nie, maar ook grondige redes vir die vrees wat ervaar word ten opsigte van verlating.

4.6.2 Faktore wat aanleiding gee tot geheimhouding van geweld

Behalwe vir die feit dat slagoffers van geweldpleging deur 'n manlike verhoudingsmaat dit dikwels moeilik vind om uit die verhouding los te breek, is dit welbekend dat gesinsgeweld waarskynlik een van die grootste gesinsgeheime is wat bestaan (Van der Hoven, 1989:55, Resnick, Kilpatrick, Walsh en Veronen, 1991:345-346, Dangor en Seedat, 1992:65, Nielsen, Endo en Ellington, 1992:49-50 en Fedler, 1995:250). Na aanleiding van haar navorsing, wys Van der Hoven (1989:55) daarop dat mishandelde vroue dikwels die geweldpleging vir die ander lede van die uitgebreide gesinsisteem 'n geheim hou. As redes hiervoor word aangevoer dat laasgenoemde van die begin af nie van die man gehou het nie, vrees vir die resultate van die bekendwording, die verleentheid waartoe aanleiding gegee word deur die aanranding en die behoefte om die man te beskerm.

'n Eie interpretasie is dat sodanige bekendmaking deur die vrou as't ware ook 'n erkenning is daarvan dat die uitgebreide gesinslede reg was om nie van die man te hou nie, dat sy misluk het in haar keuse van 'n huweliksmaat en dat sy daardeur nie net haarself nie, maar ook haar kinders blootstel aan die resultate van haar *fout*. Nie alleen kommer oor die reaksie van die uitgebreide gesinsisteem nie, maar ook vrees vir die man se reaksie, die moontlikheid dat hy sy werk mag verloor en 'n gevoel van dislojaliteit wanneer sy hulle huweliksproblematiek met buitestaanders sou bespreek, word deur Van der Hoven (1989:55) in hierdie verband vermeld.

In aansluiting hierby noem Dangor en Seedat (1992:65) vrees vir verdere mishandeling, 'n persepsie dat konflik 'n private aangeleentheid is, verleentheid en vernedering of verwerping wanneer hulp gevra word, as faktore wat tot die geheimhouding bydra. Ander faktore wat vermeld word is die slagoffer se eie alkohol of chemiese substansgebruik, 'n behuisingstekort, finansiële probleme en werkloosheid. In hierdie verband verwys Carlson en Nidey (1995:144) na vrees vir weerwraak deur die man, ekonomiese afhanklikheid van hom, onsensitiewe optrede deur die polisiediens en regsbeamptes, selfblaam en intimidasie wat ervaar word wanneer die vrou dink aan die kompleksiteit van hofprosedures wat op die bekendmaking mag volg, as faktore wat tot geheimhouding mag aanleiding gee. Aspekte wat deur Fedler (1995:235) aangedui word, sluit in skaamte, skuldgevoelens en vrees vir ekonomiese deprivasie en 'n gebrek aan alternatiewe huisvesting, as faktore wat bydra daartoe dat die geweldpleging 'n geheim gehou word.

Die aandag word gefokus op die ooreenkomste wat bestaan tussen faktore wat daartoe aanleiding gee dat vroue in gewelddadige verhoudings bly (vgl. 4.6.1) en faktore wat bydra tot die geheimhouding van geweld wat teenwoordig is in 'n verhouding. Op grond van hierdie ooreenkoms word die interpretasie gemaak dat geheimhouding deur die slagoffers beskou word as 'n poging om nie hulle blyplek te verloor nie en ekonomiese deprivasie te voorkom. Ook word afgelei dat geheimhouding 'n wyse is waarop die vrou uitvoering kan gee aan die geslagsrolidentiteit en -verwagtinge wat deur die gemeenskap aan die rolle van vrou en moeder gekoppel word.

4.6.3 Kategorieë van rasionalisering

'n Aantal faktore wat daartoe aanleiding gee dat vroue in gewelddadige verhoudings aanbly en die gewelddadige aard van die verhouding geheimhou, is reeds aangedui. Wanneer die geweld bekend word aan andere, is blaam dat die vrou haarself en haar kinders aan die situasie blootstel dikwels die reaksie van buitestaanders. In vroue se verduideliking van redes waarom hulle nie uit die verhouding tree nie, word veral van rasionalisering as 'n verdedigingsmeganisme gebruik gemaak. Deur hulle studie, het Ferraro en Johnson (1983:328-331) ses kategorieë van rasionalisering geïdentifiseer wat meesal deur die betrokkenes benut word. Genoemde kategorieë word vervolgens aan die hand van spesifieke voorbeelde wat deur Ferraro en Johnson (1983:328-331) aangedui word, uiteengesit.

◊ ***Pogings om die man se heil te rig***

Hierdie rasionalisering is gegrond op die vrou se behoefte om van diens te wees vir andere. Die gewelddadige verhoudingsmaat word beskou as 'n persoon met ernstige probleme, wat afhanklik is van die vroulike verhoudingsmaat vir sy versorging en oorlewing. Eie veiligheid en geluk word ondergeskik gestel aan dié van die man, wat gepaardgaan met 'n verbintenis daartoe om die man te red en om namens hom verantwoordelikheid te neem (Ferraro en Johnson, 1983:328-329).

'n Eie interpretasie is dat hierdie verdedigingsmeganisme herinner aan 'n gedragsvorm wat ook by vrouens van alkoholiste aangetref word. Hierdie vroue sal byvoorbeeld met 'n man trou ten spyte daarvan dat hulle weet dat die man alkohol misbruik. Tydens maatskaplikewerkhulpverlening aan die vrou, word dikwels gehoor dat sy gedink het haar liefde en versorging sal hom verander, dat sy hom wou red van sy omstandighede deur met hom in die

huwelik te tree en dat sy die alkoholmisbruik derhalwe jarelank verduur en geheimgehou het. As wyses waarop die alkoholmisbruik geheim gehou is, word byvoorbeeld aangevoer dat sy namens hom sy werk geskakel het en gesê het dat hy siek is wanneer hy na 'n hewige drinksessie nie in staat was om te gaan werk nie, of dat sy namens hom sekere take uitgevoer het ten einde te voorkom dat hy in die moeilikheid beland. Net soos die vroulike slagoffer van geweld, neem die vroulike verhoudingsmaat van die alkoholis dan verantwoordelikheid namens die man, in 'n poging om hom te red, te beskerm en te versorg.

◊ ***Ontkenning daarvan dat die man 'n viktimiseerder is***

Hierdie tegniek is soortgelyk aan die vorige, maar met dié verskil dat die slagoffer nie verantwoordelikheid neem vir die oplossing van die geweldenaar se probleem nie. Die gewelddadigheid word beskou as 'n aspek wat buite die beheer van enigiemand is en as 'n verskynsel wat deur kontekstuele faktore *veroorsaak* word. Deur te fokus op aspekte buite die beheer van die man, word die man se bedoeling om haar te beseer ontken en word die gewelddadige episode gerasionaliseer (Ferraro en Johnson, 1983:328-329).

Die man word dus steeds beskou as 'n persoon met 'n ernstige probleem wat afhanklik is van die vrou, maar nie hyself of die vrou hoef verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar nie, aangesien dit *veroorsaak* word deur eksterne faktore waaroor geen beheer uitgeoefen kan word nie.

◊ ***Ontkenning van besering***

Vir sommige vroue is die ervaring van gewelddadige gedrag deur hul manlike verhoudingsmaats in so 'n mate teenstrydig met hulle verwagtinge van die verhouding, dat hulle weier om die gedrag en die resultate daarvan te erken. Wanneer ook die manlike geweldenaar weier om die gebeurtenis te erken of te bespreek, begin die vroue soms glo dat die geweld nooit plaasgevind het nie. Hierdie ontkenning impliseer nie dat die vroue geen pyn voel nie, maar eerder dat hulle weet dat hulle seer het, maar dit definieer as uitstaanbaar en normaal (Ferraro en Johnson, 1983:328-329).

'n Eie interpretasie is dat hierdie ontkenning waarskynlik meer dikwels voorkom by vroue wat as kinders ook aan gewelddadige gedrag deur 'n ouer blootgestel was en moontlik gedesensitiseer is ten opsigte van die pyn wat met geweld gepaard gaan. Die skok dat haar verhoudingsmaat, net soos toe sy 'n kind was, gewelddadige gedrag teenoor haar openbaar word dus ontken weens die emosionele pyn wat met die residivisme gepaard gaan. Derhalwe

word die gewelddadige gedrag en die pyn wat daarmee gepaard gaan beskou as 'n normale deel van die lewe wat nie so onuitstaanbaar is dat sy dit hoef te erken aan haarself of aan andere nie.

◊ ***Ontkenning van viktimisering***

Slagoffers blameer hulleself dikwels vir die geweld ten einde die verantwoordelikheid van die man te neutraliseer. Die geweldpleging self word nie ontken nie, maar wel die alleen-verantwoordelikheid van die gewelddadige man deur minstens 'n deel van die blaam op sigself te neem (Ferraro en Johnson, 1983:328-329).

Die man se gedrag word dus verskoon weens die vrou se persepsie dat haar eie gedrag minstens deels tot die geweld aanleiding gegee het. Verantwoordelikheid en foutering word dus kognitief deur die vrou tussen haar en die man verdeel en geneutraliseer in 'n poging om die viktimisering te ontken.

◊ ***Ontkenning van opsies***

Hierdie rasionaliseringstegniek bestaan uit twee elemente, te wete die ontkenning van praktiese opsies en emosionele opsies. Eersgenoemde impliseer dat selfs al is alternatiewe behuising, 'n bron van inkomste en beskerming teen die geweldenaar beskikbaar, die bestaan daarvan ontken word. Die ontkenning van emosionele opsies behels dat die mishandelde vrou ervaar dat niemand behalwe die geweldenaar aan haar behoefte aan intimiteit en kameraadskap kan voldoen nie en dat die betrokkene die enigste man is wat sy ooit sal kan liefhê (Ferraro en Johnson, 1983:329-330).

Die ontkenning van sowel praktiese as emosionele opsies word dus benut in 'n poging om die eenheid van die gesin te behou, uitvoering te gee aan gemeenskapsverwagtinge en om vrees vir die onbekende te neutraliseer.

◊ ***Die aanspraak op hoër lojaliteite***

Hier kan twee lojaliteite onderskei word, naamlik godsdienstige en tradisionele lojaliteite. Eersgenoemde impliseer dat *"(t)he Christian belief that women should serve their husbands as men serve God is invoked as a rationalization to endure a husband's violence for later rewards in the afterlife"* (Ferraro en Johnson, 1983:330). Predikante ondersteun hierdie siening deur vroue aan te moedig om te bid en harder te probeer om aan die man se behoeftes te voorsien. Ander vroue mag weer 'n sterk verbintenis hê met die kerngesin as 'n konsep, wat daartoe aanleiding

gee dat verlating van 'n man as 'n veragtelike daad beskou word. Die geloof is dan dat *"... for the children's sake, any marriage is better than no marriage"* (Ferraro en Johnson, 1983:330).

Geweld word dus verduur en in stand gehou deur die vrou se persepsie dat selfopoffering 'n wyse is waardeur aan sowel godsdienstige as kulturele waardes voldoen kan word, met die hoop dat sy in die hiernamaals saligheid sal bekom.

Ter samevatting word gestel dat rasionalisering deur vroue benut word ten einde die feit dat sy haarself en haar kinders by herhaling aan die man se gewelddadigheid blootstel, te regverdig. Die rasionalisering vind meesal plaas in die vorm van ontkenning van die aard van die situasie, die intensiteit en resultate daarvan en 'n ontkenning van die bestaan van alternatiewe. 'n Eie interpretasie is dat rasionalisering, alhoewel dit deur die vrou as 'n oorlewingsmeganisme benut word, daartoe bydra om die gewelddadigheid van die man in stand te hou. Deur te rasionaliseer, word die man as't ware van blaam vrygespreek en word inderwaarheid aan hom toestemming gegee om nie verantwoordelikheid te aanvaar vir sy gedrag en die resultate daarvan nie.

4.6.4 Katalisators vir verandering

Sommige vroue bly lewenslank vasgevang in 'n gewelddadige verhouding deur konstant van rasionalisering gebruik te maak. Alhoewel sommige vroue hul gewelddadige verhoudingsmaat verlaat sodra gewelddadige gedrag die eerste keer ervaar word, neem dit vir die meeste vroue jare voordat hulle wel uit die verhouding ontsnap. Ses faktore wat daartoe aanleiding gee dat 'n vrou wel die besluit neem om die gewelddadige man te verlaat en dus uit die gewelddadige verhouding tree, word deur Ferraro en Johnson (1983:331-333) onderskei. Hierdie faktore word vervolgens toegelig deur onder andere van voorbeelde gebruik te maak.

◊ ***'n Verandering in die intensiteit van die geweldpleging***

'n Skielike verandering in die relatiewe intensiteit van die geweldpleging, kan daartoe aanleiding gee dat die vrou besef dat die gedrag tot haar dood kan lei, wat daartoe aanleiding gee dat sy haar rasionaliserings staak (Ferraro en Johnson, 1983:331).

Die implikasie is dus dat die feite van die situasie meer intense aansprake op die vrou se realiteitsbelewenis maak en dat sy in plaas van ontkenning, die aard van die gedrag begin erken

en insig ontwikkel in die potensiële resultate daarvan, wat daartoe aanleiding gee dat uit die verhouding getree word in 'n poging om haarself en haar kinders te red.

◊ ***'n Verandering in die beskikbaarheid van hulpbronne***

Alhoewel sommige vroue hulle aanbly in 'n gewelddadige verhouding rasionaliseer op grond van beperkte opsies, word hierdie rasionaliserings dikwels gestaak sodra die hulpbronne wat nodig is om te ontsnap, beskikbaar raak (Ferraro en Johnson, 1983:331).

'n Vrou wat dus byvoorbeeld werkloos was, geen alternatiewe verblyfreëlings kon tref en moontlik gevrees het vir haar eie veiligheid en dié van haar kinders as sy die man sou verlaat, sou dus op grond daarvan dat hierdie omstandighede positief verander het, 'n besluit kon neem om die man wel te verlaat.

◊ ***'n Verandering in die verhouding***

In die bespreking van 'n geweldsiklus in 3.4 is aangedui dat gewelddadige gedrag meesal opgevolg word deur 'n fase van berou en versoening. Sodoende word die emosionele band tussen die betrokkenes verstewig en word verwerping van die geweldenaar al hoe moeiliker. Ferraro en Johnson (1983:332) fokus die aandag daarop dat wanneer die siklus by herhaling voorkom, word die tye van berou al hoe minder en korter van aard, wat daartoe kan aanleiding gee dat die basis op grond waarvan 'n positiewe gesindheid ten opsigte van die verhouding gehandhaaf is, verswak. Na verloop van tyd begin die vrou haarself identifiseer as 'n slagoffer van geweld en bestaan die moontlikheid dat sy uit die verhouding sal tree op grond van hierdie besef.

Hieruit word afgelei dat die man se beloftes, berou en pleidooie na afloop van sy gewelddadige gedrag ook met verloop van tyd hul funksie verloor, met die resultaat dat die vrou nie meer leef in die hoop daarvan dat die situasie sal verander nie. Sy sien haarself as 'n slagoffer van geweld en kom tot die besef dat haar verhouding met die man nie meer genoegsaam aan haar behoeftes voldoen nie.

◊ ***Wanhoop***

Veranderinge in die verhouding mag daartoe aanleiding gee dat die vrou besef dat die situasie nie gaan verbeter nie. Wanneer die hoop verander in wanhoop, mag sommige vroue hulle rasionaliserings staak wat kan aanleiding gee tot self-identifikasie as 'n slagoffer, waarna uit die verhouding getree word (Ferraro en Johnson, 1983:332).

Ook hier is dus 'n aanduiding daarvan dat die hoop wat telkens in die geweldsiklus opvlam dat die man sy gedrag sal staak, begin kwyn. Die man se beloftes en berou word dan waarskynlik geïdentifiseer as bloot die gewone betekenislose pleidooie wat volg op sy gedrag. Waar hierdie pleidooie in die verlede tot hoop aanleiding gegee het, besef die vrou moontlik dat dit bloot lippetaal is en kom sy tot die besef dat die situasie wanhopig is. Hierdie besef dra dan daartoe by dat sy uit die verhouding kan tree.

◊ ***'n Verandering in die sigbaarheid van die geweld***

Die daarstel van 'n web van rasionaliserings om viktimisering te ontken is makliker wanneer niemand anders die gedrag waarneem en die geldigheid van die rasionaliserings bevraagteken nie. Wanneer geweld wel in die teenwoordigheid van andere voorkom, mag 'n proses van herinterpretasie plaasvind: *"Battering in private is degrading, but battering in public is humiliating, for it is a statement of subordination and powerlessness"* (Ferraro en Johnson, 1983:332). Die resultaat hiervan is dat 'n onhoudbare gevoel van skaamte ontwikkel wat vorige rasionaliserings ondermyn.

Skaamte en verleentheid is dus die emosionele resultate van die man se gewelddadige gedrag vir die vrou wanneer die gedrag aan andere bekend word. Nie alleen word aanleiding gegee tot hierdie emosionele belewenisse weens haar onderdanigheid en magteloosheid nie, maar definisies van die man se gedrag wat vanuit die konteks verkry word, kan waarskynlik ook daartoe aanleiding gee dat die betrokkene haar rasionalisering daarvan staak en uit die verhouding tree.

◊ ***Eksterne definisies van die verhouding***

'n Verandering in die sigbaarheid van geweld word meesal teweeg gebring deur bewuswording van eksterne definisies van mishandeling. Wanneer buitestaanders op die geweld reageer deur ondersteuning aan die slagoffer en veroordeling van die gewelddadige man se gedrag, kan hierdie definisies as katalisators optree ten opsigte van die mishandelde vrou se erkenning van viktimisering. Vriende en familie wat opregte besorgdheid aan die vrou toon, mag dan daartoe bydra dat die vrou se rasionaliserings gestaak word op grond van haar bewustheid van die werklike gevaar wat die situasie inhou (Ferraro en Johnson, 1983:333).

'n Eie interpretasie is dat eksterne definisies van die verhouding ook daartoe aanleiding gee dat die mishandelde vrou die geldigheid van haar eie definisies moet evalueer. Op grond van 'n ander stel feite oor dieselfde situasie wat sy vanuit haar omgewing ontvang, kry die vrou dus

as't ware 'n nuwe bril waardeur sy haar situasie kan evalueer. Die herkonstruering van haar realiteit kan dan daartoe aanleiding gee dat sy haarself, die gewelddadige man en die verhoudingskonteks sodanig definieer dat sy 'n keuse maak om uit die verhouding te tree.

Ter samevatting word gestel dat mishandelde vroue hulle rasionalisering om die gewelddadige aard van die verhouding geheim te hou en aan te bly in die verhouding, laat vaar wanneer haar kognitiewe proses in 'n groter mate gerig word deur die ware feite van die situasie. Hierdie feite sluit waarskynlik in 'n definisie van haarself en haar kinders as slagoffers, 'n besef dat die man 'n geweldenaar is, dat die situasie progressief is en dat hoop vir positiewe verandering in die verhouding beskaam.

Tydens maatskaplikewerkhulpverlening aan die betrokkene, word gesuggereer dat onder andere van 'n kognitiewe benadering soos byvoorbeeld Rasioneel-emotiewe-terapie gebruik gemaak word. Sodoende behoort die vrou daartoe in staat gestel te word om op grond van die feite van die situasie, sowel emosionele as gedragsverandering te ervaar. Haar definisie van haarself, haar kinders en die situasie kan rasioneel gewysig word, wat moontlik daartoe sal aanleiding gee dat sy ook haar rasionalisering ten opsigte daarvan sal staak. Op grond hiervan, behoort sowel positiewe gedrags- as emosionele resultate ervaar te word.

4.6.5 Eienskappe van vroue wat herhaaldelik terugkeer na die gewelddadige verhouding

Welbekend is dat vroue wat na blootstelling aan gewelddadige gedrag deur 'n manlike verhoudingsmaat daarin slaag om uit die verhouding te tree, na verloop van tyd terugkeer na die gewelddadige man (Martin, 1979:45, Schutte, Malouff en Doyle, 1988:605-610 en Hoff, 1990:72-74). Op die oog af sou 'n oningeligte mening ten opsigte van hierdie gedrag waarskynlik kan wees dat dit 'n bewys is van die feit dat sy die geweld geniet. 'n Ander verduideliking hiervoor sou moontlik kan wees dat die man se pleidooie, beloftes en dreigemente suksesvol was en dat die vrou op grond daarvan sodanige besluit geneem het.

In 'n omvattende studie deur Schutte et al. (1988:605-610) het hulle onder andere deur middel van die benutting van die CTS1 gepoog om vas te stel watter faktore daartoe aanleiding gee dat vroue terugkeer na gewelddadige verhoudings. Ten einde die doel te bereik, is 'n vergelykende ondersoek gedoen ten opsigte van vroue wat na verlating teruggekeer het na die verhouding en diegene wat nie weer na die man toe teruggekeer het nie. Die vernaamste bevindinge van hulle studie was dat vroue wat terugkeer na 'n gewelddadige verhouding diegene was wat;

- ❒ meer ernstige vorme van geweld in die verhouding beleef het,
- ❒ langer verhoudings met die manlike verhoudingsmaat gehad het,
- ❒ jonger was,
- ❒ minder dikwels geweld in hulle verhoudings ervaar het,
- ❒ werkloos was en
- ❒ wat vir 'n korter tydperk in 'n skuiling vir mishandelde vroue gewoon het.

Interessant is dat die vroue wat teruggekeer het na die verhouding jonger was as die kontrolegroep, maar dat hulle ook langer in die verhouding betrokke was as diegene in die kontrolegroep. Die afleiding wat hieruit gemaak word is dat die vroue wat teruggekeer het na die verhouding, reeds van 'n vroeë ouderdom af in die verhouding betrokke was. 'n Eie spekulasie hieroor, is dat die vroue waarskynlik ook uit gewelddadige gesinne-van-oorsprong kom en dat 'n verhouding met 'n man op 'n jong ouderdom moontlik 'n aanduiding daarvan kan wees dat hulle uit die gesin-van-oorsprong situasie wou ontsnap. In 4.3 is aangedui dat kinders uit geweldgekenmerkde gesinne-van-oorsprong, meer geneig is om as volwassenes in gewelddadige verhoudings betrokke te raak, wat as motivering vir hierdie spekulasie dien.

'n Ander interessante aspek waarop die aandag gefokus word, is dat die vroue wat na die verhouding teruggekeer het die geweldpleging aangedui het as meer intens, maar minder dikwels as wat die geval was in die kontrolegroep. Anders gestel, is vroue wat uit verhoudings ontvlug het wat gekenmerk word deur 'n hoër frekwensie van geweldpleging, al was dit nie so intens nie, meer geneig om nie terug te keer na die gewelddadige verhouding nie. Hieruit blyk dat nie soseer die intensiteit van die geweldpleging nie, maar eerder die frekwensie daarvan as 'n aanduider kan dien dat 'n vrou nie na 'n gewelddadige verhouding sal terugkeer nie.

Insiggewende bevindinge van Schutte et al. (1988:609) na aanleiding van hulle studie, was dat;

- ⇨ slagoffers wat die misbruik toegeskryf het aan die situasie en nie aan die man se gewelddadigheid nie, meer geneig was om terug te keer na die verhouding toe,
- ⇨ vroulike slagoffers wat 'n beroep beoefen het, was minder geneig om terug te keer en
- ⇨ hoe meer kere die man al voorheen verlaat is, hoe groter is die kans dat sy weer na hom toe sal terugkeer.

Hier is dus 'n aanduiding daarvan dat rasionalisering benut word om in 'n geweldgekenmerkde verhouding aan te bly en dat die beskikbaarheid van ekonomiese middele die vrou in staat stel om die man te verlaat. Die feit dat sommige vroue hul manlike verhoudingsmaats by herhaling

verlaat en dan weer terugkeer na die man toe, word deur Schutte et al. (1988:609) beskryf aan die hand daarvan dat *"... battering victims may be slow to leave the batterer permanently but tend to increase their resolve in that direction over time."* Om 'n gewelddadige man permanent te verlaat is dus meesal nie 'n eenmalige insident nie, maar eerder 'n sikliese proses wat gekenmerk word deur 'n aantal verlatings en terugkerings na die man, alvorens 'n finale besluit geneem word om hom permanent te verlaat.

4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die eerste vlak van die ekologiese ontledingsisteem, naamlik die individuele vlak uiteengesit. Vyf temas is aangedui, te wete individuele faktore, beïnvloeding vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, die rol van mag en beheer in gewelddadige gedrag, die verband tussen alkohol- en chemiese substansgebruik en geweld en laastens, faktore wat vroulike slagoffers van geweld se besluitneming ten opsigte van die gewelddadige verhouding beïnvloed.

In die bespreking oor individuele faktore, is aanvanklik aandag geskenk aan tipiese psigopatologieë wat met vroulike slagoffers van geweld geassosieer word, naamlik masochisme en 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring. Uit die psigologiese profiele van persone met dié psigopatologieë, kon die afleiding gemaak word dat nie masochisme of die narsistiese persoonlikheidsversteuring 'n bevredigende aanduiding is van faktore wat aanleiding gee tot geweldpleging teenoor die vroue, of aspekte wat die geweldpleging in stand hou nie. Ten opsigte van manlike geweldenaars, is gefokus op 'n passief-aggressiewe, obsessief-kompulsiewe, paranoïde, afhanklike, grens-, narsistiese en antisosiale persoonlikheidsversteurings, maar ook op sadisme as tipiese psigopatologieë wat met dié individue geassosieer word. Opnuut is bevind dat alhoewel elkeen van die psigopatologieë enkele faktore aandui wat moontlik met aggressiewe optrede gepaard gaan, nie 'n bevredigende verklaring vir die totstandkoming en instandhouding van geweld voorsien word nie. Daarom word tot die slotsom geraak dat psigopatologieë hoogstens 'n aanduiding kan wees van predisponerende faktore wat 'n bydraende rol speel tot geweld, maar dat dit nie as genoegsaam beskou kan word om die voorkoms van geweld binne saamwoon- en huweliksverhoudings te verklaar nie.

Die bespreking oor psigopatologieë is opgevolg deur 'n ondersoek na karaktereienskappe van die geweldenaars en slagoffers, as deel van die ontleding van individuele faktore wat aanleiding gee tot geweld en dit in stand hou. Ten opsigte van sowel manlike geweldenaars as vroulike slagoffers van geweld, is 'n bespreking gevoer oor psigiese aspekte, emosionele belewenisse, konatiewe faktore en kognitiewe prosesse wat moontlik as bydraende faktore tot en as resultate van geweldpleging beskou kan word. Psigiese aspekte wat by sowel geweldenaars as slagoffers geïdentifiseer is, is 'n lae selfwaarde en 'n geneigdheid tot depressie en afhanklikheid, terwyl vrees as 'n emosionele belewenis, ook by beide voorkom. Voorts is aangedui dat ook ontkenning en minimalisering verdedigingsmeganismes is wat by beide partye teenwoordig is. Ander aspekte wat vermelding verdien is die *"God-complex"* wat by manlike geweldenaars geïdentifiseer kan word, terwyl 'n posttraumatiese stresversteuring, die *mishandelde vrou sindroom*, aangeleerde hulpeloosheid en uitbranding aangedui is as resultate van geweldpleging by vroue.

Die analise van individuele faktore is afgesluit deur 'n bespreking van die betrokkenes se persoonlike bronne as aanleidende faktore tot die ontstaan en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Tydens die bespreking is aangedui dat lae beroepstatus, 'n gemiddelde opvoedingsvlak en 'n lae inkomste faktore is wat met sowel 'n hoër voorkoms van geweldpleging as meer intense geweldpleging geassosieer word. Ook is aangedui dat 'n gebrek aan selfgeldende optrede, waarskynlik weens onvoldoende kommunikasievaardighede, 'n aanleidende faktor is tot mans se geneigdheid tot geweldpleging. Gebrekkige kommunikasievaardighede gee waarskynlik aanleiding daartoe dat die man nie sigself kan handhaaf sonder die benutting van geweld nie, wat daartoe aanleiding gee dat hy van geweldpleging as *uiterste bron* gebruik maak om sy posisie van mag en dominansie te bevestig.

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk, is nie aandag geskenk aan interaksionele patrone wat multigeneratief vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong oorgedra word en wat kan aanleiding gee tot geweldpleging in gesinsverband nie. Beïnvloeding vanuit die gesin-van-oorsprong waaraan wel aandag geskenk is, is die rol van ouers in kinders se sosiale aanleer van geweldpleging. Aandag is spesifiek gefokus op lyfstraf as 'n vorm van gelegitimeerde geweld wat kinders deur middel van waarneming, modellering en positiewe versterking aanleer. Die *"Cultural Spillover Theory"* is benut om te beskryf hoedat geweld wat gelegitimeer is in een sfeer van die samelewing, as't ware oorspoel na ander sfere van die samelewing met die resultaat dat geweldpleging in een konteks ook geweld in ander kontekste kweek.

Die rol van die patriargale stelsel en samelewingspersepsies dat mans die magsdraers en uitoefenaars van beheer moet wees, is aangedui in die bespreking oor die rol van mag in gewelddadige optrede. Meer spesifiek, is aandag geskenk aan die ontwikkeling van 'n geslagsrolidentiteit en hoedat uitvoering gegee word aan die persepsies en fantasieë wat gekoppel word aan die manlike geslagsrol. Drie magsdomeine is onderskei, naamlik magsbasisse en magsprosesse wat aanleiding gee tot magsresultate. Hiervolgens verwys *magsbasisse* na persoonlike eienskappe van die betrokkene soos kommunikasievaardighede, opleidingsvlak, sosio-ekonomiese status en inkomste, terwyl *magsprosesse* onder andere 'n aanduiding gee van selfhandhawingsvaardighede, oorredingsvermoëns en probleemoplossende vaardighede waaroor beskik word. Die magsbasisse en magsprosesse verskaf aan die persoon die fundering vir *magsresultate*, naamlik 'n aanduiding van wie die finale beslissing maak of as wenner uit 'n argument tree. Op grond hiervan is aangetoon dat as 'n man beleef dat hy nie oor genoegsame mag, gesag en beheer oor sy vrou beskik nie, hy van geweld as 'n *uiterste bron* gebruik kan maak om sy meerdere posisie te bevestig.

In die bespreking oor die rol van alkohol- en chemiese substansgebruik is aangedui dat alhoewel die gebruik van dié middels geassosieer word met die voorkoms van gewelddadige gedrag, die verband nie as kousaal aangedui kan word nie. Die gebruik van substanse het wel disinhibisie en kognitiewe omverwerping op die gebruiker as resultaat, maar wanneer die konteks waarbinne die substans gebruik word en waar die geweldpleging plaasvind in samehang met disinhibisie en kognitiewe omverwerping geanaliseer word, kan kousaliteit nie bewys word nie. Wat wel waar is, is dat alkohol- en chemiese substansgebruik nie alleen geassosieer word met 'n hoër frekwensie van gewelddadige gedrag nie, maar ook met meer intense vorme van geweldpleging. Die afleiding wat gemaak word, is dat persone wat behandeling vir hulle gewelddadige gedrag ontvang, moontlik ook 'n probleem met substansgebruik kan hê, terwyl persone wat behandeling vir alkohol- en chemiese substansafhanklikheid ontvang, waarskynlik ook 'n geneigdheid tot gewelddadige gedrag kan openbaar. 'n Ekologiese benadering tot die ontleding en behandeling van sowel gewelddadige gedrag as alkohol- en chemiese substansafhanklikheid word gesuggereer, aangesien dié benadering die klem verskuif weg van 'n liniêre denkraamwerk, na 'n meer holistiese, sirkulêre kousaliteitsperspektief. Sodoende kan tydens maatskaplikewerkhulpverlening gefokus word op die interaksieprosesse en prosesse van wedersydse beïnvloeding tussen 'n verskeidenheid van interverweefde sisteme, sodat tegelykertyd aan gewelddadige gedrag en substansafhanklikheid aandag geskenk sal kan word.

In die laaste deel van die hoofstuk, word 'n bespreking gevoer oor faktore wat slagoffers se besluitneming oor die gewelddadige verhouding beïnvloed. Beweringe dat vroue wat in geweldgekenmerkde verhoudings bly masochisties is en dus die geweld geniet, word weerlê deur onder andere te verwys na ekonomiese faktore, 'n gebrek aan alternatiewe behuising, die vrou se verantwoordelikheid vir kinderversorging, godsdienstige oorwegings en vrees vir die man en vir die vreemde indien sy die man sou verlaat, as faktore wat haar besluitneming beïnvloed. Hierdie faktore gee nie alleen aanleiding daartoe dat die vrou in die verhouding bly nie, maar speel ook 'n bydraende rol tot die geheimhouding van die geweld en die vrou se rasionalisering oor waarom sy in die verhouding bly. 'n Bespreking is gevoer oor faktore wat daartoe aanleiding gee dat 'n vrou uiteindelik besluit om die man te verlaat, soos byvoorbeeld 'n verandering in die intensiteit van die geweld, veranderinge in haar ekonomiese en behuisingsomstandighede en 'n veranderde definiëring van haarself, haar man se gedrag, haar kinders en haar situasie. Die hoofstuk word afgesluit deur 'n aanduiding van kenmerke van vroue wat by herhaling na die gewelddadige verhouding terugkeer, op grond waarvan die afleiding gemaak word dat om 'n gewelddadige man permanent te verlaat dikwels 'n sikliese proses is wat gekenmerk word deur 'n aantal verlatings en terugkerings, alvorens 'n finale besluit geneem word om hom permanent te verlaat.

HOOFSTUK 5

DIE GESINSVLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

Die tweede vlak van die ekologiese ontledingsisteem, naamlik die gesin, word in hierdie hoofstuk ondersoek. Die gesinsvlak omsluit die individuele vlak wat in hoofstuk vier bespreek is, terwyl die gesin op sy beurt omsluit word deur die sosiaal-strukturele (hoofstuk ses) en sosio-kulturele vlakke (hoofstuk sewe) van die ekologiese ontledingsisteem. Nie alleen beïnvloed gesinsfunksionering dus die individue wat die subsisteme van die gesinsisteem vorm nie, maar word gesinsfunksionering ook beïnvloed deur die eienskappe van elk van dié subsisteme. Voorts word die gesinsisteem beïnvloed deur die sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke van die samelewing, terwyl gesinsfunksionering terselfdertyd ook 'n invloed sal uitoefen op dié twee samelewingsvlakke.

Verskeie outeurs (Carlson, 1984:575, Kalmuss, 1984:11, Margolin et al., 1988:97 en Flynn 1990:196) is dit eens dat 'n aantal faktore in die gesin teenwoordig is wat daartoe aanleiding gee dat die gesin by uitstek 'n konteks is waarbinne gewelddadige gedrag kan voorkom. Hierdie aspekte sluit in dat die gesin;

- 'n konteks is vir sosialisering, met die resultaat dat interpersoonlike konflik wat tot gewelddadigheid kan aanleiding gee, kan voorkom,
- gekenmerk word deur 'n hoë frekwensie, diversiteit en intensiteit van interaksie wat met die belewenis van stres kan gepaardgaan en kan aanleiding gee tot geweld,
- private en intieme verhoudings omsluit wat die moontlikheid dat gewelddadige gedrag mag voorkom verhoog,
- 'n konteks is waarbinne 'n verskeidenheid van aktiwiteite beoefen word deur persone wat verskil in terme van geslag, ouderdom, vermoëns en toegang tot hulpbronne,
- bestaan uit gesinslede wie se aktiwiteite en behoeftes op mekaar se vryhede mag inbreuk maak en
- dat die gesin beskik oor die reg tot beïnvloeding van sy lede, wat 'n inherente eienskap is van gesinne wat tot konflik en gewelddadigheid kan aanleiding gee.

Hieruit word afgelei dat die aard van die gesin as 'n instelling (hoë frekwensie, diversiteit en intensiteit van interaksie binne die konteks van private en intieme verhoudings), die funksies van die gesin (sosialisering deur middel van wedersydse beïnvloeding) en verskille tussen die gesinslede (diverse aktiwiteite en behoeftes van persone van verskillende geslagte, ouderdomme en vermoëns wat op mekaar se vryhede inbreuk kan maak), die gesin 'n konteks maak waarbinne konflik wat kan aanleiding gee tot gewelddadige gedrag, kan voorkom.

Na aanleiding van navorsing wat deur Straus et al. (1981:157) gedoen is met 'n steekproef bestaande uit 2 143 Amerikaanse egpare, is bevind dat die meeste geweld teenoor vroue in gesinsverband voorkom na aanleiding van konflik oor huishoudelike take soos byvoorbeeld koskook, skoonmaak en herstelwerk aan die huis. Naas huishoudelike take, word seks, sosiale aktiwiteite, finansies en konflik oor kinders as aspekte aangedui wat tot gewelddadigheid in die gesin aanleiding gee. Deur middel van die benutting van die CTS1, dui Carlson (1984:575) konflik oor kinders as dié faktor aan wat tot die mees intense vorme van geweld teenoor vroue in gesinsverband aanleiding gee.

Alhoewel Jouriles en Norwood (1995:69-70) akkoord gaan met bogenoemde navorsingsbevindinge, wys hulle daarop dat konflik nie in alle gesinne aanleiding gee tot gewelddadige gedrag nie, met die resultaat dat *"... patterns of aggression within such families cannot be captured by simple linear models, making it imperative for researchers to consider more complex relationships if patterns of family violence are to be understood."* (Vgl. ook Ammerman en Hersen, 1990:6 en Viano, 1992:10 in hierdie verband.)

In ooreenstemming met Jouriles en Norwood (1995:69-70), word die klem in hierdie hoofstuk nie geplaas op die individuele faktore wat tot geweld kan aanleiding gee nie, maar word gefokus op gesinsfunksionering. Die individue wat in hoofstuk vier bespreek is, word hier beskou as subsisteme van die gesinsisteem, terwyl die fokus weg van die individue, na gesinsistemiese funksionering verskuif word.

Volgens Carlson (1984:574) behoort 'n ontleding van die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem minstens 'n aanduiding in te sluit ten opsigte van die gesinstruktuur (rolle in die gesin en die aard van die gesinsistemiese grense) en die interaksionele dinamika (interaksie tussen die subsisteme in die gesinsisteem, konflikhanteringsmeganismes wat benut word en gesin-van-oorsprongbeïnvloeding) wat in die gesinsisteem aangetref word. Die fokus is dus nie

soseer op *wie* betrokke is in die gesinsisteem nie, maar op *wat elke gesinslid se reaksie is* en op *hoe* die gebeurtenisse plaasvind.

Hierdie hoofstuk sluit dus nie 'n bespreking van sosio-kulturele persepsies en verwagtinge ten opsigte van die huwelik, gesinslewe en rolverwagtinge (vgl. hoofstuk sewe) in nie en daar word ook wegbeweeg van 'n liniêre kousaliteitsperspektief (vgl. hoofstuk vier) na 'n meer sirkulêre, gesinsistemiese perspektief. Vir hierdie doel word die hoofstuk afgebaken tot twee sirkulêre ontledingsparadigmas ten opsigte van gesinsfunksionering wat beide gedurende die 1970's ontwikkel is, naamlik die strukturele benadering van Salvador Minuchin en die teorie van Murray Bowen ten opsigte van multigeneratiewe oordrag van interaksionele gesinspatrone. Eersgenoemde benadering word as bruikbaar beskou aangesien die klem geplaas word op die gesinstruktuur en interaksionele dinamika binne die gesinsisteem in 'n poging om die voorkoms en instandhouding van simptoomgedrag, byvoorbeeld geweld, te verken, te beskryf en te behandel (Minuchin, 1985:1-15). In teenstelling met die liniêre beskouing dat die gesin-van-oorsprong die lokus is waar kinders gewelddadige gedrag *aanleer* deur modellering en nabootsing daarvan (vgl. 4.4), bied Bowen se teorie 'n sirkulêre verklaring vir multigeneratiewe *oordrag van interaksiepatrone*, soos byvoorbeeld gewelddadige gedrag teenoor 'n vroulike verhoudingsmaat, vanuit die gesin-van-oorsprong (Jones, 1980:51, Singleton, 1983:87 en Papero, 1991:58).

Geensins word gepoog om 'n allesomvattende bespreking te voer ten opsigte van die genoemde paradigmas of terapeutiese intervensies wat daarop gegrond is nie. In ooreenstemming met die doel van die studie, word gefokus op 'n analise van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings op die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem deur die benutting van Minuchin se strukturele benadering en Bowen se teorie.

5.1 'N STRUKTURELE BENADERING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

In 2.2.3.1 is verwys na die *onoptelbaarheid* van 'n sisteem, op grond waarvan aangedui is dat 'n gesinsisteem meer is as bloot die som van sy subsisteme of die som van die karaktereienskappe van die subsisteme (gesinslede). Hierdie aspek word deur Minuchin (1985:89) aangedui as die basis van die strukturele benadering tot gesinne: *"(A) family is more than the individual biopsychodynamics of its members. Family members relate according to certain arrangements, which*

govern their transactions. These arrangements, though usually not explicitly stated or even recognized, form a whole - the structure of the family." Op grond hiervan, word in die bespreking van die fundamentele uitgangspunte van die strukturele benadering gefokus op die volgende aspekte van die gesinsisteem: Die lokalisering van patologie, die kontekstuele vorming van 'n individuele identiteit, die gesinstruktuur en -aanpassing, die gesinslewenskonteks en op die funksie van die simptoomgedrag vir die gesinsisteem.

5.1.1 DIE LOKALISERING VAN PATOLOGIE

Anders as in die geval van liniêre psigopatologiese perspektiewe, waar die individu en sy unieke persoonlikheidstrekke en -tekortkominge beskou word as die *oorsaak* van patologie (vgl. 2.1.1 en 4.3.1), vestig Minuchin (1985:9) die aandag daarop dat *"(p)athology may be inside the patient, in his social context, or in the feedback between them."* In sy verduideliking van hierdie lokalisering van patologie, maak Minuchin (1985:9) van drie stellings gebruik:

Stelling een

'n Mens se psige is nie ten volle 'n interne proses nie. Die individu beïnvloed sy konteks en word beïnvloed daardeur as 'n resultaat van voortdurende en herhalende interaksieprosesse met sy omgewing. Sy aksies word gerig deur die eienskappe van die sisteem wat die resultate van sy eie vorige aksies insluit. Hy reageer op stressore in ander dele van die sisteem deur daarby aan te pas en hy mag betekenisvol bydra tot ander lede van die sisteem se belewenis van stres. Die individu kan derhalwe benader word as 'n subsisteem van die groter gesinsisteem, maar die geheel waarvan hy deel is, behoort voortdurend in ag geneem te word (Minuchin, 1985:9).

'n Sirkulêre perspektief waarvolgens die individu se reaksie gerig word deur sy interaksie met sy omgewing, word dus beklemtoon. In ooreenstemming met die bespreking in 2.3.2.1, waar daarna verwys is dat A aanleiding gee tot B, wat weer lei tot 'n verandering in A, word die klem ook hier geplaas op die individu wat reageer ten opsigte van sy omgewing, wat aanleiding gee tot 'n verandering in die omgewing, waarby die betrokkene op sy beurt weer moet aanpas.

Stelling twee

Veranderinge in die struktuur van 'n gesin dra daartoe by dat veranderinge in die gedrag en die psigiese prosesse van die lede van die gesinsisteem, moet plaasvind (Minuchin, 1985:9). Die stelling impliseer dat die individu moet aanpas by veranderinge in die gesinsisteem, terwyl die aanpassing aanleiding gee tot sowel psigiese as gedragsveranderinge. Veranderinge in die

individu, beïnvloed dan weer die konteks waarbinne die veranderinge plaasvind, wat daartoe aanleiding gee dat die konteks by die veranderinge in die individu sal moet aanpas.

Stelling drie

Wanneer 'n terapeut met 'n individu of 'n gesin werk, word sy gedrag deel van die konteks van elkeen van die gesinslede. Die terapeut en die gesin vorm 'n nuwe terapeutiese sisteem wat elke gesinslid se gedrag en psigiese prosesse sal beïnvloed en rig (Minuchin, 1985:9). Terapeutiese betrokkenheid by 'n individu of by 'n gesinsisteem, gee dus daartoe aanleiding dat die terapeut deel word van die beïnvloeding wat elke individuele kliënt of gesinslid se gedrag en emosionele prosesse rig. Uiteraard word die terapeut se gedrags-, kognitiewe en emosionele prosesse ook beïnvloed deur die terapeutiese sisteem, wat daartoe aanleiding gee dat voortdurende bewustheid van hierdie beïnvloeding noodsaaklik is vir wetenskaplik-gefundeerde en sover moontlik, objektiewe dienslewering.

Hieruit kan sirkulêre kousaliteit ten opsigte van gewelddadige gedrag deur 'n man teenoor sy vroulike verhoudingsmaat afgelei word. Die man wat gewelddadige gedrag openbaar, se optrede is 'n reaksie op gebeurtenisse in sy gesinsisteem, terwyl die gesinsisteem weer by sy gewelddadige reaksie moet aanpas. Veranderinge in die gesinsisteem, kan dan aanleiding gee tot psigiese, kognitiewe en gedragsveranderinge by die man wanneer hy aanpas by die kontekstuele veranderinge. Dieselfde argument sou ook vir vroulike slagoffers van geweld geld, naamlik dat haar reaksie op haar gewelddadige konteks beïnvloed word deur die aard van die konteks en dat in die gesinsisteem aangepas moet word by haar emosionele, kognitiewe en gedragsreaksies op die geweld.

Om hierdie rede word akkoord gegaan met Russell (1988:195) wat skryf dat die gewelddadige verhouding beskou word as 'n wedersydse probleem van die egpaar en nie die skuld van slegs een party nie. Geweld vervul 'n bepaalde funksie in so 'n verhouding, deurdat dit aangewend word om nabyheid en afstand in die verhouding te reguleer. Die gewelddadige verhouding duur voort omdat die interpersoonlike interaksies 'n stabiele, maar eksplosiewe momentum verkry het.

Patologie is dus nie geleë alleen in die gewelddadige man nie, maar ook in die gesinsisteem en die wedersydse aanpassingsprosesse van sowel die gesinsisteem as die manlike geweldenaar. Ook lê die patologie nie by die vroulike slagoffer nie, maar in die geweldgekenmerkde konteks

waarbinne sy haar bevind, haar reaksie ten opsigte daarvan en die gesinsisteem se aanpassings na aanleiding van haar reaksie.

Hierdie diagnose van patologie verskil radikaal van dié wat vanuit 'n mediese model gemaak word. 'n Psigiatriese diagnose behels byvoorbeeld dat data ingesamel word ten opsigte van 'n pasiënt se simptome en die etikettering van die betrokkene na aanleiding van die ingesamelde data (Minuchin, 1985:129). Voorbeelde van sodanige psigiatriese diagnoses met betrekking tot geweld teenoor vroue wat in 4.2.1 en 4.2.2 aangedui is, is masochisme, sadisme en 'n aantal persoonlikheidsversteurings. 'n Gesinsistemiese diagnose daarenteen, behels die terapeut se aansluiting by die gesin ten einde 'n terapeutiese sisteem te vorm, wat opgevolg word deur 'n assessering op grond van sy ervaring van die gesin se huidige interaksie. Die geïdentifiseerde pasiënt word derhalwe beskou as die gesinslid wat mees sigbaar problematiese gedrag uitdruk wat die totale gesinsisteem se funksionering beïnvloed (Minuchin, 1985:129). 'n Man wat gewelddadig optree teenoor sy vroulike verhoudingsmaat, is dus hiervolgens die geïdentifiseerde pasiënt wie se gewelddadigheid beskou word as 'n uitdrukking van 'n gesinsistemiese probleem wat die totale gesinsisteem se funksionering beïnvloed.

Die afleiding word gemaak dat 'n *psigiatriese diagnose*, *blaam* teenoor die man as *veroorsaker* van problematiek en aansprake op die man om *sy gedrag te verander* en *verantwoordelikheid te neem* vir die *gevolge* daarvan, vanuit die strukturele benadering irrelevant is. Voorts sou *blamering* van die vrou vir die feit dat sy haarself en haar kinders by herhaling blootstel aan die geweld van haar manlike verhoudingsmaat deur hom nie te verlaat nie, nie binne hierdie paradigma tuishoort nie. Sowel die gedrag van die manlike geweldenaar as die vroulike slagoffer van geweld, word vanuit die strukturele benadering beskou as 'n uitdrukking van gesinsistemiese disfunksionering en nie as die *gevolg* van eie keuse, onvermoëns om verantwoordelikheid vir sigself te neem of as *gevolg* van psigopatologieë wat teenwoordig is nie.

5.1.2 DIE GESIN AS 'N MATRIKS VIR IDENTITEIT

In alle kulture word 'n persoon se identiteit onder andere gevorm deur beïnvloeding vanuit die gesinsisteem waarvan hy / sy deel is. Die mens se belewenis van sigself word deur twee elemente beïnvloed, te wete 'n gevoel van geborgenheid en 'n belewenis van outonomie. Gesinsisteme word deur Minuchin (1985:47) beskryf as die "... *laboratory in which these*

ingredients are mixed and dispensed ...", wat daartoe aanleiding gee dat die gesinsisteem as 'n individu se matriks vir identiteit beskou kan word. Waarskynlik word ook individue wat nie in 'n tipiese gesinskonteks grootword nie, byvoorbeeld kinders in 'n kinderhuis of straatkinders, se identiteit steeds gevorm deur die mate van outonomie en geborgenheid wat binne hulle konteks beleef word.

Die individu se belewenis van outonomie en geborgenheid, word gevorm deur deelname in verskillende subsisteme van die gesin, betrokkenheid by aktiwiteite in verskillende gesinskontekste en deur deelname aan aktiwiteite in die suprasisteem van die gesinsisteem. Soos wat die kind en die gesin beweeg deur die verskillende fases van gesinsontwikkeling[35], behoort aan die individu meer outonomie gegee te word, sodat hy / sy sigself toenemend as eie entiteit, maar steeds as deel van die gesinsisteem, kan beskou. Hierdie belewenis van sigself as 'n individu, word beïnvloed deur sy / haar belewenis dat hy / sy lid is van verskillende groepe (Minuchin, 1985:47-48).

Die gesin kan dus as 'n matriks vir elke persoon se identiteit beskou word, op grond van die volgende aspekte:

- Die gesin is 'n plek waar 'n gevoel van outonomie en geborgenheid by sowel volwassenes as kinders ontwikkel word, deur middel van;
  - ◊ deelname aan aktiwiteite in die verskillende subsisteme van die gesin, byvoorbeeld wanneer die sibbe-subsisteem saam skottelgoed was, in die ouer-kindsubsisteem waar 'n pa sy seun met hom saamneem wanneer hy gaan visvang of in die egpaarsubsisteem waar die man en vrou vir 'n naweek weggaan sonder om die kinders saam te neem,
  - ◊ betrokkenheid by aktiwiteite in verskillende gesinsistemiese kontekste, soos byvoorbeeld om as gesin saam kerk toe te gaan, saam Kersinkopies te doen, 'n konsert by te woon of tuis saam na 'n sportwedstryd op televisie te kyk en deur middel van
  - ◊ deelname aan aktiwiteite buite die gesinsisteem, soos byvoorbeeld 'n kind wat aan 'n sportsoort deelneem, 'n moeder wat by 'n Bybelstudiegroep inskakel of werk verrig as 'n vrywilliger by 'n welsynsinstansie of 'n vader wat op Saterdagmiddae gaan golf speel.
- Voorts is die gesin 'n plek waar 'n kind, ten spyte daarvan dat hy / sy ouer word en meer outonomie verkry, steeds geborgenheid kan ervaar.

---

35 Vgl. 2.2.3.3 vir 'n bespreking oor die gesinsontwikkelingsfases en -take na aanleiding van Duvall en Miller (1985:62).

Na aanleiding hiervan word die afleiding gemaak dat elke gesinslid 'n unieke belewenis van outonomie en geborgenheid in die gesinsisteem ervaar en dat hierdie belewenis gevorm en in stand gehou word deur interaksie met die gesinsisteem, die gesinsisteem se reaksie op die betrokkene en deur eie voorafgaande gedrag wat die gesinsisteem se reaksie beïnvloed. Gesinslede wat 'n gewelddadige vader probeer vermy, hom uitsluit van gesinsistemiese aktiwiteite en interaksie met hom sodoende tot die minimum beperk, skep waarskynlik 'n belewenis by die betrokkene van min geborgenheid en 'n hoë mate van outonomie. Hierteenoor sou 'n moeder wat haar kinders oorbeskerm deur hulle bewegingsvryheid in te perk en deur hulle selde onder haar oë te laat uitgaan, by die kinders 'n hoë mate van geborgenheid skep, terwyl bykans geen outonomie aan hulle gegee word nie.

Anders as in die geval van 'n liniêre benadering waar die individu se identiteit beskou word as 'n samestelling van persoonlike, emosionele, kognitiewe en konatiewe faktore wat geëtiketteer / gediagnoseer kan word in terme van 'n aantal psigopatologieë, is die fokus in die strukturele benadering van Minuchin dus op die vorming van 'n identiteit deur middel van die belewenis van outonomie en geborgenheid in die konteks waarbinne die betrokkene sigself bevind.

5.1.3 GESINSTRUKTUUR

Die gesinstruktuur word deur Minuchin (1985:51) aangedui as 'n onsigbare stel funksionele verwagtinge wat wyses waarop gesinslede met mekaar in interaksie tree, organiseer. Aspekte soos interaksionele patrone, gesinsgrense en verwagtinge wat gestel word aan die verskillende subsisteme van die gesinsisteem is dus elemente van die gesinstruktuur. Elk van hierdie aspekte, met spesifieke verwysing na die omstandighede waar geweld teenoor vroue in saamwoon- of huweliksverhoudings voorkom, word vervolgens toegelig.

5.1.3.1 Transaksionele patrone

Die wyse waarop die funksionele verwagtinge gesinsinteraksie organiseer, word aangedui as synde deur middel van transaksionele patrone. Herhaalde transaksies vestig patrone van hoe, wanneer en met wie in interaksie getree word in die gesinsisteem, wat daartoe aanleiding gee dat 'n transaksionele patroon wat kenmerkend is van 'n gesinsisteem, tot stand kom (Minuchin, 1985:51).

Transaksionele patrone kan dus beskou word as die 'n resultaat van die gesinstruktuur en word gevestig deur herhaalde transaksies waartydens aan die gesin se funksionele verwagtinge voldoen word. Gesinslede se gedrag word derhalwe voorgeskryf, in stand gehou en beheer deur middel van transaksionele patrone.

Volgens Minuchin (1985:51-52) word transaksionele patrone in stand gehou deur twee beheermeganismes, naamlik *generiese* en *idiosinkratiese sisteme*. Eersgenoemde verwys na universele reëls wat elemente van gesinslewe voorskryf, byvoorbeeld dat ouers en kinders oor verskillende hoeveelhede mag en beheer beskik en dat die man en vrou interafhanklik behoort te wees en as 'n span moet saamwerk. Hierteenoor verwys idiosinkratiese sisteme na wedersydse verwagtinge ten opsigte van spesifieke gesinslede. Hierdie verwagtinge se oorsprong kan teruggevoer word na jarelange eksplisiete en implisiete interaksie tussen gesinslede ten opsigte van alledaagse aangeleenthede. Voorbeelde van idiosinkratiese sisteme sou waarskynlik kon insluit dat die vader in die gesin geensins gemoeid is daarmee om kruideniersware te koop nie, dat nie gepraat word oor 'n miskraam wat die moeder gehad het nie of dat kinders se versoeke vir sakgeld via die moeder aan die vader gerig word.

Alhoewel Straus et al. (1981:197) nie spesifiek verwys na transaksionele patrone in gesinsverband as 'n aanleidende faktor tot die ontstaan en instandhouding van geweld teenoor vroue nie, fokus hulle die aandag daarop dat sowel kindermishandeling as vrouemishandeling meer dikwels voorkom in gesinne waar die besluitnemingsprosesse in die hande van die vader alleen gelaat word. Hierdie aspek word ook deur Giles-Sims (1983:18) beskryf wat na aanleiding van haar navorsing tot die gevolgtrekking raak dat vrouemishandeling die resultaat is van 'n interaksionele proses wat spruit uit die huweliksmaats se komplementêre behoeftes. Hiervolgens is die man in 'n komplementêre verhouding teenoor sy vrou, met ander woorde, hy is in die meerdere posisie en sy in die mindere posisie. Solank as wat die verhouding nie betwis word deur die vrou nie, kan geweld vermy word, maar sodra sy poog om 'n meer simmetriese verhouding tot stand te bring, kan geweld ontketen word as 'n homeostatiese meganisme wat die komplementêre verhouding bevestig. (Vgl. ook Bolton en Bolton, 1987:116 in hierdie verband.)

Die transaksionele patroon waarna verwys word bestaan dus uit 'n man en sy vrou se komplementêre transaksies waarvolgens die man oor mag en beheer beskik ten opsigte van byvoorbeeld besluitneming, terwyl die vrou onderdanig aan hom is en sy wense en besluite

eerbiedig. Gewelddadige gedrag kan by die man ontstaan as die vrou sou poog om die gesinsisteem se ekwilibrium te versteur deur in 'n meerdere mate van simmetriese transaksies gebruik te maak. In so 'n geval is die funksie van die gewelddadige gedrag waarskynlik om 'n rigiede ekwilibrium in die gesinsisteem te handhaaf.

'n Ander transaksionele patroon waarna Carlson (1984:576) en Ammerman en Hersen (1990:7) verwys, is die dinamika wat volg op 'n aggressiewe episode van die man. 'n Vrou sou byvoorbeeld telkens kon dreig om die man te verlaat, maar nooit so ver gaan om dit te doen nie, of die man by herhaling verlaat waarna weer teruggekeer word na die verhouding. Die man se reaksie sou waarskynlik kon insluit berou, beloftes om sy gedrag nie te herhaal nie, 'n onderneming om nooit weer alkohol te gebruik nie en *"... behaving like a model husband for some period of time"* (Carlson, 1984:576). Na verloop van tyd ontwikkel spanning weer, die man tree aggressief op en 'n transaksionele patroon gekenmerk deur wedersydse dreigemente, beloftes en pleidooie wat eindig in intimiteit tussen die betrokkenes, word herhaal[36].

Die stel van eise en weerhouding (*"demand / withdraw"*) word deur Babcock et al. (1993:41-42) beskryf as 'n transaksionele patroon wat kenmerkend is in huweliksverhoudings waar emosionele geweldpleging teenoor die vrou plaasvind. Hiervolgens plaas die eiser (meesal die vrou) druk op die man deur emosionele aansprake op hom te maak, hom te kritiseer en by hom te kla, terwyl die weerhouer (meesal die man) reageer deur verdediging, passiwiteit of weerhouding van die aspekte waaroor eise gestel word. Deur te onderskei tussen die rolle van eiser en weerhouer, word die magswanbalans in die verhouding beklemtoon. Die proses word soos volg deur Babcock et al. (1993:42) beskryf: *"Given the principle of least interest, those who want less have more to say; that is, those who demand change, intimacy, or engagement are in a less powerful position than those who want to maintain the status quo. The stereotyped sex-difference in the demand / withdraw interaction pattern may be attributable to men's greater control over the allocation of rewards; women, as a low-power group, may use psychological pressure to influence male partners' behavior."* Gevolglik behou mans hulle mag oor vroue deur die vestiging van 'n transaksionele patroon wat gekenmerk word deur die weerhouding van aspekte wat vroue wil hê (byvoorbeeld betrokkenheid, emosionele nabyheid of nuwe gedragsvorme deur die man). Om die eiser te wees tydens sodanige transaksie, impliseer dus dat die betrokkene in 'n swakker magsposisie is as wat die geval is met die weerhouer, aangesien laasgenoemde sy magsposisie kan bevestig en uitoefen deur nie toe te gee aan die eise wat gestel word nie.

---

[36] 'n Soortgelyke transaksionele patroon is in 3.4 bespreek as 'n fase in 'n geweldsiklus.

'n Eie waarneming tydens maatskaplikewerkdienslewering aan verhoudingspare waar geweld teenoor die vroulike verhoudingsmaat voorkom, is 'n transaksionele patroon wat gekenmerk word deur onttrekking deur die vroulike slagoffer nadat geweldpleging plaasgevind het. Die patroon bestaan daaruit dat die vroulike slagoffer na afloop van die man se gewelddadige gedrag teenoor haar, hom as't ware straf deur nie verbaal met hom te kommunikeer nie, terwyl haar nie-verbale boodskappe aan hom gekenmerk word deur ignorering, blaam en emosionele afstand. Sodoende skep die vrou waarskynlik vir haarself 'n posisie van mag en beheer oor die man, waarop hy reageer deur onderdanigheid aan haar en beloftes om sy gedrag nie te herhaal nie. Indien die vrou positief op die man se gedrag reageer, word die onttrekking gevolg deur 'n fase van emosionele nabyheid en vergifnis, waarna spanning weer opbou in die verhouding wat uiteindelik aanleiding gee tot konflik en geweld deur die man. In situasies waar die man se reaksie geen invloed op die vrou se onttrekking het nie, blyk dit dat aanleiding gegee word tot verdere geweld teenoor haar ten einde haar tot reaksie te dwing.

'n Laaste faset wat aandag verdien in die bespreking van transaksionele patrone in gesinne waar geweldpleging ten opsigte van die vroulike verhoudingsmaat plaasvind, is gebrekkige kommunikasievaardighede. In 4.2.2.2 is daarna verwys dat een eienskap wat algemeen aangetref word by manlike geweldenaars, 'n gebrek aan effektiewe kommunikasie-vaardighede is. Alhoewel Carlson (1997:81) nie verwys na tipiese transaksionele patrone wat die resultaat van gebrekkige kommunikasievaardighede is nie, fokus sy die aandag daarop dat die betrokkenes se wyses van kommunikasie met mekaar en hulle meganismes van besluitneming en probleemoplossing, nadelig daardeur beïnvloed word. Transaksionele patrone wat tot gewelddadige gedrag kan aanleiding gee, ontwikkel dus onder andere ook as 'n resultaat van die betrokkenes se onvermoëns om effektief met mekaar te kommunikeer.

Gewelddadige gedrag teenoor 'n vroulike verhoudingsmaat word dus in 'n gesinsisteem in stand gehou en beheer deur middel van transaksionele patrone wat tussen die betrokkenes plaasvind. Hierdie patrone kan onder andere beïnvloed word deur die betrokkenes se gebrek aan effektiewe kommunikasievaardighede, besluitnemings- en probleemoplossings-meganismes. Patologiese transaksionele patrone wat hier onderskei is as kenmerkend van gesinsisteme waar geweldpleging ten opsigte van die vrou plaasvind, sluit in;

- die benutting van geweld om haar te dwing in 'n komplementêre verhouding en ondergeskikte posisie teenoor dié van die man,

- transaksionele patrone na afloop van 'n gewelddadige insident wat gekenmerk kan word deur die vrou se onttrekking, die man se pleidooie om vergifnis en beloftes om sy gedrag te staak, wat opgevolg word deur intimiteit in die verhouding, waarna spanning weer begin opbou en uitloop op 'n volgende gewelddadige insident en
- die stel van eise deur die vrou en weerhouding van voldoening aan die eise deur die man.

5.1.3.2 Gesinsgrense

'n Bykans universele verskynsel by gesinne waar geweldpleging teenoor die vrou plaasvind, is die teenwoordigheid van rigiede gesinsisteemgrense (Carlson, 1984:574, Bolton en Bolton, 1987:35 en 46, Flynn, 1990:196, Kilpatrick en Lockhart, 1991:611, Baumgartner, 1993:214 en McInnis-Dittrich, 1996:419). Sosiale isolasie as 'n resultaat van die rigiede gesinsisteemgrens, word deur Carlson (1984:576) beskryf in terme van gebrekkige kontak met die res van die uitgebreide gesin, bure en vriende. Die funksie van isolasie word deur Bolton en Bolton (1987:46) aangedui as geheimhouding van die geweldpleging in die gesin, met die resultaat dat *"... it prevents detection; ignores positive social values and monitoring that might inhibit the violence; and keeps resources, expertise, and the input of others from the family."* Rigiede gesinsisteemgrense hou dus as't ware die gewelddadige gedrag in stand, deurdat beïnvloeding vanuit die suprasisteem daardeur onmoontlik gemaak word.

Volgens Nielsen et al. (1992:58-59) kan die verband tussen sosiale isolasie en mishandeling van vroue deur hulle manlike verhoudingsmaats, op minstens twee wyses verduidelik word. Eerstens word gefokus op die wisselwerking tussen sisteme wat in die geval van rigiede gesinsisteemgrense nie kan plaasvind nie. Geïsoleerde gesinne word afgesny van betekenisvolle sosiale beheermeganismes deurdat die gesin nie terugvoer kry uit sy suprasisteem ten opsigte van interne gebeurtenisse nie. Die resultaat daarvan is dat *"... battering may occur because some behaviors don't get monitored and individuals consequently don't receive messages from others that violence is an inappropriate method for resolving conflicts"* (Nielsen et al., 1992:58). Die tweede verduideliking beklemtoon sosiale beheer, op grond daarvan dat bevind is dat sosiale isolasie van die gesin verhoog nadat die eerste gewelddadige insident plaasgevind het. Die argument is dat vroue se sosiale posisie hulle aktiwiteite beperk tot die huishouding. Isolasie vind reeds vroeg in die huwelik plaas en dit neem toe soos wat mans toenemend mag en beheer oor hulle

vrouens se aktiwiteite verkry. Ook vroue se huishoudelike en kinderversorgingstake beperk hulle aktiwiteite buite die gesin. Sosiale isolasie van vroue vermeerder dus na huweliksluiting en word selfs verder versterk deur fisiese mishandeling.

Die grens tussen die gesinsisteem waar geweld teenoor die vrou voorkom en die suprasisteem daarvan, is dus rigied van aard en gee daartoe aanleiding dat die geweld 'n geheim gehou word en in stand gehou word deur die gebrekkige mate van insette, deursette en uitsette wat ten opsigte van die suprasisteem ontvang en gelewer sou kon word as die sisteemgrens duidelik was. Die resultaat van die rigiede gesinsisteemgrens is dat sowel formele as informele ondersteuningstelsels wat beskikbaar is in die suprasisteem van die gesinsisteem nie bewus is van die geweldpleging nie en dus ook nie insette ter wille van verandering van die situasie, kan lewer nie.

Uiteenlopende afleidings oor die aard van die grens tussen die subsisteme in die egpaarsisteem, kan vanuit literatuurbronne (Deschner, 1984:60, Bolton en Bolton, 1987:128-129 en Rosenbaum, Cohen en Forsstrom-Cohen, 1991:46) gemaak word. Enkele van hierdie afleidings word vervolgens aangedui:

◊ Na aanleiding van die bespreking oor psigopatologieë in 4.2.1, word afgelei dat indien die manlike geweldenaar eienskappe vertoon wat kenmerkend is van 'n narsistiese, passief-aggressiewe, obsessief-kompulsiewe, paranoïde, grenspersoonlikheid of antisosiale persoonlikheidsversteuring, emosionele diepte in die saamwoon- of huweliksverhouding waarskynlik sal ontbreek, wat daartoe kan aanleiding gee dat 'n rigiede grens tussen die subsisteme van die egpaarsisteem teenwoordig kan wees.

◊ Hierteenoor is 'n vae grens waarskynlik teenwoordig tussen die subsisteme van die egpaarsisteem wanneer die manlike geweldenaar kenmerkende eienskappe van 'n persoon met 'n afhanklike persoonlikheidsversteuring (vgl. 4.3.1) sou toon.

◊ Die verhouding tussen die man en die vrou word deur Deschner (1984:60) as wedersyds-afhanklik van aard beskou wat 'n aanduiding is van 'n vae grens wat moontlik tussen die betrokkenes bestaan.

◊ Eienskappe soos 'n onvermoë om stres by mekaar waar te neem, 'n gebrek aan empatie, emosionele afstand en kunsmatige interaksies word deur Bolton en Bolton (1987:128-129)

aan die lede van die egpaarsubsisteem toegedig. Genoemde eienskappe skep die indruk dat 'n rigiede grens tussen die betrokkenes teenwoordig is.

◊ 'n Gebrek aan interaksie, min ondersteuning vir mekaar en lae vlakke van huweliksbevrediging word deur Rosenbaum et al. (1991:46) beskryf, as aanduiders van 'n rigiede grens tussen die lede van die egpaarsubsisteem.

Hieruit word die afleiding gemaak dat die grens tussen die subsisteme van die egpaarsisteem waar gewelddadige gedrag teenoor die vrou voorkom, nie duidelik is nie. In sommige gevalle is die grens vaag, wat gekenmerk word deur oorbetrokkenheid en afhanklikheid van mekaar, met die resultaat dat die betrokkenes weinig outonomie ervaar. Onsensitiwiteit vir behoeftes, onbetrokkenheid by mekaar se doen en late en 'n hoë mate van outonomie daarenteen, word aangetref by verhoudingspare waar die grens tussen die betrokkenes na rigiditeit neig.

5.1.3.3 Subsisteme van die gesinsisteem

Die mees uitkenbare subsisteme van die gesinsisteem is in 2.2.3.1 aangedui as elk van die gesinslede wat 'n subsisteem verteenwoordig, die man en vrou as egpaarsubsisteem, vader en moeder as ouersubsisteem en die kinders wat die sibbe-subsisteem vorm. Tipiese vaardighede, take en funksies wat deur elke subsisteem uitgevoer moet word vir effektiewe gesinsistemiese funksionering, word vervolgens na aanleiding van Minuchin (1985:56-60) getabuleer:

TABEL 4: VAARDIGHEDE, TAKE EN FUNKSIES VAN DIE SUBSISTEME VAN DIE GESINSISTEEM

SUBSISTEEM	VAARDIGHEDE	TAKE	FUNKSIES
EGPAARSUB-SISTEEM	♦Aanvulling van mekaar. ♦Wedersydse akkom-modering (die skep van ruimte vir mekaar).	♦Wedersydse onder-steuning. ♦Toegee aan mekaar se belange. ♦Ontwikkeling van 'n grens wat inmenging en aansprake vanuit ander subsisteme voorkom, veral as kinders teen-woordig is.	♦'n Toevlug waar isolasie ten opsigte van eksterne stressors kan plaasvind. ♦Matriks vir kontak met ander sosiale sisteme. ♦'n Konteks waarbinne leer, ontwikkeling, kreatiwiteit en groei gestimuleer word.
OUERPAAR-SUBSISTEEM	♦Begrip vir kinders se ontwikkelingsbehoef-tes.	♦Sosialisering van kinders. ♦Ontwikkeling van 'n grens wat aan die kind toegang verleen tot beide ouers, sonder om die grense van die egpaarsubsisteem binne te dring.	♦Uitoefening van buigsame, rasionele outoriteit. ♦Voorsien kind van outonomie en gebor-genheid.
SIBBE-SUBSISTEEM	♦Ondersteun, isoleer, viktimiseer en leer van mekaar.	♦Aanleer van onderhan-delingsvaardighede, samewerking en kompetisie. ♦Leer hoe om vriende en bondgenote te maak en hoe om erkenning te verkry vir hulle vaardighede.	♦Sosiale laboratorium waarbinne kinders eksperimenteer met portuurgroep-verhoudings.

Bron: Minuchin, 1985:56-60.

Deur middel daarvan dat elke subsisteem beskik oor kenmerkende vaardighede en deur die uitvoering van die verskillende funksies en take, word die gesinsisteem dus onder andere daartoe in staat gestel om die doel van die sisteem (vgl. 2.2.3.3) te verwesenlik. 'n Aspek wat met die uitvoering van gesinsontwikkelingstake gepaard gaan, is die interne ordening van 'n sisteem. In 2.2.3.4 is aangedui dat hierdie faktor hand-aan-hand gaan met gesag en die gesagshiërargie in die gesinsisteem, soos uitgevoer deur die aanneem van bepaalde rolle deur die gesinslede. Die ouersubsisteem word deur Minuchin (1985:58) sentraal geplaas as dié subsisteem waarin gesag gesetel behoort te wees.

Wanneer subsisteme van gesinsisteme waarin geweld teenoor vroue voorkom ontleed word, behoort dus minstens aandag geskenk te word aan die sisteem se gesagshiërargie, die uitvoering

van gesinsontwikkelingstake, gesinsrolle en doelbereiking deur die gesinsisteem onder observasie. Op grond van so 'n ontleding, behoort die mate waartoe elkeen van die subsisteme in die gesinsisteem daarin slaag om sy vaardighede, take en funksies uit te voer (vgl. tabel 4), geëvalueer te kan word. Elk van die aspekte word vervolgens toegelig deur spesifiek te verwys na gesinsisteme waar die man gewelddadige gedrag teenoor sy vroulike verhoudingsmaat openbaar.

- ***Gesagshiërargie***

Na aanleiding van die bespreking oor mag en beheer in 4.3, is die afleiding gemaak dat manlike geweldenaars van geweld gebruik maak nie alleen om mag en beheer oor hul vroulike verhoudingsmaats te verkry nie, maar ook om hulle behoefte daaraan te bevredig. Voorts is aangedui dat die behoefte aan mag en beheer as deel van die manlike geslagsrolidentiteit, onder andere gesetel is in die patriargale stelsel wat deel gevorm het van die man se sosialiseringsproses, maar ook deur beleggings wat hy gemaak het om sodanige identiteit te kan ontwikkel. In situasies waar die man sy mag en beheer as meerderwaardig aan dié van die vrou beleef, word gestand gedoen aan die geslagsrolidentiteit wat deur hom geïnternaliseer is. Indien hy egter nie die mate van mag en beheer waaroor hy fantaseer as deel van 'n manlike geslagsrolidentiteit ervaar nie, is aangedui dat hy van 'n verskeidenheid van geweldskategorieë gebruik kan maak ten einde uitvoering te gee aan sy fantasieë.

In die konteks van die gesin waar gewelddadige gedrag teenoor vroulike verhoudingsmaats geopenbaar word, is verskeie outeurs (Bolton en Bolton, 1987:126, Clayton, 1991:138, Van der Hoven, 1992:79 en Bosman, 1994:33) dit eens dat die gesagshiërargie gevorm word deur die man alleen, terwyl die vrou se gesagsposisie soortgelyk is aan dié van die kinders. Die aard van die gewelddadige man se gesagsposisie word deur Bolton en Bolton (1987:126) beskryf as *"... absolute, extending through financial decisions, child care, sexual relationships, leisure time activities, and even menu."* Hierteenoor word die afwesigheid van enige gesagsposisie van die vroulike slagoffer aangedui, waarvolgens sy bykans geen beïnvloeding op die man kan uitoefen nie, oor geen mag en beheer beskik nie en derhalwe oor 'n soortgelyke gesagsposisie as dié van die kinders beskik (Bolton en Bolton, 1987:165). Die gesagsposisie van die gewelddadige man word deur Clayton (1991:138) aangedui as dié van *"lawmaker"*, wat daartoe aanleiding gee dat sowel die vrou as kinders aan hierdie reëls moet voldoen. In aansluiting hierby, verwys Van der Hoven (1992:79) daarna dat die man se reëls binne die verhouding definieer watter soort gedrag

aanvaarbaar is en wat nie aanvaarbaar is binne die gesinsisteem nie, terwyl verbreking van die reëls kan aanleiding gee tot geweld teenoor die vrou.

Die aandag word opnuut gefokus op die verwysing in 4.2 daarna dat vroue wat by skuilings aanmeld nadat hulle hulle gewelddadige verhoudingsmaats verlaat het, dikwels rapporteer dat hulle kinders ook dreig met gewelddadige gedrag of gewelddadig teenoor hulle optree, wat moontlik 'n aanduiding is daarvan dat die kinders in sommige geweldgekenmerkde gesinsisteme selfs oor 'n hoër gesagsposisie beskik as die moeder.

Spesifiek ten opsigte van die Swart gesin in Suid-Afrika, verwys Bank (1994:94-108) daarna dat die vaders se wense te alle tye deur sowel die vrou as die kinders nagekom móét word en dat juis hierdie gesagshiërargie dikwels in die voormalige Swart tuislande tot disintegrasie van die gesinsisteem of gewelddadige gedrag teenoor die vrou aanleiding gegee het. Die gesinsisteem disintegreer wanneer die vader nie sy kinders onder sy beheer wil laat uitgaan nie, deur die *bohadi* bedrag wat vir dogters betaal moet word wanneer mans met hulle wil trou, buitensporig hoog te maak. Die resultaat is onder andere dat die dogters saam met hulle mansvriende wegloop (*"elope"*) na die stede toe en dat *chobale*, in plaas van *bohadi* betaal word. *Chobale* verwys na 'n veel kleiner bedrag wat vir die dogters betaal word in gevalle waar sonder die vaders se toestemming met mansvriende getrou word en na stede toe getrek word. Vroue wat informele besighede begin het of in fabrieke in die tuislande gaan werk het om die gesin se inkomste aan te vul, is as rebels beskou en op 'n gewelddadige wyse deur hulle mans teruggedwing in hulle rolle as vrou en moeder in die gesinsisteem.

In stedelike gebiede, oefen Swart mans beheer oor hulle vroue uit deur 'n beperkte keuse in terme van werksopsies aan hulle te stel. Die mans verkies dat die vroue as huishulpe werk, eerder as byvoorbeeld in fabrieke, aangesien die moontlikheid om met ander mans verhoudings aan te knoop nie so groot is vir huishulpe, as vir fabriekswerkers nie. Ten spyte van 'n werk wat buite die konteks van die gesin verrig word, moet die vrou steeds die man se slaaf bly. 'n Stelling wat gedurende 1981 deur 'n minister in Qwaqwa gemaak is tydens 'n vergadering van die wetgewer, word deur Bank (1994:109) aangehaal: *"It is not desirable for our wives to be the slaves of other nations. It is better for them to be the slaves of their own homes so that we know what to do with them."* Indien vroue nie hierdie rol as slaaf van die man aanvaar nie, word die risiko geloop dat die man sy gesagsposisie ten opsigte van haar sal afdwing deur middel van gewelddadige gedrag.

Die gesagshiërargie in gesinne waar gewelddadige gedrag teenoor die vrou voorkom, is dus nie gesetel in die ouersubsisteem van die gesinne nie, maar meesal alleen in die man / vader in die gesin. Gesag word nie gedeel tussen die lede van die ouersubsisteem nie, wat daartoe aanleiding gee dat wedersydse ondersteuning en aanvulling ten opsigte van mekaar, nie kan plaasvind nie.

- ***Uitvoering van gesinsontwikkelingstake***

Die mate waartoe die gesinsisteem daarin slaag om aan te pas by elke gesinsontwikkelingsfase en om die gesinsontwikkelingstake wat daarmee gepaard gaan uit te voer, word deur Minuchin (1985:130) beskou as 'n aspek wat tot gesinsistemiese disfunksionering en dus tot simptoomgedrag binne die gesinsisteem, kan aanleiding gee. Die verskillende gesinsontwikkelingsfases en -take is in 2.2.3.3 aangedui na aanleiding van Duvall en Miller (1985:62).

Volgens Hanks (1992:163-164) is geweld binne 'n huweliksverhouding *"... an acute affective storm within a primary relationship manifesting a failure to master a family developmental stage ..."* Die gewelddadige gedrag van die man word beskou as 'n mislukking van die gesinsisteem om die gesinsontwikkelingstake wat gepaard gaan met die gesinslewensfase waarin verkeer word, uit te voer. Die geboorte van 'n eerste kind word deur Hanks (1992:163) aangedui as 'n voorbeeld van 'n gesinslewensfase waarby moeilik aangepas word en waartydens geweld teenoor die vrou dikwels voorkom. Geweldpleging is in so 'n geval waarskynlik die resultaat van die egpaarsubsisteem se onvermoë om by die eise van gesinsvorming en ouerskap aan te pas.

Na aanleiding van die gesinsontwikkeligsfases en -take wat in 2.2.3.3 onderskei is, kan enkele afleidings gemaak word oor gesinsontwikkelingstake wat waarskynlik nie effektief deur 'n egpaar waar gewelddadige gedrag teenoor die vrou voorkom, uitgevoer word nie. Moontlike voorbeelde van gesinsontwikkelingstake waarmee probleme ervaar sou kon word, sluit in 'n onvermoë om

⇒ na *huwelik*sluiting;

- ❒ 'n wedersydse bevredigende huwelik tot stand te bring voor die geboorte van die eerste kind,
- ❒ aan te pas by swangerskap en die idee van ouerskap en om
- ❒ in te pas by die uitgebreide gesinsnetwerk,

⇒ tydens die *gesinsvormings*fase;

- ❒ die ontwikkeling van 'n baba aan te moedig deur die vestiging van 'n bevredigende tuiste vir sowel die ouers as die kinders,

⇒ wanneer die *gesin met voorskoolse kinders*-fase bereik word;

- ❒ aan te pas by die behoeftes en belangstellings van voorskoolse kinders op 'n groei-georiënteerde wyse en om
- ❒ opgewasse te wees vir die dreinering van energie en verlies van privaatheid wanneer kinders in die gesin teenwoordig is,

⇒ tydens die *gesin met skoolgaande kinders*-fase;

- ❒ konstruktief aan te pas by skole en aanverwante sisteme waarby die kinders betrokke is,

⇒ wanneer die stadium van '*n gesin met tienderjariges* bereik is;

- ❒ 'n balans tussen outonomie en geborgenheid te vestig en in stand te hou deur sowel vryheid as verantwoordelikheid aan die kinders te gee,

⇒ tydens die *lanseerstadium*;

- ❒ jong volwassenes vry te stel om te werk, vir naskoolse opleiding, militêre diensplig en om te trou, terwyl die ouerhuis behou word as 'n ondersteunende basis en om

⇒ nadat die kinders die ouerhuis verlaat het en die ouers hulle *middeljare* bereik;

- ❒ voort te bou aan die huweliksverhouding, terwyl gesinsbande met ouer en jonger geslagte behou word.

Indien 'n gesinsisteem nie daarin kan slaag om die gesinsontwikkelingstake wat eie is aan die gesinsontwikkelingsfase waarin verkeer word uit te voer nie, sou simptoomgedrag in die vorm van onder andere geweld teenoor die vrou in die gesin, die resultaat van die onvermoë kan wees.

- ***Gesinsrolle***

Die mening van Ferraro en Johnson (1983:327-328) en Straus en Yodanis (1996:831) is dat vroue in die algemeen die rolle van huweliksmaat en moeder aanneem as deel van hulle identiteite binne saamwoon- of huweliksverhoudings, selfs al is die vroue ook betrokke in die arbeidsmark. 'n Sterk motivering is dus teenwoordig om 'n sukses te maak van hulle huishoudelike en opvoedkundige take. Binne die konteks van gewelddadige saamwoon- of huweliksverhoudings, word derhalwe nie alleen meer intense pogings aangewend om uitvoering

te gee aan die rolle van vrou en moeder nie, maar word hierdie pogings telkens gekortwiek deur die man se gewelddadigheid teenoor die vrou.

Die effek van die man se geweldpleging op die rol van die vrou, word deur Ferraro en Johnson (1983:328) aangedui aan die hand van twee konsepte, te wete *rol-induksie* en *rolverandering*. Eersgenoemde verwys na 'n situasie waartydens *een* van die egliede tydens konflik instem, saamstem, toegee, oortuig word of ingee aan die ander se verwagtinge. Hierteenoor verwys rolverandering na aanpassings wat deur *beide* partye gemaak word ten einde die konflik effektief te hanteer. Rol-induksie blyk toepaslik te wees in die geval van mishandelde vroue wat hulle manlike verhoudingsmaats se gewelddadigheid akkommodeer. Die man maak 'n aanspraak op die vrou om haar rol op 'n ander wyse te vervul, waarna hy geweld gebruik as 'n wyse waarop sy gedwing / oortuig word om aan die verwagting te voldoen (Ferraro en Johnson, 1983:328).

Hieruit word afgelei dat wedersydse ondersteuning en toegee aan mekaar se verwagtinge dus nie bewerkstellig word deur rol-induksie nie, wat daartoe aanleiding gee dat die mishandelde vrou se rolle in die gesinsisteem gedefinieer en afgedwing word deur die manlike geweldenaar. Hierdie definiëring en dwang ten opsigte van die vrou se rol, kan waarskynlik ook met idiosinkratiese sisteme (vgl. 5.1.3.1) wat transaksionele patrone in stand hou, in verband gebring word. Deur middel van die benutting van idiosinkratiese sisteme, vind rol-induksie ten opsigte van die vrou moontlik in die gesinsisteem plaas deurdat die transaksionele patrone in die gesinsisteem vir haar dwing om op 'n bepaalde wyse op te tree.

In aansluiting hierby, wys Carlson (1984:575) daarop dat gesinsrolle in die verlede hoofsaaklik geslagsgebaseer was en dat besondere vermoëns en belangstellings geïgnoreer was in die bepaling van wie watter rolle in gesinsverband beoefen. Verandering is egter stadig besig om plaas te vind, hoofsaaklik as 'n resultaat van die groter betrokkenheid van vroue in die arbeidsmark. Gesalgsrolveranderinge is besig om 'n impak te hê op gesinsverhoudings, aangesien vroue se inkomste nie alleen die man se inkomste aanvul nie, maar dit dikwels oorskrei of selfs die enigste inkomstebron van 'n huishouding is. In laasgenoemde geval vervul die vrou die rol van broodwinner, wat tradisioneel dié van die man was, wat daartoe kan aanleiding gee dat sy oor meer mag ten opsigte van besluitneming in die gesin beskik. Hierdie rolvervulling deur die vrou kan tot konflik in die gesin aanleiding gee as die man sou voel dat mag en besluitneming *"... are solely male prerogatives ..."*, wat daartoe aanleiding gee dat

"... pressure to change in a democratic direction can contribute to tension and sometimes violence as partners' different expectations collide" (Carlson, 1984:575).

Ook Bolton en Bolton (1987:172) verwys na die man se belewenis van sy vrou se rolgedrag as 'n bedreiging ten opsigte van sy eie identiteit, wat daartoe aanleiding gee dat *"... limits and responsibilities within roles are usually blurted out in spur-of-the-moment fits of passion, rage, or despair."* Tereg beweer Clayton (1991:138) dan dat wanneer 'n vrou die rol van broodwinner inneem, sy 'n aanspraak kan maak op die man se rol as die maker van reëls, wat tot konflik en gewelddadigheid kan aanleiding gee in 'n poging om die patriargale rol van die man te bevestig en te versterk.

Gewelddadige gedrag kan dus in 'n gesin ontstaan wanneer die man se rol as primêre broodwinner en die gesagsposisie wat daarmee gepaard gaan, deels of algeheel deur die vrou oorgeneem word. Die funksie van die geweld sal in so 'n geval waarskynlik wees om 'n rigiede ekwilibrium in die gesinsisteem te behou, naamlik dat die vader die hoof van die gesin is en dat gesag, mag, maar ook besluitneming en probleemoplossing inhoudelike aspekte van sy rol as man en vader is.

Vanuit 'n feministiese perspektief, wys Valenkamp (1992:13) daarop dat die hele gesin voor die Industriële Revolusie as produksie-eenheid in die samelewing gefunksioneer het, met die vader as baas / hoof daarvan. Met die koms van die kapitalisme en die fabrieksisteem was die gesin nie meer *binne* nie, maar het dit *teenoor* die samelewing te staan gekom. Die resultaat was onder andere dat die rol van die vader nie meer dié van baas van die gesin is nie, maar dat sy rol in die samelewing verander het na dié van 'n bestuurder wat aangestel is deur die kapitaalbesitters. Wanneer die man in sy gesinskonteks ook van die rol van baas ontneem word, kan dus tot geweld aanleiding gegee word. Voorts beweer Valenkamp (1992:15) dat 'n standpunt gehandhaaf word in die samelewing dat die opvoeding van die vrou gerig moet word deur die behoeftes van mans, ten einde die man daartoe in staat te stel om sy rol as man en vader binne die gesinsisteem te kan uitvoer. Om hom aangenaam te stem deur haar mooi uiterlike, om sy respek en liefde te wen, om hom in sy kinderjare op te voed in sy volwasse jare te versorg, raad te gee en te vertroos en om sy lewe aangenaam en gelukkig te maak, is die take wat vroue te alle tye moet uitvoer en hierdie rol moet reeds tydens die kinderjare by meisies vasgelê word. Wanneer 'n vrou buite die grense van hierdie rolverwagtinge funksioneer, tree sy

as't ware teenstrydig met die samelewingsnorme op en moet sy, indien nodig, selfs deur die benutting van geweld in haar rol teruggeplaas word.

Hieruit blyk dat die benutting van geweld deur 'n man in 'n poging tot rol-induksie, naamlik dat sy vroulike verhoudingsmaat uitvoering moet gee aan die algemeen-geldende rolle van vrou en moeder-wees, deur die samelewing gelegitimeer word. Indien die vrou nie voldoen aan die behoeftes van die man nie, hom nie daartoe in staat stel om sy rol as man en vader uit te voer nie en hom nie genoegsaam ondersteun sodat sy lewe aangenaam en gelukkig gemaak word nie, sou hierdie rolgedrag by haar afgedwing kan word deur middel van die benutting van geweld.

Tipiese rolle wat die man in die samelewing, maar ook in gesinsverband behoort uit te voer, word deur Vlahos (1993:17-19) aangedui. Elk van die rolle word vervolgens kortliks toegelig:

* ***Beskermer***

  Kinders, bejaardes, swakkelinge, en vroue van enige ouderdom moet beskerm word teen gevaar en vreemdelinge.

* ***'n Kragtige wese***

  Persoonlike krag en braafheid is nodig vir enige man wat sy manlikheid wil gestand doen. Hy moet oor selfvertroue beskik en 'n rots wees waarop swakkeres kan leun.

* ***'n Standvastige uithouer***

  Die man moet in beheer bly, selfs al gaan dit met hom sleg en hy moet bestendig optree tydens situasies van spanningsdruk.

* ***Voorsiener***

  Hierdie is die primêre rol en taak van die man, naamlik dat hy deur arbeid te verrig moet voorsien aan die behoeftes van sy vrou, kinders en ander afhanklikes.

Deur middel van die uitvoering van hierdie rolle, konformeer die man dus aan samelewingsnorme en solank as wat die vrou ook voldoen aan die tipiese rolverwagtinge van vrou en moeder, behoort gewelddadige gedrag nie voor te kom in die gesinsisteem nie.

Interessant is dat die rolle wat deur Vlahos (1993:17-19) onderskei word, ook temas in Bank (1994:90-109) se bespreking van die rolle van Swart mans in Suid-Afrika is. Geweldpleging deur Swart mans teenoor vroue, word dan toegeskryf aan die groter mate van selfversorging en selfstandigheid van Swart vroue na die Industriële Revolusie, wat die funksie van die Swart mans se rolle as't ware ontneem het.

Die afleiding word gemaak dat indien rolvervulling deur die subsisteme van die egpaarsisteem botsend van aard is, konflik in die sisteem kan ontstaan. In gesinsisteme waar geweld teenoor die vrou plaasvind, is wedersydse ondersteuning en aanvulling van mekaar nie deel van die egpaar se rolgedrag nie, met die resultaat dat rol-botsings en -oorvleueling tot konflik kan aanleiding gee. Die konflik word waarskynlik hanteer deurdat die man van gewelddadige gedrag gebruik maak om rol-induksie by die vrou te bewerkstellig.

- ***Doelbereiking deur die gesinsisteem***

Die mening is in 2.2.3.3 gehuldig dat 'n gesinsisteem se doelbereiking afhanklik is van effektiewe rolgedrag, die uitvoering van gesinsfunksies en voldoening aan die gesinsontwikkelingstake wat gepaardgaan met elk van die fases in die gesinslewensiklus. In tabel 4 is 'n aantal vaardighede waaroor elke subsisteem van die gesinsisteem moet beskik ten einde uitvoering te gee aan take en funksies in die gesinsisteem, onder andere met die oog op doelbereiking deur die sisteem, aangedui. Wanneer die bereiking van die doel van die gesinsisteem (vgl. 2.2.3.3) geëvalueer word in die konteks van 'n gesin waar gewelddadige gedrag teenoor die vrou voorkom, blyk dit dat sodanige sisteem nie effektief daarin slaag nie. Hierdie evaluering word gemotiveer aan die hand van die volgende aspekte:

- *Rolfunksionering* word gekenmerk deur rol-induksie wat afgedwing word deur middel van geweld, terwyl rolverandering as 'n wyse waarop die verhoudingsmaats mekaar wedersyds sou kon akkommodeer, nie benut word nie (Ferraro en Johnson, 1983:328).
- Die uitvoering van *gesinsfunksies* word negatief beïnvloed deur rigiede rolverwagtinge, konflik en geweldpleging (Carlson, 1984:575, Bolton en Bolton, 1987:172 en Valenkamp, 1992:13) met die resultaat dat 'n balans tussen die belewenis van outonomie en geborgenheid (Minuchin, 1985:47) nie by die gesinslede gehandhaaf kan word nie.
- Probleme word ondervind om uitvoering aan die verskillende *gesinsontwikkelingstake* te gee wat geassosieer word met elk van die fases in die gesinslewensiklus, wat aanleiding gee tot emosionele uitbarstings en gewelddadige optrede (Hanks, 1992:163).
- *Vaardighede* soos wedersydse aanvulling, akkommodering, die toon van begrip vir mekaar se behoeftes en wedersydse ondersteuning (Minuchin, 1985:56-60) is nie teenwoordig nie, wat daartoe aanleiding gee dat effektiewe *rolfunksionering* en die uitvoering van *gesinsfunksies* en *gesinsontwikkelingstake* nie kan plaasvind nie.

5.1.4 GESINSAANPASSING

Naas voldoening aan funksionele verwagtinge wat die gesinsinteraksie organiseer, word die behoud van die gesinsisteem se ekwilibrium as 'n funksie van transaksionele patrone deur Minuchin (1985:52) aangedui: *"It offers resistance to change beyond a certain range, and maintains preferred patterns as long as possible. Alternative patterns are available within the system. But any deviation that goes beyond the system's threshold of tolerance elicits mechanisms which re-establish the accustomed range. When situations of system disequilibrium arise, it is common for family members to feel that other members are not fulfilling their obligations."* Transaksionele patrone stel 'n gesin dus daartoe in staat om 'n dinamiese ekwilibrium te handhaaf, deurdat weerstand gebied word ten opsigte van veranderinge wat nie binne die sisteem se ervaringsveld lê nie, terwyl meganismes vir die ontwikkeling van nuwe transaksionele patrone of die herstel van patrone wat aan die gesin bekend is, in werking gestel word om die ekwilibrium te handhaaf wanneer buite hierdie grense beweeg word.

Tog maan Minuchin (1985:52) dat die gesinstruktuur daartoe in staat moet wees om te kan aanpas by veranderende omstandighede. Die gesinsisteem kan alleen voortbestaan as oor genoegsame transaksionele patrone, alternatiewe transaksionele patrone en voldoende buigsaamheid beskik word om dié transaksionele patrone te mobiliseer wanneer dit nodig word. Aangesien die gesin voortdurend moet aanpas by sowel interne as eksterne veranderinge, moet oor die vermoë beskik word om sigself te verander *"... in ways that meet new circumstances without losing the continuity that provides a frame of reference for its members"* (Minuchin, 1985:52). Die vermoë tot herstrukturering deur byvoorbeeld nuwe alliansies, koalisies (vgl. 2.2.3.8) en subsisteme te vorm in reaksie op die veranderende omstandighede, is dus noodsaaklik vir effektiewe gesinsistemiese funksionering (Minuchin, 1985:130).

Die onvermoë van 'n gesinsisteem om 'n dinamiese ekwilibrium te handhaaf deur die vestiging van 'n progressiewe stabiliteitstoestand (vgl. 2.2.3.5) as 'n resultaat van sowel interne as eksterne veranderinge, sou dus tot gesinsistemiese disfunksionering kon aanleiding gee. Indien die gesinsisteem nie daarin kan slaag om aan te pas by veranderende interne en eksterne omstandighede deur byvoorbeeld nuwe transaksionele patrone te ontwikkel, funksionele alliansies en koalisies tot stand te bring en deur die uitvoering van gesinsontwikkelingstake ten spyte van die veranderinge nie, sou simptoomgedrag dus in die gesinsisteem kon ontstaan. In hierdie verband skryf Minuchin (1985:60) dat *"(t)he label of pathology would be reserved for*

families who in the face of stress increase the rigididty of their transactional patterns and boundaries, and avoid or resist any exploration of alternatives."

Geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, is volgens Carlson (1984:575) 'n simptoom van sodanige gesinsistemiese disfunksionering: *"The inherently unstable and ever-changing nature of family structure ... results in chronic, high levels of change and stress ... [which] cannot be adequately resolved [by] using internal family resources."* Weens die rigiede grens tussen die gesinsisteem en die suprasisteem, is eksterne hulpbronne wat 'n bydrae sou kon lewer tot die verligting van die stres en aanpassing by die veranderinge, nie beskikbaar nie. Die hoë stresvlakke gee derhalwe aanleiding tot konflik, met gewelddadige gedrag teenoor die vrou as die uiteindelike resultaat daarvan.

Na aanleiding hiervan, word tot die slotsom geraak dat 'n rigiede ekwilibrium gehandhaaf word in gesinne waar geweldpleging teenoor die vrou plaasvind. Hierdie rigiede ekwilibrium is die resultaat van die geslotenheid van die gesinsisteemgrens ten opsigte van die suprasisteem, maar ook van 'n onvermoë om nuwe transaksionele patrone te ontwikkel ('n progressiewe ekwilibrium tot stand te bring) ten einde groeigeoriënteerd by interne en eksterne veranderinge aan te pas.

5.1.5 DIE GESINSLEWENSKONTEKS

Elemente van ondersteuning en stres in die gesin se ekologie, word deur Minuchin (1985:130) aangedui as die gesinslewenskonteks. In 2.2.3.2 is aangedui dat maatskaplike, ekonomiese en politieke strukture in die samelewing, die gesin-van-oorsprong, kultuur-organisasies, godsdienstige groeperings, opvoedkundige instansies, vriende, maatskaplike sorg, gesondheidsorg en samelewingswaardes en -norme voorbeelde is van sisteme wat die suprasisteem van die gesinsisteem, dus sy gesinslewenskonteks, uitmaak.

Weens die feit dat die gesinsisteem waarin geweld teenoor die vrou voorkom geïsoleerd is ten opsigte van die suprasisteem (vgl. 5.1.3.2), word die afleiding gemaak dat die gesinslewenskonteks min invloed op die gesinsisteem sal hê. Wisselwerking tussen die gesinsisteem en sy suprasisteem waartydens energie en inligting uitgeruil sou kon word deur middel van 'n proses van inset, deurset en uitset vind derhalwe nie effektief plaas nie. Die gesinsisteem beskik dus nie oor die vermoë om 'n dinamiese ekwilibrium te handhaaf,

gesinsfunksies uit te voer en om die implisiete gesinsdoel te bereik (vgl. 2.2.3.9) deur die benutting van energie en inligting vanuit die gesinslewenskonteks nie[37].

5.1.6 DIE FUNKSIE VAN DIE SIMPTOOMGEDRAG

Simptoomgedrag het volgens Minuchin (1985:130) 'n funksie vir die gesinsisteem, naamlik dat dit gebruik word vir die handhawing van die gesinsisteem se transaksionele patrone. Hierdie aspek kan verder gemotiveer word aan die hand van die definisie van 'n lewende sisteem (vgl. 2.2.2) waarvolgens aangedui is dat 'n sisteem 'n dinamiese geheel is met 'n interne orde, bestaande uit 'n aantal interafhanklike subsisteme wat mekaar wedersyds beïnvloed deur middel van interaksie met mekaar en met die geheel. Die interafhanklike gesinslede beïnvloed mekaar se psigiese en gedragsprosesse dus deur middel van interaksie met mekaar en met die gesin as geheel. Hiervolgens is simptoomgedrag onder andere 'n resultaat van die wedersydse beïnvloeding van gesinslede ten opsigte van mekaar deur middel van hulle interaksie met mekaar. Die beïnvloeding gee dus aanleiding tot die ontwikkeling van gedrag wat 'n funksie vir die gesinsisteem het, naamlik om die transaksionele patrone in die gesinsisteem te handhaaf.

Die funksie van gewelddadige gedrag teenoor die vrou in die gesinsisteem, kan aan die hand van die volgende aspekte saamgevat word:

⇒ Gewelddadige gedrag kan by die man ontstaan as die vrou sou poog om die gesinsisteem se ekwilibrium te versteur deur in 'n meerdere mate van simmetriese transaksies gebruik te maak. In so 'n geval is die funksie van die gewelddadige gedrag om 'n rigiede ekwilibrium in terme van die gesinsisteem se transaksionele patrone te handhaaf (Straus et al., 1981:197, Giles-Sims, 1983:18 en Bolton en Bolton, 1987:116).

⇒ Gewelddadige gedrag kan in 'n gesin ontstaan wanneer die man se rol as primêre broodwinner en die gesagsposisie wat daarmee gepaard gaan, deels of algeheel deur die vrou oorgeneem word. Die funksie van die geweld in so 'n geval is om 'n rigiede ekwilibrium in die gesinsisteem te behou, naamlik dat die vader die hoof van die gesin is en dat gesag, mag, maar ook besluitneming en probleemoplossing inhoudelike aspekte van sy rol as man en vader is (Ferraro en Johnson, 1983:328, Carlson, 1984:575 en Bolton en Bolton, 1987:172).

---

37 Sosiaal-strukturele en sosio-kulturele invloede vanuit die gesinslewenskonteks, word in hoofstukke ses en sewe breedvoerig toegelig.

⇒ Geweld word aangewend om nabyheid en afstand in die verhouding tussen die geweldenaar en slagoffer te reguleer. Die gewelddadige verhouding duur voort omdat die transaksionele patrone van die gesin 'n stabiele, maar eksplosiewe momentum verkry het (Russell, 1988:195).

Die eienskappe van 'n gesinsisteem waarin gewelddadige gedrag teenoor die vrou plaasvind kan dus volgens Minuchin se strukturele benadering tot die totstandkoming en instandhouding van simptoomgedrag, soos volg aangedui word:

- ❒ Die gedrag van sowel die manlike geweldenaar as dié van die vroulike slagoffer is simptome van gesinsistemiese disfunksionering en dus nie uitdrukkings van psigopatologieë en / of onvermoëns wat.by die betrokkenes teenwoordig is nie.
- ❒ Die gewelddadige gedrag word in die gesinsisteem in stand gehou en beheer deur middel van transaksionele patrone. Tipiese transaksionele patrone sluit in;
  - ♦ die benutting van geweld ten einde die vrou te dwing in 'n komplementêre verhouding en ondergeskikte posisie teenoor dié van die man,
  - ♦ onttrekking deur die vrou na afloop van geweldpleging, pleidooie om vergifnis en beloftes deur die man om sy gedrag te staak, 'n tydperk van intimiteit waarna spanning weer opbou en 'n herhaling van die gewelddadige insident en
  - ♦ die stel van eise deur die vrou en weerhouding van voldoening aan die eise deur die man.
- ❒ Rigiede gesinsisteemgrense ten opsigte van die suprasisteem, terwyl die grense tussen die subsisteme van die egpaarsisteem neig na vaagheid of rigiditeit.
- ❒ Die gesagshiërargie bestaan uit die man alleen, wat daartoe aanleiding gee dat wedersydse ondersteuning en aanvulling van mekaar nie by die lede van die egpaarsubsisteem teenwoordig is nie. Vroulike slagoffers van geweld beskik oor 'n soortgelyke mate van gesag as dié van die kinders in die gesinsisteem.
- ❒ Gewelddadige gedrag kom voor wanneer die gesinsisteem nie daarin kan slaag om uitvoering te gee aan die gesinsontwikkelingstake wat geassosieer word met elke fase in die gesinslewensiklus nie.
- ❒ Rigiede rolgedrag kom voor in die gesinsisteem, aangesien oorvleueling van rolle en rolverandering wat nie in ooreenstemming is met die man se rolverwagtinge ten opsigte van homself en dié van sy vroulike verhoudingsmaat nie, tot konflik en geweld aanleiding gee.
- ❒ Die gesinsisteem bereik nie sy implisiete doel nie, aangesien vaardighede soos wedersydse aanvulling, akkommodering, die toon van begrip vir mekaar se behoeftes en wedersydse

ondersteuning nie in die egpaar- of ouerpaarsubsisteem teenwoordig is nie, wat daartoe aanleiding gee dat effektiewe rolfunksionering en die uitvoering van gesinsfunksies en -ontwikkelingstake nie kan plaasvind nie.

- ❒ 'n Rigiede ekwilibrium word in die gesinsisteem gehandhaaf, wat daartoe aanleiding gee dat 'n progressiewe ekwilibrium nie bereik word in 'n poging om aan te pas by sowel interne as eksterne veranderinge nie.
- ❒ Beïnvloeding vanuit die gesinslewenskonteks en ten opsigte van die gesinslewenskonteks is beperk, aangesien die rigiede gesinsisteemgrens beperkte uitruiling van energie en inligting met die suprasisteem moontlik maak. Geweldpleging bly dus 'n gesinsgeheim waarvoor nie effektief van formele of informele ondersteuningsnetwerke gebruik gemaak word nie.

Leemtes in die strukturele benadering, sluit waarskynlik in die feit dat strukturele patrone in die groter maatskaplike sisteem nie toereikend beklemtoon word nie. So word daar byvoorbeeld nie aandag geskenk aan die status van die vrou en die mate van aanvaarding van geweld in die sosio-kulturele vlak van die samelewing nie. Ook is die fokus primêr op die kerngesin en word die interaksie met ander sisteme, byvoorbeeld met hulpverlenende professies, sosiale strukture soos die polisiediens en die regstelsel nie voldoende in aanmerking geneem nie. Die gesinsisteem word as't ware vir die geweldpleging geblameer en die betrokke individue word van hulle morele verantwoordelikheid vir hulle gedrag onthef. Slegs sintuiglik-waarneembare gedrag word bestudeer, terwyl intrapsigiese faktore wat teenwoordig is by die betrokkenes, nie in ag geneem word nie.

5.2 'N MULTIGENERATIEWE BENADERING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

Net soos Minuchin (1985:9), word volgens Bowen se teorie van die standpunt uitgegaan dat individuele patologie, soos aangetref in 'n geïdentifiseerde pasiënt, 'n simptoom is van die groter gesinsisteem se disfunksionering (Jones, 1980:41). Anders as in die geval van die strukturele benadering, plaas Bowen egter nie klem op die gesinstruktuur nie, maar op die emosionele sisteem van die gesinseenheid wat *siek* is. In sy verduideliking van die *emosionele sisteem*, skryf Bowen (1971:170) dat die term verwys na *"... something that is in contact with*

cellular and somatic processes, and a feeling system as a bridge that is in contact with parts of the emotional system on one side and with the intellectual system on the other."

Hiervolgens verwys die emosionele sisteem dus na 'n aspek van 'n lewende sisteem wat in kontak is met sowel 'n persoon se fisiese as emosionele prosesse. Die aard van die emosionele sisteem is derhalwe gevoelsmatig en dien as 'n verbintenis tussen die emosionele sisteem en die kognitiewe sisteem van 'n lewende sisteem. Vier jaar later beweer Bowen (1975:380) in hierdie verband: *"It [the emotional system] includes the force that biology defines as instinct, reproduction, the automatic activity controlled by the autonomic nervous system, subjective emotional and feeling states, and the forces that govern relationship systems ... In broad terms, the emotional system governs the 'dance of life' in all living things."* Hieruit word afgelei dat die emosionele sisteem 'n rigtinggewende sisteem is wat ontstaan na aanleiding van 'n evolusionêre geskiedenis en wat die gedrag van lewende sisteme rig. Tereg wys Papero (1991:51) daarop dat die emosionele sisteem 'n lewende wese se vermoë om geleenthede te benut en aan te pas by veranderinge in sy omgewing, beheer. Hierteenoor verwys 'n *siek* emosionele sisteem waarskynlik na die onvermoë van 'n lewende sisteem om 'n dinamiese ekwilibrium te handhaaf ten opsigte van veranderinge in die suprasisteem van die sisteem onder observasie.

Voorts word die terapeut nie deel van die gesinsisteem soos tydens strukturele gesinsterapie nie, maar *"... Bowen operates from outside the family emotional system ..."*, met die resultaat dat emosionele aangeleenthede en uitdrukking van emosie deur die terapeut gerig word op gesinsverhoudings soos wat dit buite die terapeutiese verhoudingsisteem plaasvind (Jones, 1980:43). Die klem is egter steeds op sirkulêre kousaliteit, deurdat gesinsverhoudings en -interaksie beskou word as aanvullend, geordend volgens 'n bepaalde patroon en herhalend van aard. Gesinsverhoudinge word dus nie beïnvloed deur liniêre prosesse nie, maar deur sirkulariteit. In stede daarvan om te soek na *oorsake* en *gevolge* deur die vraag *waarom* te vra, *"... he focuses on what happened, where, and when"*, sodat beweeg kan word *"... beyond the subjectivity of an event [to observing] the functional facts of the phenomena"* (Jones, 1980:43).

Bowen plaas dus die fokus tydens ontleding en behandeling van probleemgedrag op die emosionele sisteem (die gesinsprosesse en -verhoudings) van die gesinsisteem op grond daarvan dat patologie beskou word as 'n uitdrukking van die gesinsisteem se *siek* emosionele sisteem. Hierdie emosionele sisteem is die resultaat van aanvullende, geordende en herhalende patrone van gesinsverhoudings en -interaksie, wat so rigied van aard is dat nie op 'n dinamiese wyse aangepas kan word by veranderinge in die suprasisteem van die gesinsisteem nie.

In 'n gesinsisteem waar die man gewelddadige gedrag teenoor sy vroulike verhoudingsmaat openbaar, word nie die man of die vrou dus as patologies beskou vanuit hierdie paradigma nie, maar word die gesinsistemiese problematiek toegeskryf aan die onvermoë van die gesinsisteem se emosionele sisteem om aan te pas by veranderinge in die suprasisteem van die gesinsisteem. 'n Ontleding van gewelddadige gedrag in die gesinsisteem moet derhalwe fokus op *wat* in die gesinsisteem gebeur, *hoedat* dit gebeur en onder watter omstandighede (*wanneer*) die gewelddadige gedrag voorkom. Vir die doeleindes van so 'n ontleding, het Bowen agt verbandhoudende konsepte ontwikkel, wat vervolgens uiteengesit word. Telkens word die konsep verduidelik, waarna dit van toepassing gemaak word op gesinsisteme waar gewelddadige gedrag deur die man ten opsigte van sy vroulike verhoudingsmaat voorkom.

5.2.1 SELFDIFFERENSIASIE

'n Oorsig van literatuur ten opsigte van Bowen se teorie, bring aan die lig dat selfdifferensiasie die sentrale tema daarin is. 'n Verskeidenheid omskrywings vir die konsep bestaan, waarvan enkeles vervolgens aangedui word:

- Selfdifferensiasie verwys na aktiwiteite wat nodig geag word vir 'n individu om op 'n verantwoordelike en effektiewe wyse geïntegreer te word in 'n verskeidenheid van maatskaplike kontekste (Hall, 1981:36).
- Die mate waartoe objektief oor emosioneel-sensitiewe sake gedink kan word binne die gesinskonteks (Singleton, 1983:81).
- Die volwasse en rype deel van die persoonlikheid (Singleton, 1983:81).
- Die resultaat van selfdifferensiasie is dat *"... a person can be an individual while in emotional contact with the group"* (Kerr en Bowen, 1988:94).
- Selfdifferensiasie is 'n konsep wat ontleen is aan die biologie, wat verwys daarna dat selle in 'n organisme ontwikkel of differensieer vanuit basies dieselfde materiaal ten einde afsonderlike, dog verwante funksies binne 'n organisme te vervul (Papero, 1991:52).
- Die mate waartoe 'n individu daartoe in staat is om deur die verloop van sy lewe daarin te slaag om emosionele en denkende sisteme te onderskei en as 'n resultaat daarvan 'n keuse uit te oefen tussen denkende en emosionele reaktiwiteit (Papero, 1991:52).
- Die vermoë om emosioneel in beheer te wees terwyl binne die emosionele intensiteit van die gesin of ander emosionele sisteme beweeg word (Papero, 1991:53).

Ter samevatting kan selfdifferensiasie beskryf word as die mate waartoe 'n persoon daartoe in staat is om;

- objektiewe en verantwoordelike besluite te neem op grond van sy /haar kognitiewe reaksie ten opsigte van emosionele aangeleenthede in sy omgewing,
- tussen emosionele en kognitiewe reaktiwiteit te onderskei en
- hoewel die persoon steeds deel van sy gesin bly, sigself te beskou as 'n unieke individu, ter onderskeiding van die gesinsisteem waarvan hy / sy deel uitmaak.

Hierteenoor word die konsep *fusie* aangedui as die kinderagtige deel van menswees en die emosionele onvolwassenheid wat daarmee gepaard gaan. Veral twee aspekte van onvolwassenheid word deur Singleton (1983:81) onderskei, te wete;

⇒ fusie van gevoel en denke, waar objektiewe denke oorheers word deur emosionaliteit en aanleiding gee tot rasionalisering of intellektualisering om die onvolwasse gedrag te regverdig en

⇒ die afwesigheid van grense of die gebrek aan individualiteit tussen twee of meer mense.

Uit bostaande word afgelei dat selfdifferensiasie en fusie as't ware beskou kan word as twee pole van 'n kontinuum, wat skematies soos volg aangedui kan word:

FIGUUR 11: KONTINUUM VAN SELFDIFFERENSIASIE EN FUSIE



'n Persoon se basiese vlak van selfdifferensiasie ontwikkel relatief vroeg gedurende sy leeftyd, maar kan deur middel van gedissiplineerde pogings gewysig word. Juis die wysiging van 'n persoon se vlak van selfdifferensiasie, word deur Papero (1991:53) aangedui as die basis van gesinsistemiese terapie na aanleiding van Bowen se benadering: *"The basic level of differentiation*

is solid and not negotiable in the relationship system. In contrast, the functional level of differentiation changes in response to relationship variables ... With effort, one can always influence one's functional level of differentiation."

Alhoewel die basiese vlak van selfdifferensiasie relatief vroeg in 'n mens se lewe vasgelê word, is die funksionele vlak van selfdifferensiasie 'n meer buigsame aspek wat aanpas by gebeurtenisse in die betrokkene se suprasisteem. 'n Eie interpretasie is dat tydens gesinsterapie wat vanuit hierdie paradigma toegepas word, gepoog word om die betrokkenes se funksionele vlak van selfdifferensiasie sodanig te beïnvloed, dat;

- objektiewe en verantwoordelike besluite geneem kan word op grond van sy / haar kognitiewe reaksie ten opsigte van emosionele aangeleenthede in die suprasisteem,
- tussen emosionele en kognitiewe reaktiwiteit onderskei word en dat
- die betrokkene daartoe in staat gestel word om, alhoewel die persoon steeds deel van sy gesin bly, sigself te sien as 'n unieke individu, ter onderskeiding van die gesinsisteem waarvan hy / sy deel uitmaak.

Anders gestel, word tydens gesinsterapie gestreef na 'n verhoogde mate van selfdifferensiasie, terwyl tegelykertyd gepoog word om die betrokkenes se mate van fusie te verminder[38].

Die teenwoordigheid van 'n vae grens tussen twee persone wat gekenmerk word deur té veel nabyheid en reaktiwiteit tussen hulle, kan die betrokkenes 'n punt bereik waar hulle nie meer sonder mekaar kan funksioneer nie en selfs begin bewus raak van mekaar se gedagtes en drome. Hierdie toestand word deur Papero (1991:54) beskryf as *simbiose*. 'n Konsep wat nou verweef is met simbiose, is *angs*. Dié begrip word omskryf as 'n persepsie van 'n werklike of vermeende bedreiging, wat 'n kritiese veranderlike is in die beïnvloeding van mense se emosionele nabyheid en afstand (Papero, 1991:54). Angs gee daartoe aanleiding dat mense 'n behoefte het aan groter emosionele nabyheid. Waar simbiose teenwoordig is tussen twee persone, word emosioneel-reaktief gereageer ten opsigte van die angs, wat aanleiding gee tot selfs groter emosionele nabyheid. 'n Selfgedifferensieerde persoon daarenteen, sal oor die vermoë beskik

---

38 Vgl. die bespreking in 5.2.2 ten opsigte van *ontdriehoeking* as 'n verdere doelstelling tydens terapie vanuit hierdie paradigma.

om 'n balans te handhaaf tussen die behoefte aan emosionele nabyheid en outonomie. Selfdifferensiasie beteken dus nie 'n ontkenning van die voordele van emosionele nabyheid nie, maar eerder 'n begrip vir die voordele verbonde aan sowel nabyheid as aan outonomie (Papero, 1991:54).

Wanneer 'n selfgedifferensieerde persoon dus angs beleef, sal kognitief ten opsigte daarvan geredeneer en opgetree word, met die resultaat dat 'n groter mate van outonomie gehandhaaf kan word ten opsigte van kognitiewe en emosionele sisteme. Hierteenoor sal 'n persoon met 'n lae vlak van selfdifferensiasie (waar fusie dus hoog is) emosioneel reaktief dink en optree in die angssituasie. In 'n simbiotiese verhouding sal angs tot groter emosionele nabyheid aanleiding gee, wat daartoe aanleiding gee dat outonomie beswaarlik tussen emosionele en kognitiewe sisteme gehandhaaf kan word. Bowen onderskei tussen drie basiese konnotasies van selfdifferensiasie, wat na aanleiding van Jones (1980:45-46) aangedui word:

Konnotasie een

Die inter-psigiese element van selfdifferensiasie wat verwys na die emosionele saamgebindheid (fusie) in gesinne.

Wanneer die gesin se angsvlak styg, word die fusie sodanig verhoog dat gesinslede selfs bewus mag word van mekaar se gevoelens, fantasieë en drome. In gesinne waar die lede 'n hoër vlak van selfdifferensiasie het, sal die betrokkenes nie emosioneel ineengestrengeld raak nie, hoewel sensitiwiteit ten opsigte van mekaar se emosies teenwoordig sal wees (Jones, 1980:45).

Hoe laer die vlak van selfdifferensiasie van die betrokkenes dus is, hoe hoër sal hulle mate van ineengestrengeldheid (fusie) wees, terwyl 'n hoër vlak van selfdifferensiasie aanleiding gee tot 'n mindere mate van emosionele ineengestrengeldheid.

Konnotasie twee

Die intra-psigiese element van selfdifferensiasie waarvolgens 'n individu beskryf word na aanleiding van die mate van ineengestrengeldheid (fusie) wat tussen emosionele en intellektuele funksionering ervaar word.

'n Lae mate van selfdifferensiasie, gee daartoe aanleiding dat die emosionele en intellektuele vlakke van die individu so ineengestrengeld raak, dat sy lewe gedomineer word deur 'n outomatiese emosionele sisteem. Intellek en kognisie word as't ware oorweldig deur die emosionele sisteem en die hele lewensloop van so 'n persoon word gekenmerk deur denke en gedrag wat gebaseer is op wat reg voel, eerder as op grond van kennis en ware feite van die situasie. Sodanige persone *"... are rendered inflexible and are emotionally dependent on those around them"* en alhoewel hulle goed kan funksioneer in onpersoonlike areas van hulle lewens, *"... on personal subjects [their] functioning is controlled by ... emotions"* (Jones, 1980:45). Hierteenoor is persone met 'n hoë vlak van differensiasie tussen emosionele en intellektuele vlakke geneig om relatiewe outonomie te handhaaf in tydperke van stres, wat daartoe aanleiding gee dat hulle meer buigsaam is te midde van die emosionaliteit in die konteks. Aangesien die betrokkene se intellek genoegsaam outonoom is vir logiese beredenering, word sy besluitneming gebaseer op denke en nie op emosie nie (Jones, 1980:45-46).

Hoe hoër 'n persoon se vlak van selfdifferensiasie dus is, hoe meer sal die betrokkene geneig wees tot kognitiewe reaktiwiteit ten opsigte van angs in die suprasisteem. Wanneer die vlak van selfdifferensiasie laag is en die mate van fusie wat teenwoordig is dus hoog is, sal emosioneel-reaktief gedink en opgetree word. Hierdie denke en reaksies sal nie gebaseer wees op die feite van die situasie nie, maar op wat reg voel in die situasie.

Konnotasie drie

Die inter-psigiese element waarvolgens 'n individu beskryf word na aanleiding van sy vlak van volwassenheid.

Hier word twee vlakke van menswees onderskei, te wete die soliede en die pseudo-self. Die soliede self verwys volgens Jones (1980:46) na;

- daardie deel van die persoonlikheid wat saamgestel is uit duidelik-gedefinieerde standpunte, opinies, oortuigings en lewensbeginsels en dus ontwikkel vanuit intellektuele beredenering,
- weldeurdagte en kongruente standpunte wat gehuldig word en wat
- geldig bly, selfs al is die angsvlak in die konteks hoog.

Die mening van Kerr en Bowen (1988:105) is dat standpunte wat in die soliede self gevestig is, alleen verander kan word deur die betrokkene self en nooit deur druk of beïnvloeding deur andere nie. Die soliede self verwys dus na die basiese vlak van selfdifferensiasie wat reeds vroeg in die lewe vasgelê word.

Die pseudo-self daarenteen, verwys volgens Jones (1980:46) na;

- ❒ 'n verskeidenheid van beginsels, standpunte en filosofieë wat soms inkongruent is met mekaar,
- ❒ wat ontwikkel uit emosionele druk en
- ❒ gewysig word soos wat die eksterne omstandighede verander ten einde by die omgewing aan te pas.

Hieruit kan afgelei word dat die pseudo-self as't ware 'n verwysing is na die funksionele vlak van selfdifferensiasie wat deur middel van doelgerigte pogings beïnvloed en gewysig kan word. Nietemin wys Kerr en Bowen (1988:104) daarop dat die pseudo-self 'n *kompas* kan wees vir effektiewe funksionering in die meeste werks- en sosiale situasies, maar dat die tekortkominge daarvan aan die lig kom in situasies wat emosioneel belaai is. 'n Huweliksverhouding word in hierdie verband as 'n voorbeeld van 'n emosioneel-belaaide situasie voorgehou. Wanneer twee persone in die huwelik tree, word die pseudo-self van elke betrokkene in die verhouding opgeneem. Alhoewel die pseudo-self altyd vatbaar is vir verandering en beïnvloeding van andere, is dit mees beïnvloedbaar in die konteks van 'n emosioneel-intense verhouding. Daarom het huweliksmaats dikwels probleme om mekaar toe te laat om te wees wie en wat hulle werklik is. Elkeen reageer op grond van die waardes en houdings van die ander eglied en probeer om hierdie aspekte te vorm en te hervorm in ooreenstemming met eie houdings en waardes. As een persoon sodoende die opperhand verkry, word sy / haar waardes, norme en houdings dominant in die verhouding, met die resultaat dat hy / sy mag en selfvertroue kry ten opsigte van wat hy / sy dink en voel. Intussen verloor die ander eglied vertroue in sy / haar waardes, norme en houdings, met die resultaat dat een van hulle die *sterk* self word (in werklikheid 'n pseudo-self) en die ander een die *swak* self. Die soliede self daarenteen, *"... is not negotiable in any relationship system and so little 'borrowing' and 'trading' of 'self' occurs in well differentiated relationships"* (Kerr en Bowen, 1988:104).

Ter samevatting word aangedui dat die soliede self meer prominent figureer by persone met 'n hoë vlak van selfdifferensiasie. Die betrokkene se denke en reaksies is gegrond op kognitiewe reaktiwiteit ten opsigte van angssituasies in die suprasisteem deur middel van duidelik-gedefinieerde standpunte, opinies, oortuigings en lewensbeginsels, weldeurdagte en kongruente standpunte wat gehuldig word en wat geldig bly, selfs al is die angsvlak in die konteks hoog. Die pseudo-self daarenteen, figureer meer prominent by persone met 'n laer vlak van selfdifferensiasie, met die resultaat dat emosioneel-reaktief gedink en opgetree word in situasies van angs. Soos wat die situasie verander, word gebruik gemaak van 'n verskeidenheid beginsels, standpunte en filosofieë wat soms inkongruent is met mekaar en wat ontwikkel uit emosionele druk en gewysig kan word soos wat die eksterne omstandighede verander.

In 'n poging om die konsepte selfdifferensiasie, fusie, angs, soliede self en pseudo-self toe te lig en die verband tussen die konsepte aan te dui, het Bowen gedurende 1976 'n *"Differentiation of Self Scale"* ontwikkel waarin verskillende vlakke van selfdifferensiasie en die kenmerkende eienskappe van elk van die vlakke, aangetoon word. 'n Pleidooi word deur Hall (1981:52) gelewer dat die skale gesien moet word as *"... merely a working hypothesis about various characteristics of human functioning, rather than [as] a precise ranking or tool of measurement."* Die skale bied dus bloot 'n hipotetiese aanduiding van eienskappe wat geassosieer kan word met 'n sekere vlak van selfdifferensiasie en is nie 'n meetinstrument of rigiede aanduider van persoonlikheidsfunksionering nie. Elke onderafdeling van die skaal word vervolgens toegelig na aanleiding van Kerr en Bowen (1988:100-107) se bespreking daarvan.

TABEL 5: SELFDIFFERENSIASIESKAAL

PUNT	KERNASPEKTE
0 - 25	• Die laagste vlak van selfdifferensiasie. Emosionele fusie is van so 'n aard dat die betrokkene se hele bestaan deur emosie oorheers word. 'n Onderskeid tussen gevoel en feite is bykans onmoontlik, wat aanleiding gee tot kroniese hoë angsvlakke. • Die persoon se wese draai om sy verhoudings met andere en aangesien soveel energie benut word in sy soeke na liefde en goedkeuring, is min energie beskikbaar vir die bereiking van lewensdoelstellings. • Persone wat in die psigiatriese diagnostiese kategorieë van kroniese skisofrenie en onbehandelbare alkohol- en chemiese substansafhanklikheid val, word met hierdie kategorie geassosieer. Hulle is geensins in staat om hulle basiese vlak van selfdifferensiasie te verhoog nie.
25 - 50	• 'n Aanduiding van differensiasie tussen emosionele en intellektuele sisteme is teenwoordig, maar die self word meesal uitgedruk in die vorm van 'n pseudo-self. Sy lewe word beheer deur 'n emosionele sisteem, maar hy is meer buigsaam en funksioneer relatief goed as die angsvlak laag bly. Wanneer die angsvlak egter styg, kan die funksioneringsvlak so laag daal soos in die 0 - 25 profiel. • Persone in hierdie kategorie is afhanklik van andere se goedkeuring en wanneer kritiek ontvang word, word die betrokkene se algehele funksionering nadelig daardeur beïnvloed.
50 - 75	• Die intellektuele sisteem is genoegsaam ontwikkel sodat eie besluite geneem kan word. Die intellektuele sisteem erken dat dissipline nodig is om die emosionele sisteem te oorheers. Beide sisteme funksioneer, sonder dat die intellektuele sisteem oorheers word deur die emosionele sisteem wanneer die angsvlak styg. • 'n Bevredigende vlak van die soliede self is teenwoordig, sodat 'n lewe van logiese beredenering, vaste standpunte en beginsels in kalm tye geleef kan word.
75 - 100	• Die hoogste vlakke van selfdifferensiasie word hier aangetref, wat impliseer dat sowel die emosionele as intellektuele sisteme outonoom funksioneer. • 'n Persoon in hierdie kategorie is beginsel- en doelgeoriënteerd, groei weg van sy ouers gedurende sy kinderjare en word 'n na-binnegerigte volwassene. Tog is die betrokkene nie dogmaties of rigied in sy denke nie. Hy kan luister sonder om te reageer en hy kan reageer sonder om andere kwaad te maak. • Hy is in staat om self-verantwoordelikheid te neem en is seker van sy verantwoordelikheid vir andere, alhoewel nooit namens andere verantwoordelikheid geneem word nie. • Totale selfdifferensiasie is nie werklik moontlik nie, maar eerder hipoteties van aard, met die resultaat dat 'n 100-punt nooit bereik kan word nie.

Bron: Kerr en Bowen, 1988:100-107.

Uit die selfdifferensiasieskaal blyk duidelik dat;

- hoe hoër 'n persoon se vlak van selfdifferensiasie (lae fusie), hoe meer is die betrokkene geneig tot laer angsvlakke, kognitiewe reaktiwiteit, verantwoordelikheid, volwassenheid en tot die uitlewing van sy soliede self en dat
- hoe laer 'n persoon se vlak van selfdifferensiasie (hoë fusie), hoe hoër is die betrokkene se angsvlak, die mate van emosionele reaktiwiteit, onverantwoordelikheid, simbiose en die uitlewing van die pseudo-self.

Wanneer die konsepte selfdifferensiasie, fusie en angs soos hierbo verduidelik in verband gebring word met 'n gesinsisteem waar gewelddadige gedrag deur die man teenoor sy vroulike verhoudingsmaat voorkom, blyk uit die bespreking dat;

- die betrokkenes oor lae vlakke van selfdifferensiasie sal beskik,
- die mate van fusie wat in die verhouding teenwoordig is hoog sal wees,
- emosioneel-reaktief ten opsigte van spanningsvolle situasies gereageer sal word,
- die betrokkenes hulleself meesal sal uitdruk in die vorm van 'n pseudo-self gekenmerk deur onverantwoordelikheid en onvolwassenheid en dat
- van verdedigingsmeganismes gebruik gemaak sal word om sowel kognitiewe as gedragsprosesse te regverdig.

'n Oorsig van literatuur ten opsigte van vrouemishandeling deur 'n manlike verhoudingsmaat, bring die volgende aspekte aan die lig wat in verband gebring kan word met bogenoemde aannames:

- 'n Lae vlak van selfdifferensiasie is teenwoordig by manlike geweldenaars, aangesien emosioneel-reaktief opgetree word ten opsigte van die vroulike slagoffer deur;
  - ⇒ die benutting van verdedigingsmeganismes soos projeksie, ontkenning, en kompensasie (Toch, 1969:135 en Davidovich, 1990:31),
  - ⇒ sy eie reputasie te probeer verdediging, haar te onderdruk en te eksploiteer en die benutting van geweld in 'n poging om emosioneel te ontlaai (Toch, 1969:135),
  - ⇒ die hantering van spanning in die verhouding deur woedeuitbarstings (Walker, 1979:65 en Wolhuter, 1996:152),
  - ⇒ jaloesie en 'n voortdurende behoefte om haar gedrag te kontroleer, lae frustrasietoleransie en probleme met impulsbeheer (Carlson, 1984:572, Maiuro et al., 1988:17 en Van der Hoven, 1992:78),

⇒ haar as 'n bedreiging te beleef, terwyl terselfdertyd afhanklikheid ten opsigte van haar ervaar word (Deschner, 1984:60 en Davidovich, 1990:31),

⇒ te huil, te pleit en te smeek en deur haar te dreig met wraak (Boulette en Andersen, 1985:113),

⇒ fisiese aanranding (Browne, 1988:271-289, Pagelow, 1988:207-232 en Jansen, 1993:201-202 en 205),

⇒ liggeraaktheid, dominering en dreigemente om haar te vermoor (Boulette en Andersen, 1985:110 en Maiuro et al., 1988:17-18),

⇒ agterdog, maar ook vrees dat hy haar sal verloor (Maiuro et al., 1988:17-18),

⇒ isolasie van sigself en die verwagting dat sy dieselfde moet doen (Davidovich, 1990:31 en Fedler, 1995:250),

⇒ rigiede verwagtinge aan haar te stel (Davidovich, 1990:31),

⇒ haar doelbewus te manipuleer en te mislei (Edleson en Tolman, 1992:5 en Fedler, 1995:250),

⇒ haar verbaal te verneder (Aguilar en Nightingale, 1994:36-37),

⇒ die benutting van geweld as 'n wyse waarop mag en beheer getoon word (Johnson, 1995:288) en

⇒ die vernietiging van eiendom tydens woedeuitbarstings (Carlson, 1997:80).

❍ 'n Lae vlak van selfdifferensiasie is teenwoordig by vroulike slagoffers van geweld, aangesien emosioneel-reaktief opgetree word deur;

⇒ te reageer op die man se gewelddadigheid deur middel van reaktiewe geweld (Straus, 1980a:702, Browning en Dutton, 1986:377, Flynn, 1990:195, Cantos et al., 1994:114 en Sommers en Baskin, 1993:151),

⇒ die benutting van ontkenning en rasionalisering as verdedigingsmeganismes (Ferraro en Johnson, 1983:328-331 en Boulette en Andersen, 1985:115),

⇒ afhanklik van die man te wees (Deschner, 1984:60 en Edleson en Tolman, 1992:67),

⇒ skuldgevoelens en aangeleerde hulpeloosheid te openbaar (Boulette en Andersen, 1985:110)

⇒ sigself te blameer vir die geweldpleging (Boulette en Andersen, 1985:110, Andrews en Brewin, 1990:757, Hoff, 1990:47, Van der Hoven, 1992:82 en Tedeschi en Nesler, 1993:24-25),

⇒ die neiging tot selfmoord, ander vorme van selfbesering en selfs moord (Hoff, 1990:28),

⇒ skeptisisme, woede en haat te openbaar (Hoff, 1990:28),

⇒ 'n onvermoë om besluite te neem (Angless, 1992:53) en om

⇒ sosiaal te onttrek en sigself te isoleer ten opsigte van die suprasisteem (Edleson en Tolman, 1992:5),

- Lae vlakke van selfdifferensiasie word in die verhouding tussen die geweldenaar en die slagoffer aangetref op grond van;

  ⇒ die wedersydse afhanklikheid in die verhouding (Deschner, 1984:60, Maiuro et al., 1988:17-18, Davidovich, 1990:31 en Edleson en Tolman, 1992:67) en weens

  ⇒ voortdurende teenwoordigheid van spanning tussen die betrokkenes (Walker, 1979:65 en Wolhuter, 1996:152).

Na aanleiding van bogenoemde kan afgelei word dat die konsep selfdifferensiasie vanuit Bowen se teorie, op die betrokkenes in 'n geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhouding van toepassing gemaak kan word. Lae vlakke van selfdifferensiasie, 'n hoë mate van fusie, gepaardgaande met 'n voortdurende ervaring van spanning in die verhouding, emosionele reaktiwiteit ten opsigte van mekaar en die benutting van verdedigingsmeganismes ten einde gedrag te regverdig, is aangedui as tipiese kenmerke van geweldgekenmerkde saamwoon- en huweliksverhoudings.

5.2.2 DRIEHOEKVORMING

Volgens Bowen is die basis van enige emosionele sisteem, insluitend gesinsisteme, 'n emosionele samestelling wat bestaan uit drie persone (Jones, 1980:47-48). Die eienskappe van driehoeke word deur Hall (1981:61) beskryf as *"... reflexive, as they indicate relatively predictable emotional interdependencies and patterns of interaction in families."* Gevolglik bied Bowen se konsep *driehoekvorming*, 'n verwysingsraamwerk vir die waarneming van funksionele patrone in gesinne se emosionele sisteme.

Die proses van driehoekvorming word na aanleiding van Hall (1981:62-63), Singleton (1983:83-84) en Papero (1991:54) beskryf. Hoe laer gedifferensieerd 'n persoon is, hoe meer is sy lewensbesluite geanker in sensitiwiteit en reaksies ten opsigte van sy betekenisvolle ander. Die resultaat hiervan is dat die betrokkene in 'n simbiotiese verhouding met 'n ander persoon betrokke raak, wat daartoe aanleiding gee dat die twee persone as 'n eenheid ('n diaad) funksioneer, eerder as aparte individue. Na 'n tydperk van nabyheid tussen die twee persone,

kan die belewenis van angs in hulle verhouding daartoe aanleiding gee dat 'n derde persoon by die verhouding ingedriehoek word.

Driehoekvorming is dus 'n emosioneel-reaktiewe wyse om angs te hanteer en word as disfunksioneel beskou, aangesien stabiliteit verkry word deur diversiteit (die diaad verander in 'n driehoek), eerder as deur probleemoplossing. Sodra die angs opklaar, bestaan die emosionele driehoek uit twee persone wat gemaklik saam in 'n verhouding is en 'n derde, minder gemaklike buitestaander. Die doel van die twee persone is die behoud van die verhouding, behalwe as een individu begin ongemaklik raak en angs ervaar. Die belewenis van angs kan daartoe aanleiding gee dat die derde persoon, of 'n buitestaander, by die verhouding ingedriehoek word.

Die verskynsel van driehoekvorming, word skematies soos volg deur Kerr en Bowen (1988:137) aangedui:

FIGUUR 12: DIE PROSES VAN DRIEHOEKVORMING



- 'n Verhoudingsdiaad waar kalmte heers, word in die linkerdiagram aangedui. Nie een van die betrokkenes beleef genoegsame ongemak om 'n derde persoon in te driehoek nie.
- In die middeldiagram, word konflik in die diaad (A en B) aangedui, met die resultaat dat die persoon wat die meeste ongemak ervaar (A), 'n derde persoon indriehoek (C).
- Die resultaat van die driehoekvorming (soos aangedui in die diagram regs), is dat die konflik verskuif na buite die oorspronklike diaad (A en B), terwyl konflik dan voorkom in die verhouding tussen B en C. Die spanning tussen A en B is egter verlig.

Bron: Kerr en Bowen (1988:137).

Een driehoek kan ontwikkel in 'n aantal ineengeweefde driehoeke wanneer driehoekvorming nie genoegsaam daarin slaag om angs te verlig nie. As driehoekvorming binne die gesinsisteem nie meer effektief is nie, kan lede van die uitgebreide gesin, vriende, en selfs professionele persone soos polisiebeamptes, maatskaplike werkers en sielkundiges ingedriehoek word. Wanneer die angsvlak in die gesin verminder, kan dit gebeur dat die betrokkenes buite die gesin nog met mekaar in konflik is oor die gesin onder observasie, terwyl die verlaagde angsvlak in die gesin tot groter harmonie daar aanleiding gee. Nie net persone nie, maar ook *dinge* (*"things"*) soos byvoorbeeld stokperdjies, alkohol en ander chemiese substanse, werk en die televisie kan by

sodanige driehoekvorming betrek word (Hall, 1981:62-63, Singleton, 1983:83-84 en Papero, 1991:54). 'n Eie interpretasie is dat geweld en geweldpleging teen die vroulike verhoudingsmaat, waarskynlik ook een van die *dinge* sou kon wees wat tydens driehoekvorming by die gesin se emosionele proses betrek sou kon word.

Die ineengeweefdheid van driehoeke word skematies soos volg deur Kerr en Bowen (1988:140) aangedui:

FIGUUR 13: DIE INEENGEWEEFDHEID VAN DRIEHOEKE



Die diagramme toon 'n gesin aan wat bestaan uit 'n vader, moeder, ouer dogter en 'n jonger seun.

A: Al die driehoeke is onaktief.
B: Spanning ontwikkel tussen die moeder en die seun.
C: Die vader word ingedriehoek by die spanning tussen die moeder en die seun.
D: Spanning verskuif na die vader en seun se verhouding.
E: Die moeder onttrek en die oorspronklike driehoek word onaktief. Intussen word die dogter ingedriehoek by die vader en seun se spanning.
F Konflik ontstaan tussen die twee kinders.
Sodoende word spanning wat aanvanklik in een driehoek beleef is, uitgeleef in 'n ander driehoek.

Bron: Kerr en Bowen (1988:140).

Wanneer 'n maatskaplike werker, 'n polisiebeampte en 'n onderwyseres byvoorbeeld by die gesin se emosionele prosesse ingedriehoek word, word die spanning in die gesin verlig, terwyl die eksterne betrokkenes nog met mekaar in konflik sou kon wees. Hierdie proses kan waarskynlik skematies soos volg aangedui word.

FIGUUR 14: DRIEHOEKVORMING WAARBY PERSONE VANUIT DIE GESIN SE SUPRASISTEEM BETREK WORD

Die diagramme toon 'n gesin aan wat bestaan uit 'n vader, moeder, ouer dogter en jonger seun.


1


2


3

1: Al die driehoeke is onaktief.
2: Spanning ontwikkel tussen die moeder en die vader.
3: Die dogter word ingedriehoek by die spanning tussen die vader en moeder.


4


5


6

4: Spanning verskuif na die vader en dogter se verhouding.
5: Die moeder onttrek en die oorspronklike driehoek word onaktief. Intussen word die seun ingedriehoek by die vader en dogter se spanning.
6: Konflik ontstaan tussen die sibbe.


7


8



9

7: Die moeder word ingedriehoek by die sibbe se spanning. Die vader onttrek en die vorige driehoek word onaktief.
8: Spanning ontwikkel tussen die moeder en die seun.
9: 'n Onderwyseres (O) word ingedriehoek by die spanning tussen die moeder en die seun.

FIGUUR 14: DRIEHOEKVORMING WAARBY PERSONE VANUIT DIE GESIN SE SUPRASISTEEM BETREK WORD (vervolg)



10: Spanning ontwikkel tussen die moeder en die onderwyseres (O), terwyl die seun onttrek uit die vorige driehoek.

11: Die spanning tussen die moeder en die onderwyseres (O) word hanteer deur 'n maatskaplike werker (M) in te driehoek.

12: Spanning ontstaan tussen die maatskaplike werker (M) en onderwyseres (O), terwyl die spanning tussen die moeder en die onderwyseres (O) verlig word.



13: 'n Polisiebeampte (P) word ingedriehoek ten einde die spanning tussen die onderwyseres (O) en maatskaplike werker (M) te verlig. Die spanning in die gesin het opgeklaar, terwyl driehoekvorming buite die gesin, ten opsigte van die gesinsproblematiek, voortduur.

Uit hierdie proses kan die noodsaaklikheid daarvan dat 'n professionele persoon wat betrokke is by dienslewering aan 'n gesinsisteem 'n selfgedifferensieerde persoon moet wees, afgelei word. 'n Gebrek aan selfdifferensiasie sou daartoe kon aanleiding gee dat die professionele persoon in die gesin se emosionele sisteem betrokke raak deur middel van driehoekvorming. Die emosionele reaktiwiteit van 'n ongedifferensieerde persoon, sou probleemoplossing deur middel van diversifisering (driehoekvorming) kon in stand hou, terwyl 'n selfgedifferensieerde persoon kognitief reaktief ten opsigte van die gesinsfunksionering sou reageer deur te streef na 'n wysiging van die gesinsisteem se emosionele sisteem. In laasgenoemde geval sou professionele betrokkenheid 'n wetenskaplike ingesteldheid tot die ontleding en behandeling van 'n gesinsprobleem impliseer, terwyl intervensies sover moontlik vanuit 'n wetenskaplik-gefundeerde teoretiese raamwerk gelewer sal kan word.

In 'n geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhouding, sou die betrokkenes dus die spanning in hulle verhouding kon hanteer deur middel van driehoekvorming, deur 'n derde

persoon of *ding* (moontlik 'n kind in die gesin, 'n lid van die uitgebreide gesinsisteem, 'n professionele persoon soos 'n maatskaplike werker of sielkundige of selfs geweldpleging) by die konflik te betrek. Die spanning in die verhouding word dan hanteer deur middel van diversifisering, eerder as deur middel van probleemoplossing. In die literatuur ten opsigte van geweldgekenmerkde saamwoon- en huweliksverhoudings, word enkele aanduidings van driehoekvorming aangetref:

- Sommige maatskaplike werkers se reaksie wanneer om hulp aangeklop word deur die mishandelde vrou, word deur Costantino (1981:456) beskryf as *"... overwhelming feelings of responsibility for the client's safety [which] may hinder a worker's attempts to deliver effective service."* So 'n maatskaplike werker word waarskynlik weens sy / haar eie lae vlak van selfdifferensiasie by die huwelikskonflik betrek, waarop die betrokkene in so 'n mate emosioneel reageer, dat maatskaplikewerkhulpverlening daardeur nadelig beïnvloed word.
- 'n Reaksie van die polisiediens wat deur Walker (1978:166), Costantino (1981:457-458) en Carlson (1984:577) aangedui word wanneer hulp deur die mishandelde vrou ingeroep word, is dat die polisiebeamptes die geweldenaar se kant kies teen die vrou, met die resultaat dat die dienslewering nie as effektief deur die vrou ervaar word nie. Die polisiebeampte raak derhalwe nie op 'n objektiewe wyse betrokke by die konflik nie, maar op 'n emosioneel-reaktiewe wyse deur die man se kant te kies teen die vrou. In die Suid-Afrikaanse konteks, het Van der Hoven (1989:56) se studie soortgelyke resultate opgelewer, naamlik dat *"(t)he police preferred to believe the stories the batterers told them rather than accept the victim's account of the incident."*
- 'n Verwysing wat moontlik dui op 'n kind wat ingedriehoek word in die konflik tussen die verhoudingsmaats, word in Kalmuss (1984:17) beskryf, deur haar verwysing daarna dat die vader nie net die moeder nie, maar ook die kind wat die moeder probeer beskerm, fisies aanrand.
- Ook Boulette en Andersen (1985:113) verwys daarna dat die manlike verhoudingsmaat op 'n stadium die mishandelde vrou dreig dat hy haar *medepligtiges* leed sal aandoen. Meer spesifiek, word verwys na dreigemente teenoor die vrou se familie, vriende en selfs haar terapeut. Hier is waarskynlik 'n aanduiding daarvan dat die vrou een of meer van die betrokkenes ingedriehoek het by hulle verhoudingskonflik, wat daartoe aanleiding gee dat die man hierdie persone leed wil aandoen.

Weens die betrokkenes se lae vlakke van selfdifferensiasie, word hulle konflik dus hanteer deur middel van driehoekvorming. Indien die persoon na wie toe die betrokkenheid gerig is nie oor

'n hoë vlak van selfdifferensiasie beskik nie, sal die betrokkene waarskynlik met gemak opgeneem word in die gesin se emosionele sisteem en deel word van die disfunksionele wyse van probleemoplossing. Die resultate van driehoekvorming blyk duidelik uit die voorbeelde, naamlik dat die probleem nie opgelos word nie, maar dat bloot gediversifiseer word om tydelik die spanning in die oorspronklike konflikgekenmerkde man - vrou - diaad te verlig.

Tydens terapeutiese intervensies vanuit hierdie paradigma, word derhalwe onder andere gestreef daarna om die betrokkenes daartoe in staat te stel om sigself te *ontdriehoek*. Hierdie konsep word deur Kerr en Bowen (1988:149) beskryf as een van die mees fundamentele doelstellings tydens terapeutiese dienslewering vanuit hierdie paradigma en behels dat die betrokkenes gelei word *"... [to recognise] the subtle as well as more obvious ways in which one is triangled by others and in which one attempts to triangle others."* Deur middel van *ontdriehoeking*, word derhalwe daarna gestreef om bestaande driehoeke te elimineer, terwyl die proses van driehoekvorming ook daardeur uit die weg geruim word en vervang word deur meer funksionele wyses van streshantering.

5.2.3 KERNGESIN-EMOSIONELE PROSESSE

Die term *kerngesin-emosionele prosesse* verwys na patrone van emosionele funksionering binne 'n enkele generasie van 'n gesinsisteem. Sekere basiese patrone tussen 'n vader, moeder en kinders is replikas van die patrone in vorige gesinsgenerasies en sal herhaal word in toekomstige generasies. Die oorsprong van 'n kerngesin is meesal geleë in die samekoms van twee persone met dieselfde basiese vlakke van selfdifferensiasie, wat 'n besluit neem om met mekaar in die huwelik te tree. Hoe laer die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie is, hoe groter is die moontlikheid dat hulle in die toekoms verhoudingsprobleme kan ontwikkel (Jones, 1980:49).

Twee persone wat oor 'n lae vlak van selfdifferensiasie beskik en wat met mekaar in die huwelik tree, sal waarskynlik voortdurend 'n mate van angs in hulle verhouding ervaar. Gevolglik word deurentyd in die verhouding gesoek na groter nabyheid wanneer die angsvlak toeneem, terwyl gestreef word na meer emosionele afstand wanneer die angsvlak verminder. Hoe groter die mate van fusie wat teenwoordig is in die verhouding, hoe meer meganismes word deur die betrokkenes aangewend om die ongemak en angs wat gepaardgaan met die hoë mate van fusie, te hanteer (Papero, 1991:55). 'n Aantal meganismes word benut deur die betrokkenes om hierdie fusie te hanteer, te wete emosionele afstand en huwelikskonflik, oordrag van die

probleem na 'n kind en disfunksionering in 'n eglied (Jones, 1980:49-50, Hall, 1981:72, Singleton, 1983:85, Kerr en Bowen, 1988:185 en Papero, 1991:55)[39].

➢ ***Emosionele afstand en huwelikskonflik***

Mense reageer dikwels ten opsigte van té veel emosionele nabyheid, deur afstand daar te stel of deur te probeer onttrek. Die emosionele afstand kan *werklik* van aard wees, of kan die resultaat wees van 'n reeks meganismes wat aangewend word om *interne* afstand ten opsigte van 'n ander persoon daar te stel. *Werklike afstand* verwys byvoorbeeld daarna dat 'n eglied 'n werk bekom wat hom / haar vir lang periodes van die huis af weghou of wat uiters lang werksure vereis. Deur kronies geïrriteerd te wees of betrokkenheid by 'n aktiwiteit waartoe niemand anders toegang kan verkry nie, is voorbeelde van wyses om *interne afstand* te bewerkstellig (Papero, 1991:55).

Eie praktykervaring van wyses waarop egliede poog om interne afstand te bewerkstellig, is byvoorbeeld deur;

⇒ voor die televisiestel aan die slaap te raak en sodoende nie 'n bed met die eglied te deel nie,

⇒ ure-lank voor 'n persoonlike rekenaar deur te bring terwyl deur middel van die *Internet* met persone buite die verhoudingsisteem gekommunikeer word en

⇒ 'n groot mate van betrokkenheid by 'n *bewonderingswaardige* aktiwiteit, soos byvoorbeeld 'n Bybelstudiegroep of vrywillige dienslewering by 'n welsynsinstansie.

Op direkte of indirekte wyses en meesal onbewustelik, posisioneer die egliede sigself dus ten opsigte van mekaar op so 'n wyse dat emosionele afstand verkry en gehandhaaf kan word gedurende tydperke van lae angs. Pogings om die afstand te verminder, lei dikwels daartoe dat nog meer afstand geskep word (Papero, 1991:55).

Ter samevatting word aangedui dat die fusie as 'n resultaat van egliede se lae vlakke van selfdifferensiasie, daartoe aanleiding gee dat voortdurend beweeg word in terme van emosionele nabyheid en afstand in die verhouding. In tye van angs, word emosionele nabyheid benodig ter wille van wedersydse ondersteuning. Wanneer die angsvlak daal weens veranderinge in die

---

[39] Vier meganismes vir die hantering van fusie word deur Papero (1991:55-57) onderskei, te wete afstand tussen die egliede, huwelikskonflik, oordrag van die probleem na 'n kind en disfunksionering in een van die egliede. Ander outeurs (Jones, 1980:49-50, Hall, 1981:72, Singleton, 1983:85 en Kerr en Bowen, 1988:185) verwys na slegs drie meganismes, deur nie spesifiek aandag te skenk aan *afstand tussen die egliede* nie. Die *oordraging van 'n probleem na 'n kind* in die gesinsisteem, word deur Jones (1980:49) nie behandel as deel van die kerngesin-emosionele prosesse nie, maar dié aspek figureer in haar bespreking van die *gesinsprojeksieproses*.

suprasisteem of deurdat van driehoekvorming gebruik gemaak is, is intense emosionele nabyheid nie meer funksioneel nie. In sulke gevalle maak die betrokkenes dan onbewustelik gebruik van meganismes om werklike of interne afstand tussen hulle te ontwikkel. Wanneer die angsvlak toeneem, word emosionele nabyheid weer funksioneel en word die meganismes om afstand te bewerkstellig laat vaar, ter wille van groter nabyheid.

Daar word akkoord gegaan met Bowen (1978:378) wat huwelikskonflik as 'n emosionele proses tussen egliede aan die hand van 'n siklus verduidelik: *"The relationship cycles through periods of intense closeness, conflict that provides a period of emotional distance and making up, which starts another period of intense closeness."* Egliede wat in konflik met mekaar is, beleef dus 'n hoë mate van emosionele reaktiwiteit ten opsigte van mekaar. Die emosionele reaktiwiteit gee daartoe aanleiding dat emosionele afstand tussen die betrokkenes geskep word (Singleton, 1983:85). Dikwels word professionele dienslewering gevra vir hulp met die hantering van die konflik, wat daartoe kan aanleiding gee dat 'n professionele persoon moontlik by die verhoudingsdiaad ingedriehoek kan word. As 'n resultaat van die emosionele verligting wat deur driehoekvorming teweeg gebring word, volg 'n tydperk van intense nabyheid nadat driehoekvorming plaasgevind het (Papero, 1991:56).

'n Balans tussen emosionele nabyheid en afstand word dus bewerkstellig deur middel van huwelikskonflik. Tydens fases van min angs, is nabyheid nie funksioneel nie en konflik kan dan benut word om groter afstand daar te stel. Gedurende 'n konfliksituasie is die betrokkenes emosioneel reaktief ten opsigte van mekaar, wat daartoe aanleiding gee dat groter afstand ontwikkel. As die konflik intens van aard is, kan die hulp van 'n dienslewerende professionele persoon ingeroep word, waarna driehoekvorming sou kon plaasvind ten einde die emosionele intensiteit van die konflik te verlig. Wanneer die angsvlak daal, volg 'n gemaklike fase van emosionele warmte en nabyheid, wat uiteindelik aanleiding gee tot 'n té hoë mate van fusie en die hantering daarvan deur middel van konflik. Konflik is dus funksioneel in dié sin dat dit benut word nie alleen om emosionele afstand te bewerkstellig nie, maar ook as 'n meganisme om emosionele nabyheid tussen die betrokkenes te verhoog.

Die mees pertinente aanduiding van tydperke van intense emosionele nabyheid wat opgevolg word deur afstand, word waarskynlik in die geweldgekenmerkde verhoudingsisteem geïdentifiseer wanneer 'n geweldsiklus bestudeer word. Dat die gewelddadige insident opgevolg word deur 'n fase van intense nabyheid word deur Walker (1979:65), Deschner

(1984:60), Edleson en Tolman (1992:67) en Wolhuter (1996:152) aangedui. Na afloop van die emosionele nabyheid, volg 'n fase waartydens angs in die betrokkenes se verhouding opbou, wat opgevolg word deur geweldpleging en emosionele nabyheid na afloop daarvan.

Die funksie van die geweld is dus om 'n balans te handhaaf tussen nabyheid en afstand in die geweldgekenmerkde verhouding, in ooreenstemming met die hoeveelheid angs wat teenwoordig is. In die verhouding bereik angstigheid waarskynlik 'n hoogtepunt direk na afloop van die geweldpleging, wat aanleiding gee tot 'n groter behoefte aan emosionele nabyheid. Die nabyheid gee dan daartoe aanleiding dat die angsvlak in die verhouding weer begin styg, totdat geweld benut word om afstand daar te stel.

➢ ***Disfunksionering in 'n eglied***

Volgens Kerr en Bowen (1988:170-172) trou mense wat oor dieselfde basiese vlakke van selfdifferensiasie beskik met mekaar weens die wedersydse aanvulling en komplementariteit wat hulle by mekaar kry. 'n Dominerende persoon sou byvoorbeeld met 'n onderdanige persoon kon trou sodat aan eersgenoemde se behoefte om te domineer vervulling gegee kan word, terwyl aan die onderdanige persoon se behoefte aan eksterne beheer en kontrole, voldoen word. Hoe laer die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie, hoe meer sal hulle daartoe geneig wees op mekaar staat te maak *"... to complete them in this way"* (Kerr en Bowen, 1988:172).

Egliede moet dikwels in hulle verhouding aan mekaar toegee ten einde konflik te vermy en aan mekaar se behoeftes te voldoen. Sodoende word angs wat in die verhouding ervaar word verlig en word 'n mate van harmonie tussen die betrokkenes teweeg gebring. Indien die egliede oor lae vlakke van selfdifferensiasie beskik, sou 'n patroon van eis en toegee aan mekaar in die verhouding vasgelê kan word, met die resultaat dat 'n oorfunksionerende (die eglied wat nie toegee nie) en onderfunksionerende eglied (die persoon wat meesal toegee aan die ander een ter wille van vrede) aangetref word. Die oorfunksionerende eglied begin dan om as't ware *vir* die onderfunksionerende een te funksioneer. Tereg beskryf Bowen (1978:19) hierdie proses soos volg: *"One denies the immaturity and functions with a facade of adequacy. The other accentuates the immaturity and functions with a facade of inadequacy. Neither can function in the mid-ground between overadequacy and inadequacy."*

Onder omstandighede van volgehoue, kroniese angs in die verhouding, mag die onderfunksionerende individu (die een wat die meeste pseudo-self opoffer) 'n fisiese, emosionele of maatskaplike disfunksie / patologie ontwikkel, wat kan saamhang met die mate

van angs wat beleef word. Indien hierdie patroon saam met huwelikskonflik voorkom, kan die onderfunksionerende eglied, wat meer ongemak beleef, kla oor die ander eglied se dominering en gebrek aan inagneming van sy / haar behoeftes. Die oorfunksionerende eglied is gemaklik met die verhouding totdat die ander eglied se onbevoegdhede en klagtes begin om op die oorfunksioneerder se lewe inbreuk te maak. Solank die egpaar se kinders nie by die huweliksproblematiek betrek word nie, word die kinders nie deur die proses beïnvloed nie. Probleme kan egter opduik wanneer 'n kind die rol van versorger van die siek ouer begin inneem (Singleton, 1983:85).

Ter samevatting word die ontwikkeling van disfunksionering in 'n eglied daaraan toegeskryf dat individue meesal in die huwelik tree met persone wat oor dieselfde basiese vlak van selfdifferensiasie beskik. Ook word huweliksmaats onder andere gekies op grond van die wedersyds-aanvullende eienskappe waaroor elkeen beskik. Gevolglik ontstaan 'n patroon in 'n huweliksverhouding op grond waarvan een eglied voortdurend toegee aan die ander een ter wille van die behoud van vrede en harmonie in die verhouding. 'n Posisie ten opsigte van mekaar in die verhouding wat gekenmerk word deur een eglied wat oorfunksioneer en 'n ander een wat onderfunksioneer, ontstaan in die verhouding. Die oorfunksioneerder neem meesal die besluite en neem ook verantwoordelikheid namens die onderfunksioneerder. In tydperke van kroniese angs, kan die onderfunksionerende eglied 'n fisiese (byvoorbeeld kroniese hoofpyn), psigiese ('n psigiatriese diagnose soos depressie of 'n veralgemeende angsversteuring) of maatskaplike patologie (byvoorbeeld alkoholisme, promiskuïteit en gewelddadige optrede) begin toon, wat die patrone van oorfunksionering en onderfunksionering selfs verder verstewig.

Binne die konteks van 'n verhouding waar die manlike verhoudingsmaat gewelddadig optree teenoor die vroulike slagoffer, kom sodanige oor- en onderfunksionering waarskynlik ook voor. In 5.1.3.3 is die konsep rol-induksie na aanleiding van Ferraro en Johnson (1983:328) aangedui op grond waarvan beweer is dat die vroulike slagoffer meesal die een is in die geweldgekenmerkde verhouding wat tydens konflik instem, saamstem, toegee, oortuig word of ingee aan die man se verwagtinge. Die man maak 'n aanspraak op die vrou om haar rol op 'n ander wyse te vervul, waarna hy geweld gebruik as 'n wyse waarop sy gedwing / oortuig word om aan die verwagting te voldoen (Ferraro en Johnson, 1983:328). In sodanige geval word die man waarskynlik die oorfunksioneerder, deurdat hy voorskryf hoedat die vrou moet optree, terwyl sy aan die voorskrifte uitvoering gee op 'n onderdanige wyse.

Ook die manlike geweldenaar se strewe na mag en beheer en die afdwing van hierdie posisie van hom deur middel van gewelddadige gedrag teenoor die vroulike verhoudingsmaat (Boulette en Andersen, 1985:114, Babcock et al., 1993:40-41, Moore, 1992:18-24 en Bennett, 1995:761), dien moontlik as 'n aanduiding daarvan dat die man alle besluite in die verhouding neem en sodoende as die oorfunksioneerder beskou kan word, terwyl die vrou onderfunksioneer.

In tydperke van kroniese angs, sou die onderfunksionerende vroulike slagoffer van geweld simptome van die *mishandelde vrou-sindroom* (Stark en Flitcraft, 1988:300, Theron du Toit, 1993:238, en Wolhuter, 1996:152), 'n posttraumatiese stresversteuring (Louw en Beyers, 1989:145 en Dye en Roth, 1990:192), uitbranding (Hoff, 1990:22) en aangeleerde hulpeloosheid (Andrews en Brewin, 1990:758-759, Hoff, 1990:32 en 64, Tedeschi en Nesler, 1993:32, Aguilar en Nightingale, 1994:36) kan begin toon. Die ontwikkeling van 'n simptoom by een van die verhoudingsmaats, is dus die resultaat van die fusie wat tussen hulle voorkom en kan beskou word as 'n meganisme wat deur die betrokkenes aangewend word om die fusie te hanteer.

➢ ***Oordrag van die probleem na 'n kind***

Die kerngesin-emosionele proses waarvolgens die fusie in die gesin hanteer word deur die oordrag van 'n probleem na 'n kind, oorvleuel met die gesinsprojeksieproses. Gevolglik word hierdie proses vir die hantering van fusie as deel van die gesinsprojeksieproses (vgl. 5.2.4) as vierde konsep van Bowen se teorie bespreek.

5.2.4 GESINSPROJEKSIEPROSES

Wanneer 'n hoë mate van angs en emosionele reaktiwiteit (fusie) in 'n egpaar se verhouding teenwoordig is, word 'n kind soms in die verhouding ingedriehoek deur hom / haar by die emosionele proses te betrek. Angs in die primêre versorger van die kind (gewoonlik die moeder), word onder sulke omstandighede uitgedruk in terme van sensitiwiteit vir die kind. In hierdie verband skryf Singleton (1983:86): *"The child responds anxiously to the mother's anxiety, which the mother mistakes for a problem in the child and addresses it with increased attention and overprotection."* Hierdie kind sou byvoorbeeld oorlaai kon word deur sy moeder se goedheid, of 'n *probleem* word in die kind raakgesien, waarop die moeder reageer. Alhoewel die ouer wil hê dat die kind outonoom moet wees, is hy / sy bang om die kind buite sy / haar beheer te laat gaan, wat daartoe aanleiding gee dat 'n simbiotiese verhouding tussen die kind en die primêre

versorger ontwikkel. Die kind begin optree asof hy / sy nie kan funksioneer sonder die ouer se leiding nie. Die vader se reaksie op die moeder se angstigheid is meesal dat hy haar ondersteun in haar pogings om die kind se *simptome* te hanteer. Sodoende word die driehoek voltooi deurdat die vader, moeder en 'n kind betrokke is by die hantering van die fusie wat oorspronklik in die vader-moeder-diaad teenwoordig was. 'n Kind wat by hierdie problematiek betrek word, het meesal 'n laer vlak van selfdifferensiasie as die ouers wat hom / haar by hulle verhoudingsproblematiek ingedriehoek het (Singleton, 1983:86).

Skematies sou die proses waarskynlik soos volg aangedui kon word:

FIGUUR 15: DIE GESINSPROJEKSIEPROSES



1. 'n Verhouding tussen 'n vader (V) en 'n moeder (M) wat gekenmerk word deur fusie.

2. Fusie in die verhouding gee aanleiding tot 'n ervaring van angs in die vader (V) en moeder (M) se verhouding.

3. Die primêre versorger van die kind [meesal die moeder (M)], betrek 'n kind (K) by die angs tussen haarself (M) en die vader (V) deur te konsentreer op 'n vermeende patologie in die kind.

4. Angs in die verhouding tussen die moeder (M) en vader (V) word verlig, deurdat die vader (V) ook betrokke raak by die patologie in die kind (K). Die proses van driehoekvorming word voltooi, met die resultaat dat die angs in die oorspronklike vader - moeder verhouding (2), geprojekteer word op die kind (K).

Die gesinsprojeksieproses behels dus dat spanning wat in die vader-moeder-diaad teenwoordig is, hanteer word deur driehoekvorming deurdat 'n kind by die spanningsvolle situasie betrek word. Probleemoplossing word derhalwe bereik deur middel van diversifisering ('n verhoudingsdiaad word 'n verhoudingsdriehoek), aangesien die angs op die kind geprojekteer word in 'n poging om die problematiek in die egpaar-diaad te hanteer.

Tydens navorsing deur O'Keefe (1994:403) is bevind dat kinders wat grootword in gesinne waar huwelikskonflik hanteer word deur die benutting van geweld, 'n groter risiko loop om ontwikkelings-, gedrags- en emosionele probleme te ontwikkel. 'n Hoë voorkoms van eksternaliserende gedragsprobleme (byvoorbeeld aggressie, ongehoorsaamheid en misdadigheid) en internaliserende gedragsprobleme (byvoorbeeld onttrekking, angs en somatiese klagtes) word by sulke kinders aangetref, terwyl ook aangedui word dat *"... on measures of social comptence, children of battered women scored significantly below their peers"* (O'Keefe, 1994:403). Nietemin vestig hy die aandag daarop dat nie alle kinders wat grootword in gesinne waar geweldpleging teenoor die moeder plaasvind gedragsprobleme openbaar nie en dat almal ook nie betrokke raak in geweldgekenmerkde verhoudings as volwassenes nie.

Die gesinsprojeksieproses wat beskryf word, sou moontlik kan dien as 'n verklaring daarvoor dat nie alle kinders vanuit gewelddadige ouerhuise problematiese gedrag toon nie. Waarskynlik is die probleemgedrag beperk tot daardie kind wat in die emosionele prosesse tussen die vader en die moeder betrokke raak deur in hulle verhouding ingedriehoek te word. Die gesinsprojeksieproses gee dan daartoe aanleiding dat hierdie kind 'n laer vlak van selfdifferensiasie het as die ouers, terwyl die kinders wat nie by die projeksie betrokke is nie, se vlakke van selfdifferensiasie in 'n mindere mate deur die gesinsprojeksieproses beïnvloed word. Probleemgedrag wat deur die kind geopenbaar word, is dus 'n simptoom van die gesinsisteem se wyse waarop hulle kerngesin-emosionele prosesse hanteer en nie 'n patologie wat ontstaan vanweë die teenwoordigheid van die een of ander psigopatologie of persoonlikheidsgebrek by die kind nie.

5.2.5 MULTIGENERATIEWE OORDRAGINGSPROSES

Die proses van gesinsprojeksie, soos oorgedra vanuit vorige gesinsgenerasies, gee aanleiding daartoe dat gesinne generasies het wat gekenmerk word deur mindere en meerdere mates van selfdifferensiasie. Mense trou meesal met andere wat op dieselfde vlak van selfdifferensiasie as hulleself is. As 'n persoon as 'n resultaat van die proses van gesinsprojeksie 'n laer vlak van selfdifferensiasie het as sy / haar ouers, trou hierdie persoon dan weer met 'n persoon wat bykans dieselfde vlak van selfdifferensiasie het. Die volgende generasie op wie die gesinsprojeksieproses gemik is, het dan 'n nog laer vlak van selfdifferensiasie as die oorspronklike ouers. Kinders wat nie so blootgestel is aan die gesinsprojeksieproses nie, ontwikkel meesal soortgelyke of effens hoër vlakke van selfdifferensiasie as hulle ouers. In enige familie, is daar derhalwe gesinne met hoër en laer vlakke van differensiasie, soos wat die tyd aanstap (Jones, 1980:51, Hall, 1981:100-102 en Singleton, 1983:87).

Volgens Kerr en Bowen (1988:228) is elke persoon se basiese vlak van selfdifferensiasie *"... an outcome of relationship processes that are anchored in the multigenerational emotional system."* In hulle bespreking oor die resultate (*"outcomes"*) van die multigeneratiewe oordragingsproses, word verwys na skisofrenie as die mees ekstreme simptoom van 'n verhoudingsproses wat verder strek as die grense van die geïdentifiseerde pasiënt. Skisofrenie word beskou as 'n simptoom van die laagste vlak van selfdifferensiasie wat die resultaat is van jarelange multigeneratiewe oordragingsprosesse in families. Ander resultate van die multigeneratiewe oordragingsproses is dat persone met die laagste vlakke van selfdifferensiasie fisiese, psigiese en selfs maatskaplike probleme openbaar, weens die hoë mate van fusie tussen emosionele en kognitiewe sisteme.

Skematies sou die multigeneratiewe oordragingsproses waarskynlik soos volg aan die hand van 'n hipotetiese gesin verduidelik kon word.

FIGUUR 16: 'N MULTIGENERATIEWE OORDRAGINGSPROSES



In figuur 16 word 'n multigeneratiewe oordragingsproses in 'n familie aangedui, in 'n poging om die resultate van multigeneratiewe oordraging te verduidelik. In gesin A, word die

gesinsprojeksieproses aangedui as gerig op die jongste dogter in die gesin. Vir die doeleindes van verduideliking is 'n hipotetiese punt van 7 aan die dogter se ouers toegeken as synde 'n aanduiding van hulle vlakke van selfdifferensiasie. Die gesinsprojeksieproses het die resultaat dat die kind op wie die projeksie gerig is, 'n laer vlak van selfdifferensiasie (in hierdie geval 'n punt van 6) sal hê as die oorspronklike ouers (aan wie 'n punt van 7 toegeken is). Die kind wat nie by die projeksieproses betrek word nie (in die geval van gesin A, die oudste seun), het gewoonlik dieselfde vlak (ook 'n 7) van selfdifferensiasie of 'n effens hoër vlak (in hierdie geval 'n punt van 8) as dié van die ouers (in gesin A het die ouers 'n punt van 7).

Die aandag word daarop gevestig dat persone met dieselfde basiese vlakke van selfdifferensiasie met mekaar in die huwelik tree (vgl. die ouers in gesinne A, B, C, D en E se ooreenstemmende vlakke van selfdifferensiasie). Twee van die kinders in gesin E, beskik oor hoër vlakke van selfdifferensiasie ('n 8 en 'n 9) as die ouers in die oorspronklike twee gesinsgenerasies (gesinne A en B), wat 'n aanduiding daarvan is dat hierdie betrokkenes nie direk by die gesinsprojeksieprosesse betrek is nie. Hierteenoor het die kinders in gesin D, laer vlakke van selfdifferensiasie ('n 3 en 'n 5) as wat die ouers in die oorspronklike twee gesinsgenerasies (gesinne A en B) gehad het. Hierdie verlaagde vlakke van selfdifferensiasie wat in gesin D aangetref word, is dus 'n aanduiding daarvan dat die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie beïnvloed is deur middel van minstens twee vorige generasies se prosesse van gesinsprojeksie. Die hoër vlakke van selfdifferensiasie wat in gesinne C en E aangetref word, is dus 'n aanduiding daarvan dat hierdie gesinne nie negatief beïnvloed is deur vorige generasies se prosesse van gesinsprojeksie wat multigeneratief oorgedra is nie.

Die verwysings van Kalmuss (1984:11-19), O'Keefe (1994:403-415), Martin et al. (1995: 399-411), Henning et al. (1996:35-51) en McInnis-Dittrich (1996:419-422) dat gewelddadige gedrag teenoor vroue van die een gesinsgenerasie na die volgende oorgedra word, sou dus onder andere verklaar kan word aan die hand van Bowen se multigeneratiewe oordragingsproses. Nie die gewelddadige gedrag *per se* nie, maar eerder die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie wat beïnvloed is deur vorige generasies se emosionele sisteme en gesinsprojeksieprosesse, sou dus benut kon word om geweld teenoor vroulike verhoudingsmaats te verduidelik. Hiervolgens is geweldpleging deur 'n man teenoor sy vroulike verhoudingsmaat 'n simptoom van kerngesin-emosionele prosesse wat multigeneratief oorgedra is vanuit vorige gesinsgenerasies en wat die betrokkene se vlak van selfdifferensiasie sodanig beïnvloed het dat fusie tussen kognisie en emosie teenwoordig is. Die lae vlak van

selfdifferensiasie (en die hoë mate van fusie) wat teenwoordig is, gee dus aanleiding tot emosionele reaktiwiteit, onder andere in die vorm van geweldpleging teenoor die vroulike verhoudingsmaat.

5.2.6 SIBBE-POSISIEPROFIELE

Die sibbe-posisieprofiele wat in Bowen se teorie gebruik word, is aangepas uit die werke van Walter Toman (1961 en 1962) oor persoonlikheidsprofiele vir elke posisie van 'n kind in 'n gesin. Toman se veronderstelling is dat persoonlikheidseienskappe bepaal word deur die sibbe-posisie van 'n persoon in sy gesin en deur die gesinsamestelling waarin grootgeword word (Jones, 1980:52 en Kerr en Bowen, 1988:314). Die mate waartoe 'n persoonlikheidsprofiel in ooreenstemming is met die *normale* sibbe-posisieprofiel, voorsien 'n meganisme op grond waarvan begrip vir die vlak van selfdifferensiasie en die rigting van gesinsprojeksieprosesse in vorige generasies, ontwikkel kan word (Jones, 1980:52).

Die sibbe-posisieprofiele voorspel volgens Kerr en Bowen (1988:315) aspekte van die *"... personality fit of marriage partners."* As 'n ouer broer wat grootgeword het met 'n jonger suster byvoorbeeld met 'n jonger suster vanuit 'n ander gesin sou trou, wat op haar beurt grootgeword het met 'n ouer broer, sal daar ooreenstemmende aspekte van hulle persoonlikhede wees wat bydra tot die emosionele aanvulling in hulle verhouding. 'n Ander *scenario* is waar 'n jonger broer wat grootgeword het met 'n ouer broer, trou met 'n jonger suster wat grootgeword het met 'n ouer suster in haar gesin. In hierdie situasie is daar 'n mindere mate van wedersydse aanvulling teenwoordig, aangesien beide die jongste kinders in hulle gesinne-van-oorsprong is en dus nie daaraan gewoond is om met 'n sibbe van die teenoorgestelde geslag saam te leef nie (Kerr en Bowen, 1988:315).

In 'n poging om die funksionaliteit van sibbe-posisieprofiele aan te dui, skryf Kerr en Bowen (1988:315) soos volg: *"The concept of functioning position in family systems theory predicts that every family emotional system generates certain functions. These function are performed by specific individuals in the system. When one individual performs certain functions, other individuals will not perform them. An individual is born into a sibling position. By virtue of being born in a specific position, the individual takes on the functions associated with it."* 'n Sibbe-posisie bevat dus implisiet 'n aantal rolle, take en gedragswyses waaraan binne die gesinsisteem se emosionele sisteem uitvoering gegee moet word. Indien 'n persoon nie in ooreenstemming met sodanige

implisiete verwagtinge funksioneer nie, sou 'n ontleding van die gesinsisteem se gesinsprojeksieprosesse wat vanuit vorige generasies oorgedra is, 'n moontlike verklaring kan bied vir die betrokkene se rolfunksionering.

Voorbeelde van die invloed wat betrokkenes se sibbe-posisies op hulle funksionering in gesinsverband kan hê, word vervolgens na aanleiding van Hall (1981:112), Kerr en Bowen (1988:316-317) en Papero (1991:59) aangedui:

- 'n Egpaarsisteem wat bestaan uit twee jongste kinders, mag daartoe aanleiding gee dat nie een van die betrokkenes verantwoordelikheid wil neem vir besluitneming wanneer angs in die verhouding hoog is nie.
- Wanneer 'n egpaarsisteem bestaan uit twee oudste kinders, mag konflik oor wie in beheer behoort te wees ontwikkel gedurende tydperke van hoë angs.
- In gevalle waar beide ouers jongste kinders is, mag dit gebeur dat hulle eersgebore seun of dogter geneig sal wees daartoe om versorgende ouerlike eienskappe in sy / haar verhouding met die ouers te openbaar.
- 'n Moeder wat grootgeword het in 'n gesin waar sy die jongste suster van 'n suster was en wie se moeder ook in haar gesin-van-oorsprong die jonger suster van 'n suster was, toon dikwels vergrote eienskappe van 'n jonger suster van 'n suster, byvoorbeeld afhanklikheid en 'n onvermoë tot selfstandige besluitneming.
- 'n Angstige ouer broer kan meer dogmaties en outoritêr raak in tye van angs as wanneer die angsvlak relatief laag is.
- 'n Jongste suster van 'n aantal broers mag meer hulpeloos voorkom in situasies van angs, as wanneer die angsvlak nie so hoog is nie.
- Kinders wat by die gesinsprojeksieproses betrek word, word dikwels soos die jongste kind in die gesin behandel, selfs al is die betrokkene se kronologiese ouderdom hoër as die van ander kinders in die gesin.

Ter samevatting word gestel dat 'n persoon se sibbe-posisie 'n aanduiding gee van tipiese wyses waarop gefunksioneer sou kon word. Indien 'n persoon se funksionering nie ooreenstem met die tipiese sibbe-posisieprofiel nie, sou 'n aanduiding verkry kon word van die betrokkene se mate van selfdifferensiasie, maar ook van die eienskappe van die gesinsprojeksieproses wat vanuit vorige gesinsgenerasies oorgedra is.

Tydens maatskaplikewerkdienslewering aan 'n gesinsisteem waar geweldpleging teenoor die vroulike verhoudingsmaat voorkom, sou tydens die assesseringsfase van die hulpverleningsproses waarskynlik onder andere ook aandag geskenk moet word aan die sibbe-posisies van die betrokkenes. Sodoende sal 'n aanduiding verkry kan word van sowel hulle vlakke van selfdifferensiasie as van die gesinsprojeksieprosesse wat vanuit vorige gesinsgenerasies plaasgevind het. Op grond van sodanige assessering, sou tentatiewe hipoteses wat gemaak word vir die terapeut beter daartoe in staat stel om sover moontlik, wetenskaplik-gefundeerde dienslewering te kan toepas.

5.2.7 EMOSIONELE AFSNYDING

Emosionele afsnyding kan beskryf word as die proses waardeur 'n persoon sigself afsny van sy / haar ouers ten einde 'n lewe binne sy / haar portuurgroep te begin. Anders gestel, verwys emosionele afsnyding na differensiasie van die self, vanuit die kind se oogpunt. Alle mense het 'n sekere mate van onopgeloste emosionele verbintenisse met hulle ouers en hoe laer hulle vlakke van selfdifferensiasie is, hoe groter is die mate van onopgeloste emosionele verbintenisse. Die mate waartoe onopgeloste emosionele verbintenisse teenwoordig is by 'n individu, is derhalwe ekwivalent aan die mate van ongedifferensieerdheid waarmee 'n persoon in sy eie lewe te make gaan hê. Ten einde outonomie te verkry, skep die kind vir sigself afstand teenoor die ouers. Hierdie afsnyding bestaan uit twee komponente, te wete ontkenning van die probleem en isolasie van sigself ten opsigte van die ouers. Isolasie kan *intrapsigies* of *werklik* van aard wees. Intrapsigiese afstand impliseer ongereëlde kontak met ouers byvoorbeeld deur isolasie van die ouersubsisteem alhoewel binne 'n bereikbare afstand van die ouers gewoon word, terwyl werklike afstand verwys na 'n persoon wat fisies wegbeweeg van die ouersubsisteem af deur byvoorbeeld weg te trek na 'n ander dorp toe en kontak met die ouers sodoende te vermy. In laasgenoemde geval, is die betrokkenes geneig daartoe om die ouers te blameer en sy / haar onvolwassenheid impulsief uit te leef in die huweliksverhouding (Smith, 1981:363).

Hoe meer intens die afsnyding is, hoe groter is die kans dat die betrokkene 'n vergrote weergawe van sy gesinsisteemprobleme in sy eie huwelik sal oordra. Hierdie persoon se kinders sal waarskynlik 'n nog meer intense afsnyding bewerkstellig. Daarom word akkoord gegaan met die stelling van Singleton (1983:86) dat *"... the more a nuclear family maintains emotional contact with the previous generations, the calmer, more orderly and less problematic their lives will be."* Wanneer die mate van emosionele afsnyding meer intens van aard is, is die moontlikheid

groter dat die kerngesin as't ware 'n emosionele kookpot word, wat minder effektief is as 'n situasie waar emosionele kontak met die uitgebreide gesin gehandhaaf sou word (Singleton, 1983:86-87).

Emosionele afsnyding verwys dus na 'n kind se pogings om sigself los te maak van die onopgeloste emosionele konflikte in die betrokkene se gesin-van-oorsprong. Die afsnyding impliseer 'n emosioneel-reaktiewe gedragswyse op grond waarvan die onopgeloste konflikte ontken word en die kind sigself fisies of emosioneel isoleer van die ouers. In gevalle waar die isolasie meer emosioneel van aard is, maar daar word nog geografies naby genoeg gewoon aan die ouers vir kontak met hulle, is probleme wat in die kind se nuutgevormde verhoudings ontwikkel, gewoonlik nie so intens van aard as wanneer hy / sy fisies weggetrek het van die ouers en min of geen kontak meer met hulle het nie. In hierdie geval word probleme in verhoudings ervaar wat selfs groter is as die oorspronklike onopgeloste emosionele konflikte met die ouers. Op grond hiervan word die afleiding gemaak dat kontak met die uitgebreide gesin noodsaaklik is vir probleemvrye funksionering en dat alhoewel selfdifferensiasie ten opsigte van die gesin-van-oorsprong noodsaaklik is vir effektiewe funksionering, emosionele afsnyding nie 'n effektiewe wyse van selfdifferensiasie is nie.

In gesinne waar gewelddadige gedrag teenoor die vroulike verhoudingsmaat voorkom, word dikwels 'n rigiede grens ten opsigte van die suprasisteem van die gesinsisteem aangetref (Carlson, 1984:574, Bolton en Bolton, 1987:35 en 46, Flynn, 1990:196, Kilpatrick en Lockhart, 1991:611, Baumgartner, 1993:214 en McInnis-Dittrich, 1996:419). In 4.2.2.1 is die mening gehuldig dat die manlike geweldenaar daartoe geneig is om homself ten opsigte van die suprasisteem te isoleer en dat hy sodanige isolasie ook van sy vroulike verhoudingsmaat verwag. Sodanige isolasie sou waarskynlik ook afsnyding ten opsigte van die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong kon impliseer. Die teenwoordigheid van onopgeloste konflikte met die geweldenaar se moeder, word pertinent deur Davidovich (1990:31) as een van die eienskappe van manlike geweldenaars vermeld. Hy gaan selfs verder in sy verduideliking deur te beweer dat die geweldenaar as volwassene die konflikte wat hy as kind met sy moeder gehad het, in sy verhouding met sy vroulike verhoudingsmaat herhaal.

Hieruit kan afgelei word dat emosionele afsnyding ten opsigte van die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, waarskynlik teenwoordig is by geweldgekenmerkde gesinne. Gewelddadige

gedrag is dan 'n resultaat van die betrokkenes se lae vlakke van selfdifferensiasie, die hoë mate van fusie wat teenwoordig is in hulle verhouding en die gepaardgaande emosionele reaktiwiteit.

5.2.8 DIE EMOSIONELE PROSES IN GEMEENSKAPPE

Die laaste konsep van Bowen se teorie, die emosionele proses in gemeenskappe, het aanvanklik bekend gestaan as gemeenskapsregressie. Net soos die emosionele prosesse in gesinne, word in die gemeenskap ook gebruik gemaak van driehoekvorming, gemeenskapsprojeksie, afsnyding en oor- en onderfunksionerende groeperings wat in tydperke van hoë angs voorkom en plaasvind (Singleton, 1983:87-88 en Papero, 1991:59-60).

In die lig daarvan dat hier primêr gefokus word op die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, word hierdie konsep van Bowen se teorie nie verder toegelig nie. 'n Volledige uiteensetting van die konsep kan bestudeer word in Bowen (1977:182-212).

Die eienskappe van 'n gesinsisteem waarin gewelddadige gedrag teenoor die vrou plaasvind kan dus volgens Bowen se benadering tot die totstandkoming en instandhouding van simptoomgedrag, soos volg aangedui word:

- Simptoomgedrag word toegeskryf aan die onvermoë van die gesinsisteem se emosionele sisteem om aan te pas by veranderinge in die suprasisteem.
- Die subsisteme van die egpaarsisteem beskik oor lae vlakke van selfdifferensiasie, met die resultaat dat;
  - 'n hoë mate van fusie in die verhouding teenwoordig is,
  - emosioneel-reaktief ten opsigte van spanningsvolle situasies gereageer word,
  - die betrokkenes hulleself meesal uitdruk in die vorm van 'n pseudo-self wat gekenmerk word deur onverantwoordelikheid en onvolwassenheid en dat
  - van verdedigingsmeganismes gebruik gemaak word om gedrag te regverdig.
- Konflik in die verhouding word hanteer deur middel van driehoekvorming, waartydens kinders in die gesinsisteem, lede van die uitgebreide gesinsnetwerk of selfs professionele persone by die gesin se emosionele sisteem betrek word.
- Kerngesin-emosionele prosesse word gekenmerk deur die strewe na 'n balans tussen emosionele nabyheid en afstand, deur die ontwikkeling van;
  - emosionele afstand en huwelikskonflik, op grond waarvan tydens 'n geweldsiklus tydperke van intense emosionele nabyheid en onttrekking (afstand) gehandhaaf word en

- ♦ disfunksionering in 'n eglied waartydens die vroulike slagoffer onderfunksioneer en simptome openbaar van die *mishandelde vrou-sindroom*, 'n posttraumatiese stresversteuring, uitbranding en aangeleerde hulpeloosheid.

✡ 'n Gesinsprojeksieproses kom voor waardeur verhoudingskonflik tussen die ouers op 'n kind geprojekteer word deur die betrokkene by die konflik in te driehoek, met die resultaat dat die kind oor 'n laer vlak van selfdifferensiasie beskik as die ouers en sowel eksternaliserende as internaliserende gedragsprobleme openbaar.

✡ Die gewelddadige gedrag kan verklaar word aan die hand van 'n multigeneratiewe oordragingsproses op grond waarvan die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie beïnvloed word deur vorige generasies se emosionele sisteme en gesinsprojeksieprosesse. As 'n resultaat hiervan, word gewelddadige gedrag teenoor die vroulike verhoudingsmaat multigeneratief oorgedra vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong.

✡ Emosionele afsnyding ten opsigte van die verhoudingspaar se gesinne-van-oorsprong kom voor, wat daartoe aanleiding gee dat onopgeloste emosionele konflikte wat vanuit die vorige gesinsgenerasies oorgedra word na die huidige verhouding, tot uiting kom in 'n hoë mate van fusie en emosionele reaktiwiteit, onder andere in die vorm van gewelddadige gedrag teenoor die vroulike verhoudingsmaat.

Tydens maatskaplikewerkhulpverlening aan die gesinsisteem waar gewelddadige gedrag teenoor die vrou plaasvind, sal dus primêr gepoog word om die betrokkenes se funksionele vlakke van selfdifferensiasie sodanig te verhoog, dat minder fusie in die verhouding voorkom en om emosionele reaktiwiteit te vervang met kognitiewe reaktiwiteit weens 'n hoër mate van differensiasie tussen die verhoudingspaar se kognitiewe en emosionele sisteme.

'n Multigeneratiewe benadering tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, blyk die voordeel in te hou dat 'n verklaring vir die multigeneratiewe oordrag van geweld op grond van die fokus op die emosionele sisteem van die gesinsisteem, daargestel word. Anders as tydens 'n strukturele benadering tot gesinsgeweld, word die klem nie op die gesinstruktuur alleen geplaas nie, maar word ook intrapsigiese faktore wat teenwoordig is by die betrokkenes, in ag geneem. Alhoewel interaksieprosesse met dienslewerende professies en instansies in die sosiaal-strukturele vlak van die samelewing beskryf word deur die konsep driehoekvorming, word waarskynlik nie genoegsaam vanuit 'n multigeneratiewe benadering gefokus ook op sosio-kulturele faktore ten opsigte van geweld wat gesinsfunksionering beïnvloed nie. Nie die gesinstruktuur nie, maar die emosionele sisteem van

die gesinsisteem word as't ware geblameer vir die geweldpleging, wat daartoe aanleiding gee dat die betrokkenes se morele verantwoordelikheid vir die toestand ook vanuit hierdie benadering, opgehef word.

5.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem ten opsigte van gewelddadige gedrag teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, verken en beskryf. Die gesinsvlak omsluit die individuele vlak wat in hoofstuk vier bespreek is, terwyl die sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem wat in die volgende twee hoofstukke aangebied word, die gesinsvlak omsluit.

Onder andere weens die feit dat 'n gesinsisteem saamgestel word uit individue van verskillende ouderdomme en geslagte en uit mense met verskillende belangstellings en behoeftes, maar ook aangesien soveel tyd saam in die gesinsisteem deurgebring word, is die gesin by uitstek 'n konteks waarbinne gewelddadige gedrag kan voorkom. Tog kom gewelddadige gedrag nie in alle gesinsisteme voor nie, wat daartoe aanleiding gee dat 'n ontleding van gesinsfunksionering ten einde die verskynsel te verken en te beskryf, noodsaaklik is. Vir hierdie doel is die hoofstuk afgebaken tot twee sirkulêre ontledingsparadigmas ten opsigte van gesinsfunksionering, naamlik die strukturele benadering van Salvador Minuchin en die teorie van Murray Bowen.

Die basiese teoretiese uitgangspunt van die strukturele benadering is dat probleemgedrag soos byvoorbeeld geweld teenoor 'n vroulike verhoudingsmaat, 'n simptoom is van gesinsistemiese disfunksionering. Wanneer 'n verskynsel dus vanuit hierdie benadering ontleed word, moet minstens aandag geskenk word aan die lokalisering van patologie, die kontekstuele vorming van 'n individuele identiteit, die gesinstruktuur- en aanpassing, die gesinslewenskonteks en op die funksie van die simptoomgedrag vir die gesinsisteem.

Simptoomgedrag in die vorm van geweldpleging teenoor 'n vroulike verhoudingsmaat, is vanuit die strukturele benadering aangedui as die resultaat van wedersydse aanpassingsprosesse van die gesinsisteem, die manlike geweldenaar en die vroulike slagoffer. Hiervolgens word die manlike geweldenaar beskou as die gesinslid wat mees sigbaar problematiese gedrag uitdruk wat die totale gesinsisteem se funksionering beïnvloed. Op grond hiervan is die vorming van 'n individuele identiteit by gesinslede aangedui as die resultaat van elkeen se unieke belewenis van

outonomie en geborgenheid in die gesinsisteem. Die identiteit word in stand gehou deur elke gesinslid se interaksie met die gesinsisteem, die gesinsisteem se reaksie op die betrokkene en deur elkeen se eie voorafgaande gedrag wat die gesinsisteem se reaksie beïnvloed.

Aspekte waarop gefokus is tydens die bespreking van die gesinstruktuur, sluit in die gesin se transaksionele patrone, gesinsgrense en die funksionering van subsisteme van die gesinsisteem. Die transaksionele patrone in 'n geweldgekenmerkde gesinsisteem, is aangedui as synde gekenmerk deur die benutting van geweld om die vrou te dwing in 'n komplementêre verhouding en ondergeskikte posisie teenoor die man, onttrekking deur die vrou na geweldpleging wat gevolg word deur die man se pleidooie om vergifnis en intimiteit in die verhouding na die geweldpleging. Hierna bou die spanning weer op in die verhouding en word uiting daaraan gegee deur 'n herhaling van die gewelddadige gedrag. Ook die stel van eise aan die man en die weerhouding van voldoening aan die eise deur hom, is aangedui as 'n tipiese transaksionele patroon in die geweldgekenmerkde gesinsisteem.

Die gesinsisteemgrens is aangedui as rigied van aard, met die resultaat dat isolasie ten opsigte van die suprasisteem voorkom en dat die geweldpleging 'n geheim gehou word. 'n Ander resultaat van die rigiede grens is dat sowel formele as informele ondersteuningstelsels wat beskikbaar is in die suprasisteem, nie insette ter wille van verandering van die situasie, kan lewer nie. Grense tussen die subsisteme van die egpaarsisteem, is aangedui as rigied in sommige gesinsisteme en vaag in andere. Waar 'n rigiede grens aangetref word, is die betrokkenes nie sensitief vir mekaar se behoeftes nie, onbetrokke by mekaar en 'n hoë mate van outonomie word ervaar. In gevalle waar die grens vaag is, blyk dit dat die verhoudingsmaats oorbetrokke en afhanklik van mekaar is, met die resultaat dat weinig outonomie ervaar word. Tydens die bespreking van die funksionering van subsisteme in die geweldgekenmerkde gesinsisteme, is aangetoon dat rolfunksionering gekenmerk word deur rol-induksie wat afgedwing word deur middel van geweld en dat die uitvoering van gesinsfunksies negatief beïnvloed word deur rigiede rolverwagtinge, konflik en geweldpleging. Ook word probleme ondervind om uitvoering te gee aan die verskillende gesinsontwikkelingstake wat geassosieer word met elk van die fases in die gesinslewensiklus, terwyl vaardighede soos wedersydse aanvulling, akkommodering, die toon van begrip vir mekaar se behoeftes en wedersydse ondersteuning nie genoegsaam in die gesinsisteme teenwoordig is nie. Die resultaat hiervan is dat die gesinsisteme nie daarin slaag om uitvoering te gee aan die implisiete gesinsdoel nie.

Die gesinsisteem se aanpassingsprosesse word gekenmerk deur die handhawing van 'n rigiede ekwilibrium, wat die resultaat is van die geslotenheid van die gesinsisteemgrens, maar ook van 'n onvermoë om transaksionele patrone te ontwikkel ('n progressiewe ekwilibrium tot stand te bring) ten einde groeigeoriënteerd by interne en eksterne veranderinge aan te pas. 'n Geweldgekenmerkde gesinsisteem beskik derhalwe ook nie oor die vermoë om 'n dinamiese ekwilibrium te handhaaf, gesinsfunksies uit te voer en om die gesinsdoel te bereik deur die benutting van energie en inligting vanuit die gesinslewenskonteks nie. Die funksie van die simptoomgedrag vir die gesinsisteem is aangedui as synde dat 'n rigiede ekwilibrium in terme van die gesinsisteem se transaksionele patrone sodoende gehandhaaf kan word, die man se magsposisie in die gesinsisteem bevestig en in stand gehou word en om nabyheid en afstand in die verhouding tussen die geweldenaar en slagoffer te reguleer.

Deur middel van die strukturele benadering tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, word 'n verklaring dus verkry vir sowel die ontwikkeling as instandhouding van die gedrag binne die konteks van die gesinsisteem. Die benadering neem egter nie sosiaal-strukturele en sosio-kulturele aspekte in die suprasisteem wat ook 'n invloed op gesinsfunksionering kan uitoefen, in ag nie.

Na aanleiding van die benutting van Bowen se teorie, is gewelddadige gedrag in 'n gesinsisteem beskryf aan die hand van 'n disfunksionele emosionele sisteem wat in die betrokke gesinsisteem aangetref word. Ook hier word 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief gehandhaaf, naamlik dat sowel die manlike geweldenaar as die vroulike slagoffer se gedrag gerig word deur 'n aspek in die gesinsisteem, naamlik die emosionele sisteem se onvermoë om aan te pas by veranderinge in die suprasisteem. Om sodanige disfunksionering te ontleed, het Bowen agt verbandhoudende konsepte ontwikkel wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is en van toepassing gemaak is op gesinsisteme waar gewelddadige gedrag deur die man ten opsigte van sy vroulike verhoudingsmaat voorkom.

So byvoorbeeld is aangedui dat die betrokkenes in 'n geweldgekenmerkde verhouding oor lae vlakke van selfdifferensiasie beskik, wat daartoe aanleiding gee dat 'n hoë mate van fusie in die verhouding teenwoordig is. As 'n resultaat daarvan is die betrokkenes geneig tot emosionele reaktiwiteit, uitdrukking van sigself in die vorm van 'n pseudo-self en die benutting van verdedigingsmeganismes om hulle gedrag te regverdig. Driehoekvorming is beskryf as 'n wyse waarop konflik in die gewelddadige verhouding hanteer word, deur byvoorbeeld kinders in die

gesinsisteem, ander familielede of professionele persone by die gesin se emosionele sisteem te betrek. Sodoende word die spanning in die vader - moeder - diaad verlig deur diversifisering en nie deur ware probleemoplossing nie.

In gesinsisteme waar geweld teenoor die vroulike verhoudingsmaat voorkom, is die kerngesin-emosionele prosesse soos die skep van emosionele afstand en huwelikskonflik, disfunksionering in 'n eglied en projeksie van 'n probleem na een van die kinders aangedui as wyses waarop die fusie tussen die betrokkenes hanteer word. Op grond hiervan is aangedui dat gewelddadige gedrag wat voorkom in verskillende gesinsgenerasies, beskryf kan word aan die hand van 'n multigeneratiewe oordragingsproses wat die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie beïnvloed deur vorige generasies se emosionele sisteme en gesinsprojeksieprosesse. Ten slotte is verwys na emosionele afsnyding ten opsigte van die verhoudingspaar se gesinne-van-oorsprong, wat daartoe aanleiding gee dat onopgeloste emosionele konflikte vanuit vorige gesinsgenerasies oorgedra word en tot uiting kom in 'n hoë mate van fusie en emosionele reaktiwiteit, byvoorbeeld in die vorm van gewelddadige gedrag, in die betrokkenes se huidige verhouding.

Sowel die strukturele benadering van Minuchin as Bowen se teorie, blyk dus bruikbare teoretiese raamwerke te wees waarvan kennis geneem behoort te word wanneer 'n ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings daargestel word.

HOOFSTUK 6

DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

Kenmerke van die individue wat betrokke is by geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, te wete die vroulike slagoffer en die manlike geweldenaar, is in hoofstuk vier bespreek, terwyl die klem in hoofstuk vyf geplaas is op die gesinsinteraksie en -dinamika wat teenwoordig is in geweldgekenmerkde verhoudings. Tydens die besprekings is onder andere aangedui hoedat sowel individuele faktore as die interaksionele dinamika tussen die individue, bydraende rolle speel in die totstandkoming en instandhouding van geweldpleging.

In hierdie hoofstuk word wegbeweeg van 'n ontleding van die slagoffer en geweldenaar, deur te fokus op sosiale strukture se beïnvloeding van geweld teenoor vroue. In ooreenstemming met Carlson (1984:576-577) sluit 'n ontleding van die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem wat in hierdie hoofstuk aangebied word, 'n bespreking in van die invloed van ekonomiese en gemeenskapsrealiteite en dié van samelewingstrukture soos die polisiediens en regstelsel, ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Ten aanvang word die verband tussen ekonomiese realiteite en geweldpleging teenoor vroue aangedui, waarna beweeg word na eienskappe van die gemeenskap waarvan die betrokkenes deel uitmaak, as faktore wat die totstandkoming en instandhouding van die geweld beïnvloed. Tydens hierdie bespreking, word spesifiek gefokus op relevante regeringsinisiatiewe, dienslewering deur maatskaplikewerkinstansies, skuilings vir mishandelde vroue, regsaspekte in die Suid-Afrikaanse konteks en op die rol van die polisiediens as 'n gemeenskapstruktuur wat relevant is vir sowel die voorkoming as hantering van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

6.1 EKONOMIESE REALITEITE

Armoede word deur verskeie outeurs (Brown, 1980:183-185, Carlson, 1984:576-577, Stringer-Moore et al., 1984:275, Ackerman, 1994:23 en Pearson en Griswold, 1997:27) aangedui as 'n sosiaal-strukturele realiteit wat met gewelddadigheid geassosieer word. Volgens Carlson (1984:576-577) dui armoede nie alleen op 'n gebrek aan lewensmiddele nie, maar ook op die paradoks tussen *"... prosperity versus recession, high employment versus low employment, and the way goods and services are distributed among groups in society."* Nie armoede *per se* nie, maar wel die ongelyke verspreiding van bronne tussen verskillende samelewingsgroeperings, word aangedui as 'n bydraende faktor tot strukturele ongelykheid wat geassosieer word met die belewenis van deprivasie en stres in gesinne. Die gesinne wat as't ware op die laagste trap van die sosio-ekonomiese leer is, word beskryf as mense wat meer stresvolle en gedepriveerde lewens lei, wat kan aanleiding gee tot gewelddadigheid in gesinsverband (Carlson, 1984:577 en McInnis-Dittrich, 1996:419).

Hieruit word afgelei dat alhoewel geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings in alle sosio-ekonomiese sfere van die samelewing voorkom, die verskynsel meer prominent is in lae sosio-ekonomiese groeperings.

'n Tekort aan die nodige materiële middele, wat onder andere die resultaat kan wees van werkloosheid (Straus et al., 1981:149-150 en Carlson, 1984:577), gebrekkige beroepsvaardighede (Carlson en Nidey, 1995:137), 'n lae opvoedingspeil (Stringer-Moore et al., 1984:275 en Stark en Flitcraft, 1988:308), wanbesteding en / of alkohol- en chemiese substansmisbruik (Rosenbaum en Maiuro, 1990:301-302 en Edleson en Tolman, 1992:40), sou kon aanleiding gee tot die belewenis van spanning en stres wat gewelddadige gedrag as resultaat kan hê.

In die Suid-Afrikaanse konteks, verdien die volgende statistiese gegewens in verband staan met werkloosheid en armoede, waarskynlik vermelding:

- Gedurende die 1991-Sensusopname, het 57,6% van die Suid-Afrikaanse bevolking bo die ouderdom van 18 jaar aangedui dat oor geen vaste bron van inkomste beskik word nie (Sentrale Statistiekdiens, 1991:325, 486, 624 en 786).
- In 1994 was die getal geregistreerde werklose persone, 32,6% van die totale ekonomies-aktiewe populasie (werkers in sowel die formele as informele sektor, plus werklose persone)

in Suid-Afrika (Sentrale Statistiekdiens, 1995:775 en Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*10.4*[40]).

- Sowat 12,96% van die persone wat 20 jaar oud en ouer is, het gedurende 1995 aangedui dat hulle nooit enige formele onderrig ontvang het nie (Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*6.10*).
- 'n Totaal van 46,49% van die Suid-Afrikaanse populasie wat 20 jaar oud en ouer is, het gedurende 1995 aangedui dat hulle geen formele opleiding na St. 6 (Graad 8) deurloop het nie (Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*6.10*).
- Die gemiddelde persentasie van die persone wat gedurende die 1991-Sensusopname aangedui het dat hulle ongeletterd was (persone 15 jaar oud en ouer wat nie hulle moedertaal kan lees en skryf nie), was 17,84% van die Suid-Afrikaanse bevolking (Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*7.1*).

'n Interpretasie van bostaande statistiese gegewens, sou kon wees dat ongeletterdheid en 'n gebrek aan formele opleiding bydra tot die hoë werkloosheidsyfer, wat faktore is wat aanleiding gee tot 'n gebrek aan inkomste en dus tot armoede in Suid-Afrika. In die lig daarvan dat die effek van armoede, byvoorbeeld stres en gedepriveerdheid, as bydraende faktore beskou word tot gewelddadigheid in gesinsverband, kan met Fredericks en Davids (1995:472) akkoord gegaan word dat geweld teenoor vroue in Suid-Afrika een van die mees onderskatte misdade in die land is.

Binne hierdie unieke konteks, wat onder andere gekenmerk word deur 'n geskiedenis van jarelange ongelyke toegang tot hulpbronne en 'n wanbalans in die verspreiding van lewensmiddele tussen die verskillende kultuurgroeperings (Ackerman, 1994:17), word die afleiding gemaak dat gewelddadige gedrag teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings in die verlede moontlik meer prominent voorgekom het by persone wat nie as Blankes (dus Swartmense, Kleurlinge en Indiërs) onder die vorige bedeling bekend gestaan het nie. Teen die agtergrond van veranderinge wat reeds in die land plaasgevind het en tans besig is om plaas te vind, is dit waarskynlik ook waar dat 'n meer eweredige verspreiding van lewensmiddele en toegang tot finansiële bronne besig is om te ontwikkel.

Moontlik juis weens die implementering van regstellende aksie en rasionalisasie wat gepaardgaan met die proses van verandering, is meer Blankes tans werkloos as tydens die

---

[40] Aangesien nie in hierdie publikasie van die Sentrale Statistiekdiens (1997[b]) van bladsynommers gebruik gemaak word nie, word die nommer van die tabel of figuur wat betrekking het, hier kursief aangedui.

vorige bedeling (Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*10.1*), wat daartoe aanleiding gee dat die ekonomiese posisie van hierdie persone waarskynlik verswak het. Hierteenoor verkry ander bevolkingsgroeperinge 'n meerdere mate van ekonomiese toegang en betrokkenheid, wat daartoe kan bydra dat die Swart-, Kleurling- en Indiërbevolking se ekonomiese posisie besig is om te verbeter (Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*10.1*). Wanneer sosio-ekonomiese status as 'n bydraende faktor tot gewelddadige gedrag beskou word, kan afgelei word dat die voorkoms van geweld teenoor Blanke vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings moontlik besig is om toe te neem, terwyl 'n afname in die voorkomssyfer in ander bevolkingsgroepe waarskynlik plaasvind.

Nietemin wys sowel Carlson (1984:577) as Stringer-Moore et al. (1984:275) daarop dat geweld teenoor vroue in alle sosio-ekonomiese groeperings voorkom, wat daartoe aanleiding gee dat armoede nie liniêr beskou kan word as 'n *oorsaak* van die gewelddadigheid nie, maar eerder as 'n faktor wat bydra tot geweld op grond van stres en spanning wat die resultate is van gebrekkige materiële bronne. Sosio-ekonomiese status alleen, kan dus nie genoegsaam as 'n aanduider dien vir die voorkoms, al dan nie, van gewelddadige gedrag nie.

Beroepsbeoefening deur vroue, as 'n wyse waarop die gesinsinkomste aangevul kan word, word deur Brown (1980:183-185), onder andere na aanleiding van die benutting van die CTS1, aangedui as 'n faktor wat nie alleen tot 'n hoër frekwensie van geweldpleging kan aanleiding gee nie, maar ook tot meer intense vorme van geweld. (Vgl. ook Stark en Flitcraft, 1988:308 en Babcock et al., 1993:41 in hierdie verband.) Hiervolgens is die meeste mans geneig om die magsposisie wat vroue weens die generering van inkomste verkry, as 'n bedreiging te beleef ten opsigte waarvan gereageer moet word. Die belewenis kan aanleiding gee tot ongeregverdigde konflik, wat die kanse op gewelddadige konflik verhoog. Indien die man egter 'n meer gelyke verspreiding van mag in die verhouding aanvaar, word aanleiding gegee tot meer intimiteit en is die konflik wat voorkom, meer geregverdig en minder gewelddadig van aard.

Die argumentasielyn van Brown (1980:184), word skematies soos volg deur hom aangedui:

FIGUUR 17: BEROEPSBEOEFENING DEUR 'N VROU, VERHOUDINGSGELYKHEID EN MAN-VROU GEWELD



Bron: Brown, 1980:184.

Alhoewel die gesinsisteem se ekonomiese middele dus toeneem wanneer die vrou die arbeidsmark betree, beïnvloed haar generering van inkomste 'n ander faktor wat met

gewelddadigheid teenoor vroue verband hou, naamlik 'n bedreiging van sommige mans se belewenis van mag en beheer.

'n Gebrek aan ekonomiese middele is dus inderdaad nie 'n *oorsaak* van gewelddadigheid nie, maar 'n faktor wat, in interaksie met 'n veelheid faktore op verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem, 'n bydraende rol kan speel tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

6.2 DIENSLEWERENDE INISIATIEWE, STRUKTURE EN PROFESSIES

Volgens Carlson (1984:577) kan gemeenskappe op twee wyses 'n bydraende en instandhoudende rol speel ten opsigte van geweld teenoor vroue: *"(1) through their laws, norms, and informal rules; and (2) by the ways in which they choose to ignore or respond to the existence of this problem."* Die implikasie is dus dat wetgewing, samelewingsnorme en - reëls, maar ook die ignorering van die verskynsel, nie alleen bydra tot die totstandkoming van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings nie, maar ook bydra tot die instandhouding daarvan.

Strukture en professies wat dienste lewer ten opsigte van vroulike slagoffers van geweld, sluit na aanleiding van Carlson (1984:577), Stringer-Moore et al. (1984:270), Van der Hoven (1989:55), Andrews en Brewin (1990:757), Dye en Roth (1990:194), George, Winfield en Blazer (1992:117), Angless en Shefer (1995:305) en Abrar (1996:194) die volgende in:

- Maatskaplikewerkinstansies en die maatskaplikewerkprofessie.
- Polisiediens en polisiebeamptes.
- Regstelsel en regsprofessie.
- Medici en paramedici.
- Skuilings vir mishandelde vroue.
- Geestelike werkers.
- Sielkundiges.

Vanuit 'n sistemiese perspektief op grond waarvan die individu holisties beskou word as 'n sisteem bestaande uit fisiologiese, psigologiese, geestelike, kognitiewe en verhoudingsubsisteme (vgl. 2.2.3.1), sou hierby waarskynlik ook gevoeg kan word;

- opvoedkundige instellings en opvoedkundiges (skole, kinderleidingsklinieke, onderwysers en skool-maatskaplikewerkers) wanneer skoolgaande kinders in die gesinsisteem teenwoordig is.

Waarskynlik is die dienslewerende strukture en professies subsisteme van samelewings, wat beïnvloed word deur die regering wat aan bewind is in elke unieke konteks. In die Suid-Afrikaanse konteks, sou regeringsinisiatiewe ten opsigte van die rol en posisie van vroue in die samelewing, maar ook ten opsigte van geweld teenoor vroue, dus relevant wees wanneer geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings vanuit 'n ekologiese perspektief verken en beskryf word. Elk van die dienslewerende strukture en professies word derhalwe direk of indirek beïnvloed deur beleidsaspekte en inisiatiewe van die huidige regering in Suid-Afrika. Die formele dienslewerende strukture en professies wat betekenisvolle bydraes sou kon lewer ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings (Carlson, 1984:577, Andrews en Brewin 1990:757, George et al., 1992:117 en Abrar, 1996:194), word vervolgens in die vorm van 'n tabel aangedui:

TABEL 6: DIENSLEWERENDE STRUKTURE EN PROFESSIES WAT BYDRAES SOU KON LEWER TEN OPSIGTE VAN GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

DIENSLEWERAARS	
STRUKTURE	**PROFESSIES**
Maatskaplikewerkinstansies	Maatskaplike werkers (bygestaan deur maatskaplike hulpwerkers en vrywilligers).
Skuilings	Maatskaplike werkers (ondersteun deur maatskaplike hulpwerkers en vrywilligers), algemene mediese praktisyns, psigiaters, sielkundiges, verpleegkundiges, dieetkundiges, arbeidsterapeute, fisioterapeute en geestelike beraders.
Hospitale en klinieke	Algemene mediese praktisyns, psigiaters, verpleegkundiges, arbeidsterapeute, fisioterapeute, dieetkundiges en maatskaplike werkers.
Regstelsel en polisiediens	Landdroste, regters, prokureurs, advokate, staatsaanklaers en polisiebeamptes.
Geestelike instellings	Predikante, pastore, rabbi's en priesters.
Opvoedkundige instellings	Onderwysers, skool-maatskaplikewerkers en skool-sielkundiges.

Die aandag word daarop gevestig dat ook informele strukture, byvoorbeeld professionele en nie-professionele persone en instansies wat op 'n vrywillige basis skuiling en ondersteuning bied aan mishandelde vroue en hulle kinders weens 'n bewustheid van die behoefte wat daaraan in die gemeenskap bestaan, betekenisvolle bydraes lewer in hierdie verband. (Vgl. byvoorbeeld die bespreking in 6.2.2.1 oor die ontstaan van POWA.)

Vir die doeleindes van hierdie ontleding van dienslewerende strukture en professies, word die klem aanvanklik geplaas op regeringsinisiatiewe as oorkoepelende, rigtinggewende sisteme ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings in Suid-Afrika. Aandag word ook geskenk aan dienslewering deur maatskaplikewerkinstansies, skuilings vir mishandelde vroue, relevante wetgewing en die regsprofessie en op die polisiediens en polisiëring, met die klem op relevante aspekte in die unieke Suid-Afrikaanse konteks.

6.2.1 REGERINGSINISIATIEWE IN SUID-AFRIKA

Volgens die *National Institute for Public Interest Law and Research* (NIPILAR, 1996:2) het die Verenigde Nasies op 18 Desember 1979 die voorstelle van die *Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women* (CEDAW)[41] aanvaar en goedgekeur. Meer as 130 regerings het hierdie Konvensie aanvaar en sigself verbind tot die beginsels daarvan. Bykans vyftien jaar later, het die Suid-Afrikaanse regering op 15 Desember 1995, ook die Konvensie aanvaar en onderteken. Die implikasies van hierdie verbintenis, sluit volgens NIPILAR (1996:3-4) onder andere in dat;

- 'n nuwe ekonomiese bestel ontwikkel moet word wat gebaseer is op gelykheid en geregtigheid,
- apartheid, alle vorme van rassisme en rassediskriminasie, kolonialisme en alle vorme van internasionale aggressie verwerp moet word,
- internasionale vrede, veiligheid en samewerking bevorder word, ten einde maatskaplike vooruitgang en ontwikkeling te stimuleer,
- die betekenisvolle bydraes wat vroue maak tot die welsyn van die gesin en die ontwikkeling van die gemeenskap erken moet word,
- verseker moet word dat die rolle van vroue as moeders nie misbruik word as 'n basis vir diskriminasie teen hulle nie en dat

---

41 Hierna, word na die CEDAW verwys as die Konvensie.

- ❋ gewerk moet word aan die verandering van tradisionele rolle van vroue en mans in die samelewing en in die gesin, sodat die versorging van kinders 'n gedeelde verantwoordelikheid tussen vroue, mans en die samelewing as 'n geheel word.

Die veronderstelling is dus dat diskriminasie, as 'n vorm van emosionele geweld teenoor vroue uit die weg geruim kan word deur (1) beginsels van gelykheid en geregtigheid te propageer, (2) alle vorme van aggressie te verwerp ten gunste van vrede, veiligheid en samewerking en deur (3) erkenning van en respek vir die rol en bydraes van vroue in die samelewing.

Soos alle ander lande wat die Konvensie aanvaar het, moet die Suid-Afrikaanse regering binne een jaar (en daarna minstens elke vier jaar) terugvoer gee aan die Verenigde Nasies ten opsigte van aksies wat geneem is om uitvoering te gee aan die verbintenis. Aan die einde van 1996 kon volgens NIPILAR (1996:6-29) deur die Suid-Afrikaanse regering gerapporteer word dat die volgende aksies geneem is:

- ❒ Die Vierde Algemene Regswysigingswet (Wet 132 van 1993) op grond waarvan 'n regsonderskeid tussen mans en vroue uit die weg geruim is, is reeds voor die ondertekening van die Konvensie goedgekeur en geïmplementeer.
- ❒ Ook die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) wat onder andere voorsiening maak vir die toestaan van interdikte met betrekking tot gesinsgeweld en waarvolgens bepaal word dat 'n man aan verkragting van sy vrou skuldig bevind kan word, is al voor die ondertekening van die Konvensie deur die Wetgewer goedgekeur en geïmplementeer.
- ❒ In hoofstuk twee van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), word aandag geskenk aan die Handves van Regte as 'n hoeksteen van demokrasie, met spesifieke verwysing na die regte van vroue.
- ❒ Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) maak die implementering van regstellende aksie in die samelewing verpligtend, wat onder andere impliseer dat die Staat aan vroue spesiale behandeling gee ten opsigte van werkverskaffing, opvoeding, behuising en ander aspekte, ten einde die effek van diskriminasie teenoor vroue uit die weg te ruim.
- ❒ 'n Spesiale *Kommissie oor Geslagsgelykheid* is aangestel om gelykheid tussen mans en vroue te bevorder en om aanbevelings aan die Parlement te maak ten opsigte van wetgewing wat diskrimineer teenoor vroue en hoedat sodanige wetgewing gewysig behoort te word.

- ❒ 'n *Menseregte Kommissie* is aangestel waar vroue wat diskriminasie ervaar klagtes kan lê en om hulp kan vra.
- ❒ Die *Heropbou en Ontwikkelingsprogram* (HOP) is geformuleer en geïmplementeer met onder andere 'n fokus daarop om te verseker dat vroue 'n volle en gelyke rol vervul in elke aspek van Suid-Afrika se ekonomie en gemeenskap.
- ❒ Die Handves vir Vroue in Suid-Afrika (*Women's Charter of South Africa*) is in werking gestel, met onder andere die doel om positiewe en ware verteenwoordiging van vroue in die media (televisie, radio, koerante, tydskrifte en ander publikasies) te verseker en te bevorder.
- ❒ Gratis gesondheidsorg is deur die regering beskikbaar gestel aan swanger vroue in Suid-Afrika.

Deur middel van wetgewing, die daarstel van kommissies en 'n handves wat spesifiek aandag skenk aan die posisie van vroue, spesiale bevoorregting van swanger vroue in die vorm van gratis mediese sorg en die wyse waarop deur die HOP gefokus word op die rol en bydraes van vroue, word dus uitvoering gegee aan die verbintenis om diskriminasie teenoor vroue uit die weg te ruim.

'n Voorbeeld van 'n regeringsinisiatief wat implisiet gerig is op die voorkoming van geweld teenoor vroue, is die *Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie* (NMVS) wat gedurende Maart 1995 deur die Suid-Afrikaanse regering geïnisieer is. Die doel van die strategie, word in die NMVS (1996:2-3) aangedui as synde om;

- ✵ 'n omvattende beleidsraamwerk daar te stel wat die regering daartoe in staat sal stel om misdaad op 'n gekoördineerde en gefokusde wyse aan te spreek deur middel van die benutting van hulpbronne van alle regeringsinstellings en in die samelewing,
- ✵ gedeelde begrip en visie oor die wyses waarop die Suid-Afrikaanse bevolking misdaad kan aanspreek te bevorder, onder andere deur inligtingoordraging en die stimulering van inisiatiewe op provinsiale en plaaslike vlak,
- ✵ nasionale programme daar te stel wat sal dien as katalisators en fokusareas vir die pogings van verskeie staatsdepartemente in die lewering van kwaliteit-dienste wat gerig is op die oplossing van probleme wat aanleiding gee tot die hoë vlak van misdaad,
- ✵ publieke deelname aan die mobilisering van volhoubare misdaadvoorkomingsinisiatiewe te maksimaliseer en om
- ✵ 'n toegewyde en geïntegreerde misdaadvoorkomingskapasiteit te ontwikkel wat verbind is tot voortgesette navorsing en evaluering van departementele en samelewingsveldtogte en

die fasilitering van effektiewe misdaadvoorkomingsprogramme op sowel provinsiale as plaaslike vlakke.

Die NMVS is dus 'n omvattende strategie wat onder andere elemente van navorsing, beleidformulering en gemeenskapsbeïnvloeding oor, en koördinering en integrasie van verskillende misdaadvoorkomingstrategieë inkorporeer. Een van die misdaadkategorieë wat spesifiek aandag geniet na aanleiding van die doelstellings van die NMVS is *"(g)ender violence and crimes against children [which] are not only highly prevalent but have a profoundly negative impact on the rights and future well-being of women and children"* (NMVS, 1996:6).

Wanneer egter verwys word na aksies wat in hierdie verband geneem word, blyk dit dat weinig aandag werklik aan geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings geskenk word: *"Gender violence and crimes against children are receiving special attention through the establishment of specialised police units to investigate crimes against children and the creation of victim aid centres at which interdisciplinary services are offered to victims of these crimes. In addition, special court facilities which protect young witnesses have been established around the country, and are supported in some areas by prosecutors specialising in these cases. A number of governmental and non-governmental education and awareness programmes exist to educate children to deal with abuse and to raise awareness of gender crimes and crimes against children"* (NMVS, 1996:7).

Die verwysing na hulpsentrums vir slagoffers en bewusmakingsprogramme oor geslagsverwante misdade, is dus die enigste aanduidings van programme wat moontlik 'n effek kan hê op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Interessant is ook dat die Suid-Afrikaanse regering, met die uitsondering van een skuiling vir mishandelde vroue, geensins hulpsentrums vir vroulike slagoffers van geweld subsidieer nie (Gaitskell, 1998). Die daarstel van hulpsentrums vir slagoffers, het dus nog gladnie as regeringsinisiatief gerealiseer nie. (Vgl. ook die bespreking oor skuilings vir mishandelde vroue in 6.2.3.)

Een van die nasionale programme wat voortgespruit het uit die NMVS, is die *Bemagtigingsprogram van Slagoffers*, wat die primêre verantwoordelikheid van die Departement Welsyn (met die ondersteuning van die Departemente Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteit en Justisie) is. Hierdie program is onder andere daarop gemik om die beskikbare regsprosesse vir vroulike slagoffers van geweld meer gebuikersvriendelik te maak, deur die vermindering van die negatiewe effek van misdaad op slagoffers. Drie aksies word deur sowel

NMVS (1996:13-14) as die *Victim Empowerment Programme* (1998:1-2) aangedui om uitvoering aan die doel te gee, naamlik;

- opleiding van polisie- en regsamptenare om groter sensitiwiteit ten opsigte van slagoffers te openbaar en die verwysing van die slagoffers na relevante dienslewerraars om die effek van misdaad te verminder,
- die implementering van ondersteuningsprogramme vir slagoffers wat gebaseer is op navorsing oor slagoffers se belewenisse van die regstelsel en
- inligtingvoorsiening aan slagoffers ten opsigte van vordering wat met elke saak gemaak word en inligting wat die slagoffers daartoe in staat sal stel om met groter gemak klagtes te lê.

Misdaadvoorkoming, is dus nie 'n eksplisiete doel van die *Bemagtigingsprogram van Slagoffers* nie, aangesien die aktiwiteite van die program primêr fokus op dienslewering aan 'n persone wat reeds slagoffers was en by die geregtelike proses na aanleiding van misdaad betrokke is. Opleiding van polisiebeamptes en ander regsamptenare om slagoffers met die nodige sensitiwiteit te hanteer en die daarstelling van ondersteuningsprogramme wat onder andere gemik is op die oordraging van kennis aan slagoffers, blyk veral van waarde te wees wanneer in ag geneem word dat die betrokkenes na aanleiding van navorsing in Suid-Afrika (Jagwanth, 1995:5, Fedler, 1995:234-246, Fredericks en Davids, 1995:484-485 en Holtmann, 1998:10-11), negatief beleef word deur vroulike slagoffers van geweld. (Vgl. ook die besprekings in 6.2.4.4 en 6.2.5 in hierdie verband.)

Vanuit die *Bemagtigingsprogram van Slagoffers* ('n regeringsinisiatief), het 'n sogenaamde *Nasionale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* voortgespruit. In elke provinsie in Suid-Afrika, is 'n *Provinsiale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* gevestig. Hierdie netwerke is outonome, nie-politiese en nie-winsgewende organisasies, met die hoofdoel om alle vorme van geweld teenoor vroue uit die weg te ruim (Ehlers, 1997:1-2). Uit bostaande gegewens blyk dat die regeringsinisiatief dus as katalisator gedien het vir die ontwikkeling van privaat-dienslewerende strukture en -organisasies wat sigself onder andere ook bemoei met die lot van vroulike slagoffers van geweld in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Na aanleiding van die bespreking, word die afleiding gemaak dat die Suid-Afrikaanse regering in 'n proses is om uitvoering te gee aan die verbintenisse waartoe geraak is tydens die ondertekening van die Konvensie. Behalwe vir die implementering van die Vierde Algemene

Regswysigingswet (Wet 132 van 1993) en die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) reeds voor die ondertekening van die Konvensie, is die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) waarin in besonder aandag geskenk word aan die wegdoening van diskriminasie teenoor vroue en die toepassing van regstellende aksie op grond waarvan ook aan vroue spesiale behandeling gegee moet word, sedertdien geïmplementeer. Ander regeringsinisiatiewe wat onder andere die uitwissing van diskriminasie ten opsigte van vroue ten doel het, is die instelling van 'n spesiale *Kommissie oor Geslagsgelykheid*, 'n *Menseregte Kommissie*, die *Handves vir Vroue in Suid-Afrika*, die beskikbaarstelling van gratis gesondheidsorg vir swanger vroue en enkele van die beginsels van die HOP.

Regeringsinisiatiewe om die lot van mishandelde vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings aan te spreek, word gevind in die NMVS wat onder andere die doel het om spesiale aandag te skenk aan geslagsgeweld (*"gender violence"*). Vir hierdie doel is 'n *Bemagtigingsprogram vir Slagoffers* geformuleer, waaruit 'n *Nasionale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* voortgespruit het. Laasgenoemde het gedien as katalisator vir die ontwikkeling van 'n *Provinsiale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* (privaatinisiatiewe) in al nege die provinsies van Suid-Afrika.

Alhoewel die indruk deur hierdie wetgewing, kommissies, programme en strukture geskep word dat die Suid-Afrikaanse regering sigself verbind het tot die wysiging van die lot van vroue in die land en tot die beskerming van vroulike slagoffers van geweld, word die resultate wat tot dusver deur die inisiatiewe opgelewer is, betwyfel. Aspekte wat hoofsaaklik bydra tot hierdie twyfel sluit in dat;

- ten spyte van die onontbeerlike rol van maatskaplike werkers in die implementering van die HOP, die regeringsubsidiëring van welsynsdienste as 'n persentasie van die totale begroting vir die jaar 1996/97, met 1,32% afgeneem het teenoor dié van 1995/96 (Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*21*) en dat
- geen hulpsentrums vir slagoffers van geslagsverwante misdade tot op datum deur die regering tot stand gebring is nie, terwyl slegs een maatskaplikewerkpos by een van die 30 skuilings vir mishandelde vroue in Suid-Afrika, vanaf die begin van 1998 deur die Staat gesubsidieer word (Gaitskell, 1998).

6.2.2 MAATSKAPLIKEWERKINSTANSIES

Die maatskaplikewerkprofessie, wat sigself by uitstek besig hou daarmee om deur die benutting van maatskaplikewerkmetodes en tegnieke probleme te voorkom, te verlig of uit die weg te ruim met die doel om die maatskaplike funksionering van die kliëntesisteem te bevorder (vgl. 1.7.5), behoort waarskynlik een van die mees betekenisvolle rolspelers te wees in sowel die voorkoming as behandeling van geweld en die slagoffers daarvan. In die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1996:12) word die opdrag aan die professie gegee om maatskaplikewerkbeleid en -programme daar te stel wat geslagsensitief is en wat die spesifieke behoeftes en probleme van vroue aanspreek. Uiteraard regverdig hierdie studie nie 'n volledige uiteensetting van alle maatskaplikewerkinstansies en -dienste wat uitvoering aan bogenoemde opdrag probeer gee nie, maar ter wille van 'n breër begrip ten opsigte van wat reeds in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen word, word die dienste van POWA en NIMRO vervolgens kortliks toegelig.

6.2.2.1 *People Opposing Women Abuse* (POWA)

POWA is 'n privaat-welsynsorganisasie wat gedurende 1981 ontwikkel het as 'n vertakking van die Witwatersrandse Geestesgesondheidsvereniging, as 'n resultaat van 'n groepie vrywilligers se pogings om die lot van mishandelde vroue aan te spreek. In 1984 was POWA die eerste welsynsorganisasie wat 'n skuiling vir mishandelde vroue en hulle kinders in Suid-Afrika geopen het. Eers gedurende 1993 het die organisasie oor genoegsame fondse beskik om 'n Direkteur aan te stel en is begin met 'n transformasieproses waar nie meer alleen van die dienste van vrywilligers gebruik gemaak is nie, maar waar professionele persone as lede van die personeelkorps aangestel kon word (POWA, 1998:3).

Die missie van POWA is gesetel in vier aspekte, te wete om;

- ondersteuningstrukture en hulpbronne vir vroulike slagoffers van geweld en hulle kinders te ontwikkel en te ondersteun,
- by te dra tot samelewingsverandering deur wetgewing en praktyke wat geweld teenoor vroue en hulle kinders in stand hou uit te daag, te beïnvloed en te help met die transformasie daarvan, onder andere deur middel van opvoeding en opleiding van belanghebbende persone,
- 'n netwerk daar te stel vir groepe wat betrokke is by die voorkoming van geweld teenoor vroue en om

- navorsing te doen en begrip te ontwikkel vir sodanige geweld binne die Suid-Afrikaanse konteks (POWA, 1998:3).

Hieruit word afgelei dat POWA 'n privaat-, spesialiswelsynsorganisasie is wat sigself primêr bemoei met geweld teenoor vroue in Suid-Afrika deur middel van navorsing, voorkomingsprogramme, beïnvloeding en formulering van beleid, berading en ondersteuning.

Voor 1996 was die organisasie totaal afhanklik van skenkings vir sy voortbestaan en is fondse onder andere verkry vanuit die buiteland (die Royal Netherlands Embassy, die Joseph Rowntree Charitable Trust, Oxfam UK & Ireland, Interfund, die University of Bristol en G. Hague and Colleagues), plaaslike maatskappye en skenkings van individue. Gedurende 1996, 15 jaar na die ontstaan van POWA, het die Departement Welsyn vir die eerste keer fondse beskikbaar gestel vir 'n halfdag-maatskaplikewerkpos by die Soweto-tak van POWA. Hierdie befondsing is in 1997 uitgebrei tot die salaris van een voltydse maatskaplike werker, terwyl geen subsidiëring ontvang word vir dienslewering by POWA se skuiling nie. Tans bestaan die personeelkorps uit 15 persone, met takke in Berea, Soweto en Sebokeng (POWA, 1998:3-5).

Die dienste wat deur POWA gelewer word sluit in;

- beradingsdienste (sowel telefonies as deur middel van korrespondensie),
- gevallewerk (waarvoor op 'n glyskaal betaal word [gratis dienslewering tot 'n maksimum van R 50.00 per konsultasie]),
- maatskaplike groepwerk en ondersteuningsgroepe,
- inligtingvoorsiening en toepaslike verwysings van mishandelde vroue, hulle vriende en familielede na gemeenskapsgebaseerde ondersteuningsdienste,
- verwysings na skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders en die verlening van toegang tot POWA se eie skuiling,
- regsadvies, voorbereiding vir hofprosedures en ondersteuning tydens hofsake,
- opvoedkundige werkseminare en inligtingsessies,
- opleiding van vrywilligers, veral ten opsigte van die sensitiewe hantering van slagoffers van geweld,
- samelewingsbeïnvloeding deur middel van verskeie veldtogte,
- navorsing,
- gemeenskapsuitreiking en ondersteuning aan groepe wat soortgelyke dienste wil lewer en

- die voorsiening van 'n hulpbronsentrum deur die beskikbaarstelling van boeke, referate, artikels en oudio-visuele hulpmiddels wat relevant is ten opsigte van geweld teenoor vroue (POWA, 1998:6).

Ten spyte van 'n klein personeelkorps en beperkte finansiële ondersteuning deur die Staat, word dus van gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk gebruik gemaak ten einde geweld teenoor vroue in Suid-Afrika te probeer voorkom, terapeuties by die slagoffers en hulle gesinne betrokke te raak en die betrokkenes te ondersteun. Hierdie vorme van direkte dienslewering word deurlopend ondersteun deur navorsing en die byhou van 'n hulpbronsentrum.

6.2.2.2 Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO)

Net soos POWA, is NIMRO 'n privaat-welsynsorganisasie wat slegs gedeeltelik deur staatstoelae gefinansier word. Die oorkoepelende doel van NIMRO is om misdaad te voorkom en om ondersteuningsdienste aan slagoffers van misdaad te lewer. Een van die projekte van die organisasie, die *Ondersteuning van Mishandelde Vroue-projek*, is gedurende 1980 geloods nadat ten aanvang 'n bewustheid ontstaan het dat daar 'n behoefte aan dienslewering en ondersteuning van slagoffers van verkragting bestaan. Kort hierna, is die projek uitgebrei om ook dienslewering ten opsigte van vroulike slagoffers van gesinsgeweld beskikbaar te stel. Die doelstellings van die projek sluit in om;

- ondersteuningsdienste, berading en terapeutiese dienste te lewer aan slagoffers van verkragting en gesinsgeweld,
- vrywilligers op te lei om slagoffers te ondersteun en om betrokke te raak by die voorkoming van geweldsmisdade teenoor vroue deur middel van gemeenskapsbewusmakingsprogramme,
- vroue te bemagtig deur opvoeding en werkseminare waartydens inligting aan hulle oorgedra word,
- mans op te voed deur middel van inligtingoordraging oor die verantwoordelikheid teenoor vroue en om positiewe gesindhede ten opsigte van vroue te ontwikkel en te bevorder en om
- openbare beïnvloeding toe te pas ter wille van beleidsveranderinge wat kan aanleiding gee tot beter dienslewering aan slagoffers van geweld en veral aan die lot van vroue (Modiselle, 1997:5).

Die doelstellings van hierdie projek van NIMRO, stem dus grootliks ooreen met die missie en aktiwiteite van POWA, deurdat die fokus ook geplaas word op voorkoming, beïnvloeding en formulering van beleid, berading en ondersteuning. Hierdie doelstellings word tot uitvoering gebring deur middel van gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk. Interessant, is dat 'n aanduiding van NIMRO se verbintenis tot navorsing op grond waarvan hierdie dienslewering geskied, nie eksplisiet vermeld word nie.

Volgens Ehlers (1998) behels die ondersteuningsdiens wat aan vroulike slagoffers van geweld gelewer word nie alleen emosionele ondersteuning nie, maar ook inligtingoordraging ten opsigte van regsmiddele tot die betrokkene se beskikking, hulp met die verkryging van 'n interdik teen die geweldenaar (Artikel 2[1] van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld [Wet 133 van 1993]) en voorbereiding van die betrokkene ten opsigte van hofverrigtinge wat uit die interdik mag voortspruit.

Sukses word nie alleen ervaar met die opleiding van vrywilligers nie, maar ook met dié van maatskaplike werkers wat nie by NIMRO werksaam is nie, maar betrokke is by dienslewering aan vroulike slagoffers van geweld en met die opleiding van polisiebeamptes. Veral met betrekking tot laasgenoemde, vermeld Ehlers (1998) dat 'n gesindheidsverandering besig is om plaas te vind ten opsigte van vroulike slagoffers van geweld. Die belewenis van sukses in hierdie verband, word toegeskryf aan die feit dat polisiebeamptes toenemend sodanige slagoffers na NIMRO verwys vir dienslewering en dat slagoffers wat klagtes lê by die polisiediens, sedert die opleiding dikwels deur polisiebeamptes aangemoedig word om die klagte nie terug te trek alvorens met 'n professionele persoon oor die situasie gekonsulteer is nie.

Op grond hiervan, word die afleiding gemaak dat NIMRO, ten spyte van beperkte finansiering en 'n klein personeelkorps, verbind is tot die voorkoming van geweld teenoor vroue, ondersteuning van slagoffers van geweld en die opleiding van betekenisvolle rolspelers ter wille van verbeterde dienslewering aan vroulike slagoffers van geweld. Voorts blyk dit uit die bespreking, dat sowel POWA as NIMRO uitvoering gee aan die beginsels van die NMVS, met spesifieke verwysing na die doelstellings van die *Bemagtigingsprogram van Slagoffers* wat in 6.2.1 aangedui is.

6.2.3 SKUILINGS VIR MISHANDELDE VROUE

Sedert die opening van die eerste skuiling vir mishandelde vroue en hulle kinders deur POWA gedurende 1984, is talle pogings deur 'n verskeidenheid van privaat-inisiatiewe aangewend om soortgelyke skuilings in ander gebiede van Suid-Afrika beskikbaar te stel. Aangesien hoegenaamd geen staatssubsidiëring beskikbaar was vir hierdie doel nie, moes totaal vertrou word op skenkings en fondsinsamelingsprojekte om aan die pogings gestalte te gee. Uiteraard het 'n hele aantal van hierdie inisiatiewe misluk, maar bestaan daar tans in Suid-Afrika dertig sodanige skuilings (Gaitskell, 1998). Die verspreiding van skuilings per provinsie in Suid-Afrika (*South African Women's Shelter Movement,* 1998:2-3), tesame met 'n aanduiding van die getal vroue in elk van die provinsies (Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*3.5*), kan soos volg getabuleer word:

TABEL 7: VERSPREIDING VAN SKUILINGS VIR MISHANDELDE VROUE EN HULLE KINDERS VOLGENS DIE PROVINSIES IN SUID-AFRIKA

PROVINSIE	GETAL SKUILINGS	GETAL VROULIKE INWONERS IN DIE PROVINSIE[42]
KwaZulu-Natal	8	4 089 000
Gauteng	15	3 520 000
Wes-Kaap	2	2 135 000
Oos-Kaap	2	3 162 000
Noord-Kaap	1	380 000
Mpumalanga	2	1 357 000
Vrystaat	0	1 251 000
Noordelike Provinsie	0	2 250 000
Noord-Wes	0	1 550 000
TOTAAL	**30**	**19 694 000**

Bron: Sentrale Statistiekdiens, 1997(b):*3.5* en *South African Women's Shelter Movement,* 1998:2-3.

Interessant is dat KwaZulu-Natal, wat die grootste getal vroue in die Suid-Afrikaanse samelewing verteenwoordig, oor minder skuilings (agt) as Gauteng (15) beskik, terwyl die Oos-Kaap, wat bykans net soveel vroulike inwoners soos Gauteng het, oor slegs twee skuilings beskik. Ook die Noordelike Provinsie en die Wes-Kaap het bykans dieselfde getal vroulike

[42] Voorlopige skatting van die Suid-Afrikaanse populasie in Oktober 1996, na aanleiding van die 1996-Sensusopname.

inwoners, terwyl die Wes-Kaap oor twee skuilings beskik en in die Noordelike Provinsie geen skuilings beskikbaar is nie. Voorts word die aandag gevestig op die Noord-Kaap wat die minste vroulike inwoners het van al nege die provinsies, maar wat oor 'n skuiling beskik teenoor die Vrystaat, Noordelike Provinsie en Noord-Wes wat geen sodanige strukture het nie. Wanneer hierdie statistiese gegewens in ag geneem word, word twyfel opnuut gevestig in die verbintenis van die Suid-Afrikaanse regering om aandag te skenk aan die lot van vroue en in die besonder, die lot van vroulike slagoffers van geweld en hulle kinders in Suid-Afrika.

Elk van die skuilings kan tussen ses en 10 persone huisves en beskik oor die dienste van minstens een maatskaplike werker (Gaitskell, 1998). In die hele Suid-Afrika is daar dus op enige gegewe oomblik 'n maksimum van 300 plekke (30 skuilings vermenigvuldig met 'n maksimum van 10 persone per skuiling) in skuilings beskikbaar vir vroulike slagoffers van geweld en hulle kinders, terwyl ongeveer 30 maatskaplike werkers verantwoordelik is vir die lewering van dienste aan dié betrokkenes. Wanneer Angless en Shefer (1995:305) se skatting aanvaar word, naamlik dat 33,3% van Suid-Afrikaanse vroue slagoffers van geweld deur hulle manlike verhoudingsmaats is, is dit duidelik dat hierdie beskikbare plekke in skuilings by verre tekort skiet aan die behoefte wat bestaan.

Behalwe vir die dienslewering deur 'n maatskaplike werker by elke skuiling, is predikante, sielkundiges, psigiaters, arbeids- en fisioterapeute, opvoedkundiges en dieetkundiges se betrokkenheid beperk tot die mate waartoe sodanige persone bereid is om sonder betaling (dus as vrywilligers), by die dienslewering betrokke te raak. Slegs een van die skuilings (in Springs, Gauteng) ontvang staatssubsidie vir een voldag maatskaplikewerkpos, terwyl al die ander skuilings selfvoorsienend moet funksioneer ten opsigte van sowel die betaling van salarisse, as vir die daarstelling en instandhouding van die infrastruktuur (Gaitskell, 1998).

Alhoewel die skuilings verskil volgens elkeen se unieke omstandighede en die beskikbaarheid van hulpbronne, word die volgende dienste na aanleiding van Buck (1997:10-12), POWA (1998:6) en Gaitskell (1998) meesal aangebied:

- ❖ Skuiling vir vroue en hulle kinders vir 'n maksimum-tydperk van ses maande.
- ❖ Individuele hulpverlening en maatskaplike groepwerk vir inwoners.
- ❖ Spelterapie vir inwonende kinders.

- ❖ Lewensvaardigheidsopleiding vir inwoners, byvoorbeeld vaardigheidsopleiding in konflikhantering, effektiewe kommunikasie en om aan die verwagtinge van ouerskap te voldoen.
- ❖ Opleiding in arbeidsvaardighede en ondersteuning in werksplasings.
- ❖ 'n Versorgingsdiens vir die kinders in die skuiling wat behartig word deur die inwoners self.
- ❖ 'n Tuinbou-projek wat behulpsaam is met die voorsiening van 'n deel van die voedsel wat in die skuiling gebruik word.

Skuilings bied dus nie alleen 'n toevlugsoord aan vroulike slagoffers van geweld en hulle kinders nie, maar dien ook as 'n konteks waarbinne die betrokkenes emosioneel ondersteun word, konstruktief besig gehou word en opleiding kry in lewens- en arbeidsvaardighede, ten einde hulle te bemagtig om buite die konteks van die skuiling te funksioneer.

Vanweë die gebrek aan staatssubsidie en die gefragmenteerdheid van skuilings se dienslewering, is die *South African Women's Shelter Movement* as 'n onafhanklike, private en nie-winsgewende organisasie gedurende 1996 op die been gebring, met die doel om werk te verrig ten opsigte van die bevordering van dienslewering deur skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders in Suid-Afrika (Gaitskell, 1997:3-5). Deur die beweging se aktiwiteite, word daarna gestreef om;

- ❋ kontemporêre omstandighede in die Suid-Afrikaanse samelewing wat verband hou met skuilings vir mishandelde vroue, krities te ondersoek,
- ❋ werkers by skuilings te verenig ten einde aktiwiteite te sentraliseer,
- ❋ fondse in te samel om skuilings te ondersteun in die versorging van mishandelde vroue en hulle kinders in Suid-Afrika,
- ❋ kommunikasiekanale daar te stel en toeganklik te maak vir alle relevante rolspelers en om
- ❋ openbare bewussyn en ondersteuning van individue en instellings ten opsigte van die mishandeling van vroue, sowel nasionaal as internasionaal, te bewerkstellig (Konstitusie van die *South African Women's Shelter Movement*, 1997:1).

Ten einde uitvoering aan bogenoemde doelstellings te gee, word die volgende aktiwiteite deur die beweging beoefen:

- ❖ Die vorming van samewerkingsooreenkomste met ander netwerke, organisasies en individue wat in die veld werksaam is.

- ❖ Uitruiling van inligting oor sowel nasionale as internasionale aangeleenthede wat met skuilings verband hou.
- ❖ Die daarstel van inligtingsdokumente gerig op die verskillende segmente van die populasie, die voorsiening van inligting oor plaaslike skuilings, brosjures oor hoe om 'n skuiling te begin, te bestuur, die opleiding van vrywilligers ensovoorts.
- ❖ Die hou van konferensies, seminare en werkseminare ten opsigte van die verskillende aspekte wat relevant is ten opsigte van die daarstelling van skuiling vir mishandelde vroue.
- ❖ Openbare beïnvloeding ter wille van erkenning en ondersteuning deur die algemene publiek, die regering en verskeie organisasies.
- ❖ Die fasilitering van beleidsriglyne.
- ❖ Betrekking van buitelandse organisasies soos byvoorbeeld vrouegroepe, tersiêre opleidingsinstellings en skuilings.
- ❖ Aanmoediging van navorsing op die gebied van skuilings vir mishandelde vroue en die neem van aksies op grond van relevante navorsingsbevindinge (byvoorbeeld die implementering van veranderinge).
- ❖ Ondersteuning van inisiatiewe deur ander organisasies en opsigte van geweld teenoor vroue.
- ❖ 'n Voortdurende soeke na nuwe wyses vir die ondersteuning van mishandelde vroue deur middel van skuilings (Konstitusie van die *South African Women's Shelter Movement*, 1997:1-2).

Die *South African Women's Shelter Movement* is dus 'n privaat-organisasie wat sigself primêr bemoei met die lot van skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders in Suid-Afrika. Hierdie bemoeienis sluit onder andere navorsing, openbare beïnvloeding, fondsinsameling en die oordraging van toepaslike inligting aan alle belanghebbendes in, met die oog op die bevordering van dienslewering aan vroulike slagoffers van geweld en hulle kinders, in Suid-Afrika.

Na aanleiding van die bespreking, word afgelei dat skuilings vir mishandelde vroue 'n onontbeerlike faset is van sowel die voorkoming as die behandeling van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Deur aan die vroulike slagoffer en haar kinders veilige beskutting te bied ten opsigte van die manlike geweldenaar, maar ook deur die dienslewering wat in die skuiling plaasvind, word die betrokkenes beskerm teen voortgesette geweld en bemagtig om buite die skuiling te kan funksioneer. Die gebrek aan fondse en beperkte staatssubsidiëring, dra egter daartoe by dat bestaande skuilings 'n voortdurende stryd om

oorlewing voer en dat die plekke wat in die skuilings beskikbaar is vir vroulike slagoffers van geweld en hulle kinders, nie genoegsaam is om in die behoefte daaraan te voorsien nie[43].

6.2.4 WETGEWING EN DIE REGSPROFESSIE

In Suid-Afrika, is sedert 1993 deur middel van wetgewing aandag geskenk aan die posisie van vroue in die samelewing. So byvoorbeeld is die Vierde Algemene Regswysigingswet (Wet 132 van 1993) op 24 September 1993 deur die Nasionale wetgewer goedgekeur, met die oog daarop om *"... bepalings wat onderskeid tref tussen mans en vroue te herroep of te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan."* Op dieselfde datum, is ook die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) goedgekeur, met die doel om *"... voorsiening te maak vir die toestaan van interdikte met betrekking tot gesinsgeweld; vir 'n verpligting om gevalle waar kindermishandeling vermoed word, aan te meld; te bepaal dat 'n man aan verkragting van sy vrou skuldig bevind kan word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan."*[44] In hoofstuk twee van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), word aandag geskenk aan die Handves van Regte as 'n hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika, met die doel om die regte van alle mense in die land te verskans en die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid te bevestig.

In hierdie bespreking word spesifiek gefokus op laasgenoemde twee wette, aangesien sowel eksplisiet as implisiet aandag geskenk word aan geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

6.2.4.1 Die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993)

Ten einde begrip vir die inhoud van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993)[45] te bevorder, word die kernfasette van dié Wet wat spesifiek verwys na geweldpleging binne die verhouding tussen die man en die vrou, vervolgens aangedui.

---

43 Navorsing oor die subsidiëring van skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders is gedurende 1996 deur die Departement Welsyn onderneem (South Africa [Republic], 1997:24-29). Alhoewel na aanleiding van die navorsingsbevindinge enkele aanbevelings gemaak is oor sodanige subsidiëring, het tot op datum geen verdere aksies uit die navorsing voortgespruit nie.

44 Die Minister van Justisie het reeds gedurende 1998 'n nuwe Konsepwet op Gesinsgeweld aan die Nasionale Regering voorgelê. Hierdie Konsepwet is in beginsel deur die Nasionale Regering aanvaar, maar die implementering daarvan in die vorm van die Wet op Gesinsgeweld, sal waarskynlik nie voor die jaar 2000 plaasvind nie. (Vgl. Van Pletzen, 1999.)

45 Hierna, word na die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) verwys as dié Wet.

Aangesien die klem in hierdie studie op geweld teenoor vroue is, word die bespreking gevoer vanuit die veronderstelling dat die man die geweldenaar is en die vrou die slagoffer is, alhoewel Artikel 2(1) ook erkenning verleen aan situasies waar die man die slagoffer en die vrou die geweldenaar is.

- 'n Verwysing na die partye tot 'n huwelik word so uitgelê dat dit 'n man en 'n vrou wat met mekaar volgens enige regstelsel of gebruik getroud is of was en ook 'n man en 'n vrou wat gewoonlik as man en vrou saamwoon of saamgewoon het, hoewel hulle nie met mekaar getroud is of was nie, insluit [Art. 1(2)].

Hierdie artikel maak dus daarvoor voorsiening dat dié Wet van toepassing is op sowel mans en vrouens in saamwoon- as in huweliksverhoudings, maar ook op persone wat nie meer getroud is nie of nie meer as man en vrou saamwoon nie.

- 'n Regter of 'n landdros kan op aansoek deur 'n vrou of deur 'n ander persoon wat 'n wesenlike belang by die aangeleentheid het, 'n interdik teen die man toestaan wat hom beveel om -
  - nie die vrou aan te rand of te dreig nie [Art. 2(1)(a)];
  - nie die gesinswoning of ander plek waar die vrou woonagtig is of 'n bepaalde gebied waarbinne die gesinswoning of sodanige ander plek geleë is, te betree nie [Art. 2(1)(b)];
  - nie die vrou te verhinder om die gesinswoning of 'n bepaalde deel daarvan te betree en daar te bly nie [Art. 2(1)(c)]; of
  - nie enige ander handeling in die interdik uiteengesit, te verrig nie.

- By die toestaan van 'n interdik, maak die regter of landdros 'n bevel -
  - wat die uitreiking van 'n lasbrief tot inhegtenisneming van die man magtig [Art. 2(2)(a)];
  - wat die uitvoering van sodanige lasbrief opskort, onderworpe aan die voorwaardes betreffende nakoming van die interdik wat hy dienstig ag [Art. 2(2)(b)]; en
  - wat die man meedeel dat hy, na 24 uur kennisgewing aan die vrou en aan die betrokke hof, aansoek kan doen om wysiging of tersydestelling van die interdik [Art. 2(2)(c)].

- Die interdik en die bevel het geen regskrag totdat dit op die voorgeskrewe wyse aan die man bestel is nie [Art. 2(3)].

'n Vroulike slagoffer van geweld, of enige ander persoon wat belang by die aangeleentheid het, kan dus by die landdroshof aansoek doen om 'n interdik wat die man verhoed om gewelddadig teenoor sy vroulike verhoudingsmaat op te tree, nie die gesinswoning te betree of haar te verhoed om die woning te betree nie of enige ander handeling wat spesifiek in die interdik uiteengesit is, te verrig nie. Wanneer die interdik uitgereik word, word terselfdertyd 'n lasbrief tot inhegtenisneming van die man gemagtig, of sodanige lasbrief word uitgereik, maar opgeskort onderworpe aan die voorwaardes betreffende die nakoming van die interdik. Die wetlike beskerming wat deur die interdik aan die vrou verleen word, word van krag op die oomblik wat die interdik aan die man bestel is.

- Indien 'n lasbrief tot inhegtenisneming uitgereik en opgeskort is, kan inhegtenisneming deur 'n polisiebeampte plaasvind by ontvangs van 'n beëdigde verklaring waarin gekonstateer word dat die man 'n voorwaarde wat in die bevel vervat is, verbreek het [Art. 3(1)].

- Die man wat ingevolge hiervan in hegtenis geneem is -
  - word nie vrygelaat nie, tensy 'n regter of landdros sy vrylating beveel [Art. 3(2)(a)]; en
  - hy moet so gou as moontlik, maar nie later nie as 24 uur na sy inhegtenisneming, voor 'n regter of landdros gebring word [Art. 3(2)(b)].

- Die regter of landdros voor wie die man na inhegtenisneming gebring is, stel ondersoek in na die beweerde verbreking van die voorwaardes van die bevel en kan aan die einde van sodanige ondersoek-
  - beveel dat die man uit aanhouding vrygelaat word [Art. 3(4)(a)]; of
  - die man skuldig bevind aan die misdryf [Art. 3(4)(b)].

Indien 'n vrou oor 'n interdik en 'n opgeskorte lasbrief vir inhegtenisneming beskik en die man verbreek die voorwaardes van die interdik nadat dit aan hom bestel is, moet die vrou dus 'n beëdigde verklaring aflê op grond waarvan die verbreking van die voorwaardes beweer word. 'n Polisiebeampte is dan verplig om die man te arresteer, hom aan te hou en voor 'n landdros of regter te bring wat die bewering ondersoek. Na aanleiding van die ondersoek kan die regter of landdros die betrokkene na gelang van die omstandighede vrylaat, of hom skuldig bevind aan 'n misdryf.

- Artikel 5 van dié Wet bepaal dat 'n man, ondanks andersluidende bepalings van enige wet of van die gemene reg, skuldig bevind kan word aan verkragting van sy vrou of saamwoon-maat, of sy gewese vrou of saamwoon-maat.

- 'n Man wat -
  - die interdik of ander bevel wat in hierdie verband deur 'n regter of landdros uitgereik is verontagsaam, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding is die betrokkene strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met sowel sodanige boete as gevangenisstraf [Art. 6(a)].

Samevattend kan dié Wet beskryf word as 'n poging om beskerming te bied onder andere aan vroue wat die slagoffers van geweld deur 'n manlike verhoudingsmaat is, deur middel van die uitreiking van 'n interdik en 'n lasbrief vir inhegtenisneming of 'n opgeskorte lasbrief vir inhegtenisneming. Verbreking van die voorwaardes van die interdik, gee daartoe aanleiding dat die vrou 'n beëdigde verklaring ten opsigte daarvan by die polisiediens aflê, waarna die man onmiddellik gearresteer en aangehou moet word tot tyd en wyl 'n regter of landdros die beweerde verbreking ondersoek het en op grond van sy ondersoek, 'n bevel uitreik. Voorts word vroulike slagoffers van geweld deur middel van dié Wet beskerm op grond daarvan dat 'n manlike verhoudingsmaat skuldig bevind kan word aan verkragting van die vrou, selfs al is die betrokkenes wettig getroud.

Dié Wet hou volgens Bosman (1994:32) die volgende voordele in:

⇒ Regshulp vir slagoffers van geweld in gesinsverband word vir almal toeganklik gemaak, aangesien;
  - die diens 24 uur per dag beskikbaar is,
  - gratis verkry word en
  - gelewer word sonder die voorwaarde dat die klaer van regsverteenwoordiging gebruik moet maak.

⇒ Persone wat as man en vrou saamleef, selfs al is hulle nie wettig getroud nie, word as 'n gesin beskou en behandel.

⇒ 'n Groter bewustheid van gesinsgeweld word geskep, wat daartoe aanleiding gee dat;
  - dit algemeen bekend word dat geweld in gesinsverband deur die hof gestraf word en dat
  - die wet dus 'n uitdrukking is van die morele verwagtinge van die gemeenskap.

In aansluiting by Bosman (1994:32), vat Fedler (1995:236) die waarde van dié Wet saam deur aan te dui dat;

⇒ vroue deur middel daarvan, aangemoedig word om van die regstelsel gebruik te maak,

⇒ die prosedure minder gekompliseerd, meer effektief en goedkoper is as om 'n soortgelyke Hooggeregshof-inderdik te probeer verkry,

⇒ 'n ideologiese funksie deur dié Wet vervul word, naamlik erkenning van die bestaan van gesinsgeweld en verwerping van die verskynsel deur straf daarvoor op te lê en dat

⇒ selfs al kies vroulike slagoffers van geweld om nie van die interdikstelsel wat beskikbaar gestel word gebruik te maak nie, *"... many women feel comforted in the knowledge that the Act exists"* (Fedler, 1995:236).

Na aanleiding van bogaande uiteensetting, kan afgelei word dat dié Wet 'n aanduiding is van die gemeenskap, politici en die regstelsel se erkenning van die bestaan van gesinsgeweld, die noodsaak daarvan dat die verskynsel aangespreek moet word en die verwerping daarvan deur die daarstel van strafsanksies teenoor die geweldenaar in gevalle waar sodanige geweldpleging voorkom. Op 'n meer implisiete wyse, word waarskynlik ook deur dié Wet erkenning verleen aan die ondergeskikte posisie van die vrou in die Suid-Afrikaanse samelewing en kan dit dus beskou word as 'n poging om hierdie posisie te verander.

Dié Wet is egter nie sonder leemtes nie. So byvoorbeeld is Jagwanth (1995:5) van mening dat *"(t)he Act does not deal effectively with entrenched police practices in cases of domestic violence."* Haar kommer is veral daarin gesetel dat wanneer 'n mishandelde vrou nie oor 'n interdik beskik nie, maar om hulp by die polisiediens sou aanklop, die polisiebeamptes die aangeleentheid as minder ernstig sal beskou en nie toepaslik sal optree nie. Voorts is sy van mening dat dié Wet die *"... institutions and practices which are at the root of subordination of and violence against women"* onaangeraak laat, wat daartoe aanleiding gee dat maatskaplike verandering nie werklik aandag geniet nie (Jagwanth, 1995:6). Dieselfde wetgewing wat nie alleen die man se gesag in die huis goedkeur nie, maar ook die gebruik van fisiese geweld om sy *ongehoorsame* vrou te straf wettig, word derhalwe beskou as onbevoeg om die probleme wat vroue ervaar aan te spreek *"... when it simultaneously provides institutional support for an ideology which is the major cause of the problem itself..."* (Jagwanth, 1995:8).

Hieruit word afgelei dat Jagwanth (1995:6-8) dié Wet as't ware beskou as 'n poging om 'n *simptoom* van 'n *siekte* te behandel. Geweld teenoor vroue word aangedui as 'n *simptoom* van

'n samelewingsbestel en regstelsel wat die dominering van vroue, onder andere deur middel van die benutting van geweld (die *siekte*), goedkeur. 'n Aspek wat die situasie kompliseer, is die feit dat die regstelsel wat manlike dominansie sanksioneer (die *siekte*), deur middel van wetgewing poog om gesinsgeweld (die *simptoom*), wat 'n resultaat is van die sanksionering van manlike dominansie, te probeer aanspreek.

'n Omvattende bespreking van leemtes in dié Wet word deur Fedler (1995:234-246) aangebied. Aspekte wat relevant is ten opsigte van gewelddadige gedrag teenoor vroulike slagoffers van geweld in saamwoon- en huweliksverhoudings, word vervolgens aangedui:

⇒ Dié Wet is geformuleer gedurende 'n stadium in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis toe dit polities korrek was vir die regerende Nasionale Party om gesien te word as 'n party wat iets vir vroue doen. Sodoende kon vroue se steun verkry word vir die party voor die April 1994 verkiesing. Die instelling van dié Wet het nie gepaardgegaan met regeringsfinansiering vir ondersteuningstrukture vir mishandelde vroue of programme om geslagsdiskriminasie in die polisiediens en regstelsel te wysig nie. Derhalwe is nie daarin geslaag om deur die implementering van dié Wet 'n *"... magical safety zone for battered women ..."* daar te stel nie en gee die afwesigheid van toepaslike ondersteuningstrukture om die uitvoering van dié Wet werkbaar te maak, daartoe aanleiding dat dit beskou word as *"... a potentially empty remedy"* (Fedler, 1995:234).

Die bewering is dus dat dié Wet geformuleer en in werking gestel is sonder die daarstelling van die nodige ondersteunende infrastruktuur wat 'n werklike verbintenis van die regering van die dag tot die beskerming van vroulike slagoffers van geweld, sou kon impliseer nie.

⇒ Aangesien die interdik alleen deur 'n landdros of regter uitgereik mag word, kan vroue wat nie toegang het tot vervoer of wat aangehou word in hulle wonings, dikwels nie 'n interdik verkry nie. Veral die situasie van vroue in landelike gebiede vir wie toegang tot landdroshowe prakties nie moontlik is nie, is geensins verander deur die instelling van dié Wet nie (Fedler, 1995:237).

Alhoewel akkoord gegaan word met die bewering dat die verkryging van 'n interdik nie in alle gevalle prakties moontlik is nie, bied dié Wet tog aan 'n betekenisvolle getal vroue 'n toeganklike en bekostigbare wyse op grond waarvan hulle situasie verander kan word, wat voor die instelling daarvan, nie moontlik was nie.

⇒ Min pogings is aangewend om die gemeenskap op te voed ten opsigte van die bestaan van dié Wet, wat daartoe aanleiding gee dat die meeste vroue nie bewus is van die verkryging van 'n interdik as hanteringswyse vir die geweldpleging nie. In sommige dele van die land dra landdroste nie kennis van die bestaan van dié Wet nie en is hulle dus onwillig om 'n interdik uit te reik (Fedler, 1995:237).

Hierdie aspek kan waarskynlik beskou word as 'n aanklag teen sowel die maatskaplikewerkprofessie as teenoor regsbeoefenaars. Maatskaplike werkers sou waarskynlik by uitstek die persone wees wat nie alleen mishandelde vroue met wie in die praktyk in aanraking gekom word nie, maar ook die breër gemeenskap bewus kan maak van die bestaan van dié Wet en wyses waarop dit benut kan word. Net soos in die geval van alle ander professies, het regsbeoefenaars ook die etiese verpligting om voortdurend studerend te bly en om dus op hoogte te bly van nuwe wetgewing. Gebrekkige kennis oor wetgewing en wyses waarop dit geïmplementeer moet word, doen nie net die regsprofessie skade aan nie, maar ook elke potensiële verbruiker van die dienste daarvan.

Volgens Viljoen (1998) was daar sedert Desember 1993 toe die eerste keer met die uitreiking van interdikte begin is, landwyd 'n dramatiese toename in die getal interdikte wat maandeliks uitgereik word. In Bloemfontein alleen, kan die toename soos volg aangedui word.

TABEL 8: GETAL INTERDIKTE IN BLOEMFONTEIN UITGEREIK GEDURENDE DIE EERSTE DRIE MAANDE VAN 1994 EN 1998

	GETAL INTERDIKTE UITGEREIK	
MAAND	**JAAR: 1994**	**JAAR: 1998**
Januarie	7	63
Februarie	10	62
Maart	15	78

Bron: Viljoen, 1998.

Hierdie toename in die benutting van die interdikstelsel, sou waarskynlik onder andere toegeskryf kan word aan die pogings van die NMVS se *Bemagtigingsprogram van Slagoffers*, die Nasionale en Provinsiale *Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* (vgl. 6.2.1) en aan die dienste

van POWA en NIMRO (vgl. 6.2.2) ten opsigte van bewusmakingsprogramme om die publiek in te lig oor die beskikbaarheid van regsmiddele vir die hantering van geweld teenoor vroue.

⇒ Deur slegs voorsiening te maak vir persone wat met die geweldenaars in 'n huweliksverhouding saamgeleef het, word vroue soos huisbediendes wat verhoed word om saam met 'n man te woon op die werkgewer se perseel, nie deur dié Wet beskerm nie. Voorts word geen melding gemaak van die moontlikheid dat werknemers by skuilings vir mishandelde vroue ook van die interdikstelsel gebruik kan maak nie, terwyl hulle lewens ook bedreig sou kon word deur hulle betrokkenheid by mishandelde vroue (Fedler, 1995: 239-240).

Alhoewel akkoord gegaan word met die feit dat hulpverleners wat by mishandelde vroue betrokke is ook die slagoffers van die manlike geweldenaars se gedrag kan word, is die doel van dié Wet alleen om gesinsgeweld regtens aan te spreek. Nie tekortkominge in dié Wet *per se* nie, maar tekortkominge in die gemene reg op grond van gebrekkige beskerming wat aan hulpverleners gebied word, is dus hier relevant. Nietemin blyk die noodsaak daarvan duidelik dat die kategorieë persone wat deur dié Wet beskerm word, uitgebrei behoort te word tot die insluiting van meer betrokkenes ten einde 'n verbintenis tot beskerming teen geweld en 'n samelewingskultuur waarbinne geweld nie geduld word nie, daar te stel.

⇒ Alhoewel die interdik kosteloos uitgereik word, moet die vrou betaal vir die dienste van die balju[46] wat die interdik aan die manlike geweldenaar bestel. Dié Wet maak op geen wyse voorsiening vir vroue wat hierdie verskuilde uitgawe nie kan bekostig nie en ook nie vir onderhoudsgeld vir kinders, die koste verbonde aan die verkryging van 'n interdik om toegang tot die kinders te verhoed of aan die hervestiging van die vrou en kinders, weg van die gewelddadige man nie (Fedler, 1995:241-243).

⇒ 'n Duidelike omskrywing van die term *geweld* ontbreek in dié Wet. Twee breë terme wat vermeld word, naamlik *"aan te rand"* en *"te dreig"*, gee daartoe aanleiding dat twyfel bestaan of emosionele geweld, dreigemente met 'n wapen, teistering en finansiële misbruik genoegsaam of noodsaaklik is om te voldoen aan die verwagtinge van dié Wet. Landdroste beleef onsekerheid oor die geregverdigheid van interdikte wanneer fisiese aanranding nog nie voorgekom het en fisiese leed nog nie aangedoen is nie (Fedler, 1995:243).

---

[46] Die koste verbonde aan die dienste van 'n balju wissel tussen R 35.00 (in Johannesburg) tot so veel soos R 150.00 in ander gebiede (Fedler, 1995:243).

⇒ Dié Wet bied aan landdroste wye diskresie in die bepaling daarvan of 'n interdik die toepaslike geregtelike hanteringsmeganisme is. Derhalwe verlang sommige landdroste bewyse van 'n geskiedenis van gewelddadige gedrag in die vorm van doktersverslae, polisieverslae en dies meer, aangesien hulle van mening is dat die uitreiking van 'n interdik nie genoegsaam geregverdig word deur die bewering van die vrou alleen nie. Uiteraard is die meeste vroue nie in staat om sodanige dokumentasie te voorsien nie, hoofsaaklik weens die feit dat gewelddadigheid so ver moontlik as 'n geheim in gesinsverband hanteer word (Fedler, 1995:244).

Uit bostaande gegewens kan waarskynlik ook 'n aanduiding verkry word van die effek daarvan dat geweld nie voldoende deur dié Wet omskryf word nie. 'n Duidelike omskrywing van geweld sou waarskynlik daartoe aanleiding gee dat verwagtinge soos bewyslewering van 'n geskiedenis van aanranding, nie deur landdroste verwag sal word alvorens 'n interdik uitgereik word nie.

⇒ Waar gewelddadige gedrag voorkom, is bewyslewering van seksuele aanranding of verkragting deur 'n manlike verhoudingsmaat, bykans onmoontlik. Dié Wet stel geen werklike verandering daar op grond waarvan vroue aangemoedig word om klagtes te lê oor verkragting binne die konteks van die huwelik nie, juis weens die feit dat bewyslewering van 'n gebrek aan toestemming tot seksuele omgang, altyd 'n probleem binne die konteks van 'n huweliksverhouding sal wees. Na aanleiding hiervan raak Fedler (1995:245) tot die gevolgtrekking dat dié Wet *"... while appearing to take great strides ... toward a vision of gender equality, fails to yield any practical advances for women."*

'n Eie interpretasie is dat die insluiting van die artikel waarvolgens 'n man weens verkragting van sy vrou skuldig bevind kan word, groter waarde as 'n afskrikmiddel het, as wat dit 'n betekenisvolle bydrae tot werklike skuldigbevinding lewer, juis aangesien bewyslewering van weiering van toestemming tot geslagsomgang bykans onmoontlik is. Hieruit blyk opnuut die noodsaak daarvan dat die inhoud, implikasies en benuttingswyses van dié Wet aan die algemene publiek bekendgemaak moet word, ten einde 'n betekenisvolle afskrikkingseffek te kan hê.

⇒ Selfs al beskik 'n vrou oor 'n interdik, mag dit gebeur dat die manlike geweldenaar 'n situasie skep wat dit vir die vrou onmoontlik maak om die huis te verlaat en 'n beëdigde verklaring by die polisiediens te gaan aflê met die doel om die opgeskorte inhegtenisnemingsbevel te laat uitvoer (Fedler, 1995:245-246).

⇒ Die samewerking van die polisiebeamptes om die geweldenaar te arresteer weens 'n oortreding van die voorwaardes van die interdik, is van kardinale belang in die effektiwiteit van dié Wet. Aanmelding van die verbreking van die voorwaardes by die polisiediens, word deur Fedler (1995:246) beskryf as *"... much like leading a horse to water, in that there is little the average layperson can do to ensure prompt enforcement of the warrant of arrest by the police."* Sy gaan voort deur te beweer dat nie die landdroste nie, maar die polisiediens die swakste skakel is in die interdikstelsel en dat as die samewerking van die polisiediens nie verkry word nie, die interdik as't ware nutteloos is.

Hiermee word akkoord gegaan, aangesien die optrede van die polisiebeamptes die enigste hulpbron tot die vroulike slagoffer se beskikking is wat kan toesien dat uitvoering gegee word aan die funksie van die interdik. Wanneer die afskrikkingsfunksie van 'n interdik nie effektief is in die voorkoming daarvan dat die vrou aan gewelddadige gedrag blootgestel word nie, is die enigste ander hulpbron tot die vrou se beskikking, die mag wat deur dié Wet aan die polisiediens gegee word om die geweldenaar te arresteer.

Eie praktykervaring van 'n leemte in dié Wet, is dat weens die feit dat geweld nie omvattend omskryf word nie, die interdik weinig waarde het in gevalle van emosionele geweldpleging teenoor die vroulike slagoffer. 'n Man wat deur middel van die interdik verbied word om die vrou aan te rand of te dreig en om die gesinswoning te betree, kan byvoorbeeld nie skuldig bevind word aan 'n oortreding as hy in die straat voor die gesinswoning staan en klippe op die dak gooi, die vrou agtervolg of aanhoudend telefonies met haar probeer kontak maak nie. In sodanige gevalle word die vroulike slagoffer gedwing om opnuut vir 'n interdik aansoek te doen en moet sy die landdros versoek om eksplisiet na aanleiding van artikel 2(d) hierdie handelinge te spesifiseer as ontoelaatbaar. Selfs al sou hierdie handelinge bygevoeg word tot die aanvanklike interdik, kan dit dan gebeur dat die geweldenaar oorgaan tot ander vorme van emosionele geweldpleging wat steeds nie eksplisiet in die interdik vervat is nie.

Na aanleiding van die bespreking, word tot die slotsom gekom dat die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) 'n beperkte bydrae lewer tot die voorkoming en uitwissing van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en dat veral die gebrek aan 'n gedetailleerde omskrywing van die begrip *geweld*, aanleiding gee tot verskillende interpretasies en wyses van implementering van dié Wet. Waarskynlik sal die waarde van hierdie Wet eers werklik blyk wanneer bewusmaking van die publiek ten opsigte van die bestaan daarvan, die wyse waarop dit benut kan word en 'n boodskap van algehele

onverdraagsaamheid ten opsigte van alle vorme van gesinsgeweld, aan die totale Suid-Afrikaanse samelewing oorgedra kan word.

6.2.4.2 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)

Bo en behalwe die beskerming wat deur die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) aan mishandelde vroue verleen word, bied die Handves van Regte in Hoofstuk twee van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)[47] ook implisiet beskerming teen sowel fisiese as emosionele geweldpleging deur 'n manlike verhoudingsmaat. Enkele van die artikels wat in hierdie verband relevant is, word vervolgens aangedui met spesifieke verwysing na verhoudings waar die man die geweldenaar en die vrou 'n slagoffer van die man se geweldpleging is.

- Elkeen het 'n ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word [Art. 10].

Wanneer 'n man sy vroulike verhoudingsmaat fisies aanrand (Straus et al., 1981:22), dreig om beserings toe te dien, doelbewus verwar, skuldgevoelens by haar kweek (Boulette en Andersen, 1985:110) en verbaal verneder (Aguilar en Nightingale, 1994:36-37), word haar ingebore waardigheid en die reg op die respektering en beskerming daarvan, waarskynlik van haar ontneem.

- Elkeen het die reg op lewe [Art 11].

Moord of 'n poging tot moord ten opsigte van 'n vroulike verhoudingsmaat (Browne, 1988:271, Dobash et al., 1992:81 en Jansen, 1993:202) is dus gedragsvorme wat die vrou se reg op lewe skend. (Vgl. ook POWA, 1998:4 se bespreking van die konsep *"Intimate Femicide"*.)

- Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om-
  - nie arbitrêr of sonder gegronde rede vryheid ontneem te word nie [Art. 12(1)(a)];
  - vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare of private oorsprong [Art. 12(1)(c)];

---

47 Hierna, word na die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) verwys as die Grondwet.

- ♦ op geen wyse gemartel te word nie [Art. 12(1)(d)]; en
- ♦ nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie [Art. 12(1)(e)].

Sosiale isolasie (Boulette en Andersen, 1985:110 en Aguilar en Nightingale, 1994:36) en blootstelling van die vrou aan enige ander vorm van emosionele (vgl. 3.2.2) of fisiese geweld (vgl. 3.2.1), is dus 'n skending van haar fundamentele reg tot vryheid en sekerheid.

✪ Elke mens het die reg op liggaamlike en psigiese integriteit, waarby inbegrepe is die reg -

- ♦ op sekerheid van en beheer oor die eie liggaam [Art. 12(2)(b)].

Nie alleen fisiese aanranding nie, maar ook seksuele dwang (Straus et al., 1996:309) sou waarskynlik beskou kan word as 'n skending van die vrou se reg tot liggaamlike en psigiese integriteit.

✪ Niemand mag aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderwerp word nie [Art. 13].

Hierdie reg van die mishandelde vrou word geskend deurdat die man haar byvoorbeeld dwing tot onderdanigheid aan hom, selfopoffering ter wille van die bevrediging van sy behoeftes en dreigemente om haar leed aan te doen indien sy bevele nie uitgevoer word nie (Boulette en Andersen, 1985:110).

✪ Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is -

- ♦ die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra [Art. 16(b)].

Sosiale isolasie van die vrou (Boulette en Andersen, 1985:110) en beperkende en kontrolerende gedrag, byvoorbeeld deur voorgeskryf te word ten opsigte van wie sy mag sien en wie nie (Aguilar en Nightingale, 1994:36-37), is gewelddadige gedragsvorme wat die vrou van haar reg tot vryheid van uitdrukking ontneem.

✪ Elkeen het die reg op vryheid van beweging [Art. 21(1)].

Deur die vrou toe te sluit, te weier dat sy die gesinswoning verlaat en haar sosiaal te isoleer (Boulette en Andersen, 1985:110, Edleson en Tolman, 1992:5 en Aguilar en Nightingale, 1994:37-39), word haar reg op vryheid van beweging deur die manlike geweldenaar geskend.

✪ Elkeen het die reg -

- ♦ op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie [Art. 24(a)].

Hierdie basiese mensereg word van die vroulike slagoffers van geweld ontneem deur voortdurende blootstelling aan sowel fisiese as emosionele geweld (vgl. 3.2.1 en 3.2.2) wat nie alleen nadelig is vir hulle fisiese gesondheid nie (Dobash et al., 1992:75-76 en Cantos et al., 1994:115), maar ook hulle algemene welsyn (Cantos et al., 1994:122) nadelig beïnvloed.

- Elkeen het die reg op -
  - toegang tot geskikte behuising [Art. 26(1)] en om
  - nie sonder 'n hofbevel wat na oorweging van al die tersaaklike omstandighede toegestaan is, uit hul woning gesit te word nie [Art. 26(3)].

'n Manlike geweldenaar wat die vrou dwing om die gesinswoning te verlaat of haar toegang tot die woning weier (Boulette en Andersen, 1985:110), skend dus haar reg op toegang tot geskikte behuising.

- Elkeen het die reg op toegang tot -
  - enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word [Art. 32(b)].

Die mishandelde vrou se reg op toegang tot inligting word waarskynlik geskend wanneer die manlike geweldenaar haar doelbewus verwar en skuldgevoelens by haar kweek (Boulette en Andersen, 1985:110) deur die weerhouding van inligting aan haar, die wanvoorstelling van feite (Boulette en Andersen, 1985:110) en deur haar van toegang tot finansiële bronne en inligting oor die gesinsfinansies te ontneem (Aguilar en Nightingale, 1994:37).

Artikel 38 van die Grondwet maak onder andere daarvoor voorsiening dat iemand wat in eie belang optree of 'n persoon wat optree namens iemand anders wat nie in eie naam kan optree nie, die reg het om 'n bevoegde hof te nader en aan te voer dat daar op 'n reg in die Handves van Regte inbreuk gemaak is of dat so 'n inbreukmaking dreig.

Uit die bespreking blyk dat die Handves van Regte wat vervat is in die Grondwet oënskynlik 'n selfs magtiger regsmiddel tot die beskikking van vroulike slagoffers van geweld is, as wat die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) is, aangesien eersgenoemde 'n oorkoepelende wet is wat die gees en implikasies van alle ander wette in die land bepaal. 'n Eie interpretasie is egter dat die geslotenheid van gesinsisteme wat gekenmerk word deur geweldpleging (Carlson, 1984:574, Bolton en Bolton, 1987:35 en 46, Flynn, 1990:196, Kilpatrick en Lockhart, 1991:611, Baumgartner, 1993:214 en McInnis-Dittrich, 1996:419), die

bewyslas van sodanige skendings van regte bykans onmoontlik maak. Alhoewel die Grondwet 'n aantal fundamentele menseregte eksplisiet uitspel en die skending daarvan strafbaar maak, lê die bewyslas dat sodanige skending plaasgevind het steeds by die klaer. Veral in die geval van emosionele geweldpleging waar fisiese beserings nie teenwoordig is nie, is dit onwaarskynlik dat 'n vroulike slagoffer van geweld in 'n saamwoon- of huweliksverhouding daarin sal kan slaag om te bewys dat haar manlike verhoudingsmaat haar fundamentele menseregte geskend het.

6.2.4.3 Provokasie en noodweer

'n Regsaspek wat verband hou met geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, is selfverdediging. Volgens Jansen (1993:207), Theron du Toit (1993:230-231) en Wolhuter (1996:153-154) gebeur dit soms dat 'n slagoffer van gesinsgeweld 'n teenreaksie toon, die oorspronklike geweldenaar aanval en hom dan dood. In die reg staan sodanige gedrag as noodweer bekend en verskaf dit aan die vrou 'n volkome verweer teen 'n aanklag van moord. Juis weens die *volkome verweer* wat bestaan, word daar streng beperkings gestel aan die omstandighede waartydens 'n persoon die reg in eie hande mag neem en die funksie van die Staat as handhawer van reg en geregtigheid mag oorneem. Indien nie aan die voorgeskrewe vereistes vir noodweer voldoen word nie, word die persoon wat haarself sogenaamd *verdedig* as die aanvaller beskou en nie as die slagoffer nie. Enkele regsaspekte wat volgens die Suid-Afrikaanse regstelsel met noodweer verband hou, is die volgende:

- Noodweer kan alleenlik plaasvind as die aanval reeds begin het of dreigend was, maar nog nie afgeloop het nie (De Wet en Swanepoel, 1985:72-76, Snyman, 1992:111-114 en Wolhuter, 1996:154-155).
- In geval van 'n aanval wat verwag word, word slegs beskermingsmaatreëls toegelaat. Indien die geweldenaar gedood word voordat die aanval werklik 'n aanvang neem, word die gedrag nie as noodweer bestempel nie (Jansen, 1993:207).
- Enige optrede wat plaasvind nadat die aanval reeds afgeloop het, word nie as noodweer geklassifiseer nie, maar as weerwraak (Jansen, 1993:207).
- Noodweer is alleenlik geoorloof as die wederregtelike aanval teen die slagoffer op geen ander manier afgeweer kan word nie (Jansen, 1993:208).
- Noodweer moet in reaksie op 'n aanval geskied en die geweld wat toegepas word moet in verhouding tot die geweld wat aangewend is, wees (Jansen, 1993:208).

'n Vroulike slagoffer van geweld kan dus alleen noodweer benut as verweer teen 'n klag van moord, as haar gedrag wat tot die dood van die manlike geweldenaar gelei het plaasgevind het ten tye van 'n aanval op haar, as sy geen ander gedragsalternatief gehad het om die situasie die hoof te bied nie en as die intensiteit van die gedrag wat sy geopenbaar het, in verhouding was met dié van die manlike geweldenaar. Ook in hierdie geval is die bewyslas dat uit noodweer opgetree is, geleë by die vrou en in gevalle waar getuies nie teenwoordig was tydens die gebeurtenis nie, is dit uiters moeilik om te bewys dat die vrou wel uit noodweer opgetree het (Snyman, 1992:111-114 en Wolhuter, 1996:154-155).

Die wet maak dus nie daarvoor voorsiening dat 'n vrou wat by herhaling aan 'n geweldsiklus blootgestel was en dus oor die vermoë beskik om die manlike geweldenaar se gedrag te voorspel, haarself as't ware by voorbaat fisies verdedig ten einde sy aanval af te weer nie. In sodanige gevalle word die geweldgekenmerkde geskiedenis van die verhoudingspaar nie in ag geneem nie, maar word die vrou beskou as die aanvaller wat uit weerwraak optree.

'n Konsep wat met noodweer verband hou, is *provokasie* wat verwys na enige gedragsvorm ('n daad of die versuim om 'n sekere daad uit te voer) wat daartoe aanleiding gee dat 'n persoon 'n ander persoon doodmaak (Theron du Toit, 1993:230 en Wolhuter, 1996:155-157). In die konteks van 'n liefdesverhouding, bestaan daar *"... increased potential ... for provocation to killing, if only due to the spatial proximity of the parties and the raised emotional intensity of the situation"* (Theron du Toit, 1993:230-231). In die Suid-Afrikaanse regstelsel, word provokasie bepaal deur te fokus op *"... the effect of the circumstances upon the accused's personal compliance with the requirements for liability"* (Theron du Toit, 1993:244). Wat die Suid-Afrikaanse regstelsel se hantering van die verskynsel bewonderingswaardig maak, is dat erkenning gegee word aan die feit dat sodanige assessering van die beskuldigde se toerekeningsvatbaarheid subjektief van aard is, wat daartoe aanleiding gee dat die benutting van spesialis-getuies in die howe toegelaat word.

Provokasie word dus deur die Suid-Afrikaanse regstelsel beskou as gebeurtenisse of gedrag wat daartoe aanleiding gee dat 'n persoon 'n ander persoon doodmaak, terwyl die invloed van die omstandighede op die beskuldigde se toerekeningsvatbaarheid, in ag geneem word. Anders as in die geval van noodweer as verweer teen 'n klag van moord, word die omstandighede waartydens die moord plaasgevind het en die effek daarvan op die beskuldigde se toerekeningsvatbaarheid, dus in die geval van provokasie in ag geneem. Juis weens die

subjektiwiteit op grond waarvan die omstandighede en die effek daarvan op die beskuldigde ontleed word, maak die wet daarvoor voorsiening dat spesialis-getuies benut kan word om wetenskaplik-gefundeerde getuienis ten opsigte van die verskynsel wat tot die moord aanleiding gegee het, te lewer.

Die effek van spesialis-getuies in gevalle waar 'n vrou haar manlike verhoudingsmaat weens provokasie vermoor het, is volgens Theron du Toit (1993:248) onder andere opgesluit in die volgende faktore, te wete dat;

- die *mishandelde vrou sindroom* en die simptome daarvan oor sowel genoegsame geloofwaardigheid as gesaghebbendheid beskik om as relevant en toelaatbaar beskou te word tydens sodanige hofsake en dat
- spesialis-getuienis 'n basis skep op grond waarvan die toerekeningsvatbaarheid van die beskuldigde betwyfel word, met die resultaat dat redelike twyfel oor toerekeningsvatbaarheid geskep word.

Deur die benutting van spesialis-getuies, word die hof dus voorsien van wetenskaplik-gefundeerde getuienis ten opsigte van sowel die situasie waartydens die moord plaasgevind het, as oor die effek van die situasie op die beskuldigde. Sodoende word redelike twyfel geskep oor die toerekeningsvatbaarheid van die beskuldigde, wat daartoe aanleiding gee dat provokasie as genoegsame verweer teen 'n aanklag van moord, beskou word. Die Suid-Afrikaanse regstelsel maak dus, binne die konteks van 'n aantal beperkinge, daarvoor voorsiening dat geweldpleging deur 'n manlike verhoudingsmaat daartoe kan aanleiding gee dat die vroulike slagoffer haarself deur die benutting van geweld verdedig. Indien hierdie verdediging tot die dood van die oorspronklike aanvaller aanleiding gee, is twee regsweë, naamlik noodweer en provokasie tot die betrokkene se beskikking as wyses van verweer teen 'n moord-aanklag.

6.2.4.4 Die regsprofessie

Die reaksie van regspraktisyns op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, word sowel in Suid-Afrika (Fredericks en Davids, 1995:484-485) as internasionaal (Bolton en Bolton, 1987:217, Wolf, 1990:324 en Humphreys en Findlater, 1993:360) bestempel as negatief en onproduktief. Voorbeelde van sodanige reaksies wat vermeld word, is dat die vroue nie aangemoedig word om die klagtes wat gelê is deur te voer nie; dat 'n siening gehandhaaf word

dat 'n man nie van sy vrou en kinders verwyder moet word deur gevangenisstraf nie, aangesien die gesinseenheid sodoende versteur word en die gesin van hulle primêre broodwinner en beskermer ontneem sal word; en dat dit 'n man se reg en plig is om sy vrou af en toe tereg te wys deur haar 'n pakslae te gee.

Die mees algemene siening ten opsigte van geweld teenoor die vroue, is dat dit 'n privaat-aangeleentheid is waarby regsbeoefenaars nie graag betrokke wil raak nie (Humphreys en Findlater, 1993:360 en Fredericks en Davids, 1995:484). In Suid-Afrika regverdig staatsaanklaers hulle houding deur daarna te verwys dat die meeste vrouens wat sodanige klagtes lê, die klagtes later van tyd terugtrek met die resultaat dat die staatsaanklaer gelaat word sonder 'n getuie en dus ontneem word van die vermoë om 'n saak in die hof uit te maak ten opsigte van die beskuldigde se gedrag. Ook word die besluitneming oor die wenslikheid van vervolging van die geweldenaar deur die staatsaanklaers geneem, meesal alleen op grond van die teenwoordigheid en intensiteit van beserings wat die vrou opgedoen het. Die resultaat hiervan is dat vroue wat werklik gemotiveer is om met die saak voort te gaan, magteloos gelaat word en opnuut blootgestel word aan die geweldenaar se gedrag. Derhalwe word akkoord gegaan met Fredericks en Davids (1995:484-485) wanneer hulle na aanleiding van die genoemde aspekte, beweer dat die *"... criminal justice system can thus be said to assist in the secondary victimization of abused women."*

Nie net staatsaanklaers nie, maar ook regters se reaksie ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, word gekritiseer. In hulle bespreking, verwys Fredericks en Davids (1995:485) na die uitsprake van regters in 'n aantal hofgedinge waarna tot die gevolgtrekking geraak word dat *"... judicial decisions still, to some extent, reflect the archiac view that a wife is there for the pleasure of her husband and that she is deserving of the punishment meted out by her husband for any wrongdoing which causes distress to him."*

Hieruit word afgelei dat die tradisioneel-ongelyke magsverspreiding tussen man en vrou en die stereotipe rolle binne 'n liefdesverhouding, dus steeds die regstelsel en die gebruikers van die diens, beïnvloed. Waarskynlik beskik regspraktisyns ook nie oor voldoende kennis ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings nie, wat daartoe aanleiding gee dat die hantering van die verskynsel gegrond word op wat reg voel in die situasie, eerder as deur gefundeerde kennis oor die verskynsel. Die noodsaak daarvan dat uitvoering gegee moet word aan die doelstellings van die *Bemagtigingsprogram van Slagoffers*

wat uit die NMVS voortgespruit het, onder andere deur die opleiding van regsamptenare met die doel om groter sensitiwiteit ten opsigte van vroulike slagoffers van geweld te bewerkstellig (vgl. 6.2.1), blyk dus opnuut uit die bespreking.

6.2.5 DIE POLISIEDIENS EN POLISIEBEAMPTES

Net soos in die geval van regspraktisyns, word die reaksie van die polisiediens ten opsigte van geweldpleging teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings sowel nasionaal (Van der Hoven, 1989:56, Fredericks en Davids, 1995:483, Jagwanth, 1995:3 en Fedler, 1995:246) as internasionaal (Paterson, 1979:84, Bolton en Bolton, 1987:216 en Hoff, 1990:102) negatief beoordeel. Wanneer in ag geneem word dat die polisiediens se funksie wêreldwyd beskou word as die beskerming van elke lid van die publiek deur die toepassing van wetgewing (Fredericks en Davids, 1995:483), kan 'n mishandelde vrou wat die hulp van die polisie inroep om haar te beskerm teen die gewelddadige gedrag van 'n manlike verhoudingsmaat, waarskynlik wreed ontnugter word deur 'n negatiewe reaksie.

Reeds in 1969 is die rol van die polisie as 'n struktuur in die samelewing wat gemoeid behoort te wees met geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, deur Toch (1969:240) as ambivalent bestempel: *"The police have crucial roles to play on both sides of the War against Violence. Most obviously, they are our assault force and our first line of defense against Violent Men; less visibly, the police become involved in violence-prone games, and sometimes actively contribute to bringing these to a head."* Die ambivalensie is daarin geleë dat dieselfde samelewingstruktuur wat verantwoordelik is vir die voorkoming van geweld, ook 'n bydraende faktor tot die instandhouding van geweld is. Tipiese voorbeelde van polisie reaksies wat bydra tot die instandhouding van geweld, is onder andere;

- die argument dat staatsaanklaers nie geweldenaars aankla nie en wanneer hulle wel aangekla word, regters hulle nie vonnis nie, wat daartoe aanleiding gee dat 'n mening gehuldig word dat tyd nie op sodanige arrestasies gemors moet word nie (Paterson, 1979:84, Bolton en Bolton, 1987:216 en Fredericks en Davids, 1995:483),
- dat huweliks- en verhoudingsgeweld nie beskou word as 'n misdaad nie, of minstens nie as so 'n ernstige misdaad soos in die geval waar 'n persoon deur 'n vreemdeling aangerand word nie (Paterson, 1979:84 en Fedler, 1995:246),

- dat polisiebeamptes nie opgelei is om tipiese emosies wat uitgedruk word deur mishandelde vroue te identifiseer en te hanteer nie, met die resultaat dat hulle die probleem eerder ignoreer (Paterson, 1979:85 en Hoff, 1990:102),
- die feit dat die polisiebeampte se risiko om self beseer of selfs gedood te word tydens betrokkenheid by 'n klagte van gesinsgeweld hoër is as betrokkenheid by enige ander vorm van misdaad, met die resultaat dat sodanige klagtes liefs geïgnoreer word (Paterson, 1979:85),
- dat polisiebeamptes die kant van die geweldenaar teen die vroulike slagoffer kies en haar dus nie beskerm teen die geweldpleging nie (Paterson, 1979:87, Van der Hoven, 1989:56 en Hoff, 1990:102),
- die siening dat geweld tussen 'n man en sy vroulike verhoudingsmaat 'n privaat-aangeleentheid is waarby die polisie nie betrokke raak nie (Paterson, 1979:88, Bolton en Bolton, 1987:216, Van der Hoven, 1989:56, Fredericks en Davids, 1995:483 en Jagwanth, 1995:3),
- 'n traagheid om te reageer op klagtes van verhoudingsgeweld of selfs 'n blatante ignorering van sodanige klagtes (Bolton en Bolton, 1987:216 en Fedler, 1995:246),
- die beskouing dat die lê van 'n klag deur die vrou 'n vermorsing van tyd is, aangesien sy dit in elk geval weer gaan terugtrek na afloop van die gewelddadige insident (Van der Hoven, 1989:56 - 57 en Fredericks en Davids, 1995:483),
- dat die polisie aanvoer dat hulle alleen tot aksie mag oorgaan as die geweldpleging plaasgevind het in die teenwoordigheid van 'n ander persoon wat as getuie kan optree (Van der Hoven, 1989:56),
- die reaktiewe, eerder as proaktiewe respons van die polisie aangesien geen aksie geneem word alvorens die man die vrou nie fisies aangerand het of 'n poging aangewend het om haar te vermoor nie (Van der Hoven, 1989:56) en
- 'n persepsie dat die vrouens die geweldpleging geniet en uitlok en dat om die polisie te betrek by die geweldpleging, deel is van die hele speletjie wat die vrouens so geniet (Ehlers, 1998).

Wanneer die genoemde reaksies van die polisie wat bydra tot die instandhouding van geweld teenoor vroue in ag geneem word, blyk dit dat teenoorgestelde gedrag 'n bydrae sou kon lewer tot die staking van sodanige geweld. By implikasie sou gedrag deur die polisiediens wat gekenmerk word deur 'n siening dat geweld teenoor vroue, net soos enige ander gedragsvorm wat 'n verbreking van die wet is, 'n misdaad is wat arrestasie regverdig, reeds 'n stap in die

rigting van 'n verbintenis tot beskerming van vroue wees. Waarskynlik sou, indien geweld teenoor vroue deur die polisiediens beskou word as 'n maatskaplike verskynsel, waarop sowel onmiddellik proaktief as reaktief gereageer moet word met die doel om vroue te beskerm, 'n bydrae gelewer kan word tot die staking van sodanige geweldpleging.

Sowel Baxter (1987:99) as Hendricks (1992:220) is van mening dat toepaslike opleiding van polisiebeamptes die sleutel is tot die verandering van persepsies oor geweld teenoor vroue. Volgens Sears, Peplau en Freedman (1988:156) word 'n persepsie gevorm deur drie komponente, te wete (1) die kognisies wat persone met betrekking tot 'n verskynsel het, (2) die affektiewe (evaluatiewe) en (3) gedragsaspekte ten opsigte van die verskynsel. Die negatiewe persepsie van polisiebeamptes, is dus die resultaat van (1) ongefundeerde kognisies ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, wat aanleiding gee tot (2) die koppeling van negatiewe affekte daaraan. Hierdie kognisies en affekte gee op hul beurt aanleiding tot (3) veroordeling van die vroulike slagoffer en onsensitiewe optrede teenoor haar (die gedragskomponent van die persepsie).

Op grond hiervan word akkoord gegaan met die bewering dat polisiebeamptes opleiding moet ontvang ten einde hulle persepsie ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings te verander. Waarskynlik is gebrekkige kennis oor die verskynsel, huiwering en weiering om uitvoering te gee aan die beginsels van die wet weens negatiewe persepsies en die reaktiewe, eerder as proaktiewe aard van die polisiediens se reaksie, faktore wat bydra tot die sekondêre viktimisering van hierdie slagoffers van geweld. Sodoende word nie alleen bygedra tot geweldpleging teenoor vroue nie, maar word die verskynsel ook in stand gehou deur een van die strukture wat onder andere daarvoor verantwoordelik is om die verskynsel te voorkom en professioneel aan te spreek.

6.3 SAMEVATTING

Die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem ten opsigte van die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, is in hierdie hoofstuk uiteengesit. In die bespreking word op twee temas gefokus, naamlik ekonomiese realiteite en samelewingseienskappe, as faktore wat geweld teenoor vroue beïnvloed.

Ten spyte daarvan dat geweld teenoor vroue in alle sosio-ekonomiese sfere van die samelewing voorkom, is armoede 'n faktor wat deurlopend met gewelddadigheid geassosieer word. Uit die bespreking blyk dit dat nie armoede *per se* nie, maar stres en deprivasie as die resultate van armoede, bydra tot die totstandkoming en instandhouding van geweld. Uiteraard maak die gebrek aan ekonomiese middele dit ook vir die vroulike slagoffer van geweld moeilik om uit die geweldgekenmerkde verhouding los te breek en om haarself en haar kinders, sonder ekonomiese bystand deur die manlike geweldenaar, te onderhou. Bykans die helfte van die Suid-Afrikaanse populasie (46,49%) se opvoedingspeil is gelyk of minder aan 'n standerd ses kwalifikasie, terwyl 17,84% van die populasie ongeletterde persone is. Ongeletterdheid en gebrekkige opleiding, gee daartoe aanleiding dat die betrokkenes dikwels werkloos is, met armoede as die resultaat daarvan. Aangesien armoede 'n faktor is wat met gewelddadigheid geassosieer word, word akkoord gegaan met die bewering dat geweld teenoor vroue in Suid-Afrika, een van die mees onderskatte misdade in die land is.

Tydens die ontleding van samelewingseienskappe as sosiaal-strukturele faktore wat 'n aanduiding gee van die wyses waarop 'n samelewing geweld teenoor vroue aanspreek of ignoreer, is gefokus op regeringsinisiatiewe, dienslewering deur maatskaplikewerkinstansies, skuilings vir mishandelde vroue, relevante wetgewing en die hantering van die verskynsel deur die regsprofessie en op die rol van die polisiediens en polisiebeamptes. Elk van hierdie inisiatiewe, strukture en professies is op die een of ander wyse gemoeid met die voorkoming en hantering van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, as 'n uitdrukking van die gemeenskapsnorm dat dié verskynsel onaanvaarbaar is.

Aksies wat onder andere voortgevloei het uit die Suid-Afrikaanse regering se ondertekening van die Verenigde Nasies se *Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women* (CEDAW), is die insluiting van 'n Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1966) op grond waarvan alle vorme van diskriminasie teenoor vroue verbied word, maar ook die instelling van 'n spesiale *Kommissie oor Geslagsgelykheid*, 'n *Menseregte Kommissie*, 'n *Handves vir Vroue in Suid-Afrika* en die beskikbaarstelling van gratis gesondheidsorg aan swanger vroue in Suid-Afrika. Ook in die wyse waarop die *Heropbou en Ontwikkelingsprogram* (HOP) geformuleer is, is in besonder gefokus op 'n volle en gelyke rol vir vroue in elke aspek van die Suid-Afrikaanse ekonomie en gemeenskap. Hierdie aksies het implisiet ook die voorkoming van geweld teenoor vroue ten doel, aangesien die klem geplaas word op die beskerming en bevordering van vroueregte, op die

voorkoming van diskriminasie en op die bemagtiging van vroue om 'n gelyke, betekenisvolle bydra te lewer tot die samelewing.

'n Regeringsinisiatief wat sigself meer eksplisiet bemoei met die beskerming van vroulike slagoffers van geweld, is die *Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie* (NMVS), wat onder andere geweld teenoor vroue as 'n fokusarea uitsonder deur die daarstelling van 'n *Bemagtigingsprogram van Slagoffers*. Hiervolgens word die verskynsel aangespreek deur die beskikbaarstelling van hulpsentrums vir slagoffers en bewusmakingsprogramme oor geslagsverwante misdade. Interessant is dat tot dusver, geen regeringsinisiatiewe om uitvoering te gee aan die beskikbaarstelling van hulpsentrums of bewusmakingsprogramme, geloods is nie. Wat wel plaasgevind het, is dat privaatinisiatief naamlik 'n *Nasionale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* in elke provinsie in Suid-Afrika gevestig is, wat sigself primêr daarmee bemoei om alle vorme van geweld teenoor vroue uit die weg te ruim. Die regeringsinisiatief het dus hoogstens as katalisator gedien vir die ontwikkeling van privaat-dienslewerende organisasies. Wanneer in ag geneem word dat slegs een van die skuilings vir mishandelde vroue in die land 'n geringe staatssubsidiëring ontvang, blyk dit dat die huidige regering in Suid-Afrika nog 'n ver pad het om te gaan alvorens uitvoering gegee sal kan word aan 'n ware verbintenis tot die voorkoming van geweld teenoor vroue in die land.

Die dienste van *People Opposing Women Abuse* (POWA) en die Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO), is in hierdie bespreking uitgesonder as maatskaplikewerkinstansies wat sigself bemoei met die voorkoming van geweld teenoor vroue en die ondersteuning van vroulike slagoffers van geweld. Deur middel van die benutting van gevallewerk, maatskaplike groepwerk en gemeenskapswerk, word maatskaplikewerkdienslewering onder andere aan vroulike slagoffers van geweld en hulle gesinne gelewer, terwyl die oordraging van relevante inligting deur middel van gemeenskapswerkprojekte benut word om die verskynsel te voorkom. Ten spyte van geringe staatssubsidiëring wat ontvang word, lewer hierdie welsynsinstansies dienste wat onder andere ook uitvoering gee aan die beginsels van die NMVS en aan die doelstellings van die *Bemagtiginsprogram van Slagoffers*.

Dertig skuilings vir mishandelde vroue, waarvan die helfte in Gauteng geleë is, is beskikbaar in Suid-Afrika. Die Vrystaat, Noordelike Provinsie en Noord-Wes provinsie beskik oor geen sodanige skuilings nie. Skuilings bied nie alleen 'n veilige toevlugsoord aan vroulike slagoffers

van geweld en hulle kinders nie, maar dien ook as kontekste waar hierdie persone onder andere deur middel van terapeutiese dienslewering, ondersteun en bemagtig word om na ontslag uit die skuiling, 'n verbeterde vlak van maatskaplike funksionering in die samelewing te kan handhaaf. Alhoewel die eerste skuiling in Suid-Afrika reeds gedurende 1984 deur POWA daargestel is, is gedurende 1998 vir die eerste keer vanuit regeringsgeledere 'n enkele maatskaplikewerkpos by een van die skuilings gesubsidieer. Vir alle ander personeeluitgawes, voeding en die vestiging en instandhouding van skuilings se infrastruktuur, moet self fondse ingesamel word en word geen staatssubsidiëring ontvang nie. Die getal skuilings en die plekke wat beskikbaar is in skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders, is derhalwe nie genoegsaam om in die behoefte aan sodanige dienste te voorsien nie. Juis weens die gefragmenteerdheid van dienslewering en die gebrek aan die nodige fondse om effektiewe dienslewering te verseker, is die *South African Women's Shelter Movement* gevestig as 'n privaatinisiatief wat werk verrig ten opsigte van die bevordering van dienslewering in skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders in Suid-Afrika.

Twee wette in Suid-Afrika, naamlik die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), skenk aandag aan geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Eersgenoemde het in hierdie verband onder andere ten doel om voorsiening te maak vir die toestaan van interdikte met betrekking tot gesinsgeweld en om te bepaal dat 'n man aan verkragting van sy vrou skuldig bevind kan word. Die wet is dus 'n aanduiding van die gemeenskap, politici en die regstelsel se erkenning van die bestaan van gesinsgeweld, die noodsaak daarvan dat die verskynsel aangespreek moet word en die verwerping daarvan deur die daarstel van strafsanksies teenoor die geweldenaar in gevalle waar sodanige geweldpleging voorkom. Veral die gebrek aan 'n gedetailleerde omskrywing van die begrip *geweld* in dié Wet, gee daartoe aanleiding dat verskillende interpretasies en wyses van implementering daarvan voorkom, met die resultaat dat kritici die werklike waarde van sodanige wetgewing betwyfel.

'n Analise van die Handves van Regte wat vervat is in die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), bring aan die lig dat sowel fisiese as emosioneel-gewelddadige gedrag 'n skending van hierdie regte impliseer. Weens die geslotenheid van die gesinsisteem waar geweld voorkom en in die afwesigheid van fisiese letsels as 'n resultaat van gewelddadige gedrag, is dit egter onwaarskynlik dat 'n vroulike slagoffer van geweld in 'n saamwoon- of huweliksverhouding

daarin sal kan slaag om te bewys dat haar manlike verhoudingsmaat haar fundamentele menseregte geskend het.

Twee regsaspekte wat met geweld teenoor vroue verband hou, is noodweer en provokasie. Eersgenoemde verwys na die verskynsel waar 'n slagoffer van geweld 'n teenreaksie toon deur die oorspronklike geweldenaar aan te val en te dood deur die reaksie. Indien aan die vereistes vir noodweer voldoen word, verskaf dit byvoorbeeld aan die vroulike slagoffer van geweld 'n volkome verweer teen 'n aanklag van moord. Provokasie verwys na enige gedragsvorm wat daartoe aanleiding gee dat 'n persoon 'n ander persoon doodmaak en kan daartoe aanleiding gee dat redelike twyfel ontstaan oor die toerekeningsvatbaarheid van die persoon wat die ander een gedood het. In die geval van 'n vroulike slagoffer van geweld wat haar manlike verhoudingsmaat doodmaak, kan spesialis-getuienis daartoe aanleiding gee dat die omstandighede waartydens die daad plaasgevind het en die subjektiewe invloed daarvan op die beskuldigde, deur die hof in ag geneem word tydens die bepaling van toerekeningsvatbaarheid.

In die slotgedeeltes van hierdie hoofstuk, is aandag geskenk aan die rol van die regsprofessie en die polisiediens as sosiale strukture wat 'n vermeende invloed uitoefen op die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue. Ten opsigte van die regsprofessie is aangedui dat sowel staatsaanklaers as regters beïnvloed word deur die tradisioneel-ongelyke magsverspreiding tussen man en vrou en deur geslagstereotipes, met die resultaat dat gewelddadige mans selde aangekla word vir hulle gedrag en dat regters neig om nie toepaslike strawwe aan diegene op te lê nie. Met betrekking tot die polisiediens, is aangedui dat 'n persepsie gehuldig word dat geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings nie 'n ernstige misdaad is nie en dat tyd en mensekrag dus nie op arrestasies en die afneem van verklarings in hierdie verband, vermors moet word nie. Die noodsaak van opleiding deur die oordraging van wetenskaplik-gefundeerde kennis ten opsigte van die verskynsel aan sowel die regsprofessie as aan die polisiediens, is aangedui as een wyse waarop hierdie persepsies gewysig kan word. Sodoende kan die sekondêre viktimisering van vroulike slagoffers van geweld verminder word en kan 'n besef posvat dat geweld binne gesinsverband op geen wyse deur die samelewing, regstelsel en polisiediens geduld word nie.

HOOFSTUK 7

DIE SOSIO-KULTURELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

In die voorafgaande drie hoofstukke, is 'n bespreking gevoer oor die individuele, gesins- en sosiaal-strukturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem vir die ontwikkeling en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk, word aandag geskenk aan die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem wat die suprasisteem van die genoemde vlakke (die subsisteme) vorm en wat dus 'n invloed op die subsisteme uitoefen deur middel van wisselwerking daarmee.

Uiteraard beïnvloed die sosio-kulturele vlak nie alleen die laer vlakke van die ekologiese ontledingsisteem nie (vgl. 2.2.3.8), maar beïnvloed die laer vlakke ook mekaar wedersyds. Op sy beurt, word die sosio-kulturele vlak (suprasisteem) dan ook beïnvloed deur wisselwerking met die laer vlakke (subsisteme). Vanuit 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief, word dus in hierdie hoofstuk nie alleen gefokus op die sosio-kulturele vlak nie, maar ook op die wedersydse beïnvloedingsprosesse wat vanweë die wisselwerking tussen die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem, plaasvind.

Verskeie outeurs (Moore, 1979:198, Valenkamp, 1992:5, Van Niekerk, 1993:27-28, Kadalie, 1994:26, Ackerman, 1994:19) is van mening dat 'n sosio-kulturele ontleding van geweld teenoor vroue nie kan plaasvind, tensy die verskynsel vanuit 'n feministiese perspektief beoordeel word nie. Die doel van hierdie studie regverdig egter nie 'n allesomvattende bespreking van feminisme *per se* nie, alhoewel deurlopend onder andere van literatuurbronne wat vanuit feministiese denkstrominge ontwikkel is, gebruik gemaak word.

Kennis word geneem van die feministiese standpunt dat alle vorme van geweld teenoor vroue *veroorsaak* word deur die patriargaal-gedomineerde samelewingsbestel (Klopper, 1993:21-22, Ackerman, 1994:14-16 en Abraham, 1995:453). Binne die konteks van hierdie studie, word 'n

ontleding egter nie vanuit 'n oorsaak-gevolg paradigma (vgl. 2.3.2.1) gedoen nie, maar word erkenning gegee daaraan dat 'n patriargaal-gedomineerde samelewingsbestel wel een van 'n aantal faktore op die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem is, wat vermeend bydra tot die totstandkoming en instandhouding van 'n verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Waarmee wel gedeeltelik akkoord gegaan word, is die doelstelling van die feminisme, naamlik om vroue te bevry van alle vorme van diskriminasie, dominering en onderdrukking en om hulle te bemagtig om beheer oor eie liggame en lewens te neem, sowel binne as buite die huishoudelike konteks (Valenkamp, 1992:2, Ackerman, 1994:12 en Kadalie, 1994:26). Vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, word hierdie doel van feminisme alleen aanvaar, mits die neem van beheer oor eie liggaam en lewe plaasvind binne die grense van Christelike waardes en norme.

Volgens Straus (1980c:39) behels 'n ontleding van sosio-kulturele aspekte met betrekking tot geweld, *"... [an] ability to see through or probe behind the official version of reality"* wat daartoe aanleiding gee dat deurlopend in ag geneem moet word dat alhoewel *"(o)fficial norms ... exalt the family as a group devoted to gentleness and love, ... these norms coexist with a more subtle set of norms that legitimate the use of force and violence in the family setting."* In aansluiting hierby, verwys Carlson (1984:578) na samelewingsnorme en kulturele waardes soos byvoorbeeld seksisme, geslagsrolstereotipering, die algemene aanvaarding van geweld en norme met betrekking tot die huwelik en gesin, as sosio-kulturele aspekte wat alle mense in 'n meerdere of mindere mate affekteer en wat bydra tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue. Tog maan Carlson (1984:579) dat *" (w)hile the case can be made that these factors rarely, if ever, operate in a direct way to cause domestic violence ..."*, daar ook geargumenteer kan word dat *"... they are the most influential and pervasive factors contributing to domestic violence, as well as the least amenable to change."*

Derhalwe word in hierdie hoofstuk aandag geskenk aan sosio-kulturele faktore in die samelewingsisteem wat as't ware 'n konteks daarstel waarbinne sosiale strukture, gesinne en individue funksioneer en wat dus die funksionering van elk van hierdie aspekte beïnvloed. Sosio-kulturele aspekte waarop gefokus word sluit in seksisme, geslagsrolstereotipering, norme met betrekking tot die huwelik en gesin en die algemene aanvaarding van geweld en hoedat hierdie aspekte vermeend bydra tot die ontwikkeling en instandhouding van geweld. Waarskynlik is mites met betrekking geweld teenoor vroue, sosio-kulturele

faktore is wat in hierdie verband verreken behoort te word, aangesien sodanige mites nie alleen 'n kontekstuele bydrae lewer ten opsigte van geweldpleging nie, maar daardeur ook 'n invloed uitoefen op hoedat die verskynsel beoordeel word deur die slagoffers, die algemene publiek en deur dienslewerende instansies en professies. Hierdie hoofstuk word dus afgesluit deur 'n bespreking van sodanige mites en enkele van die resultate daarvan.

7.1 SEKSISME

Sowel Straus (1980d:87) as Ritzer (1986:319) is van mening dat die algemene aanvaarding daarvan dat een geslag (mans) inherent meerderwaardig is aan die ander (vrouens), 'n aanduiding is van die hiërargiese en manlik-gedomineerde samelewing wat tipies is van die Westerse wêreld en dat hierdie aanvaarding bydra tot die totstandkoming en instandhouding van geweld deur mans teenoor hulle vroulike verhoudingsmaats. Verskeie outeurs (Bersani en Chen, 1988:72, Hanrahan, Campbell en Ulrich, 1993:27, Abraham, 1995:452 en Johnson, 1995:284) fokus die aandag daarop dat die oorsprong van hierdie hiërargiese meerderwaardigheid van mans, in die patriargale stelsel gesetel is. Op grond hiervan word die klem geplaas op mag wat aan mans, eerder as aan vroue, die reg gee om besluite te neem wat 'n impak mag hê op al die lede van 'n groep of samelewing.

Na aanleiding van bogenoemde standpunte, word die afleiding gemaak dat seksisme verwys na die siening dat mans meerderwaardig is aan vroue, dat die siening 'n resultaat is van 'n patriargale samelewingsbestel en dat juis hierdie vermeende meerderwaardigheid, gebruik word om die benutting van geweld teenoor vroue ten einde hulle gedrag te beheer, te regverdig. Daarom word akkoord gegaan met Carlson (1984:578), Clayton (1991:138), Dobash et al. (1992:71), Valenkamp (1992:2) en Ackerman (1994:19) wat beweer dat die seksistiese patriargale stelsel nie alleen die vrou in gesinsverband negatief beïnvloed nie, maar dat manlike dominansie ook uitgeleef word in die regstelsel en polisiediens, die kerk, politieke bestel en in ekonomiese sisteme.

In 'n publikasie deur Johnson (1995:283-294), lewer hy 'n weldeurdagte pleidooi dat nie na vrouemishandeling (*"wife beating / wife battery"*) en mishandelde vroue (*"battered women"*) verwys behoort te word nie, maar dat hierdie vorme van gedrag en die resultaat daarvan gedefinieer behoort te word as synde patriargale terrorisme (*"patriarchal terrorism"*). Die vroulike slagoffers van patriargale terrorisme, word na verwys as patriargaal geterroriseerde

vroue. Sy primêre motivering vir die benutting van die terme, is dat die man se gedrag daardeur geëtiketteer word vir wat dit werklik is, naamlik *"... a product of patriarchal traditions of men's right to control 'their' women, ... a form of terroristic control of wives by their husbands that involves the systematic use of not only violence, but economic subordination, threats, isolation, and other control tactics"* (Johnson, 1995:284).

'n Eie interpretasie is dat patriargale terrorisme dus verwys na gedrag deur 'n man wat onder andere ontwikkel as 'n resultaat van seksisme. Die patriargale stelsel gee dus aanleiding tot die ontstaan van seksistiese denke, met die ontwikkeling en instandhouding van fisies- en / of emosioneel-beherende gedrag van mans teenoor hulle vroulike verhoudingsmaats (patriargale terrorisme), as die resultaat daarvan.

Vanuit 'n verskeidenheid literatuurbronne (Moore, 1979:198, Straus, 1980d:87-90, Carlson, 1984:578, Bersani en Chen, 1988:73, Davis, 1992:230, Ackerman, 1994:19), kan minstens tien wyses waarop die manlik-dominante samelewing- en gesinstruktuur verhoudingsgeweld skep en in stand hou, geïdentifiseer word. Hierdie wyses word vervolgens hoofsaaklik na aanleiding van Straus (1980d:87-90) aangebied, deur onder andere gebruik te maak van toepaslike voorbeelde. Die aandag word egter daarop gevestig dat veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing, wetgewing en openbare beleid (vgl. 6.2.1), die posisie van vroue in dié land begin wysig het. Die aspekte waarop vervolgens gefokus word, is dus nie almal prominente en kontemporêre voorbeelde van seksisme in Suid-Afrika nie. Waarskynlik word elemente van die seksistiese samelewingsbestel in die verlede, vandag steeds aangetref in ideologieë oor die rol van die vrou in die gesin en samelewing (Carlson, 1984:578).

☞ ***Die verdediging van manlike outoriteit***

In die konteks van 'n veranderende industriële samelewing, is norme ten opsigte van mans se meerderwaardige outoriteit nie so duidelik omlyn soos vroeër nie, wat daartoe aanleiding gee dat die aanname van manlike meerderwaardigheid bevestig moet word deur die beskikking oor bronne soos persoonlikheidseienskappe, materiële goedere en die vermoë om bepaalde dienste te lewer (Straus, 1980d:87 en Carlson, 1984:578). Indien elke man inderdaad meerderwaardig is aan vroue in terme van intelligensie, kennis, beroepsprestige en inkomste, sou daar ooreenstemming wees tussen die mag wat toegeskryf word aan mans en die individuele prestasies wat in ooreenstemming met die mag verwag word. Tog is dit duidelik dat, ten spyte van 'n samelewingstruktuur waar mans bevoordeel word in terme van toegang tot hierdie

bronne, mans nie sodanig meerderwaardig is nie. Derhalwe voel sommige mans bykans verplig om terug te val op die *uiterste bron*, naamlik fisiese dwang om hul meerderwaardige posisie te bevestig (Straus, 1980d:87 en Davis, 1992:230).

Hieruit word afgelei dat die seksistiese samelewingspersepsie en -verwagting dat mans meerderwaardig aan vroue is en behoort te wees, daartoe bydra dat indien sommige mans beleef dat hulle nie aan hierdie verwagting voldoen nie, daar oorgegaan word tot die benutting van geweld ten einde outoriteit te bevestig. Die een aspek ten opsigte waarvan die meeste mans wel meerderwaardig is aan vroue, naamlik fisiese krag (vgl. 3.3.1), word dus benut om gesag af te dwing wanneer hulle intellektuele vermoëns, beroepstatus en inkomste nie genoegsaam sodanige belewenis teweeg bring nie.

☞ ***Kompulsiewe manlikheid***

Die aandag word deur Straus (1980d:87-88) daarop gefokus dat die man se beroepsrol in moderne industriële samelewings hom as't ware skei van sy gesin en dat die dominante rol wat die moeder speel in kinderopvoeding, 'n fundamentele probleem skep vir mans in die bereiking van 'n manlike geslagsidentiteit. So byvoorbeeld identifiseer seuns aanvanklik met hul moeders, aangesien sy die mees beskikbare rolmodel vir die kind is. Tog raak die seun tydens sy sosialiseringsproses van die seksistiese siening bewus dat vroue in 'n sekere sin beskou word as minderwaardig aan mans en dat dit dus 'n skande vir hom is om met sy moeder te identifiseer. Derhalwe ontwikkel die seun tydens adolessensie 'n sogenaamde *kompulsiewe manlikheid*, waartydens hy rebelleer teen sy aanvanklike identifikasie met sy moeder en wat onder andere gekenmerk word deur reaksieformasie en aggressie ten opsigte van vroue. Hierdie kompulsiewe manlikheid duur dan voort tot in die betrokkene se volwasse lewensfase, waartydens die siklus sigself herhaal ten opsigte van sy eie seuns.

Na aanleiding van bogenoemde, verwys kompulsiewe manlikheid dus na 'n doelbewuste kognitiewe en gedragsproses wat by sommige seuns ontstaan en wat daarop gemik is om vroue te domineer. Die proses word gekataliseer deur bewuswording tydens die sosialiseringsproses ten opsigte van die seksistiese sosio-kulturele siening dat vroue in die samelewing as minderwaardig en ondergeskik aan mans beskou en behandel moet word. In aansluiting hierby, verwys sowel Carlson (1984:578) as Stringer-Moore et al. (1984:275) daarna dat die sosialiseringsproses van seuns 'n implisiete verwagting van onafhanklikheid en aggressiwiteit bevat, terwyl van meisies afhanklikheid en passiwiteit verwag word. Hiervolgens word meisies

gesosialiseer om te glo dat hulle magteloos is en dat mag en beheer alleen in die manlike geslag gesetel is. 'n Interessante bevinding tydens navorsing deur Jouriles en Norwood (1995:76), is dat vaders se betrokkenheid by die opvoeding van kinders, dikwels gekenmerk word deur geslagstereotipiese denke en gedrag, byvoorbeeld *"... sons are tougher than daughters and require more harsh and aggressive discipline; boys need to be toughened up; girls get hurt more easily than boys ..."* As 'n resultaat van hierdie sosialiseringsproses, vermeld Bersani en Chen (1988:73) en White en Sorenson (1992:191) dat verhoudings bestaande uit 'n meerderwaardige man en 'n minderwaardige vrou deur beide geslagte sowel as aanvaarbaar, as natuurlik beskou word.

Die sosialiseringsproses van sowel seuns as dogters behels dus 'n bewuswording en internalisering daarvan dat mans meerderwaardig, magtig en in beheer moet wees, terwyl vroue minderwaardig, magteloos en afhanklik moet wees. Aggressiewe en dominerende gedrag word derhalwe as't ware verwag van mans, terwyl hierdie gedrag waarskynlik deur vroue geakkommodeer word, onder andere weens die algemene aanvaarding en verwagting daarvan. 'n Vroulike slagoffer van geweld, sou moontlik die manlike verhoudingsmaat se gedrag as geslagsgepas kon beskou en sigself nie as 'n slagoffer etiketteer nie. Sodoende word gewelddadige gedrag ten opsigte van die vrou dus in stand gehou deur die algemene aanvaarding en verwagting daarvan.

☞ ***Ekonomiese beperkinge en diskriminasie***

Die seksistiese ekonomiese en beroepstrukture in die samelewing, gee daartoe aanleiding dat mishandelde vroue min ander alternatiewe het as om by 'n gewelddadige man te bly. Beroepe wat deur vroue beklee word het steeds laer status en ten spyte van antidiskriminerende wetgewing, verdien vroue in sommige sfere van die arbeidsmark minder as wat mans in dieselfde posisies verdien. Voorts is dit steeds waar dat vroue nie so vinnig soos mans tot bestuursposisies in die werksomgewing bevorder word nie (Straus, 1980d:88 en Sampselle, Bernhard, Kerr, Opie, Perley en Pitzer, 1992:10). Sonder toegang tot goeie beroepsposisies en die ekonomiese voordele wat daarmee gepaard gaan, bly vroue afhanklik van mans vir die voorsiening van die nodige middele om in hul eie behoeftes en in dié van hul gesinne te kan voldoen (Straus, 1980d:88, Dobash et al., 1992:71 en Carlson, 1997:82). Ook Myers (1995:497) verwys in sy bespreking na sodanige ekonomiese beperkinge en diskriminasie en raak tot die gevolgtrekking dat *"... societal practices and rules - economic, domestic, legal, and institutional power and control - overwhelmingly favour men."*

Hieruit word afgelei dat die sosio-kulturele konteks waarbinne vroue hulleself bevind, nie alleen hulle vrouwees as 'n kenmerk van minderwaardigheid beskou nie, maar op grond daarvan ook in die arbeidsmark en finansieel teenoor vroue diskrimineer. Die vroue word dus magteloos gelaat om hul eie posisies te verbeter of te verander, onder andere weens 'n gebrek aan die nodige geleenthede en middele om eie ideale te bereik.

☞ ***Kinderversorgingstake en -verantwoordelikhede***

Die geslagsgebaseerde verdeling van take in die samelewing, dig kinderopvoedings-verantwoordelikhede aan vroue toe. Hierdie pligte moet uitgevoer word in 'n konteks waar geen vergoeding verdien word vir kinderopvoedingstake en die neem van opvoedingsverantwoordelikhede nie (Straus, 1980d:88). Die mening van Margolin et al. (1988:99) is dat die toedeling van kinderversorging en huishoudelike take aan vroue, aanleiding gee tot isolasie vir die vrou aangesien sy dikwels haar beroepsrol moet prysgee ter wille van haar rol as moeder en tuisteskepper. Uiteraard neem hierdie take soveel van die vrou se tyd in beslag dat sy, indien sy tog terselfdertyd ook in die arbeidsmark betrokke is, meer energie moet bestee om dieselfde resultate as haar manlike eweknieë te behaal.

Die sosio-kulturele norm dat vroue primêr vir kinderversorging verantwoordelik is en die feit dat dit nie 'n taak is waarvoor vroue vergoed word nie, plaas 'n mishandelde vrou dus in 'n posisie waar sy moontlik geen ander keuse het as om haar rol as moeder te vervul in die konteks van 'n geweldgekenmerkde verhouding waaruit sy nie kan ontsnap nie.

☞ ***Die mite van die enkelouer huishouding***

Volgens Straus (1980d:89) is een van die kulturele norme wat vroue in ondergeskikte posisies hou, die mite dat kinders nie effektief deur slegs een ouer opgevoed kan word nie. As 'n vrou dus wil kinders hê, moet sy ook getroud wees. Die resultaat van sodanige siening, is dat sommige vroue in geweldgekenmerkde verhoudings aanbly ter wille van die kinders en dat sy dus haar ondergeskiktheid aanvaar en verduur in 'n stresvolle verhouding, ten einde aan die samelewingsverwagting dat 'n vader en 'n moeder betrokke móét wees by die opvoeding van kinders, te voldoen.

'n Eie interpretasie is dat Straus (1980d:89) se verwysing daarna dat dit 'n mite is dat kinders nie effektief deur slegs een ouer opgevoed kan word nie, die doel, funksies en take van 'n gesinsisteem (vgl. 2.2.3.3) ondermyn en dus verskillende gesinsvorme (byvoorbeeld enkelouergesinne, kerngesinne en multi-generatiewe gesinne) aan mekaar gelykstel in terme van

die uitvoering van gesinsfunksies en -ontwikkelingstake. Waarmee wel akkoord gegaan word, is Straus (1980d:89) se implisiete verwysing daarna dat dit moontlik vir kinders beter is om in 'n enkelouer huishouding groot te word, as in 'n volledige, maar geweldgekenmerkde gesinsisteem.

☞ ***Beklemtoning van die vrou se rol as eggenote***

Om 'n vrou vir haar man te wees, word algemeen beskou as een van die belangrikste rolle van 'n vrou. Die mening van Straus (1980d:89) is dat die samelewing 'n persepsie het dat 'n vrou nie ten volle vrou kan wees as sy nie getroud is en kinders het nie, terwyl Sampselle et al. (1992:10) meer blatant daarop wys dat *"... the institution of marriage often victimizes women ... [as] women holding full-time jobs outside the home typically also carry the major housekeeping and childcare responsibilities."* Hierteenoor het mans die opsie om soveel tyd en energie te belê in die rolle van eggenote en vader as wat hulle belangstellings, vermoëns en omstandighede toelaat.

In samehang hiermee, verwys Valenkamp (1992:5) na die sogenaamde man-vrou-dialektiek op grond waarvan die vrou nie in die wêreld 'n *eie* plek het nie. Haar posisie word bepaal deur haar verhouding met die man. Die mensdom word primêr as manlik beskou wat daartoe aanleiding gee dat die man die vrou nie as 'n selfstandige wese definieer nie, maar op grond van haar verhouding met hom. Die man daarenteen, word nie deur sy verhouding met haar gedefinieer nie, maar deur die aanvaarding daarvan dat die mensdom primêr manlik is. Hiervolgens is die man *"... Subjek, die Absolute"*, terwyl die vrou *"... die Ander ..."* is, wat daartoe aanleiding gee dat die vrou se *"... bestaan-vir-die-man ..."* as een van die mees essensiële faktore van die werklike situasie van die vrou, beskou word (Valenkamp, 1992:2).

In 'n manlik-gedomineerde samelewing, word dus nie alleen vroue se uitvoering van die rolle van vrou en moeder deur die man bepaal nie, maar ook haar posisie in terme van die mensdom. Alleen as sy aan die man se definisie van hierdie rolle voldoen, verkry sy respek en 'n posisie in die samelewing. Implisiet word dus van 'n vrou verwag om by haar manlike verhoudingsmaat te bly en in sommige gevalle selfs sy gewelddadige gedrag te verduur, ten einde sosiaal-aanvaarbaar te wees en as deel van die mensdom beskou te kan word.

☞ ***Negatiewe selfbeoordeling deur vroue***

Volgens Straus (1980d:89) is vroue geneig om 'n negatiewe selfkonsep te ontwikkel na aanleiding van hulle sosialiseringsproses as swakker, minderwaardig en afhanklik van mans. 'n

Meer omvattende verduideliking van faktore wat aanleiding gee tot 'n negatiewe selfkonsep, word deur Sampselle et al. (1992:8-10) en Stander (1995:45) verskaf. Hierdie skrywers blameer die ontwikkeling van 'n negatiewe selfkonsep by vroue op die tradisionele patriargale stelsel wat negatiewe houdings ten opsigte van vroue ondersteun. Kinders word gesosialiseer met die persepsie dat *"... women [are] a subspecies whose behavior and characteristics are deviant from and less capable than those of men"* (Sampselle et al., 1992:8). Tog wys Giroux (1991:33) daarop dat *"... sex, race, class, and not sex alone, determine the nature of any female's identity, status and circumstance ..."* terwyl ook Klopper (1993:21-22), Ackerman (1994:14-16) en Abraham (1995:453) die aandag daarop vestig dat patriargale oorheersing as't ware 'n ideologie met rassisme, klassisme en ander vorme van oorheersing deel.

Uit bostaande word afgelei dat die persepsie dat vroue minderwaardige, swak en afhanklike wesens is deur sowel seuns as dogters geïnternaliseer word en dat sommige mans hierdie sienings benut om die dominering van vroue te regverdig, terwyl 'n aantal vroue 'n negatiewe selfkonsep ontwikkel na aanleiding van dié internalisering. Wanneer die vrou boonop deel vorm van 'n rassegroep en / of sosio-ekonomiese groepering waarteen in die samelewingskonteks waarbinne sy haarself bevind gediskrimineer word, word 'n nog laer waarde aan sigself gekoppel. Die implikasie is dan dat vroue weens negatiewe selfbeoordeling en die diskriminasie vanuit hulle konteks, dit moeilik vind om uit geweldgekenmerkde verhoudings te beweeg, waarskynlik aangesien nie oor genoegsame egokrag of die nodige hulpbronne beskik word om 'n lewe sonder mans se teenwoordigheid en insette te lei nie.

☞ ***Die siening dat vroue soos kinders behandel moet word***

Alhoewel vroue in die regstelsels van die meeste ontwikkelde lande nie meer beskou word as die eiendom van mans nie, wys Straus (1980d:89-90) daarop dat *"... elements of this outlook linger in the folk culture and also survive in certain aspects of the law ..."* Meer spesifiek, verwys Van Zyl (1992:509) daarna dat die regstelsel in die verlede die samelewing se siening van vroue as biologies minderwaardig en swak, passief en kinderlik (*"childlike"*) gereflekteer het, met die resultaat dat aan mans 'n morele reg gegee is om fisiese geweld ten opsigte van hulle vroue te benut, net soos wat ouers die reg het om lyfstraf op hulle kinders toe te pas. Hierdie kinderlikheid van die vrou, word deur Valenkamp (1992:14) beskryf aan die hand van die samelewing se persepsie dat die man 'n redelike, kognitiewe en realistiese wese is, terwyl die vrou 'n gevoelsmatige, affektiewe en irrasionele wese is. (Vgl. ook Borowski et al., 1983:4 en Sampselle et al., 1992:10 in hierdie verband.)

Vroue word dus as kinders beskou weens beweerde gevoelsmatigheid, terwyl die kognitiewe ingesteldheid wat met mans geassosieer word, 'n kenmerk is wat met volwassenheid in verband gebring word. Boonop is vroue jarelank as mans se besittings beskou, met die resultaat dat die siening van vroue as gevoelsmatige besittings van mans, as't ware legitimiteit verleen aan die benutting van fisiese dwang om vroue se gedrag te beheer.

In die Suid-Afrikaanse konteks, wys Bosman (1994:31-32) daarop dat ten spyte van die daarstelling van 'n Handves vir Regte in die Grondwet van Suid-Afrika, die implementering van die Vierde Algemene Regswysigingswet en die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld ten einde die posisie van vroue ten opsigte van mans te verbeter, wetgewing alleen nie mense se houdings en verhoudings kan verander nie. Elemente van seksistiese sosio-kulturele sienings bly dus voortbestaan in 'n samelewing, ten spyte van die daarstelling en implementering van wetgewing wat daarop gemik is om gedrag op grond van die sienings, te staak.

'n Sosio-kulturele samelewingspersepsie van vroue as kinderlike, emosionele, magtelose en onderdanige wesens wat deur die sterker manlike geslag gelei en beheer behoort te word, is dus seksistiese sienings wat nie deur wetgewing om hierdie gedrag te verander, uit die weg geruim word nie. Waarskynlik het wetgewing wat daarop gemik is om gedrag te verander, te verhoed en te straf, nie 'n genoegsame veranderingsrol ten opsigte van onaanvaarbare sosio-kulturele persepsies nie.

☞ ***Die manlike oriëntasie van die regstelsel***

In sy verduideliking van die rol van die regstelsel ten opsigte van geweld teenoor vroue, skryf Straus (1980d:90) dat *"(n)ot only is much male violence against wives attributable to the sexist organization of society, but the final indignity is that the male-oriented organization of the criminal justice system virtually guarantees that few women will be able to secure legal relief."* Ook Carlson (1984:578) verwys in haar bespreking daarna dat seksisme manifesteer in die reaksie van die regstelsel ten opsigte van die gevare waaraan vroue daagliks blootgestel word deur die weiering om vroue se klagtes ernstig op te neem.

'n Direkte aanklag word deur Dobash et al. (1992:71) gemaak teen die manlik-gedomineerde regstelsel deur te beweer dat *"... this violence has been explicitly decriminalized, ignored, or treated in an ineffectual manner by criminal justice systems ..."* Voorbeelde van sodanige

regsreaksies wat vroulike slagoffers van geweld sekondêr viktimiseer, is ook in 6.2.4.4 aangedui.

Seksisme, wat as 'n sosio-kulturele eienskap van die samelewing figureer, beïnvloed dus mishandelde vroue se belewenis van die regstelsel, aangesien hierdie dienslewerende sisteem ook deur die seksistiese samelewingspersepsies ten opsigte van vroue, beïnvloed word. Mishandelde vroue word derhalwe sekondêr geviktimiseer deur die regstelsel se huiwering (en soms selfs weiering) om die betrokkene se klagtes en behoeftes ernstig op te neem en om sowel proaktief as reaktief ten opsigte daarvan te reageer. Die regstelsel wat as beskermingsmeganisme vir mishandelde vroue behoort te figureer, slaag dus vanweë seksistiese persepsies oor vroue, nie daarin om die betrokkenes te beskerm nie en gee as't ware implisiet deur die ignorering van die probleem, aan mans toestemming om gewelddadig teenoor hulle vroulike verhoudingsmaats op te tree. Derhalwe beskik die vroulike slagoffers oor weinig ander opsies, as om in geweldgekenmerkde verhoudings aan te bly.

☞ ***Seksisme in die kerk***

Die mening van Moore (1979:198) is dat kerke 'n rol speel in die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue, *"... by both implicitly and explicitly teaching that a man has the right to control his wife and children ..."* Die implikasie van die kerk se leëring, is dat die man in 'n meerderwaardige posisie ten opsigte van sy vrou en kinders staan en dat hy op grond van hierdie posisie, die reg het om hulle gedrag te beheer. Ook tydens Van der Hoven (1989:57) se studie, is bevind dat predikante se hulp aan vroulike slagoffers van geweld gekenmerk is deur aanmoediging om die man nie te verlaat nie, om maar die minste te wees en die man te vergewe. Onderdanigheid van die vrou aan die man en vergifnis vir die man se gedrag, is dus voorbeelde van seksistiese ideologieë wat deur die kerk geleer word. Konformering aan hierdie leëringe, skep waarskynlik 'n konteks waarin die man sy gewelddadigheid kan legitimeer en rasionaliseer, onder andere deur verwysing na die rol wat die kerk aan hom toedig. (Vgl. ook die bespreking in 7.4 ten opsigte van mans se geneigdheid om huweliksbeloftes as rasionaal aan te bied vir die benutting van geweld teenoor hul vroue.)

In Klopper (1993:22-23) en Ackerman (1994:28) se besprekings van seksisme in die kerk, fokus hulle nie soseer op die kerk se leëringe nie, maar wel op die korporatiewe struktuur van die kerk as aanduider van diskriminasie en minagting van die vrou. So byvoorbeeld wys Ackerman (1994:28) daarop dat die leierskaps-, beheer- en magstrukture van Afrikaanse kerke

in Suid-Afrika, deur mans oorheers word, terwyl 'n soortgelyke *"... picture of male dominance with specific roles assigned to women ..."* ook in plaaslike Engelse kerke aangetref word. Voorts word die aandag daarop gefokus dat vroue 'n gaping beleef tussen die kerk se teorie en praktyk. Dieselfde stelsel wat leer dat elke mens geskape is na die beeld van God en dus menswaardig is, is ook die stelsel wat diskrimineer teenoor vroue deur aan hulle toegang te weier tot kerklike aktiwiteite op sommige vlakke: *"Women do not have the freedom to exercise their gifts for ministry. Not only are we prescribed as to our gifts, but the Holy Spirit is assumed to only have freedom to bestow the variety of gifts on men. Where are the women preachers, administrators, leaders, teachers who are not earmarked only for Sunday Schools? Some churches do not as yet ordain women to fullfledged ministry, others who do so in theory are dismally slow in putting their theories into practice"* (Ackerman, 1994:31).[48]

Seksisme word dus op twee wyses deur kerke uitgeleef, te wete deur 'n manlik-gedomineerde korporatiewe struktuur en deur inhoudelike aspekte van kerke se leëringe. Deur die beklemtoning van die rol van die man as leier, bestuurder en maghebber in die kerkstruktuur, word vroue implisiet as minder geskik en onbevoeg uitgebeeld. Wanneer boonop op grond van die kerk se leëringe aan mishandelde vroue boodskappe van onderdanigheid en van herhaalde vergifnis ten opsigte van hulle mans gegee word, word die kerk waarskynlik net soos die regsprofessie en polisiediens (vgl. 6.2.4.4 en 6.2.5), 'n sekondêre viktimiseerder van mishandelde vroue weens die teenwoordigheid van seksistiese strukture en leëringe.

Ter samevatting kan die wyses waarop seksisme in die samelewing- en gesinstruktuur bydra tot die skepping en instandhouding van verhoudingsgeweld, soos volg aangedui word:

- Die samelewingspersepsie van manlike meerderwaardigheid skep 'n konteks waarbinne die benutting van geweld as *uiterste bron* ten einde manlike meerderwaardigheid te bevestig en in stand te hou, gelegitimeer word.
- Tydens die sosialiseringproses van kinders, word 'n persepsie gekweek en geïnternaliseer dat mans meerderwaardig is aan vroue weens hulle onafhanklikheid, kognitiewe ingesteldheid en aggressiwiteit. Hierteenoor word vroue voorgestel as minderwaardig en dus ondergeskik aan mans, weens 'n beweerde geneigdheid tot afhanklikheid, emosionaliteit en passiwiteit. Die resultate van hierdie sosialiseringsproses sluit onder andere in dat;

---

48 Vir 'n insiggewend bespreking oor die kerk se rasionalisering op grond waarvan vroue behandel word as ondergeskik aan die man, word die bespreking van Kamnkhwani (1994:36-40) aanbeveel.

- ❖ gewelddadige gedrag deur mans algemeen in die samelewing aanvaar en selfs verwag word,
- ❖ inhoud aan die rolle van vrou en moeder gegee word op grond van die man se definisie daarvan,
- ❖ dat die vrou se posisie in die samelewing gedefinieer word in terme van haar verhouding met die man en
- ❖ dat sy haarself negatief beoordeel en dus 'n lae waarde aan haarself heg, wat haar afhanklikheid van die man selfs verder versterk en bevestig.

- ❒ Seksistiese beroepstrukture wat gekenmerk word deur ontoeganklikheid, laer besoldiging en geringer kanse op bevordering vir vroue, gee aanleiding tot ekonomiese deprivasie van die vrou wat haar dwing tot ekonomiese afhanklikheid van die man vir die voorsiening in eie en gesinsbehoeftes.
- ❒ Die geslagsgebaseerde toedeling van kinderversorgingstake as primêre verantwoordelikheid van die vrou, terwyl geen finansiële vergoeding vir die uitvoering van hierdie take verskaf word nie, gekoppel aan die feit dat sommige vroue hul beroepe prysgee ten einde te voldoen aan hierdie verwagting, dwing sommige vroue tot ekonomiese afhanklikheid van die manlike verhoudingsmaat.
- ❒ 'n Persepsie bestaan dat beide ouers betrokke en teenwoordig moet wees tydens die opvoedingsproses van kinders. Derhalwe word van vroue wat kinders het verwag om minstens 'n vaste verbintenis te hê met 'n manlike verhoudingsmaat wanneer daar kinders teenwoordig is, selfs al is die verhouding met die man 'n geweldgekenmerkde verhouding.
- ❒ Sekondêre viktimisering van mishandelde vroue vind deur die regstelsel plaas, deurdat vroue se klagtes oor geweldpleging op 'n seksistiese wyse geminag of geïgnoreer word en deur die gebrek aan sowel proaktiewe as reaktiewe optrede in hierdie verband.
- ❒ Godsdienstige strukture en leëringe plaas 'n hoë premie op die man as bestuurder, heerser en magsbeskikker, terwyl vroue deurlopend aangemoedig word om die man te ondersteun, onderdanig aan hom te wees en hom te vergewe vir sy gewelddadige gedrag.

7.2 GESLAGSROLSTEREOTIPERING

'n Aspek wat nou verwant is aan seksisme, is geslagsrolstereotipering wat volgens Carlson (1984:578) verwys na algemeen-aanvaarde en eng-gedefinieerde rolle en gedragsaspekte wat as toepaslik vir 'n bepaalde geslag bestempel word. 'n Eie interpretasie is dat

geslagsrolstereotipering dus bydra tot die ontwikkeling van seksisme deurdat die rolle en gedrag wat as tipies van mans bestempel word, deur middel van seksisme 'n meerderwaardige en gesaghebbende kwaliteit verkry op grond waarvan vroue as minderwaardig en onderdanig beskou word.

Verskeie outeurs (Carlson, 1984:578, Steyn, Van Wyk en Le Roux, 1987:190, Rosenbaum en Maiuro, 1990:282 en Vlahos, 1993:15) is dit eens dat geslagsrolstereotipering op grond van fisiese verskille tussen die geslagte in die verlede sin gemaak het, maar dat die hedendaagse samelewing toenemend beweeg in die rigting van meer buigsame geslagsrolle wat aanleiding kan gee tot konflik en gewelddadige gedrag in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Ten einde die verband tussen geslagsrolstereotipering, veranderende geslagsrolle en geweld teenoor vroue toe te lig, word in hierdie bespreking gefokus op die ontwikkeling van 'n geslagsrolidentiteit, tipiese geslagsrolle van mans en vrouens, veranderende geslagsrolle in die samelewing en die implikasies daarvan vir vroue se posisie in die samelewing.

☛ ***Die ontwikkeling van 'n geslagsrolidentiteit***

Volgens Rosenbaum en Maiuro (1990:282) is 'n persoon se geslagsrolidentiteit nou verwant aan sy selfkonsep en kan dié twee konsepte beswaarlik van mekaar geskei word. Uit hulle bespreking word afgelei dat geslagsrolidentiteit beskou word as 'n dimensie van 'n persoon se selfkonsep. Soos wat 'n persoon se selfkonsep deur die verskillende lewensfases ontwikkel en gevestig raak, ontwikkel ook 'n persepsie van sigself as 'n wese beskikkend oor bepaalde fisiologiese geslagseienskappe, wat gepaardgaan met besondere gedrags- en denkprosesse. Hierteenoor, fokus Edleson en Tolman (1992:14) in hulle bespreking van die ontwikkeling van 'n geslagsrolidentiteit nie soseer op individuele prosesse nie, maar op die effek van kultuur, die etniese groep waaraan behoort word en die sosiale klas waarvan 'n individu 'n lid is, as faktore wat die ontwikkeling van 'n geslagsrolidentiteit beïnvloed. Hierdie sogenaamde *"... overarching rules of organization within a society .."* beïnvloed dan nie alleen interaksie binne die konteks nie, maar ook verwagtinge ten opsigte van hoedat mans en vroue behoort op te tree (Edleson en Tolman, 1992:14).

'n Persoon se belewenis van sigself as lid van 'n bepaalde geslag en die persepsie dat op grond van hierdie geslagsbelewenis voldoen moet word aan besonderse gedragsverwagtinge, word dus beïnvloed deur die sosio-kulturele konteks waarbinne die betrokkene sigself bevind. 'n Eie interpretasie op grond van die genoemde gegewens, is dat geslagsrolidentiteite van persone in 'n

bepaalde kulturele, etniese en sosio-ekonomiese groep grootliks sal ooreenstem, terwyl dit kwalitatief sal verskil van persone wat lede is van ander groeperings.

Twee wyses waarop mense se geslagsrolidentiteite ontwikkel, word deur Van Niekerk (1993:29-30) onderskei:

- Geslagtelikheid is eksklusief 'n individuele belewing. Mense word sosio-kultureel bewus van hulle geslagtelikheid deurdat hulle in hulleself seksuele gevoelens ervaar en die belangrikste gevoelens hiervan, internaliseer en aanvaar as deel van hulle menswees.

Hier is dus sprake van 'n sosio-kulturele proses met genetiese ondertone, op grond waarvan 'n geslagsrolidentiteit geskep word deur individuele seksuele gevoelens wat geïnternaliseer word. Die verwysing na die internalisering en aanvaarding van die *belangrikste* gevoelens, is egter vaag. 'n Eie interpretasie is dat hierdie belangrikste gevoelens waarskynlik geïdentifiseer kan word alleen wanneer die betrokkene reeds oor 'n bewustheid beskik ten opsigte van geslagsaspekte wat as relevant beskou word binne die kulturele, etniese en sosio-ekonomiese groep waarbinne hy / sy leef.

- Mense word van hulle geslagsrolidentiteit bewus, deur die onderskeid wat ten opsigte van die ander geslag ervaar word (Van Niekerk, 1993:30).

Ook hier is dus sprake van sowel 'n biologiese as 'n sosio-kulturele bewuswordingsproses wat binne die individu plaasvind na aanleiding van sy / haar belewenis van eie biologiese geslagseienskappe, teenoor dié van die ander geslag.

Wanneer Vlahos (1993:15) se aanduiding van geslagsrolidentiteit as synde die resultaat van kulturele en biologiese selfbewussyn wat aanleiding gee tot individuele belewenisse van *"... what they do, what they are, what they ought to be ..."* geanaliseer word, blyk dit 'n integrasie te bevat van die prosesse wat na aanleiding van Edleson en Tolman (1992:14) en Van Niekerk (1993:29-30) aangedui is. Die beskrywing bevat elemente van 'n sosio-kulturele dimensie (Edleson en Tolman, 1992:14), maar ook van biologiese en sosio-kulturele selfbewussyn (Van Niekerk, 1993:29-30) wat geïntegreer en geïnternaliseer word vir die ontwikkeling van 'n geslagsrolidentiteit.

Vanuit bogenoemde word afgelei dat 'n geslagsrolidentiteit ontwikkel as 'n resultaat van 'n kombinasie van faktore, te wete die;

- bewuswording van biologiese geslag by die betrokkene,
- beïnvloeding deur die kultuur, etniese groep en sosiale klas waaraan behoort word en

➥ selfbewussyn ten opsigte van die verskille tussen die twee geslagte.

Die kombinasie van hierdie faktore gee dan aanleiding tot die internalisering van 'n geslagsrolidentiteit wat aan die betrokkene voorskryf hoe om op te tree en watter gedrag van hom / haar verwag word.

Na aanleiding van bogenoemde gegewens, word die afleiding gemaak dat 'n geslagsrolidentiteit dus nie 'n eienskap is waarmee 'n persoon gebore word nie, maar dat dit 'n dimensie van die persoonlikheid en selfkonsep is wat ontwikkel vanuit 'n individu se biologies-bepaalde geslag en sy interaksie met die konteks waarbinne hy / sy sigself bevind. Soos wat die samelewing dus verandering ondergaan, behoort die geslagsrolle van die betrokkenes ook aan te pas by die gewysigde sosio-kulturele omstandighede waarbinne gefunksioneer word. Waarskynlik is 'n geslagsrolidentiteit nie noodwendig 'n rigiede persoonlikheidseienskap nie, maar 'n eienskap wat minstens tot tydens die adolessente-lewensfase dinamies en ontwikkelend is, waarna 'n meer stabiele, maar steeds veranderbare geslagsrolidentiteit in die persoonlikheid geïntegreer word.

☛ ***Tipiese geslagsrolle van mans en vrouens***

'n Literatuuroorsig (Ferraro en Johnson, 1983:327-328, Carlson, 1984:575, Steyn et al., 1987:193, Clayton, 1991:138, Valenkamp, 1992:13, Vlahos, 1993:17-19, Bank, 1994:90-109, Reinelt, 1994:701, Bosman-Swanepoel, 1996:23, Straus en Yodanis, 1996:831, Carlson, 1997:82 en Wood en Jewkes, 1998:20-24) bring aan die lig dat tipiese geslagsrolle van mans en vrouens soos volg getabuleer kan word:

TABEL 9: TIPIESE GESLAGSROLLE VAN MANS EN VROUENS

MANS	VROUENS
• Vader. • Broodwinner. • Voorsiener in materiële gesinsbehoeftes. • Die maker van reëls / Gesinshoof. • Handhawer-van-dissipline. • Beskermer.	• Moeder. • Huishouer. • Opvoeder van kinders. • Versorging van die man en kinders. • Instaatsteller van man en kinders om hulle volle potensiaal te bereik.

Uit bogenoemde blyk dat die tipiese geslagsrolle van mans as't ware 'n konteks daarstel en definieer waarbinne die vrou aan haar geslagsrolle kan uitvoering gee. Indien die man

byvoorbeeld nie sy rol as broodwinner vervul nie, word die vrou nie daartoe in staat gestel om haar rol as huishouer en versorger te volbring nie. Ook blyk dit dat die toetrede tot die arbeidsmark en die generering van inkomste wat daarmee gepaard gaan, nie 'n tipiese rol is wat met vrouwees geassosieer word nie.

Die geslagsrolle van die vrou is dus hoofsaaklik toegespits op die skep van 'n klimaat binne die konteks wat deur die man daargestel word, waarbinne die bevordering van die man en kinders se welsyn voorrang geniet. Waarskynlik kan die geslagsroldifferensiasie toegeskryf word aan 'n patriargale stelsel waarvolgens die vrou en kinders die man se besittings is en deur die man beheer en beïnvloed kan word (Straus, 1980d:89-90) vir die doelbereiking van die gesinsisteem.

Waar geslagsrolstereotipering beskou word as 'n sosio-kulturele faktor wat aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings (Carlson, 1984:578), word die klem veral geplaas op individue en gemeenskapsgroeperings se onvermoë om die wysiging van tipiese geslagsrolle in 'n veranderende samelewingskonteks, te akkommodeer. Sodanige veranderinge word vervolgens bespreek ten einde die verband tussen geslagsrolstereotipering en geweld teenoor vroue, toe te lig.

☛ ***Veranderende geslagsrolle in die samelewing***

Verskeie outeurs (Carlson, 1984:578, Steyn et al., 1987:192-196, Clayton, 1991:138 en Valenkamp, 1992:13) is dit eens dat geslagsrolle in samelewings verander, soos wat veranderinge in die samelewingskontekste plaasvind. Binne die konteks van die gesinsisteem, wys Steyn et al. (1987:192) daarop dat geslagsrolveranderinge noodsaaklik is ten einde twee funksionele probleme op te los, naamlik;

- ❋ die bereiking van die doelstellings van die gesinsisteem, wat onder andere impliseer dat by suprasisteemveranderinge aangepas moet word en
- ❋ die bevrediging van die emosionele behoeftes van die gesinslede en die hantering en oplossing van emosionele spanning binne die gesinsisteem.

Opnuut blyk die noodsaak daarvan dat 'n gesinsisteem 'n dinamiese ekwilibrium (vgl. 2.2.3.5) moet handhaaf ten einde uitvoering te gee aan die gesinsontwikkelingstake (vgl. 2.2.3.3) en om die doel van die sisteem (vgl. 2.2.3.3) te bereik. Voorts word geïmpliseer dat die handhawing van 'n dinamiese ekwilibrium alleen kan plaasvind wanneer die gesinsisteemgrens (vgl. 2.2.3.6)

duidelik genoeg is dat energie en inligting (vgl. 2.2.3.9) tydens die wisselwerkingsproses (vgl. 2.2.3.8) met die suprasisteem (vgl. 2.2.3.2) van die gesinsisteem, uitgeruil kan word.

Volgens Steyn et al. (1987:197) speel biologiese verskille tussen man en vrou waardeur 'n verskil in reproduktiewe funksie bepaal word, 'n beslissende rol in die ontwikkeling van die gespesialiseerde geslagsrolle wat mans en vroue vervul. Alhoewel die man noodsaaklik is vir die voortplantingsfunksie, is dit die vrou wat toegerus is om kinders te baar en te soog, wat daartoe aanleiding gee dat die fisieke versorging van kinders outomaties aan haar toegeken word. Hierdie rol van die vrou, noop haar derhalwe ook om in die onmiddellike omgewing van die huis te bly.

Uit bostaande gegewens word afgelei dat ongeag hoe dinamies die veranderinge in 'n samelewingsisteem is, die biologiese andersheid van elke geslag steeds die baar, soog en fisieke versorging van kinders, as primêre rolle aan vroue toeskryf. Waarskynlik sal die generering van 'n gesinsinkomste om dieselfde rede nie sommer as 'n tipiese rol aan vroue toegedig word nie.

Die mees ingrypende veranderinge in terme van die rolle van die vrou in die gesinsisteem, het egter na die Industriële Revolusie plaasgevind, waartydens alle produksietake wat primêr eers deur die vrou tuis behartig is (kweek en versamel van landbouprodukte, die dra van water, voorbereiding van voedsel en die maak van klere en huisgereedskap), oorgegaan het in die hande van die man in instansies buite die huis. Die setel van arbeid het derhalwe na fabrieke buite die huis verskuif en die meeste arbeid, ook dié wat tradisioneel deur die vrou verrig is, is toe deur mans verrig. Voorts is heelwat van die vrou se opvoedingstake deur skole oorgeneem, wat daartoe aanleiding gegee het dat van vroue verwag is om as *volkome moeders* meer tyd aan die huishouding en die versorging van hulle kinders te bestee. In 'n sekere sin is die getroude vrou, wat op dié wyse uitgeskuif is uit die arbeid buite die huis en deur heersende opvattings van daardie tyd in haar huis teruggeplaas is, feitlik werkloos in haar huis gelaat en het sy vir die eerste keer in die geskiedenis haar aandeel in die ekonomiese skema van bedrywighede van die samelewing verloor (Steyn et al., 1987:198-201).

Hieruit word afgelei dat die vrou se rolle en take tot voor die Industriële Revolusie duidelik gedefinieer en beperk was tot haar rol as moeder, tuisteskepper en versorger van haar man en kinders. Na die Industriële Revolusie, is 'n betekenisvolle hoeveelheid take wat voortgespruit het uit die rolle oorgeneem deur die man in instansies buite die huis, wat vir die vrou as't ware

doelloos gelaat het. Moontlik ook waar, is dat die vrou nie meer so 'n vol lewe gehad het dat sy 'n gevoel van eiewaarde kon ontwikkel en haarself as sterk betrokke in die samelewing kon ervaar nie.

'n Komiese aanduiding van die rol van die vrou as 'n *"Lady of Leisure"* aan die einde van die vorige eeu, word in Myrdal en Klein (1968:5) se bespreking aangetref: *"The task of an upper-middle-class wife was chiefly to be an ornament to her husband's home and a living testimony to his wealth. Her idleness was one of her prerequisites ... (T)here are ... the costly cults of the lily-white hands, of lavish entertaining, and of changing one's fashionable clothes oftener and oftener - the much advertised dream of all that goes with being 'well-provided for', once one is married."*

Juis hierdie *doelloosheid* van die vrou, word deur Steyn et al. (1987:202), Valenkamp (1992:18-19) en Myers (1995:496) aangedui as vroue se primêre beweegrede vir die revolusie wat as die *emansipasie van die vrou* bekend staan. Deur hierdie sogenaamde eerste emansipasiebeweging (1870 tot 1920), het vroue doelbewuste pogings aangewend om weer tot die arbeidsmark toe te tree en om vir die vrou meer gunstige en uiteindelik gelyke voordele saam met die man, te verkry. Veral gedurende die Eerste en Tweede Wêreldoorlog was die vrou verplig om dieselfde gevare as die man te trotseer en deur toetrede tot die arbeidsmark sorg te dra dat basiese produksie, veral landboukundig en industrieel, voortgaan terwyl die meeste mans aan die front geveg het. Hierna was die posisie van die vrou in die arbeidsmark beter gevestig en is algemeen aanvaar dat die jongmeisie na skoolverlating tot die arbeidsmark toetree en dat sy na haar huwelik sal bly werk, ten minste tot die eerste kind gebore word (Steyn et al., 1987:203-204 en Valenkamp, 1992:2-4).

Die eerste emansipasiebeweging was dus 'n direkte rebellering deur vroue teen hulle rolle as besittings van mans wat as ornamente in die huishouding aangehou en mee gespog is. Vroue het die behoefte gehad om betekenisvolle lewens te lei en om sinvolle bydraes tot die samelewing te maak, onder andere deur toetrede tot die formele arbeidsektor en die verkryging van gelyke voordele as dié van die man.

Die tweede emansipasiebeweging (1920 tot 1968) van die vrou het daaruit bestaan dat daar in toenemende mate gestreef is na die moontlikheid dat die vrou die beoefening van 'n beroep met die getroude lewe kon verbind en vereenselwig en dat die een die ander nie noodwendig hoef uit te sluit nie. Veral drie faktore, naamlik (1) 'n kleiner kindertal, (2) die feit dat vroue op 'n vroeë leeftyd hulle kinders kan hê en (3) die hoër lewensverwagting as 'n resultaat van

ontwikkelinge op wetenskaplike gebied, het daartoe bygedra dat ook getroude vroue in toenemende mate begin druk uitoefen het om tot die arbeidsmark toe te tree. Hierdie drie faktore gee daartoe aanleiding dat die vrou dikwels reeds op 'n vroeë leeftyd voor die posisie van die leë nes te staan kom, wanneer haar kinders groot en uit die huis is en hierdie aspek van haar lewenstaak afgehandel is. In werklikheid het sy dan nog 'n aantal jare voor haar en is sy nog energiek en lewenskragtig genoeg om op 'n ander wyse as bloot deur kinderopvoeding en -versorging, 'n bydrae tot die samelewing te maak. Boonop gee voortdurende tegnologiese ontwikkelinge (stofsuiers, wasmasjiene, mikrogolfoonde, bevrore voedsel en breimasjiene) daartoe aanleiding dat sy minder tyd aan huistake kan bestee wat die behoefte om in die arbeidsmark betrokke te wees, vergroot (Steyn et al., 1987:206-207, Bolton en Bolton, 1987:172 en Valenkamp, 1992:5-11).

Waar die eerste emansipasiebeweging veral aan ongetroude vroue en getroude vroue wat nog nie kinders het nie toegang tot die arbeidsmark verleen het, is tydens die tweede emansipasiebeweging gestreef om die arbeidsmark ook toeganklik te maak vir alle getroude vroue. Veral die beskikbaarheid van tegnologie wat vroue se take as tuisteskeppers vergemaklik het, het aan hulle die geleentheid gebied om die rolle van vrou, moeder en beroepsvrou gelyktydig te kan vervul.

Weens die hertoetrede van vroue tot die arbeidsmark, het nie net 'n wysiging plaasgevind ten opsigte van die vrou se geslagsrol nie, maar het die man se rol in die gesin ook gewysig. Vroue het mede-broodwinners en in sommige gevalle selfs primêre broodwinners geword. Alhoewel huishoudelike verantwoordelikhede nog steeds grootliks op die vrou se skouers rus, is daar al hoe meer mans wat besondere waarde uit hulle rolle as huweliksmaat en vader put. In 'n dubbel-inkomste gesin, moet mans noodwendig van tyd tot tyd vir die vrou bystaan met huishoudelike take. Hierdie take is kontekstueel-geregverdig deur die feit dat elke eglied in die arbeidsmark betrokke is en dus mede-verantwoordelikheid vir die uitvoering van huishoudelike take aanvaar, maar samelewingsnorme skryf voor dat huiswerk 'n plig van die vrou is. Die resultaat hiervan is dat rolbotsing, rolverwarring en ambivalensie oor taakvervulling by sommige mans ontwikkel (Steyn et al., 1987:215-220, Clayton, 1991:138 en Valenkamp, 1992:16-19).

Die rolbotsing, rolverwarring en ambivalensie sou dus daaraan toegeskryf kan word dat van die man verwag word om aan die verwagtinge in die onmiddellike omgewing (die gesinsisteem) te voldoen, terwyl terselfdertyd ook aan samelewingsverwagtinge (sosio-kulturele eienskappe van

die suprasisteem van die gesinsisteem) wat nie huiswerk as een van die man se take beskou nie, voldoen moet word. Die man word dus as't ware in 'n dubbel-binding situasie geplaas waar konformering aan die verwagtinge in sy onmiddellike omgewing, nie-konformering aan samelewingsverwagtinge impliseer, terwyl konformering aan samelewingsverwagtinge, nie-konformering aan gesinsistemiese verwagtinge impliseer.

Volgens Steyn et al. (1987:220) gee hierdie dubbele rolle van sowel die man as vrou aanleiding tot *oorbelading*, wat impliseer dat weens die uitvoering van sowel beroeps- as gesinstake, moegheid en prikkelbaarheid by die egpaar kan ontwikkel, met konflik en selfs gewelddadige optrede in hulle verhouding, as 'n resultaat daarvan. Behalwe vir moegheid, noem Ferraro en Johnson (1983:328), Carlson (1984:575), Bolton en Bolton (1987:172), Maiuro et al., 1988:17 en Clayton (1991:138) dat die generering van inkomste deur 'n vrou die man se geslagsrolidentiteit kan bedreig, wat tot konflik in die verhouding kan aanleiding gee en gewelddadige gedrag tot stand kan laat kom en in stand kan hou.

Simplisties, kan die bydraende en instandhoudende invloed van geslagsrolstereotipering ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings aan twee faktore toegeskryf word, te wete (1) die teenwoordigheid van 'n rigiede geslagsrolidentiteit by manlike geweldenaars op grond waarvan vasgekleef word aan tipiese geslagsrolle en aan (2) 'n onvermoë by die man om aan te pas by veranderende geslagsrolle in die samelewing. So 'n beskouing is egter tipies van 'n liniêre benadering vir die ontleding van 'n verskynsel, terwyl hier gefokus word op 'n meer holistiese, sirkulêre perspektief ten opsigte van die man se denke en gedrag. Vanuit 'n sirkulêre perspektief, ontwikkel 'n geslagsrolidentiteit onder andere na aanleiding van die betrokkene se biologiese geslag en selfbewussyn ten opsigte van eie geslag en dié van die ander geslag, maar word die ontwikkelingsproses ook beïnvloed deur samelewingsfaktore soos kultuur, die etniese groep waaraan behoort word en die sosiale klas waarmee die persoon sigself identifiseer. Hierdie geslagsrolidentifisering word voorts gevorm deur relatief rigiede geslagsrolle wat sosio-kultureel aan mans en vroue toegedig word en wat as't ware aan elke geslag voorskryf hoe om te dink, te voel en op te tree.

In die konteks van 'n veranderende samelewing waar geslagsrolgedrag van mans en vroue toenemend verander en selfs oorvleuel weens die betrokkenheid van die vrou in die arbeidsmark, kan ambivalensie en konflik ontstaan tussen samelewingsverwagtinge ten opsigte van elke geslag en die verwagtinge wat in die betrokkenes se gesinsisteme aan hulle gestel

word. Skematies sou bydraende en beïnvloedende faktore ten opsigte van 'n individuele geslagsrolidentiteit, waarskynlik soos volg voorgestel kan word.

FIGUUR 18: FAKTORE WAT DIE ONTWIKKELING VAN 'N GESLAGSROLIDENTITEIT BEÏNVLOED



Geslagsrolstereotipering gee derhalwe daartoe aanleiding dat die gesinsisteem nie daarin kan slaag om oplossings te vind vir die twee funksionele gesinsprobleme naamlik gesinsistemiese doelbereiking en bevrediging van die gesinslede se emosionele behoeftes (Steyn et al., 1987:192) nie. Op hierdie wyse word waarskynlik bygedra tot gesinsistemiese disfunksionering, wat onder andere simptoomgedrag soos geweldpleging ten opsigte van die vroulike verhoudingsmaat, as resultaat kan hê.

7.3 NORME MET BETREKKING TOT DIE HUWELIK EN GESIN

In Carlson (1984:578-579) se bespreking, fokus sy die aandag op twee norme ten opsigte van die huwelik en gesin wat bydra tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue, naamlik (1) die siening dat 'n man se vrou en kinders sy eiendom is en (2) algemeen-aanvaarde norme oor kinderopvoeding, wat gepaard gaan met geslagsrolstereotipering. Elk van hierdie norme en die implikasies daarvan, word vervolgens toegelig.

☛ ***Vroue en kinders as die eiendom van mans***

Die oorsprong van die norm dat vroue die eiendom van mans is, word soos volg deur Carlson (1984:579) aangedui: *"In nineteenth-century England, chastisement of one's wife was considered a male privilege and as such was regulated - a man could assert his authority with his wife using a rod no thicker than his own thumb. Thus, wife beating was not only legal, but recommended."* Verskeie outeurs (Straus, 1980c:40, Carlson, 1984:579 en Van der Hoven, 1989:54) verwys juis na hierdie sosio-kulturele norm wat fisiese geweld teenoor vroue legitimeer, as aanleidende faktor tot die persepsie dat *"the marriage licence has become a hitting licence"*.

Sowel Van Zyl (1992:511) as Kadalie (1994:25) verwys in die Suid-Afrikaanse konteks na die normatiewe aanvaarding daarvan dat die Swartman die hoof en heerser oor sy vrou en kinders is, terwyl Bank (1994:95) en Simons (1997:64) hierdie norm as een van die mees fundamentele eienskappe van die Swart kultuur beskou. Volgens Loveday (1997:6) gee die betaling van *lobola*[49] in die Swart kultuur daartoe aanleiding dat die vrou as't ware deur die man van haar familie gekoop word en dus sy besitting word na huweliksluiting. Die proses van verstedeliking in Suid-Afrika (Elias, 1984:4, Wilkinson, 1984:9-10 en Wilmot, 1984:3), gepaardgaande met industriële vooruitgang (Bank, 1994:96 en Kadalie, 1994:25) het egter daartoe aanleiding gegee dat die geldigheid van hierdie norm toenemend bevraagteken is deur Swart vroue. Nie alleen is die man se rol as *de facto* gesinshoof bevraagteken nie, maar ook sy reg om te heers oor die vrou en kinders (Van Zyl, 1992:511). Deur middel van hulle toetrede tot die arbeidsmark, mindere mate van betrokkenheid by tipiese vroulike geslagsrolle in die Swart gesinsisteem en die verminderde afhanklikheid van die man as primêre genereerder van gesinsinkomste, is vroue in 'n verbeterde bedingingsposisie ten opsigte van die mans se verwagtinge gestel (Bank, 1994:97). Die resultaat hiervan word deur Bank (1994:108-110) en Kadalie (1994:25) beskryf as huweliksonstabiliteit en gewelddadige gedrag deur mans om hulle posisies te herbevestig.

Uit bogenoemde gegewens blyk dat die norm dat sy vrou en kinders die eiendom van 'n man is, aanleiding gee tot die regverdiging van die benutting van geweld as 'n wyse waarop met die eiendom omgegaan word. Sodra die man dus in die huwelik met 'n vrou bevestig is, beskik hy as't ware oor toestemming om beheer oor haar uit te oefen, onder andere deur die benutting van geweld. Wanneer hierdie posisie van beheer en mag oor die vrou bedreig en bevraagteken word, word in sommige gevalle aanleiding gegee tot konflik in die verhouding, gepaardgaande

---

[49] Lobola verwys na " ... *the payment which must be made by a groom to the bride's family before he can marry under customary law"* (Loveday, 1997:6).

met die benutting van geweld teenoor die vrou in 'n poging om 'n nie-progressiewe stabiliteitstoestand (vgl. 2.2.3.5) daar te stel en te handhaaf.

Eie praktykondervinding in hierdie verband, is die geneigdheid van manlike geweldenaars om hulle geweldpleging te rasionaliseer deur onder andere te verwys na hulle interpretasie van die gedragsvoorskrifte wat tydens huweliksluiting deur die kerk aan die betrokkenes gegee is en na beloftes wat voor God afgelê is. In die *Formulier vir die bevestiging van die Huwelik* van die Nederduits Gereformeerde Kerk word byvoorbeeld verwys na *"... hoe die gedrag van die een teenoor die ander volgens die Woord van God moet wees"* (Kommissie vir die Erediens, 1996:79). Ten opsigte van die voorskrifte aan die man, word aangedui dat God hom as hoof van die vrou gestel het (Ef. 5:23)[50], sodat hy haar verstandig kan lei, onderrig, vertroos en beskerm. Voorts moet die man die vrou liefhê en nie teenoor haar verbitterd raak nie en sy brood verdien in die sweet van sy aangesig, sodat hy sy huisgesin kan onderhou (1 Petr. 3:7)[51]. Enkele van die voorskrifte aan die vrou, sluit in dat sy haar man moet eer en liefhê, aan hom gehoorsaam moet wees, nie oor hom moet heers nie, aan hom onderdanig moet wees (Gen. 3:16)[52], hom behulpsaam moet wees en aan die gesin en huishouding die regte aandag moet gee (Ef. 5:24)[53].

Behalwe vir die voorskrifte wat aan elke eglied gegee word, moet elkeen ook 'n belofte voor God aflê tydens die huwelikseremonie (Kommissie vir die Erediens, 1996:80-81). Die man se belofte hou onder andere in dat hy sy vrou nooit sal verlaat nie, haar sal liefhê en getrou sal onderhou, terwyl onder meer van die vrou verwag word om die man lief te hê, aan hom gehoorsaam te wees, hom te dien en te help en om hom nooit te verlaat nie. Die verskille in die voorskrifte en beloftes wat aan die man en vrou gegee word tydens die huwelikseremonie en wat deur die betrokkenes afgelê moet word, kan soos volg aangedui word:

---

50 *"Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk"* (Ef. 5:23).

51 *"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder"* (1 Petr. 3:7).

52 *"Vir die vrou het die Here God gesê: 'Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers' "* (Gen. 3:16).

53 *"Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees"* (Ef. 5:24).

TABEL 10: ENKELE VOORSKRIFTE EN BELOFTES NA AANLEIDING VAN DIE HUWELIKSFORMULIER VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

	MANS	VROUENS
VOORSKRIFTE	• Hoof oor die vrou. • Moet haar lei, vertroos, onderrig en beskerm. • Onderhouer van die huisgesin.	• Wees gehoorsaam, onderdanig en hulpvaardig aan die man. • Eer die man. • Skenk aandag aan die huishouding en die gesin.
BELOFTES	• Onderhoud van die vrou en huisgesin.	• Gedienstigheid aan die man. • Gehoorsaamheid en hulpvaardigheid aan die man.

Mans wat die huweliksformulier as rasionaal vir die benutting van geweld teenoor vroue aanvoer, interpreteer hierdie gegewens waarskynlik as 'n opdrag om die vrou te beheer, want sy is by implikasie;

- fisies en emosioneel swakker as hy (sy benodig vertroosting en beskerming),
- afhanklik van hom (leiding en onderhoud is nodig) en sy is
- onopgevoed (sy benodig leiding en onderrig).

Geensins word die inhoud van Gen. 2:18 naamlik dat die Here God aan Adam gesê het dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie en dat Hy vir Adam iemand, sy gelyke sal maak wat hom kan help, dus in berekening gebring nie. Na aanleiding van die genoemde gegewens, word die afleiding gemaak dat die norm dat die vrou en kinders die eiendom van die man is, die resultaat is van eeue-oue sienings van vroue as minderwaardig, ondergeskik en afhanklik van die man. Die normatiewe voorskrifte wat tydens die huwelikseremonie gegee word en beloftes wat elk van die betrokkenes moet aflê, word minstens in sommige gevalle ook geïnterpreteer as 'n bevestiging van die sosio-kulturele persepsie dat die vrou en kinders die man se eiendom is waaroor die man moet / mag heers en regeer, terwyl die vrou aan hom onderdanig moet wees en haar aan sy leiding en behoeftes moet onderwerp. Hierdie norme met betrekking tot die huwelik en die gesin, speel waarskynlik 'n bydraende rol tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue, deurdat sowel individuele persepsies en gedrag as die funksionering van die gesinsisteem waarvan die betrokkenes lede is, deur die sosio-kulturele konteks waarbinne gefunksioneer word beïnvloed word.

☛ Norme oor kinderopvoeding en geslagsrolstereotipering

Kinderopvoeding en -versorging is tradisioneel beskou as die bykans eksklusiewe verantwoordelikheid van vroue, terwyl slegs enkele verantwoordelikhede soos dissiplinering en rekreasie, as take aan die man toegedig is (Ferraro en Johnson, 1983:327 en Carlson, 1984:579). Hierdie aspek het volgens Carlson (1984:579) problematies begin raak in kontemporêre huishoudings, aangesien vroue toenemend die arbeidsmark betree en strewe na die ontwikkeling van eie belangstellings en selfvervulling. Gekoppel hieraan, is die geslagsrolstereotipering wat mans se primêre rol as dié van broodwinner en gesinshoof voorskryf, wat daartoe aanleiding gee dat mans as't ware ontneem word van die vreugde en bevrediging, probleme en eise van kinderopvoeding (Carlson, 1984:579, Andersen, Boulette en Schwartz, 1991:304 en Kurz, 1991:158).

Die aandag word ook gefokus op die inhoud van Tabel 10, waaruit afgelei word dat behalwe vir materiële voorsiening, geen opdrag deur die kerk aan die man gegee word om by die huishouding, kinderversorging en -opvoeding betrokke te raak nie. Hierteenoor bevat die voorskrifte aan die vrou die eksplisiete opdrag om die man, kinders en huishouding te versorg. Op geen wyse word dus melding gemaak van die moontlikheid dat die vrou die arbeidsmark betree en ook 'n bydrae kan lewer tot materiële voorsiening nie.

Die sosio-kulturele norm is dus dat kinderversorging die plig en taak van die vrou is, terwyl die man se primêre rol en verantwoordelikheid, dié van broodwinner is. Indien 'n vrou die arbeidsmark sou betree en ook 'n bydrae tot die gesinsinkomste wil lewer, word geïmpliseer dat sy noodwendig nie haar primêre rol as kinderversorger vervul nie en 'n inbreuk maak op die eksklusiewe voorgeskrewe rol van die man. In aansluiting hierby, fokus Andersen et al. (1991:304) die aandag op die geslagsrolstereotipering waarvolgens mans geleer word dat hulle intelligent, sterk en die ekonomiese voorsieners in die gesin behoort te wees, terwyl die rol van die vrou is om na die gesin se emosionele behoeftes om te sien. Wanneer hierdie geslagsrolstereotipering in verband gebring word met die man se historiese reg om sy vrou te slaan, word aanleiding gegee daartoe dat die man glo dat om sy vrou te beheer en haar te dwing tot die bevrediging van sy behoeftes, sy reg is en kan aanleiding gee tot die benutting van geweld teenoor haar. Wanneer die vrou nie aan die man se emosionele behoeftes voldoen nie, *"... he may act out aggressively, at which point the difference between a slap in the name of discipline and one occurring out of frustration may become an issue of semantics"* (Andersen et al., 1991:304).

Konflik kan dus in 'n saamwoon- of huweliksverhouding ontstaan wanneer beleef word dat die vrou nie haar primêre rol as moeder vervul nie weens haar betrokkenheid in die arbeidsmark en deurdat die man se posisie as broodwinner, bedreig word. Die sosio-kulturele norme wat kinderopvoeding as die taak van die vrou en die generering van 'n gesinsinkomste as die taak van die man voorskryf, sou dus daartoe aanleiding kon gee dat 'n man gewelddadig teenoor sy vroulike verhoudingsmaat kan optree in 'n poging om haar te dwing tot die vervulling van haar kultureel-voorgeskrewe rolle en take.

Algemeen-aanvaarde norme met betrekking tot die huwelik en gesin, oefen dus op 'n indirekte wyse 'n invloed uit op die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Nie die norme self nie, maar die gemeenskap se interpretasie en toepassing van die norme, kan aanleiding gee tot rolkonflik, -botsing en -verwarring in die verhouding. Wanneer die vrou byvoorbeeld in die arbeidsmark betrokke raak soos wat deesdae toenemend die geval is, kan nie die man of die vrou volkome uitvoering gee aan hulle kultureel-voorgeskrewe rolle as moeder en broodwinner nie. Die konflik wat uit rolbotsing en -verwarring voortspruit, sou dan waarskynlik deur die betrokkenes hanteer kon word deur die benutting van geweld.

7.4 DIE ALGEMENE AANVAARDING VAN GEWELD

Tydens Carlson (1984:578) se bespreking van die algemene aanvaarding van geweld in die samelewing, skryf sy dat *"(w)e approve, or at least tolerate, a tremendous amount of violence, both real and fictionalized, in our media, in our public schools, in our sports, and so forth."* In aansluiting hierby, verwys Hanrahan et al. (1993:21) daarna dat 'n lang geskiedenis bestaan waartydens geweld benut is as 'n wyse om sosiaal-aanvaarbare doelstellings te bereik en dat hierdie geskiedenis onder andere ook 'n effek het op die samelewing se keuse van helde. Die resultaat daarvan, word aangedui as synde dat 'n konteks daargestel word waarbinne geweld ook in intieme verhoudings verdra en aanvaar word.

'n Eie interpretasie, is dat die samelewing weens die hoë mate van blootstelling aan geweld, waarskynlik gedesensitiseer word daarvoor en om dié rede as't ware gewelddadige gedrag verwag, verdra en aanvaar as deel van die menslike bestaan. (Vgl. ook Stringer-Moore et al., 1984:270, Baxter, 1987:11-12 en Carlson, 1997:82 in hierdie verband.)

Dieselfde argument kan waarskynlik geld in die Suid-Afrikaanse konteks, waar geweldpleging in die vorm van roof, verkragting, kapings, aanrandings en moord daagliks deel is van beriggewing in die media. Ook persone wat nie direk slagoffers van geweldpleging is nie, word dus voortdurend bewus gemaak van die teenwoordigheid daarvan in die samelewing. Nie alleen word die gemeenskap deur nuusdekking oor samelewingsgebeurtenisse ingelig oor die teenwoordigheid van geweldpleging nie, maar is geweld ook 'n tema wat in bykans elke vermaaklikheidsprogram wat op televisie gebeeldsend word, op die een of ander wyse figureer. Waarskynlik bied vermaaklikheidsprogramme juis 'n aanduiding van kontemporêre samelewingsrealiteite. In 'n geweldgekenmerkde samelewing soos Suid-Afrika, sal geweld dus onvermydelik ook 'n tema in vermaaklikheidsprogramme wees[54]. Hierdie voortdurende blootstelling aan geweldpleging gee waarskynlik ook in die Suid-Afrikaanse samelewing daartoe aanleiding dat desensitisering ten opsigte van die verskynsel, toenemend besig is om plaas te vind. 'n Moontlike voorbeeld van sodanige desensitisering, is dat sommige gewelddadige gebeurtenisse en misdade wat in die land plaasvind, nie eens as nuuswaardig genoeg beskou word om beriggewing deur die media te regverdig nie. Nie net volwassenes nie, maar ook kinders word as't ware deurlopend van geweld bewus gemaak en waarskynlik daarvoor gedesensitiseer. Strokiesprente wat hoofsaaklik gerig is op die vermaak van kinders, bevat byvoorbeeld elemente van geweldpleging as 'n wyse waarop 'n doel bereik kan word. Die temaliedjie van 'n Afrikaanse kinderprogram wat jarelank oor die radio uitgesaai is, lui byvoorbeeld soos volg:

"Siembamba, mamma se kindjie,
Siembamba, mamma se kindjie,
draai sy nek om,
gooi hom in die sloot,
trap op sy kop dan is hy dood!"

---

54 'n Bemoedigende gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf, is dat die SABC televisieprogram *Soul City*, in samewerking met die *Nasionale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* gedurende 1997 kragte saamgesnoer het om 'n radio- en televisiedrama te skryf met geweld teenoor vroue as tema. Sodoende word beplan om deur middel van 10 radiostasies en een televisiekanaal aan die begin van 1999 miljoene mense in te lig oor geweld teenoor vroue as samelewingsverskynsel en om vroulike slagoffers te bemagtig deur die oordraging van wetenskaplik-gefundeerde inligting op so 'n wyse dat dit toeganklik gemaak word almal (Usdin, 1997:1 en 4).

Ook etlike tradisionele kinderverhale, bevat elemente van geweld as 'n tema in die verhale. In die storie oor Rooikappie wat deur die wolf mislei word, sterf die wolf byvoorbeeld aan die einde van die verhaal deurdat die houtkapper sy kop afkap (Martin, 1996:16). In Hansie en Grietjie se verhaal, red hulle hulleself van die heks se boosheid deur haar in 'n vuurwarm oond in te stamp en te laat verbrand (Martin, 1996:16), terwyl die uiteinde van die Drie Varkies-verhaal is dat hulle die wolf deur 'n skoorsteen in 'n pot kokende water laat beland en hom sodoende laat doodbrand (Morse, 1997:11).

Geweld is dus 'n tema wat onder andere tydens kinders se sosialiseringsproses benut word om hulle te vermaak. Interessant is dat geweld in die genoemde kinderverhale telkens benut word as 'n gelegitimeerde middel tot 'n doel. Strokiesprente en kinderverhale dra dus waarskynlik daartoe by dat 'n desensitiseringsproses ten opsigte van geweld reeds vanaf die kinderjare by individue plaasvind.

Een van die mees algemene vorme van geweld wat bydra tot die skepping van 'n geweldskultuur in die samelewing en wat deur Straus (1991:140) beskryf word as *"... deeply rooted in Euro-American religious and legal traditions"*, is die toepassing van lyfstraf op kinders. (Vgl. ook die bespreking in 4.3 ten opsigte van lyfstraf as modellering van geweldpleging.)[55] Die diep-geworteldheid van lyfstraf in die kultuur, word ook uitgebeeld in 'n tipiese kinderrympie oor die ou vrou saam met haar baie kinders wat in 'n skoen gewoon het (Tulip, 1997:9):

"There was an old woman who lived in a shoe.
She had so many children, she did not know what to do.
She gave them some broth without any bread,
then she whipped them all soundly and put them to bed."

Die benutting van lyfstraf om 'n doel te bereik, word waarskynlik deur middel van hierdie kinderrympie op 'n humoristiese wyse vir kinders aangeleer. Aan kinders word moontlik 'n boodskap oorgedra dat lyfstraf 'n verskynsel is wat deur volwassenes toegepas mag word om 'n persoonlike doel (in hierdie geval waarskynlik rustigheid en stilte sodat die kinders kan slaap en

---

55 Reeds op 25 Augustus 1995 is enige vorm van lyfstraf in alle onderwysinstellings in Suid-Afrika deur die Nasionale Onderwysdepartement verbode verklaar. Die verklaring is uitgereik ooreenkomstig 'n hofbeslissing deur die Grondwetlike Hof op 9 Junie 1995, op grond waarvan enige vorm van lyfstraf as onmenslik en wreed in terme van Hoofstuk 3 van die tussentydse Grondwet, verklaar is (Prins., 57/95:1995).

persoonlike doel (in hierdie geval waarskynlik rustigheid en stilte sodat die kinders kan slaap en die moeder self rus kan kry) te bereik.

Juis om hierdie rede, lewer Straus (1991:148) 'n pleidooi dat lyfstraf ongewensde resultate kan hê indien dit nie weldeurdag toegepas word nie. Sy redenasie word skematies soos volg aangedui:

FIGUUR 19: 'N PROSESMODEL VAN DIE RESULTATE VAN LYFSTRAF



Bron: Straus, 1991:148.

Die proses word aan die hand van drie voorbeelde deur Straus (1991:148) geïllustreer:

❶ As lyfstraf spontaan toegepas word as 'n wyse waarop spanning ontlaai word, word die risiko verhoog dat die kind as volwassene geneig sal wees tot gewelddadige uitbarstings. Indien die lyfstraf egter onder meer beheerste omstandighede plaasvind, is hierdie risiko laer.

❷ Indien lyfstraf gepaardgaan met verbale aanvalle op die kind, word die risiko om die kind se selfwaarde skade aan te doen verhoog. Dieselfde skade word nie aangerig wanneer lyfstraf toegedien word in die konteks van 'n ondersteunende verhouding nie.

❸ Sou lyfstraf toegepas word tesame met 'n beredeneerde verduideliking daarvoor, word die korrelasie tussen lyfstraf en aggressie by die kind, verminder.

'n Ontleding van die voorbeelde bring aan die lig dat Straus (1991:148) nie gekant is teen die benutting van lyfstraf as 'n wyse om gedragsverandering by kinders teweeg te bring nie, maar dat sy pleidooi eerder fokus op die toepaslike benutting daarvan ten einde negatiewe langtermyn resultate uit te skakel. Uit die voorbeelde, word afgelei dat die volgende aspekte as belangrik beskou word ten einde te voorkom dat lyfstraf tot verdere geweldpleging aanleiding gee:

✂ Lyfstraf moet benut word as 'n middel waardeur gedragsverandering by die kind teweeg gebring word, dus nie as 'n wyse waarop die ouer van sy / haar frustrasie oor die kind se wangedrag ontslae raak nie.

✂ Die benutting van lyfstraf behoort gepaard te gaan met 'n beredeneerde verduideliking van die rasionaal daarvoor; dus, nie met 'n verwerpende emosionele uitbarsting nie, maar met 'n ondersteunende kognitiewe verduideliking.

Die implikasie is dus dat lyfstraf waarskynlik nie deur kinders as 'n vorm van geweldpleging geïnterpreteer sal word, indien aan bogenoemde verwagtinge voldoen word nie. Wanneer lyfstraf toegepas word in die konteks van 'n ondersteunende verhouding met die kind, waartydens die rasionaal vir die benutting daarvan duidelik gemaak word, behoort 'n kind se interpretasie daarvan in ooreenstemming te wees met die ouer se bedoeling daarmee. Indien hierdie vorm van straf egter benut word as 'n wyse waardeur die ouer katarsis ervaar, of gepaardgaan met 'n emosionele uitbarsting deur die ouer, sou die kind se interpretasie daarvan waarskynlik onder andere kan wees dat geweld 'n sosiaal-aanvaarbare wyse is waarop van frustrasie ontslae geraak kan word en waardeur 'n bepaalde doel bereik kan word. Jarelange blootstelling aan sodanige lyfstraf, skep volgens Straus en Yodanis (1996:826-827) 'n kultuur waarvolgens sommige volwasse mans glo dat 'n *"... good hard spanking is sometimes necessary ... to physically chastise an errant wife ..."*, net soos wat die redenasie geld in die geval van kinders.

Nie net individue nie, maar ook dienslewerende strukture en professies (die polisiediens, regstelsel en regsprofessie, maatskaplikewerkinstansies, mediese dienste en geestesgesondheidsinstansies), word volgens Stringer-Moore et al. (1984:270) en Straus en Yodanis (1996:838-839) beïnvloed deur die algemene aanvaarding van geweld as 'n verskynsel in die samelewing. Vanuit 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief, verwys Stringer-Moore et al. (1984:270) byvoorbeeld daarna dat *"(n)either individuals working within agencies nor persons who*

formulate agency policy and structures are free from [these] attitudes", met die resultaat dat ook dienslewering deur die instansies 'n invloed uitoefen op die gemeenskap se houding ten opsigte van geweld teenoor vroue. 'n Bewering deur Straus en Yodanis (1996:838-839) is dat dienslewerende instansies en professies as 'n resultaat van die algemene aanvaarding van geweld, in 'n situasie verkeer waar hulle nie daartoe in staat is om effektiewe dienste te lewer aan mishandelde vroue nie weens samelewingshoudings en -druk, 'n gebrek aan inligting oor mishandeling en die aanvaarding van mites wat met mishandeling verband hou.

Ter samevatting word aangedui dat geweld 'n samelewingsverskynsel is wat so algemeen voorkom, dat 'n proses van desensitisering ten opsigte daarvan reeds gedurende die kinderjare van individue begin plaasvind. Faktore wat bydra tot die desensitisering, sluit onder andere in die voortdurende blootstelling aan geweld deur beriggewing in die media, geweld as 'n tema in vermaaklikheidsprogramme, kinderverhale en -rympies en die algemene aanvaarding van lyfstraf as 'n sosiaal-gesanksioneerde wyse waarop kinders gedissiplineer word. Die resultaat van die algemene aanvaarding van geweld, is dat die maatskaplike resultate van die verskynsel as't ware geïgnoreer word, dat die verskynsel aanvaar en verwag word as deel van die samelewingsbestel en dat die erns van geweldpleging teenoor vroue deur dienslewerende professies en strukture wat daarby betrokke behoort te wees, geminimaliseer en ontken word.

7.5 MITES MET BETREKKING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

Verskeie outeurs (Van der Hoven, 1989:54, Andrews en Brewin, 1990:757 en Jagwanth, 1995:3) is van mening dat sosio-kulturele mites ten opsigte van geweld bydra tot sowel die totstandkoming as instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Voorbeelde van sodanige mites, sluit onder andere die volgende in:

- Geweldpleging teenoor vroue in gesinsverband, is 'n rare verskynsel wat nie werklik die aandag van navorsers regverdig nie (Huggins en Straus, 1980:63-64 en Sampselle et al., 1992:7).
- Vroulike slagoffers van geweld moedig die gewelddadige gedrag aan, lok dit uit en geniet dit (Van der Hoven, 1989:54 en Angless, 1992:52), met die resultaat dat die vroue

persoonlik verantwoordelik en dus te blameer is vir die geweldpleging (Andrews en Brewin, 1990:575 en White en Sorenson, 1992:188).

- Slegs mans wat in wese geestessiek is, is in staat tot verkragting en ander vorme van aanranding (Angless, 1992:52 en White en Sorenson, 1992:188).
- Die samelewingsbeskouing dat *"(d)eep down, all women want to be raped"* (Sampselle et al., 1992:6).
- Mans beskik oor onbeheerbare dierlike drange, wat daartoe aanleiding gee dat gewelddadige gedrag deel van die man se menswees en dus 'n integrale deel van die samelewingsbestel is (Sampselle et al., 1992:7).
- Geweld teenoor vroue vind alleen plaas in die laagste sosio-ekonomiese sfere van die samelewing waar die vroue onopgevoed en lede van die werkersklas is (Sampselle et al., 1992:8 en POWA, 1998:3).
- Mishandelde vroue is geestesongesond en verdien om fisies gestraf te word vir die resultate van hulle persoonlikheidstekortkominge en ontoepaslike gedrag (Hanrahan et al., 1993:94).
- 'n Mishandelde vrou is vry om die verhouding te enige tyd te verlaat as sy nie daarvan hou om geslaan te word nie. Die feit dat soveel vroue in geweldgekenmerkde verhoudings aanbly, impliseer dat hulle die geweld geniet (Hanrahan et al., 1993:94).
- Geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings is 'n private aangeleentheid wat geen inmenging of ondersoek regverdig nie (Jagwanth, 1995:3 en POWA, 1998:3).
- Geweldpleging ten opsigte van vreemdelinge is 'n oortreding van die wet, terwyl geweld binne gesinsverband 'n algemeen-aanvaarbare wyse is waarop dispute bygelê kan word (Jagwanth, 1995:3).
- Stres en / of chemiese substansgebruik *veroorsaak* vrouemishandeling (POWA, 1998:3).
- Kinders het 'n vader nodig, selfs al is die man geneig tot gewelddadige gedrag teenoor sy vroulike verhoudingsmaat en / of kinders (POWA, 1998:3).
- Manlike geweldenaars is oor die algemeen gewelddadig en nie net binne gesinsverband nie (POWA, 1998:3).
- Gedrag kan alleen as mishandeling bestempel word as van fisiese krag gebruik gemaak word om die vrou se gedrag te beheer (POWA, 1998:3).

Waarskynlik sou hierby ook gevoeg kon word die mite dat;

- die benutting van geweld om 'n sosiaal-geregverdigde doel te bereik aanvaarbaar is,

- die feministiese siening dat alle vorme van geweld *veroorsaak* word deur die patriargaal-gedomineerde samelewingsbestel en die persepsie dat
- mishandelde vroue 'n diepgewortelde behoefte het aan gewelddadige verhoudings en dus by herhaling in sodanige verhoudings betrokke raak.

'n Eie interpretasie is dat die genoemde mites onder andere die resultaat is van die samelewing se pogings om sin te gee aan 'n ontstellende verskynsel en dat dit dus 'n refleksie is van algemeen-aanvaarde vooroordele en stereotipes. Waarskynlik word die mites ook benut om die erns van die verskynsel te ontken en dus nie betrokke te raak by sowel proaktiewe as reaktiewe aksies om die verskynsel te voorkom nie.

Uiteraard hou die mites implikasies in vir die slagoffers en die algemene publiek, maar ook vir dienslewerende professies en strukture se beskouinge ten opsigte van 'n verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings (Van der Hoven, 1989:54). Enkele van hierdie implikasies word vervolgens aangedui:

- Sekondêre viktimisering van die slagoffer deur familielede, die gemeenskap, hulpverleningsprofessies en regsamptenare wat die situasie van die vroulike slagoffer selfs meer futiel maak en uittrede uit die geweldgekenmerkde verhouding bykans onmoontlik maak (Van der Hoven, 1989:54, Angless, 1992:52 en Hanrahan et al., 1993:94).
- Geheimhouding van die geweldpleging ten einde sekondêre viktimisering te vermy (Van der Hoven, 1989:55 en Andrews en Brewin, 1990:765).
- Die vroulike slagoffer blameer haarself vir die geweldpleging, wat daartoe aanleiding gee dat deurlopend verskonings gesoek word vir die man se gewelddadige gedrag (Andrews en Brewin, 1990:765).
- 'n Onvermoë ontwikkel by die vroulike slagoffer om verhoudings te bou wat gekenmerk word deur wedersydse vertroue en ondersteuning (Andrews en Brewin, 1990:765).
- Die moontlikheid dat vroulike slagoffers van geweld die gedrag by die polisiediens aanmeld, word verklein (White en Sorenson, 1992:188).
- Mites benadeel die behandeling van slagoffers deur professionele persone en die vervolging van geweldenaars deur die regstelsel (White en Sorenson, 1992:188).
- Die slagoffer word geblameer en gestigmatiseer, terwyl 'n verskoning vir die geweldenaar se gedrag aangebied word, hy van blaam ontsê word en selfs met hom gesimpatiseer word (Sampselle et al., 1992:7 en POWA, 1998:3).

- Skaamte en skuldgevoelens ontwikkel by die slagoffer na aanleiding van die internalisering van mites en gee aanleiding tot sosiale isolasie van die vroulik slagoffers (Sampselle et al., 1992:7, Hanrahan et al., 1993:94 en POWA, 1998:3).
- Fisiese geweld word beskou as 'n kenmerk van manlikheid en dus as 'n aantreklike eienskap van mans (Sampselle et al., 1992:7).
- Die benutting van ontkenning en intellektualisering deur die gemeenskap en dienslewerende professies ten opsigte van die verskynsel, wat daartoe aanleiding gee dat die samelewing se houding gekenmerk word deur 'n redenasie van *"... out of sight and out of mind"*, blamering van die slagoffer en *"... 'explain away' the facts and thus avoid the real issues ..."* (Hanrahan et al., 1993:93).
- Maatskaplike en ekonomiese realiteite word ontken, wat daartoe aanleiding gee dat gemeenskapsverantwoordelikheid ten opsigte van die maatskaplike verskynsel nie nagekom word nie (POWA, 1998:3).

Vanuit 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief, is die mites waarskynlik ook die resultaat van en bydraend tot die vorming, bevestiging en instandhouding van;

- seksistiese samelewingspersepsies (vgl. 7.1) en
- geslagsrolstereotipering (vgl. 7.2).

Ter samevatting, kan die implikasies van mites ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings soos volg aangedui word:

TABEL 11: DIE IMPLIKASIES VAN MITES TEN OPSIGTE VAN GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

BETROKKENES	IMPLIKASIES
Gemeenskap	• Die beskouing dat fisiese geweld 'n kenmerk van manlikheid is en derhalwe 'n aantreklike eienskap is wat geassosieer word met manwees. • Ontken die erns van die verskynsel, maar ook die maatskaplike en ekonomiese realiteite wat dit vir die slagoffer moeilik maak om uit die verhouding te tree. • Intellektualisering oor die verskynsel gekenmerk deur blamering van die slagoffer en vermyding van die probleem. • Samelewingsverantwoordelikhede ten opsigte van die voorkoming van die verskynsel en die daarstelling van die nodige infrastruktuur vir die beskerming van die slagoffers, word nie nagekom nie. • Seksistiese samelewingspersepsies en geslagsrolstereotipering word bevestig, verstewig en in stand gehou.
Dienslewerende professies en strukture	• Sekondêre viktimisering van slagoffers. • Oneffektiewe behandeling van slagoffers. • Verskraalde moontlikheid van vervolging van die geweldenaar. • Blamering en stigmatisering van die slagoffer. • Verskoning vir die geweldenaar se gedrag, ontneem hom van verantwoordelikheid vir sy gedrag en simpatiseer met sy situasie.
Vroulike slagoffers	• Sekondêre viktimisering deur familielede, die gemeenskap, hulpverleningsprofessies en regsamptenare. • Geheimhouding van die geweldpleging en sosiale isolasie. • Selfblaam en rasionalisering van man se gedrag. • Onvermoë om betekenisvolle interpersoonlike verhoudings te vestig en in stand te hou. • Skaamte en skuldgevoelens.
Manlike geweldenaars	• Word ontneem van verantwoordelikheid vir gedrag. • Sy gedrag word verskoon en sy situasie ontlok simpatie. • Sy manlikheid en krag word bewonder. • Bevestiging van manlike meerderwaardigheid en eienskappe geassosieer met die manlike geslagsrol. • Verminderde kans op geregtelike vervolging.

7.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n ontleding gedoen van sosio-kulturele faktore wat bydraende rolle speel tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue. Die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem, vorm die suprasisteem van die ontledingsvlakke wat in hoofstukke vier tot ses aangedui is en skep dus as't ware 'n konteks waarbinne die individue, gesinsisteme en sosiale strukture wat betrokke is by geweld teenoor vroue, figureer.

Tydens hierdie ontleding van die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem, is die klem hoofsaaklik op vyf aspekte geplaas te wete seksisme, geslagsrolstereotipering, norme met

betrekking tot die huwelik en die gesin, die algemene aanvaarding van geweld as samelewingsverskynsel en mites met betrekking tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Vanuit die konseptuele raamwerk van hierdie studie, word nie een van die genoemde aspekte beskou as *oorsake* van geweld teenoor vroue nie, maar word elkeen ontleed as 'n faktor wat in wisselwerking met ander vlakke van die ekologiese ontledingsisteem, maar ook in wisselwerking met ander komponente van die sosio-kulturele sisteem, bydraende rolle speel in die totstandkoming en instandhouding van die verskynsel.

Die algemene aanvaarding daarvan dat mans inherent meerderwaardig aan vroue is, is aangetoon as die hoofkomponent van die seksistiese, hiërargiese en manlik-gedomineerde samelewingsbestel. In die bespreking van seksisme, is byvoorbeeld aangedui dat sommige mans, indien hulle sigself as minderwaardig aan die vroulike geslag ervaar, oorgaan tot die benutting van die één aspek ten opsigte waarvan meerderwaardigheid wel bestaan, naamlik fisiese krag, om in ooreenstemming met die samelewingsverwagting, 'n posisie van outoriteit ten opsigte van hulle vroulike verhoudingsmaats te verkry. Voorts is aangedui dat by kinders 'n persepsie tydens hulle sosialiseringsproses gekweek word waarvolgens mans meerderwaardig is aan vroue. Derhalwe word 'n sosio-kulturele konteks geskep waarbinne gewelddadige gedrag deur mans as't ware aanvaar en verwag word, inhoud aan die rolle van vrou en moeder gegee word op grond van die man se definisie daarvan en waar die vrou se posisie in die samelewing gedefinieer word in terme van haar verhouding met die man. 'n Verdere resultaat is dat sommige vroue sigself na aanleiding van die seksistiese samelewingsbestel beoordeel as synde minderwaardig, wat aanleiding gee tot 'n verhoogde mate van afhanklikheid van die manlike verhoudingsmaat.

Ander aspekte wat die seksistiese samelewingskultuur versterk, is byvoorbeeld aangedui as godsdienstige strukture waar hoofsaaklik van mans gebruik gemaak word as bestuurders, beroepstrukture wat in sommige gevalle ontoeganklik is vir vroue, laer besoldiging aan vroue bied en hulle kanse op bevordering verhoed en die geslagsgebaseerde toedeling van kinderversorgingstake as primêre verantwoordelikheid van die vrou. Ook die samelewingspersepsie dat kinders nie sonder 'n vader behoort groot te word nie, is aangedui as 'n seksistiese faktor wat aanleiding daartoe gee dat sommige vroue ter wille van hulle kinders se opvoeding, kies om nie uit geweldgekenmerkde verhoudings te tree nie. Seksisme skep dus 'n samelewingskultuur waarbinne hulpverleningsprofessies en -instansies, die polisiediens en regstrukture funksioneer, wat daartoe kan aanleiding gee dat vroulike slagoffers van geweld

sekondêr geviktimiseer word deur byvoorbeeld hulle klagtes te minag, te ignoreer en die slagoffers vir die situasie te blameer. Uiteraard word dus ook deur die sosiale strukture nagelaat om sowel proaktiewe as reaktiewe aksies ten opsigte van die verskynsel te neem.

Tydens die bespreking oor geslagsrolstereotipering as 'n sosio-kulturele faktor wat aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van gewelddadige gedrag teenoor vroue, is die aandag onder meer gefokus op die ontwikkeling van elke persoon se unieke geslagsrolidentiteit. So byvoorbeeld is aangedui dat 'n geslagsrolidentiteit die resultaat is van elke persoon se biologiese geslag, selfbewussyn ten opsigte van eie geslag en die beïnvloeding daarvan deur samelewingsfaktore soos kultuur, die etniese groep waaraan behoort word en die sosiale klas waarmee die persoon sigself identifiseer. In die konteks van 'n veranderende samelewing, behoort die relatief rigiede geslagsrolle wat sosio-kultureel aan mans en vroue toegedig word voortdurende verandering te ondergaan ten einde aan die verwagtinge van die samelewing te voldoen. Wanneer sodanige aanpassings nie plaasvind nie, gee geslagsrolstereotipering daartoe aanleiding dat die gesinsisteem waarvan die betrokkenes deel is nie sy doel kan bereik nie en word ook nie daarin geslaag om gesinslede se emosionele behoeftes te bevredig nie. Geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, kan dan een van die simptome wees van sodanige gesinsistemiese disfunksionering.

Die sosio-kulturele norm naamlik dat vroue en kinders die eiendom van mans is en norme oor kinderopvoeding as geslagstereotipe taak van die vrou, is aangedui as die twee mees algemene norme met betrekking tot die huwelik en die gesin, wat aanleiding gee tot geweldpleging teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Tydens die bespreking is onder andere aangedui dat sommige mans huweliksluiting beskou as toestemming tot die benutting van geweld om sy vrou se gedrag te rig en om haar te onderrig. Ook is die feit dat vroue toenemend in die arbeidsmark betrokke raak en dus nie al hulle tyd aan kinderopvoeding bestee nie, gekoppel aan die bedreiging wat hierdie betrokkenheid inhou vir die man se geslagstereotipe rol as broodwinner, aangedui as faktore wat tot konflik en gewelddadige gedrag teenoor die vrou in die gesinsisteem kan aanleiding gee.

Voortdurende blootstelling aan geweld deur middel van die nuusmedia, vermaaklikheidsprogramme, kinderverhale en -rympies, is aangedui as faktore wat daartoe aanleiding gee dat die samelewing ten opsigte van geweld gedesensitiseer word en dat geweld as't ware verwag, verdra en aanvaar word as 'n integrale deel van die menslike bestaan. In

besonder is ook verwys na die algemene aanvaarding van lyfstraf as 'n wyse waarop kinders gedissiplineer word, as 'n aspek wat kan aanleiding gee tot verdere geweld indien dit nie weldeurdag toegepas word nie. So byvoorbeeld is gesuggereer dat lyfstraf nie benut behoort te word as 'n wyse waarop die ouer van sy / haar frustrasie oor die kind se wangedrag ontslae raak nie en dat dit gepaard behoort te gaan met 'n ondersteunende verduideliking aan die kind. Indien die voorwaardes nie nagekom word nie, is aangedui dat 'n kultuur geskep word waarvolgens sommige volwasse mans glo dat lyfstraf ook op hulle vroulike verhoudingsmaats toegepas behoort te word as 'n wyse waarop 'n doel bereik kan word. Een van die resultate van die algemene aanvaarding van geweld, is aangedui as synde dat dienslewerende instansies en professies in 'n situasie verkeer waar hulle nie daartoe in staat is om effektiewe dienste te lewer aan mishandelde vroue nie, onder andere weens 'n algemene ontkenning en minimalisering van die erns van die verskynsel.

Die laaste tema wat in die hoofstuk toegelig word, is mites met betrekking tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Voorbeelde van sodanige mites is onder andere dat vroue self verantwoordelik is vir die man se gedrag teenoor hulle, dat gewelddadigheid deel is van manwees en dat geweld binne gesinsverband 'n algemeen-aanvaarbare wyse is waarop dispute bygelê kan word. Die hoofstuk is afgesluit deur aandag te fokus op die negatiewe implikasies van die mites vir sowel die gedrag as die houdings van die gemeenskap, dienslewerende professies en -strukture, vir die slagoffers van die geweld en vir die manlike geweldenaars.

HOOFSTUK 8

EMPIRIESE ONDERSOEK

Metodes van insameling, analisering en interpretering van die data wat tydens die empiriese ondersoek verkry is, word in hierdie hoofstuk aangedui. Die uiteensetting bestaan in hoofsaak uit drie dele, te wete 'n gedeelte waarin die werkswyse ten opsigte van data-insameling aangedui word, 'n afdeling waarin die resultate wat vanuit die vraelyste verkry is uiteengesit en geïnterpreteer word en 'n deel waarin gefokus word op resultate vanuit die kwalitatiewe onderhoude wat gevoer is.

8.1 METODE VAN DATA-INSAMELING

Die ondersoek word gerig vanuit sowel die kwantitatiewe (vraelysbenutting) as kwalitatiewe navorsingsmetodologieë (in-diepte onderhoudvoering), aangesien die mening in ooreenstemming met Stanley en Wise (1983:197), Acker, Barry en Esseveld (1983:427) en Römkens (1997:99) gehuldig word dat 'n ondersoek ten opsigte van 'n komplekse verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, alleen begrond kan word as van sowel objektiewe (kwantifiseerbare) as meer subjektiewe (kwalitatiewe) data-insamelingswyses gebruik gemaak word. Volgens Royce (1991:218) gee die benutting van 'n kombinasie van dié metodologieë daartoe aanleiding dat data bekom word wat nie alleen 'n aanduiding bied van breë tendense wat by 'n groep deelnemers teenwoordig is nie, maar wat ook 'n ryke en in-diepte beskrywing en begrip van individuele belewenisse ten opsigte van die verskynsel, daarstel.

8.1.1 WERWINGSWYSE VAN DEELNEMERS

Deelnemers aan die studie is gewerf deur middel van uitnodigings tot deelname in die nasionale pers. Alternatiewe wyses vir die werwing van deelnemers wat oorweeg is alvorens op hierdie werwingswyse besluit is, sluit in;

- versoeke aan nasionale welsynsinstansies (byvoorbeeld NIMRO, POWA en FAMSA) wat dienste lewer aan mishandelde vroue en hulle gesinne vir die benutting van dié kliënte vir die doeleindes van die studie,

- skakeling met die skuilings vir mishandelde vroue in die Republiek van Suid-Afrika vir die verkryging van samewerking met die invul van vraelyste deur vroue wat in die skuilings gehuisves word,
- die verkryging van samewerking van verpleegpersoneel by nasionale klinieke en hospitale waar onder andere mediese dienste aan mishandelde vroue gelewer word en
- versoeke aan beamptes by landdroskantore in die Republiek van Suid-Afrika waar interdikte ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) uitgereik word om dié vroue wat om sodanige interdikte aansoek doen, 'n vraelys te laat invul.

Alhoewel elk van bogenoemde werwingsmetodes as't ware gerieflike wyses vir die werwing van deelnemers aan die studie sou impliseer, het dié metodes een leemte gemeen, naamlik dat slegs mishandelde vroue wat om hulp vra of inskakel by 'n dienslewerende struktuur of instansie, by die ondersoek betrek sou kon word. (Vgl. ook Kilpatrick en Lockhart, 1991:612-614 se bespreking oor ongenoegsame steekproefprosedures in hierdie verband.) Vroulike slagoffers wat dus nie toegang het (uit eie keuse, gebrekkige beskikbaarheid of weens geografiese ontoeganklikheid) tot dienslewerende strukture, instansies of professies nie, sou sodoende uitgesluit wees as potensiële deelnemers aan die studie.

Die benutting van die nasionale pers as 'n wyse waarop deelnemers aan die studie gewerf word, hou dié voordeel in dat 'n groter verskeidenheid van potensiële deelnemers uitgenooi word om aan die studie deel te neem en dat die steekproefmetode dus nie beperk word tot die beskikbaarheid van potensiële deelnemers, al dan nie, in terme van byvoorbeeld betrokkenheid by dienslewerende strukture en professies nie. Sodoende word byvoorbeeld sowel vroue wat reeds betrokke is / was by dienslewering ten opsigte van hulle situasie, as diegene wat om welke rede ookal nog nooit vantevore hulle omstandighede aan andere bekend gemaak het nie, potensieel by die studie betrek. Uiteraard het die benutting van die nasionale pers om deelnemers aan die studie te werf vir die invul van posvraelyste ook 'n aantal beperkings, te wete onder andere dat;

- slegs persone wat oor die vermoë beskik om te lees potensieel by die studie betrek word,
- potensiële deelnemers oor die vermoë (finansieel en geografies) moet beskik om nuusblaaie en / of tydskrifte te bekom of te ontvang waardeur hulle bewus gemaak kan word van die uitnodiging om deel te neem aan die navorsing,
- die benutting van posvraelyste is 'n duur data-insamelingsmetode (die posgeld alleen verbonde aan die uitstuur en terugontvang van een vraelys was R 4,40) en

Ψ die risiko dat sensitiewe inligting wat deur middel van 'n posvraelys aan die navorser verstrek word in die posstelsel verlore kan gaan en / of dat sodanige verlies kan aanleiding gee tot die bekendwording van die betrokkene se identiteit en persoonlike situasie aan persone anders as die navorser self.

Ten spyte van bogenoemde, is die werwing van deelnemers deur middel van die nasionale pers verkies, hoofsaaklik weens die breë blootstelling wat sodanige werwingsmetode potensieel inhou. Met behulp van Telkom se *Geelbladsye* vir 19 streke in Suid-Afrika[56] en Telkom se *Elektroniese Geelbladsye*, is die name en telefoonnommers van 81 nuusblaaie, gesins- en vrouetydskrifte geïdentifiseer, waarna die posadresse van elkeen van die geselekteerde publikasies telefonies verkry is. (Sien Bylae A: Naam- en adreslys van tydskrifte en nuusblaaie waaraan briewe gerig is vir die werwing van deelnemers aan die studie.) 'n Vormbrief (in ooreenstemming met die taal wat vir die advertensie in die *Geelbladsye* gebruik is, naamlik 36 Afrikaanse en 44 Engelse briewe) is op 13 Julie 1998 aan die redakteurs van elk van die tydskrifte en nuusblaaie gerig waarin gevra is vir hulp met die werwing van deelnemers aan die studie deur middel van die betrokke publikasies se briewe-kolomme. (Sien Bylae B: Vormbrief gerig aan die redakteurs van tydskrifte en nuusblaaie: Afrikaans en Bylae C: Vormbrief gerig aan die redakteurs van tydskrifte en nuusblaaie: Engels.) Ten einde geloofwaardigheid aan die versoeke te verleen, is elke brief vergesel deur 'n amptelike verklaring deur die studiepromotor dat die betrokkene wel by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geregistreer is vir sodanige studie. (Sien Bylae D: Verklaring deur die studiepromotor: Afrikaans en Bylae E: Verklaring deur die studiepromotor: Engels.) Aandag word daarop gevestig dat nuusblaaie wat gratis versprei word in sekere dorpe, stede en voorstede ingesluit is by die nuusblaaie aan wie se redakteurs briewe gerig is, aangesien ook persone wat nie oor die finansiële vermoëns beskik om nuusblaaie aan te koop nie, sodoende potensieel van die uitnodiging tot deelname in kennis gestel kon word.

8.1.2 REAKSIES OP UITNODIGINGS IN DIE NASIONALE PERS

Vanweë die getal skrywes wat aan die redakteurs van tydskrifte en nuusblaaie gerig is en die

---

56 Vaaldriehoek, Port Elizabeth en Oos-Kaapse platteland, Oos-Londen en Grens, Kaapse Skiereiland, Wes-Rand, Boland en Weskus, Johannesburg, Oos-Rand, Suid-Kaap en Karoo, Durban en omliggende gebied, Noord-Kaap en Namakwaland, Pretoria en omliggende gebied, Vrystaat, Noordelike Provinsie, Mpumalanga, Noord-Wes Provinsie, KwaZulu-Natal-Suidkus, KwaZulu-Natal-Noordkus, Pietermaritzburg en KwaZulu-Natal-Binneland.

breë geografiese verspreiding van die publikasies, was dit nie moontlik om presies te bepaal watter tydskrifte en nuusblaaie wel gehoor gegee het aan die versoek nie. Vanuit die reaksies vanaf die leserpubliek, kon egter vasgestel word dat sodanige uitnodigings wel in minstens 42 tydskrifte en nuusblaaie verskyn het. (In Bylae A is 'n asterisk (*) geplaas langs die naam van elk van die publikasies wat genoem is in die skrywes wat in reaksie op die uitnodiging ontvang is.) Na aanleiding van die uitnodigings wat in die pers verskyn het, is 542 reaksies ontvang, waarvan die eerste op 27 Julie 1998 ontvang is. Hierdie reaksies kan breedweg in die volgende kategorieë onderverdeel word:

- 'n Totaal van 493 vroue in geweldgekenmerkde verhoudings wat hulleself bereidwillig verklaar het om aan die navorsing deel te neem en dus geskryf het om 'n versoek te rig dat 'n posvraelys aan hulle gestuur word. (In 339 gevalle was die skrywe bloot 'n toegeplakte koevert of 'n poskaart waarop die betrokkenes hulle name en posadresse aangedui het, terwyl 154 vroue briewe geskryf het, waarin hulle onder andere identifiserende besonderhede vermeld het en kortliks aangedui het of hulle getroud, geskei of in 'n saamwoonverhouding is / was, hoe lank hulle in sodanige verhoudings betrokke is / was en die aard van die geweldpleging waaraan hulle blootgestel is / was.) Aan elk van hierdie persone is 'n vraelys in die taal van hulle voorkeur (Afrikaans of Engels) gepos, tesame met 'n gefrankeerde koevert wat benut kon word om die vraelys aan die navorser terug te pos.
- Drie skrywes is van mans ontvang wat hulleself as slagoffers van hulle vroulike verhoudingsmaats se geweldpleging beskryf en waarin hulle hulle misnoeë uitspreek oor die verontagsaming van hulle lot deurdat die studie alleen op vroulike slagoffers van geweld fokus. Een van hierdie skrywers het sy ontevredenheid uitgespreek deur te beweer dat *"(i)n my opinion, your study can be nothing but a failure!"*, terwyl 'n ander die begrensing van die ondersoek beskryf het as *" ... naïef, kortsigtig en 'n verwringing van die werklikheid."* In een van die skrywes beweer die man onder andere dat sy vrou hom al drie keer probeer vermoor het; twee keer deur hom te probeer vergiftig en een keer deur hom met 'n vuurwapen te skiet. Hy het die gebruik van sy regteroog verloor na aanleiding van die skietvoorval. Op hierdie skrywes is gereageer deur 'n kort briefie aan elkeen te rig waarin dank uitgespreek is vir hulle belangstelling in die studie, begrip gekommunikeer is vir die erns van hulle situasie en beste wense vir die toekoms uitgespreek is.
- Vier skrywes is ontvang van manlike geweldenaars waarin hulle hulle gewelddadige gedrag ten opsigte van hulle vroulike verhoudingsmaats regverdig. Die temas wat hoofsaaklik in hierdie skrywes gefigureer het, was die noodsaak van 'n geordende samelewingsbestel

waarin mans se plek as hoof van die huis en samelewing gehandhaaf moet word vir die behoud van maatskaplike orde en 'n klem op die minderwaardige aard van vrouwees en die man se plig om haar as wese te vorm en te rig tot voordeel van die samelewing. Slegs een van hierdie persone se skrywe is deur 'n naam en posadres vergesel en daar is nie gereageer op dié skrywes nie.

- Pleidooie om die lot van kinders wat grootword in geweldgekenmerkde verhoudings te bestudeer en te verlig is deur nege skrywers gelewer. Hierdie groep persone het oënskynlik in sodanige gesinne grootgeword en hoewel hulleself nie tans in geweldgekenmerkde verhoudings betrokke is nie, is hulle besorg oor die onmiddellike, maar ook oor die langtermyngevolge vir kinders in sodanige situasies. Een skrywer se versoek was: *"I plead with you, study the mothers but please, please save those poor children!"*, terwyl 'n ander geskryf het dat sy as volwassene steeds saamleef met die *" ... emotional legacy of having been a secondary victim of my father's abuse of my mother."* Op hierdie skrywes is gereageer deur 'n kort briefie waarin dank uitgespreek is vir die belangstelling in die studie, waardering vir elkeen se besorgdheid oor kinders en beste wense vir die toekoms.
- Vier skrywes is ontvang van persone wat tans werkloos is en wat hulle hulp aanbied om, teen vergoeding, behulpsaam te wees met die insameling en verwerking van die empiriese gegewens. In twee gevalle is die betrokkenes se *Curriculum Vitaes* saamgestuur, terwyl een van hierdie persone gesuggereer het dat 'n kantoor vir mishandelde vroue op sy tuisdorp geopen behoort te word en dat hy dié kantoor sal beman. Op hierdie briewe is gereageer deur 'n kort bedankingsbriefie aan elkeen te rig, terwyl die vertroulikheidsbeginsel ten opsigte van ingesamelde data ook kortliks verduidelik is ten einde die betrokkenes se hulp gemotiveerd van die hand te wys.
- 'n Totaal van dertien skrywes is ontvang van persone wat nie self in geweldgekenmerkde verhoudings betrokke is nie, maar wat hulle beste wense met die studie uitgespreek het en die noodsaak en tydigheid daarvan beklemtoon het, terwyl twee persone in hierdie groep ook populêre literatuur oor die navorsingstema gestuur het in die hoop dat dit van waarde sal wees. Aan elk van hierdie persone is 'n kort briefie gerig waarin dank uitgespreek is vir die goeie wense en belangstelling in die studie.
- Versoeke om hulp met eie studies is vanaf vier persone ontvang. Hierdie versoeke was hoofsaaklik om hulp met literatuursoektogte oor sosiaalwetenskaplike temas. Op hierdie versoeke is skriftelik gereageer deur die betrokkenes te verwys na die inligtingsbeamptes by die universiteitsbiblioteke waar hulle as studente geregistreer is.

- Vyf versoeke is ontvang (oënskynlik vanaf nie-professionele weldoeners wat betrokke is by vroulike slagoffers van geweld) vir die beskikbaarstelling van die voorlopige resultate van die studie. Skrywes is aan hierdie persone gerig waarin kortliks verduidelik is dat die navorsingsproses nog nie afgehandel is nie en dat dit prematuur sal wees om op die betrokke stadium reeds inligting bekend te stel. Voorts is in die reaksies op hierdie skrywes vermeld dat die finale resultate van die studie waarskynlik bekendgestel sal word deur publikasies in vakwetenskaplike tydskrifte.
- Drie skrywes is ontvang vanaf persone wat hulle hulp aangebied het met die werwing van deelnemers aan die studie. Een van hierdie skrywers is 'n psigiatriese verpleegkundige wat aangedui het dat sy daagliks met sodanige vroue in haar praktyk te doen kry, 'n ander is werksaam by 'n landdroskantoor waar interdikte uitgereik word ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) en 'n laaste was 'n vroulike slagoffer van geweld wat ook vraelyste deur tien van haar vriende en kollegas wat hulleself in soortgelyke situasies bevind, wou laat invul. In reaksie op hierdie versoeke, is skrywes aan die betrokkenes gerig waarin dank uitgespreek is vir hulle bereidwilligheid om behulpsaam te wees met die studie, terwyl 'n versoek gerig is dat die navorser se naam en posadres aan potensiële deelnemers beskikbaar gestel word deur verwysing na die persberig op grond waarvan kennis geneem is van die bestaan van die navorsing. Klem is daarop gelê dat potensiële deelnemers sélf versoeke moet rig vir die verkryging van vraelyste.
- 'n Laaste groep reaksies was vier skrywes van persone wat oënskynlik die persberigte verkeerd geïnterpreteer het en wie se versoeke om te kan deelneem aan die studie, buite die begrensing van die ondersoek geval het. So byvoorbeeld het twee vroue geskryf dat hulle nie self in geweldgekenmerkde verhoudings is / was nie, maar dat hulle graag hulle menings sou wou lig oor die tema deur die invul van die vraelys, terwyl die derde skrywe vanaf 'n egpaar was wat elkeen 'n vraelys wou hê om in te vul ten einde hulle opinies oor die verskynsel te kan weergee. 'n Skrywe is ook ontvang vanaf 'n vrou wat 14 jaar gelede in 'n geweldgekenmerkde verhouding was en wat wou verneem of sy nie tog ook aan die studie kan deelneem nie. Aan hierdie groep persone is 'n kort briefie gerig waarin dank uitgespreek is vir hulle belangstelling in die navorsing en hulle bereidwilligheid om daaraan deel te neem, terwyl die begrensing van die ondersoek kortliks uiteengesit is, tesame met 'n verduideliking dat die betrokkenes se situasies nie binne die begrensing val nie.

Van die 493 vraelyste (187 Afrikaans en 306 Engels) wat aan voornemende deelnemers uitgestuur is, is 332 terugontvang waarvan 329 (120 Afrikaans en 209 Engels) bruikbaar was.

(Tensy anders vermeld, is N dus gelyk aan 329.) Die drie ingevulde vraelyste wat nie bruikbaar was nie, was in so 'n mate onvolledig ingevul dat minder as die helfte van die vrae beantwoord is of minder as die helfte van die totale getal bladsye van die vraelys, is nie terugontvang nie. Die laaste ingevulde vraelys is op 2 November 1998 ontvang.

In die dekbrief van die vraelys, is aan deelnemers verduidelik dat die navorser hoop om deur middel van die studie 'n bydrae te lewer tot die uitbreiding van bestaande kennis ten opsigte van die verskynsel, die beïnvloeding van die regeringsbeleid oor die posisie van vroue en om vroulike slagoffers van geweld te bemagtig om hulle situasie effektief te hanteer. Die responskoers van 67% (493 vraelyste uitgestuur, waarvan 332 terugontvang is) kan waarskynlik geïnterpreteer word as synde dat die deelnemers sigself met bostaande doelstellings vereenselwig, maar moontlik ook as 'n behoefte om hulle situasie met iemand te deel.

8.1.3 LOODSONDERSOEK EN RESULTATE DAARVAN

In 'n poging om die vraelysinhoud te toets, is 'n loodsondersoek met vier deelnemers aan die studie gedoen. Twee Afrikaanse en twee Engelse vraelyste is gepos aan dié vier deelnemers (twee uit elke taalgroep) wat eerste op die uitnodigings in die nasionale pers gereageer het. Al vier hierdie vraelyste is binne 13 dae na versending, terugontvang. Vanuit die loodsondersoek het geblyk dat een van die deelnemers nie die instruksies wat voor die beantwoording van enkele van die vrae gegee word, begryp of korrek geïnterpreteer het nie, wat daartoe aanleiding gegee het dat sommige van die vrae nie volledig beantwoord is nie. Ten einde die instruksies duideliker sigbaar te maak en die deelnemers se aandag doelbewus daarop te vestig, is dit rekenaarmatig in donkerder, kursiewe letters verander. Die finale vraelys wat benut is, word in Afrikaans as Bylae F en in Engels as Bylae G aangeheg.

In die dekbrief van die vraelyste, is die navorser se telefoonnommer aan deelnemers beskikbaar gestel met die uitnodiging dat indien probleme ervaar word met die invul van die vraelyste, die navorser telefonies gekontak kan word. Geen oproepe is in hierdie verband vanaf deelnemers ontvang nie. Wanneer in ag geneem word dat slegs drie van die vraelyste wat terugontvang is nie bruikbaar was nie, word afgelei dat die vraelyskonstruksie van so 'n aard was dat die meeste deelnmers nie probleme ervaar het met die invul daarvan nie.

8.2 DOEL VAN DIE NAVORSING

Sowel die data wat deur middel van die vraelyste ingesamel is, as dié wat bekom is deur in-diepte onderhoudvoering met deelnemers aan die studie, was daarop gemik om die doel van die studie, soos in hoofstuk een uiteengesit, te laat realiseer. Tydens die empiriese ondersoek is derhalwe doelbewus gepoog om die faktore wat vermeend aanleiding gee tot en die resultate van geweld teenoor vroue vanuit die perspektief van die slagoffers, te verken. Uiteraard is hierdie verkenning gerig deur die konseptuele raamwerk van die studie, naamlik 'n ekologiese perspektief. Om hierdie rede is in sowel die vraelyste as tydens die kwalitatiewe onderhoudvoering van vyf breë kategorieë ten opsigte waarvan data ingesamel is, gebruik gemaak, te wete;

- sosiodemografiese inligting,
- vorme van geweld waaraan die betrokkenes blootgestel is,
- individuele en gesinsfaktore (die eerste twee vlakke van die ekologiese ontledingsisteem),
- sosiaal-strukturele faktore (die derde vlak van die ekologiese ontledingsisteem) en
- sosio-kulturele faktore (die vierde vlak van die ekologiese ontledingsisteem).

8.3 OBJEKTIWITEIT VAN DIE NAVORSER

Vanweë die feit dat in hierdie studie van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe navorsingsmetodologieë gebruik gemaak word, is objektiwiteit van die navorser 'n veranderlike wat noodwendig verreken behoort te word. In hierdie verband is Stanley en Wise (1983:197) vanuit 'n feministiese perspektief van mening dat *" ... all research necessarily comes to us through the active and central involvement of the researcher, who necessarily interprets and construes what is going on"*, terwyl Acker et al. (1983:434) daarop klem lê dat die erkenning van die navorser se eie interpretasies en konstruering van die werklikheid, juis bydra tot die begrip, betroubaarheid en geldigheid van ingesamelde data. Erkenning word ook verleen aan die bewering van Denzin en Lincoln (1994:3) dat kwalitatiewe navorsing 'n interaktiewe proses is wat gevorm word deur die navorser se persoonlike geskiedenis, biografie, geslag, sosiale klas, ras en etnisiteit, maar ook deur die betrokkenes binne die konteks van die navorsing. In die lig hiervan, is dit nodig om 'n aantal faktore uit te lig wat tydens die ondersoek 'n rol kon speel in die insameling en interpretering van sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe data wat vanuit die empiriese ondersoek verkry is.

In hoofstuk een word uitgangspunte wat die studie kan beïnvloed uiteengesit, naamlik dat geweld teenoor vroue 'n komplekse verskynsel is wat alleen in sy volheid verken en begryp kan word as op 'n veelheid van aanleidende en instandhoudende faktore gefokus word. Ook is die uitgangspunt beklemtoon dat geen enkele faktor as kousaal tot geweld teenoor vroue beskou word nie, maar dat 'n holistiese oriëntasie gehandhaaf word waar nie gefokus word op liniêre kousaliteit nie, maar op 'n konstante vloei van interaksie tussen die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem - dus, sirkulêre kousaliteit. Interpretasies van en betekenisgewing aan die resultate van die empiriese ondersoek, word dus nie vanuit 'n oorsaak-gevolgpardigma gedoen nie, maar vanuit 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief waar gefokus word op 'n verskeidenheid van vermeende aanleidende faktore en resultate van sikliese prosesse.

'n Verdere faktor van belang is die feit dat die navorser 'n Blanke man is, terwyl al die vraelyste ingevul is deur vroulike slagoffers van geweld en al die kwalitatiewe onderhoude met vroue gevoer is. Veral tydens die kwalitatiewe onderhoude, kan aanvaar word dat die geslag en kultuurgroep van die navorser daartoe aanleiding kon gee dat sekere inligting moontlik deur deelnemers verswyg of verdraai is. Vanweë die interaksionele aard van in-diepte onderhoudvoering, is die betekenisgewing van sowel die navorser as die deelnemers aan die studie, waarskynlik beïnvloed deur die interaksionele proses. Ook die feit dat die temas waaraan aandag geskenk is in sowel die vraelys as tydens kwalitatiewe onderhoudvoering deur die navorser geselekteer en gekonstrueer is, sou op sigself 'n invloed kon uitoefen op die verloop en betekenisgewing aan data wat tydens dié onderhoude verkry is, aangesien die rigting van die onderhoude dus grootliks deur die navorser bepaal is.

8.4 RESULTATE VERKRY VANUIT DIE INGEVULDE VRAELYSTE

In hierdie afdeling word die resultate wat verkry is vanuit die 329 ingevulde vraelyste wat terugontvang is en benutbaar was, aangebied en geïnterpreteer. Aandag word daarop gevestig dat die resultate bekom is vanaf die deelnemers alleen en dat geen kontrole beskikbaar is oor die korrektheid, al dan nie, van die inligting nie. Die data wat verkry is vanuit die vraelyste word aangebied in ooreenstemming met die eerste vyf afdelings van die vraelys.

8.4.1 SOSIODEMOGRAFIESE INLIGTING

Ten einde 'n sosiodemografiese beeld te vorm van die deelnemers wat die vraelyste ingevul het,

is vrae gevra ten opsigte van hulle huistaal, bevolkingsgroep, ouderdom, die provinsie waarin elkeen woonagtig is, tipe behuising waaroor beskik word, waar die behuising geleë is en oor die betrokkenes se huidige huwelikstatus. In hierdie afdeling is ook inligting ingewin oor die deelnemers en hulle verhoudingsmaats se hoogste opvoedkundige kwalifikasies, die gesinsinkomste, werkstatus en oor die teenwoordigheid van kinders, al dan nie, in die verhoudings.

8.4.1.1 Huistaal

Deelnemers is versoek om vanuit die 11 amptelike landstale 'n aanduiding te gee van die taal wat die meeste in hulle huise gepraat word, terwyl 'n keuse ook gelaat is vir persone wat meesal 'n taal anders as een van die amptelike landstale in hulle huise praat. Al die deelnemers het aangedui dat een van die amptelike landstale meesal in hulle huise gepraat word. Die taal wat die meeste in die deelnemers se huise gepraat word, word vervolgens aangebied.

FIGUUR 20: HUISTAAL



Die grootste hoeveelheid deelnemers aan die studie (36%) is dus Afrikaanssprekend, terwyl Engels- (19%), Sesotho- (17%) en Setswanasprekende (16%) persone ook beduidend verteenwoordig is. Die hoë verteenwoordiging van Afrikaanssprekende deelnemers, sou waarskynlik daaraan toegeskryf kan word dat 45% van die briewe vir die werwing van deelnemers aan die studie aan Afrikaanse tydskrifte en nuusblaaie gerig is, terwyl Engelse

briewe ook gerig is aan tydskrifte en nuusblaaie waarvan alle lesers nie tradisioneel Engelssprekend is nie. 'n Totaal van 146 (44%) van die deelnemers het vraelyste ingevul in 'n taal wat waarskynlik nie hulle moedertaal is nie, terwyl meer as die helfte van die deelnemers (56%) die vraelyste ingevul het in 'n taal wat meesal in hulle huise gepraat word.

8.4.1.2 Bevolkingsgroep

Historiese benamings (Swart, Kleurling, Indiër en Blank) is in die vraelys benut om te onderskei tussen die bevolkingsgroepe waaraan die deelnemers behoort. Die resultate wat verkry is, word vervolgens aangedui.

FIGUUR 21: BEVOLKINGSGROEPERINGS



Die grootste getal deelnemers aan die studie is dus Blankes (47%) en Swartmense (44%), terwyl die Kleurlingbevolking (3%) die minste verteenwoordig is. Al die Kleurlinge het aangedui dat hulle Afrikaanssprekend is, terwyl die Indiërs almal Engels aangedui het as die taal wat die meeste in hulle huise gepraat word. Van die Blanke persone het 110 (72%) aangedui dat hulle Afrikaanssprekend is, terwyl 43 (28%) Engels aangedui het as die taal wat die meeste in hulle huise gepraat word. Geen van die Swart deelnemers het aangedui dat die taal wat die meeste in hulle huise gepraat word, Afrikaans of Engels is nie. Die resultate van hierdie studie is derhalwe hoofsaaklik verkry vanaf Blanke en Swart persone (47% + 44% = 91%), terwyl die verteenwoordiging vanuit die Indiër- en Kleurlingbevolking gesamentlik slegs 9% uitmaak. Hierdie studie se resultate behoort dus nie sondermeer op alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika van toepassing gemaak te word nie.

8.4.1.3 Ouderdom

Ten einde 'n aanduiding te verkry van die ouderdomskategorieë waarin die deelnemers val, is na aanleiding van Olds en Papalia (1986:365-511) 'n onderskeid getref tussen vroeë volwassenes (18 - 25 jaar), volwassenes (26 - 35 jaar), vroeë middeljariges (36 - 45 jaar), middeljariges (46 - 55 jaar) en bejaardes (persone ouer as 55 jaar). Die data wat verkry is ten opsigte van hierdie ouderdomskategorieë, word vervolgens aangebied.

FIGUUR 22: OUDERDOMSVERSPREIDING



Die grootste getal deelnemers (42%) is dus persone wat sigself in die vroeë middeljare bevind, terwyl 'n beduidende hoeveelheid (31%) in die volwasse lewensfase verkeer. Bykans driekwart van die deelnemers (73%) is dus tussen die ouderdomme van 26 en 45 jaar oud. Vanuit die gesinsontwikkelingsfases en -take wat in 2.2.3.3 aangedui is, word afgelei dat die meeste deelnemers dus in 'n fase verkeer waartydens konstruktief en op 'n groeigeoriënteerde wyse aangepas behoort te word by die behoeftes en belangstellings van kinders, die ouerhuis 'n milieu van ondersteuning aan die gesinslede behoort te bied, waartydens voortgebou behoort te word aan die saamwoon- of huweliksverhouding en gesinsbande met ouer en jonger geslagte behou behoort te word. Wanneer in ag geneem word dat al die deelnemers betrokke is (of gedurende die afgelope jaar nog betrokke was) in geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhoudings, word afgelei dat waarskynlik nie daarin geslaag word om effektief aan bostaande gesinsontwikkelingstake uitvoering te gee nie. So byvoorbeeld sou konstruktiewe en groeigeoriënteerde betrokkenheid by kinders, 'n ondersteunende gesinsmilieu en voortbouing aan die saamwoon- of huweliksverhouding, waarskynlik beswaarlik effektief in 'n

geweldgekenmerkde gesinsopset kan realiseer.

8.4.1.4 Provinsie

Ten einde die demografiese verspreiding van deelnemers te bepaal, is versoek dat 'n aanduiding gegee word van in watter provinsie die betrokkenes woonagtig is. Die verkreë data word vervolgens aangedui.

FIGUUR 23: GEOGRAFIESE VERSPREIDING IN TERME VAN PROVINSIES



Die metode van werwing van deelnemers het waarskynlik daartoe bygedra dat al nege die provinsies in Suid-Afrika verteenwoordig is in die steekproef, terwyl die grootste verteenwoordiging vanuit Gauteng (33%) en die Vrystaat (26%) is. Die hoë verteenwoordiging vanuit Gauteng kan waarskynlik toegeskryf word aan die bevolkingsdigdheid aldaar, terwyl die adres van die navorser moontlik 'n invloed uitgeoefen het op die verteenwoordiging vanuit die Vrystaat. Die hoë mate van verteenwoordiging vanuit die Vrystaat, sou waarskynlik in verband gebring kan word met die feit dat die meeste deelnemers Blanke (vgl. 8.4.1.2), Afrikaanssprekende (vgl. 8.4.1.1) persone is, aangesien Afrikaans die taal is wat mees algemeen deur Blanke persone in die Vrystaat gepraat word.

8.4.1.5 Tipe en ligging van behuising

Ten einde 'n aanduiding te verkry van die deelnemers se finansiële situasie, is 'n vraag gevra aangaande die tipe behuising waaroor beskik word. Die resultate wat verkry is ten opsigte van dié vraag, is soos volg.

FIGUUR 24: TIPE BEHUISING



Die meeste deelnemers (59%) woon dus in 'n huis of woonstel wat aan hulle behoort of in 'n huis of woonstel wat deur hulle gehuur word (32%). Die res van die deelnemers beskik nie oor 'n eie huis, huurhuis of -woonstel nie, maar woon in by familie of vriende (8%), terwyl vier deelnemers (1%) aangedui het dat hulle woon in 'n buitekamer wat hulle huur. Derhalwe kan aanvaar word dat 41% van die deelnemers aan die studie waarskynlik nie oor die finansiële vermoëns beskik om 'n eie huis of woonstel te bekom nie.

Vanuit die ligging van behuising, kan tentatiewe afleidings gemaak word oor die geografiese afstand tussen die deelnemers se wonings en die naaste dienslewerende struktuur en / of instansie, maar waarskynlik ook oor die beskikbaarheid van dienslewerende strukture en / of instansies in die onmiddellike omgewing. Van die 329 deelnemers, woon 236 (72%) in 'n stad of in 'n voorstad van 'n stad, 63 (19%) in 'n dorp op die platteland en 30 (9%) op 'n plaas of kleinhoewe. Die oorgrote meerderheid van die deelnemers (72%) is dus waarskynlik geografies binne die bereik van dienslewerende strukture en / of instansies waar hulle potensieel hulp sou kon ontvang ten opsigte van hulle situasie. Die res van die deelnemers (28%) het waarskynlik weens geografiese redes nie so geredelik toegang tot sodanige strukture en instansies nie, terwyl ook aanvaar kan word dienslewerende strukture en instansies op die platteland minder is as in

stede en voorstede, of dat sodanige strukture aldaar selfs afwesig kan wees.

8.4.1.6 Huwelikstatus

'n Totaal van 158 (48%) van die deelnemers is tans getroud, terwyl 42 (13%) in 'n saamwoonverhouding betrokke is. Die ander 129 (39%) deelnemers is nie meer betrokke in 'n saamwoon- of huweliksverhoudings nie weens egskeiding, verlating van die man terwyl nog nie wettig van hom geskei is nie of weens die feit dat hulle uit saamwoonverhoudings getree het. Die meeste deelnemers aan die studie (61%) het dus die vraelyste ingevul ten opsigte van gewelddadige verhoudings waarin hulle hulleself tans bevind, terwyl 39% van die deelnemers gedurende die afgelope jaar hulleself nog in sodanige verhoudings bevind het en die vraelyste dus retrospektief ingevul het met betrekking tot 'n situasie waaraan hulle waarskynlik nie tans meer blootgestel is nie.

8.4.1.7 Sosio-ekonomiese faktore

Die deelnemers se gesinne se totale maandelikse bruto inkomste word vervolgens skematies aangedui.

FIGUUR 25: MAANDELIKSE (BRUTO) INKOMSTE



Die grootste hoeveelheid van die deelnemers aan die studie (71%), se gesinne se bruto maandelikse inkomste is dus R 5 000.00 of minder, terwyl 93% van die deelnemers se bruto maandelikse inkomste minder as R 10 000.00 is. Wanneer in ag geneem word dat 61% van die deelnemers getroud of in 'n saamwoonverhouding betrokke is (vgl. 8.4.1.6) en dat dié gesinne dus potensieel oor twee broodwinners sou kon beskik, blyk die deelnemers aan die studie

hoofsaaklik lede te wees van die laer sosio-ekonomiese bevolkingsgroepering. Hierdie bevinding is in lyn met die bespreking in 6.1 waar daarna verwys is dat armoede 'n sosiaal-strukturele realiteit is wat met gewelddadigheid geassosieer word. Aandag word egter daarop gevestig dat nie armoede *per se* nie, maar die ongelyke verspreiding van bronne tussen verskillende samelewingsgroeperings, aanleiding kan gee tot 'n belewenis van deprivasie en stres in gesinne en dat hierdie belewenisse gewelddadigheid in gesinsverband as resultaat kan hê.

Aangesien opvoedingsvlak 'n faktor is wat 'n invloed uitoefen op die gesinsinkomste en die beroepstatus, is 'n vraag gevra waarin deelnemers moes aandui wat elk van die betrokkenes se hoogste opvoedkundige kwalifikasie is. Ten einde die relatiewe opvoedingspeil van die vroue ten opsigte van dié van die manlike verhoudingsmaats te bepaal, is die resultate van die vraag verwerk in terme van die beginsels geassosieer met 'n meerpuntige beoordelingskaal. (Vgl. Huysamen, 1988:103-107 se bespreking oor die toepassing van beoordelingskale.) Aan elk van die opvoedkundige kwalifikasies is 'n beoordelingspunt vanaf nul vir geen skoolopleiding tot nege vir 'n doktorsgraad toegeken, waarna hierdie beoordelingspunt toegepas is ten opsigte van die data wat vanuit die vraelyste verkry is. Sodoende is 'n relatiewe waarde aan elk van die opvoedingsvlakke toegeken. Die resultate van hierdie verwerking word vervolgens aangedui.

TABEL 12: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES

BEOORDELINGSPUNT EN OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE		**VROU**		**MAN**	
		Getal	**Relatiewe waarde**	**Getal**	**Relatiewe waarde**
0	Geen skoolopleiding.	0	0	0	0
1	Laerskoolopleiding, maar nooit hoërskoolopleiding nie.	32	32	62	62
2	Hoërskoolopleiding, maar nooit gematrikuleer nie.	73	146	93	186
3	Matriek (St 10 of Graad 12).	95	285	73	219
4	Naskoolse diploma.	90	360	65	260
5	'n Gevorderde naskoolse diploma.	19	95	16	80
6	'n Graad	20	120	8	48
7	'n Honneursgraad.	0	0	7	49
8	'n Meestersgraad.	0	0	5	40
9	'n Doktorsgraad.	0	0	0	0
TOTAAL		N = 329	1038	N = 329	944

Vanuit die verwerking blyk dat die vroulike deelnemers aan die studie, oor 'n hoër opvoedingsvlak as hulle manlike verhoudingsmaats beskik. Aangesien opvoedingsvlak 'n faktor is wat verband hou met beroepstatus, is deelnemers versoek om 'n aanduiding te gee van hulle eie en hulle manlike verhoudingsmaats se beroepstatus. Ten opsigte van hierdie vraag, dui 227 (69%) van die deelnemers aan dat hulle vaste betrekkings beklee, terwyl 102 (31%) van hulle werkloos is. Met betrekking tot die manlike verhoudingsmaats word aangedui dat 229 (70%) oor vaste betrekkings beskik, terwyl 100 (30%) werkloos is. Die werkloosheidsyfer by manlike verhoudingsmaats, bring aan die lig dat in minstens 30% van die gesinne, die man nie oor die ekonomiese middele beskik om uitvoering te gee aan sy tipiese geslagsrolle van broodwinner en voorsiener in materiële gesinsbehoeftes nie, terwyl dus ook nie daarin geslaag word om 'n konteks daar te stel en te definieer waarbinne die vrou aan haar geslagsrolle uitvoering kan gee nie (vgl. 7.2).

Wanneer in ag geneem word dat werkloosheid 'n faktor is wat in bykans 'n derde van die deelnemers se saamwoon- en huweliksverhoudings teenwoordig is, kan die hoë frekwensie van deelnemers (71%) wat aangedui het dat hulle gesinsinkomste minder is as R 5 000.00 per maand, waarskynlik onder andere aan die werkloosheidsyfer toegeskryf word.

8.4.1.8 Kinders

'n Totaal van 183 (56%) van die deelnemers dui aan dat hulle tans kinders het wat by hulle inwoon, terwyl die ander 146 (44%) deelnemers nie kinders het wat by hulle woonagtig is nie. Die getal kinders wat by die 183 deelnemers woonagtig is, word vervolgens aangedui.

TABEL 13: GETAL KINDERS WOONAGTIG BY DEELNEMERS

GETAL KINDERS	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Een	68	37%
Twee	69	38%
Drie	33	18%
Vier	8	4%
Vyf	5	3%
TOTAAL	N = 183	100%

In die 183 gevalle waar deelnemers ook kinders het wat by hulle inwoon, is 'n totaal van 362 kinders betrokke, wat die gemiddelde kindergetal in hierdie gesinne op ongeveer twee kinders te staan bring. Wanneer in ag geneem word dat 61% van die deelnemers getroud of in 'n saamwoonverhouding betrokke is (vgl. 8.4.1.6), word afgelei dat die meerderheid van die gesinne van die deelnemers bestaan uit vier gesinslede, te wete 'n vader, moeder en minstens twee kinders. Inaggenome dat die meeste gesinne oor 'n maandelikse bruto inkomste van R 5 000.00 of minder beskik, word die afleiding dat die deelnemers persone is vanuit 'n lae sosio-ekonomiese bevolkingsgroepering (vgl. 8.4.1.7), bevestig.

Ter samevatting is die sosiodemografiese tendense wat uit die vraelyste verkry is dat deelnemers hoofsaaklik Swart en Blanke vroue is tussen die ouderdomme van 26 en 45 jaar. Die meeste van die betrokkenes is tans getroud of betrokke in 'n saamwoonverhouding, terwyl die gemiddelde kindergetal per huishouding ongeveer twee is. Sowat 'n derde van die deelnemers en hulle manlike verhoudingsmaats is werkloos wat waarskynlik daartoe bydra dat in die meeste gevalle 'n bruto maandelikse inkomste van minder as R 5 000.00 verdien word. Gesien in die lig daarvan dat die meeste gesinne uit ongeveer vier gesinslede bestaan, blyk die betrokkenes se sosio-ekonomiese status laag te wees.

8.4.2 VORME VAN GEWELD WAARAAN DEELNEMERS BLOOTGESTEL IS

Ten einde 'n aanduiding te verkry van die aard van die geweldpleging waaraan deelnemers blootgestel word, is elemente van die CTS2 se skale ten opsigte van emosionele aggressie,

fisiese aanranding en seksuele dwang (vgl. 3.5.4) benut vir die formulering van vrae in hierdie verband. Deelnemers is versoek om die frekwensie waarvolgens bepaalde konflikhanteringsmeganismes in hulle verhoudings teenwoordig is, deur middel van die benutting van die volgende meerpuntige beoordelingskaal aan te dui:

0 = Dit het nog nooit voorheen gebeur nie.

1 = Dit het al gebeur, maar nie gedurende die afgelope jaar nie.

2 = Minder as vyf keer gedurende die afgelope jaar.

3 = Vyf tot tien keer gedurende die afgelope jaar.

4 = Meer as tien keer in die afgelope jaar.

Ten einde die mate waartoe bepaalde konflikhanteringsmeganisme binne die deelnemers se verhoudings benut word te bepaal, is die punte in die beoordelingskaal (0 - 4) benut as relatiewe waardes wat toegeken is aan elk van die frekwensies. Hierdie relatiewe waardes is bymekaargetel om die neiging tot die benutting van elk van die konflikhanteringsmeganismes te bepaal. Die hoogste mate waartoe enigeen van die konflikhanteringsmeganismes benut sou kon word, is gelyk aan 1316, want 329 deelnemers vermenigvuldig met vier, wat die waarde is van die *Meer as tien keer in die afgelope jaar*-kategorie, is gelyk aan 'n totale frekwensiedistribusie vanaf nul tot 1316.

Om die rigting en sterkte van die neiging te bepaal, is die afwyking van die neiging vanaf die mediaan van die frekwensiedistribusie (N/2) bereken (Dane, 1990: 269). Die mediaan van die frekwensiedistribusie is 658, want 1316 gedeel deur twee is gelyk aan 658. Resultate van die berekeninge ten opsigte van die vorme van geweld waaraan die deelnemers blootgestel is, word vervolgens aangebied.

TABEL 14: BENUTTING VAN EMOSIONELE AGGRESSIE AS KONFLIKHANTERINGSMEGANISME

EMOSIONEEL-AGGRESSIEWE GEDRAGSASPEK	RESPONSKATEGORIEë										GENEIGDHEID TOT BENUTTING	
	0		1		2		3		4		NEIGING (Som van relatiewe waardes van A,B,C,D en E)	RIGTING EN STERKTE VAN DIE NEIGING (Neiging min mediaan)
	Getal (A)	Relatiewe waarde (A x 0)	Getal (B)	Relatiewe waarde (B x 1)	Getal (C)	Relatiewe waarde (C x 2)	Getal (D)	Relatiewe waarde (D x 3)	Getal (E)	Relatiewe waarde (E x 4)		
Vloeke en / of beledigings.	11	0	13	13	57	114	21	63	227	908	1098	+440
'n Geskreeu en / of 'n gegil.	18	0	20	20	45	90	45	135	201	804	1049	+391
Hy storm uit die huis uit gedurende 'n argument.	125	0	32	32	64	128	27	81	81	324	565	-93
Dinge word uit wraak gesê om my seer te maak.	19	0	69	69	20	40	44	132	177	708	949	+291
Ek word vertel dat ek vet en / of lelik is.	87	0	61	61	52	104	33	99	96	384	648	-10
My eiendom word vernietig.	90	0	60	60	43	86	45	135	91	364	645	-13
Beskuldigings dat ek 'n swak minnares is.	120	0	62	62	42	84	29	87	76	304	537	-121
Dreigemente om my met 'n voorwerp te gooi of te slaan.	66	0	54	54	52	104	37	111	120	480	749	+91

TABEL 15: BENUTTING VAN FISIESE AANRANDING AS KONFLIKHANTERINGSMEGANISME

FISIESE AANRANDINGS-WYSES	RESPONSKATEGORIEë										GENEIGDHEID TOT BENUTTING	
	0		1		2		3		4		NEIGING (Som van relatiewe waardes van A,B,C,D en E)	RIGTING EN STERKTE VAN DIE NEIGING (Neiging min mediaan)
	Getal (A)	Relatiewe waarde (A x 0)	Getal (B)	Relatiewe waarde (B x 1)	Getal (C)	Relatiewe waarde (C x 2)	Getal (D)	Relatiewe waarde (D x 3)	Getal (E)	Relatiewe waarde (E x 4)		
Voorwerpe word gegooi.	98	0	38	38	70	140	36	108	87	348	634	-24
My arm word gedraai en / of my hare word getrek.	70	0	92	92	34	68	34	102	99	396	658	0
Ek word gestoot of gestamp.	28	0	65	65	69	138	37	111	130	520	834	+176
Ek word gegryp en rondgeruk.	22	0	80	80	65	130	37	111	125	500	821	+163
Ek word geklap.	26	0	56	56	73	146	45	135	129	516	853	+195
Steek met 'n voorwerp en / of skiet met 'n vuurwapen.	192	0	63	63	33	66	17	51	24	96	276	-382
Steek en / of slaan met 'n voorwerp wat tot fisiese pyn kan lei.	152	0	53	53	49	98	17	51	58	232	434	-224
Hy probeer om my te verwurg.	134	0	87	87	49	98	16	48	43	172	405	-253
Ek word teen 'n muur gestamp.	109	0	65	65	68	136	18	54	69	276	531	-127
Hy slaan my met die vuis.	63	0	57	57	70	140	53	159	86	344	700	+42
Ek word doelbewus met iets gebrand.	234	0	32	32	26	52	8	24	29	116	224	-434
Hy skop my.	98	0	68	68	57	114	45	135	61	244	561	-97

TABEL 16: BENUTTING VAN SEKSUELE DWANG AS KONFLIKHANTERINGSMEGANISME

VORME VAN SEKSUELE DWANG	RESPONSKATEGORIEë										NEIGING (Som van relatiewe waardes van A,B,C,D en E)	RIGTING EN STERKTE VAN DIE NEIGING (Neiging min mediaan)
	0		1		2		3		4			
	Getal (A)	Relatiewe waarde (A x 0)	Getal (B)	Relatiewe waarde (B x 1)	Getal (C)	Relatiewe waarde (C x 2)	Getal (D)	Relatiewe waarde (D x 3)	Getal (E)	Relatiewe waarde (E x 4)		
Dwang tot seksuele omgang sonder om 'n kondoom te gebruik.	205	0	61	61	13	26	16	48	34	136	271	-387
Aandrang op seksuele omgang, maar hy gebruik nie fisiese dwang om my daartoe te dwing nie.	152	0	78	78	36	72	28	84	35	140	374	-284
Aandrang op orale of anale seks, maar hy gebruik nie fisiese dwang om my daartoe oor te haal nie.	203	0	40	40	24	48	9	27	33	132	247	-411
Dwang tot orale of anale seks deur my te slaan, vas te druk en / of deur 'n vuurwapen op my te rig.	235	0	41	41	24	48	8	24	21	84	197	-461
Dwang tot seksuele omgang deur my te slaan, vas te druk en / of deur 'n vuurwapen op my te rig.	238	0	37	37	17	34	9	27	28	112	210	-448
Dreigemente om my te dwing tot orale of anale seks.	278	0	21	21	5	10	4	12	21	84	127	-531
Dreigemente om my te dwing tot seksuele omgang.	189	0	65	65	9	18	9	27	57	228	338	-320

Vanuit tabel 14, blyk die benutting van vloeke en / of beledigings deur middel van 'n geskreeu en / of 'n gegil met die doel om die vroulike verhoudingsmaat te dreig met fisiese leed en met wraak as een van die motiewe van die man se gedrag, wyses van emosionele aggressie te wees wat meesal in die deelnemers se verhoudings voorkom. Hierdie vorme van emosionele aggressie, word derhalwe benut om vir die slagoffer nie fisiologiese leed nie, maar emosionele leed te besorg.

Met betrekking tot die benutting van fisiese aanranding as konflikhanteringsmeganisme, dui die data in tabel 15 daarop dat die deelnemers hoofsaaklik blootgestel word aan klappe, stote, stampe, gegryp, rondgeruk en met die vuis geslaan word deur hulle manlike verhoudingsmaats. Meer intense vorme van fisiese aanranding (vgl. 3.5.4) soos die steek of slaan met 'n voorwerp, verwurging, om die vrou te stamp teen 'n muur, haar met iets te brand of haar te skop, kom wel voor in die deelnemers se verhoudings, alhoewel die frekwensie van sodanige gedrag laer is. So byvoorbeeld is 42% van die deelnemers al gesteek met 'n voorwerp of geskiet met 'n vuurwapen, terwyl slegs 30% van die deelnemers aandui dat hulle manlike verhoudingsmaats nog nooit hulle geskop het nie en slegs 21% van die deelnemers rapporteer dat hulle verhoudingsmaats nooit vantevore hulle arms gedraai en / of hulle hare getrek het nie. Die meeste deelnemers dui egter aan dat sodanige gedrag minder dikwels in hulle verhoudings voorkom.

Die data in tabel 16 dui daarop dat hoewel seksuele dwang in sommige van die deelnemers se verhoudings voorkom, die neiging eerder is dat die betrokkenes nie aan sodanige gedrag blootgestel word nie. Dwang en dreigemente ten opsigte van seksualiteit blyk dus 'n tema te wees wat meesal nie in die betrokkenes se verhoudings as vorm van gewelddadige gedrag benut word nie. Nietemin word aandrang op seksuele omgang deur minstens 54% van die deelnemers aangedui as 'n geweldsvorm wat wel al in hulle verhoudings benut is, terwyl dreigemente om die vroue te dwing tot seksuele omgang deur 43% van die deelnemers aangedui word as 'n geweldsvorm wat al in hulle verhoudings voorgekom het. Voorts blyk uit die gegewens in tabel 16 dat dwang tot seksuele omgang al in minstens 28% van die deelnemers se verhoudings voorgekom het, terwyl dwang tot orale of anale seks al in minstens 29% van die gevalle plaasgevind het. Na aanleiding van die bespreking in 3.1 en 6.2.4.1, word afgelei dat verkragting binne die huweliks- of saamwoonverhouding dus al in meer as driekwart van die deelnemers se verhoudings voorgekom het.

In 3.5.4 is 'n bespreking gevoer ten opsigte van die fisiese beseringskaal wat deel vorm van die CTS2 en is daarna verwys dat alhoewel fisiese beserings nie 'n vorm van geweld is nie, dit wel 'n aanduiding gee van die intensiteit en aard van die fisiese geweld en / of seksuele dwang wat benut word vir die hantering van konflik in 'n verhouding. Om hierdie rede is enkele fasette van die CTS2 se fisiese beseringskaal ook in hierdie vraelys ingesluit. Die resultate wat vanaf die deelnemers verkry is, is soos volg.

TABEL 17: FISIESE BESERINGS AS RESULTATE VAN GEWELDDADIGE GEDRAG

FISIESE BESERING OPGEDOEN	RESPONSKATEGORIEë			
	JA		NEE	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Ek het al ledemate verstuit.	271	82%	58	18%
Ek het gewoonlik die volgende dag steeds pyn nadat hy gewelddadig teenoor my opgetree het.	291	88%	38	12%
Ek het al flou geword omdat hy my op my kop geslaan het.	93	28%	236	72%
Ek moes al dokter toe gaan as gevolg van die aanranding.	245	75%	84	25%
Ek moes eintlik 'n dokter geraadpleeg het, maar ek het nie.	246	75%	83	25%
Ek het 'n gebreekte been, arm en / of ribbes gehad.	134	41%	195	59%

Die manlike verhoudingsmaat se gewelddadige gedrag het dus by meer as driekwart van die deelnemers al aanleiding gegee tot verstuiting van ledemate (82%), terwyl 88% van die deelnemers rapporteer dat fisiese pyn al 'n dag na die gewelddadige insidente ervaar is. In driekwart van die deelnemers se gevalle het die fisiese beserings al daartoe aanleiding gegee dat 'n dokter geraadpleeg is vir behandeling, terwyl driekwart van die deelnemers ook rapporteer dat hulle al besef het dat hulle eintlik die hulp van 'n dokter in hierdie verband nodig gehad het, maar dit nie benut het nie. Vorme van fisiese aanranding (tabel 15) en seksuele dwang (tabel 16) wat ervaar word, is dus van so 'n aard en intensiteit dat been- of weefselbeskadiging, 'n behoefte aan mediese aandag en / of pyn wat aanhou vir 'n dag of meer, deur die meeste deelnemers gerapporteer word.

Hierdie bevinding stem ooreen met die tendens wat in 4.2.3 bespreek is, naamlik dat geweld teenoor 'n vroulike verhoudingsmaat meer dikwels voorkom en die hoogste intensiteit het in gesinne waar die man 'n laer opvoedingsvlak as die vroulike verhoudingsmaat het en dat as die

man werkloos is, dié faktor met sowel 'n hoër frekwensie as 'n hoër intensiteit van geweldpleging teenoor die vroulike verhoudingsmaat geassosieer word. Die aanduiding in 8.4.1.7 dat die deelnemers 'n hoër opvoedingsvlak het as hulle manlike verhoudingsmaats en die 30% werkloosheidsyfer van die deelnemers se manlike verhoudingsmaats, korreleer dus met die hoë intensiteit en frekwensie van geweldpleging wat hier aangedui is.

8.4.3 INDIVIDUELE EN GESINSFAKTORE

In die derde afdeling van die vraelys is gefokus op die individuele vlak en gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem wat in hoofstukke vier en vyf van die literatuurstudie aangedui is. Ten opsigte van die individuele vlak is aandag primêr gefokus op tipiese karaktereienskappe geassosieer met manlike geweldenaars en vroulike slagoffers van geweld en die rol van mag in gewelddadige optrede. Vrae is ook in hierdie afdeling van die vraelys ingesluit oor verlating van die gewelddadige man al dan nie, maar ook oor faktore wat daartoe aanleiding gee dat die deelnemers in geweldgekenmerkde verhoudings aanbly, of daarna terugkeer na verlating van die man. Die ondersoek na die gesinsvlak het onder andere gefokus op gesinsistemiese grense, geweldpleging teenoor kinders, residivisme van gewelddadige gedrag en gesinsontwikkelingstadia toe geweldpleging 'n aanvang geneem het, terwyl ook gepoog is om 'n aanduiding ten opsigte van emosionele afsnyding met betrekking tot die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, te verkry.

8.4.3.1 Karaktereienskappe

Enkele van die psigiese, emosionele, konatiewe en kognitiewe aspekte wat in 4.2.2.1 en 4.2.2.2 hoofsaaklik na aanleiding van buitelandse literatuurgegewens geïdentifiseer is as karaktereienskappe van manlike geweldenaars en vroulike slagoffers van geweld, is in die vraelys ingesluit ten einde te bepaal of hierdie aspekte ook ter plaatse geldige beskrywings van die betrokkenes is. 'n Lys van karaktereienskappe is in die vraelys ingesluit, waarin deelnemers moes aandui of hulle die besondere eienskap met sigself en / of die manlike verhoudingsmaat assosieer. 'n *Nie van toepassing*-kategorie is benut om aan te dui indien die deelnemer die eienskap nie met sigself of met die manlike verhoudingsmaat assosieer nie. Die resultate verkry vanuit die ingevulde vraelyste, is soos volg.

TABEL 18: PSIGIESE EIENSKAPPE

PSIGIESE EIENSKAP	RESPONSKATEGORIEë					
	VROU		MAN		NVT	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Lae selfwaarde / gevoelens van minderwaardigheid.	181	55%	215	65%	16	5%
'n Beperkte vermoë om ander mense te beïnvloed.	49	15%	160	49%	120	36%
Beleef die verhoudingsmaat as 'n bedreiging.	208	64%	113	34%	38	12%
'n Behoefte om te kontroleer.	147	45%	164	50%	29	9%
Sukkel om betekenisvolle verhoudings met ander mense op te bou en te handhaaf.	132	40%	148	45%	79	24%
Sukkel om frustrasie te hanteer.	173	53%	205	62%	4	1%

Deelnemers beskryf die psigiese eienskappe van hulle manlike verhoudingsmaats dus in ooreenstemming met die literatuurstudie (vgl. 4.2.2.2) as dat die betrokkenes oor 'n lae selfwaarde en / of gevoelens van minderwaardigheid beskik, dat hulle sukkel om frustrasie te hanteer en 'n behoefte het om andere te kontroleer. Ten opsigte van persone buite die saamwoon- of huweliksverhouding, word die manlike verhoudingsmaat beskryf as 'n persoon wat oor 'n beperkte vermoë beskik om mense te beïnvloed en wat sukkel om betekenisvolle verhoudings met andere op te bou en te handhaaf. Anders as in die literatuurstudie (vgl. 4.2.2.2), rapporteer net 34% van die deelnemers dat hulle manlike verhoudingsmaats hulle as 'n bedreiging ervaar.

Die deelnemers beskryf hulle eie psigiese eienskappe in ooreenstemming met die literatuurstudie (vgl. 4.2.2.1) meesal in terme daarvan dat hulle hulle verhoudingsmaats beleef as 'n bedreiging, dat hulle 'n lae selfwaarde het en / of gevoelens van minderwaardigheid ervaar en dat hulle sukkel om frustrasie te hanteer. Gevoelens van lae selfwaarde en / of minderwaardigheidsgevoelens en 'n onvermoë om frustrasie te hanteer, is dus psigiese eienskappe wat deur die deelnemers gerapporteer word as faktore wat by sowel hulleself as by hulle manlike verhoudingsmaats voorkom.

TABEL 19: EMOSIONELE EIENSKAPPE

EMOSIONELE EIENSKAP	RESPONSKATEGORIEë					
	VROU		MAN		NVT	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Gevoelens van neerslagtigheid / depressie.	299	91%	65	20%	14	4%
Geneigdheid tot jaloesie.	54	16%	281	85%	32	10%
Geneigdheid tot agterdogtigheid.	88	27%	261	79%	16	5%
Bang om die verhoudingsmaat te verloor.	154	47%	156	47%	74	22%
Voortdurende bangheid en vrees.	285	87%	20	6%	36	11%
Gevoelens van skaamte.	260	79%	28	9%	53	16%
'n Gevoel van magteloosheid.	305	93%	20	6%	16	5%
Skuldgevoelens.	231	70%	80	24%	42	13%
Min behoefte aan intimiteit en seksualiteit.	231	70%	65	20%	62	19%
Belewenisse van haat.	217	66%	107	33%	45	14%
'n Onvermoë om emosies te ervaar en / of om dit te deel met andere.	143	43%	187	57%	47	14%
Voortdurende moegheid.	269	82%	22	7%	46	14%
Hoop.	229	70%	48	15%	72	22%
Wanhoop.	254	77%	51	16%	45	14%
Gevoel van onveiligheid.	265	81%	63	19%	32	10%
Belewenis van teleurstelling.	285	87%	52	16%	20	6%
Belewenis van skok.	285	87%	13	4%	35	11%
Belewenis van ontnugtering.	305	93%	14	4%	24	7%

Deelnemers beskryf hulle eie emosionele belewenisse as primêr gekenmerk deur ontnugtering, magteloosheid, neerslagtigheid en / of depressie, skok, teleurstelling en voortdurende bangheid en vrees. Gevoelens van voortdurende moegheid en onveiligheid word ook deur meer as 80% van die deelnemers aangedui as kenmerkende emosionele belewenisse wat hulle ervaar. 'n Eie interpretasie is dat die gevoelens van skok, ontnugtering en teleurstelling waarskynlik resultate is daarvan dat nie aan die betrokkenes se verwagtinge ten opsigte van die saamwoon- of huweliksverhouding voldoen word nie, terwyl magteloosheid, onveiligheid en vrees moontlik toegeskryf kan word aan die betrokkenes se onvermoë om die gewelddadige gedrag in hulle

verhoudings te beheer. Neerslagtigheid, depressie en voortdurende moegheid, is waarskynlik emosionele belewenisse wat met mekaar verband hou en wat onder andere die resultaat kan wees van emosies soos ontnugtering, teleurstelling en magteloosheid.

Interessant is dat in slegs drie gevalle van die 18 emosionele eienskappe wat in die vraelys vermeld is, minder as 50% van die deelnemers aangedui het dat hulle sodanige belewenisse ervaar. Hieruit word afgelei dat die deelnemers inderdaad oor 'n ryk emosionele ervaringsveld beskik en dat emosionele afstomping meesal nie teenwoordig is by hulle nie. Ten opsigte van hulle manlike verhoudingsmaats, word aangedui dat diegene geneig is tot jaloesie en agterdog en dat hulle nie oor die vermoë beskik om emosies te ervaar of om dit te deel met andere nie. Anders as in die geval van die deelnemers self, is emosionele afstomping dus 'n faktor wat by die manlike verhoudingsmaats waargeneem word. Waarskynlik juis weens laasgenoemde faktor, het die deelnemers tot 'n beperkte mate emosionele aspekte van hulle manlike verhoudingsmaats in die vraelyste aangedui. Van die 18 emosionele belewenisse wat vermeld is, is slegs bogenoemde drie emosionele faktore deur meer as die helfte van die deelnemers aangedui as faktore wat met hulle manlike verhoudingsmaats geassosieer word. Nietemin kan uit die gegewens afgelei word dat die manlike verhoudingsmaats beskryf word as skaamtelose (91% toon nie gevoelens van skaamte nie) en magtige wesens (94% van die mans word nie ervaar as magteloos of bang nie).

In ooreenstemming met die literatuurstudie (vgl. 4.2.2.1, 4.2.2.2, 4.4 en 7.2) is hier dus 'n aanduiding daarvan dat vroulike slagoffers van geweld sigself ervaar as magteloos en hulpeloos, terwyl die manlike verhoudingsmaats beskryf word as skaamteloos en as die primêre beskikkers oor mag in die verhouding. Aandag word daarop gevestig dat 'n depressiewe gemoedstemming in 4.2.2.2 aangedui is as 'n tipiese emosionele eienskap van manlike geweldenaars, maar dat deelnemers dié eienskap in slegs 20% van die gevalle met hulle verhoudingsmaats assosieer. Waarskynlik sou hierdie faktor onder andere daaraan toegeskryf kan word dat 57% van die deelnemers hulle manlike verhoudingsmaats beskryf as persone wat nie oor die vermoë beskik om emosies te ervaar en / of om dit met andere te deel nie. Die moontlikheid bestaan dus dat die manlike geweldenaars wel 'n depressiewe gemoedstemming ervaar, maar dat dit nie as sodanig deur die deelnemers geïdentifiseer word nie.

TABEL 20: KONATIEWE ASPEKTE

KONATIEWE EIENSKAP	RESPONSKATEGORIEë					
	VROU		MAN		NVT	
	Getal	Persen-tasie	Getal	Persen-tasie	Getal	Persen-tasie
Botsing met die gereg.	12	4%	162	49%	155	47%
Geneigdheid om sigself te isoleer van andere.	182	55%	110	33%	70	21%
Sukkel om sigself duidelik in woorde uit te druk.	145	44%	138	42%	74	22%
Plaas blaam en eie verantwoordelikheid op andere.	28	9%	285	87%	18	5%
Wisselvallige emosies soos afgelei uit onvoorspelbare gedrag.	107	33%	234	71%	20	6%
Geneigdheid tot die manipulering van andere om eie doelstellings te bereik.	14	4%	285	87%	36	11%
Ervaar probleme om konflik te hanteer sonder om geweld te gebruik.	37	11%	272	83%	32	10%
Onvolwasse gedrag.	41	12%	224	68%	93	28%
Sukkel om eie probleme op te los.	126	38%	253	77%	39	12%
Sukkel om aan die eise van die lewe te voldoen.	96	29%	220	67%	54	16%
Probeer om die verhoudingsmaat se behoeftes te voorspel.	215	65%	93	28%	42	13%
Vra raad en hulp vir probleme by vriende, familie of selfs by 'n predikant, maatskaplike werker of ander hulpverlener.	291	88%	38	12%	29	9%
Min belangstelling in aktiwiteite in die omgewing.	142	43%	120	36%	99	30%
Sukkel om tot aksie oor te gaan nadat 'n besluit geneem is.	188	57%	120	36%	55	17%
'n Behoefte aan teerheid.	300	91%	46	14%	17	5%
Geneigdheid tot aggressie en vyandigheid.	73	22%	260	79%	13	4%
Neiging tot liggeraaktheid.	155	47%	145	44%	69	21%
Neiging tot woedeuitbarstings.	102	31%	281	85%	12	4%
Selfmoordgedagtes en / of -pogings.	144	44%	61	19%	147	45%
Geneigdheid om die kinders te mishandel.	4	1%	93	28%	227	69%
Geneigdheid om die kinders te verwaarloos.	4	1%	162	49%	163	50%
Alkoholmisbruik.	32	10%	261	79%	60	18%
Gebruik van dwelmmiddels anders as alkohol.	0	0%	80	24%	248	75%

Bykans al die deelnemers (91%) beskryf hulleself as persone wat 'n behoefte het aan teerheid, terwyl die neiging om raad en hulp te vra vir probleme by vriende, familie en professionele persone 'n gedragsaspek is wat ook prominent aan hulleself toegeskryf word. Waarskynlik in 'n poging om die gewelddadige situasie die hoof te bied, beskryf die deelnemers hulleself ook as persone wat poog om hulle verhoudingsmaats se behoeftes te voorspel, terwyl probleme om tot aksie oor te gaan nadat 'n besluit geneem is en 'n geneigdheid om sigself te isoleer van andere, ook gedragsaspekte is wat deur meer as die helfte van die deelnemers aangedui word as beskrywend van hulleself. Hierdie aspekte is ook in 4.2.2.1 aangedui as tipiese konatiewe aspekte wat met vroulike slagoffers van geweld geassosieer word. Interessant is dat die vra van hulp en raad by persone in die suprasisteem eintlik kontrasterend is met die geneigdheid van die deelnemers om sigself te isoleer van andere. 'n Eie interpretasie is dat die isolasie waarskynlik meer te doen het met 'n poging om die geweldpleging 'n geheim te hou vir ander mense, terwyl uitreiking na andere, moontlik meesal gepaard gaan met 'n poging om die gewelddadige situasie die hoof te bied.

'n Faktor wat melding verdien, is die aanduiding deur 11% van die deelnemers dat hulleself probleme ervaar om konflik te hanteer sonder om geweld te gebruik. In ooreenstemming met die besprekings in 1.6 en 3.3, is hier dus in minstens 11% van die deelnemers se verhoudings geweldpleging teenwoordig wat wederkerig van aard is. Waarskynlik is hierdie deelnemers se gewelddadige gedrag nie reaktief in die vorm van weerwraak of selfverdedigend van aard nie (vgl. 3.3.3), maar word dit net soos in die geval van die manlike verhoudingsmaat, benut as 'n wyse om konflik te hanteer.

Tydens die literatuurstudie is in 4.2.2.1 daarna verwys dat vroulike slagoffers van geweld soms daartoe geneig is om hulle kinders te verwaarloos en te mishandel. Deelnemers aan die studie assosieer hierdie gedrag egter in slegs een persent van die gevalle met hulleself, terwyl verwaarlosing van kinders in bykans die helfte van die gevalle (49%) en mishandeling van kinders in meer as 'n kwart van die gevalle (28%) aan die manlike verhoudingsmaat toegedig word.

In ooreenstemming met die beskrywing van die tipiese konatiewe aspekte wat met manlike geweldenaars geassosieer word (vgl. 4.2.2.2), is die plaas van blaam en eie verantwoordelikhede op ander persone, 'n geneigdheid tot die manipulering van andere om eie doelstellings te bereik, 'n neiging tot woedeuitbarstings en probleme om konflik te hanteer

sonder om geweld te gebruik, konatiewe faktore wat deur meer as 80% van die deelnemers aangedui word as tipies van hulle manlike verhoudingsmaats. Interessant is dat alkoholmisbruik 'n faktor is wat deur 79% van die vroue aangedui is as kenmerkend van hulle manlike verhoudingsmaats, terwyl chemiese substanse anders as alkohol, in bykans 'n kwart (24%) van die gevalle teenwoordig is. In 4.5 is daarna verwys dat alkohol- en chemiese substansgebruik 'n bydraende faktor is in gevalle van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, terwyl die klem hoofsaaklik geplaas is op die verhoogde belewenis van mag en beheer wat dié middels by die gebruikers daarvan teweeg bring. Die ervaring van mag en beheer is aangedui as faktore wat daartoe kan aanleiding gee dat die betrokkenes disinhibisie en verminderde emosionele en impulsbeheer ervaar, wat onder andere kan aanleiding gee tot die verontagsaming van algemeen-geldende samelewingsnorme. Deelnemers aan die studie se aanduiding daarvan dat bykans die helfte van die manlike verhoudingsmaats ook geneig is tot botsing met die gereg (49%), sou waarskynlik onder andere in verband gebring kon word met die hoë mate van alkoholmisbruik en die gebruik van chemiese substanse anders as alkohol. 'n Faktor wat hiermee verband hou, is die bespreking na aanleiding van tabel 19 waarvolgens afgelei is dat die manlike verhoudingsmaats beleef word as skaamteloos en magtig, wat ooreenstem met tipiese newe-effekte van alkohol- en chemiese substansgebruik soos disinhibisie en die verhoogde belewenis van mag (vgl. 4.5).

Anders as wat tydens die literatuurstudie aangedui is (vgl. 4.2.2.2), word selfmoordgedagtes en selfmoordpogings deur slegs 19% van die deelnemers aan hulle manlike verhoudingsmaats toegedig. Waarskynlik sou hierdie aanduiding ook in verband gebring kan word met die afleiding na aanleiding van die gegewens in tabel 19, naamlik dat die manlike verhoudingsmaats se emosionele wêreld vir die deelnemers moeilik peilbaar is en dat die betrokkenes derhalwe nie werklik bewus is van die man se emosionele en kognitiewe prosesse nie. Moontlik ook waar, is dat aangesien die manlike verhoudingsmaats beleef word as magtig en skaamteloos (vgl. tabel 19), gedagtes oor selfmoord en selfmoordpogings wat waarskynlik juis met magteloosheid geassosieer word, nie aspekte is wat deur die deelnemers aan die mans toegedig word nie.

TABEL 21: KOGNITIEWE ASPEKTE

KOGNITIEWE EIENSKAP	RESPONSKATEGORIEë					
	VROU		MAN		NVT	
	Getal	Persen-tasie	Getal	Persen-tasie	Getal	Persen-tasie
Soek verskonings vir eie gedrag.	13	4%	304	92%	9	3%
Soek verklarings vir andere se gedrag.	138	42%	165	50%	24	7%
Ontken die intensiteit van die gewelddadige gedrag.	98	30%	251	76%	24	7%
Sukkel om besluite te neem.	176	53%	147	45%	63	19%
Reageer op grond van wat reg *voel* in 'n situasie, eerder as op grond van die *feite* van die situasie.	71	22%	254	77%	24	7%
Beleef ander mense as 'n bedreiging.	119	36%	205	62%	51	16%
Geneigdheid om sigself te blameer vir die geweld in die verhouding.	131	40%	92	28%	126	38%
Belewenis dat misluk word in die rol van moeder / vader in die gesin.	152	46%	107	33%	128	39%

Die mees prominente kognitiewe eienskap wat deelnemers aandui as synde beskrywend van hulleself, is dat hulle sukkel om besluite te neem, terwyl probleme om tot aksie oor te gaan nadat 'n besluit geneem is, in tabel 20 aangedui is as een van die kenmerkende konatiewe eienskappe van die deelnemers. Hierdie faktore sou waarskynlik in verband gebring kan word met die bespreking in 4.6 waar onder andere verwys is na die benutting van rasionaliseringsmeganismes, samelewingsnorme ten opsigte van die rolle en take van die vrou, ekonomiese faktore en 'n gebrek aan ondersteuning vanuit die suprasisteem, wat die betrokkenes se besluitneming om die manlike verhoudingsmaat te verlaat en / of terug te keer na die gewelddadige verhouding, bemoeilik.

In ooreenstemming met die bespreking in 4.4.2.2, beskryf die deelnemers tipiese kognitiewe eienskappe van hulle manlike verhoudingsmaats as synde dat hulle van rasionalisering en ontkenning as verdedigingsmeganismes gebruik maak en dat hulle ander mense as 'n bedreiging ervaar. 'n Tipiese aanduiding van emosionele reaktiwiteit (vgl. 5.2.1) wat geassosieer word met 'n lae vlak van selfdifferensiasie, word afgelei daaruit dat meer as driekwart van die deelnemers (77%) hulle manlike verhoudingsmaats beskryf as persone wat reageer op grond van

wat reg *voel* in 'n situasie, eerder as op grond van die *feite* van die situasie. Die benutting van ontkenning en rasionalisering sou ook na aanleiding van die bespreking in 5.2.1 geïnterpreteer kan word as wyses waarop manlike geweldenaars sigself uitdruk in die vorm van 'n pseudo-self wat gekenmerk word deur onverantwoordelikheid en onvolwassenheid.

8.4.3.2 Benutting van geweld ter bevestiging en instandhouding van magsbasisse, -prosesse en -resultate

In 4.4 is die rol van mag in gewelddadige optrede bespreek en is aangedui dat geweld in 'n saamwoon- en huweliksverhouding onder andere benut word om die manlike geweldenaar se magsbasisse, -prosesse en -resultate te bevestig en in stand te hou. Hierdie funksie van gewelddadige gedrag is in die vraelys getoets en die resultate word vervolgens aangedui.

TABEL 22: BENUTTING VAN GEWELD TER BEVESTIGING EN INSTANDHOUDING VAN MAGSBASISSE, -PROSESSE EN -RESULTATE

MAGSBASISSE, -PROSESSE EN -RESULTATE	RESPONSKATEGORIEë			
	JA		NEE	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
My man benut geweld om my te dwing om aan hom onderdanig te wees en om te doen wat hy voorskryf.	285	87%	44	13%
Nadat my man gewelddadig teenoor my opgetree het, onttrek ek myself van hom, terwyl hy gewoonlik pleit vir vergifnis en belowe om sy gedrag te staak.	182	55%	147	45%
My man weet dat ek 'n behoefte het aan teerheid, nabyheid en liefde, maar hy weerhou dit doelbewus van my totdat ek eers aan sy behoeftes voldoen.	251	76%	78	24%
My man beskik oor al die mag en gesag in ons verhouding. Wat ek sê of wil doen, dra nie eintlik gewig nie.	252	77%	77	23%
My man glo dat 'n man die hoof van sy huis moet wees, dat die vrou aan hom onderdanig moet wees en dat sekere take alleen deur mans of deur vrouens uitgevoer moet word.	277	84%	92	28%

Elkeen van die magsbasisse, -prosesse en -resultate wat in die vraelys aangedui is as moontlike gebeurtenisse of gedragsvorme wat kenmerkend sou kon wees in geweldgekenmerkde

verhoudings, is deur meer as die helfte van die deelnemers aangedui as synde toepaslik in hulle verhoudings. Die tema van manlike dominansie en vroulike onderdanigheid as 'n funksie van die geweldpleging, blyk veral pertinent te wees in die deelnemers se verhoudings. As magsbasis blyk dat veral die man se weerhouding van belonings aan die vrou, byvoorbeeld deurdat sy eers aan sy behoeftes moet voldoen alvorens hy haar beloon met teerheid, nabyheid en liefde, benut word in 'n poging om mag oor die vroulike verhoudingsmaat te verkry en te behou. In 87% van die verhoudings word dwang tot onderdanigheid deur die mans as 'n magsproses benut, terwyl die deelnemers se aanduiding daarvan dat wat hulleself sê of wil doen nie eintlik gewig dra nie (77%), waarskynlik 'n aanduiding daarvan is dat die manlike verhoudingsmaats die primêre beskikkers oor magsresultate in die verhoudings is.

Die deelnemers se belewenisse ten opsigte van hulle manlike verhoudingsmaats se benutting van mag in die verhouding, sou waarskynlik na aanleiding van die bespreking in 5.1.6 geïnterpreteer kan word dat die funksie van die gewelddadige gedrag waarskynlik is om 'n rigiede ekwilibrium in die gesinsisteem te behou, naamlik dat die vader die hoof van die gesin is en dat gesag, mag, maar ook besluitneming en probleemoplossing inhoudelike aspekte van sy rol as man en vader is.

8.4.3.3 Gesinsistemiese grense

Tydens die literatuurstudie, is in 5.1.3.2 aangetoon dat gesinsisteme waar gewelddadige gedrag voorkom geneig is daartoe om rigiede grense te hê ten opsigte van die suprasisteem, terwyl die grens tussen die lede van die egpaarsubsisteem neig na vaagheid of rigiditeit. Deelnemers is derhalwe in die vraelys versoek om aan te dui of enkele gedragsvorme en eienskappe wat met die aard van gesinsistemiese en subsistemiese grense geassosieer word, in hulle gesinne teenwoordig is, al dan nie. Die resultate wat verkry is, is soos volg.

TABEL 23: AARD VAN GESINSISTEMIESE- EN EGPAARSUBSISTEEMGRENSE

EIENSKAPPE	RESPONSKATEGORIEë			
	JA		NEE	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Ons is nie regtig bewus van mekaar se emosionele behoeftes en verwagtinge nie.	162	49%	167	51%
Ons is so betrokke by mekaar, dat ons seker nie regtig sonder mekaar sal kan lewe nie.	105	32%	124	38%
Ons praat maar min met mekaar, ondersteun mekaar nie regtig nie en ek dink dat nie een van ons regtig tevrede is met ons verhouding nie.	217	66%	112	34%
Ons is 'n baie geslote gesin wat min vriende het en nie dikwels by aktiwiteite buite die huisgesin betrokke raak nie.	250	76%	79	24%

Vanuit die gegewens word afgelei dat deelnemers aan die studie hulle betrokkenheid by hulle verhoudingsmaats hoofsaaklik beskryf in terme van gebrekkige kommunikasie, min wedersydse ondersteuning en ontevredenheid met die aard van hulle verhoudings, terwyl bykans die helfte van die deelnemers (49%) aandui dat hulle nie regtig bewus is van mekaar se emosionele behoeftes en verwagtinge nie. Hierdie beskrywing korreleer met die bespreking in 2.2.3.6 waar aangedui is dat rigiede grense tussen subsisteme van die gesinsisteem gekenmerk word daardeur dat spanning by een gesinslid nouliks opgevang sal word in die ander subsisteme en dat rigiede grense kenmerkend is van verhoudings waar daar 'n gebrek aan sensitiwiteit vir die behoeftes, emosies en gevoelens van andere bestaan. Bykans 'n derde van die deelnemers (32%) beskryf hulle verhoudings met hulle manlike verhoudingsmaats egter as van so 'n aard dat hulle beswaarlik sonder mekaar kan lewe, terwyl in tabel 19 aangedui is dat in die geval van bykans die helfte van die deelnemers (47% van die vroue en 47% van die manlike verhoudingsmaats) vrees ervaar word om die verhoudingsmaat te verloor. Hierdie faktore korreleer met die bespreking in 2.2.3.6 waar beweer is dat vae subsisteemgrense aanleiding gee tot gebrekkige selfdifferensiasie, mislukking by gesinslede om onafhanklik te dink en op te tree, 'n eie identiteit te ontwikkel en om sigself in ander suprasisteme te handhaaf.

Ten opsigte van die suprasisteem, dui meer as driekwart van die deelnemers (76%) aan dat hulle gesinsisteme in so 'n mate geslote is, dat hulle min vriende het en nie dikwels by aktiwiteite buite die huisgesin betrokke raak nie. Isolasie ten opsigte van die suprasisteem is ook in tabel 20 aangedui as 'n konatiewe eienskap by 55% van die vroulike deelnemers aan die studie,

terwyl 43% van die vroue sigself en 36% hulle manlike verhoudingsmaats beskryf as mense wat min belangstelling toon in aktiwiteite in die omgewing. Die afleiding word derhalwe gemaak dat die gesinsisteme van die deelnemers aan die studie, in ooreenstemming met die bespreking in die literatuurstudie (vgl. 5.1.3.2), neig om geslote te wees weens 'n rigiede grens wat ten opsigte van die suprasisteem bestaan. Na aanleiding van 2.2.3.7 kan die afleiding derhalwe gemaak word dat die deelnemers se gesinsisteme nie daarin slaag om te groei tot groter heterogeniteit en kompleksiteit nie en dat 'n nie-progressiewe stabiliteitstoestand dus in die gesinsisteme gehandhaaf word. Hierdie afleiding stem ooreen met die bewering in 8.4.3.2 dat die funksie van die gewelddadige gedag geïnterpreteer sou kon word as 'n poging om 'n rigiede ekwilibrium in die gesinsisteem te handhaaf. Waarskynlik gee die geslotenheid van die gesinsisteme na aanleiding van 5.1.3.2 daartoe aanleiding dat die gewelddadige aard van die verhouding 'n geheim gehou word vir andere en dat die geweld as't ware in stand gehou word deur die gebrekkige insette, deursette en uitsette wat ten opsigte van die suprasisteem ontvang en gelewer sou kon word as die sisteemgrens duidelik was.

8.4.3.4 Geweldpleging teenoor kinders

Van die 183 deelnemers wat in die vraelys aangedui het dat hulle wel kinders het wat by hulle inwoon (vgl. die resultate in 8.4.1.10), dui 97 (53%) aan dat nie net hulleself nie, maar ook een of meer van die kinders in die gesinne blootgestel word aan die fisiese geweldpleging van die manlike verhoudingsmaat. Wanneer die resultate in tabel 20 (vgl. 8.4.3.1) in aanmerking geneem word naamlik dat in 28% van die gevalle die manlike verhoudingsmaat beskryf word as 'n persoon wat neig om die kinders te mishandel, terwyl die man in 49% van die gevalle beskryf word as geneig om die kinders te verwaarloos, word afgelei dat nie net die vroue nie, maar ook die kinders in die geweldgekenmerkde gesinsisteem, die slagoffers is van die manlike verhoudingsmaat se geweldpleging. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die literatuurstudie (vgl. 4.3) waarin aangedui is dat kinders wat blootgestel is aan geweld tussen hulle ouers, meesal ook slagoffers van fisiese geweld deur hulle ouers is.

8.4.3.5 Gesinsontwikkelingstadia toe geweld die eerste keer voorgekom het

Die gewelddadige gedrag van die manlike verhoudingsmaat, is in 5.1.3.3 onder andere beskryf as 'n simptoom van die mislukking van die gesinsisteem om die gesinsontwikkelingstake wat gepaard gaan met die gesinslewensfase waarin verkeer word, uit te voer. In 'n poging om die gesinslewensfase(s) waarby misluk word om aan te pas te identifiseer, is deelnemers wat kinders

het versoek om 'n aanduiding te gee van die fase in die gesinslewensiklus toe geweld die eerste keer voorgekom het, terwyl deelnemers wat nie kinders het nie, versoek is om 'n aanduiding in hierdie verband te gee in terme van 'n tydperk nadat die verhouding 'n aanvang geneem het.

In 8.4.1.8 is aangedui dat 183 van die deelnemers kinders het wat by hulle inwoon en dat 146 deelnemers nie kinders het wat by hulle woonagtig is nie. Die vraag ten opsigte van die aanvang van gewelddadige gedrag by pare wat kinders het (vraag 18 in die vraelys), is egter deur 251 deelnemers beantwoord, terwyl die ander 78 deelnemers in die *Nie van toepassing*-kategorie 'n kruisie gemaak het en vraag 19 ten opsigte van kinderslose pare beantwoord het. Derhalwe word afgelei dat van die 251 deelnemers wat kinders het, in 68 gevalle die kinders nie by hulle woonagtig is nie. Wanneer in ag geneem word dat die meeste deelnemers (42%) in die 36 tot 45 jaar ouderdomskategorie val (vgl. 8.4.1.3), is dit waarskynlik moontlik dat sommige van dié gesinne reeds in die lanseerstadium van die gesinslewensiklus (vgl. 2.2.3.3) verkeer en dat die kinders dus vrygestel is om te gaan werk, naskools te studeer of om te trou. In die lig van die aanduiding in tabel 20 (vgl. 8.4.3.1) waar 'n geneigdheid van die manlike geweldenaar om die kinders te verwaarloos (49%) en te mishandel (28%) aangedui is, behoort waarskynlik ook in ag geneem te word dat alternatiewe vorme van versorging, byvoorbeeld pleegsorg, kindershuisversorging of selfs aanneming, moontlike verklarings vir die afwesigheid van kinders in hulle kerngesinne sou kon wees. Die resultate van die vrae ten opsigte van die aanvang van gewelddadige gedrag in die verhouding, word vervolgens aangebied.

TABEL 24: AANVANG VAN GEWELDDADIGE GEDRAG IN TERME VAN GESINSONTWIKKELINGSFASES

GESINSONTWIKKELINGSFASE	GETAL	PERSENTASIE
Reeds voor die geboorte van die eerste kind.	135	54%
Pas na die geboorte van die eerste kind.	53	21%
Die oudste kind was 'n kleuter.	53	21%
Die oudste kind was in die laerskool.	8	3%
Die oudste kind was 'n tiener.	2	1%
Kort nadat die oudste kind die huis verlaat het om te gaan werk, studeer, militêre diensplig te doen of om te trou.	0	0%
Nadat al die kinders reeds die huis verlaat het om te gaan werk, studeer, militêre diensplig te doen of om te trou.	0	0%
Nadat ons afgetree het en / of ons eerste kleinkind(ers) gebore is.	0	0%
TOTAAL	251	100%

In meer as die helfte van die gevalle (54%), het die gewelddadige gedrag dus reeds voorgekom voor die geboorte van die betrokkenes se eerste kind, terwyl in 96% van die gevalle, die geweldpleging 'n aanvang geneem het reeds voordat die oudste kind in die gesin in die laerskool was. Na aanleiding van die literatuurstudie (vgl. 2.2.3.3 en 5.1.3.3) word derhalwe afgelei dat die meeste betrokkenes probleme ervaar het om na die aanvang van die saamwoonverhouding of na huweliksluiting 'n wedersydse bevredigende verhouding tot stand te bring voor die geboorte van die eerste kind, aan te pas by swangerskap en die idee van ouerskap en om in te pas by die uitgebreide gesinsnetwerk. Ander gesinsontwikkelingstake waarvan die uitvoering waarskynlik gebrekkig was, is die aanmoediging van die ontwikkeling van 'n baba deur die vestiging van 'n bevredigende tuiste vir sowel die ouers as die kinders, groei-georiënteerde aanpassing by die behoeftes en belangstellings van voorskoolse kinders en opgewassenheid vir die dreinering van energie en verlies van privaatheid wat gepaard gaan met die teenwoordigheid van kinders in die gesinsisteem.

TABEL 25: AANVANG VAN GEWELDDADIGE GEDRAG BY KINDERLOSE PARE

TYDPERK / FASE	GETAL	PERSENTASIE
Reeds voordat ons begin saamwoon of in die huwelik getree het.	23	29%
Gedurende die eerste jaar nadat ons begin saamwoon het of in die huwelik getree het.	34	44%
Langer as 'n jaar nadat ons begin saamwoon het / in die huwelik getree het, maar korter as vyf jaar daarna.	15	19%
Vyf jaar of langer nadat ons begin saamwoon het of in die huwelik getree het.	6	8%
TOTAAL	78	100%

In die meeste gevalle het die man se gewelddadige gedrag 'n aanvang geneem gedurende die eerste jaar nadat die betrokkenes begin saamwoon het of in die huwelik getree het, terwyl die gewelddadige gedrag in bykans driekwart van die gevalle (73%) reeds 'n aanvang geneem het voordat die betrokkenes twee jaar saamgewoon het of vir twee jaar getroud was. Die feit dat in 29% van die gevalle in 'n saamwoon- of huweliksverhouding betrokke geraak is ten spyte daarvan dat die vroulike slagoffer bewus was van die man se geneigdheid tot geweld, sou waarskynlik as 'n aanduiding van emosionele reaktiwiteit (vgl. 5.2.1) geïnterpreteer kan word aangesien die feit dat die man gewelddadig optree, nie kognitief geëvalueer is as 'n potensieel-gevaarlike situasie waarin die vroue hulleself begeef nie. 'n Ander moontlikheid is dat die

betrokkenes reeds op hierdie vroeë stadium van hulle verhoudings van rasionaliseringsmeganismes (vgl. 4.6.3) soos pogings om die man se heil te rig, ontkenning daarvan dat die man 'n viktimiseerder is, ontkenning van besering en aanspraak op hoër lojaliteite, begin gebruik maak het.

8.4.3.6 Residivisme van gewelddadige gedrag

In sowel 4.3 as in 5.2.5 is daarna verwys dat gewelddadige gedrag in die gesin-van-oorsprong, dikwels herhaal word in die betrokkenes se huidige situasie, terwyl gewelddadige gedrag waarskynlik ook in toekomstige gesinsgenerasies herhaal sal word. Hierdie aspek is ook in die vraelys getoets en die resultate verkry vanuit die vraelyste word in figuur 26 aangedui.

FIGUUR 26: RESIDIVISME VAN GEWELDDADIGE GEDRAG



Die mees uitstaande tendens wat uit die verkreë data afgelei kan word, is dat 72% van die manlike geweldenaars se moeders ook deur hulle vaders aangerand is tydens die betrokkenes se kinderdae, terwyl die mans self ook in 57% van die gevalle as kind die slagoffer van hulle vaders se geweldpleging was. Meer as die helfte van die deelnemers (51%) het self ook grootgeword in gesinne waar hulle vaders gewelddadig teenoor hulle moeders was, terwyl 37% van die deelnemers self ook as kind die slagoffers was van hulle vaders se geweldpleging. Hieruit kan, in ooreenstemming met die bespreking in 5.2.5, afgelei word dat die betrokkenes in die gewelddadige verhouding se gedrag waarskynlik aan die hand van Bowen se multigeneratiewe oordragingsproses verduidelik kan word. Moontlik is hier opnuut 'n aanduiding daarvan dat nie die gewelddadige gedrag *per se* nie, maar dat die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie wat beïnvloed is deur vorige generasies se emosionele sisteme en gesinsprojeksieprosesse, benut sou kon word om die gewelddadige gedrag in die betrokkenes se huidige verhoudings te verduidelik. Die lae vlakke van selfdifferensiasie gee derhalwe aanleiding tot emosionele reaktiwiteit, onder andere in die vorm van geweldpleging teenoor die vroulike verhoudingsmaat.

Waarskynlik kan die deelnemers se keuse van 'n verhoudingsmaat wat soortgelyke gedrag openbaar as dié van hulle eie vaders, as 'n emosioneel-reaktiewe besluit beskou word.

8.4.3.7 Emosionele afsnyding ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong

'n Onderskeid is in 5.2.7 getref tussen intrapsigiese en werklike isolasie as pogings van individue om sigself af te sny van hulle ouers ten einde 'n lewe binne die portuurgroep te begin. Voorts is aangedui dat hoe meer intens die afsnyding is, hoe meer is die betrokkenes daartoe geneig om hulle onvolwassenheid impulsief uit te leef in hulle huweliksverhoudings. Die teenwoordigheid van intrapsigiese en werklike isolasie by die deelnemers en hulle manlike verhoudingsmaats is in die vraelys getoets deur middel van 'n aantal stellings wat die verhoudings van die betrokkenes ten opsigte van hulle gesinne-van-oorsprong beskryf. Die resultate wat verkry is ten opsigte van hierdie stellings word vervolgens aangedui.

TABEL 26: EMOSIONELE AFSNYDING TEN OPSIGTE VAN GESINNE-VAN-OORSPRONG

VERHOUDINGSASPEK	GETAL	PERSENTASIE
Ek verkies om nie kontak te hê met my ouers en die res van die familie nie, want hulle maak my net ongelukkig.	25	8%
My man verkies om nie kontak te hê met sy ouers en die res van sy familie nie, want hulle maak hom net ongelukkig.	73	22%
Ek het na my kinderdae doelbewus weggetrek van my ouers, want ons kom nie goed oor die weg nie.	18	6%
My man het na sy kinderdae doelbewus weggetrek van sy ouers, want hulle kom nie goed oor die weg nie.	37	11%
Ek het nie weggetrek van my ouers en die res van my familie nie, maar ek verkies om met hulle net die nodige kontak te hê soos byvoorbeeld op verjaarsdae en spesiale vakansiedae.	98	30%
My man het nie weggetrek van sy ouers en die res van sy familie nie, maar hy verkies om met hulle net die nodige kontak te hê soos byvoorbeeld op verjaarsdae en spesiale vakansiedae.	128	39%
Ek het dikwels kontak met my ouers en die res van my familie. Ons geniet mekaar se geselskap en ondersteun mekaar.	250	76%
My man het dikwels kontak met sy ouers en die res van sy familie. Hulle geniet mekaar se geselskap en ondersteun mekaar.	161	49%
Ek sou verkies om meer dikwels kontak met my ouers en die res van my familie te hê, maar my man verwag van my om nie so dikwels met hulle kontak te maak soos wat ek graag sou wou nie.	217	66%
My man sou verkies om meer dikwels kontak met sy ouers en die res van sy familie te hê, maar ek verwag van hom om nie so dikwels met hulle kontak te maak soos wat hy graag sou wou nie.	52	16%

Aanduiding van intrapsigiese isolasie wat gehandhaaf word ten opsigte van gesinne-van-oorsprong is deur bykans 'n derde (30%) van die deelnemers gerapporteer, terwyl 39% sodanige isolasie tussen hulle manlike verhoudingsmaats en diegene se gesinne-van-oorsprong rapporteer. Werklike isolasie in terme van doelbewuste afsnyding, blyk 'n faktor te wees wat by sowel die deelnemers (6%) as by hulle manlike verhoudingsmaats (11%) tot 'n geringe mate teenwoordig is. Meer as driekwart van die deelnemers (76%) dui aan dat hulle dikwels kontak het met hulle ouers en die res van die familie en dat hierdie kontak wedersyds-ondersteunend van aard is, terwyl dieselfde faktor ook ten opsigte van bykans die helfte van die manlike verhoudingsmaats (49%) gerapporteer word. Alhoewel intrapsigiese isolasie dus wel deur sommige deelnemers gerapporteer word as 'n faktor wat by sowel hulleself as by hulle manlike verhoudingsmaats teenwoordig is, blyk die neiging om nie emosionele afsnyding ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong te handhaaf nie, meer prominent te wees by die deelnemers en hulle manlike verhoudingsmaats.

'n Interessante tendens wat uit die gegewens afgelei kan word, is dat twee derdes van die deelnemers rapporteer dat hulle graag meer kontak met hulle gesinne-van-oorsprong sou wou gehad het, maar dat hulle verhoudingsmaats van hulle verwag om nie so dikwels met diegene kontak te maak nie. Hierdie faktor korreleer met die neiging wat by 8.4.3.3 na aanleiding van tabel 20 en tabel 22 aangedui is, naamlik dat die aard van die sisteemgrens van gesinne waarin geweld voorkom, neig na rigiditeit.

8.4.3.8 Emosionele, fisiese en gedragsprobleme by kinders waargeneem

Tydens die bespreking oor die gesinsprojeksieproses (vgl. 5.2.4) is daarna verwys dat sommige kinders wat grootword in gesinne waar huwelikskonflik hanteer word deur die benutting van geweld, 'n geneigdheid toon tot eksternaliserende gedragsprobleme (byvoorbeeld aggressie, ongehoorsaamheid en misdadigheid) en internaliserende gedragsprobleme (byvoorbeeld onttrekking, angs en somatiese probleme). Die teenwoordigheid van hierdie faktor is deur middel van die vraelys getoets en die resultate wat verkry is, word vervolgens aangedui.

FIGUUR 27: EMOSIONELE, FISIESE EN GEDRAGSPROBLEME BY KINDERS



Die mees prominente aspek wat deur die 183 deelnemers wat kinders het aangetoon word as 'n probleem wat by een of meer van die kinders opgemerk word, is die belewenis van angs (90%), terwyl somatiese probleme deur 85% en aggressie deur 71% van die deelnemers gerapporteer word. Ook verwysings na sosiale onttrekking (62%) en ongehoorsaamheid (60%) as probleme wat met die kinders ervaar word, word deur die meerderheid deelnemers gerapporteer. Sowel eksternaliserende as internaliserende gedragsprobleme word derhalwe deur die deelnemers gerapporteer as kenmerkende probleme wat by minstens een van hulle kinders opgemerk word. Interessant is dat angs wat deur 90% van die deelnemers geïdentifiseer word by minstens een van hulle kinders, presies ook die aspek is wat in die bespreking oor die gesinsprojeksieproses (vgl. 5.2.4) aangedui is as die kind se reaksie op die moeder se angstigheid, terwyl hierdie identifikasie van angs by die kind aangedui word as 'n probleem wat deur die moeder raakgesien word en waarop sy reageer. Die afleiding word dus gemaak dat die moeder se reaksie daartoe aanleiding kan gee dat die gesinsprojeksieproses ten opsigte van dié besondere kind plaasvind.

8.4.3.9 Verlating van die gewelddadige man

Die oorgrote meerderheid van die deelnemers aan die studie (297, dus 90%) het die manlike verhoudingsmaat al minstens een keer verlaat na aanleiding van 'n gewelddadige uitbarsting. Deelnemers is versoek om 'n aanduiding te gee van die getal kere wat die manlike geweldenaar al verlaat is weens 'n gewelddadige uitbarsting. Die resultate van hierdie vraag is soos volg.

FIGUUR 28: GETAL KERE WAT DIE MAN AL VERLAAT IS



Die meeste deelnemers wat hulle mans al verlaat het (40%), het die man dus al twee, drie of vier keer verlaat, terwyl bykans 'n derde van hierdie groep vroue (32%) die man al vyf keer of meer verlaat het. Hieruit kan afgelei word dat die verlating van die man nie die gewelddadige gedrag laat staak het nie, maar dat die gedrag meesal herhaal is nadat die vrou na die gewelddadige verhouding teruggekeer het. In 4.6.5 is daarna verwys dat om 'n gewelddadige man te verlaat meesal nie 'n eenmalige insident is nie, maar dat dit eerder 'n sikliese proses is wat gekenmerk word deur 'n aantal verlatings en terugkerings na die man, alvorens 'n finale besluit geneem word om hom permanent te verlaat. In 8.4.1.6 is daarna verwys dat 129 van die deelnemers aan die studie tans nie meer in die gewelddadige verhouding betrokke is nie weens egskeiding, verlating van die man terwyl nog nie wettig van hom geskei is nie of weens die feit dat hulle uit die saamwoonverhoudings getree het. Van hierdie 129 deelnemers, het 87 (dus 67%) aangedui dat hulle die man meer as een keer maar minder as vyf keer verlaat het, terwyl 29 (dus 23%) van dié deelnemers rapporteer dat hulle die man meer as vyf keer verlaat het. Negentig persent van die deelnemers wat uiteindelik die gewelddadige verhouding permanent verlaat het, se finale verlating is dus voorafgegaan deur 'n aantal verlatings en terugkerings na die gewelddadige verhouding.

Faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat die gewelddadige man verlaat is, word vervolgens aangedui:

TABEL 27: AANLEIDENDE FAKTORE TOT DIE VERLATING VAN DIE MANLIKE GEWELDENAAR

AANLEIDENDE FAKTORE	GETAL	PERSENTASIE
Die gewelddadige gedrag was so intens, dat ek gevrees het vir my (en die kinders) se lewe(ns).	228	77%
Ek het hom verlaat die oomblik toe ek geweet het dat ek ander verblyf kan kry en / of sonder sy finansiële bystand die mas sal kan opkom.	166	56%
Ek het begin besef dat ek 'n mishandelde vrou en 'n slagoffer is van my man se geweld.	223	75%
Ek het begin besef dat die situasie nooit sal verander nie, al belowe my man om te verander.	239	81%
Ek was skaam daaroor dat ander mense kon sien dat ek mishandel word en het besluit om myself nie langer aan die situasie bloot te stel nie.	185	62%
Ek het myself nooit as 'n slagoffer beskou nie. Eers toe my vriende / familie / kollegas van my begin praat as 'n mishandelde vrou, het ek besef dat dit is wat ek werklik is en dat ek dit nie langer wil wees nie.	167	56%
TOTAAL	N = 297	

Die ses faktore wat in die vraelys aangedui is as moontlike faktore wat tot die verlating van die manlike geweldenaar aanleiding gegee het, is almal deur meer as die helfte van die deelnemers aangedui as relevant in hulle unieke situasies. Die mees prominente faktore wat tot die verlatings aanleiding gegee het is egter 'n besef dat die situasie waarskynlik nie sal verander nie (81%), die intensiteit van die geweldpleging (77%) en die definiëring van sigself as 'n slagoffer van 'n manlike geweldenaar se gedrag (75%).

Ten einde 'n aanduiding te verkry van die beskikbaarheid van ondersteunende sisteme in die suprasisteme van die deelnemers aan die studie, is 'n vraag gevra oor waarheen die betrokkenes gegaan het na verlating van die manlike geweldenaar. Die resultate van hierdie vraag word vervolgens aangedui.

FIGUUR 29: ALTERNATIEWE BEHUISING NA VERLATING VAN DIE MAN



Die 64 deelnemers wat aangetoon het dat hulle na 'n ander blyplek gegaan het as dié opsies wat in die vraelys aangedui is, het van die volgende alternatiewe gebruik gemaak.

TABEL 28: ALTERNATIEWE VERBLYF NA VERLATING VAN DIE MAN

VORM VAN ALTERNATIEWE VERBLYF	GETAL	PERSENTASIE
Verkry inwoning by die pastoor / predikant.	9	3%
Huur 'n woonstel.	11	4%
Huur 'n huis.	8	3%
Huur 'n oornagkamer.	24	8%
Koop 'n eie huis / woonstel.	12	4%
TOTAAL (N = 297)	64	22%

Die oorgrote meerderheid van die 297 deelnemers wat hulle mans verlaat het na afloop van 'n gewelddadige insident (62%), het dus na familielede gegaan vir alternatiewe huisvesting, waarskynlik aangesien diegene as 'n betekenisvolle ondersteuningsbron deur die betrokkenes bestempel word, terwyl 12% van die deelnemers na vriende se wonings gevlug het. Moontlik kan hierdie tendens verklaar word aan die hand daarvan dat die mees uitstaande konatiewe aspek van die vroulike deelnemers in tabel 20 aangedui is as synde dat hulle raad en hulp vir probleme vra by onder andere vriende en familie en dat diegene sodanig reageer ten opsigte van die deelnemers se situasie dat vrymoedigheid geneem word om by hulle vir alternatiewe huisvesting aan te klop. Die feit dat slegs vier persent van die deelnemers aandui dat hulle na skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders gegaan het na verlating van die man, sou

waarskynlik daaraan toegeskryf kan word dat 34% van die deelnemers in provinsies woon waar geen sodanige skuilings beskikbaar is nie (vgl. 6.2.3).

8.4.3.10 Faktore wat daartoe bydra dat aangebly word in / teruggekeer word na die gewelddadige man

'n Aantal faktore wat vermeend daartoe bydra dat vroulike slagoffers van geweld in gewelddadige verhoudings bly en / of terugkeer na gewelddadige verhoudings, is in 4.6.1 aangedui. Ten einde vas te stel of hierdie faktore ook by die deelnemers aan hierdie studie betekenisvolle bydraes lewer, is hulle versoek om in die vraelys daardie faktore aan te dui wat binne elkeen se unieke konteks betekenisvolle bydraes in hierdie verband lewer. Die resultate van die vraag word vervolgens aangedui.

TABEL 29: FAKTORE WAT DAARTOE AANLEIDING GEE DAT DIE DEELNEMERS IN DIE GEWELDDADIGE VERHOUDINGS AANBLY

AANLEIDENDE FAKTORE	GETAL	PERSENTASIE
Ek voel dit is 'n vrou se plig om by haar man te bly, selfs al gaan dit nie goed tussen hulle nie.	81	25%
Indien ek nie by my man woon nie, sal ek (en die kinders) finansieel baie swaar kry.	210	64%
Ek is bang om gestraf of verwerp te word deur God en / of my voorvaders as ek my man sou verlaat.	74	23%
Ek het nie regtig iewers anders om heen te gaan nie. As ek nie by my man bly nie, sal ek op straat sit.	97	30%
Ek gee my man maar altyd nog 'n kans, want hy belowe dikwels dat hy my nie weer sal aanrand nie.	223	68%
Die versorging van die kinders is my verantwoordelikheid. Ek kan dit nie doen sonder 'n man nie.	79	24%
Deur nie by my man te woon nie, kom ek nie my verpligting ten opsigte van hom en / of die kinders na nie.	53	16%
Ek het die man lief. Dit is so eenvoudig soos dit.	164	50%
My man het my ondersteuning nodig. Met verloop van tyd sal dinge begin beter gaan.	91	28%
Ek is bang om hom te verlaat. Hy kan dalk vir my (en die kinders) leed aandoen as hy ons sou opspoor.	189	57%
Ek is bang om hom te verlaat, want ek is onseker oor wat dalk vir my voorlê wanneer hy nie meer na ons omsien nie.	217	66%

'n Eienskap wat tipies is van 'n geweldsiklus, naamlik dat die man pleit om vergifnis en belowe om nie sy gewelddadige gedrag te herhaal nie (vgl. 3.4 en 4.6.1), word deur meer as tweederdes van die deelnemers aangedui as 'n faktor wat daartoe bydra dat hulle in gewelddadige verhoudings aanbly of terugkeer na die gewelddadige verhouding. Vrees vir die onsekerheid

wat gepaardgaan met die verlating van die man (66%), maar ook vrees vir die man se reaksie indien hy verlaat sou word (57%), blyk 'n tema te wees wat in meer as die helfte van die deelnemers se situasies daartoe bydra dat hulle in die verhouding aanbly.

Hierdie aanduiding van vrees korreleer met die gegewens in tabel 19, waar aangedui is dat 87% van die deelnemers voortdurende bangheid en vrees ervaar, terwyl 81% van hulle 'n gevoel van onveiligheid rapporteer. Finansiële oorwegings is 'n faktor wat in 64% van die gevalle bydra tot die aanbly in die gewelddadige verhouding, terwyl die helfte van die deelnemers ook aandui dat emosionele binding met die man (vgl. 4.6.1) 'n faktor is wat tot hierdie tendens bydra.

'n Geweldsiklus, finansiële oorwegings, emosionele belewenisse van bangheid vir die man en vrees vir die onbekende en emosionele binding met die manlike verhoudingsmaat blyk dus faktore te wees wat primêr daartoe bydra dat die deelnemers in hulle geweldgekenmerkde verhoudings aanbly of na die verhoudings toe terugkeer na verlating van die man.

Die benutting van rasionaliseringsmeganismes ten einde die aanbly in / terugkeer na die gewelddadige verhouding te regverdig, is in 4.6.3 aangedui. Deelnemers is versoek om aan te dui watter van die rasionaliseringsmeganismes wat tydens die literatuurstudie geïdentifiseer is, deur hulle benut word. Die resultate van dié vraag word vervolgens aangedui.

TABEL 30: BENUTTING VAN RASIONALISERINGSMEGANISMES

RASIONALISERINGSMEGANISME	GETAL	PERSENTASIE
My man is 'n mens met ernstige probleme en hy het my nodig om hom te versorg en om te kan funksioneer.	174	53%
My man se gewelddadige gedrag is nie sy skuld nie, want dit word veroorsaak deur dinge waaroor niemand enige beheer het nie.	143	44%
Die pyn wat hy by my veroorsaak is nie so erg dat ek die situasie nie kan uitstaan nie.	218	66%
Ekself is deels verantwoordelik vir sy gewelddadige gedrag. Hy tree seker nie reg op nie, maar dit is minstens ook gedeeltelik my skuld dat hy so optree.	202	61%
Ek bly by my man, want ek het nie ander opsies nie.	192	58%
Ek bly by my man, want ek dink hy is seker die enigste man wat ek ooit so sal kan liefhê.	135	41%
Dit is my christelike en / of kulturele plig om by my man te bly.	135	41%
Ter wille van die kinders, is enige verbintenis met 'n man seker beter as dat hulle sonder 'n vader grootword.	145	44%

Rasionaliseringsmeganismes wat hoofsaaklik deur deelnemers benut word kan na aanleiding van

4.6.3 onderskei word as *ontkenning van besering* (66%), *ontkenning van viktimisering* (61%) en *ontkenning van opsies* (58%), terwyl meer as die helfte van die deelnemers (53%) aandui dat hulle ook van *pogings om die man se heil te rig* gebruik maak om hulle situasie te verduidelik of om dit vir hulleself makliker te maak om die situasie uit te staan. Interessant is dat elkeen van die kategorieë van rasionalisering wat in die vraelys aangedui is, deur meer as 'n derde van die deelnemers aangedui is as toepaslik in hulle unieke situasie. Die rasionaliseringsmeganismes wat in 4.6.3 aangedui is, blyk dus nie alleen relevant nie, maar ook geldig te wees ten opsigte van vroulike slagoffers van geweld wat aan hierdie studie deelneem.

Resultate verkry vanuit die ingevulde vraelyste ten opsigte van individuele en gesinsfaktore, dui dus daarop dat deelnemers hulle eie psigiese eienskappe en dié van hulle manlike verhoudingsmaats aandui as gekenmerk deur 'n lae selfwaarde en dat gesukkel word om frustrasie te hanteer. Die vroue beskryf hulle eie psigiese eienskappe ook in terme van 'n belewenis van bedreiging deur die man, terwyl laasgenoemde ook beskryf word in terme van beperkte vermoëns om andere te beïnvloed en om betekenisvolle verhoudings met andere op te bou en te handhaaf. Ten opsigte van emosionele eienskappe word aangedui dat die vroue ontnugtering, magteloosheid, neerslagtigheid, skok, teleurstelling en voortdurende bangheid en vrees ervaar, terwyl die manlike verhoudingsmaats beskryf word as jaloers, agterdogtig, skaamteloos en gebrekkig in kontak met hulle eie emosies. Die vroue beskryf sigself op konatiewe vlak primêr as persone wat 'n behoefte het aan teerheid, dat hulle raad en hulp van andere vra om hulle situasie die hoof te bied, dat gesukkel word om tot aksie oor te gaan nadat 'n besluit geneem is, 'n geneigdheid bestaan om sigself te isoleer van die suprasisteem en dat dikwels gepoog word om die man se behoeftes te probeer voorspel. Projeksie van blaam en verantwoordelikheid, 'n neiging tot manipulering en woedeuitbarstings en 'n onvermoë om konflik te hanteer sonder om geweld te benut, word aangedui as tipiese konatiewe aspekte wat met die manlike verhoudingsmaats geassosieer word. Alkoholmisbruik en 'n geneigdheid tot botsing met die gereg word ook beduidend aangedui as konatiewe eienskappe van die manlike verhoudingsmaats. Kognitief, ervaar die vroue probleme om besluite te neem, terwyl die manlike verhoudingsmaats geneig is tot die benutting van rasionalisering en ontkenning as verdedigingsmeganismes en 'n tendens aangetoon word dat hulle reageer op grond van wat reg *voel* in 'n situasie, eerder as op grond van die *feite* van 'n situasie. Voorts dui die deelnemers aan dat gewelddadige gedrag in hulle verhoudings aangewend word deur die man ter bevestiging en instandhouding van magsbasisse, -prosesse en -resultate.

Die deelnemers se gesinsisteme word aangedui as beskikkend oor 'n rigiede grens ten opsigte van die suprasisteem, terwyl die grense tussen die subsisteme van die egpaarsisteem hoofsaaklik neig na rigiditeit, alhoewel 'n betekenisvolle neiging tot vaagheid in dié grens ook gerapporteer word. Voorts blyk gewelddadige gedrag deur die manlike verhoudingsmaat 'n simptoom te wees wat meesal reeds voor die geboorte van die eerste kind of voor die einde van die eerste jaar nadat die betrokkenes begin saamwoon het of in die huwelik getree het, manifesteer. Nie alleen die vrou nie, maar ook die kinders in die gesin word aan fisiese geweldpleging deur die man blootgestel, terwyl die vroue aandui dat sowel eksternaliserende as internaliserende emosionele, fisiese en gedragsprobleme by die kinders waargeneem word. Geweldpleging word ook aangedui as 'n faktor wat by sowel die deelnemers as by hulle manlike verhoudingsmaats se gesinne-van-oorsprong teenwoordig was. 'n Beduidende getal deelnemers beskryf hulle eie verhoudings, maar ook dié van hulle manlike verhoudingsmaats ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong, as synde gekenmerk deur intrapsigiese isolasie.

Ten slotte dien vermeld te word dat die meeste deelnemers hulle manlike verhoudingsmaats al meer as een keer verlaat het na afloop van 'n gewelddadige insident. Die verlatings word hoofsaaklik toegeskryf aan die deelnemers se besef dat die situasie nie gaan verander nie, hulle definisie van sigself as synde slagoffers van geweld en aan die intensiteit van die geweldpleging. Na verlating van die man, is hoofsaaklik huisvesting verkry vanaf familielede. Faktore wat daartoe aanleiding gee dat aangebly word in die gewelddadige verhouding of teruggekeer word na die verhouding na verlating van die man, word aangedui as primêr gerig deur vrees vir die man en 'n eienskap van 'n geweldsiklus, naamlik dat die man telkens pleit vir vergifnis en belowe om die gedrag nie te herhaal nie. Rasionaliseringsmeganismes wat deur die vroue aangewend word om hulle voortgesette betrokkenheid in die gewelddadige verhouding te regverdig, word aangedui as ontkenning van besering, viktimisering en opsies en pogings om die man se heil te rig.

8.4.4 SOSIAAL-STRUKTURELE FAKTORE

In die vierde afdeling van die vraelys, is vrae gevra ten opsigte van die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem wat in hoofstuk vyf bespreek is. Klem is hoofsaaklik gelê op die bepaling van watter dienslewerende strukture en professies deur die deelnemers benut is om hulle situasie die hoof te bied en op deelnemers se belewenis van die dienslewering.

8.4.4.1 Benutting van dienslewerende strukture en professies

Sewentien (5%) van die deelnemers aan die studie het nog nooit dienslewering van dienslewerende strukture en professies benut nie. Data wat ingesamel is ten opsigte van watter dienslewerende strukture en professies deur die ander 312 deelnemers benut is, word vervolgens aangedui.

TABEL 31: BENUTTING VAN DIENSLEWERENDE STRUKTURE EN PROFESSIES

DIENSLEWERENDE STRUKTUUR / PROFESSIE	GETAL	PERSENTASIE
Maatskaplikewerkdienslewering.	209	67%
Dienslewering deur 'n skuiling .	12	4%
Die Suid-Afrikaanse Polisiediens.	202	65%
Die regstelsel.	142	46%
Geestelike werkers.	174	56%
Die Regsprofessie.	110	35%
'n Algemene mediese praktisyn.	219	70%
'n Psigiater.	77	25%
'n Sielkundige.	124	40%
'n Verpleegkundige.	108	35%
Ander: *Lifeline*	5	2%
Korrektiewe toesigbeampte	4	1%
Ginekoloog	3	1%
Tradisionele geneser	9	3%
Gehospitaliseer	8	3%

Vanuit die tabel blyk dat naas dienslewering deur 'n algemene mediese praktisyn, maatskaplikewerkdienslewering meesal deur die deelnemers benut is in 'n poging om hulle situasie die hoof te bied. Wanneer in berekening gebring word dat in tabel 17 (vgl. 8.4.2) aangedui is dat 88% van die deelnemers die dag na 'n gewelddadige insident nog pyn ervaar het en 82% al ledemate verstuit het weens die manlike verhoudingsmaat se gewelddadige gedrag, kan begryp word waarom dienslewering deur 'n algemene mediese praktisyn so dikwels deur die deelnemers benut word. Die intensiteit van die geweldpleging sou waarskynlik ook in verband gebring kan word daarmee dat 65% van die deelnemers al die hulp van die Suid-Afrikaanse Polisiediens ingeroep het om vir hulle te help om hulle situasie die hoof te bied. Interessant is dat ten spyte van die beskikbaarheid van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993), minder as die helfte van die deelnemers (46%) al van die regstelsel of dienslewering deur die regsprofessie (35%) gebruik gemaak het. Hierdie tendens sou waarskynlik verklaar kan word aan die hand van die bespreking in 6.2.4.1, waar aangedui is dat min pogings aangewend word om die gemeenskap op te voed ten opsigte van die bestaan van sodanige wetgewing en dat die meeste vroue en selfs sommige landdroste, nie bewus is van

die verkryging en uitreiking van 'n interdik as hanteringswyse vir die geweldpleging nie.

8.4.4.2 Belewenis van dienslewering

Deelnemers se belewenis van die dienslewering deur dienslewerende strukture en professies is bepaal deur middel van die benutting van 'n meerpuntige beoordelingskaal. Gewigte wat toegeken is aan elk van die responskategorieë, is soos volg:

0 = Positief / Ondersteunend

+1 = Neutraal / Onbetrokke

+2 = Negatief / Veroordelend

Ten einde die mate waartoe deelnemers positiewe of negatiewe belewenisse van dienslewering ervaar het te bepaal, is die punte in die beoordelingskaal (0, +1 en +2) benut as relatiewe waardes wat toegeken is aan elk van die frekwensies. Hierdie relatiewe waardes is bymekaargetel om die neiging tot die positiewe of negatiewe belewenisse te bepaal. Met die doel om 'n aanduiding te verkry van die rigting en die sterkte van die neiging om 'n bepaalde belewenis te ervaar, is die afwyking vanaf die mediaan van die frekwensiedistribusie telkens bepaal. (Vgl. Dane, 1990:269.) Aangesien die hoogste mate waartoe 'n belewenis ervaar sou kon word gelyk is aan die getal deelnemers wat sodanige belewenis ervaar het, vermenigvuldig met twee (want +2 is die hoogste relatiewe waarde wat geheg kan word aan 'n bepaalde respons) is die mediaan (N/2) van elk van die frekwensiedistribusies telkens gelyk aan die totale getal response wat vanaf die deelnemers verkry is. In die geval van maatskaplikewerkdienslewering het 120 deelnemers byvoorbeeld aangedui dat hulle nie van sodanige diens gebruik gemaak het nie, terwyl 'n totaal van 209 deelnemers dus wel van sodanige diens gebruik gemaak het. Die frekwensiedistribusie strek dus vanaf nul tot 418, want 209 deelnemers vermenigvuldig met positief twee wat die hoogste relatiewe waarde is wat aan die response toegeken kon word, is gelyk aan 418. Om die mediaan van 'n frekwensiedistribusie van nul tot 418 te bepaal, behels dus dat 418 deur twee gedeel word, wat gelyk is aan 209. Om hierdie rede is die mate waartoe die neiging wat in die voorlaaste kolom van tabel 32 aangedui word ten opsigte van die mediaan van die frekwensiedistribusie telkens bepaal om die rigting (positief of negatief) en sterkte van die neiging waartoe 'n bepaalde belewenis ervaar is, te bepaal. Aangesien betekenisgewing hier plaasvind ten opsigte van die mate waartoe 'n bepaalde dienslewerende struktuur of professie negatief beleef is deur die deelnemers, dui 'n positiewe neiging op die teenwoordigheid van 'n negatiewe belewenis, terwyl 'n negatiewe neiging dui op die afwesigheid van 'n neiging tot negatiewe belewenisse.

TABEL 32: BELEWENIS VAN DIENSLEWERING

DIENSLEWERENDE STRUKTUUR / PROFESSIE	NVT	POSITIEF / ONDERSTEUNEND		NEUTRAAL / ONBETROKKE		NEGATIEF / VEROORDELEND		NEIGING (Som van die relatiewe waardes van X, Y en Z)	RIGTING EN STERKTE VAN DIE NEIGING (Neiging min mediaan)
	Getal	Getal {X}	Relatiewe waarde {X x 0}	Getal {Y}	Relatiewe waarde: {Y x (1)}	Getal {Z}	Relatiewe waarde {Z x (2)}		
Maatskaplikewerkdienslewering.	120	131	0	33	33	45	90	123	123 - 209 = -86
'n Skuiling.	317	12	0	0	0	0	0	0	0 - 12 = - 12
Die Suid-Afrikaanse Polisiediens.	127	32	0	77	77	93	186	263	263 - 202 = +61
Die Regstelsel.	187	16	0	25	25	101	202	227	227 - 142 = +85
Geestelike werkers.	155	27	0	12	12	135	270	282	282 - 174 = +108
Die Regsprofessie.	219	16	0	25	25	69	138	163	163 - 110 = +53
'n Algemene mediese praktisyn.	110	151	0	16	16	52	104	120	120 - 219 = -99
'n Psigiater.	252	68	0	1	1	8	16	17	17 - 77 = -60
'n Sielkundige.	205	104	0	8	8	12	24	32	32 - 124 = -92
'n Verpleegkundige.	221	88	0	12	12	8	16	28	28 - 108 = -80
Ander: Lifeline	324	0	0	5	5	0	0	5	5 - 5 = 0
Korrektiewe toesigbeampte	325	1	0	1	1	2	4	5	5 - 4 = +1
Ginekoloog	326	2	0	0	0	1	2	2	2 - 3 = -1
Tradisionele heler	320	9	0	0	0	0	0	0	0 - 9 = -9
Gehospitaliseer	321	2	0	6	6	0	0	6	6 - 8 = -2

Vanuit tabel 32 word afgelei dat die meeste deelnemers wat van maatskaplikewerk-dienslewering, dienslewering deur skuilings, algemene mediese praktisyns, sielkundiges, psigiaters en verpleegkundiges gebruik gemaak het, hierdie dienslewering as positief en ondersteunend ervaar het. Die enkele deelnemers wat wel van die dienste van 'n ginekoloog, tradisionele heler of van hospitalisasie gebruik gemaak het, het ook dié dienslewering positief beleef. Hierteenoor toon die deelnemers 'n neiging om hulle belewenisse van dienslewering deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die regstelsel en regsprofessie en dié van geestelike werkers as negatief aan te dui. Die vier deelnemers wat van die dienslewering deur 'n korrektiewe toesigbeampte gebruik gemaak het, het dié dienslewering ook nie positief ervaar nie. Hierdie resultate ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, is in ooreenstemming met die bespreking in 6.2.5 waar daarna verwys is dat sommige polisiebeamptes 'n persepsie huldig dat geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings nie 'n ernstige misdaad is nie en dat tyd en mensekrag nie op arrestasies en die afneem van verklarings in hierdie verband, vermors moet word nie. Ook die resultate ten opsigte van die regstelsel en die regsprofessie is in ooreenstemming met die bespreking in 6.2.4 waar onder andere aangedui is dat sowel staatsaanklaers as regters beïnvloed word deur die tradisioneel-ongelyke magsverspreiding tussen man en vrou en deur geslagstereotipes, met die resultaat dat gewelddadige mans selde aangekla word vir hulle gedrag en dat regters neig om nie toepaslike strawwe aan diegene op te lê nie. Deelnemers se neiging tot die rapportering van negatiewe ervarings van geestelike werkers sou moontlik toegeskryf kan word aan die bespreking wat in 7.1 gevoer is, naamlik dat geestelike werkers geneig is om vroulike slagoffers van geweld aan te moedig om hulle mans te vergewe, hom nie te verlaat nie en sigself te onderwerp aan die man se outoriteit. Moontlik sou die negatiewe belewenis van die enkele deelnemers wat om hulp by korrektiewe toesigbeamptes gevra het, daaraan toegeskryf kan word dat korrektiewe toesigbeamptes nie professionele diensleweraars is nie en dat die betrokkenes dus nie opgelei en / of bevoeg is om dienste te lewer aan vroulike slagoffers van geweld nie.

Deelnemers se geneigdheid om die dienslewering deur maatskaplike werkers, psigiaters, sielkundiges en verpleegkundiges positief te beleef, sou waarskynlik daaraan toegeskryf kan word dat dié persone almal professies beoefen waar dienslewering gebaseer is op professionele opleiding, registrasie by 'n beroepsraad verpligtend is en waar die betrokkenes se optrede gerig word deur toepaslike etiese kodes waarin minimum-standaarde voorgeskryf word.

8.4.5 SOSIO-KULTURELE FAKTORE

In die vyfde afdeling van die vraelys, is vrae gevra ten opsigte van die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem soos uiteengesit in hoofstuk sewe. Die fokus is geplaas op twee faktore, te wete samelewingshoudings en -persepsies ten opsigte van manlike en vroulike geslagsrolle en op deelnemers se belewenisse van betekenisvolle persone se reaksies nadat geweldpleging in hulle verhoudings aan diegene bekend geword het.

8.4.5.1 Samelewingshoudings en -persepsies

Deelnemers is versoek om 'n aanduiding te gee van die samelewingshoudings en -persepsies wat in hulle unieke situasies vermeende bydraes lewer tot die totstandkoming en instandhouding van die geweldpleging in hulle verhoudings. Die resultate verkry ten opsigte van hierdie vraag, word vervolgens aangedui.

TABEL 33: BELEWENIS VAN SAMELEWINGSHOUDINGS EN - PERSEPSIES

HOUDING / PERSEPSIE	GETAL	PERSENTASIE
Mans is meerderwaardig ten opsigte van vroue, omdat mans van nature meer onafhanklik, denkend en aggressief as vroue is.	226	69%
Gewelddadigheid word algemeen aanvaar as 'n eienskap van manlikheid en selfs verwag van mans.	223	68%
'n Vrou se rolle en take in die gesin word deur die man bepaal.	155	47%
'n Vrou se posisie in die samelewing word bepaal deur haar man se posisie. Sonder hom, het sy nie 'n posisie in die samelewing nie.	84	26%
Weens mans se meerderwaardigheid ten opsigte van vroue, behoort vroue minder betaal te word in die arbeidsmark en minder geleenthede te hê op bevordering.	49	15%
'n Vrou se plek is in die huis saam met haar kinders. Om haar man gelukkig te hou en om die kinders te versorg is haar hooftake. Sy behoort nie 'n beroep te beoefen nie.	157	48%
Kinders behoort in die teenwoordigheid van twee ouers groot te word. Selfs al word die ouers se verhouding gekenmerk deur gewelddadige optrede, is so 'n situasie steeds beter as om nie beide ouers te hê nie.	108	33%
Die kerk en / of kultuur moedig vroue aan om hulle mans te ondersteun, onderdanig aan hom te wees en om hom te vergewe vir sy gewelddadige gedrag.	221	67%
'n Man se rolle in die gesin is dié van vader, broodwinner, voorsiener, gesinshoof, handhawer van dissipline en beskermer en vroue behoort geensins hierdie rolle te bedreig nie.	171	52%
Vroue en kinders is die eiendom van mans en daarom het 'n man die reg om oor sy vrou en kinders te heers. Hierdie heerskappy impliseer soms ook dat hy, indien nodig, hulle 'n pakslae mag gee om hulle gedrag te rig.	192	58%

Sosiaal-kulturele faktore wat deur die meeste deelnemers aangedui word as bydraend tot hulle unieke situasies, is dus die persepsie van vermeende meerderwaardigheid van mans ten opsigte van vroue, die algemene aanvaarding en selfs die verwagting van gewelddadige gedrag as 'n eienskap van mans, aanmoediging deur die kerk en / of kultuur dat vroue hulle mans behoort te ondersteun, onderdanig aan hom moet wees en hom behoort te vergewe vir sy gewelddadige gedrag en die persepsie dat vroue en kinders mans se eiendom is waaroor geheers mag word, onder andere deur die benutting van fisiese geweld. Die aanduiding deur 67% van die deelnemers dat die kerk en / of kultuur vroue aanmoedig om hulle mans te ondersteun, onderdanig aan hom te wees en om hom te vergewe vir sy gewelddadige gedrag, dien moontlik as bevestiging van die vermoede wat in 8.4.4.2 uitgespreek is dat hierdie houding waarskynlik bydraend tot die negatiewe belewenis van dienslewering deur geestelike werkers is.

8.4.5.2 Betekenisvolle persone se reaksies op die bekendwording van gewelddadige gedrag in die verhouding

Net soos in die geval van 8.4.4.2 is deelnemers se belewenis van betekenisvolle persone se reaksies op die bekendwording van gewelddadige gedrag in hulle verhoudings, bepaal deur middel van die benutting van 'n meerpuntige beoordelingskaal. Gewigte wat toegeken is aan elk van die responskategorieë, is soos volg:

0 = Positief / Ondersteunend

+1 = Neutraal / Onbetrokke

+2 = Negatief / Veroordelend

Ten einde die mate te bepaal waartoe deelnemers positiewe of negatiewe belewenisse ervaar het ten opsigte van betekenisvolle persone se reaksies, is die punte in die beoordelingskaal (0, +1 en +2) benut as relatiewe waardes wat toegeken is aan elk van die frekwensies. Hierdie relatiewe waardes is bymekaargetel om die neiging tot die positiewe of negatiewe belewenisse te bepaal. Met die doel om 'n aanduiding te verkry van die rigting en die sterkte van die neiging om 'n bepaalde belewenis te ervaar, is die afwyking vanaf die mediaan van die frekwensiedistribusie telkens bepaal (Dane, 1990:269).

Aangesien die hoogste mate waartoe 'n belewenis ervaar sou kon word gelyk is aan die getal deelnemers wat sodanige belewenis ervaar het, vermenigvuldig met twee (want +2 is die hoogste relatiewe waarde wat geheg kan word aan 'n bepaalde respons) is die mediaan (N/2) van elk van die frekwensiedistribusies telkens gelyk aan die totale getal response wat vanaf die deelnemers verkry is. In die geval van vriende het 13 deelnemers byvoorbeeld aangedui dat hulle vriende nie bewus is van hulle situasie nie, terwyl 'n totaal van 316 deelnemers dus wel hulle situasie aan vriende bekend gemaak het. Die frekwensiedistribusie strek dus vanaf nul tot 632, want 316 deelnemers vermenigvuldig met positief twee wat die hoogste relatiewe waarde is wat aan die response toegeken sou kon word, is gelyk aan 632.

Om die mediaan van 'n frekwensiedistribusie van nul tot 632 te bepaal, behels dus dat 632 deur twee gedeel word, wat gelyk is aan 316. Om hierdie rede is die mate waartoe die neiging wat in die voorlaaste kolom van tabel 34 aangedui word ten opsigte van die mediaan van die frekwensiedistribusie telkens bepaal om die rigting en sterkte van die neiging waartoe 'n bepaalde belewenis ervaar is, te bepaal. Aangesien betekenisgewing hier plaasvind ten opsigte van die mate waartoe betekenisvolle persone se reaksies op die bekendwording van die gewelddadige aard van die verhouding negatief beleef is deur die deelnemers, dui 'n positiewe neiging op die teenwoordigheid van 'n negatiewe belewenis, terwyl 'n negatiewe neiging dui op die afwesigheid van 'n neiging tot negatiewe belewenisse.

TABEL 34: BELEWENIS VAN BETEKENISVOLLE PERSONE SE REAKSIES

BETROKKENES	**NVT**	**POSITIEF / ONDERSTEUNEND**		**NEUTRAAL / ONBETROKKE**		**NEGATIEF / VEROORDELEND**		**NEIGING** (Som van die relatiewe waardes van X,Y en Z)	**RIGTING EN STERKTE VAN DIE NEIGING** (Neiging min mediaan)
	Getal	Getal {X}	Relatiewe waarde {X x 0}	Getal {Y}	Relatiewe waarde {Y x 1}	Getal {Z}	Relatiewe waarde {Z x 2}		
Vriende.	13	204	0	68	68	44	88	156	156 - 316 = -160
Familielede.	12	237	0	31	31	49	98	129	129 - 317 = -188
Kollegas.	105	104	0	72	72	48	96	168	168 - 224 = -56

Vanuit die tabel blyk dit dat die deelnemers hulle vriende, familie en kollegas se reaksie ten opsigte van die bekendwording van die gewelddadigheid in hulle verhoudings, positief ervaar. Interessant is dat die belewenisse ten opsigte van familielede en vriende mees positief ervaar is, terwyl hierdie twee kategorieë van persone ook in 8.4.3.9 aangedui is as persone waarby alternatiewe huisvesting verkry is tydens geleenthede wat die manlike verhoudingsmaat verlaat is na afloop van 'n gewelddadige insident.

In hierdie afdeling is die resultate wat verkry is vanuit die ingevulde vraelyste weergegee en geïnterpreteer. Die vernaamste afleidings wat vanuit die verkreë data gemaak kan word, sluit in dat;

- deelnemers hoofsaaklik afkomstig is uit die laer sosio-ekonomiese groepering in die samelewing (vgl. 8.4.1.7 en 8.4.1.8),
- hulle hoër opvoedingsvlak as dié van die manlike verhoudingsmaat en betrokkenheid in die arbeidsmark (vgl. 8.4.1.6) korreleer met 'n hoër frekwensie en intensiteit van geweldpleging (vgl. 8.4.3.4),
- nie net die vroue nie, maar ook kinders wat in die gesinsisteme teenwoordig is slagoffers is van die man se fisiese geweldpleging (vgl. 8.4.3.4),
- emosionele reaktiwiteit 'n betekenisvolle faktor is wat by sowel die vroulike slagoffers (vgl. 8.4.3.5) as die manlike geweldenaars (vgl. 8.4.3.1 en 8.4.3.6) teenwoordig is,
- geweldpleging in die gesinsisteem waarskynlik onder andere die funksie het dat dit 'n rigiede ekwilibrium in stand hou deur die bevestiging en instandhouding van die man se magsbasisse, -prosesse en -resultate (vgl. 8.4.3.2),
- die grens tussen die geweldgekenmerkde gesinsisteem en die suprasisteem neig na rigiditeit, terwyl die grens tussen die subsisteme van die egpaarsisteem neig na rigiditeit of vaagheid (vgl. 8.4.3.3),
- probleme met die uitvoering van gesinsontwikkelingstake waarskynlik reeds vroeg nadat begin saamwoon is of in die huwelik getree is (vgl. 8.4.3.5), ervaar word,
- residivisme ten opsigte van gewelddadige gedrag vanuit in die gesinne-van-oorsprong plaasvind (vgl. 8.4.3.6),
- intrapsigiese isolasie ten opsigte van die vroulike slagoffer en die manlike geweldenaar se gesinne-van-oorsprong teenwoordig is (vgl. 8.4.3.7),

- ♣ die gesinsprojeksieproses waarskynlik daartoe aanleiding gee dat deelnemers 'n hoë voorkoms van sowel internaliserende as eksternaliserende emosionele, fisiese en gedragsprobleme by kinders identifiseer (vgl. 8.4.3.8),
- ♣ faktore wat daartoe aanleiding gee dat die manlike verhoudingsmaat na afloop van 'n gewelddadige insident verlaat word, hoofsaaklik die besef is dat die situasie nie sal verander nie en dat die intensiteit van geweldpleging en definiëring van sigself as 'n slagoffer van geweld, tot die besluit om die man te verlaat bydra (vgl. 8.4.3.9),
- ♣ verlating van die gewelddadige man 'n sikliese proses is wat gekenmerk word deur 'n aantal verlatings en terugkerings na die verhouding, alvorens die man finaal verlaat word (vgl. 8.4.3.9),
- ♣ vrees vir die manlike verhoudingsmaat, finansiële oorwegings en die benutting van rasionaliseringsmeganismes daartoe bydra dat vroue in geweldgekenmerkde saamwoon- en huweliksverhoudings aanbly en daarheen terugkeer nadat die man verlaat is (vgl. 8.4.3.10),
- ♣ dienslewering deur algemene mediese praktisyns en maatskaplike werkers die primêre professies is waar om hulp aangeklop word deur vroulike slagoffers van geweld (vgl. 8.4.4.1),
- ♣ daar 'n neiging is om dienslewering deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die regstelsel en regsprofessie en deur geestelike werkers as negatief en veroordelend te ervaar (vgl. 8.4.4.2), waarskynlik weens die manifestering van samelewingshoudings en -persepsies ten opsigte van die rol van vroue in die samelewing, gesin en kerk, maar moontlik ook weens die vermeende meerderwaardigheid van mans ten opsigte van vroue en die beskouing dat vroue en kinders die eiendom van mans is waaroor geheers behoort te word en dat
- ♣ ten spyte van die teenwoordigheid van stereotipiese samelewingshoudings en -persepsies soos dat die man die reg het om oor sy vrou en kinders te heers (vgl. 8.4.5.1), familie, vriende en kollegas se reaksies op die bekendwording van die gewelddadige aard van die saamwoon- of huweliksverhouding, ondersteunend beleef word deur vroulike slagoffers van geweld (vgl. 8.4.5.2).

8.5 KWALITATIEWE ONDERHOUDVOERING

Kwalitatiewe onderhoudvoering deur middel van die benutting van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule, is tydens die empiriese ondersoek benut ter aanvulling van die gegewens wat vanuit die ingevulde vraelyste verkry is. (Sien Bylae H: Onderhoudskedule.) In hierdie afdeling word die wyse waarop deelnemers vir die doeleindes van kwalitatiewe onderhoudvoering geselekteer is, die konteks van data-insameling en die metode van data-analise beskryf, waarna die temas wat vanuit die onderhoude geïdentifiseer is, aangebied word.

8.5.1 SELEKSIE VAN DEELNEMERS VIR DIE DOELEINDES VAN KWALITATIEWE ONDERHOUDVOERING

Die laaste vraag in die vraelys, was daarop gemik om vroulike slagoffers van geweld wat bereid sou wees om ook 'n kwalitatiewe onderhoud met die navorser te voer ten einde die inligting wat in die vraelys voorsien is verder toe te lig, te identifiseer. Van die 332 vraelyste wat terugontvang is, is in 229 gevalle aangedui dat die betrokkenes bereidwillig sou wees tot sodanige onderhoudvoering, terwyl 103 deelnemers aangedui het dat hulle sou verkies om nie verder betrokke te wees nie. Die hoë mate van bereidwilligheid tot onderhoudvoering (69%) sou waarskynlik geïnterpreteer kon word as nie net 'n gewilligheid nie, maar ook 'n behoefte by die deelnemers om hulle situasie met iemand te bespreek.

Vanuit die vraelyste waarin aangedui is dat die betrokkenes bereid is om hulle situasie met die navorser te bespreek, is aanvanklik al die vraelyste van persone wat in en om Bloemfontein woonagtig is (geografies die naaste aan die navorser) geselekteer. Hierdie seleksie het 'n totaal van 17 potensiële deelnemers ingesluit. Vanuit hierdie 17 deelnemers, is 10 name ewekansig geselekteer as potensiële deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering. Hierdie ewekansige seleksie is in ooreenstemming met die riglyne van Mutchnick en Berg (1996:74) gedoen deur die vanne van die 17 deelnemers alfabeties te lys en 'n nommer aan elkeen toe te ken. Nege deelnemers aan wie onewe nommers toegeken is (1, 3, 5, 7 ensovoorts) se name is aanvanklik geselekteer en nommers van een tot nege is aan elk van hierdie name toegeken, waarna 'n soortgelyke seleksieproses ten opsigte van die oorblywende agt vanne gedoen is, totdat al aan al 17 van dié potensiële deelnemers, 'n ewekansig geselekteerde nommer toegeken is. Alhoewel aanvanklik net uitnodigings tot deelname aan die kwalitatiewe onderhoude gerig is aan die eerste tien name op die ewekansig-geselekteerde naamlys, is sodoende daarvoor

voorsiening gemaak dat ook in gevalle waar deelnemers moontlik nie meer bereid sou wees om 'n onderhoud toe te staan nie, die eersvolgende persoon op die ewekansig-geselekteerde lys genader kan word.

Na hierdie seleksie is in ooreenstemming met die taal van die vraelyste wat deur dié tien deelnemers ingevul is, aan elkeen 'n skrywe gerig waarin hulle versoek is om indien hulle steeds bereid sou wees tot onderhoudvoering, telefonies of skriftelik met die navorser kontak te maak. (Sien Bylae I: Uitnodigingsbrief aan deelnemers tot deelname aan kwalitatiewe onderhoudvoering: Afrikaans en Bylae J: Uitnodigingsbrief aan deelnemers tot deelname aan kwalitatiewe onderhoudvoering: Engels.) Hierdie uitnodigingsbriewe is op 27 November 1998 aan die deelnemers gepos. Nege deelnemers het binne twee weke na ontvangs van die briewe telefonies op die uitnodiging gereageer, terwyl geen reaksie van die tiende deelnemer ontvang is nie. Vanuit die ewekansig-saamgestelde deelnemerlys, is gevolglik op 18 Desember 1998 aan die elfde deelnemer 'n skrywe gerig waarin die betrokkene uitgenooi is tot deelname. 'n Positiewe telefoniese reaksie is vanaf hierdie persoon ontvang, wat daartoe aanleiding gegee het dat 10 deelnemers sodoende by die kwalitatiewe onderhoudvoering betrek is. Die kwalitatiewe onderhoude is gevoer gedurende die tydperk 4 Januarie 1999 tot 15 Januarie 1999.

8.5.2 KONTEKS VAN DATA-INSAMELING

Die kwalitatiewe onderhoude is met deelnemers gevoer op datums en tye wat vir hulle geleë was en deelnemers is ook die geleentheid gegee om self die plek waar die onderhoude gevoer kon word, te selekteer. Vier van die deelnemers het aangedui dat hulle die onderhoude in hulle eie wonings wou voer, terwyl vier onderhoude in die navorser se kantoor en twee onderhoude by deelnemers se werkplekke gevoer is. Die ses deelnemers wat verkies het om die onderhoude in die navorser se kantoor of hulle eie werkplekke te voer, het aan die navorsing deelgeneem sonder die medewete van hulle verhoudingsmaats en / of kinders en was van mening dat die gekose plekke waar die onderhoude gevoer is, sal bydra tot die geheimhouding. Vanweë die feit dat die meerderheid van die onderhoude nie by die deelnemers se tuistes gevoer is nie, kon eerstehandse inligting , soos gesuggereer deur Halmi (1996:373), nie van elke betrokkene se fisiese opset en van die persoon in haar konteks, bekom word nie. Die onderhoudsituasie alleen moes dus in hierdie gevalle optimaal benut word om begrip te bewerkstellig ten opsigte van die wyses waarop die betrokkenes hulle wêreld beleef en betekenis daaraan gee. Onderhoude wat by die navorser se eie kantoor of by die werkplekke van deelnemers gevoer is, het egter die

voordeel ingehou dat 'n steuringsvrye konteks daargestel is waarbinne die deelnemers oor hulle situasies kon eksploreer.

Met die doel om deelnemers op hulle gemak te stel en sodoende 'n konteks te skep waarbinne eksplorering, interaksie en begripvorming kan plaasvind (Royce, 1991:222, Fontana en Frey, 1994:367 en Kvale, 1996:128), is al die onderhoude begin met doelbewuste pogings deur die navorser om rapport met die deelnemers te bereik deur hulle betrokke te kry by die onderhoudvoeringsproses, sodat met gemak oor persoonlik-relevante aspekte geëksploreer kon word. Minstens die eerste vyftien minute van elk van die onderhoude is gevolglik daaraan bestee om die elemente wat Carkhuff en Anthony (1979:31-47) in hulle hulpverleningsmodel suggereer vir die daarstel van 'n terapeutiese atmosfeer, toe te pas. Onder andere is doelbewuste pogings aangewend om met aandag te luister na wat deelnemers spontaan met die navorser gedeel het, die toon van begrip en respek ten opsigte van dit wat gedeel is. Tydens hierdie fase van die onderhoud is deelnemers ook georiënteer ten opsigte van die navorser se verwagtinge, waarom die inligting benodig word en hoedat met die inligting wat weergegee word, omgegaan sal word. Aan deelnemers is ook die geleentheid gebied om self vrae te stel en onsekerhede wat hulle mag ervaar het, uit die weg te ruim.

Sodra bevredigende rapport bereik is, is deelnemers se toestemming gevra om die onderhoude deur middel van oudiobande op te neem. Die benutting van oudiobande is aan deelnemers verduidelik, naamlik dat die onderhoude sodoende meer vlot kan verloop, sonder die onderbreking of vertraging van aantekeninge maak en dat die oudiobande tydens die analise van data kan verseker dat die presiese bewoording van die deelnemer beskikbaar is, sodat nie slegs op enkele woorde soos deur die ondervraer neergeskryf, staatgemaak hoef te word nie. (Vgl. ook Meyer, 1995:287 vir 'n bespreking oor die voordele verbonde aan die benutting van oudiobandopnames tydens kwalitatiewe onderhoudvoering.) Al die deelnemers het toestemming verleen dat sodanige oudiobande gemaak mag word. Die oudiobandopnames is begin sodra toestemming daartoe vanaf die deelnemers verkry is.

Nadat 'n geneagram van minstens drie gesinsgenerasies in samewerking met deelnemers opgestel is en sosiodemografiese inligting verkry is, is 'n vraag gevra oor hoedat hulle die teenwoordigheid van die navorser en die onderhoudsituasie ervaar. Geen van die deelnemers het teenkanting ten opsigte van die situasie geverbaliseer nie, waarskynlik omdat hulle vrywillig deelgeneem het aan die onderhoudsituasie en omdat hulle self die tyd en plek vir die ontmoeting

kon bepaal. Deelnemers se beskrywings het onder andere woorde soos *"nuuskierig"*, *"opgewonde"* of *"doodreg"* ingesluit, terwyl frases soos *" ... ek hoop ek kan iemand hierdeur help ..."*, *" ... ek stel baie belang ..."* en *"... ek hoop ek kan 'n verskil maak ..."* ook benut is om hulle belewenis van die onderhoudsituasie te beskryf.

Die onderhoude het gemiddeld ongeveer 120 minute elk geduur, terwyl die kortste onderhoud 68 minute en die langste 170 minute geduur het. Vanweë die emosionele reaksies wat die onderhoude oor die deelnemers se situasies ontlont het, was die navorser genoodsaak om by drie van die deelnemers tydens die onderhoud terapeuties toe te tree. Hierdie toetrede is genoodsaak aangesien die intensiteit van die emosies wat ontlont is, na die navorser se vakkundige mening, van so 'n aard was dat dié aspekte eers hanteer moes word alvorens die onderhoude beëindig kon word. In ooreenstemming met die etiese riglyne vir kwalitatiewe onderhoudvoering wat Punch (1986:47) en Kvale (1996:116-117) daarstel, is telefoonnommers waar die navorser gekontak kon word na afloop van die onderhoude aan die deelnemers gegee, ten einde te verseker dat ondersteuning en die moontlikheid van toepaslike verwysings tot hulle beskikking is nadat aan die navorsingsproses deelgeneem is. Een van die bogenoemde deelnemers het sowat 'n week na die onderhoud die navorser gekontak, waarna 'n opvolgonderhoud met haar gevoer is.

8.6 METODE VAN DATA-ANALISE

Data wat ingesamel is deur middel van die kwalitatiewe onderhoude is verwerk na aanleiding van die deurlopend-vergelykende metode (*"constant comparative method"*) soos voorgestel deur Maykut en Morehouse (1994:126-149). In ooreenstemming met die sirkulêre kousaliteitsperspektief wat in hierdie studie gehandhaaf word, word hierdie metode van kwalitatiewe data-analise benut juis weens die klem daarvan op die *"... comparison of all units of meaning obtained"* (Maykut en Morehouse, 1994:134); dus, 'n sirkulêre proses wat klem lê op die wedersydse verbande en beïnvloeding van verskillende faktore op mekaar. Die vier fases van die deurlopend-vergelykende metode van data-analise wat deur Maykut en Morehouse (1994:135) gesuggereer word en wat benut is, word vervolgens skematies voorgestel, waarna 'n verduidelikende bespreking ten opsigte van elk van die fases en hoedat dit vir die doeleindes van hierdie navorsingsproses geïmplementeer is, aangebied word.

FIGUUR 30: FASES IN DIE DEURLOPEND-VERGELYKENDE METODE VAN DATA-ANALISE



Bron: Maykut en Morehouse, 1994:135.

8.6.1 INDUKTIEWE KODERING

Vir die doeleindes van induktiewe kodering, suggereer Maykut en Morehouse (1994:134-139) dat die navorser breë, opvallende ontledingskategorieë vanuit die ru-data wat tydens die kwalitatiewe navorsingsproses verkry is, identifiseer. Temas wat by herhaling tydens die kwalitatiewe onderhoude voorgekom het, behoort dus geïdentifiseer en neergeskryf te word.

Anders as wat gesuggereer word in Strauss en Corbin (1990:50-53), Royce (1991:221) en Hydén (1994:95-99), is die kwalitatiewe navorsingsproses in hierdie studie voorafgegaan deur 'n omvattende literatuurstudie waartydens nie alleen geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as verskynsel ondersoek is nie, maar waarin dié bespreking aangebied is deur die benutting van 'n spesifieke konseptuele raamwerk. Weens die klem op die ekologiese benadering wat as konseptuele raamwerk van hierdie studie benut word, die omvattende literatuurstudie wat onderneem is voor die empiriese ondersoek, die feit dat vraelysimplementering en verwerking van die verkreë data plaasgevind het voor kwalitatiewe onderhoudvoering en vanweë die semi-gestruktureerdheid van die onderhoudskedule wat vir kwalitatiewe onderhoudvoering benut is, is die breë ontledingskategorieë waarna Maykut en Morehouse (1994:134-139) verwys, reeds voor die aanvang van die onderhoude deur die navorser bepaal en in die onderhoudskedule ingesluit. Induktiewe kodering binne die konteks

van hierdie studie, bring dus aan die lig dat sosio-demografiese inligting, die aard van die geweldpleging waaraan die deelnemers blootgestel is, individuele en gesinsfaktore, sosiaal-strukturele en sosio-kulturele faktore, addisionele inligting en belewenis van die onderhoudsituasie, dien as die mees opvallende ontledingskategorieë. Hierdie ontledingskategorieë word dan ook in die bespreking van die temas wat vanuit die kwalitatiewe onderhoude voortgevloei het, as opskrifte 8.7.1 tot 8.7.7 aangebied.

8.6.2 VERFYNING VAN ONTLEDINGSKATEGORIEë

Nadat die mees opvallende ontledingskategorieë geïdentifiseer is, moet betekenisgewing ten opsigte van elk van die kategorieë plaasvind. Aspekte wat dus in- en uitgesluit word ten opsigte van elk van die ontledingskategorieë behoort geïdentifiseer en gegroepeer te word, totdat alle relevante data gegroepeer is in terme van 'n aantal ontledingskategorieë (Maykut en Morehouse, 1994:139-143).

Ook die verfyning van ontledingskategorieë vir die doeleindes van hierdie studie, is deels bepaal deur die konseptuele raamwerk, inhoud van die literatuurstudie en resultate van die vraelysondersoek, wat uiteraard 'n invloed uitgeoefen het op die inhoud van die onderhoudskedule. So byvoorbeeld het die literatuurstudie en empiriese ondersoek aan die lig gebring dat 'n ontleding van individuele en gesinsfaktore ('n ontledingskategorie) onder andere elemente soos persoonlikheidseienskappe van sowel die man as vrou in die gewelddadige verhouding behoort in te sluit (vgl. 4.2 en 8.4.3.1), dat gesinsfunksionering beïnvloed word deur byvoorbeeld die aard van die gesinsistemiese grense (vgl. 5.1.3.2 en 8.4.3.3) en die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie (vgl. 5.2.1, 8.4.3.5 en 8.4.3.6) en dat intense emosionele afsnyding ten opsigte van die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, kan aanleiding gee tot 'n vergrote weergawe van probleme in die gesin-van-oorsprong, in sy / haar eie huwelik (vgl. 5.2.7 en 8.4.3.7). Die verfynde ontledingskategorieë word in die bespreking van die resultate van die kwalitatiewe onderhoude, as die subhofies van hofies 8.7.1 tot 8.7.6 aangebied.

8.6.3 VERKENNING VAN VERHOUDINGSPATRONE TUSSEN DIE VERSKILLENDE ONTLEDINGSKATEGORIEë

Nadat induktiewe kodering plaasgevind het en die koderingskategorieë verfyn is, behoort die navorser oor te gaan tot die verkenning van verhoudingspatrone tussen die verskillende

ontledingskategorieë (Maykut en Morehouse, 1994:143-145), ten einde 'n aanduiding te verkry van die wedersydse verbande en beïnvloeding van verskillende faktore op mekaar. Binne die konseptuele raamwerk van hierdie studie, sluit sodanige verkenning dus 'n analise in van die wedersydse beïnvloedingsprosesse wat plaasvind tussen die verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem wat benut word vir die verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, vanuit 'n ekologiese perspektief.

Die proses van verkenning van verhoudingspatrone eindig egter nie nadat die navorser daaraan betekenis gegee het nie, maar word opgevolg deur met hierdie betekenisgewing terug te keer na die deelnemers en die geloofwaardigheid en vertroubaarheid daarvan, al dan nie, met die deelnemers te bespreek en hulle voortgesette insette in hierdie verband te verkry (Anastas en MacDonald, 1994:420, Maykut en Morehouse, 1994:144 en Klopper, 1995:25-27). In hulle bespreking oor hierdie terugkering na die deelnemers, verwys Strauss en Corbin (1990:188) na die navorser se gesprekke met deelnemers as 'n poging om *"theoretical saturation"* te bereik, terwyl Maykut en Morehouse (1994:144) die doel beskryf as synde *"... reaching 'redundancy' in the data"*. 'n Eie interpretasie is dat deelnemers deur hierdie voortgesette deelname aan die analise en betekenisgewing aan die data, waarlik *deelnemers* (eerder as bloot *respondente*) aan die navorsingsproses word en dat die navorser en deelnemers sodoende as't ware gesamentlik betrokke is by 'n proses van *werklikheidskepping* deur die optimale benutting van die beskikbare gegewens.

Vir die doeleindes van hierdie studie, is deelnemers na afloop van die navorser se aanvanklike verkenning van verhoudingspatrone tussen die verskillende ontledingskategorieë, deur die navorser genader vir 'n bespreking van dié betekenisgewing. In ses gevalle is hierdie besprekings telefonies gedoen, aangesien die betrokkenes nie hulle weg oopgesien het om weer persoonlike kontak met die navorser te hê nie, hoofsaaklik weens logistieke probleme en die feit dat hulle hulle deelname aan die navorsingsproses vir hulle verhoudingsmaats en / of kinders geheim gehou het. Met drie deelnemers is persoonlik gekonsulteer op tye en plekke van hulle eie keuse, terwyl een deelnemer sedert die aanvanklike onderhoud, verhuis het en nie opgespoor kon word vir verdere gesprekvoering nie. Die telefoniese besprekings het gemiddeld sowat 15 minute geduur, terwyl die persoonlike gesprekke elk gemiddeld sowat 45 minute geduur het. 'n Eie belewenis tydens hierdie opvolggesprekke, was dat die deelnemers minder betrokke en meer passief en emosioneel-geslote was, as tydens die aanvanklike onderhoude. Aangesien die deelnemers geensins aggressie of teenkanting teenoor die navorser getoon het nie, is hierdie

passiwiteit geïnterpreteer as waarskynlik die resultaat van die vreemdheid van die situasie en die emosionele aard van die navorsingstema. Moontlik het die onpersoonlike aard van die telefoniese gesprekke wat gevoer is, ook tot hierdie belewenis van die navorser aanleiding gegee. Alhoewel oorweging geskenk is aan die menings van Maykut en Morehouse (1994: 59-60), Kvale (1996:72-74) en Miller en Glassner (1997:105) dat die geslag van die navorser noodwendig 'n invloed uitoefen op die subjektiewe kennis wat nodig is om deelnemers se lewenservarings te verstaan en betekenis daaraan te gee, het deelnemers oorwegend saamgestem met die navorser se betekenisgewing wat aan hulle gekommunikeer is. Uiteraard is betekenisgewing in terme van die teoretiese raamwerke (die ekologiese benadering, die strukturele benadering van Minuchin en Bowen se multigeneratiewe benadering) weens die kompleksiteit daarvan nie in detail met deelnemers bespreek nie, maar is tydens hierdie besprekings klem gelê op betekenisgewing aan die inhoud van deelnemers se eie verbaliserings. Betekenisvolle insette is in terme van nuanse- en klemverskuiwings in die navorser se betekenisgewing, vanaf die deelnemers verkry. Hierdie opvolgbesprekings is nie op oudioband opgeneem nie, maar deelnemers se kommentaar, suggesties, nuanse- en klemverskuiwings is deurlopend op die geskrewe teks wat met hulle bespreek is, aangebring.

8.6.4 INTEGRASIE VAN DATA

Volgens Maykut en Morehouse (1994:145) is die laaste stap in die analiseringsproses van kwalitatiewe data *"... [to] write about what you have heard, seen and now understand, to create the harmonic sound of data coming together in narrative form to make sense of the phenomenon you have studied."* By implikasie word ook die integrasie en aanbieding van die verkreë data dus beskou as nie alleen 'n resultaat nie, maar ook 'n proses van kwalitatiewe data-analise op grond waarvan uiteindelik tot bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings geraak kan word.

Die integrasie van idees, menings en betekenisgewing aan die data wat die resultaat is van die deurlopend-vergelykende metode van kwalitatiewe data-analise, word vervolgens aangebied.

8.7 TEMAS WAT GEïDENTIFISSER IS NA AANLEIDING VAN DIE KWALITATIEWE ONDERHOUDE

Aktiewe, dinamiese en kreatiewe betrokkenheid by die onderhoudsituasie en die navorsingsproses, is bewerkstellig deur die opstel van die geneagramme van minstens drie

gesinsgenerasies (vgl. 1.1 van die onderhoudskedule), direk nadat toestemming verkry is om die gesprekke op oudioband vas te lê. Geneagramme is opgestel met die primêre doel om as 'n hulpmiddel vir die navorser te dien waardeur 'n duidelike beeld verkry kon word van die betrokkenes en hulle manlike verhoudingsmaats se kerngesinsisteemsamestelling, maar ook ten opsigte van die samestelling van hulle gesinne-van-oorsprong. Sodoende kon tydens die gesprekke telkens konkreet terugverwys word na die posisie van gesinslede waaroor geëksploreer is, in terme van die gesinsisteemsamestelling wat in die geneagramme aangedui is. In die lig van die doel met die opstel van die geneagramme, word 'n aanduiding van al tien dié gesinskaarte wat tydens die kwalitatiewe onderhoude saamgestel is, nie hier geregverdig nie. Waar toepaslik, word in die bespreking wat volg verwys na inligting wat tydens die opstel van die geneagramme gegenereer is.

Uiteraard het die opstel van die geneagramme nie alleen bygedra tot kennis en begrip ten opsigte van die betrokkenes se gesinstrukture en -geskiedenisse nie, maar het dié aktiwiteit ook reeds op hierdie vroeë stadium van die onderhoudsproses, aanleiding gegee tot die generering van inligting met betrekking tot onder andere die aard van gesinsverhoudings in die kerngesinne, maar ook in en ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong. Vanweë die deelnemers se spontane generering van inligting, is 'n konteks deur hulleself geskep vir verdere eksplorering en is die kronologiese volgorde van vrae soos in die onderhoudskedule uiteengesit, nie slaafs nagevolg nie. Alhoewel afgewyk is van die volgorde van vrae in die onderhoudskedule, het die navorser, indien nodig, deur vraagstelling 'n groter mate van rigting en struktuur aan die onderhoudsproses gegee. Die soepel hantering van die onderhoudskedule, het waarskynlik daartoe bygedra dat inligting gegenereer is deur deelnemers soos wat die betrokkenes gereed gevoel het om oor bepaalde aspekte te eksploreer tydens die proses van werklikheidskepping.

'n Analise van die temas wat voortgevloei het tydens die kwalitatiewe onderhoude word hier aangebied ooreenkomstig die sewe ontledingskategorieë wat na aanleiding van die data-analiseringsproses in 8.6.1, geïdentifiseer is. In ooreenstemming met die bespreking deur Anastas en MacDonald (1994:416-417), word weens die verkennende aard van hierdie ondersoek en die relatief klein getal deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering, grotendeels weggestuur van die kwantifisering van kwalitatiewe data en word meesal slegs aspekte wat deur minstens twee deelnemers vermeld is in die bespreking aangebied, terwyl klem gelê word op die wyse(s) waarop temas tydens die onderhoudsituasie gemanifesteer het. Weens

die feit dat in hierdie bespreking 'n analise aangebied word van die temas wat voortgevloei het uit die kwalitatiewe onderhoude, word die gegewens doelbewus nie aangebied in die ooreenstemmende kronologiese volgorde van die vrae in die onderhoudskedule nie, maar word gefokus op die integrasie van data (vgl. 8.6.4) wat deur die toepassing van die semi-gestruktureerde onderhoudskedule gegenereer is, as laaste stap in die deurlopend-vergelykende metode van data-analise.

Vir die doeleindes van die aanbieding van die gegewens en ter wille van die beskerming van die identiteite van die betrokkenes, is nommers van een tot 10 aan elk van die deelnemers toegeken. Tydens die bespreking van die gegewens word, indien toepaslik en relevant, na die nommers van deelnemers wat die inligting gegenereer het, verwys.

8.7.1 SOSIODEMOGRAFIESE INLIGTING

Die vernaamste sosiodemografiese inligting ten opsigte van die tien deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering, word vervolgens in terme van 'n vergelykende tabel aangebied, sodat tydens die bespreking van die deelnemers se bydraes, gemaklik terugverwys kan word na hulle deelnemernommers[57] en sosiodemografiese profiele.

---

[57] Wanneer na 'n spesifieke deelnemer verwys word in die volgende bespreking, word DN benut as afkorting vir deelnemer nommer, terwyl 'n getalsaanduiding na die DN, dien as verwysing na die deelnemernommer wat in Tabel 35 aan elk van die deelnemers toegeken word. 'n Verwysing in die bespreking na DN4, reflekteer dus die situasie van deelnemer nommer vier soos aangedui in Tabel 35.

TABEL 35: SOSIODEMOGRAFIESE GEGEWENS

DEEL-NEMER NOM-MER	BEVOL-KINGS-GROEP	HUIS-TAAL	OU-DER-DOM (in jare)	HU-WELIK-STATUS	GESLAG, OUDERDOM VAN KINDERS (in jare) EN KINDERS SE WOONPLEK	TIPE BEHUISING	TOTALE MAAN-DELIKSE (bruto) INKOM-STE	HOOGSTE OPVOED-KUNDIGE KWALIFIKASIE		BEROEPS-BEOEFENING	
								Man	Vrou	Man	Vrou
1	Swart	Sesotho	28	Getroud	Geen	Viervertrek huurhuis.	R 2 000.00	St. 8	St. 10	Nee	Ja
2	Swart	Setswana	45	Getroud	Seun (22) - Inwonend. Seun (21) - Inwonend. Seun (16) - Inwonend. Dogter (14) - Inwonend.	Drieslaapkamerhuis wat aan man behoort.	R 9 000.00	Na-skoolse diploma	Na-skoolse diploma	Ja	Ja
3	Kleurling	Afrikaans	44	Geskei	Seun (25) - Eie woning. Seun (23) - Inwonend. Dogter (13) - Inwonend.	Eie drieslaapkamerhuis.	R 5 000.00	St. 10	Na-skoolse diploma	Ja	Ja
4	Blank	Afrikaans	26	Getroud	Geen	Eenslaapkamer huurwoonstel.	R 3 000.00	Naskool-se diploma	St. 10	Nee	Ja
5	Blank	Afrikaans	28	Getroud	Geen	Drieslaapkamer huurwoonstel.	R 9 000.00	Graad	Na-skoolse diploma	Ja	Ja
6	Blank	Afrikaans	35	Geskei	Dogter (12) - Kinderhuis Dogter (8) - Kinderhuis	Woon gratis in 'n buitekamer met 'n toilet en handewasbak.	R 350.00	St. 6	St. 8	Nee	Nee
7	Blank	Afrikaans	45	Getroud	Seun (24) - Eie woning. Dogter (22) - Inwonend. Dogter (19) - Inwonend.	Vyfslaapkamerhuis wat aan man behoort.	R 12 000.00	St. 10	St. 10	Ja	Ja
8	Blank	Engels	37	Geskei	Seun (9) - Inwonend. Seun (6) - Inwonend.	Tweeslaapkamer huurmeenthuis.	R 3 000.00	St. 8	St. 10	Nee	Ja
9	Blank	Afrikaans	51	Geskei	Seun (31) - Eie woning. Seun (28) - Eie woning. Seun (24) - Inwonend. Seun (22) - Inwonend.	Eie drieslaapkamerhuis.	R 8 000.00	St. 10	Na-skoolse diploma	Ja	Ja
10	Blank	Afrikaans	63	Getroud	Dogter (41) - Eie woning. Dogter (39) - Eie woning. Seun (36) - Eie woning.	Tweeslaapkamer woonstel (in 'n aftreeoord) wat aan man behoort.	R 2 000.00	St. 6	St. 6	Pensioe-naris	Pensioe-naris

8.7.1.1 Bevolkingsgroep en huistaal

Die meerderheid van die deelnemers (7 van die tien) is Blanke persone, twee is Swartmense en een is 'n Kleurling. Ses van die Blankes en die Kleurlingvrou se huistaal is Afrikaans, terwyl die onderhoude met die twee Swart persone (DN1 en 2) en een van die Blanke deelnemers (DN8), in Engels gevoer is. In die geval van DN1 en DN2 is die onderhoude dus gevoer in 'n taal wat sowel die deelnemers as die navorser se tweede taal is, terwyl die Engelse onderhoud met DN8, gevoer is in 'n taal wat nie die navorser se huistaal is nie. In hierdie drie gevalle kan dus aanvaar word dat verskille in betekenisgewing ten opsigte van die vrae wat gevra is en die antwoorde wat verkry is, waarskynlik in sowel die data-insamelingsproses as tydens die -analiseproses na vore kon kom, weens die taalverskille tussen die deelnemers en die navorser. Hierdie leemte is waarskynlik aangevul deur die navorser se terugkering na die deelnemers nadat sy betekenisgewing aan hulle inligting gedoen is, soos beskryf in 8.6.3.

8.7.1.2 Huwelikstatus

Ses van die deelnemers is tans getroud met mans wat deur hulle as geweldenaars bestempel word, terwyl vier gedurende die afgelope jaar van hulle gewelddadige mans geskei is. Geen van die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering bevind hulleself tans in 'n saamwoonverhouding nie. Die inligting wat gegenereer is, is dus in ooreenstemming met die begrensing van die studie (vgl. 1.6), verkry ten opsigte van huweliksverhoudings waarin die betrokkenes sigself tans bevind of gedurende die afgelope jaar nog bevind het. Potensiële probleme wat ervaar kan word in terme van die terugroeping van inligting ten opsigte van die gewelddadige verhoudings waarin die geskeide deelnemers hulleself bevind het, is waarskynlik weens die relatief kort tydsverloop tussen die egskeiding en die deelname aan die kwalitatiewe onderhoude, beperk.

8.7.1.3 Behuising

Van die ses getroude deelnemers, rapporteer twee (DN2 en 7) dat hulle woonagtig is in huise wat aan hulle mans behoort, terwyl 'n derde (DN10) in 'n woonstel woon wat aan die man behoort. Die ander drie getroude deelnemers (DN1, 4 en 5) woon in huurhuise of -woonstelle, wat dus nie die gesin se eiendom is nie. Twee van die vier deelnemers wat geskei is (DN3 en 9), besit hulle eie eiendom in die vorm van huise, terwyl 'n derde (DN8) 'n meenthuis huur en DN6 in 'n buitekamer woon wat gratis tot haar beskikking gestel word deur 'n gemeentelid van

die kerk waaraan sy behoort. Eiendom word dus alleen besit deur deelnemers wat geskei is, terwyl die behuising waarin getroude deelnemers woonagtig is, deur hulle beskryf word as die eiendom van hulle mans.

8.7.1.4 Kinders

In die geval van die sewe deelnemers wat wel kinders het, is 'n totaal van 21 kinders betrokke, waarvan 12 tans by die deelnemers inwoon. Van die nege kinders wat nie by hulle moeders inwoon nie, is sewe volwasse persone wat in hulle eie wonings woon, terwyl twee kinders in 'n kinderhuis woonagtig is. Al vier die geskeide deelnemers (DN3, 6, 8 en 9) het kinders, maar in slegs drie van hierdie gevalle is dié moeders enkelouers, terwyl DN6 se kinders in 'n kinderhuis is en sy dus nie primêr verantwoordelik is vir hulle versorging nie.

8.7.1.5 Uitvoering van gesinsontwikkelingstake

Die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering se ouderdomme wissel tussen 28 en 63 jaar, terwyl die meerderheid van hierdie groep vroue (7 van die 10 deelnemers), se ouderdomme gelyk aan of hoër as 35 jaar is. Na aanleiding van Olds en Papalia (1986:365-511) verkeer vier van die deelnemers dus tans in die volwasse lewensfase (26 tot 35 jaar), vier in die vroeë-middeljarelewensfase (36 tot 45 jaar), een is middeljarig (tussen 46 en 55 jaar oud) en een is bejaard (ouer as 55 jaar).

Ooreenkomstig die bespreking in 2.2.3.3, bring 'n analise van die ouderdomme van die deelnemers en hulle kinders aan die lig dat die meerderheid van die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoude in die laaste drie fases van die gesinslewensiklus verkeer (*gesin in die lanseerstadium* [DN2, 3 en 7], *middeljarige ouers en gesin* [DN9] of in die *ouerwordende gesinslede*-lewensfase [DN10]). Tydens eersgenoemde lewensfase is die tipiese gesinsontwikkelingstake wat uitgevoer behoort te word dat die jong volwassenes vrygestel behoort te word om te werk, vir naskoolse opleiding, militêre diensplig en om te trou, terwyl die huis as 'n ondersteunende basis behou word. Wanneer in ag geneem word dat sowel DN2 as DN7 tans sigself in 'n geweldgekenmerkde verhouding bevind, terwyl DN3 gedurende die afgelope jaar nog in sodanige verhouding betrokke was, word afgelei dat waarskynlik nie effektief daarin geslaag word om die huis as 'n ondersteunende basis te behou nie. In die geval van die *middeljarige ouers en gesin*-lewensfase (DN9), behoort voortgebou te word aan die huweliksverhouding, terwyl gesinsbande met ouer en jonger geslagte gehandhaaf word. Die

betrokkene is egter gedurende die afgelope jaar geskei van haar man, wat daartoe aanleiding gee dat voortbouing aan die huweliksverhouding nie meer kan plaasvind nie. Tipiese gesinsontwikkelingstake soos om opgewasse te raak om verlies en alleenheid te hanteer en die afsluiting van die gesinstuiste of die aanpassing daarvan by bejaardheid, word geassosieer met die *ouerwordende gesinslede*-lewensfase waarin DN10 sigself tans bevind. Alhoewel uitvoering gegee is aan die sluiting van die oorspronklike gesinstuiste deurdat die betrokkene en haar man tans in 'n aftreeoorde woonagtig is, blyk uit die voortgesette teenwoordigheid van gewelddadige gedrag deur die man, dat nie effektief uitvoering gegee is aan die gesinslewenstake tydens vorige gesinslewensfases nie. So byvoorbeeld kan waarskynlik beweer word dat nie effektief voortgebou is aan die huweliksverhouding tydens die *middeljarige ouers en gesin*-lewensfase nie, terwyl die betrokkene ook aandui dat hulle seun se woning eerder dien as 'n ondersteunende basis vir die gesinslede ('n gesinsontwikkelingstaak wat geassosieer word met ouerpaarsubsisteem tydens die *lanseerstadium* van die gesinslewensiklus) en dat die ouerhuis, weens die gewelddadige gedrag van haar man, nog nooit hierdie funksie na behore vervul het nie.

In ooreenstemming met 5.1.3.3, blyk uit die bespreking dat die effektiewe uitvoering van gesinsontwikkelingstake wat geassosieer word met elk van die gesinsontwikkelingsfases van die gesinsisteem, belemmerd is in die konteks van 'n geweldgekenmerkde verhouding. Vanuit 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief, behoort sowel die man se gewelddadige gedrag as die onvermoë van die gesinsisteem om effektief uitvoering te gee aan die tipiese gesinsontwikkelingstake wat tydens elk van die fases in die gesinslewensiklus uitgevoer moet word, dus beskou te word as simptome van gesinsistemiese disfunksionering, wat op hulle beurt weer aanleiding gee tot verdere disfunksionering binne die konteks van die gesinsisteem. Hierdie aspekte word meer breedvoerig toegelig tydens die bespreking oor die individuele- en gesinsvlakke van die ekologiese ontledingsisteem in 8.7.3.

8.7.1.6 Sosio-ekonomiese faktore

Betekenisvolle faktore wat 'n invloed uitoefen op die deelnemers se sosio-ekonomiese status en funksionering, word vervolgens aangedui.

➲ *GENERERING VAN GESINSINKOMSTE*

In geval van die ses getroude deelnemers, is drie van die manlike huweliksmaats werkloos, wat

daartoe aanleiding gee dat in hierdie gesinne, staatgemaak word op die inkomste van die vroue alleen. Twee van die drie geskeide deelnemers (DN6 en 8) ontvang geen finansiële bydraes van hulle vorige mans nie, weens dié persone se werkloosheid. In die geval van DN6 waar sowel syself as haar vorige man werkloos is, word geen vaste inkomste verdien nie. Die R 350.00 wat sy aandui as haar totale maandelikse (bruto) inkomste, word gegenereer deur weldoeners in die kerk waaraan sy behoort, terwyl sy ook hulp in die vorm van maatskaplikewerkdienslewering ontvang. Hierdie persoon is die enigste deelnemer wat nie self oor 'n vaste inkomste beskik nie, terwyl vier van die deelnemers se huidige of gewese mans werkloos is.

➲ *MAANDELIKSE (BRUTO) INKOMSTE*

Die maandelikse (bruto) inkomste wat in Tabel 35 aangedui word, is ten opsigte van die betrokkenes se inkomste ten tye van hulle huweliksverbintenisse. In ses van die gevalle is die deelnemers se maandelikse (bruto) inkomste minder as R 5 000.00, terwyl slegs een deelnemer dié inkomste aandui as meer as R 10 000.00. In ooreenstemming met die data wat ingewin is tydens die vraelysondersoek (vgl. 8.4.1.7), is die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering dus ook meesal afkomstig uit die laer sosio-ekonomiese bevolkingsgroepering.

➲ *OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES*

'n Toepassing van dieselfde beoordelingsformule van die deelnemers en hulle mans se hoogste opvoedkundige kwalifikasies wat vir dié ontleding in Tabel 12 benut is (vgl. 8.4.1.7), lewer 'n resultaat van 31 beoordelingspunte vir die mans en 32 ten opsigte van die vroulike deelnemers. Die vroulike deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering se opvoedingsvlak is dus hoër as dié van hulle manlike huweliksmaats. Waarskynlik lewer hierdie faktor ook 'n bydrae tot die feit dat werkloosheid ten opsigte van vier van die manlike huweliksmaats gerapporteer word (DN1, 4, 6 en 8) en dat dié betrokkenes hulle maandelikse (bruto) inkomste aandui as R 3 000.00 of minder.

Die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoude is dus hoofsaaklik vroue wat aktief bydra tot die generering van gesinsinkomste, terwyl in minstens drie gevalle, hulle inkomste die enigste finansiële bronne is waarop binne die gesinsopset staatgemaak word. Waarskynlik om hierdie rede, word deur meer as die helfte van die deelnemers aangedui dat hulle maandelikse (bruto) inkomste, minder as R 5 000.00 is. Hulle relatiewe opvoedingspeil is hoër as dié van hulle huweliksmaats wat waarskynlik daartoe bydra dat dié betrokkenes meer benutbaar is in die

arbeidsmark, as wat die geval is met hulle huweliksmaats.

Ter samevatting is die sosiodemografiese tendense wat teenwoordig is in die geselekteer groep deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoude dat die betrokkenes hoofsaaklik Blanke, Afrikaanssprekende vroue is wat 35 jaar oud of ouer is. Die meeste deelnemers is tans getroud met 'n man wat deur hulle as 'n geweldenaar bestempel word en in die gevalle van deelnemers wat kinders het, woon kinders van so jonk soos ses jaar tot so oud soos 24 jaar in by die deelnemers. In die lig van die geweldgekenmerkde aard van die egpaar- en ouerpaarsubsisteme, blyk die uitvoering van gesinsontwikkelingstake in ooreenstemming met die gesinsontwikkelingsfases waarin verkeer word, vir die gesinsisteme problematies te wees. Deelnemers se opvoedingspeil is hoër as dié van hulle mans, wat waarskynlik daartoe bydra dat meer van die deelnemers self vaste betrekkings beklee as hulle mans. Bykans 'n derde van die deelnemers se mans is werkloos, wat daartoe aanleiding gee dat die vroue in hierdie gevalle die primêre genereerders van gesinsinkomste is. Die betrokkenes se sosiodemografiese profiele stem dus ooreen met dié van vroulike slagoffers van geweld wat in die literatuurstudie aangedui is, naamlik dat armoede (vgl. 4.2.3 en 7.2), werkloosheid (vgl. 4.2.3) en 'n hoër opvoedingspeil van die vrou as dié van haar man (vgl. 4.2.2.1 en 4.2.3), geassosieer word met die voorkoms van gewelddadige gedrag teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

8.7.2 AARD VAN GEWELDPLEGING

Aangesien die term *geweldgekenmerkde verhouding* nie in die aanvanklike uitnodiging aan potensiële deelnemers wat in die nasionale pers verskyn het gedefinieer is nie, is deelnemers versoek om hulle eie omskrywing van dié term te gee, waarna hulle moes aandui waarom hulle hulle eie verhoudings as sodanig sou definieer. (Vgl. vrae 2.1 en 2.2 in die onderhoudskedule.)

8.7.2.1 Deelnemers se omskrywing van 'n geweldgekenmerkde verhouding

Al die deelnemers omskryf geweld primêr in terme van gedrag wat die potensiaal het om fisies-nadelige resultate te hê of wat fisiese dwang inhou, terwyl 'n geweldgekenmerkde verhouding beskou word as een waarin sodanige gedrag al by herhaling (dus, minstens twee keer) voorgekom het. Interessant is dat drie Blanke deelnemers en die Kleurlingvrou in hulle omskrywings spontaan ook verwys na negatiewe emosionele resultate van sodanige gedrag in 'n verhouding, terwyl die Swart deelnemers in hulle omskrywing alleen verwys na gedrag met

potensieel-negatiewe fisiese resultate. Blootstelling aan vorme van emosionele geweld soos bespreek in 3.2.2 word dus, per definisie, nie deur die deelnemers as geweld getipeer nie, terwyl klem hoofsaaklik gelê word op emosionele resultate van fisiese geweld. Een deelnemer (DN9) gee wel erkenning aan die bestaan van emosionele geweld, alhoewel sy die klem sterker plaas op die emosionele resultate van fisiese geweld: *"Ek dink dit is waar 'n persoon werklik fisies geslaan word deur haar man. Vir my is dit 'n fisiese ding. Ek weet dit kan geestelik ook gebeur en ek sê nie die letsels is minder nie. Jy gaan seker deur dieselfde trauma, maar ek dink met fisies is dit soveel erger omdat mens dan nie kan gaan werk nie omdat jy te erg geslaan is of omdat jy in die openbaar en by die werk moet verskyn met 'n 'n blou oog of hande wat in verbande toegedraai is."*

Deelnemers se identifikasie van sigself as potensiële deelnemers aan die studie is dus gemotiveer deur hulle definiëring van hulle verhoudings in terme van herhalende gedrag deur die manlike verhoudingsmaats, wat die potensiaal inhou om fisies-nadelige resultate te hê of wat gekenmerk word deur fisiese dwang. Wanneer hierdie identifikasie in verband gebring word met die omskrywing van geweld soos uiteengesit in 1.7.3, voldoen die betrokkenes se self-identifikasie dus wel aan die gestelde definisie vir die doeleindes van hierdie studie, naamlik dat geweld verwys na enige gedragsvorm wat daarop gemik is, of wat die potensiaal het om vir 'n ander persoon fisiese en / of emosionele leed te berokken.

8.7.2.2 Vorme van geweld waaraan deelnemers blootgestel is

Drie temas, naamlik dat fisiese geweld, seksuele dwang en emosionele geweld in die deelnemers se verhoudings teenwoordig is, figureer in hulle besprekings van die vorme van geweld waaraan hulle blootgestel is.

➲ *FISIESE GEWELD*

Nege van die deelnemers beskryf die vorme van geweld waaraan hulle blootgestel is in terme van sowel geringe as erge vorme van fisiese aanranding (vgl. 3.5.4), wat meesal gepaardgaan met vorme van emosionele aggressie soos beledigings, vloeke, 'n geskreeu en 'n gegil. Al hierdie deelnemers is minstens al blootgestel gewees aan die rondgooi van voorwerpe, hulle is al gegryp, rondgeruk en -gestamp, geklap en met die vuis geslaan. Vier van hierdie deelnemers rapporteer dat hulle al gewurg en geskop is, twee dat hulle gebyt is en een dat sy gegooi is met 'n pan warm olie waarin sy besig was om vetkoek te bak. Een van die deelnemers (DN9) beskryf die aanrandings soos volg: *"Hy het my dikwels aangerand - so minstens een keer elke twee maande. Hy het my gewoonlik eers geslaan totdat ek lê. Dan het hy my begin wurg, my geskop en hy*

het al selfs met albei voete bo-op my gespring terwyl ek lê. Een keer het hy my gesteek met 'n mes - hier bo in die arm. (Sy wys die letsel op haar boarm.) *Toe ek val het hy my buite op die plaveisel rondgesleep. My knieë was gaar. Dit is 'n ongelooflike krag wat hy het as hy so raak."*

➲ *SEKSUELE DWANG*

Slegs een deelnemer (DN4) verwys daarna dat haar man haar nog nooit fisies aangerand het nie, maar dat seksuele dwang 'n gedragsvorm is waaraan sy by herhaling blootgestel word. Sy beskryf die situasie soos volg: *"Dit is gewoonlik baie laat snags, of eerder vroeg in die oggende, so een-, twee-uur se kant. Hy kom dan in nadat hy by vriende was, gewoonlik bietjie gedrink. Ek word wakker omdat hy my vasdruk, aandring op seks. Hy's soos 'n dier - wild en hy is sterk. Hy verkrag my. Ek sê dit is verkrag want hy dwing my - dit kan tog niks anders wees nie. Hy hou nie op voor die tweede keer nie. As hy dronk is vat dit lank. En die dinge wat hy sê en wat hy my noem, sy slet, sy hoer ... die taal wat hy gebruik!"* Na aanleiding van die bespreking in 3.5.4, word hierdie deelnemer dus by herhaling blootgestel aan 'n erge vorm van seksuele dwang deurdat sy deur middel van die man se fisiese krag gedwing word tot seksuele omgang, terwyl sy terselfdertyd onderwerp word aan emosionele aggressie in die vorm van vloeke en beledigings. Een deelnemer (DN2) beskryf dat sy aan sowel fisiese aanranding as seksuele dwang onderwerp word. Sy beskryf een sodanige ervaring soos volg: *"Last year I was taking care of my grandchild. He took me and the child into the open field one evening. I was beaten next to the baby until I pretended to be dead. Then the walking stick was pushed inside my vagina. Life is terrible for women here outside. We women, we cry every time a baby girl is born."* Die betrokkene verduidelik die verwysing daarna dat gehuil word wanneer 'n dogtertjie gebore word, deur daarop te wys dat dié trane gestort word vir die potensiaal vir geweldpleging wat in haar kultuur geassosieer word met vroue, aangesien *"... most women, most females will eventually be the victims of our men's abuse ... physical and also sexual."*

➲ *EMOSIONELE GEWELD*

Etlike voorbeelde van emosionele geweldpleging is ook tydens die onderhoude geverbaliseer, alhoewel die deelnemers self nie dié gedrag as *geweld* getipeer het nie. Vier deelnemers beskryf byvoorbeeld dat die man alle beheer oor die gesinsfinansies neem deurdat alle inkomste aan hom oorhandig moet word. In twee van hierdie gevalle (DN1 en 8) is die mans self werkloos en word beheer dus geneem oor gesinsfinansies, ten spyte daarvan dat geensins self tot die generering daarvan bygedra word nie. 'n Beperkte toelae word dan aan die vroue betaal waarmee aan, volgens die betrokkenes, onredelike verwagtinge van die man voldoen moet word. Twee van hierdie deelnemers beskryf byvoorbeeld hoedat hulle mans al by herhaling die

borde kos wat aan hulle voorgesit word gegooi het, omdat hulle nie tevrede was met die inhoud en kwaliteit daarvan nie. Terselfdertyd beweer dié betrokkenes dat sowel dit wat hulle aan hulle gesinne voorsit as die kwaliteit daarvan, beperk word deur 'n gebrek aan die nodige finansiële middele om aan die verwagting te voldoen. 'n Ander deelnemer (DN7) beskryf dat haar man in die verlede nie genoeg geld aan haar beskikbaar gestel het om vir haar en die kinders klere te koop nie, terwyl hy vir homself byvoorbeeld ten volle uitgerus het met gholftoerusting, homself *"bederf"* met besoeke aan 'n dobbelhuis en dikwels in kroeë gekuier het. Sy werk voltyds, maar het net twee rompe, twee bloese en een paar skoene wat sy werk toe kan aantrek. Toe hulle kinders nog op skool was, kon hulle nie nuwe skoolklere kry alvorens die klere nie heeltemal te klein was vir hulle nie. Hulle seun het as jong kind voetprobleme opgedoen weens die feit dat hy vir 'n geruime tyd met té klein skoolskoene moes loop. In minstens vier gevalle is die deelnemers ook al geblameer vir mediese onkostes wat aangegaan moes word na 'n gewelddadige aanranding deur die man, waarna hulle *"gestraf"* is deur 'n vermindering in hulle toelaes totdat dié kostes gedelg is.

Ander vorme van emosionele geweldpleging wat deur minstens twee deelnemers gerapporteer word, sluit in voortdurende vrae en agterdog van die man oor hulle doen en late, ten opsigte van telefoonoproepe wat gemaak en ontvang word, beheer oor wie hulle mag en nie mag sien nie en sosiale isolasie deurdat hulle in die huis toegesluit word, verbied word om die deur oop te maak wanneer besoekers opdaag of deur die toesluit van die telefoon ten einde kontak met persone buite die gesinsisteem, te verhoed.

Sommige wyses waarop deelnemers beskryf hoedat hulleself en / of die kinders op 'n nie-fisiese wyse gestraf word vir wat deur die man as wangedrag beskou word, sou waarskynlik ook as vorme van emosionele geweldpleging beskou kan word. So byvoorbeeld beskryf twee deelnemers hoedat die man ten aanskoue van hulleself en die kinders die gesin se troeteldier(e) mishandel, ten einde die vroue of die kinders te straf. Oënskynlik word die fisiese leed aan die troeteldier benut om emosionele leed by die ander gesinslede te bewerkstellig, in 'n poging om gedragsverandering, wat in ooreenstemming met die man se voorskrifte en verwagtinge is, teweeg te bring. Nie die betrokkenes self nie, maar 'n betekenisvolle element van hulle bestaan word derhalwe fisiese leed aangedoen, met die implisiete doel om emosionele leed te bewerkstellig.

Ter samevatting word die deelnemers dus blootgestel aan sowel verskeie vorme van fisiese

geweldpleging as aan emosionele aggressie. Fisiese geweldpleging waaraan die betrokkenes blootgestel is, sluit onder andere in aanranding en seksuele dwang, terwyl emosionele geweld in die vorm van finansiële beheer, kontrole oor kontak met persone buite die gesinsisteem en die aandoen van leed aan betekenisvolle aspekte in die betrokkenes se kontekste, binne hulle verhoudings voorkom.

8.7.3 INDIVIDUELE EN GESINSFAKTORE

Individuele faktore waarop tydens die onderhoude gekonsentreer is, sluit hoofsaaklik in hoedat deelnemers hulleself en hulle manlike verhoudingsmaats beskryf, terwyl die gesinsvlak van die betrokkenes se ekologiese sisteme ondersoek is deur vrae te vra oor onder andere kerngesin- en gesin-van-oorsprong verhoudings.

8.7.3.1 Karaktereienskappe van deelnemers

In 'n poging om 'n aanduiding te verkry van karaktereienskappe wat deelnemers aan hulleself toedig, is deelnemers gevra om vir die navorser van hulleself te vertel (vraag 4.1 in die onderhoudskedule). Deelnemers beskryf hulleself primêr in terme van konatiewe eienskappe, terwyl enkele van die deelnemers hulleself ook in terme van kognitiewe, emosionele en psigiese aspekte beskryf.

➲ *KONATIEWE EIENSKAPPE*

'n Konatiewe aspek wat deur al die deelnemers beskryf is, is sosiale onttrekking en probleme om 'n besluit te neem en om op grond daarvan, tot aksie oor te gaan. Een deelnemer (DN7) beskryf haar sosiale onttrekking soos volg: *"Na die eerste aanranding het dit my agt weke geneem voordat ek weer in die openbaar kon verskyn. Elke keer daarna het ek die mure om my net hoër en hoër gebou. Ek dink nie ek het al ooit weer geleer om mense in die oë te kyk nie. Ek weet nie mooi hoe om te sê nie, maar aan die een kant is dit asof ek dink almal wat my sien weet* (dat sy deur haar man aangerand word) *en hulle kyk op my neer en aan die ander kant is dit asof ek na mense kyk en dink, as julle maar net weet waarmee ek binne-in my rondloop, hoe moeilik dit is."* Een van die Swart deelnemers (DN1) beweer dat haar sosiale isolasie 'n poging is om haar man se gewelddadige gedrag te voorkom: *"If I don't go out, there is nothing to ask questions about and there is nothing to explain. If I do go out, there are always questions about this and that and this and that: 'Who did you see? Who did you talk to? Who did you sleep with? Did you wear your hat? Why are your lips red?' If he just suspects anything, he hits you. I don't see my mother, I don't see my sisters or my cousins.*

Now I just go to work and I come home."

Beskrywings van probleme om besluite te neem en om op grond daarvan tot aksie oor te gaan, sentreer hoofsaaklik om besluitneming om die man te verlaat en / of om na hom toe terug te keer. So byvoorbeeld word deur sewe deelnemers beweer dat 'n besluit om die man te verlaat na 'n gewelddadige insident vir hulle moeilik is, maar dat die besluit om na hom toe terug te keer, selfs moeiliker is. Die betrokkenes se beskrywings van die term *moeilik* sluit onder andere in dat aan verskillende faktore oorweging geskenk moet word, waaronder alternatiewe behuising, die veiligheid van hulleself en hulle kinders, maar ook dié van die persone waarheen hulle gaan na verlating van die man, die hoeveelheid kontant tot hulle beskikking of waartoe hulle toegang het en oor hoeveel en watter klere vinnig ingepak moet word. Oorwegings soos hoeveel klere skoon en gestryk is, die versorging van troeteldiere as hulle sou besluit om wel te gaan en vervoerprobleme, word ook deur minstens twee deelnemers beskryf. Die besluit om na die man toe terug te keer, al dan nie, word ook deur die bogenoemde faktore beïnvloed, terwyl die reaksie van persone na wie toe gegaan is na verlating, die man se onmiddellike reaksie na verlating en sy reaksie en gedragsveranderings wat teweeggebring is na vorige verlatings, ook hierdie besluit beïnvloed. Een deelnemer (DN9) beskryf hierdie besluitnemingsproses soos volg: *"Ek is nie iemand wat maklik my 'mind' opmaak nie. Dit vat my lank ... maar as ek hom eers opgemaak het, dan bly ek daarby.* (Hierdie deelnemer het haar man na 'n geweldgekenmerkde huwelik van 14 jaar en minstens 10 verlatings waarvan sy kan onthou, finaal verlaat en van hom geskei.) *Maar man, as die geld begin opraak, die mense by wie jy bly en die kinders begin moeilik raak, jy't nie meer die moed om nog 'n ete aan die mense se tafel te sit nie, nog 'n nag in 'n vreemde bed te slaap nie, dan begin die man se beloftes na die waarheid klink. Jy sê vir jouself hy het al vantevore dieselfde stories 'gespin', jy weet dit gaan net 'n rukkie lank goed gaan, jy weet jy's nog seer. Maar dan kom die gedagtes aan jou eie toilet, jou badkamer, 'n vrou se eie kombuis, die halfklaar gordyne wat moet klaarkom, die klomp wasgoed wat intussen opgehoop het en al sulke dinge en dan gaan jy maar weer terug. Elke keer hoop en glo jy maar dat die weggaan hierdie keer die dinge sal verander. Dis tog jou man en jou huis en jy het die kinders om aan te dink."*

➲ *KOGNITIEWE EIENSKAPPE*

Beplanning ten einde verantwoordelikheid te neem vir die kinders se veiligheid, is 'n faktor wat eksplisiet deur drie deelnemers vermeld word. Hierdie verantwoordelikheid word geneem deur saam met die kinders 'n plan van aksie te bewerkstellig vir situasies waartydens die mans gewelddadige gedrag openbaar. Voorbeelde wat vermeld word is onder andere dat 'n nota in sowel die oudste kind se klerekas as in sy skooltas vasgeplak is met die naam, adres en

telefoonnommer van 'n familielid waarheen gegaan kan word indien die situasie dit sou noodsaak. Een deelnemer vermeld dat muntstukke onopsigtelik in hulle posbus versteek is en dat sy en die kinders hierdie geld benut om byvoorbeeld 'n telefoonoproep vanaf 'n openbare telefoon te maak of om te betaal vir die dienste van 'n huurmotor in gevalle waartydens gevlug word vir die man se gewelddadige optrede. 'n Ander deelnemer het 'n ooreenkoms met haar bejaarde bure dat sy elke oggend voor agtuur 'n inkopiesak met 'n wasgoedpennetjie aan haar wasgoeddraad ophang. Sou die bure agterkom dat die inkopiesak nie teen dié tyd opgehang is nie, is met hulle ooreengekom dat hulle by die huis sal navraag doen of alles in orde is en dat hulle, indien hulle vermoed dat iets nie pluis is nie, die deelnemer se broer telefonies sal ontbied.

➲ *PSIGIESE EIENSKAPPE*

'n Psigiese aspek wat primêr in twee van die deelnemers (DN5 en 7) se beskrywings van hulleself figureer, is 'n geneigdheid om mense te wil versorg, hulle te red en hulle as't ware te lei tot wat deur dié deelnemers beskou word, as optimale funksionering. Die een deelnemer (DN5) beskryf die situasie soos volg: *"Ek kom uit 'n gesin waar ons sewe kinders was. My ouers het baie rondgetrek, met die gevolg dat ons almal in die koshuis gebly het. Ek was soos 'n ma vir al my broers en susters. Almal het altyd na my toe gekom vir hulp, sorg en raad. My een broer sê altyd ek was vir hom meer van 'n ma as wat ons ma regtig vir ons was. Seker maar daar waar ek geleer het om te versorg, te beskerm en te dissiplineer - om te gee. Na skool het al ses my broers en susters eers by my gebly voordat hulle hulle eie plekke gekry het. Mense met probleme kom na my toe soos motte na 'n kers toe aangetrek word. Ek het die man ontmoet en kort daarna moes hy 'n groot operasie kry. Na die operasie het ek hom by my in die woonstel ingevat want hy kon nie vir homself sorg nie. Toe begin ek vir hom sorg, soos wat ek maar altyd nog gesorg het vir almal. Hy't toe sommer daar gebly vir 'n jaar, toe's ons eers getroud. Hy't baie skuld gehad. Ek het hom help betaal aan dit en hy kon verniet bly by my. Ek was eintlik my man se ouer ook - hom maar altyd versorg, tereggewys - hom probeer wys hoe mens behoort te wees."* 'n Ander deelnemer (DN7) beskryf in soortgelyke terme dat haar man en sy ma deur hulle pa mishandel is. Die deelnemer se eie moeder het aan major depressie gely, wat daartoe aanleiding gegee het dat sy as oudste dogter in haar gesin, haar moeder se rol grootliks oorgeneem het en sowel haar pa as haar sibbe soos 'n eggenoot en ma versorg het. Toe die jongste van haar sibbes klaar was met skool, was sy bykans 30 jaar oud en het sy ook uit haar ouerhuis uitgetrek. Sy vertel: *"Ek was vir alle praktiese doeleindes 'n oujongnooi wat alleen was, gesit het met al hierdie liefde en sorg wat ek kan gee en niemand om dit voor te gee nie. Toe ontmoet ek hierdie man met sy baie probleme; drank en skuld en 'n kriminele rekord en ek was vir hom jammer. Vandag weet ek ek het gedink ek red hom, dat hy my liefde en sorg nodig het en dat sy*

verlede dan nie meer sal saak maak nie." Elk van hierdie deelnemers beskryf hoedat hulle van verskeie professionele persone se hulp gebruik gemaak het, toe hulle begin besef het dat hulle nie in hulle bedoelings slaag nie. Hulle het telkens self die professionele persone wat potensieel van hulp kon wees geïdentifiseer, afsprake gemaak, met die mans se werkgewers gereël dat die betrokkenes vir dié doeleindes afwesig mag wees, self so veel as moontlik van die konsultasies bygewoon en / of die mans daarheen vervoer om seker te maak dat die afsprake wel nagekom word.

Interessant is dat beide bogenoemde deelnemers (DN5 en 7) tydens die opstel van die geneagramme aangedui het dat hulle die oudste kinders in hulle gesinsisteme was. Hierdie faktor herinner aan die bespreking oor sibbe-posisieprofiele as 'n konsep in Bowen se teorie in 5.2.6. Tydens dié bespreking is byvoorbeeld aangedui dat persoonlikheidseienskappe bepaal word deur die sibbe-posisie van 'n persoon in sy gesin en deur die gesinsamestelling waarin grootgeword is en dat 'n sibbe-posisie implisiet 'n aantal rolle, take en gedragswyses bevat waaraan binne die gesinsisteem se emosionele sisteem uitvoering gegee moet word. Moontlik ook waar, is dat die behoefte om te versorg, te red en leiding te gee, waarskynlik implisiet opgesluit lê in die rolle, take en gedragswyses van oudste kinders en dat hierdie deelnemers waarskynlik ook as volwassenes binne die emosionele sisteme van hulle verhoudings, aan dié verwagtinge probeer voldoen het. Die betrokkenes se eie verwysings daarna dat hulle die inhoud van hulle rolle geken het en dat die keuse van huweliksmaats gerig is onder andere deur hulle behoeftes en vermoëns om uitvoering te gee aan die gesin-van-oorsprong rolle, dien waarskynlik as bevestiging vir hierdie betekenisgewing.

➲ ***EMOSIONELE EIENSKAPPE***

Slegs vier deelnemers beskryf hulle karaktereienskappe ook in terme van emosionele faktore. Eienskappe wat deur minstens twee van hierdie deelnemers aangedui is, sluit in gevoelens van skaamte en verleentheid, voortdurende moegheid en dat hulle gespanne mense is terwyl al vier hierdie deelnemers prominent verwys na gevoelens van onsekerheid. Skaamte en verleentheid word toegeskryf daaraan dat hulle al by dokters, klinieke en / of hospitale behandeling moes kry vir hulle beserings en / of dat hulle beserings so opsigtelik was dat andere (vriende, familielede en kollegas) bewus geraak het van die situasies waarin hulle hulleself bevind. Een van hierdie deelnemers skryf haar skaamte ook daaraan toe dat sy die verkeerde keuse van 'n huweliksmaat en 'n vader vir haar kinders gemaak het en dat sy haarself dus blameer vir die situasie waarin sy sigself bevind en die kinders aan blootstel. Sy ervaar dikwels gevoelens van wanhoop en

rapporteer dat sy tydens sulke stadiums al sowel moord as selfmoord oorweeg het. Tydens die onderhoud verbaliseer sy ook dat dit nie die moeite werd is om so aan te gaan nie. Betekenisgewing aan die pertinente verwysings na onsekerheid en wanhoop, is dat hierdie emosies waarskynlik verband hou met die belewenis van spanning en dat die spanning moontlik aanleiding gee tot die voortdurende moegheid. Die onsekerheid word toegeskryf aan 'n altyd-teenwoordige onvoorspelbaarheid van die manlike verhoudingsmaats. In die geval van DN8, beskryf sy haar onsekerheid byvoorbeeld deur te sê: *"The only true certainty, is uncertainty. Uncertainty as to how he is going to be when he wakes up, when he comes home from work, when he hears that the children need something. Doubt becomes a way of life. Although hope helps to keep you going, despair was my biggest enemy."*

'n Analise van die karaktereienskappe wat die deelnemers aan hulleself toedig, bring aan die lig dat die betrokkenes waarskynlik geneig is tot selfblaam, dat gekompenseer word vir die selfblaam deur middel van oormatige verantwoordelikheid ook vir aspekte waaroor hulle min beheer het en dat hulle gevoelens van minderwaardigheid, spanning, angs, onsekerheid en verleentheid openbaar. Die neem van verantwoordelikheid hang waarskynlik saam met die maak van planne om konflik en gewelddadige gedrag te vermy en deur verantwoordelikheid te neem, word gepoog om meer sekerheid en 'n laer spanningsvlak te bewerkstellig en om verleentheid wat met geweldpleging gepaard gaan, te vermy. Alhoewel slegs twee van die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoude die sibbe-posisie van oudste kinders in hulle gesinne-van-oorsprong het, blyk uit die geneagramme dat minstens drie van die ander deelnemers die sibbe-posisie van 'n funksionele oudste kind in hulle gesinne-van-oorsprong ingeneem het en waarskynlik steeds in hulle huidige verhoudings, gedragseienskappe soortgelyk aan dié sibbe-posisie openbaar. Tipiese gedragseienskappe wat deur McGoldrick en Gerson (1985:63-66) aan die funksionele oudste kind toegedig word, is die oormatige neem van verantwoordelikheid en die stel van hoë eise aan sigself, wat ooreenstem met die eienskappe wat dié deelnemers aan hulleself toedig.

Na aanleiding van die bespreking in 5.2.3, sou die betrokkenes se beskrywings van hulleself waarskynlik ook daaraan toegeskryf kan word dat die aard van die kerngesin-emosionele sisteem daartoe aanleiding gee dat dié betrokkenes sigself in 'n onderfunksionerende rol ten opsigte van hulle huweliksmaats, bevind. Hierdie onderfunksionering sou dan daartoe kan aanleiding gee dat die deelnemers emosionele disfunksionering ervaar, byvoorbeeld in die vorm van selfblaam, gevoelens van minderwaardigheid, spanning, angs en onsekerheid, wat kan

saamhang met die mate van angs wat in die verhouding beleef word.

8.7.3.2 Karaktereienskappe van manlike geweldenaars

Die versoek aan deelnemers om hulle manlike verhoudingsmaats aan die navorser te beskryf (vraag 4.2 in die onderhoudskedule), het meesal besprekings oor die mans se gewelddadige gedrag ontlok. Nietemin kon ook enkele psigiese, kognitiewe en emosionele eienskappe van die manlike geweldenaars vanuit die deelnemers se besprekings geïdentifiseer word.

➲ *KONATIEWE EIENSKAPPE*

Naas gewelddadige gedrag, is konatiewe eienskappe wat deur minstens twee van die deelnemers gerapporteer word as kenmerkend van hulle huweliksmaats onvoorspelbaarheid, onbetroubaarheid, inkonsekwente optrede wat onder andere gepaardgaan met skynheiligheid, alkoholmisbruik en humeurigheid wat nie alleen tot fisiese geweld aanleiding gee nie, maar ook tot die benutting van vloekery, beledigings en skeltaal. 'n Omskrywing van DN9 wat as't ware die beskrywings van die ander deelnemers verwoord, is die volgende: *"Onverantwoordelik, onvoorspelbaar, hy ken geen perke nie en die sielkundige sê sy persoonlikheidsprofiel toon dat hy geen gevoel het nie. Ek dink hy is 'n psigopaat. Jy kan hom net nie so ver kry om 'n 'commitment' te maak nie. As hy nie sy sin kry nie vloek hy my, sy ma, God, sy baas, die dokter, die kinders - hy vloek net en dan kom die aanranding. Hy's nes 'n vuurspuwende berg. En dan kan hy so mooi bid. Hy is 'n diaken. Hy lei die wyksbyeenkomste, gee raad vir ander mense se huweliksprobleme. Die mense sal nooit glo wat regtig aangaan nie. Ander mense ken eintlik sy 'fake' deel. Ek en die kinders ken sy boosheid. Hy is Satan homself."* Na aanleiding van die bespreking in 5.2.1 waar 'n bespreking gevoer is oor selfdifferensiasie as 'n konsep in Bowen se teorie, sou die betrokkenes se onvoorspelbaarheid, inkonsekwente optrede en skynheiligheid waarskynlik verklaar kan word aan die hand van 'n lae vlak van selfdifferensiasie, waartydens funksionering vanuit die pseudo-self, primêr voorkom. Soos wat die situasie verander, maak die mans waarskynlik gebruik van 'n verskeidenheid beginsels, standpunte en filosofieë wat soms inkongruent is met mekaar en wat ontwikkel uit emosionele druk en gewysig kan word soos wat die eksterne omstandighede verander, wat daartoe aanleiding gee dat hulle as onvoorspelbaar, inkonsekwent en skynheilig beleef kan word deur andere.

Al nege die deelnemers wat aan fisiese geweld in die vorm van aanranding blootgestel word, verwys na onverantwoordelike optrede en onbetroubaarheid as kenmerke van hulle huweliksmaats. Die onverantwoordelikheid word gemotiveer deur te verwys na finansiële

wanbesteding (onvermoë om by die gesinsbegroting te hou, dobbelgedrag, geld wat uit die huis uit *verdwyn* en die aankoop van duur toerusting vir stokperdjies wat beoefen word), nalatigheid met die vereffening van rekeninge, laat kom vir afsprake en die oormatige gebruik van alkohol. Agterdogtigheid is 'n kenmerk wat ook deur ses van die deelnemers vermeld word. Hierdie agterdog word primêr beskryf in terme van beskuldigings van buite-egtelike verhoudings of dat die vrou oor hom sou praat by ander familielede, kollegas en vriende. Die man se agterdog word soos volg deur DN10 beskryf: *"Ek maak ons pap soggens in die mikrogolfoond. Myne effens stywer as syne, want die dik pap is te swaar vir sy maag. Elke oggend is daar woorde oor watter bakkie pap wie s'n is. Een keer het dit al daartoe aanleiding gegee dat hy my binne-in die wasgoedmandjie laat beland het, soos wat hy my gestamp het. Hy glo ek probeer hom vergiftig. Nou eet ek voor hom eers 'n bietjie van sy pap sodat hy kan sien daar is nie gif in nie, dan eet ek myne."*

➲ *KOGNITIEWE EIENSKAPPE*

Projeksie en rasionalisering blyk verdedigingsmeganismes te wees wat deur deelnemers aangedui word as tipiese kognitiewe funksioneringswyses van hulle egliede. So byvoorbeeld rapporteer drie van die ses deelnemers wat agterdog beskryf as 'n eienskap van hulle mans, dat die mans in die verlede al betrokke was by buite-egtelike verhoudings. Hierdie agterdog is waarskynlik 'n projeksie van die man se eie skuldgevoelens op sy vrou, naamlik dat sy verdink word van gedrag wat deur homself geopenbaar word.

Alwetendheid, meerderwaardigheid en bewerings dat oor buitengewoon-hoë intellektuele vermoëns beskik word, word deur drie deelnemers aangedui as tiperend van hulle mans. Die mans rasionaliseer dan hulle aandrang op sekere gedragswyses en konformering aan hulle norme deur die deelnemers en die res van die gesinslede dikwels bewus te maak van hulle meerderwaardigheid. In die geval van DN5, beskryf sy byvoorbeeld hoedat juis hierdie selfgesentreerdheid van haar man daartoe aanleiding gee dat hy voortdurend haar motiewe bevraagteken of negatiewe motiewe toedig aan haar gedrag: *"My man lees iets negatiefs in alles wat ek doen of sê. Hy dink altyd ek het 'n negatiewe motief. Ek is al sleggesê omdat die ysblokkies in my glas tinkel - ek doen dit glo aspris om hom te irriteer. Alles wat ek sê neem hy verkeerd op. Selfs die onskuldigste opmerking beskou hy as kritiek."*

'n Ander kognitiewe eienskap wat aangedui word as kenmerkend van twee van die deelnemers (DN6 en 9) se huweliksmaats, is haat teenoor vroue. Een van hierdie deelnemers (DN6) beskryf en motiveer haar vermoede soos volg: *"Hy het 'n ding oor vrouens. Dis die ding. Hy was 'n aangenome kind. Sy aanneemma is dood die jaar toe hy skool toe is. Ek dink daar het sy probleem*

met vrouens reeds begin. Hy het sy eerste vrou geslaan totdat sy selfmoord gepleeg het, sy tweede vrou het hy so geslaan dat sy dood is met die geboorte van hulle kind. Ek het dit later jare eers uitgevind. Hy het vir my geslaan en ook ons twee meisiekinders. Ek dink hy het al voor geboorte 'n verwerpingsgevoel gehad wat vererger is deur sy aanneemma se dood en sy eerste vrou se selfmoord. Seker dié dat hy so aanhou pleit het dat ek moet terugkom elke keer wat ek hom verlaat het." In haar bespreking ter motivering van die bewering van haat teenoor vroue, verwys DN9 daarna dat haar man sy oorlede moeder gehaat het. As volwassene het hy haar dikwels daarvoor blameer dat sy nie sterker standpunt teen sy vader, wat vir hom en sy moeder fisies mishandel het, ingeneem het nie. Die deelnemer beweer dat die man alle vroue as swakkelinge beskou en dat hulle derhalwe die geweld wat na hulle kant toe kom, verdien. Hierdie aspek korreleer met die bespreking in 4.2.2.2 waar daarna verwys is dat manlike geweldenaars geneig is daartoe om onopgeloste konflikte met hulle moeders te herleef in hulle verhoudings met hulle huweliksmaats en dat sodanige konflik dikwels gepaardgaan met selfsugtige afdwinging van eie verwagtinge aan die huweliksmaat.

➲ ***EMOSIONELE EIENSKAPPE***

In teenstelling met verwysings na meerderwaardigheid, vermeld drie deelnemers gevoelens van minderwaardigheid as kenmerkend van hulle huweliksmaats se persoonlikhede. Twee van hierdie deelnemers skryf die minderwaardigheidsgevoelens primêr toe aan die wyse waarop die mans in hulle gesinne-van-oorsprong behandel is. Die man se kinderjare word byvoorbeeld soos volg deur DN10 beskryf: *"Sy pa het al sy kinders, hulle was agt altesaam, so behandel. Baie geslaan en ontsettend beledig. Hulle het nooit komplimente gekry nie, tog was hy 'n Godvresende man wat nooit enige alkohol gebruik het nie."* In die geval van DN3 word beweer dat haar man se vader ook sy ma en die kinders aangerand het: *"Die hele gesin is vreesbevange vir die pa en doen alles wat hy sê. Die pa is 'n slawedrywer vir sy gesin. Die seuns, nie die dogters nie, is geslaan vir elke foutjie. Foute wat dekades gelede gemaak is, word vandag nog voor hulle koppe gegooi. Ek dink my man en sy pa ly albei aan 'n minderwaardigheidskompleks."* Beskrywings van manlike geweldenaars as persone wat minderwaardig voel ten opsigte van andere is ook in 4.2.2.2 aangebied, waar onder andere daarna verwys is dat diegene van geweld as *uiterste hulpbron* gebruik maak om beheer te verkry ten opsigte van persone teenoor wie minderwaardigheid ervaar word. In die geval van DN3, sou die man se gewelddadige gedrag dus waarskynlik onder andere toegeskryf kan word aan sy ervarings vanuit sy gesin-van-oorsprong, maar moontlik ook aan sy laer opvoedingspeil teenoor dié van sy vrou.

'n Analise van die gegewens wat vanaf deelnemers verkry is ten opsigte van hulle gewelddadige mans se tipiese karaktereienskappe, bring aan die lig dat onverantwoordelikheid, onbetroubaarheid, agterdog en die benutting van fisiese en emosionele geweld ten einde beheer oor die konteks te bewerkstellig, primêre eienskappe is wat aan die betrokkenes toegedig word. Interessant is dat die deelnemers 'n neiging toon om sigself te beskryf as verantwoordelik (8.7.3.1), terwyl die manlike huweliksmaats beskryf word as onverantwoordelik. Hierdie verwysings na verantwoordelikheid en onverantwoordelik is waarskynlik aanduidend van 'n transaksionele patroon (vgl. 5.1.3.1) wat in die betrokkenes se verhoudings teenwoordig is, naamlik dat die vrou namens die man verantwoordelikheid neem, terwyl sy as't ware deur haar gedrag aan hom toestemming verleen om onverantwoordelik op te tree. Onverantwoordelike optrede is na aanleiding van Bowen se teorie ook eksplisiet in 5.2.1 aangedui as 'n tipiese kenmerk van 'n persoon wat emosioneel reaktief is en wat dus beskik oor 'n lae vlak van selfdifferensiasie.

Na aanleiding van die bespreking in 5.2.3, sou die betrokkenes se beskrywings van hulle huweliksmaats as persone wat voorgee om alwetend, meerderwaardig en intelligent te wees, waarskynlik daaraan toegeskryf kan word dat die aard van die kerngesin-emosionele sisteem daartoe aanleiding gee dat dié mans sigself in 'n oorfunksionerende rol ten opsigte van hulle vroue posisioneer. Hierdie oorfunksionering sou dan die resultaat kan hê dat die mans hulle onvolwassenheid ontken en dat hulle funksionering gekenmerk word deur 'n fasade van bevoegdheid, terwyl die vroue se onderfunksionering gekenmerk word daardeur dat hulle voortdurend toegee aan die man se eise ten einde vrede en harmonie in die huweliksverhoudings te bewerkstellig en te handhaaf.

8.7.3.3 Aanleidende faktore tot gewelddadige gedrag

Na aanleiding van vraag 4.3 in die onderhoudskedule, is deelnemers gevra oor die faktore wat daartoe bydra dat hulle manlike verhoudingsmaats gewelddadig teenoor hulle optree. Die nege deelnemers wat blootgestel word aan fisiese aanranding as vorm van geweld, is dit eens dat geweld in hulle verhoudings benut word in 'n poging om konflik te hanteer. In drie gevalle word die konflik primêr toegeskryf aan die mans se onsekerheid oor hulleself en aan hulle agterdog ten opsigte van die vroue, terwyl vier ander deelnemers die rig van versoeke (byvoorbeeld vir geld, klerasie, hulp met huishoudelike take of opvoedkundige verantwoordelikhede ten opsigte van die kinders) en enige vorm van kontrolering van die man

se gedrag aandui as aspekte wat tot konflik aanleiding gee wat op aanrandings uitloop. 'n Voorbeeld van sodanige kontrolering word soos volg deur DN7 beskryf: *"Hy was by die toilet voordat hy in die kombuis ingestap het. Ek was besig met die wasgoed en wou hê dat hy die kos op die stoof moes roer. Toe vra ek net: 'Het jy jou hande gewas toe jy klaar is?' 'n Ander keer het ek gevra: 'Waar kom dié krapmerk aan die motor vandaan?' Die kinders het my vertel dat hy die vorige aand op pad huis toe van sy vriende af die motor gekrap het. Hy was weer gedrink."*

Alhoewel bogenoemde aspekte wel deur deelnemers geïdentifiseer kon word as aspekte wat aanleiding gee tot gewelddadige gedrag, is die nege deelnemers dit eens dat aanleidende faktore moeilik afgebaken kan word, aangesien dieselfde faktore en / of insidente nie altyd tot gewelddadige gedrag aanleiding gee nie. Inkonsekwente optrede en onvoorspelbaarheid, soos beskryf in 8.7.3.2, gee dus daartoe aanleiding dat die potensiaal vir gewelddadige gedrag alomteenwoordig is, maar dat dié gedrag moeilik voorspelbaar is. Een deelnemer (DN3) beskryf die situasie soos volg: *"As iemand net dit vir my kan verduidelik, sal ek al meer rustigheid hê. Een dag sal hy my klap omdat ek die brood skeef sny, maar toe ek met die motor oor sy viskatrol ry en dié ding breek, het hy net geskreeu op my en die kinders. Die volgende keer wat ek die brood skeef sny terg hy my oor my lompheid, maar vra ek geld vir die skool se fondsinsameling skop hy my dat ek dae lank kruppel loop. Ek verstaan dit nie."* In die geval van DN6, vermeld sy dat haar man haar soms snags wakker gemaak het om haar te slaan, maar sy kan geen rede aanvoer waarom die gedrag voorgekom het nie, terwyl DN8 beskryf dat die gewelddadige gedrag meesal so onverwags voorgekom het, dat sy nie soseer geskok was oor die man se gewelddadige gedrag nie, maar eerder oor die feit dat dit juis op 'n bepaalde tydstip voorgekom het: *"I simply couldn't believe that it was actually happening again. Nothing, I swear I did nothing to provoke him. I got such a fright, I did everything in my pants."*

Tog beskryf vier van die deelnemers dat hulle die mans se gedrag al so goed ken, dat hulle selfs in die afwesigheid van openlike konflik die potensiaal vir gewelddadige gedrag kan identifiseer en as't ware sigself kan voorberei op die gebeurtenis. Hierdie deelnemers verwys almal na *"'n kyk"* wat die man kry, terwyl sy stemtoon ook 'n betekenisvolle rol speel in hulle voorspelling van die gedrag. Deelnemers beskryf die *kyk* as *"... leë oë, sonder gevoel"*, *"... amper half starend, maar steeds heeltemal by homself"*, *"... a dangerous look, as if his head is going to explode"* en as *"... eyes that harvest guilt in you ... you have sinned in the eyes of the master"*. Beskrywings van die verandering in die man se stemtoon sluit in *"... a tranquillity about him, as if he is in total control over himself and his surroundings"*, *"... so half beheers, afgemete en presies"*, maar ook *"... very high pitched, loud, but in control"* en *"... asof hy die woorde nie sê nie - hulle ontplof uit hom uit"*. In

5.2.1 en 5.2.2 is daarna verwys dat persone wat beskik oor 'n lae vlak van selfdifferensiasie, daartoe geneig is om in 'n simbiotiese verhouding met mekaar betrokke te raak, dat sodanige betrokkenheid gekenmerk word deur 'n hoë mate van wedersydse afhanklikheid en emosionele ineengestrengeldheid en dat die betrokkenes selfs van mekaar se gedagtes en drome bewus kan raak. Moontlik sou die deelnemers se verwysing daarna dat hulle selfs in die afwesigheid van openlike konflik die potensiaal vir gewelddadige gedrag kan identifiseer en sigself daarop kan voorberei, 'n aanduiding van die teenwoordigheid van simbiotiese verhoudings kon wees, weens die hoë mate van emosionele ineengestrengeldheid wat geimpliseer word deur die voorspelling van die man se gedrag.

Die deelnemer wat alleen aan seksuele dwang blootgestel word, dui aan dat die enigste faktor wat sy al ooit kon identifiseer as synde aanleidend tot die man se gedrag, die feit is dat dit altyd voorkom nadat hy alkohol gebruik het. Alkoholgebruik word ook deur vier ander deelnemers beskryf as aanleidend tot gewelddadige gedrag[58] deur hulle mans, terwyl DN6 beweer *"... dronkenskap en daggarokery is aan die orde van die dag voordat ek en die kinders so verniel word ..."*.

Ten spyte daarvan dat die meerderheid deelnemers van mening is dat geweld in hulle verhoudings benut word in 'n poging om konflik te hanteer, blyk faktore wat aanleiding gee tot geweld dus moeilik identifiseerbaar te wees. Wat wel duidelik blyk, is dat die gewelddadige gedrag teenoor die vroue in sommige gevalle voorafgegaan word deur 'n kognitiewe besluitnemingsproses deur die man om gewelddadig op te tree en dat die vroue se optrede nie altyd aanleiding gee tot sodanige gedrag nie. Waarskynlik dra die geweldenaars se onvoorspelbaarheid en inkonsekwente optrede (vgl. 8.7.3.2) ook daartoe by dat 'n afbakening van aspekte wat as provokasie (vgl. 6.2.4.3) tot geweld aangedui sou kon word, nie onder alle omstandighede geld nie.

8.7.3.4 Invloed van gewelddadige gedrag op deelnemers

Die vraag in die onderhoudskedule (vraag 4.4) ten opsigte van die wyse waarop die manlike verhoudingsmaat se gedrag die deelnemers beïnvloed, is die vraag wat tydens ses van die onderhoude, die mees intense emosies ontlont het. Hierdie vraag het ook die minste konkrete

---

58 Aandag word gevestig op die bespreking in 4.5 waar aangedui is dat genoegsame bewyse nie bestaan om te beweer dat alkoholmisbruik gewelddadige gedrag *veroorsaak* nie. Weens deelnemers se aanduiding tydens die kwalitatiewe onderhoude van alkoholmisbruik as *aanleidende faktor* tot geweld in hulle verhoudings, word hierdie aspek wel hier vermeld.

antwoorde vanaf deelnemers opgelewer, aangesien deelnemers bykans deurlopend alleen op fisiese resultate van die mans se gedrag in hulle beantwoording gefokus het.

Al nege die deelnemers wat aan fisiese aanranding blootgestel word, beskryf die invloed van die gewelddadige gedrag op hulleself primêr in terme van fisiese resultate van geweld. Fisiese pyn (wat in twee gevalle agt weke na die insident voortgeduur het) word deur al nege hierdie deelnemers aangedui, terwyl minstens twee verwys na 'n blou oog en / of blou kneusplekke op die lyf, stukkende hande soos wat gepoog is om aanvalle af te weer en skraapmerke op hulle knieë vanweë die feit dat hulle geval en rondgesleep is tydens aanrandings. In die geval van DN1 word byvoorbeeld verwys na haar gebreekte kakebeen wat skeef aangegroei het weens die feit dat sy nie betyds na afloop van 'n aanranding mediese hulp ontvang het nie, DN9 verwys na 'n gebreekte skedel en harsingskudding, terwyl DN2 brandmerke aan haar een arm en letsels aan haar hande wys as fisiese resultate van hulle mans se geweldpleging. Die intensiteit van die beserings wat deur die deelnemers beskryf word, bevestig die betekenisgewing wat in 8.7.2.2 gemaak is dat sommige van die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering blootgestel word aan intense vorme van fisiese aanranding.

In 8.7.3.1 is daarna verwys dat die meeste deelnemers sigself beskryf in terme van konatiewe faktore. Die vraag oor die beïnvloeding van die manlike verhoudingsmaat se gedrag op die deelnemers het egter nie alleen beskrywings van fisiese resultate opgelewer nie, maar deelnemers het ook terugverwys na die psigososiale eienskappe waarna in 8.7.3.1 verwys is (skaamte, moegheid, spanning, vrees en onsekerheid), as die resultate van die geweldpleging waaraan hulle blootgestel is. Aanduidings van 'n *leegheid* wat ervaar word, is deur vier deelnemers aangebied. Hierdie leegheid word beskryf in terme van die ontkenning van emosionele belewenisse, 'n gebrek aan lewenslus en -krag en min betrokkenheid by hulle omgewings (insluitende hulle eggenote, kinders, huishoudelike take en beroepsverwagtinge en -uitdagings). 'n Deelnemer (DN8) beskryf hierdie beïnvloeding deur daarna te verwys dat *"I was less than half the woman I used to be. I used to have a zest for life, I used to be creative, uninhibited, excited, a go-getter. When we were together, I was an empty hole. Empty, empty, empty, with nothing left inside of me but emptiness."* In die geval van DN10, verwys sy na die leegheid in die volgende terme: *"Dis of jy nie meer voel nie, of jy nie meer wil of kan voel nie, of jy nie meer seerder kan kry nie, want die seer is klaar so erg soos wat dit kan wees. Die niks binne-in jou brand eintlik en dit is daai brand wat jou herinner daaraan om maar altyd te vrees vir wat volgende kom, om op jou hoede te wees, bang te wees, te vrees."*

Alhoewel deelnemers nie spesifiek daarna verwys as wyses waarop die man se gewelddadige gedrag hulle beïnvloed nie, maak vier deelnemers tydens die onderhoude melding van slaaploosheid, depressie en angstigheid en dat hulle angsweerders (kalmeermiddels) en / of slaapmiddels en antidepressante wat deur mediese praktisyns aan hulle voorgeskryf is, vir dié toestande gebruik. In die geval van DN8, beskryf sy byvoorbeeld dat sy teen laatmiddag, kort voordat sy huis toe moes gaan na die dag se werk, so angstig begin raak het, dat sy by herhaling asma-aanvalle gekry het. Sy het dit ook, sover moontlik, vermy om saans bed toe te gaan alvorens haar man nie geslaap het nie, omdat sy bang was dat hy haar in die nag sou vermoor. Snags het sy meesal in die sitkamer gesit en brei totdat sy seker was dat haar man vas slaap. Later van tyd kon sy gladnie meer snags slaap nie. Toe die slaaploosheid haar werk nadelig begin beïnvloed, het sy 'n slaapmiddel by haar dokter gevra. Die middel het sy nooit saans geneem alvorens sy nie seker daarvan was dat haar man vas slaap nie. Soortgelyke gedrag word deur DN4 gerapporteer, uit vrees daarvoor dat haar man haar in die nag sal verkrag. Wanneer haar man saans uitgaan, probeer sy wakker bly totdat hy terugkom aangesien sy haarself nie aan die moontlikheid van 'n verkragting wil blootstel nie. Die betrokkene beskryf dat haar slaappatroon tans so versteurd is, dat sy dikwels gladnie meer snags slaap nie. Ook verwysings na psigosomatiese siektes soos peptiese ulkusse en hipertensie (vgl. 3.2.2) word deur twee deelnemers tydens die onderhoude vermeld as resultate van hulle mans se gedrag teenoor hulle. Beide deelnemers rapporteer ook dat hierdie toestande vererger tydens tydperke wat spanning in hulle huweliksverhoudings voorkom.

'n Analise van bogenoemde faktore, bring aan die lig dat gewelddadige gedrag deur die manlike huweliksmaat, sowel negatiewe fisiese as psigososiale resultate by die deelnemers teweeg bring, terwyl die intensiteit van die emosies wat getoon is tydens die beantwoording van dié vraag tydens die onderhoudsituasies, waarskynlik dien as 'n aanduiding van die intense emosionele ontwrigting wat deur die betrokkenes ervaar word. Waarskynlik is deelnemers se verwysing na slaaploosheid, depressie, angstigheid, peptiese ulkusse en hipertensie, in ooreenstemming met die bespreking in 8.7.3.1, tipiese voorbeelde van fisiese en emosionele disfunksionering wat by een van die egliede kan voorkom as 'n resultaat van die kerngesin-emosionele prosesse (vgl. 5.2.3) wat teweeg gebring word deur die lae vlakke van selfdifferensiasie waaroor beide egliede beskik.

8.7.3.5 Invloed van gewelddadige gedrag op kinders

Naas die vraag oor die invloed van die manlike geweldenaar se gedrag op die deelnemers, is deelnemers in vraag 4.5 van die onderhoudskedule versoek om aan te dui wat die effek van hulle mans se gewelddadige optrede, op hulle kinders is. Die sewe deelnemers wat kinders het, beskryf die invloed van die gewelddadige gedrag op die kinders primêr in terme van angs, spanning en vrees wat ervaar word. Twee van hierdie deelnemers (DN3 en 6) verwys na bednatmaak, nagmerries, hakkelspraak en swak skoolprestasie wat voorkom by minstens een van hulle kinders en dat hierdie faktore direk verband hou met die spanningsvlak en voorkoms van gewelddadige gedrag in die gesinsisteme. Dié faktore gee egter ook aanleiding tot verdere spanning in die gesinsisteme, deurdat die mans die kinders straf oor die nat beddegoed (in een geval is die nat beddegoed op die kind se kop uitgedroog, terwyl 'n ander deelnemer rapporteer dat die man die kind dwing om self die beddegoed te was) en blaam deur die vaders ten opsigte van 'n versteurde nagrus vanweë die nagmerries. Beide hierdie deelnemers dui aan dat die kinders sukkel om aan die slaap te raak, uit vrees dat die bed natgemaak sal word of dat hulle nagmerries sal hê. Een deelnemer (DN6) beskryf die kinders se angstigheid deur te sê: *"Ons pragtige twee kinders het altyd saans so stil soos muise gesit, styf teen my, want hulle was bang Pappa slaan vir hulle of vir my as hulle sou raas."*

In 8.4.3.8 is na aanleiding van die vraelysondersoek bespiegel oor die moontlikheid dat die angs wat deur deelnemers beskryf word as kenmerkend van een of meer van hulle kinders, aanduidend kan wees daarvan dat dié kinders waarskynlik ingedriehoek is by hulle ouers se huwelikskonflik deur middel van die gesinsprojeksieproses (vgl. 5.2.4). 'n Beskrywing van DN3 gee van die verhouding tussen haar en haar 23-jarige seun wat tans nog by haar inwoon, sou waarskynlik juis aan sodanige gesinsprojeksieproses toegeskryf kan word: *"Hy's maar sy ma se 'favourite', al weet ek mens mag nie so sê nie. Maar, kleintyd het ek al agtergekom hierdie knapie van sy ma is 'n spesiale kind. Hy't so hartkloppings gekry ... die hart het skoon gefladder met tye ... hy't bednatgemaak tot hy al in die hoërskool was ... maar die dokters kon niks verkeerds kry nie. Vandag bly hy nog by my, al is hy al so 'n bietjie opgeskoot. Hy sal maar swaar kry sonder sy ma ... en ek 'admit', ek wil hom ôk nie laat gaan nie. Ek's so jammer vir die kind. Sy pa se dinge het hom een bol 'nerves' gemaak."* Die moeder se sensitiwiteit ten opsigte van die kind, die vermeende fisiese gebreke (hartkloppings en 'n blaasprobleem) waarvoor daar nie 'n mediese oorsaak vasgestel kon word nie, die feit dat die 23-jarige man nog by sy moeder woonagtig is en hulle wedersydse afhanklikheid van mekaar, is moontlik aanduidend daarvan dat die spanning wat in die vader-moeder-diaad teenwoordig was, hanteer is deur middel van die gesinsprojeksieproses.

As 'n resultaat daarvan, het die moeder waarskynlik met oormatige sensitiwiteit gereageer ten opsigte van vermeende fisiese probleme wat sy in die kind raakgesien het en het hierdie sensitiwiteit aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n verhouding tussen haar en dié seun, wat as simbioties bestempel kan word.

In vier gevalle rapporteer die deelnemers dat nie net hulleself nie, maar ook die kinders deur die man fisies aangerand word, terwyl seksuele aanranding van hulle een dogtertjie toe sy vier jaar oud was, deur DN6 gerapporteer word. Een van hierdie deelnemers (DN2) verwys ook daarna dat haar man hulle dogtertjie wat vier dae oud was, op haar hande gebrand het met 'n sigaret. In ooreenstemming met die bespreking in 1.1, 3.4 en 5.1.3.1 rapporteer die deelnemers dus dat die gewelddadige gedrag van hulle mans nie alleen teenoor hulleself gerig is nie, maar dat erge vorme van fisiese aanranding en selfs seksuele dwang (vgl. 3.5.4) ook tot kinders in die geweldgekenmerkde gesinsisteme voorkom.

Net soos wat in 8.7.3.3 beskryf is dat deelnemers 'n gewelddadige insident kan voorspel, word hierdie vermoë ook deur minstens twee deelnemers aan die kinders toegeskryf, as synde 'n wyse hoe die gewelddadige gedrag hulle beïnvloed. So byvoorbeeld beskryf DN9 haar volwasse kinders se houding teenoor hulle vader in die volgende woorde: *"Die kinders haat hom. Ek dink as my twee oudste seuns hom sou raakloop sal hulle hom iets aandoen. My seuns se humeure is maar kort. Maar man, hulle het naderhand net so goed soos ek geweet as daar probleme kom. As hulle in die huis ingeloop het, het hulle onmiddellik geweet as ek geslaan is of as 'n uitbarsting dreig. Niemand hoef eers iets te sê nie. Hulle wéét net. Dis moeilik om dit te beskryf. Dis daai kyk, daai stemtoon wat die atmosfeer bepaal. Hulle was in elk geval altyd soos styfgespande snare - so half gereed vir wat ookal kan gebeur."*

Vanuit die gegewens wat verkry is vanaf die deelnemers, blyk dat die man se gewelddadige gedrag dus nie net die deelnemers self nie, maar ook hulle kinders sowel fisies as emosioneel nadelig beïnvloed. Naas fisiese resultate vanweë die man se gewelddadige gedrag ook ten opsigte van sy kinders, manifesteer fisiese beïnvloeding hoofsaaklik in die vorm van gedrag soos byvoorbeeld bednatmaak tot op stadiums in die kind se ontwikkeling waartydens effektiewe blaasbeheer al ontwikkel behoort te wees, terwyl emosionele benadeling aangedui word as vrees, haat ten opsigte van die pa, angs en spanning wat by die kinders geïdentifiseer word. Voorts blyk dit dat die voorkoms van sowel fisiese as emosionele probleme deur die kinders direk verband hou met die mate van angs wat in die egpaarsubsisteem teenwoordig is en die frekwensie en intensiteit van die konflik en gewelddadige gedrag in die gesinsverhoudings. In

minstens een van die gevalle word die angs in die egpaarsubsisteem oënskynlik hanteer deur middel van 'n kerngesin-emosionele proses, naamlik die projeksie van die probleem na een van die kinders in die gesinsisteem.

8.7.3.6 Aanvang van gewelddadige gedrag

Deur middel van vraag 4.6 in die onderhoudskedule, is gepoog om die fases in die gesinslewensiklusse waartydens gewelddadige gedrag die eerste keer voorgekom het, te bepaal. Sodoende is gepoog om 'n aanduiding te verkry van gesinsontwikkelingstake wat moontlik problematies was vir die gesinne, om aan uitvoering te gee. In die geval van vier van die deelnemers, het die gewelddadige gedrag die eerste keer voorgekom reeds voordat hulle getroud was, in vier gevalle binne die eerste jaar na huweliksluiting (voordat enige kinders uit die huwelik gebore is) en in twee gevalle kort na die geboorte van hulle eerste kind. Twee van die deelnemers (DN3 en 9), beskryf hoedat hulle mans hulle die eerste keer aangerand het, pas nadat die mans ingelig is van die feit dat hulle swanger is. In die geval van DN9, word die eerste aanranding soos volg beskryf: *"Dit was voor ons getroud was, toe ons nog net saamgebly het. Ek was 'n paar dae siekerig en is toe dokter toe. Ek was swanger en het hom daaroor ingelig. Die volgende dag was ons op pad na 'n begrafnis toe en ek het hom gestuur om 'n ander das te gaan aansit. Ek was in die kombuis besig om brood te sny vir die bediende. Wat presies gebeur het weet ek nie. Hy het die brood uit my hande uit geklap, daarna het ek 'uitgepass'* (flou geword) *en ek het agterna eers besef dit was omdat hy my op die kop geslaan het. Toe ek bykom hoor ek net hoe die bediende skreeu en die honde blaf en ek kon eers nie verstaan wat gebeur het nie. Ek het gedink hy was kwaad oor die das-storie. Toe skop hy my in my maag en sê die kind is nie syne nie en hy wil niks verder met my te doen hê nie."* 'n Soortgelyke beskrywing is vanaf DN3 verkry: *"Net voor die winter daardie jaar het ek uitgevind ek is swanger en 'n maand later, dat ek 'n tweeling verwag. Ek was 19 jaar oud. Wat my die seerste gemaak het, is dat hy gesê het dat dit nie sy kinders was wat ek verwag het nie. Van toe af is ek dikwels aangerand en moes ek hoor hoe 'n slegte vrou ek is. Hy het my ook daarvoor geblameer dat daar nog twee ekstra monde sou wees wat kos moes kry. Toe ek die een babatjie verloor* (sy het 'n miskraam gehad), *het hy gesê hy's bly, ek moet die ander een sommer ook uitdruk."*

Waarskynlik sou die aanvang van die gewelddadige gedrag binne die eerste jaar na huweliksluiting, na die bekendwording van swangerskap en kort na die geboorte van die eerste kind aan die hand van die bespreking in 5.1.3.3 verklaar kan word, naamlik dat die gewelddadige gedrag van die man beskou kan word as 'n mislukking van die gesinsisteem om

die gesinsontwikkelingstake wat gepaard gaan met die gesinslewensfase waarin verkeer word, uit te voer. Voldoening aan die eise om 'n wedersyds-bevredigende huwelik tot stand te bring, aan te pas by 'n swangerskap of om na die geboorte van die eerste kind die ontwikkeling van 'n baba aan te moedig deur die vestiging van 'n bevredigende tuiste vir sowel die ouers as die kinders, vind waarskynlik in hierdie gevalle nie bevredigend plaas nie.

Aandag word gevestig op die feit dat vier van die deelnemers reeds voor huweliksluiting aangerand is deur hulle manlike verhoudingsmaats, maar dat diegene ten spyte van die bewustheid van die mans se gewelddadigheid, tog met die mans getrou het. Hierdie ignorering van konkrete feite wat tot die betrokkenes se beskikking was tydens die besluitnemingsproses ten opsigte van huweliksluiting al dan nie, sou waarskynlik beskryf kan word in terme van die betrokkenes se lae vlakke van selfdifferensiasie (vgl. 5.2.1), naamlik dat besluitneming waarskynlik 'n emosioneel-reaktiewe proses was waartydens die feite van die situasie nie kognitief beredeneer is nie.

Alhoewel die doel met die vraag aan die deelnemers om te eksploreer ten opsigte van die eerste keer toe hulle manlike verhoudingsmaats gewelddadig teenoor hulle opgetree het, primêr gekoppel was aan 'n analise van die stadia in die gesinslewensiklus en die uitvoering van gesinsontwikkelingstake wat potensieel vir die betrokkenes problematies kon wees en kon aanleiding gee tot gewelddadige gedrag, bring 'n analise van die verkreë reaksies ook aan die lig dat die intensiteit van die gewelddadige gedrag met verloop van tyd verhoog het. Die nege deelnemers wat aan aanranding blootgestel word, beskryf byvoorbeeld die aanvanklike vorme van geweld in terme van matige vorme van fisiese aanranding, soos byvoorbeeld stote, stampe en die toediening van klappe, meesal sonder enige fisiese besering as 'n resultaat daarvan. Latere insidente van gewelddadige gedrag (vuishoue, skoppe en verwurging) en die fisiese beserings wat daaruit voortgespruit het ('n gebreekte kakebeen, opgeswelde oë, blou letsels aan die liggaam en harsingskudding), blyk egter meer intens van aard te wees.

In ooreenstemming met die bevindinge tydens die vraelysondersoek (vgl. 8.4.3.5), het die geweldpleging in die gesinne van die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering ook meesal reeds voor huweliksluiting of tydens die eerste twee fases van die gesinslewensiklus 'n aanvang geneem. Veral swangerskap en die gesinsisteme se onvermoë om aan te pas by die idee van swangerskap en die vestiging van 'n wedersyds-bevredigende huweliksverhouding voor gesinsvorming, blyk problematiese gesinsontwikkelingstake te wees waaraan nie effektief

uitvoering gegee kon word nie. Nie alleen het gewelddadige gedrag vroeg in die verhoudings vir die eerste keer voorgekom nie, maar die intensiteit van die gewelddadige gedrag het met verloop van tyd tot so 'n mate vererger, dat die vroulike slagoffers in sommige gevalle ernstige beserings opgedoen het. Wanneer die intensiteit van die beserings wat opgedoen is in ag geneem word (vgl. 8.7.3.4), sou die gewelddadige gedrag waarskynlik later selfs tot die slagoffers se dood kon aanleiding gee.

8.7.3.7 Gesin-van-oorsprong beïnvloeding

Vrae 4.7 tot 4.10 in die onderhoudskedule was daarop gemik om inligting met betrekking tot die betrokkenes en hulle manlike huweliksmaats se verhoudings in en ten opsigte van hulle gesinne-van-oorsprong te verkry. Vanuit hierdie inligting kon analises gemaak word ten opsigte van multigeneratiewe gesinspatrone wat moontlik vanuit een gesinsgenerasie na 'n volgende oorgedra is, van die teenwoordigheid, al dan nie, van emosionele afsnyding en ten opsigte van die residivisme van gewelddadige gedrag.

- ***DEELNEMERS SE VERHOUDINGS IN / TEN OPSIGTE VAN HULLE GESINNE-VAN-OORSPRONG***

Slegs twee van die deelnemers (DN4 en 10) bied 'n positiewe beskrywing van hulle ouers se verhoudings met mekaar. Hierdie beskrywing sluit woorde in soos *"wonderlike mense"*, *"regverdig"*, *"liefdevol"* en *"vredeliewend"*. Die ander agt deelnemers beskryf hulle ouers se huwelike as konflikgekenmerk wat gepaard gegaan het met beledigings, skeltaal en die gooi van voorwerpe en in terme van sowel intense emosionele nabyheid as afstand ten opsigte van mekaar. In vier van hierdie gevalle, het die ouers se konflik uiteindelik uitgeloop in egskeiding. Vanuit die beskrywings van drie van die deelnemers, blyk dat sowel fisiese as emosionele geweld deur hulle vaders ten opsigte van die moeders voorgekom het, terwyl geweld ook ten opsigte van die kinders deur DN6 gerapporteer word.

'n Analise van die agt deelnemers se beskrywings van hulle ouers se huweliksverhoudings, bring aan die lig dat die ouers waarskynlik oor 'n lae vlak van selfdifferensiasie (vgl. 5.2.1) beskik het, soos vergestalt in emosionele reaktiwiteit ten opsigte van spanningsvolle situasies in die gesinsisteme, uitdrukkings in terme van 'n pseudo-self in die vorm van onvolwasse optrede en die benutting van huwelikskonflik om emosionele afstand (vgl. 5.2.3) te bewerkstellig. Waarskynlik is die konflik in die deelnemers se huweliksverhoudings, replikas van die kerngesin-emosionele prosesse in hulle gesinne-van-oorsprong, deurdat sowel hulle huidige verhoudings

as dié in hulle gesinne-van-oorsprong gekenmerk word deur emosionele reaktiwiteit, onvolwasse optrede en in drie van die gevalle, residivisme van gewelddadige gedrag.

Twee deelnemers se ouers is beide reeds oorlede, terwyl drie van die ander deelnemers aandui dat een van hulle ouers oorlede is. Die kontak wat dié betrokkenes as volwassenes met hulle ouers gehad het, word hoofsaaklik positief beskryf, alhoewel drie van die deelnemers aandui dat hulle dikwels in woordewisselings met hulle ouers betrokke was. Van die ander vyf deelnemers, dui twee aan dat hulle tans nog dikwels kontak het met hulle ouers en dat dié verhoudings vir hulle 'n betekenisvolle bron van ondersteuning is. Twee van hierdie deelnemers beskryf dat hulle min kontak het met hulle gesinne-van-oorsprong en dat hulle dit self so verkies, aangesien die verhoudings van so 'n aard is dat kontak tot konflik aanleiding gee. Een deelnemer (DN7) beweer dat sy geen kontak meer met haar ouers het nie, aangesien hulle haar verwerp het oor die keuse van haar huweliksmaat en omdat haar man haar verbied om kontak met hulle te maak. Uit haar vertelling blyk dat sy die situasie so verkies en dus nie die man daarvoor blameer nie.

In die geval van minstens drie van die deelnemers, blyk daar dus emosionele afsnyding (vgl. 5.2.7) ten opsigte van hulle gesinne-van-oorsprong te wees, terwyl in een van hierdie gevalle, intense emosionele afsnyding plaasgevind het. Derhalwe kan aanvaar word dat die onopgeloste emosionele konflikte ten opsigte van die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, daartoe bydra dat hierdie konflikte ook in hulle huidige verhoudings teenwoordig is en dat die werklike of intrapsigiese isolasie ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong, waarskynlik op 'n onvolwasse en impulsiewe wyse in hulle huidige verhoudings uitgeleef word[59].

- ***MANLIKE HUWELIKSMAATS SE VERHOUDINGS IN / TEN OPSIGTE VAN HULLE GESINNE-VAN-OORSPRONG***

Drie van die deelnemers dui aan dat hulle oor min kennis beskik ten opsigte van hulle mans se gesinne-van-oorsprong en dat hulle alleen kan spekuleer oor dié faktor. Hulle gebrekkige kennis word toegeskryf aan die feit dat hulle mans nie kontak het met hulle gesinne-van-oorsprong nie en dat dié tema nie in die gesinne bespreek word nie. Die deelnemers is dit egter eens dat die verhouding tussen hulle mans en hulle gesinne-van-oorsprong in die verlede konflikgekenmerk was en dat juis dié konflik aanleiding gegee het tot die verbreking van kontak. Vier deelnemers beskryf dat hulle mans se moeders deur hulle vaders aangerand is,

---

[59] Vgl. ook die bespreking in 8.7.3.9 met betrekking tot emosionele afsnyding deur deelnemers se volwasse kinders ten opsigte van hulle gesinne-van-oorsprong.

terwyl drie van hierdie deelnemers ook aandui dat hulle mans aan sowel fisiese as emosionele geweld deur hulle vaders blootgestel was. Een van die deelnemers (DN6) beskryf die situasie soos volg: *"Sy aanneemma is vroeg dood - glo kanker gekry van al die aanrandings en stres. Met sy pa het hy heeltemal kontak verloor. Hy't glo vreeslik gedrink en dan hom* (haar man) *so onmenslik geslaan, hom geblameer vir die ma se dood en hom sleggesê. Ek het sy pa nie geken nie. Hy is die enigste kind gewees. Van die res van sy familie wou hy niks weet nie. Sy mense was nie eens by ons troue nie."* Die ander drie deelnemers beskryf hulle skoonouers se verhoudings as konflikgekenmerk, maar dat fisiese geweldpleging sover hulle weet, nie in die verhoudings betrokke is nie.

Al tien deelnemers dui dus sowel die teenwoordigheid van konflik in hulle mans se gesinne-van-oorsprong, as konflik tussen hulle mans en hulle gesinne-van-oorsprong aan, terwyl in minstens drie van die gevalle, intense emosionele afsnyding gerapporteer word. Die konflikgekenmerkde aard van die verhoudings in die gesinne-van-oorsprong en die teenwoordigheid van geweldpleging in minstens vier gevalle, dui waarskynlik op die teenwoordigheid van lae vlakke van selfdifferensiasie wat teenwoordig was by die mans se ouers, terwyl die emosionele afsnyding van die mans ten opsigte van hulle gesinne-van-oorsprong en die residivisme van gewelddadige gedrag in hulle eie huweliksverhoudings, waarskynlik ook aanduidend is van die mans se lae vlakke van selfdifferensiasie.

Wanneer in aanmerking geneem word dat sowel die deelnemers self as hulle mans oënskynlik oor lae vlakke van selfdifferensiasie beskik, word die bespreking in 5.2.3 dat die kerngesin tot stand kom deurdat twee persone met min of meer dieselfde basiese vlakke van selfdifferensiasie, met mekaar in die huwelik tree, bevestig. Waarskynlik is dat die deelnemers se verwysing na angs en onsekerheid wat voortdurend in hulle verhoudings ervaar word (vgl. 8.7.3.1) juis 'n resultaat van die fusie wat tussen die egliede teenwoordig is en is die benutting van angsweerders, slaapmiddels en antidepressante (vgl. 8.7.3.4) aanduidend daarvan dat disfunksionering in 'n eglied (vgl. 5.2.3) een van die kerngesin-emosionele prosesse is wat benut word om hierdie fusie te hanteer. Ook die verwysings na buite-egtelike verhoudings deur die deelnemers se mans (vgl. 8.7.3.2), sou waarskynlik verklaar kan word as kerngesin-emosionele proses wat benut word in 'n poging om emosionele afstand (vgl. 5.2.3) te bewerkstellig in 'n verhouding wat gekenmerk word deur emosionele fusie. Moontlik sou hierdie buite-egtelike verhoudings ook toegeskryf kan word aan 'n proses van driehoekvorming (vgl. 5.2.2) waar persone buite die gesinsisteem ingedriehoek word in 'n poging om die angs in

die huweliksverhouding te verlig.

8.7.3.8 Aard van die egpaarsubsisteemgrense

'n Analise van deelnemers se antwoorde ten opsigte van 'n vraag oor die mate van emosionele nabyheid / afstand / sensitiwiteit wat teenwoordig is / was in hulle verhoudings met hulle mans (vgl. 4.13 van die onderhoudskedule), dui op die teenwoordigheid van elemente van vae grense in ses gevalle en rigiede grense in vier gevalle. In 5.2.1 is daarna verwys dat lae vlakke van selfdifferensiasie gepaard gaan met vae subsisteemgrense wat aanleiding gee tot emosionele ineengestrengeldheid (fusie) tussen mense en dat hierdie ineengestrengeldheid van so 'n aard kan wees, dat die betrokkenes as't ware nie sonder mekaar kan funksioneer nie (simbiose). Die emosionele ineengestrengeldheid van DN8 en haar man, beskryf sy byvoorbeeld soos volg: *"My well-being was completely dependent upon him being well. The psychiatrist said that I experienced and showed emotions on behalf of both of us. If he was stressed, I got jittery, if he got hurt, I was the one who cried, when he was happy, I got the giggles ... It was as if I was one with him."* 'n Soortgelyke beskrywing word deur DN9 aangebied: *"Ons was nooit regtig sielsgenote nie. Hy was met tye so 'involved' met my, dan weer amper niks nie. My hele bestaan het om hom gedraai, maar hy was nie altyd so betrokke nie. Van my kant af was daar nie regtig liefde nie, eerder 'n verslawing. Ja, die sielkundige het gesê ek is nie vir hom so lief as wat ek so verslaaf aan hom was nie. Ek het so hard probeer vir meer nabyheid en as ons by predikante of sielkundiges was het dit vir dié tye beter gegaan, maar kort voor lank was ons weer elkeen op sy eie eiland en ek was die een wat altyd na sy eiland toe probeer swem het."* Na aanleiding van die bespreking in 5.2.3, sou hierdie tydperke van intense emosionele nabyheid wat gevolg word deur emosionele afstand en 'n deurlopende soeke na meer nabyheid deur die vrou, bestempel kan word as 'n kerngesin-emosionele proses waar deur middel van emosionele afstand en huwelikskonflik gepoog word om die fusie in die verhouding in tye van hoë angs te hanteer. Die vae grens tussen die betrokkenes gee aanleiding tot hoë fusie in die verhouding en hierdie fusie word waarskynlik hanteer deur emosionele afstand te skep, wat opgevolg word deur tydperke van intense emosionele nabyheid.

Die teenwoordigheid van rigiede egpaarsubsisteemgrense ('n hoë mate van outonomie en 'n gebrek aan geborgenheid) is geïdentifiseer, onder andere na aanleiding van deelnemers se benutting van sinsnedes soos *"... it would be difficult to care less ..."* (DN1), *"... he does not even sleep here some nights, he likes to walk around ... we are not together ..."* (DN2), *"... nee wat, van*

omgee vir mekaar was daar nie sprake nie, elkeen maak maar soos hy wil ..." (DN3) en "*... ons weet nie wat in mekaar se koppe aangaan nie en ek probeer ook nie meer om te probeer uitvind nie ...*" (DN10).

In ooreenstemming met die bespreking in 5.1.3.2, 5.2.1 en 5.2.3, dui 'n analise van deelnemers se beskrywings van die aard van die egpaarsubsisteemgrense in hulle geweldgekenmerkde verhoudings daarop dat dié grense nie duidelik is nie, maar in sommige gevalle neig na vaagheid, soos gekenmerk deur oorbetrokkenheid by mekaar en emosionele ineengestrengeldheid, of dat dié grense neig na rigiditeit, soos afgelei uit 'n gebrek aan emosionele sensitiwiteit ten opsigte van mekaar en 'n hoë mate van outonomie waaroor elkeen van die betrokkenes beskik. In die geval van minstens een van die deelnemers, word 'n kerngesin-emosionele proses gekenmerk deur fases van intense emosionele nabyheid, opgevolg deur emosionele afstand en tydperke van huwelikskonflik, gerapporteer.

8.7.3.9 Kinders se reaksies

Deur middel van vrae 4.14 en 4.15 van die onderhoudskedule, is gepoog om 'n aanduiding te verkry van die wyses waarop kinders in die deelnemers se gesinsisteme teenoor die deelnemers self en teenoor hulle vaders optree. Van die sewe deelnemers wat kinders het, beskryf ses dat hulle kinders meesal versorgend, beskermend en vertroetelend teenoor hulle optree. Drie van die vier deelnemers wat geskei is en wat kinders het (DN3, 7, 8 en 9) rapporteer egter ook dat die kinders hulle in die verlede geblameer het daarvoor dat by die geweldenaars gebly is en dat onder andere die kinders se beïnvloeding daartoe bygedra het dat uiteindelik finaal uit die geweldgekenmerkde verhouding getree is.

In 4.3 is daarna verwys dat mishandelde vroue soms rapporteer dat hulle kinders ook gewelddadige teenoor hulle optree, waarskynlik weens sosiale leer wat plaasvind deurdat die kind(ers) hulle vaders se gedrag naboots. Die Swart deelnemer wat kinders het (DN2), beskryf dat haar oudste seun ook gewelddadig teenoor haar optree, maar skryf dié gedrag toe aan kulturele faktore: "*In my culture, the firstborn son has higher power than his mother. You see, he is my superior, my authority. He does not respect me, but it is like it is not expected of him to respect me. Now he is 22 years old and he shunts and shoves me around just like his father. When he gets drunk he would chase me around in the house all night long. The other children just watch, they don't do nothing. He has hit me before.*" Nie soseer sosiale leer nie, maar wel die sosio-kulturele norm wat in die betrokkene se kultuur geld naamlik dat mans, ongeag hulle ouderdom,

meerderwaardig is aan vroue en dat gewelddadige gedrag teenoor vroue, al is die vrou die betrokkene se moeder, gelegitimeer is, vind dus oënskynlik neerslag in DN2 se gesinsisteem deur haar oudste seun se gewelddadige gedrag teenoor haar.

Behalwe in die geval van DN2, word die kinders se optrede ten opsigte van hulle vaders deur die ander ses deelnemers wat kinders het, beskryf in terme van vermyding, onttrekking, agterdog en wantroue. Openlike vyandigheid, gepaardgaande met dreigemente om die vader leed aan te doen, word gerapporteer deur DN3, 9 en 10 ten opsigte van hulle volwasse kinders. In die geval van DN10 het haar volwasse seun al sy vader se arm agter sy rug gedraai, hom teen 'n muur vasgestamp en hom toe gedreig met ernstige fisiese leed indien geweldpleging ten opsigte van die moeder ooit weer sou plaasvind. In die literatuurstudie (vgl. 5.2.7) is daarna verwys dat 'n ouer wat emosionele afsnyding ten opsigte van sy / haar gesin-van-oorsprong handhaaf, se kinders waarskynlik 'n nog meer intense emosionele afsnyding sal bewerkstellig. Wanneer in ag geneem word dat al tien die deelnemers elemente van emosionele afsnyding ten opsigte van hulle mans se gesinne-van-oorsprong aandui (vgl. 8.7.3.7), sou die feit dat sowel DN3 as DN9 rapporteer dat hulle oudste kinders hoegenaamd geen kontak meer met hulle vaders wil hê nie, moontlik as 'n aanduiding kan dien dat emosionele afsnyding ook op die kinders oorgedra is. Slegs DN2 beskryf haar kinders se optrede teenoor hulle vader as synde *"... respectful and with proper dignity, as it is expected of them"*. Die betrokkene se verwysing daarna dat die kinders se gedrag teenoor hulle vader in ooreenstemming is met die verwagting wat aan hulle gestel word, verwys waarskynlik ook na die sosio-kulturele norm in die Swart kultuur waarvolgens die vrou en kinders die man se eiendom is, dat hy oor hulle heers en dat respek teenoor hom as sulks sosio-kultureel voorgeskryf word (vgl. 3.1, 7.1 en 7.3).

Samevattend blyk uit die gegewens dat die deelnemers wat kinders het, hoofsaaklik ondersteuning vanaf die kinders ontvang en dat die kinders in die meeste gevalle, ook 'n betekenisvolle rol gespeel het ten opsigte van die geskeide deelnemers se besluitneming om die gewelddadige man finaal te verlaat. Hierteenoor word die kinders se optrede teenoor die manlike geweldenaar hoofsaaklik gekenmerk deur vermyding van kontak, terwyl waar die kinders reeds volwasse is, daar 'n geneigdheid bestaan om hulle vaders met wederkerige geweld te dreig, waarskynlik in 'n poging om hulle moeders teen die man se geweldpleging te beskerm. In die enkele geval waar ook 'n kind gewelddadig teenoor die moeder optree en waar die kinders met respek teenoor hulle vader optree, blyk die optrede gerig te wees deur konformering aan seksistiese sosio-kultureel voorgeskrewe norme wat deur die betrokkenes

geïnternaliseer is en uitgeleef word.

8.7.3.10 Verlating van die gewelddadige man

In 'n poging om die teenwoordigheid van 'n geweldsiklus, bronne van ondersteuning tot die betrokkenes se beskikking en die benutting van rasionaliseringsmeganismes deur deelnemers te verken, is vrae 4.11 en 4.12 wat handel oor die verlating van die gewelddadige man na aanleiding van sy gewelddadige gedrag, in die onderhoudskedule ingesluit. Sewe van die deelnemers (uitgesluit DN4, 5 en 10) dui aan dat 'n gewelddadige insident al daartoe aanleiding gegee het dat hulle hulle manlike verhoudingsmaats verlaat het. Verlating van die gewelddadige man in 'n poging om geweld af te weer (dus, nie na aanleiding van 'n gewelddadige insident nie, maar ter voorkoming van geweld), word deur twee van hierdie sewe deelnemers gerapporteer. Vir die doeleindes van die bespreking wat volg, word inligting wat verkry is vanaf sowel die deelnemers wat na aanleiding van, as dié wat ter voorkoming van 'n gewelddadige insident die mans verlaat het, benut. In die lig van die doel met die insluiting van dié vrae in die onderhoudskedule, word die aandag daarop gevestig dat hier nie gefokus word op die finale verlating van die man deur die vier geskeide deelnemers nie, maar dat die bespreking geskoei word op verlatings en terugkerings na die manlike geweldenaar, na aanleiding van, of ter voorkoming van verdere geweldpleging.

➢ *GETAL VERLATINGS*

Die betrokkenes het dit moeilik gevind om aan te dui hoeveel keer die man al verlaat is, aangesien drie van die deelnemers (DN1, 2 en 9) nie meer kan onthou hoeveel keer dit al gebeur het nie. Hierdie deelnemers dui egter aan dat daar al minstens agt sodanige insidente plaasgevind het. Twee van die deelnemers (DN3 en 8) het hulle mans al twee keer verlaat, DN6 al drie keer en DN7 het die man slegs een keer verlaat. Die meerderheid deelnemers wat die man al verlaat het na aanleiding van sy gewelddadige gedrag, het die man dus al meer as een keer verlaat en na die geweldgekenmerkde verhouding toe teruggekeer. Interessant, is dat die deelnemers wat uiteindelik van die mans geskei is (DN3, 6, 8 en 9) elk hulle mans minstens twee keer verlaat het alvorens finaal uit die geweldgekenmerkde verhouding getree is deur middel van egskeiding. Hierdie aspek korreleer met die bespreking in 4.6.5, waar aangedui is dat finale verlating van die gewelddadige man meesal 'n sikliese proses is wat gekenmerk word deur 'n aantal verlatings en terugkerings, alvorens 'n finale besluit tot verlating geneem word.

➢ *ALTERNATIEWE VERBLYF NA VERLATING VAN DIE MAN*

Vyf van die deelnemers het hoofsaaklik vir alternatiewe verblyf by hulle familie gaan aanklop (twee by hulle ouers of een van hulle ouers, een by haar broer, een by haar volwasse kind en een by haar tante), een by bure en een by 'n lid van haar skoonfamilie. Twee van hierdie deelnemers het ook al pogings aangewend om die gewelddadige man te verlaat deur die verkryging van eie behuising in die vorm van 'n huurwoonstel. Beide hierdie persone het egter met verloop van tyd weer teruggekeer na hulle mans en hulle oorspronklike wonings. Uit die bespreking blyk dat die betrokkenes hulle familielede beskou as 'n betekenisvolle bron van ondersteuning by wie vir hulp aangeklop kan word in tye van nood. In 8.7.3.7 is aangedui dat emosionele afsnyding waarskynlik teenwoordig is in die verhouding tussen drie van die deelnemers en hulle gesinne-van-oorsprong. Ten opsigte van alternatiewe verblyf na die verlating van die gewelddadige man, dui hierdie drie deelnemers ook aan dat nie by lede van hulle gesinne-van-oorsprong gaan aanklop is vir verblyf nie, maar by bure, 'n lid van die skoonfamilie of by 'n volwasse kind.

➢ *VERDUIDELIKING VAN DIE SITUASIE AAN BETEKENISVOLLE ANDER*

Opsigtelike fisiese letsels ('n blou oog, skraapmerke aan die hande en elmboë en swelling aan die kakebeen) het in vier gevalle daartoe aanleiding gegee dat die betrokkenes hulle situasie nie vir die persone waarheen gegaan is na verlating van die man, kon geheim hou nie. Hierdie deelnemers verbaliseer ook nie 'n behoefte of 'n bedoeling om die situasie geheim te hou nie. In twee gevalle is die rede vir die verlating primêr aangedui as hewige rusies, maar is nie melding gemaak van die gewelddadige gedrag wat met die konflik gepaardgegaan het nie, terwyl een deelnemer aandui dat sy nie die situasie wou verduidelik het nie, maar dat haar tante onmiddellik afgelei het wat gebeur het.

'n Analise van deelnemers se antwoorde op die vraag ten opsigte van hulle verduideliking aan persone na wie se wonings gegaan is na verlating van die gewelddadige man, bring aan die lig dat waar aanvanklik gepoog is om die situasie geheim te hou of om die erns van die situasie te verdoesel, hierdie pogings tydens daaropvolgende verlatings verminder het, totdat verduidelikings van die situasie na etlike verlatings en herhaaldelike versoeke vir alternatiewe verblyf, as't ware nie meer nodig was nie. Waarskynlik het die herhaaldelike blootstelling aan die man se gedrag, die hoër intensiteit van geweldpleging (vgl. 8.7.3.6) en noodgedwonge soeke na alternatiewe, veilige verblyf, die betrokkenes se trots in so 'n mate aangetas, dat pogings om die situasie te verdoesel, laat vaar is.

➢ ***BETEKENISVOLLE ANDER SE REAKSIES OP DIE VERDUIDELIKING VAN DIE SITUASIE***

Ses van die deelnemers wat hulle mans al verlaat het weens sy gewelddadige gedrag (uitgesluit DN3) beskryf dat hulle ondersteuning ontvang het ten opsigte van hulle situasie. Hierdie ondersteuning het byvoorbeeld ingesluit dat onbeperkte, gratis huisvesting vir hulleself (en hulle kinders, waar toepaslik) aangebied is en dat vervoermiddels tot hulle beskikking gestel is of saamrygeleenthede namens hulle, deur hulle gashere gesoek en bekom is. Ander vorme van ondersteuning sluit in dat klere en toiletware namens hulle by die huis gaan haal is, dat hulle in kontak gebring is met professionele dienslewerraars (maatskaplike werkers, predikante, dokters, sielkundiges en psigiaters) en in die gevalle van DN1 en DN2, dat kultureel-voorgeskrewe prosedures vir die hantering van huweliksgeskille namens die deelnemers gekataliseer is. Een van die Swart deelnemers (DN1) beskryf hierdie proses soos volg: *"I went to my mother's house and told her what had happened, showed her my wounds. She sent my brother to call upon the 'oompie', not really my uncle, but an older member of my extended family - it's our culture, you see. He said that I had to go back home immediately and that he would initiate negotiations with my in-laws so that the problem can be solved. The family had a meeting that next weekend. They told me not to harass my husband for money and this and that and they told him not to cause injuries to me."*

Hierdie deelnemers het elk hulle situasies by 'n materne oom bekla, waarna dié ooms alle familielede wat voor huweliksluiting betrokke was by die *lobola* onderhandelinge, bymekaargeroep het. 'n Verhoor word gehou tydens sodanige byeenkoms, waartydens sowel die betrokkenes as die gewelddadige mans se kante van die saak aangehoor word. Alhoewel die onderhandelaars nie oor die reg beskik om voorskriftelik te wees nie, word gedragsriglyne aan sowel die man as die vrou gesuggereer ten einde in groter harmonie in die toekoms saam te leef. Beide dié deelnemers rapporteer egter dat sodanige verhore weinig impak op die situasie het en dat gedragsverandering wat daaruit voortspruit, meesal van korte duur is.

Vanuit die Swart deelnemers se beskrywings blyk dat die kulturele voorskrif, naamlik dat die patriarg die aller-hoof van sy eie huis is en dat die vrou sigself aan sy gesag behoort te onderwerp (vgl. 3.1 en 7.3), as't ware bevestig en in stand gehou word deur die onderhandelinge wat gevolg het op die deelnemer se klagte. Die man se gesag is byvoorbeeld nie ondermyn deur die vrou toe te laat om 'n nag by haar ma se woning deur te bring na die aanranding nie en tydens die uitgebreide gesinne se onderhandelinge oor die huwelikskonflik, is die man nie beveel om sy gewelddadige gedrag te staak nie, maar is hy bloot gemaan om die

intensiteit daarvan sodanig te verminder dat fisiese beserings nie weer voorkom nie. Aan die vrou daarenteen, is die opdrag gegee om haar gedrag te staak en die man nie verder te vermoei met versoeke en aansprake nie.

In twee gevalle word deur deelnemers beskryf dat hulle familielede, in reaksie op die man se gewelddadige gedrag, van fisiese geweld teenoor die man gebruik gemaak het nadat die deelnemers hulle situasie aan die betrokkenes verduidelik het. Een deelnemer (DN6) beskryf haar vader, wat ook sy vrou en die kinders aangerand het (vgl. 8.7.3.7), se reaksie soos volg: *"Hy het net gesê: 'Niemand slaan aan my kind behalwe ekself nie.' Toe's hy daar weg. Hy het sy pensioengeld gevat en sommer in 'n 'kaffertaxi' geklim en* [man se naam] *gaan opdonder. Daardie jare was nog apartheid, wit en swartmense het nie saamgery nie, so jy kan dink hoe kwaad hy was."* Die ander deelnemer (DN8) se broer het op dieselfde wyse gereageer, alhoewel hy oënskynlik haar man nie fisies aangerand het nie, maar fisiese dwang toegepas het om die man stil te kry om na hom te luister. Vermanings en dreigemente met fisiese leed indien soortgelyke gedrag in die toekoms sou voorkom, is dus in samehang met die fisiese dwang benut om die gewelddadige man te dwing tot gedragsverandering. Interessant is dat in bogenoemde gevalle, van geweld gebruik gemaak is om die mans te dwing om hulle gewelddadige gedrag te staak. Hierdie motief vir die gewelddadige gedrag is dus in ooreenstemming met die bespreking in 7.4, waar daarna verwys is dat die algemene aanvaarding van geweld as 'n vorm van gedrag om gewenste gedrag teweeg te bring, 'n sosio-kulturele faktor is wat nie alleen vermeend aanleiding gee tot gewelddadige gedrag nie, maar ook 'n bydra lewer tot die instandhouding daarvan.

Die een deelnemer wat nie ondersteuning ervaar het vanaf die persoon na wie sy gegaan het vir alternatiewe huisvesting nie (DN3), het na haar moeder se woning gegaan. Haar moeder was blootgestel aan haar vader se gewelddadige gedrag, maar het hom nooit verlaat nie en hulle huweliksverbintenis het voortgeduur tot die dag van sy dood. Die deelnemer beskryf haar moeder se herhaaldelike reaksie soos volg: *"Sy sê elke keer: 'Gaan terug na jou man en na jou kinders toe. Vra hom om verskoning, al dink jy dit was nie jou fout nie. Jy het as Christen 'n plig teenoor jou man en teenoor jou kinders. Jou plek is daar, nie hier nie. Jy weet mos al teen hierdie tyd hoe om die situasie te hanteer.' Sy bedoel, ek het mos gesien hoe sy dit altyd hanteer het. So het dit maar elke keer gegaan en ek het maar elke keer weer teruggegaan."*

Bogenoemde vermaning deur die moeder dat die betrokkene na haar man en kinders toe moet terugkeer en uitvoering moet gee aan haar pligte as vrou, moeder en Christen, sou waarskynlik na aanleiding van die bespreking in 5.1.3.1 beskryf kan word as 'n invloed wat die moeder

uitoefen ten einde die gevestigde transaksionele patrone in haar kind se huwelik te herbevestig en in stand te hou Die transaksionele patroon word waarskynlik in stand gehou deur eksplisiete verwysing van die moeder na die idiokratiese sisteem wat 'n vrou, moeder en Christen se gedragsrolle voorskryf en in stand hou.

'n Analise van die reaksies van betekenisvolle persone nadat die geweldpleging aan hulle bekend geword het, bring aan die lig dat hierdie reaksies onder andere gerig word deur die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem. So byvoorbeeld word kultureel-voorgeskrewe meganismes gekataliseer om aan die probleem aandag te skenk, die algemene aanvaarding daarvan dat gewelddadige gedrag gelegitimeer is in 'n poging om gewenste gedragsverandering teweeg te bring word toegepas en die inherente verwagtinge wat aan die tipiese rolle van vrou, moeder en Christen toegedig word, word benut om die vrou terug te stuur na die geweldgekenmerkde verhouding, ten einde uitvoering te gee aan sosio-kultureel voorgeskrewe idiokratiese sisteme. Waarskynlik dra hierdie sosio-kulturele beïnvloeding juis daartoe by dat die gewelddadige gedrag in die verhouding in stand gehou word, deurdat werklike gedragsverandering derhalwe nie teweeg gebring word deur die verlatings nie.

➢ *GEWELDENAAR SE REAKSIE OP DIE VERLATING*

Al sewe die deelnemers is dit eens dat die man se aanvanklike reaksie op die verlating woede is, wat gepaardgaan met emosioneel-aggressiewe vorme van geweld waaronder dreigemente, beledigings en skeltaal. In vier van die gevalle word beskryf dat die voorbereiding om die man te verlaat (inpak van klere, telefoonoproepe om 'n huurmotor, vriende of familie te laat kom om te help met vervoer), tot selfs verdere fisiese geweld aanleiding gee. In twee gevalle is die telefooninstrument al vernietig deur die man, terwyl DN8 rapporteer dat haar man op die huurmotorbestuurder geskiet het toe hy daar opdaag om haar en die kinders te help vlug.

Nadat die man verlaat is, volg oënskynlik 'n stadium waartydens die man pogings aanwend om die vrou en kind(ers) op te spoor, maar nie direk met hulle kontak maak nie. Deelnemers beskryf hierdie stadium byvoorbeeld in terme daarvan dat die man na verskillende familielede en vriende toe skakel om te hoor of die vrou daar is, in die straat in sy motor sit voor die woning waar hy vermoed die vrou haarself bevind of dat hy die volgende oggend buite die vrou se werkplek of by die kinders se skoolhek in sy motor sit en hulle dophou, sonder om met hulle direkte kontak te probeer maak. Hierna volg klaarblyklik 'n stadium waartydens die man pogings aanwend om met die vrou kontak te maak deur haar byvoorbeeld by die werk telefonies

te kontak, briewe aan haar te skryf en / of deur vriende, familie en kollegas boodskappe aan haar te stuur. Sodoende word pogings aangewend om haar te oorreed om na hom toe terug te keer. Een deelnemer (DN9) beskryf die man se gedrag soos volg: *"Dit was so pateties. Hy het al my familie gebel. Hy wou nooit gehad het dat ek met hulle kontak maak nie, maar toe ek wegloop het hy hulle almal gebel. Eers wou hy weet of ek daar was en dan later het hy glo gehuil en vertel dat hy 'n fout gemaak het, belowe om dit nie weer te doen nie en gepleit dat hulle met my moet praat dat ek moet terugkom. Toe hy eers geweet het waar ek was het hy aanhoudend gebel, briewe geskryf waarin hy gepleit het dat ek moet terugkom, selfs sy kantoorhoof, die predikant, die sielkundige wat ons al gesien het en nog 'n sielkundige wat ek gladnie ken nie gevra om my te bel en te sê ek moet teruggaan. Dan bel dié een, dan bel daai een en almal dra net sy spyt en beloftes oor."*

Reaksies soos pogings om die vrou en kinders op te spoor, om met hulle kontak te maak, om verskoning te vra en te pleit vir vergifnis, is ook in 4.2.2.2 beskryf as tipiese konatiewe aspekte wat voorkom nadat die vrou die man verlaat het. In dié bespreking is egter aangedui dat die man se aanvanklike reaksie is om die vrou as't ware te spot deur te beweer dat sy nog na hom toe sal terugkruip en nie die mas sonder hom sal kan opkom nie, terwyl gewelddadige gedrag in die vorm van wraak teenoor die vrou wat nie wil terugkeer nie en teenoor haar *medepligtiges*, aangedui is as die laaste tipiese gedragsreaksie van manlike geweldenaars nadat hulle deur hulle vroulike verhoudingsmaats verlaat is. Inligting wat tydens die kwalitatiewe onderhoude verkry is, dui egter daarop dat hierdie deelnemers se mans reg van die begin af begin pogings aanwend het om die verlatings te voorkom, deur die vernietiging van die telefooninstrument waarmee hulp ontbied sou kon word en deur op die huurmotor wat haar van hom af kan wegneem, te skiet. Hierdie gedrag van die man, dien egter ter bevestiging daarvan dat dié betrokkenes oor 'n lae vlak van selfdifferensiasie beskik en dus emosioneel-reaktief reageer ten tye van angs in die verhoudingsisteem. Waarskynlik interpreteer die vroue, weens hulle eie lae vlakke van selfdifferensiasie, die mans se pleidooie om vergifnis en beloftes dat die gedrag gestaak sal word as 'n bewys van liefde, wat daartoe aanleiding gee dat die emosionele afstand wat deur die verlating geskep word, opgevolg word deur terugkering na die man wat gekenmerk word deur 'n fase van intense emosionele nabyheid, soos aangedui in die bespreking van 'n geweldsiklus in 3.4.

8.7.3.11 Faktore wat daartoe bydra dat aangebly word in / teruggekeer word na die gewelddadige verhouding

Vyf hoof-aspekte wat daartoe bydra dat deelnemers wat hulle mans al verlaat het weens sy gewelddadige gedrag na hom toe terugkeer of dat aangebly word in die gewelddadige verhouding, kon tydens die analise van die kwalitatiewe data geïdentifiseer word. Hierdie faktore is 'n gebrek aan die nodige finansiële middele om onafhanklik van die man voort te gaan, inherente eienskappe geassosieer met die rolle van eggenote en moeder, geloof daarin dat die man nie onafhanklik sal kan funksioneer sonder die vrou se bystand en sorg nie, die man se onverantwoordelikheid en 'n altyd-teenwoordige hoop dat die vorige gewelddadige insident waarlik die laaste was, soos wat die man belowe. Elk van hierdie faktore word vervolgens toelig.

➲ *FINANSIËLE OORWEGINGS*

Tydens deelnemers se bespreking van finansiële oorwegings wat daartoe bydra dat teruggekeer word na 'n gewelddadige verhouding, word 'n onderskeid gemaak tussen om weg te vlug in 'n poging om sigself en die kinders te beskerm teen die man se onmiddellike gedrag en 'n kognitiewe besluit wat na afloop van 'n gewelddadige insident gemaak word na aanleiding van die insident, maar ter voorkoming van blootstelling aan soortgelyke insidente wat in die toekoms verwag word. In eersgenoemde geval, vermeld deelnemers faktore soos dat hulle so vinnig moes vlug uit die wonings uit, dat daar nie tyd was om kontant, bank- en / of kredietkaarte en / of 'n tjekboek saam te neem nie. Die betrokkenes vlug in sulke gevalle dus ter beskerming van hulleself en hulle kinders se fisiese welsyn en oorlewing, wat daartoe aanleiding gee dat die verlating nie voorafgegaan word deur 'n kognitiewe proses waartydens die verlating beplan en deurdink word nie. 'n Analise van middele en goedere wat nodig is vir die vrou en kinders se bestaan en oorlewing en ten opsigte van wat saamgeneem behoort te word, vind dus nie plaas nie. Wanneer onder sulke omstandighede gevlug word van die man se onmiddellike gedrag, bevind deelnemers hulleself in 'n posisie waar hulle prakties nie toegang het tot kontant en / of bankdienste nie, weens die feit dat hulle nie kontant of die middele om kontant te kom en / of betalings te maak, kon saamneem nie. Hierdie faktor dra dan daartoe by dat teruggekeer word na die geweldgekenmerkde konteks, ten einde toegang tot die nodige finansiële middele te kan bekom.

'n Aspek wat hiermee verband hou, is die feit dat twee van die deelnemers 'n ekstra inkomste

vir hulle gesinne genereer, deur onder andere naaldwerk te doen en die lewering van gebak aan 'n tuisnywerheid en koffiekroeg. Verlating van die man impliseer dat hulle nie toegang het tot die infrastruktuur (naaldwerkmasjien en ander -toerusting, kruideniers- en kombuisware in die vorm van 'n stoof en voedselverwerker) om uitvoering te gee aan verbintenisse en verwagtinge in hierdie verband nie en dat sy dus ook nie in 'n posisie is om dié ekstra inkomste te genereer nie. In 'n poging om sowel die ooreenkomste wat aangegaan is te kan nakom, as om toegang tot die infrastruktuur te verkry waarmee aan die verwagting voldoen kan word, word teruggekeer na die gewelddadige man en dus na die konteks waarbinne aan die verwagtinge uitvoering gegee kan word.

In gevalle waar die man nie tydens 'n gewelddadige insident verlaat is nie, maar verlaat is na afloop van sodanige gebeurtenis in 'n poging om toekomstige blootstelling daaraan te verhoed, word die verlatings beskryf as bepland en deurdag. Uiteraard word sowel kontant as middele om toegang te verkry tot kontant en waarmee betaling gedoen kan word in sulke gevalle saamgeneem. Deelnemers rapporteer egter dat praktiese probleme wat met 'n gebrek aan finansiële middele verband hou, in sulke gevalle daartoe aanleiding gee dat teruggekeer word na die gewelddadige man. Een deelnemer (DN8) beskryf die situasie soos volg: *"Ek kan met my inkomste nie bekostig om 'n huis of 'n meenthuis te huur nie, vergeet nog daarvan om een te koop. So mens sorg maar dat jy genoeg bymekaar het om die deposito vir 'n woonstel, die eerste maand se huur en die aansluiting van die water en ligte te betaal. Dis al 'n klomp geld, maar my ma-hulle het gehelp. Jy pak al die klere so stil-stil in, vat 'n klompie kruideniersware uit die huis uit saam, leen meubels, matrasse, stoele, 'n ketel, koop sommer 'n twee-plaatstofie en dink dat jy met dié minimum sal kan regkom. Jy reël die trekkery. Die goed word sommer met die werk se bakkie aangery. Jy hang sommer lakens voor die oop vensters. Minstens is jy weg van hom af. Maar dan kom jy daar en die plek is vuil, jy't nie genoeg skoonmaakgoed saamgebring nie en die goed is duur, die kontant raak al hoe minder, 'n kind kry verkoue en dit is doktersonkostes en medisyne. Die kinders is verder van die skool af, jy's verder van jou werk af en die vervoerkostes raak dubbeld dit wat dit altyd was. Later draai alles om geld, die gebrek daaraan. Dan raak die huis, die woonbuurt, die gerief van die vorige opset al hoe meer aantreklik. Hoe meer onhoudbaar die alleen regkom raak, hoe beter begin die opsie om terug te gaan lyk. Ag, jy hoop maar dinge het intussen verander, dat hy geskrik het en dat hy jou genoeg gemis het om op te hou met sy dinge."*

In 8.7.2.2 is daarna verwys dat vier deelnemers rapporteer dat hulle mans totale beheer oor die gesinsfinansies neem, in dié sin dat alle geld wat gegenereer word aan die mans oorhandig moet word, terwyl slegs 'n beperkte toelae aan die betrokkenes betaal word. In ooreenstemming met

die bespreking in 4.6.1, vermeld hierdie deelnemers dat ten spyte daarvan dat hulle 'n eie inkomste genereer, hulle nie toegang daartoe het nie en dus ook nie beheer het oor die wyse waarop dit spandeer word nie. Wanneer in ag geneem word dat die weerhouding van toelae soms deur die mans benut word in 'n poging om die vroue te straf, blyk die gebrek aan beheer oor hierdie aspek van hulle bestaan, 'n geregverdigde faktor te wees wat daartoe aanleiding gee dat teruggekeer word na die geweldgekenmerkde verhouding, of dat in sodanige verhoudings aangebly word.

- ***INHERENTE EIENSKAPPE GEASSOSIEER MET DIE ROLLE VAN EGGENOTE EN MOEDER***

Die aard en inhoud van die huweliksbelofte, eienskappe wat deelnemers assosieer met dié van 'n goeie moeder en eggenote en druk vanaf familielede om uitvoering te gee aan hulle rolle as eggenote en moeder, word deur vier deelnemers aangedui as faktore wat daartoe aanleiding gee dat teruggekeer word na die gewelddadige man en dat aangebly word in die gewelddadige verhouding. Deelnemers verwys in hulle bespreking daarna dat hulle tydens huweliksluiting voor God 'n belofte gemaak het om getrou aan hulle mans te bly en dat nie aan hierdie belofte uitvoering gegee kan word, indien nie met hom saamgewoon word nie. Interessant is dat geen melding gemaak word van die wyse waarop die man deur gewelddadige gedrag ook nie uitvoering gee aan die belofte deur hom gemaak nie.

Ook moederskap, met die inherente assosiasie van versorging, opvoeding en beskerming word deur deelnemers aangevoer as 'n faktor wat bydrae daartoe dat hulle na die geweldgekenmerkde verhouding terugkeer of daarin betrokke bly. Faktore soos dat opvoeding net effektief kan wees as twee ouers betrokke is, dat die betrokkenes nie vrou-alleen genoegsame beskerming aan die kinders kan bied nie en die noodsaaklikheid van positiewe rolmodelle wat aan die kinders voorgehou behoort te word, word deur hierdie deelnemers vermeld.

Aangesien die kinders ook nie binne die konteks van die geweldgekenmerkde gesin van positiewe rolmodelle of effektiewe beskerming voorsien word nie, blyk deelnemers se verwysing na die inherente eienskappe wat geassosieer word met die rol van 'n moeder as 'n faktor wat aanleiding gee daartoe dat in 'n geweldgekenmerkde verhouding aangebly word of daarheen teruggekeer word, 'n rasionalisering te wees. Interessant is dat twee deelnemers (DN2 en 3) daarna verwys dat hulle moeders by herhaling al na verlating van die man vir hulle teruggestuur het na die man en kinders, om aan hulle pligte as vrou en moeder uitvoering te gee. Hierdie

rasionaliserings word dus waarskynlik ook in stand gehou deur die betrokkenes se moeders se voorskrifte.

Waarskynlik word die deelnemers se rasionaliserings onder andere gerig en in stand gehou deur sosio-kulturele patriargale norme in die kontekste waarbinne hulle gesosialiseer is (vgl. 4.6.1, 7.1 en 7.2) en juis die internalisering van hierdie norme, dra daartoe by dat skuldgevoelens ervaar word en dat verantwoordelikheid geneem word ook vir aspekte waaroor hulle min beheer het (vgl. 8.7.3.1).

➲ ***GELOOF IN DIE MAN SE ONVERMOË OM ONAFHANKLIK TE FUNKSIONEER***

Die manlike huweliksmaat se afhanklikheid van deelnemers, sy onvermoë om vir homself te sorg en sy gebrek aan alternatiewe ondersteuning, word deur drie deelnemers vermeld as faktore wat daartoe aanleiding gee dat hulle telkens na die man toe terugkeer. Sinsnedes soos *"... hy kan nie eers 'n eier bak nie ..."*, *"... absoluut niemand wat na hom kan omsien nie ..."*, *"... eintlik half pateties ..."* en *"... in no way whatsoever capable of functioning independently, to the extent that he would be walking the streets ..."* word deur deelnemers benut om die man se onvermoë tot onafhanklike funksionering te beskryf.

Deelnemers se vaste geloof daarin dat hulle mans nie onafhanklik van hulle kan funksioneer nie, is waarskynlik 'n simptoom van hulle oorverantwoordelikheid (vgl. 8.7.3.1 en 8.7.3.2), maar ook van projeksie van hulle eie emosionele bindings met die mans. So byvoorbeeld is in 8.7.3.1 pertinent verwys daarna dat DN5 en DN7 hulle mans waarskynlik juis as huweliksmaats gekies het weens hulle eie behoeftes daaraan om te versorg en om die mans as't ware te red, in 8.7.3.3 is die moontlikheid van die teenwoordigheid van 'n simbiotiese verhouding tussen die betrokkenes vermeld, terwyl in 8.7.3.7 en 8.7.3.8 verwys is na die bestaan van emosionele fusie tussen die deelnemers en hulle mans. Inderdaad is die betrokkenes se belewenis van die mans se onvermoëns waarskynlik geldig, maar objektiewe beredenering van die belewenisse bring aan die lig dat nie die onvermoëns van die mans nie, maar waarskynlik eerder die aard van die kerngesin-emosionele prosesse in hulle verhoudings, daartoe aanleiding gee dat teruggekeer word na die gewelddadige verhoudings of dat daarin aangebly word.

➲ ***DIE MAN SE ONVERANTWOORDELIKHEID***

Sewe van die deelnemers verwys daarna dat hulle mans tot so 'n mate onverantwoordelik is, dat verlating vir hulleself potensiële materiële verliese inhou. Die man word verlaat na aanleiding van sy gewelddadige gedrag, maar bly agter in die konteks waar al die lewensmiddele en

besittings wat onder andere ook bekom is deur die vrou se insette en inkomste, teenwoordig is. Geweldpleging deur die man impliseer nie alleen dat hy sy vrou (en kinders) fisiese leed aandoen nie, maar ook besittings in die konteks waarbinne die geweldpleging plaasvind word beskadig en / of vernietig. Boonop is die mans geneig tot onverantwoordelikheid in die vorm van finansiële wanbesteding, oormatige alkoholgebruik, dronkbestuur en word verwys na meubels en ander huisware wat deur hom verpand word ten einde kontant te bekom. Een deelnemer (DN7) beskryf byvoorbeeld die resultate nadat sy vir drie dae weg was van die huis af en teruggekeer het: *"Toe ek by die huis aankom, lyk dit asof 'n orkaan daardeur is.* [Man se naam] *het dronk gelê, met 'n ander vrou aan my kant van die bed. Ek het die kamerdeur toegetrek en vir my pa gesê hy slaap. Toe my pa daar weg is het ek die vrou weggejaag en begin om die huis skoon te maak. Toe ontdek ek die motor is gestamp en daar is 'n dronkbestuursaak teen hom oopgemaak. Hy het my string pêrels wat my ouers vir my vir my mondigwording gegee het gaan verpand. Die honde het laas kos en water gekry die oggend voor ek daar weg is. Die sitkamerbank het net so 'n lang brandmerk* (sy wys met haar vingers die lengte van 'n sigaret) *gehad van 'n sigaret wat daarop geval het en daar gesmeul het. Ek het jare lank gespaar om dié stel kontant te kon koop. Daardie aand het hy my 'pakslae' gegee omdat ek sy vriendin weggejaag het."* 'n Ander deelnemer beskryf dat die man nie tydens haar weeklange afwesigheid 'n kaart vir elektriese krag gaan koop het nie, dat die inhoud van die vrieskas intussen ontdooi en begin ontbind het en dat die stank so erg was dat selfs die bure daarvan gekla het. Die vrieskas kon nie weer gebruik word nie.

Die feit dat die man se onverantwoordelike gedrag lei tot sowel finansiële as materiële verliese, gee dus daartoe aanleiding dat die betrokkenes weens hulle bewustheid van hierdie onverantwoordelikheid en die potensiële verliese wat daarmee gepaard kan gaan, na die geweldgekenmerkde verhouding terugkeer, terwyl hierdie faktor ook daartoe bydra dat hulle in die verhoudings aanbly. Waarskynlik sou die bewering in 8.7.3.2, naamlik dat die deelnemers deur middel van hulle eie verantwoordelikheidsin as't ware vir hulle mans toestemming gee om onverantwoordelik op te tree, ook in hierdie konteks van toepassing wees. Moontlik ook waar, is dat nie die mans se onverantwoordelikheid *per se* nie, maar die gevestigde transaksionele patrone in die gesinsisteme en die aard van die kerngesin-emosionele sisteme, daartoe aanleiding gee dat nie uit die geweldgekenmerkde verhoudings getree word nie.

➲ *HOOP DAT DIE SITUASIE SAL VERANDER*

Hoop is 'n emosie wat deur vyf deelnemers aangedui word as bydraend daartoe dat hulle in die gewelddadige verhoudings aanbly en / of daarheen terugkeer, terwyl al hierdie deelnemers ook

daarna verwys dat dié hoop dikwels opgevolg word deur wanhoop sodra teruggekeer is na die manlike geweldenaar. Hierdie hoop word geskep deur twee faktore, naamlik die feit dat vorige verlatings wel positiewe gedragsverandering by die man teweeg gebring het in terme daarvan dat die frekwensie van geweldpleging afgeneem het, maar ook hoop dat die vorige gewelddadige insident die laaste was en dat die man se gedrag na hierdie verlating, finaal sal verander. Hoop en wanhoop wat ervaar word, word in die volgende woorde deur DN9 beskryf: *"Ag, ek het maar altyd bly verskonings maak vir hom - gehoop ek sal hom kan help om by die regte hulp uit te kom. Dan was daar die kinders wat versorg moes word, my inkomste was te klein om vir ons almal te sorg - en behuising. Ek kon tog nie vir ewig by my tante bly nie. Die kinders het nie eers skoolklere gehad om aan te trek nie. Alles was by die huis. Ek moés teruggaan. Ag, en dan hoop 'n mens mos maar so dat dit sal beter gaan. Elke vrou hoop maar. As hy so aanhou flikflooi, self afsprake by die sielkundige maak én dit nakom, vertel van die insigte waartoe hy gekom het tydens dié sessies, het ek so geglo dinge gaan van nou af beter gaan. En dit het gewoonlik ook, so vir die eerste ruk. Maar kort voor die lank is die hel weer los en al die hoop na die maan en so neuk dit dan maar voort."*

Die belewenis van hoop wat deur die deelnemers gerapporteer word, is 'n aspek wat ook in 3.4 aangedui is as 'n kernelement van 'n geweldsiklus, terwyl 'n geweldsiklus in 5.1.3.1 aangedui is as 'n gevestigde transaksionele patroon wat met verloop van tyd in geweldgekenmerkde verhoudings ontwikkel en in stand gehou word. Belewenisse van hoop en wanhoop sou waarskynlik ook aan die aard van die kerngesin-emosionele prosesse beskryf kan word, naamlik dat die fusie in die betrokkenes se verhoudings hanteer word deur tydperke van intense emosionele nabyheid waartydens hoop ervaar word, waarna emosionele afstand bewerkstellig word wat belewenisse van wanhoop as resultaat kan hê.

'n Analise van die faktore wat deur deelnemers aangedui word as bydraend daartoe dat aangebly word in die gewelddadige verhoudings of dat daarheen teruggekeer word na verlating van die man, bring dus aan die lig dat finansiële, materiële en sosio-kulturele oorwegings 'n beduidende invloed uitoefen deurdat gebrekkige toegang tot finansiële middele en materiële goedere om inkomste te genereer nie beskikbaar is nie, terwyl terselfdertyd uitvoering gegee behoort te word aan die sosio-kulturele verwagtinge ten opsigte van die rolle van vrou, eggenote en moeder. Unieke gesinsistemiese aspekte, waaronder gevestigde transaksionele patrone en die kernsgesin-emosionele prosesse waardeur die fusie in die verhoudings hanteer word en waardeur ekwilibrium in die gesinsisteme dus gehandhaaf word, lewer ook sowel

betekenisvolle aanleidende as instandhoudende bydraes wat die betrokkenes se besluitnemingsprosesse in hierdie verband, beïnvloed.

Ter samevatting, bring 'n analise van faktore wat uit die bespreking van die individuele en gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem voortgevloei het, die volgende hoofaspekte aan die lig:

- Beskrywings van hulle eie karaktereienskappe, bring aan die lig dat die deelnemers neig na lae vlakke van selfdifferensiasie en onderfunksionering, wat manifesteer in emosionele reaktiwiteit en deurlopende pogings om konflik te vermy deur die man se behoeftes en gedrag te probeer voorspel en toe te gee aan sy eise. Selfblaam, gevoelens van minderwaardigheid, spanning, angs, onsekerheid, verleentheid en kompensasie deur oormatig verantwoordelikheid te neem ook vir aspekte waaroor hulle min beheer het, is karaktereienskappe wat meesal in die betrokkenes se beskrywings van hulleself figureer.
- Karaktereienskappe van die manlike geweldenaar, word primêr beskryf as onvoorspelbaarheid, inkonsekwente optrede, onverantwoordelikheid, onbetroubaarheid, agterdog, gevoelens van bedreiging en 'n geneigdheid tot die benutting van fisiese en emosionele geweld in 'n poging om beheer oor hulle kontekste te bewerkstellig. Hierdie faktore is aanduidend van lae vlakke van selfdifferensiasie en oorfunksionering (*versus* die onderfunksionering deur die vrou), deurdat die omstandighede waarbinne die betrokkenes sigself bevind op 'n emosioneel-reaktiewe wyse, naamlik deur die stel van eise en gewelddadige optrede wanneer nie aan die eise voldoen word nie, hanteer word.
- Juis vanweë die man se onvoorspelbaarheid en inkonsekwente optrede, is faktore wat tot gewelddadige gedrag aanleiding gee, moeilik afbakenbaar. Tog gee die hoë mate van fusie wat in die betrokkenes se huweliksverhoudings aangetref word daartoe aanleiding dat deelnemers selfs in die afwesigheid van konflik, 'n gewelddadige insident deur hulle mans kan voorspel. Voorts dui 'n analise van deelnemers se besprekings in hierdie verband daarop dat die gewelddadige gedrag soms voorafgegaan word deur 'n kognitiewe besluitnemingsproses deur die man om tot geweld oor te gaan, wat onder andere daarin manifesteer dat hy sy vrou in die nag wakker maak om haar te slaan.
- Behalwe vir die fisiese beserings wat uit die mans se gewelddadige gedrag voortspruit, word psigososiale resultate in die vorm van emosionele afgestomptheid, gebrekkige lewenslus en -krag en sosiale isolasie deur deelnemers aangedui as wyses waarop die man se gedrag hulle beïnvloed. Deelnemers se onderfunksionering binne die konteks van die gewelddadige verhouding, blyk ook uit die benutting van medikasie soos slaapmiddels,

angsweerders en antidepressante. Die invloed van die man se gewelddadigheid op die deelnemers se kinders word aangedui in terme van fisiese resultate; deurdat die kinders soms ook die slagoffers is van die mans se geweld, maar ook as psigososiaal; byvoorbeeld in die vorm van angs, bednatmaak, nagmerries, hakkelspraak en swak skoolprestasie.

- Die gewelddadige gedrag het hoofsaaklik reeds voor die betrokkenes se huweliksluiting, kort na huweliksluiting of na die geboorte van die eerste kind 'n aanvang geneem en die intensiteit van die geweldpleging het met verloop van tyd verander vanaf matige vorme van fisiese aanranding tot die mees intense vorme van fisiese aanranding.
- 'n Betekenisvolle getal deelnemers rapporteer ten opsigte van sowel hulle eie verhoudings met hulle gesinne-van-oorsprong as dié van hulle mans, dat emosionele afsnyding plaasgevind het. Resultate van hierdie emosionele afsluiting sluit onder andere in dat konflik in die huweliksverhoudings hanteer word op 'n impulsiewe en onvolwasse wyse weens die hoë mate van fusie wat in die betrokkenes se eie huweliksverhoudings teenwoordig is.
- Die egpaarsubsisteemgrense in die deelnemers se gesinsisteme neig òf na rigiditeit waar die verhoudings gekenmerk word deur 'n hoë mate van outonomie en 'n gebrek aan sensitiwiteit ten opsigte van mekaar, òf na vaagheid soos gekenmerk deur 'n hoë mate van emosionele ineengestrengeldheid en fases van intense emosionele nabyheid, opgevolg deur emosionele afstand in 'n poging om die fusie te hanteer.
- Die kinders se verhoudings ten opsigte van hulle moeders blyk gekenmerk te wees deur beskerming en ondersteuning, terwyl hulle gewelddadige vaders so ver moontlik vermy word. Volwasse kinders toon 'n neiging om hulle vaders met wederkerige geweld te dreig in 'n poging om hulle moeders teen die geweldpleging te beskerm.
- Motiewe vir die verlating van die man is tweeledig van aard, naamlik om te vlug weens die teenwoordigheid van gewelddadige gedrag of verlating ten einde 'n gewelddadige insident wat verwag word, af te weer. Na verlating van die man, word hoofsaaklik van alternatiewe verblyf by familielede of vriende gebruik gemaak. Alhoewel aanvanklik gepoog is om die aard van die gewelddadige verhouding vir diegene by wie alternatiewe verblyf verkry is geheim te hou, is hierdie pogings later van tyd laat vaar, totdat verduidelikings van die situasie mettertyd nie meer nodig was nie. 'n Analise van betekenisvolle persone se reaksies op die verduideliking van die redes vir die verlating, bring aan die lig dat die reaksies onder andere gerig word deur die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem. So byvoorbeeld word kulturele meganismes vir die

hantering van huwelikskonflik gekataliseer, die algemene aanvaarding van geweld as 'n gelegitimeerde wyse om gedragsverandering af te dwing word toegepas deur die man met wederkerige geweld te dreig en in sommige gevalle word die slagoffer teruggestuur na haar gewelddadige man met die opdrag om uitvoering te gee aan die sosio-kultureel voorgeskrewe rolle van vrou en moeder. Die geweldenaar se reaksie op die verlating word primêr gekenmerk deur pleidooie om vergifnis en beloftes om nie die gedrag te herhaal nie, in 'n poging om die vrou te oorreed om na hom toe terug te keer.

- Die vrou se besluitnemingsproses om aan te bly in die verhouding of om na die gewelddadige man terug te keer nadat sy hom verlaat het, word hoofsaaklik beïnvloed deur finansiële, materiële en sosio-kulturele oorwegings. Ook gevestigde transaksionele patrone en die aard van die kerngesin-emosionele prosesse waardeur die fusie in die verhouding hanteer word, lewer 'n bydra daartoe dat verkies word om eerder in die geweldgekenmerkde verhouding aan te bly of om na die geweldenaar terug te keer nadat hy verlaat is.

8.7.4 SOSIAAL-STRUKTURELE FAKTORE

Ten einde 'n aanduiding te verkry van die impak wat faktore op die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem op die betrokkenes se geweldgekenmerkde verhoudings het, is vraag vyf in die onderhoudskedule aan die deelnemers gerig oor die benutting, al dan nie, van professionele dienslewering. 'n Analise van die deelnemers se reaksies op dié vraag, word vervolgens aangebied.

8.7.4.1 Benutting van professionele dienslewering

Drie van die deelnemers (DN1, 2 en 4) het nog nooit voorheen van enige vorm van professionele dienslewering ten einde hulle situasie die hoof te bied, gebruik gemaak nie. Die twee Swart deelnemers (DN1 en 2) verklaar hierdie faktor aan die hand van kulturele gebruike wat benut word om huweliksgeskille by te lê en beide rapporteer dat hulle al in die verlede sodanige prosesse in werking gestel het weens die geweld in hulle verhoudings. (Vgl. die bespreking in 8.7.3.10 ten opsigte van die gesinsvergaderings wat gehou word vir die bylê van

huweliksgeskille.)

Ook die deelnemer wat nie aan fisiese aanranding blootgestel word nie (DN4), maar aan seksuele dwang, dui aan dat sy nooit voorheen van professionele dienslewering gebruik gemaak het nie en dat die onderhoud met die navorser die eerste met 'n professionele persoon is. Die betrokkene voer twee redes aan vir die feit dat sy nie van professionele hulp gebruik maak vir die hantering van haar situasie nie. Eerstens het sy in haar gesin-van-oorsprong geleer dat 'n mens jou eie lewensprobleme behoort te hanteer en dat inmenging van andere (die benutting van professionele dienslewering) nie 'n wenslike toestand is nie. Voorts dui sy aan dat sy die meeste van haar seksuele opvoeding vanaf haar materne grootmoeder ontvang het en dat dié persoon altyd vir haar gesê het dat *"... wanneer dit by seks kom, is niks eintlik abnormaal nie - dit hang van jouself af hoedat jy dit wil sien"*. Die definiëring van haar man se seksuele dwang as synde 'n vorm van geweld, skep derhalwe by haar skuldgevoelens aangesien sy die gedrag as abnormaal etiketteer, terwyl sy geleer is dat die definiëring van seksueel-verwante aspekte in terme van abnormaliteit, nie toepaslik is nie.

Ten spyte daarvan dat professionele dienslewering wat deur die betrokkene benut sou kon word vir die hantering van haar situasie beskikbaar is, gee beïnvloeding vanuit haar gesin-van-oorsprong dus daartoe aanleiding dat nie van dié dienslewering gebruik gemaak word nie. Hierdie beïnvloeding behels dat twee mites wat sy in haar gesin-van-oorsprong geleer het, naamlik dat 'n mens jou eie lewensprobleme onafhanklik behoort te hanteer en dat seksualiteit nooit gepaard kan gaan met abnormaliteit nie, ook in haar huidige huweliksverhouding gestalte vind. Skuldgevoelens oor haar definiëring van haar man se seksuele dwang as synde 'n vorm van geweld, gee derhalwe daartoe aanleiding dat die man se gedrag geheim gehou word en as't ware in stand gehou word, deurdat beskikbare professionele hulp nie bekom word nie. Die professionele dienslewerraars van wie se dienste die ander sewe deelnemers gebruik gemaak het, word vervolgens aangedui:

TABEL 36: BENUTTING VAN PROFESSIONELE DIENSLEWERING

DEELNEMER-NOMMER	PROFESSIONELE DIENSLEWERING WAARVAN GEBRUIK GEMAAK IS
3	Maatskaplikewerkdienslewering. Algemene mediese praktisyn.
5	Kliniese sielkundige.
6	Maatskaplikewerkdienslewering Algemene mediese praktisyn.
7	Pastoor. Algemene mediese praktisyn.
8	Kliniese sielkundige. Algemene mediese praktisyn.
9	Maatskaplikewerkdienslewering. Kliniese sielkundige. Psigiater. Pastoor. Algemene mediese praktisyn. Die regstelsel: Verkryging van 'n interdik in gevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) en 'n geregtelike verhoor van 'n aanrandingsaak teen haar man. Die regsprofessie: Staatsaanklaer(s). Die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Ongevalle-afdeling van 'n hospitaal. Verpleegkundige dienslewering.
10	Predikant. Algemene mediese praktisyn. Maatskaplikewerkdienslewering. Psigiater. Kliniese sielkundige.

Professionele dienslewering deur 'n algemene mediese praktisyn is dus al deur ses van die deelnemers benut, vier het al gebruik gemaak van die dienste van 'n kliniese sielkundige, vier van maatskaplikewerkdienslewering, drie van 'n geestelike werker (predikant of pastoor) en twee van psigiatriese hulp. Slegs een van die deelnemers het al van die dienste van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die regsprofessie en van die regstelsel gebruik gemaak. Interessant is dat die meeste van dié groep deelnemers, van minstens twee dienslewerende professies se dienste gebruik gemaak het, terwyl twee van die deelnemers al van meer as vier verskillende diensleweraars se dienste gebruik gemaak het. Die herhaaldelike benutting van dienslewering deur 'n verskeidenheid van dienslewerende professies en strukture, is in ooreenstemming met die bespreking in 4.2.2.1 waar dié konatiewe aspek aangedui is as kenmerkend van vroulike slagoffers van hulle manlike verhoudingsmaats se geweld.

Waarskynlik sou die hoë mate van benutting van dienslewering deur 'n algemene mediese praktisyn toegeskryf kan word aan sowel die erns van die geweldpleging waaraan deelnemers blootgestel is (vgl. 8.7.2.2), as aan die aard van die beserings wat voortvloei vanuit die mans se gewelddadige gedrag (vgl. 8.7.3.4). Naas die dienste van 'n algemene mediese praktisyn, het meer as die helfte van die deelnemers ook al gebruik gemaak van dienslewering deur 'n

maatskaplike werker en / of dié van 'n kliniese sielkundige, waardeur die psigososiale effek van die manlike geweldenaar se gedrag waaroor in 8.7.3.4 bespiegel is, opnuut beklemtoon word.

8.7.4.2 Belewenis van professionele dienslewering

Deelnemers se belewenisse ten opsigte van die professionele dienslewering waarvan gebruik gemaak is, word vervolgens aangedui.

➲ *MEDIESE DIENSLEWERING*

Al ses die deelnemers wat al van die dienste van 'n algemene mediese praktisyn gebruik gemaak het, het dié dienslewering positief ervaar. Die betrokkenes se evaluering van die dienslewering sluit in dat die dokters simpatiek, ondersteunend en met begrip teenoor hulle opgetree het. In vier gevalle is nie net aandag geskenk aan die onmiddellike beserings waarmee die betrokkenes vir hulp aangeklop het nie, maar is angsweerders en / of slaapmiddels en antidepressante aan die betrokkenes voorgeskryf. 'n Analise van deelnemers se beskrywings ten opsigte van die effek wat die medikasie op hulle het, bring aan die lig dat alhoewel dié behandeling nie hulle situasie verander het nie, dit daartoe bydra dat die omstandighede anders beleef word en dus as meer *"hanteerbaar"* en *"uithoubaar"* deur die betrokkenes beskryf word.

Psigiatriese dienslewering is negatief deur die twee deelnemers wat daarvan gebruik gemaak het (DN9 en 10), beleef. Die negatiewe belewenis word toegeskryf daaraan dat alhoewel hulle voorskrifte vir medikasie (angsweerders, antidepressante en slaapmiddels) ontvang het, die professionele verhoudings beleef is as koud, onbetrokke en selfs veroordelend. In die geval van DN10 word dié dienslewering soos volg beskryf: *"Agt minute, dis hoe lank ek daar in was. Ek het nog skaars begin vertel wat fout is, toe sê hy hy kan niks aan my situasie verander nie, maar hy kan sien ek ly aan angs en depressie en hy sal vir my pilletjies gee daarvoor. Dis was al. Ek moet darem sê, die pille help vir die stres."* Sowel DN9 as DN10 dui aan dat hulle teleurgesteld was deur die dienslewering wat hulle ontvang het, aangesien nie voldoen is aan hulle behoefte aan katarsis en konkrete riglyne vir die hantering van hulle situasies nie.

Slegs DN9 het al van verpleegkundige dienslewering gebruik gemaak by die ongevalle-afdeling van 'n staatshospitaal. Die deelnemer het nadat sy aangerand is deur haar man en 'n klag by die polisiekantoor gaan aflê het in dié verband, by die ongevalle-afdeling van 'n staatshospitaal aangemeld vir die behandeling van haar beserings. Nadat die hospitaaldokter wat aan diens was ingelig is dat die betrokkene 'n aanrandingsklag teen haar man gelê het, het hy die

distriksgeneesheer probeer ontbied, sodat laasgenoemde die deelnemer kon ondersoek en as getuie in die hofsaak sou kon optree. Die distriksgeneesheer het egter geweier om na die hospitaal toe te gaan en die betrokkene te ondersoek en het volgens DN9 beweer dat *"... hy nie by sulke gevalle betrokke raak nie, want die vrouens trek al die saak terug nog voor hy hulle klaar ondersoek het."* Haar beserings is toe behandel deur die hospitaaldokter. 'n Verpleegkundige wat gemoeid was met haar behandeling, het toe die deelnemer ingelig oor die bestaan van die interdikstelsel wat sy teen haar gewelddadige man kon kry, ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993). Deur middel van die verpleegkundige se betrokkenheid, het dié deelnemer by sowel die regstelsel as regsprofessie betrokke geraak.

Uit die bespreking blyk dus dat dienslewering deur algemene mediese praktisyns hoofsaaklik positief beleef is deur die deelnemers, terwyl psigiatriese dienslewering as teleurstellend beskryf word onder andere weens die sterk klem op 'n mediese diagnose, eerder as op 'n bespreking van wyses waarop die betrokkenes hulle situasies meer effektief kan hanteer. Die een deelnemer wat by die ongevalle-afdeling van 'n staatshospitaal behandeling ontvang het vir haar beserings nadat sy deur haar man aangerand is, het dié dienslewering positief ervaar weens die hospitaaldokter en verpleegkundige se fokus nie alleen op haar beserings nie, maar ook deur hulle bereidwilligheid om haar in aanraking te bring met toepaslike hulpbronne, naamlik dienslewering deur 'n distriksgeneesheer en om 'n interdik teen haar gewelddadige man te bekom.

Interessant is dat die distriksgeneesheer, wat onder andere gemoeid behoort te wees by mediese ondersoeke wat verband hou met geregtelike aangeleenthede, nie bereid was om die betrokkene te ondersoek nie. Die rede wat deur die distriksgeneesheer aangevoer word vir sy weiering om haar te ondersoek, stem ooreen met die bespreking in 6.2.4.4 waar aangedui is dat staatsaanklaers ook dikwels teësinnig is om aanrandingsklagtes voor die hof te bring, weens die feit dat mishandelde vroue meesal die klagtes terugtrek met die resultaat dat die staatsaanklaer gelaat word sonder 'n getuie en dus ontneem word van die vermoë om 'n saak in die hof uit te maak ten opsigte van die beskuldigde se gedrag. Waarskynlik sou die weiering van die distriksgeneesheer om betrokke te raak ook toegeskryf kan word aan sy bewustheid van die fases in 'n geweldsiklus (vgl. 3.4), naamlik dat die lê van formele klagtes in dié verband deur die vroulike slagoffer, dikwels opgevolg word deur die terugtrekking daarvan. Van die distriksgeneesheer word derhalwe verwag om tyd en mensekrag te bestee aan die konsultasie van die mishandelde vrou en die saamstel van 'n verslag oor die aard van haar beserings, waarna

die klag teruggetrek word deur die vrou en die tyd en mensekrag wat bestee is, dus onnodig was.

➲ *TERAPEUTIESE DIENSLEWERING*

Sowel maatskaplikewerkdienslewering as dienslewering deur kliniese sielkundiges word deur die meeste deelnemers wat daarvan gebruik gemaak het, positief geëvalueer. Die evaluering van die dienslewering word gerig deur emosionele ondersteuning wat ervaar is in terme daarvan dat hulle op 'n nie-veroordelende wyse hanteer is, maar veral ook vanweë die insig in hulle situasies wat teweeg gebring is deur die dienslewering. Insigontwikkeling word primêr verduidelik aan die hand daarvan dat die betrokkenes deur middel van die dienslewering besef het dat hulle nie blaam vir die situasie hoef te aanvaar nie. Ten spyte daarvan dat dié dienslewering positief ervaar is, rapporteer die betrokkenes dat die insigontwikkeling alleen, nie noemenswaardige gedragsverandering by hulleself of by hulle huweliksmaats teweeg gebring het nie.

Die deelnemers wat terapeutiese dienslewering deur 'n maatskaplike werker of sielkundige positief beleef het, skryf hierdie belewenis dus toe aan twee faktore, naamlik die nie-veroordelende aard van die terapeutiese verhoudings en die insigontwikkeling wat vanuit die terapeutiese dienslewering voortgevloei het. Tog is dié deelnemers dit eens dat insigontwikkeling alleen nie genoegsaam is om gedragsverandering teweeg te bring nie. Met hierdie belewenis van deelnemers word akkoord gegaan, aangesien in 5.1.1 daarna verwys is dat gesinslede se gedrag wedersyds beïnvloed word deur die betrokkenes se interaksieprosesse met mekaar en dat die gesinsistemiese disfunksionering derhalwe simptoomgedrag tot stand laat kom en in stand hou. Sonder 'n wysiging van die gesinsistemiese funksionering, eerder as deur blote insigontwikkeling, sou die simptoomgedrag dus as't ware deur die gesinsisteem in stand gehou word weens die funksie daarvan vir gesinsistemiese ekwilibrium (vgl. 5.1.3.1) en die herhalende en gevestigde aard van die gesinsisteem se transaksionele patrone.

Driehoekvorming (vgl. 5.2.2) waartydens 'n maatskaplike werker (DN10) en 'n kliniese sielkundige (DN9) waarskynlik ingedriehoek is, is 'n tema wat figureer in twee deelnemers se bespreking van hulle ervarings van dié dienslewering. In die geval van DN9 beskryf sy hoedat sy en haar man in 'n tydperk van ses maande by vier verskillende kliniese sielkundiges om hulp aangeklop het vir hulle situasie. In twee gevalle was die man ontevrede met die sielkundige se benadering van hulle problematiek aangesien hy van mening was dat die betrokkene nie vir hom genoeg tyd toegelaat het om sy situasie te eksploreer nie, terwyl die deelnemer self in die derde

geval die sielkundige as *"... té klinies, té op 'n afstand, amper asof hy nie 'n standpunt wil inneem nie ..."* beskryf. Die vierde sielkundige se benadering en styl het aanvanklik sowel die deelnemer as haar man beïndruk, wat daartoe aanleiding gegee het dat hulle vir vier maande, tweeweekliks terapeutiese sessies bygewoon het. Die deelnemer beskryf die dienslewering en die aard van haar verhouding met die sielkundige soos volg: *"Daardie vier maande het vir my sò baie beteken. Daar was vrede. Vir die eerste keer in jare was daar vrede.* [Man se naam] *het daar gesit en lieg vir* [sielkundige se naam], *maar ek het maar stilgebly, want* [haar man se naam] *het vertel hoe baie die geselsies vir hom beteken en soos ek gesê het, daar was vrede tussen ons. Ek het maar so tussendeur vir hom* (die sielkundige) *gebel en hom vertel wat die ware feite is. Partymaal het ek sommer vir hom so agteraf op 'n stukkie papier die waarheid geskryf en dit in sy hand gestop. Hy't my geglo en gesê hy't vermoed* [haar man se naam] *hou die waarheid bietjie skuins. Ek weet nie mooi hoe om te sê nie, maar so na 'n paar sessies, seker so na die derde keer, het ek en hy* [die sielkundige] *so 'n halwe band tussen mekaar ontwikkel. Net 'n kyk, dan het ek geweet hy weet die man lieg of hy kon in my sien wat ek dink."* Die deelnemer beweer dat die sielkundige haar ook, sonder haar man se medewete, meer as een keer geskakel het om seker te maak of hy dit wat tydens die terapeutiese sessies gesê is, korrek geïnterpreteer het.

Hierdie band wat tussen die deelnemer en die sielkundige ontstaan het, gepaardgaande met die laer angsvlak in haar verhouding met haar man, sou waarskynlik na aanleiding van Bowen se teorie beskryf kon word in terme daarvan dat die angs in haar en haar man se verhouding ('n verhoudingsdiaad wat gekenmerk is deur emosionele reaktiwiteit) hanteer is deurdat die vrou die sielkundige daarby ingedriehoek het en dat stabiliteit in die geweldgekenmerkde verhouding verkry is deur middel van diversiteit (die diaad is verander in 'n driehoek), eerder as deur probleemoplossing (vgl. 5.2.2). Die terapeutiese betrokkenheid is beëindig nadat, wat die deelnemer noem *"... die sielkundige té veel 'pressure' op ons gesit het om nog te verander, terwyl dit reeds met ons goed gegaan het."* Moontlik ook waar, is dat die deelnemer se verwysing na een van die vroeëre sielkundiges wat geraadpleeg is se styl as synde klinies en op 'n afstand, waarskynlik daaraan toegeskryf kan word dat dié professionele persoon nie beleef is as 'n mens wat in die verhoudingsdiaad ingedriehoek kan word nie en dat sy benadering en styl dus nie ervaar is as potensieel funksioneel binne die konteks van haar huweliksisteem nie.

In die geval van DN10, beskryf sy haar belewenis van 'n maatskaplike werker se betrokkenheid by haar en haar man se huwelikskonflik, soos volg: *"Vandat ons die plaas verkoop het en hier in die woonstel bly, is ons minder aktief as vroeër en eet ons ook minder.* [Man se naam] *glo sedertdien dat hy hardlywig is, met die gevolg dat hy saans skelm Engelsesout drink. Dan moet hy vroegdag toilet*

toe hol en hy was nou al 'n paar keer te laat. So maak ek dan maar agter hom skoon en praat mooi oor die Engelsesout-drinkery. Een oggend was dit weer dieselfde ou storie en toe ek begin om maar weer mooi te praat oor die storie, skop hy my dat ek daar in die gemors lê. Ek bel toe vir [haar seun se naam] *en sê hy moet my kom haal. Later die dag lui die foon daar by sy* (haar seun s'n) *woonstel. Dis 'n maatskaplike werkster. Sy sê* [haar man se naam] *het haar kom sien en vir haar alles vertel en sy sê toe dit lyk vir haar asof ek sal moet inskakel by 'n groep om te leer hoedat 'n vroumens haar man moet versorg. Dit terwyl my heup blou geskop is!* [Man se naam] *is 'n 'charmer', dit gee ek toe en ek sê vir jou, dis deur sy 'charm' dat hy dié vroutjie so mislei het. Ek het self nooit weer van haar gehoor nie, maar hulle het agteraf mekaar gebel."* Voorts beskryf die deelnemer hoedat die maatskaplike werker haar oor die man *"ontferm"* het, hom onder andere twee keer kom oplaai het vir sy maandelikse besoeke aan 'n kliniek (terwyl die deelnemer self hom altyd in die verlede soheentoe vervoer het) en hom selfs een keer kom haal het om saam te gaan koffie drink by 'n koffiekroeg. Die maatskaplike werker se betrokkenheid by die man is beëindig deurdat sy 'n pos in 'n ander dorp aanvaar het.

Na aanleiding van Bowen se teorie (vgl. 5.2), sou die aard van die maatskaplike werker se betrokkenheid by die situasie waarskynlik beskryf kan word aan die hand van 'n lae vlak van selfdifferensiasie wat daartoe aanleiding gegee het dat emosioneel-reaktief opgetree is ten opsigte van die man se klagtes oor sy vrou se optrede. Moontlik ook waar, is dat die man die maatskaplike werker suksesvol ingedriehoek het in sy konflikgekenmerkde huweliksdiaad deurdat die huwelikskonflik hanteer is deur diversifisering (vgl. 5.2.2), in plaas van probleemoplossing.

'n Analise van deelnemers se belewenisse van terapeutiese dienslewering, bring dus aan die lig dat insigontwikkeling alleen nie genoegsaam is om positiewe gedragsverandering en die opklaring van simptoomgedrag binne die konteks van die egpaarsisteem teweeg te bring nie. Voorts blyk uit die bespreking hoedat transaksionele patrone en die aard van die kerngesin-emosionele prosesse daartoe bydra dat die simptoomgedrag nie alleen in stand gehou word binne die gesinsisteem nie, maar dat driehoekvorming ook deur die gesinsisteem benut word om tydelike verligting in terme van die angsvlak wat teenwoordig is, te verkry.

➲ *GEESTELIKE DIENSLEWERING*

Al drie die deelnemers wat van geestelike dienslewering gebruik gemaak het (DN7, 9 en 10), is van mening dat dié betrokkenheid hulle verwar het en bygedra het tot die daarstelling en instandhouding van skuldgevoelens, deurdat die geestelike werkers empatie met hulle situasies

betoon het, terwyl terselfdertyd aan hulle riglyne voorsien is vir sowel houdings- as gedragsverandering by hulleself. Een van hierdie deelnemers (DN7) gaan haal tydens die onderhoud haar Bybel waarin sy die teksverse wat deur die predikant onder haar aandag gebring is as riglyne vir haar eie gedrag teenoor haar gewelddadige man, duidelik gemerk het. Sy verwys na Lukas 6:27 - 29: *"Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word. As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan."* 'n Ander teksverwysing wat deur die deelnemer aandui word, is 1 Petrus 3:17: *"As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter sò as om te ly wanneer julle kwaad doen."* Die invloed van haar gesprekke met die pastoor beskryf DN7 soos volg: *"Hy't gesê dat God juis hierdie man met al sy probleme op my pad gestuur het en dat ek, as ek hom sou verlaat, nie uitvoering gee aan my huweliksbelofte voor Hom nie. As vrou moet ek hom lei in die weë van God, al beteken dit dat ek, net soos die Here Jesus, gekruisig word deur dié sondaar."* In ooreenstemming met die bespreking in 4.6.1, verwys hierdie deelnemer daarna dat om die man se gewelddadigheid te verduur, by hom te bly en in liefde hom te probeer lei op die regte pad, as't ware haar weg na saligheid impliseer.

Ook DN9 en DN10 verwys na 'n besef wat by hulle geskep is deur die geestelike werkers van wie se dienste hulle gebruik gemaak het, naamlik dat 'n *"Godgegewe opdrag"* aan hulle gegee is deur hulle keuse van 'n huweliksmaat en dat die uitvoering van hierdie opdrag deur God aan hulle opgelê is. Hierdie *opdrag* impliseer volgens die deelnemers aanvaarding van die man as 'n persoon met probleme, 'n verantwoordelikheid om hulle lewens te wy aan die versorging van hulle mans, maar ook aan pogings om die mans in liefde sodanig te begelei dat hulle hulle gedrag sal verander. Die deelnemers stem saam dat in die *opdrag*, 'n implisiete aanduiding teenwoordig is dat indien die man nie sy gedrag verander nie, die deelnemers misluk in die uitvoering van hulle *opdrag* en dat sowel die verantwoordelikheid vir die geweld as die verantwoordelikheid vir die verandering van die situasie, op die deelnemers self geplaas is. In die geval van DN9 wat ten spyte van die besef van hierdie *opdrag* gedurende die afgelope jaar van haar man geskei is en wat 'n aanrandingsaak teen haar man in 'n geregshof laat verhoor het, word beskryf dat sy juis weens die pastoor se insette, intense skuldgevoelens ervaar het toe sy haar man finaal verlaat het en in die hof getuig het oor haar blootstelling aan sy geweld. Die skuldgevoelens word soos volg deur haar verwoord: *"Ek het al terwyl ek die klag by die polisiekantoor gelê het die eerste keer begin sleg voel oor wat ek doen. Dit was amper soos sulke rolprentflitse wat deur my kop gegaan het van Pastoor wat sê God verwag van my gehoorsaamheid*

aan Sy opdrag. Die storie het my snags net so gery - nagmerries, oor en oor. Die dag voor die hofsaak toe ek buite die hofsaal sit en wag het, selfs terwyl ek besig was om te getuig was dit oor en oor hierdie flitse ... Maar wat kon ek maak? Ek het geweét, hierdie man gaan my doodmaak ... Nou weet ek, die God wat ek dien is 'n God van liefde. Nie een wat my vir ewig gaan veroordeel vir my egskeiding en die aanrandingsaak nie."

Vanuit die bespreking van deelnemers oor hulle belewenisse van die geestelike dienslewering wat ontvang is, word twee primêre temas geïdentifiseer, naamlik die verantwoordelikheid tot selfopoffering deur die vrou deurdat sy haar man se gedrag moet verduur en hom in liefde moet lei tot gedragsverandering en skuldgevoelens wat voortgevloei het uit wat hulle beskou as hulle mislukking om tot ware selfopoffering te kom. Hierdie belewenisse van die deelnemers stem ooreen met die bespreking in 4.6.1, waar aangedui is dat sommige vroue in 'n geweldgekenmerkde huwelik bly omdat hulle glo dat hulle deur God gestraf en verwerp sal word indien hulle tot egskeiding oorgaan en dat die lyding wat hulle verduur en selfblaam daarvoor as wyses van selfopoffering, as't ware die moontlikheid om in die hiernamaals saligheid te beleef, vergroot. Tydens die kwalitatiewe onderhoude word die oorsprong van hierdie godsdienstige oorwegings spesifiek aangedui as synde vanaf geestelike diensleweraars. Waarskynlik dra sodanige insette van geestelike werkers daartoe by dat die vroulike slagoffer van geweld ook deur godsdienstige leringe sekondêr geviktimiseer word, deurdat skuldgevoelens by hulle geskep word oor hulle mans se gewelddadige gedrag en die verantwoordelikheid vir die verandering van dié gedrag, aan die slagoffers opgedra word.

- ***DIENSLEWERING DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS, DIE REGSTELSEL EN DIE REGSPROFESSIE***

Ten spyte daarvan dat slegs een van die deelnemers (DN9) aan die kwalitatiewe onderhoudvoering van dienslewering deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die regstelsel en regsprofessie gebruik gemaak het, regverdig die intensiteit van haar negatiewe belewenis van hierdie dienslewering, bespreking. Die betrokkene het direk na afloop van 'n gewelddadige insident deur haar man, 'n klag van aanranding by haar naaste polisiekantoor gaan lê. Sy beskryf die beserings wat sy tydens die aanranding opgedoen het as 'n duidelik-sigbare blou oog, haar hande was stukkend en met bloed besmeer en sy het mank geloop weens 'n besering aan haar heup. Terwyl sy besig was om 'n verklaring af te lê, het haar man in die polisiekantoor ingestap en gedreig om haar fisiese leed aan te doen indien sy sou voortgaan met die aflegging van die verklaring. Die polisiebeampte wat op daardie stadium besig was om haar verklaring af

te neem, het tussenbeide getree en haar man fisies in bedwang probeer hou. Sy skryf die polisiebeampte se beskermende optrede op daardie stadium toe aan die feit dat haar beserings so duidelik sigbaar was. Die deelnemer se man is egter ook 'n polisiebeampte en toe die polisiebeampte wat aan haar klag aandag geskenk het van haar man se posisie bewus raak, het sy beskermende houding teenoor haar onmiddellik verander na een van beskerming van haar man. 'n Verteenwoordiger van 'n sosiaal-strukturele instelling ('n polisiebeampte) wat onder andere gemoeid behoort te wees met die beskerming van persone teen misdrywe deur ander persone, se uitvoering van sy pligte en die geregtelike verwagtinge wat aan hom gestel word, is dus gestaak die oomblik toe besef is dat hierdie beskerming wat gebied behoort te word, impliseer dat 'n kollega vir die oortreding van dieselfde wet wat hy ook behoort af te dwing, aangekla word. Nie die slagoffer van die misdaad nie, maar die oortreder is dus beskerm deurdat die aard van die kollegiale verhouding daartoe aanleiding gegee het dat die belange van die kollega, eerder as dié van die slagoffer, beskerm is.

Op aanbeveling van 'n verpleegkundige, het die betrokkene by die plaaslike landdroskantoor gaan aansoek doen vir 'n interdik ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993). Sy beskryf die vroulike landdros wat haar tewoord gestaan het as simpatiek en dat sy geen probleme ondervind het om die interdik te bekom nie. Die interdik is uitgereik ten opsigte van die fisiese adres waar die betrokkene op daardie stadium beplan het om heen te gaan, naamlik na die tuiste van een van haar volwasse kinders. Haar man kon dus ongesteurd aanbly in die gesinswoning waar al die deelnemer se besittings was, maar is deur die interdik verbied om by hulle seun, waar sy toe gaan woon het, se huis aan te doen of om haar aan te rand. Tog het die deelnemer op daardie stadium ervaar dat die interdik aan haar beskerming bied en dat dit 'n effektiewe regsmiddel is wat haar beskerm teen haar man se gewelddadige gedrag.

Drie dae later is 'n soortgelyke interdik aan haar man toegestaan, op grond daarvan dat hy beweer het dat die deelnemer en haar kinders hom probeer aanrand het. Aandag word gefokus op die bespreking in 6.2.4.1, waar aangedui is dat 'n bewering van aanranding, in die afwesigheid van enige fisiese letsels, genoegsame motivering is vir die uitreiking van 'n interdik ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993). Waarskynlik weens die man se kennis van die wet en die funksionering van die regstelsel, het hy dus in teenreaksie op die vrou se interdik van dieselfde regsmiddel wat daarop gerig is om die slagoffer van geweld te beskerm, gebruik gemaak. Deur middel van sy interdik het hy haar in die posisie

geplaas dat sy nie toegang tot haar eiendom wat by hom in die huis was, kon verkry nie. Die deelnemer se hond het intussen kleintjies gekry en soos sy dit stel, *"... omdat my man so onverantwoordelik was, kon ek nie daarop staat maak dat hy na die hond en die kleintjies sal omsien nie ..."*. Gevolglik het sy die bepalings van die interdik teen haar oortree deur haar vorige woning te betree, aandag aan die honde te skenk en enkele persoonlike besittings uit die huis uit te kry. Haar man het onmiddellik 'n beëdigde verklaring in dié verband afgelê, waarna die opgeskorte inhegtenisnemingsbevel wat saam met die interdik uitgereik word (vgl. 6.2.4.1) van krag geword het en sy in hegtenis geneem is. Na haar inhegtenisneming is sy ingevolge Artikel 3(4)(b) van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) skuldig bevind aan die verontagsaming van 'n interdik wat deur die hof ten opsigte van haar uitgereik is. Voordat die aanrandingsaak wat sy teen haar man gemaak het geregtelik verhoor kon word, is sy dus skuldig bevind aan 'n oortreding en is sy 'n opgeskorte vonnis in dié verband opgelê. Die deelnemer was derhalwe nie alleen die primêre slagoffer van haar man se gewelddadige gedrag nie, maar ook die sekondêre slagoffer van 'n tekortkoming in die regsmiddel wat tot haar beskikking is en wat haar behoort te beskerm, deurdat presies dieselfde regsmiddel deur haar man benut is om emosioneel-gewelddadig teenoor haar op te tree en om haar skuldig te laat bevind aan 'n regsoortreding.

Tydens die aanloop tot die hofverrigtinge ten opsigte van die aanrandingsaak, is dié saak deur drie staatsaanklaers behartig. Telkens het die staatsaanklaers aan die deelnemer verduidelik dat die komende hofsaak by hulle ongemak teweeg bring, aangesien hulle nou saamwerk met haar man in hofsake waarmee hulle gemoeid is. Die deelnemer beweer dat die staatsaanklaers haar saak nie na behore behartig het nie, aangesien hulle afhanklik is van die goedgesindheid, samewerking en getuienisaflegging deur haar man ten opsigte van ander strafsake waarby hulle betrokke is. Op die dag waarop die aanrandingsaak in die hof verhoor is, is 'n vierde staatsaanklaer sowat 15 minute voor die aanvang van die hofverrigtinge aan haar toegewys en moes sy haar situasie in dié kort tydjie aan die betrokkene verduidelik. Die staatsaanklaer was 'n vrou wat reeds voor die hofverrigtinge vir die deelnemer ingelig het dat sy nie van mening is dat 'n sterk genoeg saak bestaan om die man skuldig te bevind aan aanranding nie. 'n Gebrek aan verklarings vanaf 'n distriksgeneesheer (wat nie bereid was om haar te konsulteer na afloop van die aanranding nie) en deur die polisiebeampte wat haar in die polisiekantoor beskerm het teen haar man se gewelddadige gedrag, haar vorige skuldigbevinding aan 'n oortreding van die interdik wat op haar bestel is, die staatsaanklaer se weiering om foto's van die beserings wat opgedoen is, en briewe wat die man aan die deelnemer geskryf het om sy skuld te erken en

verskoning te vra vir sy gewelddadige gedrag as getuienis tydens die hofsaak te benut, word aangevoer as faktore wat hoofsaaklik daartoe bygedra het dat die man nie skuldig bevind is nie. Die deelnemer beskryf haar belewenis van dié situasie soos volg: *"Kan jy jou indink die magteloosheid wat 'n mens ervaar? Hier is jy in die hof, jy gebruik die enigste ding wat tot jou beskikking is - die wet - en die persoon wat die wet behoort te verteenwoordig - die staatsaanklaer - weet nie regtig wat die omstandighede is nie, sy verduidelik nie vir my wat aangaan nie, ek word kaal uitgetrek in die getuiebank en maak nie saak hoe hard ek probeer nie, sy luister nie na wat ek tydens die hofsaak vir haar sê nie en die volgende wat ek hoor is die man is onskuldig. Hy loop ongeskonde daar uit en ek het 'n opgeskorte vonnis wat oor my kop hang!"*

Sowat 'n maand na die hofsaak het die deelnemer en haar broer wat 'n prokureur is, die Prokureur-generaal (PG) gaan spreek oor hulle ontevredenheid met die wyse waarop die hofsaak hanteer is en die uitspraak daarvan. Sy beweer dat nadat die PG die hofverrigtinge in oënskou geneem het, hy hulle geadviseer het om die saak daar te laat en hulle te berus by die uitspraak, hoofsaaklik vanweë die feit dat sy skuldig bevind is aan 'n oortreding en dat dié skuldigbevinding haar regsposisie tydens die aanrandingsaak sodanig benadeel het dat die geloofwaardigheid van haar beweringe daardeur aangetas is. Die deelnemer beskryf haar belewenis van die aanloop tot die hofsaak, die hofsaak en die gebeurtenisse wat daarop gevolg het, retrospektief soos volg: *"Teleurgesteld en ontnugter, dis hoe mens voel. Van reg en geregtigheid is daar nie sprake nie. Dis nonsens dat mishandelde vroue deur die reg beskerm word ... Almal luister, maar niemand hòòr nie."*

In hierdie deelnemer se unieke omstandighede, is sy dus nie beskerm deur die polisiediens wat 'n samelewingstruktuur is wat onder andere gemoeid behoort te wees met die beskerming van landsburgers teen benadeling deur wetsoortreders nie. Dieselfde regsmiddel wat veronderstel is om te dien ter beskerming van die slagoffers van geweld ('n interdik uitgereik in terme van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 133 van 1993), is deur haar man teen haar benut in 'n poging om haar emosionele geweld aan te doen. Nie alleen is sy sodoende weerhou van toegang tot haar besittings en die versorging van haar troeteldiere wat by die man in die huis was nie, maar haar poging om enkele van haar besittings te bekom en die troeteldiere te versorg, het daartoe aanleiding gegee dat sy skuldig bevind is aan 'n kriminele oortreding en dus 'n kriminele rekord het. Juis hierdie aspek is ook tot haar nadeel gebruik tydens die benutting van 'n ander regsmiddel tot mishandelde vroue se beskikking, naamlik 'n hofsaak waartydens 'n aanrandingsklag teen haar man geregtelik verhoor is.

Ter samevatting bring 'n analise van deelnemers se belewenisse van professionele dienslewering wat deur hulle benut is weens die gewelddadige gedrag van hulle mans teenoor hulle, die volgende hooftemas aan die lig:

- Dienslewering deur algemene mediese praktisyns word positief ervaar, deurdat nie alleen aandag geskenk word aan die betrokkenes se onmiddellike fisiese beserings nie, maar ook aan die psigologiese resultate van die beserings in die vorm van medikasie wat verligting kan bring vir angs, slaaploosheid en depressie.
- Psigiatriese dienslewering voldoen nie aan die verwagtinge van deelnemers nie, aangesien die psigiaters slegs medikasie voorgeskryf het, terwyl genoegsame aandag nie geskenk is aan die deelnemers se behoefte aan meer effektiewe hanteringswyses van hulle geweldgekenmerkde huweliksverhoudings nie.
- Die distriksgeneesheer se onwilligheid om betrokke te raak by die beserings wat opgedoen is tydens aanranding deur 'n huweliksmaat, is waarskynlik onder andere die resultaat van vorige ervarings met betrekking tot die geweldsiklus, naamlik dat vroulike slagoffers van geweld formele klagtes lê teen hulle mans, maar die klagtes weer terugtrek voordat 'n hofsaak in dié verband kan plaasvind. Tyd en mensekrag wat dus afgestaan word aan die mediese ondersoek van so 'n vrou en die skryf van 'n verslag oor die beserings wat opgedoen is, is derhalwe selde geregverdig, aangesien die aanrandingsklagte waarskynlik teruggetrek sal word deur die vrou.
- Alhoewel deelnemers waardering het vir die empatie wat tydens terapeutiese dienslewering deur maatskaplike werkers en sielkundiges aan hulle betoon word, blyk 'n fokus op insigontwikkeling tydens sodanige dienslewering nie te voldoen aan die betrokkenes se behoeftes nie. 'n Behoefte aan sistemiese dienslewering wat aanleiding gee tot interaksionele en dus gedragsveranderinge, word nie aan voldoen wanneer alleen op insigontwikkeling tydens terapeutiese dienslewering gefokus word nie.
- Geestelike dienslewering waartydens die fokus geplaas word op die vroulike slagoffer se selfopoffering op grond waarvan van haar verwag word om die geweldenaar in liefde te lei tot gedragsverandering, skep skuldgevoelens by die vroue en gee daartoe aanleiding dat in geweldgekenmerkde verhoudings aangebly word weens die verwagting dat die selfopoffering en viktimisering deel is van die weg tot saligheid.
- Leemtes in die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) gee daartoe aanleiding dat dié wet wat daarop gerig is om die slagoffers van geweld te beskerm, benut word as 'n wyse van emosionele geweld deur die manlike geweldenaar.

Nadat 'n vrou 'n interdik teen 'n man bekom het om hom daarvan te weerhou om haar aan te rand en om 'n bepaalde geografiese gebied te betree, kan 'n soortgelyke interdik ook deur die man teen die vrou bekom word. Wanneer in ag geneem word dat die vrou dikwels na afloop van 'n aanranding die gesinstuiste verlaat en inwoning by familie of vriende verkry, word die interdik uitgereik ten opsigte van die adres waarheen die betrokkene gevlug het na afloop van die aanranding. Deur 'n soortgelyke interdik aan die man ten opsigte van die vrou toe te staan, word die vrou daarvan weerhou om die gesinstuiste waar die man agtergebly het nadat sy gevlug het te betree, selfs al sou die motivering vir die betreding wees om persoonlike besittings of bestaansmiddele uit die tuiste te bekom.

8.7.5 SOSIO-KULTURELE FAKTORE

Ten einde die beïnvloeding van die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem op die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoude se situasies en hulle belewenis van hulle situasies te verken, is die betrokkenes gevra om hulle belewenisse van samelewingspersepsies ten opsigte van die twee geslagte (vrae 6.1 en 6.2 in die onderhoudskedule), maar ook met betrekking tot mishandelde vroue en gewelddadige mans (vrae 6.3 en 6.4 in die onderhoudskedule) te eksploreer. Temas wat na aanleiding van deelnemers se reaksies op hierdie vrae geïdentifiseer kon word, word vervolgens aangebied.

8.7.5.1 Samelewingspersepsies ten opsigte van mans en vroue

'n Analise van deelnemers se antwoorde ten opsigte van vrae 6.1 en 6.2 ten opsigte van samelewingspersepsies met betrekking tot mans en vroue, bring vier hooftemas aan die lig, te wete paternalisme in die Swart kultuur, seksisme in die handel- en nywerheidsektor, seksisme in die leringe van die Christendom en geslagsrolstereotipering. Elk van hierdie temas word vervolgens meer breedvoerig toegelig.

⇒ *PATERNALISME IN DIE SWART KULTUUR*

Die twee Swart deelnemers beskryf die samelewingspersepsies met betrekking tot die twee geslagte in terme daarvan dat vroue as ondergeskik aan die man beskou word en dat onderdanigheid van die vrou ten opsigte van die man, ongeag die omstandighede, te alle tye verwag word en gesanksioneer word. Selfhandhawende gedrag deur die vrou ten opsigte van

die man, word oënskynlik onder geen omstandighede geduld nie. In die geval van DN2, beskryf sy die situasie soos volg: *"In my culture, that is just how it is. You show even the slightest bit of backbone and he hits that bone until it breaks. And they all tell you, the men, they tell you you have to be your size. You must not stand taller than the man. He will hit you to your size."* 'n Soortgelyke aanduiding word vanaf DN1 verkry: *"You must never scare the men, they should be the biggest. He paid good money for you, he takes care of you and the children, the home, the money, the rules. You must be submissive because of that. But you must abide by those rules. If not, he will hit you and threaten to soon call the members of the family to intervene."*

Twee sosio-kulturele temas word dus deur die deelnemers beweer, naamlik die mate waartoe paternalisme in die Swart kultuur gevestig is en in stand gehou word (vgl. 3.1 en 7.3) onder andere deur middel van die benutting van geweld en die betekenisgewing aan *lobola* (vgl. 7.3), naamlik dat die vrou die eiendom van die man word deurdat hy haar as't ware van haar gesin koop en dat hy dus oor die toestemming beskik om oor hierdie eiendom te heers, selfs ook deur gewelddadige optrede teenoor die vrou en kinders. Die sosio-kulturele faktore vind derhalwe neerslag binne die konteks van die gesinsisteem, waar die man as aller-hoof van sy gesin bestempel word en dus implisiet oor die samelewing se toestemming beskik om sy heerskappy, onder andere deur middel van die benutting van gewelddadige gedrag teenoor sy vrou en kinders, uit te oefen en te handhaaf.

⇒ *SEKSISME IN DIE HANDEL- EN NYWERHEIDSEKTOR*

Drie deelnemers (DN4, 5 en 8) verwys in hulle bespreking na die jarelange diskriminasie teenoor vroue in die Staatsdiens en dat hierdie diskriminasie ook neerslag vind in private organisasies binne die handel- en nywerheidsektor. Alhoewel erkenning daaraan gegee word dat die nuwe regering doelbewuste pogings aanwend om regstellende aksie ook in terme van vroue toe te pas, is die betrokkenes van mening dat die nalatenskap vanuit die verlede tans nog figureer binne regeringsinstellings, maar ook in die privaatsektor. Voorbeelde wat vermeld word is dat mans in die verlede 'n groter kans op sowel aanstellings as bevordering gehad het, dat mans hoër salarisse as vroue met dieselfde kwalifikasies en jare ondervinding verdien het, dat behuisingsubsidie en toegang tot mediese hulpfondse slegs vir mans beskore was en dat die manlik-gedomineerde regeringsbestel dus sodoende uitvoering gekry het in die samestelling en beleid van die Staatsdiens en private organisasies. Tans word ervaar dat vroue steeds in 'n beperkte mate in bestuursposisies aangestel word en dat manlike kollegas se insette hoër aansien geniet as dié van vroue in werkskontekste waar die bestuur hoofsaaklik uit mans bestaan. In

haar bespreking wys DN8 daarop dat *"... when trying to make a statement or to convey a sentiment in a male dominated environment, a woman has to be more specific, more factual and I'd say much more to the point than the male counterparts whose inputs are accommodated unconditionally, even if what they have to say is blatant nonsense."* Die betrokkene is dus van mening dat vroue as't ware oor beter kommunikasie-, oorredings- en beïnvloedingsvaardighede behoort te beskik as dié van hulle manlike eweknieë, wanneer gepoog word 'n inset binne 'n manlik-gedomineerde omgewing te lewer.

In 7.1 is die mening gehuldig dat seksisme onder andere die resultaat is van 'n patriargale samelewingsbestel, terwyl in 7.2 daarna verwys is dat geslagsrolstereotipering bydra tot die ontwikkeling en instandhouding van seksisme. Alhoewel paternalisme meer prominent en tradisioneel in die Swart kultuur teenwoordig is en daardeur gesanksioneer word, dui Blanke deelnemers se bespreking van die samelewingsbestel tydens die era voor die huidige regering daarop dat nie paternalisme *per se* nie, maar seksisme (vgl. 7.1) in die vorm daarvan dat mans as meerderwaardig aan vroue beskou is en dienooreenkomstig aangewend en beloon is, in die samelewing voorgekom het en dat vroue hulleself tans nog binne die konteks van hierdie nalatingskap bevind. In ooreenstemming met die bespreking in 4.2.3 en 7.1, dui deelnemers se insette dus daarop dat seksisme, 'n sosio-kulturele aspek in die ekologiese ontledingsisteem, die handel- en nywerheidsektor (elemente eie aan die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem) beïnvloed, deurdat seksisme neerslag vind in die wyse waarop betekenisgewing ten opsigte van vroue se insette en beredenering plaasvind, maar ook in terme van die aanwending van vroue binne die handel- en nywerheidskonteks.

⇒ ***SEKSISME IN DIE LERINGE VAN DIE CHRISTENDOM***

In hulle beantwoording van die vrae oor samelewingspersepsies ten opsigte van mans en vroue, verwys drie deelnemers (DN7, 9 en 10) spesifiek na die Christendom se etikettering van die vrou as onderdanig aan die man en na die man se veronderstelde meerderwaardigheid. 'n Tema wat hiermee verband hou en wat deur DN9 en 10 beklemtoon word, is die ambivalente premie wat deur die Christendom geplaas word op die gesinseenheid en die belangrike rol van die vrou as eglied en moeder in die behoud van hierdie eenheid, terwyl terselfdertyd klem geplaas word op die ondergeskiktheid van die vrou ten opsigte van haar man.

In haar bespreking verwys DN10 byvoorbeeld daarna dat sy as kind geleer het dat 'n man die hoof van sy huis is en dat 'n Christenvrou haar aan haar man se gesag moet onderwerp, dat die

vrou die swakker geslag verteenwoordig en dat hierdie swakheid nie alleen verwys na haar gebrek aan fisiese krag nie, maar ook na haar onvermoë om versoekings ooreenkomstig die Woord van God te hanteer: *"Ek het in die kerk geleer dat die vrou se lis haar swakheid verteenwoordig, dat die man 'n ingebore krag het om die vrou op die smal weg te hou - haar eintlik te lei. 'n Christenvrou moet haar aan haar man onderwerp en haarself eintlik opoffer vir haar kinders om ewige saligheid te bekom. My hele lewe lank het ek te midde van sy onverantwoordelikheid en die fisiese en psigiese pyn wat hy teweeggebring het, my by hierdie riglyn gehou. Ek het wragtig ten spyte van alles vir my kinders 'n goeie opvoeding gegee. Geregtigheid is, lyk my, nie op aarde vir my beskore nie."* Aansluitend hierby beweer DN9 dat haar gemeenteleraar tydens geestelike berading aan haar en haar man, by herhaling daarop gewys het dat die verantwoordelikheid om die gesinseenheid te behou, deur God aan haar opgelê is en dat egskeiding van haar man 'n verbreking sou wees van die opdrag van God: *"Aan die een kant praat hy* [die pastoor] *van liefde en respek vir mekaar, te midde van elkeen se foute, maar my rol as die een wat ons spul* [haar gesin] *bymekaar moet hou, word oor en oor herhaal, terwyl hy* [haar man] *maar kan maak wat hy wil, want hy is mos die hoof van die huis en ons moet ons aan hom ondergeskik stel."* Die deelnemer gaan dan voort deur te beskryf hoedat sy 'n geestesstryd met God gevoer het oor die opdrag wat Hy aan haar gegee het, haar herhaaldelike mislukte pogings om binne die konteks van die geweldgekenmerkde verhouding uitvoering te kon gee aan die opdrag, die skuldgevoelens wat dit by haar teweeg gebring het en haar uiteindelike verbreking van alle bande met die kerk: *"Vandag dien ek my eie God, dis nie 'n ander God as dié van Christene nie, maar ek dien Hom op my manier, terwyl ek in my hart glo dat die God van liefde, ook 'n God van vergifnis is wat my vergewe het vir my egskeiding. My God is nie een van verwyt, skuld en onderdrukking, soos wat Pastoor probeer voorgee het nie."* 'n Samelewingspersepsie ('n sosio-kulturele element van die ekologiese ontledingsisteem) waaraan deur die kerk ('n sosiaal-strukturele subsisteem van die ekologiese ontledingsisteem) uitvoering gegee word, naamlik dat die vrou ten spyte van haar ondergeskiktheid aan die man, die verpligting het om die gesinseenheid te behou en haar man te lei tot aanvaarbare gedrag, het dus in hierdie geval daartoe aanleiding gegee dat 'n verbreking van alle bande met dié sosiale struktuur en sy leringe, plaasgevind het.

Vroulike slagoffers van geweld deur hulle manlike verhoudingsmaats, word waarskynlik ook deur die kerk se leringe en die sosio-kulturele verwagtinge wat gestel word aan die rol van moederskap, in 'n dubbelbinding geplaas wat daartoe aanleiding gee dat die geweld in die verhouding nie alleen in stand gehou word nie, maar dat dit ook vir die vrou moeilik is om 'n besluit te neem om die gewelddadige man te verlaat. In haar bespreking, beskryf DN7 die

dubbelbinding soos volg: *"Aan die een kant moet ek by my man bly, onderdanig aan hom wees en as Christen ly onder hom. So stel ek vir Dominies tevrede en my skuldgevoelens teenoor God word draaglik. Kom ek by my werk aan met 'n opgeswelde gesig, weet almal wat alweer gebeur het. Dan moet ek hoor dat ek die plig het om die man te verlaat ... die kinders nie langer in sulke omstandighede te hou nie ... En dis seker ook waar. Nou vra ek jou, wat moet ek doen? Ek is al 'sif' gedink."* Die dubbelbinding is dus daarin geleë dat die betrokkene deur te bly by die gewelddadige man, uitvoering gee aan een stel verwagtinge, naamlik dié wat volgens haar predikant van 'n Christenvrou verwag word, maar dat sy deur die voldoening aan hierdie verwagting, nie uitvoering kan gee aan haar verpligting as moeder om haar kinders nie aan die gewelddadige aard van haar verhouding met haar man bloot te stel nie. Voldoening aan die een sosio-kulturele verwagting, impliseer dus noodwendig die nie-konformering aan 'n ander sosio-kulturele verwagting.

In ooreenstemming met die bespreking in 7.1, 7.2 en 7.3, beweer die deelnemers dus dat godsdienstige leringe 'n bydraende en instandhoudende faktor is ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, deurdat seksisme ook in die kerk aangetref word en deur die kerk in stand gehou word. Die seksisme vind waarskynlik onder andere neerslag in die kerk ('n sosiale struktuur) se persepsie en verwagtinge ten opsigte van die vrou as huweliksmaat en moeder aan wie 'n aantal eise gestel word wat hoofsaaklik gerig is op die behoud van die eenheid van die gesin, terwyl nie soveel klem gelê word op die man se medeverantwoordelikheid vir die daarstel van 'n konteks waarbinne gesamentlik uitvoering gegee kan word aan die rolle van huweliksmaats en ouers nie. Terselfdertyd moet egter ook uitvoering gegee word aan 'n teenstrydige sosio-kulturele verwagting, naamlik dat 'n moeder verantwoordelik is vir die skepping van 'n gesinsatmosfeer waarbinne haar kinders opgevoed, gesosialiseer en beskerm word. Aan hierdie verwagting kan egter nie uitvoering gegee word binne die konteks van 'n geweldgekenmerkde huweliksverhouding nie.

⇒ *GESLAGSROLSTEREOTIPERING*

Drie van die deelnemers (DN1, 3 en 8) beskryf die feit dat hulle vaste betrekkings beklee as 'n faktor wat in hulle huweliksverhoudings aanleiding gee tot konflik, aangesien hulle mans saamstem met die sosio-kulturele persepsie dat die man die primêre genereerder van 'n gesinsinkomste behoort te wees en dat die vrou haar tyd en energie aan die huishouding, die voortbring en opvoeding van kinders en aan haar man behoort te bestee. In die geval van DN8 word die volgende aangebied: *"I guess you could say that I had a higher educational level than he*

had, if that really still matters nowadays. I have my matric, whilst he left school after standard eight. A prominent theme in our marriage was my level of education and his joblessness. I think it threatened him. He used to claim that no matter how educated a woman is, she'd never be superior to a man, because she was physically created with the primal task of having babies and taking care of her husband ... Not to work and earn money." Ook DN1 verwys daarna dat sy en haar man dikwels konflik het oor die feit dat hulle nog nie kinders het nie en dat haar man haar betrokkenheid in die arbeidsmark blameer vir sowel hulle kinderloosheid as sy werkloosheid. Hierdie konflik word meesal hanteer deur die man se benutting van gewelddadige gedrag: *"You see, if I do not have a child, he cannot really be a man. He will only be a man once we have children. I have a good job, but he blames me for taking the job out of his hands. If I was not working, a man could have my job. As long as I keep working, I shall not have a baby and he will not have a job. He says women should stop working so the men could have jobs and if I don't work, he can earn money and I can have babies. I tell you, I shall not have a baby until I feel ready for it. Not so that he can feel that he is a real man."* Behalwe vir die sosio-kulturele tema dat 'n vrou tuis moet bly, kinders moet hê en moet omsien na haar man en kinders, dui bogenoemde aanduiding waarskynlik ook op 'n magstryd wat binne DN1 se egspaarsubsisteem voorkom. Die feit dat sy die enigste gesinslid is wat 'n inkomste genereer, gee moontlik aan haar 'n magsposisie hoër as dié van haar man, terwyl die beheer wat sy uitoefen deur die voorkoming van swangerskap, ook 'n faktor is wat haar man se onvermoë om sy vrou se gedrag te beheer, vergroot. Na aanleiding van die bespreking in 4.4, beskik die deelnemer primêr oor magsbasisse ('n hoër opleidingsvlak as haar man, sy is die enigste genereerder van gesinsinkomste en beskik dus oor hoër sosio-ekonomiese status as haar man) en magsprosesse (selfhandhawing ten opsigte van voortplanting), wat waarskynlik daartoe aanleiding gee dat beskikking oor magsresultate in hulle verhouding, hoofsaaklik by haar gesetel is. Vanweë die sosio-kulturele geslagsrolstereotipering in die Swart kultuur, naamlik dat 'n man die gesinshoof behoort te wees en eers waarlik man kan wees wanneer hy kinders het, gee die vrou se meerdere beskikking oor magsresultate aanleiding tot konflik in hulle huwelik, wat deur die man hanteer word deur die benutting van gewelddadige optrede teenoor sy vrou.

Deelnemers se aanduiding van konflik en gewelddadige gedrag in hulle huweliksverhoudings weens onder andere kinderloosheid, opvoedingsvlak en aktiewe betrokkenheid in die arbeidsmark, stem dus ooreen met die besprekings in 3.1 en 7.2 waar verwys is dat die mag en beheer wat 'n vrou verkry deur haar onafhanklikheid van haar man, in teenstelling is met die heersende patriargale dominansie van die man. Haar beskikking oor finansiële mag en beheer,

maar ook haar beheer oor voortplanting en haar onafhanklikheid van die man, gee dus daartoe aanleiding dat die man onder andere vanweë sy werkloosheid en gebrekkige toegang tot middele wat aan hom mag en beheer kan gee, gebruik maak van geweld as die *uiterste bron* (vgl. 4.2.2.2) op grond waarvan hy sy sosio-kulturele, patriargaal-voorgeskrewe rol as heerser oor sy vrou kan afdwing en in stand hou.

Hooftemas soos paternalisme, seksisme en geslagsrolstereotipering figureer dus in deelnemers se bespreking ten opsigte van samelewingspersepsies met betrekking tot mans en vroue. Hierdie sosio-kulturele faktore vind dan onder andere neerslag in sosiaal-strukturele instellings soos byvoorbeeld die handel- en nywerheidsektor en die kerk, waar vroue beskou en behandel word as vermeend minderwaardig aan die man en op grond daarvan in ondergeskikte posisies ten opsigte van die man geplaas word. Sowel die sosio-kulturele persepsies as sosiaal-strukturele betrokkenheid by die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, word gekenmerk deur elemente van paternalisme, seksisme en geslagsrolstereotipering. So byvoorbeeld gee vroue se toegang tot en benutting van opvoedkundige geleenthede, hulle betrokkenheid in die arbeidsektor, beheer oor voortplanting en hulle verhoogde mate van onafhanklikheid van hulle mans, daartoe aanleiding dat hulle onder andere deur kultureel-voorgeskrewe meganismes (vgl. 8.7.3.10), maar ook deur die kerk gedwing word tot onderdanigheid aan hulle mans. Weiering om te konformeer aan hierdie verwagtinge en verpligtinge, sanksioneer die man derhalwe implisiet om konformering af te dwing, onder andere deur die benutting van geweld teenoor sy vrou.

8.7.5.2 Samelewingspersepsies ten opsigte van mishandelde vroue en manlike geweldenaars

In 5.7 is 'n bespreking gevoer oor samelewingsmites met betrekking tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en is spesifiek daarna verwys dat deur middel van die mites, daartoe bygedra word dat vroulike slagoffers van geweld daardeur sekondêr geviktimiseer word en dat uittrede uit die geweldgekenmerkde verhouding, sodoende bemoeilik word. Tydens die kwalitatiewe onderhoude, is hierdie aspek geëksploreer deur die insluiting van vrae 6.3 en 6.4 oor die samelewing se persepsies van gewelddadige mans en vroulike slagoffers van geweld, in die onderhoudskedule.

♣ *SAMELEWINGSPERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN MISHANDELDE VROUE*

Een sentrale tema word geïdentifiseer na aanleiding van deelnemers se bespreking van samelewingspersepsies ten opsigte van mishandelde vroue, naamlik blamering van die slagoffer. Hierdie blaam vind gestalte in twee subtemas, te wete dat die mishandelde vrou vir haar eie situasie verantwoordelik is en dat hulp beskikbaar is aan sodanige vroue, maar dat hulle nie van die beskikbare diensleweringstrukture en -professies gebruik maak nie. Elk van hierdie aspekte word vervolgens toegelig.

- ***Die slagoffer is vir haar eie situasie verantwoordelik***

Dat mishandelde vroue grotendeels self vir hulle omstandighede verantwoordelik is en blaam vir die feit dat sodanige vroue in geweldgekenmerkde verhoudings aanbly, blyk uit die bespreking van vyf van die deelnemers se menings oor samelewingspersepsies ten opsigte van mishandelde vroue. Een deelnemer (DN7) beskryf 'n algemene persepsie soos volg: *"Mens hoor baie mense sê die vrouens soek daarna. Of jy hoor iemand sê so en so is maar 'n moeilike mens, sy tart hom seker of sy het hom uitgelok."* In ooreenstemming met die bespreking in 2.1 en 4.2.2.1, is hier dus 'n aanduiding daarvan dat die mishandelde vrou self vir die situasie geblameer word deurdat sy bestempel word as 'n persoon wat oor bepaalde eienskappe beskik wat *veroorsaak* dat gewelddadig teenoor haar opgetree word. Nie die manlike aggressor nie, maar die slagoffer word derhalwe bestempel as die persoon met 'n probleem of bepaalde tekortkominge en hierdie eienskappe *veroorsaak* dan dat gewelddadige gedrag by die manlike verhoudingsmaat ontlok word.

Beide die Swart deelnemers (DN1 en 2) is van mening dat vroue wat by herhaling blootgestel word aan fisiese geweld nie sondermeer in hulle kulture as mishandelde vroue geëtiketteer word nie. Sodanige identifikasie word as't ware gereserveer alleen vir vroue wat by herhaling aan die mees intense vorme van geweld (messteke, slaan met 'n voorwerp, byte wat aanleiding gee tot fisiese beserings wat ernstig genoeg is dat bloed uit die wonde uitloop, doelbewuste toediening van brande en die steek van voorwerpe in die vrou se vagina) blootgestel word. Fisiese aanranding deur 'n man in die vorm van klappe, vuishoue, stampe en om sy vrou teen 'n muur en / of 'n deur vas te druk, word nie direk met vrouemishandeling geassosieer nie, maar word beskou as kultureel-gelegitimeerde gedragsvorme om die vrou se gedrag te rig ten einde van haar 'n aanvaarbare lid van die samelewing te maak. Wanneer 'n vrou wel as 'n mishandelde vrou geëtiketteer word weens die herhaalde blootstelling aan intense vorme van geweldpleging, word sodanige vroue beskou as persone wat weier om te konformeer aan die paternalisties-

voorgeskrewe, sosio-kulturele reëls en word die straf wat toegedeel word beskou as gedrag wat hulle toekom weens die weiering om aan hulle mans en aan die kultuur se verwagtinge te voldoen.

Die man se gewelddadige gedrag word derhalwe kultureel-gesanksioneer, deurdat hy deur middel van sy optrede uiting gee aan die sosio-kulturele verwagting dat die man sy vrou se gedrag moet beheer en rig ten einde van haar 'n aanvaarbare lid van die samelewingsbestel te maak. Oënskynlik word geen aandag geskenk aan die vrou se motivering vir haar (wan)gedrag, nie-konformering of aan haar eie behoeftes nie, maar die fokus word geplaas op die man se behoeftes, belange en beeld na buite wat deur haar gedrag benadeel en geskend word.

In sommige gevalle word die herhaaldelike weiering van die vrou om aan die sosio-kulturele verwagtinge van die Swart kultuur te voldoen, daaraan toegeskryf dat bonatuurlike magte beheer geneem het van die vrou en dat nie syself nie, maar die magte waaraan sy blootgestel is deur die gewelddadige gedrag bestraf word. Ook word die teenwoordigheid van die bonatuurlike magte toegeskryf juis aan die vrou se weiering om uitvoering te gee aan haar sosio-kulturele rolle en die verwagtinge wat aan die rolle gekoppel is. In sulke gevalle word die teenwoordigheid van die magte bestempel nie as die oorsaak van haar gedrag nie, maar as die resultaat daarvan, aangesien 'n lid van die uitgebreide gesinsisteem na bewering dié magte oor haar laat kom het weens haar weiering om aan die sosio-kulturele verwagtinge te voldoen. Die geweld word wel teen die liggaam van die vrou gerig, maar die motivering vir die gedrag lê daarin dat die bonatuurlike magte wat van haar besit geneem het, deur gewelddadige optrede teenoor haar, uitgedryf word. In haar bespreking, verduidelik DN2 die sosio-kulturele rasionaal vir die gewelddadige gedrag soos volg: *"The woman is blamed for her behaviour, not the man. She is seen as the one who does not do as is expected of her. Due to her bad behaviour, she has been bewitched. The husband is then merely trying to fight these higher powers by acting violently towards his wife. She is the problem, the powers have to be driven out of her. Therefore, the husband's behaviour is culturally okayed while the woman is punished for her misbehaviour."* Die vrou word derhalwe nie alleen geblameer vir die gewelddadigheid van haar man nie, maar ook vir die feit dat haar gedrag *veroorsaak* het dat 'n lid van die uitgebreide gesin bonatuurlike magte oor haar laat kom het. Haar wangedrag word dus bestempel as die *oorsaak* van die begoëling (*"bewitchment"*) en die vrou alleen word verantwoordelik gehou vir haar man se gewelddadige gedrag wat die *gevolg* van haar wangedrag is.

Soortgelyk aan die bespreking in 7.5, rapporteer die helfte van die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoude dus ook dat 'n samelewingspersepsie bestaan dat die mishandelde vroue self verantwoordelik is vir hulle manlike verhoudingsmaats se gewelddadige gedrag teenoor hulle. Die geweldenaar word van blaam en verantwoordelikheid onthef, terwyl die klem geplaas word op die eienskappe van die vrou wat *veroorsaak* dat die man gewelddadig teenoor haar optree.

- ***Mishandelde vroue maak nie van beskikbare dienste en strukture gebruik nie***

Na aanleiding van haar intens negatiewe belewenis van die dienslewering deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die regstelsel en regsprofessie, beskryf DN9 hoe aggressief sy voel ten opsigte van die samelewingspersepsie dat hulp wel beskikbaar is vir mishandelde vroue, maar dat diegene verkies om nie daarvan gebruik te maak nie: *"My kantoor is in 'n Staatsgebou. Van waar jy inloop op die grondvloer, in die hysbakke en in elke gang in die gebou is daar 'posters' wat sê: 'Stop violence against women and children', 'Stop the battering of women and children' en een wat iets lees soos: 'Use the legaslative resources available to battered women and children'. Laat ek vir jou sê, daar is geen hulp beskikbaar nie. Die goed lyk mooi op papier, maar laat jy net probeer om hierdie goed in jou situasie te laat werk, dan kom jy agter dit is niks meer as mooi woorde op papier nie. Daar is nie regtig hulp nie en hulle 'bluff' net die mense wat nie regtig hulp nodig het nie, om te dink dat daar hulp beskikbaar is. As daar was, sou ek mos nie toegelaat het dat* [man se naam] *my byna vermoor het nie!"* Die betrokkene se aggressie is dus gerig op die persepsie dat hulp wel vir vroulike slagoffers van geweld beskikbaar is, maar dat vroue verkies om nie van hierdie dienslewering gebruik te maak nie, terwyl haar ervaring van die polisiebeampte se gebrek aan objektiwiteit, leemtes in die beskikbare wetgewing en staatsaanklaers se onwilligheid om haar effektief te verteenwoordig tydens die verhoor van haar aanrandingsaak teen haar man (vgl. 8.7.4.2), die teendeel bewys.

In aansluiting hierby, verwys sowel DN5 as DN8 daarna dat alhoewel hulle van dienslewering in die vorm van onder andere sielkundige hulp gebruik gemaak het, dié dienslewering nie werklik bygedra het tot 'n verandering van hulle situasies nie. Insigontwikkeling wat deur haar en haar man se terapeutiese blootstelling teweeggebring is, word deur DN8 beskryf as *" ... little more than understanding, but the insight didn't change our behaviour ... On the contrary, the insight led to severe emotional outburts, which led to him beating me up like never before ... And people would keep on saying that there is help available, that we should just use those resources. Later on, I just kept quiet. I couldn't bare their unenlightened views any longer."* Die deelnemers is derhalwe van mening dat hulle wel van beskikbare dienslewering gebruik gemaak het, maar dat die

dienslewering nie aan hulle verwagting voldoen het in terme van positiewe verandering van hulle situasies nie. Alhoewel insigontwikkeling ten opsigte van hulle situasies plaasgevind het, is positiewe gedragsverandering nie op grond van die insigontwikkeling teweeg gebring nie, terwyl in die geval van DN8, die insigontwikkeling selfs tot verdere gewelddadige gedrag teenoor haar aanleiding gegee het.

'n Analise van die gegewens in Tabel 36, bring aan die lig dat sewe van die tien deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering al gebruik gemaak het van die een of ander vorm van professionele dienslewering ten opsigte van hulle situasies, terwyl dié sewe deelnemers al by 'n totaal van 24 dienslewerende strukture of professies betrokke was. Ook is na aanleiding van die vraelysondersoek, in 8.4.4.1 aangedui dat 95% van die deelnemers al van die dienslewering van strukture en professies gebruik gemaak het. Die samelewingspersepsie dat vroulike slagoffers van geweld nie gebruik maak van beskikbare dienste en strukture nie, blyk derhalwe 'n mite te wees, terwyl in sowel 8.4.4.2 as in 8.7.4.2 onder andere verwys is daarna dat deelnemers teleurgesteld was in die dienslewering wat hulle ontvang het.

Na aanleiding van die bespreking in 7.5, dra hierdie samelewingspersepsies ten opsigte van mishandelde vroue, waarskynlik daartoe by dat die betrokkenes oor 'n beperkte ondersteuningstelsel beskik, juis vanweë die feit dat die gewelddadige aard van die huweliksverhoudings so ver moontlik, geheim gehou word. Die geheimhouding is moontlik funksioneel in dié sin dat die vroulike slagoffer sekondêre viktimisering op grond van sosio-kulturele persepsies vermy, terwyl die gewelddadige gedrag in die verhouding moontlik onder andere in stand gehou word deur die geheimhouding en rigiede gesinsisteemgrens (vgl. 5.1.3.2 en 8.4.3.3) wat daarmee verband hou.

♣ ***SAMELEWINGSPERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN MANLIKE GEWELDENAARS***

Interessant was dat in antwoord op vraag 6.4 in die onderhoudskedule, sewe van die deelnemers onmiddellik gereageer het deur te beweer dat die samelewing nie gewelddadige mans blameer vir hulle gewelddadigheid nie. Hierdie reaksies is opgevolg deur 'n voortsetting van deelnemers se verduideliking van samelewingspersepsies ten opsigte van mishandelde vroue. Die navorser moes in al sewe gevalle vraag 6.4 herhaal, ten einde die deelnemers se reaksies te rig met betrekking tot samelewingspersepsies ten opsigte van gewelddadige mans. Waarskynlik sou die sterker fokus op samelewingspersepsies met betrekking tot mishandelde vroue, eerder as dié ten opsigte van gewelddadige mans, daaraan toegeskryf kan word dat sodanige persepsies die

deelnemers meer direk beïnvloed en dat dié persepsies veral 'n betekenisvolle rol speel in hulle definiëring van en besluitneming oor die situasies waarin hulle sigself bevind.

Twee temas figureer primêr in die deelnemers se bespreking van samelewingspersepsies ten opsigte van manlike geweldenaars, naamlik dat gewelddadige optrede geassosieer word met manlikheid en dus 'n aanvaarbare gedragsvorm is en die man se reg om gewelddadig teenoor sy vrou op te tree. Elk van hierdie temas word vervolgens toegelig.

- ***Gewelddadige gedrag word geassosieer met manlikheid***

Vier deelnemers (DN2, 3, 7 en 9) verwys in hulle bespreking daarna dat die teenwoordigheid van fisiese krag, die vermoë om fisiese dwang uit te oefen en die geneigdheid tot aggressie, eienskappe is wat met manlikheid geassosieer word en dat die samelewing op grond van hierdie persepsies, nie die manlike geweldenaar vir sy gedrag blameer nie. Tipiese reaksies wat vanaf die deelnemers verkry is, sluit sinsnedes in soos byvoorbeeld *"... dit is maar net so, hulle is sterker as ons vroue ..."*, *"... mos maar meer geneig tot aggressie ... niemand dink dit is vreemd nie"*, *"... meer gefokus op fisiese krag, dis deel van manwees ..."* en *"... wat anders kan mens verwag, hulle is sterker, harder en gebruik hulle krag om te praat, nie hulle monde nie ... niemand lig eers 'n wenkbrou daaroor nie ..."*. Weens dié assosiasies, is die deelnemers van mening dat gewelddadige gedrag as't ware verwag word van mans en dié gedrag word beskou as 'n gelegitimeerde wyse waarop mans sigself uitdruk. Hierdie mening dat die man sigself deur middel van fisiese krag, in plaas van deur verbale kommunikasie uitdruk, stem ooreen met die bespreking in 4.2.3 waar daarna verwys is dat hoewel manlike geweldenaars oor die vermoë beskik om hulle eie behoeftes te identifiseer, hulle probleme ervaar met die verbalisering van dié behoeftes en dat wanneer pogings om behoeftebevrediging deur middel van verbale kommunikasie misluk, aan die patriargale persepsie van manlike meerderwaardigheid uiting gegee word deur die benutting van gewelddadige gedrag.

In haar bespreking verwys DN2 soos volg na die persepsies ten opsigte van 'n Swart man wat gewelddadig teenoor sy vrou optree: *"He is considered to be the king of his kingdom - his family. It is expected of him to act like a man. Men should be powerful, authoratative, the king. The man, the king is responsible for the safety and the prosperity of his kingdom. If it means that he has to use physical force in order to protect his kingdom, that is fine. It is expected of him. If his wife does not listen to him and puts his kingdom in danger, he will beat her because her behavior is inappropriate with regard to his kingdom's welfare. That is just how it is."* Die Swart man se gewelddadige gedrag teenoor sy vrou word derhalwe nie alleen kultureel goedgekeur nie, maar die gedrag

word as't ware van hom verwag as deel van sy rol as man, eggenoot, vader en gesinshoof wat verantwoordelik is vir die daarstelling en behoud van sy koninkryk (*"kingdom"*) en vir die ordelike, kultureel-gepaste funksionering van sy gesin.

Die patriargale stelsel, waarvolgens die man beskou word as die hoof van sy huis, die beskermer van sy eiendom en die handhawer van wet en orde binne die konteks van sy gesin (vgl. 3.1, 4.2.3, 7.1 en 7.2), skep derhalwe 'n sosio-kulturele persepsie dat gewelddadige optrede met dié doel voor oë, nie alleen sosio-kultureel gelegitimeer word nie, maar as't ware ook verwag word van en geassosieer word met manlikheid. Vanweë die algemene aanvaarding, verwagting en assosiasie van geweld met die rol van manwees, vind hierdie gedrag ook plaas binne die konteks van die gesinsisteem, waar sowel sy vrou as kinders slagoffers word nie alleen van die man se gewelddadige gedrag nie, maar ook van die sosio-kulturele aanvaarding van geweld as 'n eienskap wat geassosieer word met manlikheid.

- ***Die man se reg om gewelddadig teenoor sy vrou op te tree***

'n Ander persepsie waarna deur vier deelnemers (DN1, 2, 3 en 10) verwys word, is die sosio-kulturele houding dat 'n man die reg het om sy vrou te slaan en dat die vrou haar daarby behoort te berus. In haar bespreking, verwys DN3 spesifiek na die wyse waarop hierdie persepsie in haar gesin-van-oorsprong gestalte gevind het: *"Ek het daarmee grootgeword dat 'n vrou maar van tyd tot tyd deur 'n man tereggewys moet word. My pa het so gesê, my ma het dit geglo. My pa het dit so gedoen, my ma het dit so aanvaar. Dit is maar net so. Mens vra mos nie oor sulke goed uit as dit maar is soos dit is nie."* In aansluiting is DN10 se mening die volgende: *"Hy word nie geblameer nie, ek word. Ek moet onderdanig wees, ek moet 'n vrou vir hom wees, 'n moeder vir sy kinders, maar 'n man mag sy vrou slaan, haar stamp, skop, stoot en rondruk, want so maak hy my 'n vrou vir hom, 'n ma vir sy kinders, sy slaaf. Moenie dink daar's simpatie vir my nie, nee, die simpatie kom hom toe, want ek is dan nie genoeg van 'n vrou vir hom nie ... Die welsynswerkertjie wou my dan glad by 'n groep laat inskakel waarin ek kwansuis moes leer om 'n vrou te wees ... Hy oefen maar net sy reg uit. So sê Dominies, so sê my eie suster en so het daardie welsynsvroutjie vir my gesê."* Interessant is dat hierdie deelnemer pertinent verwys daarna dat die sosio-kulturele persepsie dat die man die reg het om sy vrou te slaan, op die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem uiting vind in die leraar se gesprek met haar, terwyl dié persepsie ook neerslag vind in die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, deur die betrokkene se verwysing daarvan dat haar suster ook dié mening huldig.

Beide die Swart deelnemers (DN1 en 2) is van mening dat 'n samelewingspersepsie dat die man

die reg het om sy vrou te slaan, so ingewortel is in hulle kulture, dat dié sosio-kulturele persepsie se fundamentaliteit nie bevraagteken mag word nie. In die geval van DN1 verwys sy byvoorbeeld daarna dat gewelddadige gedrag teenoor 'n huweliksmaat deel is van haar gesinsgeskiedenis en dié van alle ander Swart vroue wat sy ken: *"I guess you could say that it is part of our cultural heritage by now. It's been like that for as long as anyone can remember. It doesn't matter that it doesn't make sence. It's just a fact of life, a fact of my culture. I am being beaten, my mom has been beaten, all her sisters are being beaten, all my sisters are being beaten, my grandmother and her grandmother and so on and all my friends have been beaten by their husbands. The husbands feel that it is their right. The women see it as part of their plight. Nobody should dare to question that. You'll get beaten like never before. The men will chase you into the field. If you continue questioning it, you will never be allowed back."* Die betrokkene lê dus klem op die ingeworteldheid van die man se reg om sy vrou te slaan en alhoewel sy die irrasionaliteit van die persepsie vermeld, maan sy terselfdertyd teen die bevraagtekening van hierdie sosio-kulturele erfenis. Sodanige bevraagtekening sou kon impliseer dat sy beskou word as 'n vrou wat weier om te konformeer aan sosio-kulturele voorskrifte, waarop nie alleen deur middel van geweld teenoor haar gereageer sou kon word nie, maar wat ook sou kon aanleiding gee tot die verwerping van die betrokkene deur haar betekenisvolle ander. Ook DN2 verwys na gewelddadige gedrag deur die huweliksmaat en verwerping deur die betekenisvolle ander indien die vrou fundamentele sosio-kulturele voorskrifte sou bevraagteken of weier om haar daaraan te onderwerp: *"You don't question these things. You might get hurt badly if you do. The man knows nobody will blame him for his violence, especially if he says he hits you because you do not obey the culture. The culture is a very important thing with my people. If the hitting does not work, he will hit you harder and harder and if nothing else works any more, they will chase you away without returning the lobola, because you have brought shame on to his family. Nobody will even blame him if he kills you - not your own family or you inlaws."*

Opnuut blyk dus uit die bespreking die teenwoordigheid van 'n sosio-kulturele patriargale persepsie op grond waarvan gewelddadige gedrag nie alleen met mans geassosieer word nie, maar dat die benutting van geweld deur 'n man beskou word as sy reg indien dié gedrag gemotiveer kan word aan die hand daarvan dat hy haar daardeur rig om 'n beter vrou en moeder te word. In die Swart kultuur, word die vroulike slagoffer van geweld ook deur hierdie persepsie sekondêr geviktimiseer, deurdat klagtes en vrae oor die gelegitimeerdheid van die man se gedrag òf beskou word as 'n uiting van haar weiering om aan samelewingsreëls te konformeer, òf haar posisie binne haar gesin in gevaar kan stel, deurdat sy op grond van haar

weiering om te konformeer, verwerp kan word deur sowel haar eie familie as deur haar skoonfamilie.

Ter samevatting bring 'n analise van deelnemers se beskrywings van die beïnvloeding van die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem op hulle belewenis van hulle situasies, die volgende aspekte aan die lig:

- Swart vroue word magteloos gelaat deur die teenwoordigheid van sosio-kultureel-gesanksioneerde paternalisme. Hierdie sosio-kulturele sanksie word onder andere verleen deur die betekenisgewing aan *lobola* deurdat die vrou beskou word as die eiendom van die man waaroor hy beheer mag uitoefen. In die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, vind dié sosio-kulturele persepsie neerslag in die man se gesanksioneerde uitoefening en handhawing van sy *eiendomsreg*, onder andere deur die benutting van geweld teenoor sy vrou en kinders.
- Sommige deelnemers beleef steeds seksisme in die handel- en nywerheidsektor. Alhoewel geslagsdiskriminasie nie meer so prominent is in terme van vroue se toegang tot byvoorbeeld lidmaatskap aan mediese hulpfondse en behuisingsubsidie nie, vind die seksisme wat tans ervaar word, neerslag in die wyse waarop betekenisgewing ten opsigte van vroue se insette deur mans in die handel- en nywerheidsektor plaasvind en in die wyse waarop vroue se aanwending in dié sektor, steeds meesal gekenmerk word deur hulle uitsluiting as lede van die bestuurskorps.
- Die Christendom se seksistiese beklemtoning van die rol van die vrou as eglied en moeder en haar rol in die behoud van die gesinseenheid, terwyl terselfdertyd klem geplaas word op die ondergeskiktheid van die vrou ten opsigte van haar man, gee aanleiding tot die belewenis van skuldgevoelens deur vroulike slagoffers van geweld wanneer oorweging geskenk word aan die moontlikheid om die gewelddadige man te verlaat. Terselfdertyd gee die sosio-kulturele verwagting wat aan vroue gestel word as die skeppers van 'n klimaat waarbinne kinders se opvoeding en sosialisering optimaal kan geskied, daartoe aanleiding dat verlating van die gewelddadige man ten einde sodanige klimaat te skep, indruis met die Christelike inhoud van die vrou en moeder se rol as behouer van die gesinseenheid.
- Deelnemers beleef dat hulle benutting van en toegang tot opvoedkundige instansies en hulle toetrede tot en aktiewe betrokkenheid in die arbeidsektor daartoe aanleiding gee dat mans se sosio-kulturele persepsie van meerderwaardigheid aan vroue bedreig word. Die mans benut dan waarskynlik fisiese krag en gewelddadige gedrag as *uiterste hulpbron* om

die opvoedkundig- en ekonomiesbemagtigde vroue te dwing tot rolkonformering ooreenkomstig die heersende paternalistiese sosio-kultuur.

- Skuldgevoelens en 'n behoefte aan geheimhouding van die gewelddadige aard van die man se optrede word aangedui as 'n resultaat van die sosio-kulturele persepsie dat vroulike slagoffers van geweld verantwoordelik is vir die gewelddadige optrede deur die man. Die geweldenaar word van blaam ontneem, terwyl die slagoffer sekondêr geviktimiseer word deur dié samelewingspersepsie. Dié sosio-kulturele persepsie vind neerslag in die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, deurdat die gesinsistemiese grens ten opsigte van die suprasisteem neig na rigiditeit, wat daartoe aanleiding gee dat die gesinsistemiese disfunksionering nie alleen geheim gehou word nie, maar ook in stand gehou word daardeur.
- 'n Sosio-kulturele persepsie bestaan dat effektiewe en voldoende dienslewerende strukture en professies in die samelewingsisteem beskikbaar is vir vroulike slagoffers van geweld, maar dat nie van dié dienslewering gebruik gemaak word nie. Deelnemers is egter van mening dat die beskikbare dienslewering en strukture in sommige gevalle bydra tot die skepping en instandhouding van skuldgevoelens en dat nie effektief aan die verwagting van positiewe gedragsverandering as 'n resultaat van die dienslewering, voldoen word nie.
- Gewelddadige gedrag word sosio-kultureel aanvaar as deel van manlikheid en dus van die manlike geslagsrol. Wanneer gewelddadige gedrag deur die man gemotiveer word as 'n wyse vir die beskerming van sy eiendom (wat onder andere ook sy vrou en kinders sou kon insluit), handhawing van wet en orde in sy gesinskonteks en as gedrag wat daarop gemik is om sy vrou te dwing tot konformering aan die sosio-kultureel voorgeskrewe rol van vrou en moeder, word dié gedrag nie alleen sosio-kultureel gelegitimeer nie, maar ook beskou as 'n unieke reg waaroor die man beskik.

8.7.6 ADDISIONELE INLIGTING

Nadat aandag tydens die onderhoude geskenk is aan die temas wat deur die navorser in die onderhoudskedule ingesluit was, is deelnemers uitgenooi om addisionele inligting wat hulle van mening was dat die navorser van kennis behoort te neem (vraag 7.1 in die onderhoudskedule), te deel. Twee deelnemers was op hierdie stadium van mening dat aan al die temas waaraan hulle 'n behoefte gehad het om te gesels, aandag geskenk is en dat hulle nie die behoefte gehad het om addisionele inligting met die navorser te deel nie. Die ander agt deelnemers het wel van

die geleentheid gebruik gemaak om enkele addisionele faktore te bespreek. 'n Analise van hierdie faktore word vervolgens aangebied.

Ψ *DIE NOODSAAK VAN SOSIAAL-STRUKTURELE HERVORMING*

Weens haar negatiewe ervaring tydens dienslewering deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die regsprofessie en die regstelsel, lewer DN9 'n pleidooi vir die hervorming van hierdie dienste en instansies. Die noodsaak dat aandag geskenk behoort te word aan die feit dat sowel 'n man as sy vrou interdikte ten opsigte van mekaar kan verkry ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993), word deur haar bepleit. Sy is van mening dat die regsadministrasie van so aard behoort te wees dat aansoeke deur sowel 'n man as sy vrou geïdentifiseer kan word en dat ondersoek ingestel moet word alvorens 'n interdik ook aan die ander eglied toegestaan word. Die betrokkene se pleidooi is dus in ooreenstemming met die bespreking in 6.2.4.1, waar onder andere daarna verwys is dat die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) in werking gestel is sonder die daarstelling van die nodige infrastruktuur waardeur werklike beskerming aan die slagoffer van geweld gebied kan word nie. Deur middel van die daarstelling van 'n effektiewe infrastruktuur ter ondersteuning van en ter uitoefening van die bedoeling van dié wet, sou waarskynlik voorkom kan word dat beide egliede interdikte ten opsigte van mekaar kan bekom en dat regsverydeling plaasvind deurdat dieselfde wet wat daarop gerig is om slagoffers van geweld te beskerm, juis as 'n middel deur die geweldenaar benut word om die slagoffer verdere emosionele leed aan te doen.

Voorts is DN9 oortuig daarvan dat die hofsaak waartydens haar klag van aanranding ten opsigte van haar man verhoor is, nie regverdig hanteer is nie, weens die feit dat haar man 'n polisieman is en deur middel van sy werk, dien as 'n belangrike hulpbron vir staatsaanklaers. Deur die staatsaanklaers se afhanklikheid van die deelnemer se man se getuienis, word hulle in 'n posisie geplaas waar dit vir hulle moeilik is om juis dié persoon van wie se goedgesindheid en samewerking hulle afhanklik is, te vervolg. Die deelnemer se mening is dat onpartydige verteenwoordiging deur 'n staatsaanklaer wat nie afhanklik is van haar man se samewerking in hofsake waarmee die betrokkenes gemoeid is nie (byvoorbeeld 'n staatsaanklaer wat nie gewoonlik diens lewer in die Bloemfonteinse Landdroskantoor nie), die uitslag van die aanrandingsaak sou kon beïnvloed het. Waarskynlik is die deelnemer nie alleen sekondêr geviktimiseer deur die verhouding tussen haar man en die staatsaanklaer wat haar verteenwoordig het nie, maar is laasgenoemde se gedrag 'n tipiese voorbeeld is van die negatiewe en onproduktiewe reaksies deur regspraktisyns ten opsigte van hofsake wat gemoeid

is met geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, waarna tydens die bespreking in 6.2.4.4 verwys is.

Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, lê DN9 klem op die noodsaak daarvan dat klagtes ten opsigte van polisiebeamptes andersoortig hanteer behoort te word, aangesien redelikerwys nie van kollegas verwag kan word om klagtes ten opsigte van mekaar, objektief te ondersoek nie: *"Toe die polisieman my begin help het en nog nie geweet het ek is* [haar man se naam] *se vrou nie, het ek veilig en beskermd gevoel. Maar toe my man daar in die polisiekantoor instorm en die polisieman besef hy is besig om 'n verklaring af te neem teen een van sy eie mense, het hy soos 'n handomkeer verander. Dis dié dat hy toe ook nooit self 'n verklaring afgelê het oor hoe ek gelyk het en hoe my man my daar voor hom hanteer het nie ... Dit kan seker ook nie anders nie. Môre-oormôre is hulle saam in 'n gevaarlike situasie en dan is dié polisieman dalk afhanklik van my man se beskerming."* Om hierdie rede is die betrokkene van mening dat 'n spesiale eenheid in die Suid-Afrikaanse Polisiediens daargestel behoort te word, wat alleen gemoeid behoort te wees met die ondersoek van klagtes wat oor polisiebeamptes gelê word. In reaksie hierop, het die navorser aan die betrokkene aangedui dat sodanige struktuur wel beskikbaar is in die vorm van die Onafhanklike Klagtes Direktoraat wat primêr gemoeid is met gevalle waar die polisiediens van menseregteskendings beskuldig word. Die deelnemer was nie bewus van die bestaan van dié struktuur nie en reageer deur te beweer dat dit *"... seker ook maar net nog een van die versierings aan die kersboom [is], wat dit laat lyk asof hulp beskikbaar is, terwyl ons gewone sterflinge nie eens daarvan bewus is nie ..."*. Waarskynlik vanweë die betrokkene se negatiewe ervarings van ander sosiale strukture wat potensieel vir haar van hulp behoort te gewees het, word sowel hierdie Direktoraat se doel as dienslewering daardeur, derhalwe onmiddellik bevraagteken.

Die betrokkene se pleidooi vir sosiaal-strukturele hervorming in terme van staatsaanklaers se hantering van hofsake wat handel oor geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en die instelling van 'n spesiale eenheid in die polisiediens wat alleen gemoeid is met die hantering van klagtes ten opsigte van polisiebeamptes se gedrag, word dus primêr gemotiveer deur haar unieke verbintenis met hierdie sosiale strukture, naamlik dat sy die vrou van 'n polisiebeampte was. Die pleidooi sou derhalwe nie veralgemeen kon word as synde 'n voorbeeld van die negatiewe belewenisse wat deelnemers aan die vraelysondersoek ten opsigte van dienslewering deur hierdie twee sosiale strukture (vgl. 8.4.4.2), gehad het nie. Beskikbaarstelling van 'n interdik ingevolge die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) aan beide egliede, is egter 'n faktor waaraan deelnemers aan die

vraelysondersoek ook potensieel blootgestel sou kon wees en sou waarskynlik onder andere vermelding kon verdien in 'n bespreking oor die negatiewe belewenisse in hierdie verband, soos in 8.4.4.2 gerapporteer deur deelnemers aan die vraelysondersoek.

Ψ *BEMAGTIGING DEUR VERLATING*

Al vier die deelnemers wat geskei is (DN3, 6, 8 en 9), lê klem op die feit dat alhoewel verlating van die gewelddadige man 'n proses is wat nie volvoer word na 'n eerste verlating nie, egskeiding vir hulle hoofsaaklik positiewe resultate teweeg gebring het. Die betrokkenes is van mening dat hulle egskeidings aanleiding gegee het tot 'n verhoogde belewenis van selfwaarde, laer stresvlakke, dat hulle interpersoonlike verhoudings sowel kwantitatief as kwalitatief verbeter het en belewenisse van bevoegdheid, trots en bemagtiging. Alhoewel al vier dié deelnemers minder as 'n jaar gelede wettig van hulle mans geskei is, is hulle van mening dat die swaarkry wat geassosieer word met egskeiding, meer draaglik is as dié wat met voortdurende blootstelling aan geweld gepaardgaan. In die geval van DN8, beskryf sy byvoorbeeld dat sy nou, agt maande na haar egskeiding, vir die eerste keer daartoe in staat is om sonder 'n sonbril in die openbaar te verskyn en dat sy nie alleen geleer het om mense weer in die oë te kyk nie, maar dat haar *"... ability to assert myself, to ask and get what I want and the fact that my 'no' now means 'no' and nothing else ..."*, nie alleen haar vryheid aan haar teruggegee het nie, maar ook wat sy noem, 'n nuwe bestaan. Sowel DN3 as DN9, fokus ook die aandag daarop dat hulle deur middel van hulle egskeidingskikkings daarin kon slaag om vaste eiendom te bekom en vandag met trots kan sê dat hulle in hulle *eie* huise woon.

Dié deelnemers se bemagtiging het derhalwe op drie vlakke plaasgevind, naamlik ekonomies, maatskaplik en psigies. Ekonomiese bemagtiging word primêr gemotiveer aan die hand van finansiële voordele wat vanuit hulle egskeidingskikkingsooreenkomste voortgevloei het, terwyl hulle maatskaplike bemagtiging hoofsaaklik plaasgevind het in terme van die totstandkoming en handhawing van bevredigende interpersoonlike verhoudings. Laer angsvlakke, 'n meer realistiese selfkonsep, belewenisse van bevoegdheid en selftrots, dien as voorbeelde van psigiese bemagtiging wat waarskynlik ook positiewe bydraes lewer tot die kwaliteit van hulle huidige interpersoonlike verhoudings.

Ψ *BEHOEFTE AAN SKUILINGS*

'n Behoefte aan 'n skuiling vir mishandelde vroue (en hulle kinders) word deur drie deelnemers (DN3, 6, en 8) uitgespreek. Alhoewel die betrokkenes met dank verwys na die persone

waarheen hulle kon gaan na verlating van die mans weens gewelddadige gedrag, is hulle van mening dat hierdie hulpbronne nie genoegsaam aan hulle behoeftes voldoen nie en dat 'n skuiling waar hulle nie alleen veilig sal wees nie, maar ook professionele steun en leiding sal kan ontvang, waarskynlik in 'n groter mate sal voldoen aan hulle behoeftes. Een deelnemer (DN7) beskryf haar behoefte soos volg: *"Hier is nie eers 'n 'shelter' waarheen mens kan gaan nie. My familie is wonderlik wanneer ek by hulle gaan bly. Die ding is net, hulle help nie regtig op 'n ander manier as dat hulle vir my blyplek en kos gee nie. Hulle belangstelling is meer uit nuuskierigheid as iets anders en ek 'sense' partymaal dat hulle my maar net verdra. Dis amper asof hulle vir my sê: 'Jou 'fool', ek wonder hoe lank bly jy hierdie keer voor jy weer teruggaan.' As hier 'n 'shelter' was, sou ek hulp kon kry van mense wat weet, wat verstaan en wat dalk kan help dat die ding nou ophou."*

Die betrokkenes se behoefte aan 'n skuiling vir mishandelde vroue en hulle kinders, is dus die resultaat van drie verbandhoudende faktore, naamlik;

- die feit dat vroulike slagoffers van geweld soms genoodsaak word om weens die manlike verhoudingsmaat se gewelddadige gedrag die gesinstuiste te verlaat en alternatiewe behuising te bekom,
- dat die alternatiewe behuising (by vriende of familielede) nie gedeel word deur persone wat dieselfde maatskaplike omstandighede as die slagoffers ervaar het nie en
- dat die hulp wat deur familie en vriende gebied word, alleen van 'n praktiese aard is en dus nie aanleiding gee tot die verandering van hulle situasies nie.

Nie alleen 'n behoefte aan veiligheid nie, maar ook aan kontak met vroue wat sigself in soortgelyke situasies bevind en aan professionele dienslewering wat kan aanleiding gee tot die verandering van die betrokkenes se omstandighede, word dus geïmpliseer.

Ψ *ERNS VAN DIE NOOD VAN MISHANDELDE VROUE*

In die geval van vyf van die deelnemers (DN3, 5, 6, 7 en 10), word spesifiek daarna verwys dat die omvang van geweld teenoor vroue in gesinsverband, nie na regte beoordeel word nie. Die betrokkenes is van mening dat alhoewel die gedrag teen 'n hoë frekwensie in die samelewing voorkom, daar deur die regstelsel en professionele dienslewerars (by name maatskaplike werkers en algemene mediese praktisyns) nie genoeg aandag daaraan geskenk word nie. Een deelnemer (DN7) stel haar mening soos volg: *"Tien, vyftien jaar gelede het dit mos skielik nuus geword van hoeveel kinders gemolesteer word. As jy die TV en die radio aangeskakel het, 'n koerant oopgeslaan het was dit die nuus. Onthou jy, die polisie het die Kinderbeskermingseenheid gestig en daai Kinderlyn is mos deur Welsyn gestig, my kinders het by die skool praatjies daaroor gehad en*

alles. Ek wonder net wat sal nou nog moet gebeur voordat mense gaan ophou stilbly oor ons wat so geslaan word. My dokter het al gesê hy glo nie een vrou kan soveel keer van 'n trap afval soos ek nie. Hy wéét man, maar hy doen en sê niks nie. Twee van my 'neighbours' gaan ook na hom toe om dieselfde redes. Die welsyn weet ook van hulle. Dis asof niemand iets wil doen nie, niemand wil 'involved' raak nie." Dié deelnemer lewer dus 'n aanklag ten opsigte van sowel algemene mediese praktisyns as maatskaplike werkers, naamlik dat daar 'n bewustheid by dié professionele persone bestaan van die aard, intensiteit en omvang van die probleem, maar dat geen daadwerklike optrede uit die bewustheid voortvloei nie.

'n Ander deelnemer (DN6) pleit tydens hierdie fase van die onderhoud by die navorser: *"Skryf in jou boek dat dit swaar is vir 'n mens, dat die letsels lank vat om te genees. Ek is nou nog nie oor die ding nie. En ek verlang na my kinders. Sê vir die mense dis swaar vir ons. Sê vir hulle dis nie maklik nie. Wil julle slim mense nie asseblief tog iets begin doen nie?"* Hierdie deelnemer se pleidooi is dus spesifiek gerig op die noodsaak daarvan dat reklame aan die psigososiale resultate van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings gegee moet word, aangesien sy van mening is dat groter bewustheid van die verskynsel en die resultate daarvan, moontlik sal kan aanleiding gee tot daadwerklike aksie in dié verband. Betekenisgewing aan haar verwysing daarna dat *" ... julle slim mense ..."* iets aan die situasie moet doen, verwys waarskynlik na die magteloosheid wat sy ervaar en haar verwagting dat professionele persone verantwoordelikheid behoort te neem vir sowel die bewusmaking van die gemeenskap, as vir die daarstelling van effektiewe wyses om vroulike slagoffers van geweld van hulp te wees.

Samevattend lê die deelnemers se pleidooi ten opsigte van die erns van hulle nood dus opgesluit in die volgende aspekte:

- Gebrekkige publisiteit word aan die verskynsel van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings gebied, wat daartoe bydra dat die omvang, intensiteit en erns van die resultate daarvan, nie genoegsaam aan die algemene publiek bekend is nie.
- Bewusmaking van die algemene publiek en al die professionele rolspelers ten opsigte van die verskynsel word beskou as 'n wyse waarop begin kan word om doeltreffende samelewingstrukture, hulpverleningstrategieë en 'n groter mate van empatie vir die slagoffers te bewerkstellig.
- Die verwagting word gestel dat professionele dienslewerraars wat weens praktykervaring bewus is van die omvang, intensiteit en resultate van dié vorm van geweld, die leiding behoort te neem in die daarstelling van 'n omvattende strategie vir sowel die voorkoming

as behandeling van die verskynsel en die resultate daarvan.

Addisionele inligting wat deelnemers van mening was wat die navorser van bewus moet wees, omsluit dus drie primêre temas, naamlik;

⇒ die betrokkenes se versoeke dat sosiaal-strukturele hervorming (regsaspekte, die beskikbaarstelling van skuilings en bewusmaking van die gemeenskap ten opsigte van die lot van mishandelde vroue deur professionele diensleweraars) noodsaaklik is,

⇒ versoeke vir sosio-kulturele hervorming (gemeenskapsensitisering ter wille van groter empatie vir die slagoffer se situasie en haar belewenis daarvan) wat behoort plaas te vind en

⇒ 'n element van hoop, te wete dat verlating van die gewelddadige man, ten spyte van die aanvanklike verlies wat ervaar word, aanleiding gee tot 'n belewenis van bemagtiging.

8.7.7 BELEWENIS VAN DIE ONDERHOUDSITUASIE

Aan die einde van die onderhoude, is aan elk van die deelnemers gevra om hulle belewenisse van die onderhoude te verbaliseer (vraag 8.1 in die onderhoudskedule). Reaksies wat van elk van die deelnemers verkry is, is soos volg:

DN1: *"I feel all right. It was nice to talk."*

DN2: *"I'm fine. It's like I am empty now. I've told you a lot."*

DN3: *"Sjoe, ons het lank gepraat. Dit was lekker. Ek's 'all right'."*

DN4: *"Dis die eerste keer dat ek met iemand gepraat het. Jy het dit vir my maklik gemaak. Ek dink ek gaan nou begin werk maak van die storie. Dankie."*

DN5: *"Ek is bly dat ons kon gesels. Ek voel soos 'bed linen' wat buite gehang is en wat kon lug kry. Dis amper asof ek weer bietjie moed het."*

DN6: *"Ag, ek het al met so baie mense gepraat, dis nie eers vir my snaaks nie. Ek hoop my storie kan vir iemand iets beteken."*

DN7: *"Ek wil eintlik sê dankie. Ons het so lekker gesels. Nou wil ek lag omdat ek so bang was voor die tyd."*

DN8: *"I feel proud today. I'm turning into a real feminist. Previously when I spoke to someone, I spoke as a victim. Today I could share my victory, my survival. Thanks. Good luck to you."*

DN9: *"Ek het my storie al vir so baie mense vertel, maar vandag was die eerste keer wat ek my hele storie kon vertel het. Dit was lekker. Bel my as jy nog iets wil weet."*

DN10: *"Dankie, baie-baie dankie vir jou luister, vir jou oop oor en vir jou oop hart. Dit voel asof my skouers sommer ligter belaai is."*

Al die deelnemers het dus aan die einde van die onderhoude positiewe ervarings geverbaliseer, waarskynlik hoofsaaklik weens die feit dat hulle die gesprekke as 'n geleentheid vir katarsis beleef het. Die oop-einde vrae wat in die onderhoudskedule vervat is, het moontlik ook daartoe bygedra dat alhoewel breë temas vir gesprekvoering deur die navorser gesuggereer is, aan die deelnemers 'n geleentheid gebied is om hulle belewenisse van hulle situasies te kon verbaliseer, sonder dat daar aan hulle voorgeskryf is watter besondere aspekte die navorser meer van wou weet.

8.8 BESPREKING VAN DIE INLIGTING GEGENEREER DEUR MIDDEL VAN DIE KWALITATIEWE ONDERHOUDE

Aandag word gevestig op die volgende beperkinge en tekortkominge wat relevant is ten opsigte van die kwalitatiewe onderhoude:

- Die steekproefgrootte van tien deelnemers, kan nie as verteenwoordigend beskou word van alle mishandelde vroue in Suid-Afrika nie en ook nie in terme van die 329 deelnemers aan die vraelysondersoek nie.
- Aangesien deelnemers aan die onderhoudvoering almal woonagtig is in Bloemfontein, sou die resultate nie veralgemeen kan word na vroue in ander stede in Suid-Afrika of na persone woonagtig op die platteland of in landelike gebiede nie.
- Ook die kulturele samestelling van die steekproef (ses Afrikaanssprekende Blanke vroue, een Engelssprekende Blanke vrou, een Kleurlingvrou en twee Swart vroue) gee daartoe aanleiding dat die inligting wat tydens die kwalitatiewe onderhoude verkry is, nie as verteenwoordigend van mishandelde vroue, bestempel kan word nie.
- Aangesien die kwalitatiewe onderhoudvoering voorafgegaan is deur 'n omvattende literatuurstudie ten opsigte van geweld, die analisering van die verskynsel in terme van die ekologiese benadering, Minuchin se strukturele benadering en Bowen se multigeneratiewe benadering, die vraelysondersoek afgehandel is voordat die kwalitatiewe onderhoude gevoer is en die temas in die onderhoudskedule deur die navorser self geselekteer en geformuleer is, is nie waardevry by die onderhoudvoeringsproses betrokke geraak nie. Derhalwe kan aanvaar word dat die navorser se betekenisgewing, seleksie van temas wat in die verslag

vervat is en die gestaltegewing aan die verslag, onder andere ook beïnvloed is deur die verloop van die navorsingsproses voordat die kwalitatiewe onderhoude gevoer is.

Die kwalitatiewe onderhoude het egter vanweë die verkennende aard daarvan, 'n aantal voorlopige temas wat nie na aanleiding van die vraelysondersoek verken kon word nie, aan die lig gebring. Enkele van hierdie temas wat die waarde van die kwalitatiewe ondersoek bevestig, word vervolgens aangedui.

- 'n Omskrywing van deelnemers se eie definiëring van 'n geweldgekenmerkde verhouding is verkry, naamlik dat sodanige verhouding beskou word as een waarin herhalende gedrag deur die manlike verhoudingsmaat, wat die potensiaal inhou om fisies-nadelige resultate te hê of wat gekenmerk word deur fisiese dwang, voorkom (vgl. 8.7.2.1).
- Nie alleen kon die karaktereienskappe van vroulike slagoffers van geweld geïdentifiseer word nie, maar betekenisgewing ten opsigte van elk van die eienskappe kon plaasvind. Betekenisgewing kon ook plaasvind met betrekking tot die wedersydse beïnvloeding van die betrokkenes se fisiese, kognitiewe, psigiese, konatiewe en emosionele subsisteme ten opsigte van mekaar (vgl. 8.7.3.1).
- Identifikasie en betekenisgewing ten opsigte van die karaktereienskappe van manlike geweldenaars kon plaasvind. Hier verdien die betekenisgewing ten opsigte van die mans se kognitiewe verdedigingsmeganismes (projeksie en rasionalisering) veral vermelding (vgl. 8.7.3.2).
- Na aanleiding van die strukturele benadering van Minuchin, kon die volgende eienskappe van die gesinstruktuur waarbinne geweld teenoor die vrou voorkom, geïdentifiseer en verken word:
  - Transaksionele patrone, gekenmerk deur die vrou se verantwoordelikheid en die man se onverantwoordelikheid waardeur die vrou as't ware aan die man toestemming gee vir sy onverantwoordelikheid (vgl. 8.7.3.1 en 8.7.3.2), deurdat sy herhaaldelik konformeer aan die idiokratiese sisteem wat die gedragsrolle van 'n vrou, moeder en Christen voorskryf (vgl. 8.7.3.10), maar ook 'n transaksionele patroon gekenmerk deur belewenisse van hoop dat die vorige gewelddadige insident die laaste was en dat die man sy gewelddadige gedrag sal staak, opgevolg deur wanhoop na afloop van 'n volgende gewelddadige insident (vgl. 8.7.3.1 en 8.7.3.9), kon geïdentifiseer en verken word.
  - Etlike beskrywings ten opsigte van die aard van die subsisteemgrense tussen die lede van die egpaarsisteem is verkry:

- ◊ In die geval van die meeste deelnemers aan die onderhoude, is vae subsisteemgrense teenwoordig. Die hoë mate van geborgenheid en lae vlak van outonomie word beskryf in terme daarvan dat die betrokkenes afhanklik is vir hulle emosionele welstand van die ander eglied, dat 'n belewenis van *eenwees* met mekaar teenwoordig is in hulle verhoudings, dat die een se bestaan om die ander een draai en 'n aanduiding van afhanklikheid (*"verslawing"*) van mekaar (vgl. 8.7.3.8).
- ◊ Waar rigiede grense in die egpaarsubsisteem teenwoordig is, word hierdie hoë mate van outonomie en gebrek aan geborgenheid beskryf in terme daarvan dat die egliede so min vir mekaar omgee dat hulle meesal nie bewus is van die ander een se doen en late nie en dat nie belanggestel word in mekaar se belewenisse nie (vgl. 8.7.3.8).

- ♦ Die aard van die gesinsisteemgrense van gesinne waar gewelddadige gedrag teenoor die vrou voorkom, neig na rigiditeit. Faktore wat tot hierdie onbetrokkenheid by die suprasisteme bydra word aangedui as synde sosiale isolasie deur die vrou in 'n poging om konflik met die man te vermy (vgl. 8.7.3.1), beperkinge wat die man plaas op die aard en frekwensie van die vrou se kontak met persone buite die gesinsisteem (vgl. 8.7.2.2) en die vrou se geheimhouding van die geweld in die gesin ten einde samelewingsveroordeling te voorkom (vgl. 8.7.5.1).
- ♦ In 'n geweldgekenmerkde huweliksverhouding, blyk die gesagshiërargie van die gesinsisteem primêr gesetel te wees by die man, terwyl die gesagsposisie van Swart vroue nie alleen laer is as dié van haar gewelddadige man nie, maar ook laer is as dié van haar oudste seun (vgl. 8.7.3.9). Hoër opvoedkundige kwalifikasies, 'n hoër inkomste as dié van die man en die vrou se outokratiese besluitneming oor geboortebeperking en voortplanting, maak aansprake op die gesinsisteem se gesagshiërargie, wat kan aanleiding gee tot die benutting van gewelddadige gedrag ten einde 'n rigiede, nie-progressiewe ekwilibrium in die gesinsisteem te handhaaf (vgl. 8.7.5.1).
- ♦ Die vrou se rol as (mede)broodwinner in die gesinsisteem, word deur sommige mans as bedreigend ten opsigte van hulle geïnternaliseerde geslagsrol ervaar, wat aanleiding gee tot konflik en gewelddadige gedrag teenoor die vrou weens die man se bewering dat die vrou deur haar rol as broodwinner, nie genoegsaam uitvoering gee aan haar rolle as vrou en moeder nie. Laasgenoemde rolle, wat onder andere geassosieer word met take soos versorging van die man en kinders, opvoeding en beskerming van die kinders en pogings om die gesinseenheid te behou, word as ambivalent bestempel wanneer die vrou daaraan uitvoering probeer gee binne die konteks van 'n geweldgekenmerkde huweliksverhouding.

Die vrou kan byvoorbeeld nie uitvoering gee aan die taak om die gesinseenheid te beskerm en te behou wanneer gewelddadige gedrag in die sisteem teenwoordig is en terselfdertyd 'n konteks daarstel en in stand hou waarbinne die kinders beskermd grootword nie (vgl. 8.7.4.2 en 8.7.5.1).

- Die gesinslewenskonteks van die gesinsteem waarbinne gewelddadige gedrag teenoor die vrou voorkom, beïnvloed die gesinsisteem hoofsaaklik op drie wyses, te wete deur middel van gesin-van-oorsprong beïnvloeding waar deelnemers gesosialiseer is om aan bepaalde rolverwagtinge te voldoen (vgl. 8.7.3.10), die sosio-kultureel gesanksioneerde opvatting dat gewelddadige gedrag geassosieer word met manlikheid en dus 'n gelegitimeerde wyse is waarop 'n man homself mag uitdruk (vgl. 8.7.5.1) en die sosio-kulturele wyses vir die bylê van huweliksgeskille in die Swart kultuur (vgl. 8.7.3.10), op grond waarvan die man se rol as die aller-hoof van sy huis en eienaar van sy vrou en kinders, bevestig en instand gehou word (vgl. 8.7.5.1).

☞ Na aanleiding van die multigeneratiewe benadering van Bowen, kon die volgende temas geïdentifiseer en verken word binne die deelnemers se geweldgekenmerkde huweliksverhoudings en gesinsisteme:

- Sowel die vroulike slagoffers van geweld as hulle manlike verhoudingsmaats beskik oor lae vlakke van selfdifferensiasie wat vergestalt word in emosionele reaktiwiteit (vgl. 8.7.2.2, 8.7.3.1, 8.7.3.2 en 8.7.3.3), funksionering vanuit die pseudo-self (vgl. 8.7.3.2 en 8.7.3.7), fusie in die betrokkenes se verhouding met mekaar (vgl. 8.7.3.3, 8.7.3.6, 8.7.3.7 en 8.7.3.8) en die teenwoordigheid van 'n simbiotiese verhouding tussen die egliede (vgl. 8.7.3.8).
- Verwysings na lae vlakke van selfdifferensiasie wat by sowel die deelnemers se ouers as by hulle skoonouers teenwoordig is, blyk onder andere uit die emosionele reaktiwiteit wat aangedui word as gedragswyses van sommige ouers (vgl. 8.7.3 en 8.7.3.10) en die hoë mate van huwelikskonflik, gewelddadige gedrag en egskeiding wat ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong gerapporteer word (vgl. 8.7.3).
- 'n Aanduiding is verkry van minstens twee gevalle waar 'n professionele diensleweraar ('n kliniese sielkundige en 'n maatskaplike werker) by die emosionele sisteem van die geweldgekenmerkde gesinsisteem ingedriehoek is (vgl. 8.7.4.1) en waar die verhoudingskonflik dus hanteer is deur die verhoudingsdiaad te verander in 'n driehoek, wat aanleiding gegee het tot die vermindering van die angsvlak in die gesinsisteem.
- Voorbeelde van al drie die kerngesin-emosionele prosesse wat deur Bowen onderskei

word, is verkry vanuit die kwalitatiewe onderhoude, te wete;

- ◊ dat die fusie in die geweldgekenmerkde verhoudings hanteer word deur emosionele afstand te skep, onder andere deur middel van huwelikskonflik, gewelddadige gedrag en die verlating van die man na afloop van, of in afwagting van 'n gewelddadige insident (vgl. 8.7.3.7, 8.7.3.8 en 8.7.3.9),
- ◊ disfunksionering in 'n eglied wat gepaard gaan met oorfunksionering van die man deurdat hy sy wil op sy vrou en kinders afdwing en onderfunksionering deur die vrou wat onder andere vergestalt word in depressie, angs en slaaploosheid (vgl. 8.7.3.4) en
- ◊ die oordrag van die probleem na 'n kind deur middel van die gesinsprojeksieproses waar 'n vermeende patologie deur die moeder by een van die kinders geïdentifiseer word en 'n simbiotiese verhouding tussen die moeder en die kind ontwikkel wat aanleiding gee tot 'n onvermoë by sowel die moeder as die kind om onafhanklik van mekaar te funksioneer (vgl. 8.7.3.5).

- ♦ In ooreenstemming met Bowen se bespreking van die konsep sibbe-posisieprofiele, kon betekenisgewing tydens die kwalitatiewe onderhoude plaasvind dat in minstens twee van die gevalle, deelnemers se keuse van 'n huweliksmaat en hulle rolfunksionering binne hulle gesinsisteme onder andere beïnvloed is deur hulle sibbe-posisies as oudste kinders in hulle gesinne-van-oorsprong (vgl. 8.7.3.1).
- ♦ In die geval van sommige van die deelnemers aan die studie en hulle huweliksmaats, kon aanduidings verkry word van sowel intrapsigiese as werklike emosionele afsnyding ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong (vgl. 8.7.3.7).

☞ Wedersydse beïnvloeding van die verskillende vlakke in die ekologiese ontledingsisteem ten opsigte van mekaar, maar ook met betrekking tot die totstandkoming en instandhouding van gewelddadige gedrag in die deelnemers se huweliksverhoudings, kon tydens die kwalitatiewe ondersoek geïdentifiseer word. Enkele voorbeelde van hierdie beïnvloedingsprosesse sluit die volgende in:

- ♦ Sosio-kultureel voorgeskrewe meganismes vir die hantering van huweliksgeskille in die Swart kultuur, speel 'n versterkende en instandhoudende rol in die gewelddadige gedrag wat in die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem voorkom, deurdat hierdie meganismes juis die patriargale rol van die man as aller-hoof en besitter van sy vrou en kinders, bevestig en versterk (vgl. 8.7.5.1, 8.7.5.2 en 8.7.3.10). Hierdie sosio-kulturele meganismes gee ook daartoe aanleiding dat die slagoffer nie van sosiaal-strukturele diensleweringsprofessies en instansies se dienste gebruik maak nie (vgl. 8.7.4.1).

- Sosio-kultureel gesanksioneerde paternalisme in die Swart kultuur en betekenisgewing aan *lobola* verleen aan die man toestemming om binne die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, gewelddadig teenoor sy vrou en kinders op te tree. Nie alleen word die gewelddadige gedrag gesanksioneer nie, maar daar word as't ware sosio-kultureel van die man verwag om, indien nodig deur middel van gewelddadige gedrag, beheer uit te oefen oor sy koninkryk deur van sy gesinslede aanvaarbare lede van die samelewing te maak.
- Sosio-kultureel, word van vroue verwag om binne die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem uitvoering te gee aan hulle rolle as vrou, moeder en Christen. Binne die konteks van 'n geweldgekenmerkde huweliksverhouding, stel die rolinhoude egter ambivalente verwagtinge aan die vrou, wat daartoe aanleiding gee dat sy in die geweldgekenmerkde verhouding aanbly ten einde aan enkele van die take uitvoering te kan gee, terwyl die gewelddadige aard van die huweliksverhouding geheim gehou word, onder andere in 'n poging om sosio-kulturele veroordeling te vermy (vgl. 8.7.3.10).
- Weens die sosio-kulturele aanvaarding daarvan dat geweld 'n gelegitimeerde wyse is om gewensde gedrag teweeg te bring en instand te hou, word die manlike geweldenaar deur die vroulike slagoffer se betekenisvolle ander gedreig met wederkerige geweld indien sy gewelddadige gedrag sou voortduur (vgl. 8.7.3.8).
- Seksisme, 'n element van die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem, vind neerslag in die leringe van die kerk ('n sosiaal-strukturele element van die ekologiese ontledingsisteem). Hierdie seksistiese leringe, wat onder andere insluit dat 'n vrou onderdanig aan haar man moet wees en sy ongewensde gedrag in liefde moet rig, skep op die individuele vlak skuldgevoelens by die vroulike slagoffer aangesien sy binne die geweldgekenmerkde konteks van die gesinsisteem nie effektief aan die verwagtinge kan voldoen nie (vgl. 8.7.4.2). Weens die veronderstelling dat juis hierdie lyding van haar, haar weg tot saligheid impliseer, word aangebly in die huweliksverhouding en word haar onderfunksionering ten opsigte van die man, sodoende in stand gehou (8.7.5.1).
- Die sosio-kulturele, seksistiese minderwaardigheid wat met vroue geassosieer word, vind neerslag in oneffektiewe wetgewing ('n sosiaal-strukturele element van die ekologiese ontledingsisteem) ten opsigte van gesinsgeweld. Swak implementering van die bestaande infrastruktuur ten einde deur wetgewing ware beskerming te bied aan slagoffers van gesinsgeweld, gee daartoe aanleiding dat hierdie sosiale struktuur deur die geweldenaar benut word om die slagoffer verdere emosionele leed aan te doen deur in teenreaksie op haar interdik teenoor hom, ook 'n interdik ten opsigte van haar te bekom (vgl. 8.7.4.2).

- Geslagsrolstereotipering dien as 'n sosio-kulturele faktor wat op individuele vlak kan aanleiding gee tot gevoelens van minderwaardigheid en aggressie by die man, wanneer die vrou oor 'n hoër opvoedingsvlak en meerdere sosio-ekonomiese potensiaal as die man beskik. Hierdie individuele en sosio-kulturele faktore kan dan neerslag vind in gewelddadige gedrag teenoor die vrou in die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, deurdat die gewelddadige gedrag benut word deur die man om aan sy geslagsrolverwagtinge van meerderwaardigheid en beheer, uitvoering te gee (vgl. 8.7.5.1).
- Liniêre kousaliteit, naamlik dat die vroulike slagoffer van geweld haar omstandighede *veroorsaak*, is 'n sosio-kulturele mite wat daartoe bydra dat die man se gewelddadige gedrag geheim gehou word deur die vrou in 'n poging om samelewingsveroordeling te vermy (vgl. 8.7.5.2). Ook ontevredenheid met sosiaal-strukturele dienslewerende professies en strukture wat benut word ten einde haar situasie te probeer verander, word eerder geheim gehou deur die vroulike slagoffer, onder andere weens die sosio-kulturele mite dat voldoende en effektiewe hulp beskikbaar is vir die vroulike slagoffers van geweld (vgl. 8.7.5.2).
- Die sosio-kulturele assosiering van gewelddadigheid met manlikheid en die algemene aanvaarding daarvan dat gewelddadige gedrag 'n wyse is waarop mans sigself uitdruk, gee daartoe aanleiding dat die manlike geweldenaar nie vir sy gedrag veroordeel word nie en dat die vroulike slagoffer die gedrag geheim hou en in 'n onderfunksionerende rol ten opsigte van haar man, in die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, funksioneer (vgl. 8.7.3.1, 8.7.3.4 en 8.7.5.2).
- Die teenwoordigheid van 'n geweldsiklus in die gesinvlak van die ekologiese ontledingsisteem, gee daartoe aanleiding dat distriksgeneeshere en staatsaanklaers wat 'n sosiaal-strukturele diens onder andere aan vroulike slagoffers van geweld behoort te lewer, onwillig is om by ondersoeke van dié vroue betrokke te raak, waarskynlik weens die wete dat sodanige klagtes meesal deur die vroue teruggetrek word (vgl. 8.7.4.2).

Ten spyte van die beperkte getal deelnemers wat by die kwalitatiewe onderhoudvoering betrek is, kon deur middel van dié onderhoude dus wel daarin geslaag word om etlike temas waaroor tydens die literatuurstudie en vraelysondersoek gespekuleer is, te verken. Die grootste waarde van dié onderhoude, lê waarskynlik daarin dat betekenisgewing ten opsigte van die gekwantifiseerde data wat tydens die vraelysondersoek bekom is, in terme van die konseptuele

raamwerk van hierdie studie kon plaasvind.

8.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is metodes van insameling, analisering en interpretering van die data wat tydens die empiriese ondersoek verkry is, aangebied. Deelnemers aan die studie is deur middel van uitnodigings in die nasionale pers gewerf, met die doel om die faktore wat vermeend aanleiding gee tot en die resultate van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, vanuit die perspektief van die slagoffers te verken. Van die 493 vraelyste wat aan voornemende deelnemers uitgestuur is, is 332 terugontvang waarvan 329 bruikbaar was. Hierdie deelnemers was hoofsaaklik Swart en Blanke vroue tussen die ouderdomme van 26 en 45 jaar wat getroud is of betrokke is in 'n saamwoonverhouding, terwyl die gemiddelde kindergetal per huishouding, ongeveer twee is. Alhoewel die deelnemers oor 'n hoër relatiewe opvoedingspeil as hulle manlike verhoudingsmaats beskik, is sowat 'n derde van die deelnemers en hulle manlike verhoudingsmaats werkloos, wat daartoe bydra dat in die meeste gevalle 'n bruto maandelikse inkomste van minder as R 5 000.00 verdien word. In die lig daarvan dat die meeste van die deelnemers se gesinne uit ongeveer vier gesinslede bestaan, blyk die betrokkenes se sosio-ekonomies status laag te wees.

Emosionele aggressie in die vorm van vloeke en / of beledigings, 'n geskreeu en / of 'n gegil met die doel om die vrou te dreig met fisiese leed, is 'n wyse van konflikhantering wat pertinent in die deelnemers aan die vraelysondersoek se verhoudings voorkom. Die mees algemene vorme van fisiese aanranding waaraan die deelnemers blootgestel word, is klappe, stote, stampe, om rondgeruk te word en met die vuis geslaan te word. Meer intense vorme van fisiese aanranding in die vorm van steek of slaan met 'n voorwerp, verwurging, om die vrou te stamp teen 'n muur en haar met iets te brand of haar te skop, kom teen 'n laer frekwensie in die betrokkenes se verhoudings voor. Ook seksuele dwang, veral in die vorm van verkragting, het al in meer as driekwart van die deelnemers se verhoudings voorgekom. Die vorme van fisiese aanranding en seksuele dwang wat gerapporteer word, is van so 'n aard en intensiteit dat been- of weefselbeskadiging, 'n behoefte aan mediese aandag en / of pyn wat aanhou vir 'n dag of meer, al in meer as driekwart van die deelnemers se situasies voorgekom het.

Tipiese karaktereienskappe en belewenisse wat deelnemers hoofsaaklik aan sigself toedig, sluit in dat die manlike verhoudingsmaats as 'n bedreiging beleef word, gevoelens van

neerslagtigheid / depressie, ontnugtering en magteloosheid, 'n behoefte aan teerheid en probleme met die neem van besluite. Die manlike verhoudingsmaats word hoofsaaklik beskryf as persone wat gevoelens van minderwaardigheid ervaar, geneig is tot jaloesie en agterdog, blaam en verantwoordelikheid op andere plaas, andere manipuleer om eie doelstellings te bereik en as persone wat verskonings soek vir hulle eie gedrag.

Elk van die magsbasisse, -prosesse en -resulate wat in die vraelys aangedui is as moontlike gebeurtenisse of gedragsvorme wat teenwoordig sou kon wees in die deelnemers se verhoudings, is deur meer as die helfte van die deelnemers aangedui as synde toepaslik. Die funksie van die gewelddadige gedrag in die gesinsisteme blyk te wees dat 'n rigiede ekwilibrium in die gesinsisteem behou word, deurdat die gesag, mag, besluitneming en probleemoplossing behou word as inhoudelike aspekte van die man se rol as eggenoot en vader. Aanduidings van die teenwoordigheid van sowel rigiede as vae sisteemgrense tussen die subsisteme van die egpaarsisteem, is deur middel van die vraelyste bekom, terwyl die grens tussen die gesinsisteem en sy suprasisteem deur meer as driekwart van die deelnemers as rigied aangedui word. Die gesinsisteme waarin geweld teenoor die vrou voorkom, blyk dus geslote te wees, wat daartoe aanleiding gee dat nie daarin geslaag word om te groei tot groter heterogeniteit en kompleksiteit nie en dat 'n rigiede, nie-progressiewe stabiliteitstoestand in die gesinsisteme gehandhaaf word.

Meer as die helfte van die deelnemers aan die vraelysondersoek wat kinders het, se kinders is ook die slagoffers van die deelnemers se manlike verhoudingsmaat se gewelddadige gedrag. By pare wat kinders het, neem die gewelddadige gedrag meesal 'n aanvang reeds voor die geboorte van die eerste kind, terwyl dié gedrag by kinderlose pare meesal reeds gedurende die eerste jaar nadat die paartjie begin saamwoon het of in die huwelik getree het, 'n aanvang neem. Hieruit blyk dat die betrokkenes probleme ervaar het om na die aanvang van die saamwoonverhouding of na huweliksluiting, 'n wedersydse bevredigende verhouding tot stand te bring voor die geboorte van die eerste kind, aan te pas by swangerskap en die idee van ouerskap en om in te pas by die uitgebreide gesinsnetwerke.

Met betrekking tot die gesinne-van-oorsprong, word deur middel van die vraelyste gerapporteer dat bykans driekwart van die manlike verhoudingsmaats en sowat die helfte van die deelnemers self, afkomstig is uit gesinne waar geweldpleging ook teenoor hulle eie moeders plaasgevind het. Ten opsigte van sowat 'n derde van die deelnemers self, maar ook in die geval van 'n derde van hulle manlike verhoudingsmaats, word aangedui dat intrapsigiese isolasie gehandhaaf word

met hulle gesinne-van-oorsprong, terwyl werklike isolasie in terme van doelbewuste afsnyding in beide gevalle tot 'n geringe mate teenwoordig is. Negentig persent van die deelnemers wat kinders het, dui aan dat hulle angs by een of meer van hulle kinders waarneem, terwyl meer as die helfte van dié deelnemers ook in die vraelyste aandui dat somatiese probleme, aggressie, sosiale onttrekking en ongehoorsaamheid probleme is wat met hulle kinders ervaar word.

Slegs 10% van die deelnemers het nog nooit hulle mans verlaat na aanleiding van 'n gewelddadige insident nie, terwyl die meerderheid van die ander deelnemers die mans al meer as een keer verlaat het. Die mees prominente faktore wat tot die verlatings aanleiding gegee het, is 'n besef dat die situasie waarskynlik nie sal verander nie, die intensiteit van die geweldpleging en die deelnemers se definiëring van sigself as slagoffers van hulle mans se gedrag. Familielede dien as 'n betekenisvolle bron van ondersteuning wanneer die man verlaat word, deurdat die meeste deelnemers by familie aanklop vir alternatiewe verblyf. Die besluitnemingsproses om aan te bly in die geweldgekenmerkde verhouding of om daarheen terug te keer na verlating van die man, word hoofsaaklik beïnvloed deur hoop wat geskep word deur die man dat hy sy gewelddadige gedrag sal staak, maar ook deur vrees en onsekerheid ten opsigte van 'n toekoms waarin die man nie meer na die vrou en kinders omsien nie. Die vernaamste rasionaliseringsmeganismes wat deur deelnemers aan die vraelysondersoek benut word om hulle situasies te hanteer en aan andere te verduidelik, word aangedui as ontkenning van besering, ontkenning van viktimisering en ontkenning van opsies.

Bykans 95% van die deelnemers het al van dienslewerende strukture en professies gebruik gemaak ten einde hulle situasies die hoof te bied. Vanweë sowel die aard as die intensiteit van die geweldpleging en die beserings wat daaruit voortvloei, word veral dienslewering deur algemene mediese praktisyns, maatskaplike werkers en dié van die Suid-Afrikaanse Polisiediens benut. Dienslewering deur algemene mediese praktisyns, sielkundiges en maatskaplike werkers word hoofsaaklik positief ervaar deur deelnemers aan die vraelysondersoek, terwyl veral dienslewering deur geestelike werkers, die regstelsel en die Suid-Afrikaanse Polisiediens, meesal negatief ervaar word.

Ten spyte daarvan dat deelnemers deur middel van die ingevulde vraelyste aantoon dat 'n samelewingspersepsie bestaan dat mans meerderwaardig is ten opsigte van vroue en dat die man die reg het om oor sy vrou en kinders te heers, word aangedui dat familie, vriende en kollegas se reaksies op die bekendwording van die gewelddadige aard van die saamwoon- of

huweliksverhouding, meesal ondersteunend van aard is.

Ter aanvulling van die gegewens wat tydens die vraelysondersoek verkry is, is kwalitatiewe onderhoude deur middel van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule, met tien ewekansig-geselekteerde deelnemers wat geografies die naaste aan die navorser woonagtig is, gevoer. Inligting wat sodoende bekom is, is geanaliseer na aanleiding van die deurlopend-vergelykende metode van kwalitatiewe data-analise. Die tien vroue se ouderdomme wissel tussen 28 en 63 jaar. Ses van die vroue is Afrikaanssprekende, Blanke persone, een is 'n Engelssprekende, Blanke persoon, twee is Swart vroue wat onderskeidelik Sesotho- en Setswanasprekend is en een is 'n Afrikaanssprekende, Kleurlingpersoon. Ses deelnemers bevind hulleself tans in geweldgekenmerkde huweliksverhoudings, terwyl die ander vier gedurende die afgelope jaar van hulle mans geskei is. Sewe van die deelnemers het kinders wat tans nog by hulle inwoon. Hierdie vroue se opvoedingspeil is hoër as dié van hulle mans en meer van die deelnemers self beklee vaste betrekkings, as wat die geval is met hulle mans. Om hierdie rede is die deelnemers self in bykans twee derdes van die gevalle, die primêre genereerdes van gesinsinkomste.

Deelnemers se selfidentifikasie as synde betrokkenes in geweldgekenmerkde verhoudings, stem ooreen met die operasionele definiëring van geweld wat vir die doeleindes van hierdie studie benut word. Die geweldsaksies waaraan hulle in hulle verhoudings blootgestel word wissel tussen fisiese geweld, seksuele dwang, emosionele geweld en 'n kombinasie van die geweldstiperinge. Karaktereienskappe wat deelnemers aan sigself toedig, bring aan die lig dat hulle vanweë die aard van die kerngesin-emosionele prosesse in hulle huweliksverhoudings, in 'n onderfunksionerende rol ten opsigte van hulle huweliksmaats funksioneer, soos gekenmerk deur selfblaam, gevoelens van minderwaardigheid, spanning, angs en onsekerheid. Hierteenoor word die karaktereienskappe van die manlike geweldenaars aangedui as persone wat ten spyte van hulle onverantwoordelikheid, onbetroubaarheid, onvoorspelbaarheid en agterdog, 'n meerderwaardige posisie ten opsigte van hulle vroue handhaaf, onder andere deur middel van die benutting van gewelddadige gedrag om hulle gesagposisie af te dwing. Die kerngesin-emosionele prosesse gee daartoe aanleiding dat die man oorfunksioneer ten opsigte van sy vrou deur sy onvolwassenheid te ontken en 'n fasade van bevoegdheid voor te hou. Weens die man se onvoorspelbaarheid, vind deelnemers dit moeilik om aan te dui watter faktore as aanleidend tot die man se gewelddadigheid figureer. Alkoholmisbruik, die man se agterdog, die rig van versoeke aan die man en enige vorm van kontrolerende gedrag ten opsigte van die man, word egter aangedui as faktore wat soms tot gewelddadige gedrag aanleiding gee.

Sowel die deelnemers self as hulle kinders, word fisies, emosioneel en maatskaplike nadelig beïnvloed deur die man se gewelddadige gedrag. Fisiese beïnvloeding sluit onder andere slaaploosheid, peptiese ulkusse en hipertensie in, terwyl dié gedrag ook aanleiding gee tot belewenisse van angs en depressie, maar ook tot nagmerries en bednatmaak. Ook sosiale isolasie en onttrekking kom by die vrou en kinders voor, hoofsaaklik ten einde die man se agterdog te verhoed en sodoende konflik te vermy en met die doel om die gewelddadige aard van die gesinsverhoudings, geheim te hou. Deelnemers rapporteer dat hulle kinders hoofsaaklik geneig is om beskermend teenoor hulle moeders op te tree, terwyl hulle optrede teenoor hulle vaders gekenmerk word deur vermyding, onttrekking, agterdog en wantroue. Sommige deelnemers se volwasse kinders dreig hulle vaders met wederkerige geweld in 'n poging om die moeder teen voortgesette geweldpleging te beskerm. Die aanvang van die gewelddadige gedrag, word hoofsaaklik aangedui as reeds voordat die betrokkenes begin saamwoon het of in die huwelik getree het, wat dus impliseer dat die deelnemers, ten spyte van die wete dat die man geneig is tot gewelddadige gedrag, op 'n emosioneel-reaktiewe wyse 'n besluit geneem het oor huweliksluiting. Aanpassing by swangerskap en die idee van ouerskap blyk 'n gesinsontwikkelingstaak te wees waaraan moeilik in die gesinsisteme uitvoering gegee word, hoofsaaklik vanweë die feit dat juis die bekendwording van die swangerskap, in sommige gevalle aanleiding gegee het tot die eerste gewelddadige insident.

Deelnemers beskryf hulle eie verhoudings met hulle gesinne-van-oorsprong en ook dié van hulle mans ten opsigte van hulle gesinne-van-oorsprong, hoofsaaklik as konflikgekenmerk. Emosionele reaktiwiteit met betrekking tot spanningsvolle situasies in die gesinsisteme, uitdrukkings in terme van 'n pseudo-self wat tot uiting kom in onvolwasse optrede en die benutting van huwelikskonflik om emosionele afstand te bewerkstellig, figureer sowel in deelnemers se beskrywings van hulle eie gesinne-van-oorsprong, as in dié van hulle mans se gesinne-van-oorsprong. In gevalle waar deelnemers aanduidings bied van vae subsisteemgrense in die egpaarsisteme, blyk simbiotiese verhoudings tussen die egliede teenwoordig te wees. Dié ineengestrengeldheid word onder andere beskryf in terme van 'n hoë mate van sensitiwiteit ten opsigte van mekaar se gedagtes, behoeftes en emosies. Hierteenoor word rigiede grense ten opsigte van mekaar in enkele van die deelnemers se egpaarsisteme beskryf in terme van 'n gebrek aan omgee vir mekaar, min belangstelling in mekaar se doen en late en hoë vlakke van outonomie. Die gesinsisteem handhaaf 'n rigiede grens ten opsigte van die suprasisteem, wat daartoe aanleiding gee dat die teenwoordigheid van gewelddadige gedrag geheim gehou word.

Motivering vir die verlating van die man, word as tweeledig deur die deelnemers aangedui, naamlik dat die man verlaat word in 'n poging om te vlug weens die man se gewelddadige optrede of dat die man verlaat word weens die vrou se verwagting van gewelddadige gedrag en dat sy dus vlug ten einde die geweldpleging te vermy. Vir alternatiewe verblyf word hoofsaaklik by familielede aangeklop en alhoewel aanvanklik pogings aangewend is om die gewelddadige gedrag van die man geheim te hou, is die pogings mettertyd laat vaar. In die Swart kultuur word sosio-kulturele meganismes vir die bylê van geskille in werking gestel wanneer die vrou sou vlug van haar man en by 'n familielid sou aanklop vir verblyf, terwyl Blanke deelnemers aandui dat hulp wat ontvang word hoofsaaklik van praktiese aard is, soos byvoorbeeld dat blyplek en kos aan hulle voorsien word, dat vervoerreëlings vir hulle getref word en dat hulle in kontak gebring word met professionele dienslewerars. Die geweldenaar se reaksie op die verlating word primêr gekenmerk deur sy pogings om die vrou te oorreed om na hom toe terug te keer, meesal in die vorm van beloftes om sy gedrag nie te herhaal nie. Finansiële afhanklikheid van die man, die sosio-kulturele verpligting dat die vrou moet uitvoering gee aan haar rolle as eggenote en moeder, geloof daarin dat die man nie onafhanklik van die vrou sal kan funksioneer nie, hoop dat die situasie sal verander en die feit dat die man se onverantwoordelikheid potensieel kan aanleiding gee tot verliese vir die vroue, dra daartoe by dat in die geweldgekenmerkde verhoudings aangebly word, of dat daarheen teruggekeer word nadat die man verlaat is.

Op sosiaal-strukturele vlak, ervaar deelnemers dat terapeutiese dienslewering wat alleen gerig is op insigontwikkeling, nie genoegsaam daartoe aanleiding gee dat gedragsverandering in hulle verhoudings plaasvind nie en in een geval, word juis die insigontwikkeling wat deur middel van die terapeutiese dienslewering teweeg gebring is, aangedui as aanleidend tot gewelddadige gedrag. Dienslewering deur geestelike werkers, blyk dié effek te hê dat dit skuldgevoelens by die vroue skep en in stand hou, deurdat sterk klem gelê word op temas soos die noodsaak van lyding ten einde saligheid te bereik, die rol van die vrou in die behoud van die gesinseenheid en die vrou se plig om haar man in liefde te lei tot aanvaarbare gedrag. Wanneer by herhaling nie daarin geslaag word om die man van sy gewelddadige gedrag te laat afsien nie, word mislukking ervaar nie alleen in terme van die deelnemers se rolle as eggenote en moeder nie, maar ook in hulle Christenskap. Ook leemtes in die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) en 'n gebrek aan die nodige infrastruktuur ter ondersteuning van die bedoeling en uitvoering van dié wet, gee daartoe aanleiding dat juis hierdie sosiale-struktuur wat beskerming behoort te bied aan vroulike slagoffers van geweld, deur die man benut kan word om vir die

vrou emosionele leed aan te doen. In teenreaksie op die interdik wat deur 'n vrou bekom is, kan die man 'n soortgelyke interdik ten opsigte van haar bekom en sodoende daartoe bydra dat die vrou nie toegang kan verkry tot persoonlike besittings wat by die man in die huis agtergebly het, na verlating van die man nie.

Deelnemers beleef dat sosio-kulturele persepsies soos die algemene aanvaarding van die man se meerderwaardigheid ten opsigte van die vrou en geslagsrolstereotipering in die vorm daarvan dat vroue nie as broodwinners behoort te figureer nie, aanleiding gee tot konflik en gewelddadige gedrag in hulle verhoudings. Boonop figureer temas soos die vrou se onderdanigheid aan die man en die vrou se plig om haar aan die man se gesag te onderwerp ook in die leringe van die Christendom, wat die vrou sodoende sekondêr viktimiseer deur aan haar bepaalde rolverwagtinge voor te skryf en skuldgevoelens by haar te kweek, wanneer nie binne die konteks van die geweldgekenmerkde verhouding aan dié verwagtinge voldoen kan word nie. Voorts word samelewingspersepsies, byvoorbeeld dat die vrou die man se gewelddadige gedrag *veroorsaak* en dat vroulike slagoffers van geweld nie gebruik maak van die beskikbare dienslewerende strukture en professies nie, aangedui as faktore wat daartoe aanleiding gee dat die vrou die gewelddadige aard van die huweliksverhouding geheim hou, nie uit die verhouding tree nie of daarheen terugkeer nadat die man verlaat is. Hierteenoor word ervaar dat gewelddadige gedrag nie alleen met manlikheid geassosieer word nie, maar dat dit ook sosio-kultureel beskou word as 'n aanvaarbare wyse waarop die man sigself uitdruk. Wanneer die man se gewelddadigheid gerasionaliseer word deur die persepsie dat hy die reg het om beheer, ook in die vorm van gewelddadig gedrag, oor sy vrou en kinders uit te oefen in 'n poging om van hulle aanvaarbare lede van die samelewing te maak, word die man as't ware ontneem van blaam vir sy gedrag en word die vrou dus ook deur hierdie sosio-kulturele perspesie, sekondêr geviktimiseer.

HOOFSTUK 9

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Vir die doeleindes van hierdie studie, is aanvanklik 'n literatuurstudie gedoen waartydens geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings deur middel van die benutting van die ekologiese benadering as konseptuele raamwerk (vgl. Hoofstuk 2), verken en beskryf is. Die ekologiese benadering is as konseptuele raamwerk vir die studie geselekteer, juis vanweë die klem wat geplaas word op die sikliese aspekte wat vermeend aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue, aangesien die fokus deurlopend geplaas word op die mens in interaksie met sy omgewing en die wedersydse beïnvloedingsprosesse wat vanuit hierdie interaksie voortspruit (vgl. 2.3.2). Vier vlakke, te wete die individuele (vgl. Hoofstuk 4), gesins- (vgl. Hoofstuk 5), sosiaal-strukturele (vgl. Hoofstuk 6) en sosio-kulturele vlakke (vgl. Hoofstuk 7) in 'n ekologiese ontledingsisteem wat deur Carlson (1984:571) aangedui word, is benut as ontledingsvlakke vir die verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

Ter aanvulling van die literatuurstudie, is 'n empiriese ondersoek onderneem. Vir die doeleindes van die empiriese ondersoek, is van sowel kwantitatiewe vraelysimplementering as kwalitatiewe onderhoudvoering deur middel van die benutting van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule (vgl. Hoofstuk 8), gebruik gemaak. Deur middel van die literatuurstudie en empiriese ondersoek, is gepoog om 'n ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings binne die unieke Suid-Afrikaanse konteks te verken en te beskryf. Gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van sowel die literatuur- as empiriese ondersoeke, word vervolgens aangebied.

9.1 NAVORSINGSPROBLEEM, -VRAE EN DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie is gerig deur die navorsingsprobleem wat in 1.3 aangedui word, naamlik 'n analise van die wedersydse beïnvloeding tussen faktore op die individuele, gesins-, sosiaal-

strukturele en sosio-kulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem wat vermeend aanleiding gee tot geweld en die instandhouding daarvan teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en die bepaling van watter implikasies hierdie wedersydse beïnvloeding vir maatskaplikewerkhulpverlening het. Vanuit die navorsingsprobleem vloei 'n aantal navorsingsvrae ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings voort wat konkrete rigting aan die studie gee, naamlik;

⇒ wat is die aard van geweldpleging en watter invloed het dit op die maatskaplike funksionering van die individuele slagoffer en die gesinsisteem waarbinne dit voorkom,

⇒ watter faktore in die ekologiese sisteem gee aanleiding tot hierdie geweld en die instandhouding daarvan en op watter wyse beïnvloed die faktore mekaar wedersyds,

⇒ watter ondersteuningstelsels en -dissiplines is in Suid-Afrika beskikbaar vir die slagoffers en die res van die gesinsisteem en hoe beleef die slagoffers die ondersteuning wat beskikbaar is en

⇒ watter take van die maatskaplikewerkprofessie vloei voort uit 'n ekologiese benadering tot die verskynsel?

Die doel van die studie is in 1.4.1 aangedui as synde om deur middel van 'n verkennende en beskrywende ondersoek, 'n ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings daar te stel, sodat wetenskaplik-gefundeerde hulpverlening op die verskynsel afgestem kan word.

Na aanleiding van die gestelde navorsingsprobleem, -vrae en die doel van die studie, word tot die volgende gevolgtrekkings gekom.

9.2 GEVOLGTREKKINGS

'n Aantal gevolgtrekkings word gedoen, ten einde vas te stel of die doel van die studie verwesenlik is.

9.2.1 DIE EKOLOGIESE PERSPEKTIEF AS KONSEPTUELE RAAMWERK

❁ Die ekologiese benadering is van waarde vir die maatskaplikewerkprofessie deurdat dit 'n holistiese, interaksionele perspektief wat breër strek as die tradisionele *oorsaak-gevolg* raamwerk wat afgelei is vanuit die siekte-model, daarstel. Sodoende kan

samelewingsverskynsels geassesseer word en menslike probleme en behoeftes gedefinieer word in transaksionele terme, naamlik dat dit die resultaat is van wanaanpassing in die mens-en-omgewingverhouding (vgl. 2.3). Geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, is derhalwe 'n simptoom van die disfunksionering in die ekologiese sisteem en dus die resultaat van die wedersyds-beïnvloedende interaksionele prosesse wat plaasvind tussen die individu as 'n sisteem, die gesinsisteem, sosiaal-strukturele sisteme en sosio-kulturele sisteme.

- Die benutting van die ekologiese benadering in die bestudering van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings is 'n toepaslike konseptuele raamwerk, aangesien 'n verskeidenheid multi-faktorale, sirkulêre kousaliteitsvlakke ten opsigte van die verskynsel, geïdentifiseer kan word (vgl. 2.3.4.2). 'n Integrasie van bestaande kennis ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en die geïdentifiseerde vlakke in die ekologiese ontledingsisteem kan derhalwe plaasvind deurdat 'n verskeidenheid faktore op verskillende vlakke van ontleding, maar ook die interaksie tussen die vlakke, verken kan word.

- 'n Ekologiese ontleding van 'n verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings bied 'n konteks vir 'n omvattende analise van sowel aspekte wat vermeend aanleiding gee, as aspekte wat bydra tot die instandhouding van die verskynsel en bied dus 'n geleentheid vir die analise van sowel direkte as indirekte beïnvloedingsprosesse. *Tog slaag die benadering nie daarin om faktore wat in 'n meerdere of mindere mate aanleidend is en omstandighede waarin sekere faktore meer aanleidend is as ander, te onderskei nie.* Die leemte is daarin gesetel dat *nadat inhoudelike faktore van elk van die ekologiese ontledingsvlakke geïdentifiseer is, geen direkte gewig aan elke aspek gekoppel word nie, terwyl dieselfde faktor waarskynlik in verskillende kontekste verskillende gewigte sal dra.*

9.2.2 DIE INDIVIDUELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

- Op die individuele vlak van die ekologiese ontledingsisteem (vgl. Hoofstuk 4), word 'n analise van tipiese psigopatologieë wat met vroulike slagoffers van geweld en manlike geweldenaars geassosieer word vereis, terwyl 'n ontleding van karaktereienskappe (psigiese, emosionele, konatiewe en kognitiewe aspekte), persoonlike bronne (beroepstatus, opvoedingsvlak, inkomste en besondere vermoëns en onvermoëns), gesin-van-oorsprong

beïnvloeding, die rol van mag en die invloed van alkohol- en chemiese substansgebruik op gewelddadige optrede en faktore wat vroulike slagoffers se besluitneming oor die gewelddadige verhouding beïnvloed, ook in so 'n analise tuishoort.

- 'n Neiging tot masochisme en 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring is psigopatologieë wat met vroulike slagoffers van geweld geassosieer word. Psigopatologieë wat vermeend voorkom by manlike geweldenaars sluit in sadisme en persoonlikheidsversteurings soos 'n passief-aggressiewe, obsessief-kompulsiewe, paranoïde, afhanklike, antisosiale, narsistiese en grenspersoonlikheidsversteurings (vgl. 4.2.1). Geeneen van die psigopatologieë bied egter op sigself 'n bevredigende verduideliking vir die geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings of vir die gedrag van enigeen van die verhoudingsgenote nie, aangesien die invloed van die interaksionele dinamika in die saamwoon- of huweliksverhouding, die sosiaal-strukturele beïnvloeding vanuit die suprasisteem van die verhouding en die sosio-kulturele aspekte wat ook bydraende rolle kan speel, verontagsaam word. Die waarde van sodanige psigopatologiese perspektiewe tydens 'n ekologiese ontleding van die verskynsel, is derhalwe *beperk tot 'n potensiële aanduiding van die teenwoordigheid van predisponerende faktore wat 'n rol kan speel in die uiteindelike totstandkoming en instandhouding van gewelddadige gedrag* binne 'n verhouding.
- Tydens 'n ontleding van karaktereienskappe van die manlike geweldenaar en vroulike slagoffer van geweld, word 'n analise van die psigiese funksionering van die betrokkenes, elkeen se emosionele ervaringswêreld, kognitiewe prosesse wat hulle funksionering beïnvloed en hulle gedrag binne die konteks van 'n geweldgekenmerkde verhouding, vereis. Vanuit 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief, dien geeneen van hierdie faktore egter as *oorsake* of *gevolge* van die geweld in die verhouding nie, maar word die eienskappe beskou as sowel *aanleidende* faktore tot geweldpleging, as *resultate* daarvan.
  - Psigies is manlike geweldenaars geneig daartoe om oor 'n lae selfwaarde te beskik, 'n lae vlak van frustrasietoleransie te openbaar en om mag en beheer oor andere te verkry deur middel van die benutting van geweld. Onopgeloste konflik met die geweldenaar se moeder, kom tot uiting in die man se optrede teenoor sy vroulike verhoudingsmaat en dogters en in sosio-kulturele persepsies wat ten opsigte van vroue gehandhaaf word. Ten spyte daarvan dat rigiede verwagtinge aan andere gestel word, ervaar die man self probleme met impulsbeheer wat in

onvoorspelbaarheid en inkonsekwente optrede manifesteer (vgl. 4.2.2.2, 8.4.3.1 en 8.7.3.3). Vroulike slagoffers van geweld toon psigies 'n neiging om die gewelddadige verhoudingsmaat as 'n bedreiging te beleef, 'n lae selfwaarde, 'n geneigdheid tot depressie, 'n lae frustrasietoleransie en 'n behoefte om andere (ook die manlike verhoudingsmaat) te wil versorg en te red van onaangename omstandighede en gebeurtenisse (vgl. 4.2.2.1, 8.4.3.1 en 8.7.3.1).

- Emosioneel is die manlike geweldenaar onder andere vanweë 'n lae selfwaarde wat beleef word, geneig tot jaloesie, agterdog en vrees vir die verlies van die verhoudingsmaat, terwyl emosionele geslotenheid wat gepaardgaan met 'n onvermoë om emosies te ervaar en / of met andere te deel, ook kenmerkend is (vgl. 4.2.2.2, 8.4.3.1 en 8.7.3.2). Die vroulike slagoffers ervaar gevoelens van skaamte, skok, teleurstelling, afhanklikheid, onveiligheid, onsekerheid, magteloosheid, angs, vrees, depressie, ontnugtering en skuldgevoelens (vgl. 4.2.2.1, 8.4.3.1, 8.7.3.1 en 8.7.3.4).
- Gewelddadige optrede in 'n poging om beheer oor die vrou te verkry, woedeuitbarstings, alkoholmisbruik, mishandeling en verwaarlosing van die kinders, botsing met die gereg, sosiale isolasie, onverantwoordelikheid, 'n gebrek aan effektiewe kommunikasievaardighede om uitdrukking aan sigself te gee en sigself te handhaaf en die manipulering van andere om eie doelstellings te bereik, is konatiewe aspekte wat by manlike geweldenaars voorkom. Die benutting van verdedigingsmeganismes, veral projeksie van blaam en skuldgevoelens, ontkenning van eie verantwoordelikhede en rasionalisering van sy gedrag, kom ook pertinent by manlike geweldenaars voor (vgl. 4.2.2.2, 8.4.3.1 en 8.7.3.2). Ook die vroulike slagoffer van geweld maak van verdedigingsmeganismes gebruik, waaronder veral rasionalisering van haar situasie en die feit dat sy in die situasie aanbly of daarheen terugkeer, en ontkenning van die erns van die situasie en die teenwoordigheid van alternatiewe opsies. 'n Behoefte aan teerheid, 'n geneigdheid tot sosiale isolasie en om raad te vra by familie, vriende, kollegas en professionele dienslewerraars vir die effektiewe hantering van haar situasie, is ook kenmerkend van die gedrag van dié vroue. Onder andere vanweë die feit dat die vroulike slagoffer se probleemoplossingsmeganismes in die konteks van die gewelddadige gedrag van die man by herhaling misluk, openbaar sy 'n neiging om te sukkel om besluite te neem en om op grond van die besluitneming tot aksie oor te gaan (vgl. 4.2.2.1, 8.4.3.1, 8.4.3.10, 8.4.4.1, 8.7.3.1, 8.7.3.4 en 8.7.4.1).

- Kognitiewe faktore wat voorkom by die manlike geweldenaar, is dat ander mense beleef word as 'n bedreiging vir hom, dat daar 'n voortdurende soeke is na verskonings en rasionaliserings van eie gedrag, dat die intensiteit van sy gewelddadige gedrag ontken word en dat emosioneel-reaktief gereageer word op grond van wat reg *voel* in 'n situasie, eerder as op grond van die *feite* van die situasie. Ook toon die man die neiging om sy geslagsrolidentiteit op 'n rigiede wyse te konseptualiseer en sy gewelddadige gedrag te beskou en te benut as 'n bewys van manlikheid en dominansie (vgl. 4.2.2.2, 8.4.3.1, 8.7.3.2 en 8.7.5.1). Die vroulike slagoffer se kognitiewe funksionering word gekenmerk deur ontkenning van die erns van haar situasie en van alternatiewe opsies wat tot haar beskikking is, selfblaam, 'n belewenis van mislukking, probleme met besluitneming, beplanning om sigself en die kinders te beskerm teen die man se geweldpleging en die oormatige neem van verantwoordelikheid, ook vir aspekte waaroor min beheer moontlik is (vgl. 4.2.2.1, 8.4.3.1, 8.7.3.1 en 8.7.3.4).

⇨ Wanneer vroue oor meer persoonlike bronne, byvoorbeeld 'n hoër opvoedingsvlak, beroepstatus en inkomste as hulle manlike verhoudingsmaats beskik en in gevalle waar die man werkloos is, is sowel die frekwensie as intensiteit van die geweldpleging teenoor vroue hoër as wanneer persoonlik bronne in 'n meerdere mate by die man gesetel is (vgl. 4.2.3, 8.4.1.7 en 8.7.1.6). Bemagtiging van die vrou en werkloosheid van dieman blyk dus faktore te wees wat geassosieer word met geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Beskikking oor gebrekkige kommunikasievaardighede, oneffektiewe konflikhanteringsmeganismes en 'n onvermoë om sigself in 'n verhouding te handhaaf, is besondere onvermoëns wat by manlike geweldenaars aangetref word (vgl. 4.2.3, 8.4.3.1, 8.7.3.3 en 8.7.5.2).

⇨ Die benutting van gewelddadige gedrag as konflikhanteringsmeganisme is nie beperk tot gewelddadige gedrag teenoor die vrou alleen nie, maar vind ook gestalte in gewelddadige gedrag teenoor die kinders. Voorts word die neiging tot die benutting van geweld in gesinskonteks residivisties van een gesinsgenerasie na 'n ander oorgedra. Vroulike slagoffers van geweld se moeders was dikwels ook die slagoffers van hulle vaders se geweldpleging, terwyl die vroue self reeds as kinders deur hulle vaders aangerand is. Manlike geweldenaars se moeders was dikwels ook die slagoffers van hulle vaders se geweldpleging, terwyl die mans self as kinders ook deur hulle vaders aangerand is (vgl. 4.3, 5.2.5, 8.4.3.4, 8.4.3.6, 8.7.3.2, 8.7.3.5, 8.7.3.7 en 8.7.3.10). Die

sosiale leerteorie (modellering en nabootsing) dien as 'n verklaring vir hierdie residivisme, naamlik dat bepaalde gedragsvorme (byvoorbeeld gewelddadige gedrag en patologiese geslagsrolgedrag) in die gesin-van-oorsprong waargeneem word en van een gesinsgenerasie na 'n ander herhaal word vanweë die sosiale leer wat plaasvind. Dié verklaring *slaag egter nie daarin om 'n verduideliking te bied daarvoor dat alle persone wat gewelddadige gedrag waarneem, dit nie naboots nie.*

- ⇨ Die patriargale samelewingsbestel skryf beskikking oor mag toe aan die manlike geslagsrol, -identiteit en -posisie. Aggressiewe gedrag kan ontlok word by 'n man wat beleef dat hy in sy verhoudingsdiaad gesag behoort uit te oefen, maar nie oor die nodige magsbasisse en magsprosesse beskik om uitvoering aan sy geslagsrol te gee nie. Gewelddadige gedrag word dan benut in 'n poging om magsresultate, selfs in die afwesigheid van magsbasisse en -prosesse, by die man te lokaliseer (vgl. 3.1, 4.4, 7.2, 8.4.3.2 en 8.7.5.1).
- ⇨ Alkohol- en chemiese substansmisbruik is 'n faktor wat dikwels gepaard gaan met gewelddadige gedrag teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Alhoewel genoegsame bewyse nie bestaan om te beweer dat alkohol- en chemiese substansmisbruik sodanige gedrag *veroorsaak* nie, blyk die newe-effekte van dié middels, onder andere disinhibisie, aangeleerde disinhibisie, kognitiewe omverwerping en 'n verhoogde belewenis van mag by die gebruiker, gepaardgaande met gewelddadige optrede, te wees. Kroniese alkohol- en chemiese substansmisbruik wat aanleiding gee tot afhanklikheid van dié middels, blyk 'n beduidende voorspeller van gewelddadige gedrag te wees (vgl. 4.5, 8.4.3.1, 8.7.3.2 en 8.7.3.3).
- ⇨ Etlike eienskappe van die manlike geweldenaar, die vroulike slagoffer, hulle verhouding met mekaar, finansiële oorwegings en beïnvloeding deur die konteks waarbinne die betrokkenes hulle bevind, gee daartoe aanleiding dat mishandelde vroue in die geweldgekenmerkde verhouding aanbly of daarheen terugkeer na verlating van die man.
  - Die manlike geweldenaar reageer meesal op verlating deur beloftes te maak om sy gedrag te verander. Sodoende word hoop geskep by die slagoffer dat die laaste gewelddadige insident werklik die laaste was en word teruggekeer na die gewelddadige verhouding. Verlating van die man impliseer dat die vrou ook weggaan van die materiële middele wat onder andere weens haar betrokkenheid en insette in die verhouding, bekom is. Weens die feit dat die man neig tot onverantwoordelike gedrag, kan verlating van die man dus potensiële materiële

verliese vir die vrou inhou. Die man se onverantwoordelikheid gee dan daartoe aanleiding dat hy nie verlaat word deur die vrou of dat die vrou na verlating van die man, na hom toe terugkeer ten einde materiële verliese te voorkom. Sodanige verduideliking vir die vrou se gedrag kom sowel voor in gevalle waar die man en vrou medebroodwinners is, as in gevalle waar die vrou alleenbroodwinner is en oor 'n hoër opvoedingspeil as die man beskik (vgl. 3.4, 4.6.1, 8.4.3.10 en 8.7.3.11).

- Tydens haar oorweging daarvan om die man te verlaat, al dan nie, ervaar die vrou vrees vir alleenheid en onsekerheid oor wat die toekoms sonder die man se teenwoordigheid vir haar inhou. Sommige vroue glo ook dat die man, onder andere weens sy onverantwoordelikheid, nie daarin sal kan slaag om onafhanklik van haar te funksioneer nie aangesien hy vermeend afhanklik is van haar insette en versorging (vgl. 4.6.1, 8.4.3.10 en 8.7.3.11).
- Binne die verhoudingskonteks, gee gevestigde transaksionele patrone, byvoorbeeld die teenwoordigheid van 'n herhalende geweldsiklus in die verhouding en die kerngesin-emosionele prosesse, waar die fusie in die verhouding hanteer word deur tydperke van emosionele afstand en huwelikskonflik, opgevolg deur tydperke van intense emosionele nabyheid, waarskynlik daartoe aanleiding dat die vrou in die geweldgekenmerkde verhouding aanbly of daarheen terugkeer nadat die man verlaat is (vgl. 3.4, 5.1.3.1 en 8.7.3.11).
- 'n Tekort aan die nodige finansiële middele om sonder die man se finansiële insette geskikte behuising te bekom en die versorging en opvoeding van die kinders na behore te laat geskied, gee daartoe aanleiding dat die mishandelde vrou nie alleen na die gewelddadige verhouding toe terugkeer na verlating van die man nie, maar ook daarin aanbly ten spyte van die gewelddadige aard van die verhouding. Wanneer die man verlaat word, word soms ook wegbeweeg vanuit die konteks waar die infrastruktuur beskikbaar is vir die vrou om self 'n inkomste te genereer, byvoorbeeld deur naaldwerk te doen of tuisgebak te produseer ter aanvulling van die gesinsinkomste. Verlating van die man gee dan daartoe aanleiding dat die vrou nie alleen ontneem word van die man se finansiële insette nie, maar ook van die infrastruktuur wat deur haarself benut sou kon word vir die generering van 'n inkomste (vgl. 4.6.1, 8.4.3.10 en 8.7.3.11).
- Die vrou ervaar vanuit haar konteks sosio-kulturele en sosiaal-strukturele druk om uitvoering te gee aan haar rolle as eggenote en moeder. Versorging van en

getrouheid aan die man en opvoeding, versorging en beskerming van die kinders, word sosio-kultureel beskou as inherente take wat geassosieer word met die rol van eggenote en moeder. Druk word deur familielede en selfs deur die kerk, onder andere vanweë die teenwoordigheid van 'n patriargale samelewingsbestel, op die vrou geplaas om uitvoering te gee aan hierdie rolle, terwyl terselfdertyd klem gelê word op die feit dat hierdie rolle nie na behore uitgevoer kan word indien die vrou en kinders nie by die man woon nie (vgl. 4.6.1, 8.7.3.11, 8.7.4.2, 8.7.5.1 en 8.7.5.2).

9.2.3 DIE GESINSVLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

- Op die gesinsvlak van die ekologiese ontledingsisteem, blyk die strukturele benadering van Salvador Minuchin (1985:1-130) waar klem gelê word op die gesinstruktuur en interaksionele dinamika binne die gesinsisteem in 'n poging om die voorkoms en instandhouding van simptoomgedrag te verduidelik (vgl. 5.1) en die multigeneratiewe teorie van Murray Bowen (1971:151-183) ten opsigte van die oordrag van interaksionele gesinspatrone (vgl. 5.2), bruikbaar te wees vir die verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

9.2.3.1 Die strukturele benadering tot gesinsfunksionering

- In die strukturele benadering word die klem vanuit 'n sirkulêre perspektief geplaas op die lokalisering van patologie, die kontekstuele vorming van 'n individuele identiteit, die gesinstruktuur en -aanpassing, die gesinslewenskonteks en op die funksie van die simptoomgedrag vir die gesinsisteem.
  - In die konteks van 'n saamwoon- en huweliksverhouding waar die man gewelddadig teenoor die vrou optree, word die lokalisering van die patologie nie aan die gewelddadige man toegedig nie, maar word al die gesinslede se gedrag beskou as 'n reaksie op gebeurtenisse in die gesinsisteem, terwyl die gesinsisteem weer by elke gesinslid se reaksie moet aanpas. Sowel die gedrag van die manlike geweldenaar as dié van die vroulike slagoffer word derhalwe beskou as 'n uitdrukking van gesinsistemiese disfunksionering en nie as die *gevolg* van eie keuse, onvermoëns om verantwoordelikheid vir sigself te neem of as *gevolg* van psigopatologieë wat teenwoordig is nie (vgl. 5.1.1).
  - Die gesinsisteem dien as 'n matriks waarin elke gesinslid se identiteit voortdurend

gevorm word. Deur middel van gesinslede se interaksie met die gesinsisteem, die gesinsisteem se reaksie op die betrokkene en deur eie voorafgaande gedrag wat die gesinsisteem se reaksie beïnvloed, word 'n unieke belewenis van outonomie en geborgenheid deur elke gesinslid ervaar (vgl. 5.1.2).

- Transaksionele patrone, gesinsgrense en verwagtinge wat gestel word aan die verskillende subsisteme van die gesinsisteem, vorm saam 'n onsigbare stel funksionele verwagtinge, die gesinstruktuur, wat wyses waarop gesinslede met mekaar in interaksie tree, organiseer (vgl. 5.1.3). Binne die konteks van die geweldgekenmerkde gesinsisteem, kan vier transaksionele patrone geïdentifiseer word, naamlik;
  - ◊ die benutting van geweld om die vrou te dwing in 'n komplementêre verhouding en ondergeskikte posisie teenoor dié van die man (vgl. 5.1.3.1, 8.4.3.2, 8.7.5.1 en 8.7.5.2),
  - ◊ die teenwoordigheid van 'n geweldsiklus / -spiraal wat gekenmerk word deur die vrou se verlating van die man, die man se pleidooie om vergifnis en beloftes om sy gedrag te staak, wat opgevolg word deur intimiteit in die verhouding, waarna spanning weer opbou en uitloop op 'n volgende gewelddadige insident (vgl. 5.1.3.1 en 8.7.3.10),
  - ◊ die stel van eise deur die vrou en weerhouding van voldoening aan die eise deur die man (vgl. 5.1.3.1, 8.7.3.3) en
  - ◊ dat die vrou namens die man verantwoordelikheid neem en deur haar optrede as't ware by herhaling aan hom die toestemming verleen om onverantwoordelik op te tree (vgl. 8.7.3.1 en 8.7.3.2).
- Rigiede gesinsistemiese grense, gekenmerk deur sosiale isolasie en geheimhouding van die gewelddadige aard van die saamwoon- of huweliksverhouding, blyk 'n bykans universele verskynsel te wees wat by gesinsisteme waar gewelddadige gedrag teenoor die vrou voorkom, teenwoordig is (vgl. 5.1.3.2, 8.4.3.3 en 8.7.5.2). Die egpaarsubsisteemgrense is nie duidelik nie, maar neig tot rigiditeit (vgl. 5.1.3.2, 8.4.3.3 en 8.7.3.8) gekenmerk deur 'n hoë mate van outonomie en min geborgenheid in die verhouding of na vaagheid (vgl. 5.1.3.2, 8.4.3.3 en 8.7.3.8) wat gekenmerk word deur emosionele ineengestrengeldheid, oorafhanklikheid van mekaar en 'n lae vlak van outonomie.
- 'n Ontleding van die subsistemiese funksionering van die gesinsisteem waarbinne geweld teenoor die vrou in die saamwoon- of huweliksverhouding voorkom, verg 'n analise van die sisteem se gesagshiërargie, die uitvoering van gesinsontwikkelingstake, gesinsrolle en

doelbereiking deur die gesinsisteem (vgl. 5.1.3.3).

◊ Die gesagshiërargie in die geweldgekenmerkde gesinsisteem is nie gesetel in die ouersubsisteem van die gesin nie, maar meesal alleen in die man / vader in die gesin. 'n Gesagsposisie soortgelyk aan dié van die kinders word sodoende aan die mishandelde vrou toegeken (vgl. 5.1.3.3, 8.4.3.2, 8.7.3.9 en 8.7.3.10). In die Swart kultuur, beskik ook die oudste seun in die gesinsisteem oor 'n hoër vlak van gesag as sy moeder en die ander kinders en is die moontlikheid van gewelddadige gedrag ook deur dié seun teenoor sy moeder, nie uitgesluit nie (vgl. 8.7.3.9 en 8.7.3.10).

◊ In 'n geweldgekenmerkde gesinsisteem, blyk die uitvoering van gesinsontwikkelingstake wat gepaardgaan met elk van die fases in die gesinsontwikkelingsiklus, problematies te wees (vgl. 5.1.3.3). Gesinsontwikkelingstake waarmee veral probleme ervaar word, is om na die aanvang van die saamwoonverhouding of na huweliksluiting 'n wedersyds-bevredigende verhouding tot stand te bring voor die geboorte van die eerste kind, aan te pas by swangerskap en die idee van ouerskap en om in te pas by die uitgebreide gesinsnetwerk. Vanweë die teenwoordigheid van geweldpleging teenoor sowel die vrou as die kinders, blyk die effektiewe aanmoediging van die ontwikkeling van 'n baba deur die vestiging van 'n bevredigende tuiste vir sowel die ouers as die kinders, groei-georiënteerde aanpassing by die behoeftes en belangstellings van voorskoolse kinders en opgewassenheid vir die dreinering van energie en verlies van privaatheid wat gepaardgaan met die teenwoordigheid van kinders in die gesinsisteem, ook problematies te wees (vgl. 8.4.1.3, 8.4.3.5, 8.7.1.5 en 8.7.3.6).

◊ Binne die konteks van 'n geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhouding, word die uitvoering van die rol van vrou en moeder as problematies deur die slagoffer ervaar. As vrou behoort sy haar man te ondersteun, getrou aan hom te bly en 'n konteks daar te stel waarbinne die man en kinders optimale ontwikkeling kan ondergaan. In haar rol as moeder behoort sy by te dra tot die kinders se versorging, opvoeding en beskerming. Deur by die gewelddadige man te bly, kan sy wel uitvoering gee aan haar rol as vrou, maar word haar rol as moeder benadeel deurdat sy die kinders nie effektief kan beskerm teen blootstelling aan die man se geweldpleging nie. Indien sy boonop die enigste broodwinner in die gesin is, oor 'n hoër opvoedingsvlak as haar man beskik of 'n hoër inkomste as haar man genereer, word rol-botsings en -oorvleueling ervaar en kan die man geweld gebruik in 'n poging om rol-induksie by

haar te bewerkstellig. Sodoende word die vrou gedwing tot 'n groter mate van konformering aan haar sosio-kultureel voorgeskrewe rolle as vrou en moeder, wat onder andere insluit dat sy die man daartoe in staat behoort te stel om sy rol as man en vader uit te voer, hom te ondersteun en om sy lewe aangenaam en gelukkig te maak (vgl. 5.1.3.3, 8.7.3.11, 8.7.5.1 en 8.7.5.2).

◊ Doelbereiking deur die gesinsisteem (vgl. 2.2.3.3) waarin gewelddadige gedrag teenoor die vroulike saamwoon- of huweliksmaat voorkom, blyk problematies te wees aangesien rolfunksionering afgedwing word deur die benutting van geweld (vgl. 5.1.3.3, 8.7.3.11, 8.7.5.1 en 8.7.5.2), gesinsfunksies negatief beïnvloed word deur rigiede rolverwagtinge, konflik en geweldpleging (vgl. 5.1.3.3 en 8.7.3.3), probleme ervaar word met die uitvoering van verskillende gesinsontwikkelingstake (vgl. 5.1.3.3, 8.4.1.3, 8.4.3.5, 8.7.1.5 en 8.7.3.6) en vaardighede soos wedersydse aanvulling, akkommodering, die toon van begrip vir mekaar se behoeftes en wedersydse ondersteuning, nie in die geweldgekenmerkde konteks teenwoordig is nie (vgl. 5.1.3.2, 5.1.3.3, 8.4.3.3 en 8.7.3.8).

- 'n Rigiede ekwilibrium word gehandhaaf in gesinne waar geweldpleging teenoor vroue in saamwoon- of huweliksverhoudings plaasvind, onder andere vanweë die geslotenheid van die gesinsisteemgrens ten opsigte van die suprasisteem (vgl. 5.1.3.2, 8.4.3.3 en 8.7.5.2), rolgedrag wat gewelddadig afgedwing word deur rol-induksie (vgl. 5.1.3.3, 8.7.3.11, 8.7.5.1 en 8.7.5.2), maar ook vanweë die sisteem se onvermoë om nuwe transaksionele patrone te ontwikkel en sodoende 'n progressiewe ekwilibrium tot stand te bring (vgl. 5.1.4).
- Ten spyte daarvan dat die geweldgekenmerkde gesinsisteem 'n rigiede grens ten opsigte van die suprasisteem handhaaf, beïnvloed die gesinslewenskonteks (sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem) die sistemiese funksionering deur die betrokkenheid van dienslewerende professies en strukture, maar ook deur bewussyn van, sosialisering in en internalisering van patriargale samelewingsnorme, die teenwoordigheid van seksisme en deur middel van geslagsrolstereotipering in die suprasisteem (vgl. 5.1.5, 8.4.4.1, 8.4.4.2, 8.4.5.1, 8.4.5.2, 8.7.4.1, 8.7.4.2, 8.7.5.1 en 8.7.5.2).
- Die funksie van die gewelddadige gedrag vir die gesinsistemiese funksionering, blyk drieledig van aard te wees, naamlik dat;

◊ 'n rigiede ekwilibrium in die gesinsisteem se transaksionele patrone gehandhaaf word

(vgl. 5.1.6, 8.4.3.2, 8.7.5.1 en 8.7.5.2),

◊ 'n rigiede ekwilibrium in die gesinsisteem gehandhaaf word, naamlik dat die vader die hoof van die gesin is en dat gesag, mag, besluitneming en probleemoplossing inhoudelike aspekte van sy rol as man en vader is (vgl. 5.1.6, 8.7.3.11, 8.7.5.1 en 8.7.5.2) en dat

◊ gewelddadige gedrag benut word om nabyheid en afstand in die verhouding tussen die man en vrou te reguleer (vgl. 5.1.6 en 8.7.3.10).

➪ Ten spyte daarvan dat die beklemtoning van die funksionering van die gesinstruktuur 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, gee juis hierdie beklemtoning daartoe aanleiding dat *slegs die gesinsisteem geblameer word vir die totstandkoming en instandhouding van die gewelddadige gedrag, terwyl die betrokkenes in die verhouding van hulle morele verantwoordelikheid vir hulle gedrag, onthef word.* Ook word in hierdie benadering *geensins gefokus op die intrapsigiese faktore wat teenwoordig is by die betrokkenes nie* (vgl. 4.2.1, 4.2.2 en 4.2.3), aangesien die klem hoofsaaklik op sintuiglik-waarneembare gedrag val.

9.2.3.2 Die multigeneratiewe benadering tot gesinsfunksionering

➪ In Bowen se multigeneratiewe benadering, word die klem geplaas op die emosionele sisteem van die gesinseenheid wat aanleiding gee tot simptoomgedrag binne die gesinsisteem. Nie die man of die vrou in die geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhouding word dus as patologies beskou nie, maar die gesinsistemiese problematiek word toegeskryf aan die onvermoë van die gesinsisteem se emosionele sisteem om aan te pas by veranderinge in die suprasisteem van die gesinsisteem. Sewe van die agt konsepte in dié benadering blyk toepaslik te wees vir die doeleindes van 'n verkenning en beskrywing van gesinsisteme waarin geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings voorkom (vgl. 5.2). Die agtste konsep in Bowen se teorie verwys na die emosionele proses in gemeenskappe, wat nie toepaslik is tydens die analise van gesinsistemiese funksionering nie (vgl. 5.2.8).

- Lae vlakke van selfdifferensiasie is teenwoordig by sowel die manlike geweldenaar as by die vroulike slagoffer van geweld. Hierdie vlakke van selfdifferensiasie manifesteer in emosionele reaktiwiteit, 'n hoë mate van fusie wat in die betrokkenes se verhoudings

teenwoordig is, uitdrukkings van sigself in terme van 'n pseudo-self en die benutting van verdedigingsmeganismes om sowel kognitiewe as gedragsprosesse te regverdig (vgl. 5.2.1, 8.4.3.1, 8.7.3.2 en 8.7.3.3).

◊ By die man manifesteer sy emosionele reaktiwiteit onder andere in gewelddadige optrede as 'n wyse waarop konflik hanteer word en onverantwoordelike optrede op grond van wat reg *voel* in 'n situasie, eerder as op grond van die *feite* van die situasie (vgl. 5.2.1, 8.4.3.1 en 8.7.3.2). Die vrou se emosionele reaktiwiteit kom voor in haar neiging tot selfblaam, die oormatige neem van verantwoordelikheid ook vir aspekte waaroor min beheer uitgeoefen kan word, huweliksluiting met 'n persoon wat sy weet geneig is tot gewelddadige optrede en die interpretering van die man se pleidooie dat sy na hom toe moet terugkeer nadat sy hom verlaat het, as 'n bewys van sy liefde vir haar (vgl. 5.2.1, 8.4.3.1, 8.7.3.1, 8.7.3.6 en 8.7.3.10).

◊ 'n Hoë mate van fusie in die geweldgekenmerkde verhouding manifesteer onder andere daarin dat die betrokkenes tot so 'n mate emosionele ineengestrengeldheid ervaar, dat hulle afhanklik is van mekaar, dink dat hulle nie sonder mekaar kan leef nie en vrees om mekaar te verloor en dat die vrou die man se gedagtes, behoeftes en gedrag kan voorspel (vgl. 5.2.1, 8.4.3.3, 8.7.3.3 en 8.7.3.8).

◊ Uitdrukkings van sigself in terme van 'n pseudo-self gekenmerk deur onverantwoordelikheid en onvolwassenheid kom by die man voor onder andere weens sy onvoorspelbaarheid, inkonsekwente optrede en skynheiligheid (vgl. 5.2.1, 8.4.3.1 en 8.7.3.2). Die vrou druk haarself uit in terme van 'n pseudo-self deur skeptisisme, woede en haat te openbaar, deur sosiale isolasie en pogings om die man se behoeftes te voorspel ten einde konflik en geweldpleging te vermy (vgl. 5.2.1, 8.4.3.1 en 8.7.3.3).

◊ Lae vlakke van selfdifferensiasie manifesteer ook in die benutting van verdedigingsmeganismes om kognitiewe en gedragsprosesse te regverdig deur die man se benutting van rasionalisering, ontkenning en projeksie, terwyl die vrou ook gebruik maak van rasionalisering en ontkenning as verdedigingsmeganismes (vgl. 5.2.1, 8.4.3.1, 8.4.3.10 en 8.7.3.2).

- Driehoekvorming word as 'n emosioneel-reaktiewe wyse benut om angs in die geweldgekenmerkde verhouding te hanteer, onder andere deur 'n kind by die verhoudingsdiaad te betrek of deur 'n persoon buite die gesinsisteem (byvoorbeeld deur middel van 'n buite-egtelike verhouding of die indriehoeking van 'n professionele diensleweraar) te benut vir die verkryging van stabiliteit deur middel van diversiteit,

eerder as deur probleemoplossing (vgl. 5.2.2, 8.7.3.5 en 8.7.4.2).

- In 'n poging om die angsvlak in die geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhouding te hanteer, word van kerngesin-emosionele prosesse gebruik gemaak om 'n balans tussen emosionele nabyheid en afstand te handhaaf (vgl. 5.2.3). Die doelbewuste skepping van emosionele afstand, huwelikskonflik en disfunksionering in die vroulike eglied word benut in 'n geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhouding as wyses om dié fusie te hanteer.
  - ◊ Huwelikskonflik en gewelddadige gedrag met die funksie om emosionele afstand te bewerkstellig vind hoofsaaklik gestalte in 'n geweldsiklus en in die herhaaldelike verlating en terugkering na die manlike geweldenaar, na afloop van 'n gewelddadige insident. Na die geweldpleging en / of verlating van die man, word emosionele afstand geskep waartydens die man pleit om vergifnis en beloftes maak om sy gedrag te staak. Die vrou interpreteer hierdie pleidooie as 'n bewys van die man se liefde vir haar, keer terug na die verhouding en 'n fase van intense emosionele nabyheid volg. Met verloop van tyd gee dié hoë mate van fusie aanleiding tot konflik, opgevolg deur geweldpleging ten einde emosionele afstand te bewerkstellig (vgl. 5.2.3, 8.4.3.9, 8.4.3.10, 8.7.3.10 en 8.7.3.11).
  - ◊ Onder andere deur middel van die man se gewelddadige gedrag, skep hy vir homself 'n posisie in die verhoudingsdiaad waar hy oorfunksioneer, terwyl die vrou gedwing word tot die opoffering van pseudo-self en tot rol-induksie deur voortdurend saam te stem met die man, oortuig te word van sy standpunt en toe te gee aan sy verwagtinge. Met verloop van tyd raak hierdie patroon van toegee aan die man tot so 'n mate gevestig in die verhouding, dat die vrou begin disfunksioneer deur die een of ander vorm van fisiese (kroniese hoofpyn, asma-aanvalle), psigiese (depressie, angs en slaaploosheid) of maatskaplike patologie (sosiale isolasie en skuheid vir ander mense) te ontwikkel. Sodoende word die patrone van oorfunksionering en onderfunksionering in die verhouding selfs verder verstewig (vgl. 5.2.3, 8.4.3.1, 8.4.3.7, 8.7.3.1 en 8.7.3.4).
- 'n Gesinsprojeksieproses waartydens die angs in die vader-moeder-diaad hanteer word deur driehoekvorming deurdat 'n kind by die spanningsvolle situasie betrek word, blyk een van die eienskappe te wees van die emosionele sisteme van gesinne waar geweldpleging teenoor die vrou in 'n saamwoon- of huweliksverhouding voorkom. Die moeder projekteer haar eie angs op 'n kind deur 'n vermeende patologie (fisies of emosioneel) by hom / haar te identifiseer. Die kind reageer angstig op die moeder se

betrokkenheid en 'n simbiotiese verhouding ontwikkel tussen die moeder en kind in 'n poging om die problematiek in die egpaar-diaad te hanteer. Sowel eksternaliserende (aggressie, ongehoorsaamheid en misdadigheid) as internaliserende gedragsprobleme (onttrekking, angs en somatiese probleme) ontwikkel dan by dié kind wat ingedriehoek is. Die gesinsprojeksieproses bied ook 'n moontlike verklaring daarvoor dat alle kinders in 'n gesinsisteem waar geweld teenoor die moeder voorkom, nie problematiese gedrag toon nie, naamlik dat dié kinders waarskynlik nie blootgestel is aan die projeksieproses nie (vgl. 5.2.4, 8.4.3.8 en 8.7.3.5).

- Vanweë die verkennende aard van hierdie ondersoek en weens die feit dat empiriese inligting alleen verkry is vanuit die perspektief van vroulike slagoffers van geweld, kan alleen gehipotetiseer word oor die teenwoordigheid van 'n multigeneratiewe oordragingsproses. Die feit dat gewelddadige gedrag teenoor vroue van die een gesinsgenerasie na die volgende oorgedra word (vgl. 5.2.5, 8.4.3.6, 8.7.3.2, 8.7.3.7) en aanduidings van lae vlakke van selfdifferensiasie wat by sowel deelnemers aan die ondersoek as by hulle manlike verhoudingsmaats se gesinne-van-oorsprong geïdentifiseer kon word (vgl. 8.7.3.7 en 8.7.3.10), sou waarskynlik kon aanleiding gee tot die hipotese dat 'n multi-generatiewe oordragingsproses in die gesinsisteme teenwoordig is. In hierdie verband behoort nie die gewelddadige gedrag *per se* nie, maar eerder die betrokkenes se vlakke van selfdifferensiasie wat beïnvloed is deur vorige generasies se emosionele sisteme en die gesinsprojeksieprosesse, as aanduiders te dien van 'n multi-generatiewe oordragingsproses wat onder andere kan aanleiding gee tot gewelddadige gedrag teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.
- In die geval van minstens twee van die deelnemers aan die kwalitatiewe onderhoudvoering, kon aanduidings verkry word dat sowel die betrokkenes se keuse van 'n huweliksmaat as die rolle wat hulle ten opsigte van hulle huweliksmaats ingeneem het, ooreenstem met dié wat geassosieer word met hulle sibbe-posisieprofiele in hulle gesinne-van-oorsprong (vgl. 8.7.3.1). Bowen se benutting van sibbe-posisieprofiele as 'n aanduiding van tipiese wyses waarop 'n persoon funksioneer (vgl. 5.2.6), blyk dus ook toepaslik te wees wanneer geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings verken en beskryf word.
- Intrapsigiese en werklike emosionele afsnyding ten opsigte van die gesinne-van-oorsprong is 'n aspek wat by sowel vroulike slagoffers van geweld as by hulle manlike verhoudingsmaats aangetref word. Intrapsigiese emosionele afsnyding word wel deur

sommige vroulike slagoffers gehandhaaf, maar dié isolasie blyk meer pertinent te wees by die manlike verhoudingsmaats wat die afstand bewerkstellig deur ongereëlde kontak met die ouers (vgl. 5.2.7 en 8.4.3.7). Ook die bewerkstelliging van werklike emosionele afstand manifesteer meer by die manlike verhoudingsmaats, onder andere deur fisiese wegbeweging vanaf die ouersubsisteme en deur die vermyding of totale verbreking van kontak met die ouers (vgl. 5.2.7, 8.4.3.7 en 8.7.3.7). Sowel die aard van die geweldpleging en die intensiteit daarvan, soos afgelei vanuit die beserings wat deelnemers aan die empiriese ondersoek aandui (vgl. 8.4.2, 8.7.2.2 en 8.7.3.4), sou waarskynlik onder andere aan die emosionele afsnyding toegeskryf kan word. Die kerngesinne van die deelnemers ontaard as't ware in emosionele kookpotte vanweë die onopgeloste konflikte met die gesinne-van-oorsprong en kan beskou word as replikas van die gesin-van-oorsprong verhoudings (vgl. 5.2.7, 8.4.3.5, 8.4.3.6 en 8.7.3.7).

- Ten spyte daarvan dat 'n multi-generatiewe benadering tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings benutbaar is vir die verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings op grond van die fokus op die emosionele sisteem van die gesinsisteem (vgl. 5.2) en dat interaksieprosesse met dienslewerende professies en instansies in die sosiaal-strukturele vlak van die samelewing beskryf word deur die konsep driehoekvorming (vgl. 5.2.2), *slaag die benadering nie daarin om ook sosio-kulturele faktore ten opsigte van geweld wat gesinsfunksionering beïnvloed, te verreken nie. Die emosionele sisteem van die gesinsisteem word as't ware geblameer vir die geweldpleging, terwyl die betrokkenes se morele verantwoordelikheid vir hulle gedrag in die gesinskonteks, opgehef word.*

9.2.4 DIE SOSIAAL-STRUKTURELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

- Die sosiaal-strukturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem vorm die suprasisteem waarbinne individue en gesinne funksioneer. Op hierdie vlak blyk 'n analise van die rol van ekonomiese en gemeenskapsrealiteite en dié wat samelewingstrukture speel ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, noodsaaklik (vgl. 2.3.4.2). Vir sodanige ontleding, behoort dus minstens aandag geskenk te word aan die ekonomiese realiteite in die samelewingskonteks waarbinne die geweldpleging voorkom, maar ook aan dienslewerende inisiatiewe, strukture en professies wat gemoeid is / behoort te wees met die

verskynsel.

- Gewelddadige gedrag teenoor vroue kom in alle sosio-ekonomiese sfere van die samelewing voor. Alhoewel 'n gebrek aan ekonomiese middele alleen nie beskou kan word as 'n *oorsaak* van gewelddadigheid nie, is dit 'n faktor wat in interaksie met 'n veelheid faktore op verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem, 'n bydraende rol kan speel tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings (vgl. 6.1). Ongeletterdheid en 'n gebrek aan formele opleiding gee onder andere aanleiding tot die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika, met 'n gebrek aan inkomste en armoede as 'n resultaat daarvan (vgl. 6.1, 8.4.1.7 en 8.7.1.6). Die effek van armoede, byvoorbeeld stres en gedepriveerdheid, dien as bydraende faktore tot gewelddadigheid in gesinsverband. Indien die vrou 'n beroep beoefen in 'n poging om die gesinsinkomste aan te vul, beleef sommige mans die magsposisie wat vroue weens die generering van inkomste verkry, as 'n bedreiging ten opsigte waarvan gereageer moet word (vgl. 6.1 en 8.7.5.1). Ongeregverdigde konflik kan in die verhouding ontstaan, wat die kans op gewelddadige konflik verhoog.
- 'n Samelewing kan sowel bydra tot die totstandkoming as tot die instandhouding van gewelddadige gedrag deur middel van oneffektiewe wetgewing, samelewingsnorme en -reëls, maar ook deur die ignorering van gewelddadige gedrag wat onder andere kan aanleiding gee tot 'n gebrek aan die nodige infrastruktuur vir die voorkoming en behandeling van 'n verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. In die Suid-Afrikaanse samelewing, bestaan etlike dienslewerende inisiatiewe, strukture en professies wat onder andere aandag skenk aan dié samelewingsverskynsel (vgl. 6.2).
  - Die Suid-Afrikaanse regering het etlike inisiatiewe aan die dag gelê om die posisie van vroue in die samelewing te verbeter. Voorbeelde van sodanige inisiatiewe sluit in die aanvaarding en goedkeuring van die Vierde Algemene Regswysigingswet (Wet 132 van 1993) waarin spesifiek aandag geskenk is aan die regsposisie van vroue, die aanvaarding en ondertekening van die *Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women* (CEDAW) gedurende 1995, die implementering van regstellende aksie wat ook insluit die doelbewuste benutting van vroue in die arbeidsmark soos vervat in hoofstuk twee van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die daarstelling van 'n Kommissie oor Geslagsgelykheid en 'n Menseregte Kommissie. Ook die formulering van die

Heropbou en Ontwikkelingsprogram op so 'n wyse dat gefokus word op die volle en gelyke rol wat vroue kan vervul in elke aspek van die Suid-Afrikaanse ekonomie en gemeenskap en die daarstelling van Handves vir Vroue in Suid-Afrika (*Women's Charter of South Africa*) wat die klem plaas op die positiewe en ware verteenwoordiging van vroue in die media, dien as voorbeelde van regeringsinisiatiewe om die posisie van vroue in die samelewing te verbeter. Gratis gesondheidsorg word ook tans deur die Regering beskikbaar gestel aan swanger vroue in Suid-Afrika. Meer spesifiek ten opsigte van vroulike slagoffers van geweld, is die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) geformuleer en in werking gestel en is die *Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie* (NMVS) gedurende 1995 deur die Suid-Afrikaanse regering geïnisieer, waaruit 'n *Bemagtigingsprogram van Slagoffers* voortgevloei het. Hierdie regeringsinisiatiewe het as katalisators gedien vir die ontwikkeling van privaat-dienslewerende strukture en -organisasies, byvoorbeeld die *Nasionale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* en in elkeen van die provinsies, 'n *Provinsiale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* (vgl. 6.2.1). Ten spyte van hierdie wetgewing, kommissies, programme en strukture, is regeringsubsidiëring vir die daarstelling en instandhouding van die nodige infrastruktuur om aan die doel van elkeen uitvoering te gee nie genoegsaam nie. So byvoorbeeld is geen hulpsentrums vir slagoffers van geslagsverwante misdade tot op datum deur die regering tot stand gebring nie en word slegs een maatskaplikewerkpos by een van die 30 skuilings vir mishandelde vroue in Suid-Afrika, statutêr gesubsidieer.

- Weens die maatskaplikewerkprofessie se verbintenis tot die benutting van maatskaplikewerkmetodes en -tegnieke om probleme te voorkom, te verlig of uit die weg te ruim met die doel om die maatskaplike funksionering van die kliëntesisteem te bevorder (vgl. 1.7.5), behoort Maatskaplike Werk een van die mees betekenisvolle rolspelers te wees in sowel die voorkoming as behandeling van geweld en die slagoffers daarvan. Gepas word aan die maatskaplikewerkprofessie in die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1996:12) die opdrag gegee om maatskaplikewerkbeleid en -programme daar te stel wat geslagsensitief is en wat die spesifieke behoeftes en probleme van vroue aanspreek. Vanweë die Departement van Welsyn se betrokkenheid by die Bemagtigingsprogram van Slagoffers, word tans gewerk aan 'n sogenaamde vyfjaarplan wat onder andere daarop gemik is om mishandeling van

vroue te beveg (Verslag van die Departement van Welsyn vir die jaar 1995-1996:9). Naas dié staatsdepartement, figureer twee private welsynsinstansies in die gemeenskap wat onder andere deur die uitvoering van die beginsels van die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie, spesifiek gemoeid is met die lot van mishandelde vroue (vgl. 5.2.2), te wete *People Opposing Women Abuse* (POWA) en die Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO).

◊ POWA is 'n privaat-, spesialiswelsynsorganisasie wat sigself primêr bemoei met geweld teenoor vroue in Suid-Afrika. Alhoewel beskik word oor 'n klein personeelkorps en beperkte finansiële ondersteuning deur die Staat, word gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk gebruik ten einde geweld teenoor vroue in Suid-Afrika te probeer voorkom, terapeuties by die slagoffers en hulle gesinne betrokke te raak en die betrokkenes te ondersteun. Die direkte dienslewering word ondersteun deur deurlopende navorsing en die byhou van 'n hulpbronsentrum (vgl. 6.2.2.1).

◊ NIMRO se *Ondersteuning van Mishandelde Vroue-projek* is spesifiek gemik op voorkoming, beïnvloeding en formulering van beleid, beradings- en ondersteuningsdienste ten opsigte van vroulike slagoffers van geweld. Ten spyte van 'n beperkte personeelkorps en ondersteuning deur die Staat, is hierdie organisasie verbind tot die voorkoming van geweld teenoor vroue, ondersteuning van slagoffers van geweld en die opleiding van betekenisvolle rolspelers (byvoorbeeld maatskaplike werkers en polisiebeamptes) ter wille van verbeterde dienslewering aan vroulike slagoffers van geweld.

- Naas dienslewering deur algemene mediese praktisyns, word maatskaplikewerkdienslewering hoofsaaklik deur deelnemers aan hierdie studie benut ten einde hulle situasie die hoof te bied (vgl. 8.4.4.1 en 8.7.4.1). Maatskaplikewerkdienslewering word meesal as positief en ondersteunend ervaar (vgl. 8.4.4.2). Tog word gevalle van onbevredigende optrede deur maatskaplike werkers tydens 'n studie deur Van der Hoven (1989:55-57) en deur enkele deelnemers aan hierdie studie (vgl. 4.6.1, 8.4.4.2 en 8.7.4.2), gerapporteer. Voorbeelde van sodanige optrede sluit in dat maatskaplike werkers beleef is as persone wat nie omgee nie, die dienslewering word geëvalueer as onvoldoende, oneffektief, gekenmerk deur emosionele afstand en onbetrokkenheid en driehoekvorming word gerapporteer, waartydens 'n maatskaplike werker waarskynlik

by die gesinsisteem se emosionele proses betrek is vir die verligting van die angs in die egpaarsubsisteem.

- Wanneer die aard, omvang, frekwensie en intensiteit van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings in ag geneem word (vgl. 1.1, 3.2, 8.4.2, 8.7.2.2 en 8.7.3.4) en hierdie faktore in verband gebring word met die getal skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders en die verspreiding daarvan volgens die provinsies in Suid-Afrika (vgl. 6.2.3), blyk die dertig skuilings wat beskikbaar is, nie te voldoen aan die behoefte nie. (Vgl. ook die bespreking in 8.7.6.) Skuilings bied nie alleen 'n veilige toevlug vir mishandelde vroue nie, maar dien ook as 'n plek waar slagoffers, saam met vroue wat sigself in soortgelyke situasies bevind, dienslewering kan ontvang wat daarop gerig is om hulle teen voortslepende geweld te beskerm, hulle die geleentheid te bied om ingeligte besluite ten opsigte van die toekoms te neem en waar die betrokkenes bemagtig word om effektief buite die skuiling te kan funksioneer (vgl. 6.2.3). Die feit dat al die deelnemers aan die vraelysondersoek wat van die dienste van 'n skuiling gebruik gemaak het dié dienslewering as positief en ondersteunend beleef het (vgl. 8.4.4.2), dui daarop dat ten spyte van gebrekkige staatssubsidiëring, beperkte infrastruktuur en klein personeelkorpse, effektief deur bestaande skuilings daarin geslaag word om aan die gebruikers van die diens, se verwagtinge te voldoen.
- Alhoewel wetgewing bestaan om gesinsgeweld te voorkom en die regsprofessie beskikbaar is vir dienslewering aan dié betrokkenes (vgl. 6.2.4.1, 6.2.4.2, 6.2.4.3 en 6.2.4.4), word die bestaande wetgewing, die beskikbare infrastruktuur vir effektiewe regspleging en regsamptenare, in ooreenstemming met die bespreking in die literatuurstudie, hoofsaaklik as negatief deur die deelnemers aan hierdie studie geëvalueer (vgl. 8.4.4.2 en 8.7.4.2).
  - ◊ Die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) dien as 'n aanduiding van die gemeenskap, politici en die regstelsel se erkenning van die bestaan van gesinsgeweld, die noodsaak daarvan dat die verskynsel aangespreek moet word en die verwerping daarvan deur die daarstel van strafsanksies teenoor die geweldenaar (vgl. 6.2.4.1). Dié wet lewer egter 'n beperkte bydrae tot die voorkoming en uitwissing van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, onder andere vanweë 'n gebrek aan 'n omvattende, operasionele definisie van geweld (vgl. 6.2.4.1), 'n gebrek aan effektiewe

infrastruktuur en wanbenutting van die bestaande infrastruktuur om die implementering van dié wet effektief te ondersteun (vgl. 6.2.4.1 en 8.7.4.2) en weens die feit dat juis hierdie wet, wat bedoel is om vroulike slagoffers van geweld te beskerm, benut kan word deur manlike geweldenaars om die vroue verdere emosionele leed aan te doen (vgl. 8.7.4.2).

◊ Die Handves van Regte in hoofstuk twee van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), bied implisiet beskerming teen sowel fisiese as emosionele geweldpleging deur 'n manlike verhoudingsmaat. Vanweë die oorkoepelende aard van die Grondwet en weens die feit dat dié wet as't ware die gees en implikasies van alle ander wette in die land bepaal (vgl. 6.2.4.2), behoort dit as 'n selfs magtiger regsmiddel tot die beskikking van vroulike slagoffers van geweld beskou te word as wat die geval is met die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993). Die bewyslas dat 'n persoon se menseregte geskend is, lê egter by die klaer en wanneer in ag geneem word dat die gesinsisteem waarin geweldpleging teenoor die vrou voorkom neig na geslotenheid en dat fisiese beserings nie teenwoordig is in gevalle van emosionele geweldpleging nie, is dit onwaarskynlik dat 'n vroulike slagoffer van geweld sal kan bewys dat een of meer van haar fundamentele menseregte geskend is deur die manlike geweldenaar.

- Die Suid-Afrikaanse regstelsel maak binne die konteks van 'n aantal beperkinge, daarvoor voorsiening dat geweldpleging deur 'n manlike verhoudingsmaat daartoe aanleiding gee dat die vroulike slagoffer haarself deur die benutting van geweld verdedig. Indien die vrou se verdediging van sigself lei tot die dood van die oorspronklike aanvaller, is twee regsweë, naamlik noodweer en provokasie tot die betrokkene se beskikking as wyses van verweer teen 'n moord-aanklag.

◊ Noodweer verwys na volkome verweer onder andere in gevalle waar 'n slagoffer van gesinsgeweld 'n teenreaksie toon op die geweldenaar se gedrag deur die oorspronklike geweldenaar aan te val en hom dan dood. Die vroulike slagoffer van geweld kan alleen noodweer benut as verweer teen 'n klag van moord, as haar gedrag wat tot die dood van die geweldenaar aanleiding gegee het plaasgevind het ten tye van 'n aanval op haar, as sy geen ander gedragsalternatief gehad het om die situasie die hoof te bied nie en as die intensiteit van die gedrag wat sy geopenbaar het, in verhouding was met dié van die manlike geweldenaar. Die vrou word egter beskou as die aanvaller wat uit weerwraak optree wanneer sy, nadat sy by herhaling

aan 'n geweldsiklus blootgestel was (vgl. 3.4, 8.4.3.10, 8.7.3.3 en 8.7.3.10) en dus oor die vermoë beskik om die manlike geweldenaar se gedrag te voorspel (vgl. 8.7.3.3), haar as't ware by voorbaat fisies verdedig ten einde sy aanval af te weer (vgl. 6.2.4.3).

◊ Provokasie verwys na enige gedragsvorm ('n daad of die versuim om 'n sekere daad uit te voer) wat daartoe aanleiding gee dat 'n persoon 'n ander persoon doodmaak en kan as verweer benut word tydens 'n moordverhoor deurdat die invloed van die omstandighede waarbinne die moord voorgekom het op die toerekeningsvatbaarheid van die beskuldigde, deur die hof in ag geneem word. Vir hierdie doel word onder andere van spesialis-getuienis in howe gebruik gemaak ten einde wetenskaplik-gefundeerde getuienis ten opsigte van die verskynsel wat tot moord aanleiding gegee het te lewer, met die oog op die skepping van redelike twyfel oor die toerekeningsvatbaarheid van die beskuldigde (vgl. 6.2.4.3).

- Die regsprofessie se reaksie op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings is negatief en onproduktief en dra by tot die sekondêre viktimisering van die vroulike slagoffer deurdat die tradisioneel-ongelyke magsverspreiding tussen man en vrou en die stereotipe rolle binne 'n liefdesverhouding, steeds die regstelsel en die gebruikers van die diens, beïnvloed (vgl. 6.2.4.4, 8.4.4.2 en 8.7.4.2). Toepaslike opleiding van regsamptenare ten opsigte van sowel geslagsensitisering as kennis van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as 'n maatskaplike verskynsel, blyk noodsaaklik te wees.
- Die polisiediens en polisiebeamptes se gebrekkige kennis oor geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as samelewingsverskynsel, hulle huiwering en weiering om uitvoering te gee aan die beginsels van die wet weens negatiewe persepsies ten opsigte van verhoudings- en huweliksgeweld en die reaktiewe, eerder as proaktiewe aard van die polisiediens se reaksie op klagtes van geweldpleging teen 'n manlike verhoudingsmaat, dra by tot die sekondêre viktimisering van die vroulike slagoffers van sodanige geweld (vgl. 6.2.5, 8.4.4.2 en 8.7.4.2). Hieruit blyk dit dat polisiebeamptes opleiding behoort te ontvang oor sowel geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as maatskaplike verskynsel, as oor toepaslike reaksies tydens die ondersoek van klagtes in hierdie verband.
- Vroulike slagoffers van geweld se belewenisse van dienslewering deur geestelike

werkers is in die literatuurstudie (vgl. 4.6.1), tydens die vraelysondersoek (vgl. 8.4.4.2) en tydens die kwalitatiewe onderhoude (vgl. 8.7.4.2, 8.7.4.2 en 8.7.5.2) as negatief aangedui. Hierdie belewenis word toegeskryf daaraan dat geestelike werkers die vroue aanmoedig om in die geweldgekenmerkde verhoudings te bly, te veel klem geplaas word op hulle rolle en verantwoordelikhede as vrou en moeder en as behouers van die gesinseenheid en dat die vrou se plig om haar man in liefde te lei tot aanvaarbare gedrag, oorbeklemtoon word. Vanweë die geweldgekenmerkde aard van die saamwoon- of huweliksverhouding, word mislukking in die uitvoering van die opgelegde take deurlopend ervaar en word skuldgevoelens deur die geestelike werkers geskep deurdat beleef word dat nie effektief uitvoering gegee word aan die take wat deur God aan die slagoffers opgelê word nie. Die noodsaak daarvan dat geestelike werkers gesensitiseer behoort te word ten opsigte van dié vroue se belewenisse van die dienslewering en van kennis oor geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as maatskaplike verskynsel, blyk duidelik.

9.2.5 DIE SOSIO-KULTURELE VLAK VAN DIE EKOLOGIESE ONTLEDINGSISTEEM

- Die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem vorm die konteks (suprasisteem) waarbinne sosiale strukture, gesinne en individue funksioneer en beïnvloed dus die funksionering van elk van hierdie aspekte. Uiteraard word dié ontledingsvlak ook beïnvloed deur die funksionering van sy subsisteme (individue, gesinne en sosiale strukture). Vir die doeleindes van 'n ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, behoort 'n sosio-kulturele analise elemente soos seksisme, geslagsrolstereotipering, norme met betrekking tot die huwelik en gesin, die algemene aanvaarding van geweld en die invloed van mites met betrekking tot geweld teenoor vroue, in te sluit (vgl. 2.3.4.2).
  - Seksisme verwys na die sosio-kulturele siening dat mans meerderwaardig is aan vroue, is 'n resultaat van 'n patriargale samelewingsbestel en juis hierdie vermeende meerwaardigheid, word gebruik om die benutting van geweld teenoor vroue ten einde hulle gedrag te beheer, te regverdig (vgl. 7.1). Seksisme blyk sowel 'n aanleidende as instandhoudende faktor te wees in gesinne waar geweld teenoor vroue voorkom en vind onder andere neerslag in die verdediging van manlike outoriteit (vgl. 7.1, 8.4.3.2,

8.4.5.1 en 8.7.5.2), kompulsiewe manlikheid (vgl. 7.1 en 8.7.3.9), ekonomiese beperkinge en diskriminasie ten opsigte van vroue (vgl. 7.1 en 8.7.5.1). Ook vind seksisme neerslag deur kinderversorgingstake en -verantwoordelikhede aan die vrou op te dra (vgl. 7.1, 8.4.3.2, 8.4.5.1, 8.7.3.11 en 8.7.5.1), die mite dat kinders nie effektief deur slegs een ouer opgevoed kan word nie (vgl. 7.1, 8.4.5.1 en 8.7.5.1) en deur die beklemtoning van die vrou se rol as eggenote vir haar man (vgl. 7.1, 8.4.5.1, 8.7.3.10, 8.7.3.11 en 8.7.5.1). Negatiewe selfbeoordeling deur vroue (vgl. 7.1 en 8.7.5.1), 'n siening dat vroue soos kinders behandel moet word (vgl. 7.1, 8.4.3.2, 8.7.3.9 en 8.7.5.1), die manlike oriëntasie van die regstelsel (vgl. 6.2.4.1, 6.2.4.4 en 7.1) en die uitlewing van seksisme in die leringe van die kerk (vgl. 7.1, 8.4.5.1, 8.7.4.2 en 8.7.5.1), dien as verdere voorbeelde van 'n seksistiese samelewingsbestel wat nie alleen aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue nie, maar wat ook daartoe lei dat vroue in geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhoudings aanbly, of daarheen terugkeer nadat die man verlaat is.

⇨ Geslagsrolstereotipering verwys na algemeen-aanvaarde en eng-gedefinieerde rolle en gedragsaspekte wat as toepaslik vir 'n bepaalde geslag bestempel word. Deur middel van geslagsrolstereotipering word seksisme ontwikkel, deurdat die rolle en gedrag wat as tipies van mans bestempel word, deur middel van seksisme 'n meerderwaardige en gesaghebbende kwaliteit verkry op grond waarvan vroue as minderwaardig en onderdanig beskou word. Ten spyte van die beslissende rol in die ontwikkeling van geslagsrolle wat teweeg gebring word deur biologiese verskille tussen man en vrou waardeur onder andere 'n verskil in reproduktiewe funksie bepaal word, gee snelle samelewingsverandering aanleiding tot ingrypende veranderinge met betrekking tot geslagsrolle in die gesinsisteem. Veral die Industriële Revolusie, die toetrede van die vrou tot die arbeidsmark, 'n kleiner kindertal en die hoër lewensverwagting as 'n resultaat van ontwikkelinge op wetenskaplike gebied, het daartoe aanleiding gegee dat vroue 'n al groter nie-tradisionele rol as mede- en selfs alleenbroodwinners in sommige gesinne, begin inneem (vgl. 7.2). Rolbotsing, rolverwarring en ambivalensie word sodoende bewerkstellig binne die gesinskonteks, aangesien die man se tradisionele rolle as broodwinner, voorsiener in materiële gesinsbehoeftes, die maker van reëls en as gesinshoof sodoende bedreig word (vgl. 7.2, 8.4.3.2, 8.4.5.1 en 8.7.5.1). Sommige mans benut dan geweld as *uiterste hulpbron* teenoor hulle saamwoon- of huweliksmaats met die doel om aan sosio-kulturele, stereotipe geslagsrolverwagtinge te voldoen, maar

ook om 'n rigiede, nie-progressiewe gesinsekwilibrium te bewerkstellig en te handhaaf. Geslagsrolstereotipering beïnvloed egter ook die vroulike slagoffer van geweld, aangesien sy vanweë die sosio-kulturele beklemtoning van haar rol as vrou en moeder, verplig voel om by die manlike geweldenaar te bly of na hom toe terugkeer nadat sy hom verlaat het, ten einde uitvoering te gee aan haar geïnternaliseerde, stereotipe geslagsrolverwagtinge (vgl. 8.4.3.10, 8.7.3.11, 8.7.5.1 en 8.7.5.2).

- Veral twee norme met betrekking tot die huwelik en gesin, naamlik dat vroue en kinders die eiendom van mans is en norme oor kinderopvoeding en geslagsrolstereotipering, speel sowel bydraende rolle tot die totstandkoming as tot die instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings (vgl. 7.3). Die norm dat die vrou die besitting van haar man is en derhalwe deur hom tereggewys mag word, selfs deur die benutting van geweld, word beskou as een van die mees fundamentele eienskappe van die Swart kultuur. Veral betekenisgewing aan *bohadi* en *lobola*, naamlik dat die man 'n bruidskat betaal het en sy vrou sodoende van haar familie gekoop het, dra oënskynlik daartoe by dat geweld gebruik word en as gesanksioneerd beskou word wanneer pogings aangewend word om beheer oor die vrou se gedrag te verkry en te handhaaf (vgl. 5.1.3.3, 7.3 en 8.7.5.1). Ook huweliksbeloftes na aanleiding van onder andere die Huweliksformulier van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, plaas die klem op die man se posisie as hoof oor die vrou, as die een wat haar moet lei, onderrig en onderhou, terwyl die vrou se belofte gehoorsaamheid, onderdanigheid en gedienstigheid aan haar man impliseer (vgl. 7.3). Juis hierdie beklemtoning van die man se rol as hoof oor sy vrou en die vrou se onderdanigheid aan die man, gee daartoe aanleiding dat mishandelde vroue in die gewelddadige verhoudings aanbly of daarheen terugkeer nadat die man verlaat is (vgl. 8.4.3.10 en 8.7.3.11) en die gewelddadige gedrag word dus as't ware in stand gehou deur die sosio-kulturele norme wat geassosieer word met die man se eiendomsreg van sy vrou. Voorts kan konflik en gewelddadige gedrag in 'n saamwoon- of huweliksverhouding ontstaan wanneer beleef word dat die vrou nie haar primêre rol as moeder vervul nie, onder andere weens haar betrokkenheid in die arbeismark en deurdat die man se posisie as broodwinner, bedreig word (vgl. 7.3, 8.4.3.2, 8.4.5.1 en 8.7.5.1). Sodoende word nie uitvoering gegee aan die sosio-kulturele norme oor kinderopvoeding en geslagsrolstereotipering nie en sou geweld as *uiterste hulpbron* benut kon word om die vrou te dwing tot rolvervulling en onderdanigheid aan die man.
- Die algemene aanvaarding van geweld vind onder andere neerslag daarin dat

gewelddadige gedrag gesanksioneerd benut word as 'n wyse om sosiaal-aanvaarbare doelstellings te bereik, in die samelewing se keuse van helde, die figurering van geweld in strokiesprente, kinderrympies en kinderverhale en as 'n tema in rolprente en televisieprogramme wat aangewend word as 'n wyse van vermaak. Weens die hoë blootstelling aan geweld, word die samelewing as't ware gedesensitiseer ten opsigte van die verskynsel en word die maatskaplike resultate daarvan geïgnoreer. Die verskynsel word aanvaar en verwag as deel van die samelewingsbestel, wat waarskynlik ook daartoe aanleiding gee dat die erns van geweldpleging teenoor vroue deur dienslewerende professies en strukture wat daarby betrokke behoort te wees, geminimaliseer en ontken word (vgl. 7.4, 8.4.5.1, 8.7.5.1, 8.7.5.2 en 8.7.6, 4.6.1, 8.4.3.10 en 8.7.3.11).

- Die vernaamste mites met betrekking tot geweld teenoor vroue wat 'n bydrae lewer tot sowel die totstandkoming as die instandhouding van sodanige geweld, sluit in dat vroulike slagoffers die gewelddadige gedrag uitlok en dus self vir hulle situasie verantwoordelik is (vgl. 7.5 en 8.7.5.2), die beskouing dat gewelddadige gedrag deel is van die man se menswees en dus 'n integrale deel van die samelewingsbestel is (vgl. 7.5 en 8.7.5.2) en dat die feit dat soveel vroue in geweldgekenmerkde verhouding aanbly, impliseer dat hulle die geweld geniet (vgl. 7.5). Deur middel van hierdie mites word 'n verskeidenheid faktore op elkeen van die vlakke in die ekologiese ontledingsisteem wat dit vir die vrou moeilik maak om haar man te verlaat en druk op haar plaas om na die man terug te keer na verlating (vgl. 3.4, 4.6.1, 5.1.3.1, 8.4.3.10, 8.7.3.11, 8.7.4.2, 8.7.5.1 en 8.7.5.2), verontagsaam.

9.2.6 TAKE VAN DIE MAATSKAPLIKEWERKPROFESSIE WAT VOORTVLOEI UIT 'N EKOLOGIESE BENADERING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

- Vanweë beskikking oor gemeenskapsanksie, bestaande infrastruktuur en praktisyns wat oor 'n unieke kennisraamwerk, vaardighede en 'n ontwikkelingsgerigte gesindheid beskik, is Maatskaplike Werk dié professie wat gemoeid behoort te wees met 'n maatskaplike verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Deur beskikking oor sowel die primêre (gevallewerk, maatskaplike groepwerk en gemeenskapswerk en -ontwikkeling) as die sekondêre maatskaplikewerkmetodes

(navorsing, bestuur, supervisie en opleiding), kan die professie unieke bydraes lewer ten opsigte van voorkoming (deur middel van verrykings- en ontwikkelingsprogramme), behandeling (terapeutiese dienslewering gerig op rehabilitering en hulpbronontwikkeling), voortgesette navorsing, beleidsbeïnvloeding en waar nodig, statutêre intervensies ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. (Vgl. ook die bespreking in 9.3 vir 'n meer gedetailleerde uiteensetting van hierdie take van die maatskaplikewerkprofessie.)

9.2.7 DOELBEREIKING EN BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAE

Na aanleiding van die bostaande gegewens, word tot die gevolgtrekking geraak dat die doel van die navorsing bereik is, naamlik dat daarin geslaag is om deur middel van 'n verkennende en beskrywende ondersoek 'n ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings daar te stel, sodat wetenskaplik-gefundeerde hulpverlening op die verskynsel afgestem kan word. In die ondersoek kom dit duidelik na vore dat ten einde 'n holistiese begrip te kan vorm van 'n komplekse verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, wegbeweeg moet word van liniêre *oorsaak-gevolg* analises na 'n meer omvattende, sirkulêre ontleding van die verskynsel vanuit 'n ekologiese benadering. Op grond van sodanige teoretiese begronding, kan maatskaplikewerk-hulpverlening plaasvind wat gerig is op sowel die voorkoming as die behandeling van die verskynsel deur intervensieprogramme te ontwikkel en te implementeer wat gefokus is op die beïnvloeding van spesifieke vlakke in die ekologiese ontledingsisteem.

Ook die navorsingsvrae is deur middel van die studie beantwoord, deurdat;

❶ vorme van fisiese en emosionele geweldpleging wat teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings voorkom geïdentifiseer is (vgl. 3.2, 8.4.2 en 8.7.2) en 'n beskrywing gebied is van die invloed van die geweldpleging op die maatskaplike funksionering van die individuele slagoffer (vgl. 4.2, 4.4, 4.6, 8.4.3 en 8.7.3) en die gesinsisteem waarbinne dit voorkom (vgl. 5.1, 5.2, 8.4.3 en 8.7.3),

❷ 'n analise gedoen is van die faktore in elk van die vier vlakke van die ekologiese ontledingsisteem wat aanleiding gee tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en die instandhouding daarvan, maar ook van die wedersydse beïnvloeding van die faktore ten opsigte van mekaar (vgl. 9.2.2, 9.2.3, 9.2.4, 9.2.5 en 9.2.6),

❸ ondersteuningstelsels en -dissiplines wat in Suid-Afrika beskikbaar is vir die slagoffers van geweld en die res van die gesinsisteem geïdentifiseer is (vgl. 6.2, 8.4.4.1 en 8.7.4.1) en 'n analise gedoen is van hoedat die slagoffers die beskikbare ondersteuning beleef (vgl. 8.4.4.2 en 8.7.4.2), en deurdat

❹ take van die maatskaplikewerkprofessie (voorkoming, behandeling, navorsing, beleidsbeïnvloeding en statutêre intervensies) wat vanuit 'n ekologiese benadering tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings voortvloei (vgl. 9.2.6), geïdentifiseer is.

Deur middel van die beantwoording van die navorsingsvrae, is die navorsingsprobleem ontsluit, deurdat 'n analise gedoen is van die wedersydse beïnvloeding van faktore op die individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke van die ekologiese ontledingsisteem wat vermeend aanleiding gee tot geweld en die instandhouding daarvan teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en kon 'n bepaling gedoen word van watter implikasies hierdie wedersydse beïnvloeding vir maatskaplikewerkhulpverlening het.

9.3 AANBEVELINGS

Aanbevelings wat gedoen word, word in ooreenstemming en met inagneming van die huidige ontwikkelinge, die paradigmaverskuiwing, beperkte beskikking oor finansiële bronne en die bestaande infrastruktuur van die maatskaplikewerkprofessie, gedoen. Bewustheid bestaan ten opsigte van die Suid-Afrikaanse regering se verbintenis tot geslagsgelykheid en die uitwissing van enige vorm van diskriminasie teenoor vroue en die aanbevelings word gedoen in ooreenstemming met die gees van hierdie verbintenis.

9.3.1 PRAKTYK

Maatskaplikewerkhulpverlening ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, behoort gerig te wees op elk van die vlakke van die ekologiese ontledingsisteem. Sodoende kan 'n holistiese, sirkulêre hulpverleningsbenadering ten opsigte van dienslewering aan die geweldenaar, slagoffer (en hulle kinders) en met betrekking tot geweld as 'n samelewingsverskynsel, gehandhaaf word. Meer spesifiek, word enkele aanbevelings met betrekking tot die maatskaplikewerkpraktyk gemaak ten opsigte van die drie primêre maatskaplikewerkmetodes.

- Gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling behoort benut te word vir die ontwikkeling en implementering van maatskaplikewerkprogramme wat sowel implisiet as eksplisiet gerig is op die ***voorkoming*** van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Aggressiewe bewusmakingsprogramme kan onder andere deur die massamedia, inligtingsessies, gemeenskapsmobilisering en maatskaplike groepwerk geloods word as strategieë vir hierdie gemeenskapsintervensies. Deur enkele toepaslike klem- en nuanseverskille in sodanige programme in te sluit, behoort jong kinders, adolessente, volwassenes, bejaardes, die formele en informele besigheidsektor, maar ook dienslewerraars wat gemoeid is met sowel die voorkoming as die behandeling van die verskynsel, as teikengroepe te dien. Hooftemas wat in die voorkomingsprogramme ingesluit behoort te word, sluit onder andere die volgende in:
  - Publieke bewustheid behoort deur middel van inligtingoordraging geskep te word ten opsigte van die voorkoms en intensiteit van die verskynsel, die feit dat gewelddadige gedrag teenoor andere grondwetlik verbied word en dus 'n misdaad is en die beskikbaarheid van en wyses vir die toepaslike benutting van dienslewerende strukture en professies. Hierdie bewusmakingsprogramme behoort sigbaar ondersteun te word deur voortsetting en uitbreiding van bestaande pogings deur die polisiediens en regstelsel om geweldenaars verantwoordelik en aanspreeklik te hou vir hulle kriminele gedrag.
  - Geslagsensitiseringsprogramme behoort klem te plaas op die uniekheid van elke geslag en wedersydse beïnvloeding en aanvulling van die geslagte ten opsigte van mekaar met die oog op persoonlikheidsontwikkeling, die ontwikkeling van selfrespek en respek vir andere, selfvertroue en 'n positiewe selfbeeld.
  - Houdingsveranderinge met betrekking tot die normaliteit, geïmpliseerde onvermydelikheid en die uitwissing van die algemene aanvaarding van die benutting van geweld as 'n gelegitimeerde wyse om sosiaal-aanvaarbare gedrag tot stand te bring en te handhaaf, behoort bewerkstellig te word, sodat 'n sosio-kultuur van onverdraagsaamheid ten opsigte van gewelddadige optrede ontwikkel kan word.
  - Effektiewe intergenerasionele kommunikasie vir die skepping van 'n veilige gesinsatmosfeer en nie-gewelddadige wyses van konflikhantering en die bylê van geskille, behoort 'n integrale deel te vorm van lewensvaardigheidsopleidingsprogramme.
- Sowel die regering as die privaatsektor behoort individueel, maar ook as vennote beïnvloed te word tot die loodsing van doelbewuste, gekoördineerde en volhoubare werkskeppingsinisiatiewe en entrepeneurskapsontwikkeling waardeur gemeenskappe

gemobiliseer word tot die bekamping van armoede, die bewerkstelliging en handhawing van 'n hoër lewenstandaard en waardeur vroue se ekonomiese afhanklikheid van mans verminder kan word. Binne 'n konteks van skaars hulpbronne, behoort 'n ekologiese benadering benut te word vir behoefte-assessering, sodat beplanning en implementering van sodanige projekte aanvanklik geloods word in gemeenskappe waar 'n hoër vlak van ekonomiese deprivasie teenwoordig is.

- Gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling behoort as ***rehabiliterende*** intervensiemetodes benut te word vir die daarstelling en instandhouding van die nodige infrastruktuur of omskepping van bestaande infrastruktuur, byvoorbeeld skuilings vir mishandelde vroue en hulle kinders en die ontwikkeling van krisissentrums (sogenaamde *"drop-in centres"*) in elke dorp en stad in die Republiek van Suid-Afrika, wat deur slagoffers van geweld benut kan word as toeganklike en veilige toevlugsoorde. Die regering behoort nie alleen vir die daarstelling en omskepping van hierdie infrastruktuur verantwoordelik gehou te word nie, maar 'n sosio-kultuur van medeverantwoordelikheid en samewerking tussen die regering en nie-regeringsorganisasies behoort geskep te word vir die beskikbaarstelling van gemeenskapsontwikkelingsfondse, vir hierdie doel.

- Maatskaplike groepwerk word aanbeveel as 'n benutbare metode vir sowel die ***voorkoming*** as ***behandeling*** van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, aangesien teikengroepe se homogene terapeutiese, onderrig- en ontwikkelingsbehoeftes sodoende koste-effektief aangespreek kan word.
  - Opvoedkundige groepe behoort 'n integrale deel te vorm van gemeenskapswerk- en gemeenskapsontwikkelingsprogramme wat gerig is op geslagsensitisering, die aanleer van lewensvaardighede en inligtingoordraging. Teikengroepe wat by opvoedkundige groepe betrek sou kon word, sluit in jong kinders, adolessente, volwassenes, ouers en bejaardes. Ook professionele persone soos onderwysers, polisiebeamptes, regsbeoefenaars, predikante, medici en paramedici wat gemoeid is met dienslewering aan slagoffers en die voorkoming van geweld, sou deur middel van opvoedkundige groepe gesensitiseer kon word. Uiteraard behoort sodanige groepwerk ook van nut te wees vir bestuurspersoneel by sowel regerings- as nie-regeringsinstellings en vir die werknemers by sodanige instansies en sou die verskynsel een van die temas kon wees wat in werknemerhulpprogramme kan figureer.
  - Indien logisties uitvoerbaar, behoort maatskaplike groepwerk van 'n terapeutiese aard gedoen te word met slagoffers van geweld, maar ook met geweldenaars in 'n poging om

insigontwikkeling, gedragsverandering, verantwoordelike bemagtiging en 'n konteks vir maatskaplike ondersteuning, teweeg te bring.

- Gevallewerk deur middel van die benutting van individuele hulpverlening, maar ook deur gesinsterapie, word met voorbehoud aanbeveel as 'n ***rehabiliterende*** intervensiestrategie in gevalle waar geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings voorkom.
  - Tydens individuele hulpverlening aan die vroulike slagoffer van geweld, behoort die intervensies primêr gefokus te wees op 'n assessering van die vrou (en haar kinders) se onmiddellike situasie, die vermindering van blootstelling aan voortgesette aanrandings en beserings en beplanning vir beskerming in die toekoms. Indien toepaslik, sou krisisingryping onder andere kon insluit dat gefokus word op die betrokkene se onmiddellike situasie, haar emosionele belewenis van die situasie en intervensie in die situasie, wat verwysing na en konkrete hulp met die verkryging van onder meer toepaslike alternatiewe verblyf, regshulp en (para-)mediese dienste sou kon insluit. Uiteraard behoort die maatskaplike werker te beskik oor sowel kennis van, as 'n bekendheid met die netwerk van toepaslike verwysingsbronne.
  - Nadat die aanvanklike krisis afgeweer is en die betrokkene in 'n situasie van relatiewe veiligheid verkeer, word terapeutiese toetrede met die oog op die rasionele hantering van kognitiewe prosesse en verdedigingsmeganismes, die verbetering van bestaande en die ontwikkeling van nuwe selfhandhawingsvaardighede en doelgerigte intervensies met die oog op die ontwikkeling van 'n realistiese selfkonsep, aanbeveel. Voorts behoort gewaak te word teen blote insigontwikkeling as 'n intervensiestrategie, maar aandag moet doelbewus geskenk word aan konkrete hulpverlening, gedragsverandering en ondersteuning van inisiatiewe wat aan die dag gelê word om die situasie te verander, sodat die betrokkene nie beleef dat sy oorgelaat word aan haar eie, beperkte hulpbronne nie. Intervensies met die oog op die verhoging van die slagoffer se funksionele vlak van selfdifferensiasie, ontdriehoeking en 'n verhoogde mate van kognitiewe reaktiwiteit, behoort eers geloods te word wanneer 'n bevredigende mate van sekerheid ten opsigte van die betrokkene (en haar kinders) se fisiese veiligheid bestaan.
  - Tydens individuele hulpverlening aan manlike geweldenaars, behoort klem gelê te word op die wysiging van irrasionele kognitiewe prosesse, die konkrete beredenering van verdedigingsmeganismes en doelgerigte intervensies met die oog op impulsbeheer en gedragsverandering. Die betrokkene se realiteitsbegrip, naamlik dat sy gedrag 'n misdaad is wat strafbaar is, behoort doelbewus ontwikkel te word. Indien toepaslik,

behoort die man ook verwys te word na beskikbare dienslewerende professies en strukture wat hom kan ondersteun en begelei in sy proses van gedragsverandering. Nadat aandag geskenk is aan die betrokkene se onmiddellike maatskaplike behoeftes, kan intervensies gerig word op die verhoging van sy funksionele vlak van selfdifferensiasie, ontdriehoeking en 'n verhoogde mate van kognitiewe reaktiwiteit.

- Vanweë die feit dat kinders nie alleen die getuies is van geweld tussen hulle ouers nie, maar dikwels ook die slagoffers is van gewelddadige gedrag in gesinne waar geweld teenoor die vroulike saamwoon- of huweliksmaat voorkom, behoort maatskaplikewerkdienslewering ook gerig te word op die psigososiale behoeftes van hierdie kinders. Ontlonting van die trauma waaraan die kinders blootgestel word / is, behoort voorrang te geniet tydens individuele hulpverlening, terwyl maatskaplike groepwerk wat gerig word deur terapeutiese, opvoedkundige en ontwikkelingsdoelwitte, ook as toepaslik beskou en aanbeveel word.
- Weens die deurlopende fisiese gevaar en die hoë mate van fusie in die geweldgekenmerkde saamwoon- of huweliksverhouding, behoort huweliks- en / of gesinsterapie alleen onderneem te word indien die vroulike slagoffer, toestemming daartoe verleen of 'n versoek in dié verband rig. Gesinsistemiese herstrukturering behoort gerig te word deur 'n grondige assessering van die gesinstruktuur en transaksionele patrone. Die emosionele plofbaarheid van die gesinsituasie sal, so ver moontlik, deurlopend geassesseer en gemonitor moet word, ten einde te voorkom dat die aanvanklike disekwilibrium waarin die gesinsisteem vanweë die intervensies geplaas word, tot geweldpleging of meer intense vorme van geweldpleging aanleiding gee.

Uiteraard behoort al bogenoemde intervensies gerugsteun te word deur supervisie en konsultasie. Maatskaplikewerksupervisors behoort deur middel van die opvoedkundige funksie van supervisie, vir maatskaplike werkers te begelei tot ekologiese assesserings en intervensies ten opsigte van samelewingsverskynsels soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, met die oog op 'n omvattende, holistiese ontwikkelingsbenadering in die maatskaplikewerkprofessie. Sodoende kan ook uitvoering gegee word aan die paradigmaverskuiwing in maatskaplike werk vanaf terapeutiese na ontwikkelingsdienste.

Supervisors behoort voorts sensitief te wees ten opsigte van die moontlikheid dat maatskaplike werkers by die emosionele sisteme van disfunksionele gesinsisteme waaraan dienste gelewer word, ingedriehoek word. Identifikasie van sodanige prosesse behoort opgevolg te word deur

doelbewuste pogings tot ontdriehoeking van die maatskaplike werker, terwyl terselfdertyd deur middel van die ontwikkelingsfunksie van supervisie, doelgerigte aandag geskenk behoort te word aan die verhoging van die betrokkene se vlak van selfdifferensiasie. Groepsupervisie met hierdie doel voor oë, word aanbeveel in welsynsinstansies met 'n groot personeelkorps.

9.3.2 TEORIE

Aangesien die ekologiese benadering 'n konseptuele raamwerk daarstel vir 'n holistiese, sirkulêre ontleding van 'n verskeidenheid faktore wat vermeend bydra tot sowel die totstandkoming as die instandhouding van 'n verskynsel, is hierdie benadering toepaslik binne die Suid-Afrikaanse samelewingskonteks met sy unieke sosio-kulturele samestelling en kultuurhistoriese nalatingskap. 'n Holistiese ontleding van die Suid-Afrikaanse samelewingsfunksionering, -sterktes en -behoeftes met die klem op sowel sosiaal-strukturele as sosio-kulturele samelewingsrealiteite waarbinne gesinne en elke Suid-Afrikaanse burger funksioneer, word moontlik gemaak.

As 'n professie wat sigself primêr bemoei met menseverhoudings, is die ekologiese benadering by uitstek toepaslik binne die Maatskaplike Werk vanweë die beklemtoning van die wedersydse beïnvloeding van en verhoudings tussen 'n verskeidenheid persone, strukture en kulture ten opsigte van mekaar.

9.3.3 OPLEIDING

Die ekologiese benadering behoort 'n groter rol te verkry in die opleiding van maatskaplike werkers ten einde 'n denkraamwerk daar te stel wat effektief benut kan word tydens sowel die assessering van maatskaplike problematiek, as vir die beplanning van toepaslike, omvattende intervensies. Maatskaplikewerkstudente behoort bewus gemaak te word van die wedersyds-beïnvloedende interaksie van verskillende sisteme ten opsigte van mekaar, van die wyses waarop sodanige beïnvloeding aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van maatskaplike verskynsels en van die noodsaak daarvan dat maatskaplikewerkintervensies op verskillende vlakke van die ekologiese ontledingsisteem geloods kan en behoort te word.

In die lig van die toenemende klem wat by tersiêre inrigtings geplaas word op opvoedkundige programskrywing en die noodsaak van sowel algemeenvormende as professionele, praktykgerigte mensontwikkeling tydens tersiêre opvoeding, behoort die ekologiese benadering

as konseptuele raamwerk van algemeenvormende waarde te wees nie alleen vir maatskaplikewerkstudente nie, maar vir studente in alle wetenskapsdissiplines. Vanweë die maatskaplikewerkprofessie se kundigheid op die gebied van menseverhoudings, behoort modules wat die klem op verhoudings vanuit 'n ekologiese benadering plaas deur departemente van Maatskaplike Werk by tersiêre inrigtings ontwikkel te word. Sulke modules behoort sowel aan maatskaplikewerkstudente as basismodules, as aan nie-maatskaplikewerkstudente as algemeenvormende modules aangebied te word. Uiteraard sal die insluiting van sodanige modules in algemeenvormende opleidingsprogramme vereis dat die departemente van Maatskaplike Werk sigself aggressief en effektief moet bemark as betekenisvolle rolspelers in die generiese mensontwikkeling wat op tersiêre vlak nagestreef word. Die volgende temas kan vir klasbespreking waardevol wees:

- 'n Omskrywing van die begrip sisteem, waar klem geplaas word op die dinamika, interne ordening, interafhanklikheid en wedersydse beïnvloeding van verskillende soorte lewende sisteme, sowel intern in elke sisteem, as ten opsigte van mekaar.
- Die toepassing van konsepte vanuit die algemene sisteemteorie op die mens as individu, maar ook as verhoudingswese, die gesin, die samelewing, verskillende kulturele groeperinge, die natuur en die interaksie tussen hierdie komponente.
- Die implikasies van 'n ekologiese benadering vir verskillende vakdissiplines byvoorbeeld die Maatskaplike Werk, die mediese en paramediese professies, Landbou, Ekonomie, Politiekewetenskap, -bestuur en -praktyk, die Sielkunde, Argitektuur, Opvoedkunde, Teologie, Regte ensovoorts.
- Die implikasies van 'n ekologiese benadering vir aanspreeklike burgerskap, professioneel-etiese optrede en die rimpeleffek van elke aksie op enige vlak in die samelewingsisteem, op alle ander vlakke van die ekologiese ontledingsisteem.

Geweld behoort as 'n tema te figureer in modules wat tydens maatskaplikewerkopleiding (voor- en nagraads) aangebied word, aangesien enige vorm van geweldpleging vanuit 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief nie alleen 'n simptoom is van maatskaplike disfunksionering nie, maar ook aanleiding gee tot die manifestering van maatskaplike disfunksionering. Die benutting van die maatskaplikewerkmetodes as intervensievorme op enige vlak in die ekologiese ontledingsisteem en die implikasies van sodanige intervensies op maatskaplike funksionering, word as opleidingstema aanbeveel.

Vanweë die omvang en intensiteit van geweld teenoor vroue in saamwoon- en

huweliksverhoudings, behoort aandag tydens die opleiding van ander diensleweraars wat gemoeid behoort te wees met sowel voorkomings- as behandelingsprogramme, aan die verskynsel geskenk te word. Weens die maatskaplikewerkprofessie se unieke nis, maatskaplike werkers se kennisraamwerk, beskikking oor toepaslike hulpverleningsvaardighede en gesindheid van ontwikkelingsgerigte dienslewering, sou maatskaplike werkers by uitstek benut kon word as sowel kurrikuleerders as aanbieders van sodanige opleidingsprogramme. Meer spesifiek word die volgende opleidingstemas vir elk van die dienslewerende professies (studente en afgestudeerdes) aanbeveel:

- Sielkundiges behoort opgelei te word met betrekking tot die verskynsel deur die bestudering daarvan vanuit 'n verskeidenheid van teoretiese raamwerke, sodat hulpverlening nie alleen teoreties gefundeerd kan wees nie, maar dat kreatiewe en innoverende voorkomings-, behandelings- en ondersteuningsprogramme vanuit die teoretiese begronding ontwikkel en geïmplementeer kan word.
- Algemene mediese praktisyns en verpleegkundiges behoort tydens hulle opleiding bewus gemaak te word van die feit dat slagoffers van geweld dikwels aanvanklik by medici en paramedici aanklop vir hulp. Kennis van die verskynsel behoort sodanig tydens die opleiding aan die betrokkenes oorgedra te word, dat empatie ontwikkel vir die slagoffer se fisiese beserings, maar ook met betrekking tot psigososiale problematiek en behoeftes wat die slagoffers sou kon ervaar. Voorts behoort medici en paramedici opgelei te word om die betrokkenes effektief en toepaslik te verwys vir die holistiese behandeling van die slagoffer en haar situasie.
- Psigiaters behoort bewus gemaak te word van hoedat hulle dienslewering deur vroulike slagoffers van geweld ervaar word. Vir hierdie doel word 'n sensitisering ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as samelewingsverskynsel op voorgraadse vlak tydens die basiese mediese opleiding aanbeveel, terwyl tydens spesialisering meer spesifiek aandag geskenk behoort te word aan slagoffers se behoefte aan dienslewering wat gerig is op gedragsverandering en die verbetering van hulle situasies.
- Geestelike werkers behoort tydens opleiding bewus gemaak te word daarvan dat vroulike slagoffers van geweld dié dienslewering ervaar as veroordelend en dat skuldgevoelens geskep word deur die oorbeklemtoning van die rol van die vrou as eggenote, moeder en behouer van die gesinseenheid. Tydens opleiding behoort geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as samelewingsverskynsel, die psigososiale behoeftes en probleme van die betrokkenes, die interaksionele dinamika van die geweldgekenmerkde

verhouding en die geestelike begeleiding van die vrou met betrekking tot die maak van ingeligte keuses ten opsigte van die verhouding, voorrang te geniet.

- Ook regstudente en regspraktisyns behoort opleiding te ontvang ten opsigte van die verskynsel en die interaksionele dinamika daarvan, sodat begrip kan ontwikkel vir die posisie van die vrou, haar neiging om klagtes te lê teen die geweldenaar en dit terug te trek en die emosionele beheer in die verhouding wat tot dié tendens aanleiding gee. Voorts behoort regslui bewus gemaak te word van beskikbare ondersteuningsdienste, sodat die vroulike slagoffers effektief en toepaslik verwys kan word ook vir terapeutiese ondersteuning ten opsigte van hulle situasies.
- Polisiebeamptes behoort opleiding te ontvang ten opsigte van geweld teenoor vroue as samelewingsverskynsel, ten einde die betrokkenes te sensitiseer met betrekking tot die slagoffer se situasie. Voorts behoort tydens die opleiding klem gelê te word op die feit dat sowel emosionele as fisiese geweldpleging 'n misdaad is en dat ooreenkomstig die erns van die oortreding teenoor geweldenaars opgetree behoort te word. Uiteraard behoort polisiebeamptes ook oor kennis te beskik ten opsigte van toepaslike diensleweraars waarheen vroulike slagoffers van geweld verwys kan word vir dienslewering en van skuilings waarheen die betrokkenes geneem kan word ten einde voortgesette geweldpleging te verhoed en / of om die vrou (en haar kinders) se veiligheid te verseker.

9.3.4 NAVORSING

Vanweë die verkennende en beskrywende aard van hierdie ondersoek, word die noodsaak van voortgesette verkenning, hipoteseformulering en -toetsing en die beperkte omvang van inligting wat oor geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings beskikbaar is, beklemtoon. Meer spesifiek, word aanbeveel dat navorsing gedoen word oor;

- die behoeftes, verwagtinge, problematiek, voorbehoude en voorveronderstellings van mans en vrouens ten opsigte van geslagtelikheid en geslagsverskille, sodat toepaslike maatskaplikewerkintervensies ontwikkel en op voetsoolvlak geïmplementeer kan word vir die ontwikkeling van selfrespek en respek vir andere,
- ekologiese, kontekstuele, demografiese en omstandigheidsooreenkomste en -verskille in geslagskonflikte,
- die relatiewe mate waartoe elk van die faktore in die ekologiese ontledingsanalise bydra tot sowel die totstandkoming as die instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en dat

- in teenstelling met die teoretiese raamwerke (modernisties) wat vir hierdie ondersoek benut is, ook van postmodernistiese raamwerke gebruik gemaak moet word in 'n poging om die verskynsel te verken en te beskryf.

Aangesien hierdie ondersoek begrens is tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en die empiriese ondersoek afgebaken is tot die vroulike slagoffer se belewenis en betekenisgewing ten opsigte van haar situasie, behoort navorsing ook onderneem te word wat wyer strek as hierdie begrensing, byvoorbeeld;

- die manlike geweldenaar se belewenis van en betekenisgewing aan sy situasie,
- kinders van ouers in geweldgekenmerkde saamwoon- en huweliksverhoudings se belewenis van en betekenisgewing aan hulle situasie,
- geweld teenoor mans in saamwoon- en huweliksverhoudings,
- die interaksionele dinamika van gesinne waar wederkerige geweld tussen die man en vrou voorkom en
- empiriese assesserings van totale gesinstrukture waarbinne geweld tussen gesinslede voorkom.

Weens die feit dat die kulturele samestelling van die deelnemers aan die empiriese studie nie verteenwoordigend is van die kulturele diversiteit in Suid-Afrika nie, behoort navorsing ook onderneem te word waartydens doelbewuste pogings aangewend word om geweld as 'n verskynsel binne verskillende kultuurgroeperinge te verken, te beskryf en te vergelyk.

9.3.5 BELEID

As professionele persone wat op voetsoolvlak praktykondervinding het van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, behoort maatskaplike werkers by uitstek nie alleen daartoe in staat te wees om bestaande beleidsleemtes en -defekte te kan identifiseer nie, maar behoort doelgerigte pogings ook aangewend te word om sowel proaktiewe as reaktiewe beïnvloeding met betrekking tot die kultureel- en geslagsensitiewe formulering en implementering van beleid oor geweld teenoor vroue, daar te stel. In hierdie verband kan veral maatskaplikewerkersverenigings benut word as spreekbuise vir die professie. Meer spesifiek, behoort beleidsbeïnvloeding ten opsigte van die volgende faktore plaas te vind:

- Staatkundige beleid ten opsigte van geslagsensitisering en die uitwissing van geslagsongelykheid en -diskriminasie behoort doelbewus en doelgerig geëvalueer te word,

sodat beleidsleemtes, -aanpassings wat benodig word en die implementering van bestaande beleidsaspekte deurlopend gemonitor en in ooreenstemming met die praktykbehoeftes, gerig en beïnvloed kan word.

- Voorts behoort die maatskaplikewerkprofessie dit as beleid aan te neem om deurlopend dienslewering aan vroulike slagoffers van geweld te evalueer, sodat onproduktiewe, diskriminerende en viktimiserende praktyke geïdentifiseer kan word en toepaslike remedies ontwikkel en geïmplementeer kan word.
- Aggressiewe bemarking van die maatskaplikewerkprofessie en -dienslewering is noodsaaklik ten einde dit as beleid te propageer en te implementeer dat vroulike slagoffers van geweld en manlike geweldenaars (en hulle kinders), deur alle dienslewerraars ook na maatskaplike werkers verwys word vir maatskaplikewerkdienslewering, met die oog op 'n holistiese behandeling en ondersteuning van die betrokkenes.

9.4 TEN SLOTTE

Die ekologiese benadering is 'n waardevolle konseptuele raamwerk vir die bestudering van 'n maatskaplike verskynsel soos geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, deurdat dit 'n holistiese, interaksionele perspektief wat breër strek as die tradisionele *oorsaak-gevolg* raamwerk vir die verkenning en beskrywing van verskynsels, daarstel. Sodoende word wegbeweeg van 'n mediese model waarin klem gelê word op die individuele psigopatologieë, karaktereienskappe en persoonlikheidstekortkominge van geweldenaars en slagoffers, na 'n assessering van menslike probleme en behoeftes in interaksionele terme, naamlik dat geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings die resultaat is van wanaanpassing in die mens-en-omgewingverhouding. Die verskynsel word derhalwe beskou as 'n simptoom van disfunksionering in die ekologiese sisteem en is dus die resultaat van die wedersyds-beïnvloedende interaksionele prosesse wat plaasvind tussen die individu as 'n sisteem, die gesinsisteem, sosiaal-strukturele sisteme en sosio-kulturele sisteme. Sodoende word 'n verskeidenheid multi-faktorale, sirkulêre kousaliteitsvlakke ten opsigte van die verskynsel geïdentifiseer, naamlik die individuele vlak, gesinsvlak, sosiaal-strukturele vlak en die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem. Deur middel van 'n integrasie van bestaande kennis ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en die geïdentifiseerde vlakke in die ekologiese ontledingsisteem, word 'n ekologiese perspektief op die verskynsel verkry wat holisties fokus op 'n verskeidenheid faktore op verskillende vlakke

van ontleding, maar ook op die interaksie tussen die vlakke wat aanleiding gee tot sowel die totstandkoming as die instandhouding van die verskynsel.

Sodanige ekologiese perspektief dien as rigtingwyser vir voortgesette navorsing en die pro- en reaktiewe ontwikkeling en implementering van voorkomings- en behandelingsprogramme nie alleen vir die maatskaplikewerkprofessie nie, maar ook vir ander professies en strukture wat gemoeid is met dienslewering op spesifieke vlakke van die ekologiese ontledingsisteem ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings as samelewingsverskynsel.

Abraham, M. 1995. Ethnicity, gender, and marital violence: South Asian Women's Organizations in the United States. **GENDER IN SOCIETY**, 9(4): 450 - 468.

Abrar, S. 1996. Feminist intervention and local domestic violence policy. **PARLIAMENTARY AFFAIRS**, 49 (June): 191 - 205.

Acker, J., Barry, K. and Esseveld, J. 1983. Objectivity and truth: Problems in doing feminist research. **WOMEN'S STUDIES INTERNATIONAL FORUM**, 6(4): 427 - 435.

Ackerman, D. 1994. Context, challenge and change: Perspectives on women in South Africa. **WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**, 318 (Junie): 12 - 36.

Ackerman, N.J. 1984. **A THEORY OF FAMILY SYSTEMS.** New York: Gardner.

Aguilar, R.J. and Nightingale, N.N. 1994. The impact of specific battering experiences on the self-esteem of abused women. **JOURNAL OF FAMILY VIOLENCE**, 9(1): 35 - 45.

Ammerman, R.T. and Hersen, M. 1990. Issues in the assessment and treatment of family violence. **TREATMENT OF FAMILY VIOLENCE: A SOURCEBOOK.** Ammerman, R.T and Hersen, M. (Eds.). New York: John Wiley and Sons.

Anastas, J.W. and MacDonald, M.L. 1994. **RESEARCH DESIGN FOR SOCIAL WORK AND THE HUMAN SERVICES.** New York: Lexicon.

Andersen, S.M., Boulette, T.R. and Schwartz, A.H. 1991. Psychological maltreatment of spouses. **CASE STUDIES IN FAMILY VIOLENCE.** Ammerman, R.T. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Andrews, B. and Brewin, C.R. 1990. Attributions of blame for marital violence: A study of antecedents and consequences. **JOURNAL OF MARRIAGE AND THE FAMILY**, 52 (August): 757 - 767.

Angless, T. 1992. Violence in the family: Issues in the counselling of battered women. **CRITICAL HEALTH**, 41 (December): 52-55.

Angless, T. and Shefer, T. 1995. Survivors of woman abuse: A support group experience. **SOCIAL WORK / MAATSKAPLIKE WERK**, 31(4): 305 - 310.

Aron, L.Y. and Olson, K.K. 1997. Efforts by child welfare agencies to address domestic violence. **PUBLIC WELFARE**, Summer: 4 - 13.

Babcock, J.C., Waltz, J., Jacobson, N.S. and Gottman, J.M. 1993. Power and violence: The relation between communication patterns, power discrepancies, and domestic violence. **JOURNAL OF CONSULTING AND CLINICAL PSYCHOLOGY**, 61(1): 40 - 50.

Babich, K.S. and Voit, E.S. 1992. The research base for treatment of sexually abused women. **VIOLENCE AGAINST WOMEN: NURSING RESEARCH, EDUCATION, AND PRACTICE ISSUES.** Sampselle, C.M. (Ed.). New York: Hemisphere.

Bank, L. 1994. Angry men and working women: Gender, violence and economic change in Qwaqwa in the 1980's. **AFRICAN STUDIES**, 53(1): 89 - 113.

Baumgartner, M.P. 1993. Violent networks: The origins and management of domestic conflict. **AGGRESSION AND VIOLENCE: SOCIAL INTERACTIONIST PERSPECTIVES.** Felson, R.B. and Tedeschi, J.T. (Eds.). Washington, D.C.: American Psychological Association.

Baxter, A. 1987. **TECHNIQUES FOR DEALING WITH FAMILY VIOLENCE.** Springfield: Charles C. Thomas.

BEIJING Conference Report
Kyk
SOUTH AFRICA (Republic). 1994. Beijing Conference Report.

Belsky, J. 1980. Child maltreatment: An ecological analysis. **AMERICAN PSYCHOLOGIST**, 35(1): 320 - 335.

Bennett, L.W. and Lawson, M. 1994. Barriers to cooperation between domestic-violence and substance-abuse programs. **FAMILIES IN SOCIETY: THE JOURNAL OF CONTEMPORARY HUMAN SERVICES**, 75(5): 277 - 286.

Bennett, L.W. 1995. Substance abuse and the domestic assault of women. **SOCIAL WORK**, 40(6): 760 - 771.

Bersani, C.A. and Chen, H. 1988. Sociological perspectives on family violence. **HANDBOOK OF FAMILY VIOLENCE.** Van Hasselt, V.B., Morrison, R.L., Bellack, A.S. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Bodemer, W., Louw, D.A. en Van Jaarsveld, P.E. 1989. Organiese breinversteurings. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Bolton, F.G. and Bolton, S.R. 1987. **WORKING WITH VIOLENT FAMILIES: A GUIDE FOR CLINICAL AND LEGAL PRACTITIONERS.** Newbury Park: Sage.

Borowski, M., Murch, M. and Walker, V. 1983. **MARITAL VIOLENCE: THE COMMUNITY RESPONSE.** New York: Tavistock.

Bosman, F. 1994. The law comes to the rescue of women. **RSA REVIEW / RSA OORSIG**, 7(2): 30 - 39.

Bosman-Swanepoel, H. 1996. Hoekom vroue slae verduur. **INSIG**, 96 (Junie): 23.

Boulette, T.R. and Andersen, S.M. 1985. "Mind control" and the battering of women. **COMMUNITY HEALTH JOURNAL**, 21(2): 109 - 118.

Bowen, M. 1971. Family therapy and family group therapy. **COMPREHENSIVE GROUP PSYCHOTHERAPY.** Kaplan, H. and Saddock, B. (Eds.). Baltimore: Williams and Wilkens.

Bowen, M. 1975. Family therapy after twenty years. **AMERICAN HANDBOOK OF PSYCHIATRY.** Arieti, S. (Ed.). New York: Basic Books.

Bowen, M. 1977. Family systems theory and society. **GEORGETOWN FAMILY SYMPOSIA (1973 - 1974): A COLLECTION OF SELECTED PAPERS.** Lorio, J.P. and McClenathan, L. (Eds.). Washington, D.C.: Georgetown University Family Center.

Bowen, M. 1978. **FAMILY THERAPY IN CLINICAL PRACTICE.** New York: Jason Aronson.

Bronfenbrenner, U. 1974. **EXPERIMENTAL HUMAN ECOLOGY: A REORIENTATION TO THEORY AND RESEARCH ON SOCIALIZATION.** Paper presented as an invited address at the meeting of the American Psychological Association. New Orleans: August.

Bronfenbrenner, U. 1977. Toward an experimental ecology of human development. **AMERICAN PSYCHOLOGIST**, 31(1): 513 - 531.

Brown, B.W. 1980. Wife-employment, marital equality, and husband-wife violence. **THE SOCIAL CAUSES OF HUSBAND-WIFE VIOLENCE.** Straus, M.A. and Hotaling, G.T. (Eds.). Mineapolis: University of Minnesota Press.

Browne, A. 1988. Family homicide: When victimized women kill. **HANDBOOK OF FAMILY VIOLENCE.** Van Hasselt, V., Morrison, R.L., Bellack, A.S. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Browning, J. and Dutton, D. 1986. Assessment of wife assault with the Conflict Tactics Scale: Using couple data to quantify the differential reporting effect. **JOURNAL OF MARRIAGE AND THE FAMILY**, 48 (May): 375 - 379.

Buck, J. 1997. Profile of a shelter: Helping Hand. **BREAKING THE SILENCE: NEWSLETTER OF THE SOUTH AFRICAN WOMEN'S SHELTER MOVEMENT**, 1 (July): 10-12.

Cantos, A.L., Neidig, P.H. and O'Leary, K.D. 1994. Injuries of women and men in a treatment program for domestic violence. **JOURNAL OF FAMILY VIOLENCE**, 9(2): 113 - 124.

Carkhuff, R.R. and Anthony, W.A. 1979. **THE SKILLS OF HELPING: AN INTRODUCTION TO COUNSELING SKILLS.** Amherst: Human Resources Development Press.

Carlson, B.E. and Davis, L.V. 1977. Prevention of domestic violence. **PREVENTION IN MENTAL HEALTH.** Price, R.H. (Ed.). Beverly Hills: Sage.

Carlson, B.E. 1984. Causes and maintenance of domestic violence: An ecological analysis. **SOCIAL SERVICES REVIEW**, 58(4): 569 - 587.

Carlson, B.E. 1997. Mental retardation and domestic violence: An ecological approach to intervention. **SOCIAL WORK**, 42(1): 79 - 89.

Carlson, C. and Nidey, F.J. 1995. Mandatory penalties, victim cooperation, and the judicial processing of domestic abuse assault cases. **CRIME AND DELINQUENCY**, 41(1): 132 - 149.

Cherain, V.I. 1990. Relationship between corporal punishment of pupils and their academic achievement. **SOUTH AFRICAN JOURNAL OF EDUCATION / SUID-AFRIKAANSE TYDSKRIF VIR OPVOEDING**, 10(1): 96 - 100.

Clayton, C. 1991. Post-colonial, post-apartheid, post-feminist: Family and state in prison narratives by South African women. **KUNAPIPI**, 13(1/2): 136 - 144.

Compton, B.R. and Galaway, B. 1979. **SOCIAL WORK PROCESSES.** (Revised ed.). USA: Dorsey.

Compton, B.R. and Galaway, B. 1994. **SOCIAL WORK PROCESSES.** (Fifth Ed.). California: Brooks / Cole.

Costantino, C. 1981. Intervention with battered women: The lawyer - social worker team. **SOCIAL WORK**, 26(6): 456 - 460.

Dane, F.C. 1990. **RESEARCH METHODS.** California: Brooks / Cole.

Dangor, Z. and Seedat, M. 1992. Casting off the cloak of oppression: Countering violence against women. **CRITICAL HEALTH**, 41 (December): 65 - 67.

Davidovich, J.R. 1990. Men who abuse their spouses: Social psychological supports. **JOURNAL OF OFFENDER COUNSELLING SERVICES AND REHABILITATION**, 15(1): 27 - 64.

Davis, L.V. 1992. Attitudes toward wife abuse in a cross-cultural context: A comparison of Colombian and American Human Service students. **INTIMATE VIOLENCE: INTERDISCIPLINARY PERSPECTIVES.** Viano, E.C. (Ed.). Washington: Hemisphere.

Delport, C.S.L. 1984. **'N EVALUERING VAN DIE EFFEKTIWITEIT VAN DIE GEMEENSKAPSWERKMODEL VAN HUGO, SCHOEMAN EN ENGELBRECHT BINNE 'N FUNKSIONERENDE GEMEENSKAP.** Ongepubliseerde Magister-verhandeling in Lettere en Wysbegeerte. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Denzin, N.K. and Lincoln, Y.S. 1994. Introduction: Entering the field of qualitative research. **HANDBOOK OF QUALITATIVE RESEARCH.** Denzin, N.K. and Lincoln, Y.S. (Eds.). Thousand Oaks: Sage.

Deschner, J.P. 1984. **THE HITTING HABIT: ANGER CONTROL FOR BATERING COUPLES.** New York: The Free Press.

De Wet, J.C. en Swanepoel, H. 1985. **STRAFREG.** Durban: Butterworths.

Dobash, R.P. and Dobash, R.E. 1979. **VIOLENCE AGAINST WIVES: A CASE AGAINST THE PATRIARCHY.** New York: Free Press.

Dobash, R.P., Dobash, R.E., Wilson, M. and Daly, M. 1992. The myth of sexual symmetry in marital violence. **SOCIAL PROBLEMS**, 39(1): 71 - 91.

Du Toit, M. en Krog, A. 1994. Op pad na 'n inheemse feminisme. **DIE SUID-AFRIKAAN**, 50 (Oktober): 22 - 24.

Duval, E.M.. 1977. **FAMILY DEVELOPMENT**. Philadelphia: Lippincott.

Duvall, E.M. and Miller, B.C. 1985. **MARRIAGE AND FAMILY DEVELOPMENT**. (Sixth ed.). Cambridge: Harper and Row.

Dye, E. and Roth, S. 1990. Psychotherapists' knowledge about and attitudes toward sexual assault victim clients. **PSYCHOLOGY OF WOMEN QUARTERLY**, 14 (June): 191 - 212.

Edleson, J.L. and Tolman, R.M. 1992. **INTERVENTION FOR MEN WHO BATTER: AN ECOLOGICAL APPROACH.** London: Sage.

Ef.

Kyk

Efesiërs 5:23. 1990. Die Bybel.

en

Efesiërs 5:24. 1990. Die Bybel.

Efesiërs 5:23. 1990. **DIE BYBEL: NUWE VERTALING.** Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Efesiërs 5:24. 1990. **DIE BYBEL. NUWE VERTALING.** Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Ehlers, S. 1997. Dedication and action needed. **SPEAK OUT: NEWSLETTER OF THE FREE STATE NETWORK ON VIOLENCE AGAINST WOMEN**, 1(1): 1-2.

Ehlers, S. 1998. Onderhoud met die Voorsitter van die *Vrystaatse Provinsiale Netwerk oor Geweld teenoor Vroue* en ook maatskaplike werker verbonde aan NIMRO: Bloemfontein in beheer van die *Ondersteuning aan Mishandelde Vroue-projek*. Maart: Bloemfontein.

Elias, C. 1984. **A HOUSING STUDY: LEGISLATION AND CONTROL OF THE SUPPLY OF URBAN AFRICAN ACCOMMODATION.** Cape Town: Carnegie Conference.

Everett, C.A. 1990. The field of marital and family therapy. **JOURNAL OF COUNSELING AND DEVELOPMENT**, 68 (May / June): 498 - 502.

Faul, A.C. 1989. **DIE PRIMêRE VOORKOMING VAN DRANK- EN DWELMMISBRUIK IN EERSTERUST - ONTWIKKELINGSNAVORSINGSPROJEK.** RGN-verslag no. 5177. Pretoria.

Fedler, J. 1995. Lawyering domestic violence through the Prevention of Family Violence Act 1993: An evaluation after a year in operation. **THE SOUTH AFRICAN LAW JOURNAL**, 112(2): 231 - 251.

Felson, R.B. 1993. Power and domination. **AGGRESSION AND VIOLENCE: SOCIAL INTERACTIONIST PERSPECTIVES.** Felson, R.B. and Tedeschi, J.T. (Eds.). Washington, D.C.: American Psychological Association.

Ferraro, K.J. and Johnson, J.M. 1983. How women experience battering: The process of victimization. **SOCIAL PROBLEMS**, 30(3): 325 - 339.

Fischer, K. and Rose, M. 1995. When "Enought is enough": Battered women's decision making around court orders of protection. **CRIME AND DELINQUENCY**, 40(4): 414 - 429.

Flynn, C.P. 1990. Relationship violence by women: Issues and implications. **FAMILY RELATIONS**, 39 (April): 194 - 198.

Fontana, A. and Frey, J.H. 1994. Interviewing: The art of science. **HANDBOOK OF QUALITATIVE RESEARCH.** Denzin, N.K. and Lincoln, Y.S. (Eds.). London: Sage.

Fordor, A. 1979. Social work and system theory. **SOCIAL WORK PROCESSES.** (Revised ed.). Compton, B.R. and Galaway, B. (Eds.) USA: Dorsey.

Fourie, K. 1998. Onderhoud met 'n Kaptein aan die hoof van die aanklagkantoor by Navalsig-polisiekantoor. 17 Januarie: Bloemfontein.

Fredericks, I.N. and Davids, L.C. 1995. The privacy of wife abuse. **TYDSKRIF VIR DIE SUID-AFRIKAANSE REG / THE SOUTH AFRICAN LAW JOURNAL**, 3(2): 471 - 492.

Freeman, E.M. 1984. Multiple losses in the elderly: An ecological approach. **SOCIAL CASEWORK: THE JOURNAL OF CONTEMPORARY SOCIAL WORK**, 65(5): 287 - 297.

Fukurai, H. and Alston, J.P. 1992. Ecological determinants of divorce: A structural approach to the explanation of Japanese divorce. **SOCIAL BIOLOGY**, 39(3/4): 257 - 277.

Gaitskell, C.Y. 1997. The silence has been broken: Let us be heard. **BREAKING THE SILENCE: NESWLETTER OF THE SOUTH AFRICAN WOMEN'S SHELTER MOVEMENT**, 1 (July): 3-6.

Gaitskell, C.Y. 1998. Onderhoud met die Voorsitter van die *South African Women's Shelter Movement*. April: Durban.

Gen.
Kyk
Genesis 2:18-25. 1990. Die Bybel.
en
Genesis 3:16. 1990. Die Bybel.

Genesis 2:18-25. 1990. **DIE BYBEL: NUWE VERTALING.** Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Genesis 3:16. 1990. **DIE BYBEL: NUWE VERTALING.** Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

George, L.K., Winfield, I. and Blazer, D.G. 1992. Sociocultural factors in sexual assault: Comparison of two representative samples of women. **JOURNAL OF SOCIAL ISSUES**, 48(1): 105 - 125.

Germain, C.B. 1979. **SOCIAL WORK PRACTICE: PEOPLE AND ENVIRONMENTS - AN ECOLOGICAL PERSPECTIVE.** New York: Columbia University Press.

Germain, C.B. and Gitterman, A. 1980. **THE LIFE MODEL OF SOCIAL WORK PRACTICE.** New York: Columbia University Press.

Germain, C.B. 1985. **THEORY AND PRACTICE OF COMMUNITY SOCIAL WORK.** New York: Columbia University Press.

Germain, C.B. and Gitterman, A. 1995. **THE LIFE MODEL OF SOCIAL WORK PRACTICE: ADVANCES IN THEORY AND PRACTICE.** (2nd Ed.). New York: Columbia University Press.

Giles-Sims, J. 1983. **WIFE BATTERING: A SYSTEMS THEORY APPROACH.** New York: Guilford.

Giroux, H.A. 1991. Introduction to modernism, postmodernism and feminism. **MODERNISM, POSTMODERNISM AND FEMINISM.** Giroux, H.A. (Ed.). New York: State University Press.

Goldenberg, H. and Goldenberg, I. 1980. **FAMILY THERAPY: AN OVERVIEW.** New Jersey: Prentice Hall.

Goodman, L.A., Dutton, M.A. and Harris, M. 1995. Episodically homeless women with serious mental illness: Prevalence of physical and sexual assault. **AMERICAN JOURNAL OF ORTHOPSYCHIATRY**, 65(4): 468 - 478.

Gough, B. and Reavey, P. 1997. Parental accounts regarding the physical punishment of children: Discourses of dis/empowerment. **CHILD ABUSE AND NEGLECT**, 21 (May): 417 - 430.

Greenspan, M. 1983. **A NEW APPROACH TO WOMEN AND THERAPY.** New York: McGraw-Hill.

Grobbelaar, S.W.P. en Louw, S. 1990. Ekologie as metafoor vir gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling. **DIE MAATSKAPLIKEWERK-NAVORSER-PRAKTISYN / THE SOCIAL WORK PRACTITIONER/RESEARCHER**, 3(2): 15 - 22.

Grondwet.
Kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). 1996. Grondwet.

Hall, A.D. and Fagan, R.E.. 1975. Definition of systems. **GENERAL SYSTEMS THEORY AND HUMAN COMMUNICATION.** Ruben, B.D. and Kim, J.Y. (Eds.). New Jersey: Hayden.

Hall, C.M. 1981. **THE BOWEN FAMILY THEORY AND ITS USES.** New York: Jason Aronson.

Hanks, S.E. 1992. Translating theory into practice: A conceptual framework for clinical assessment, differential diagnosis, and multi-modal treatment of maritally violent individuals, couples, and families. **INTIMATE VIOLENCE: INTERDISCIPLINARY PERSPECTIVES.** Viano, E.C. (Ed.). Washington, D.C.: Hemisphere.

Hanrahan, P., Campbell, J. and Ulrich, Y. 1993. Theories of violence. **NURSING CARE OF SURVIVORS OF FAMILY VIOLENCE.** Campbell, J. and Humphreys, J. (Eds.). St. Louis: Mosby.

Hartman, A. and Laird, J. 1983. **FAMILY CENTERED SOCIAL WORK PRACTICE.** New York: The Free Press.

Hearn, G. 1974. General systems theory and social work. **SOCIAL WORK TREATMENT: INTERLOCKING THEORETICAL APPROACHES.** Turner, F.F. (Ed.). New York: The Free Press.

Hearn, G. 1979. General systems theory and social work. **SOCIAL WORK TREATMENT: INTERLOCKING THEORETICAL APPROACHES.** (Second ed.). Turner, F.F. (Ed.). New York: The Free Press.

Halmi, A. 1996. The qualitative approach to social work: An epistemological basis. **INTERNATIONAL SOCIAL WORK**, 39(1996): 363 - 375.

Hendricks, J.E. 1992. Domestic violence legislation. **INTIMATE VIOLENCE: INTERDISCIPLINARY PERSPECTIVES.** Viano, E.C. (Ed.). Washington: Hemisphere.

Henning, K., Leitenberg, H., Coffey, P., Turner, T. and Bennett, R.T. 1996. Long-term psychological and social impact of witnessing physical conflict between parents. **JOURNAL OF INTERPERSONAL VIOLENCE**, 11(1): 35 - 51.

Hillery, G.A. 1972. **COMMUNAL ORGANIZATIONS - A STUDY OF LOCAL SOCIETIES.** New York: The Free Press.

Hoff, L.A. 1990. **BATTERED WOMEN AS SURVIVORS.** London: Routledge.

Hoffmann, W. 1987. An ecological perspective in social service provision to persons with physical disabilities. **MAATSKAPLIKE WERK / SOCIAL WORK**, 23(4): 230 - 237.

Holman, A.M. 1983. **FAMILY ASSESSMENT: TOOLS FOR UNDERSTANDING AND INTERVENTION.** Beverly Hills: Sage.

Holtmann, B. 1998. Victim empowerment. **SOCIAL WORK PRACTICE**, 1(98): 8 - 14.

Hotaling, H.T. and Straus, M.A. 1980. Culture, social organization and irony in the stucy of family violence. **THE SOCIAL CAUSES OF HUSBAND-WIFE VIOLENCE.** Straus, M.A. and Hotaling, H.T. (Eds.). Minneapolis: University of Minnesota Press.

Howard, T.U. and Johnson, F.C. 1985. An ecological approach to practice with single-parent families. **SOCIAL CASEWORK: THE JOURNAL OF CONTEMPORARY SOCIAL WORK**, 66(8): 482 - 489.

Huggins, M.D. and Straus, M.A. 1980. Violence and the social structure as reflected in children's books from 1850 to 1970. **THE SOCIAL CAUSES OF HUSBAND - WIFE VIOLENCE.** Straus, M.A. and Hotaling, G.T. (Eds.). Mineapolis: University of Minnesota Press.

Humphreys, W.O. and Findlater, J.E. 1993. The nurse and the legal system: Dealing with abused women. **NURSING CARE OF SURVIVORS OF FAMILY VIOLENCE.** Campbell, J. and Hulphreys, J. (Eds.). St. Louis: Mosby.

Huysamen, G.K. 1988. **SIELKUNDIGE METING: 'N INLEIDING.** Kaapstad: Academica.

Hydén, M. 1994. Woman battering as a marital act: Interviewing and analysis in context. **QUALITATIVE STUDIES IN SOCIAL WORK RESEARCH.** Riessman, C.K. (Ed.). London: Sage.

Interdepartementele Strategiese Span van die Departemente Korrektiewe dienste, Verdediging, Intelligensie, Justusie, Veiligheid en Sekuriteit en Welsyn. 1996. **NASIONALE MISDAADVOORKOMINGSTRATEGIE.** Pretoria: Staatsdrukker.

Jagwanth, S. 1995. The Prevention of Family Violence Act, 1993: A feminist critique. **SOUTH AFRICAN JOURNAL OF CRIMINAL JUSTICE**, 8(1): 1 - 11.

Jansen, M. 1993. Enkele regsprobleme rondom gesinsgeweld. **MAATSKAPLIKE WERK / SOCIAL WORK**, 29(3): 201 - 212.

Janzen, C. and Harris, O. 1980. **FAMILY TREATMENT IN SOCIAL WORK PRACTICE.** Illinois: Peacock.

Johnson, M.P. 1995. Patriarchal terrorism and common couple violence: Two forms of violence against women. **JOURNAL OF MARRIAGE AND THE FAMILY**, 57 (May): 283 - 294.

Jones, A. 1987. The violence of materialism and advanced industrial society: An eco-sociological approach. **SOCIOLOGICAL REVIEW**, 35 (February): 19 - 47.

Jones, S. 1980. **FAMILY THERAPY: A COMPARISON OF APPROACHES.** Illinois: Peacock.

Jordaan, W.J. en Jordaan, J.J. 1989. **MENS IN KONTEKS.** (Tweede uitgawe). Johannesburg: Lexicon.

Joubert, H.F. 1979. Enkele gedagtes oor gesinsterapie. **REBOS**, 20(3): 10 - 14.

Jouriles, E.N. and Norwood, W.D. 1995. Physical aggression toward boys and girls in families characterized by the battering of women. **JOURNAL OF FAMILY PSYCHOLOGY**, 9(1): 69 - 78.

Kadalie, H. 1994. Feminism and the role of black women movements. **DIE SUID-AFRIKAAN**, 50 (Oktober): 25 - 27.

Kalmuss, D. 1984. The intergenerational transmission of marital aggression. **JOURNAL OF MARRIAGE AND THE FAMILY**, 46(1): 11 - 19.

Kamnkhwani, H.A. 1994. Response to Ackerman's paper. **WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**, 318 (Junie): 36 - 40.

Kerr, M.E. and Bowen, M. 1988. **FAMILY EVALUATION: THE ROLE OF THE FAMILY AS AN EMOTIONAL UNIT THAT GOVERNS INDIVIDUAL BEHAVIOR AND DEVELOPMENT.** New York: W.W. Norton.

Kilpatrick, A.C. and Lockhart, L.L. 1991. Studying sensitive family issues: Problems and possibilities for practitioners. **FAMILIES IN SOCIETY: THE JOURNAL OF CONTEMPORARY HUMAN SERVICES**, 72(10): 610 - 617.

Klopper, F. 1993. Postmoderne feminisme: Verset teen dominansie, die viering van verskille en 'n respek vir tradisie. **THEOLOGIA EVANGELICA**, 16(2): 17 - 24.

Klopper, H. 1995. Vertrouenswaardigheidstrategieë in kwalitatiewe navorsing. **RAUCUR: INTERDISSIPLINêRE AKADEMIESE TYDSKRIF OOR GESONDHEID**, 1(1): 25 - 28.

Kommissie vir die Erediens. 1996. **DIE KERKBOEK VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK.** Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

KONSTITUSIE van die *South African Women's Shelter Movement*
Kyk
South African Women's Shelter Movement. 1997. Constitution.

Kuhn, A. 1976. **THE LOGIC OF SOCIAL SYSTEMS.** California: Jossey-Bass.

Kurz, D. 1991. Corporal punishment and adult use of violence: A critique of "Discipline and deviance". **SOCIAL PROBLEMS**, 38(2): 155 - 161.

Kvale, S. 1996. **INTERVIEWS: AN INTRODUCTION TO QUALITATIVE RESEARCH INTERVIEWING.** London: Sage.

L'Abate, L., Ganahl, G. and Hansen, J.C. 1986. **METHODS OF FAMILY THERAPY.** New Jersey: Prentice Hall.

L'Abate, L. and Colondier, G. 1987. The emperor has no clothes!. Long live the emperor! A crituque of family systems thinking and an educationistic proposal. **THE AMERICAN JOURNAL OF FAMILY THERAPY**, 15(1): 19 - 33.

Lamb, S. and Keon, S. 1995. Blaming the perpetrator: Language that distorts reality in newspaper articles on men battering women. **PSYCHOLOGY OF WOMEN QUARTERLY,** 19 (June): 209 - 220.

Levant, R.F. 1984. **FAMILY THERAPY: A COMPREHENSIVE OVERVIEW.** New Jersey: Prentice Hall.

Levinson, D. 1989. **FAMILY VIOLENCE IN CROSS-CULTURAL PERSPECTIVE.** Newbury Park: Sage.

Louw, D.A. 1982. **INLEIDING TOT DIE PSIGOLOGIE.** Johannesburg: McGraw-Hill.

Louw, D.A. 1989. Dwelmmiddelmisbruik. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Louw, D.A. en Beyers, D. 1989. Angsversteurings. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Louw, D.A. en Erasmus, J.A.K. 1989. Psigosomatiese versteurings. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Louw, D.A. en Van Jaarsveld, P.E. 1989. Gemoedsversteurings. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Loveday, P.K. 1997. Gender violence in South Africa: Causes, effects and responses. **URBANISATION AND HEALTH NEWSLETTER**, 34 (September): 5 - 12.

Lukas 6:27 - 29. 1990. **DIE BYBEL: NUWE VERTALING.** Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Maiuro, R.D., Cahn, T.S., Vitaliano, P.P., Wagner, B.C. and Zegree, J.B. 1988. Anger, hostility, and depression in domestically violent versus generally assaultive men and nonviolent control subjects. **JOURNAL OF CONSULTING AND CLINICAL PSYCHOLOGY**, 56(1): 17 - 23.

Margolin, G., Sibner, L.G. and Gleberman, L. 1988. Wife battering. **HANDBOOK OF FAMILY VIOLENCE.** Van Hasselt, V.B., Morrison, R.L., Bellack, A.S. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Martin, A.C. 1996. **TRADITIONAL FAIRY TALES: CLASSIC BEDTIME STORIES.** Oxford: Transedition.

Martin, D. 1979. What keeps a woman captive in a violent relationship? The social context of battering. **BATTERED WOMEN.** Moore, D.M. Beverly Hills: Sage.

Martin, S.L., Cotten, N.U., Browne, B.K., Kurtz, B. and Robertson, E. 1995. Family violence and depressive symptomatology among incarcerated women. **JOURNAL OF FAMILY VIOLENCE**, 10(4): 399 - 411.

Maykut, P. and Morehouse, R. 1994. **BEGINNING QUALITATIVE RESEARCH: A PHILOSOPHIC AND PRACTICAL GUIDE.** London: Falmer.

McClennan, H., Joseph, S. and Lewis, C.A. 1994. Causal attributions for marital violence and emotional response by women seeking refuge. **PSYCHOLOGICAL REPORTS**, 70 (July): 272 -274.

McGoldrick, M. and Gerson, R. 1985. **GENOGRAMS IN FAMILY ASSESSMENT.** New York: W.W. Norton.

McInnis-Dittrich, K. 1996. Violence prevention: An ecological adaptation of Systematic Training for Effective Parenting. **FAMILIES IN SOCIETY: THE JOURNAL OF CONTEMPORARY HUMAN SERVICES**, 77 (September): 414 - 422.

Meyer, H.W.J. 1995. Die toepassing van die kwalitatiewe benadering in wetenskaplike navorsing. **MOUSAION**, 13(1/2): 275 - 293.

Meyer, W.F. 1989. Psigoanalitiese perspektiewe van abnormale gedrag. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Michael, R.P. and Zumpe, D. 1986. An annual rhythm in the battering of women. **AMERICAN JOURNAL OF PSYCIATRY**, 143(5): 637 - 640.

Miller, J. and Glassner, B. 1997. The 'inside' and the 'outside': Finding realities in interviews. **QUALITATIVE RESEARCH: THEORY, METHOD AND PRACTICE.** Silverman, D. (Ed.). London: Sage.

Minuchin, S. 1985. **FAMILIES AND FAMILY THERAPY.** London: Tavistock.

Modiselle, M. 1997. Nicro offers support for abused women. **SPEAK OUT: NEWSLETTER OF THE FREE STATE NETWORK ON VIOLENCE AGAINST WOMEN**, 1(1): 4 - 5.

Möller, A.T. 1989. Persoonlikheidsversteurings. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Moore, D.M. 1979. Suggestions for public policies. **BATTERED WOMEN.** Moore, D.M. (Ed.). Beverly Hills: Sage.

Moore, H. 1992. **SEXUALITY AND VIOLENCE.** Unpublished seminar paper presented at the Gender Forum, University of the Witwatersrand. Johannesburg: August.

Morse, B. 1997. **STORIES FOR BEDTIME.** Leicestershire: Ladybird.

Mutchnick, R.J. and Berg, B.L. 1996. **RESEARCH METHODS FOR THE SOCIAL SCIENCES: PRACTICE AND APPLICATIONS.** Boston: Allyn and Bacon.

Myers, D.L. 1995. Eliminating the battering of women by men: Some considerations for behavior analysis. **JOURNAL OF APPLIED BEHAVIOR ANALYSIS**, 28(4): 493 - 507.

Myrdal, O. and Klein, V. 1968. **WOMEN'S TWO ROLES.** (2nd Ed.). London: Routledge and Kegan Paul.

National Institute for Public Interest Law and Research. 1996. **THE UNITED NATIONS CONVENTION ON THE ELIMINATION OF ALL FORMS OF DISCRIMINATION AGAINST WOMEN (CEDAW): CEDAW IN SOUTH AFRICA.** Pretoria: Taj.

Nel, Z.J. 1987. Die sisteemteoretiese beskouing van persoonlikheid. **PERSOONLIKHEIDSIELKUNDE.** Möller, A.T. (Red.). Pietermaritzburg: Interpak Natal.

NiCarthy, G. 1984. **TALKING IT OUT: A GUIDE TO GROUPS WITH ABUSED WOMEN.** Detroit: New Seal.

Nielsen, J.M., Endo, R.K. and Ellington, B.L. 1992. Social isolation and wife abuse: A research report. **INTIMATE VIOLENCE: INTERDISCIPLINARY PERSPECTIVES.** Viano, E.C. (Ed.). Washington, D.C.: Hemisphere.

NIPILAR

Kyk

National Institute for Public Interest Law and Research. 1996.

NMVS

Kyk

Interdepartementele Strategiese Span van die Departemente Korrektiewe dienste, Verdediging, Intelligensie, Justusie, Veiligheid en Sekuriteit en Welsyn. 1996.

Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. en Booysen, C.M. 1981. **VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL.** Johannesburg: Perskor.

Olds, S.W. and Papalia, D.E. 1986. **HUMAN DEVELOPMENT.** New York: McGraw-Hill.

O'Leary, K.D., Barling, J., Arias, I., Rosenbaum, A., Malone, J. and Tyree, A. 1989. Prevalence and stability of physical aggression between spouses. **JOURNAL OF CONSULTING AND CLINICAL PSYCHOLOGY**, 57(2): 263 - 268.

O'Keefe, M. 1994. Adjustment of children from maritally violent homes. **FAMILIES IN SOCIETY: THE JOURNAL OF CONTEMPORARY HUMAN SERVICES**, 75(7): 403 - 415.

Pagelow, M.D. 1988. Marital rape. **HANDBOOK OF FAMILY VIOLENCE.** Van Hasselt, V.B., Morrison, R.L., Bellack, A.S. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Papero, D.V. 1991. The Bowen theory. **FAMILY COUNSELING AND THERAPY.** Horne, A.M. and Passmore, J.L. (Eds.). Illinois: Peacock.

Pardeck, J.T. 1988. Social treatment through an ecological approach. **CLINICAL SOCIAL WORK JOURNAL**, 16(1): 92 - 104.

Pardeck, J.T. 1996. An ecological approach for social work intervention. **FAMILY THERAPY**, 23(3): 189 - 198.

Paterson, E.J. 1979. How the legal system responds. **BATTERED WOMEN.** Moore, D.M. (Ed.). Beverly Hills: Sage.

Pearson, J. and Griswold, E.A. 1997. Child support policies and domestic violence. **PUBLIC WELFARE**, 104 (Winter): 26 - 32.

Pence, E. 1984. Response to Peter Nerdig's Article on spouse abuse. **VICTOMOLOGY**, 3(4): 477 - 482.

People Opposing Women Abuse. 1998. **POWA INFORMATION PACKAGE.** Information booklet on the abuse of women. Johannesburg: POWA

1 Petr.
Kyk
1 Petrus 3:7. 1990. Die Bybel.
en
1 Petrus 3:17. 1990. Die Bybel

1 Petrus 3:7. 1990. **DIE BYBEL: NUWE VERTALING.** Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

1 Petrus 3:17. 1990. **DIE BYBEL: NUWE VERTALING.** Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

POWA.
Kyk
People Opposing Women Abuse. 1998.

Preller, A.C.N. 1989. Eksistensieel-fenomenologiese perspektiewe van abnormale gedrag. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Prins. 57/95.
Kyk
Vrystaat Onderwysdepartement. 1995. Lyfstraf in onderwysinstellings.

Punch, M. 1986. **QUALITATIVE RESEARCH METHODS: THE POLITICS AND ETHICS OF FIELDWORK.** Beverly Hills: Sage.

Reinelt, C. 1994. Fostering empowerment, building community: The challenge for State-funded feminist organizations. **HUMAN RELATIONS**, 47(6): 685 - 705.

Resnick, H.S., Kilpatrick, D.G., Walsh, C. and Veronen, L.J. 1991. Marital rape. **CASE STUDIES IN FAMILY VIOLENCE.** Ammerman, R.T. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Ritzer, G. 1986. **SOCIAL PROBLEMS.** (Second edition). New York: Random House.

Rodway, M.R. 1986. Systems theory. **SOCIAL WORK TREATMENT: INTERLOCKING THEORETICAL APPROACHES.** (Third ed.). Turner, F.J. (Ed.). New York: The Free Press.

Römkens, R. 1997. Prevalence of wife abuse in the Netherlands: Combining quantitative and qualitative methods in survey research. **JOURNAL OF INTERPERSONAL VIOLENCE**, 12 (February): 99 - 125.

Rosenbaum, A., Cohen, P. and Forsstrom-Cohen, B. 1991. The ecology of domestic aggression toward adult victims. **CASE STUDIES IN FAMILY VIOLENCE.** Ammerman, R.T. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Rosenbaum, A. and Maiuro, R.D. 1990. Perpetrators of spouse abuse. **TREATMENT OF FAMILY VIOLENCE: A SOURCEBOOK.** Ammerman, R.T. and Hersen, M. (Eds.). New York: John Wiley & Sons.

Ross, E. 1988. An ecological approach to social work with deaf communities. **MAATSKAPLIKE WERK / SOCIAL WORK**, 24(3): 146 - 152.

Royce, D. 1991. **RESEARCH METHODS IN SOCIAL WORK.** Chicago: Nelson-Hall.

Russell, M. 1988. Wife assault theory, research and treatment: A literature review. **JOURNAL OF FAMILY VIOLENCE**, 3(3): 193 - 208.

Sampselle, C.M., Bernhard, L., Kerr, R., Opie, N., Perley, M.J. and Pitzer, M. 1992. Violence against women: The scope and significance of the problem. **VIOLENCE AGAINST WOMEN.** Sampselle, C.M. (Ed.). New York: Hemisphere.

Sarason, I.G. and Sarason, B.R. 1987. **ABNORMAL PSYCHOLOGY: THE PROBLEM OF MALADAPTIVE BEHAVIOR.** (Fifth ed.). New Jersey: Prentice-Hall.

Schoeman, J.H. 1980. Die sisteemteorie. **BENADERINGS IN MAATSKAPLIKE WERK.** Grobbelaar, S.W.P. en Schoeman, J.H. (Red.). Pretoria: Academica.

Schultz, S.J. 1984. **FAMILY SYSTEMS THERAPY: AN INTEGRATION.** New York: Jason Aronson.

Schutte, N.S., Malouff, J.M. and Doyle, J.S. 1988. The relationship between characteristics of the victim, persuasive techniques of the batterer, and returning to a battering relationship. **JOURNAL OF SOCIAL PSYCHOLOGY**, 128(5): 605 - 610.

Scott, M.M. 1987. **HULPVERLENING AAN DIE VROULIKE ENKELOUER EN HAAR KIND(ERS): 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF.** Ongepubliseerde M. Soc. Sc. - (M.W.) verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Sears, D.O., Peplau, A. and Freedman, J.L. 1988. **SOCIAL PSYCHOLOGY.** London: Prentice-Hall.

Sentrale Statistiekdiens. 1991. **BEVOLKINGSENSUS 1991: INKOMSTE VOLGENS ONTWIKKELINGSTREEK, STATISTIESE STREEK EN DISTRIK.** Pretoria: Staatsdrukker.

Sentrale Statistiekdiens. 1995. **HUISHOUDELIKE OPNAME 1994: GEREGISTREERDE WERKLOOSHEID IN SUID-AFRIKA.** Pretoria: Staatsdrukker.

Sentrale Satistiekdiens. 1997(a). Telefoononderhoud met 'n verteenwoordiger van die Sentrale Statistiekdiens (Suid-Afrika). Pretoria: 8 Desember.

Sentrale Statistiekdiens. 1997(b). **RSA STATISTIEKE IN KORT.** Pretoria: Staatsdrukker.

Shaik, F. and Park, Y.J. 1997. The fight against violence against women in South Africa. **LOLA PRESS: INTERNATIONAL FEMINIST MAGAZINE**, 8 (November 1997 - April 1998): 6.

Shainess, N. 1977. Psychological aspects of wifebattering. **BATTERED WOMEN: A PSYCHOSOCIOLOGICAL STUDY OF DOMESTIC VIOLENCE.** Roy, M. (Ed.). New York: Van Nostrand.

Simons, H.J. 1997. **STRUGGLES IN SOUTHERN AFRICA FOR SURVIVAL AND EQUALITY.** London: Macmillan.

Singleton, G. 1983. Bowen family systems theory. **FAMILY COUNSELING AND THERAPY.** Horne, A.M. and Ohlsen, M.M. (Eds.). Illinois: Peacock.

Small, S.A. and Luster, T. 1994. Adolescent sexual activity: An ecological, risk-factor approach. **JOURNAL OF MARRIAGE AND THE FAMILY**, 56(1): 181 - 192.

Smith, V.G. 1981. Helping couples to differentiate from their families of origin. **QUESTIONS AND ANSWERS IN THE PRACTICE OF FAMILY THERAPY.** Gurman, A.S. (Ed.). New York: Brunner/Mazel.

Snyman, C.R. 1992. **STRAFREG.** (Derde uitgawe). Durban: Butterworths.

Sommers, I. and Baskin, D.R. 1993. The situational context of violent female offending. **JOURNAL OF RESEARCH IN CRIME AND DELINQUENCY**, 30(2): 136 - 162.

SOUTH AFRICA (Republic). 1994. Beijing Conference Report: **COUNTRY REPORT ON THE STATUS OF SOUTH AFRICAN WOMEN.** Pretoria: Government Printer.

SOUTH AFRICA (Republic). 1997. Costing of shelters for street children and abused / battered / destitute women. **WELFARE RESEARCH BULLETIN**, 1(1): 24 - 29.

SOUTH AFRICA (Republic). 1998. Report on the National Conference on Victim Empowerment held 18 - 19 June at the Diamond City Tabernacle in Kimberley. Pretoria: Government Printer.

South African Women's Shelter Movement. 1997. **CONSTITUTION.** Durban: South African Women's Shelter Movement.

South African Women's Shelter Movement. 1998. **SHELTERS FOR ABUSED WOMEN IN S.A.** Durban: South African Women's Shelter Movement.

Stander, C. 1995. 'n Suid-Afrikaanse feminisme: Die pad vorentoe. **KARRING: TYDSKRIF VIR TAALONDERRIG**, 8 (Herfs): 45 - 46.

Stanley, L. and Wise, S. 1983. **BREAKING OUT: FEMINIST CONSCIOUSNESS AND FEMINIST RESEARCH.** London: Routledge and Kegan Paul.

Stark, E. and Flitcraft, A. 1988. Violence among intimates. **HANDBOOK OF FAMILY VIOLENCE**. Van Hasselt, V.B., Morrison, R.L., Bellack, A.S. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Steinmetz, S.K. 1978. The battered husband syndrome. **VICTOMOLOGY**, 2(1): 499 - 509.

Steinmetz, S.K. and Lucca, J.S. 1988. Husband battering. **HANDBOOK OF FAMILY VIOLENCE.** Van Hasselt, V.B., Morrison, R.L., Bellack, A.S. and Hersen, M. (Eds.). New York: Plenum.

Stets, J.E. and Straus, M.A. 1990. Gender differences in reporting marital violence and its medical and psychological consequences. **PHYSICAL VIOLENCE IN AMERICAN FAMILIES**, Straus, M.A. and Gelles, R.J. (Eds.). New Brunswick: Transaction.

Steyn, A.F., Van Wyk, D. en Le Roux, T. 1987. **DIE GESIN: GISTER EN VANDAG.** Pretoria: Academica.

Steyn, A.F. en Van Rensburg, H.C. J. 1985. **SOSIOLOGIE.** Goodwood: Nasionale drukkery.

Straus, M.A. 1979. Measuring intrafamily conflict and violence: The conflict tactics (CT) scales. **JOURNAL OF MARRIAGE AND THE FAMILY**, 41(1): 75 - 88.

Straus, M.A. 1980a. Victims and aggressors in marital violence. **AMERICAN BEHAVIORAL SCIENTIST**, 23(4): 681 - 704.

Straus, M.A. 1980b. Sexual inequality and wife beating. **THE SOCIAL CAUSES OF HUSBAND-WIFE VIOLENCE.** Straus, M.A. and Hotaling, G.T. (Eds.). Minneapolis: University of Minnesota Press.

Straus, M.A. 1980c. The marriage license as a hitting license: Evidence from popular culture, law, and social science. **THE SOCIAL CAUSES OF HUSBAND-WIFE VIOLENCE.** Straus, M.A. and Hotaling, G.T. (Eds.). Minneapolis: University of Minnesota Press.

Straus, M.A. 1980d. Sexual inequality and wife beating. **THE SOCIAL CAUSES OF HUSBAND-WIFE VIOLENCE.** Straus, M.A. and Hotaling, G.T. (Eds.). Minneapolis: University of Minnesota Press.

Straus, M.A., Gelles, R.J. and Steinmetz, S.K. 1981. **BEHIND CLOSED DOORS: VIOLENCE IN THE AMERICAN FAMILY.** New York: Doubleday.

Straus, M.A. and Gelles, R.J. 1990. **PHYSICAL VIOLENCE IN AMERICAN FAMILIES: RISK FACTORS AND ADAPTATIONS TO VIOLENCE IN 8145 FAMILIES.** New Brunswick: Transaction.

Straus, M.A. 1991. Discipline and deviance: Physical punishment of children and violence and other crime in adulthood. **SOCIAL PROBLEMS**, 38(2): 133 - 154.

Straus, M.A. 1995. **MANUAL FOR THE *CONFLICT TACTICS SCALES.*** Durham: University of New Hampshire.

Straus, M.A., Hamby, S.L., Boney-McCoy, S. and Sugarman, D.B. 1996. The revised Conflict Tactics Scales (CTS2). Development and preliminary psychometric data. **JOURNAL OF FAMILY ISSUES**, 17(3): 283 - 316.

Straus, M.A. and Yodanis, C.L. 1996. Corporal punishment in adolescence and physical assaults on spouses in later life: What accounts for the link? **JOURNAL OF MARRIAGE AND THE FAMILY**, 58 (November): 825 - 841.

Strauss, A. and Corbin, J. 1990. **BASICS OF QUALITATIVE RESEARCH: GROUNDED THEORY PROCEDURES AND TECHNIQUES.** London: Sage.

Stringer-Moore, D., Pepitone-Arreola-Rockwell, F. and Rozée-Koker, P. 1984. Beliefs about and experiences with battering: Women and men in two populations. **SEX ROLES**, 11(3/4): 269 - 276.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1993. Vierde Algemene Regswysigingswet (Wet 132 van 1993). Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1993. Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993). Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996). Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1996. Verslag van die Departement van Welsyn vir die jaar 1995 - 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1996. Witskrif vir Maatskaplike Welsyn. Pretoria: Staatsdrukker.

Symonds, A. 1979. Violence against women: The myth of masochism. **AMERICAN JOURNAL OF PSYCHOTHERAPY**, 33(2): 170 - 177.

Tedeschi, J.T. and Nesler, M.S. 1993. Social interactionist perspectives on aggression and violence: An introduction. **AGGRESSION AND VIOLENCE: SOCIAL INTERACTIONIST PERSPECTIVES.** Felson, R.B. and Tedeschi, J.T. (Eds.). Washington, D.C.: American Psychological Association.

Theron, A. 1989. Seksuele versteurings. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Theron, A. en Louw, D.A. 1989. Die geskiedenis, aard en klassifikasie van abnormale gedrag. **SUID-AFRIKAANSE HANDBOEK VAN ABNORMALE GEDRAG.** Louw, D.A. (Red.). Halfweghuis: Southern.

Theron du Toit, R. 1993. Provocation to killing in domestic relationships. **RESPONSA MERIDIANA**, 6(3): 230 - 252.

Toch, H.H. 1969. **VIOLENT MEN: AN INQUIRY INTO THE PSYCHOLOGY OF VIOLENCE.** Chicago: Aldine.

Toman, W. 1961. **FAMILY CONSTELLATION.** New York: Springer.

Toman, W. 1962. Family constellation of divorced and married couples. **JOURNAL OF INDIVIDUAL PSYCHOLOGY**, 18(1): 48 - 51.

Tucker, S. 1979. Minority issues in community mental health. **SOCIAL WORK PROCESSES.** (Revised ed.). Compton, B.R. and Galaway, B. (Eds.). USA: Dorsey.

Tulip, J. 1997. **NURSERY RHYMES.** Rome: Ultimate.

Umbarger, C.C. 1983. **STRUCTURAL FAMILY THERAPY.** New York: Grune and Stratton.

Usdin, S. 1997. "Soul City" and the National Network form exciting partnership. **SPEAK OUT: NEWSLETTER OF THE FREE STATE NETWORK ON VIOLENCE AGAINST WOMEN**, 1(2): 1 and 4.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. **NUWE WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK / NEW DICTIONARY OF SOCIAL WORK.** Kaapstad: CTP.

Valenkamp, M. 1992. Die feminisme: 'n Oorsig. **WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**, 299 (November): 1 - 40.

Van der Hoven, A.E. 1989. The community's attitude towards wife battering. **ACTA CRIMINOLOGICA**, 2(2): 54 - 59.

Van der Hoven, A.E. 1992. Vrouemishandeling: Enkele gesigspunte oor die verklaring daarvan. **ACTA CRIMINOLOGICA**, 5(2): 77 - 83.

Van Gigch, J.P. 1974. **APPLIED GENERAL SYSTEMS THEORY.** New York: Harper and Row.

Van Niekerk, E. 1993. Geslagtelikheid tussen veralgemeninge en argetipes. **THEOLOGIA EVANGELICA**, 16(2): 25 - 35.

Van Pletzen, F. 1999. **DIE BESKERMING VAN KINDERS DEUR MIDDEL VAN DIE WET OP DIE VOORKOMING VAN GESINSGEWELD, WET 133 VAN 1993.** Ongepubliseerde seminaarvoordrag gelewer by DIE KIND IN FOKUS-seminaar van die Bloemfonteinse Vereniging vir Kinder- en Gesinsorg. Bloemfontein: Maart.

Van Zyl, L. 1992. What do women want from the law? **THE SOUTH AFRICAN LAW JOURNAL**, 109(3): 509 - 518.

VERKLARDENDE Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
Kyk
Odendal, F.F. et al. 1981.

VERSLAG van die Departement van Welsyn.
Kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). 1996. Verslag van die Departement van Welsyn.

Vetten, L. 1994. **"MAN SHOOTS WIFE": A PILOT STUDY DETAILING INTIMATE FEMICIDE IN GAUTENG, SOUTH AFRICA.** Johannesburg: POWA.

Viano, E.C. 1992. Violence among intimates: Major issues and approaches. **INTIMATE VIOLENCE: INTERDISCIPLINARY PERSPECTIVES.** Viano, E.C. (Ed.). Washington, D.C.: Hemisphere.

VICTIM Empowerment Programme (VEP)
Kyk
SOUTH-AFRICA (Republic). 1998. Report on the National Conference on Victim Empowerment.

Vierde Algemene Regswysigingswet.
Kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). 1993. Vierde Algemene Regswysigingswet.

Viljoen, M. 1998. Onderhoud met die Bloemfonteinse Klerk van die Onderhoudshof, verantwoordelik vir die byhou van die Interdikregister. April: Bloemfontein.

Vlahos, O. 1993. Generic male, endangered gender? **FIRST THINGS: JOURNAL OF RELIGION AND PUBLIC LIFE**, 29(1): 15 - 23.

Von Bertalanffy, L. 1968. **GENERAL SYSTEMS THEORY.** New York: Baziller.

Von Bertalanffy, L. 1975. General systems theory. **GENERAL SYSTEMS THEORY AND HUMAN COMMUNICATION.** Ruben, B.D. and Kim, J.Y. (Eds.). New Jersey: Hyden.

Vrystaat Onderwysdepartement. 1995. **LYFSTRAF IN ONDERWYSINSTELLINGS.** Prinsipaalsbrief no. 57/95. 25 Augustus: Bloemfontein.

Walker, L.E.A. 1978. Treatment alternatives for battered women. **THE VICTIMIZATION OF WOMEN.** Chapman, J.R. and Gates, M. (Eds.). Beverly Hills: Sage.

Walker, L.E.A. 1979. **THE BATTERED WOMEN.** New York: Harper and Row.

Walker, L.E.A. 1980. Battered women. **WOMEN AND PSYCHOTHERAPY.** Brodsky, A. and Hare-Mustin, R. (Eds.). New York: Guilford.

Walker, L.E.A. 1981. Battered women: Sex roles and clinical issues. **PROFESSIONAL PSYCHOLOGIST**, 12(1): 81 - 91.

Walker, L.E.A. 1989. Psychology and violence against women. **THE AMERICAN PSYCHOLOGIST**, 44(4): 695 - 702.

Wertham, F. 1966. **A SIGN FOR CAIN: AN EXPLORATION OF HUMAN VIOLENCE.** New York: Macmillan.

WETTE
Kyk
SUID-AFRIKA (Republiek).

Whipple, E.E. and Richey, C.A. 1997. Crossing the line from physical discipline to child abuse: How much is too much? **CHILD ABUSE AND NEGLECT**, 21 (May): 431 - 444.

White, J.B. and Sorenson, S.B. 1992. A sociocultural view of sexual assault: From discrepancy to diversity. **JOURNAL OF SOCIAL ISSUES**, 48(1): 187 - 195.

Wilkinson, P. 1984. **THE SALE OF THE CENTURY? A CRITICAL REVIEW OF RECENT DEVELOPMENT IN AFRICAN HOUSING POLICY.** Cape Town: Carnegie conference.

Wilmot, G.J. 1984. **STATE EDUCATION AND INCOME INEQUALITY: QUANTITATIVE EXPLORATIONS OF SOCIAL INEQUALITY.** Cape Town: Carnegie Conference.

WITSKRIF vir Maatskaplike Welsyn.
Kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). 1996. Witskrif vir Maatskaplike Welsyn

Wolf, R.S. 1990. Perpetrators of elder abuse. **TREATMENT OF FAMILY VIOLENCE: A SOURCEBOOK.** Ammerman, R.T. and Hersen, M. (Eds.). New York: John Wiley and Sons.

Wolhuter, L. 1996. Excuse them though they do know what they do - the distinction between justification and excuse in the context of battered women who kill. **SOUTH AFRICAN JOURNAL OF CRIMINAL JUSTICE / SUID-AFRIKAANSE TYDSKRIF VIR STRAFREGPLEGING**, 9(2): 151 - 166.

Wood, K., Maforah, F. and Jewkes, R. 1996. **SEX VIOLENCE AND CONSTRUCTIONS OF LOVE AMONG XHOSA ADOLESCENTS: PUTTING VIOLENCE ON THE SEXUALITY EDUCATION AGENDA.** Pretoria: Medical Research Council.

Wood, K. and Jewkes, R. 1998. **"LOVE IS A DANGEROUS THING": MICRO-DYNAMICS OF VIOLENCE IN SEXUAL RELATIONSHIPS OF YOUNG PEOPLE IN UMTATA.** Pretoria: Medical Research Council.

BYLAE A

NAAM- EN ADRESLYS VAN TYDSKRIFTE EN NUUSBLAAIE WAARAAN BRIEWE GERIG IS VIR DIE WERWING VAN DEELNEMERS AAN DIE STUDIE

---

*1. Dagsê! Keur
Posbus 32083
4060 **MOBENI**

2. Femina
PO Box 3647
8000 **CAPE TOWN**

*3. Your Family
PO Box 32083
4060 **MOBENI**

*4. Rooi Rose: Praat Saam
Posbus 2595
2000 **JOHANNESBURG**

*5. Sarie-briewe
Posbus 1802
8000 **KAAPSTAD**

6. Joy!
PO Box 377
3291 **MERRIVALE**

*7. Pace Letters
PO Box 1610
2121 **PARKLANDS**

*8. Tribute
PO Box 784178
2146 **SANDTON**

9. Bona Magazine
PO Box 32083
4060 **MOBENI**

10. Cosmopolitan
PO Box 5355
8000 **CAPE TOWN**

11. You
PO Box 7167
8000 **CAPE TOWN**

12. True Love
PO Box 784696
2146 **SANDTON**

13. Huisgenoot
Posbus 1802
8000 **KAAPSTAD**

14. Personality
PO Box 32083
4060 **MOBENI**

*15. City Press
PO Box 3413
2000 **JOHANNESBURG**

*16. Rapport Forum
Posbus 8422
2000 **JOHANNESBURG**

*17. Sunday Times
PO Box 1742
2132 **SAXONWOLD**

*18. The Citizen
PO Box 7712
2000 **JOHANNESBURG**

*19. The Star
PO Box 1014
2000 **JOHANNESBURG**

*20. Express Letters
PO Box 9493
9300 **BLOEMFONTEIN**

*21. Sowetan
PO Box 6663
2000 **JOHANNESBURG**

*22. Die Volksblad
Posbus 267
9300 **BLOEMFONTEIN**

*23. Post
PO Box 733
4000 **DURBAN**

*24. Ons Stad
Posbus 267
9300 **BLOEMFONTEIN**

*25. Bloemnuus
Posbus 6679
9300 **BLOEMFONTEIN**

*26. Forum
Posbus 150
9460 **WELKOM**

*27. Vista
Posbus 1027
9460 **WELKOM**

28. Our Times
PO Box 116
6330 **JEFFREYSBAY**

29. Die Burger
Posbus 525
6000 **PORT ELIZABETH**

30. Eastern Province Herald
PO Box 1117
6000 **PORT ELIZABETH**

31. Algoa Sun
PO Box 1836
6000 **PORT ELIZABETH**

*32. Die Ster
Posbus 351
1900 **VANDERBIJLPARK**

*33. Vaal Weekblad
Posbus 351
1900 **VANDERBIJLPARK**

*34. Argus
PO Box 56
8000 **CAPE TOWN**

*35. Die Noordelike Stem
Posbus 309
9500 **KROONSTAD**

*36. Vrystaat
Posbus 21
9700 **BETHLEHEM**

*37. Harrismith Chronicles
PO Box 108
9880 **HARRISMITH**

*38. Natal Witness
PO Box 362
9200 **PIETERMARITZBURG**

*39. Roodepoort Record
PO Box 5064
1730 **HORISON**

40. Record
PO Box 1797
2123 **PINEGOWRIE**

41. Randburg Sun
PO Box 1797
2123 **PINEGOWRIE**

42. Swartland Monitor
Posbus 285
7300 **MALMESBURY**

43. Stellalander
Posbus 443
8600 **VRYBURG**

*44. Klerksdorp Record
Posbus 650
2570 **KLERKSDORP**

45. Gemsbok
Posbus 60
8800 **UPINGTON**

*46. Nelspruit Informer
PO Box 6067
1200 **NELSPRUIT**

*47. The Pretoria News
PO Box 439
0001 **PRETORIA**

48. Kimberley News
PO Box 2275
8300 **KIMBERLEY**

*49. Western Transvaal Record
PO Box 650
2570 **KLERKSDORP**

*50. Northern Review
PO Box 45
0700 **PIETERSBURG**

51. Kitsnuus
Crossmanstraat 14
8301 **KIMBERLEY**

52. Diamond Fields Acvertiser
PO Box 610
8301 **KIMBERLEY**

53. Noordwester Oewernuus
Van Riebeecklaan
8940 **PRIESKA**

*54. Galaxy Newspaper
4 Midras Street
3201 **PIETERMARITZBURG**

*55. The Laevelder
PO Box 246
1200 **NELSPRUIT**

*56. West Newspaper
PO Box 7047
0300 **RUSTENBURG**

57. District Mail
PO Box 58
7129 **SOMERSET WEST**

*58. The Star
PO Box 1014
2000 **JOHANNESBURG**

*59. Estcourt and Midland News
PO Box 1515
3310 **ESTCOURT**

60. West Rand Times
PO Box 5064
1734 **HORIZON**

61. Randfontein Herald
PO Box 69
1760 **RANDFONTEIN**

62. Southern Globe
PO Box 1484
1820 **LENASIA**

63. Vaal Vision
PO Box 351
1900 **VANDERBIJLPARK**

*64. City Press
Room 11 Oribi House
20 Voster Street
0700 **PIETERSBURG**

65. Eikestadnuus
Posbus 28
7599 **STELLENBOSCH**

66. Secunda Echo
Posbus 893
2302 **SECUNDA**

67. Die Kwêvoël
Posbus 163
0380 **THABAZIMBI**

68. Echo Nuus
Posbus 545
2310 **BETHAL**

*69. Paarlpos
Posbus 248
7620 **PAARL**

*70. Witbank Nuus
Posbus 63
1035 **WITBANK**

71. Noordwes Gazette
Posbus 515
2520 **POTCHEFSTROOM**

72. Middelburg Observer
Posbus 36
1050 **MIDDELBURG**

73. Karoostem
Posbus 40
7070 **VICTORIA-WES**

74. Kosmos Nuusblad
Posbus 486
2410 **BALFOUR**

75. Carletonville Herald
Posbus 450
2500 **CARLETONVILLE**

76. Phalaborwa Herald
Posbus 810
1390 **PHALABORWA**

77. Knysna and Plett Herald
PO Box 1339
6570 **KNYSNA**

78. Wes-Transvaler en OVS Herald
Posbus 515
2520 **POTCHEFSTROOM**

79. Echo-Ridge
Posbus 4369
2302 **SECUNDA**

*80. Die Hoëvelder
Posbus 83
2350 **ERMELO**

*81. Sandton Chronicle
PO Box 1797PO Box 5064
2123 **PINEGOWRIE**

BYLAE B

VORMBRIEF GERIG AAN DIE REDAKTEURS VAN TYDSKRIFTE EN NUUSBLAAIE: AFRIKAANS

Tel: (051) 447-3455

Posbus 13281
9305 NOORDSTAD

13 Julie 1998

Die Hoëvelder
Posbus 83
2350 ERMELO

Geagte Redakteur

WERWING VAN DEELNEMERS AAN 'N NAVORSINGSTUDIE OOR GEWELD TEENOOR VROUE

Ek is besig met 'n doktorale studie oor geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings en wil *Die Hoëvelder* versoek om deur middel van u briewe-rubriek, vir my behulpsaam te wees met die werwing van deelnemers aan die studie. Vroue wat hulleself tans (of gedurende die afgelope jaar) in 'n geweldgekenmerkde verhouding met 'n manlike huweliks- of saamwoonmaat bevind (het), word benodig om deur middel van die invul van 'n kort posvraelys, aan die navorsing deel te neem. Belangstellendes word versoek om 'n naam en posadres, asook 'n aanduiding of 'n Afrikaanse of Engelse vraelys benodig word, te pos aan:

Die Navorser
Posbus 13281
9305 NOORDSTAD

Alle inligting wat ontvang word sal vertroulik hanteer word. Na ontvangs van bogenoemde inligting, sal 'n vraelys en 'n gefrankeerde koevert waarin die ingevulde vraelys teruggepos kan word, aan deelnemers gepos word.

By voorbaat baie dankie.

Die uwe

H.P. Schoeman

BYLAE C

VORMBRIEF GERIG AAN DIE REDAKTEURS VAN TYDSKRIFTE EN NUUSBLAAIE: ENGELS

Tel: (051) 447-3455

PO Box 13281
9305 NOORDSTAD

13 July 1998

West Rand Times
PO Box 5064
1734 **HORIZON**

Dear Editor

RECRUITMENT OF PARTICIPANTS FOR A RESEARCH STUDY ON VIOLENCE AGAINST WOMEN

I am doing a doctorate on violence against women in cohabiting and marital relationships and would like to request *West Rand Times* to assist me with the recruitment of participants by means of your letters column. Women who currently find themselves in a violent relationship with a husband or cohabiting male partner (or who had been in such a relationship during the past year) are needed to participate by means of filling out a short questionnaire. Interested persons are requested to supply me with a name, postal address and an indication as to whether an English or Afrikaans questionnaire would be preferred, by posting the information to:

The Researcher
PO Box 13281
9305 NOORDSTAD

The anonymity of all participants is assured. When I receive the above information, a questionnaire and a stamped envelope for returning the document, will be posted to the participants.

Thank you very much.

Yours faithfully

H.P. Schoeman

BYLAE D

VERKLARING DEUR DIE STUDIEPROMOTOR: AFRIKAANS

Dr. S.B. Ferreira

13 Julie 1998

VERKLARING

Hiermee word verklaar dat **H.P. SCHOEMAN (ST. NR: 8733880)** 'n ingeskrewe student by hierdie departement is en besig is met 'n Ph.D. - studie getiteld:

'n Ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

S. B. Ferreira.

Dr. S.B. Ferreira
Promotor

BYLAE E

VERKLARING DEUR DIE STUDIEPROMOTOR: ENGELS

Dr. S.B. Ferreira

13 July 1998

DECLARATION

It is hereby declared that **H.P. SCHOEMAN (ST. NR: 8733880)** is a registered student at this department for a Ph.D. study entitled:

An ecological perspective on violence against women in cohabiting and marital relationships.

S. B. Ferreira.

Dr. S.B. Ferreira
Supervisor

BYLAE F

AFRIKAANSE VRAELYS

Posbus 13281
9305 NOORDSTAD

27 Julie 1998

Geagte Mevrou / Mejuffrou

Baie dankie vir u bereidwilligheid om aan hierdie navorsing deel te neem. Ek is 'n maatskaplike werker wat oor 'n meestersgraad in Maatskaplike Werk beskik en is as dosent verbonde aan die Departement Maatskaplike Werk by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS). Behalwe vir die werk by die universiteit, is ek ook deeltyds bedrywig in 'n privaat-maatskaplikewerkpraktyk en dit is juis daar waar ek intens bewus geword het van die nood van mishandelde vroue en die behoefte aan navorsing op hierdie terrein in Suid-Afrika (SA). Om hierdie rede het ek geweld teenoor vroue as 'n tema vir die doeleindes van 'n doktorsgraad in Maatskaplike Werk gekies. Die titel van hierdie navorsing waarvoor ek by die UOVS geregistreer is, is: *'n Ekologiese perspektief op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings*. Anders gestel, poog ek om deur middel van hierdie navorsing 'n omvattende beeld te verkry van;

- ❒ faktore wat aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings,
- ❒ hoedat die vroulike slagoffers en die res van die gesin die gewelddadige gedrag beleef,
- ❒ watter ondersteuningstrukture beskikbaar is vir die slagoffers en hulle gesinne en
- ❒ om 'n beeld te verkry van hoedat slagoffers die beskikbare ondersteuningstrukture ervaar / beleef.

Om so 'n omvattende beeld te verkry van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, is naleeswerk alleen eenvoudig nie genoeg nie. Selfs al lees ek alles wat al ooit oor die onderwerp geskryf is, sal ek waarskynlik steeds nie weet hoedat vroulike slagoffers in SA hulle unieke situasie beleef nie. Juis daarom het ek u insette nodig, want u het eerstehandse ondervinding van sodanige geweld en niemand sal beter weet as juis u, hoedat die situasie ervaar word nie. Sonder u insette, is hierdie navorsing dus as't ware nutteloos. Deur middel van u deelname, hoop ek om nie net hulpverleners aan vroulike slagoffers van geweld (byvoorbeeld maatskaplike werkers, sielkundiges, psigiaters, predikante, polisiebeamptes ensovoorts) te voorsien van wetenskaplike kennis ten opsigte van die verskynsel nie, maar ook om regeringsbeleid oor die posisie van vroue te beïnvloed en om vroulike slagoffers van geweld soos uself, te bemagtig (daartoe in staat te stel) om hulle situasie effektief te hanteer.

Ten einde hulpverleners te voorsien van wetenskaplike kennis, die regering te beïnvloed en vroue te bemagtig, moet ek egter die bevindinge van die studie breër bekendstel. As ek die navorsing sou doen, 'n verslag daaroor saamstel en dan die verslag op 'n rak laat lê, het dit tog eintlik geen doel gedien nie. Met reg kan u dalk bekommerd wees daaroor of die inligting wat u hier voorsien vertroulik hanteer sal word. Laat ek dit so aan u verduidelik:

- ❒ U naam, adres of dié van u gesin sal op hoegenaamd geen wyse aan iemand anders bekend gemaak word nie. Trouens, nêrens in die vraelys word van u *verwag* om hierdie besonderhede aan my bekend te maak nie. *(In die heel laaste deel van die vraelys [vraag 33] word wel gevra of u bereid sou wees om met my in gesprek te tree oor die inhoud van u vraelys en indien wel, het ek uiteraard 'n naam, adres en / of telefoonnommer nodig [vraag 34] waar ek met u kan kontak maak. Indien u egter sou verkies om nie persoonlik met my te gesels nie, laat u die spasie wat vir die doeleindes van u naam en adres op bladsy 16 gelaat is eenvoudig oop en bly die inligting wat u wel deur middel van die vraelys aan my gegee het, vir my betekenisvol en benutbaar.)*
- ❒ Bekendmaking van die inligting beteken dat nie u besondere situasie nie, maar die globale bevindinge wat uit 'n hele aantal vraelyste (in die geval van hierdie navorsing, minstens 300 vroue se ingevulde vraelyste) verkry kon word, breër bekendgestel word.
- ❒ Die inligting wat ek deur middel van die ingevulde vraelyste inwin, kan hoofsaaklik op drie maniere bekendgestel word.
  - ⇨ 'n Eerste wyse, is deurdat ek vir die doeleindes van die studie 'n navorsingsverslag saamstel wat as't ware beteken dat ek die hele navorsingsproses en die bevindinge van die studie in die vorm van 'n *boek* skryf. Hierdie *boek* word dan deur minstens drie professionele persone geëvalueer en indien dit deur hulle aanvaar word, word die verslag ook beskikbaar gestel aan minstens een universiteitsbiblioteek waar ander navorsers die inligting vir die doeleindes van hulle eie studie, kan bestudeer.
  - ⇨ Vanuit die navorsingsverslag, beplan ek om ook navorsingsartikels te skryf wat in tydskrifte vir professionele hulpverleners gepubliseer kan word. Sodoende kan meer mense as net ekself (byvoorbeeld ander maatskaplike werkers, sielkundiges, predikante ensovoorts) van die inligting bewus raak en kan hulle die kennis toepas tydens hulpverlening aan mishandelde vroue en hulle gesinne.
  - ⇨ 'n Laaste wyse van bekendmaking, is deur openbare optrede, waar ek die bevindinge van die navorsing aan belanghebbende persone en instansies bekendstel, byvoorbeeld deur 'n toespraak te lewer.
- ❒ So 'n hoë prioriteit word aan vertroulikheid gestel, dat in die Suid-Afrikaanse Interim Raad vir Maatskaplike Werk se Etiese Kode, waaraan ek onderworpe is weens registrasie by dié Raad, streng etiese reëls neergelê word op grond waarvan die inligting wat tydens navorsing bekom word, op so 'n wyse bekendgestel word dat deelnemers aan die navorsing se identiteit op geen wyse bekend gemaak mag word nie. U anonimiteit word dus ook deur wetgewing waaraan ek onderworpe is, beskerm.

In die lig van die voorafgaande inligting, gee u dus deur die invul van die vraelys en die terugpos daarvan aan my, vir my toestemming om die inligting wat ek bekom, in ooreenstemming met die verduideliking hierbo, bekend te stel. Indien u nie daarmee akkoord gaan nie, is dit u vrye reg om nie die vraelys in te vul of aan my terug te stuur nie en ek sal dit ook so aanvaar. Op die volgende bladsy word enkele instruksies gegee vir die invul van die vraelys. Lees asseblief ***eers*** die instruksies voordat u begin om die vraelys in te vul. As u dié instruksies volg, behoort dit nie meer as sowat 25 minute van u tyd in beslag te neem nie. Behalwe vir die vraelys, is 'n koevert met 'n posseël en my posadres daarop hierby ingesluit. Gebruik dit asseblief om die ingevulde vraelys aan my terug te pos. Ek sal dit waardeer as u die vraelys binne twee weke nadat u dit ontvang het sal invul en aan my sal terugpos. Nogmaals baie-baie dankie vir u belangstelling en bereidwilligheid om deel te neem. Indien u enige onsekerheid ervaar tydens die invul van die vraelys, is u welkom om my tussen 16h00 en 21h00 te skakel by 051-4473455.

Die uwe

H.P. Schoeman

INSTRUKSIES VIR DIE INVUL VAN DIE VRAELYS

Lees asseblief hierdie instruksies deeglik deur voordat u die vraelys begin invul!

1. Beantwoord asseblief die vrae deur eenvoudig 'n ***kruisie*** (of kruisies) te maak in die blokkie(s) wat op u van toepassing is, byvoorbeeld:

Is u 'n vrou?

Ja	X
Nee	

(Indien u u keuse wil verander, trek eenvoudig die oorspronklike kruisie(s) dood en maak 'n ander kruisie(s) op dié plek(ke) waar u verkies.)

2. Beantwoord asseblief al die vrae. Wanneer 'n vraag nie op u besondere situasie betrekking het nie, moet u asseblief in die "Nie van toepassing" (NVT) blokkie 'n kruisie maak. (Kyk byvoorbeeld by vraag 12 waar u, as geen kinders by u inwoon nie, die opdrag gegee word om 'n kruisie te maak in die "Nie van toepassing" [NVT] blokkie.)

3. Wanneer in die vraelys verwys word na ***u man***, het die term betrekking op twee aspekte, te wete:
   - ☛ die man in u huidige saamwoon- of huweliksverhouding wat gewelddadig teenoor u optree, of
   - ☛ die man in die saamwoon- of huweliksverhouding waarby u in die afgelope jaar nog betrokke was en wat gewelddadig teenoor u opgetree het.

   ('n Verwysing na ***u man*** beteken dus nie noodwendig dat u met die betrokkene getroud hoef te wees nie, maar word ook benut om te verwys na die man met wie u in 'n saamwoonverhouding soos man en vrou saamleef of saamgeleef het.)

4. As u tans nie meer betrokke is in die gewelddadige verhouding nie *(wettig geskei is, die man verlaat het maar nog nie wettig van hom geskei is nie of uit die saamwoonverhouding getree het)*, beantwoord asseblief die vrae asof u tans nog saam met hom woonagtig is. (Slegs in die geval van vraag sewe, moet u aandui as u reeds die man verlaat het en dus tans nie meer met hom saamwoon nie.)

6. Waar die term ***gesin*** in hierdie vraelys gebruik word, word nie net verwys na 'n man en sy vrou en hulle kinders *(indien enige)* nie, maar ook na 'n man en vrou wat kies om saam te woon sonder om getroud te wees en hulle kinders *(indien hulle enige kinders het)*.

7. Wanneer verwys word na ***u kinders***, beteken dit die kinders wat gebore is uit u of u manlike huweliks- of verhoudingsmaat se vorige verhouding(s), maar ook na kinders wat uit die huidige verhouding gebore is. Die term word dus benut om te verwys na sowel ***eie kinders*** as na ***stiefkinders***.

8. By al die vrae (behalwe vraag 12) word alleen van u verwag om deur middel van 'n kruisie 'n antwoord te verskaf. In enkele gevalle (byvoorbeeld vrae een, vyf en 26) word aan u die opsie gegee om self aspekte te noem wat nie in die tabelle aangedui word nie. In sulke gevalle word gevra *"Spesifiseer asseblief"*. Dit beteken dat u self in woorde moet aandui wat u bedoel. Skryf dan bloot u antwoord in die vorm van 'n paar woorde neer, byvoorbeeld:
   In vraag een word gevra wat u huistaal is. Gestel u huistaal is Duits, maar Duits word nie as een van die opsies waaruit u kan kies aangedui nie. In so 'n geval sal u antwoord soos volg kan lyk.

'n Ander taal (Spesifiseer asseblief):	Duits

VRAELYS

AFDELING A: SOSIODEMOGRAFIESE INLIGTING

Die vrae in hierdie afdeling, het ten doel om 'n beeld te kry van wie die persone is wat die vraelyste invul. U identiteit sal geensins hierdeur vasgestel kan word nie. Die vrae is bloot daarop gerig om 'n aanduiding te verkry van enkele persoonlike (nie identifiserende) gegewens.

1. **Wat is u huistaal?** (Maak asseblief 'n kruisie langs die taal wat die *meeste* in u huis gepraat word.)

Afrikaans	
Engels	
IsiNdebele	
Sepedi	
Sesotho	
SiSwati	
Xitsonga	
Setswana	
Tshivenda	
IsiXhosa	
IsiZulu	
'n Ander taal (Spesifiseer asseblief):	

2. **Aan watter bevolkingsgroep behoort u?** (Historiese benamings word hier gebruik ten einde vergelyking van gegewens te vergemaklik.)

Swart	
Kleurling	
Indiër	
Blank	

3. **In watter ouderdomskategorie val u tans?**

18 tot 25 jaar	
26 tot 35 jaar	
36 tot 45 jaar	
46 tot 55 jaar	
Ouer as 55 jaar	

4. In watter provinsie in Suid-Afrika is u tans woonagtig?

KwaZulu-Natal	
Gauteng	
Oos-Kaap	
Noordelike Provinsie	
Wes-Kaap	
Noord-Wes	
Mpumalanga	
Vrystaat	
Noord-Kaap	

5. Oor watter tipe behuising beskik u?

'n Eie huis of woonstel.	
'n Huis of woonstel wat u huur.	
Ons woon by familie / vriende in 'n huis of woonstel.	
'n Ander vorm van behuising (Spesifiseer asseblief):	

6. Dui asseblief aan waar die behuising wat u in vraag 5 gemerk het, geleë is.

In 'n stad of voorstad van 'n stad.	
In 'n dorp op die platteland.	
Op 'n plaas of plot / kleinhoewe.	

7. Wat is u huwelikstatus tans? (Persone wat gedurende die afgelope jaar geskei is, die eggenote verlaat het, maar nog nie van hom geskei is nie of uit 'n saamwoonverhouding getree het, merk asseblief by hierdie vraag in die "Geskei / Die man verlaat maar nog nie wettig van hom geskei nie / Uit die saamwoonverhouding getree"-kategorie.)

Getroud.	
In 'n saamwoonverhouding.	
Geskei / Die man verlaat, maar nog nie wettig van hom geskei nie / Uit die saamwoonverhouding getree.	

8. Gee asseblief 'n *benaderde* aanduiding van u gesin se totale maandelikse (bruto) inkomste.

R 5 000.00 of minder per maand.	
Meer as R 5 000.00 per maand, maar minder as R 10 000.00.	
R 10 000.00 of meer per maand, maar minder as R 17 000.00.	
R 17 000.00 of meer per maand.	

9. **Gee asseblief 'n aanduiding van u eie hoogste opvoedkundige kwalifikasie en ook dié van u manlike verhoudingsmaat.**

OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	USELF	U MAN
Geen skoolopleiding ooit ontvang nie.		
Laerskoolopleiding, maar nooit hoërskoolopleiding nie.		
Hoërskoolopleiding, maar nooit gematrikuleer nie.		
Matriek (St 10 of Graad 12).		
Naskoolse diploma aan 'n onderwyskollege, tegniese kollege of technikon.		
'n Gevorderde naskoolse diploma aan 'n onderwyskollege, tegniese kollege of technikon.		
'n Graad.		
'n Honneursgraad.		
'n Meestersgraad.		
'n Doktorsgraad.		

10. **Beklee uself en / of u man tans 'n vaste betrekking?**

	Ja	Nee
Uself		
U manlike verhoudingsmaat		

11. **Het u of u man enige kinders uit die huidige verhouding of enige vorige verhouding(s) wat tans by julle woonagtig is?**

Ja	
Nee	

12. **Indien u by vraag 11 "Ja" gemerk het, dui asseblief die getal kinders aan wat tans by u woonagtig is.** (As u by vraag 11 "Nee" gemerk het, maak asseblief 'n kruisie langs die "Nie van toepassing" [NVT] kolom.)

Getal kinders (Spesifiseer asseblief):	
NVT	

AFDELING B: VORME VAN GEWELD WAARAAN U BLOOTGESTEL IS

In hierdie afdeling van die vraelys, word gepoog om 'n aanduiding te verkry van wyses waarop konflik in u verhouding met u man, hanteer word. *(Onthou, diegene wat tans nie meer betrokke is in 'n gewelddadige verhouding nie [wettig geskei is, die man verlaat het maar nog nie wettig van hom geskei is nie of uit die saamwoonverhouding getree het], beantwoord die vrae asof u tans nog saam met hom woonagtig is!)* Ek het begrip daarvoor dat dit vir u ontstellend sou kon wees om deur die lys te lees en aan te dui as u aan sodanige gedrag blootgestel word, maar aangesien net uself u situasie waarlik ken, kan hierdie inligting op geen ander wyse bekom word nie.

13. **Hier volg 'n lys van gedragsvorme wat na aanleiding van konflik tussen u en u man kan voorkom. Toon asseblief aan in watter mate u aan die volgende gedragsvorme blootgestel word, deur die volgende skaal te benut:**

0 = Dit het nog nooit gebeur nie.

1 = Dit het al gebeur, maar nie gedurende die afgelope jaar nie.

2 = Minder as 5 keer gedurende die afgelope jaar.

3 = Vyf tot tien keer gedurende die afgelope jaar.

4 = Meer as tien keer in die afgelope jaar.

Vloeke en / of beledigings.	0	1	2	3	4
'n Geskreeu en / of 'n gegil.	0	1	2	3	4
Hy storm uit die huis uit gedurende 'n argument.	0	1	2	3	4
Dinge word uit wraak gesê om my seer te maak.	0	1	2	3	4
Ek word vertel dat ek vet en / of lelik is.	0	1	2	3	4
My eiendom word vernietig.	0	1	2	3	4
Beskuldigings dat ek 'n swak minnares is.	0	1	2	3	4
Dreigemente om my met 'n voorwerp te gooi of te slaan.	0	1	2	3	4
Voorwerpe word gegooi.	0	1	2	3	4
My arm word gedraai en / of my hare word getrek.	0	1	2	3	4
Ek word gestoot of gestamp.	0	1	2	3	4
Ek word gegryp en rondgeruk.	0	1	2	3	4
Ek word geklap.	0	1	2	3	4
Steek met 'n voorwerp en / of skiet met 'n vuurwapen.	0	1	2	3	4
Steek en / of slaan met 'n voorwerp wat tot fisiese pyn kan lei.	0	1	2	3	4
Hy probeer om my te verwurg.	0	1	2	3	4
Ek word teen 'n muur gestamp.	0	1	2	3	4
Hy slaan my met die vuis.	0	1	2	3	4
Ek word doelbewus met iets gebrand.	0	1	2	3	4
Hy skop my.	0	1	2	3	4
Dwang tot seksuele omgang sonder om 'n kondoom te gebruik.	0	1	2	3	4
Aandrang op seksuele omgang, maar hy gebruik nie fisiese dwang om my daartoe te dwing nie.	0	1	2	3	4
Aandrang op orale of anale seks, maar hy gebruik nie fisiese dwang om my daartoe oor te haal nie.	0	1	2	3	4
Dwang tot orale of anale seks deur my te slaan, vas te druk en / of deur 'n vuurwapen op my te rig.	0	1	2	3	4
Dwang tot seksuele omgang deur my te slaan, vas te druk en / of deur 'n vuurwapen op my te rig.	0	1	2	3	4
Dreigemente om my te dwing tot orale of anale seks.	0	1	2	3	4
Dreigemente om my te dwing tot seksuele omgang.	0	1	2	3	4

14. Hier volg 'n lys van enkele moontlike resultate van gewelddadige gedrag deur 'n manlike verhoudingsmaat. Dui asseblief aan of die resultate al in u besondere situasie teenwoordig was, deur in die "Ja" of "Nee" blokkie 'n kruisie te maak.

RESULTAAT	JA	NEE
Ek het al ledemate verstuit, skraapmerke en / of snyplekke opgedoen.		
Ek het gewoonlik die volgende dag steeds pyn nadat hy gewelddadig teenoor my opgetree het.		
Ek het al flou geword omdat hy my op my kop geslaan het.		
Ek moes al dokter toe gaan as gevolg van die aanranding.		
Ek moes eintlik 'n dokter geraadpleeg het, maar ek het nie.		
Ek het 'n gebreekte been, arm en / of ribbes gehad.		

AFDELING C: INDIVIDUELE EN GESINSFAKTORE

In hierdie afdeling van die vraelys, word u versoek om inligting te verskaf ten opsigte van uself en u manlike verhoudingsmaat, maar ook met betrekking tot die wyse waarop u gesin funksioneer. Soms is dit moeilik om oor hierdie aspekte te dink en vrae daaroor te beantwoord, daarom word bloot van u verwag om 'n kruisie te trek in die toepaslike kolomme.

15. Merk asseblief in die onderstaande lys watter van die eienskappe, gedagtes, emosies en gedrag u moontlik aan uself en / of aan u manlike verhoudingsmaat sal toedig. Indien u nie die eienskap met enigeen van u assosieer nie, merk asseblief die "Nie van toepassing" (NVT) blokkie. (Sommige van die eienskappe kan toepaslik wees by sowel uself as by u man. In sulke gevalle mag u by sowel die *"USELF"*-blokkie as by die *"U MAN"*-blokkie 'n kruisie maak.)

EIENSKAP / GEDAGTES / EMOSIES / GEDRAG	USELF	U MAN	NVT
Lae selfwaarde / Gevoelens van minderwaardigheid.			
Botsing met die gereg.			
'n Beperkte vermoë om ander mense te beïnvloed.			
Geneigdheid om sigself te isoleer van andere.			
Sukkel om sigself duidelik in woorde uit te druk.			
Beleef die verhoudingsmaat as 'n bedreiging.			
Plaas blaam en eie verantwoordelikheid op andere.			
'n Behoefte om te kontroleer.			
Wisselvallige emosies soos afgelei uit onvoorspelbare gedrag.			
Sukkel om betekenisvolle verhoudings met ander mense op te bou en te handhaaf.			
Geneigdheid tot die manipulering van andere om eie doelstellings te bereik.			
Sukkel om frustrasie te hanteer.			
Soek verskonings vir eie gedrag.			
Soek verklarings vir andere se gedrag.			
Ervaar probleme om konflik te hanteer sonder om geweld te gebruik.			

EIENSKAP / GEDAGTES / EMOSIES / GEDRAG	USELF	U MAN	NVT
Sukkel om eie probleme op te los.			
Sukkel om aan die eise van die lewe te voldoen.			
Probeer om die verhoudingsmaat se behoeftes te voorspel.			
Vra raad en hulp vir probleme by vriende, familie of selfs by 'n predikant, maatskaplike werker of ander hulpverlener.			
Min belangstelling in aktiwiteite in die omgewing.			
Sukkel om besluite te neem.			
Sukkel om tot aksie oor te gaan nadat 'n besluit geneem is.			
Gevoelens van neerslagtigheid / depressie.			
Beleef ander mense as 'n bedreiging.			
Ontken die intensiteit van die gewelddadige gedrag.			
Geneigdheid tot jaloesie.			
Geneigdheid tot agterdogtigheid.			
Bang om die verhoudingsmaat te verloor.			
Reageer op grond van wat reg *voel* in 'n situasie, eerder as op grond van die *feite* van die situasie.			
Onvolwasse gedrag.			
Geneigdheid om sigself te blameer vir die geweld in die verhouding.			
Gevoel van onveiligheid.			
Belewenis dat misluk word in die rol van moeder / vader in die gesin.			
Voortdurende bangheid en vrees.			
Gevoelens van skaamte.			
'n Gevoel van magteloosheid.			
Skuldgevoelens.			
Min behoefte aan intimiteit en seksualiteit.			
'n Behoefte aan teerheid.			
Geneigdheid tot aggressie en vyandigheid.			
Belewenisse van haat.			
Neiging tot liggeraaktheid.			
Neiging tot woedeuitbarstings.			
'n Onvermoë om emosies te ervaar en / of om dit te deel met andere.			
Selfmoordgedagtes en / of -pogings.			
Voortdurende moegheid.			
Hoop.			
Geneigdheid om die kinders te mishandel.			
Geneigdheid om die kinders te verwaarloos.			
Alkoholmisbruik.			
Wanhoop.			
Gebruik van dwelmmiddels anders as alkohol.			
Belewenis van teleurstelling.			
Belewenis van skok.			
Belewenis van ontnugtering.			

16. **Dui asseblief aan of die volgende gebeurtenisse en eienskappe kenmerkend is van u verhouding met u man?**

GEBEURTENISSE EN EIENSKAPPE	JA	NEE
My man benut geweld om my te dwing om aan hom onderdanig te wees en om te doen wat hy voorskryf.		
Nadat my man gewelddadig teenoor my opgetree het, onttrek ek myself van hom, terwyl hy gewoonlik pleit vir vergifnis en belowe om sy gedrag te staak.		
My man weet dat ek 'n behoefte het aan teerheid, nabyheid en liefde, maar hy weerhou dit doelbewus van my totdat ek eers aan sy behoeftes voldoen.		
Ons is nie regtig bewus van mekaar se emosionele behoeftes en verwagtinge nie.		
Ons is so betrokke by mekaar, dat ons seker nie regtig sonder mekaar sal kan lewe nie.		
Ons praat maar min met mekaar, ondersteun mekaar nie regtig nie en ek dink dat nie een van ons regtig tevrede is met ons verhouding nie.		
My man beskik oor al die mag en gesag in ons verhouding. Wat ek sê of wil doen, dra nie eintlik gewig nie.		
My man glo dat 'n man die hoof van sy huis moet wees, dat die vrou aan hom onderdanig moet wees en dat sekere take alleen deur mans of deur vrouens uitgevoer moet word.		
Ons is 'n baie geslote gesin wat min vriende het en nie dikwels by aktiwiteite buite die huisgesin betrokke raak nie.		

17. **Gebeur dit soms dat u manlike verhoudingsmaat nie net vir u nie, maar ook een van die kinders (of dalk hulle almal) tydens 'n woedeuitbarsting aanrand?** (Indien geen kinders by u inwoon nie, merk asseblief in die "Nie van toepassing" [NVT] blokkie.)

Ja	
Nee	
NVT	

18. **Gee asseblief in die volgende tabel 'n aanduiding van wanneer u man die eerste keer gewelddadig teenoor u opgetree het.** (Die kategorieë waaruit u 'n keuse moet uitoefen, is meesal gekoppel aan die ouderdom van die oudste kind in u gesin. Indien geen kinders by u inwoon of op daardie stadium ingewoon het nie, merk asseblief in die *"Nie van toepassing"* [NVT] blokkie en beantwoord dan vraag 19. Indien die eerste gewelddadige insident reeds plaasgevind het voor die geboorte van u eerste kind, merk asseblief by *"Reeds voor die geboorte van die eerste kind"*.)

Reeds voor die geboorte van die eerste kind.	
Pas na die geboorte van ons eerste kind.	
Die oudste kind was 'n kleuter.	
Die oudste kind was in die laerskool.	
Die oudste kind was 'n tiener.	
Kort nadat die oudste kind die huis verlaat het om te gaan werk, studeer, militêre diensplig te doen of om te trou.	
Nadat al die kinders reeds die huis verlaat het om te gaan werk, studeer, militêre diensplig te doen of om te trou.	
Nadat ons afgetree het en / of ons eerste kleinkind(ers) gebore is.	
NVT	

19. **Gee asseblief 'n aanduiding van wanneer u manlike verhoudingsmaat die eerste keer teenoor u gewelddadig opgetree het. Hierdie vraag moet net beantwoord word deur persone wat by vraag 18 'n kruisie gemaak het langs die "Nie van toepassing" (NVT) kolom.** *(As u nie by vraag 18 'n kruisie langs die "Nie van toepassing" [NVT] kolom gemaak het nie, maak asseblief hier 'n kruisie langs die "Nie van toepassing" [NVT] kolom en beantwoord dan vraag 20.)*

Reeds voordat ons begin saamwoon of in die huwelik getree het.	
Gedurende die eerste jaar nadat ons begin saamwoon het of in die huwelik getree het.	
Langer as 'n jaar nadat ons begin saamwoon het / in die huwelik getree het, maar korter as vyf jaar daarna.	
Vyf jaar of langer nadat ons begin saamwoon het of in die huwelik getree het.	
NVT	

20. **Merk asseblief in die onderstaande tabel die stellings wat op u en u manlike verhoudingsmaat betrekking het, met ander woorde, merk daardie stellings wat waar is ten opsigte van julle unieke situasie.** (U mag soveel merkies maak as wat op u van toepassing is.)

Ekself is tydens my kinderdae deur my vader en / of moeder en / of versorgers aangerand.	
My vader het my moeder ook van tyd tot tyd aangerand.	
My man is tydens sy kinderdae deur sy vader en / of moeder en / of versorgers aangerand.	
My man se vader het sy moeder ook van tyd tot tyd aangerand.	

21. **In hierdie tabel word 'n aantal stellings gemaak ten opsigte van u verhouding met u eie ouers / stiefouers / pleegouers en / of met die res van u familie en ook met betrekking tot u man se verhouding met sy ouers / stiefouers / pleegouers en die res van sy familie. Merk asseblief al die stellings wat op julle unieke situasie van toepassing is.**

Ek verkies om nie kontak te hê met my ouers en die res van die familie nie, want hulle maak my net ongelukkig.	
My man verkies om nie kontak te hê met sy ouers en die res van sy familie nie, want hulle maak hom net ongelukkig.	
Ek het na my kinderdae doelbewus weggetrek van my ouers, want ons kom nie goed oor die weg nie.	
My man het na sy kinderdae doelbewus weggetrek van sy ouers, want hulle kom nie goed oor die weg nie.	
Ek het nie weggetrek van my ouers en die res van my familie nie, maar ek verkies om met hulle net die nodige kontak te hê soos byvoorbeeld op verjaarsdae en spesiale vakansiedae.	
My man het nie weggetrek van sy ouers en die res van sy familie nie, maar hy verkies om met hulle net die nodige kontak te hê soos byvoorbeeld op verjaarsdae en spesiale vakansiedae.	
Ek het dikwels kontak met my ouers en die res van my familie. Ons geniet mekaar se geselskap en ondersteun mekaar.	
My man het dikwels kontak met sy ouers en die res van sy familie. Hulle geniet mekaar se geselskap en ondersteun mekaar.	
Ek sou verkies om meer dikwels kontak met my ouers en die res van my familie te hê, maar my man verwag van my om nie so dikwels met hulle kontak te maak soos wat ek graag sou wou nie.	
My man sou verkies om meer dikwels kontak met sy ouers en die res van sy familie te hê, maar ek verwag van hom om nie so dikwels met hulle kontak te maak soos wat hy graag sou wou nie.	

22. **Gee asseblief in die volgende tabel 'n aanduiding of u die gedrags-, emosionele en fisiese probleme by minstens een van u kinders opmerk.** (Indien geen kinders by u inwoon nie, merk asseblief langs die "Nie van toepassing" (NVT) kolom.)

GEDRAGS-, EMOSIONELE OF FISIESE PROBLEEM	JA	NEE	NVT
Aggressiewe gedrag.			
Ongehoorsaamheid.			
Misdadige gedrag.			
Onttrekking van ander mense en aktiwiteite.			
Angstigheid.			
Fisiese probleme soos byvoorbeeld maagpyn, hoofpyn, asma en / of bednatmaak.			

23. **Het 'n gewelddadige uitbarsting deur u manlike verhoudingsmaat al ooit daartoe aanleiding gegee dat u hom verlaat het?**

Ja	
Nee	

24. **Indien u by vraag 23 "Ja" gemerk het, gee asseblief 'n aanduiding van hoeveel keer u hom al verlaat het.** (As u by vraag 23 "Nee" gemerk het, maak asseblief hier 'n merkie langs die "Nie van toepassing" [NVT] kolom.)

Slegs een keer	
Meer as een keer, maar minder as vyf keer.	
Vyf keer of meer.	
NVT	

25. **Merk asseblief al die faktore in die onderstaande tabel wat daartoe aanleiding gegee het dat u die gewelddadige man verlaat het?** (Indien u by vraag 23 "Nee" gemerk het, maak asseblief hier 'n kruisie langs die "Nie van toepassing" [NVT] kolom.)

Die gewelddadige gedrag was so intens, dat ek gevrees het vir my (en die kinders) se lewe(ns).	
Ek het hom verlaat die oomblik toe ek geweet het dat ek ander verblyf kan kry en / of sonder sy finansiële bystand die mas sal kan opkom.	
Ek het begin besef dat ek 'n mishandelde vrou en 'n slagoffer is van my man se geweld.	
Ek het begin besef dat die situasie nooit sal verander nie, al belowe my man om te verander.	
Ek was skaam daaroor dat ander mense kon sien dat ek mishandel word en het besluit om myself nie langer aan die situasie bloot te stel nie.	
Ek het myself nooit as 'n slagoffer beskou nie. Eers toe my vriende / familie / kollegas van my begin praat as 'n mishandelde vrou, het ek besef dat dit is wat ek werklik is en dat ek dit nie langer wil wees nie.	
NVT	

26. Dui asseblief aan waarheen u gegaan het toe u die man verlaat het. (As u by vraag 23 "Nee" gemerk het, maak asseblief ook hier 'n kruisie langs die "Nie van toepassing" [NVT] kolom.)

Vriende en / of werkskollegas se woning.	
Na 'n skuiling (*"shelter"*) vir mishandelde vroue.	
'n Familielid se woning.	
'n Ander blyplek (Spesifiseer asseblief).	
NVT	

27. Watter faktore gee daartoe aanleiding dat u in die gewelddadige verhouding aanbly en / of dat u teruggekeer het na die geweldgekenmerkde verhouding nadat u die man verlaat het? (Maak asseblief 'n kruisie by elkeen van die faktore wat op u van toepassing is.)

Ek voel dit is 'n vrou se plig is om by haar man te bly, selfs al gaan dit nie altyd goed tussen hulle nie.	
Indien ek nie by my man woon nie, sal ek (en die kinders) finansieel baie swaar kry.	
Ek is bang om deur God en / of my voorvaders gestraf en verwerp te word indien ek my man sou verlaat.	
Ek het nie regtig iewers anders om heen te gaan nie. As ek nie by my man bly nie, sal ek op straat sit.	
Ek gee my man maar altyd nog 'n kans, want hy belowe dikwels dat hy my nie weer sal aanrand nie.	
Die versorging van die kinders is my verantwoordelikheid. Ek kan dit nie doen sonder 'n man nie.	
Deur nie by my man te woon nie, kom ek nie my verpligting ten opsigte van hom en / of die kinders na nie.	
Ek het die man lief. Dit is so eenvoudig soos dit.	
My man het my ondersteuning nodig. Met verloop van tyd sal dinge begin beter gaan.	
Ek is bang om hom te verlaat. Hy kan dalk vir my *(en die kinders)* leed aandoen as hy ons sou opspoor.	
Ek is bang om hom te verlaat, want ek is onseker oor wat dalk vir my voorlê wanneer hy nie meer na ons omsien nie.	

28. Vroue wat hulleself in geweldgekenmerkde verhoudings bevind, maak dikwels van sekere *gedagtes* gebruik om hulle situasie te verduidelik of om dit vir hulleself makliker te maak om die situasie uit te staan. Hier volg 'n lys van moontlike gedagtes wat u al kon gehad het. Merk asseblief al die gedagtes wat u al ervaar het.

My man is 'n mens met ernstige probleme en het my nodig om hom te versorg en om te kan funksioneer.	
My man se gewelddadige gedrag is nie sy skuld nie, want dit word veroorsaak deur dinge waaroor niemand enige beheer het nie.	
Die pyn wat hy by my veroorsaak is nie so erg dat ek die situasie nie kan uitstaan nie.	
Ekself is deels verantwoordelik vir sy gewelddadige gedrag. Hy tree seker nie reg op nie, maar dit is minstens ook gedeeltelik my skuld dat hy so optree.	
Ek bly by my man, want ek het nie ander opsies nie.	
Ek bly by my man, want ek dink hy is seker die enigste man wat ek ooit so sal kan liefhê.	
Dit is my Christelike en / of kulturele plig om by my man te bly.	
Ter wille van die kinders, is enige verbintenis met 'n man seker beter as dat hulle sonder 'n vader groot word.	

AFDELING D: SOSIAAL-STRUKTURELE FAKTORE

In hierdie afdeling van die vraelys, word gepoog om 'n aanduiding te verkry van watter strukture in die samelewing, byvoorbeeld professionele persone of instansies, u al benut het om die gewelddadige situasie in u verhouding te hanteer. Hierdie inligting word benodig ten einde vas te stel hoedat sodanige dienslewering beleef word deur vroulike slagoffers van geweld, soos uself.

29. **Die volgende is 'n lys van dienslewerende strukture en professies by wie u moontlik al aangeklop het vir ondersteuning ten opsigte van die geweldpleging waaraan u blootgestel is. Merk asseblief dié strukture en professies van wie se dienste u al gebruik gemaak het.** (Indien u nog nooit van enigeen van die dienste gebruik gemaak het nie, merk asseblief in die "Nie van toepassing" [NVT] kolom.)

Maatskaplikewerkdienslewering by 'n welsynsinstansie soos byvoorbeeld FAMSA, NIMRO, POWA, die Kerklike Maatskaplike Dienste, die Departement van Welsyn ensovoorts.	
Dienslewering deur 'n skuiling (sg. *"shelters"*) vir mishandelde vroue en hulle kinders.	
Die Suid-Afrikaanse Polisiediens.	
Die Regstelsel (byvoorbeeld deur by 'n landdroskantoor aansoek te doen om 'n interdik teen die geweldenaar te verkry).	
Geestelike werkers, byvoorbeeld 'n predikant, pastoor, priester, rabbi ensovoorts.	
Die Regsprofessie (byvoorbeeld 'n gesprek met 'n prokureur oor u besondere situasie).	
'n Algemene mediese praktisyn, met ander woorde 'n huisdokter.	
'n Psigiater	
'n Sielkundige	
'n Verpleegkundige, byvoorbeeld by 'n kliniek of hospitaal.	
Ander (Spesifiseer asseblief):	
NVT	

30. **In die vorige vraag het u 'n aanduiding gegee van strukture en professies wie se dienslewering u al gebruik het vir ondersteuning ten opsigte van die situasie waaraan u blootgestel is. In hierdie vraag word van u verwag om 'n aanduiding te gee ten opsigte van hoedat u die dienslewering ervaar / beleef het.** (As u nie van 'n besondere dienslewerende struktuur of professie of enigeen van die dienste gebruik gemaak het nie, merk asseblief in die "Nie van toepassing" [NVT] kolom.)

STRUKTUUR / PROFESSIE	POSITIEF / ONDERSTEUNEND	NEUTRAAL / ONBETROKKE	NEGATIEF / VEROORDELEND	NVT
Maatskaplikewerkdienslewering.				
'n Skuiling.				
Die Suid-Afrikaanse Polisiediens.				
Die Regstelsel.				
Geestelike werkers.				
Die Regsprofessie.				
'n Algemene mediese praktisyn.				
'n Psigiater.				
'n Sielkundige.				
'n Verpleegkundige.				
Ander (Spesifiseer asseblief):				

AFDELING E: SOSIO-KULTURELE FAKTORE

In hierdie afdeling van die vraelys word daarna gestreef om vas te stel hoedat algemene houdings en persepsies in die samelewing gewelddadige gedrag in verhoudings beïnvloed, maar word ook 'n bepaling gedoen ten opsigte van die invloed van sodanige houdings en persepsies op mense se reaksie op vroulike slagoffers van geweld.

31. **Hier volg 'n lys van gedagtes en houdings wat in die samelewing teenwoordig is en wat kan aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue. Merk asseblief al daardie gedagtes en houdings wat ten opsigte van u unieke situasie waarskynlik 'n betekenisvolle invloed uitoefen.**

Mans is meerderwaardig ten opsigte van vroue, omdat mans van nature meer onafhanklik, denkend en aggressief as vroue is.	
Gewelddadigheid word algemeen aanvaar as 'n eienskap van manlikheid en selfs verwag van mans.	
'n Vrou se rolle en take in die gesin word deur die man bepaal.	
'n Vrou se posisie in die samelewing word bepaal deur haar man se posisie. Sonder hom, het sy nie 'n posisie in die samelewing nie.	
Weens mans se meerderwaardigheid ten opsigte van vroue, behoort vroue minder betaal te word in die arbeidsmark en minder geleenthede te hê op bevordering.	
'n Vrou se plek is in die huis saam met haar kinders. Om haar man gelukkig te hou en om die kinders te versorg is haar hooftake. Sy behoort nie 'n beroep te beoefen nie.	
Kinders behoort in die teenwoordigheid van twee ouers groot te word. Selfs al word die ouers se verhouding gekenmerk deur gewelddadige optrede, is so 'n situasie steeds beter as om nie beide ouers te hê nie.	
Die kerk en / of kultuur moedig vroue aan om hulle mans te ondersteun, onderdanig aan hom te wees en om hom te vergewe vir sy gewelddadige gedrag.	
'n Man se rolle in die gesin is dié van vader, broodwinner, voorsiener, gesinshoof, handhawer van dissipline en beskermer en vroue behoort geensins hierdie rolle te bedreig nie.	
Vroue en kinders is die eiendom van mans en daarom het 'n man die reg om oor sy vrou en kinders te heers. Hierdie heerskappy impliseer soms ook dat hy, indien nodig, hulle 'n pakslae mag gee om hulle gedrag te rig.	

32. **Alhoewel mishandelde vroue meesal so ver moontlik daarna streef om die mishandeling 'n geheim te hou, word dié feit tog soms met andere gedeel. Gee asseblief hier 'n aanduiding van die volgende mense se reaksies toe die geweldpleging in u verhouding bekend geword het.** (Merk asseblief in die "Nie van toepassing" [NVT] kolom indien die betrokkenes nie bewus is van die geweldpleging nie.)

BETROKKENES	POSITIEF / ONDERSTEUNEND	NEUTRAAL / ONBETROKKE	NEGATIEF / VEROORDELEND	NVT
Vriende				
Familielede				
Kollegas				

AFDELING F: PERSOONLIKE ONDERHOUDE

33. **Sou u bereid wees om met my 'n persoonlike onderhoud te voer oor die inhoud van hierdie vraelys ten einde sekere van die aspekte meer breedvoerig toe te lig?** (Let wel, u is onder geen verpligting om hier "Ja" te merk nie. Indien u "Nee" merk, word die inligting wat u hier voorsien steeds as waardevol geag en sal dit so benut word.)

Ja	
Nee	

34. **Indien u by vraag 33 "Ja" gemerk het, verskaf asseblief die volgende inligting aan my.**

U naam (of 'n naam wat ek op 'n geadresseerde koevert kan skryf):

_____

U posadres:

_____

_____

_____

_____

_____ **Poskode:** _____

Indien u oor 'n telefoonnommer beskik waar ek met u kan kontak maak, wees asseblief so gaaf om dit hier aan my te voorsien:

Skakelkode (_____) **Nommer:** (_____)

BAIE DANKIE VIR U VRIENDELIKE SAMEWERKING!

BYLAE G

ENGELSE VRAELYS

P.O. Box 13281
9305 NOORDSTAD

27 July 1998

Dear Madam

Hearty thanks for your willingness to participate in this research. I am a social worker with a master's degree in Social Work and am a lecturer at the Department of Social Work at the University of the Orange Free State (OUFS). Besides the work at the university I am also involved on a part-time basis in a private social work practice. It is here where I became intensely aware of the plight of abused women and the need for research on this field in South Africa (SA). For this reason I have chosen violence against women as a subject for the purposes of a doctorate in Social Work. The title of this research for which I am registered at the UOFS is: *An ecological perspective on violence against women in cohabiting and marital relationships*. To put it differently, I am attempting, in this research, to obtain a comprehensive picture of;

- ❒ factors which lead to the origin and continuation of violence in cohabiting and marital relationships,
- ❒ how the female victims and the rest of the family experience the violent behaviour,
- ❒ which support structures are available for the victims and their families and
- ❒ to obtain a picture of how victims experience the available support structures.

In order to obtain such a comprehensive picture of violence towards women in cohabiting and marital relationships, reference work alone is not enough. Even if I read everything that has been written on the subject, I will probably still not know how female victims in SA experience their unique situation. This is precisely why I need your contribution, as you have first-hand experience of such violence and no-one will know better than you how the situation is being experienced. Without your contribution this research is therefore practically useless. Through your participation I hope to not only supply helpers of female victims of violence (for example social workers, psychologists, psychiatrists, ministers of religion, police officials *et cetera*) with scientific knowledge of the phenomenon, but also to influence government policy concerning the position of women and to empower (enable) female victims of violence like yourself, to effectively handle their situation.

In order to provide helpers with scientific knowledge, influence the government and empower women, I must make the findings of the study wider known. If I should do the research, compile a report thereon and leave the report lying on a shelf, it has not yet served any purpose. You may therefore rightly be concerned about whether the information you provide here will be treated confidentially. Let me explain it like this:

- ❒ Your name, address or those of your family will in no way be made known to anyone else. In fact, nowhere in the questionnaire is it expected from you to reveal these details to me. *(In the last part of the questionnaire [question 33] you are asked whether you would be willing to enter into dialogue with me concerning the contents of your questionnaire, and if so, I need a name, address and / or telephone number [question 34] where I can contact you. If you should prefer not to talk to me personally, you simply leave blank the space that has been left for the purpose of your name and address on page 16, and the information that you do give me by means of the questionnaire, remains meaningful and useful.)*
- ❒ Making known the information means that not your particular situation, but the global findings which have been obtained from a number of questionnaires (in this research, at least 300) will be made wider known.
- ❒ The information obtained by means of the completed questionnaires, can be made known mainly in three ways.
  - ⇨ A first method is that I will compile a report for the purpose of the study which means that the whole research process and the findings of the study are written in the form of a *book*. This *book* is then evaluated by at least three professional persons and if they approve of it, the report is also made available to at least one university library where other researchers can study the information for the purposes of their own study.
  - ⇨ From the research report, I plan also to write research articles which can be published in magazines for professional helpers. Thus more people than only I (e.g. other social workers, psychologists, ministers *et cetera*) become aware of the information and can apply the knowledge while they help abused women and their families.
  - ⇨ A last method of distributing the information is by means of public appearances, where I will make known the findings of the research to interested persons and organisations, for example by means of delivering a public address.
- ❒ Such a high priority is attached to confidentiality, that in the Ethical Code of the South African Interim Council for Social Work, to which I am subjected through registration with this Council, strict ethical rules are laid down concerning the way in which the information which is obtained during research, is made known. These rules stipulate that the identity of participants in the research may not be revealed in any way. Your anonymity is therefore protected by legislation to which I am subjected.

In the light of the above information, you therefore, by filling in and returning the questionnaire, give me permission to make known the information which I obtain, in accordance with the above explanation. If you do not agree with this, it is your right not to fill in and return the questionnaire to me, which I will accept too.

On the next page some instructions are given concerning the filling in of the questionnaire. Please ***first*** read the instructions before beginning to fill in the questionnaire. If you follow the instructions, it should not take more than 25 minute of your time. Included, together with the questionnaire, is an envelope with a postage stamp and my address on it. Please use it to return the questionnaire to me. It would be appreciated if you would fill in and return the questionnaire within two weeks of receiving it. Once again, thank you very, very much for your interest and willingness to participate. Should you experience any uncertainty during the completion of the questionnaire, you are welcome to telephone me between 16:00 and 21:00 at 051-4473455.

Yours faithfully

H.P. Schoeman

INSTRUCTIONS FOR FILLING IN THE QUESTIONNAIRE

Kindly read these instructions through carefully before you start filling in the questionnaire!

1. Please answer the questions by simply making a cross (or crosses) in the block(s) that apply to you, for example:

Are you a woman?

Yes	X
No	

(If you want to change your choice, simply cancel the original cross and make another cross on the place you prefer.)

2. Please answer all the questions. If a question does not apply to your particular situation, please make your cross in the "Not applicable" (NA) block. (See for example question 12 where you are told to make the cross in the "Not applicable" [NA] block if you have no children.)

3. If reference is made to ***your husband***, it may refer to one of two aspects, namely;
   - the man in your present cohabiting or marital relationship who is violently abusing you, or
   - the man in the cohabiting or marital relationship in which you were still involved in the past year and who was violently abusing you.

   (A reference to ***your husband*** does therefore not necessarily mean that you must be married to the person concerned, but it can also be used to refer to the man with whom you live or lived in your cohabiting relationship as husband and wife.)

4. If you are not at present involved in the violent relationship *(legally divorced, separated but are not legally divorced or if you have ended the cohabiting relationship)*, please answer the questions as if you are still living with him. (Only in question seven must you indicate if you have already left the man and therefore do not live with him any more.)

6. Where the term ***family*** is used in this questionnaire, it does not only refer to a man and his wife and their children *(if any)*, but also to a man and a woman who choose to live together without being married and their children *(if they have any children)*.

7. When reference is made to ***your children***, it means the children born out of your or your male companion's previous relationship(s) as well as the children born out of the present relationship. The term is therefore used to refer to ***own children*** as well as to ***step children***.

8. All answers (except question 12) are expected to be given with a cross only. In a few cases (for example questions one, five and 26) you are given the option to mention aspects that are not indicated in the tables. In such instances you are asked *"Please specify"*. This means that you must indicate in words what you mean. Simply write your answer in a few words, for example: In question one the question is asked what your home language is. Say your home language is German, but German is not one of the options out of which you can choose. In such a case your answer could look as follows.

Another language (Please specify):	German

QUESTIONNAIRE

SECTION A: SOCIO-DEMOGRAPHIC INFORMATION

The questions in this section aim at creating a picture of who the persons are who are filling in the questionnaire. Your identity can in no way be determined hereby. The questions are simply aimed at obtaining an indication of certain personal (non-identifying) details.

1. **What is your home language?** (Please make a cross next to the language that is spoken *most* in your home.)

Afrikaans	
English	
IsiNdebele	
Sepedi	
Sesotho	
SiSwati	
Xitsonga	
Setswana	
Tshivenda	
IsiXhosa	
IsiZulu	
Another language (Please specify):	

2. **To which population group do you belong?** (Historical designations are used in order to simplify the comparison of information.)

Black	
Coloured	
Indian	
White	

3. **In which age category do you fall at present?**

18 to 25 years	
26 to 35 years	
36 to 45 years	
46 to 55 years	
Older than 55 years	

4. In which province do you live at present?

KwaZulu-Natal	
Gauteng	
Eastern Cape	
Northern Province	
Western Cape	
North West	
Mpumalanga	
Free State	
Northern Cape	

5. What type of accommodation do you have?

An own house or flat.	
A house or flat that you rent.	
We live with family / friends in a house or flat.	
Another form of accommodation (Please specify):	

6. Indicate where the accommodation you have indicated in question 5, is situated.

In a city or a suburb of a city.	
In a town in the country.	
On a farm or plot / small holding.	

7. What is your marriage state at present? (Persons who have been divorced during the past year, separated but have not been divorced from him yet or stepped out of a cohabiting relationship, please mark the question at the "Divorced / separated but not legally divorced yet / stepped out of the cohabiting relationship" category.)

Married.	
In a cohabiting relationship.	
Divorced / separated but not legally divorced yet / stepped out of the cohabiting relationship.	

8. Please give an *approximate* indication of the (gross) monthly income of your family.

R 5 000.00 or less per month.	
More than R 5 000.00 per month, but less than R 10 000.00.	
R 10 000.00 or more per month, but less than R 17 000.00.	
R 17 000.00 or more per month.	

9. **Please give an indication of your own highest educational qualification as well as that of your male companion.**

EDUCATIONAL QUALIFICATION	YOUR-SELF	YOUR COM-PANION
No school education ever received.		
Primary school education, but never any high school education.		
High school education, but never matriculated.		
Matric (Std 10 or Grade 12).		
Post-school diploma at a teacher's college, technical college or technikon.		
An advanced post-school diploma at a teacher's college, technical college or technikon.		
A degree.		
An honours degree.		
A master's degree.		
A doctorate.		

10. **Do you and / or your husband have a fixed job at present?**

	Yes	No
You.		
Your male companion.		

11. **Do you or your husband have any children born out of your present relationship or any previous relationship(s), who are living with you?**

Yes	
No	

12. **If your answer at question 11 is "Yes", indicate the number of children living with you at present.** (If you have marked "No" at question 11, please make a cross next to the "Not applicable" [NA] column.)

Number of children (Please specify):	
NA	

SECTION B: FORMS OF VIOLENCE TO WHICH YOU ARE SUBJECTED

In this section of the questionnaire an attempt is made at obtaining an indication of ways in which conflict is handled in you relationship with your husband. *(Remember, those who are not involved in a violent relationship any more [divorced, separated but not legally divorced yet or stepped out of the cohabiting relationship] answer the questions as if you still live with him!)* I understand that it could be upsetting to read through the list and indicating if you are exposed to such behaviour. Since only you truly know your situation, this information can however be obtained in no other way

13. **Here follows a list of forms of behaviour that can occur as a result of conflict between you and your husband. Please indicate to what extent you are exposed to the following forms of behaviour, by using the following scale:**

0 = This has never happened.

1 = It has already happened, but not during the past year.

2 = Fewer than 5 times during the past year.

3 = Five to ten times during the past year.

4 = More than ten times during the past year.

Swearing and / or insults.	0	1	2	3	4
Shouting and / or screaming.	0	1	2	3	4
He rushes out of the house during an argument.	0	1	2	3	4
Things are said in revenge to hurt me.	0	1	2	3	4
I am told that I am fat and / or ugly.	0	1	2	3	4
My property is destroyed.	0	1	2	3	4
Allegations that I am a poor lover.	0	1	2	3	4
Threats to throw an object at me or to hit me with the object.	0	1	2	3	4
Objects are thrown.	0	1	2	3	4
My arm is twisted and / of my hair is pulled.	0	1	2	3	4
I am pushed or bumped.	0	1	2	3	4
I am grabbed and jerked around.	0	1	2	3	4
I am hit in the face.	0	1	2	3	4
Stabbed with an object and / or shot at with a firearm.	0	1	2	3	4
Stabbed and / or hit with an object that could lead to physical pain.	0	1	2	3	4
He tries to strangle me.	0	1	2	3	4
I am rammed against a wall.	0	1	2	3	4
He hits me with the fist.	0	1	2	3	4
I am deliberately burnt with something.	0	1	2	3	4
He kicks me.	0	1	2	3	4
Forced to submit to sex without a condom.	0	1	2	3	4
Insistence on sexual intercourse, but no physical force is used to force me to submission.	0	1	2	3	4
Insistence on anal or oral sex, but he does not use physical force to force me to submission.	0	1	2	3	4
Forced to submit to sexual intercourse by beating me, pinning me down and / or by aiming a firearm at me.	0	1	2	3	4
Forced to submit to sexual intercourse by beating me, pinning me down and / or by aiming a firearm at me.	0	1	2	3	4
Threats to force me to submit to oral or anal sex.	0	1	2	3	4
Threats to force me to submit to sexual intercourse.	0	1	2	3	4

14. **Here follows a list of some possible results of violent behaviour by a male companion. Please indicate whether the results have already been present in your particular situation by making a cross in the "Yes" or "No" block**

RESULT	YES	NO
I have already sprained limbs, suffered scratches and / or cuts.		
I usually still suffer from pain the day after he has acted violently towards me.		
I have already fainted because he has hit me on the head.		
I have had to see a doctor as a result of the assault.		
I should have consulted a doctor, but did not.		
I had a broken leg, arm and / or ribs.		

SECTION C: INDIVIDUAL AND FAMILY FACTORS

In this section of the questionnaire you are requested to supply information concerning yourself and your male companion, but also concerning the way your family functions. It is sometimes difficult to think about these aspects and answer questions about them. Therefore you are merely requested to draw a cross in the appropriate columns.

15. **In the following list, please mark which of the following characteristics, thoughts, emotions and behaviour could possibly be attributed to yourself and / or your male companion. If you do not associate the characteristic with either of you, please mark in the "Not applicable" (NA) block.** (Some of the characteristics could be applicable to both you and your husband. In such cases you may make crosses in both the *"Yourself"* and *"Your husband"* blocks.)

CHARACTERISTIC / THOUGHTS / EMOTIONS / BEHAVIOUR	YOUR-SELF	YOUR HUSBAND	NA
Low self-esteem / Feelings of inferiority.			
Conflict with the law.			
A limited ability to influence other people.			
A tendency to isolate oneself from others.			
Struggle to express oneself clearly in words.			
Experience the companion as a threat.			
Place blame and own responsibility on others.			
An urge to control the companion.			
Ambivalent emotions as deducted from unpredictable behaviour.			
Struggle to build and maintain meaningful relationships with other people.			
Tendency to manipulate others to attain one's own objectives.			
Struggle to handle frustration.			
Seek excuses for own behaviour.			
Seek explanations for the behaviour of others.			
Experience problems to handle conflict without using violence.			

CHARACTERISTIC / THOUGHTS / EMOTIONS / BEHAVIOUR	YOUR-SELF	YOUR HUSBAND	NA
Struggle to solve own problems.			
Struggle to comply with the demands of life.			
Try to predict the needs of the companion.			
Seek advice and help for problems from friends, family or even from a minister, social worker or other helper.			
Little interest in activities in the surroundings.			
Struggle to make decisions.			
Struggle to go over to action after a decision has been made.			
Feelings of despondency / depression.			
Experience other people as a threat.			
Deny the intensity of the violent behaviour.			
Tendency to jealousy.			
Tendency to suspicion.			
Fear of losing the companion.			
React because of what *feels* right in a situation, rather than because of the *facts* of the situation.			
Immature behaviour.			
Tendency to blame oneself for the violence in the relationship.			
Feeling of insecurity.			
Perception that one is a failure in the role of mother / father in the family.			
Perpetual apprehension and fear.			
Feelings of shame.			
A feeling of helplessness.			
Feelings of guilt.			
Little need for intimacy and sexuality.			
A need for tenderness.			
Tendency to aggression and hostility.			
Experience of hate.			
Tendency to touchiness.			
Tendency to outbursts of anger.			
An incapability to experience emotions and / or to share them with others.			
Thoughts of and / or attempts at suicide.			
Perpetual fatigue.			
Hope.			
Tendency to abuse children.			
Tendency to neglect children.			
Alcohol abuse.			
Despair.			
Use of other drugs than alcohol.			
Experience of disappointment.			
Experience of shock.			
Experience of disillusionment.			

16. **Please indicate whether the following occurrences and characteristics are typical of your relationship with your husband.**

OCCURRENCES AND CHARACTERISTICS	YES	NO
My husband uses violence to force me to be subservient to him and do what he prescribes.		
After he has acted violently towards me I withdraw from him, while he usually pleads for forgiveness and promises to stop his behaviour.		
My husband knows that I have a need for tenderness, closeness and love, but he consciously withholds them from me until I comply with his needs.		
We are not really aware of each other's emotional needs and expectations.		
We are so involved with each other that we will probably not be able to live without each other.		
We hardly talk to each other, do not really support each other and I think neither of us is really happy with our relationship.		
My husband has all the power and authority in our relationship. What I want to say or do, does not really matter.		
My husband believes that a man must be the head of his home, that the woman must be subjected to him and that certain tasks must be undertaken by men or women alone.		
We are a very closed family who have few friends and do not often become involved in activities outside the family.		

17. **Does it sometimes happen that your male companion assaults not only you but also one of the children (or perhaps all of them) during an outburst of anger?** (If no children live with you, please mark the "Not applicable [NA] block.)

Yes	
No	
NA	

18. **In the following table please give an indication of when your husband acted violently towards you for the first time.** (The categories out of which you must choose are mainly linked to the age of the eldest child in your family. If no children live with you, of lived with you at that stage, please mark the *"Not applicable"* [NA] block and then answer question 19. If the violent incident already took place before the birth of your first child, please mark at *"Already before the birth of the first child"*.)

Already before the birth of the first child.	
Shortly after the birth of our first child.	
The eldest child was a toddler.	
The eldest child was attending primary school.	
The eldest child was a teenager.	
Shortly after the eldest child left home to work, study, do military service or to get married.	
After all the children had already left home to work, study, do military service or to get married.	
After we had retired and / or our first grandchild(ren) had been born.	
NA	

19. **Please give an indication of when your male companion acted violently towards you for the first time. This question should only be answered by persons who made a cross next to the "Not applicable" (NA) column at question 18.** *(If you did not make a cross next to the "Not applicable" [NA] column, please make a cross next to the "Not applicable" [NA] column in this question, and then answer question 20.)*

Already before we started living together or got married.	
During our first year after we had started living together / got married.	
Longer than a year after we had started living together / got married, but less than five years afterwards.	
Five years or longer after we had started living together or got married.	
NA	

20. **Please mark the statements in the following table that are applicable to you and your male companion, in other words, mark those statements that are true regarding your unique situation.** (You may make as many marks as are applicable to you.)

I was assaulted by my father and / or my mother and / or my caretakers as a child.	
My father also assaulted my mother from time to time.	
My husband was assaulted by his father and / or mother and / or caretakers during his childhood.	
My husband's father also assaulted his mother from time to time.	

21. **In this table a number of statements are made concerning your relationship with your own parents / step parents / foster parents and / or with the rest of your relatives as well as concerning your husband's relationship with his parents / step parents / foster parents and the rest of his relatives. Please mark all the statements that are applicable to your situation.**

I prefer not to have any contact with my parents and the rest of my family, because they only make me unhappy.	
My husband prefers not to have any contact with his parents and the rest of his family, because they only make him unhappy.	
I deliberately withdrew myself from my parents after my childhood days, because we do not get along well.	
My husband deliberately withdrew himself from his parents after his childhood days, because they do not get along well.	
I did not withdraw myself from my parents and the rest of my family, but I prefer only to have the necessary contact, for example on birthdays and special holidays.	
My husband did not withdraw himself from his parents and the rest of his family, but he prefers only to have the necessary contact, for example on birthdays and special holidays.	
I often have contact with my parents and the rest of my family. We enjoy each other's company and support one another.	
My husband often has contact with his parents and the rest of his family. They enjoy one another's company and support one another.	
I would prefer to have contact with my parents and the rest of my family more often, but my husband expects me not to have contact with them as often as I would.	
My husband would prefer to have contact with his parents and the rest of his family more often, but I expect him not to have contact with them as often as he would.	

22. **In the following table please give an indication if you notice the behavioural, emotional and physical problems in at least one of your children.** (If no children live with you, please mark next to the "Not applicable" [NA] column.)

BEHAVIOURAL, EMOTIONAL OR PHYSICAL PROBLEM	YES	NO	NA
Aggressive behaviour.			
Disobedience.			
Criminal behaviour.			
Withdrawal from other people and activities.			
Anxiety.			
Physical problems, for example stomach ache, headache, asthma and / or wetting the bed.			

23. **Has a violent outburst of your male companion ever led to your leaving him?**

Yes	
No	

24. **If you marked "Yes" at question 23 , please give an indication of how often you have already left him.** (If you marked "No" at question 23, please make a mark next to the "Not applicable" [NA] column.)

Only once	
More than once, but fewer than five times.	
Five times or more.	
NA	

25. **Please mark all the factors in the table below which led to your leaving your violent husband.** (If you marked "No" at question 23, please make your cross next to the "Not applicable" [NA] column.)

The violent behaviour was so intense that I feared for my (and the children's) life (lives).	
I left him the moment I knew that I could get other accommodation and / or could get along without his financial assistance.	
I began realising that I was a battered woman and a victim of my husband's violence.	
I began to realise that the situation would never change, even if my husband promises to change.	
I felt ashamed that other people could see that I was being battered and decided not to expose myself to the situation any more.	
I never considered myself a victim. Only when my friends / family / colleagues started to refer to me as a battered woman did I realise that that was what I truly was and that I did not want to be that any longer.	
NA	

26. Please indicate where you went when you left the man. (If you marked "No" at question 23, please make your cross next to the "Not applicable" [NA] column.)

The home of friends and / or colleagues.	
To a shelter for battered women.	
A relative's home.	
Another place to stay (Please specify):	
NA	

27. Which factors lead to your staying in the violent relationship and / or that you returned to the violent relationship after you had left your husband? (Please make a cross at each of the factors applicable to you.)

I believe it is a woman's duty to stay with her husband, even if everything is not well between them.	
If I do not live with my husband, I (and the children) will suffer very much financially.	
I am afraid of being punished and rejected by God and / or my ancestors if I should leave my husband.	
I do not really have anywhere else to go. If I do not stay with my husband, I will be homeless.	
I always give my husband another chance, because he often promises that he will not assault me again.	
The care of the children is my responsibility. I cannot do it without a man.	
By not living with my husband, I do nut fulfil my duty towards him and / or the children.	
I love my husband. It is as simple as that.	
My husband needs my support. In the course of time things will begin to improve.	
I am afraid of leaving him. He may harm me *(and the children)* if he should find us.	
I am afraid to leave him, because I am uncertain what awaits me if he does not care for us any more.	

28. Women who live in violent relationships, often use certain *thoughts* to explain their situation or to make it easier to stand the situation. Here follows a list of possible thoughts you may have had. Please mark all the thoughts you have already experienced.

My husband is a person with serious problems and needs me to care for him and to be able to function.	
My husband's violent behaviour is not his fault, as it is caused by things over which no-one has any control.	
The pain he causes me is not so bad that I cannot stand the situation.	
I am partly responsible for his violent behaviour. He possibly does not behave correctly, but it is at least partly my fault that he acts like that.	
I stay with my husband, as I have no other option.	
I stay with my husband, because I think he is probably the only man I will be able to love like this.	
It is my Christian and / or cultural duty to stay with my husband.	
For the sake of the children, any connection with a man is probably better than that they grow up without a father.	

SECTION D: SOCIO STRUCTURAL FACTORS

In this section an attempt is made to get an indication of which structures in society, for example professional persons or organisations, you have already used to handle the violent situation in your relationship. This information is needed in order to determine how such services rendered are experienced by female victims of violence, like yourself.

29. **The following is a list of service-rendering structures and professions from which you have possibly sought aid regarding the violence to which you are exposed. Please mark those structures and professions whose services you have already used.** (Please mark the "Not applicable" [NA] column if you have never used any of them.)

Social work services rendered by a social work institution like FAMSA, NICRO, POWA, the Church Social Services, the Department of Welfare *et cetera*.	
Services rendered by a shelter for battered women and their children.	
The South African Police Service.	
The Legal System (for example by applying for and interdict against the violent person).	
Spiritual workers, for example a minister, pastor, priest, rabbi *et cetera*..	
The Legal Profession (for example a conversation with an attorney concerning your particular situation).	
A general medical practitioner, in other words a family doctor.	
A psychiatrist.	
A psychologist.	
A nurse, for example at a clinic or a hospital.	
Other (Please specify):	
NA	

30. **In the previous question you gave an indication of structures and professions whose services you have already used regarding the situation to which you are exposed. In this question you are expected to give an indication concerning how you experienced the rendering of services.** (Please mark the "Not applicable" [NA] column if you have never used any particular service-rendering structure or profession.)

STRUCTURE / PROFESSION	POSITIVE / SUPPORTING	NEUTRAL / UNCONCERNED	NEGATIVE / CONDEMNING	NA
Social work service-rendering.				
A shelter.				
The South African Police Service.				
The Legal System.				
Spiritual workers.				
The Legal Profession.				
A general medical practitioner.				
A psychiatrist.				
A psychologist.				
A nurse.				
Other (Please specify):				

SECTION E: SOCIO CULTURAL FACTORS

In this section of the questionnaire I strive not only to determine how general attitudes and perceptions in society influence violent behaviour in relationships, but also to determine the influence of such attitudes and perceptions on the reactions of people to female victims of violence.

31. **Here follows a list of thoughts and attitudes that are present in society and can lead to the origination and maintenance of violence towards women. Please mark all those thoughts and attitudes which probably exercise a meaningful influence on your unique situation.**

Men are superior to women, because men are more independent, thinking and aggressive than women.	
Violence is commonly accepted as a characteristic of masculinity and is even expected from men.	
A woman's roles and tasks in the family are determined by the man.	
A woman's position in society is determined by her husband's position. Without him, she has no position in society.	
Because of men's superiority to women, women should be paid less in the labour market and have fewer opportunities for promotion.	
A woman's place is in the home with her children. To keep her husband happy and care for the children are her main tasks. She should not have a career.	
Children should grow up in the presence of two parents. Even if the parents' relationship is characterised by violent behaviour, such a situation is better than not to have two parents.	
The church and / or culture encourage women to support their husbands, be subservient to him and to forgive him for his violent behaviour.	
A man's role in the family is that of father, breadwinner, provider, head, disciplinarian and protector and women should in no way threaten these roles.	
Women and children are the property of men and therefore a man has the right to rule his wife and children. This domination sometimes also implies that he, if necessary, may beat them in order to guide their behaviour.	

32. **Although battered women mostly strive to keep this maltreatment secret as far as possible, they sometimes share this fact with others. Please give an indication of the following people's reactions when the violence in your relationship became known.** (Please mark in the "Not applicable" [NA] column if those concerned are not aware of the violence.)

THOSE CONCERNED	POSITIVE / SUPPORTING	NEUTRAL / UNCONCERNED	NEGATIVE / CONDEMNING	NA
Friends				
Relatives				
Colleagues				

SECTION F: PERSONAL INTERVIEWS

33. **Would you be willing to have a personal interview with me concerning the contents of this questionnaire in order to enlighten some of the aspects in more detail?** (Please note, you are under no obligation to mark "Yes" here. If you mark "No", the information that you have given is still regarded as valuable and will be used as such.)

Yes	
No	

34. **If you marked "Yes" at question 33, please supply the following information to me.**

Your name (or a name I can write on an addressed envelope):

_____

Your postal address:

_____

_____

_____

_____

_____ **Postal Code:** _____

If you have a telephone number where I can contact you, be so kind as to provide me with it here:

Code (_____) **Number:** (_____)

HEARTIEST THANKS FOR YOUR FRIENDLY CO-OPERATION!

BYLAE H

ONDERHOUDSKEDULE

---

1. SOSIODEMOGRAFIESE INLIGTING

1.1 Posisie en ouderdom van deelnemers se gesinslede: (Trek 'n geneagram van minstens drie gesinsgenerasies.)

1.2 Huistaal.

Afrikaans	
Engels	
Ander	

1.3 Bevolkingsgroep.

Swart	
Kleurling	
Blank	

1.4 Tipe behuising.

Eie huis / woonstel.	
Huurhuis / -woonstel	
Woon by familie / vriende.	
Ander (Spesifiseer):	

1.5 Huwelikstatus tans.

Getroud.	
In 'n saamwoonverhouding.	
Geskei / Die man verlaat, maar nog nie wettig van hom geskei nie / Uit die saamwoonverhouding getree.	

1.6 Gee asseblief vir my 'n benaderde aanduiding van u (en u manlike verhoudingsmaat s'n) totale maandelikse (bruto) inkomste.

_____

1.7 Hoogste opvoedkundige kwalifikasie.

Self		Manlike verhoudingsmaat	

1.8 Beklee uself en / of u manlike verhoudingsmaat 'n vaste betrekking?

	Ja	Nee
Self		
Manlike verhoudingsmaat		

2. BELEWENIS VAN DIE ONDERHOUDSITUASIE

2.1 Hoe ervaar u dit dat ek op hierdie oomblik met u 'n onderhoud voer?

_____
_____
_____
_____

3. AARD VAN GEWELDPLEGING

3.1 In die beriggie in die pers op grond waarvan u van hierdie studie bewus geword het, is gevra dat vroue wat hulle in geweldgekenmerkde verhoudings bevind (of gedurende die afgelope jaar nog bevind het) aan my moet skryf. Hoe verstaan u die begrip *geweldgekenmerkde verhoudings*?

_____
_____
_____
_____

3.2 Hoekom sal u u eie verhouding as 'n *geweldgekenmerkde verhouding* beskryf?

_____
_____
_____
_____

4. INDIVIDUELE EN GESINSFAKTORE

4.1 Vertel asseblief vir my van uself. Hoe sal u uself beskryf?

4.2 Vertel asseblief vir my van u manlike verhoudingsmaat. Hoe sal u hom beskryf?

4.3 Watter faktore dink u dra daartoe by dat u manlike verhoudingsmaat gewelddadig teenoor u optree?

4.4 Hoe beïnvloed u manlike verhoudingsmaat se gedrag vir u?

4.5 Wat is die effek van u manlike verhoudingsmaat se gewelddadige optrede op u kind(ers)? (Indien geen kinders in die gesin nie, laat 4.5 en gaan na 4.6.)

4.6 Vertel asseblief vir my van die eerste keer toe u manlike verhoudingsmaat gewelddadig teenoor u opgetree het?

4.7 Vertel asseblief vir my van u vader en moeder se verhouding en ook van u verhouding met hulle.

4.8 Vertel asseblief vir my van u manlike verhoudingsmaat se vader en moeder se verhouding en ook van sy verhouding met hulle.

_____
_____
_____
_____

4.9 Vertel asseblief vir my van die kontak wat u as volwassene met u ouers het / gehad het.

_____
_____
_____
_____

4.10 Vertel asseblief vir my van die kontak wat u manlike verhoudingsmaat as volwassene met sy ouers het / gehad het.

_____
_____
_____
_____

4.11 Het 'n gewelddadige uitbarsting al ooit daartoe aanleiding gegee dat u u manlike verhoudingsmaat verlaat het?

Ja	
Nee	

Indien "Ja", vra vrae 4.11.1 tot 4.11.5. Indien "Nee", gaan na 4.12.)

4.11.1 Indien ja, hoeveel keer het u hom al verlaat? _____

4.11.2 Waarheen het u gegaan toe u hom verlaat het? _____

(Indien nie na familie, vriende, kollegas gegaan is nie, laat 4.11.3 en 4.11.4 en vra 4.11.5.)

4.11.3 Indien na mense (byvoorbeeld familie, vriende, kollegas) se wonings gegaan is, hoe het u die situasie aan hulle verduidelik?

_____
_____
_____
_____

4.11.4 Wat was hierdie mense se reaksie op u verduideliking?

_____
_____
_____
_____

4.11.5 Hoe het u manlike verhoudingsmaat gereageer op die verlating?

_____
_____
_____
_____

4.12 Watter faktore dra daartoe by / het daartoe bygedra dat u in die gewelddadige verhouding aanbly / daarheen teruggekeer het na die verlating van die manlike verhoudingsmaat?

_____
_____
_____
_____

4.13 Hoe sal u u verhouding met u manlike verhoudingsmaat beskryf as u dit in terme van emosionele nabyheid / afstand / sensitiwiteit vir mekaar moet beskryf?

_____
_____
_____
_____

4.14 Hoe tree die kind(ers) teenoor u op?

_____
_____
_____
_____

4.15 Hoe tree die kind(ers) teenoor u manlike verhoudingsmaat op?

_____
_____
_____
_____

5. SOSIAAL-STRUKTURELE FAKTORE

5.1 Het u al ooit enige vorm van professionele hulp ontvang ten einde u situasie die hoof te bied?

Ja		Nee	

5.1.1 Indien ja, by wie het u al hulp gevra? _____
_____
_____
_____

5.1.2 Indien nee, waarom nie? _____

_____

_____

_____

5.1.3 Indien u hulp ontvang het, beskryf asseblief hoedat u die hulp ervaar het? (Indien "Nee" by 5.1, laat hierdie vraag en vra 6.1.)

_____

_____

_____

_____

6. SOSIO-KULTURELE FAKTORE

6.1 Wat dink u is die samelewing (byvoorbeeld die kerk, kultuur, staat, gemeenskap) se persepsie van vroue?

_____

_____

_____

_____

6.2 Wat dink u is die samelewing (byvoorbeeld die kerk, kultuur, staat, gemeenskap) se persepsie van mans?

_____

_____

_____

_____

6.3 Hoe dink u word mishandelde vroue deur die samelewing (byvoorbeeld die kerk, kultuur, staat, gemeenskap) gesien?

_____

_____

_____

_____

6.4 Hoe dink u word gewelddadige mans deur die samelewing (byvoorbeeld die kerk, kultuur, staat, gemeenskap) gesien?

_____

_____

_____

_____

7. ADDISIONELE INLIGTING WAT DEELNEMERS WIL DEEL

7.1 Op hierdie stadium het ons gepraat oor al die dinge waaroor ek graag meer wou weet. Oor watter ander aspekte dink u moet ons nog gesels?

_____
_____
_____
_____

8. BELEWENIS VAN DIE ONDERHOUDSITUASIE

8.1 Kort nadat ons begin gesels het, het ek vir u gevra hoedat dit voel om vandag hierdie onderhoud met my te voer. Hoe voel u noudat ons klaar gesels het?

_____
_____
_____
_____

9. OPMERKINGS

9.1 Tydsduur van die onderhoud: _____

9.2 Atmosfeer tydens die onderhoudsituasie: _____
_____
_____
_____

9.3 Voorkoms van die deelnemer: _____
_____

BYLAE I

UITNODIGINGSBRIEF AAN DEELNEMERS TOT DEELNAME AAN KWALITATIEWE ONDERHOUDVOERING: AFRIKAANS

Posbus 13281
9305 NOORDSTAD

27 November 1998

Mev.
Posbus
9300 BLOEMFONTEIN

Geagte mev.

NAVORSING OOR GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

Baie-baie dankie dat u die vraelys wat ek 'n maand of twee gelede aan u gestuur het, ingevul het en aan my teruggestuur het. Deur u eie en meer as 300 ander deelnemers se ingevulde vraelyste, het u vir my daartoe in staat gestel om doelgerig te kon vorder met die navorsingsproses. U besondere bydrae in hierdie verband, word werklik opreg waardeer.

In die laaste afdeling van u ingevulde vraelys, het u aangedui dat u bereid sal wees om met my ook 'n persoonlike onderhoud te voer oor die inhoud van die vraelys ten einde sekere van die aspekte meer breedvoerig toe te lig. Aangesien ek nou die klaar is met die verwerking van die ingevulde vraelyste, is ek op dié stadium in die navorsingsproses waar ek graag nog meer van die deelnemers se unieke situasies te wete sou wou kom. Uit 'n ingevulde vraelys word wel waardevolle inligting verkry, maar dit stel my geensins in staat om u unieke situasie, u belewenis van u situasie en die intensiteit van u situasie ten volle te begryp nie. Sulke inligting kan eintlik net verkry word deur ook persoonlik met vroue wat hulle geweldgekenmerkde verhoudings bevind (het), te gesels. Dit dan, die rede vir hierdie briefie aan u.

Alhoewel u in die ingevulde vraelys aangedui het dat u bereid is om met my gesels, wil ek vir u op hoegenaamd geen wyse in 'n ongemaklike posisie plaas nie. Veral aangesien u die vraelys al 'n hele ruk gelede ingevul het, het ek begrip daarvoor dat u situasie moontlik intussen sodanig verander het dat u tans nie meer bereid is of in 'n posisie is om so 'n onderhoud met my te voer nie.

Indien u wel nog bereid sou wees om met my te gesels, wil ek vir u uitnooi om ***asseblief*** *so binne die volgende twee weke met my kontak te maak*, sodat ons 'n afspraak kan maak om mekaar te ontmoet op 'n tyd wat vir u geleë sal wees en op 'n plek waar u veilig genoeg voel om te gesels. Ek sal my program sover moontlik, by u unieke situasie aanpas. U kan dalk sommer vir my tuis skakel by 4473455 of waar ek werk by die universiteit, by 4012567. Beide die nommers is hier in Bloemfontein, met die gevolg dat dit dus nie hooflynoproepe is waarvoor u eers die 051-voorafskakelkode hoef te gebruik nie. Indien dit vir u moeilik is om telefonies met my kontak te maak, sal ek dit waardeer as u sommer vir my 'n briefie na bostaande adres toe stuur. In die briefie sou u byvoorbeeld vir my 'n datum, tyd en plek kan aandui waar ons sou kon ontmoet en ek sal dan vir u terugskryf om die afspraak te bevestig of om 'n alternatiewe reeling te tref. Ek is seker ons sal op 'n manier 'n plan kan maak om tog met mekaar kontak te maak. Opnuut wil ek aan u bevestig dat u anonimiteit ***geheel en al gewaarborg word*** en dat u identiteit op ***hoegenaamd geen wyse*** aan iemand anders bekend sal word nie.

Sou u situasie intussen sodanig verander het dat u nie meer kans sien om met my te gesels nie, het ek begrip daarvoor en is u welkom om hierdie skrywe te ignoreer. Wees egter verseker dat die inligting wat u wel deur die invul en terugstuur van die vraelys aan my voorsien het, vir my waardevol is en opreg waardeer word.

Ek hoop om sommer gou van u te hoor en sien daarna uit om u te ontmoet!

Sterkte en groete.

Henk Schoeman

BYLAE J

UITNODIGINGSBRIEF AAN DEELNEMERS TOT DEELNAME AAN KWALITATIEWE ONDERHOUDVOERING: ENGELS

P.O. Box 13281
9305 NOORDSTAD

27 November 1998

Mrs.
P.O. Box
9300 BLOEMFONTEIN

Dear mrs.

RESEARCH ON WOMEN IN VIOLENT COHABITING AND MARITAL RELATIONSHIPS

Hearty thanks for filling in and returning the questionnaire that I sent to you a couple of months ago. By means of your questionnaire and those of more than 300 other participants, you have enabled me to make purposeful progress with the research process. Your unique contribution in this regard, is highly appreciated.

In the last section of the questionnaire, you indicated that you would be willing to have a personal interview with me concerning the contents of the questionnaire in order to enlighten some of the aspects in more detail. Since I have now completed the analysis of all the questionnaires, I am currently in a stage during the research process where I would like to obtain more information about participants' unique situations. Although one obtains precious information from a questionnaire, it does not enable me to fully comprehend your unique situation, the way in which you experience your situation and the intensity of your circumstances. Such information can only be obtained by also conducting personal interviews with women who find themselves in the actual violent relationship (or who had been in such a relationship). That then, is the reason for this letter.

Although you have indicated in the questionnaire that you would be willing to talk to me, I do not want to put you in an uncomfortable position at all. Especially because of the fact that you had filled out the questionnaire a while ago, I do have understanding for the fact that your circumstances could since have changed to the extent that you are no longer willing or in a position to personally speak to me.

If you are still willing to have a personal interview, I would like to invite you to ***please*** *contact me within the next two weeks*, so that we can make an appointment to meet one another at a time that would suit you and at a venue where you would feel safe to talk. As far as possible, I shall adapt my own programme to your unique situation. Maybe you could give me a call at home, 4473455 or at the university where I work, 4012567. Both these numbers are local numbers, so you do not need to make a long distance call by dialling the 051 area code for Bloemfontein. Should it be difficult for you to phone me, I would appreciate it if you would send me a letter to the above address. In the letter you could for example indicate a date, time and venue for a meeting and I shall then write back to you to confirm or make alternative arrangements. I am confident that in some way we would be able to make a plan to meet one another. Once again, I want to ***guarantee*** your anonymity and the fact that your identity shall ***in absolutely no way*** be made known to other people.

Should your circumstances have changed to such an extent that you are no longer willing to have a personal interview, I will accept that too and you can ignore this letter. Please be assured that the information that you have divulged in the questionnaire is precious to me and sincerely appreciated.

I hope to hear from you soon and I am looking forward to meeting you!

Yours faithfully.

Henk Schoeman

OPSOMMING

'n Literatuurstudie, aangevul deur 'n empiriese ondersoek, waartydens van sowel kwantitatiewe vraelysimplementering as kwalitatiewe onderhoudvoering met vroulike slagoffers van geweld gebruik gemaak word, word benut om geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings vanuit 'n ekologiese perspektief te verken en te beskryf, ten einde wetenskaplik-gefundeerde maatskaplikewerkhulpverlening op die verskynsel te kan afstem. In die ondersoek word wegbeweeg van 'n liniêre benadering tot geweld na 'n meer omvattende, holistiese perspektief, wat meebring dat 'n assessering van maatskaplike probleme en behoeftes in interaksionele terme moontlik gemaak word, naamlik dat die geweld 'n resultaat is van wanaanpassing in die mens-en-omgewingverhouding. Die verskynsel word benader as 'n simptoom van disfunksionering in die ekologiese sisteem en dus as die resultaat van die wedersyds-beïnvloedende interaksionele prosesse wat plaasvind tussen die individuele sisteem en die ekologiese konteks waarbinne gefunksioneer word. 'n Verskeidenheid multi-faktorale, sirkulêre kousaliteitsfaktore word geïdentifiseer deurdat 'n analise gedoen word van vier vlakke in die ekologiese ontledingsisteem, te wete die individuele vlak, die gesinsvlak, die sosiaal-strukturele vlak en die sosio-kulturele vlak, maar ook van die wedersydse beïnvloeding van die vlakke ten opsigte van mekaar.

Op die individuele vlak vind 'n ontleding plaas van psigopatologieë en karaktereienskappe wat geassosieer word met vroulike slagoffers en manlike geweldenaars. Voorts word die wyse waarop die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong hulle huidige gedrag en betekenisgewing aan hulle situasies beïnvloed geanaliseer, terwyl ook die rol van mag in gewelddadige optrede, die verband tussen alkohol- en chemiese substansgebruik en geweld en faktore wat vroulike slagoffers se besluitneming oor die gewelddadige verhoudings beïnvloed, verken en beskryf word.

Twee sirkulêre teoretiese raamwerke ten opsigte van gesinsfunksionering, te wete die strukturele benadering van Salvador Minuchin en die multigeneratiewe benadering van Murray Bowen, word benut vir 'n analise van gesinsistemiese disfunksionering waar geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings voorkom. Weens die strukturele benadering se

beklemtoning van die disfunksionering in die gesinstruktuur waar simptoomgedrag voorkom en die fokus op die funksie van die simptoomgedrag vir die handhawing van 'n rigiede, nie-progressiewe gesinsistemiese ekwilibrium, word 'n betekenisvolle strukturele verkenning van geweldgekenmerkde gesinsisteme moontlik gemaak. Die toepassing van konsepte uit Bowen se teorie op geweldgekenmerkde gesinsisteme, is veral waardevol vir 'n verkenning van die betrokkenes se emosionele reaktiwiteit, driehoekvorming sowel binne as buite die gesinsisteem en vir die multigeneratiewe herhaling van gewelddadige gedrag oor gesinsgenerasies heen.

Tydens die analise van sosiaal-strukturele aspekte wat vermeend aanleiding gee tot die totstandkoming en instandhouding van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, word gefokus op die invloed van ekonomiese realiteite (ongeletterdheid, werkloosheid en armoede) in die unieke Suid-Afrikaanse konteks. Voorts word 'n analise gedoen van dienslewerende inisiatiewe, strukture en professies wat gemoeid is met sowel die voorkoming as behandeling van die verskynsel en van hoedat vroulike slagoffers van geweld hierdie dienslewering en strukture beleef.

Aspekte soos seksisme, geslagsrolstereotipering, norme met betrekking tot die huwelik en die gesin, die algemene aanvaarding van geweld en mites met betrekking tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, is aanleidende en instandhoudende faktore waarop gefokus word tydens 'n analise van die sosio-kulturele vlak van die ekologiese ontledingsisteem. Hierdie faktore dra waarskynlik by tot die skepping van 'n klimaat / sosio-kultuur waarbinne vroue beskou word as minderwaardig aan, en as die besittings van mans waaroor as't ware geheers mag word, terwyl die algemene aanvaarding van geweld, aanleiding gee tot samelewingsdesensitisering ten opsigte van 'n verskynsel soos geweld teenoor vroue.

Vanweë die omvattende aard van sodanige ekologiese perspektief, dien dit nie alleen vir die maatskaplikewerkprofessie nie, maar ook vir ander professies en dienslewerende strukture as rigtingwyser vir voortgesette navorsing en vir die pro- en reaktiewe ontwikkeling en implementering van voorkomings- en behandelingsprogramme ten opsigte van die verskynsel.

SUMMARY

A literature study, complemented by an empirical investigation during which both quantitative questionnaires and qualitative interviews with female victims of violence are utilised, is conducted to explore and describe violence against women in cohabiting and marital relationships from an ecological perspective, in order to tune in scientifically founded social work service rendering to the phenomenon. During the investigation, there is moved away from a linear approach to violence to a more comprehensive, holistic perspective, which brings about an assessment of social problems and needs in interactional terms, namely that violence is a result of maladjustment in the person and environmental relationship. The phenomenon is approached as a symptom of disfunctioning in the ecological system and as a result of the mutually influencing interactional processes that take place between the individual system and the ecological context. A variety of multifactoral, circular causal factors are identified by analysing four levels of the ecological system, namely the individual level, the family level, social structural level and the sociocultural level, but also of the levels' mutual influence upon one another.

At the individual level, an analysis takes place of psychopathologies and characteristics associated with female victims and violent males. The ways in which their families of origin influence the concerned persons' current behaviour and purport regarding their situations are analysed, whilst the role of power in violent behaviour, the relation between the use of alcohol and chemical substances and violence and factors influencing female victims' decision making about the violent relationships, are also explored and described.

Two circular theoretical frameworks, namely the structural approach of Salvador Minuchin and the multigenerational approach of Murray Bowen, are utilised for an analysis of family systems disfunctioning where violence against women in cohabiting and marital relationships occur. Due to the structural approach's emphasis on the disfunctioning of the family system where symptomatic behaviour occurs and its focus on the function of the symptomatic behaviour for the maintenance of a rigid, non-progressive family systems equilibrium, a meaningful structural exploration of violence prone family systems is made possible. The application of concepts

from Bowen's theory on violence prone family systems, is especially useful for the exploration of the involved persons' emotional reactivity, triangulation both inside and outside of the family system and for the multigenerational recurrence of violent behaviour through various generations.

During the analysis of social structural aspects that allegedly contribute to the establishment and maintenance of violence against women in cohabiting and marital relationships, the focus is on the influence of economic realities (illiteracy, unemployment and poverty) in the unique South African context. An analysis of service rendering initiatives, structures and professions involved in the prevention and treatment of the phenomenon and how female victims of violence experience these services and structures, is also done.

Sexism, sex role stereotyping, norms regarding marriage and the family, the general acceptance of violence and myths related to violence against women in cohabiting and marital relationships, are contributing and maintaining factors focused on during an analysis of the sociocultural level of the ecological system. These factors possibly contribute to a climate/socio culture in which females are regarded as inferior to and as the property of men and where men are allowed to rule them, while the general acceptance of violence, gives rise to community desensitisation regarding the phenomenon.

Due to the comprehensive nature of the ecological perspective, it not only serves as a direction-indicator to the social work profession, but also to other professions and service rendering structures for continued research and for the pro- and reactive development and implementation of preventative and treatment programmes regarding the phenomenon.

KEY CONCEPTS REGARDING THE THEME OF THE RESEARCH STUDY

Circular causality

Cohabiting relationships

Ecological perspective

Family functioning

Female victims

Individual characteristics

Male perpetrators

Marital relationships

Socio cultural influences

Socio structural dynamics

Violence

Women

INDEKS

A

Algemene sisteemteorie 19, 22, 23, 32-37, 39, 57, 58, 60, 64, 66, 67, 68, 83, 88, 570
- definisie van 'n sisteem 37
- eienskappe van 'n sisteem 39
  - doelgerigtheid 44
  - energie en inligting 53, 54, 57-59, 245, 246, 248, 285
  - entropie en negentropie 58, 59, 66
  - interne ordening 47, 235
  - oopheid en geslotenheid 53, 54
  - sisteemgrense 50-53, 232, 247, 405, 469, 470, 485, 523, 524, 530, 533, 545
  - staat van stabiliteit, ekwilibrium of homeostase 44, 49, 50, 53, 54, 68, 79, 135, 229, 230, 241, 244-246, 248, 249, 284, 285, 348, 404, 406, 428, 483, 491, 524, 530, 547, 548, 561, 568
  - subsisteme 44, 49, 50, 53, 54, 68, 79, 135, 229, 230, 241, 249, 284, 285, 348, 404, 406, 428, 483, 491, 524, 530, 547, 548, 561, 568
  - suprasisteem 41-43,46, 47, 49, 51-57, 59, 62, 65, 69, 145, 150, 161-163, 167, 204, 227, 232, 233, 245, 247-250, 252, 254, 256, 260, 263, 264, 268, 280, 281, 284, 285, 332, 348, 349, 352, 367, 400, 402, 404, 405, 406, 418, 419, 428, 515, 530, 533, 539, 547, 548, 552, 559
  - wisselwerking 14, 53, 55-57, 66, 74, 232, 245, 332, 349, 368
- historiese ontwikkeling 34-37

Alkohol 86, 155, 156, 166, 187, 190-199, 208, 209, 217, 219, 230, 261, 401, 455, 456, 459, 539, 542
- -isme 81, 180, 196, 198, 270
- -misbruik 142, 166, 170, 192-194, 198, 210, 288, 399, 401, 418, 454, 532, 459, 540
- rol van in gewelddadige gedrag 133, 190-197

B

Besering(s) 13, 15, 16, 18, 94-96, 103-106, 113-118, 124,125, 128, 130, 131, 136, 144, 155, 156, 204, 210, 318, 321, 324, 394, 409, 418, 419, 452, 460, 465, 466, 475, 484, 488-490, 495-497, 499, 507, 531, 552, 557, 567, 571
- omskrywing 13, 117

C

Chemiese substans(e) 133, 187, 191-199, 208, 217, 219, 257, 261, 364, 401, 539
- -misbruik 134, 193, 198, 288, 542
- omskrywing 134
- rol van in gewelddadige optrede 133, 190-197

Conflict Tactics Scale / Revised Conflict Tactics Scale 11, 85, 113-116, 118-121, 124-128, 172, 173, 175, 215, 222, 290, 388, 394
- evaluering van 124-129
- inhoudelike aspekte en toepassingswyse 118-121
- items in die 121-124
  - emosionele-aggressieskaal 122
  - fisiese-aanrandingskaal 122-123
  - fisiese-beseringskaal 124
  - onderhandelingskaal 121-122
  - seksuele-dwangskaal 123
- meting van geweld deur middel van 112-113
- omskrywing en toepassingsmoontlikhede 113-114
- omskrywing van begrippe in 116-117
  - besering 116-117
  - emosionele aggressie 117
  - fisiese aanranding 116
  - onderhandeling 116
  - seksuele dwang 117
- teoretiese begronding 114-116

Cultural spillover theory 30, 182, 183, 218

D

Dienslewerende 9, 31, 80, 104, 150, 268, 282, 292-294, 298, 329, 334, 342, 362, 363, 365-367, 370, 372, 384, 419-422, 488, 510, 515, 528, 531, 535, 547, 552-554, 562, 565, 568, 571
- inisiatiewe, strukture en professies 292-294

Diskriminasie 2, 20, 294, 295, 329, 333, 337, 340, 342, 573
- teenoor vroue 2, 20, 92, 295, 296, 299, 328, 501, 260, 564

Doelbereiking deur die gesinsisteem 236, 243, 348, 353, 546, 547

Driehoekvorming 260-266, 268, 272, 273, 281, 282, 285, 493, 549, 550, 552
- omskrywing 261
- proses van 260-262
- ten opsigte van persone uit die gesin se suprasisteem 263-265, 468, 491, 549, 555

E

Ekologiese benadering 9, 11, 19, 21-23, 32, 33, 39, 60-62
- historiese oorsprong van 60
- begronding van 67
  - transaksie 67-70
  - gedragskonteks 70, 71
  - ekosisteem 71, 72
  - gesondheid *versus* individuele patologie 72, 73
- waarde vir die maatskaplikewerkprofessie 73, 74
- model van menslike ontwikkeling 6
- ontledingsisteem 7, 8, 11, 19, 20, 23
  - vlakke in die 8, 11, 60, 77
    - gesinsvlak 8, 11, 19, 27, 79, 81
    - individuele vlak 8, 11, 19, 24, 78, 79, 81
    - sosiaal-strukturele vlak 8, 11, 20, 29, 79-81
    - sosio-kulturele vlak 8, 11, 29, 80, 81
- vlakke van ontleding 6
  - eksosisteem 7, 75-77
  - makrosisteem 6, 76, 77
  - mesosisteem 6, 75, 77
  - mikrosisteem 6, 75, 77
- sisteem 14, 15, 32, 38, 39, 67, 74
  - vlakke in die ekologiese model 74, 77

Ekonomiese 7, 10, 20, 29, 30, 41, 42, 55, 77, 79, 81, 152, 156, 174, 187, 188, 190, 193, 201, 202, 205-209, 216, 220, 245, 287, 288, 290-292, 294, 327, 328, 334, 337, 344, 349, 357, 366, 367, 387, 402, 518, 552, 553, 560, 566
- beperkinge en diskriminasie 337, 560
- faktore 29, 201, 205, 207, 220, 402
- realiteite 20, 79, 81, 156, 287, 288, 327, 366, 552
- strukture 7, 41, 42, 245

Emosioneel-reaktiewe 261, 265, 280, 410

Emosionele
- afsnyding 279, 280, 282, 286, 395, 411, 435, 466-468, 471, 473, 485, 526, 551, 552
- afstand 163, 203, 231, 233, 266-268, 286, 466, 469, 470, 477, 483, 485, 526, 533, 543, 549, 550, 552, 555
- aggressie 116, 117, 121, 122, 127, 128, 183, 388, 390, 393, 446, 447, 449
- geweld(pleging) 93, 95-99, 117, 130, 144, 148, 151, 164, 166, 184, 230, 295, 315, 317-321, 446-449, 457, 466, 468, 484, 498, 499, 532, 557, 563, 572
- ineengestrengeldheid 253, 459, 469, 470, 485, 545, 549
- leed 16, 117, 127, 136, 145, 207, 393, 446, 448, 516, 527, 535, 557
- nabyheid 230, 231, 252, 253, 267-269, 281, 466, 469, 470, 477, 483, 485, 543, 550
- proses in gemeenskappe 281
- proses(se) 109, 225, 249, 262, 268, 271, 273, 281, 401, 548, 556
- reaktiwiteit 108, 167, 169, 171, 250, 258, 260, 264, 268, 271, 277, 281, 282, 285, 286, 402, 408, 409, 466, 467, 484, 492, 525, 533, 548
- sisteem/sisteme 39, 248-250, 253, 254, 257, 260, 264, 266, 274, 276, 277, 281, 282, 285, 286, 409, 452, 523, 525

F

Feminisme 332, 333

Feministiese 365
- perspektief 18, 20, 30, 31, 241, 332, 378

Fusie 252-254, 256-258, 260, 266-268, 271, 272, 274, 276, 277, 281, 282, 285, 286, 468, 469, 481, 483-486, 525, 526, 543, 548-550, 568
- omskrywing 251

G

Gereg 165, 401, 418

Gesag 48, 79, 83, 129, 133, 176, 202, 219, 235, 238, 241, 246, 247, 312, 336, 403, 404, 474, 502, 530, 535, 542, 546, 548
- gesagshiërargie 48, 235-238, 247, 524, 545, 546

Gesin
- as matriks vir identiteit 226, 227
- omskrywing 14, 15
- -sisteem 1, 2, 6, 8, 9, 14, 19, 27, 30, 31, 36, 37, 40-46, 48, 50, 52-54, 56-58, 75, 78, 79, 83, 107, 180, 203, 208, 221-228, 230-252, 258, 261, 264-266, 273, 277-286, 291, 293. 330, 338, 339, 348, 349, 351-354, 356, 369, 404-406, 408, 428, 443, 448, 449, 452, 464, 468, 471, 491, 493, 501, 508, 510, 512, 524, 525, 527, 530, 533, 537, 538, 544-549, 551, 552, 556, 557, 560, 563, 564, 568, 574
  - subsisteme van die 40, 221, 222, 228, 234, 284, 405, 545
- -sistemiese perspektief/perspektiewe 27, 28, 83, 223
- -struktuur 63, 66, 79, 83, 222-224, 228, 229, 244, 248, 282-284, 335, 343, 523, 544, 545, 548, 568

Gesin(ne)-van-oorsprong 19, 28, 36, 42, 43, 79, 178, 180-183, 195, 196, 216-218, 223, 245, 277, 278, 280, 282, 395, 409-411, 419, 428, 435, 438, 449, 452, 453, 456, 467, 468, 471, 473, 485, 487, 512, 526, 530, 533, 538, 542, 551, 552
- -beïnvloeding 79, 81, 133, 178, 183, 222, 466, 487, 525
- oordrag vanuit 79, 133, 218, 282, 286

Gesins-
- aanpassing 244
- grense 51-53, 228, 232, 284, 545
- lewenskonteks 224, 245, 246, 248, 283, 285, 525, 544, 547
- ontwikkelingsfases 45, 238, 382, 407, 443, 445
- ontwikkelingstake 45, 46, 79, 140, 235, 236, 238, 239, 243, 244, 247, 248, 284, 339, 348, 406, 408, 428, 442, 443, 445, 464, 465, 545-547
- projeksieproses 271-274, 276-279, 282, 286, 409, 411, 412, 429, 462, 526, 550, 551
- rolle 81, 89, 236, 239, 240, 545
- vlak van die ekologiese ontledingsisteem 222, 223, 281, 283, 395, 484, 506, 512, 514, 515, 526-528, 544

Geslagsrol(le) 31, 186, 201, 345, 347, 348, 351, 352, 369, 524, 542, 560
- manlike 219, 236, 247, 349, 367, 424, 515
- -stereotipering 10, 20, 31, 80, 81, 333, 344, 345, 348, 352, 353, 357, 366, 367, 369, 500, 502, 504-506, 528, 535, 547, 559-561
- tipiese 348, 352, 387

-identiteit 142, 168, 183, 186, 190, 201, 209, 219, 236, 345-347, 352, 353, 369, 541
veranderende 348, 352
vroulike 347, 349, 351, 354, 387, 424

Geslagsverskille 85, 129, 572
in gewelddadige optrede 99
fisiologies en emosioneel 99-101, 106
in motiewe vir en metodes van geweldpleging 101-104, 106
in resultate van geweld 104-106

Geweld
algemene aanvaarding van 80, 333, 358, 362, 363, 368, 370, 475, 486, 559, 561, 565
historiese oorsig 85-87
omskrywing 15-16
-siklus 85, 107, 129, 131, 151, 156, 204, 207, 213, 214, 230, 268, 281, 322, 416, 417, 419, 472, 477, 483, 490, 499, 528, 543, 545, 550, 558
fases in 107-112
-stiperinge 85, 93, 129, 130, 532
emosionele geweld *kyk emosionele geweld(pleging)*
fisiese geweld(pleging) 5, 93-98, 101, 102, 106, 113, 116, 123-125, 130, 144, 165, 166, 178, 181, 312, 319, 340, 354, 366, 367, 394, 406, 419, 425, 428, 446, 449, 454, 468, 475, 476, 507, 532, 572
wederkerige geweld 85, 104, 471, 485, 486, 527, 533, 573

Geweldenaar
omskrywing 5

Geweld teenoor vroue
voorkoms van 1, 3, 4, 5

Godsdienstige 31, 42, 80, 203, 206, 211, 212, 220, 245, 344, 368, 495, 504
oorwegings 202, 495

Grondwet
van die Republiek van Suid-Afrika *kyk Wetgewing*

H

Handves
van Regte 295, 308, 318, 320, 328, 330, 341, 557
vir Vroue 92, 296, 299, 328, 554

Huisvesting 181, 415, 419, 428, 474, 475
gebrek aan alternatiewe 152, 205, 206, 208

Hulpverleningstrukture en - professies *kyk Dienslewerende inisiatiewe, strukture en professies*

Huweliksformulier 356, 561
van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 356, 561
voorskrifte en beloftes 356

I

Individuele 8, 26, 33, 36, 40, 41, 43, 44, 48, 49, 63, 64, 67, 71, 72, 74, 79, 96, 159, 160, 161, 167, 224, 225, 283, 305, 335, 345, 346, 353, 356, 371, 378, 395, 418, 435, 528, 537, 544, 563, 567, 568
faktore 133, 135, 199, 217, 218, 222, 287, 449
hulpverlening 305, 567, 568
vlak van die ekologiese ontledingsisteem 8, 10, 19, 23, 24, 78, 81, 84, 92, 107, 133, 134, 146, 180, 184, 199, 217, 221, 283, 332, 395, 443, 484, 527, 528, 536, 538, 564, 574
(psigo)patologie 24, 25, 67, 72, 82, 107, 199, 248, 574

Industriële Revolusie 91, 241, 242, 349, 560

Interaksionele 6, 26, 27, 32, 36, 74, 79, 83, 112, 145, 185, 218, 222, 223, 228, 229, 287, 379, 499, 537-539, 544, 571-574
verklaringsteorie 27
en sisteemteoretiese verklarings 27

Intrapsigiese 248, 279, 282, 410, 411, 419, 428, 467, 526, 530, 548, 551
verklaring van gewelddadige gedrag 25

K

Karaktereienskappe 41, 133, 136, 139, 141, 146, 218, 223, 538
van manlike geweldenaars 161, 395, 454, 484, 523, 532, 539, 574
emosionele aspekte 163, 397, 456
kognitiewe aspekte 167, 402, 455
konatiewe aspekte 163, 399, 454
psigiese aspekte 161, 396
van vroue wat herhaaldelik terugkeer na die gewelddadige verhouding 215
van vroulike slagoffers van geweld 146, 395, 449, 484, 523, 529, 532
emosionele aspekte 151, 397, 452
kognitiewe aspekte 159, 402, 450
konatiewe aspekte 153, 399, 449
psigiese aspekte 146, 396, 451

Katalisators 214, 296, 554
vir verandering 212
vir verlating van die gewelddadige man 200

Kerngesin(sisteem) 6, 19, 28, 180, 211, 248, 266, 280, 286, 338, 407, 483, 449, 468
-emosionele proses(se) 266, 271, 273, 276, 281, 461, 464, 466, 468-470, 481-483, 486, 493, 525, 532, 543, 550, 552
disfunksionering in 'n eglied 267, 269, 270, 282, 286, 468, 526
emosionele afstand en huwelikskonflik 266, 267, 281, 286, 469, 543
oordrag van 'n probleem na 'n kind 271
-emosionele sisteem 453, 457

Konflik 32, 108, 111, 113-116, 118, 119, 122, 124, 127, 131, 140, 141, 149, 160, 162, 165, 170, 193, 198, 204, 208, 221, 222, 231, 240, 241, 243, 245, 247, 261-263, 265, 268-270, 278, 281, 282, 284, 285, 290, 291, 345, 352, 354, 358, 369, 394, 399, 400, 418, 453, 456-459, 463, 466, 467, 468, 473, 484, 485, 504, 505, 524, 533, 535, 539, 547, 549, 550, 553, 561
-hantering 79, 114, 123, 131, 306, 529, 565
hanteringsmeganisme(s) 128, 132, 173, 177, 178, 222, 389-393, 541
huweliks- 29, 36, 91, 180, 197, 198, 265-268, 270, 273, 281, 286, 411, 462, 466, 469, 470, 474, 485, 492, 493, 525, 526, 533, 543, 550
-teorie 32, 114, 116

Krisis 149, 150, 186, 187, 567
fases in 149-150
omskrywing 149

L

Liniêre 11, 32, 38, 62, 66, 69, 72, 79, 83, 87, 135, 136, 139, 145, 199, 219, 223, 224, 228, 249, 290, 352, 563
kousaliteit 8, 19, 38, 65, 199, 379, 528
perspektiewe 70, 72

Lyfstraf 133, 175, 180-182, 218, 340, 360-363, 370
algemene aanvaarding van 370
prosesmodel van die resultate van 361

M

Maatskaplike
(dis)funksionering 8, 17, 63, 69, 70, 73, 150, 156, 300, 330, 537, 554, 563, 570
groepwerk 64, 301, 305, 329, 562, 565, 566, 568
-werkbeleid 2, 300, 554
-werkhulpverlening 6-8, 22, 50, 61, 63, 64, 66, 67, 74, 82-84, 99, 112, 124, 161, 209, 215, 219, 265, 282, 537, 564
omskrywing 16-17
-werkinstansies 31, 287, 292-294, 300, 328, 329, 362
-werkmetode(s) 74, 83, 300, 554, 562, 564, 570
-werkpraktyk 3, 63, 64, 69, 70, 73, 564
-werkprofessie 2, 5, 7-9, 21, 60, 61, 64-67, 69, 73, 74, 81, 83, 292, 300, 314, 537, 554, 562, 563, 564, 568, 570, 571, 574, 575
-werkprogramme 2, 7, 554, 565
perspektiewe 28, 32, 66, 83, 87
probleme 17, 65, 74, 155, 156, 274
problematiek 37, 63, 67, 70-72, 79, 199, 569
verskynsel(s) 81, 82, 84, 88, 327, 366, 558, 559, 562, 569, 574
werk 16, 554, 562, 568-570
werker(s) 3, 16, 29, 50, 54, 70, 71, 73, 104, 112, 131, 150, 170-172, 179, 203, 261, 262, 264, 265, 293, 299, 301, 303, 305, 314, 399, 423, 429, 474, 489, 491-493, 499, 519, 520, 525, 531, 555, 567-569, 571, 573, 574

Mag 18, 48, 88, 92, 96, 129, 130, 133, 161, 162, 169, 170, 173, 174, 176, 177, 184-190, 193, 194, 202, 208, 217-219, 229-232, 236, 240, 241, 246, 259, 271, 290-292, 334, 335, 337, 354, 398, 401, 403, 404, 505, 506, 530, 539, 542, 548
en beheer wiel 188
rol van - in gewelddadige optrede 184, 219, 395, 403
-sbasisse 185, 219, 403, 404, 418, 428, 505, 530, 542
-songelykhede/heid 31, 158, 176, 184, 201
-sposisie 29-31, 92, 96, 230, 285, 290, 505, 553
-sprosesse 185, 219, 403, 418, 428, 505, 530, 542
-sresultate 185, 186, 219, 403, 404, 418, 428, 505, 530, 542
-sverspreiding 86, 324, 331, 558

Mishandelde vrou(e) 5, 24, 25, 31, 88, 136-139, 146-161, 178, 181, 195, 202-208, 211, 214-216, 240, 265, 287, 292, 294, 297, 299-301, 304, 306, 307, 312-315, 318-320, 325, 326, 328-330, 334, 337, 338, 342, 542, 543, 546, 554-556, 561, 566
omskrywing 18-19
-sindroom 155-158, 160, 170, 218, 271, 282, 323
simptome van 155-157

Mites 334, 363, 365, 366, 487
implikasies van 365-367
met betrekking tot geweld 333, 363, 368, 370, 506, 559, 562
samelewings- 31, 506
Multigeneratiewe 180, 223, 437, 466, 522, 525, 544, 548
benadering tot geweld 248, 282
oordragingsproses 274-276, 282, 286, 409, 551

N

Norme 7, 41, 43, 48, 79, 80, 87, 89, 191, 201, 255, 335, 338, 353, 358, 455, 471, 481, 561
met betrekking tot die huwelik en gesin 333, 353, 356, 358, 367, 369, 559, 561
oor kinderopvoeding 353, 369, 561

P

Patologie 24-26, 32, 72, 82, 107, 199, 224-226, 249, 269, 270, 272, 273, 526, 550
lokalisering van 544

Patriargie / Patriargale 31, 88, 176, 177, 197, 201, 241, 334, 335, 340, 481, 502, 505, 511, 513, 526, 542, 544, 547, 559
stelsel 7, 31, 88, 91-93, 129, 174, 177, 184, 190, 201, 205, 219, 236, 334, 335, 340, 348, 512

Persoonlike bronne 78, 133, 136, 168, 171, 218, 541
beroepstatus, opvoedingsvlak en inkomste 171, 176, 538
besondere onvermoëns 156, 171, 176, 177, 541, 538

Persoonlikheidseienskap(pe) 6, 19, 24, 25, 27, 28, 78, 83, 139, 179, 201, 277, 335, 347, 435, 452
manlike geweldenaar(s) 26, 83, 139, 162
vroulike slagoffer(s) 25, 26, 83, 139

Polisiediens (*Kyk ook Suid-Afrikaanse Polisiediens*) 1, 31, 105, 106, 112, 152, 156, 172, 203, 208, 248, 265, 287, 293, 294, 303, 311-313, 316, 317, 325-327, 331, 334, 343, 362, 365, 368, 420, 422, 423, 429, 488, 495, 498, 509, 516, 517, 531, 558, 565
en polisiebeamptes 292, 325, 328, 558

Provokasie 142, 157, 321-323, 331, 459, 558
en noodweer 321, 331, 557
omskrywing 321-322

Psigopatologie(ë) 24-26, 32, 133, 135, 136, 146, 217, 218, 226, 228, 233, 247, 273, 538, 544, 574
by vroulike slagoffers van geweld 136-139, 539
masochisme 136-137
narsistiese persoonlikheid 137-139
omskrywing 135
van manlike geweldenaars 139-145, 539
afhanklike persoonlikheid 141-142
antisosiale persoonlikheid 142-144
grenspersoonlikheid 142
narsistiese persoonlikheid 144
obsessief-kompulsiewe persoonlikheid 140
paranoïde persoonlikheid 141
passief-aggressiewe persoonlikheid 139-140
sadisme 144

Psigopatologiese 26, 27, 145
perspektief/perspektiewe 24, 66, 83, 87, 224, 539

R

Radikale perspektief 31

Rasionalisering(s) 138, 170, 200, 212-216, 220, 251, 259, 367, 402, 403, 418, 455, 480, 481, 523, 540, 541, 549
kategorieë van 209-212
-meganisme(s) 402, 409, 417-419, 429, 472, 531

Regeringsinisiatiewe 287, 293, 294, 299, 328, 329, 554
in Suid-Afrika 294-299

Regsprofessie 292, 294, 308, 314, 323, 328, 331, 343, 362, 420, 422, 423, 429, 488, 490, 495, 509, 516, 556, 558

Regstelsel(s) 17, 90, 105, 106, 152, 156, 157, 248, 287, 292, 293, 298, 309, 312, 313, 321-324, 330, 331, 334, 340, 344, 362, 365, 420, 422, 423, 429, 488, 490, 495, 496, 509, 516, 519, 531, 556-558, 560, 565
manlike oriëntasie van 341-342

Residivisme 5,210, 395, 409, 428, 466-468, 542

S

Seksisme 10, 31, 80, 92, 333-335, 341-345, 367, 368, 500-502, 504, 506, 514, 527, 547, 559, 560
in die kerk 342-343
omskrywing 334

Selfdifferensiasie 52, 250, 264-267, 269, 270, 272-274, 276-282, 285, 286, 402, 405, 409, 435, 454, 457, 459, 461, 465, 466, 468, 469, 477, 484, 493, 525, 548, 549, 551, 567-569
omskrywing 250-252
-skaal 257

Sibbe 263, 277, 451
-posisieprofiele 277, 278, 452, 526, 551
-subsisteem 40, 227, 234, 235

Simptoomgedrag 223, 238, 239, 244, 246, 247, 281, 283, 353, 491, 493, 544, 548
funksie van die 224, 246, 283, 285, 544

Sirkulêre 16, 69, 70, 72, 77, 79, 82, 83, 93, 146, 161, 199, 200, 219, 223, 283, 285, 332, 362, 366, 379, 433, 443, 538, 539, 563, 564, 569, 570, 574
kousaliteit 8, 11, 38, 225, 249, 379
perspektief/perspektiewe 70, 72, 147, 223, 224, 352, 544

Situasionele 35, 159, 160, 195-198
misdaadteorie 24

Skuilings (vir mishandelde vroue) 181, 205, 206, 216, 237, 287, 292-294, 297, 299-301, 305-308, 315, 328-330, 372, 415, 416, 420, 422, 423, 518, 519, 521, 554, 556, 566, 572
tekort aan 5, 205

Slagoffer
omskrywing 17

Sosiaal-strukturele 7, 10, 20, 23, 78-81, 84, 145, 282, 285, 288, 328, 378, 386, 419, 435, 486, 496, 503, 506, 516, 517, 521, 526-528, 534, 538, 539, 543, 552, 569, 574
vlak van die ekologiese ontledingsisteem 8, 11, 29, 79-81, 134, 157, 221, 283, 287, 327, 332, 419, 486, 502, 512, 536, 547, 552, 564, 574

Sosiale 1, 2, 5, 6, 30, 31, 63, 66, 77, 87, 98, 101, 110, 147, 150, 152, 170, 171, 179, 183, 187, 218, 222, 232, 235, 255, 412, 449, 470, 531, 542
isolasie 95-97, 163, 232, 233, 366, 367, 448, 449, 484, 524, 533, 540, 545, 549,
klas 63, 66, 87, 345, 346, 352, 353, 369, 378
leerteoretiese benadering 24
leerteorie 180
struktuur/strukture 105, 248, 287, 331, 333, 367, 369, 503, 504, 517, 527, 559
wetenskap(pe) 6, 35, 61, 62, 63, 77

Sosio-kulturele 7, 10, 20, 78, 80, 145, 221, 223, 148, 282, 285, 332, 333, 336, 338, 341, 342, 345-348, 351, 354, 356-358, 363, 367-369, 424, 435, 470, 471, 475, 476, 481, 483, 486, 500-506, 508, 510, 512-515, 521, 525-528, 534, 535, 538, 539, 543, 552, 559-561, 569, 574
vlak van die ekologiese ontledingsisteem 8, 11, 23, 29, 78, 80, 81, 84, 134, 221, 283, 332, 333, 367, 378, 424, 476, 485, 500, 514, 527, 536, 537, 547, 559, 564, 574

Stressor(e) 30, 148, 224, 235
omskrywing 135

Strukturele 29, 31, 34, 35, 56, 76, 158, 248, 249, 288
benadering 223, 224, 226, 228, 247, 248, 282, 283, 285, 286, 437, 522, 523, 544

Suid-Afrikaanse Polisiediens 1, 420, 422, 423, 429, 488, 495, 509, 516, 517, 531

T

Transaksionele patrone 28, 36, 41, 56, 228, 229, 231, 232, 240, 244-247, 284, 285, 476, 482, 483, 486, 491, 493, 523, 543, 545, 547, 568

U

Uiterste bron 173, 187, 218, 219, 336, 343, 506
-teorie 169, 187

V

Verdedigingsmeganisme(s) 159, 162, 164, 169, 200, 209, 218, 258-260, 281, 285, 402, 418, 455, 523, 540, 549, 567
omskrywing 135

Vrees 4, 16, 95, 98, 102, 109, 111, 142, 151, 152, 163, 170, 189, 205-208, 211, 213, 218, 220, 259, 397, 405, 414, 416-419, 429, 460-462, 531, 540, 543, 549

Vrouemishandeling 4, 5, 17-19, 25, 26, 29, 145, 229, 258, 334, 364, 507
omskrywing 18-19

W

Wedersydse beïnvloeding 8, 11, 38, 67, 69-73, 79, 147, 167, 199, 200, 219, 222, 246, 523, 526, 536, 537, 563-565, 569, 570

Wetgewing 20, 201, 292, 294-296, 299, 300, 308, 312-314, 325, 328, 330, 335, 337, 341, 420, 509, 527, 553, 554, 556
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 2, 92, 295, 299, 308, 318, 328, 330, 553, 557
Vierde Algemene Regswysigingswet 295, 308, 341, 553
Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld 1, 17, 295, 299, 303, 308, 317, 318, 320, 330, 341, 372, 376, 420, 488, 490, 496-499, 516, 517, 534, 554-557

Witskrif vir Maatskaplike Welsyn 2, 21, 300, 554